UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

# A T T E R I D G E V I L L E

## 'N S T E D E L I K E B A N T O E W O O N B U U R T

deur

R.D. COERTZE,
M.A., D.Phil.
Universiteit Pretoria

met 'n bylae
deur

PROF. D.C. ZIERVOGEL,
M.A., D.Phil.
Tans Universiteit van Suid-Afrika.

Uitgevoer onder direksie van

PROF. P.J. COERTZE,
M.A., D.Phil.
Universiteit Pretoria.

PRETORIA - 1969

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

# VOORWOORD

Volgens die Verslag van die Nasionale Raad vir Sosiale Navorsing vir die Kalenderjare 1947 en 1948 (U.G. 49/1949) is daar in 1946 deur die destydse Departement van Naturellesake "op versoek van die Raad 'n lywige staat voorgelê van die navorsingskemas deur hom aanbeveel. Hierdie vraagstukke is ondersoek, en dit het geblyk dat die beste wyse om hulle aan te pak waarskynlik sou wees om twee taamlike uitgebreide opnames te maak, een in 'n stedelike en een in 'n plattelandse gebied" (a.w. p.2).

Die beplanningskomitee aan wie die ondersoeke opgedra is, het aanbeveel dat die stedelike gebied wat vir die doel in aanmerking moet kom Atteridgeville moet wees (a.w. p.3). 'n Navorsingskomitee is aangestel, bestaande uit dr. F. Brummer (Onder-sekretaris van Volkswelsyn) Voorsitter, mnr. F. Rodseth (Onder-sekretaris van Naturellesake), prof. W.W.M. Eiselen (Universiteit van Pretoria) en dr. P.A.W. Cook (Unie-onderwysdepartement) en daar is in die pers geadverteer vir direkteure vir die twee opnames. Uiteindelik is prof. W.W.M. Eiselen as die direkteur van die stedelike opname aangestel. Vanweë die moeilikheid om geskikte personeel te bekom, is die aanvang van die ondersoek vertraag tot in 1948 (a.w. p.6).

Die eerste direkteur van die ondersoek is egter in Januarie 1949 benoem tot voorsitter van die Kommissie insake Naturelle-onderwys en in dieselfde jaar ook tot Sekretaris van Naturellesake. Ondergetekende het prof. Eiselen in Januarie 1950 aan die Universiteit van Pretoria opgevolg en is deur die Sekretariaat van die Raad genader met die versoek om die direktoraat oor te neem. In die posisie is hy in Augustus 1950 aangestel.

Met die oorname van die ondersoek was dit nodig om met nuwe personeel 'n nuwe aanloop te neem. Die beskikbare gegewens wat deur die ondersoek onder prof. Eiselen begin is, is reeds deur twee van sy medewerkers, mnr. J.F. Eloff (nou prof. Eloff) oor die ontwikkeling van die Bantoegesinslewe in Atteridgeville, en mnr. C.V. Bothma (nou dr. Bothma) oor die tsotsi's van Pretoria in die tussentyd as afsonderlike studies voltooi. Verbandhoudende gegewens uit hierdie twee verslae is in hierdie verslag ingewerk en word as 'n eenheid aangebied.

Vanweë die skaarste aan geskikte personeel moes daar in die nuwe aanloop grotendeels gebruik gemaak word van gesekondeerde en deeltydse personeel. In hierdie verband wil ons graag ons dank betuig -

(1) Aan die Transvaalse Departement van Onderwys wat een van sy amptenare, mnr. J.J. Schmidt (tans dr. Schmidt) toegelaat het om aanvanklik op 'n deeltydse basis en daarna vir 'n jaar op 'n voltydse basis met die ondersoek behulpsaam te wees;

(2) Aan die Stadsraad van Pretoria wat verskeie amptenare tydelik aan die Opname beskikbaar gestel het: mnr. L.T. Raubenheimer (tans reeds oorlede); mnr. R.D. Coertze (tans dr. Coertze); mnr. Barney Motsepe (tans ook oorlede), 'n persoon wat uitstaande intieme kennis van die inwoners van Atteridgeville gehad het en dienste van onskatbare waarde aan die Opname gelewer het; en talle Nie-blanke lede van die Welsynsafdeling van die Afdeling Nie-blankesake wat oor 'n paar maande behulpsaam was met 'n intensiewe opname van die wyse waarop die huiseenhede vervat in die opnamemonster hulle inkomste spandeer.

(3) Aan die Unie-onderwysdepartement wat mnr. P.W. Nutt toegelaat het om met die ondersoek behulpsaam te wees;

© University of Pretoria

(4) / ...

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

(4) Aan die Universiteit van Pretoria wat myself en dr. R.D. Coertze toegelaat het om die Opname te voltooi en wat vir 'n paar jaar lank ook huisvesting aan die Opname verskaf het.

Dit spreek vanself dat waar ons ons dank betuig teenoor die instansies wat medebehulpsaam was in die lewering van medewerkers, ons ook ons dank uitspreek teenoor die betrokke persone wat bo reeds genoem is. Naas die persone word ons dank ook betuig aan mnr. J.C.B. Eyssen, ds. G.A.J. van Zyl, mnr. P.W. Nutt en prof. dr. D.C. Ziervogel. Eersgenoemde was oor 'n paar maande medebehulpsaam met die insameling en die verwerking van die gegewens; ds. Van Zyl het 'n besondere ondersoek na die kerklike en godsdienstige aspekte van die inwoners van Atteridgeville ingestel en 'n verslag daaroor opgestel, terwyl mnr. Nutt besondere aandag aan die onderwysaspek geskenk het. Prof. Ziervogel, tans van die Universiteit van Suid-Afrika, toe dosent aan die Universiteit van Pretoria, was so vriendelik om ondersoek in te stel na die taal wat in Atteridgeville gepraat word. Sy verslag word as 'n afsonderlike bylae onder sy naam by hierdie verslag aangeheg.

'n Woord van besondere dank kom dr. J.J. Schmidt en dr. R.D. Coertze toe.

Dr. Schmidt het 'n leeue-aandeel gehad in die versameling en verwerking van die gegewens en in die administrasie van die geldelike sake van die Opname. Die tabulering van die statistiese gegewens is ook deur hom gedoen en dit in 'n tyd lank voordat die huidige elektroniese geriewe beskikbaar was.

Dr. Coertze het ook 'n groot aandeel gehad in die insameling van die gegewens en die verwerking daarvan. Op sy skouers het egter ook nog geval die aanvulling van die gegewens waar daar leemtes was, die koördinering van die verslae van die verskillende medewerkers, voltooiing van die kaarte, voltooiing en redigering van die finale manuskrip van die verslag en die tegniese versorging by die duplisering daarvan. Hy was die enigste oorblywende medewerker wat, nadat die ander òf terug is na hulle oorspronklike werkkringe òf ander betrekkings aanvaar het, enige hulp kon bydra in die finale afronding van die verslag. Vir hierdie troue ondersteuning en medewerking spreek ek my dank uit.

Die finale aanbieding van die verslag kom na 'n aansienlike tydsverloop sedert die ondersoek uitgevoer is. Daar mag met reg gevra word wat die nut van so 'n onderneming was. In dié verband kan egter gekonstateer word dat die Opname reeds belangrike getuienis beskikbaar gestel het aan staatsinstansies en aan kommissies van ondersoek, soos bv. aan die "Kommissie vir die sosio-ekonomiese ontwikkeling van die Bantoegebiede binne die Unie van Suid-Afrika" (die Tomlinson-kommissie). Wat daar aan bruikbare getuienis ingesamel was, is reeds lankal vir vrugbare gebruik aan die regte instansies beskikbaar gestel.

Afgesien hiervan ag ons die getuienis oor 'n Bantoewoonbuurt gedurende 'n bepaalde tydstip in die verlede van baie groot betekenis vir huidige sowel as toekomstige navorsing. Ons is oortuig daarvan dat dit van groot nut sal wees vir enige verdere ondersoek en ook vir studente wat belangstel in die historiese verloop van die lotgevalle en die kultuurbesit van Bantoes wat in Blanke gebiede saamgetrek is.

Hiermee bied ons dan die Verslag aan. Dit spreek vanself dat hoewel hierdie werk deur die Raad onderneem is en deur ons as aangestelde persone in diens van die Raad uitgevoer is, die Raad nie verantwoordelik gehou kan word vir gedagtes wat hierin uitgespreek word, of vir gevolgtrekkings wat hierin gemaak is nie. Dit is die verantwoordelikheid van die direkteur en outeur alleen.

Hiermee / ...

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Hiermee wil ek persoonlik my dank teenoor die Raad uitspreek vir die vertroue wat daar in my gestel is in die verlening van hierdie opdrag en vir die vriendelike behandeling en ondersteuning wat ek steeds van die amptenare van die Raad ontvang het.

P.J. COERTZE

DIREKTEUR

PRETORIA

22 Maart 1969

---------------

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



# INHOUDSOPGAWE

Bladsy

VOORWOORD ... ... ... ... ... ... ... ... ... ... i
LYS VAN TABELLE ... ... ... ... ... ... ... ... ... x
LYS VAN FIGURE ... ... ... ... ... ... ... ... ... xiv
LYS VAN PLANNE ... ... ... ... ... ... ... ... ... xiv
LYS VAN KAARTE ... ... ... ... ... ... ... ... ... xiv

HOOFSTUK I: DIE HISTORIESE ONTPLOOIING VAN DIE ATTERIDGEVILLE-SKEMA

I. INLEIDING ... ... ... ... ... ... ... ... ... 1

II. BANTOEBEHUISING TOT DIE BEëINDIGING VAN DIE ENGELSE OORLOG, 1902 ... ... ... ... ... 1

III. BANTOEBEHUISING IN PRETORIA, 1903-1936 ... ... ... 2

A. Marabastad en Schoolplaats 1903-1910 .. ... ... 2
B. Marabastad, Bantule en Hove's Ground 1911-1926 ... ... ... ... ... ... ... ... 4
C. Voorspel tot Atteridgeville-skema ... ... ... 8
D. Besonderhede oor aanvanklike beplanning ... ... 13

IV. DIE OPRIGTING EN INGEBRUIKNEMING VAN ATTERIDGEVILLE ... ... ... ... ... ... ... ... 15

A. Strydpunte by die instelling van die Bantoewoonbuurt ... ... ... ... ... ... ... 15
B. Uitvoering van konstruksiewerk ... ... ... ... 19
C. Huurinkomste en verliese op skema ... ... ... 33
D. Vervoerreëlings ... ... ... ... ... ... ... 35
1. Padvervoer ... ... ... ... ... ... ... 35
2. Spoorvervoer .. ... ... ... ... ... ... 39
E. Verskuiwing en ingebruikneming ... ... ... ... 40
F. Atteridgeville gemeenskapsomgewing 1951 ... ... 43
G. Latere ontwikkeling ... ... ... ... ... ... 47

HOOFSTUK II: BEVOLKINGSAMESTELLING EN INVLOEI ... ... ... 56

I. REGULATIEWE REëLING VAN BEWEGING ... ... ... ... 56

II. BEVOLKINGSAMESTELLING VOLGENS OUDERDOM EN GESLAG ... 58

III. BEVOLKINGSAANWAS ... ... ... ... ... ... ... 62

A. Geboorte- en sterftesyfers .. ... ... ... ... 62
B. Immigrasie en emmigrasie ... ... ... ... ... 70

IV. BEVOLKING VOLGENS GEOGRAFIESE HERKOMS ... ... ... 72

V. BEVOLKING VOLGENS TAAL- EN STAMVERBAND ... ... ... 75

© University of Pretoria

HOOFSTUK III / ...

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Bladsy

B. Ander georganiseerde verenigings ... ... ... 410
1. Jeugklubs ... ... ... ... ... ... ... 410
2. National Council of African Women ... ... 411

VII. SAMEVATTING ... ... ... ... ... ... ... ... 412

HOOFSTUK X: GEVOLGTREKKING EN SAMEVATTING ... ... ... 414

I. GESKIEDENIS ... ... ... ... ... ... ... ... 414

II. BEHEER EN DEMOGRAFIE .. ... ... ... ... ... ... 415

III. SOSIAAL - TOTSTANDKOMING EN ONTBINDING VAN DIE HUWELIK .. ... ... ... ... ... ... ... 416

IV. SOSIAAL - DIE VORM EN WOONWYSE VAN DIE GESIN ... ... 418

V. DIE EKONOMIESE ORDE ... ... ... ... ... ... ... 420

VI. OPVOEDING IN ATTERIDGEVILLE ... ... ... ... ... 421

VII. DIE GODSDIENSTIGE ORDENING ... ... ... ... ... 422

VIII. DIE POLITIEKE ORDENING ... ... ... ... ... ... 424

IX. NUWE SOSIALE ORIËNTERINGE ... ... ... ... ... 427

BIBLIOGRAFIE ... ... ... ... ... ... ... ... ... 427

BYLAE I: DIE TAAL VAN ATTERIDGEVILLE DEUR PROF. DR. D. ZIERVOGEL .. ... ... ... ... 429

I. INLEIDING ... ... ... ... ... ... ... ... ... 429
II. FONETIES-FONOLOGIESE VERGELYKING ... ... ... ... 430
III. GRAMMATIESE VERGELYKING ... ... ... ... ... ... 434
IV. SINTAKSIS ... ... ... ... ... ... ... ... ... 438
V. WOORDESKAT .. ... ... ... ... ... ... ... ... 439
VI. GEVOLGTREKKING ... ... ... ... ... ... ... ... 442

Bylae A: Skoolseunteks met leenwoorde ... ... ... 443
Bylae B: Teks met Sekwena as basis ... ... ... ... 445
Bylae C: Voorbeelde van straattaal ... ... ... ... 449
Bylae D: Gegewens oor 30 proefpersone ... ... ... 452
Bylae E: Sinne om die taal van Atteridgeville te illustreer ... ... ... ... ... ... 453

LYS VAN TABELLE / ...

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Bladsy

HOOFSTUK III: SOSIALE ORGANISASIE - HUWELIKSLUITING EN -ONTBINDING ... ... ... ... ... ... 78

I. INLEIDING ... ... ... ... ... ... ... ... ... 78

II. VOOREGTELIKE GESLAGSVERHOUDINGE ... ... ... ... 81

A. Herkoms van buite-egtelikheid by proefmonster ... 82
B. Buite-egtelike geboortes in Atteridgeville as geheel ... ... ... ... ... ... ... ... 86
C. Houding van jongmense teenoor voor-egtelike swangerskap ... ... ... ... ... 92
D. Optrede van ouers by buite-egtelike geboortes ... 94

III. VOORVEREISTES VIR DIE SLUITING VAN 'N HUWELIK .. ... 97

A. Volwassenheidsvereiste ... ... ... ... ... 97
B. Keusebepaling ... ... ... ... ... ... ... 98

IV. DIE SLUITING VAN DIE HUWELIK ... ... ... ... ... 102

A. Die verlowing ... ... ... ... ... ... ... 102
B. Die wyse waarop die huwelik voltrek word ... ... 103
1. Die lewering van trougoedere ... ... ... 106
2. Die proses van oordrag en huweliksluiting ... 110

V. INWONING NA DIE HUWELIK ... ... ... ... ... ... 116

VI. DIE POSISIE VAN WEDUWEES ... ... ... ... ... ... 117

VII. BUITE-EGTELIKE VERHOUDINGS VAN GETROUDES .. ... ... 117

VIII. ONTBINDING VAN DIE HUWELIK ... ... ... ... ... 119

HOOFSTUK IV: SOSIALE ORGANISASIE - DIE GESIN: VORM EN WOONWYSE

I. SAMESTELLING ... ... ... ... ... ... ... ... 122

A. Volledige gesinne ... ... ... ... ... ... 123
1. Man, vrou en jong kinders ... ... ... ... 123
2. Man, vrou en ouer kinders; geen buite-egtelikheid .. ... ... ... ... 124
3. Man, vrou en ouer kinders; buite-egtelikheid aanwesig ... ... ... ... 125
4. Man, vrou en kinders, sommige waarvan as getroudes inwoon .. ... ... ... 127
B. Man en vrou kinderloos ... ... ... ... ... 127
C. Onvolledige gesinne ... ... ... ... ... ... 128
1. Moeder en kinders - vader oorlede ... ... 128
2. Moeder en kinders - geen vader ... ... ... 130
D. Onvolledige gesinne - moeder oorlede .. ... ... 131
E. Man en vrou oud, alle kinders uit die huis ... 131
F. Gesinne onvolledig - vader en moeder albei oorlede ... ... ... ... ... ... ... 131
G. Volledige gesinne - man met twee vrouens ... ... 132
H. Samevatting .. ... ... ... ... ... ... ... 132
I. Loseerders ... ... ... ... ... ... ... ... 134
J. Slot ... ... ... ... ... ... ... ... ... 136

© University of Pretoria

II. / ...

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Bladsy

II. WOONWYSE VAN DIE GESIN ... ... ... ... ... ... 138

A. Digtheid van inwoners ... ... ... ... ... 139
B. Gebruikstandaard van huise .. ... ... ... ... 139

III. DIE GESIN AS VOORTPLANTINGSEENHEID ... ... ... ... 147

HOOFSTUK V: DIE EKONOMIESE ORDE ... ... ... ... ... 152

I. ALGEMEEN ... ... ... ... ... ... ... ... ... 152

II. ARBEIDSLEWERING .. ... ... ... ... ... ... ... 154

III. INKOMSTE IN DIE HUISHOUDING ... ... ... ... ... 167

IV. UITGAWE EN VERBRUIK IN DIE HUISHOUDING ... ... ... 179

V. MOGODISô ... ... ... ... ... ... ... ... ... 189

VI. SLOTOPMERKING ... ... ... ... ... ... ... ... 195

HOOFSTUK VI: OPVOEDING EN ONDERWYS ... ... ... ... ... 197

I. ALGEMEEN ... ... ... ... ... ... ... ... ... 197

II. DIE ROL VAN DIE SKOOL AS ONDERWYSINSTANSIE ... ... 198

A. Onderwysfasiliteite ... ... ... ... ... ... 198
B. Benutting van die fasiliteite ... ... ... ... 202
C. Verband tussen ouerhuis en skool ... ... ... 213
D. Verband met tradisionele inisiasie ... ... ... 214

III. BUITESKOOLSE OPVOEDING IN GESINSVERBAND ... ... ... 215

HOOFSTUK VII: DIE GODSDIENSTIGE ORDENING ... ... ... ... 218

I. ALGEMEEN ... ... ... ... ... ... ... ... ... 218

II. KERKE, GENOOTSKAPPE EN SPLINTERKERKE ... ... ... 218

A. Inleiding ... ... ... ... ... ... ... ... 218
B. Blank-georiënteerde sendingkerke ... ... ... 221
1. Kerklike struktuur ... ... ... ... ... 221
2. Kerklike handelinge ... ... ... ... ... 223
3. Die leraars ... ... ... ... ... ... ... 227
4. Die rol van blank-georiënteerde kerke in die gemeenskapslewe ... ... ... 229
C. Splinterkerke ... ... ... ... ... ... ... 231
1. Historiese ontstaan van Ethiopiese splinterkerke ... ... ... ... ... ... 233
2. Struktuur van Ethiopiese splinterkerke ... 237
3. Kerklike handelinge van Ethiopiese kerke ... 240
4. Leiers en leraars van Ethiopiese splinterkerke ... ... ... ... ... ... 247
5. Die rol van Ethiopiese splinterkerke in die gemeenskapslewe .. ... ... ... ... 250
6. Sionistiese splinterkerke ... ... ... ... 251
D. Sameskakeling van leraars ... ... ... ... ... 255

© University of Pretoria

III. / ...

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Bladsy

III. GODSDIENS IN ATTERIDGEVILLE ... ... ... ... ... 256

A. Die geloof in 'n Opperwese .. ... ... ... ... 257
B. Die geloof in en aanbidding van Voorvadergeeste ... ... ... ... ... ... ... 258
C. Geloof in towery en towerpraktyke ... ... ... 275
1. Goedwillige towerpraktyke ... ... ... ... 276
2. Kwaadwillige towerpraktyke ... ... ... ... 284
D. Slotgedagtes ... ... ... ... ... ... ... 286

HOOFSTUK VIII: DIE POLITIEKE ORDENING ... ... ... ... 288

I. INLEIDING ... ... ... ... ... ... ... ... ... 288

A. Algemeen ... ... ... ... ... ... ... ... 288
B. Blanke beheer ... ... ... ... ... ... ... 288
C. Wetlike bepalings ten opsigte van deelname van Bantoe aan beheer ... ... ... ... 289
D. Fondsvoorsiening vir administrasie ... ... ... 290

II. GESAGSUITOEFENING DEUR BLANKE INSTANSIES .. ... ... 291

A. Beheer deur die Stadsraad van Pretoria ... ... 291

III. OMVANG VAN AANDEEL IN BEHEER DEUR BANTOE-INSTANSIES.. 294

A. Die Adviserende Naturellekomitee ... ... ... 294
B. Die Blokkomitees .. ... ... ... ... ... ... 297
C. "Sub-komitees" van die Adviserende Komitee ... 300

IV. FUNKSIONERING VAN DIE STELSEL VAN BLANKE BEHEER EN ADMINISTRASIE ... ... ... ... ... ... 302

V. HISTORIESE ONTWIKKELING EN AANDEEL VAN POLITIEKE PARTYE IN DIE VERKIESING VAN DIE ADVISERENDE KOMITEE ... ... ... ... ... ... ... ... ... 307

A. Die historiese ontwikkeling van die huidige partyverdeling ... ... ... ... ... 307
B. Die doelstellings van die verskillende partye ... 314
C. Die herkoms van name en kleure van die partye ... 316
D. Party-organisasie en -bestuur ... ... ... ... 317
E. Metodes van ledewerwing ... ... ... ... ... 321
F. Verkiesingsbeloftes ... ... ... ... ... ... 324
G. Invloed van Blanke voorbeeld op lokasie-politiek ... ... ... ... ... ... ... ... 329
H. Konsolidering van ondersteuners buite partyverband ... ... ... ... ... ... ... 330
I. Die verkryging van partyfondse ... ... ... ... 332

VI. DIE AANDEEL VAN POLITIEKE PARTYE IN DIE VERLOOP VAN VERKIESINGS IN ATTERIDGEVILLE ... ... ... ... 333

A. Die verkiesingstelsel .. ... ... ... ... ... 333
B. Die opstelling van die kieserslys ... ... ... 335
C. Die nominasiestryd ... ... ... ... ... ... 337
D. Die verkiesing ... ... ... ... ... ... ... 338



© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA


Bladsy

VII. DIE FUNKSIONERINGS VAN DIE ADVISERENDE KOMITEE.. ... 346

A. Algemeen ... ... ... ... ... ... ... ... 346
B. Advieslewering ... ... ... ... ... ... ... 348
C. Advies by wyse van petisie .. ... ... ... ... 353
D. Verantwoordelike bevoegdheid ... ... ... ... 354
E. Opposisie teen Adviserende Komitee ... ... ... 355
F. Korrupsie ... ... ... ... ... ... ... ... 358

VIII. DIE FUNKSIONERING VAN DIE BLOKSTELSEL EN ANDER KOMITEES ... ... ... ... ... ... ... 359

A. Die blokstelsel ... ... ... ... ... ... ... 359
B. Die Sub-komitee vir Behuising ... ... ... ... 362
C. Die Beurskomitee .. ... ... ... ... ... ... 363

IX. BEOORDELING VAN FUNKSIONERING VAN ADVISERENDE KOMITEE EN BLOKKOMITEESTELSEL ... ... ... ... ... 364

A. Die waarde van die Adviserende Komitee ... ... 364
B. Die waarde van die blokstelsel ... ... ... ... 366

X. WYERE POLITIEKE BELANGSTELLING .. ... ... ... ... 367

A. Bande met die politieke struktuur in die stam ... 367
B. Inskakeling by Blanke politieke partye ... ... 369
C. Die rol van nasionalistiese bewegings ... ... 372

HOOFSTUK IX: NUWE SOSIALE ORIËNTERINGE ... ... ... ... 376

I. INLEIDING ... ... ... ... ... ... ... ... ... 376

II. SOSIALE VERBINTENISSE MET EENHEDE BUITE ATTERIDGEVILLE .. ... ... ... ... ... ... 376

III. VERANDERINGE IN VERHOUDINGE BINNE DIE GESIN ... ... 379

IV. NUWE VERBINTENISSE ONDER KINDERS EN JEUGDIGES .. ... 385

A. Speelgroepe .. ... ... ... ... ... ... ... 385
B. Bendevorming ... ... ... ... ... ... ... 389
1. Ontstaan en verval ... ... ... ... ... 389
2. Posisie ten tye van Opname ... ... ... ... 391
3. Invloed van die bioskoop ... ... ... ... 394
4. Kleredrag en bedrywighede ... ... ... ... 395
5. Flaaitaal ... ... ... ... ... ... ... 397
6. Samevatting ... ... ... ... ... ... ... 400

V. NUWE VERBINTENISSE ONDER VOLWASSENES ... ... ... 400

A. Klas- en standverdelinge ... ... ... ... ... 400
B. Mogodisô ... ... ... ... ... ... ... ... 402
C. Politieke partye .. ... ... ... ... ... ... 404
D. Kerkverenigings ... ... ... ... ... ... ... 404

VI. GEORGANISEERDE NUWE VERBANDE VAN SOSIALE BETEKENIS .. 405

A. Ontspanningsfasiliteite te Atteridgeville .. ... 405
1. Sokker ... ... ... ... ... ... ... ... 407
2. Rugby ... ... ... ... ... ... ... ... 408
3. Vrouesport ... ... ... ... ... ... ... 409
4. Krieket en tennis .. ... ... ... ... ... 409

© University of Pretoria

B. / ...

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

# LYS VAN TABELLE

| Tabel | | Bladsy |
|---|---|---|
| 1. | Offisiële Bantoebevolkingsyfer van Pretoria ... ... | 4 |
| 2. | Bevolkingsyfer van die lokasies van Pretoria .. ... | 6 |
| 3. | Bantoebevolkingsdigtheid 1930-1938 .. ... ... ... | 9 |
| 4. | Huisvesting van Bantoepersone in Pretoria 1938 ... | 11 |
| 5. | Werklike verlies op Atteridgeville-skema en verliese in Naturelle-inkomsterekening ... ... ... | 34 |
| 6. | Die herkoms en omvang van subsidiëring van vervoer te Atteridgeville ... ... ... ... ... | 37 |
| 7. | Bevolking- en digtheidsvermeerdering in Atteridgeville ... ... ... ... ... ... ... | 42 |
| 8. | Bevolkingsdigthede in Pretoria-lokasies teen 1946 en later ... ... ... ... ... ... ... | 43 |
| 9. | Bantoebevolkingsvermeerdering in geselekteerde omstedelike gebiede van Pretoria ... ... ... ... | 48 |
| 10. | Gemiddelde maandelikse bevolking volgens geslag ... | 58 |
| 11. | Verspreiding van die bevolking volgens ouderdom en geslag ... ... ... ... ... ... ... | 60 |
| 12. | Geboortesyfer volgens geslag ... ... ... ... ... | 63 |
| 13. | Sterftesyfer volgens geslag ... ... ... ... ... | 64 |
| 14. | Offisiële geboorte- en sterftesyfer per 1,000 van Bantoebevolking in Pretoria tesame met geboortetotaal vir Atteridgeville ... ... ... ... | 66 |
| 15. | Sterftes volgens ouderdom en geslag vir tydperk 1.7.41-30.6.50 ... ... ... ... ... | 67 |
| 16. | Geboorte-, sterfte- en natuurlike aanwassyfer ... | 68 |
| 17. | Lengte van verblyf in, en die jaar waarin 1,368 huisgesinne in Atteridgeville ingetrek het ... ... | 70 |
| 18. | Plek van verblyf van 1,368 huisgesinne net voordat die gesinne na Atteridgeville verhuis het ... ... | 71 |
| 19. | Geboortedistrik van 822 gesinne ... ... ... ... | 73 |
| 20. | Herkoms uit Pretoria-distrik ... ... ... ... ... | 74 |
| 21. | Herkoms uit Pietersburg-distrik ... ... ... ... | 75 |
| 22. | Oorspronklike taalverband van 2,318 ouers van 1,368 huisgesinne ... ... ... ... ... ... | 76 |
| 23. | Verspreiding volgens geslag en ouderdom van monster vergeleke by gehele Atteridgeville ... ... | 79 |
| 24. | Etniese aanhorigheid van ouerpare in 300 gesinne ... | 80 |
| 25. | Aanduiding van die aantal buite-egtelike moeders, en die aantal buite-egtelike kinders, by 300 gesinne ... ... ... ... ... ... ... ... | 84 |
| 26. | Aanduiding van die verwantskap van buite-egtelike moeders met die hoof van die gesin en aantal buite-egtelike kinders in 300 gesinne ... ... ... | 85 |

© University of Pretoria

27. / ...

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA


| Tabel | | Bladsy |
|---|---|---|
| 27. | Gevalle van buite-egtelikheid by direkte dogters en kleindogters van gesinshoofde ... ... | 86 |
| 28. | Ouderdom van moeders by geboorte van eerste buite-egtelike kind en latere huwelikstaat en vaderskap van kinders ... ... ... ... ... | 87 |
| 29. | Aantal buite-egtelike kinders per moeder in 300 gesinne .. ... ... ... ... ... ... ... | 88 |
| 30. | Geboortesyfer volgens binne- en buite-egtelikheid .. | 88 |
| 31. | Ouderdomsverspreiding van 2,093 moeders van binne- en buite-egtelike kinders 1945-1950 ... ... | 89 |
| 32. | Gemiddelde geboortesyfer volgens maande van die jaar ... ... ... ... ... ... ... ... | 92 |
| 33. | Skadevergoeding vir die verleiding van dogters ... | 96 |
| 34. | Etniese verband as keusefaktor by huweliksluiting .. | 100 |
| 35. | Voorkeur van geletterdheid by keuse van huweliksmaats ... ... ... ... ... ... ... | 101 |
| 36. | Huwelikstaat en wyse van voltrekking by 300 gesinne. | 104 |
| 37. | Aantal vooregtelike kinders van dogters uit 300 gesinne, en hoeveelheid <u>bogadi</u> waartoe ooreengekom is .. ... ... ... ... ... ... ... | 108 |
| 38. | Hoeveelheid <u>bogadi</u> waartoe met huwelik van dogter ooreengekom is ... ... ... ... ... ... | 109 |
| 39. | Wie die <u>bogadi</u> van seuns uit 300 gesinne gelewer het ... ... ... ... ... ... ... ... | 110 |
| 40. | Huishoudingstipe: Man, vrou en jong kinders .. ... | 123 |
| 41. | Huishoudingstipe: Man, vrou en ouer kinders, geen buite-egtelikheid ... ... ... ... ... ... | 124 |
| 42. | Huishoudingstipe: Man, vrou en ouer kinders, buite-egtelikheid aanwesig ... ... ... ... ... | 126 |
| 43. | Huishoudingstipe: Weduwee en kinders ... ... ... | 129 |
| 44. | Alle huishoudingstipes ... ... ... ... ... ... | 133 |
| 45. | Inwonende verwante by 300 gesinne ... ... ... ... | 135 |
| 46. | Frekwensie van huistipes in monster vergelyk met frekwensies in Atteridgeville ... ... ... ... | 138 |
| 47. | Grootte van gesin gekorreleer met grootte van huis ... ... ... ... ... ... ... ... ... | 140 |
| 48. | Gemiddelde digtheid per kamer volgens huistipe ... | 141 |
| 49. | Digtheid per kamer volgens grootte van gesin .. ... | 141 |
| 50. | Meubels volgens soort en wyse van verkryging - 300 gesinne .. ... ... ... ... ... | 144 |
| 51. | Soorte meubels volgens prysgroepe ... ... ... ... | 145 |
| 52. | Kindertal volgens ouderdom - 300 gesinne ... ... | 149 |
| 53. | Gesinne gegroepeer volgens ware kindertal - 300 gesinne ... ... ... ... ... ... ... ... | 149 |


© University of Pretoria 

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA


| Tabel | | Bladsy |
|---|---|---|
| 54. | Gesinne per aanvangsdatum van sesweke-opname .. ... | 152 |
| 55. | Groepering van jeugdiges volgens geslag, ouderdom en bedrywigheid .. ... ... ... ... ... | 156 |
| 56. | Totale samestelling van monster volgens geslag, ouderdom en bedrywighede binne en/of buite Atteridgeville ... ... ... ... ... ... | 156 |
| 57. | Samestelling van monster volgens ouderdom, geslag en werk, binne en buite Atteridgeville ... | 157 |
| 58. | Verspreiding van alle werkende persone bo die ouderdom van 16-18 jaar, binne 300 gesinne, volgens aard en ras van werkgewer en die geslag van werknemers ... ... ... ... ... ... | 159 |
| 59. | Soorte werk van 300 gesinshoofde gekorreleer met inkomste per maand ... ... ... ... ... ... | 161 |
| 60. | Soorte werk van 300 gesinshoofde gekorreleer met die dienstyd by huidige werkgewer ... ... ... | 163 |
| 61. | Soorte werk van 300 gesinshoofde gekorreleer met aantal diensure per dag ... ... ... ... ... | 164 |
| 62. | Tye waarop 300 hoofde van gesinne daagliks diens by hulle werk aanvaar ... ... ... ... ... | 166 |
| 63. | Tye waarop 300 gesinshoofde daagliks van diens af gaan ... ... ... ... ... ... ... | 166 |
| 64. | Wyse van vervoer na en van hulle werk van 300 hoofde van gesinne ... ... ... ... ... ... | 167 |
| 65. | Inkomste gekorreleer met grootte van gesin ... ... | 168 |
| 66. | Verskil tussen werklike inkomste en inkomste opgegee, uitgedruk in persentasie en gekorreleer met inkomstegroepe van die hoofde van 300 gesinne .. | 169 |
| 67. | Gesinne gegroepeer volgens bydraers tot gesins-inkomste gekorreleer met grootte van gesin - 300 gesinne ... ... ... ... ... ... ... ... | 170 |
| 68. | Verband tussen grootte van huishouding en aantal bydraers tot inkomste ... ... ... ... ... | 171 |
| 69. | Inkomste van gesinne: Persentasie bydraes tot gesinsinkomste van man, vrou, kinders en ander persone en bronne ... ... ... ... ... ... ... | 172 |
| 70. | Inkomste van gesinne: Persentasie van man se bydrae tot gesinsinkomste gekorreleer met gesinsgrootte ... ... ... ... ... ... ... ... | 174 |
| 71. | Inkomste van gesinne: Persentasie van vrou se bydrae tot gesinsinkomste gekorreleer met gesinsgrootte ... ... ... ... ... ... ... ... | 175 |
| 72. | Inkomste van gesinne: Persentasie van kinders se bydrae tot gesinsinkomste gekorreleer met gesinsgrootte ... ... ... ... ... ... ... ... | 176 |
| 73. | Inkomste van gesinne: Persentasie van ander bronne en persone se bydrae tot gesinsinkomste gekorreleer met gesinsgrootte .. ... ... ... ... | 177 |

© University of Pretoria
74. / ...

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA


| Tabel | | Bladsy |
|---|---|---|
| 74. | Verskillende soorte uitgawes wat deur 300 gesinne gemaak is (maandeliks), met aanduiding van die persentasieverhouding tussen elke tipe uitgawe en die totale bedrag van die inkomste ... | 181 |
| 75. | Verskillende voedselsoorte wat deur 300 gesinne gekoop word (maandeliks) met 'n aanduiding van die persentasie verhouding tussen uitgawes i.v.m. 'n besondere voedselsoort en die totale bedrag bestee aan voedsel ... ... ... ... ... ... ... | 183 |
| 76. | Persentasie van inkomste gespaar gekorreleer met inkomstegroepe (maandeliks) ... ... ... ... | 187 |
| 77. | Aard van besparing gekorreleer met grootte van gesin .. ... ... ... ... ... ... ... ... | 187 |
| 78. | Uitgawes gekorreleer met grootte van gesin ... ... | 190 |
| 79. | <u>Mogodisô</u> in persentasie van inkomste van persone gekorreleer met grootte van gesin waaraan persone behoort ... ... ... ... ... ... ... ... ... | 191 |
| 80. | Bedrag aan <u>mogodisô</u> betaal gekorreleer met geslag van persone wat aan <u>mogodisô</u> deelneem (300 gesinne) ... | 192 |
| 81. | <u>Mogodisô</u>: Vroulike lede met weeklikse (14 daaglikse) bydrae ... ... ... ... ... ... | 193 |
| 82. | <u>Mogodisô</u>: Vroulike lede met maandelikse bydrae ... | 193 |
| 83. | <u>Mogodisô</u>: Mans met weeklikse (14 daaglikse) bydrae ... ... ... ... ... ... ... ... ... | 194 |
| 84. | <u>Mogodisô</u>: Mans met maandelikse bydrae ... ... ... | 194 |
| 85. | Herkoms en geslag van skoliere ... ... ... ... | 202 |
| 86. | Ouderdom-standerd verspreiding in proefgroep .. ... | 204 |
| 87. | Ouderdom-standerd korrelasie, laer primêre skole, Junie 1951 ... ... ... ... ... ... ... | 205 |
| 88. | Ouderdom-standerd korrelasie, hoër primêre skole, Junie 1951 ... ... ... ... ... ... ... | 205 |
| 89. | Ouderdom-standerd korrelasie, hoërskool, Junie 1951. | 206 |
| 90. | Geslagsdistribusie per standerd ... ... ... ... | 206 |
| 91. | Distribusie per standerd as persentasie van totaal . | 206 |
| 92. | Mediaanouderdomme van skoliere ... ... ... ... | 207 |
| 93. | Mediaanouderdomme van Atteridgeville-skoliere vergelyk met dié van Bantoe- en Blanke skoliere ... | 207 |
| 94. | Gesinne volgens hoogste geskooldheid van een ouer .. | 208 |
| 95. | Skoolvakke volgens voorkeur en afkeur in hoër primêre klasse ... ... ... ... ... ... | 210 |
| 96. | Vakke volgens voorkeur en afkeur in hoërskool ... | 211 |
| 97. | Onderwyspeil waarheen geaspireer word by hoërskoolleerlinge ... ... ... ... ... ... ... | 212 |
| 98. | Beroepe waarheen hoërskoolleerlinge aspireer .. ... | 212 |
| 99. | Hulpverlening by huiswerk ... ... ... ... ... | 213 |


100. / ...

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

| Tabel | | Bladsy |
|---|---|---|
| 100. | Kerkverband van 520 ouers uit 300 huisgesinne ... | 219 |
| 101. | Ontstaansdatum en ledematetal in Atteridgeville van Ethiopiese splinterkerke ... ... ... ... ... | 237 |
| 102. | Atteridgeville-kiesers op kieserslys ... ... ... | 336 |
| 103. | Manlike en vroulike geregistreerde kiesers in Atteridgeville ... ... ... ... ... ... ... | 336 |
| 104. | Persentasie manlike en vroulike stem wat in Atteridgeville uitgebring is ... ... ... ... | 343 |
| 105. | Geregistreerde kiesers wat van hulle stemreg gebruik maak ... ... ... ... ... ... | 343 |
| 106. | Werklike persentasie stem volgens moontlike aantal stemgeregtigdes ... ... ... ... ... ... | 343 |

## LYS VAN FIGURE

| Figuur | | |
|---|---|---|
| 1. | Verspreiding van die bevolking van Atteridgeville volgens ouderdom en geslag 1950 ... ... ... ... | 61 |
| 2. | Geboorte- en sterftesyfer 1.7.42-30.6.50 ... ... | 65 |
| 3. | Geboorte-, sterfte- en natuurlike aanwassyfer per 1,000 van bevolking ... ... ... ... ... ... | 69 |
| 4. | Verspreiding van totale aantal geboortes volgens ouderdom van moeder 1945-50 ... ... ... | 90 |
| 5. | Gemiddelde geboortesyfer volgens maande van die jaar ... ... ... ... ... ... ... ... | 91 |

## LYS VAN PLANNE

| Plan | | |
|---|---|---|
| 1. | Groep 1: Tweekamer tweelinghuis ... ... ... ... | 23 |
| 2. | Groep 1: Driekamer tweelinghuis ... ... ... ... | 24 |
| 3. | Groep 1: Driekamer huis .. ... ... ... ... ... | 25 |
| 4. | Groep 1: Vierkamer huis .. ... ... ... ... ... | 26 |
| 5. | Groep 1: Vyfkamer huis ... ... ... ... ... ... | 27 |
| 6. | Groep 2: Tweekamer tweelinghuis ... ... ... ... | 28 |
| 7. | Groep 2: Driekamer tweelinghuis ... ... ... ... | 29 |
| 8. | Groep 2: Driekamer huis .. ... ... ... ... ... | 30 |
| 9. | Groep 2: Vyfkamer huis ... ... ... ... ... ... | 31 |

## LYS VAN KAARTE

| Kaart | | |
|---|---|---|
| 1. | Bantoewoonbuurtes, Pretoria 1888-1900 ... ... ... | 54 |
| 2. | Bantoewoonbuurtes, Pretoria 1900-1936 ... ... ... | 55 |
| 3. | Atteridgeville, 1952 ... ... ... ... ... ... | aan end |

---

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

# HOOFSTUK I

## DIE HISTORIESE ONTPLOOIING VAN DIE ATTERIDGEVILLE-SKEMA

### I. INLEIDING

Om 'n duidelike beeld te vorm van die ontwikkeling van die probleem van die verskaffing van huisvesting aan Bantoepersone in die stadsgebied van Pretoria is dit nodig om aan die historiese ontplooiing van hierdie saak aandag te gee. Die Atteridgeville-skema was ten tye van sy aanvoring die eerste poging om op omvangryke wyse aan die probleem van Bantoebehuising sedert die stigting van Pretoria in 1865 aandag te gee.

Teen 1900-1903 was daar in Pretoria hoofsaaklik drie areas wat as Bantoewoonbuurtes afgesonder is of wat as Bantoewoonbuurtes ontstaan het, naamlik Schoolplaas, Marabastad en Hove's Ground. Die inwoners van hierdie drie gebiede, tesame met die van die latere lokasie Bantule, het benewens uitsonderings, uiteindelik in Atteridgeville tereg gekom. Vir die begrip van die herkoms en samestelling van die inwoners van Atteridgeville is dit dus nodig om kortliks na hierdie gebiede te verwys.

Hoewel daar gedurende die jare 1900-1911 verskillende Bantoe-eiendomsdorpe rondom Pretoria tot stand gekom het, soos Lady Selborne, Eersterus, Riverside asook Eastwood, benewens 'n verskeidenheid plakkerdorpe, word die gegewens oor hierdie areas nie verstrek nie. Dit gaan hier slegs om areas vir Bantoebehuising waarvan die uiteindelike samevoeging van inwoners in die gebied Atteridgeville plaasgevind het.

### II. BANTOEBEHUISING TOT DIE BEËINDIGING VAN DIE ENGELSE-OORLOG 1902

Tot 1888 was daar in Pretoria geen area wat uitsluitlik vir bewoning deur Bantoepersone afgesonder is nie. Die oudste Bantoewoonbuurt het egter na 1867 op die grond van die "Berliner Missionsgesellschaft" ontwikkel. Na herhaalde versoek het die Uitvoerende Raad van die ou Zuid-Afrikaansche Republiek in 1867 'n area gelyk aan 12 erwe net buite die destydse opgemete gebied van Pretoria, aan die noordekant van Boomstraat vir gebruik deur die Berlynse Sendinggenootskap afgesonder (Peacock 1955:87). In 1868 is die aanliggende grond, 'n gedeelte van die plaas Daspoort 192 genaamd Vrischgewaagd namens die Sendinggenootskap aangekoop. Die totale oppervlakte van hierdie grond was toe 23 morg 25 vierkante roede en die presiese ligging: ten ooste van die Steenovenspruit, ten suide van die Apiesrivier en ten noorde van Boomstraat (vgl. Schoolplaats op kaart 1).

Vanaf 1870 tot 1872 ontwikkel daar onder gesag van eerw. Grünberger rondom die skool en kerkgebou wat die genootskap opgerig het, 'n woongebied vir Bantoepersone. Die naam Schoolplaas waaronder die area in die wandel bekend geraak het, het sy herkoms aan die skool van die Berlynse Sendinggenootskap te danke (Peacock 1955:244). Gegewens oor die aanvanklike bevolkingstal en woontoestande in hierdie eerste onoffisiële Bantoewoonbuurt kon nie verkry word nie. Die eerste beskikbare gegewens dateer uit 1910 en word in die volgende afdeling behandel.

Vanweë die aanvanklike gebrek aan die afsondering van 'n gebied vir okkupasie deur Bantoepersone, is die meeste bediendes, soms selfs in gesinseenhede, huisvesting verskaf op Blanke persele (Peacock 1955:243). Eers in 1888 het landmeter G. Greeff in opdrag van die Republikeinse regering 'n area vir bewoning deur Bantoepersone uitgemeet. Die gebied het bestaan uit 67 erwe van ongelyke grootte.

Volgens kaart 1 wat ons aan die einde van hierdie hoofstuk gee, was hierdie eerste Bantoelokasie geleë ten weste van die Skoolplaasnedersetting van die Berlynse Sendinggenootskap, presies waar die rioolsuiweringswerke van die Stadsraad vandag is (Peacock 1955: 244). Die totale oppervlakte van hierdie gebied was ongeveer 37

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

morg, maar gedeeltes daarvan was vanweë die vleiagtige aard van die grond nie bruikbaar vir die aanbou van huise nie. Hierdie gebied het in die wandel die naam van Marabastad verkry. Die presiese herkoms van die naam is vandag onmoontlik om te bepaal maar onafhanklike gegewens staaf die gevolgtrekking van Peacock dat dit vernoem is na 'n Bantoekaptein Maraba wat naby Pietersburg woonagtig was.

Sover ons gegewens strek, kan beweer word dat toesig oor die vestigingswyse en die aard van die huise wat opgerig is minimaal was. Water vir huisgebruik is verkry vanaf die standhoudende Apiesrivier wat die noordelike grens van die gebied gevorm het. Uit getuienis voor die Rose-Innes Kommissie blyk dit dat die onmiddellike beheer oor die inwoners gedurende die Republikeinse tyd by 'n aangestelde Bantoehoofman gesetel het. Aan wie hierdie funksionaris verantwoordelikheid verskuldig was, kon ons nie bepaal nie. Ons weet egter dat die posisie van hoofman sonder vergoeding was, dat hy oor kleiner sake tussen inwoners as arbiter kon optree en selfs boetes oplê. Die inkomstes uit boetes was sy eie. Of hierdie laaste reëling offisiële goedkeuring weggedra het, is nie bekend nie.

Na die oorgawe van Pretoria in 1900 het die stad en sy inwoners onder militêre bestuur gekom. Generaal-majoor J.G. Maxwell was die militêre goewerneur en het onder leiding van burgemeester R.K. Loveday 'n "Provisional Town Council" laat funksioneer. Hierdie raad het hy saamgestel uit voormalige lede van die Stadsraad (Peacock 1955:333-4). Gedurende die afwikkelingsperiode van die Engelse-oorlog het die toestroming van Bantoepersone na die hoofstad toegeneem en het 'n onordelike samedromming plaasgevind op die oop grond tussen Marabastad (rioolplaas-gedeelte) en die Asiate Bazaar (Koelielokasie op kaart 1). Om hierdie rede het die tussentydse stadsbestuur op hulle vergadering van 16.4.1902 besluit dat die militêre owerheid die plakkers uit die area na vlugtelingkampe moet laat verwyder daar hulle bewoning van die area slegs tydelik van aard is. Aan hierdie versoek is nie gehoor gegee nie. Beheer oor Bantoe-aangeleenthede was dus blykbaar direk in hande van die militêre gesag.

Gedurende hierdie selfde tydperk ontstaan ook 'n tweede plakkerkol, naamlik Hove's Ground net buite die grense van die stadsarea teen die suidelike hang van die westelike rand by Daspoort. Hierdie plakkergebied ontleen sy naam van 'n sekere Van Hove wat 'n meule gehad het aan die Skinnerspruit naby die punt waar dit die Apiesrivier binneloop. Vanweë die praktyk van verengelsing van daardie tyd is die naam in Engels aan ons oorgebring (Mönnig 1959:22). (Vgl. kaart 2.)

## III. BANTOEBEHUISING IN PRETORIA 1903-1936

### A. Marabastad, Skoolplaas 1903-1910

Na die herinstelling van plaaslike bestuur vir Pretoria kragtens die Pretoria Municipal Ordinance, Nr. 7 van 1902, is dadelik aandag aan Bantoebehuising gegee. Artikel 27(4) van hierdie proklamasie het die Stadsraad gemagtig "to lay out within the Municipality such locations for aboriginal natives as may be deemed desirable and to compel all aboriginal natives except such as are employed in domestic service and are lodged on the premises of their employers to reside within such locations and to make regulations for the proper carrying out of the power herein conferred."

Die bestuur van Bantoe-aangeleenthede is onder die gesondheidsafdeling van die Stadsraad geplaas en reeds in 1904 word aan die stadsingenieur opgedra om die bestaande Bantoewoonbuurt Ou en Nuwe Marabastad her op te meet en te verdeel in standplase van 50 x 50 voet. Die groot standplase van Ou Marabastad is nou

© University of Pretoria

onderverdeel / ...

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

onderverdeel. Die werk is gedurende 1905 deur landmeter Rees gedaan. Uit hierdie besluite van die Stadsraad blyk dit duidelik dat daar naas die destyds bestaande lokasie, Ou Marabastad, nou 'n toevoeging gemaak word wat die destydse oop grond tussen die "Kaffer lokatie" en "Koelie lokatie" (vergelyk kaart 1) nou as Nuwe Marabastad beskrywe. Die tydelike plakkersdorp aldaar wat gedurende die oorlog ontstaan het, het permanent geword. Die omskrywing van lokasiegrense is volgens Stadsraadsbesluit van 22.12.1904 so vasgelê dat dit rofweg die hele gedeelte ten noorde van Barberstraat, ten weste van Steenovenspruit, ten suide van die Apiesrivier en Skinnerspruit en ten ooste van Von Wiellighstraat ingesluit het. Die totale oppervlakte van hierdie woongebied was ongeveer 59 morg waarvan die toevoeging ongeveer 22 morg bedra het. Die Stadsraad het die omvang van die gebied groot genoeg geag om verpligte inwoning in die lokasie vanaf 1.1.1906 voor te skryf.

Ingevolge Government Notice 884 van 1904 is die eerste lokasieregulasies vir Pretoria afgekondig kragtens die bevoegdheid verleen deur die bo-aangehaalde Proclamation 7 van 1902. Hierdie regulasies het onder andere bepaal: Dat okkupasiereg van persele in die lokasie slegs na uitreiking van 'n perseelpermit mag plaasvind (artikel 9); dat perseelhuurders slegs na verkryging van 'n boupermit van die Superintendent van die lokasie geboue mag oprig volgens goedgekeurde plan en konstruksiewyse (artikels 14 en 16); dat geen onderverhuring van geboue of persele sonder toestemming van die Superintendent mag plaasvind nie; dat alle geboue op die perseel as die eiendom van die perseelhouer, na beëindiging van sy okkupasie òf verwyder moet word, òf deur die Stadsraad na lewering van vergoeding oorgeneem kan word (artikels 9 en 10). Hier word dus vir die eerste keer die prosedures vasgelê dat die huiseienaar by vertrek uit die woonbuurt òf die huis moet verwyder, òf 'n uitbetaling (kompensasie) van die Stadsraad volgens die waarde van die huis mag ontvang. Ingevolge latere Goewermentskennisgewings byvoorbeeld 414 van 1905 en 229 van 1906 is tariewe vir perseelpermitte, boupermitte ens., voorgeskryf.

As ons in aanmerking neem dat die aangestelde Superintendente van Marabastad tot 1910 mense was sonder enige besondere kennis van die Bantoe, wat in hoofsaak slegs gelde namens die Stadsraad moes in, kan ons verstaan waarom die toesig oor oprigting van geboue en toepassing van die maatreëls om onderverhuring en oorbevolking te voorkom, ernstige gebreke vertoon het (Rose-Innes Kommissie). Die totale Bantoebevolking van Marabastad is deur 'n getuie voor hierdie kommissie op tussen 3-4000 geskat, terwyl daar deur verskeie getuies herhaaldelik gewag gemaak is van die ongewenste toestande van oorbevolking, onwettige bierbrouery, dranksmokkelary en prostitusie. Dat die nabyheid van die Bantoewoonbuurt aan die Asiatebuurt met die laasgenoemde misstande in verband staan, is deur geen van die getuies in twyfel getrek nie. Van die kant van Bantoe-inwoners is gekla dat die straatvoorsiening uiters swak is. Indien ons die Bantoebevolkingsgetalle vir 1911 as 16,850 aanvaar (tabel 1) en dit in verband plaas met 'n bevolking in 1921 van 1100 op Schoolplaats word ons tot die gevolgtrekking gedwing dat die skatting van die bevolking te Marabastad in 1910 as 3-4000 of te laag is, of dat slegs 'n baie klein gedeelte van die Bantoebevolking van die Pretoriase stadsgebied binne die lokasie gehuisves was. Ander getuies voor die Rose-Innes Kommissie het die skatting van 3-4000 as te hoog beskou.

Hierdie toestande wat in Marabastad geheers het, het ook invloed op die aanliggende sendingstasie Schoolplaats gehad. Hoewel eerw. Sacke, die ernstigheid van die toestande aan die Rose-Innes Kommissie beklemtoon het, is dit duidelik dat toestande te Schoolplaats gunstiger as in Marabastad was. Die totale aantal standplase wat hier deur Bantoegesinne bewoon was, was 95 terwyl genoeg grond

© University of Pretoria

TABEL 1 / ...

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

TABEL 1: OFFISIëLE BANTOEBEVOLKINGSYFER VAN PRETORIA

| Jaar | Pretoria-Munisipaliteit | Metropolitaanse Gebied Pretoria |
|---|---|---|
| 1911 | 16,850* | 21,732* |
| 1921 | 19,361* | 24,859 |
| 1936 | 33,500* | 45,559 |
| 1938 | 35,903 1) | |
| 1946 | 83,863 | 104,532 |
| 1951 | 90,518 | 122,407 |
| 1960 | 135,888 | 202,359 |

(Nota: Die bogaande tabel verteenwoordig die offisiële sensussyfers behalwe in die gevalle met 'n * gemerk. Hierdie syfers is afkomstig uit die verslae van die Gesondheidsafdeling van die Stadsraad en word deur ons as meer korrek as die betrokke sensussyfers beskou. Die syfer vir 1938 is afkomstig van die verslag oor 'n spesiale sensusopname van Bantoe in stedelike areas, vergelyk die Notule van die Naturelle- en Asiate-sake Komitee 21.11.38.)

beskikbaar was vir die verdubbeling van die nedersetting. Die huurgeld was R4 per standplaas per jaar. Huise van klei en steen met dakke van sink is onder toesig van die sendelinge gebou. Elke huis het genoeg grond vir tuinmaak gehad, leiwater vir huis- en tuingebruik is van die aanliggende Steenovenspruit verkry.

B. Marabastad, Bantule, Hove's Ground 1911-1926

Teen 1909 het dit dringend nodig geword om 'n deeglik beplande rioolsuiweringsinstallasie in Pretoria op te rig. Die gebied wat hom vanweë sy lae ligging in verhouding tot die res van die stad by uitstek verkieslik gemaak het, was die mees noordelike gedeelte van Marabastad op die wal van die Apiesrivier.

Aangesien die voorgestelde area egter Bantoewoonbuurt was, is vertoë tot die Transvaalse, en na 1910 tot die Uniale Departement van Naturellesake gerig om die grond te mag gebruik. Die versoek is toegestaan mits 'n alternatiewe woongebied vir die Bantoepersone verskaf word wat uit hierdie area ontruim sou word. Die oppervlakte van die lokasie sou hierdeur met ongeveer 37 morg verklein word. Dit was veral die inwoners van Ou Marabastad wat hierdeur getref is daar die oppervlakte van die rioolsuiweringswerke slegs 'n rapsie kleiner was as die oorspronklike Marabastad van 1888. Die beskikbaarstelling van 'n alternatiewe woongebied en die verskuiwing daarheen van die inwoners van die ontruimde gebied was nie as 'n uitdruklike voorvereiste vir die oprigting van die suiweringswerke gestel nie.

Reeds in 1910 word die moontlikheid van alternatiewe grondgebied vir 'n Bantoewoongebied ondersoek slegs met die oog op die verskuiwing van diegene wat uit die gebied van die rioolwerke verwyder moes word. Omvattende en finale beplanning van huisvesting vir Bantoepersone was nie aan gedink nie. Uit 'n brief van die Stadsklerk gedateer 17.8.10 aan die Departement van Naturellesake, blyk dit dat 4 alternatiewe stukke grond oorweeg is, naamlik
(1) 'n area van 66 akker (of 31.02 morg) ten weste van die samevloeiing van Skinnerspruit en Apiesrivier, wes van die Pietersburg-spoorlyn aan die suidelike voet van die westelike rand te Daspoort.
(2) 'n Area van 27 akker (of 12.69 morg) ten noorde van die

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Apiesrivier teen die helling van die oostelike rand van Daspoort, reg noord van die voorgestelde rioolsuiweringswerke. Vanweë die beperkte oppervlakte sou die gebied alleen tydelike uitbreiding van die Bantoewoonbuurte meebring. (3) 'n Ongespesifiseerde area ten weste van die Nuwe Begraafplaas wat vanweë die feit dat dit te ver buite (!) Pretoria geleë was uiteindelik afgekeur is. (4) 'n Ongespesifiseerde area op die plaas Koedoespoort ongeveer 7 myl ten ooste van die middestad. Vanweë die distansie is ook hierdie area afgekeur.

Ondanks die feit dat die Stadsraad reeds op 16.1.11 op die uitleg van 'n lokasie op Area nr. 1 besluit het wat as Stadsraadseiendom onmiddellik beskikbaar was, is daar soveel vertoë ontvang van die belastingbetalers in Pretoria-Wes wat die vermindering van die waarde van hulle eiendomme gevrees het, dat die finale beslissing om hierdie area te gebruik eers op 7.9.12 geneem kon word. Vanweë die dringende behoefte aan die rioolsuiweringswerke is daar egter reeds gedurende Desember 1911 - Februarie 1912 begin met die uitkoop van die huise van inwoners in Ou Marabastad en die oorplasing van hierdie mense na beskikbare persele in die oorblywende gedeelte van Marabastad. Op 5 September 1912 word verslag aan die Stadsraad gedoen deur die Gesondheidsafdeling dat die bewoners van 151 standplase reeds na persele in Nuwe Marabastad oorgeplaas is, maar dat 'n verdere 206 standplase nog ontruim moet word terwyl slegs 17 standplase vir hierdie finale ontruiming in die resterende gedeelte van Marabastad beskikbaar is. 'n Gedeelte van hierdie ontruiming het toe plaasgevind en nadat beskikbare persele almal in gebruik geneem is, is 'n aantal persone tydelike woonpersele in sommige dwarsstrate van Marabastad toegeken. Die ernstige oorbewoning wat uit hierdie prosedure sowel as die volle benutting van die klein 50 x 50 standplase van Marabastad ontstaan het, het die Departement van Naturellesake onmiddellik laat navraag doen na die vordering met die verskaffing van alternatiewe behuising in die Nuwe lokasie.

Uit 'n totale lening van R50,000 wat die Stadsraad ingevolge die bepalings van Wet 12 van 1910 verkry het, was reeds 'n begin gemaak met die uitleg van die Nuwe lokasie wat uiteindelik Bantule sou heet (vgl. kaart 2). In 1912 word magtiging verleen om die eerste 50 huise daar op te rig om die oorbewoning in Marabastad te verlig. 'n Totale bedrag van R18,182 is aangewend vir die uitleg van die hele gebied en die oprigting van hierdie eerste 50 huise. Die persele in die Nuwe lokasie sou 50 x 75 voet groot wees, sanitêre diens sou by wyse van 'n emmerstelsel gelewer word en water is deur middel van krane op sentrale punte in die lokasie verskaf. In die omgang het hierdie nuwe uitleg die naam Newclare gedra.

Ondanks die verligting in die oorbewoning van Marabastad deur die ingebruikneming van hierdie Munisipale huurhuise in die Nuwe lokasie, was toestande in Marabastad hoegenaamd nie na wense nie. Ondoeltreffende beheer het ernstige oorbewoning veroorsaak terwyl die ondoelmatige toesig oor boukonstruksie en onderverhuring die Mediese Gesondheidsbeampte in Januarie 1917 aan die Stadsraad laat rapporteer het dat ruim 200 huise in Marabastad ongeskik vir bewoning was. Die totale bevolking van sowel Marabastad as die Nuwe lokasie was op hierdie stadium 5060 siele bestaande uit 2475 mans, 1098 vrouens en 1487 kinders (vergelyk tabel 2). Binne 4 jaar na verligting gebring is deur die oprigting van 50 nuwe huise, was oorbewoning weer eens 'n ernstige probleem.

Aan die noordekant van die nuwe lokasie teen die helling van die westelike rand van Daspoort was egter op hierdie stadium 'n ernstige probleem. Sedert die einde van die Engelse oorlog het hier 'n plakkerkamp op privaatgrond buite die grense van die stadsgebied ontstaan. Reeds in 1905 verwys die Gesondheidskomitee na hierdie gebied as "a menace to the health of the residents of Pretoria" en

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

TABEL 2: BEVOLKINGSYFER VAN DIE LOKASIES VAN PRETORIA

| Jaar | Schoolplaats | Marabastad | Bantule | Atteridgeville |
|---|---|---|---|---|
| 1910 1) | ? | 3-4000 | - | - |
| 1917 2) | ? | ←—— 5060 ——→ | | - |
| 1921 | 1100 | 3760 | 2609 3) | - |
| 1926 | 1106 | 3328 | 2953 | - |
| 1930 5) | 1330 | 4649 | 3226 | - |
| 1938 | - | 7500 4) | 4400 4) | - |
| 1942-43 | - | 2000 6) | 5300 6) | 5,500 6) |
| 1946 | - | 2298 5) | 5203 | 6,561 7) |
| 1951 | - | 626 | ? | 10,087 |
| 1955 | - | - | 6722 | 13,246 |
| 1960 | - | - | - | 45,196 |

1) Skatting van sersant Cowley voor Rose-Innes Kommissie.
2) Opgawe van Stadsraad aan Departement van Naturellesake.
3) Hoewel dit uit die gegewens nie duidelik is nie het ons ten aansien van die latere bevolkingsyfers aanvaar dat dit die totaal van sowel Bantule as Hove's Ground omvat.
4) Hierdie syfers is verkry uit die Pretoria News van 4 Augustus 1938. Dit is effens te hoog daar die offisiële totale aantal inwoners in die lokasies (vergelyk 21.11.38 Notule Naturelle- en Asiatesake Komitee) 11,118 bedra in plaas van die bogaande 11,900.
5) Syfers vir 1926, 1930 Marabastad 1946, is verkry uit verslae van gesondheidsafdeling vir betrokke jare.
6) Hierdie syfers is nie absoluut nie maar slegs 'n skatting wat in 1942-43 tydens verskuiwing na Atteridgeville gemaak is deur die Afdeling Nie-blankesake.
7) Betroubare sensussyfer na opname gedurende Februarie 1946.

word vertoë gerig dat die area van Hove's Ground deur die Stadsraad aangekoop word om doeltreffende beheer te verkry (Mönnig 1959:23). Op hierdie aanbeveling het die Stadsraad egter nie dadelik handelend opgetree nie. Eers sewe jaar later is die gebied ingevolge Administrateurskennisgewing 21 van 1913 binne die grense van die Munisipaliteit ingesluit (Mönnig 1959:25) en pogings aangewend om die area onder beheer te bring. 'n Groepie Bantoepersone wat daar woonagtig was, het 'n sindikaat gevorm en die grond van die Blanke eienaar probeer koop. Nadat die kontrak uiteindelik vanweë nie-betaling van paaiemente gekanselleer is (Mönnig 1959:24) het die Stadsraad die gebied bekend as Hove's Ground ('n deel van die plaas Daspoort 192) op 28.11.1917 van die eienaars, mnre. H.C. Marais en B.B. Celliers, vir die bedrag van R3527.75 aangekoop. Ingevolge Transportakte 9856/1917 het die Stadsraad dus volle beheer oor hierdie area van 33 morg 125 vierkante roede verkry.

Hoewel dit onmoontlik is om die omvang van hierdie plakkerkamp in hierdie jare te bepaal (die hele grondgebied was nie bewoon nie) en ewe problematies om die bevolking vas te stel, weet ons dat die steil helling teen die rand uit ernstige probleme by die aanlê

© University of Pretoria

van / ...

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

van huise, afvoer van stormwater, sanitasie en vuilgoedverwydering meegebring het. Hove's Ground het reeds voor die insluiting in die Munisipale gebied die berugtheid gehad dat daar oormatige hoeveelhede bier gebrou word, dat ernstige oorbewoning plaasgevind het en dat daar uit die aard van die ontstaan van die area geen toesig oor die tipe, konstruksiewyse, sowel as oorbewoning van die huise was nie. Na insluiting in die Munisipale gebied, trouens selfs na die aankoop van die gebied in 1917, het hierdie toestande voortgeduur. Hoewel die gebied kragtens Stadsraadsbesluit van 8.8.1922 binne die grense van die Nuwe lokasie ingesluit is en die gebied herbeplan is deur verbinding van strate in Hove's Ground met die bestaande uitleg van die Nuwe lokasie, en hoewel die verwydering van vuilgoed en sanitêre afval reeds bestaan het, het Hove's Ground 'n probleemgebied gebly. (Vgl. kaart 2.) Die Nuwe lokasie het dus nou bestaan uit Munisipale huurhuise sowel as die huise van Hove's Ground wat die eiendom van die bewoners was. Die aanvaarding van verantwoordelikheid oor hierdie area deur die Stadsraad het egter die haglikheid van die voorsiening van behuising aan Bantoepersone in die Munisipale gebied van Pretoria onderstreep.

Die ernstigheid van die toestand kan alleen ten volle begryp word as ons besef dat die totale inwonertal van die verskillende Bantoewoonbuurtes teen 1921 3,760 vir Marabastad, 2,609 vir die Nuwe lokasie en Hove's Ground en 1,100 vir Schoolplaas beloop het (vergelyk tabel 2). Van hierdie totaal kan ons slegs die 50 huise in die Nuwe lokasie (Bantule) sowel as 'n gedeelte van Marabastad as van bevredigende gehalte beskou. Ten opsigte van sowel Marabastad as Hove's Ground beskik ons oor gegewens wat die ernstige aard van oorbewoning en onderverhuring onderstreep, onder andere uit rapporte van die Bantoesakekommissaris van Pretoria.

Die jare 1917-25 verteenwoordig die periode van kentering in die wyse van voorsiening van behuising aan Bantoepersone in die Munisipale gebied van Pretoria. Teen 1917 was daar reeds vir die Pretoria Munisipale lokasie (Marabastad en Bantule) 'n onoffisiële Adviserende Naturellekomitee benoem (vergelyk Notule van Spesiale Komitee in sake lokasies 7.5.1917). Hierdie Komitee het teen 1922 in samewerking met die Blank-beheerde Native Welfare Association onder ere-sekretarisskap van mnr. Edgar Brookes, die haglike toestande in die lokasies voortdurend onder die aandag van die Stadsraad gehou. Die Stadsraad het sy verpligtinge besef maar optrede was van onbesliste aard. So het die Stadsraad na onderhandeling die gebied Schoolplaats (23 morg 25 vierkante roede) kragtens Transportakte 8813/1926 vir 'n bedrag van R20,000 van die Berliner Missionsgesellschaft aangekoop. Die gehele Nuwe lokasie is verder ingevolge Stadsraadsbesluit van 29.10.23 tot Bantule gedoop.

Die behuisingsnood het die Stadsraad op 17.7.1918 by die Departement van Naturellesake laat navraag doen oor die nuwe behuisingskema te Bloemfontein wat in hoofsaak bestaan het uit 'n skema vir selfbou volgens goedgekeurde planne onder toesig van die Stadsraad. Op 10.8.20 besluit die Stadsraad om die Administrateur vir leningsbevoegdheid van R200,000 te vra vir die oprigting van ten minste 230 huurhuise in die Bantule-lokasie. Die skaarste aan geld in daardie jare was egter die oorsaak van die gedeeltelike mislukking van hierdie aansoek gewees. Daarom besluit die Stadsraad gedurende Desember 1921 om die R30,000 wat wel beskikbaar gestel is te gebruik in 'n selfbou-skema volgens goedgekeurde planne, ten weste van die bestaande Bantule vir die oprigting van ten minste 153 huise. Toe aansoeke ingewag is van Bantoepersone wat onder die skema wou bou, is slegs 40 aansoeke ontvang. Die Stadsraad het toe afgesien van die skema. Uiteindelik het die Sentrale Behuisingsraad in 1922 toegestem dat die R30,000 gebruik kon word vir die oprigting van Munisipale huurhuise in die opgemete maar onbeboude gedeelte van Bantule-lokasie.

© University of Pretoria

In / ...

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

In dieselfde jaar word 'n aanvang gemaak met die oprigting van die eerste 84 huise om oorbewoning in Marabastad te verlig. Aan toestande in Schoolplaats en Hove's Ground is nog geen aandag gegee nie.

Die ondersteuning van die Stadsraad se huurskema deur die Sentrale Behuisingsraad was egter onderhewig gemaak aan 'n versoek dat die Stadsraad dadelik oorweging skenk aan die uitleg van 'n tweede lokasieterrein met die oog op die uiteindelike algehele verskuiwing van Marabastad. Op 1.3.22 antwoord die Stadsklerk dus dat hoewel die versoek van die Behuisingsraad op die eersvolgende vergadering van die Gesondheidskomitee te berde gebring sal word, daar 'n lang ondersoek gedoen sal moet word vir die uitvoering van dié voorstel en dat die onmiddellike aanvang met so 'n nuwe skema dus nie as voorwaarde vir die aanvaarding van die lening beskou sal word nie. Die uiteindelike voldoening in 1939 aan hierdie versoek sou aanleiding gee tot die stigting van Atteridgeville.

Die Behuisingsraad was tevrede gestel en het in September 1922 verdere gelde beskikbaar gestel vir die uitbreiding van die Munisipale huurskema te Bantule. Teen 1926 was die grootste gedeelte van hierdie Munisipale skema voltooi wat uiteindelik tesame met die aanvanklike 50 huise waarmee in 1912 begin gemaak is, 294 huise beloop het. Op hierdie totaal is die Bantule-behuisingsprogram gestaak. Die bevolkingsyfers vir 1926 (tabel 2) vertoon daarom slegs die verskuiwing vanuit Marabastad hierheen terwyl aan die gebiede Schoolplaats en Hove's Ground niks verander is nie.

Na die aanname van die Naturellen (Stadsgebieden) Wet van 1923, nr. 21 van 1923, is die gehele lokasiekompleks van Pretoria ingevolge artikels 22 en 23 omskryf. Die Pretoriase lokasie sou bestaan uit Marabastad, Bantule en Hove's Ground met 'n totale oppervlakte van 50 morg. Die omskrywing is vervat in artikel 1 van Administrateurskennisgewing 561 van 12.12.25. Marabastad se gehele oppervlakte was ongeveer 22 morg, uitgesonderd die gedeelte wat as Kleurlinglokasie bekend gestaan het. Aangesien die Naturellen Stadsgebieden Wet, 1923 dit toegelaat het, is die area wat deur Kleurlinge bewoon was en aan Marabastad gegrens het, tesame met die Bantoewoonbuurte geproklameer. Streng wetlik gesproke was daar geen beperking daarop dat Bantoepersone ook in hierdie gebied onderdak kon kry nie.

## C. Voorspel tot die Atteridgeville-skema 1930

Die besonder ongewenste toestande en oorbewoning in die Munisipale lokasies en die dringendheid van hulpverlening is in 1930 nogmaals pertinent onder die aandag van die Stadsraad gebring deur die Verslag van die Gesondheidsafdeling vir 1930. Die vernaamste resultate van die sensusopname waarop hierdie verslag berus, verstrek ons in tabel 3. Veral van belang is die feit dat die aantal Bantoegesinne in al die bestaande lokasies nêrens minder as 4.3 per standplaas was nie. Die verslag van die Gesondheidsafdeling meld dan ook uitdruklik dat ten minste 700 addisionele huise benodig word vir die aanvanklike verligting van oorbewoning. Vir die uiteindelike verskuiwing van die gebiede Schoolplaats, Marabastad en die Bantoeinwoners van die Kaaplokasie sou veel meer huise gebou moes word. Die Gesondheidsafdeling het vir hierdie nuwe lokasie-aanleg 'n gedeelte van die dorpsgrond te Kwaggaspoort voorgestel. Die Stadsraad het met hierdie aanbeveling akkoord gegaan op hulle vergadering van 24 November 1930.

Onmiddellik na hierdie besluit is veelvuldige vertoë van die kant van die belastingbetalers in Pretoria-Wes tot die Stadsraad gerig om beswaar te maak teen die voorgestelde lokasie ten weste van Pretoria. Die beplanning van die lokasie is ondanks die dringendheid op die lange baan geskuif veral nadat die Stadsraad in Januarie 1932 tenders gevra het vir die verkoop van privaatgrond vir

© University of Pretoria

TABEL 3 / ...

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

TABEL 3: BANTOEBEVOLKINGSDIGTHEID 1930-1938

| | 1930 1) | | | | | 1938 2) | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | Aantal huise | Bevolking | Aantal gesinne | Aantal persone per huis | Aantal gesinne per huis | Aantal huise | Bevolking | Aantal persone per huis |
| Marabaslokasie | 397 | 4649 | 1091 | 11.7 | 4.3 | 414 | 7500 | 18.1 |
| Bantule | 294 | 1774 | 359 | 6.0 | 4.9) ) | 442 | 4400 | 10.0 |
| Hove's Ground | 144 | 1452 | 320 | 10.1 | 4.5) | | | |
| Schoolplaats | 87 | 1330 | 309 | 15.3 | 4.3 | - | - | - |
| Kaaplokasie | 61 | 458 | 106 | 7.5 | 4.3 | ? | ? | ? |

1) Syfers is verkry uit Gesondheidsverslag 1930 volgens Stadsraadsnotule van 24.11.30.
2) Syfers uit Pretoria News van 4.8.38 verkry.

lokasiedoeleindes buite die grense van die stadsgebied. Vanweë die hoë pryse wat gevra is, is nie een van die aangebode eiendomme aangekoop nie.

Al wat in hierdie tyd op die front van Bantoebehuising gebeur het, was die verandering van die naam van Marabastad na Marabaslokasie (Stadsraadsnotule 30.7.28) en die aansegging van inwoners van Schoolplaats om die gebied voor die einde van 1934 te ontruim. Die toestande in die Bantoelokasies was sodanig dat die meeste van hierdie inwoners na ontvangs van kompensasiegeld vir hulle ontruimde huise, verkies het om uit te wyk na Bantoe-eiendomsdorpe soos Lady Selborne, Eersterus en Riverside buite Pretoria. 'n Klein gedeelte van die inwoners van Schoolplaats is egter onderdak gebring in Munisipale huurhuise wat in Bantule beskikbaar geword het. Ondanks navrae deur die Departement van Naturellesake is oorbewoning in bestaande lokasies hierdeur nogeens 'n kunsmatige stimulus toegedien.

Eers op 1.2.36 word weer tenders deur die Stadsraad gevra vir die aankoop van grond vir lokasiedoeleindes. Die eiendomme wat aangebied was, was weer eens rondom die stad versprei. Hoewel elke aanbod heftig deur belastingbetalers en Stadsraadslede van die aanliggende gedeeltes van die stad bestry is, is twee eiendomme uiteindelik aangewys naamlik Uitzicht nr. 586 en Elandsfontein nr. 35. Albei die plase was ten weste van Pretoria geleë. Van hierdie twee was Uitzicht nr. 586 die mees aanneemlike. Die versoek aan die Minister van Naturellesake om hierdie grond vir lokasiedoeleindes goed te keur is egter by die Departement deur die belastingsbetalers van Pretoria-Wes sowel as boere van aanliggende plase, bestry. Uiteindelik het die Minister die aansoek afgewys omdat hy nie wou toelaat dat grond waarop geboer word, vir lokasiedoeleindes in gebruik geneem word nie.

Na hierdie terugslag was die Stadsraad op dorpsgronde aangewys en ondanks teenkanting word op die Stadsraadvergadering van 28.8.36 op voorstel van Raadslid mev. M.P. Atteridge, per meerderheidstem besluit dat die beoogde lokasie op dorpsgrond ten weste van Pretoria-Wes opgerig sou word. Ingevolge die bepalings van artikel 1(1)(a) van die Naturellen (Stadsgebieden) Wet nr. 21 van 1923, is

© University of Pretoria

die / ...

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

die grond op 11.12.36 deur Goewermentskennisgewing nr. 1840 so afgesonder. Die Engelse teks beskryf dit as "A certain piece of land approximately 1,000 acres in extent, lying eight miles west of Church Square, City of Pretoria, and bounded on all sides by Pretoria Townlands."

Vanweë die dringendheid van hierdie saak het die Stadsraad reeds op hulle vergadering van 26.2.37 volgens aanbeveling van die Gesondheidskomitee besluit om aansoek te doen vir 'n sub-ekonomiese lening van R1,400,000 teen ¾% rente terugbetaalbaar oor 30 jaar vir die oprigting van 3,000 Munisipale huurhuise op hierdie terrein. Die volle uiteensetting van die beraamde besteding van hierdie gelde was soos volg:

| | |
|---|---|
| Bou van 3,000 huise .. ... ... ... ... ... ... | R 600,000 |
| Watervoorsiening ... ... ... ... ... ... ... | 80,000 |
| Rioolvoorsiening ... ... ... ... ... ... ... | 360,000 |
| Padvoorsiening .. ... ... ... ... ... ... ... | 108,000 |
| Voorsiening van stormwaterafvoer ... ... ... ... | 30,000 |
| Spoorwegvoorsiening ... ... ... ... ... ... | 30,000 |
| Gemeenskapsaal .. ... ... ... ... ... ... ... | 6,000 |
| Twee huise vir Blanke personeel ... ... ... ... | 4,800 |
| Uitleg van sportgronde ... ... ... ... ... ... | 4,000 |
| Elektrisiteitsvoorsiening ... ... ... ... ... | 28,000 |
| Voorsiening van hospitaal en kliniek ... ... ... | 10,000 |
| Voorsiening van kantore ... ... ... ... ... ... | 4,000 |
| Voorsiening van pad vanaf Yskor ... ... ... ... | 16,000 |
| Kompensasie van Bantoepersone wat verskuif moet word | 50,000 |
| | 1,334,800 |
| Onvoorsien .. ... | 65,200 |
| | R 1,400,000 |

Die uiteindelike lening waarvoor aansoek gedoen was, was egter R1,320,000 terugbetaalbaar oor 40 jaar teen 'n rentekoers van 3¼%. Ingevolge 'n brief (gedateer 26.7.37) is die skema in hoofsaak volgens hierdie vorm deur die Departement van Naturellesake goedgekeur.

Die uitvoering van hierdie skema het in 1937 'n besondere stimulus gekry deur die aanstelling van eerstens 'n Komitee vir Nie-blanke- en Asiatesake as 'n staande komitee van die Stadsraad soos besluit op 29.7.37 en tweedens die aanstelling van 'n bestuurder vanaf 1.8.37 van 'n nuwe Afdeling Nie-blankesake van die Stadsraad soos besluit op 28.6.37. Hoewel die meeste groot munisipaliteite reeds lankal die rigting ingeslaan het, vanweë die geweldige omvang wat stedelike beheer oor nie-blankes aangeneem het, het Pretoria dit eers nou gedoen. Die afsonderlike Komitee vir Nie-blanke- en Asiatesake het die spesifieke opdrag ontvang om toesig te hou oor die Afdeling Nie-blankesake onder die nuwe bestuurder maar ook "to consider and report to the Council upon the lay-out and construction of the Council's proposed new Native Location on the Western Townlands, the removal of natives from Marabastad and Bantule and all matters pertaining to the establishment of such new Native Location." Die lede van hierdie eerste Komitee vir Nie-blanke- en Asiatesake het

© University of Pretoria

bestaan / ...

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

bestaan uit Raadslid mev. M.P. Atteridge (voorsitster) en Raadslede J.J. Cooke, W.H. Hofmeyer, F.Walton-Jameson, D. Juror en J. Patmore.

As eerste taak vir die fynere uitwerking van die behuisingskema het die Bestuurder van Nie-blankesake vraelyste laat uitstuur aan die plaaslike besture van Kaapstad, Durban, Port Elizabeth, Bloemfontein, Pietermaritzburg, King Williamstown, Boksburg, Nigel, Johannesburg, Springs en Oudtshoorn. Uit die antwoorde op hierdie vraelyste oor omvang en aard van behuising aan Bantoepersone, koste van oprigting en administrasie van lokasies, tipe huise wat gebou is en ander sake, is 'n leidraad gevind vir die skema van Pretoria.

Op die 12de Julie 1938 het daar op versoek van die Departement Naturellesake 'n algemene sensus van Bantoe-inwoners in stedelike gebiede plaasgevind. Die sensusvorm het besonderhede aangevra oor geslagsverdeling, aard van huisvesting, aard van werk en stamherkoms van die Bantoepersone binne stedelike gebiede. In sy verslag aan die Komitee vir Nie-blanke- en Asiatesake op 21.11.38 oor hierdie sensus het die bestuurder berig dat daar 35,930 Bantoepersone binne die stadsgrense aanwesig was (vergelyk tabel 1). Hiervan was 30,585 in die gebied woonagtig en werksaam, 36 was in Pretoria werksaam maar elders woonagtig en 5,309 was in Pretoria woonagtig maar werkloos. Die 5,309 werkloses het egter 2,383 kinders onder skoolgaande ouderdom ingesluit sowel as 1,653 kroniese siekes en andere wat vir arbeid ongeskik was. Die ware werkloosheidsyfer was dus 1,273 persone.

Die volledige besonderhede oor die aard van huisvesting wat bewoon was, was soos volg.

TABEL 4: HUISVESTING VAN BANTOEPERSONE IN PRETORIA
1938 SPESIALE SENSUSVERSLAG

| | Manlik | | Vroulik | | Totaal | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | +18 jaar | -18 jaar | +18 jaar | -18 jaar | +18 jaar | -18 jaar |
| Woonagtig in lokasies | 3117 | 2328 | 3036 | 2637 | 6153 | 4965 |
| Woonagtig in hostel en privaat kampongs | 9375 | 278 | 671 | 145 | 10046 | 423 |
| Woonagtig in Kleurlinglokasie en Asiate Bazaar | 233 | 135 | 180 | 132 | 413 | 267 |
| Ander inwoners | 8618 | 943 | 3574 | 528 | 12192 | 1471 |
| | 21343 | 3684 | 7461 | 3442 | 28804 | 7126 |

Uit hierdie verslag wat 'n ietwat vleiende prentjie verskaf, daar dit geen rekening hou met samedromming om die stadsgrense (vergelyk tabel 1 ten opsigte van Groter Pretoria) nie, is dus bepaal dat 'n totaal van 11,118 Bantoepersone in Bantoelokasies gehuisves was, dat 680, minder gewens, in die Kleurling- en Asiategebied onderdak is en dat 13,663 Bantoepersone buite die lokasies woonagtig was. Uit die gegewens oor werkgeleentheid kon egter bepaal word dat daar 12,047 huisbediendes was wat op hulle werkgewers se persele gehuisves was. Die korrekte syfer van Bantoepersone wat buite die lokasies onwettig gevestig was, is dus 1,616. Uit hierdie syfers het die totale behuisingsverpligting van die Stadsraad 13,414 persone blyk te wees, dit wil sê diegene woonagtig in Bantoe-, Kleurling- en

© University of Pretoria

Asiatewoonbuurtes / ...

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Asiatewoonbuurtes sowel as 'n totaal van 1,616 persone wat onwettig daarbuite huisvesting ontvang het.

Die bestuurder het dus voorts beraam dat gereken teen 5 persone per huis 'n totaal van 2,683 huise benodig word vir algehele verskuiwing en vestiging van hierdie Bantoepersone. Aangesien (volgens onkontroleerbare bron) daar ruim 800 Bantoepersone was wat graag hulle eie huise wou bou, beveel die bestuurder aan dat die voorgestelde 3,000 huise wat opgerig sou word verminder word tot 1,800 sub-ekonomiese wooneenhede, aangevul met 883 huise in 'n selfbouskema benewens voorsiening vir die vestiging van 1,500 enkellopende Bantoepersone indien die bestaande kampongs en hostel ook gesentraliseer en verskuif moes word. Die Stadsraad het van hierdie aanbeveling kennis geneem en die instelling van 'n selfbouskema ondersteun.

Die volle prentjie spreek egter nie uit hierdie syfers nie. Indien ons volgens tabel 1 die moontlike totaal van Bantoepersone in die gebied Groter Pretoria op ruim 60-80,000 beraam, spreek dit vanself dat die Stadsraad hier geen wyer behuisingsverpligting op hom wou neem as sy eie stadsgrense nie. Vir toekomstige beplanning was hier reeds weer 'n probleem aan die ontwikkel omdat baie van hierdie omstedelike Bantoebewoners in Pretoria werksaam was en hulle huisvesting wel 'n aangeleentheid vir die Stadsraad was.

Indien ons verder syfers uit die Pretoria News van 4 Augustus 1938, ondanks hulle hoë getalswaarde (sien voetnoot by tabel 2) vir die aanduiding van 'n tendens aanvaar (tabel 3), merk ons dat die bevolkingsdigtheid sedert 1930 in Marabastad van 11.7 persone per huis tot 18.1 gestyg het. In Bantule is die ooreenstemmende syfer 6.0 persone per huis in 1930 teenoor 10.0 in 1938. Drie tot vier gesinne in 'n driekamer huis was niks ongewoons nie. In 1939 moes die bestuurder dus kla dat Marabaslokasie die berugtheid geniet om 300 persent oorbevolk te wees. Die toename in bevolkingsdigtheid is waarlik toegelaat om tot die absolute maksimum te styg voor daadwerklike verligting gebring is.

In Marabaslokasie was toestande uiters haglik. Perseelhuur het op R1 per standplaas per maand te staan gekom. Hoewel die huurgeld die voorsiening van water en sanitêre dienste ingesluit het en minimum gesondheidstandaarde so verseker was, was die beheer oor die oprigting van geboue en toevoegings daartoe baie swak. Die meeste strukture was van sink en hout met soms klei mure. Weinig het, soos die regulasies vereis het, aan die bepalings van die Munisipale regulasies voldoen. Toevoegings tot bestaande geboue het so 'n omvang bereik dat daar feitlik deurgaans nie aan die voorgeskrewe ventilasie- en beligtingsvereistes voldoen is nie. Vanweë oorbevolking is die dienste wat verskaf is ontoereikend bevind. Water wat by wyse van krane op sentrale punte verskaf is, sanitasie wat by wyse van 'n twee-weeklikse verwydering van nagvuil volgens die emmerstelsel geskied het, was onvoldoende. Die afvoering van stormwater was gebrekkig en modderpoele het orals in die strate ontstaan, daar vuilwater deur die inwoners op straat uitgegooi is.

In Bantule waar beheer heelwat strenger en doelmatiger was, was toestande effens beter maar ten opsigte van Hove's Ground was toestande selfs swakker as in Marabastad vanweë die steil helling wat die hantering van huishoudelike vullis en nagvuil bemoeilik het. Vullishope in die klipperige strate wat vir verkeer nie begaanbaar was nie, was iets algemeen. Optrede was dringend noodsaaklik.

Vir die toetsing van strukture en bepaling van boukoste in die Nuwe lokasie, het die Stadsraad in 1938 opdrag gegee dat daar 'n aantal toetshuise gebou moes word volgens die planne wat in die lokasie aangewend sou word. 'n Verskeidenheid materiaal, te wete voorafgegiete stene van as en sement, asbeton en ook gebrande bakstene is gebruik. Uit die resultate van hierdie toets is die volgende

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

beraming oor oprigtingskoste in die lokasie op 21.11.38 aan die Stadsraad voorgelê.

| Vooraf gegiete asstene | |
|---|---|
| 3-kamer enkelhuis | R270 |
| 3-kamer skakelhuis | R250 per wooneenheid |
| 2-kamer enkelhuis | R240 |
| 2-kamer skakelhuis | R220 per wooneenheid |

| Asbeton | |
|---|---|
| 3-kamer enkelhuis | R300 |
| 3-kamer skakelhuis | R240 per wooneenheid |

| Baksteen | |
|---|---|
| 2-kamer enkelhuis | R286 |
| 2-kamer skakelhuis | R266 per wooneenheid |
| 3-kamer enkelhuis | R346 |
| 3-kamer skakelhuis | R326 per wooneenheid. |

Op 29.5.39 het die Stadsraad in die lig van hierdie gegewens besluit dat die woonhuise van die skakeltipe sal wees, vanweë die besparing aan koste; dat alle huise van bakstene sal wees, vanweë die hoër kwaliteit van konstruksie; en dat alle huise van staalrame en binnenshuise riool voorsien moes word.

Sedert Oktober 1937 is reeds 'n begin gemaak met die uitleg van die terrein, die aanlê van water en riolering en mnr. J.J. de Jong van die afdeling van die Stadsingenieur is aangewys as beampte om die uitvoering van die skema te koördineer.

D. <u>Besonderhede oor aanvanklike beplanning</u>

Die volle area wat in 1936 deur die Departement van Naturellesake en die Administrateur van Transvaal ingevolge die Naturellen (Stadsgebieden) Wet nr. 21 van 1923 goedgekeur is as Bantoewoonbuurt was 1,000 akker of 475 morg groot. Die oppervlakte was te groot vir die 3,000 huise wat die Stadsraad in gedagte gehad het.

Die opdrag aan die beplanningsafdeling van die Stadsingenieur was egter om die volle area in persele uit te meet. Geen opdrag aangaande die uithou van bufferstroke, soos in later jare normale prosedure was, is gegee nie.

By aanvanklike beplanning is egter deur die afdeling van die Stadsingenieur toegelaat vir bufferstroke. Aan die noordgrens is daar 'n strook van ongeveer 250 voet oop gelaat om die uitgemerkte persele te skei van die openbare pad vanaf Pretoria na Broederstroom. Aan die wesgrens van die woonbuurt wat streng gesproke met die stadsgrens saamgeval het, is 'n bufferarea van 100 tree gelaat. Die suidelike en oostelike grens van die area is sonder bufferstroke gelaat aangesien die lokasie aan hierdie grense aan onbeboude dorpsgrond gegrens het en bufferstroke later, indien gewens, aan die lokasie-oppervlakte toegevoeg kon word.

Volgens opdrag van die Stadsraad is alle woonpersele uitgemerk met 'n oppervlakte van 40 x 80 voet of 3,200 vierkante voet. Twee toegange is na die lokasie beplan. Hoofpaaie binne die Bantoewoonbuurt sou 80 voet breed wees, sekondêre paaie 60 voet, tersiêre paaie 40 voet, terwyl daar ook gebruik gemaak is van 'n aantal interne toevoerpaaie rondom sentrale oop ruimtes, van 25 voet. Straatname sou later deur bemiddeling van die Adviserende Naturellekomitee verkry word. Uitgesonderd 'n gedeelte wat vanweë die helling nie bruikbaar was vir uitleg van woonpersele nie, is die grootste gedeelte van die goedgekeurde terrein geleë op 'n sagte

© University of Pretoria

helling / ...

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

helling van suid na noord. Op geen punt van die lokasie waarop woonpersele uitgelê was, is die helling steiler as 1:8 nie terwyl die algemene helling in die gedeelte waarop die aanvanklike 1,532 huise aangebou is 1:16 en selfs minder is. Die aard van die grond wissel van klipperig, teen die steiler hellings, tot diep rooigrond in die laer liggende gedeeltes.

Op hierdie terrein is aanvanklik ruim 5,800 persele uitgemeet. Hierdie syfer sluit groter areas vir skool- en kerkdoeleindes, asook vir ontspanningsterreine en parke in. Met deegliker beplanning is die uitleg teen ongeveer 1953 vergroot tot 6,278 persele, 'n totaal wat weer eens die bogenoemde areas wat nie vir woondoeleindes gebruik is nie, insluit.

Aangesien daar ten tye van die uitleg van die lokasie geen betroubare formules oor die beplanning van Bantoewoonbuurtes bestaan het nie, is in hoofsaak die normale formule vir die beplanning van Blanke woonbuurtes gebruik met aanpassinge waar nodig. So is die Blanke standaard van 7 akker grond per 1,000 bevolking vir die beplanning van parke en ander ontspanningsruimtes gehandhaaf en met inbegrip van areas wat vanweë die helling ongeskik vir boudoeleindes was, verby gestreef. Aangesien die beplanners daarvan bewus was dat die meeste inwoners hulle inkope in die stad sou doen, is 'n veel laer formule as dié vir Blankes gevolg by die toesegging van areas vir gebruik as handelspersele. Handelspersele is egter so gesentraliseer dat dit rondom 'n aantal interne verkeersirkels geleë was wat inkope sou vergemaklik. By die toesegging van handelsregte sou diegene wat reeds winkels in Marabastad gehad het eerste in aanmerking kom. Die reg van handeldrywe sou beperk wees tot Bantoepersone.

Ingevolge departementele voorskrif is daar voorsiening gelaat vir 'n primêre skoolperseel vir elke 350 standplase en vir een na-primêre skoolperseel vir elke 6 primêre skole. Aangesien die oprigting van skoolgeriewe gelyktydig met die oprigting van huise moes geskied en die toegekende fondse vir die sub-ekonomiese skema nie hiervoor aangewend kon word nie, is reeds in 1938 'n ooreenkoms met die Provinsiale owerheid in hierdie saak gesoek. Op 30.9.38 word die Stadsraad se goedkeuring daarom gevra dat skoolgeriewe uit Stadsraadsfondse opgerig mag word, maar op waarborg dat die Provinsiale owerheid die geboue teen 6% per jaar van die kapitale oprigtingskoste sal huur. Die huurkontrak is gewaarborg vir 20 jaar met voortsetting daarna so lank wenslik. Skole sou direk onder gesag van die Provinsiale owerheid val en nie onderhewig wees aan administrasie deur partikuliere sendingsinstansies nie. Dit sou dus gemeenskapskole en nie kerkbeheerde skole wees nie.

In die hele uitleg is daar voorsiening gemaak vir 16 kerkpersele wat aan staatserkende kerke toegeken sou kon word. Daardie genootskappe wat vanweë die verskuiwing van Marabastad hulle kerkpersele sou verloor, sou eerste in aanmerking kom vir die toesegging van kerkpersele in die nuwe woonarea. Voorsiening is ook gemaak vir die uithou van 19.3 morg grond as begraafplaas wat ingevolge 'n rapport van die bestuurder aan die Stadsraad op 31.3.43 genoegsaam ruimte vir 20,000 graftes sou lewer wat 'n genoegsame aantal vir 15 jaar sou verskaf.

By die uitleg van die woonarea is daar genoegsame voorsiening vir die afvoer van stormwater gemaak. Die gelykmatige helling van die gehele terrein het behalwe in die laagliggende dele geen ernstige probleem geskep nie. Drinkwater sou verskaf word as uitbreiding van die Stadsraad se normale watervoorsieningskema. Hooftoevoerpype is aangelê langs die agterste skeidingsgrens van persele (<u>midblock boundary</u>) vanwaar verspreiding tot binne elke huis plaasgevind het. Die aansluiting by die Munisipale waterskema het geskied vanaf hoogliggende reservoirs op die heuwelry ten suide van

© University of Pretoria

die / ...

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

die lokasie. By die uitleg en ook by die uitvoering van die beplanning is genoegsame voorsiening gemaak vir aansluitingspunte vir brandslange vir vuurbestryding.

Riolering is ook as 'n uitbreiding van die Stadsraad se rioleringskema beplan. Afvoerpype is langs die agterste skeidingsgrens van persele aangelê, aansluiting met die latrines, wat binne elke huis geleë was, is gemaak, en die finale afvoer was na die munisipale rioolsuiweringswerke te Daspoort. Vir hierdie installasie moes 'n gedeelte van die oorspronklike Marabastad in 1912 ontruim word.

Die voorsiening van elektrisiteit aan die lokasie sou insgelyks 'n uitbreiding van die munisipale skema behels. Toevoer is langs bogrondse leiding in die strate aangebring. Straatbeligting is langs hoofstrate verskaf en in elke huis is een gloeilamp per kamer geïnstalleer benewens een kragprop vir gebruik van elektriese apparaat. Beheer oor elektrisiteitsverbruik was by wyse van 'n vasgestelde algemene maandelikse tarief terwyl die installering van 'n snapskakelaar die oorskreiding van die maksimum toelaatbare stroom sou voorkom. Die totale aantal straatligte in die beboude gedeelte (1,532 huise) het in 1952 98 beloop.

Hoewel die Stadsraad graag spoorvervoer na die nuwe terrein wou aangelê hê, het die uitbreek van die Tweede Wêreldoorlog die uitvoering van hierdie gedagte op die langebaan geplaas. Gedurende 1939 word daar dus deur die Padvervoerraad in Pretoria, voor daar met die aanbou van die lokasie begin is, 'n vervoerpermit toegestaan aan die Great North Transport Co. vir vervoer van lokasie-inwoners oor die 8 myl distansie wat die lokasie van die stad geskei het teen 4 pennies per rit. Hierdie aansoek is deur die Stadsraad indirek ondersteun. Hierdie maatskappy wat later deur Public Utility Transport Co. oorgeneem is, het dus die monopolie op die vervoer van Bantoepersone van en na die nuwe lokasie verkry.

Naas die aanleg van 'n sub-ekonomiese behuisingskema het die Stadsraad ook beplan dat daar in die noord-westelike gedeelte van die lokasie-uitleg, geleentheid geskep sou word vir 'n ekonomiese behuisingskema waar Bantoepersone hulle eie huise kon bou. Die aard van die uitleg sou soortgelyk as die van die sub-ekonomiese skema wees, maar indien groter persele as die van 40 x 80 benodig word, sou 'n persoon twee persele langs mekaar kon betrek. Alle huise sou volgens goedgekeurde planne volgens die normale munisipale bywette op boukonstruksie uitgevoer moes word. Die Stadsraad was bereid om 80-90% van die boukoste voor te skiet terwyl die kompensasie wat vir huise in Marabastad betaal sou word as deposito in hierdie kontrakte kon dien. Terugbetaling van boulenings sou oor 20 jaar geskied. Die aansoek deur die Stadsraad om geld vir die instelling van hierdie deel van die skema is egter nie toegestaan nie (vergelyk Stadsraadsnotule van 29.5.39). Hoewel die Bantoe-inwoners van Marabastad sterk ten gunste van hierdie sogenaamde "Bloemfontein skema" was, moes dit op die langebaan geskuif word. Tot en met 1952 is daar geen verdere stappe in hierdie deel van die skema geneem nie.

## IV. DIE OPRIGTING EN INGEBRUIKNEMING VAN ATTERIDGEVILLE

### A. Strydpunte by die instelling van die Bantoewoonbuurt

Terwyl daar daadwerklike stappe geneem is om die beplande woonbuurt soos bo beskrywe, so vinnig moontlik werklikheid te maak deur aanvang met die watervoorsieningskema en rioleringskema in 1937 en 1938, die maak van paaie en uitmerk van persele en voorsiening van elektrisiteit in 1938/39 en oprigting van eksperimentele huise in April 1938, het ernstige vertraging in die werklike bouprogram ingetree enersyds vanweë meningsverskil binne die geledere van die

© University of Pretoria

Stadsraad / ...

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Stadsraad en andersyds vanweë ontevredenheid onder die Bantoe-inwoners van Marabaslokasie oor die voorgestelde skema.

Nadat voorbereidingswerk reeds begin het, het daar gedurende Julie 1938 ernstige meningsverskil onder Stadsraadslede ontstaan oor die wenslikheid van die instelling van 'n sub-ekonomiese behuisingskema soos reeds voorheen goedgekeur. Ingevolge die voorwaardes van toesegging van fondse vir sub-ekonomiese behuising moes die Stadsraad die leningskapitaal teen 'n rentekoers van 3¼% oor 40 jaar terugbetaal maar die huurgelde moes sodanig vasgestel word dat daar 'n verlies op die bedryfskoste van die lokasie sou bestaan wat nie 10% van die leningskapitaal per jaar mog oorskry nie. Van hierdie verlies sou die Staat 2/3 en die Stadsraad 1/3 dra. Alle Raadslede wat die sub-ekonomiese skema teengestaan het, was diep onder die indruk van toestande in Marabaslokasie en het besef dat verligting gebring moes word. Hulle het egter ernstige bedenkings gehad teen die voortdurende aanwending van die geld van Blanke belastingbetalers vir die dekking van die aansienlike verlies wat die Stadsraad hom op die hals sal moet haal. Die beraming van hierdie verlies sou volgens rapport aan die Stadsraad op 25.5.39 op die eerste 520 huise waarvoor toe tenders gevra is jaarliks R3,190 beloop. Hierdie beraming was hopeloos te laag. Die syfers wat in 1938 in die Stadsraad genoem was dat die verlies uiteindelik op die volle skema tienduisende van rand jaarliks sou beloop, was korrek.

Uit hoofde van hierdie insig is daar gedurende die tweede helfte van 1938 herhaaldelik gedebatteer oor die wenslikheid van 'n sub-ekonomiese skema en as alternatiewe voorgestel dat die Raad eerder werkgewers ingevolge die Naturellen (Stadsgebieden) Wet 21/23 moet verplig om self huisvesting aan Bantoewerknemers te verskaf of dat die Raad liewers 'n suiwer ekonomiese skema moet aanpak waarvolgens die Bantoe-inwoners self na vermoë goedgekeurde huise op die persele sou moes bou. Langs hierdie weg sou daar dan nie 'n algemene indirekte heffing vir die verskaffing van behuising op die belastingbetalers gelê word nie en sou die Stadsraad voorkom dat die Bantoe-inwoners wat nie in hierdie skema gehuisves sou kon word nie uiteindelik ook op sub-ekonomiese behuising sou aandring.

Hierdie aanvanklike vertoë het geen gevolg gehad nie. Die meerderheidsbesluit in die Stadsraad was steeds dat aangesien die beplande sub-ekonomiese skema reeds goedgekeur is en uitgawes reeds aangegaan was, vorige besluite oor die instelling daarvan gehandhaaf moes word. Dit moet in hierdie verband egter onthou word dat die bevoegdheid wat by die Stadsraad berus het om werkgewers te verplig om goedgekeurde huisvesting vir Bantoewerkers te verskaf, onderworpe was aan die bepaling dat die Stadsraad sy eie Bantoe-arbeiders ook self moet huisves. Die huisvesting van munisipale arbeid was op hierdie stadium uiters ongewens (vergelyk Heald-verslag) en onmiddellike stappe om die toestand die hoof te bied was nie moontlik nie. Daar sou met die sub-ekonomiese skema voortgegaan word omdat die oogmerk nie winste of 'n moontlike verlies was nie maar die herstelling van bevredigende gesondheidstoestande vir Blank en Bantoe in die stad. Die meningsverskil het egter verder buite die offisiële Stadsraadsvergaderings voortgeduur en so laat as Mei 1939 het die Sekretaris van die "Native Welfare Association - Joint Council of Europeans and Natives" dit nog nodig gevind om die Stadsraad in 'n brief daarop te wys dat 'n 100% ekonomiese skema behuising buite bereik van 'n groot deel van die inwoners van Marabastad en Bantule sou plaas. Hierdie oorweging was reeds op Stadsraadsvergaderings genoem.

'n Tweede poging om die skema verander te kry het egter voortgespruit uit die belangstelling in Bantoebehuising wat buite om die Stadsraad ontwikkel het. Die aangeleentheid is midde in die plaaslike politiek geplaas deur 'n versoek dat die openbare mening oor die aangeleentheid gepols moes word by wyse van 'n referendum net

© University of Pretoria

voor / ...

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

voor die op hande synde munisipale verkiesing in die winter van 1939. Die werklike oprigting van huise is nogeens vertraag. Van die voorgestelde referendum het niks gekom nie. Die Staat het egter in April 1939 navraag gedoen oor die vordering met die skema aangesien die grond reeds in 1936 as Bantoewoonbuurt geproklameer was. Die algemene publiek was ook teen die vertraging gekant en verskeie invloedryke liggame waaronder die kerke, die Rotariërbeweging, die "Broederkring van Predikante" en die "Joint Council of Europeans and Natives" het hulle misnoeë oor die vertraging uitgespreek. Die dagbladpers het voortdurend briewe geskryf deur Blankes en Bantoepersone bevat, waarin aangedring word op die onverwylde uitvoering van die skema. Uiteindelik het die Stadsraad na die verkiesing van 1939 besluit om dadelik met die goedgekeurde sub-ekonomiese behuisingsprogram voort te gaan en is die eerste tenders vir die oprigting van woonhuise op 29.5.39 goedgekeur.

Binne die geledere van die inwoners van Marabastad was daar egter ook probleme. Om dit deeglik te verstaan moet onthou word dat die inwoners van Marabastad wat deur die verskuiwing geraak sou word, in hoofsaak in twee groepe geval het, naamlik: (1) Huiseienaars wat vanweë die betaling van standplaashuur aan die Stadsraad stemgeregtig was in die aanwysing van lede van die Adviserende Naturellekomitee; mense wat vir 'n ruim mate afhanklik geword het van huurinkomste uit onderverhuring van kamers op hulle persele; mense wat hulle moes versoen met die dreigende verlies van hierdie huurinkomste. (2) Onderhuurders wat geen stem in die verkiesing van die Adviserende Komitee gehad het nie en wat in die verskuiwing slegs 'n verbetering van hulle bestaande posisie gesien het.

Hoewel die meerderheidstem in die Adviserende Komitee die verskuiwing gesteun het, het die opposisie wat die belange van huiseienaars ten beste wou dien, beweer dat die Adviserende Komitee die inwoners aan die Stadsraad verkoop omdat daar nie voldoende kompensasie uitbetaal sou word nie. Die algemene verskuiwingsplan is in 1939 verder verdag gemaak deur te beweer dat aangesien die voorgestelde lokasie 'n paar myl van die Leprose-inrigting verwyder was, die hele verskuiwing 'n bedekte poging was om inwoners aan melaatsheid bloot te stel en die Bantoe-inwoners uit te wis. Verder is beweer dat die voorgestelde woonbuurt deur ystertraliewerk omhein sal word en dat alle voornemende intrekkers aldaar blootgestel sal wees aan 'n ondersoek "in the nude" deur "undisciplined Dutch boys."

Deel van die verantwoordelikheid vir hierdie onrustige toestand moet die Stadsraad self ten laste gelê word, want reeds op 15.8.37, kort na die voorgenome verskuiwing deur die Stadsraad goedgekeur was, het die Adviserende Naturellekomitee namens die inwoners van Marabastad en Bantule in 'n memorandum aan die Stadsraad gevra dat 'n algemene vergadering van die inwoners van die gebiede gehou moes word om die voorwaardes van die verskuiwing te verduidelik. Vanweë die onsekerheid oor die toekoms van die skema in die Stadsraad self het die Komitee vir Nie-blanke en Asiatesake eers op 9.2.39, nadat tenders vir die bou van huise reeds ontvang is, 'n afvaardiging bestaande uit die Bestuurder van Nie-blankesake, die Stadsingenieur, die Stadsklerk en Stadstesourier, benoem om die vergadering te hou en die inwoners oor die punte wat in die memorandum genoem word te antwoord dat: (a) die nuwe lokasie nie met ystertralies of andersins omhein sal word nie; (b) dat 'n dorpsgedeelte (ekonomiese skema) by die sub-ekonomiese skema beplan sou word en dat Bantoepersone daar toegelaat sal word om self te bou; (c) dat die grootte van alle persele 40 x 80 voet sal wees; (d) dat alle handelsgeleenthede in die nuwe lokasie slegs aan Bantoepersone gegee sal word; en (e) dat die inwoners van Marabastad en Bantule deur die Adviserende Naturellekomitee (wat albei die gebiede verteenwoordig het) voorstelle vir die benoeming van die woonbuurt en die strate, verkeersirkels en parke

© University of Pretoria

daarin / ...

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

daarin vir goedkeuring aan die Stadsraad moes voorlê.

Hierdie vergadering het dan in Mei 1939 onder voorsitterskap van mnr. J.J. Cooper, die burgemeester, in die Dougallsaal in Marabaslokasie plaasgevind. Dit was verder bygewoon deur mnr. J.H. Hofmeyer, voorsitter van die Komitee vir Algemene Sake van die Stadsraad, mnr. J.R. Brent, bestuurder van die Afdeling Nie-blankesake en die twee lokasie-superintendente, mnre. A.C. Lowe en J. Hardy. Volgens onkontroleerbare gegewens was daar 2,000 Bantoepersone aanwesig waaronder sowel eienaars van huise as loseerders. Die bogenoemde berigte is aan die inwoners oorgedra asook die voornemens van die Stadsraad in die volgende sake.

(i) Ten opsigte van voorwaardes by verskuiwing is bekend gemaak dat die Stadsraad die onkoste van die vervoer van persone en eiendom van elke gesin sal onderneem. Aan elke gesin van 'n huiseienaar of onderhuurder sal 'n afsonderlike huis verskaf word. Elke huiseienaar sou verantwoordelik wees vir die verwydering van sy boukonstruksies. Hierdie punt het lewendige bespreking uitgelok. 'n Uiteindelike ooreenkoms dat hierdie verwyderingswerk deur die Stadsraad onderneem sou word, soos later deur die Stadsraad goedgekeur, het egter tevredenheid gebring.

(ii) Ten opsigte van kompensasie is aan die huiseienaars verduidelik, soos later deur die Stadsraad en Departement van Naturellesake goedgekeur, dat uitbetaling sou geskied ingevolge waardasie volgens beslissing van 'n Stadsraadswaardeerder en as dit nie aanneemlik was nie, die gemiddelde soos gesamentlik besluit deur 'n Stadsraadswaardeerder en 'n onafhanklike waardeerder wat die Bantoeinwoners self kon aanwys. (In praktyk is later hoofsaaklik die laasgenoemde prosedure gevolg. Die waardeerder namens die Bantoeinwoners was mnr. P. Dyer, Bode van die Hooggeregshof.) Hierdie saak het egter warm bespreking uitgelok daar lede van die opposisie van die Adviserende Naturellekomitee ernstig aangedring het op "Compensation for loss of Sentimental Value" waaronder in hoofsaak die verlies van maandelikse inkomste uit onderverhuring bedoel is. Hiertoe wou die Stadsraadverteenwoordigers nie toestem nie en die geskilpunt het gebly.

(iii) Ten opsigte van voorwaardes by toelating tot die nuwe lokasie was daar ernstige meningsverskil. Daar is verduidelik dat die vrees vir mediese ondersoek by toelating ongegrond is. Egpare sou egter wel bewys moes lewer van hulle huweliksband. Hierdie reëling het byna wanorde in die vergadering laat intree omdat slegs 'n klein gedeelte van die aanwesiges Burgerlike huwelike wat as sodanig geregistreer is, gesluit het. Selfs al sou die egbande ingevolge die <u>bogadi/lobolo</u>-gebruik en die wat slegs kerklik ingeseën is in onerkende kerke aanvaar word, sou daar steeds 'n gedeelte van die inwoners van Marabastad oorbly wat geen dusdanige bewyse van egverbintenisse kon lewer nie. Uiteindelik is ooreengekom dat elke egpaar by toelating tot die nuwe woonbuurt voor die superintendent sal verklaar dat hulle getroud is; vir administratiewe doeleindes sal hierdie verklaring dan dien as <u>prima facie</u> bewys van die bestaan van 'n huwelik.

Langs hierdie wyse is probeer om ongegronde propaganda deur die aanbieding van die ware feite te bekamp en die tevredenheid te skep wat nodig sou wees om die verskuiwing te laat vlot.

In opdrag van die Stadsraad het die Adviserende Naturellekomitee kort na hierdie vergadering vertoë gerig dat die naam van die nuwe lokasie sowel as dié van alle strate en parke daarin in 'n Bantoetaal moes wees. Dit is so aanvaar deur die Stadsraad. Oor die benaming van strate is later gehandel maar reeds op 29.9.39 besluit die Stadsraad op aanbeveling van die Adviserende Naturellekomitee dat die naam van die nuwe uitleg <u>Motsemoholo</u> (groot dorp of

© University of Pretoria

hoof / ...

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

hoof dorp) sal wees. Na verkiesing van 'n nuwe Adviserende Komitee in 1939, voor die Stadsraad die naam goedgekeur het, maak die nuutverkose komitee egter beswaar teen die naam Motsemoholo en beveel nou die naam Atteridgeville aan as verering van Raadslid mev. M.P. Atteridge, die voorsitster van die Komitee vir Nie-blanke en Asiatesake van die Stadsraad. Ondanks besware uit die geledere van voormalige lede van die Adviserende Komitee buite die offisiële kanale om, is hierdie tweede aanbeveling op 30.4.40 deur die Stadsraad goedgekeur en sedertdien staan die nuwe lokasie as Atteridgeville bekend.

Ondanks hierdie benaming het die lokasie in die wandel ook die naam Pelindaba behou, aangesien hierdie benaming onder die Bantoe-inwoners van toepassing was op die gehele terrein ten weste van die stad waar die lokasie opgerig is.

B. Uitvoering van konstruksiewerk

Aangesien die Stadsraad vanweë die uitbreek van die Tweede Wêreldoorlog nie in staat was om offisiële goedkeuring vir 'n lening om 'n ekonomiese skema gelyktydig met die beplande sub-ekonomiese skema in Atteridgeville aan te voor, kon kry nie, geld die volgende uiteensetting alleen vir die oprigtingswyse en kostestruktuur van die sub-ekonomiese skema. Die feit dat slegs geld vir sub-ekonomiese behuising beskikbaar was, het 'n ernstige uitwerking gehad op die verskaffing van noodsaaklike fasiliteite soos handelsgeriewe waarop ons later weer terugkom.

Die totale aantal huise wat in Atteridgeville opgerig is, was 1,532 wooneenhede waarvan die oprigting van die eerste 980 huise van die latere aanbou van 552 huise geskei moet word vanweë verskil in die planne wat gebruik is en wyse van uitvoering van die kontrak.

Teen die einde van 1939 word 'n aanvang gemaak met die oprigting van die eerste huise te Atteridgeville. Volgens tender is die werk deur privaat kontrakteurs uitgevoer. Op dieselfde wyse is alle omheiningswerk en binnenshuise bedrading en aanleg van water en riolering by wyse van tenderaansoeke afgehandel. Hierdie wyse van oprigting het beteken dat die gehele sub-ekonomiese skema deur middel van Blanke vakmansarbeid uitgevoer is. Hoewel die Stadsraad pogings aangewend het om van Bantoe-arbeiders gebruik te maak, het dit misluk omdat so 'n optrede in stryd was met die ooreenkoms tussen die Stadsraad en die Vereniging van Meesterbouers waarvolgens geskoolde bouwerk vir beoefening deur Blankes gereserveer is. Hiernaas het as oorweging gegeld dat daar vanweë bevriesing van kapitaal 'n slapte in die boubedryf ingetree het en heelwat Blanke vakmanne ten tye van die aanvang van die skema tydelik werkloos was. Daarby het die Stadsraad die probleem gehad dat as Bantoevakmansarbeid gebruik moes word, die Stadsraad sy eie opleidingskema vir hierdie vakmanne van stapel sou moes stuur om die gehalte van die uiteindelike produk te kan waarborg. Hierdie voorvereiste het ten gevolge van die spoedeisende deurvoering van die skema geheel onprakties geblyk. Albei afdelings van die skema: 980 huise vanaf 1939-1942 en 552 huise vanaf 1945-50 is dus geheel deur Blanke vakmanne afgehandel.

Die huistipes wat in Atteridgeville opgerig is, was: 2-kamer skakelhuise, 3-kamer enkel- en skakelhuise, 4-kamer en 5-kamer enkelhuise. Die planne vir hierdie verskillende huistipes is met die oprigting van die tweede groep huise effens gewysig. Aangesien onder die tweede groep (552 huise) geen 4-kamer huise gebou is nie, is in werklikheid slegs 9 verskillende planne gebruik.

Die eerste groep huise (980) wat tussen die jare 1939-42 voltooi is, het bestaan uit 143 2-kamer skakelhuise, 588 3-kamer skakelhuise, 175 3-kamer enkelhuise, 67 4-kamer enkelhuise en 7 5-kamer enkelhuise. Die tweede groep (552) huise was saamgestel uit 164 2-kamer skakelhuise, 176 3-kamer skakelhuise, 167 3-kamer

© University of Pretoria

enkelhuise / ...

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

enkelhuise en 45 5-kamer enkelhuise. Ons kon nie daarin slaag om die oorsaak te bepaal vir die aanduiding van die totale van die verskillende huistipes nie. Veral die aanbou van 'n totaal van 307 2-kamer skakelhuise waarin slegs een slaapkamer naas 'n woonvertrek die lewensruimte uitmaak, en dus slegs geskik is vir 'n baie klein familie-eenheid sonder voorsiening vir uitbreiding van die gesin, is nie van kritiek ontbloot nie. Dieselfde geld in mindere mate vir die oprigting van 'n totaal van 1,106 3-kamer huise. Die 7 5-kamer enkelhuise wat in die eerste groep huise ingesluit was, is bedoel as eksperiment met die oog op 'n sub-ekonomiese behuisingskema vir Blankes waarmee die Stadsraad 'n aanvang wou maak. Die aanvraag vir hierdie en die 4-kamer enkelhuistipe was die oorsaak vir die oprigting van 'n verdere 45 5-kamer huise in die tweede groep wat voltooi is. Skaarste aan sink was verantwoordelik vir proefnemings met sement dakstene sodat 'n paar huise dakke van sementsteen het.

Alle huise wat in Atteridgeville opgerig is onder hierdie skema is voorsien van 'n klein stoep met 'n grano-sement oppervlakte. Alle binnevloere is van assement. Alle buitedeure is van hout en bestaan uit bo- en onderdeure. Alle vensters is van staal maar geen binnemure tussen slaapvertrekke in die eerste aflewering van 980 huise is tot dakhoogte voltooi nie. Alle huise is voorsien van een Dover nr. 7 koolstoof. Alle skoorstene is van baksteen. Alle huise is deeglik omhein en voorsien van elektriese bedrading: in elke kamer is een elektriese gloeilamp aangebring en in elke huis ten minste een elektriese stopkontak vir gebruik van elektriese apparaat.

Uitgesonderd die feit dat die hoogte van binnemure by huise in die eerste en tweede aflewering verskil, is die volgende die belangrikste verskille tussen die huistipes in hierdie twee groepe.

(1) Alle huise in die eerste groep is voorsien van 9" buitemure en 4½" binnemure. In die tweede aflewering is die ooreenstemmende afmetings 10" en 4½".

(2) Alle huise in die eerste aflewering is voorsien van drie buitedeure, 'n voordeur en 'n agterdeur sowel as 'n ingang na die wasgeriewe wat slegs van buite bereikbaar was. Alle huise in die tweede aflewering het slegs 'n voordeur en agterdeur sodat was- en latrine-geriewe binne die huise tereg gekom het.

(3) Alle huise in die eerste aflewering het as was- en latrine-geriewe slegs 'n waterlatrine en 'n stortafskorting gehad. In die tweede aflewering is dit verander tot 'n waterlatrine en 'n bad.

(4) Alle huise in die tweede aflewering het 'n klein spens bevat, 'n gerief wat in die eerste aflewering ontbreek het.

(5) Die verskille in bruto oppervlakte per wooneenheid tussen die verskillende tipes is soos volg:

| | Ou tipe | Nuwe tipe |
|---|---|---|
| 2-kamer skakel | 450 vk. vt. | 511 vk. vt. |
| 3-kamer enkel | 526 vk. vt. | 584 vk. vt. |
| 3-kamer skakel | 538 vk. vt. | 583 vk. vt. |
| 4-kamer enkel | 630 vk. vt. | - |
| 5-kamer enkel | 772 vk. vt. | 710 vk. vt. |

Verdere verskille ten opsigte van gebruiksaanwysings vir verskillende kamers kan uit die aangehegte planne afgelei word. Dit is egter interessant om daarop te let dat die stoof in die woonvertrek aangebring is om gedurende die winter ook as verwarmingsapparaat te kan dien.

Die werklike oprigting van huise in Atteridgeville het onder moeilike omstandighede geskied. Uitgesonderd 'n klein

© University of Pretoria

gedeelte / ...

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

gedeelte van die tweede aflewering is alle huise gedurende die oorlogsjare gebou. Vertragings ten gevolge van skaarste aan boumateriaal was feitlik 'n normale verskynsel. Na afhandeling van die eerste groep huise in 1942 is eers in 1944 tenders gevra vir die oprigting van verdere huise. Die reaksie was egter so swak dat die Stadsraad genoodsaak was om 'n ander plan te beraam. Daar is dus deur die Stadsraad toestemming verleen dat die Stadsingenieur alle benodigde materiaal kon aankoop vir die oprigting van addisionele huise en aan twee goedgekeurde firmas beskikbaar sou stel wat bereid was om arbeid en toerusting te lewer om die werklike oprigtingswerk te doen teen 'n vasgestelde wins van R32 per wooneenheid bo normale uitgawes aan lone. Uit hierdie wins moes slytasie aan gereedskap gedek word.

Die geweldige styging in boukoste wat sedert die afhandeling van die eerste aflewering plaasgevind het, spreek duidelik uit die volgende syfers. Dit moet egter onthou word dat 'n direkte vergelyking nie gemaak kan word nie vanweë die aangeduide verskille in spesifikasies vir die eerste en tweede aflewerings. Interessantheidshalwe gee ons tog die werklike oprigtingskoste per wooneenheid insluitende omheining en elektriese bedrading van die twee groepe huise.

| | Ou tipe | Nuwe tipe |
|---|---|---|
| 2-kamer skakel | R332 | R706 |
| 3-kamer enkel | R404 | R826 |
| 3-kamer skakel | R376 | R820 |
| 4-kamer enkel | R498 | - |
| 5-kamer enkel | R544 | R998 |

Dit is ook interessant om die aanvanklike beraming van die Stadsraad, waarvolgens die sub-ekonomiese lening aangegaan is, te vergelyk met die werklike uitgawe. Dit lewer die volgende prentjie:

| | Beraming | | Uitgawe |
|---|---|---|---|
| Bou van 3000 huise | R600,000 | Bou van 1532 huise | R819,204 |
| Watervoorsiening | 80,000 | | 77,600 |
| Rioolvoorsiening | 360,000 | | 69,780 |
| Padvoorsiening | 108,000 | | 41,224 |
| Voorsiening van stormwaterafvoer | 30,000 | | 11,750 |
| *Spoorwegvoorsiening | 30,000 | | |
| *Gemeenskapsaal | 6,000 | | |
| 2 huise vir blanke personeel | 4,800 | | ? |
| Uitleg van sportgronde | 4,000 | | 20,018 |
| Elektrisiteitsvoorsiening | 28,000 | | 70,702 |
| *Voorsiening van hospitaal en kliniek | 10,000 | | |
| Voorsiening van kantore | 4,000 | | 14,580 |
| *Voorsiening van pad vanaf Yskor | 16,000 | | |
| Kompensasie aan Bantoepersone wat verskuif moet word | 50,000 | | |
| | 1,334,800 | | 1,124,858 |

© University of Pretoria

Die / ...

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Die items wat ons * gemerk het was ten tye van ons opname nog nie uitgevoer nie. Kompensasie aan Bantoepersone is nie uit hierdie gelde betaal nie maar uit die Algemene Fondsrekening van die Stadsraad. Hoewel ons nie die werklike oprigtingskoste van die twee huise van Blanke personeel in die lokasie bepaal het nie, word die totale oprigtings- en ontwikkelingskoste ten opsigte van die 1,532 huise in Atteridgeville uit departementele bronne as R1,131,886 aangegee. Hierby moet nog die koste van die tans bestaande skole en 'n Poli-kliniek ter waarde van R40,000 gevoeg word. In praktyk beteken dit dus dat die Stadsraad se aanvanklike beraming vir die oprigting van 3,000 huise te Atteridgeville slegs effens hoër was as die werklike koste van die afhandeling van 'n skema wat die helfte kleiner was.

Oprigting van openbare geboue

In die vorige afdeling is reeds verwys na die oprigting van munisipale kantore in die lokasie vir die huisvesting van die administratiewe masjinerie wat beheer in die woonbuurt moes uitoefen.

Ingevolge die voorskrif van die Provinsiale Onderwysdepartement moes daar in Atteridgeville voorsiening gemaak word vir die oprigting van een primêre skool vir elke 350 woonhuise wat opgerig is. Een na-primêre skool vir elke ses primêre skole moes verskaf word. Ons het ook reeds verwys na die ooreenkoms met die provinsiale owerheid waarvolgens hierdie skole teen 6% per jaar van die oprigtingskoste deur die owerheid van die Stadsraad gehuur sou word. Die Stadsraad moes dus onmiddellik met die oprigting van hierdie geriewe 'n aanvang maak. Tenders vir die oprigting van die eerste twee primêre skole is reeds in 1940 gevra; met 'n derde primêre skool is teen die einde van 1942 'n aanvang gemaak. Hierdeur is voorsiening gemaak volgens die formule vir die behoeftes van die inwoners van die eerste 980 huise. Kragtens Stadsraadsbesluit van 31.3.41 is hierdie drie skole onderskeidelik vernoem na mnre. F. Walton-Jameson, W.H. Hofmeyer en J.J. de Jong. Die eersgenoemde twee here was albei lede van die Komitee vir Nie-blanke- en Asiatesake van die Stadsraad wat belas was met die toesig oor die uitvoering van die projek en mnr. J.J. de Jong, (ook later Stadsraadslid) was in hoofsaak verantwoordelik vir die opstel van die planne waarvolgens die huise in die lokasie gebou is.

Met die volvoering van die tweede groep huise (552) is 'n verdere twee primêre skole, naamlik die Central Public School en die Mathabathe-skool voltooi terwyl die Hofmeyer-skool as hoërskool aangewys is. Teen 1950 was daar dus vier primêre skole en een sekondêre skool in Atteridgeville. Die gemiddelde skolieretal was soos volg:

| | | |
|---|---|---|
| De Jong Publieke Skool | - | 503 |
| Central Public School | - | 668 |
| Walton Jameson-skool | - | 539 |
| Mathabathe-skool | - | 525 |
| Hofmeyer Hoërskool | - | 318 |


Die beheer oor hierdie skole was direk in die hande van die Provinsiale owerheid en het nie by sendingliggame berus soos in ouer lokasies soos Marabastad en Bantule die geval was nie.

Ingevolge Stadsraadsbesluit van 29.5.39 sou alle winkels in die lokasie uit Munisipale fondse opgerig moes word en aan voornemende handelaars verhuur word. Vanweë skaarste aan fondse en die verbod op die gebruik van sub-ekonomiese fondse vir die oprigting van geboue geskik vir handelsdoeleindes is daar tot 1955 geen geboue van hierdie aard gebou nie. Daar is wel toestemming verkry om as tydelike maatreël woonhuise met geringe veranderings te omskep tot winkelpersele. Alle handelsgeriewe is egter tot beskikking van


© University of Pretoria

Bantoehandelaars / ...

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



PERSPEKTIEF




GRONDPLAN

**PLAN 1**
**GROEP 1**


tweekamer tweelinghuis

h.louw - februarie 1969


skaal :- 8' 0" tot een duim

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



PERSPEKTIEF




GRONDPLAN

**PLAN 2**
**GROEP 1**

driekamer tweelinghuis


h. louw - februarie 1969

skaal :- 8'0" tot een duim.


© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA





PERSPEKTIEF




GRONDPLAN

**PLAN 3**
**GROEP 1**


driekamer huis

h. louw - februarie 1969


skaal :- 8' 0" tot een duim

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



PERSPEKTIEF




GRONDPLAN

**PLAN 4**
**GROEP 1**


vierkamer huis

h.louw - februarie 1969


skaal :- 8' 0" tot een duim

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



PERSPEKTIEF




GRONDPLAN

**PLAN 5**
**GROEP 1**


vyfkamer huis

h. louw - februarie 1969


skaal :- 8'0" tot een duim.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



PERSPEKTIEF




GRONDPLAN

**PLAN 6**
**GROEP 2**


tweekamer tweelinghuis

h. louw - februarie 1969


skaal :- 8' 0" tot een duim

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



PERSPEKTIEF




GRONDPLAN

**PLAN 7**
**GROEP 2**


driekamer tweelinghuis

h. louw - februarie 1969


skaal :- 8' 0" tot een duim.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



PERSPEKTIEF




GRONDPLAN

**PLAN. 8**
**GROEP 2**


driekamer huis

h. louw - februarie 1969


skaal :- 8' 0" tot een duim

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



PERSPEKTIEF




GRONDPLAN

PLAN 9
GROEP 2

vierkamer huis

h. louw - februarie 1969

skaal:- 8' 0" tot een duim.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Bantoehandelaars geplaas. Die eerste toekenning van hierdie aard het ingevolge Stadsraadsbesluit van 30.5.41 'n melkverspreidingsdepot tot stand gebring.

Vanweë die vermindering van huisvestingsmoontlikheid by die omskepping van persele vir besigheidsdoeleindes het die Stadsraadsinstansies 'n minimum van hierdie omskeppings gedoen. By die beëindiging van die oprigting van die eerste 980 huise in 1943 is dus slegs 12 besigheidspersele toegestaan. Dit het bestaan uit twee slagterye, een melkdepot, een kafee, sewe algemene handelaars en een barbier. Met die oprigting van die tweede groep huise (552) is die totaal opgeskuif tot 15 besighede en by die bogenoemde 'n slaghuis, 'n kafee en 'n algemene handelaar bygevoeg.

By die verskuiwing vanuit Marabastad moes daar voorsiening gemaak word vir die huisvesting van die Bantoebiblioteek wat voormalig in die Dougallsaal, Marabastad, gehuisves was. Hierdie openbare gerief is vanweë gebrek aan fondse onderdak gebring in een van die driekamer-huise in die lokasie.

In die Jaarverslag van die Gesondheidsafdeling van die Stadsraad vir 1940-41 word gerapporteer dat daar voornemens is om 'n polikliniek, sowel as 'n gekombineerde kinderbewaarplek, kleuterskool en huisvlytsentrum op te rig. Van hierdie voorneme het in die daaropvolgende jare vanweë die skaarste aan finansies niks tereg gekom nie. Die behoefte aan 'n plek van veiligheid en bewaring ingevolge die Kinderwet vir die aanhouding van Bantoekinders oor wie daar ingevolge 'n hofbevel onder die Wet gehandel moes word, het die Stadsraad egter in Desember 1949 genoop om 4 2-kamer huise onder bestuur van die Pretoriase Kindersorgvereniging vir hierdie doel af te sonder. Hierdie plek van Veiligheid en Bewaring was as Thabong bekend.

Vir die hantering van voedselvoorsiening aan voorskoolse kinders is in 1946 'n Sopkombuis voltooi en in gebruik geneem. Die oprigtingskoste van hierdie gebou het R5,000 bedra.

Eers in 1951 is daar uit lenings van die Departement van Gesondheid geslaag om 'n polikliniek ten bedrae van R40,532 vir die lokasie op te rig. Voor hierdie tyd is verskillende woonhuise in die lokasie vir die versorging van siekes gebruik. Vir hospitaaldienste was die lokasie ten tye van die opname steeds nog aangewese op die fasiliteite by die Pretoriase Volkshospitaal.

Tot 1.6.52 moes die inwoners van Atteridgeville sonder 'n eie poskantoor klaarkom. Eers op hierdie datum is 'n eie poskantoor in bygeboue van die Administrasie onderdak gebring en in werking gestel.

Vir die beoefening van sport en ontspanning is in Atteridgeville vier verskillende parke uitgemeet, asook 'n ruim sportstadion. Vir die uitleg van hierdie laasgenoemde gerief en die aanbou van 'n verhoog vir toeskouers is die bedrag van R20,018 bestee. Op hierdie sportterrein is daar fasiliteite beskikbaar vir die beoefening van sokker, rugby, tennis, krieket, hokkie en korfbal sowel as atletiek. Twee van die parke is spesiaal aangewys as speelterreine vir kinders.

Die verliese wat die Stadsraad verplig was om op hierdie totale skema te ly, was te groot om dit verder op 'n sub-ekonomiese basis uit te brei. Op 27.6.47 verwys die Burgemeester van Pretoria in sy begrotingsrede na die aanwesigheid van 'n totale verlies van R69,772 in die Naturelle Inkomsterekening waarvan 'n bedrag van R56,702 as die verlies op die Atteridgeville-skema aangedui is. Albei hierdie bedrae is bepaal nadat reeds voorsiening gemaak is vir die deel van die verlies op die Atteridgeville-skema waarvoor die Staat verantwoordelikheid aanvaar het. Op aanbeveling van die Departement van Naturellesake het die Stadsraad op 31.7.47 besluit om die Atteridgeville-skema te beëindig met die bestaande 1,532 huise

© University of Pretoria

tesame / ...

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

tesame met ander openbare geriewe teen 'n begrote bedrag van R1,180,000 in afwagting van die beslissing van die Nasionale Behuisingsraad om die lening omskep te kry ingevolge 'n nuwe formule. Hierdie vergunning is toegestaan ondanks die feit dat die geheel van Marabastad op hierdie stadium nog nie verskuif was nie. Die omskepping tot sub-ekonomiese skema onder 'n veranderde formule het nooit plaasgevind nie. Eers in 1956 is die behuisingskema omskep tot 'n volwaardige ekonomiese onderneming. By bevestiging van die moontlikheid om Atteridgeville in 'n ekonomiese skema te omskep, is reeds in 1955 begin met die oprigting van verdere huise.

C. <u>Huurinkomste en verlies op skema</u>

Om die probleem van die Stadsraad deeglik te verstaan, is dit nodig om aandag te gee aan die inkomstes uit huurgelde en ander bronne wat op Atteridgeville betrekking het teenoor die uitgawes wat in die lokasie aangegaan is.

Die huurgelde vir Atteridgeville-lokasie is per Administrateurskennisgewing 184 van 17.4.1940, soos gewysig deur Administrateurskennisgewing 398 van 4.10.1944, vasgelê. Dit bepaal die maandelikse huur vir elke tipe huis wat in die lokasie beskikbaar was afsonderlik. Die huurgelde wat betaal is, is bereken om 'n dekking te verskaf vir perseelhuur, algemene administratiewe onkoste, riolering, vuilgoedverwydering, watervoorsiening, elektrisiteitsvoorsiening, straatherstelwerk, straatbeligting en gesondheidsdienste. Die werklike samestellingswyse van hierdie bedrae kon nie vasgestel word nie. Globaal gesien, was die huurgelde soos volg:

| | |
|---|---|
| 2-kamer skakelhuise ... ... ... | R1.80 per maand |
| 3-kamer enkelhuise ... ... ... | R2.55 per maand |
| 3-kamer skakelhuise ... ... ... | R2.30 per maand |
| 4-kamer enkelhuise ... ... ... | R2.80 per maand |
| 5-kamer enkelhuise ... ... ... | R2.35 per maand. |

'n Addisionele R0.25 per maand is aan hierdie huur toegevoeg indien daar gebruik gemaak is van die elektriese kragprop wat in elke huis beskikbaar was.

Op 21 Desember 1945 rapporteer die Stadstesourier aan die Stadsraad, net voor die tweede groep (552) huise aangebou is, dat die gemiddelde verlies per huis R34 per jaar bedra bo en behalwe die verlies wat die Stadsraad verplig was om op die sub-ekonomiese skema te dra. Hy het om daardie rede aanbeveel dat die huise in die nuwe uitbreiding deurgaans teen 'n verhoogde huurgeld van R0.80 per maand per huis verhuur word. Die verhoogde boukoste het hierdie stap geregverdig en die huurgelde vir die nuwe toevoeging tot die lokasie is daarom soos volg vasgestel:

| | |
|---|---|
| 2-kamer skakelhuise ... ... ... | R2.60 per maand |
| 3-kamer skakelhuise ... ... ... | R3.10 per maand |
| 3-kamer enkelhuise ... ... ... | R3.35 per maand |
| 5-kamer enkelhuise ... ... ... | R4.15 per maand |

Hierdie huurgelde, tesame met huur vir skool- en kerkpersele, inkomstes uit die Atteridgeville-begraafplaas en hofboetes vir oortredings in die lokasie en oorbetaalbaar aan die Stadsraad ingevolge artikel 19 van die Stadsgebiede Wet 25 van 1945, verteenwoordig die inkomstebronne van die Atteridgeville-skema.

Ingevolge die voorwaardes van die sub-ekonomiese lening is 'n globale bedrag van R1,180,000 deur die Staat beskikbaar gestel teen 'n rentekoers van 3¼% per jaar, terugbetaalbaar oor 'n termyn van 40 jaar. Die terugbetalingstermyn is spesiaal verleng op versoek van die Stadsraad. Verder is voorgeskryf dat die toelaatbare bedryfsonkoste op die skema nie meer mag bedra as 10% per jaar van die totale oprigtingskoste nie. Na aftrekking van die inkomste uit

huurgelde / ...

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

huurgelde van hierdie vasgestelde onkoste, moes die uiteindelike verlies in die verhouding van 1:2 tussen Stadsraad en Staat verdeel word. Die Staat het verder 'n jaarlikse verlies van $1\frac{1}{4}\%$ op die belegde kapitaal gedra daar die destydse rentekoers vir ekonomiese lenings $4\frac{1}{2}\%$ per jaar bedra het. Ingevolge hierdie formule sou die jaarlikse huurinkomste van ongeveer R46,000 'n jaarlikse vasgestelde verlies van ongeveer R72,000 in die bedrae R24,000 en R48,000 tussen Stadsraad en Staat verdeelbaar wees.

Sonder om in te gaan op die ingewikkelde wyse waarop die ware bedrag wat deur die Staat inbetaal is bereken moes word, dien die volgende tabel van die werklike inkomste en uitgawe en verliese om die ware verlies wat hierdie sub-ekonomiese skema vir die Stadsraad meegebring het, te verduidelik.

TABEL 5: WERKLIKE VERLIES OP ATTERIDGEVILLE-SKEMA EN VERLIESE IN NATURELLE-INKOMSTEREKENING

| Jaar | (1) Atteridgeville | | | | (2) Naturelle-inkomsterek. | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | Inkomste | Staat se bydrae tot verlies (reeds inbegrepe in inkomste) | Uitgawe | Verlies | Inkomste | Uitgawe | Verlies |
| | R | R | R | R | R | R | R |
| 1.7.49-30.6.50 | 111,242 | 44,082 | 170,784 | 59,542 | 396,096 | 438,774 | 42,678 |
| 1.7.50-30.6.51 | 112,710 | 46,746 | 168,480 | 55,770 | 359,612 | 422,634 | 62,822 |
| 1.7.51-30.6.52 | 107,628 | 38,560 | 166,222 | 58,594 | 374,714 | 438,058 | 63,344 |
| 1.7.52-30.6.53 | 107,476 | 37,396 | 176,714 | 69,238 | 402,862 | 501,010 | 98,142 (3) |
| 1.7.53-30.6.54 | 122,260 | 49,150 | 169,434 | 47,174 | 487,772 | 540,814 | 53,042 |

(1) By die bepaling van inkomste is alle bronne uitgesonderd dié uit hofboetes, in ag geneem aangesien hierdie bron nie ten opsigte van Atteridgeville alleen aanduibaar is nie.

(2) By die bepaling van verliese is bedrae wat ingevolge artikel 19(3)(c) van die Stadsgebiede Wet 25/45 oordraagbaar geword het na hierdie rekening vanuit die Kafferbierrekening nie in aanmerking geneem nie.

(3) Hierdie verhoogde verlies dui op die aanvang van die Vlakfontein-behuisingskema.

In hierdie tabel word uitgawe, inkomstes en verliese oor 'n termyn van vyf jaar aangedui toe daar geen noemenswaardige veranderings in Atteridgeville plaasgevind het nie. Vir die bepaling van tendense spreek hierdie syfers dus baie duidelik dat die werklike verlies op die Atteridgeville-skema wat die Stadsraad verplig was om te ly buiten in een geval (1953-54), hoër was as die totale verlies wat die Staat moes dra; in elke geval dus dubbeld en meer as die

© University of Pretoria

berekende / ...

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

berekende verlies waarvoor die Stadsraad ingevolge die formule voorsiening moes maak. Indien hierdie verliese gekorreleer word met die totale verliese op die Naturelle-inkomsterekening, blyk dit dat die Atteridgeville-skema behalwe in een jaar (1952-53) verantwoordelik was vir feitlik die gehele verlies op hierdie rekening. Die balansering van hierdie verlies moes daarom steeds geskied deur 'n oordrag vanuit die Algemene Fondsrekening van die Stadsraad uitgesonderd 'n klein bedrag wat vanuit die Kafferbierrekening (ingevolge artikel 19(3)(c)) met toestemming van die Minister van Bantoeadministrasie vir die delging van hierdie verliese beskikbaar geword het.

Die tendens wat hieruit spreek was simptomaties van alle sub-ekonomiese behuisingskemas vir Bantoepersone in Suid-Afrika en verteenwoordig een van die oorsake vir die trae vordering in Bantoebehuising gedurende en kort na die Tweede Wêreldoorlog. Om, onder andere, hierdie rede dus, is Atteridgeville in 1956 omgeswaai tot 'n ekonomiese behuisingskema waarin verhoogde huurgelde gevra is.

Ingevolge Administrateurskennisgewing 308 van 18.4.56 is huurgelde tans (1960) soos volg:

| | Ou tipe | Nuwe tipe |
|---|---|---|
| 2-kamer skakelhuise | R5.94 - 6.09 | R8.23 |
| 3-kamer skakelhuise | R6.49 - 6.57½ | R9.09 - 9.10 |
| 3-kamer enkelhuise | R6.69 - 6.86 | R9.18 |
| 4-kamer enkelhuise | R7.30 - 7.63 | |
| 5-kamer enkelhuise | R8.17 | R10.47½-10.52½ |

D. Vervoerreëlings

Met die aanvanklike beplanning van die Atteridgeville-skema is daar geen besondere opname gemaak om die uiteindelike behoefte aan vervoergeriewe van en na die stad te beraam nie. Dit was egter die Stadsraad se oogmerk om sowel padvervoer- as spoorvervoerfasiliteite daar te stel. Die behoefte aan deeglike vervoerdienste was onmiddellik benodig daar die inwoners van Marabastad wat twee myl van die middestad geleë was verskuif moes word na Atteridgeville, wat 8-9 myl van die middestad geleë was.

1. Padvervoer (alle syfers minder as 10c is nie gedesimaliseer nie).

Gedurende 1939 word daar dus met indirekte ondersteuning van die Stadsraad 'n lisensie vir padvervoer van passasiers tussen Atteridgeville en Pretoria aan die Great North Transport Company verleen. Sedertdien is die diens waargeneem deur die South African Native Omnibus Company, 'n affiliaal-maatskappy van die Great North Transport Company tot in 1945, toe dit oorgeneem is deur die Public Utility Transport Company. Die aanvanklike tarief was 2d per rit tussen Pretoria en Atteridgeville vir 'n distansie van 9.5 myl.

Gedurende 1942 is die tarief, na aansoek van die vervoermaatskappy, wat in finansiële nood verkeer het, verhoog tot 4d per rit oor dieselfde distansie. Die verhoging het uitgeloop op 'n onmiddellike boikot van die busdiens deur die inwoners van Atteridgeville. Na samesprekings met die Departement Bantoeadministrasie, by wie geen fasiliteite bestaan het om privaat busdienste te subsidieer nie, het die Stadsraad besluit om uit eie fondse die busdiens te subsidieer. Dit is gedoen deur die maandelikse seisoenkaartjie, wat R1.40 vir 52 ritte bedra het, 'n koste dus van 3.23d per rit, vir R1.00 aan passasiers beskikbaar te stel. Die Stadsraad het hierdie buskoepons teen volle markwaarde van die busmaatskappy gekoop en teen die verlaagde koste aan die inwoners beskikbaar gestel. Teen die gesubsidieerde tarief was die onkoste dus

2.30d / ...

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

2.30d per rit. Die boikot is gestaak (Breadmore-verslag van 1944, para. 81). Die uitgawe verbonde aan hierdie skema verstrek ons in tabel 6.

Hoewel die reëling as tydelike maatreël gesien is en jaarliks op die begroting van die Stadsraad in heroorweging geneem is, het die betaling daarvan voortgeduur tot 31 Desember 1946. Hoewel die reëling gepaard gegaan het met 'n bewysbare swartmark handel in buskoepons, deur dit teen die verminderde tarief aan te koop en teen volprys aan passasiers te verhandel (Breadmore-verslag 1944, para. 95) was die skema die enigste praktiese poging tot subsidiëring gedurende 1942-46. Die getuienis voor die Breadmore-kommissie (verslag 1944, para. 95) het daarop gedui dat vervoerkoste, deur die aankoop van 'n maandelikse kaartjie, so 'n hoë item op die familiebegroting geword het, dat slegs 40% van die passasiers hulle van die verlaagde tarief bedien het. Die skema was dus slegs 'n gemengde seën.

Vanaf die begin van 1947 het die Stadsraadsubsidie verval en het die vervoermaatskappy vanweë die styging in kostestruktuur aansoek gedoen om verhoging van die tarief op die roete Atteridgeville na die Pretoriase mark (9.5 myl) van 4d tot 6d per rit. Hierdie verhoging is toegestaan en vanaf 1 Maart 1947 in werking gestel. Dit is onmiddellik deur 'n boikot van die busdiens deur die inwoners beantwoord vanaf 1 Maart 1947 tot 8 April 1947. Die boikot was suksesvol. Vanaf 8 April 1947 is die ou tarief van 4d weer in werking gestel, maar die roete effens verkort tot 8.2 myl deur die terminus van Pretoria se mark na Vermeulenstraat te verskuif.

As 'n poging om die knellende druk van vervoerkoste te verlig, is daar as volgende hulpskema per Goewermentskennisgewing 747/47 van 11.4.1947 ingevolge die bevoegdhede onder Oorlogsmaatreël 89 van 1944 (Prok. 228/44) bepaal dat elke werkgewer wat aan 'n Bantoe-arbeider minder as R4.10 per week betaal, verplig word om op versoek van die werknemer die volle bedrag gespandeer aan openbare vervoer aan hom uit te betaal. Hierdie Oorlogsmaatreël is in Atteridgeville versprei om die inwoners bekend te maak met hulle eisingsreg teenoor werkgewers. Omdat daar geen sisteem van kontrole was oor die uitbetaling van vervoerkoste aan werknemers nie, het die toepassing van die maatreël in die praktyk 'n mislukking geblyk en is dit daarom vroeg in 1948 opgehef.

Vanweë die mislukking van hierdie stelsel is daar in 1947 op inisiatief van die Stadsraad van Pretoria en deur bemiddeling van die Departement van Vervoer onderhandelings gevoer met werkgewers van groot getalle Bantoe in Pretoria om gesamentlik die verliese van die vervoermaatskappy te vergoed. Uiteindelik het die Staat, die Provinsiale Administrasie, Yskor en die Stadsraad van Pretoria, wat gesamentlik 20,327 arbeiders in diens gehad het, onderneem om 'n totale bedrag van R36,000 per jaar <u>pro rata</u> volgens die getalle arbeiders in hulle diens, aan die vervoermaatskappy oor te betaal om die verliese binne die Pretoriase gebied te vergoed instede van enige verdere tariefverhogings te laat plaasvind. Die onderskeie aandele van die Staat en die Stadsraad in hierdie skema het jaarliks ongeveer R14,000 en R6,000 beloop. Uit die gegewens in tabel 6 kan gesien word dat die uitbetalings onder hierdie skema wat tot 31 Maart 1950 in werking was, nooit die bedrag van R36,000 per jaar bereik het nie, daar slegs die aangeduide verlies van die maatskappy vergoed is. Hoewel dit onmoontlik is om die vervoerverliese op die Atteridgeville-roete vir die termyn 1 September 1947 tot 31 Maart 1950 te bepaal daar die toekenning 'n globale aansuiwering ten opsigte van verliese binne die Pretoriase gebied as geheel was, dien hierdie skema as aanvangpunt van die periode waarin die Staat gesubsidieerde of sub-ekonomiese vervoerdienste vir Bantoe as noodsaaklik aanvaar het. Hierdie skema het uiteindelik skipbreuk gely enersyds omdat van die

© University of Pretoria

TABEL 6 / ...

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

TABEL 6: DIE HERKOMS EN OMVANG VAN SUBSIDIëRING VAN VERVOER TE ATTERIDGEVILLE

| Periode | Bron | Aantal passasiers wat volle roete gebruik het | Bevolking | Inkomste R | Uitgawe R | Verlies R | Subsidie R |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| 1942 | Stadsraad | - | | - | - | - | 1,340 |
| 1943 | | - | 5,500 | - | - | - | 3,032 |
| 1944 | | - | 6,255 | - | - | - | 4,308 |
| 1945 | | - | 6,201 | - | - | - | 4,266 |
| -31.12.46 | | - | 6,561 | - | - | - | 3,346 |
| 1.9.47-31.3.48 | Werkgewers | - | 8,782 | - | - | - | 21,000(1) |
| -31.3.49 | | - | 8,812 | - | - | - | 20,402(1) |
| -31.3.50 | | - | 9,831 | - | - | - | 33,698(1) |
| 1.4.50-30.6.50 | Staat | - | 9,861 | - | - | - | 42,000(2) |
| -30.6.51 | | - | 10,087 | - | - | - | 168,000(2) |
| -30.6.52 | | 1,215,948 | | - | - | - | 15,200 |
| -30.6.53 | (3) | 1,287,234 | 10,126 | - | - | - | 21,454 |
| -30.6.54 | | 1,321,508 | 10,404 | - | - | - | 22,026+ |
| -30.6.55 | | 1,419,422 | 13,246 | - | - | - | 23,658+ |
| -30.6.56 | | 1,853,383 | 19,792 | - | - | - | 30,890+ |
| -30.6.57 | | 2,273,752 | 22,217 | - | - | - | 28,506+ |
| 1.7.57-30.6.58 | (4) | 3,789,744 | 32,127 | 151,466 | 213,474 | 62,006 | 62,006 |
| 1.7.58-20.12.58 | | 2,185,086 | 38,083 | 85,734 | 122,172 | 36,440 | 36,440 |

(1) Globale syfers vir hele Pretoria.
(2) Globale syfers vir hele Maatskappy - vgl. teks.
(3) Wet op Heffings vir Naturelledienste nr. 64 van 1952 in werking vanaf 1.1.1953.
(4) Wet op Vervoerdienste vir Naturelle nr. 53 van 1957 in werking vanaf 1.7.1957.

medewerkers onwillig geword het tot verdere bydrae, en andersyds omdat die vervoermaatskappy weer eens met ernstige tekorte te kampe gehad het op roetes buite die Pretoria-gebied. Reeds in 1948 en weer in 1950 dring die maatskappy aan om verhoging van die vervoertarief van 4d tot 6d op die Atteridgeville-roete. Hierdie aansoeke is nie toegestaan nie.

Vroeg in 1951 het die Staat mede-beheer in die vervoermaatskappy verkry ingevolge 'n kontrak waarvolgens onder andere voorsiening gemaak is vir 'n lening van R600,000 aan die maatskappy en 'n

© University of Pretoria

maandelikse / ...

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

maandelikse bruto-subsidie van R14,000 ten opsigte van verliese op die vervoer van Bantoepassasiers. 'n Jaarlikse subsidie van R168,000 is dus gewaarborg en van terugwerkende krag gemaak vanaf 1 April 1950 toe die vorige subsidiebedeling in Pretoria ten einde geloop het. In tabel 6 word daarom vir die termyn 1 April 1950 tot 30 Junie 1951 slegs die totale bedrae aan vervoersubsidie deur die Staat aan die vervoermaatskappy oorbetaal, aangedui. Dit was onmoontlik om dié gedeelte van hierdie subsidie wat op òf Pretoria as geheel òf die Atteridgeville-roete in besonder, betrekking het, te bepaal.

As 'n poging om 'n basis te vind vir latere subsidieskemas het die Staat besluit om vanaf 1 April 1951 sekere roetes wat deur die maatskappy beheer is, per passasier te subsidieer binne die raamwerk van die globale subsidie van R168,000. Alle sodanige subsidies sou slegs bereken word op passasiers gedurende weeksdae. Die roete Atteridgeville tot Vermeulenstraat (8.2 myl) was een van die gekose roetes. Vanaf 1 April 1951 tot 30 Junie 1952 was die subsidie 1.5d per kapita en vanaf 1 Julie 1952 tot 5 Januarie 1957 is die subsidie opgeskuif tot 2d per kapita. Om hierdie rede kan daar vir die 6 jaar 1952-1957 gegewens verskaf word (tabel 6) oor die styging van passasiersgetalle wat van die volle roete gebruik gemaak het sowel as die subsidie wat vir die Atteridgeville-roete bereken is. Alhoewel daar aanduidings is dat die roete gedurende die aanvang van die skema effens oor gesubsidieer is, kan ons dit as feit aanvaar dat die subsidie vanaf ongeveer 1955 nie meer die verliese op hierdie roete gedek het nie. Hiernaas moet ook genoem word dat die globale subsidie van R168,000 teen 1953 nie meer voldoende was om die totale verliese van die vervoermaatskappy te dek nie, daarom is in die jare 1954, 1955, 1956 en 1957 addisionele globale subsidies ten bedrae van R75,000, R90,000, R105,000 en R424,238 aan die maatskappy oorbetaal. Watter gedeelte hiervan aan Pretoria of selfs die Atteridgeville-roete alleen toebedeel moet word, kon nie met sekerheid bepaal word nie. Die snelle vermeerdering van passasiersgetalle en bevolking sedert 1955 is toe te skryf aan hernieude bouprogramme in die Atteridgeville-area.

Ten opsigte van die herkoms van hierdie fondse, moet aangemerk word dat die Staat vanaf die beëindiging van die vorige skema op 31 Maart 1950 tot 1 Januarie 1953 self verantwoordelikheid vir subsidie moes aanvaar. Vanaf 1 Januarie 1953 tot 30 Junie 1957 is alle subsidiegelde verkry ingevolge die bepalings van artikels 3 en 5 van die Wet op Heffings vir Naturelle-dienste, nr. 64 van 1952. Kragtens hierdie bepalings is in elke "verklaarde gebied" waarvan die Pretoriase stadsgebied een was, 'n heffing van 6d per kapita gehef van werkgewers van Bantoe-arbeiders aan wie nie goedgekeurde behuising verskaf is nie. Die styging in subsidiebehoefte was egter sodanig dat die Staat teen 1957 moes instaan vir meer as R200,000 van die addisionele subsidie wat daardie jaar aan die vervoermaatskappy betaal is. Die fondse ingevolge hierdie heffingskema was uitgeput.

Die weeklikse vervoertarief vir Bantoepassasiers het vanaf 1943 tot 5 Januarie 1950 konstant gebly op 4d per rit van 8.2 myl, ondanks herhaaldelike vertoë vir die verhoging van vervoertariewe. Die enigste verhogings wat wel toegestaan is, was ten opsigte van die naweektarief, wat nà verhoging in September 1955 uiteindelik op 7d per rit te staan gekom het. Na 5 Januarie 1957 het daar egter veranderings gekom. Die maatskappy is gemagtig om vanaf 7 Januarie 1957 'n verhoogde tarief van 5d per rit te vorder terwyl die per kapita subsidie van 2d na 1d verminder is. Hierdie verhoging het aanleiding gegee tot 'n langdurige boikot tot 6 Julie 1957, wat slegs ten dele suksesvol was. Op 8 Julie 1957 is die tarief weer verlaag tot 4d per rit. Die roete is egter verkort tot 6.7 myl om die vergunning moontlik te maak. Sedert 14 September 1957 is die

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

roete weer verleng tot 8.4 myl om effektiewe diens aan die nuwere gedeeltes van Atteridgeville te kan verskaf. Die tarief vir die volle distansie was nou 5d, maar daar die passasiers in die ouer gedeeltes van Atteridgeville, waar ons belangstelling lê, die roete oor 'n korter distansie gebruik het, het die tariefverhoging hulle nie getref nie. In teendeel, hulle is oor 7.8 myl vir 4d per rit vervoer. Dit was die toestand tot die busvervoer oor hierdie roete op 20 Desember 1958 met die instelling van spoorvervoer gestaak is. Sedertdien is dit egter weer nodig gevind om busvervoer vanaf die Saulsville en ou Atteridgeville-gebied tot Rebeccastraat aan die rand van Pretoria, in te stel. Hierdie diens is ongesubsidieerd en word oor 'n distansie van 7.3 myl teen die volle ekonomiese tarief van 7d, gedryf.

Aangesien die fondse wat onder die Wet of Heffings vir Naturelledienste, nr. 64 van 1952 te min geblyk het vir die subsidiëring van vervoerdienste, is daar na die Wet op Vervoerdienste vir Naturelle, nr. 53 van 1957 op 1 Julie 1957 in werking gestel is, vanaf die datum ingevolge artikel 3 van die Wet 'n heffing van 10c per week per kapita van werkgewers van Bantoe-arbeid, aan wie nie goedgekeurde behuising verskaf is nie, geëis. Tesame met hierdie nuwe skema is ook 'n verbeterde metode van subsidieberekening deur die Departement van Vervoer in werking gestel. Ingevolge hierdie berekening is die ware bedryfskoste per roete bepaal, die werklike ekonomiese tarief bepaal, en die subsidiegedeelte so bepaal dat slegs die werklike en sertifiseerbare verliese op 'n bepaalde roete gedek kan word. Ingevolge hierdie berekenings was die ware ekonomiese tarief en subsidie per passasier op die Atteridgeville-roete vir die termyn 1 Julie 1957 tot 30 Junie 1958 6.461423d en 1.46423d. Die ooreenstemmende syfers vir die periode 1 Julie 1958 tot 28 Desember 1958 toe die diens gestaak is, was 6.221638d as ekonomiese tarief en 1.221638d as subsidie per passasier. Die wisseling in subsidie-tariewe oor hierdie twee termyne kom vanweë wisseling in die benuttingsfaktor van die rytuie. Die benuttingsfaktor van rytuie is die gemiddelde werklike inkomste per rit per bus uitgedruk as persentasie van die maksimum moontlike inkomste per bus per rit. Gedurende die tydperk 1 Julie 1957 tot 30 Junie 1958 was hierdie syfer 69.41% teenoor 74.72% vir die termyn 1 Julie 1958 tot 20 Desember 1958. In tabel 6 kan ook nou vir die eerste keer die werklike inkomste, uitgawe en verliese op die Atteridgeville-roete aangedui word.

Alhoewel die gegewens in tabel 6 te karig is om 'n bevredigende gevolgtrekking te waag, spreek dit duidelik genoeg dat die subsidie op busvervoer 'n neiging het om sneller te vermeerder as die passasierstotaal. Hiernaas verskaf die syfers vanaf 1952 'n benaderde beeld van die indirekte aanvulling van inkomste van die Bantoepassasiers deur vervoersubsidie waarvan die las op die skouer van die Blanke werkgewer geplaas word.

## 2. Spoorvervoer

Vir die verkryging van 'n spoorverbinding na Atteridgeville is vanaf 1939 tot 1941 herhaaldelik vertoë tot die Spoorweg-owerhede gerig. Die Spoorweg-administrasie was hierdie aansoek nie ongunstig gesind nie. Tog moes dit afgewys word enersyds vanweë die tekort aan kapitaal en rollende materiaal gedurende die oorlogsjare, en andersyds vanweë die verlies wat op hierdie diens gely sou moes word. Die beraming van die Spoorweg-administrasie was in 1938 dat die eenvoudigste uitbreiding van spoorfasiliteite na Atteridgeville 'n bedryfsonkoste van R78,000 per jaar sou meebring, benewens die kapitale uitgawe. Aangesien die verwagte inwonersgetal nie hierdie bedrag ekonomies verhaalbaar gemaak het nie, is 'n versekering gevra dat die Stadsraad sou instaan vir 'n jaarlikse verwagte tekort van

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

R26,000 (vgl. onder ander Breadmore-verslag 1944, para. 98). Die Stadsraad kon hierdie verpligting nie aanvaar nie.

'n Spoorwegverbinding met Atteridgeville het dus uitgebly tot daar ingevolge regeringsbeleid om die goedkoop moontlikste vervoer vir Bantoewerkers beskikbaar te stel, aanvang gemaak is met die aanbou van 'n dubbele geëlektrifiseerde spoorbaan vanaf Cordelfos tot Atteridgeville, terwyl die bestaande spoorbaan tot op Cordelfos verdubbel en verbeter moes word. Die totale kapitale uitgawe aan hierdie uitbreidings het ongeveer R6,000,000 beloop. Hiernaas is kapitaal afgesonder tot 'n bedrag van R3,400,000 vir die aankoop van rytuie. Die volle kapitale uitgawe het dus byna R10,000,000 beloop.

Na die spoorwegverbinding op 20 Desember 1958 in werking gestel is, was die tariewe oor die distansie van 7.89 myl soos volg:
Enkel: R0.13 Retoer: R0.15
Weeklikse Seisoen 12 ritte: 60c (Sondae uitgesluit) of 5c per rit.
Maandelikse Seisoen 52 ritte: R2.20 (Sondae uitgesluit) of 4.23c per rit.

'n Direkte vergelyking tussen spoorvervoer en busvervoer na Atteridgeville is onmoontlik. Dit blyk egter duidelik dat hoewel die spoorweg 'n langer distansie aan vervoer verskaf, daar met die instelling van die spoorweg 'n verdere verhoging van vervoeruitgawe vir die gemiddelde gesin plaasgevind het. Hiernaas verg dit geen deskundige om ten aansien van die passasiers wat per bus vervoer is 'n beraming te maak van spoorweginkomste oor hierdie roete nie. Die inkomste blyk duidelik baie laag te wees indien daar gemik word op delging van kapitale uitgawe sowel as balansering van bedryfskoste.

E. Verskuiwing na, en ingebruikneming van Atteridgeville

In 'n brief van 22 November 1940 van die Stadsklerk aan die Departement van Bantoe-administrasie word die kompensasieskema waarvolgens huiseienaars in Marabastad by verskuiwing vir die verlies van hulle eiendomme vergoed sou word, uiteengesit. Soos ons reeds aangedui het, is na munisipale waardasie van huise 'n onafhanklike waardeerder in die persoon van mnr. P. Dyer aangewys om 'n tweede waardasie namens die huiseienaars te maak. Die gemiddelde tussen hierdie twee syfers is dan as kompensasie bepaal. Hierdie bedrag is dan aan die huiseienaar deur die bestuurder van die Afdeling Nie-blankesake aangebied in teenwoordigheid van 'n lid van die Adviserende Naturellekomitee wat die huiseienaar as sodanig moes identifiseer. Bewys van aanvaarding van hierdie aanbod moes dan voltooi word.

Ingevolge dié reëling moes die Stadsraad self die onafhanklike waardeerder wat die inwoners van Marabastad aangewys het, vir sy dienste vergoed. Uitbetaling het voorts geskied vanuit die Stadsraad se Algemene Fondsrekening en nie uit die Naturelle-inkomsterekening of die fondse van die sub-ekonomiese behuisingslening nie.

Van die 414 huise in Marabastad het 395 vir kompensasie in aanmerking gekom. 'n Totale bedrag van R56,578 is vir hierdie doel uitbetaal. Die laagste bedrag wat ten opsigte van 'n enkele huis uitbetaal is, was R10 en die hoogste R575. Die gemiddelde bedrag kompensasie was R144 per huis. 'n Goeie weergawe van toestande in Marabastad kan verkry word deur die gemiddelde waarde van huise, R144 te vergelyk met die bevolkingsdigtheid in tabel 3, waarvolgens gemiddeld 18.1 persone in 'n huis van hierdie waarde onderdak gevind het.

Die bestuurder van die Afdeling Nie-blankesake het in Februarie 1940 aanbeveel dat die 32 Bantoegesinne wat in die Kleurlinglokasie weens tekort aan behuising onderdak moes vind, sowel

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

as die 211 gesinne wat as loseerders by ander gesinne ingewoon het, eerste verskuif moes word. Hierna is Marabastad blok vir blok verskuif en elke blok na ontruiming gesloop.

Die bogenoemde gesinne is vroeg in Mei 1940 aangesê om gereed te wees vir verskuiwing vanaf 1 Junie 1940. Op Sondag 28 Mei 1940 is die eerste 50 gesinne uit die Asiatiese Bazaar en die Kaaplokasie na Atteridgeville vervoer aangesien daar gevrees is dat die Departement van Verdediging die geboue in die nuwe lokasie vir huisvesting van troepe sou wou oorneem. Hierna is die oorblywende gesinne stelselmatig teen 'n tempo van 8 gesinne per dag na Atteridgeville oorgeplaas.

Vervoer het op onkoste van die Stadsraad geskied teen R1.25 per gesin. Alle huisraad is voor toelating in Atteridgeville ontsmet met sianiedberoking in 'n huis wat daarvoor afgesonder was. Daarna is aan elke gesin, volgens grootte en behoefte, 'n nuwe huis toegeken. Die nuwe lokasie met sy moderne geriewe het so 'n aantrekkingskrag gehad dat die kantore van die Afdeling Nie-blankesake daagliks oorstroom is met aansoeke van gesinshoofde vir besondere tipes huise. Teen 1942 was daar nog slegs 147 van die oorspronklike 414 huise van Marabastad staande, terwyl ruim 980 huise vir die verskuiwing gebruik was.

Ondanks die vroeë ingebruikneming, het die offisiële opening van die lokasie eers in Augustus 1940 plaasgevind, by welke geleentheid die Minister van Bantoe-administrasie die woord gevoer het, en verskeie eregaste waaronder 'n verteenwoordiger van die Kapteinshuis van Lesotho aanwesig was.

Aan elke gesin wat in die eerste groep huise (980) gedurende die oprigtingsjare 1940-43 ingetrek het, het die Stadsraad twee bome, hoofsaaklik vrugtebome, persent gegee om die verfraaiing van die woonbuurte aan te moedig.

Kort voor die aanbou van die tweede groep huise in Atteridgeville (1945-46) is bevind dat die bevolkingsdigtheid in die resterende gedeeltes van Marabastad van 13.6 persone per huis in 1943, tot 19.0 persone per huis gestyg het. Ook in Atteridgeville het die bevolkingsdigtheid van 5.2 persone per huis in 1943 gestyg tot 7.04 per huis in 1947. Die rede vir hierdie toestand was dat die Stadsraad nog geen doeltreffende kontrole oor die bewoning van Marabastad ingestel het nie en nuwe loseerders en onderhuurders daar nog vrylik onderdak gekom het. Ook in Atteridgeville moet die snelle verhoging van bevolkingsdigtheid toegeskryf word aan die inname van onwettige bewoners eerder as normale bevolkingsgroei. Ook hier was beheer oor die regmatigheid van bewoning nie na wense nie.

Werklike syfers oor die bevolkingsgroei gedurende die eerste jare van die woonbuurte se bestaan is nie beskikbaar nie omdat daar geen rekordsisteem oor inwonertal voor 1946 bestaan nie. Syfers vir 1941 en 1943, wat die inwonertal op 3,500 en 5,000 respektiewelik stel, berus op skatting.

Gedurende 1946 neem die eerste doeltreffende beheerstelsel in Atteridgeville 'n aanvang met die opname van 'n sensus in die woonbuurte gedurende Julie 1946. Naas hierdie opdrag is die lokasiesuperintendent ook versoek om loseerders streng te beperk daar die woonruimte van die kleiner huise nie so 'n uitbreiding van die inwonertal wenslik maak nie. Daar is ook opdrag gegee dat 'n totaal van 25-30 huise van die laaste groep van 552 wat toe in aanbou was, uitgehou moes word vir toekenning aan getroude kinders van inwoners te Atteridgeville. Hierdie bepaling was dus gemik op voorsiening vir normale bevolkingsaanwas.

Die ingebruikneming van die tweede groep huise, 552 in getal, strek oor die jare 1946 tot 1949/50. By die oprigting van hierdie gedeelte van die lokasie is ernstige probleme ondervind vanweë skaarste aan bou- en omheiningsmateriaal. Daar die gesinne

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

wat hier onderdak gekom het aanvanklik geen omheining om die huise gehad het nie, is die geskenk van twee vrugtebome per gesin nie na hierdie deel van die woonbuurte uitgebrei nie. By die beëindiging van hierdie tweede fase van die verskuiwing was daar in Marabastad slegs nog 2 morg bewoonde gebied oor. Hierop het 37 huise gestaan met 'n totale inwonertal van 626. Die ontruimde woongebied met 'n oppervlakte van ongeveer 30 morg, is ingevolge Goewermentskennisgewing nr. 3172 van 1950 as lokasie gedeproklameer. In plaas hiervan was 377 huise wat gesloop is, vervang deur 1,532 huise in die Atteridgeville-gebied.

Uit tabel 7 kan die vermeerdering van bevolking oor die tydperk 1946 tot 1951 waarin die eerste vrugte van doeltreffende beheer gepluk is, duidelik gelees word.

TABEL 7: BEVOLKING- EN DIGTHEIDSVERMEERDERING IN ATTERIDGEVILLE

| Jaar | Getal huise bewoon | Manlik | Vroulik | Totaal | Digtheid per huis | Digtheid per kamer |
|---|---|---|---|---|---|---|
| 7/1946 | | 3097 | 3464 | 6561 | ? | ? |
| 2/1949 | 1368 | 4218 | 4594 | 8812 | 6.4 | 2.2 |
| Gemiddelde 1951 | 1516 | 4793 | 5224 | 10017 | 6.6 | 2.3 |

Die bevolkingsvermeerdering is die gevolg van verskuiwings uit Marabastad en nie van normale geboorte-aanwas nie. Aangesien diegene wat uit Marabastad verskuif is in nuwe huise gevestig is, het die digtheid per huis en per kamer feitlik konstant gebly. Die hoë digtheid per huis van 7.04 wat in 1947 bepaal is, is deur streng beheer oor onwettige inwoning tot 6.4 en 6.6 respektiewelik verlaag. Dit spreek egter ewe duidelik dat 'n digtheid van 2.2 en 2.3 persone van alle ouderdomme per kamer reeds aan die hoë kant is. Ondanks die aanwysing van 'n geringe hoeveelheid huise uit die tweede groep huise om voorsiening te maak vir bevolkingsaanwas, kan die bevolkingsdigtheid in 1951 as gemiddeld op die rand van oorbewoning beskryf word. Die huistipes van Atteridgeville was te klein om voorsiening te maak vir natuurlike bevolkingsaanwas, selfs oor die kort termyn van 1946-51. Uitbreiding van die skema sou moes volg.

Teen die einde van 1951 toe die volledige bouprogram van die Stadsraad afgehandel was, en toe die termyn van intensiewe opname deur ons in die woonbuurt begin is, was die boustrukture en geriewe wat in gebruik was, soos volg: Vir huisvesting 302 tweekamer-huise, 1,090 driekamer-huise, 67 vierkamer-huise, 52 vyfkamer-huise. Vier van die bogenoemde huise is egter as enkelkwartiere gebruik om ongetroude onderwysers te huisves. Geen verdere voorsiening vir behuising van enkellopendes is gemaak nie. Hierbenewens was 15 driekamer-huise as besighede in gebruik, terwyl een driekamer-huis as biblioteek diens gedoen het. In totaal was daar dus 1,532 huise aangebou en in gebruik. Aan algemene openbare geriewe was daar 'n administratiewe kantoor, 9 moderne kerkgeboue, een groot sportterrein, en 4 parke waarvan twee met gras en bome beplant was, en twee diens gedoen het as speelterreine vir kinders. Daar was ook 4 laerskole met 'n gemiddelde leerlingtal van ongeveer 500 per skool, en een hoërskool wat huisvesting aan 300 leerlinge kon verskaf. Daar was ook 'n moderne polikliniek ter waarde van R40,000 in gebruik en

© University of Pretoria

'n / ...

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

'n sopkombuis waar voedsel aan skoolkinders en voor-skoolse kinders verskaf is.

Ruim voorsiening vir straatverkeer is gemaak en van die 58 strate in die uitleg wat van name voorsien was, is 19 wat as hoofroetes in gebruik was van 'n teerblad voorsien. Die woonbuurt is met 'n teerpad verbind met Pretoria. Langs die volle lengte van hierdie pad is afsonderlike voorsiening vir fietsverkeer gemaak.

Die toestande ten opsigte van behuising was 'n onbeskryfbare verbetering bo die huisvestingsgeriewe wat in Marabastad bestaan het en steeds in 1951 daar en in ander Bantoewoonbuurtes aan die orde was. Tabel 8 hieronder gee 'n aanduiding van toestande elders.

TABEL 8: BEVOLKINGSDIGTHEDE IN PRETORIA LOKASIES TEEN 1946 EN LATER

| | MARABASTAD | | | BANTULE | | | HOVE'S GROUND | | | ATTERIDGE-VILLE | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | Bevolking | Persele 50 x 50 | Digtheid | Bevolking | Persele 50 x 50 | Digtheid | Bevolking | Persele 50 x 50 | Digtheid | Bevolking | Persele 40 x 80 | Digtheid |
| Feb.46 | ? | ? | ? | 2588 | 294 | 8.80 | 2615 | 151 | 17.32 | 6561 | ? | ? |
| Jan.51 | 626 | 37 | 16.92 | ? | 294 | ? | ? | 151 | ? | 10087 | 1532 | 6.58 |
| Jan.55 | - | - | - | 3716 | 294 | 12.63 | 3006 | 151 | 19.91 | 13246 | 2045 | 6.48 |
| Jan.60 | - | - | - | - | - | - | - | - | - | 45196 | 7519 | 6.01 |

Die Stadsraad was van hierdie toestand bewus en wou graag ten minste die gebied Hove's Ground se inwoners na Atteridgeville verskuif. Reeds op 28 Oktober 1942 rapporteer die bestuurder van die Afdeling Nie-blankesake oor Hove's Ground: "This is a worse rabbit warren of Native-owned tin shanties than Marabas. The shanties average at least 6 families each." Daar is in hierdie jaar beraam dat waar die standplase te Marabastad slegs vier gesinne huisves, dié in Hove's Ground deur 6 gesinne bewoon word, teenoor die 2.5 gesinne per standplaas in Bantule.

Vir die duur van die oorlog was alle verdere beplanning in die Atteridgeville-gebied onmoontlik. Op 30 April 1945 word hierdie aangeleentheid egter weer in die Stadsraadvergadering te berde gebring en word daar gemeld dat die 151 standplase te Hove's Ground 2,480 persone huisves, of 16.4 persone per standplaas van 50 x 50 voet. In Bantule-lokasie was daar 294 standplase met 'n bevolking van 2,342, of 'n gemiddelde van 7.9 persone per standplaas van 50 x 50 voet. Die oplossing van hierdie probleem sou egter uitbly tot na 1955, toe albei bogenoemde gebiede verskuif is. Selfs die verskuiwing van die resterende gedeelte van Marabastad moes wag vir die beskikbaarwording van huise onder nuwe skemas in 1955.

F. Atteridgeville gemeenskapsomgewing : 1951

By die betrekking deur mense van huisvesting op die skaal en in die vorm wat ons aangedui het, volg dit as 'n noodwendigheid dat die uiterlike omgewing gevorm word om aan behoeftes aan te pas. Die uiterlike dop vertoon spoedig tekens van die aard en lewenstipe van die inwoners.

Alhoewel die huisvesting in Atteridgeville as modern beskryf moet word, het die inwoners spoedig probeer om byvoegsels tot die huise te maak. Met en sonder toestemming vind mens dus dat by baie huise sink en ander konstruksies opgerig word as hoenderhokke.

© University of Pretoria

Die / ...

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Die aard en gehalte van hierdie byvoegsels staan in skrille kontras tot die steenhuise wat deur die Stadsraad gebou is. In baie agterplase het in die kort periode van bewoning reeds heelwat rommel vergader. Kortom, die Stadsraad ondervind die probleem dat daar meer nougeset as in Blanke buurtes gelet moet word op die bewaring van 'n nette en gesonde lewensomgewing deur die inwoners. Bevele tot afbreking van onnette bybousels en opruiming van rommel word deur die inwoners wat nie uit eie beweging hierdie standaarde stel nie, sterk veroordeel. In alle billikheid moet ons egter ook verklaar dat 'n baie groot gedeelte van die inwoners nie aandadig is aan die ontstaan van hierdie probleme nie.

Byvoegsels wat wel toegelaat word, is die aanbring van 'n <u>lapa</u>-struktuur voor of agter die huis. By baie huise word daar as verlenging van die voor- of agterstoep 'n stukkie grond van 10 of 12 voet vierkant of soms ook groter, gelyk gemaak en van 'n harde kleivloer en 'n lae muurtjie van klei ongeveer 1 vt. 6 duim tot 2 voet voorsien. Die vloer word skoongehou en dikwels met klei gesmeer met tipiese tradisionele patrone daarop, of word met ronde klippies van 'n harde oppervlakte voorsien. Die lae muurtjie word gereeld met klei afgepleister en word as sitplek gebruik. Hier in hierdie oop ruimte word gaste ontvang en soms ook bier gedrink. Die voor die hand liggende verklaring van hierdie aanbousel wat herinner aan soortgelyke ontvangsplekke in tradisionele krale, is dat dit by gebrek aan geriewe binnenshuis, aangebou word. Die voorkoms daarvan is egter so algemeen dat daar geen korrelasie moontlik is met oorbewoning as sodanig nie. Aangesien daar ook geen verbinding aanduibaar is tussen hierdie strukture en die handhawing van 'n hoër of laer standaard van Westerse lewenswyse nie, moet mens aanvaar dat hierdie <u>lapa</u>-strukture uit eie keuse en vir die voldoening aan 'n besondere behoefte opgerig word. Die ooreenkoms tussen die boustyl en die van ooreenkomstige strukture onder stamtoestande by mense wat reeds lank in 'n stedelike gebied woonagtig is, bly egter interessant.

Binnenshuis word mens feitlik deurgaans getref deur die hoë graad van netheid wat bestaan. Die huise word, met geringe uitsondering, feitlik onberispelik net gehou. Daar is egter 'n direkte verband tussen werksaamheid van die vrou en netheid binne die huis. Aangesien die huise self Stadsraadseiendom is en verantwoordelikheid vir herstelwerk deur die Stadsraad aanvaar word, kan daar geen duidelike beeld verkry word van die wyse waarop huise opgepas word nie. Herstelkoste aan stowe, deure en vensterruite is egter nie onaansienlik nie. In sommige gevalle word mens getref deur die afwykende gebruikswyses van Westerse geriewe. So word daar in baie huise verkies om die stoof as pakplek te gebruik, terwyl die kos buite oor 'n oop vuur berei word. Op dieselfde wyse weet ons van gevalle waar die bad, in die onmiddellike nabyheid van die latrine, as stoorplek vir kosvoorrade, of selfs steenkool, gebruik word. Huise waarin praktyke van hierdie laasgenoemde aard voorkom, is relatief skaars. Wat egter meer algemeen voorkom, is dat vensters op so 'n wyse toegemaak word dat dit duidelik is dat dit geen ventilasiedoel dien nie. Gevalle waar binnemure algemene tekens van roetbevuiling wat van die stoof afkomstig is, vertoon, is vry algemeen.

Buite die meeste huise, veral die ouer deel van die woonbuurt (die eerste 980 huise) word daar feitlik orals pogings aangewend om tuin te maak. 'n Paar vrugtebome wat nie gesnoei word nie, 'n enkele blombedding, 'n klein groentetuintjie, of 'n paar stoepplante, is min of meer die gemiddelde.

Dit is die ideaal van die inwoners om hulle persele van dié van ander en van die straat af te sonder. Die aanplant van heinings is daarom tipies van die huise van diegene wat dit kan bekostig.

Die algemene indruk wat die woonhuise van die woonbuurt

© University of Pretoria

laat / ...

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

laat, is dié van eentonigheid. Die gebruik van bruin verf op alle houtwerk dien slegs om die eentonigheid te beklemtoon. Hoewel inkomstes laag is, is die mees opvallende kenmerk in die woonbuurt juis die oënskynlike gebrek aan behoefte by die inwoners om die huise volgens eie smaak buite te verfraai. By verwysing hierna bly die stereotiepe antwoord steeds: "What? In addition to paying rent?" Die apatiese houding van "die Stadsraad moet toesien" tref mens feitlik deurgaans aan. Die afwesigheid van 'n eie omvorming van die huisvesting volgens persoonlike smaak, iets wat as aanduiding kan dien van inwonerstrots en bewussyn van permanente gevestigdheid, kan ons nie vergeet nie. In alle regverdigheid moet ons ook melding maak van 'n hele aantal huise waarby uitgemete paadjies wat van 'n harde klipoppervlakte voorsien is, dien om die voortuin in beddings te verdeel.

By die maak van ons sosio-ekonomiese opname oor 300 arbitrêr-aangewese huise, was ons verder getref deur die onkunde wat daar oor die bure geheers het. In die nuwere gedeelte van die lokasie (die laaste 552 huise) waar mense selde langer as 4 jaar inwoners van Atteridgeville was, was dit opvallender as elders. In baie gevalle kon die name en vanne van bure nie verskaf word nie. In feitlik al hierdie gevalle van uitgesproke onkunde sowel as in baie ander, was die verklaring steeds dat die inwoners nie met die bure meng nie daar hulle van ander etniese verband is. Hoewel dit lig oordryf kan word, moet die aanknoop van sosiale bande tussen mense met dieselfde etniese herkoms binne Atteridgeville as opvallend beskryf word.

Enige aanduiding van groepvorming volgens inwoning in areas van die woonbuurte is skaars. Tog het ons segsmanne (in 1952) verskil gemaak tussen die ou gedeelte en die nuwe gedeelte van Atteridgeville. Hiernaas is daar ook omgangsname vir groepe van die nuwe intrekkers hoofsaaklik na aanleiding van ekonomiese status en algemene gedrag soos dit in Marabastad bekend was. Daarom word soms na die gebied begrens deur Makgatho-, Maluka-, Mbolekwa- en Segola-strate as <u>Colbyn</u> verwys. Dit is die woongebied van die "rykes" van Marabastad en is vernoem na een van die vooraanstaande voorstede van Pretoria. Na 'n area weerskante van Komanestraat en net ten noorde van Buys-Mbata-sirkel word verwys as <u>Greenside</u>. Sover ons kan vasstel vanweë die groen en grasoordekte heuwelhelling aan hierdie uithoek (1952) van Atteridgeville. Na die gebied begrens deur Komane-, Maluka-, Makgatho- en Ramushu-strate word verwys as Modder-fontein omdat strate hier in die reënseisoen dikwels uiters modderig was. Na die area weerskante van Masemola- en Gomba-strate, ten noord-weste van Buys-Mbata-sirkel, word veragtelik as <u>Sefenaroka</u> verwys. So dra die area weerskante van Nkitle- en Mphakanyane-strate, oos van Ramohoebo-plein, die skeldnaam <u>Fietas</u>. Na hierdie laasgenoemde twee areas word in die omgang feitlik nooit volgens die genoemde name verwys nie; dit is beledigend en gee aanstoot.

Die straatname van Atteridgeville is deur die Adviserende Naturellekomitee aan die Stadsraad voorgestel en sonder wysiging aanvaar. As sodanig vertoon die straatbenaming reeds 'n goeie aanduiding van die hooffigure in die lokasiepolitiek. Hiernaas was die straatname van Atteridgeville wat na belangrike figure heet ook verbindbaar met die ouer inwoners van Marabastad. Van die 59 strate wat bewoon was ten tye van die opname was slegs agt duidelik verbindbaar met tradisionele figure. Ons verwys hier na die Noord-Sotho-kaptein Maraba, die <u>Bahwaduba</u>-kaptein Mathibe, die <u>Shangana</u>-kaptein Mohlaba, kaptein Motsepe van die <u>Bakgatla-baMakau</u>, kaptein Nchabeleng van die <u>Bakgatla-bagaMosêtlha</u> en kapteins Sekhukhune en Sekwati van die <u>Bapedi</u>. Hiernaas is die hoofstraat Seeisostraat vernoem na die koningshuis van die Suid-Sotho aangesien die Suid-Sotho-opperhoof een van die eregaste by die ingebruikneming van die

woonbuurte / ...

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

woonbuurte was. Nie minder as 46 van die ander strate is vernoem na prominente figure uit die twee politieke partye binne die lokasie nie.

Dit is korrek om hier by te voeg dat sommige van hierdie politieke leiersfigure ook prominensie bereik het as handelaars, as klerke van die munisipaliteit of as leidende figure in die kerklike lewe. Dit bly egter onbetwisbaar waar dat al die vernoemde winkeliers, politieke leiers was en dat munisipale klerke en kerklike leiers wat vernoem is steeds aktief in die lokasiepolitiek opgetree het. So is dus 23 leidende figure van die Namune-party en 20 van die Kgugu Moroho-party vernoem. Ten opsigte van slegs 5 ander figure was politieke aanhorigheid nie so duidelik die oorsaak van vernoeming nie. Ons verwys hier na E.J. Masiuana, die prinsipaal van die Walton Jameson-skool, eerw. Molope van die Metodiste kerk, Bishop Ramushu van die Bantu Methodist Church of South Africa, eerw. J.Y. Tantsi van die African Methodist Episcopal Church, asook eerw. Tlale. Van die genoemde kerklike figure was slegs eerw. Molope in lewe ten tye van die opname. Dit is verder ook interessant om op te merk dat die naamgewing van strate beslis deel van die politieke stryd was. So is die name van Sehloho, Tlale en Ramushu strate by geleentheid verander tot Mohohlo-, Matli- en Motau-strate. Na afloop van die verkiesing van 'n nuwe Adviserende Komitee is die ou name weer in ere herstel en nuwe strate na die drie laasgenoemde name vernoem.

Binne die bewoonde gebied was daar ten tye van die opname drie benaamde verkeersirkels of pleine, nl. Sehloho-plein, Ramohoebo-plein en Buys-Mbata-sirkel. Aangesien hierdie name nie op naamborde, soos in die geval van strate aangebring was nie, het die inwoners dit so swak geken dat dit nie in die daaglikse omgang gebruik is nie. Die eersgenoemde en laasgenoemde benaming het 'n politieke verklaring. Ramohoebo-plein, waar die meeste van die winkels beplan was, het sy naam heel gepas as 'n afleiding van die Sotho werkwoord hweba - om handel te dryf - gekry.

Soos in Blanke voorstede is daar deur die Stadsraad langs alle strate van Atteridgeville sierbome geplant. Ten tye van die opname sou die bome in die ou gedeelte van die lokasie ruim 10 jaar oud gewees het. Daar was min van hierdie straatbome wat toe reeds die ouderdom bereik het. Vandalisme en vernietiging van jong bome was die oorsaak hiervoor. Die Stadsraad was gedwing om voortdurend nuwe aanplantings te doen.

Atteridgeville beleef elke dag twee uiters besige tye, nl. vroeg in die oggend tussen sesuur en agtuur en saans tussen vyfuur en sewe-uur. Dit is die tye waarop die inwoners per bus, huurmotor of fiets van en na hulle werk beweeg. Gedurende die res van die dag is die strate relatief verlate. Gedurende die spitstyd in die oggend word die gewoel verskerp deur die honderde kinders wat skool toe gaan. Hoewel daar geen vaste voorskrif daartoe bestaan nie is die grootste aantal van hierdie kinders in skooluniform geklee. Die kinders maak dus 'n netjiese indruk. Verdere navraag bring egter aan die lig dat daar sodanig op die dra van skooluniforms gelet word deur die kinders onderling dat diegene wat hierdie luukse artikel nie kan bekostig nie gewoonlik nie hulle skoolopleiding voortsit nie.

Gedurende die oggend word die strate en speelterreine die beweegruimte vir voorskoolse kinders. Die aanwesigheid van 'n aantal leeglêers en werkloses op die straathoeke by winkels trek egter die aandag. Die daaglikse vermaak is hier die dobbelspel. Hierdie jeugdiges vorm meesal die toevoermateriaal vir 'n verskeidenheid van jeugbendes in die lokasie. Binne hierdie bendes noem die lede mekaar "tjommies". Dus staan hierdie vergaderpunte as "tjommiescorner(s)" bekend.

In die namiddag is die beweging van die skool af huis toe.

© University of Pretoria

Talryke / ...

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Talryke skoolkinders drom in groepies saam. Dit is opmerklik dat die twee geslagte in hoofsaak hulleself van mekaar geskeie hou. Waar daar egter reeds belangstelling tussen 'n seun en dogter bestaan is dit normaal dat hulle mekaar se geselskap opsoek.

Teen die aand, met die tuiskoms van die werkers, word die hele woonbuurte versluier in 'n digte rookwolk soos daar in baie stowe kos voorberei word. Die digte steenkoolrook vorm veral gedurende die wintermaande 'n oorlas.

Die verloop van die daaglikse roetine skep dus in die geheel 'n rustige atmosfeer. By die nagaan van die omvang van sosiale verbindinge wat sy ontstaan het in die bewoning van die woonbuurt, word mens dadelik getref deur die mate van afwesigheid eerder as aanwesigheid daarvan. 'n Eie gemeènskapsbewussyn kan mens nie duidelik aandui nie. Die openbaring daarvan in sportverenigings of selfs vermaaklikheidsbyeenkomste is swak ontwikkel. Sportverenigings word georganiseer en in stand gehou deur Bantoeamptenare van die Stadsraad. Die inisiatief vir vermaaklikheid gaan ook òf van hierdie mense, òf van onderwysers uit. As organisasies waarvan die ontstaan en lewenskragtigheid by die inwoners alleen berus kan ons slegs politieke partye, jeugbendes en 'n verskeidenheid van klein sosiale klubs (<u>mogodiso</u>-verenigings) noem. Politieke partye kla dat deelname aan lokasiepolitiek nie lewendig genoeg is nie. Die sukses van jeugbendes is hoofsaaklik van afwykende aard. <u>Mogodiso</u>-verenigings het hulle oorsprong in spaarpogings en vertoon in hulle samestelling verband met sowel stand as etniese aanhorigheid. Op al drie hierdie verskynsels kom ons later weer terug.

In die geheel gesien verkry mens die indruk van 'n geroetineerde lewe waarin die Stadsraad as voorsiener van sowel goed as sleg optree. In die lewenshouding binne Atteridgeville word daar min erkenning verleen aan die neem van eie inisiatief; die "Council" moet mos alles verskaf.

## G. <u>Latere ontwikkeling</u>

Dit is nie ons oogmerk om 'n volledige weergawe van veranderings in Atteridgeville en in ander Bantoewoonbuurtes sedert die jare 1951-52 te verskaf nie. Met die oog op volledigheid word slegs die belangrikste gebeurtenisse aangestip aangesien daar na 1950 veranderings in die benadering van die probleem van huisvesting van Bantoe in stedelike gebiede ingetree het.

Toe die behuisingskema op sub-ekonomiese basis te Atteridgeville vanweë geweldige verliese gedurende 1949 bevries is, is die afhandeling van die finale verskuiwing van al die inwoners van Marabastad vertraag. Die ontruimde gedeeltes van hierdie ou Bantoewoonbuurte is egter deur Goewermentskennisgewing 3172 van 22.12.1950 gedeproklameer. Slegs 'n enkele straatblok (ten ooste van 3de straat, ten noorde van Barberstraat en ten weste van S.A.P.-stasie, Marabastad) wat 'n oppervlakte van 2 morg beslaan het met 'n totaal van 36 persele, het behoue gebly.

Die hervatting van alle verdere behuisingskemas is vertraag hangende die bevindinge van die Komitee insake Streeksbeplanning van Woongebiede vir Naturelle in Pretoria en Omgewing (Nel-verslag, 1952). Na sy samestelling op 4.3.1951 het die komitee die behoeftes aan Bantoebehuising in die Metropolitaanse gebied Pretoria oorsien en verslag uitgebring teen die einde van Maart 1952. Offisiële verklaring van staatsbeleid vir streeksbeplanning in die Pretoria-gebied is op 19 Augustus 1952 gedoen. Die oorsake vir hierdie ondersoek gaan veel verder terug as 1952 en hang saam met die toenemende vestiging van Bantoepersone in onwettige plakkerlokasies op Blanke plaasgrond rondom Pretoria, aangesien die fasiliteite vir die huisvesting van hierdie arbeiders nie binne bestaande

© University of Pretoria

Bantoewoonbuurtes / ...

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Bantoewoonbuurtes aanwesig was nie. Dit sal onthou word dat die stigting van Atteridgeville gemik was op die blote opruiming van die gebied Marabastad wat reeds sedert 1912 oorbewoon was, sonder om aandag te gee aan die stygende behoefte aan behuising vir groot getalle Bantoe-arbeiders wat vanweë nywerheidsuitbreiding sedert 1912 na Pretoria gestroom het.

Die eerste verwysing na hierdie probleem vind ons reeds in Stadsraadsnotules van 1938. Die Heald-verslag, 1942, verwys ook in die verbygaan na die feit dat die ware verpligting van die Stadsraad tot huisvesting van Bantoe-arbeiders werksaam binne sy regsgebied, veel verder strek as diegene wat die destyds bestaande woonbuurtes bewoon het. Sedert 1949 word daar herhaaldelik in verskillende omstedelike areas sensus geneem van die getalle Bantoepersone daar woonagtig wat binne Pretoria-stadgebied werksaam was. Die offisiële beraming in 1953 van die totale aantal Bantoepersone wat onder agterbuurttoestande in die omstedelike gebied woonagtig is, was 121,344. By vergelyking van hierdie totaal met die Bantoe-bevolking van groter Pretoria (tabel 1) vermoed ons dat die skatting effens aan die lae kant is. 'n Duidelike beeld van die tendens van toename van sodanige agterbuurttoestande blyk uit tabel 9 ten opsigte van die grootste sametrekkingspunte wat ten ooste en ten weste van die stad ontstaan het.

TABEL 9: BANTOEBEVOLKINGSVERMEERDERING IN GESELEKTEERDE OMSTEDELIKE GEBIEDE VAN PRETORIA

| Gebied | Bevolkingsgetalle | | |
|---|---|---|---|
| | 1936 | 1938 | 1952 |
| Riverside | 1,584 | 3,000 | 9,709 |
| Eersterust | 1,713 | 5,000 | 13,444 |
| Eastwood | ? | ? | 10,928 |
| Highlands | ? | ? | 4,848 |
| Mooiplaas-sektor | - | 156 | 20,909 |

As mens in gedagte hou dat die Mooiplaas-sektor van een tot drie myl reg suid van Atteridgeville buite die Munisipale area geleë is, beteken dit dat daar gedurende die ontwikkelingstermyn van Atteridgeville 'n plakkerbuurte wat twee maal groter as Atteridgeville in 1952 was op sy onmiddellike suidergrens ontstaan het. Ten ooste van Pretoria waar die ander genoemde areas geleë is, en waar geen beplande Bantoewoonbuurtes was nie, was 'n behuisingsagterstand van ten minste 39,000 Bantoepersone.

Die streeksbeplanning waarop besluit moes word, moes dus voorsiening maak eerstens vir genoegsame grondspasie, tweedens vir genoegsame uitbreidingsgrond en derdens die beplanning van die nodige bufferareas in die vorm van nywerheidsgebied of natuurlike skeiding van Blanke- en Bantoewoonbuurtes tans en ook in die toekoms. Sonder om op onnodige detail in te gaan kan ons meld dat die uitwerking in die praktyk van die aanbevelinge van hierdie komitee die volgende was:

1. Wes van Pretoria

(a) Die uitbreiding in 1953 van Atteridgeville deur die aanvoeging van 456.8 mg. van gedeeltes van die plaas Elandsfontein 35.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Die uiteindelike konsolidering van Atteridgeville en die nuwe gedeelte Saulsville (volgens kaart No. A6676/58 van die kantoor van die Landmeter-generaal) ingevolge Goewermentskennisgewing 1415 van 11.9.1959 tot 'n Bantoewoonbuurte met 'n oppervlakte van 1312.9092 mg. Hier sal in plaas van 1,532 huise in 1952 uiteindelik huisvesting verskaf word aan 8,156 huisgesinne en 6,400 enkellopende Bantoemans.

(b) Die afskaffing van die resterende gedeelte van Marabastad (Goewermentskennisgewing 1827 van 16.9.1955) en van Bantule (Goewermentskennisgewing 1302 van 21.8.1959) en die verskuiwing van hierdie inwoners na die vergrote Atteridgeville.

(c) Die opruiming van die plakkergebied Mooiplaas deur oorplasing van die inwoners na Atteridgeville.

2. <u>Oos van Pretoria</u>

(a) Die stigting van die Bantoewoonbuurt Vlakfontein ten ooste van Pretoria op grond wat die Stadsraad reeds voorheen met so 'n doel voor oë buite die grense van die Munisipale gebied aangekoop het. Hierdie area met 'n oppervlakte van 1810.016 mg. volgens Goewermentskennisgewing 2802 van 18.12.1953 is so beplan dat 'n verdubbeling van oppervlakte ooswaarts moontlik is. Die aanvanklike beplanning maak voorsiening vir ruim 30,000 persele vir gesinshuisvesting benewens voorsiening vir enkel-behuising. Gesinshuisvesting geskied ôf in munisipale huurhuise ôf ingevolge die erf- en diensstelsel.

(b) Die verskuiwing van plakkerareas oos en noord van Pretoria na hierdie nuwe woonbuurt. Die inwoners van Eersterust, Riverside en omliggende plakkerbuurtes was in 1960 reeds verwyder terwyl die inwoners van Eastwood en Highlands wat vir toelating kwalifiseer nog gehuisves moes word.

3. <u>Noord van Pretoria</u>

(a) Die instelling van die beplande Bantoewoonbuurte op die plaas Klipfontein ten noord-weste van Pretoria-Noord met 'n moontlike oppervlakte van 113 mg., moet nog uitgevoer word.

4. <u>Suid van Pretoria</u>

(a) Die vestiging van 'n Bantoewoorbuurte, Thembisa, as 'n streekslokasie ten suide van Pretoria te Kaalfontein vir die bediening van die gebied: suid van Pretoria, Kempton Park, asook gedeeltes van Germiston.

(b) Die verwydering van plakkers uit die area Pretoria-Suid na hierdie woonbuurt.

Van 'n totaal van ongeveer 1,834 Bantoehuise in Marabastad, Bantule en Atteridgeville met 'n bevolking van ongeveer 16,513 gedurende die jaar 1951, het die huisvestingsverpligting van die Stadsraad in Junie 1960 gegroei tot die volgende. In Atteridgeville 7,553 huise met 'n inwonertal van 45,196 en in Vlakfontein 7,450 huise met 'n inwonertal van 49,930. Slegs na aanleiding van hierdie syfers alleen is die geweldige toename in die bevolking van Atteridgeville en die omvangryke bouprogram aldaar duidelik verstaanbaar.

By die aanvanklike 475 mg. (1000 akker) grond in Atteridgeville het die Stadsraad, kort na die besluite van die Nel-verslag bekend gemaak is, groot stukke van die plaas Elandsfontein 35 bygevoeg. Reeds op 31 Julie 1953 word per Goewermentskennisgewing 1626 'n totaal van 456.813 mg. grond as verdere dele van die Bantoewoonbuurt Atteridgeville geproklameer. Na verdere toevoegings om

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

in die nuwe gebied (Saulsville) ook vir enkel-behuising voorsiening te maak, en na afbakening van die voorgeskrewe buffersone, het die oppervlakte vermeerder tot 1312.9092 mg. grond. Teen 1958 het die Stadsraad gevra om die verskillende skemas in die weste, naamlik Ou Atteridgeville (voor 1953), Nuwe Atteridgeville (na 1953) en Saulsville tot een geheel te konsolideer. Hierdie versoek is toegestaan en die geheel van die woonbuurte Atteridgeville/Saulsville is as kaart LGA.6676/58 by die Landmeter-generaal geregistreer (vgl. Goewermentskennisgewing 1415 van 11.9.1959). Hierdeur is die Bantoewoonbuurte ten weste van Pretoria sy volle beslag gegee en geen verdere uitbreiding word daar verwag nie.

Volgens memorandum van die landmeter en stadsbeplanner moes van die geproklameerde area van 1312.9092 morg, 421 morg as grens-stroke toegewys word. Die resterende 892 morg wat vir ontwikkeling beskikbaar was is soos volg benut:

| | Gebruik: | Getal | Grootte in morg | % van totaal |
|---|---|---|---|---|
| 1. | Woongebied | | | |
| | Huise op erwe 40' x 80' | 10,003 | 355.2 | 39.9 |
| | Hostelgebied | 1 | 65.4 | 7.3 |
| 2. | Onderwys | | | |
| | Skoolterreine | 26 | 43.6 | 4.9 |
| 3. | Ontspanning | | | |
| | Parke en oop ruimtes | | 121.2 | 13.6 |
| | Sportvelde | 6 | 44.8 | 5.0 |
| 4. | Paaie | | 209.7 | 23.5 |
| 5. | Besighede | | | |
| | Winkels | 26 | 4.7) | .6 |
| | Biersaal en -depot | 4 | .5) | |
| 6. | Sosiaal en Kultureel | | | |
| | Gemeenskapsentrum | 1 | 6.5 | .7 |
| | Bioskoop | 1 | .2) | |
| | Kerke | 51 | 8.9) | 1.0 |
| | Kleuterskole | 3 | .2) | |
| 7. | Gesondheid | | | |
| | Kliniek | 2 | .9 | .1 |
| | Begraafplaas | 1 | 17.9 | 2.0 |
| 8. | Administrasie | | | |
| | Kantore, ens. | | 2.0) | |
| | Polisie | | .9) | .3 |
| 9. | Ander Gebruike | | | |
| | Diensnywerheid ingesluit | | 9.4 | 1.1 |
| | | | 892 | 100 % |

Wanneer die grensstrook, onbruikbare grond en die hostelgebied uitgesluit word, is die bruto ontwikkelingsdigtheid 12.74 huise per morg.

© University of Pretoria

Met / ...

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Met die aanvang van nuwe boubedrywighede in 1954 was die eerste stap die aanwysing van die langverwagte "dorpsgedeelte" in Atteridgeville waar Bantoepersone hulle eie huise volgens goedgekeurde planne kon bou. Dit sal onthou word dat die belofte vir so 'n skema reeds by die aanvanklike uitleg van Atteridgeville in 1939 gemaak is, maar dat dit nooit uitgevoer is nie. 372 persele is vir hierdie doel afgesonder en kon betrek word onder voorwaardes vervat in Administrateurskennisgewing 939 van 27.10.1954. Die aanbou van hierdie huise het egter baie stadig gevorder: slegs 34 huise is deur die inwoners self aangepak. In 1956 het die Stadsraad toe daartoe oorgegaan om die resterende 338 persele vol te bou met vierkamer-huise volgens plan NE.51/6 en hierdie huise aan voornemende inwoners van die dorpsgedeelte te koop aan te bied.

Die lenings vir die aanbou van hierdie huise sowel as die ander is deur die Stadsraad van die Nasionale Behuisingskommissie verkry teen 'n rentekoers van 4-7/8% terugbetaalbaar oor 30 jaar. Aangesien dit die voorneme was om alle behuising vir Bantoepersone voortaan op ekonomiese basis te organiseer moes die huurgelde en huurkoopgelde in die nuwe deel van Atteridgeville effens hoër vasgestel word as die sub-ekonomiese huur in ooreenstemmende huistipes in die gedeeltes van die woonbuurt wat voor 1954 aangebou was. 'n Verskeidenheid van huurgeld het dus tot stand gekom vir huistipes wat nie veel van mekaar verskil het nie.

By die bepaling van die huistipe wat in die nuwe gedeeltes van Atteridgeville opgerig moes word, is na oorleg met die Departement van Bantoe-administrasie besluit op plan NE.51/6 bestaande uit twee slaapkamers met afsonderlike kombuis en woonkamer. Die spoelriool is in 'n afsonderlike buitegebou op die agterste skeiding van elke erf aangebring. Afgesien van die gunstige grootte van die plan is die keuse beïnvloed deur die feit dat die munisipale skema te Vlakfontein oorwegend uit hierdie huistipe bestaan het: die geskoolde Bantoebouwerkers wat aldaar ondervinding van die oprigting van hierdie bouplan opgedoen het, kon te Atteridgeville met behoud van hierdie plan, maksimum produksie lewer. Ondervinding het bewys dat die boukoste per eenheid op R400 te staan gekom het. Direkte vergelyking met die boukoste van ooreenstemmende vierkamer-huise in die ou skema is nie moontlik nie daar die huistipes in konstruksiewyse grondig van mekaar verskil: bv. in die nuwe huise is geen binnenshuise riool verskaf nie, asook geen binnenshuise wasgeriewe of elektrisiteit nie. Die plankeuse is verder sodanig dat toevoeging deur aanbouing geredelik aan twee kante moontlik is.

By die beslissing om Bantule en Hove's Ground se inwoners ook na die Atteridgeville-kompleks te verskuiwe, is gedurende 1955 'n spesiale opname gemaak van die inwoners aldaar om die behoefte aan besondere huistipes te bepaal. Die inwoners van hierdie gebied het volgens gesinsgrootte hoofsaaklik gekwalifiseer vir vestiging in twee- en driekamer- huistipes. By koste-analise is gevind dat die huurvermindering by die oprigting van sodanige kleiner huistipes uiters gering sou wees. Om lewensruimte vir toekomstige bevolkingsaanwas te verkry is dus besluit om die uitslag van hierdie opname te ignoreer en slegs 4-kamer huise volgens plan NE.51/6 aan te bou, aangesien die meeste aansoeke vir 'n 4-kamer huistipe was ongeag die grootte van die gesin wat aansoek gedoen het.

Teen die end van 1954 is dus 'n aanvang met die bouwerk gemaak. Tot die einde van 1959 was die tempo van voltooiing van huise soos volg:

© University of Pretoria

1954 / ...

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

| | |
|---|---|
| 1954 | 500 huise |
| 1955 | 1,000 huise |
| 1956 | 500 huise en 338 huise in dorpsgedeelte |
| 1957/58 | 1,000 huise |
| 1958/59 | 1,618 huise. |

Gedurende 1960 is 'n begin gemaak met 'n verdere 2,200 huise waarna die hele uitleg uitgesonderd 500 verdere huise volgebou sal wees. Die totale uitgawe tot Desember 1959 in die Atteridgeville-gebied het tesame met alle koste van die ou skemas reeds R5,844,796 bedra.

Ingevolge regeringsbeleid om alle Bantoebehuising op ekonomiese grondslag te plaas, is gedurende 1955 ondersoek gedoen na die mate waarin huurgelde in die ou gedeelte van die skema verhoog moes word om dit op 'n ekonomiese basis te plaas. Aan die hand van die oprigtingskoste is deur Administrateurskennisgewing 308 van 18.4.1956 ekonomiese huurgelde vasgestel (vgl. p. 33). Die huurgelde vir die nuwe gedeelte van die skema was uit die staanspoor op 'n ekonomiese basis bereken.

Dit spreek nou vanself dat die inkomstes van huishuurders sodanig kan wees dat die betaling van ekonomiese huur onmoontlik en sosio-ekonomies gesien onwenslik sou wees. Aan sulke gevalle is in sowel die ou as die nuwe gedeeltes van die woonbuurte voorsiening gemaak vir die bepaling van sub-ekonomiese huurgeld. Goewermentskennisgewing 2123 van 28.10.1955 het die uitwerking dat enige Bantoepersoon in Atteridgeville wie se jaarlikse inkomste minder is as R360 geregtig is op sub-ekonomiese behuising. Vir die bepaling van inkomste geld naas eie verdienste ook die helfte van die inkomste van elke kind van so 'n Bantoepersoon wat by hom bly tot 'n maksimum van R96 per jaar. Die onus om bewys te lewer van hierdie geregtigheid op sub-ekonomiese huisvesting berus by die huurder en moet voor 30 Junie van elke jaar gedoen word vir kwalifisering vir sub-ekonomiese huurbepaling in die jaar beginnende op 1 Julie.

In praktyk word die reg tot sub-ekonomiese huurbetaling alleen toegestaan na 'n rapport van die welsynsafdeling van die Afdeling Nie-blankesake. Waar enigsins moontlik word die huurgeld dan verminder tot die bedrag wat nodig is vir die vereffening van noodsaaklike dienste. Waar geen inkomste bestaan nie word die huurgeld ten volle vrygeskeld. Op 30.6.1960 was daar 112 gevalle in Atteridgeville aan wie die vergunning verleen is om sub-ekonomiese huur te betaal.

Binne die raamwerk van hierdie skema, waaraan ons vlugtig aandag gegee het, is die inwoners van die resterende gedeelte van Marabastad en die inwoners van Bantule en Hove's Ground verskuif. Gedurende Maart en April 1955 word so 138 families of 735 inwoners van Marabastad na Atteridgeville verskuif op onkoste van die Stadsraad en per Goewermentskennisgewing 1827 van 16.9.1955 word die laaste gedeelte van Marabastad, ongeveer 2 morg, as lokasie gedeproklameer. Dit dien interessantheidshalwe daarop gelet te word dat die Kleurlingwoonbuurte wat rofweg begrens is deur Struben-, Lorentz- en Bloedstraat en die Steenovenspruit tans die enigste oorblywende gedeelte van die ou geproklameerde lokasie Marabastad is. Ingevolge bevoegdheid by artikel 4(3) van die ou Naturellen (Stadsgebieden) Wet 21 van 1923 soos voortgesit by artikel 5(3) van Wet 25 van 1945 en vervang deur artikel 5(bis) (artikel 26 van Wet 36 van 1957) kon die woongebied van Kleurlinge binne Bantoelokasies betrek geraak het en hulle onder dieselfde regulasies as wat op die Bantoe-inwoners van toepassing was, huisvesting verkry. By eventuele verskuiwing van hierdie Kleurlinggebied onder die Wet op Groepsgebiede, 1957, sal die huidige anomalie dat slegs Kleurlinge

© University of Pretoria

die / ...

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

die restant van 'n geproklameerde Bantoewoonbuurte bewoon, verdwyn.

Gedurende 1955 is die oorbewoonde Hove's Ground gesloop en die inwoners na Atteridgeville verskuif. Dit is nie moontlik om 'n presiese opgawe van die totaal wat in Atteridgeville tereg gekom het, te verskaf nie, daar baie inwoners reeds sedert 1953 uit hierdie gebied na die nuwe woonbuurt Vlakfontein verhuis het waar beter woongeriewe betrek kon word.

Na die afhandeling van die verskuiwing van Hove's Ground is die verskuiwing van die ou woonbuurt Bantule wat sedert 1912 bestaan het, aangepak. By verskuiwing is alle geboue gesloop en die gebied as geheel by Goewermentskennisgewing 1302 van 21.8.1959 gedeproklameer. Met hierdie stap is die slothoofstuk geskrywe van 'n lang periode van ondoeltreffende en onhigiëniese huisvesting onder stadsraadstoesig van Bantoe-inwoners in Pretoria.

In Atteridgeville is alle inwoners sedert 1954 ingevolge staatsbeleid op etniese basis gevestig. Dit het meegebring dat alle nuwe intrekkers volgens huistaal in 'n bepaalde sone van die lokasie gehuisves moes word. By die afbakening van hierdie etniese sones is die gehele ou woonbuurt soos dit in 1953 bestaan het binne die <u>Sotho</u>-gebied gegroepeer. Aangesien daar in hierdie gebied vroeër ook mense van ander etniese verband gevestig was, het dit meegebring dat aan hierdie "vreemdes" nou na eie keuse die moontlikheid van nuwe huise in die nuwe gebied aangebied is. Teen 1959 was hierdie verskuiwing nog nie voltooi nie. Die feitelike situasie vind ongelukkig geen weergawe in die amptelike syfers oor etniese beplanning wat soos volg is nie.

| Etniese verband | Persele | % |
|---|---|---|
| Sotho | 5,797 | 57.2 |
| Nguni | 2,184 | 21.6 |
| Shangaan & Venda | 2,150 | 21.2 |
| | 10,131 | 100.0 |


-------------

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA


KAART 1.

# PRETORIA BANTOEWOONBUURTES 1888 – 1900.




© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA




55

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

# HOOFSTUK II

## BEVOLKINGSAMESTELLING EN -INVLOEI

### I. REGULATIEWE REëLING VAN BEWEGING

Hoewel die bepalings van artikel 2 van die Naturelle (Stadsgebiede) Konsolidasiewet (nr. 25 van 1945) die moontlikheid skep dat plaaslike besture woongebiede of woongeleenthede vir Bantoe-persone tot stand kan bring, is die bepalings van artikels 3 en 4 van hierdie Wet so geformuleer dat dit indirek die verpligting van die plaaslike bestuur word om na die behuisingsbehoeftes van "naturelle wat gewoonlik binne daardie gebied in diens is" om te sien. Ingevolge artikels 3 en 4 bestaan daar masjinerie waarvolgens die Minister van Bantoe-administrasie 'n stadsraad wat nie genoegsame voorsiening vir behuising van Bantoe-arbeiders maak nie, daartoe kan verplig.

Dit spreek daarom vanself dat dit wenslik is dat 'n plaaslike bestuur wat ten volle hierdie verpligting nakom, kontrole moet verkry oor die omvang van hierdie verpligting deur beheer te kan uitoefen oor die binnekoms en diensaanvaarding van Bantoe-arbeiders binne sy regsgebied. Okkupasiereg binne 'n Bantoewoonbuurt onder beheer van 'n plaaslike bestuur berus dus in die eerste instansie op voldoening aan die vereistes van toelating tot die stadsgebied volgens die sisteem van arbeidsburos en algemene toestromingsbeheer sowel as die nakoming van die verpligting tot registrasie van dienskontrakte binne geproklameerde gebiede wat ook in Pretoria van krag is.

Ten opsigte van toelating tot Atteridgeville bly hierdie stelling waar, maar daar moet ook onthou word dat die Atteridgeville-woonbuurt sy ontstaan het as poging om die woonbuurt Marabastad op te ruim, asook na 1955 as die wyse waarop doeltreffende behuisingsvoorsiening vir inwoners van plakkerkampe gemaak is waar hierdie mense in Pretoria werksaam was.

Toelating tot die lokasie het dus sedert die stigting geskied volgens administratiewe reëlings wat die blok-vir-blok verskuiwing van Marabastad gereguleer het en later ten opsigte van bewoners van plakkerkampe vanweë die bestaan van 'n wettige dienskontrak vir die geproklameerde gebied van Pretoria.

Hoewel 'n uiteensetting van die beheer oor lokasies binne die Pretoria-gebied (1952) in die hoofstuk oor politieke ordening verskaf word, is sommige bepalings van die lokasieregulasies wat toelating tot, en beheer oor beweging binne die lokasie reël, tog hier ter sake. Atteridgeville word administreer, en toelating geskied ingevolge regulasies uitgevaardig as Administrateurskennisgewing 561 van 12.12.25 soos gewysig. Hoewel hierdie kennisgewing die "Native Location Regulations of Pretoria", Goewermentskennisgewing 884 van 1904 soos gewysig, herroep, is baie bepalings van die 1925 regulasies in ooreenstemming met die ou regulasies. Belangrik dat ook besef word dat die regulasies wat in Atteridgeville van toepassing is, ook ten opsigte van Marabastad en Bantule gegeld het. Al drie gebiede, naamlik Marabastad, Bantule en Atteridgeville is per definisie beskryf as die Pretoriase Bantoelokasie.

Ingevolge die bepalings van artikel 10 van hierdie regulasies word dit die taak van die superintendent van die lokasie om aan elke getroude Bantoepersoon bo 18 jaar, of enige Bantoepersoon bo 18 jaar met bona fide afhanklikes, en mits so 'n persoon wettig in die stadsgebied van Pretoria werksaam is, woongeriewe te verskaf in die lokasie mits dit beskikbaar is. So 'n woongerief moet deur die huurder en sy eggenote tesame met kinders en bona fide afhanklikes bewoon word en mag nie vir langer tye as twee maande sonder

toestemming / ...

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

toestemming van die superintendent deur die huurder verlaat word nie, anders kan stappe geneem word om die huis te laat ontruim. Okkupasiereg geskied ingevolge 'n permit wat aan die huishuurder uitgereik word.

Hiernaas kan ingevolge artikel 11 van die regulasies, indien die superintendent tevrede is dat akkommodasie beskikbaar is, aan 'n huishuurder die reg verleen word om loseerders in te neem na uitreiking van 'n loseerderspermit. Ingevolge dieselfde artikel word dit die plig van elke huishuurder om die aankoms van alle eie kinders en afhanklikes in die lokasie binne 24 uur te rapporteer sowel as om die aankoms van alle besoekers binne 3 uur aan die superintendent bekend te maak. Besoekers verkry reg van aanwesigheid na uitreiking van 'n tydelike permit vir 'n daarin beskrewe tydperk. Uitgesonderd hierdie moontlikhede stel die regulasies (artikel 11) verder vas dat geen nie-blanke of Blanke sonder vooraf verkryging van 'n geskrewe permit van die superintendent die lokasie mag betree nie. Van hierdie bepaling is sendelinge, predikante, sosiale werkers(sters), mediese praktisyns, lede en beamptes van die Stadsraad, polisie, provinsiale administrasie en die staat, tesame met diegene wat hulle vergesel en andere wat die Stadsraad mag bepaal, uitgesluit.

Ondanks hierdie streng bepalings is die uitwerking daarvan in die praktyk alleen so dat streng gelet word op huurders en loseerderspermitte terwyl die opgaaf van aanwesigheid van besoekers in die lokasie slegs binne redelike tyd moet geskied. Vanweë die beperkte akkommodasie per huis in Atteridgeville word daar baie min loseerderspermitte uitgereik.

Geen persoon het sonder toestemming van die superintendent die reg om enige voorreg wat 'n permit aan hom verleen onder te verhuur nie. Sodanige onderverhuring kan ingevolge artikel 21 ook nie vir langer as 3 maande goedgekeur word nie. Die uitwerking van hierdie bepaling is dus gewoonlik dat 'n huurder wanneer hy werk elders as in Pretoria aanvaar, sy huis moet ontruim: die verpligting om verdere huisvesting te verskaf berus dan by die plaaslike bestuur van die gebied waarheen hy verskuif.

Vir die daarstelling van masjinerie van kontrole word die superintendent by artikel 28 verplig om 'n lokasieregister aan te lê van die houers van alle permitte wat okkupasiereg in die lokasie verleen. Die naam en ras en werkstipe van elke permithouer, tesame met die naam, geslag, ouderdom en beroep van alle afhanklikes, moet daarin verskaf word. 'n Omskrywing van die perseel en huis wat bewoon word sowel as van alle ander gemagtigde geboue op die perseel, moet in die register aangeteken word. Daar moet ook rekord gehou word van alle aansoeke om permitte wat geweier is (artikel 29). Appèl teen die weiering van 'n permitaansoek gaan na die Stadsraad (artikel 30). Indien die bepalings van hierdie artikels volledig nagekom was sedert die uitvaardiging in 1925, sou die navorser in die lokasies van Pretoria 'n baie vaste statistiese fondament vir rekonstruksie van toestande kon verkry. Feit is egter dat daar kwalik eksakte gegewens oor Marabastad bestaan voor daar met die verskuiwing van die gebied begin is in 1938/39. In Atteridgeville dateer die sisteem van lokasierekords eers vanaf 1946.

Benewens die verpligting om 'n vaste basis vir die bewys van okkupasiereg te skep, bepaal die regulasies verder (artikel 26) dat die superintendent al diegene wat binne die lokasie aangetref word, wat nie bewys van hulle reg van aanwesigheid kan gee nie, uit die lokasie moet beveel. Hiernaas word alle ongemagtigde persone, behalwe die wettige inwoners van die lokasie, verbied om vanaf 9 nm. tot sonop die volgende môre op die strate van die lokasie te verskyn (artikel 52). Teen enige persoon wat in gebreke bly om huur- en ander gelde wat in 'n lokasie aan die Stadsraad verskuldig is, te

© University of Pretoria

betaal / ...

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

betaal (artikel 32) kan geregtelike stappe geneem word. Indien geen betaling volg nie, kan so 'n huurder onder hofbevel ingevolge artikel 33, uit die lokasie gesit word.

In die lig van die feit dat daar leemtes in die rekord-sisteem van die lokasie kan bestaan, en vroeër bestaan het, kan gevra word of die toepassing van uitsettingsmaatreëls nie die gevolg het, of gehad het, dat daar opgetree is teen diegene van wie se wettige reg tot okkupasie die administrasie nie inskrywings in die register gemaak het nie. Ten tye van die opname (1950+) was die rekords van Atteridgeville 'n indrukwekkende bron van informasie, die korrekt-heid waarvan die persoonlike trots was van die klerk, wyle Barney Motsepe. Ons is tevrede dat alle huishuurders volledig in die rekords aangeteken was. Ons is egter bewus van gevalle waar familie en afhanklikes wat in die lokasie woonagtig was, se name nie in die rekords voorgekom het nie. Gedurende ons termyn van onder-soek dra ons egter nie kennis van 'n enkele geval waar opgetree is teen 'n Bantoepersoon wat in die lokasie vir enkele dae op besoek was sonder 'n besoekerspermit nie. Daar word alleen met strengheid opgetree teen diegene wat permanente huisvesting in die lokasie probeer verkry onder die dekmantel van besoeker of afhanklike van 'n gevestigde inwoner te wees. Wat die verbod op toegang tot die lokasie sonder 'n wettige permit, betref, moet ons beslis aanmerk dat die daaglikse beweging in en uit die lokasie so omvangryk is dat dit totaal 'n onbegonne taak sou wees om persone op straat om bewys van hulle reg tot aanwesigheid te nader. Dit word nooit gedoen nie.

Ten slotte moet ons by wyse van verklaring vir die aanwesig-heid van Kleurlinge in Atteridgeville wys op die bepalings van artikel 63 van die lokasieregulasies. Hiervolgens mag Kleurlinge volgens diskresie deur die Stadsraad toegelaat word om te woon of handel te drywe binne enige lokasie, maar dan word hulle geheel onderhewig aan die bepalings van die lokasieregulasies.

Die bewering dat die Stadsraad van Pretoria in die uit-oefening van beheer oor Atteridgeville, nie van sy wye magte oor die inwoners misbruik maak nie, kan dus met goeie rede onderskryf word.

## II. BEVOLKINGSAMESTELLING VOLGENS OUDERDOM EN GESLAG

Gedurende 1950/1951 het die opname alle bevolkingstatistiek wat vir Atteridgeville beskikbaar was, vergader en verwerk. Hierna was leemtes duidelik en kon daar gekonsentreer word op die ver-kryging van aanvullende statistiese gegewens uit die besoek van kleiner maar verteenwoordigende monsters van die inwoners van die Bantoewoonbuurt.

TABEL 10: GEMIDDELDE MAANDELIKSE BEVOLKING VOLGENS GESLAG

| Tydperk | Manlik | Vroulik | Totaal |
|---|---|---|---|
| 1 Julie 1942 - 30 Junie 1943 | - | - | 5000 [1] |
| 1 Julie 1943 - 30 Junie 1944 | - | - | 6235 [1] |
| 1 Julie 1944 - 30 Junie 1945 | - | - | 6201 [1] |
| 1 Julie 1945 - 30 Junie 1946 | - | - | 6226 [1] |
| 1 Julie 1946 - 30 Junie 1947 | 4040 | 3977 | 8017 [1] |
| 1 Julie 1947 - 30 Junie 1948 | 4306 | 4419 | 8725 |
| 1 Julie 1948 - 30 Junie 1949 | 4715 | 5029 | 9744 |
| 1 Julie 1949 - 30 Junie 1950 | 4675 | 5088 | 9763 |
| 1 Julie 1950 - 30 Junie 1951 | 4793 | 5224 | 10017 |

1) Sien teks.

Vir / ...

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Vir die aanduiding van die verdeling van bevolking volgens geslag asook die totale bevolkingsgroei sedert 1942 (tabel 10) was ons aangewese op twee bronne. Vanaf Julie 1942 tot Junie 1946 is die syfers geneem uit Jaarverslae van die Gesondheidsafdeling van die Stadsraad van Pretoria. Hierdie syfers gee, na bewering, die bevolking van die lokasie weer op die 30ste Junie van elke jaar. By vergelyking van hierdie syfers met dié in tabel 2 (die beste beskikbaar) val sekere verskille mens op. Ons vra hiervoor geen verskoning nie. Ouer syfers vir Atteridgeville berus in 'n veel hoër mate as erken word, op skatting. Dat skattings uit verskillende bronne kan verskil, is slegs een van die hoofbrekens van 'n verwerker van statistiek oor die Bantoe. Vanaf Augustus 1946 was die maandverslae van die superintendent beskikbaar. Vir elke termyn is daarna die gemiddelde maandelikse bevolkingstotaal uitgewerk met verdeling in mans sowel as vrouens. Hierdie syfers vorm die basis van latere tabelle oor geboorte-, sterfte- en aanwassyfers per 1000de van die bevolking. Dit is ons oortuiging dat hierdie syfers 'n nuttige basis verteenwoordig vir die bepaling van tendense, hoewel die onberekenbare onnoukeurigheid in die ouer bevolkingsyfers in gedagte gehou moet word.

Uit tabel 10 is dit onmiddellik duidelik dat bevolkingsgroei geen normale verhogingskurwe vertoon nie maar met spronge beweeg. Dit is die gevolg van verskuiwings vanuit Marabastad en nie van natuurlike aanwas nie. Uit dieselfde tabel blyk ook die belangrike feit van die getalle-oorwig van vrouens in Atteridgeville by die eerste oogopslag.

By die maak van 'n fyner verdeling in ouderdomsgroepe verdeel volgens geslag, was die offisiële statistiek soos vervat in die maandelikse verslae van die superintendent onbruikbaar daar slegs onderskeid gemaak word tussen manlikes en vroulikes bo en onder agtien jaar. Ons het dus 'n gedetailleerde analise gemaak van die ouderdomstruktuur van die inwoners aan die hand van gegewens uit 1,145 huise soos dit beskikbaar was in die rekords van Atteridgeville. Ons beskou hierdie steekproef bykans as absoluut in sy betroubaarheid daar 1,145 huise van die totaal van 1,532 gedek is. Die inwoners het bestaan uit 1,143 gesinseenhede of 6,831 persone uit die gemiddelde bevolking van 9,763 vir 1950.

Aan die hand van hierdie gegewens word die ouderdomsverspreiding in groepe van 5 jaar werklik en persentueel in tabel 11 weergegee. Daaruit is dit ook moontlik om die werklike en persentuele verhouding van kinders en jeugdiges (onder 16 jaar), die arbeidsproduktiewe groep van die bevolking (16-60 jaar) en die bejaarde groep (bo 60 jaar) af te lees. Die opvallendste gevolgtrekking bly weer eens dat vroulike persone in feitlik elk van die groepe die oorwig vorm. Daarnaas is die totaal van die arbeidsproduktiewe groep 49.9% bykans gelyk aan die van kinders en jeugdiges 43.1%. Die skerp daling in absolute syfers en persentuele waardes na die ouderdom van 60 jaar, kan alleen verklaar word as ons aanvaar dat Bantoepersone na afloop van hulle produktiewe lewensbaan Atteridgeville en die stedelike gebied as geheel verlaat. Indien daar slegs in terme van die beskikbaarheid van arbeid vir ekonomiese bedrywigheid in die stadsgebied gedink word en die arbeid van vroulikes buite rekening gelaat word, beteken dit dat die hele behuisingskema Atteridgeville slegs 23.9% van sy bevolkingstotaal as sodanige arbeid beskikbaar stel. Indien onkostes aan behuising, vervoer, gesondheidsdienste ens. in gedagte gehou word, word die valsheid van die populêre opvatting van goedkoop Bantoe-arbeid onmiddellik duidelik.

In figuur 1 word die gegewens van tabel 11 grafies voorgestel om 'n leeftydspiramiede vir Atteridgeville (1950) op te stel. Weer eens is die getalsoorwig van vroue in elke groep tussen 0-50

© University of Pretoria

jaar / ...

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA


TABEL 11: VERSPREIDING VAN DIE BEVOLKING VOLGENS OUDERDOM EN GESLAG
Volgens gegewens oor 1,143 gesinne uit lokasierekords

| Ouderdomsgroep Jare | Getal | | | Persent | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | Man-lik | Vrou-lik | Totaal | Manlik | | Vroulik | | Totaal | |
| 0 - 5 | 556 | 598 | 1154 | 8.1 | | 8.8 | | 16.9 | |
| 6 - 10 | 443 | 486 | 929 | 6.5 | | 7.1 | | 13.6 | |
| 11 - 15 | 388 | 468 | 856 | 5.7 | 20.3 | 6.9 | 22.8 | 12.6 | 43.1 |
| 16 - 20 | 304 | 365 | 669 | 4.5 | | 5.3 | | 9.8 | |
| 21 - 25 | 261 | 266 | 527 | 3.8 | | 3.9 | | 7.7 | |
| 26 - 30 | 193 | 228 | 421 | 2.8 | | 3.3 | | 6.1 | |
| 31 - 35 | 161 | 195 | 356 | 2.4 | | 2.8 | | 5.2 | |
| 36 - 40 | 171 | 197 | 368 | 2.5 | | 2.9 | | 5.4 | |
| 41 - 45 | 162 | 187 | 349 | 2.4 | | 2.7 | | 5.1 | |
| 46 - 50 | 200 | 199 | 399 | 2.9 | | 2.9 | | 5.8 | |
| 51 - 55 | 101 | 90 | 191 | 1.5 | | 1.3 | | 2.8 | |
| 56 - 60 | 75 | 62 | 137 | 1.1 | 23.9 | .9 | 26.0 | 2.0 | 49.9 |
| 61 - 65 | 53 | 43 | 96 | .8 | | .6 | | 1.4 | |
| 66 - 70 | 45 | 39 | 84 | .6 | | .6 | | 1.2 | |
| 71 - 75 | 11 | 20 | 31 | .2 | | .3 | | .5 | |
| 76 - 80 | 4 | 14 | 18 | .1 | | .2 | | .3 | |
| 81 en meer | 13 | 25 | 38 | .2 | 1.9 | .4 | 2.1 | .6 | 4.0 |
| Geen gegewens | 106 | 102 | 208 | | 1.5 | | 1.5 | | 3.0 |
| | 3247 | 3584 | 6831 | | 47.6 | | 52.4 | | 100.0 |


jaar opvallend. Tussen die jare 51-70 vertoon die kurwe vir vroulike persone 'n geringe agterstand teenoor die mans om weer tussen 71-81+ die oorwig te hê. Oor die algemeen is die aard van die piramiede veel meer "natuurlik" as verwag is. Slegs twee onnatuurlike afplattings van die reëlmatige vernouing van die piramiede by stygende ouderdomme word opgemerk. Tussen 16-45 jaar kom die eerste voor, meer merkbaar vir mans as vir vrouens. As verklaring hiervoor, wil ons graag aanvaar dat die hoë ouderdom van huweliksluiting (vgl. p. 97) meebring dat baie volwassenes wat nie getroud is nie, nie vir huisvesting in Atteridgeville in aanmerking kom nie en bygevolg elders as enkelinge huisvesting vind. Die oorsaak vir die tweede afplatting (na 50 jaar) het ons reeds na verwys as verskuiwing elders heen na bereiking van die einde van die arbeidsproduktiewe leeftyd. Vir die breë basis van hierdie leeftydspiramiede, die groot getalle jeugdiges tussen die ouderdomme 0-15 jaar, kan ons geen bevredigende verklaring vind nie. Verskillende oorsake is moontlik, naamlik 'n verlaging van die kindersterftesyfer in stedelike gebiede vanweë beter mediese diens wat beskikbaar is of 'n aanduiding van die ontwikkeling van 'n natuurlike bevolkingsamestelling as die gevolg van groter permanensie van

bewoning / ...

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Fig 1 Verspreiding van die bevolking van Atteridgeville volgens ouderdom en geslag 1950.




© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

bewoning in stedelike gebiede. Hierdie laaste oorsaak verdien ernstige oorweging want die dalende neiging van die geboortesyfer van Atteridgeville is 'n tipiese kenmerk van verstedelikte bevolkingsgroepe.

## III. BEVOLKINGSAANWAS

### A. Geboorte- en sterftesyfers

Hoewel dit die taak van huishuurders is om die superintendent ingevolge artikel 41 van die lokasieregulasies van alle geboortes en sterfgevalle in Atteridgeville te verwittig, word die regulasie nie streng deurgevoer nie. Die registrasie van alle geboortes van Bantoepersone was in der waarheid voor die promulgering van Goewermentskennisgewing 1843 gedateer 16.9.55 ingevolge artikel 133 van die Volksgezondheidswet 1919 (Wet nr. 36 van 1919 soos gewysig) nie wetlik verpligtend nie.

By die bepaling van die geboorte- en sterftesyfer in Atteridgeville was daar dus geen betroubare offisiële gegewens beskikbaar nie. Ons was dus aangewese op gegewens in die rekord-sisteem van die Kindersorgkliniek van die Stadsraad in Atteridgeville. Hierdie kliniek het ten tye van die opname onder die bekwame leiding van suster Bronkhorst, wat in 1945 diens aanvaar het, gestaan. Sy het dit haar ten doel gestel om sedert haar aanstelling, 'n baie noukeurige stel gegewens oor geboortes in die lokasie saam te stel en te bewaar. Dit was die taak van Bantoeverpleegsters om elke drie maande aangewese gedeeltes van die woongebied te fynkam en alle ver-wagtende moeders op te spoor en aan te moedig om die kliniek te besoek. Besonderhede oor die moeder, vader en kind bygeval van alle nuwe geboortes wat langs hierdie weg onder die aandag gekom het, is aangeteken ongeag of die bevalling deur die kliniekpersoneel behartig is of nie. As aanvangsoptrede is die gegewens van alle kinders onder vyf jaar met opgawe van datum van geboorte en geboorteplek so vasgelê. Nadat ons uit hierdie bron geboortes uit besoekende familielede buite rekening gelaat het, maar wel geboortes uit inwoners van Atteridgeville wat elders plaasgevind het, bygetel het, het ons oor een van die mees betroubaarste stelle gegewens oor geboortes beskik. Ons besondere dank gaan dus aan hierdie amptenare van die Stadsraad.

Sedert 1945 het hierdie kliniek ook gegewens oor binne- en buite-egtelike geboortes versamel. Ons was in staat om nie alleen betroubare absolute geboortestatistiek vir Atteridgeville te verkry nie, maar ook waardevolle inligting oor ouderdom van die moeder by binne- en/of buite-egtelike geboortes, die gesondheidstoestand, vorige geboortes, beroepe ens. Hierdie gegewens word elders in die verslag verwerk.

Die bepaling van korrekte gegewens oor die sterftesyfer in Atteridgeville was nie so maklik nie. Betroubare gegewens uit offisiële bronne was nie beskikbaar nie.

Gedurende die tydperk Januarie 1941 tot Mei 1945 is alle Bantoepersone insluitende dié van Atteridgeville, in Pretoria se Nuwe Begraafplaas te Rebeccastraat, Pretoria-Wes, begrawe. Sedert 1945 is Atteridgeville se eie begraafplaas oopgestel vir gebruik. Baie Bantoepersone het egter steeds verkies om te Pretoria-Wes begrawe te word, aangesien ander lede van die familie daar begrawe was. Toe die deel van hierdie begraafplaas wat vir gebruik deur Bantoepersone opsy gesit is, ten volle gebruik was, kon Bantoepersone uit Atteridgeville alleen daar begrawe word indien hulle 'n graf in die Nuwe Begraafplaas besit het, of die familie verkies het om 'n afge-storwene in dieselfde graf as 'n familielid te laat begrawe. Om hierdie rede is besonderhede uit die Begrafnisrekordboeke van albei die begraafplase vanaf Januarie 1941 tot Desember 1945 verwerk.

Vanaf / ...

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA


Vanaf Januarie 1946 tot Junie 1950 het ons by voorkeur gebruik gemaak van die Begrafnisorders (Unie B.M.D.9) van albei die begraafplase daar hierop ook die oorsaak van sterfte aangeteken was. Begrafnisorders van voor Januarie 1946 was nie beskikbaar nie.

By die insameling van die gegewens moes die ondersoeker hom laat lei deur alleen daardie gevalle aan te teken waar die afgestorwene se laaste adres as Atteridgeville aangegeee is. Dit beteken dat ons syfers onnoukeurig is vir die volgende tipe gevalle: (i) Sterfgevalle by inwoners van die lokasie wat elders te sterwe gekom het en daar begrawe is; (ii) besoekers wat in Atteridgeville gesterf het en dus met Atteridgeville as laaste adres begrawe is; (iii) inwoners van Atteridgeville wat in Atteridgeville gesterf het maar elders begrawe is; (iv) inwoners van Atteridgeville (a) wat in die hospitaal gesterf het en deur die owerheid begrawe is met opgawe van die laaste adres as Pretoria Algemene Hospitaal en (b) wat in die gevangenis gesterf het en in die gevangenisbegraafplaas begrawe is. Na verdere ondersoek is dit ons oortuiging dat onnoukeurigheid vanweë die genoemde oorsake geen noemenswaardige verandering aan die verkreë syfers sal aanbring nie. Die aangegewe sterftesyfer moet dus as die mees betroubare beskikbaar, aanvaar word. Dit is in elke geval, soos ook by geboortesyfers, hoër as die offisiële syfers wat ons kon gebruik. Dit kan egter nie ontken word dat die sterftesyfers as absolute waardes minder betroubaar is as die geboortestatistiek wat ons verstrek nie.

TABEL 12: GEBOORTESYFER VOLGENS GESLAG

| Tydperk | Getal | | | Per 1,000 van die bevolking | | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | Manlik | Vroulik | Totaal | Manlik | Vroulik | Totaal |
| 1 Julie 1944 - 30 Junie 1945 | 135 | 125 | 260 | 21.8 | 20.2 | 42.0 |
| 1 Julie 1945 - 30 Junie 1946 | 132 | 166 | 298 | 21.1 | 26.7 | 47.8 |
| 1 Julie 1946 - 30 Junie 1947 | 158 | 200 | 358 | 19.7 | 24.2 | 44.6 |
| 1 Julie 1947 - 30 Junie 1948 | 182 | 205 | 387 | 20.9 | 23.5 | 44.4 |
| 1 Julie 1948 - 30 Junie 1949 | 214 | 190 | 404 | 22.0 | 19.5 | 41.5 |
| 1 Julie 1949 - 30 Junie 1950 | 184 | 170 | 354 | 18.8 | 17.5 | 36.3 |
| Gemiddeld | 174.0 | 186.2 | 360.2 | 20.7 | 22.1 | 42.8 |

In tabel 12 word die ware geboortesyfer sowel as geboortes per 1,000 van die bevolking aangegee. Vir verwerking is die bevolkingsyfer volgens tabel 10 gebruik. Die numeriese oorwig van vroulike geboortes, behalwe vir die periode Julie 1948 - Junie 1950, kan duidelik waargeneem word. Behalwe vir die eerste termyn Julie 1944 tot Junie 1945 waar ons vermoed dat ons gegewens minder volledig as die daaropvolgende is, word die hoogste stand van die geboortesyfer gedurende 1945/46 bereik om vandaar stelselmatig 'n daling te vertoon met 'n laagtepunt in 1949/50. Ons toon later dat die bevolking van Atteridgeville in hoofsaak bestaan uit mense wat reeds elders in lokasies onder verstedelikte toestande gevestig was. Hierdie tendens van afname in geboortesyfer kan miskien as die normale gevolg van verstedeliking beskrywe word. Die termyn waarvoor gegewens ingesamel is, is egter na ons oordeel te kort om 'n

© University of Pretoria

onbetwisbare / ...

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

onbetwisbare tendens van afname te aanvaar. Verdere navorsing ten opsigte van hierdie saak is nodig.

TABEL 13: STERFTESYFER VOLGENS GESLAG

| Tydperk | Getal | | | Per 1,000 van die bevolking | | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | Manlik | Vroulik | Totaal | Manlik | Vroulik | Totaal |
| 1 Julie 1941 - 30 Junie 1942 | 37 | 20 | 57 | - | - | - |
| 1 Julie 1942 - 30 Junie 1943 | 20 | 19 | 39 | 4.0 | 3.8 | 7.8 |
| 1 Julie 1943 - 30 Junie 1944 | 42 | 27 | 69 | 6.7 | 4.3 | 11.0 |
| 1 Julie 1944 - 30 Junie 1945 | 46 | 30 | 76 | 7.4 | 4.8 | 12.2 |
| 1 Julie 1945 - 30 Junie 1946 | 48 | 36 | 84 | 7.7 | 5.8 | 13.5 |
| 1 Julie 1946 - 30 Junie 1947 | 50 | 45 | 95 | 6.2 | 5.6 | 11.8 |
| 1 Julie 1947 - 30 Junie 1948 | 36 | 51 | 87 | 4.1 | 5.9 | 10.0 |
| 1 Julie 1948 - 30 Junie 1949 | 81 | 65 | 146 | 8.3 | 6.7 | 15.0 |
| 1 Julie 1949 - 30 Junie 1950 | 77 | 66 | 143 | 7.9 | 6.8 | 14.7 |
| Gemiddeld | 48.5 | 39.9 | 88.4 | 6.5 | 5.4 | 11.9 |


In tabel 13 word die ware sterftesyfer volgens geslag sowel as die aantal sterfgevalle per 1,000 van die bevolking aangedui. Aangesien ons hier van offisiële rekordstukke gebruik gemaak het, strek ons gegewens oor 'n langer tydperk as in die geval van die gegewens oor geboortes. Die bevolkingsyfer vir 1941/42 was nie beskikbaar nie en bygevolg kon die sterftekoers per 1,000 van die bevolking nie bepaal word nie. Die opvallendste kenmerk van hierdie gegewens is die algemene oorwig van sterfgevalle onder manlikes teenoor vroulikes. Alleen vir die termyn 1947/48 is die koers van vroulike sterfgevalle hoër as die van mans. Hiernaas vertoon die berekening per 1,000 van die bevolking 'n wisselende toename in sterftekoers met 'n algemene opwaartse neiging. Verklaring van hierdie verskynsel kan ons nie gee nie. Hierdie verhoging in die sterftekoers kan beslis nie verbind word met 'n afname in die doeltreffendheid van mediese dienste nie.

Die gevolgtrekkings wat ons hierbo bespreek het ten opsigte van geboorte- en sterftesyfers word vir meer helderheid in figuur 2 grafies voorgestel. Die egalige verhoging in die sterftekoers van vroulike persone spreek duidelik sowel as die duidelike korrelaat tussen die totale sterftesyfer en die sterftesyfer van manlike persone. Daarteenoor vertoon die kurwe van die totale geboortesyfer 'n duidelike ooreenstemming met die geboortekoers van vroulike persone. Indien hieruit 'n tendens afgelees moet word, is dit een van geleidelike vervrouliking van die bevolking van Atteridgeville. Die toename in numeriese oorwig van vroulike persone is ook duidelik uit tabel 10. In figuur 2 is daar ook ondersoek ingestel na moontlike verband tussen skielike vermeerderings in bevolking soos weerspieël in die beskikbaarwording van huise en die koers van sterfte en geboorte. Geen verband kon bepaal word nie.

FIGUUR 2 / ...

© University of Pretoria

Fig 2. Geboorte- en Sterftesyfer (1·7·42–30·6·50)




© University of Pretoria

TABEL 14: OFFISIëLE GEBOORTE- EN STERFTESYFER PER 1,000 VAN BANTOE-BEVOLKING VAN PRETORIA TESAME MET GEBOORTETOTAAL VIR ATTERIDGEVILLE

| | Geboortesyfer | Sterftesyfer | Geboortes Atteridgeville |
|---|---|---|---|
| 1937-38 | 8.82 | 11.64 | - |
| 1938-39 | 7.15 | 10.60 | - |
| 1939-40 | 8.64 | 10.45 | - |
| 1940-41 | 8.05 | 10.82 | 23 |
| 1941-42 | 7.22 | 11.36 | 24 |
| 1942-43 | 9.40 | 11.78 | 136 |
| 1943-44 | 8.88 | 10.47 | 124 |
| 1944-45 | 9.16 | 10.77 | 168 |
| 1945-46 | 9.93 | 7.36 | 165 |
| 1946-47 | 8.61 | 6.70 | 241 |
| 1947-48 | 9.95 | 6.49 | 247 |
| 1948-49 | 7.58 | 6.26 | 237 |
| 1949-50 | 23.56 | 10.71 | 298 |

As aanduiding van die verskil tussen die syfers van ons opname en die volgens die verslae van die Gesondheidsafdeling van die Stadsraad kan tabel 14 met tabelle 12 en 13 vergelyk word. Die offisiële gegewens oor geboortes is vir die meeste jare met meer as 100 te laag aangedui. Geboortesyfers en sterftesyfers word nie afsonderlik vir verskillende Bantoewoonbuurtes bereken nie. Die geweldige verskil in die globale Bantoegeboortesyfer vir Pretoria-stadsgebied, vergeleke met dié van Atteridgeville soos ons dit bepaal het, moet tot sekere hoogte toegeskryf word aan die aanwesigheid van getalle manlike trekarbeiders elders in die stadsgebied. Dit verskaf egter nog nie 'n volledige verklaring vir hierdie verskil nie. Die sterftekoers vertoon vir die geheel van Pretoria 'n numeriese verband met die syfer van Atteridgeville alleen.

As aanduiding van gesondheidstoestande en higiëniese standaarde in die algemeen, is dit gebruiklik om die kindersterftesyfer (die aantal sterftes voor die ouderdom van 1 jaar bereik is per 1,000 lewendige geboortes) te ondersoek. Hoewel ons ons gegewens vir ander doeleindes bevredigend geag het, het ons besluit dat moontlike leemtes te groot was om 'n betroubare statistiek oor hierdie aspek uit te werk. In plaas daarvan verskaf ons in tabel 15 aanduiding van die verhouding tussen sterftes in verskillende ouderdomsgroepe oor die volle termyn Julie 1941 tot Junie 1950, waaroor ons gegewens het. Uit die totaal van 796 sterfgevalle gedurende hierdie termyn, was ouderdomsgegewens vir 118 gevalle nie bekombaar nie. Waar ouderdomme nie bekend was nie maak die begrafnisowerheid alleen onderskeid tussen kindergraftes en volwasse graftes. Die grootte van die graf (4 vt. 6 dm. vir kinders tot 9 jaar en 7 vt. vir ouer gevalle) en die tarief verskil. Van die 7.2% kindergevalle was 'n redelike totaal heelwat jonger as 9 jaar en van die 7.7% wat as volwassenes aangedui is, moes 'n aantal kinders gewees het. Vir die vroeëre jare 1941-47 is die totale

TABEL 15 / ...

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

TABEL 15: STERFTES VOLGENS OUDERDOM EN GESLAG VIR DIE TYDPERK 1 JULIE 1941 TOT 30 JUNIE 1950

| | 1 Jul.'41 tot 30 Jun'42 | | 1 Jul.'42 tot 30 Jun'43 | | 1 Jul.'43 tot 30 Jun'44 | | 1 Jul.'44 tot 30 Jun'45 | | 1 Jul.'45 tot 30 Jun'46 | | 1 Jul.'46 tot 30 Jun'47 | | 1 Jul.'47 tot 30 Jun'48 | | 1 Jul.'48 tot 30 Jun'49 | | 1 Jul.'49 tot 30 Jun'50 | | Totaal | Persent |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | M | V | M | V | M | V | M | V | M | V | M | V | M | V | M | V | M | V | | |
| Doodgebore | 2 | 2 | 2 | - | 2 | 1 | 3 | 2 | 2 | 2 | 4 | 3 | 7 | 2 | 8 | 6 | 10 | 5 | 63 | 7.9 |
| Onder 1 | 7 | 3 | 5 | 6 | 12 | 6 | 6 | 5 | 12 | 4 | 13 | 14 | 3 | 8 | 16 | 10 | 13 | 18 | 161) | 20.2) |
| 1 tot 5 | 7 | 2 | 2 | 4 | 3 | 2 | 6 | 2 | 6 | 10 | 5 | 9 | 2 | 8 | 6 | 14 | 15 | 10 | 113) 290 | 14.2) 36.4 |
| 6 tot 10 | 2 | - | - | - | - | 1 | - | 2 | 2 | 1 | - | 1 | 1 | 1 | 3 | - | - | 2 | 16) | 2.0) |
| 11 tot 15 | - | - | - | 1 | 1 | - | - | - | 3 | 1 | 1 | - | 2 | 2 | 1 | 3 | 2 | 1 | 18) 54 | 2.3) 6.8 |
| 16 tot 20 | 1 | 1 | 1 | 1 | - | - | 2 | 3 | 7 | 3 | 2 | 2 | 5 | 4 | 1 | 1 | 2 | - | 36) | 4.5) |
| 21 tot 30 | 1 | - | - | 1 | 3 | 1 | 2 | 3 | 1 | - | 3 | 3 | 4 | 5 | 7 | 9 | 9 | 6 | 58 | 7.3 |
| 31 tot 40 | - | 2 | - | - | 2 | 3 | 6 | 1 | 1 | 1 | 1 | - | 2 | 4 | 8 | 5 | 6 | 3 | 45 | 5.6 |
| 41 tot 50 | 1 | - | 2 | 1 | 4 | - | 4 | 2 | 3 | 2 | 6 | 1 | 4 | 6 | 16 | 6 | 8 | 6 | 72 | 9.0 |
| 51 tot 60 | 2 | - | 1 | - | 1 | - | 2 | 1 | 1 | 1 | 2 | 2 | 2 | 1 | 5 | 4 | 4 | 5 | 34 | 4.3 |
| 61 tot 70 | 1 | - | 2 | 1 | 4 | 1 | 1 | - | 3 | 2 | 2 | 1 | 1 | 4 | 4 | 2 | 5 | 3 | 37 | 4.6 |
| 71 tot 80 | - | - | - | - | - | - | 1 | 3 | - | - | 1 | - | - | 2 | 2 | 1 | 1 | 1 | 12 | 1.5 |
| 81 en bo | 1 | - | - | - | - | - | - | 1 | - | 2 | - | 3 | 1 | 1 | - | 2 | - | 2 | 13 | 1.7 |
| "Kinders" | 4 | 4 | 3 | 3 | 6 | 9 | 6 | 4 | 6 | 1 | 3 | 4 | 1 | 2 | - | - | 1 | - | 57 | 7.2 |
| "Volwassenes" | 8 | 6 | 2 | 1 | 4 | 3 | 7 | 1 | 2 | 5 | 7 | 2 | 1 | 1 | 4 | 2 | 1 | 4 | 61 | 7.7 |
| | 37 | 20 | 20 | 19 | 42 | 27 | 46 | 30 | 49 | 35 | 50 | 45 | 36 | 51 | 81 | 65 | 77 | 66 | 796 | 100 |
| | 57 | | 39 | | 69 | | 76 | | 84 | | 95 | | 87 | | 146 | | 143 | | | |



© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

ontoegewese kindergevalle te hoog om die berekening van 'n betroubare kindersterftesyfer te waarborg. Indien ons egter so 'n berekening vir die termyn 1947-1950 waag, erken ons dat gevalle waaroor onkunde bestaan, buite rekening gelaat is. Op hierdie basis is die kindersterftesyfer vir Atteridgeville volgens ons geboortesyfers in tabel 12 soos volg: 1947-1948: 28.4; 1948-49: 64.4; 1949-50: 87.6. Vergeleke by die offisiële kindersterftekoers vir Bantoepersone in die hele stadsgebied wat vir hierdie termyne onderskeidelik 138.78, 203.06 en 181.97 bedra, word 'n besondere gunstige toestand van sake weerspieël veral as ons verder in ag neem dat die jare 1948-49 en 1949-50 uit die gang van die statistiek in tabel 15 'n abnormale hoogtepunt in die kindersterftesyfer weerspieël.

In tabel 15 is die totale en persentuele waardes so aangedui om 'n beeld te verskaf van die ware syfers en verhoudings tussen kinders doodgebore, kinders gestorwe onder 10 jaar en jeugdiges gestorwe tot 20 jaar benewens fynere ouderdomsverdelings wat afgelees kan word. Uit verdere berekenings kan die hoër manlike sterftesyfer vir elke ouderdomsgroep behalwe by die ouderdomsgroep 81 en daarbo duidelik bepaal word. Die sterftesyfer van alle kinders tot 10 jaar bedra dus 51.5% van die totaal. Indien die sterftesyfer tot 20 jaar bereken word, naamlik 58.3%, beteken dit dat meer as die helfte van die sterfgevalle onder jeugdiges voorkom. Hierdie laasgenoemde syfer kan selfs nog hoër wees aangesien ons weet dat jeugdiges onder 20 jaar by die groep volwassenes (7.7%) waarvan ons geen ouderdomsaanduiding het nie, ingesluit is. Doodgebore kinders verteenwoordig 7.9% van alle sterftes; hiervan was 40, of 5%, van alle sterftes manlike kinders gewees. Van die kindergroep onder 1 jaar wat 20.2% van die totaal vorm, was 87, of 10.9%, van alle sterfgevalle manlike kinders.

TABEL 16: GEBOORTE-, STERFTE- EN NATUURLIKE AANWASSYFERS (PER 1,000 VAN DIE BEVOLKING)

| Tydperk | Geboortesyfer | Sterftesyfer | Natuurlike aanwassyfer |
|---|---|---|---|
| 1 Julie 1944 - 30 Junie 1945 | 42.0 | 12.1 | 29.8 |
| 1 Julie 1945 - 30 Junie 1946 | 47.8 | 13.5 | 34.3 |
| 1 Julie 1946 - 30 Junie 1947 | 44.6 | 11.8 | 32.8 |
| 1 Julie 1947 - 30 Junie 1948 | 44.4 | 10.0 | 34.4 |
| 1 Julie 1948 - 30 Junie 1949 | 41.5 | 15.0 | 26.5 |
| 1 Julie 1949 - 30 Junie 1950 | 36.3 | 14.7 | 21.6 |
| Gemiddeld | 42.8 | 12.9 | 29.9 |

Aan die hand van al die bogaande syfers oor geboortes en sterftes, is in tabel 16 'n opsomming van gegewens gemaak en die natuurlike aanwassyfer per 1,000 van die bevolking bereken. In figuur 3 word hierdie gegewens grafies voorgestel. Die opvallendste verskynsel is die dalende neiging van sowel die geboortesyfer as die natuurlike aanwassyfer sedert 1946. Die styging in die sterftesyfer moet ook aangemerk word. Ons beskou die onnatuurlike styging in sterftesyfer vanaf 1.7.48 - 30.6.50 as moontlik van verbygaande aard, maar selfs 'n verlaging hiervan, wat verwag kan word in komende


© University of Pretoria

FIGUUR 3 / ...

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



## Fig. 3 Geboorte- Sterfte- en Natuurlike Aanwassyfer per 1000 van die Bevolking.




© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



jare, sal nie geheel vergoed vir die daling in sowel geboortesyfer en natuurlike aanwassyfer nie. Verklaring vir hierdie verskynsel kan ons nie verskaf nie maar moet waarsku dat die termyn waaroor die intensiewe opname gestrek het, te kort is om absolute gevolgtrekkings te regverdig. Verdere navorsing is nodig.

B. Immigrasie en Emmigrasie

By die bepaling van korrekte gegewens oor beweging van Bantoepersone na en van Atteridgeville, die intog en uittog, was ons aangewese op die rekordsisteem van die superintendent. Ongelukkig is in vroeëre jare geen doeltreffende statistiek bereken nie. Die syfers was nie ter hand nie maar moes met eie krag uit die lokasierekords bepaal word. Hier is ons gestrem omdat slegs die jaar van intog in die lokasie verstrek is en nie volledige datums nie. 'n Volledige beeld van die tempo waarteen die verskuiwing uit Marabastad volvoer is, sal dus altyd ontbreek.

TABEL 17: LENGTE VAN VERBLYF IN, EN DIE JAAR WAARIN 1,368 HUISGESINNE IN ATTERIDGEVILLE INGETREK HET

| In watter jaar ingetrek | Aantal jare van verblyf | Huisgesinne | Persent |
|---|---|---|---|
| 1940 | 10 | 267 | 19.5 |
| 1941 | 9 | 205 | 15.0 |
| 1942 | 8 | 223 | 16.3 |
| 1943 | 7 | 12 | .9 |
| 1944 | 6 | 5 | .4 |
| 1945 | 5 | 5 | .4 |
| 1946 | 4 | 137 | 10.0 |
| 1947 | 3 | 17 | 1.2 |
| 1948 | 2 | 228 | 16.6 |
| 1949 | 1 | 114 | 8.3 |
| 1950 | Minder as 1 jaar | 9 | .7 |
| Geen besonderhede | | 146 | 10.7 |
| | | 1368 | 100.0 |

In tabel 17 word die resultaat van die beskikbare gegewens opgesom. Ook hier is 'n finale beeld vertroebel deurdat daar vir 10.7% van die gevalle geen gegewens beskikbaar was nie. Hierdie opname verteenwoordig alle gegewens in die lokasierekords. Die afhandeling van die twee bouprojekte (die eerste vanaf 1939-1942 en die tweede vanaf 1945-1949) kan duidelik afgelees word in die toestroming van bevolkingsgetalle.

Veel belangriker is die gegewens in tabel 18 wat ook uit die lokasierekords verkry is. Hieruit is dit duidelik dat Atteridgeville vir 82.0% bevolk word (1950) deur gesinne wat hulle laaste adres aangee as een of ander van die gebiede wat ontruim is. Uit die aard van sy bevolkingstotale en die feit dat die gebied gesloop sou word, is dit verstaanbaar dat 71.8% van die bevolking hulle herkoms uit Marabastad sou hê. 8.7% van die gesinne (119 van

© University of Pretoria

TABEL 18 / ...

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

TABEL 18: PLEK VAN VERBLYF VAN 1,368 HUISGESINNE NET VOORDAT DIE GESINNE NA ATTERIDGEVILLE VERHUIS HET

| Plek van verblyf | Gesinne | | Persent | |
|---|---|---|---|---|
| Marabastad | 983 | | 71.8 | |
| Cape Location | 104 | | 7.6 | |
| Indian Bazaar | 3 | | .2 | |
| Schoolplaats | 1 | | .1 | |
| Bantule | 31 | 1126 | 2.3 | 82.0 |
| Lokasies om Pretoria (Lady Selborne 9) | | 11 | | .8 |
| Adresse in Pretoria | | 5 | | .4 |
| Kilnerton | | 1 | | .1 |
| Lokasies in Johannesburg | | 8 | | .6 |
| Springs | | 1 | | .1 |
| Pietersburg | | 2 | | .2 |
| Brits | | 1 | | .1 |
| Makapanstat | | 1 | | .1 |
| Thaba 'Nchu | | 1 | | .1 |
| Adres aangegee as Atteridgeville | | 119 | | 8.7 |
| Geen gegewens | | 92 | | 6.8 |
| | | 1368 | | 100.0 |

die totaal) gee hulle laaste adres as Atteridgeville op. Hierdie syfers verteenwoordig gevalle van kinders wat sedert die stigting van Atteridgeville by hulle ouers ingewoon het, maar later (na huwelike) hulle eie huise in die woonbuurt betrek het. In sommige gevalle het ons hier ook te doen met gesinne wat van kleiner na groter huise beweeg het. Hierdie trekbeweging is dus die resultaat van normale bevolkingsgroei. Dit beteken dus dat 'n totaal van 90.7% van die bevolking van Atteridgeville verbindbaar is met die verskuiwing uit ouer lokasies, veral Marabastad. Van 6.8% van die inwoners kon geen gegewens verkry word nie. 'n Redelike vermoede is egter dat ook hulle herkoms met die verskuiwingsaksie verbind is. As waarneembare gegewe blyk egter dat slegs 2.5% van die bevolking van elders as die "ou lokasies" afkomstig is. Hiervan is slegs 1.3% van aanduibare plekke buite Pretoria afkomstig. Gesien die behoeftes aan predikante, sosiale werksters en onderwysers wat nie gemaklik almal in Pretoria was nie, is die persentasie buitestaanders in Atteridgeville (1950) besonder laag. Die belangwekkendste gegewens waarna gesoek is, naamlik duur van inwoning in die stedelike area Pretoria, kon ons egter nie uit die lokasierekords verkry nie. Ten opsigte van hierdie punt sal ons moet volstaan met gegewens oor etniese herkoms wat later hanteer word.

Gegewens oor beweging uit die lokasie was alleen vanaf 1 Julie 1948 verkrygbaar uit die rekordsisteem van die superintendent. Gedurende die termyn 1 Julie 1948 - 30 Junie 1949 het 14 gesinne (70 persone) Atteridgeville verlaat. Vanaf 1 Julie 1949 tot 30 Junie 1950 het 10 gesinne (± 40 persone) die lokasie verlaat.

© University of Pretoria

Van / ...

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA


Van ruim 19 gesinne kon die oorsaak van verlating nie opgespoor word nie. Van die oorblywende vyf gesinne is drie verplaas, in een geval het die man sy vrou verlaat en is die huis op haar naam oorgedra en in die laaste het die huishuurder sy huis onbewoon agtergelaat en vertrek sonder opgaaf van rede of adres.

In die lig van die bogaande moet ons aanvaar dat die bevolkingsamestelling van Atteridgeville 'n baie stabiele patroon vertoon. Wanneer 'n huis gehuur is, word dit nie maklik ontruim nie en word alles in die werk gestel om dit selfs by langdurige afwesigheid te behou.

IV. BEVOLKING VOLGENS GEOGRAFIESE HERKOMS

In 'n poging om die herkoms van Bantoepersone in Atteridgeville te bepaal, was ons aangewese op die beskikbare gegewens in die rekords van die superintendentskantoor. Die doel was slegs die vasstelling van tendense daar volledige gegewens in baie gevalle ontbreek het. Uit 'n proefsteek van 822 gesinne waarvoor wel gegewens bestaan het, is die geboorteplek van die ouers van hierdie gesinne getabelleer (tabel 19). Ons het uitgegaan van die standpunt dat geboorteplaas die duidelikste aanduiding van geografiese herkoms sou wees. Ongelukkig moes ons tevrede wees met gegewens oor 'n hele aantal onvolledige gesinne met die gevolg dat die getal vroulike persone 'n oorwig vertoon.

In tabel 19 word die verspreiding per landdrosdistrik aangegee en per provinsie of gebied buite Suid-Afrika, saamgetel. 77.6% van die bevolking van Atteridgeville waaroor ons gegewens het, kom oorspronklik uit verskillende dele van Transvaal en van die groot totaal kom 42.8% uit die Pretoria-distrik. In Transvaal lewer Pietersburg, met 9.5% van die totaal, die tweede meeste inwoners. Wat distansie van beweging betref, vind mens selfs die uithoeke van Transvaal verteenwoordig, van Soutpansberg in die noorde tot Vereeniging in die suide, en van Christiana in die weste tot Barberton en Nelspruit in die ooste.

Die ander provinsies, insluitende die voormalige protektorate en ander gebiede buite die Republiek, lewer as totale eenhede 'n bietjie meer as individuele distrikte uit Transvaal. Die inwoners van gebiede buite die Republiek is hoofsaaklik van Zambië en Suid-Rhodesië afkomstig. Behalwe vir die syfers van die Kaapprovinsie en die Vrystaat, moet mens konstateer dat dit hoofsaaklik mans is wat die lang distansies afgelê het om hulle uiteindelik in Pretoria in Atteridgeville te kom vestig. Dit is daarom dat die gebiede buite die Republiek slegs manlike persone tot die bevolking van Atteridgeville bygedra het.

Vir die bepaling van verdere tendense is gedetailleerde analises gemaak van die lokaliteit van herkoms van die inwoners wat hulle geboorteplekke as Pretoria en Pietersburg-distrikte opgegee het (tabelle 20 en 21). Uit tabel 20 word mens onmiddellik getref deur die groot aantal persone wat hulle geboorteplek as die ouer Bantoewoonbuurtes van Pretoria opgee. Tesame vorm hierdie groep bykans die helfte van die totaal. Anders gestel beteken dit dat meer as die helfte van die inwoners wat uit Pretoria-distrik afkomstig is, vir ten minste twee geslagte aan verstedelikte toestande onderhewig is. By hierdie groep kan mens met redelikheid die verval van kennis oor stamaanhorigheid en verruiling van Bantoetale vir Afrikaans of Engels verwag. Soos ons later aandui, is die spore van so 'n verskuiwing baie gering. In tabel 20 word mens verder getref deur die groot getal persone wat as geboorteplek 'n lokaliteit noem wat verbindbaar is met die reservaatgebiede te Hammanskraal ten noorde van Pretoria. Tesame verteenwoordig hierdie groep wat dan vir een geslag verstedelik is, selfs 'n groter totaal as dié afkomstig uit die ouer woongebiede van Pretoria.

© University of Pretoria

TABEL 19 / ...

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

## TABEL 19: GEBOORTEDISTRIK VAN OUERS VAN 822 GESINNE

| Geboorteplek (Landdrosdistrik) | Manlik | | Vroulik | | Totaal | | Persent | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| **TRANSVAAL** | | | | | | | | |
| Barberton | | 1 | | - | | 1 | | .1 |
| Belfast | | - | | 1 | | 1 | | .1 |
| Bethal | | 1 | | 2 | | 3 | | .2 |
| Brits | | 5 | | 9 | | 14 | | 1.2 |
| Carolina | | 2 | | 2 | | 4 | | .3 |
| Christiana | | 1 | | - | | 1 | | .1 |
| Ermelo | | 1 | | 5 | | 6 | | .5 |
| Heidelberg | | 3 | | 1 | | 4 | | .3 |
| Die Rand: | | | | | | | | |
| Johannesburg | - | | 4 | | 4 | | .3 | |
| Krugersdorp | 1 | | 4 | | 5 | | .4 | |
| Roodepoort | - | | 1 | | 1 | | .1 | |
| Springs | 1 | 2 | 5 | 14 | 6 | 16 | .5 | 1.3 |
| Klerksdorp | | 2 | | 2 | | 4 | | .3 |
| Letaba | | 6 | | 4 | | 10 | | .8 |
| Lydenburg | | 15 | | 18 | | 33 | | 2.7 |
| Middelburg | | 17 | | 8 | | 25 | | 2.0 |
| Nelspruit | | 1 | | - | | 1 | | .1 |
| Pietersburg | | 54 | | 62 | | 116 | | 9.5 |
| Pelgrimsrust | | 2 | | 1 | | 3 | | .2 |
| Potchefstroom | | 1 | | 3 | | 4 | | .3 |
| Potgietersrust | | 16 | | 29 | | 45 | | 3.7 |
| Pretoria | | 185 | | 339 | | 524 | | 42.8 |
| Rustenburg | | 13 | | 3[illegible] | | 47 | | 3.8 |
| Standerton | | 1 | | 2 | | 3 | | .2 |
| Ventersdorp | | 1 | | - | | 1 | | .1 |
| Vereeniging | | - | | 2 | | 2 | | .2 |
| Waterberg | | 15 | | 31 | | 46 | | 3.8 |
| Witbank | | 3 | | - | | 3 | | .2 |
| Wolmaransstad | | 1 | | 1 | | 2 | | .2 |
| Zoutpansberg | | 22 | | 10 | | 32 | | 2.6 |
| | | 371 | | 580 | | 951 | | 77.6 |
| **ORANJE-VRYSTAAT** | | 19 | | 24 | | 43 | | 3.5 |
| **KAAPPROVINSIE** | | 36 | | 40 | | 76 | | 6.2 |
| **NATAL** | | 34 | | 28 | | 62 | | 5.1 |
| **PROTEKTORATE** | | | | | | | | |
| Basotholand | 10 | | 9 | | 19 | | 1.6 | |
| Betswanaland | 5 | | 1 | | 6 | | .5 | |
| Swaziland | 11 | 26 | 6 | 16 | 17 | 42 | 1.4 | 3.5 |
| **ANDER GEBIEDE BUITE DIE REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA** | | 50 | | - | | 50 | | 4.1 |
| | | 536 | | 688 | | 1224 | | 100.0 |

© University of Pretoria

TABEL 20 / ...

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

TABEL 20: HERKOMS UIT PRETORIA-DISTRIK

| Geboorteplek | Manlik | | Vroulik | | Totaal | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| **PRETORIA:** | | | | | | |
| Marabastad | 38 | | 57 | | 95 | |
| Cape Location | 2 | | 5 | | 7 | |
| Schoolplaats | 14 | | 18 | | 32 | |
| Bantule | - | | 4 | | 4 | |
| Spoorwegreserwe | 2 | | - | | 2 | |
| Lady Selborne | - | | 3 | | 3 | |
| Pretoria | 11 | 67 | 17 | 104 | 28 | 171 |
| **DISTRIK:** | | | | | | |
| Makapanstat | 26 | | 39 | | 65 | |
| Hamanskraal | 22 | | 43 | | 65 | |
| Sjambokstat | 9 | | 19 | | 28 | |
| Mathibestat | 14 | | 36 | | 50 | |
| Schilpadfontein | 16 | | 19 | | 35 | |
| Walmanstahl | 2 | | 5 | | 7 | |
| Pienaarsrivier | 1 | | 6 | | 7 | |
| Kaalplaats | 2 | | 6 | | 8 | |
| Premiermyn | 3 | | 7 | | 10 | |
| Hebron | 3 | | 5 | | 8 | |
| De Wildt | 1 | | 7 | | 8 | |
| Kilnerton | 3 | | 1 | | 4 | |
| Moganwê | 2 | | 2 | | 4 | |
| Kgabalatsane | 1 | | 3 | | 4 | |
| Bultfontein | - | | 3 | | 3 | |
| Eerste Rust | - | | 3 | | 3 | |
| Elim | 3 | | 3 | | 6 | |
| Leeuwkraal | 2 | | - | | 2 | |
| Bon Accord | - | | 2 | | 2 | |
| Eerste Fabrieke | - | | 2 | | 2 | |
| Irene | - | | 2 | | 2 | |
| Vlakfontein | - | | 2 | | 2 | |
| Rust-der-Winter | 1 | | 1 | | 2 | |
| Madiba | 1 | | 1 | | 2 | |
| Rooiberg | 1 | | 1 | | 2 | |
| Bosplaas | 1 | | 1 | | 2 | |
| Haakdoornlaagte | 1 | | 1 | | 2 | |
| Haakdoornfontein | 1 | | - | | 1 | |
| Doornpoort | - | | 1 | | 1 | |
| Swartdam | - | | 1 | | 1 | |
| Witfontein | - | | 1 | | 1 | |
| Klipfontein | - | | 1 | | 1 | |
| Monjamane | - | | 1 | | 1 | |
| Vlinksdrift | - | | 1 | | 1 | |
| Grasfontein | - | | 1 | | 1 | |
| Pelindaba | - | | 1 | | 1 | |
| Moutser | - | | 1 | | 1 | |
| Elandsfontein | - | | 1 | | 1 | |
| Ngwano (?) | - | | 1 | | 1 | |
| Mapopane | - | | 1 | | 1 | |
| Dilopye | - | | 1 | | 1 | |
| Winternest | - | | 1 | | 1 | |
| Swartkop | - | | 1 | | 1 | |
| Pankop | 1 | | - | | 1 | |
| Bloedfontein | 1 | 118 | - | 235 | 1 | 353 |
| | | 185 | | 339 | | 524 |

© University of Pretoria

TABEL 21 / ...

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

TABEL 21: HERKOMS UIT PIETERSBURG-DISTRIK

| Geboorteplek | Manlik | | Vroulik | | Totaal | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| LOKASIES OM PIETERSBURG: | | | | | | |
| Pietersburg se Lokasie | 4 | | 4 | | 8 | |
| Malobôgô " " | 1 | | - | | 1 | |
| Dikgale " " | 5 | | 7 | | 12 | |
| Matlala " " | 6 | | 4 | | 10 | |
| Moletji " " | 4 | | 7 | | 11 | |
| Mashashana " " | 4 | | 5 | | 9 | |
| Mamabolo " " | 3 | | 6 | | 9 | |
| Ramokgôpa " " | 1 | | 3 | | 4 | |
| Mphahlele " " | 1 | | 2 | | 3 | |
| Molepo " " | 2 | | 3 | | 5 | |
| Molema " " | 1 | | - | | 1 | |
| Chebeng " " | - | 32 | 2 | 43 | 2 | 75 |
| Bochem | | 1 | | - | | 1 |
| Goodhope | | - | | 1 | | 1 |
| Solomondale | | 1 | | - | | 1 |
| Roodepoort | | - | | 1 | | 1 |
| Groot Spelonken | | 16 | | 12 | | 28 |
| Zebedila | | 2 | | 4 | | 6 |
| Zoekmekaar | | 2 | | 1 | | 3 |
| | | 54 | | 62 | | 116 |

By interpretasie van die geboorteplek van diegene uit die Pietersburg-distrik (tabel 21) is die hoë syfer wat verbindbaar is met reservaatgebiede (die lokasies van verskillende kapteins) opvallend. Slegs 8 van 116 gevalle kan met veiligheid as afkomstig uit plattelandse dorpe (Pietersburg-lokasie) aanvaar word. Dit beteken dat ons met redelike sekerheid, aan die hand van gegewens uit hierdie distrik, kan verklaar dat beweging na Pretoria vanaf plattelandse gebiede en Bantoereservate geskied en nie vanuit die lokasies by plattelandse dorpe nie. Die beweging na Pretoria geskied dus as direkte verplasing vanuit stamomstandighede en nie met 'n tussenfase waarin plattelandse dorpsomstandighede die afspringplek vir trek na groter stedelike sentra word nie.

## V. BEVOLKING VOLGENS TAAL- EN STAMVERBAND

By die bepaling van die etniese aanhorigheid van die inwoners van Atteridgeville, was ons vanweë die omvang wat selfstandige opnames sou vereis, aangewese op die rekords van die superintendent. Uit hierdie bron is 'n volledige verwerking van gegewens van 1,368 gesinne gemaak. Die geboortetaal van albei ouers (tabel 22) is getabelleer.

Ons het aanvaar dat die aanduiding van die geboortetaal van ouers van gesinne 'n betroubare aanduiding van hulle etniese herkoms sou verskaf. Waar gegewens oor hierdie punt nie volledig was nie, is alle redelike pogings aangewend om ontbrekende gegewens aan te vul. Vanweë die voortdurende afwesigheid van sommige ouers wanneer ons besoeke kon bring, kon die geboortetaal en etniese verband vir 295 persone, 12.7% van die totaal, nie bepaal word nie. Ons is daarvan bewus dat die metode van klassifikasie wat berus op die oordeel van die proefpersone self, nie 'n taalkundige kritikus tevrede sal stel nie. As basis vir bespreking en vir bepaling van tendense, glo ons egter wel dat die syfers van betekenis is.

©University of Pretoria

TABEL 22 / ...

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



TABEL 22: OORSPRONKLIKE TAALVERBAND VAN 2318 OUERS VAN 1,368 HUISGESINNE

| | Aantal | | | | | | Persent | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | Manlik | | Vroulik | | Totaal | | Manlik | | Vroulik | | Totaal | |
| Afrikaans | | 37 | | 66 | | 103 | | 3.9 | | 5.3 | | 4.4 |
| Transvaal Sotho | | | | | | | | | | | | |
| a. Gemeng | 352 | | 523 | | 875 | | 33.1 | | 41.7 | | 37.8 | |
| b. Pedi | 31 | | 31 | | 62 | | 2.8 | | 2.5 | | 2.7 | |
| c. Tokwa | 34 | | 20 | | 54 | | 3.2 | | 1.6 | | 2.3 | |
| d. Pulana | 1 | | 2 | | 3 | | .1 | | .2 | | .1 | |
| e. Lobedu | 1 | 419 | 1 | 577 | 2 | 996 | .1 | 39.3 | .1 | 46.1 | .1 | 43.0 |
| Tswana | | | | | | | | | | | | |
| a. Algemeen | 27 | | 20 | | 47 | | 2.5 | | 1.6 | | 2.0 | |
| b. Kgatla | 75 | | 131 | | 206 | | 7.0 | | 10.4 | | 8.9 | |
| c. Kwêna | 22 | | 46 | | 68 | | 2.0 | | 3.6 | | 2.9 | |
| d. Rolong | 5 | 129 | 4 | 201 | 9 | 330 | .5 | 12.0 | .3 | 15.9 | .4 | 14.2 |
| Suid Sotho | | 28 | | 20 | | 48 | | 2.6 | | 1.6 | | 2.1 |
| Rotse | | 2 | | - | | 2 | | .2 | | | | .1 |
| Nguni | | | | | | | | | | | | |
| Zulu | 41 | | 38 | | 79 | | 3.8 | | 3.0 | | 3.4 | |
| Swazi | 16 | | 15 | | 31 | | 1.5 | | 1.2 | | 1.3 | |
| Xhosa | 34 | | 44 | | 78 | | 3.2 | | 3.5 | | 3.4 | |
| Ndebele | 53 | 144 | 48 | 145 | 101 | 289 | 5.0 | 13.5 | 3.8 | 11.5 | 4.4 | 12.5 |
| Shangana-Thonga | | | | | | | | | | | | |
| a. Shangaan | 101 | | 68 | | 169 | | 9.5 | | 5.4 | | 7.3 | |
| b. Ronga | 1 | 102 | - | 68 | 1 | 170 | .1 | 9.6 | - | 5.4 | .1 | 7.4 |
| Venda | | 35 | | 10 | | 45 | | 3.3 | | .8 | | 1.9 |
| Chopi | | 1 | | 1 | | 2 | | .1 | | .1 | | .1 |
| Nyanja | | 17 | | - | | 17 | | 1.6 | | - | | .7 |
| Karanga | | 21 | | - | | 21 | | 1.9 | | - | | .9 |
| Geen Gegewens | | 128 | | 167 | | 295 | | 12.0 | | 13.3 | | 12.7 |
| | | 1063 | | 1255 | | 2318 | | 100.0 | | 100.0 | | 100.0 |

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

'n Groot aantal van die proefpersone, 996 of 43.0%, het hulle geboortetaal as gemengde-Sotho opgegee, hoofsaaklik vanweë onkunde oor die presiese Sotho-dialek wat gepraat word. As sodanig verteenwoordig hierdie syfer dus die resultaat van ontstamming, mits mens onthou dat ons bewus is van heelwat gevalle waar herkoms uit kleiner en minder bekende stammetjies soos Batau en Bakoni, in die lokasierekords bloot as Sotho opgeneem is. Dieselfde probleem doen hom voor by die verdeling van Tswana-dialekte. Die aanduiding van Algemeen-Tswana kon nie fyner verdeel word nie. 103 persone, 4.4% van die totaal, het hulle geboortetaal as Afrikaans aangegee. Onder hierdie groep val 'n klein aantal Kleurlinge wat met Bantoe-persone getroud is en binne die geledere van die Bantoe-orde aanvaar is. Hiernaas vorm die grootste gedeelte van hierdie groep ouer Bantoepersone en hulle nasate wat as "Oorlamse" bekend staan. Mense wat sedert die dae van die Zuid-Afrikaansche Republiek in Pretoria se lokasies woonagtig was en hulle oorspronklike taalverband vervang het met Afrikaans. Langs geen weg kon hier duidelike etniese aanhorigheid bepaal word nie.

Volgens ons gegewens dus kan 59.3% van die inwoners as Sotho-sprekend, 12.5% as sprekers van Nguni-tale; 9.3% as Venda- of Shangaan-Thonga-sprekend bepaal word terwyl 6.2% aan ander groepe buite die Republiek van Suid-Afrika behoort en oor 12.7% geen gegewens bestaan nie. Vergeleke by die offisiële syfer vir etniese indeling van die vergrote Atteridgeville (1960) van Sotho 57.2%, Nguni 21.6% en Shangaan/Venda 21.2%, word 'n onnatuurlike vermeerdering van die nie-Sotho-sprekende bevolking na 1952 veronderstel. Dit is ons oortuiging dat daar hiervoor geen grond bestaan nie.

By fyner analise van die gegewens en met inagneming van die feit dat ons oor besonderhede van meer vrouens as mans beskik, blyk dit tog duidelik dat die mans die meerderhede vorm in alle gevalle van tale van buite die Republiek van Suid-Afrika sowel as groepe wat oor groot distansies beweeg het soos die Venda en Shangaan-Thonga en Suid-Sotho. 'n Opvallende uitsondering op hierdie patroon is die Xhosa-sprekendes waar blykbaar meer vrouens as mans na Pretoria verhuis het.

As algemene opsomming verstrek ons gegewens 'n beeld van 'n groep mense wat uit hoofde van kennis oor geboortetaal die oorwig van vroulike getalle, die dalende natuurlike aanwassyfer, reeds geruime tyd aan verstedeliking onderhewig is. Die geringe uitvloei van bevolking bewys die redelike stabiele patroon van verstedeliking, terwyl die oorweging van Transvaalgebore Sotho-sprekende persone 'n aanduiding is van die tipe tradisionele kultuur, die van die Sotho, waarvan ons duidelike oorblyfsels in die daaglikse lewe kan verwag.

-------------

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

# HOOFSTUK III

## SOSIALE ORGANISASIE - HUWELIKSLUITING EN -ONTBINDING

### I. INLEIDING

By die behandeling van 'n lewenspatroon wat sterk onder invloed van veranderende omstandighede staan, ondervind die ondersoeker besondere probleme. Mens kan jou nie laat lei deur die weergawe van mededelings deur proefpersone alleen nie. Waar die lewenspatroon stereotiep gevestig geraak het, is die weergawe van proefpersone oor enersyds handelswyse in die praktyk en andersyds oor die norme en ideaal vir korrekte gedrag, gewoonlik in 'n hoë mate korreleerbaar. Wanneer die tradisionele kultuur egter sterk onder invloed van die Westerse beskawing gekom het, moet ons verwag dat die uiteensetting van proefpersone, oor die korrekte standaard of ideaal van handeling te sterk gekleur sal wees deur die norme wat in die tradisionele kultuur gegeld het. Die werklikheid van die lewe hoef nie altyd daarmee ooreen te stem nie.

Om hierdie rede is die gegewens wat in die afdeling verwerk word van twee hoofbronne afkomstig. In die eerste instansie is daar gebruik gemaak van die resultaat van 'n groot aantal persoonlike onderhoude waarby proefpersone ondervra is. Vir weergawe van feitelike toestande is in tweede instansie 'n groot aantal statistiese tabelle opgestel vanaf intensiewe ondervraging van verskeie verteenwoordigende monsters. Die belangrikste hiervan is die intensiewe ondervraging oor ses weke van 300 gesinne in Atteridgeville oor die feitelike werklikheid van hulle lewenspatrone. Aanvanklik was 'n monster van 500 gesinne beoog. Dit was spoedig duidelik dat die tyd wat met die opneem van gegewens gebruik word te lank is om die veldwerkers geleentheid te gee om elke gesin elke 3de dag te besoek. Daarom is die monster verminder tot 300 gesinne.

Die gesinne in die monster is verkry deur elke vyfde huis in Atteridgeville aan 'n ondersoek te onderwerp. In sommige gevalle was mense met vakansie of kon hulle na herhaalde besoek nog nie tuis gevind word nie. In sulke gevalle is een van die onmiddellike buurgesinne as plaasvervangers geneem om so 300 feitlik volledige ondersoeke te verskaf. Die opname van die gesinne het op 14 April 1950 begin en op 1 September 1950 is die laaste ondersoek voltooi. Die geldigheid van die monster is getoets teen ons kennis van die inwoners van Atteridgeville as geheel.

By korrelasie van die monster met ons gegewens oor Atteridgeville as geheel is gevind dat daar 'n besonder getroue weergawe van die algemene ouderdomsdistribusie in die monster verkry is. (Vergelyk tabel 23.) Wanneer die stamaanhorigheid volgens spreektaal van alle inwoners in Atteridgeville egter vergelyk word met die opgawe van die etniese herkoms van 300 ouerpare uit die monster is daar 'n paar ooglopende verskille wat ons gevolgtrekking sou kon beïnvloed.

Uit tabelle 22 en 24 blyk die algemene insidensie van <u>Transvaal-Sotho</u> en <u>Tswana</u> 43% en 14.2% onderskeidelik te wees. Ons monster vertoon egter 16.8% en 33.3% respektiewelik vir die twee etniese groepe. Daar moet ook in gedagte gehou word dat ons in 16.2% gevalle geen etniese verband kon verkry nie daar die persone oorlede is of geen gegewens verkry kon word nie. Dit is ons oortuiging dat die hoë syfer 37.8% vir <u>Algemeen-Sotho</u> ten opsigte van Atteridgeville as geheel in die lokasierekords in der waarheid 'n groot aantal persone insluit wat eintlik <u>Tswana</u> is. Indien ons dus vanweë die probleem slegs die totale aantal persone van <u>Sotho/Tswana</u> herkoms in die lokasierekords en in ons monster neem, is die onderskeie syfers 57.2% en 50.1% respektiewelik. Indien ons argumentshalwe aanvaar dat die verskil tussen die syfers gesoek moet word in

TABEL 23 / ...

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

TABEL 23: VERSPREIDING VOLGENS GESLAG EN OUDERDOM VAN MONSTER VERGELEKE BY GEHELE ATTERIDGEVILLE

| Ouderdoms-groepe | 300 Gesinne | | | | | | Atteridgeville | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | Getal | | | Persent | | | Persent | | |
| Jare | M | V | T | M | V | T | M | V | T |
| 0-5 | 169 | 196 | 365 | 9.2 | 10.6 | 19.8 | 8.1 | 8.8 | 16.9 |
| 6-10 | 133 | 148 | 281 | 7.2 | 8.0 | 15.2 | 6.5 | 7.1 | 13.6 |
| 11-15 | 106 | 103 | 209 | 5.7 | 5.6 | 11.3 | 5.7 | 6.9 | 12.6 |
| 16-20 | 87 | 109 | 196 | 4.7 | 5.9 | 10.6 | 4.5 | 5.3 | 9.8 |
| 21-25 | 62 | 77 | 139 | 3.3 | 4.2 | 7.5 | 3.8 | 3.9 | 7.7 |
| 26-30 | 50 | 59 | 109 | 2.7 | 3.2 | 5.9 | 2.8 | 3.3 | 6.1 |
| 31-35 | 38 | 52 | 90 | 2.1 | 2.8 | 4.9 | 2.4 | 2.8 | 5.2 |
| 36-40 | 47 | 50 | 97 | 2.5 | 2.7 | 5.2 | 2.5 | 2.9 | 5.4 |
| 41-45 | 40 | 53 | 93 | 2.1 | 2.9 | 5.0 | 2.4 | 2.7 | 5.1 |
| 46-50 | 46 | 48 | 94 | 2.5 | 2.6 | 5.1 | 2.9 | 2.9 | 5.8 |
| 51-55 | 16 | 23 | 39 | .9 | 1.2 | 2.1 | 1.5 | 1.3 | 2.8 |
| 56-60 | 29 | 25 | 54 | 1.6 | 1.3 | 2.9 | 1.1 | .9 | 2.0 |
| 61-65 | 41* | 42* | 83* | 2.2 | 2.3 | 4.5 | .8 | .6 | 1.4 |
| 66-70 | | | | | | | .6 | .6 | 1.2 |
| 71-75 | | | | | | | .2 | .3 | .5 |
| 76-80 | | | | | | | .1 | .2 | .3 |
| 81 en meer | | | | | | | .2 | .4 | .6 |
| Geen gegewens | | | | | | | 1.5 | 1.5 | 3.0 |
| | 864 | 985 | 1849 | 46.7 | 53.3 | 100.0 | 47.6 | 52.4 | 100.0 |

*Hierdie syfer verteenwoordig alle persone ouer as 61 jaar daar skatting na die datum baie onbetroubaar is.

TABEL 24 / ...

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

TABEL 24: ETNIESE AANHORIGHEID VAN OUERPARE IN 300 GESINNE

| | Aantal | | | | | | Persent | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | Manlik | | Vroulik | | Totaal | | Manlik | | Vroulik | | Totaal | |
| Afrikaans | | 9 | | 18 | | 27 | | 3.0 | | 6.0 | | 4.5 |
| Transvaal Sotho | | | | | | | | | | | | |
| a. Gemeng | 3 | | 8 | | 11 | | 1.0 | | 2.7 | | 1.8 | |
| b. Gananwa | 1 | | 0 | | 1 | | 0.3 | | 0 | | 0.2 | |
| c. Koni | 0 | | 1 | | 1 | | 0 | | 0.3 | | 0.2 | |
| d. Moletse | 1 | | 1 | | 2 | | 0.3 | | 0.3 | | 0.3 | |
| e. Pedi | 38 | | 43 | | 81 | | 12.7 | | 14.3 | | 13.5 | |
| f. Pulana | 0 | | 1 | | 1 | | 0 | | 0.3 | | 0.2 | |
| g. Tokwa | 2 | 45 | 2 | 56 | 4 | 101 | .7 | 15.0 | 0.7 | 18.6 | .6 | 16.8 |
| Tswana | | | | | | | | | | | | |
| a. Algemeen | 0 | | 0 | | 0 | | 0 | | 0 | 0 | 0 | |
| b. Hurutshe | 0 | | 1 | | 1 | | 0 | | 0.3 | | 0.2 | |
| c. Kgalaka | 1 | | 2 | | 3 | | 0.3 | | 0.7 | | 0.5 | |
| d. Kgatla | 51 | | 95 | | 146 | | 17.0 | | 31.7 | | 24.3 | |
| e. Kwena | 14 | | 22 | | 36 | | 4.7 | | 7.3 | | 6.0 | |
| f. Rolong | 8 | 74 | 6 | 126 | 14 | 200 | 2.7 | 24.7 | 2.0 | 42.0 | 2.3 | 33.3 |
| Suid-Sotho | | 4 | | 9 | | 13 | | 1.3 | | 3.0 | | 2.2 |
| Nguni | | | | | | | | | | | | |
| a. Ndebele | 18 | | 24 | | 42 | | 6.0 | | 8.0 | | 7.0 | |
| b. Swazi | 3 | | 1 | | 4 | | 1.0 | | 0.3 | | 0.7 | |
| c. Xhosa | 5 | | 12 | | 17 | | 1.7 | | 4.0 | | 2.8 | |
| d. Zulu | 17 | 43 | 11 | 48 | 28 | 91 | 5.6 | 14.3 | 3.7 | 16.0 | 4.7 | 15.2 |
| Shangaan | | 25 | | 22 | | 47 | | 8.3 | | 7.3 | | 7.8 |
| Venda | | 12 | | 5 | | 17 | | 4.0 | | 1.7 | | 2.8 |
| Kalanga | | 4 | | 0 | | 4 | | 1.3 | | .0 | | 0.7 |
| Nyanja | | 2 | | 0 | | 2 | | 0.7 | | .0 | | 0.3 |
| Senga | | 1 | | 0 | | 1 | | 0.3 | | .0 | | 0.2 |
| Geen gegewens | | 20 | | 10 | | 30 | | 6.7 | | 3.4 | | 5.0 |
| Oorlede | | 61 | | 6 | | 67 | | 20.4 | | 2.0 | | 11.2 |
| | | 300 | | 300 | | 600 | | 100.0 | | 100.0 | | 100.0 |

© University of Pretoria

die / ...

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

die 16.2% persone wat in ons monster oorledenes was of waaroor ons geen gegewens het nie, kan ons konstateer dat die algemene etniese agtergrond wat in Atteridgeville aan verandering blootgestel was, die van oorwegend Sotho/Tswana herkoms is en dat die feit ook ten volle in die monster weerspieël word. Dit moet egter onthou word dat ons monster 'n effens swaarder persentasie persone van Shangaan en Venda herkoms bevat.

By die optekening van die algemene feitelike gegewens is gevind dat herhaalde besoeke van 30 minute elk beter resultate en betroubaarder gegewens verskaf as uitgerekte onderhoude waarby die informante met reg later kriewelrig word oor die tydsverlies wat aan eie werksaamhede bestee moes gewees het.

Agterdog en wantroue kon ons in alle gevalle oorkom. Die insameling is deur 'n span gekeurde veldwerkers gedoen wat die mense later baie intiem leer ken het. Die rede vir die ondersoek moes omstandig verduidelik word. Sodra aanvanklike terughoudendheid by herhaalde besoeke verdwyn, is werklik betroubare gegewens soos ons voortdurende hertoetsing bewys het, verkry. Onkundigheid aangaande ouderdomme, name van werkgewers ensovoorts kon ons egter nie uitskakel nie. Die faktor bring 'n onberekenbare fout-moontlikheid in sommige gegewens mee. Oor die algemeen is ons oortuiging egter dat ons daarin geslaag het om werklik betroubare gegewens in te samel.

By wyse van aanvulling en vir vergelykingsdoeleindes het ons ook gebruik gemaak van die gegewens wat prof. J.F. Eloff in sy magisterverhandeling ('n Volkekundige studie van aanpassing in die gesinslewe van die naturelle van Atteridgeville) verstrek. 'n Belangrike deel hiervan is gebou op 'n soortgelyke opname oor 100 gesinne arbitrêr gekies uit die hele woongebied.

Langs hierdie verskillende weë voel ons tevrede dat ons in die navolgende gedeeltes 'n getroue en korrekte weergawe verskaf van die lewenspatroon van die inwoners van Atteridgeville.

## II. VOOREGTELIKE GESLAGSVERHOUDINGE

Dit is alleen in enkele sosiale ordenings dat vrye omgang tussen die geslagte voor die huwelik toelaatbaar is. Onder die Sotho in die algemeen geld die ideaal dat die bruid ten tye van haar huwelik 'n maagd sal wees. Voorhuwelikse omgang is dus verbode. Daar bestaan ook geen algemene gebruik soos by sommige Nguni-volke dat onvolledige omgang sonder dat deflorasie plaasvind wel toelaatbaar is nie.

Hierdie tradisionele agtergrond is nog goed bekend aan alle ouer inwoners van Atteridgeville. Die praktyk bewys egter dat dit vandag as byna normaal beskou moet word dat alle jongmense voorhuwelikse omgang bedryf. Dit word as 'n normale deel van die lewe beskou. Alle ouers, hoedanig hulle eie voorhuwelikse optrede mog gewees het, het by die bespreking van hulle opvoedingsverantwoordelikheid teenoor hulle kinders, hieroor hulle ontsteltenis uitgespreek.

Kinders leer hierdie sake van hulle speelmaats. Ons informante was egter daaroor eens dat: Die gebrek aan privaatheid van die ouers se slaapvertrek en die res van die huis, algemene oorbewoning van huise, drankgebruik waardeur die skaamtegevoel van ouers afgestomp word, oorsake is wat kinders van huis uit met meer as die normale kennis bedeel. Vrouens probeer hulle dogters voorlig en waarsku maar daar is weinig bewyse dat hierdie voorligting die gewenste gevolg het. Min buitestaanders kan die pyn en verdriet peil wat by buite-egtelike swangerskap van hulle dogters die lot van byna elke ouerpaar in Atteridgeville geword het. Die tradisionele Sotho-kinderspel, mantlwane of huis-huis, ontaard ook reeds vroeg in 'n te ernstige vryery eerder as onskuldige spel.

Die belangrikste oorsaak vir hierdie toestand na ons oordeel is die verswakking van ouerlike kontrole oor kinders. Hiervoor is

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

daar as oorsake: die afwesigheid van albei ouers wanneer hulle werk, die groot geleentheid vir ongekontroleerde samesyn van kinders op straat bedags maar veral saans en die ongekontroleerde besoeke aan bioskope. Ten opsigte van die bioskoop is die effek as tweeledig aan ons verduidelik. (a) Alle informante is dit eens dat die suggestiewe handeling en ongebonde lewensvoorbeeld wat filmkarakters aan die jong kinders voorhou, 'n swak invloed het. (b) Die geleentheid om na die bioskoop af te paar word ten volle benut. In hierdie verband word die bioskoop genoem saam met partytjies en Jive-sessions waarheen kinders te goedertrou toegelaat word om te gaan.

Die meeste dogters van 10-12 jaar het reeds hulle vaste kêrels. Algaande word dit dan normale praktyk dat kinderspel uitloop op geslagtelike speletjies en daarna tot volle omgang. Omdat hulle maats so in groepe rondgaan, het die voorskrifte van streng ouers nie veel effek nie: die kinders soek met of sonder goedkeuring die geselskap van hulle maats op.

Die normale speelplek is sypaadjies en saans op die hoeke van strate waar mens somtyds kan opmerk hoe seuns en dogters afpaar en na stil hoekies verdwyn.

Ons informante het beweer dat hierdie praktyke in die ouderdomsgroep onder nege reeds aanwesig is. Daar word egter skerp onderskeid gemaak tussen kinders op skool en die wat uit die groep nie skool besoek nie. Dit is onder die laasgenoemde groep waar die praktyke waarneembaar voorkom. In die ouderdomsgroep 12-16 jaar is die insidensie tussen die wat skool besoek en die wat nie skool toe gaan nie min of meer ewe veel. Daarna word die praktyk in 'n hoë mate algemeen. Dit het so 'n omvang dat nie baie dogters in die huwelik tree sonder om een of meer buite-egtelike kinders te hê nie.

Geen wonder dat sommige ouers hulle kinders na familie op die plase of platteland stuur om daar die verderflike invloede te ontkom nie. Hierdie gebruik is egter nie algemeen nie.

Vir ouer persone is as bykomstige faktor ook die hoë huweliksouderdom en die uitgerekte prosedure van huweliksluiting as oorsaak vir buite-egtelikheid ter sprake.

Op geen stadium van ons ondersoek het ons die indruk gekry dat verkragting of prostitusie enige belangrike afmetings aanneem nie. Prostitusie as sodanig is feitlik onbekend in Atteridgeville. Verkragting, waarby geweld ter sprake kom, kom feitlik nooit voor nie omdat daar byna geen stigma rus op die moeder wat 'n buite-egtelike kind in die wêreld bring nie. Dit was ewe duidelik dat voorbehoedmiddels feitlik onbekend is. Informante het teenoor ons beduie dat dit te duur is en dat daar so min stigma aan buite-egtelikheid verbonde is dat daar geen stimulus is om die middels te koop nie.

## A. Herkoms van buite-egtelikheid by proefmonster

Die voorgaande mededelings het ons gelei tot 'n besondere studie van die insidensie van buite-egtelikheid in ons monster van 300 gesinne. Ons was ook in staat om die breë patroon uit die rekords van die Kindersorgkliniek vir Atteridgeville as geheel te bepaal.

By die beoordeling van die vraag of die geboorte binne of buite die huweliksband gebeur het, moes ons 'n norm gebruik. Alle verbintenisse tussen man en vrou volgens Bantoegebruik deur die lewering van trougoedere (bogadi, lobola) of waar dit deur die Kerk ingeseën is of waar dit 'n wettige gemeneregtelike verbinding is voor 'n aangestelde huweliksbevestiger (Bantoesakekommissaris of leraar van 'n kerk) is as huwelike getel. Alle ander gevalle is as buite-egtelike verhoudings getel. Eintlik is dit gewoonlik voor-huwelikse verhoudings omdat in ons proefgroep slegs een geval van 'n buite-egtelike kind van 'n weduwee getel kon word. Kinders uit owerspel gebore kon nie bepaal word nie. Sulke kinders word deurgaans as wettig beskou.

Daar / ...

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Daar is egter verskeie gevalle (vgl. p.105) waar man en vrou sonder wettige bande saamleef in Atteridgeville. Sulke verbintenisse word, wanneer hulle permanent bly, eintlik deur die inwoners van Atteridgeville as wettige verbintenisse tussen man en vrou beskou. Almal erken egter dat daar geen wetlike dekking, nôg volgens stamreg nôg onder die gemenereg hiervoor bestaan nie. Sulke mense wat bloot saam bly, as man en vrou saamleef en kinders het, se kinders is as buite-egtelik beskou en die verbintenisse was, vanweë die gebrek aan wettigheid, ewe-eens as buite-egtelike verhoudings gereken.

In tabel 25 kan ons sien dat die verskynsel hom in 118 gesinne of 39.4% van ons proefmonster openbaar het. In die 182 gesinne of 60.7% van die gevalle waar daar geen buite-egtelikheid voorgekom het nie moet ons egter onthou dat daar in slegs 46 van hierdie gesinne dogters van ouer as 16 jaar voorgekom het. In die res van die gesinne (136) was daar òf geen kinders in die gesin nie, òf was daar slegs seuns, of wel soms dogters, maar dan jonger as 16 jaar of al die kinders was reeds getroud en uit die huis uit. 'n Korrekte stelling sou dus wees dat in slegs 46 van die 164 gevalle waar ons dit kon verwag buite-egtelikheid nie voorgekom het nie. So gesien is die effektiewe insidensie van buite-egtelikheid 72% van alle gesinne waar daar potensiële moeders aanwesig was. Dit is ook duidelik dat daar in 'n mindere aantal gevalle 5 of meer buite-egtelike kinders in een huishouding aangetref word. In 84.8% van die gesinne was daar minder as 4 buite-egtelike kinders aanwesig. By 29.6% slegs 1 kind, 18.7% 2 kinders, 23.8% 3 kinders en in 12.7% gevalle 4 kinders.

In tabel 26 word dit duidelik wie die moeders van hierdie kinders was. By die interpretasie van die tabel moet onthou word dat 'n vrou ook as huishoof getel kon word. In die gevalle wat met 'n (x) gemerk is, het sowel moeder as dogters en kleindogters in dieselfde huishouding reeds buite-egtelike kinders gehad.

Dit is baie duidelik dat dit hoofsaaklik dogters van die huishoof of gesinshoof is wat vir die probleemsituasie verantwoordelik is. Die gevalle waar susterskinders en die van ander familie hier aangetref word, verteenwoordig die wyse waarop aan buite-egtelike moeders of selfs net hulle kinders of naby familie onderdak verskaf word by gevestigde gesinne in Bantoewoonbuurtes.

Indien ons uit tabel 26 slegs die buite-egtelike kinders van direkte dogters en kleindogters sou uittrek (tabel 27) dan blyk hierdie laaste feit duidelik. Die totale aantal moeders met buite-egtelike kinders is 189 (tabel 28). Hiervan 168 of 88.9% direkte dogters of kleindogters van die huishoofde waar hulle bly. Die 302 kinders van hierdie moeders verteenwoordig 87.6% van die totaal van 345 kinders en die aantal gesinne (106) verteenwoordig 89.8% van die totaal van 118 waar buite-egtelike kinders in voorkom.

In tabel 28 het ons probeer nagaan tussen watter ouderdomme die verskynsel sy kop uitsteek, of die moeder later met die skuldige vader trou en of daar 'n wye verskeidenheid van vaders vir die kinders van een moeder is. By die interpretasie van hierdie tabel moet daar onthou word dat die enkele geval van buite-egtelikheid op 46 jaar die kind van 'n weduwee verteenwoordig. Alle ander gevalle het op voorhuwelikse geboortes betrekking.

Volgens hierdie gegewens het 159 van die 189 moeders aan hulle eerste buite-egtelike kind tussen die jare 16 tot 23 geboorte gegee. Dit verteenwoordig 84.2% van die totaal. Die presiese persentasies vir die verskillende jare kan op die tabel gelees word. Van hierdie moeders (16-23) was 135 nog met ons opname ongetroud. Slegs 24 het reeds later getrou. As persentasies van 159 het 84.9% ongetroud gebly en 15.1% later getrou. Ons wil nie beweer dat die ongetroudes nie later sou trou nie. Die syfers verskaf egter die eerste aanduiding van die hoë huweliksouderdom en die uitgerekte

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

TABEL 25: AANDUIDING VAN DIE AANTAL BUITE-EGTELIKE MOEDERS, EN DIE AANTAL BUITE-EGTELIKE KINDERS, IN ELKE GESIN BY 300 GESINNE IN ATTERIDGEVILLE

| Aantal buite-egtelike moeders in elke gesin | Aantal buite-egtelike kinders in elke gesin | | | | | | | | | | Totale aantal gesinne | | Totale aantal buite-egtelike kinders | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 6 | 7 | 8 | 9 | 16 | getal | % | getal | % |
| 1 | 35 | 16 | 12 | 4 | 1 | - | - | 1 | - | - | 69 | 23.0 | 132 | 38.3 |
| 2 | | 6 | 11 | 9 | 4 | - | 3 | - | - | - | 33 | 11.0 | 122 | 35.4 |
| 3 | - | - | 5 | 2 | 2 | 1 | 1 | 1 | - | - | 12 | 4.0 | 54 | 15.6 |
| 4 | - | - | - | - | 1 | - | 1 | - | - | - | 2 | .7 | 12 | 3.5 |
| 5 | - | - | - | - | - | - | - | - | 1 | 1 | 2 | .7 | 25 | 7.2 |
| Totaal | 35 | 22 | 28 | 15 | 8 | 1 | 5 | 2 | 1 | 1 | 118 | 39.4 | | |
| Aantal gesinne waarin geen buite-egtelikheid gevind is nie | | | | | | | | | | | 182 | 60.7 | | |
| Groot Totaal | | | | | | | | | | | 300 | 100.1 | 345 | 100.0 |
| Aantal buite-egtelike kinders | 35 | 44 | 84 | 60 | 40 | 6 | 35 | 16 | 9 | 16 | | | 345 | |

TABEL 26 / ...

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

TABEL 26: 'N AANDUIDING VAN DIE VERWANTSKAP VAN BUITE-EGTELIKE MOEDERS (EN DIE AANTAL) MET DIE HOOF VAN DIE GESIN EN DIE AANTAL BUITE-EGTELIKE KINDERS IN ELKE GESIN

| Verwantskap van buite-egtelike moeders met die gesinshoof van elke gesin | Aantal buite-egtelike kinders in elke huisgesin | | | | | | | | | | Totale aantal buite-egtelike kinders | Totale aantal gesinne waarin buite-egtelikheid voorkom |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 6 | 7 | 8 | 9 | 16 | | |
| Hoof | - | 1 | - | - | - | - | - | - | - | - | 2 | 1 |
| Moeder | - | - | - | - | - | - | - | 1 | - | - | 8 | 1 |
| 1 dogter | 27 | 15 | 11 | 3 | 1 | - | - | - | - | - | 107 | 57 |
| 2 dogters | - | 6 | 7 | 8 | 4 | - | 2 | - | - | - | 99 | 27 |
| 3 dogters | - | - | 4 | 1 | 2 | - | 1 | 1 | - | - | 41 | 9 |
| 4 dogters | - | - | - | - | - | - | 1 | - | - | - | 7 | 1 |
| 5 dogters | - | - | - | - | - | - | - | - | 1 | - | 9 | 1 |
| 1 dogter en 1 kleinkind | - | - | 1 | - | - | - | - | - | - | - | 3 | 1 |
| 2 dogters en 1 kleinkind | - | - | 1 | - | - | - | - | - | - | - | 3 | 1 |
| 4 dogters en 1 kleinkind | - | - | - | - | - | - | - | - | - | 1 | 16 | 1 |
| 1 dogter en 1 suster | - | - | 1 | - | - | - | - | - | - | - | 3 | 1 |
| 1 dogter en 1 skoonsuster | - | - | - | - | - | - | 1 | - | - | - | 7 | 1 |
| 1 dogter en 1 skoonsusterskind | - | - | - | 1 | - | - | - | - | - | - | 4 | 1 |
| 2 dogters en 2 niggies | - | - | - | - | 1 | - | - | - | - | - | 5 | 1 |
| 2 dogters en 1 kind van swaer | - | - | - | 1 | - | - | - | - | - | - | 4 | 1 |
| 1 kleindogter | 1 | - | - | - | - | - | - | - | - | - | 1 | 1 |
| 2 kleindogters | - | - | 1 | - | - | - | - | - | - | - | 3 | 1 |
| 1 aangenome dogter | 1 | - | - | - | - | - | - | - | - | - | 1 | 1 |
| 1 skoonsusterskind | 2 | - | - | - | - | - | - | - | - | - | 2 | 2 |
| 1 skoonsuster | 2 | - | - | - | - | - | - | - | - | - | 2 | 2 |
| 1 suster | 1 | - | 1 | 1 | - | - | - | - | - | - | 8 | 3 |
| 2 susters | - | - | 1 | - | - | - | - | - | - | - | 3 | 1 |
| 3 susters | - | - | - | - | - | 1 | - | - | - | - | 6 | 1 |
| 1 susterskind | 1 | - | - | - | - | - | - | - | - | - | 1 | 1 |
| aantal gesinne waarin daar buite-egtelikheid voorkom | 35 | 22 | 28 | 15 | 8 | 1 | 5 | 2 | 1 | 1 | | 118 |
| aantal gesinne waarin daar nie buite-egtelikheid voorkom nie | | | | | | | | | | | | 182 |
| | | | | | | | | | | | 345 | 300 |

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

TABEL 27: GEVALLE VAN BUITE-EGTELIKHEID BY DIREKTE DOGTERS EN KLEINDOGTERS VAN GESINSHOOFDE.

| | Dogters of kleindogters | Totaal kinders | Totaal gesinne |
|---|---|---|---|
| 1 Dogter of kleindogter | 62 | 116 | 62 |
| 2 Dogters | 62 | 110 | 31 |
| 3 Dogters | 30 | 44 | 10 |
| 4 Dogters | 4 | 7 | 1 |
| 5 Dogters | 10 | 25 | 2 |
| | 168 | 302 | 106 |

tydsverloop van die huweliksonderhandelinge, sake waarop ons later weer terug kom. Die persentasies wat hierdie groepe van die groot totaal (189) vorm, kan van die tabel afgelees word.

Dit is baie belangrik om verder te besef dat die grootste gedeelte van die buite-egtelike verbindings tussen man en vrou 'n mate van permanensie het. Die 24 vrouens wat later in die huwelik getree het, het in alle gevalle behalwe een met die vader van al die kinders of met die vader van die laaste kind in die huwelik getree. Hierdie feit kan ook in die laaste kolomme oor vaderskap gelees word. Nie minder as 79.3% van al die vrouens het 'n kind of kinders by slegs een vader gehad nie. Die 20.7% gevalle waar kinders by verskillende vaders die lewenslig aanskou het, is by verre die minderheid van gevalle.

Uit tabel 29 is dit verder opmerklik dat meer as die helfte, 52.9%, van die vrouens met buite-egtelike kinders slegs een sodanige kind in die wêreld gebring het. Dit is asof die skok van die gebeurtenis tog 'n mate van versigtigheid in later lewe verseker. Wanneer ons die getal vrouens wat meer as 4 kinders op die wyse in die wêreld gebring het bekyk, wil ons die gedagte waag dat ons in hierdie 8.5% gevalle moontlik te doen het met gewoontehandeling. Indien ons gedagte korrek is, wys dit weer daarop dat die frekwensie van werklike volgehoue buite-egtelike verwekking van kinders hoewel hoog nie 'n beeld van absolute immoraliteit verskaf nie.

B. Buite-egtelike geboortes in Atteridgeville as geheel

Dit was vir ons onmoontlik om werklik betroubare gegewens te kry oor die datum van die geboorte van buite-egtelike kinders by die betrokke moeders van ons proefgroep. Ons kon dus by hierdie groep ook geen betroubare statistiek oor ouderdomme van die moeders by elke geboorte uitwerk nie. As aanvulling in hierdie leemte was ons aangewese op die rekords van die kindersorgkliniek waar in die 5 jaar wat ons ondersoek voorafgegaan het werklik betroubare gegewens oor hierdie saak verskaf is. Die gegewens het egter betrekking op Atteridgeville as geheel.

By die interpretasie van hierdie gegewens moet egter uitdruklik onthou word dat dit nie direk vergelykbaar is met die statistiek van ons proefmonster nie. Die gevalle waar weduwees aan onegte kinders geboorte gegee het, word in hierdie tabelle as buite-egtelikheid beskou. In ons proefmonster kom sulke gevalle feitlik

© University of Pretoria

TABEL 28 / ...

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

TABEL 28: OUDERDOM VAN BUITE-EGTELIKE MOEDERS BY GEBOORTE VAN EERSTE BUITE-EGTELIKE KIND EN LATERE HUWELIKSTAAT EN VADERSKAP VAN KINDERS

| Ouderdom van moeder by eerste geboorte | Totale aantal buite-egtelike moeders | % van totaal | Latere huwelikstaat | | | | Vaderskap | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | moeders bly ongetroud | % van groot totaal | moeder later met laaste vader getroud | % van groot totaal | dieselfde vader | % van groot totaal | verskillende vaders | % van groot totaal |
| 13 | 1 | .5 | 1 | .5 | - | - | 1 | .5 | - | - |
| 14 | 2 | 1.1 | 2 | 1.1 | - | - | 1 | .5 | 1 | .5 |
| 15 | 8 | 4.2 | 8 | 4.2 | - | - | 6 | 3.2 | 2 | 1.1 |
| 16 | 12 | 6.4 | 10 | 5.3 | 2 | 1.1 | 8 | 4.2 | 4 | 2.1 |
| 17 | 30 | 15.9 | 28 | 14.8 | 2 | 1.1 | 25 | 13.3 | 5 | 2.7 |
| 18 | 33 | 17.5 | 28 | 14.8 | 5 | 2.7 | 25 | 13.3 | 8 | 4.2 |
| 19 | 23 | 12.2 | 21 | 11.1 | 2 | 1.1 | 21 | 11.1 | 2 | 1.1 |
| 20 | 26 | 13.7 | 18 | 9.5 | 8 | 4.2 | 21 | 11.1 | 5 | 2.7 |
| 21 | 14 | 7.4 | 10 | 5.3 | 4 | 2.1 | 11 | 5.8 | 3 | 1.6 |
| 22 | 10 | 5.3 | 10 | 5.3 | - | - | 8 | 4.2 | 2 | 1.1 |
| 23 | 11 | 5.8 | 10 | 5.3 | 1 | .5 | 9 | 4.8 | 2 | 1.1 |
| 24 | 5 | 2.7 | 4 | 2.1 | 1 | .5 | 4 | 2.1 | 1 | .5 |
| 25 | 4 | 2.1 | 3 | 1.6 | 1 | .5 | 4 | 2.1 | - | - |
| 26 | 1 | .5 | 1 | .5 | - | - | - | - | 1 | .5 |
| 27 | 3 | 1.6 | 2 | 1.1 | 1 | .5 | 1 | .5 | 2 | 1.1 |
| 28 | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - |
| 29 | 1 | .5 | - | - | 1 | .5 | 1 | .5 | - | - |
| 30 | 2 | 1.1 | 2 | 1.1 | - | - | 1 | .5 | 1 | .5 |
| 31 | 1 | .5 | 1 | .5 | - | - | 1 | .5 | - | - |
| 32 | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - |
| 33 | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - |
| 34 | 1 | .5 | - | - | 1 | .5 | 1 | .5 | - | - |
| 46 | 1 | .5 | 1 | .5 | - | - | 1 | .5 | - | - |
| Totaal | 189 | 100.0 | 160 | 84.6 | 29 | 15.4 | 150 | 79.3 | 39 | 20.7 |

© University of Pretoria

TABEL 29 / ...

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

TABEL 29: AANTAL BUITE-EGTELIKE KINDERS PER MOEDER IN 300 GESINNE

| | Aantal kinders per moeder | | | | | | | | T |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 6 | 7 | 8 | |
| Totale aantal moeders | 100 | 50 | 23 | 11 | 2 | 1 | - | 2 | 189 |
| % van totaal | 52.9 | 26.4 | 12.2 | 5.8 | 1.1 | .5 | - | 1.1 | 100.0 |
| Totale aantal kinders | 100 | 100 | 69 | 44 | 10 | 6 | - | 16 | 345 |
| % van totaal | 29.0 | 29.0 | 20.0 | 12.8 | 2.9 | 1.7 | - | 4.6 | 100.0 |

nie voor nie. Ons kan op geen wyse aanduiding verkry van die insidensie van hierdie verskynsel as 'n afsonderlike fenomeen nie.

In tabel 30 word die syfers oor algemene binne- en buite-egtelike geboortes in Atteridgeville verskaf. In hierdie tabel word 158 geboortes 8.8% van die gevalle as ongespesifiseer aangedui. Ons het daarin geslaag om deur eie kontrole te bepaal dat dit veilig is om te sê dat die grootste gros van hierdie syfer ook buite-egtelike geboortes verteenwoordig. Mens word daarom tot die gevolgtrekking gedwing dat buite-egtelike geboortes in alle termyne die meeste was en oor die algemeen teen 'n koers van ongeveer 55% van alle geboortes voorkom.

TABEL 30: GEBOORTESYFER VOLGENS BINNE- EN BUITE-EGTELIKHEID

| | Getal | | | | Per 1,000 van die bevolking | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | Binne egtelik | Buite-egtelik | Ongespesifiseer | Totaal | Binne egtelik | Buite-egtelik | Ongespesifiseer | Totaal |
| 1 Julie 1945-30 Junie 1946 | 131 | 142 | 25 | 298 | 21.0 | 22.8 | 4.0 | 47.8 |
| 1 Julie 1946-30 Junie 1947 | 162 | 167 | 29 | 358 | 20.2 | 20.8 | 3.6 | 44.6 |
| 1 Julie 1947-30 Junie 1948 | 180 | 170 | 37 | 387 | 20.6 | 19.5 | 4.3 | 44.4 |
| 1 Julie 1948-30 Junie 1949 | 175 | 190 | 39 | 404 | 18.0 | 19.5 | 4.0 | 41.5 |
| 1 Julie 1949-30 Junie 1950 | 143 | 183 | 28 | 354 | 14.7 | 18.7 | 2.9 | 36.3 |
| | 791 | 852 | 158 | 1801 | | | | |
| Uitgedruk in persent | 43.9 | 47.3 | 8.8 | 100 | | | | |
| Gemiddeld | 158.2 | 170.4 | 31.6 | 360.2 | 18.9 | 20.2 | 3.8 | 42.9 |

© University of Pretoria

TABEL 31 / ...

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA


TABEL 31: OUDERDOMS-VERSPREIDING VAN 2093 MOEDERS VAN BINNE- EN BUITE-EGTELIKE KINDERS GEDURENDE DIE TYDPERK 1945 TOT 1950.
(Gegewens verkry van die Kindersorgkliniek)

| Ouderdom van moeder in jare | Binne egtelik | Buite egtelik | Totaal |
|---|---|---|---|
| 13 | - | 1 | 1 |
| 14 | - | - | - |
| 15 | - | 7 | 7 |
| 16 | 1 | 23 | 24 |
| 17 | 5 | 49 | 54 |
| 18 | 2 | 65 | 67 |
| 19 | 4 | 88 | 92 |
| 20 | 10 | 100 | 110 |
| 21 | 25 | 90 | 115 |
| 22 | 23 | 83 | 106 |
| 23 | 35 | 78 | 113 |
| 24 | 37 | 72 | 109 |
| 25 | 40 | 45 | 85 |
| 26 | 54 | 36 | 90 |
| 27 | 48 | 37 | 85 |
| 28 | 57 | 28 | 85 |
| 29 | 47 | 20 | 67 |
| 30 | 49 | 27 | 76 |
| 31 | 33 | 7 | 40 |
| 32 | 48 | 11 | 59 |
| 33 | 31 | 6 | 37 |
| 34 | 30 | 6 | 36 |
| 35 | 29 | 6 | 35 |
| 36 | 46 | 6 | 52 |
| 37 | 19 | 5 | 24 |
| 38 | 33 | 10 | 43 |
| 39 | 26 | 4 | 30 |
| 40 | 27 | 5 | 32 |
| 41 | 9 | 6 | 15 |
| 42 | 11 | 1 | 12 |
| 43 | 7 | - | 7 |
| 44 | 8 | 2 | 10 |
| 45 | 7 | 2 | 9 |
| 46 | 2 | 1 | 3 |
| 47 | 1 | - | 1 |
| 48 | 3 | - | 3 |
| 49 | 6 | - | 6 |
| Net aangegee as volwassene | 101 | 61 | 162 |
| | 914 | 988 | 1902 |
| Geen gegewens | | | 191 |
| | | | 2093 |

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA


FIG 4 VERSPREIDING VAN TOTALE AANTAL GEBOORTES VOOR DIE TYDPERK 1945–1950 VOLGENS OUDERDOM VAN MOEDER.




© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

FIG. 5. DIE GEMIDDELDE GEBOORTESYFER VOLGENS DIE MAAND VAN DIE JAAR.




© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

TABEL 32: DIE GEMIDDELDE GEBOORTESYFER VOLGENS DIE MAANDE VAN DIE JAAR VIR DIE TYDPERK 1 JULIE 1945 TOT 30 JUNIE 1950.

| Maand | Binne-egtelik | Buite-egtelik | Ongespesifiseer | Totaal |
|---|---|---|---|---|
| Januarie | 12.2 | 11.8 | 2.4 | 26.4 |
| Februarie | 11.4 | 12.2 | 1.8 | 25.4 |
| Maart | 11.4 | 11.8 | 4.8 | 28.0 |
| April | 14.6 | 13.8 | 2.4 | 30.8 |
| Mei | 14.6 | 13.4 | 1.8 | 29.8 |
| Junie | 15.0 | 15.2 | 2.4 | 32.6 |
| Julie | 10.4 | 15.4 | 3.2 | 29.0 |
| Augustus | 14.2 | 16.4 | 2.8 | 33.4 |
| September | 15.0 | 13.6 | 2.6 | 31.2 |
| Oktober | 14.4 | 14.6 | 2.2 | 31.2 |
| November | 11.8 | 13.8 | 2.4 | 28.0 |
| Desember | 13.2 | 18.4 | 2.8 | 34.4 |
| Gemiddeld per jaar | 158.2 | 170.4 | 31.6 | 360.2 |
| Gemiddeld per maand | 13.2 | 14.2 | 2.6 | 30.0 |

Uit tabel 31 soos dit per grafiek (fig. 4) verwerk is, word ons gegewens in die proefmonster oor die ouderdom waarop buite-egtelikheid 'n aanvang neem bevestig. Die krisisjare is van 16 tot 20. Wat uit die tabel duidelik blyk, is dat die praktyk in erge graad voortduur tot vroeg in die dertiger jare. Uit die grafiek kan ons bepaal dat die aantal binne-egtelike geboortes eers op 26-jarige ouderdom die aantal buite-egtelike geboortes oorskry. Die ouderdom 25 verteenwoordig dus die tyd waarop die meeste vrouens in die huwelik tree hoewel daar 'n groot groep is wat tussen 25 en 31 jaar ouderdom nog wag om te trou en betekenisvolle getalle buite-egtelike kinders lewer. Hierdie feite kan nie 'n stabiele en konserwatiewe gemeenskap kenmerk nie. Dit is ons oortuiging dat die byna gelyke dalende neiging in die twee kurwes vir binne- en buite-egtelike geboortes na die ouderdom 30 op die grafiek, aanduiding verskaf van die aantal gevalle waar mans en vrouens sonder egverbintenis saam leef.

In tabel 32 (en fig. 5) word die gemiddelde geboortesyfer per maand bereken vir die vyf jaar waarvoor ons gegewens het. Indien ons die ongespesifiseerde gevalle as buite-egtelik beskou dan beteken dit dat daar geen maand van die jaar is waarin die binne-egtelike geboortes die van buite-egtelike geboortes oorskry het nie.

C. Houding van jongmense teenoor vooregtelike swangerskap

Ons statistiek het getoon dat daar geen groot of betekenisvolle groep onder die dogters in Atteridgeville is wat nie aan hierdie praktyk gekoppel kan word nie. Ons weet ook dat die grootste gros dogters slegs een buite-egtelike kind in die wêreld bring. Dit

was / ...

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

was nie moontlik om te bepaal of daar enige ander klassifikasiefaktor was om een groep dogters uit te sonder as synde meer onderhewig aan die probleem as ander nie. Dit is egter aan ons genoem dat Bantoe-persone wat pas uit die stamgebiede kom se dogters minder onderhewig is aan die probleem omdat hulle nog strenger ouerkontrole as korrek aanvaar. Sulke gevalle is in Atteridgeville, waar al die inwoners vir byna een geslag of langer in die Pretoria-gebied woonagtig was, natuurlik baie skaars.

Eweso is beweer dat mense wat vir langer as twee geslagte in die stad woon die verskynsel so goed ken dat hulle dogters van kleinsaf 'n groter verantwoordelikheidsin openbaar. Statisties kon ons dit nie bewys nie. Juis onder die mense het die mees bevooroordeelde kommentaar soos volg gelui: "The urbanised native is modern, cultured, educated and sociable (d.i. in staat om 'n goeie geselskap te voer). Sex relations, though thoroughly known to all are only entered into with the ultimate ending in marriage - no girl can allow you to have an intercourse unless you have fully convinced her that you are honest. Sometimes you have to be introduced to her people and you will be asked to send your people to come and discuss the question of your status and relationship between you and their daughter and about the possibility of marriage should their daughter bear a child to you." 'n Vorm van gesanksioneerde immoraliteit dus. Vir hierdie standpunt kon ons nie volledige bewyse vind nie. Dit is egter waar dat die meeste ouers in Atteridgeville òf in die Bantoe-tuislande òf (meer dikwels) op die platteland gebore is. As sodanig verteenwoordig die kinders die eerste en soms die tweede generasie wat skerp onder invloed van 'n verwesterde en verstedelikte lewens-patroon opgroei. Die mense het ronduit aan ons verduidelik dat die opvoedingsagtergrond van die ouers nie sodanig is dat hulle die regte gesindheid by hulle kinders in die nuwe situasie kan bybring nie. Indien die bogenoemde gesindheid van persone wat meerdere generasies in die stad woon die rigting is waarheen beweeg word, is dit onmoontlik om te voorspel hoe lank dit sal duur voor 'n normale Westerse houding in praktyk teen die verskynsel van buite-egtelike geboortes sal ontwikkel.

Ten opsigte van dogters moet ons onthou dat 'n ruim persentasie by die bereiking van 16 tot 18 jaar as huisbediendes in die stad gaan werk en in Blanke agterplase slaap. Al ons segsmanne was dit eens dat hierdie kinders, los van ouerkontrole baie maklik tot geslagsverkeer oorreed word deur jong mans wat in die stad werksaam is. By swangerskap soek hulle die beskerming van hulle eie ouers in Atteridgeville op.

Indien die dogters aan te groot versoekinge blootgestel is, beteken dit dat ons die bestaan van 'n groot groep jong mans moet veronderstel wat daarop uit is om geslagsverkeer met soveel vrouens as moontlik as prestasies op hulle kerfstok te reken. Dit is in der waarheid die geval.

In Atteridgeville bestaan daar verskeie <u>tsotsi-bendes</u> waarvan die lede dit praktyk maak om meisies in die hande te kry vir geslagsverkeer. Dit is die belangrikste doelstelling van die lede. Elke geleentheid by bioskope, danse of sommer op straat word gebruik om toenadering te soek met die doel om omgang te voer. Van liefde en die huwelik as oogmerk bestaan daar geen sprake nie. Hulle erken rondborstig dat as 'n meisie in die moeilikheid gebring is, weier hulle om hulle aandeel te erken as hulle in die minste mate seker is dat daar 'n ander man betrokke kan wees. Indien hulle tot erkenning van hulle vaderskap gedwing word, is hulle voorneme om slegs "onderhoud" te betaal. Dit kos te veel om te trou. Die normale prosedure sou wees dat die skuldige skadevergoeding betaal. In meeste gevalle wanneer die jongman sê hy is bereid om te trou, is die ouers van die meidjie bereid om 'n aanvanklike geskenk van R10 of 'n

© University of Pretoria

kleiner / ...

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

kleiner paaiement van R4 as onderhoud vir die dogter en kind te ontvang tot die bogadi eendag gelewer word. Hierdie dag breek nooit aan nie want die jongman het van die begin af geen so 'n voorneme gehad om te trou nie. Trouens die jongman het geen beswaar as sy maats hulle aan dieselfde dogter vergryp nie. "As hulle by my meisie steel doel ek niks, ek geniet dit maar self op 'n ander plek."

Daar is selfs 'n geykte prosedure as die persoonlike toenadering nie moontlik is nie. Mens vra 'n gemeenskaplike vriend om jou voor te stel. Dit is veral gebruiklik by 'n dans of Jive session. Na 'n kort periode van geselskap volg die versoek. As die dogter nie toegee nie word sy gelos en raak nie meer in tel nie.

Wanneer 'n jongman dit oorweeg om te trou staan baie daarop dat die vrugbaarheid van die vrou eers bewys moet word. "Die man wil kinders hê, want kinders is die lewe."

Tog is die algemene gevoel dat 'n man 'n vrou sal trou wanneer sy sy eie kinders het. Huwelik met 'n vrou met kinders van ander mans is nie so gewild nie. Wanneer dit tog gebeur is die man veronderstel om sy vrou met haar kinders te trou en in die behandeling van sy eie en die ander kinders geen onderskeid te maak nie.

Al die bogenoemde praktyke plaas die verantwoordelikheid vir 'n groot deel van buite-egtelike geboortes op die inisiatief van jong seuns en jongmans. Daar bestaan geen effektiewe wyse om teen hulle op te tree nie.

D. Optrede van ouers by buite-egtelike geboortes

Wanneer ouers agterkom dat hulle dogter swanger is, is die normale aksie dat hulle die skuldige op een of ander wyse aan die man sal probeer bring. Dit is verder gewoonlik so dat die dogter nie haar ouers van haar swangerskap vertel nie maar wag tot hulle dit self agterkom. Wanneer die dogter dan beken wie skuldig is, word daar met die man se familie of met hom self in verbinding getree. Hoewel ons ook van gevalle weet waar die moeder van die dogter sommer gesê het dit is haar kind en die saak verder stil gehou het.

Wanneer die dogter weier om die skuldige se naam te noem, het dit al gebeur dat daar hardhandig opgetree is om die informasie te bekom. Soms weet sy nie waar om die man in die hande te kry nie. Dan eindig die saak daar. Dit is in elk geval dikwels die normale uiteinde. Wanneer die ouers vasstel dat die skuldige 'n ongewenste persoon is, soos in een geval waar die skuldige 'n tsotsi was wat kort na sy skuld aan die lig gekom het, gevonnis is tot twee jaar dwangarbeid weens aanranding, word die skande maar self gedra. As die skuldige vlug na hy van die toedrag van sake hoor of wanneer sy familie sê dat hy te jonk is en nog nie kan trou nie, word dit daarby gelaat. Hoewel daar natuurlik in die laaste geval wel skadevergoeding vir verleiding geëis kan word. Dit is sake hierdie wat so stil moontlik binne die familie afgehandel word. Om die rede word daar selfs waar die man weier om sy vaderskap te erken selde na die Bantoesakekommissarishof gegaan. Dit is 'n praktyk wat die skande net vergroot.

Daar kom ook gevalle voor onder die wat losser van sedes is, waar die vader deeglik bekend is. Hy het reeds geruime tyd vir die dogter gekuier en vir periodes as loseerder in die huis van die dogter se ouers gebly. Wanneer die dogter dan swanger word, word die jongman as permanente inwoner aanvaar op voorwaarde dat hy deel van die onkoste van die huishouding dra, dat hy "kos en klere koop". So ontwikkel baie van die ongesanksioneerde samewonings van man en vrou. Die ouers dring nie aan op skadevergoeding of trougoedere nie omdat die man dan sal vlug. So 'n samewoning is selde permanent. Na 'n paar jaar verdwyn die man en sy plek word deur 'n tweede geneem.

Tussen / ...

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Tussen eerbare gesinne lei buite-egtelike geboorte tot 'n ooreenkoms om te trou. Dit is gebruiklik dat die mense van die vrou met dié van die man in aanraking kom. Daar bestaan geen geykte patroon en enige wyse waarop die bekendstellingsbesoek aan die man se familie of hy self plaasvind nie. Dit is egter baie duidelik dat dit 'n bekendstellingsbesoek is om die gesindheid van die man en sy mense te toets en aan hulle die geleentheid te gee om soos ordentlike mense oor die lewering van bogadi te kom gesels. Om hierdie rede is daar nie noodwendig getuies van enige aard by nie. Dit is verder normaal dat hierdie besoek eers volg nadat die kind gebore is. Ons weet egter van heelwat gevalle waar die besoek reeds gedurende die swangerskap plaasgevind het. Die rede waarom daar tot na die geboorte gewag word, is, dat indien die baba doodgebore word daar hoogstens 'n eis van skadevergoeding vir verleiding kan wees, en geen potensiële huweliksluiting nie. Dat die baba doodgebore word, word dikwels as 'n uitkoms beskou en die saak vir skadevergoeding meesal nie verder gevoer nie.

Die mees normale is dat die moeder van die vrou die probleem aan die moeder van die man gaan verduidelik. Wanneer die mense geheel vreemd voorkom, sal die besoek deur die vader van die dogter met 'n senior familielid of een van die bure as getuie afgelê word. Waar die skuldige man direk genader word, byvoorbeeld waar hy as eenloper sonder bekende familie in die stad werk, sal die laaste prosedure gevolg word.

Hierna volg 'n tweede besoek by die familie van die man waarby die dogter saamgeneem word. Die seun word ingeroep en gevra of hy vir die dogter se toestand, as sy swanger is, verantwoordelik is. As die jongman sy skuld ontken kan die saak met bewyse soos fotos en briewe van die jongman aan die meisie na die Bantoesake-kommissaris geneem word, waar die jongman 'n bevel van skadevergoeding en selfs onderhoud van die moeder en kind op die lyf kan loop. So 'n wetlike verpligting moet vermy word. Wanneer die jongman sy skuld erken en hy nie bereid is om te trou nie moet hy R10.00 as skadevergoeding betaal en by die geboorte van die kind deur sy moeder 'n geskenk van luiers en klere vir die baba stuur. Dan kan die saak eindig. Die totale koste beloop dan in die omgewing van R12 of R14.

Wanneer die familie van die man namens hom hulle bereidwilligheid tot 'n huwelik te kenne gee, word nie noodwendig skadevergoeding geëis nie. Waar dit wel betaal word, word dit later as deel van die trougoedere gereken. As die man sy bereidwilligheid tot 'n huwelik te kenne gee, volg net die geskenk van luiers en klere opgevolg deur latere kleinere geskenke vir moeder en kind, terwyl die dag rustig afgewag word dat onderhandeling vir bogadi aangeknoop word. Jongmans het aan ons verduidelik dat dit die goedkoopste wyse is om los te kom. Maak of jy wil trou, gee die paar klein geskenke, lewer iets vir "support" en verdwyn dan soos 'n groot speld. So word die eis van skadevergoeding omseil. Die segsmanne onder die tsotsi-element sê reguit: daar is niks wat hulle kan verplig om te trou nie.

Waar ons met ordentlike mense te doen het, en hulle is seer seker die meerderheid in Atteridgeville, sal die jongman se mense hom by die eerste besoek reeds inroep met die vraag: "Ken jy hierdie mense? Is jy verantwoordelik vir hulle skande?" As hy "ja" antwoord word die familie van die vrou terug gestuur met die belofte: "Ons sal kom besoek bring by julle." In hulle eie huis sal hulle aan die jongman sê: "Trou!"

Dan sal die familie van die man 'n paar persone, gewoonlik die vader en broers van die skuldige of 'n moedersbroer stuur na die familie van die vrou met 'n geskenk, gewoonlik R10, om oor 'n moontlike huwelik te gesels. (Hierdie geskenk is nie skadevergoeding

© University of Pretoria

nie.) / ...

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

nie.) Daar word die familie van die vrou formeel gevra dat hulle kom hoor of daar 'n vrou is wat hulle kan trou. Die dogter word ingeroep en gevra: "Ken jy hierdie mense?" Sy sal antwoord: "Ja, dit is die familie van my vryer." Ewe formeel word die familie van die man gesê om later weer te kom om oor trougoedere te praat daar hulle eers hulle verwante wil raadpleeg. Op die dag wat afgespreek word, word daar dan oor die hoeveelheid trougoedere gesels. Dan is die jong seun en dogter verloof en word die tyd rustig afgewag dat die trougoedere gelewer word. Dit geskied in paaiemente of in 'n gehele bedrag.

Streng gesproke mag die jongman hierna nie weer besoek aflê by die jongvrou of haar mense nie. Die termyn wat verloop vir hierdie bymekaarmaak van bogadi is egter baie lank. Die verloofdes sien mekaar gereeld en dit is normaal dat 'n tweede en selfs derde kind buite die eg in hierdie tyd gebore word. Die normale wagperiode is ongeveer twee na vier jaar hoewel ons ook gevalle teëgekom het waar die wagperiode 6½ jaar en 9 jaar was. Ons wat Blankes is, tel die kinders wat gebore word as buite-egtelik, ons segsmanne erken dat dit so is maar probeer tog onderskeid maak tussen buite-egtelike geboortes wat die gevolg is van promiskueuse omgang en die tussen mense wat reeds op troue staan.

Waar skadevergoeding wel betaal word en geen huwelik volg nie, vertoon die feite die volgende prentjie by 124 gevalle van dogters uit ons proefmonster van 300 gesinne waaroor ons in staat was om volledige gegewens oor die saak te kry.

TABEL 33: SKADEVERGOEDING VIR DIE VERLEIDING VAN DOGTERS

| Vergoeding | Aantal dogters | % |
|---|---|---|
| Geen | 101 | 81.45 |
| Onder R10 | 7 | 5.65 |
| R11 - R20 | 13 | 10.48 |
| R21 - R30 | 2 | 1.61 |
| R31 - R40 | 1 | 0.81 |
| TOTAAL | 124 | 100.00 |

In hierdie tabel is twee gevalle waar geen skadevergoeding betaal is nie weggelaat. Dit raak twee dogters die een met 5 en die ander met 8 buite-egtelike kinders waarvan die getal van die verskillende vaders onbekend was.

Die normale praktyk blyk dus dat daar geen skadevergoeding betaal word nie. Dit is nie omdat al hierdie dogters later sou trou nie maar gee 'n aanduiding van dié gevalle waar die man nie vir sy skuld betrek kon word nie. Die normale skadevergoeding van een bees wat by die meeste Bantoestamme bekend is, word hier omgewerk tot 'n geldwaarde van R10 en die ekstra geskenke bygevoeg. Skadevergoeding word dus in geld betaal. Slegs in een geval is 'n koei en 'n kalf betaal. Dit is bygereken onder die syfer vir R11 - R20.

Daar kom natuurlik gevalle voor waar mans wat reeds getroud is jong dogters verlei. In so 'n geval kan daar slegs sprake van skadevergoeding wees. In hierdie gevalle word dan 'n hoër

skadevergoeding / ...

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

skadevergoeding geëis: "Die man is mos getroud. Hy moet betaal."

Normaalweg kom die skadevergoeding die ouers van die vrou ten goede maar waar die dogter wat verlei is deur 'n familielid grootgemaak was, word die beeste aan die persoon, gewoonlik die dogter se ouma of tante aan vaderskant, oorbetaal.

Ons segsmanne was baie beslis daaroor dat hierdie skadevergoeding net vir die eerste kind geëis kon word. Anders sê hulle lyk dit of daar met die dogter geldgemaak word. In der waarheid was daar ten opsigte van net een dogter uit die 23 waarvoor skadevergoeding ontvang was tweemaal skadevergoeding geëis. Daar het egter vier vaders by haar buite-egtelike kinders verwek. Die laaste twee het skotvry gegaan.

Wanneer die verleiding deur skadevergoeding afgehandel word kry die kind die familienaam van die jongvrou se vader en geld as deel van sy huishouding. Trou die werklike vader later met die vrou kry die kind later die familienaam van die vader. Wanneer daar egter samewoning plaasvind terwyl bogadi bymekaargemaak word, kry die kinders uit die staanspoor die familienaam van die biologiese vader. Ons het ook gevalle opgespoor waar 'n man met 'n vrou getrou het wat reeds verskeie buite-egtelike kinders by ander mans gehad het en uiteindelik al hierdie kinders saam met die vrou verwerf het en hulle so sy familienaam gegee het. Ook in hierdie saak is daar dus geen absoluut vaste reël nie.

Buite-egtelike kinders verminder nie 'n vrou se huwelikskanse nie. Dit kan dit selfs verhoog want haar vrugbaarheid is bewys. Die openbare mening maak ook nie beswaar as sy later soos 'n maagd met bruidsgewaad in die kerk trou nie.

## III. VOORVEREISTES VIR DIE SLUITING VAN 'N HUWELIK

Binne die tradisionele stamverband moes 'n seun en dogter by 'n huwelik nie alleen aan die geldende keusereëls voldoen nie maar ook die vereiste status van volwassenheid bereik het voor hulle kon trou. In Atteridgeville word ten opsigte van die twee sake soos volg gehandel.

### A. Volwassenheidsvereiste

Binne stamverband by die Sotho word die volwasse stadium bereik nadat 'n persoon deur die stamskool gegaan het en op die wyse tot die volwasse stadium geïnisieer is. Binne Atteridgeville het hierdie vereiste geheel verval. As vereiste is dit onbekend hoewel ons van enkele gevalle weet waar ouers seuns en dogters na die stamgebiede teruggestuur het om hierdie inisiasieproses te deurloop. Dit is egter by hoë uitsondering dat dit plaasvind.

Die inisiasieproses het in stamverband saamgeval met die bereiking van puberteit, maar het nie beteken dat die nuwe volwassene daarna die gelyke van ouer volwassenes word en ouerlike gesag kon verwerp nie. By die bereiking van die mondige leeftyd op 21 jaar is die individu ingevolge die gemenereg ten volle aanspreeklik vir sy dade. Hierdie skielike ontvoogdingsaksie is aan die Bantoe onbekend. Ouers in Atteridgeville het hulle verontwaardiging teenoor ons uitgespreek oor kinders wat van die bereiking van die ouderdom gebruik maak om die wense van hulle ouers ook by huwelikskeuse te omseil.

Die bereiking van die mondige leeftyd is dus nie 'n vereiste vir huweliksluiting nie. Volwassenheid is egter wel en word so geïnterpreteer dat die dogter reeds die rypheidsleeftyd moes bereik het en die man in staat moet wees om 'n vrou te onderhou. Vir die man beteken dit dat hy reeds moet werk.

Die werklike huweliksouderdom is vir vrouens gewoonlik tussen 23 en 26 jaar en vir mans in die omgewing van 30 jaar. Albei ouderdomme word bepaal deur die tyd waarop die man genoegsame

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

trougoedere versamel het om te kan trou. Die aanvang van onderhandelinge begin natuurlik baie vroeër.

As verdere vereiste vind mens dat Christene die vereiste van belyding van die Christelike geloof stel en dat "geleerde" mense, onderwysers en so voorts, 'n mate van geleerdheid vir die mans van hulle dogters vereis.

Vaste vereistes is dit egter nie want so gou as die wense as onverbiddellike eise gestel word, volg 'n buite-egtelike kind of twee wat die ouers feitlik tot toestemming dwing.

B. Keusebepaling

Die voorkeur- en verbodsbepalinge wat die keuse van 'n huweliksmaat in die stamgebiede reël, bestaan nie meer in Atteridgeville nie. Die gebruike van sibbe-eksogamie wat by veral die Nguni-volke in swang is, sal nog deur die ouers van ons proefmonster waar moontlik as vereiste vir hulle kinders gestel word. Die kinders self het nie meer die kennis of stimulus om dit self te handhaaf nie. In praktyk verskaf hierdie eis geen probleem nie omdat lede van dieselfde sibbe so yl in Pretoria voorkom dat moontlike bloedskendige verhoudinge onbekend is.

Die Sotho-voorskrif van huwelik met die moedersbroer (malome) se dogter of een van die vader se broers (ramogolo of rangwane) se dogters is bekend onder die ou geslag. Die familie woon egter nou so ver uitmekaar dat dit nie meer praktiese moontlikheid is om die voorskrif sterk aan kinders op te dring nie. Ons dra in ons proefgroep kennis van net twee huwelike wat volgens die ou reëls voltrek is nl. met die malome se dogter en met die rangwane se dogter. Hierdie gesinne het egter nog sterk bande met die platteland behou. Die jong mense in Atteridgeville sê reguit dat dit verouderde gebruike is en dat hulle sal trou met die een wat hulle lief het.

Onder stamtoestande was ouerkeuse of ten minste ouerlike toestemming by die keuse van 'n huweliksmaat 'n belangrike faktor. In Atteridgeville is die huwelik nog in 'n hoë mate 'n familie-aangeleentheid en speel die toestemming van die ouers nog 'n belangrike rol. Ons moet egter erken dat dit nie sonder rede weerhou sal word nie. Die maksimum wat kan gebeur is dat 'n vader sy bydrae tot sy seun se bogadi sal weier. Werklike teenstand werk egter net buite-egtelike verhoudings in die hand. Die ouers besef dit baie goed.

Wanneer ouers oor hierdie saak ondervra word, stel hulle as eerste vereiste dat die twee kinders mekaar sal lief hê, dat die jongman 'n vaste werk moet hê, nie 'n suiplap moet wees nie, 'n mooi houding moet hê en netjies op sy persoon moet wees. In praktyk dus dat die jongman in 'n mate die Westerse lewenswyse moet aanvaar het. Ouers wat bemiddeld is wil graag hê dat aanstaande skoonseuns nie brandarm moet wees nie. Diegene wat self geleerdheid het, sal daarvan hou dat die jongman ook nie geheel ongeletterd of met min skoolopleiding sal wees nie. Christen-ouers verkies dat hulle kinders met Christene sal trou. Dit gaan hier nie so seer om dieselfde kerkverband nie as dat die aanstaande eggenoot wel 'n belydende Christen sal wees.

Dit is vir baie ouers belangrik dat die aanstaande skoonseun of dogter van dieselfde stamverband of in elk geval nie van 'n vreemde stamsoort sal wees nie. Die klem val dus op inter-Sotho huwelike. Kinders word gewaarsku om lede van die suidelike stamme soos Xhosa, Pondo en Suid-Sotho te vermy. Ook so die lede van noordelike stamme soos die Venda en benoorde ons grense lede van die Shona- of Nyanja-stamgroepe. "Hierdie mense se gebruike is dan anders." Hierdie vereiste geld veral in die geval van dogters wat dan aan die vreemde mense afgegee moet word.

© University of Pretoria

Omdat / ...

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Omdat 'n baie groot groep van ons 300 ouerpare self in 'n verstedelikte toestand getrou het, of in elk geval op die platteland waar sterk invloed van die Westerse lewenspatroon ondervind word, het ons statisties probeer toets hoe die eis van stamaanhorigheid en gelyke geleerdheid 'n rol gespeel het by hulle eie keuse. Om die skaal so ver moontlik in die rigting van die nuwe toestande te stoot is alle gevalle waar man en vrou slegs saamleef ook as wettige keuses beskou. Die gegewens oor geletterdheid van die persoon met wie saamgeleef word was egter moeiliker bekombaar.

In tabel 34 vind ons dan die invloed van stamverband op die huwelikskeuse. Ons kon daarin slaag om in 203 van die 300 gevalle volledige gegewens te kry. Van hierdie totaal het 108 egpare of 53.2% met 'n stamgenoot getrou. Wanneer ons die etniese aanhorigheid in groepe verdeel naamlik Tswana Transvaal-Sotho as een blok, die Nguni-volke as 'n tweede en die Venda-Shangaan as 'n derde vind ons die volgende. Van die 114 Sotho-mans het 103 of 90.4% met Sotho-sprekende vrouens getrou. Van die 141 Sotho-sprekende vrouens het 103 of 73.6% met Sotho-sprekende mans getrou.

Binne die Nguni-blok het van 41 mans waaroor ons volle gegewens het 24 of 56.1% met Nguni-vrouens getrou. Toevallig is die syferwaarde vir Nguni-vrouens wat met sodanige mans getrou het dieselfde nl. 41 vrouens trou 23 mans (56.1%) van 'n soortgelyke stamverband.

Binne die Shangaan-Venda-blok het van die 33 mans waaroor ons gegewens volledig is 21 vrouens of vir 63.6% met dieselfde groep getrou. Van die 23 vrouens uit die groep het 21 of 91.3% met soortgelyke mans getrou.

Hierdie syfers is te hoog om sommer weggeredeneer te word. Die gevolgtrekking is onvermydelik dat stamverband en algemene etniese aanhorigheid beslis nog keusebepalende faktore in Atteridgeville is. Ons gee toe dat vanweë die numeriese oorwig van Sotho-persone mens kan verwag dat daar baie inter-Sotho-huwelike gesluit sal word asook dat dit nie voorspelbaar is dat die volgende generasie dieselfde mate van etniese gebondenheid as hulle ouers sal openbaar nie maar die syfers spreek eintlik vir hulleself.

In tabel 34 vind ons die invloed van geletterdheid op die keuse van 'n huweliksmaat. Omdat ons op soek was na statusgewende geletterdheid is alle houers van Onderwysdiplomas saamgegroepeer hoewel sommige na standerd VI of VII of X verwerf is. Eweso is alle mans met polisie-opleiding saam gegroepeer hoewel daar ook verskil in die skoolopleiding voorkom. Wat in hierdie tabel opval, is die swaar konsentrasie van die persone in die ongeletterde groep en dié waar blote lees- en skryfvaardigheid aangegee word. Hiernaas ook die skerp einde van skoolopleiding by standerd VI veral in die geval van vrouens. Dit is korrek om die bewering te maak dat die hoër-opgeleide mans en vroue hoofsaaklik binne daardie groep trou. Die getalle is egter nie groot genoeg om betekenisvolle uitdrukking in statistiek te vind nie. Die voorkeur vir gelyk-gekwalifiseerdes kan in die volgende generasie verhoog gesien die toenemende geleentheid vir skool- en naskoolse opleiding vir die Bantoe. Op die oomblik word hierdie houding egter deur sommige mense in Atteridgeville as 'n ongeoorloofde hooghartigheid beoordeel.

Wanneer mens na hierdie oorsig van die houding van ouers by die huweliskeuse tot die jongmense terugkom vind jy die volgende.

Slegs een vereiste geld as van kardinale betekenis: dat die twee persone mekaar moet lief hê. Stamverband, geleerdheid, rykdom en geloof word as van veel minder betekenis geag. Tesame met die liefde moet die ander persoon darem stadswys wees. Dit het, so word beweer, geen sin om 'n "baar onnosele plaasjapie" te trou terwyl die netjies-geklede jongkêrels met radios die strate paradeer nie. Daar is aan ons gesê: "Die groot ding is 'n mens trou met 'n mens wat lewe soos jy lewe."

© University of Pretoria

TABEL 34 / ...

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

TABEL 34: ETNIESE VERBAND AS KEUSEFAKTOR BY HUWELIKSLUITING BY 300 GESINNE

| Mans \ Vrouens | Afrikaans: | Tvl. Sotho: Gemengd | Gananwa | Koni | Moletse | Pedi | Pulana | Tokwa | Tswana: Algemeen | Hurutshe | Kgalaka | Kgatla | Kwena | Rolong | Suid-Sotho: | Nguni: Ndebele | Swazi | Xhosa | Zulu | Shangaan: | Venda | Vreemd: Kalanga | Nyanja | Senga | Geen gegewens | Oorlede | Totaal |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Afrikaans: | 4 | | | | | | | | | | | 2 | | 1 | | 2 | | | | | | | | | | | 9 |
| Tvl. Sotho: | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | |
| Gemengd | | 1 | | | | 1 | | | | | | | | | | 1 | | | | | | | | | | | 3 |
| Gananwa | | | | | | | | | | | | 1 | | | | | | | | | | | | | | | 1 |
| Koni | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | 0 |
| Moletse | | | | | 1 | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | 1 |
| Pedi | 1 | 2 | | | | 21 | | | | 1 | | 3 | 1 | | 1 | 4 | | 2 | | | | | | | 1 | 1 | 38 |
| Pulana | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | 0 |
| Tokwa | | | | | | 1 | | 1 | | | | | | | | | | | | | | | | | | | 2 |
| Tswana: | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | |
| Algemeen | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | 0 |
| Hurutshe | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | 0 |
| Kgalaka | | | | | | | | | | | | 1 | | | | | | | | | | | | | | | 1 |
| Kgatla | 4 | 1 | | 1 | | 1 | | | | | | 34 | 3 | 1 | | 2 | | | 1 | 1 | | | | | 1 | 1 | 51 |
| Kwena | 1 | | | | | | | 1 | | | | 5 | 4 | 1 | 1 | | | | | | | | | | 1 | | 14 |
| Rolong | | | | | | 1 | | | | | | 2 | 2 | 2 | 1 | | | | | | | | | | | | 8 |
| Suid-Sotho | | | | | | | | | | | | | | 1 | 3 | | | | | | | | | | | | 4 |
| Nguni: | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | |
| Ndebele | 1 | | | | | 1 | | | | | | 4 | 1 | | | 9 | | | 1 | | | | | | | 1 | 18 |
| Swazi | 1 | | | | | | | | | | | | | | | | 1 | 1 | | | | | | | | | 3 |
| Xhosa | 1 | | | | | | | | | | | | | | | | | 3 | 1 | | | | | | | | 5 |
| Zulu | 3 | 1 | | | | 1 | | | | | | 2 | | | 1 | 1 | | 2 | 5 | | | | | | 1 | | 17 |
| Shangaan: | | | | | | | | | | | | 4 | 1 | | | 2 | | 1 | 1 | 14 | | | | | 2 | | 25 |
| Venda: | | | | | | 1 | | | | | | 2 | | | | | | | | 2 | 5 | | | | | 2 | 12 |
| Vreemd: | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | |
| Kalanga | | | | | | 1 | | | | | 1 | | | | | | | 1 | | | | | | | | 1 | 4 |
| Nyanja | | | | | | | 1 | | | | | | | | | | | | | 1 | | | | | | | 2 |
| Senga | | | | | | | | | | | | | | | 1 | | | | | | | | | | | | 1 |
| Geen Gegewens: | 2 | 2 | | | | 1 | | | | | 1 | 7 | 4 | | | | | | | | | | | | 3 | | 20 |
| Oorlede: | | 1 | | | | 13 | | | | | | 28 | 6 | | 1 | 3 | | 2 | 2 | 4 | | | | | 1 | | 61 |
| Totaal | 18 | 8 | 0 | 1 | 1 | 43 | 1 | 2 | 0 | 1 | 2 | 95 | 22 | 6 | 9 | 24 | 1 | 12 | 11 | 22 | 5 | 0 | 0 | 0 | 10 | 6 | 300 |

© University of Pretoria

TABEL 35 / ...

TABEL 35: VOORKEUR VAN GELETTERDHEID BY KEUSE VAN HUWELIKSMAATS IN 300 GESINNE.

| Mans \ Vrouens | Ongeletterd | Lees en skryf Bantoetaal | L. en S. Bantoetaal en Amptelike T. | St. I | II | III | IV | V | VI | VII | VIII | IX | X | Onderwys Diploma | B.A. Onderwys Diploma | Verpleegster | Geen gegewens | Totaal | Wewenaars | Ongetroude Mans | Totaal |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Ongeletterd | 40 | 3 | | | 2 | 2 | 1 | 1 | 2 | | | | | | | | | 51 | 4 | | 55 |
| Lees en skryf Bantoetaal | 22 | 29 | | 2 | 2 | 3 | 4 | 7 | 1 | | 1 | | | | | | | 71 | | | 71 |
| L. en S. Bantoe-en Amptelike T. | 2 | | 3 | | | | | 1 | 1 | | | | | | | | | 7 | | | 7 |
| St. I | 1 | | | 1 | | | | | | | | | | | | | | 2 | | 1 | 3 |
| II | 0 | | | | 1 | | | 1 | 1 | | | | | | | | | 3 | | | 3 |
| III | 0 | | | 1 | 2 | | 1 | 1 | 2 | | | | | | | | | 7 | 1 | | 8 |
| IV | 2 | | | 1 | 3 | | | | | | | | | | | | | 6 | | | 6 |
| V | 2 | | | | 1 | | 3 | 2 | 3 | | | | | | | | | 11 | | | 11 |
| VI | 3 | 2 | | 1 | 2 | | 5 | 3 | 8 | | 2 | | | | | | | 26 | | 1 | 27 |
| VII | 0 | | | | | | 1 | | | 1 | | | | | | | | 2 | | | 2 |
| VIII | 1 | 1 | | | | | | 1 | 4 | | | | | 1 | | | | 8 | | | 8 |
| IX | 0 | | | | | | 1 | | | | | | | | | | | 1 | | | 1 |
| X | 0 | | | | | | | 1 | | | 1 | | | | | | | 2 | | | 2 |
| Onderwys Diploma | 0 | | | | | | 1 | 1 | 2 | | | | | 5 | | | | 9 | | | 9 |
| B.A. Onderwys Diploma | 0 | | | | | | | | 1 | | 1 | | | 1 | | 1 | | 4 | | | 4 |
| Polisie Opleiding | 0 | | | | | | 1 | 1 | | | | | | | | | | 2 | | | 2 |
| Sending Opleiding | 0 | 1 | | | | | | | 1 | | | | | | | | | 2 | | | 2 |
| Geen gegewens | 1 | 3 | 1 | | | | | | | | | | | | | | 1 | 6 | 1 | | 7 |
| Totaal: | 74 | 39 | 4 | 6 | 13 | 5 | 18 | 20 | 26 | 1 | 5 | 0 | 0 | 7 | 0 | 1 | 1 | 220 | | | |
| Weduwees | 30 | 17 | | | 1 | 5 | 1 | 2 | 2 | 1 | 1 | | | 1 | | | | | | | 61 |
| Ongetroude vrouens: | 1 | 5 | | | | 1 | | 1 | 1 | | | | | | | | 2 | | | | 11 |
| Totaal: | 105 | 61 | 4 | 6 | 14 | 11 | 19 | 23 | 29 | 2 | 6 | 0 | 0 | 8 | 0 | 1 | 3 | | 6 | 2 | 300 |



© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

## IV. DIE SLUITING VAN DIE HUWELIK

### A. Die verlowing:

Ons het reeds daarop gewys dat die voorspel tot die huwelik in Atteridgeville nie normaal verloop in die sin dat periodes van hofmaking, verlowing en huwelik mekaar opvolg nie. Veelal word die hofmakery beëindig met die geboorte van 'n buite-egtelike kind waarna 'n huwelik kan volg of nie volg nie.

In hierdie afdeling gee ons aandag aan die uiteensettinge van hoe sake werklik moet geskied: Die norm waaraan die praktyk gewoonlik te kort skiet word hier behandel.

Wanneer 'n jongman dit eerlik met 'n meisie bedoel sal hy haar tuis gaan besoek waar haar ouers hom en ook sy familie sal leer ken as potensiële huweliksmaat en skoonfamilie van hulle dogter. Die ouers het vir so 'n eerlike optrede gewoonlik slegs aanmoediging. Gedurende die tyd sal hy aan die dogter klein geskenkies gee en sy mag 'n trui vir hom brei.

Wanneer die twee dan besluit om te trou, sal elkeen sy eie ouers van die voorneme in kennis stel. Gewoonlik geskied die bekendmaking aan die moeder en deur haar aan die vader. As die jongman se ouers ontevrede is, mag die vader weier om hom met die trougoedere te help. In praktyk is dit geen groot verlies nie omdat die grootste deel van die trougoedere tog deur die jongman self gedra sal moet word. Die jongman sal egter by so 'n struweling by sy vader se broer pleit om vir hom voorspraak by sy vader te wees want hy het die steun van sy familie in hierdie saak nodig.

Die tweede stap is dat sowel die jongman as die meisie hulle naby-verwante van die aanstaande huwelik in kennis stel. Dit geskied meesal per brief omdat die familielede, broers en susters van die vader en moeder, nie naby woon nie. Die gebruik word nog by meer as die helfte van die huwelike wat korrek gesluit word, gehandhaaf.

Wanneer die jongman se vader gereed is om met die onderhandelinge te begin, word sy eie verwante daarvan in kennis gestel en 'n <u>maditsela</u> aangewys wat vergesel van 'n paar familielede die onderhandelinge sal voer. Hierdie <u>maditsela</u> of tussenganger behoort 'n senior familielid, byvoorbeeld die vader se broer, te wees. Vandag kan dit een van die bure wees en die rol van die ondersteunende familie deur ander vriende vervul word. Hierdie groep gaan na die huis van die meisie se ouers en sê dat hulle 'n vrou kom soek vir die mense van die jongman. Die meisie word ingeroep en aan haar gevra of sy die mense ken en of sy met die betrokke jongman wil trou. As sy "nee" antwoord eindig die saak daar. Die antwoord is egter gewoonlik "ja". Dan sê die ouers van die vrou: "Nee, ons kan nie liefde breek nie. Trou ons." Ons moet onthou dat hierdie formele toenadering ook wel die eerste woord kan wees wat die ouers van die meisie en sy self van die begeerte van die jongman hoor. Om hierdie rede moet sy self 'n formele erkenning van haar bereidwilligheid om te trou doen. Die verteenwoordigers van die familie van die jongman word nou teruggestuur. Die familie van die meisie stel hulle verteenwoordiger aan en voortaan sal alle onderhandelinge deur bemiddeling van die persone geskied.

Indien dit nog nodig is, sal die familie aan weerskante nou alles van mekaar probeer uitvind. Daar word bewustelik gesoek na karaktertrekke wat die voltrekking van die huwelik sou verhinder. Daar word navraag gedoen na moontlike gevalle van melaatsheid, geneigdheid tot misdaad, beoefening van bose towerhandelinge ensovoorts.

Deur bemiddeling van die <u>maditsela</u>'s word die dag bepaal waarop oor die lewering van <u>bogadi</u> ooreengekom sal word. Die meisie se ouers berei voedsel en bier voor en soveel van hulle familie as

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

kan met bure ter ondersteuning kom by die huis van die meisie bymekaar op die bestemde dag. Gewoonlik vind hierdie vergadering voor die agterdeur van die huis plaas. Van die man se kant word die onderhandelinge gevoer deur hulle maditsela bygestaan deur familie en vriende van die man se mense.

Wanneer die verteenwoordigers van die man aankom, word hulle koms formeel deur hulle maditsela aangekondig. Hulle neem dan binne die hek in die voortuin plaas waar hulle ure in die son moet sit en wag sonder dat die mense van die vrou hulle as gaste ontvang. Na verloop van 'n ongespesifiseerde tyd word hulle in 'n vertrek binne die huis ingenooi waar hulle alleen plaasneem.

Hierna oorhandig die maditsela van die man die bula molomo (mondoopmaker). Dit is 'n geskenk van enigiets van R4 tot R10 waardeur die gesprek geopen word. Hierdie gebruik se naaste ekwivalent is die oorhandiging van die umvulamlomo, mondoopmaakbees by die Zulu onder tradisionele omstandighede waarmee huweliksonderhandelinge ingelui word. Dit is ook onder die Kgatla aan die Witwatersrand gerapporteer (vgl. Longmore, 1959:66).

Die man se verteenwoordigers word nou gevra wat hulle wil hê. Op die antwoord: "'n Vrou", volg die vraag: "Wat het julle?" Dan begin die gekibbel oor die bedrag en hoeveelheid van die bogadi wat gelewer sal word. Die twee partye bly elkeen afgesonderd sit terwyl die twee maditsela's heen en weer beweeg om 'n vergelyk te probeer verkry. As ooreenstemming oor die bedrag bereik is, kom die wyse van betaling aan die beurt. Dit is gebruiklik dat 'n deel van die bogadi dadelik betaal sal word, gewoonlik die helfte van die goedgekeurde bedrag terwyl vir die restant net die belofte "so gou as moontlik" gemaak word. Ons het reeds elders daarop gewys dat hierdie wagperiode etlike jare kan beloop.

Na die onderhandelings voltooi is, word die verteenwoordigers van die man met voedsel en bier bedien. Hoewel die feesmaal deur alle aanwesiges geniet word, sit die man se mense apart. Wanneer hulle wil vertrek, is dit goeie maniere om dit te kenne te gee deur te vra "dat die hek vir ons oopgemaak word." Hierna doen hulle verslag aan die ouers van die jongman.

Die bobeskrewe gebeurtenis word gewoonlik as die verlowingsgeleentheid beskryf ondanks die feit dat 'n deel van die bogadi al oorhandig is. Die verlowing duur dan tot die volle bogadi oorhandig is. Streng gesproke mag die man die meisie in hierdie periode nie tuis besoek nie. Dit gebeur egter gereeld soos die meervoudige getal buite-egtelike kinders wat in die periode gebore word getuig. Die man is ook veronderstel om sy aanstaande skoonouers, veral sy skoonmoeder te vermy. In praktyk gebeur dit nie. Hierdie vermydingsplig geld ook tussen die twee ouerpare.

Dit is natuurlik ook moontlik dat die man nou aan sy aanstaande 'n verloofring gee. So iets verwek opskudding want as gebruik is dit eintlik onbekend in Atteridgeville.

B. Wyse waarop huwelike voltrek word

In hierdie gedeelte maak ons geen onderskeid tussen gemeneregtelike huwelike en gebruiklike verbindings of huwelike ingevolge die Bantoereg nie. In albei gevalle is daar 'n wettigende prosedure vir die saamlewe van man en vrou wat in Atteridgeville as sodanig aanvaar word. Dit was vir ons genoeg. Ons moet egter daarop wys dat waar net 'n Bantoehuwelik alleen gesluit word daar geen wetlike voorsiening vir registrasie van die huwelik is nie. Vir bewoners van stedelike Bantoewoonbuurtes is hierdie sertifikaat dikwels van groot belang. Dit moet ook onthou word dat alleen diegene wat 'n gemeneregtelike huwelik sluit by 'n verdere gemeneregtelike huwelik strafbaar word vir bigamie of daar nou trougoedere ingevolge die Bantoereg gelewer is of nie.

© University of Pretoria

Die / ...

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Die uitstaande kenmerk van huweliksluiting in Atteridgeville is die opeenstapeling van verskillende seremonies. Waar daar trougoedere gelewer word, volg gewoonlik een van die twee moontlike gemeneregtelike huwelike, as burgerlike huwelik voor die Bantoesakekommissaris of as kerklike huwelik voor 'n predikant wat huweliksbevestiger is. Waar die predikant nie huweliksbevestiger is nie, soos in die geval van die meeste van die sektekerke onder die Bantoe, volg na die burgerlike seremonie ook nog 'n inseëning in die kerk.

Volgens tabel 36 wil dit voorkom of 26.7% van ons proefgroep hierdie laasgenoemde driedubbele seremonie deurloop het - deur die lewering van bogadi, die burgerlike huwelik voor die Kommissaris gevolg deur kerklike inseëning. So 'n afleiding is foutief.

TABEL 36: HUWELIKSTAAT EN WYSE VAN VOLTREKKING BY OUERS IN 300 HUISEENHEDE IN ATTERIDGEVILLE.

| Huwelikstaat | Getal | % |
|---|---|---|
| Getroud deur lewering van trougoedere alleen | 42 | 13.9 |
| Getroud deur trougoedere en voor Kommissaris | 1 | .3 |
| Getroud deur trougoedere, in kerk en voor Kommissaris | 81 | 26.7 |
| Getroud in kerk en voor Kommissaris | 3 | 1.0 |
| Getroud | 67 | 22.1 |
| Ongetroud | 8 | 2.6 |
| Leef saam | 29 | 9.6 |
| Weduwee | 60 | 19.8 |
| Wewenaar | 7 | 2.3 |
| Geskeie vrouens | 2 | .7 |
| Geen gegewens | 3 | 1.0 |
| | 303 | 100.0 |

Wanneer 'n Bantoepersoon 'n gemeneregtelike huwelik wil sluit, moet daar eers ingevolge artikel 22 van Wet 38/27 seker gemaak word dat hy nie met 'n ander vrou trou as een met wie hy voorheen 'n gebruiklike verbinding (Bantoehuwelik) gesluit het nie. So 'n verklaring moet voor 'n Bantoesakekommissaris onder eed afgeneem word. Benewens hierdie verklaring, waar dit ter sake is, moet 'n Bantoesakekommissaris in Transvaal ook ingevolge artikel 2 van Wet 3 van 1897 van Transvaal (Regelende de huweliken van Kleurlingen binnen de Zuid-Afrikaansche Republiek) 'n besondere ondersoek instel wanneer enige Kleurling of Bantoepersoon 'n gemeneregtelike huwelik wil doen. By die ondersoek met die persoon, man of vrou, wat in die huwelik wil tree 'n verklaring voorlê van sy of haar ouers of kaptein of as hulle Christene is van hulle predikant, dat daar geen beswaar teen die huwelik is nie. In die praktyk kan die verkryging van die skriftelike toestemming van die ouers soms 'n hele briefskrywery afgee as een van die partye maar onlangs in die stad gekom het. Die predikante in Atteridgeville vereis normaalweg 5 jaar inwoning in die gemeente voor hulle uit hoofde van kennis van die persone so 'n sertifikaat wil uitreik.

Nadat die toestemming so bewys is, reik die Bantoesakekommissaris 'n Instaatstellingsertifikaat uit waarin verklaar word

© University of Pretoria

dat / ...

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

dat daar geen beswaar teen die huwelik is nie. Op sterkte van hierdie sertifikaat wat aan die predikant oorhandig word, reik laasgenoemde na die kerklike bevestiging in sy hoedanigheid as aangestelde huweliksbevestiger die huweliksertifikaat uit. Die meeste Bantoe verstaan nie die betekenis van hierdie besoek aan die Kommissaris waar albei partye gesteun deur hulle ouers of voogde verklarings moet maak nie. Vir baie is dit ook maar 'n huwelikseremonie. Op navraag bevestig hulle steeds dat hulle deur bogadi, voor die Kommissaris en in die kerk getrou het. Waar die seremonie by die Kommissaris, na die lewering van trougoedere, 'n volwaardige huwelikseremonie word, met uitreiking van 'n sertifikaat en die huwelik net later in die kerk ingeseën word, bly die antwoord met reg: ons het met bogadi, voor die Kommissaris en in die kerk getrou. In ons tabel was dit dus onmoontlik om tussen die twee tipes prosedure onderskeid te maak. By die interpretasie van tabel 36 moet ook die volgende in gedagte bly: Die 67 gevalle wat as getroud gemerk is, verteenwoordig gemeneregtelike huwelike waar ons vermoed dat in die meeste gevalle bogadi gelewer is. Ons kon dit net nie vasstel nie.

Na aanleiding van die ondervinding van amptenare in die kantoor van die Bantoesakekommissaris sal ongeveer twee-derdes van die 152 gevalle wat vir 'n huwelik voor hom moes verskyn, in sy kantoor in die huwelik bevestig gewees het. Slegs in sowat een derde van die gevalle word die Instaatstellingsertifikaat uitgereik omdat die betrokke predikant ook huweliksbevestiger is. Die ander twee-derdes van die aansoekers hoort dan aan sektes en genootskappe waarvan die predikant nie as huweliksbevestiger aangestel is nie en trou ook voor die Bantoesakekommissaris.

Almal het die keuse om net voor die Kommissaris te trou. Die koste is maar 25c. Wanneer die huweliksbevestiging in die kerk plaasvind is dit R2.25. Die R2.00 is die normale fooi aan die diensdoende predikant. So 'n kerklike huwelik of inseëning van 'n bestaande huwelik, kom egter so gereeld voor dat ons nie anders kan as te verklaar dat daar 'n element van vertoonsug aan verbonde is nie. Ons kom later weer hierop terug.

Die ongetroude gevalle is merkwaardig genoeg almal ou vrouens met huisgesinne wat uit Marabastad gekom het. By die groep wat saam leef is ook alle weduwees getel wat met mans saamleef. Ons is nie seker dat ons alle gevalle van blote saamlewe kon bepaal nie. By die 29 gevalle wat ons wel noem was daar net by 6 oorwegend jong kinders. By die ander was die kinders reeds in die tienderjare: gevalle van byna permanente saamleef dus. Ons moes ook drie gevalle waar 'n persoon twee vrouens gehad het dubbeld tel vandaar die syfer 303.

Uit hierdie tabel blyk baie duidelik hoe daar in die 127 gevalle waar ons volle besonderhede kon verkry slegs in 3 gevalle nie trougoedere gelewer is nie. Trouens van iemand wat sy dogter sonder bogadi-lewering laat trou, word gesê: "He gave his daughter away on goodwill." Die lewering van trougoedere is dus 'n vaste reël.

In Atteridgeville as geheel kon ons slegs 8 gevalle opspoor waar 'n man met meer as een vrou getroud is. Gewoonlik is daar twee vrouens. In een geval was daar 'n man met drie vrouens. Hiervan was daar 3 gevalle in ons monster verteenwoordig. Die eerste was 'n Swazi-man wat met sy Swazi-vrou na Atteridgeville gekom het en hier 'n Suid-Sotho-vrou bygetrou het. Die eerste vrou was baie verontwaardig oor die gebeure want sy was bang dat haar man haar sou wegstuur en net met die tweede bly voortleef. Die tweede geval was 'n Kgatla-man met twee vrouens waarvan een altyd in Atteridgeville was terwyl die ander beurtelings na die platteland teruggestuur is om met die werksaamhede van die landbou tuis te help. In die derde geval waar 'n Venda-man agtereenvolgens 'n Venda- en Sotho-vrou getrou het

© University of Pretoria

geld / ...

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

geld dieselfde. Die meeste van ons informante het egter erken dat daar nog heelwat meer poligamiese verbintenisse bestaan onder mans wat in die stad met 'n vrou saamleef sonder enige wetlike dekking terwyl die wettige vrou vir wie daar bogadi gelewer is in die stamtuistes onbewus van wat in die stad gebeur, op die terugkeer van haar man wag. Vanselfsprekend kon ons oor sulke gevalle nie bevredigende gegewens kry wat in syfers uitdrukbaar is nie.

Ons is verder bevrees dat die 9.6% gevalle waar man en vrou slegs saamleef nie die volledige beeld verskaf nie. Selfs al word die ongetroude gevalle 2.6% waar daar wel 'n lid van die ander geslag kuier maar nie permanent saamwoon nie, bygereken, kom die syfer maar op 12.2% te staan. Ons het getuienis dat baie weduwees 'n manspersoon het wat as permanente of wisselende bedgenoot met haar saamleef. Dit vul die huisinkomste aan en daar baie van hierdie vrouens die vrugbaarheidsleeftyd verby is, is daar geen metode om die feit van hierdie samewoning te meet nie. Dat hulle immoreel handel weet hulle self. Die bestaan van so 'n groep in Atteridgeville is welbekend en die "oordentlike mense" verwys na hulle met veragting. In een geval het so 'n weduwee teen ons uitgevaar omdat haar gesel haar verlaat het en sy nou uitvind dat sy maar een van drie vrouens was wat hy so besoek het. Op ons vraag hoekom hy dan so maak was haar antwoord "O my x, meneer, dit is sommer van oorrypgeid."

1. Die lewering van trougoedere

Omdat die lewering van trougoedere nog na twee generasies se verwesterende invloed so belangrik gebly het, moet ons dit nader bekyk.

Om sonder lewering van bogadi te trou, was vir ons informante byna ondenkbaar hoewel hulle erken dat dit streng wetlikgesproke moontlik is om net voor die Kommissaris of in die kerk te trou. Almal was dit eens dat dit nie sonder ernstige afbreuk aan die status van getroud-wees afgeskaf kan word nie. "Dis maar onse mense se gebruik van al die jare af."

Om die jongman se toegeneëntheid en prestasievermoë te toets oor die lang termyn wat nodig is om die bogadi bymekaar te kry is vir ons informante belangrik. Dit sou die man sy vrou laat waardeer. Dit verskaf sekerheid dat sy liefde sterk genoeg is om sonder egskeiding met die vrou saam te lewe. So het ons informante betoog. Dit is egter ons oortuiging dat die lang periode wat normaalweg verloop tussen die ooreenkoms by verlowing en die oorhandiging van die laaste paaiement so lank is, soos ons gesien het enigiets van 1 tot 7 jaar, dat dit een van die belangrike oorsake is vir die aanwesigheid van sulke groot getalle buite-egtelike kinders. Die omstandighede in die stad is nie so dat die noodsaaklike verbodsbepalinge tussen die aanstaande man en vrou gehandhaaf kan word nie.

Op ons vrae nou waarom nie maar eers voor die Kommissaris trou, terwyl dit tog later gedoen word, en so die kinders wettig nie, het ons die halsstarrige antwoord gekry dat dit nie die korrekte manier van doen is nie. Die ouers van veral die jongvrou eis hierdie bogadi en verwys na die Sotho spreekwoord wat sê "Mokgonyana ga a fele go nyala" - 'n skoonseun kry nooit klaar getrou nie. Waar die tradisionele bedoeling was om aan te dui dat 'n skoonseun steeds 'n versorgingsplig teenoor sy skoonouers het, word dit vandag as regverdiging genoem waarom die leweringsaksie van die trougoedere juis oor 'n lang periode moet strek.

Ten opsigte van hierdie eis van die ouers het ons egter beslis met 'n kommersiële motief te doen. Dogters word beskou as belegging vir die oudag deur die bogadi-inkomste wat hulle bring. Baie het uitdruklik verklaar dat die lewering van trougoedere noodsaaklik is omdat dit die ouers vergoed vir hulle onkoste om die jonkvrou groot te maak. Dit is om hierdie rede dat daar vir 'n maagd er

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

'n dogter wat heelwat onderwys ontvang het beslis ook meer bogadi geëis word. Daar is vir ons gesê "So 'n meisie wat goed geleerd is, kan baie werk doen. Sy is baie werd. Hulle moet baie betaal om ons hande te was" - dit wil sê om ons vir hierdie verlies te vergoed. Dit spreek vanself dat vir 'n deftige dogter 'n deftige huwelik gegee moet word. Die onkoste van die jongvrou se ouers aan die bruilof is dus wel ook groter indien sy byvoorbeeld onderwyseres of verpleegster is.

Soos ons in die bygaande tabel 37 aantoon is die trougoedere wat vir 'n dogter wat reeds 'n buite-egtelike kind het nie veel verskillend van die wat vir 'n maagd gevra word nie. Die rede hiervoor is dat die vader van die kinders gewoonlik later met die moeder trou. Ons informante was dit egter eens dat vir 'n dogter met verskeie buite-egtelike kinders die trougoedere wel laer is. Dit is waar slegs as die dogter alleen geneem word. Indien die man vrou en kinders neem, soos dikwels gebeur, verhoog die bogadi om te kompenseer vir die onderhoudsuitgawe van die vrou se ouers aan hierdie kinders - weer die kommersiële motief.

Trougoedere in die stad word met geld betaal. Dit was vir ons daarom interessant om onder die gevalle waar oor trougoedere ooreengekom is, te vind dat in 13 gevalle die bogadi uit net beeste of hoofsaaklik beeste sou bestaan. In meeste gevalle is dit huwelike met mans wat nog sterk kontak met die platteland het.

Dit is ook belangrik om te besef dat slegs 40.91% van die dogters op die dag van die ooreenkoms om trougoedere te lewer 'n buite-egtelike kind gehad het. 'n Snelle afhandeling van die leweringsprosedure kan dus die ander 59.10% die skande spaar. Die huidige praktyk is egter nie op die vermindering van die mate van buite-egtelikheid gemik nie. Mens moet ook daarop let dat daar in slegs 3 gevalle waar beeste gelewer is, sprake van 'n buite-egtelike kind was. Dit vertoon alleen in watter mate buite-egtelikheid voorkom waar net geld gelewer word - waar die verwestering dus die verste gevorder het.

In die 6 gevalle by kinderlose vroue waar geen bogadi-ooreenkoms gemaak is nie, is in slegs twee gevalle uiteindelik geen bogadi gelewer nie. In die ander 4 gevalle het die ooreenkoms nog net nie plaasgevind met ons opname nie.

Die gemiddelde hoeveelheid bogadi wat gelewer word vir vrouens wat ten tye van die ooreenkoms nog geen kinders het nie en die wat wel voor-huwelikse kinders het, vertoon 'n geringe verskil. Dit is nie soveel as ons informante ons te kenne wou gee nie. Normaalweg is beweer dat buite-egtelike kinders die bogadi met R40 laat daal. Ons ondervinding uit die praktyk blyk uit tabel 38 waar alle bogadi in terme van geld terug gereken is teen die koers van R10 per bees. Dit is die normale berekeningswyse. Met of sonder buite-egtelike kinders lê die swaartepunt van die bogadi waartoe ooreengekom word tussen R51 en R80. Dit is egter waar dat daar meer dikwels 'n hoë bogadi vir dogters sonder buite-egtelike kinders geëis word as wanneer daar wel sulke kinders is.

Op ons navraag wie bydra tot die bogadi was die antwoord van alle informante dat dit in hoofsaak van die jongman self kom hoewel sy vader, die vader se broer of moeder se broer ook bydra. Die praktyk het bewys dat dit hoofsaaklik die vader of by sy oorlye die vader se boedel is wat mede-verantwoordelikheid dra. In die 45 gevalle van seuns uit ons 300 gesinnegroep het die seun egter vir 71.1% self alleen die bogadi byeengebring. Ons wys later daarop dat dit gebruiklik vir die ouers van die jongman is om hom te help met die onkoste in verband met die huwelik in die kerk.

By die interpretasie van die bygaande tabel 39 moet ons meld dat die twee gevalle waar geen bogadi gelewer was nie twee seuns raak wat onderskeidelik met 'n Indiërvrou en 'n Kleurlingvrou getrou

© University of Pretoria

TABEL 37 / ...

TABEL 37: DIE AANTAL VOOR-EGTELIKE KINDERS VAN DOGTERS UIT 300 GESINNE GEKORRELEER MET HOEVEELHEID BOGADI WAARTOE OOREENGEKOM IS

| Aantal kinders van dogter voor huwelik | Hoeveelheid bogadi waartoe met huwelik van dogter ooreengekom is | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | Totaal dogters | % | Totaal kinders |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | geen bogadi | 4 beeste | 5 beeste | 6 beeste | 8 beeste | 10 beeste | 12 beeste | 3 beeste plus R20 | 4 beeste plus R20 | R12 – R20 | R21 – R30 | R31 – R40 | R41 – R50 | R51 – R60 | R61 – R70 | R71 – R80 | R81 – R90 | R91 – R100 | R101 – R110 | R111 – R120 | | | |
| Geen kinders | 6 | 2 | 1 | 2 | 1 | 1 | 2 | 1 | – | 1 | – | 2 | 3 | 5 | 3 | 10 | 5 | 4 | 3 | – | 52 | 59.11 | – |
| 1 kind | 1 | – | – | – | 1 | – | – | – | 1 | – | 1 | – | 1 | 6 | 1 | 2 | 1 | 1 | 1 | 2 | 19 | 21.59 | 19 |
| 2 kinders | – | 1 | – | – | – | – | – | – | – | – | – | 3 | – | 2 | 1 | 1 | 1 | 1 | 1 | 1 | 12 | 13.64 | 24 |
| 3 kinders | – | – | – | – | – | – | – | – | – | – | – | – | – | 2 | – | 1 | – | 1 | – | – | 4 | 4.54 | 12 |
| 4 kinders | – | – | – | – | – | – | – | – | – | – | – | – | – | – | – | 1 | – | – | – | – | 1 | 1.14 | 4 |
| Totaal | 7 | 3 | 1 | 2 | 2 | 1 | 2 | 1 | 1 | 1 | 1 | 5 | 4 | 15 | 5 | 15 | 7 | 7 | 5 | 3 | 88 | 100.01 | 59 |
| % | 7.95 | 3.41 | 1.14 | 2.27 | 2.27 | 1.14 | 2.27 | 1.14 | 1.14 | 1.14 | 1.14 | 5.68 | 4.58 | 17.04 | 5.68 | 17.04 | 7.95 | 7.95 | 5.68 | 3.41 | – | 100.03 | – |



© University of Pretoria

TABEL 38: HOEVEELHEID BOGADI WAARTOE MET HUWELIK VAN DOGTER OOREENGEKOM IS

| Aantal kinders van dogter voor huwelik | geen bogadi | R12 – R20 | R21 – R30 | R31 – R40 | R41 – R50 | R51 – R60 | R61 – R70 | R71 – R80 | R81 – R90 | R91 – R100 | R101 – R110 | R111 – R120 | totale aantal dogters | % | totale aantal kinders |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Geen kinders | 6 | 1 | – | 4 | 5 | 7 | 3 | 11 | 5 | 5 | 3 | 2 | 52 | 59.1 | – |
| 1 kind | 1 | – | 1 | – | 1 | 7 | 1 | 3 | 1 | 1 | 1 | 2 | 19 | 21.59 | 19 |
| 2 kinders | – | – | – | 4 | – | 2 | 1 | 1 | 1 | 1 | 1 | 1 | 12 | 13.64 | 24 |
| 3 kinders | – | – | – | – | – | 2 | – | 1 | – | 1 | – | – | 4 | 4.54 | 12 |
| 4 kinders | – | – | – | – | – | – | – | 1 | – | – | – | – | 1 | 1.14 | 4 |
| Totaal | 7 | 1 | 1 | 8 | 6 | 18 | 5 | 17 | 7 | 8 | 5 | 5 | 88 | 100.01 | 59 |
| % | 7.95 | 1.14 | 1.14 | 9.09 | 6.82 | 20.45 | 5.68 | 19.32 | 7.95 | 9.09 | 5.68 | 5.68 | – | 99.99 | – |



© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

TABEL 39: WIE DIE BOGADI VAN DIE GETROUDE SEUNS VAN 300 GESINGSHOOFDE GELEWER HET (SYFERS DUI DIE AANTAL SEUNS AAN)

| Wie lewer die seun se bogadi | Aantal seuns | % |
|---|---|---|
| Geen bogadi | 2 | 4.44 |
| Seun lewer dit self | 32 | 71.11 |
| Vader en seun | 3 | 6.67 |
| Vader alleen | 3 | 6.67 |
| Seun (met beeste van oorlede vader) | 1 | 2.22 |
| Vader, moeder en moeder se suster | 1 | 2.22 |
| Moeder (met geld van seun se oorlede vader) | 1 | 2.22 |
| Seun en moeder (moeder met geld van dogter se bogadi) | 1 | 2.22 |
| Moeder (met geld van dogter se bogadi) | 1 | 2.22 |
| TOTAAL | 45 | 99.99 |

het. Dit beteken dus dat al die seuns wat uit ons gesinnegroep reeds getroud was deur lewering van trougoedere getroue het.

By die oordrag van die bogadi of dit nou die inisiële oordrag, latere paaiemente of die finale hoeveelheid is, moet daar altyd getuies teenwoordig wees. Ons informante was op die punt baie spesifiek. Die bruidegom kan nie sommer self kom betaal nie. Die maditsela van sy mense en een of twee vriende moet teenwoordig wees. "Mens kan nie geld vat van 'n mens nie. Jy weet nie waar hy dit gekry het nie," is aan ons verduidelik.

Die ontvangs van die bogadi geskied deur die vader van die jonkvrou of as hy oorlede is deur haar moeder. In twee gevalle is in ons 300 gesinne die bogadi deur die grootmoeder ontvang omdat albei ouers reeds oorlede was en die dogter by die ouma gebly het. Wanneer die moeder of ouma die geld ontvang, word dit haar eiendom om oor te beskik na goeddunke. Daar vind geen oorbetaling aan ander lede van die familie van die jonkvrou plaas nie. Hierdie vermoë van vrouens om bogadi te ontvang en self daaroor te beskik, is nie ooreenkomstig die tradisionele patroon nie.

Die bogadi word in meeste gevalle deur die ouers of die ontvangers "op geëet": dit wil sê gebruik vir lewensmiddele, meubels en klere. Daar bestaan weinig gevalle waar dit gebêre of gespaar word vir hergebruik as bogadi vir 'n seun uit die gesin. Alleen in 3 van die 45 gevalle waar ons gegewens oor getroude seuns kon kry, is 'n deel of die geheel van hulle bogadi uit die inkomste vir 'n suster afkomstig gewees. Ons wys later daarop dat waar 'n kerkhuwelik volg die ouers van die bruid 'n redelike deel van die bogadi op die bruilofsonthaal spandeer.

2. Die proses van oordrag en huweliksluiting

Binne Atteridgeville self is daar heelwat wisselinge in die prosesse van oordrag van die bogadi en die uiteindelike verklaring as

© University of Pretoria

man / ...

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

man en vrou. Gegewe die voorbehoude dat ons met ordentlike mense te doen het wat gemiddeld met aardse goedere bedeel is, sal die proses naastenby soos volg verloop.

Op die bestemde dag soos deur die maditsela's aan weerskante gereël, vind die finale oorhandiging van bogadi plaas. Die vrouens by die huis van die bruid berei nou kos vir diegene wat die "beeste" bring voor. Meesal bestaan dit uit die tradisionele geregte van saggekookte vleisbredie, pap en bier. Dit is gebruiklik dat die bruid maak dat sy wegkom. Vir die dag gaan sy by vriende of familie kuier. Die fiksie dat die geld wat oorhandig word eintlik beeste is, word in Atteridgeville volgehou. Behalwe die maditsela van weerskante bestaan die groep wat die bogadi bring uit broers of vriende van die bruidegom: die aanjaers wat die beeste bring. Daarmee saam kom gewoonlik ook 'n "lat" vir die vader van die bruid waarmee die oordrag van eiendomsreg gesimboliseer word. Die "lat" bestaan uit 'n bottel brandewyn. Na ontvangs van die "beeste" gaan die segsmanne van die bruidegom se familie terug.

Onmiddellik hierna vind ons in sommige gevalle dat die vader van die bruid 'n dankoffer aan sy voorvadergeeste bring. Dit bestaan gewoonlik uit kafferbier. Die bier word as offerande aan die badimo in die voorhek van die omheining van die huis uitgegiet. Hierdie handeling kom egter nie dikwels voor nie. Waar dit egter wel opgemerk was, was die mense belydende Christene.

Van nou af tot die huwelik later voltrek word, mag die jonkvrou glad nie na die huis van die man gaan nie. Hoewel dieselfde verbod vir die jongman geld, vind mens tog dat hy toegelaat word om sy aanstaande bruid tuis te besoek. Daar moet nou eers weer geld byeengebring word vir die huweliksfeeste. Daar verloop dus weer enigiets van 4 weke tot 2 jaar.

Benewens die gebrek aan geld word die huwelik ook vertraag wanneer die bruid reeds ver in die periode van swangerskap gevorder het asook wanneer daar nog 'n klein kindjie is wat moet drink. Dit is aan ons verduidelik dat veral die laasgenoemde situasie baie lastig is om te hanteer met 'n nou trourok aan.

Wanneer die dag van die huwelik bepaal word (gewoonlik geskied die plegtigheid op 'n Saterdagoggend), word ook finaal ooreengekom hoedat die koste verdeel sal word. Dit is die bruidegom se plig om in te staan vir die koste van die trouring, sowat R4.00; die bruid se trou-uitrusting tesame met nog 'n rok, die "changing dress" asook skoene, sowat R46.00; die troukoek R15.00; huurmotorkoste R5.00, asook die foto's van die huweliksgroep, sowat R15.00. Hierbenewens natuurlik nog sy eie klere teen R10.00 asook die fooi aan die predikant R2.00 en die koste van die troukaartjies sowat R2.00.

Die ouers van die bruid en die bruidegom se ouers betaal self die lekkernye wat by die twee bruilofsfeeste bedien word, ongeveer R25.00 per fees. Oor al hierdie sake word nou ooreengekom. Wanneer mense arm is, word daar gewoonlik slegs een fees gehou by die huis van die bruid waartoe die ouers van die bruidegom bydra. Dit is ook gebruiklik dat sy ouers hom help met die aansienlike kostes wat uit sy eie sak moet kom. Geen wonder dat daar dus 'n lang tyd verloop tussen die lewering van die trougoedere en voltrekking van die huwelik nie veral as daar nog buite-egtelike kinders is wat aanspraak op onderhoud van die bruidegom het nie. In tabel 36 word die huwelikstaat aangedui van die gevalle waar net bogadi gelewer is. Op ons vraag hoekom trou hulle nie verder nie, het hierdie gevalle ronduit verklaar dat hulle nog nie die bruilof kan bekostig nie. Die syfers wat ons gee, is die gemiddelde. Wanneer daar gereël word vir 'n formele onthaal in die plaaslike skoolsaal kan die koste nog aansienlik styg.

Al hierdie reëlings word eintlik deur bemiddeling van die maditsela's getref as die families baie korrek optree omdat hulle

© University of Pretoria

mekaar / ...

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

mekaar eintlik moet vermy. So stadigaan verander die rol van die <u>maditsela</u> van tussenganger tot seremoniemeester.

'n Maand of wat voor die troue word daar uitnodigingskaartjies na die gaste gestuur. Dit kan egter ook per brief gedoen word. Die familie en vriende aan albei kante word so in kennis gestel. Gewoonlik word hierdie aksie deur die twee familiegroepe onafhanklik van mekaar gedoen.

Ongeveer vier weke voor die huwelik self word die reëlings getref vir die loop van die gebooie in die kerk. Normaalweg word dit ook by die Kommissariskantoor opgeplak om seker te maak dat daar geen belemmernis voorval nie. Waar die gebooie in 'n nie-erkende kerk gelees word, spreek dit vanself dat dit by die Kommissariskantoor opgeplak moet word om aan die wet te voldoen.

Soos die dag naderkom, sal die bruid haar voorkoms versorg met 'n verskeidenheid patente skoonheidsmiddels. Sy moet vars en fris lyk op haar troudag. In sommige gevalle bly die bruid die laaste paar dae voor die seremonie binnenshuis om enige uitwerking van die son uit te skakel. Hoewel dit geen algemene gebruik is nie weet ons dat sommige ouers van bruide in hierdie laaste weke 'n toordokter raadpleeg om die aanstaande egpaar, die huis en gaste teen enige kwade bonatuurlike invloed te beskerm. Dit bestaan gewoonlik uit "medisynes" wat in die hek begrawe moet word asook bokant deure en in die dak van die huis van die bruid versteek moet word. Enige gaste wat kwade bedoelings het, sal daardeur in hulle opset verydel word.

Geen huwelik is volledig sonder die aanwesigheid van strooijonkers en strooimeisies nie. Die jongman kies 'n strooijonker uit die seuns van sy vader se broers. As dit nie moontlik is nie dan enige vriend. Die strooijonker moet sy eie donker pak klere kan verskaf. Besit van die item speel 'n rol by die keuse van die persoon. Die bruid kies haar strooimeisies uit haar vriendinne. Klere vir hierdie gevolg geld as deel van die huwelikskoste en word aan hulle verskaf. Gewoonlik is daar slegs een of twee strooimeisies. By 'n werklik deftige huwelik kan daar soveel as ses strooijonkers, ses strooimeisies asook blommemeisies en 'n sleepdraertjie optree. Deel van die taak van die strooijonkers is om met tussenposes die sweet van die bruidegom se gesig af te vee.

Op die dag van die huwelik begeef die gaste hulle op die bestemde tyd na die kerk waar die gaste van die bruid links en die van die bruidegom regs van die paadjie waarlangs die nuwe egpaar die kerk sal binnekom, plaasneem. Die bruid en haar gevolg trek in die huis van haar ouers aan. Sy dra in alle gevalle 'n wit rok, enkellengte, met sluier en ruiker waarvan die koste deur die bruidegom gedra is. Die bruidegom en sy jonkers trek of by sy ouers se huis aan, of as hulle nie in Atteridgeville woon nie, in 'n huis naby die van die bruid waar daar vir hulle reëlings getref is. Die twee partye beweeg afsonderlik met twee motors of gewoonlik huurmotors na die kerk. Die waarin die bruid ry en die egpaar na die seremonie terugkeer, is soos by Blankes met lint versier.

In die kerk, dit is die waar die bruid lidmaat is van die gemeente, volg dan gewoonlik die bekende seremonie soos by Blankes. Van die bruid word verwag dat sy deur die hele huweliksplegtigheid met neergeslane oë sal staan. Sy mag nooit gretig en bly lyk of haar huweliksdag nie. Dit is gebruiklik dat nie een van die ouerpare die seremonie in die kerk bywoon nie. Die bruid word egter deur 'n broer van haar vader of 'n eie ouer broer die kerk ingelei.

Na die seremonie volg die inskrywings in die register en die uitreiking van die huweliksertifikaat. Hierna vertrek die bruidsgroep per huurmotors na Pretoria waar daar foto's geneem word by die ateljee van 'n plaaslike fotograaf. Daarna kom die bruid, bruidegom en die gevolg terug na Atteridgeville na die huis van die bruid se ouers waar die onthaal sal plaasvind.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Wanneer hulle die bruid se ouerhuis nader, is die gaste voor in die straat vergader sodat bruid en bruidegom moet uitklim en die laaste entjie tussen die gaste moet deurstap. Hier word hulle met konfetti bestrooi terwyl die vrouens luid trillend om hulle dans en prysliedere op die bruid sing. Dit is altyd 'n groot bekommernis dat dit sal reën want hierdie finale prosessie waarby die bruid en haar gevolg hulle trougewaad ten beste vertoon, is 'n groot oomblik. Hoewel konfetti ook gebruik word, is die normale strooisel kafferkoring of koring maar nie mielies nie: "Die vrouens bring koring wat hulle plant om te gooi."

Die fees wat nou volg, is eintlik 'n fees vir die bruid, haar ouers en hulle familie en vriende. Die bruidegom se ouers is nie hier teenwoordig nie. Alle gaste en vriende van die bruidegom wat opdaag, word apart in een van die binnevertrekke plek gegee waar hulle afsonderlik met koek, vleis en bier getrakteer word. By sommige gevalle waar die nawerking van die Noord-Sotho gebruike nog sterk is, moet die familie van die bruidegom 'n geskenk gee (gewoonlik R2.00) om deur die hek van die feeshuis toegelaat te word. Die gaste van die bruid se familie kom gewoonlik voor die agterdeur op 'n oop spasie bymekaar waar daar geëet en gedrink word. Die familie van die bruid slag gewoonlik 'n bees of een of twee skape vir hierdie fees.

Dit is ons verduidelik dat daar in die geval van lede van bepaalde kerke wat hulle lidmate verbied om drank te gebruik by twee huise fees gevier word. By een is bier beskikbaar en by die ander nie.

Die fees duur tot laat die Saterdagaand. Daar word enkele toesprake gehou en ook geskenke aan die egpaar gebring. Dit bestaan meesal uit 'n verskeidenheid breekware vir die huishouding wat die bruid moet begin. Dit is ook gebruiklik dat daar 'n kollekte onder die aanwesiges opgeneem word en aan die ouers van die bruid gegee word om die onkoste van die onthaal te help bestry.

Wanneer die familie van die bruidegom wil vertrek, moet hulle formeel vra dat "die hek vir hulle oopgemaak word." Hulle vertrek met die belofte dat hulle weer sal kom om die bruid te kom haal. Die bruidegom gaan met hierdie groep saam en laat sy bruid tuis by haar mense.

Dit spreek vanself dat 'n troue vanuit die kantoor van die Bantoesakekommissaris nie so 'n groot vertoon verskaf nie.

Daar volg sover ons kon bepaal geen wittebroodsdae nie. Dit is ons vertel dat die bruidegom sy bruid en die strooimeisies soms op besoek na die Dieretuin neem of vir 'n dag na Johannesburg gaan. Ons kan egter nie met sekerheid bepaal dat dit wel plaasvind in hierdie tussenfase tussen die eerste en tweede huweliksfees wat later aan huis van die bruidegom gehou word nie.

Die fees by die bruidegom se huis kan die daaropvolgende Saterdag plaasvind. Om praktiese redes soos vanweë die werk wat Maandag wag en gaste wat van ver gekom het, vind dit gewoonlik die eersvolgende Sondag plaas sodat albei feeste in dieselfde naweek gehou word.

Die Sondagmôre dan daag die maditsela van die bruidegom met enkele familielede op, word ontvang deur die maditsela van die bruid se ouers en na 'n vertrek geneem waar hulle met verversings bedien word. Hulle sê dan: "Ons het gekom om ons vrou te kom haal." Die bruid se mense wil dan teenstribbel omdat hulle haar nie graag uit die huis wil laat gaan nie. Uiteindelik word die bruid opdrag gegee om haar goedjies en klere in te pak. Dit moet sy baie stadig doen. Sy mag nie gretig wees om haar ouerhuis te verlaat nie. Dit duur so lank dat sy kort-kort aangespoor moet word om klaar te kry.

Wanneer sy uiteindelik haar verskyning maak, dra sy weer haar volle huweliksdrag waarmee die oortog na haar skoonouers se huis

© University of Pretoria

plaasvind / ...

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

plaasvind sodat hulle haar in haar mooiste tooisel kan sien. Voor die vertrek word sy deur haar ouers met die oog op haar huwelikstatus vermaan. Dit word haar voorgehou dat sy 'n goeie vrou moet wees, dat sy haar skoonfamilie onderdanig moet wees maar dat sy steeds op die ondersteuning van haar eie mense kan staat maak.

Net voor die oortog vra die vader van die bruid of hulle dan nie vir hom 'n jas saamgebring het nie. Die maditsela van die bruidegom verwag hierdie versoek en kom daarvoor voorbereid. Hy gee dan aan die vader van die bruid 'n jas en aan die moeder 'n tjalie - geskenke van die bruidegom. Hiermee bevestig die bruidegom sy voorneme om in die toekoms ook na die behoeftes van sy skoonouers om te sien want soos die spreekwoord sê: "Mokgonyana ga a fele go nyala" - 'n skoonseun kry nooit klaar getrou nie.

By die oortog word sy vergesel van haar familie en selfs strooimeisies wat as vreemde gaste na die huis van die bruidegom in 'n aparte kamer plaasneem en daar met verversings bedien word. Dan volg 'n tweede feestelikheid soortgelyk aan die by die huis van die bruid. Dit is net nou die gaste van die bruidegom se mense wat die toon aangee en geskenke bring. Ook vir die geleentheid sal daar geslag word en as daar 'n kollekte opgeneem word, gaan dit na die ouers van die bruidegom vir die bestryding van onkoste.

By die einde van hierdie fees word albei weer vermaan om as getroudes voorbeeldig te lewe. Die familie van die bruidegom sal eerste opstaan en hom op al sy foute wys. Hy moet besef dat hy nou getroud is en sy "dinge" laat staan en die ander mense se kind goed oppas. Ook die bruid se ouers sal haar opnuut vermaan om haar bioskoopganery en dansery nou te laat staan want sy is getroud. Sy moet vir haar man luister en onthou sy is nie meer in haar ma se huis waar sy kan lê en laat slaap nie. Sy moet nou vroeg opstaan en haar huislike pligte doen.

Daarna vertrek die familie van die bruid en bly bruid en bruidegom by die huis van laasgenoemde se ouers agter, waar hulle inwoon indien die bruidegom nie dadelik 'n woonplek vir hom en sy bruid kan verskaf nie.

In een geval waar informante van Nguni-herkoms die verhaal vertel het, is gewag gemaak van 'n seremonie by die huis van die bruidegom wat ons nie elders bevestig kon kry nie. Hiervolgens verskaf die bruid se mense 'n skaap wat by die bruidegom se huis geslag word vir die fees. Na die bruid en haar familie aangekom het, laat haar ouer broer haar van die vleis eet. Sy moet eerste daarvan eet waarna die ander gaste ook kan kry. Hy sê: "Ke ya u jeswa nama je" - Ek laat jou hierdie vleis eet. Die bruid se vader en ander senior familie is teenwoordig maar luister net as toeskouers. Die broer vervolg dan: "Mo a utlwa, o tswile go rena" - luister nou hier, jy het by ons uitgegaan. "Re kreile digkomo tsa A..." - Ons het beeste (vir jou) gekry van A... (bruidegom se familie). Hierna volg die vermanings. Die afsnydingsaksie van die bruid neem hier dus die vorm van 'n eetseremonie op die vreemde plek aan. Die eerste kos daar word nog deur haar eie familie gegee. Vir die vertroosting van die bruid wat alleen agterbly, kan daar dan 'n jong dogter uit haar familie by haar gelaat word om haar op die vreemde plek geselskap te hou. Wanneer die bruid dan na twee weke of 'n maand vir 'n kort rukkie weer na haar ouerhuis gaan "om die skoondogterskap af te gooi", gaan die dogtertjie saam met haar terug na haar normale woonplek toe. Ons kon slegs hierdie een uiteensetting kry en vermoed dat dit moontlik Nguni-invloed is.

Na verloop van ongeveer twee weke gaan die bruid terug na haar ouerhuis toe vir 'n paar dae. Hierdie teruggang word genoem go tšolla bogweng - om af te gooi (die skoondogterskap) by die plek van die skoonouers van die bruidegom, of ook go tšolla bongwetši - om die skoondogterskap af te gooi. Tuis word daar vir haar 'n klein

© University of Pretoria

partytjie / ...

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

partytjie gereël (go nwešá - om te laat drink) waarheen intieme vriendinne genooi word. Sy kry 'n paar nuwe rokke present wat almal langer as die van 'n jongdogter gemaak word. Sy kry ook 'n nuwe kombers en kussing as geskenk wat sy dan saamneem na haar nuwe woonplek by haar man. In sommige gevalle waar die tradisionele invloed nog baie sterk is, word haar hare ook met die besoek skoon op haar kop afgeskeer. Nadat sy met hierdie besoek terug gegaan het na haar man is alle beperkings op verdere besoeke aan haar ouerhuis opgehef. Sy is vry om te gaan en te kom.

Die proses van afwerping van skoondogterskap word nie as sodanig deur Schapera onder die Kgatla beskryf nie. Op p.80 van sy Married Life in an African Tribe verwys hy na iets soortgelyk waar sowel die bruid as bruidegom die dag na die fees by die bruidegom se mense opdaag om die laaste besittings van die bruid te kom haal, deelneem aan 'n klein fees en dan teruggaan. Hierdeur word enige verbod op besoeke aan die ouerhuis van die bruid opgehef. Onder die Noord-Sotho-stamme is die gebruik egter wel gerapporteer. By die Balobedu het J.D. Krige reeds in 1934 (Bridewealth in Balobedu Marriage Ceremonies, Bantu Studies VIII) verwys na die gebruik dat die afsondering van die bruid in die kraal van haar skoonouers beëindig word wanneer sy teruggestuur word na haar ouers met 'n bok as geskenk - pudi ya tjola bonoetsi - die bok wat die skoondogterskap afwerp. Die handeling was noodsaaklik voor daar enige geslags-verkeer met haar man kon plaasvind. Op haar terugreis bring sy bier saam vir die familie van haar man. Haar moeder stuur die bier en kan na die geskenk haar dogter in haar nuwe stat besoek.

By die Mamabolo soos beskryf deur eerw. C. Hoffmann in sy Verlöbnis und Heirat bei den Basutho (Zeitschrift fur Kolonial Schprachen Bd 3) geskied die terugtog na 2 of 3 dae. Die bruid gaan terug na haar ouers se kraal vergesel van die bruidsmeisies en neem die kop van 'n bok wat vir hulle geslag is saam vir haar suster van wie sy iets daarmee ruil. Hier word dit genoem go cholla bongwesi.

Dit is vir ons onverklaarbaar dat hierdie gebruik waarvan slegs vaste gegewens uit Noord-Transvaal kom so algemeen in Atteridgeville voorkom waar die swaartepunt van die inwoners van Tswana en Kgatla herkoms is. Van afsondering in die Lobedu-sin is daar geen sprake nie.

Wanneer ons nou finaal die koste van 'n gemiddelde bruilof bekyk, lyk die items so. Van weerskante word die onkoste van die bruilofsfees deur elke ouergroep afsonderlik gedra. Dit beloop dus gewoonlik twee maal R25. Wanneer die ouers egter saamspan en net een fees gee, soos by armer mense, verminder die bedrag tot die helfte, nl. R25. Die bruidegom moet egter met of sonder hulp instaan vir die volgende:

| | |
|---|---|
| Die bula molomo geskenk ... ... ... ... ... | R 10.00 |
| Bogadi (paaiemente) ... ... ... ... ... ... | 75.00 |
| | R 85.00 |

Bruilofsonkoste:

| | |
|---|---|
| Trouringe ... ... ... ... ... ... ... | 4.00 |
| Trourok, sluier, skoene en "changing dress".. | 46.00 |
| Troukoek ... ... ... ... ... ... ... | 15.00 |
| Huurmotor ... ... ... ... ... ... ... | 5.00 |
| Foto's en kaartjies ... ... ... ... ... | 15.00 |
| Eie klere ... ... ... ... ... ... ... | 10.00 |
| | R 95.00 |

Die totale uitgawe by 'n gemiddelde troue beloop dus enig-iets in die omgewing van R170.00. Geen wonder dat daar 'n lang

periode / ...

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

periode verloop tussen die lewering van die finale paaiement van die bogadi en die huwelikseremonie self nie. Mens moet in elke geval verwag dat dit ook die termyn van die lewering van die finale paaiement van die bogadi sal affekteer. Dit is 'n man se oogmerk om so gou as moontlik na die lewering van die bogadi die huweliksfees te laat plaasvind. Wanneer die finale paaiement gelewer word, is 'n deel van die geld vir die bruilofsonkoste ook reeds beskikbaar. Ons kan verder ook besef dat die normale prosedure is dat die familie van die bruid die grootste deel van die bogadi, minstens die helfte, spandeer op die huweliksonthaal wat hulle vir die dogter gee.

Volgens die Bantoereg en in besonder onder die Kgatla geld as essensie vir die sluiting van die huwelik die lewering van die trougoedere of minstens 'n deel daarvan. Vir 'n gemeneregtelike huwelik kan die instaatstellingsertifikaat maklik verkry word. Die wettiging van kinders sou heel maklik kon geskied as die gemeenskap nie so sterk gestaan het op die oorhandiging van die volle bogadi en die huwelikseremonie in die kerk nie. Mense wat nie in die kerk trou nie is in Atteridgeville beslis van 'n laer stand. Dit word nie gedoen nie. Ons is bevrees dat die oordeel oor Atteridgeville se huweliksprosedure die etiket van vertoonsug moet dra. Daar was selfs informante wat beweer het dat mens nie wettig getroud is sonder 'n kerkseremonie en die daaropvolgende bruilof nie.

By die finale betragting van die huwelikseremonie val dit 'n mens op hoe daar 'n sintese bewerkstellig is tussen die Westerse patroon van kerkhuwelik en die van die Sotho-volke. Die lewering van bogadi, dubbele huweliksfees en sommige van die vermydings-handelinge is behou maar ingepas by die eise van 'n huwelik in die kerk gevolg deur 'n bruilofsfees. Nodeloos om te sê die tradisionele kleredrag het geheel verdwyn ten gunste van die Westerse.

## V. DIE INWONING NA DIE HUWELIK

In Atteridgeville is dit normaalweg nie vir die man moontlik om dadelik 'n eie huis aan sy vrou te besorg nie. Sy naam is saam met al die ander wagtendes op 'n lys geplaas. (Met die vergroting van die woonbuurt het hierdie probleem grootliks verdwyn.) Om doeltreffende beheer toe te pas en vanweë die grootte van die huise is die inneem van loseerders ook nie toegelaat nie. Vir die jong egpaar is dit dus nie moontlik om êrens wettig in Atteridgeville 'n kamer vir eie verblyf te huur nie. Waar hulle wel so 'n eie kamer gehuur het, moes hulle in Marabastad gaan bly of selfs in Lady Selborne. In albei gevalle was hulle dan byna 10 myl van die ouer-huise af.

Die regulasies maak egter wel voorsiening daarvoor dat 'n huishoof alle kinders en verwante by hom in die huis kan laat woon behoudens beperkinge uit die gesondheidsverordeninge oor die aantal persone wat in so 'n huis toegelaat kan word. Dit was daarom die normale prosedure dat die jonggetroude paar vir geruime tyd by een van die ouers inwoon en nie loseerders onder 'n vreemde dak word nie.

Hierdie inwoning word in uitsonderlike gevalle by die ouers van die vrou gesoek. Die man sal gewoonlik alles doen voor hy hom die reëling sal laat welgeval. Inwoning geskied dus normaalweg in 'n kamer by die ouers van die man.

Tradisioneel is so 'n skoondogter aan allerhande respek-verpligtinge en vermydingsreëls teenoor haar skoonouers onderhewig. Waar samewoning so binne dieselfde huis en huishouding plaasvind is dit nie moontlik nie. Die skoondogter word as eie dogter in die huis behandel solank sy vrymoedig pligte wat aan haar in die huis-houding opgedra word, doen.

As enigste verbod waarvan ons kennis dra, geld die reël dat sy nie in die slaapkamer van haar skoonouers sal ingaan as hulle daar is nie. Verdere formaliteite in die gedragsverhouding kon ons nie opspoor nie.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

## VI. DIE POSISIE VAN WEDUWEES

Dit is aan ons verduidelik dat die rouperiode wanneer die man gesterf het een jaar duur vir die agterblywende weduwee. Gedurende hierdie tyd mag sy geen gemeenskap met 'n man hê nie. "Sy is donker." Hierdie bepaling word nie altyd volledig gehandhaaf nie. Gedurende hierdie rouperiode is haar hare geskeer. Die rouperiode word opgehef met 'n rituele wasaksie (vgl. p.271).

Tradisioneel sou so 'n weduwee onder gesag van haar oudste seun kom en een van haar man se jonger broers as verwekker onder die leviraatstelsel moes ontvang of self kies. Slegs een informant het die ondergeskikstelling van die weduwee aan haar oudste seun as geldig in Atteridgeville genoem. Die praktyk bewys anders. Die leviraatstelsel kom nie in bekende gevalle in Atteridgeville voor nie. Almal ken egter die gebruik om "jou jas agter jou skoonsuster se deur te gaan ophang," maar beweer dat dit iets is wat die witman se gewoontes laat verander het. Of dit in alle gevalle die waarheid is, kon ons nie kontroleer nie.

Dit is egter gebruiklik vir die weduwee om met die familie van haar oorlede man in kontak te bly en hulle van haar probleme en gebeurtenisse in die lewe van haar kinders te verwittig. Hierdie verhouding, asook enige hulp wat sy mag ontvang, hang af van die verhouding wat daar ten tye van haar man se lewe tussen haar en die skoonfamilie geheers het.

In praktyk verkry die weduwee deur die oorlye van haar man statusverhoging. Sy word hoof van die huisgesin. Die huis word in haar naam geregistreer. Sy reguleer die lewe van haar kinders en ontvang alle bogadi wat van dogters mag inkom.

Sy ondervind egter gewoonlik 'n vermindering van inkomste in die huishouding. Dit word haar taak om die familie te onderhou deur wasgoed te doen of selfs in sommige gevalle deur bier, gekookte groenmielies of patats te verkoop op straat. Wanneer haar seuns en dogters groot genoeg is, dra ook hulle hulle deel by.

Dit is egter ons ondervinding dat baie weduwees uiteindelik 'n bedgenoot verkry wat in ruil vir hierdie voorreg bydra tot die huishouding. Sulke verhoudinge is selde permanent. Hoewel dit haar vry staan word 'n tweede huwelik nie dikwels gesluit nie. Sommige van hierdie vrouens word in praktyk allemansvrou.

## VII. BUITE-EGTELIKE VERHOUDINGS VAN GETROUDES

Ons het reeds volledig oor die voorkoms van voor-egtelike verhoudings gehandel. Reeds daar het ons daarop gewys dat gevalle van permanente of langdurige samewoning tussen man en vrou in die statistiek ingesluit is.

Ons sal hier aandag gee aan die omvang van ontug na die huwelik asook die algemene optrede van diegene wat met wedersydse instemming saamwoon.

Owerspel waar òf die man òf die vrou hom of haar aan geslagsverkeer buite 'n wettige huwelik skuldig maak, is geen onbekende verskynsel in Atteridgeville nie. Statistiek daaroor was onmoontlik om te verkry. Ons weet egter dat verskeie blokmanne dit as een van die soort probleme tussen man en vrou genoem het wat herhaaldelik voorkom vir beslegting.

Waar die skuldige bekend is, sal die man gewoonlik 'n eis vir skadevergoeding teen die skuldige manspersoon instel. Sulke eise bereik selde die hofsaal. Dit word by die blokman afgehandel. Die aard van getuienis, waar dit gelewer kan word, is gewoonlik so verdoemend dat die skuldige bereid is om die normale skadevergoeding van R10 - R20 te betaal.

Wanneer 'n getroude man hom aan 'n ongetroude vrou sou vergryp, probeer die ouers in alle gevalle die skuldige vir

© University of Pretoria

skadevergoeding / ...

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

skadevergoeding aanspreek. Die eis is by 'n getroude man altyd hoër as by 'n ongetroude omdat daar nie die moontlikheid vir latere huweliksluiting is nie. Die dogter word gewoonlik onder die indruk gebring dat die man ongetroud is. Dit gebeur uiters selde dat daar 'n hofbevel teen die man vir onderhoud van sy onegte kind uitgereik word. Die ouers van die dogter sien na die buite-egtelike kind om. Daar is niks verder daaraan te doen nie. Daarom sê die mense van so 'n man: "Die Here sal hom straf."

Waar 'n man hom skuldig maak aan owerspel tree die vrou baie selde teen hom op. Waar dit 'n gemeneregtelike huwelik is, het sy 'n aksie vir egskeiding en onderhoud. Die twee gevalle van geskeie vroue in ons tabel 36 oor die huwelikstaat van ons 300 gesinne het so ontstaan. Die meeste wat die vrou gewoonlik doen, is om die man te verlaat as sy nie bereid is om sy attensies met 'n ander te deel nie.

Geslagtelike omgang buite die huwelik deur die man is nie iets seldsaam nie. Solank dit nie publisiteit kry nie, word daar liefs oor geswyg. Die mees algemene plekke waar dit voorkom is by die sjebeens waar sowel drank as vrouens voor hande is. Die vernaamste area vir die praktyke was Marabastad voordat dit deur die owerhede opgeruim is. Selfs hier was daar nie sprake van prostitusie nie, slegs van los vrouens wat hulle geld uit bierverkope maak.

Die geleenthede vir Bantoemans om hulle aan die praktyk skuldig te maak is oral in Pretoria aanwesig. Gewoonlik in die vorm van vroulike huisbediendes wat sonder die kontrole van 'n gemeenskapsverband in Blanke agterplase woon. Die algemene houding soos dit teenoor ons gestel is, is dat dit altyd maar die gebruik van die Bantoe was om meer as een vrou te hê of te trou. Die duurder lewe wat die witman gebring het, maak dit onmoontlik om die praktyk te wettig. Dit is dus blykbaar net die uiterlike omstandighede wat moeiliker geword het, van verandering tot 'n Westers-georiënteerde lewensnorm is daar nie sprake nie.

Owerspel deur die vrou is ook nie onbekend nie. Baie vroue in Atteridgeville doen wasgoed vir Blankes in Pretoria waar dit moontlik is om Bantoemans te ontmoet sonder die gevaar dat die res van die gemeenskap van die oortreding bewus is. Waar die man dikwels nagskof werk of periodiek vir tye van die huis is, gebeur dit soms dat die vrou 'n "loseerder" inneem. Die persoon is veronderstel om ook 'n bydrae tot die huishouding te maak. Indien die oortreding deur die man agtergekom word, sal hy sy vrou 'n pak slae gee en as sake nie verbeter nie haar wegjaag.

Ons wil nie die indruk skep dat owerspelige verhoudings die normale gebruik eerder as die uitsondering is nie. Die meerderheid van die inwoners van Atteridgeville maak hulle nie aan hierdie praktyke skuldig nie. Wat wel waar is, is dat die algemene openbare mening owerspelige verhoudings sterk afkeur. Aan die ander kant weet hulle nie hoe daarteen opgetree kan word nie. Die algemene houding is beslis om sulke gevalle waar daar geen algemene rugbaarheid is nie in vrede te laat.

Waar 'n vrou dan geboorte gee aan 'n onegte kind word dit aanvaar as die kind van die sosiologiese vader.

Een van die oorsake van buite-egtelike verhoudings is die baie gevalle van blote samewoning tussen man en vrou. Dit is nie omdat sulke samewoning op sigself buite die eg is nie. Al aanvaar ons, soos die gemeenskap in Atteridgeville, sulke samewoning as in orde (tot daar rusie uitbreek) bly dit 'n feit dat hierdie losheid en onstabiliteit in die verhouding tussen man en vrou geredelike aanleiding gee tot verhoudings met 'n ander as die "eggenoot" met wie daar saamgewoon word.

© University of Pretoria

In / ...

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

In tabel 36 vind ons 'n weergawe van die huwelikstaat van ons proefmonster van 300 gesinne. In 29 gevalle het die mense slegs saamgeleef en was ongetroud sodat 12.2% van ons monster beslis sonder wetlike dekking saamgeleef het. Die gevalle van weduwees, wewenaars en geskeie vrouens, 'n verdere 69 gevalle of 22.8% van die totaal sou hulle ook hieraan kon skuldig maak. Verantwoordelike informante het teësinnig erken dat 'n raming dat dit in die helfte van die laasgenoemde gevalle voorkom nie buitensporig sou wees nie. 'n Syfer van 23.6% ongesanksioneerde samewoning of rofweg een uit elke 4 gevalle is 'n ernstige toestand volgens enige maatstaf.

As oorsake vir hierdie neiging tot onstabiliteit is deurgaans die hoë koste van bogadi-lewering genoem. Die feit dat die maklike wettigingswyse deur 'n gemeneregtelike huwelik nie gevolg word nie is alleen maar verdere bewys van die hoë waarde wat nog aan die lewering van trougoedere geheg word.

'n Verdere belangrike oorsaak is die verpligting om 'n wettige huwelik te noem vir inwoningsreg in Atteridgeville. Met die verskuiwing van die inwoners van Marabastad na Atteridgeville het baie van die mense wat daar bloot saamgeleef het, beweer dat hulle inderdaad met bogadi getroud is om so reg op huisvesting in Atteridgeville te verkry. Ons het baie gevalle gevind waar mense langdurig in liefde saamgewoon het al is die verklaring wel wederregtelik gemaak. By ander was die noodsaaklike stabiliteit jammerlik afwesig. Uit ons proefgroep was daar een man wat sy vrou en kind waarmee hy na Atteridgeville gekom het kort daarna weggejaag het. 'n Tweede het hy geneem na hy haar by 'n dans ontmoet het. Hy het haar gesê hy is ongetroud (wat waar was) hoewel hy darem elders nog 'n "girl" gehad het. Hulle het toe saamgewoon in sy huis in Atteridgeville en hy het 'n kind by haar gehad sowel as by sy "girl" elders. Na 'n paar jaar het hy die tweede "vrou" ook gelos want "by Hartebeespoortdam by 'n piekniek het ek gesien dat sy baie hou van 'n ander kaffer van Johannesburg. Toe het ek haar weggejaag." Hierna het ons proefpersoon 'n derde "girl" ontmoet by 'n "party". Hy het nou 'n kind by haar. Hy sou haar kort na die gesprek as sy vrou na Atteridgeville bring. Dit was dus drie opeenvolgende vrouens in tien jaar. By hierdie vrouens was daar drie kinders waarvan hy vader was sowel as een by 'n vierde loslopende vrou.

Die bogenoemde is eintlik 'n uitsonderlike geval. Die normale is dat die man die vrou met wie hy saamleef eenvoudig verlaat en haar opsaal met die taak om vir sy buite-egtelike kinders te sorg. Die beleid van die administrasie was om in sulke gevalle die huis op die naam van die vrou te plaas sodat daar darem onderdak vir die gesin kan wees. Omdat die vrou uit haar eie inkomste selde die mas kan opkom, volg daar spoedig 'n tweede man met wie sy saamleef. Nadat daar nog kinders gebore word en 'n verdere rusie volg, maak die man plek vir 'n derde.

Ons het in Atteridgeville nie soseer met 'n ernstige probleem van owerspel in die klassieke sin te doen nie, maar met die ernstige verval van die hele gesinstruktuur in 'n betekenisvolle aantal gevalle.

## VIII. ONTBINDING VAN DIE HUWELIK

Egskeiding as geregtelike proses is baie skaars in Atteridgeville. Ons kon nie bepaal of die twee gevalle waar geskeie vrouens onder ons proefgroep aanwesig was die voorgeskrewe geregtelike proses deurloop het nie. Gesien die hoë persentasie gemeneregtelike huwelike wat gesluit word en die herhaalde verlating gevolg deur samewoning moet ons aanvaar dat daar baie oortreders van die gemeneregtelike verbod op bigamie in Atteridgeville sal wees. Ons kan egter nie die vinger op spesifieke gevalle lê nie en kan ook geen statistiek verskaf nie.

© University of Pretoria

Skeiding / ...

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Skeiding tussen man en vrou kan deur 'n familievergadering gereël word. Die mees normale is dat man en vrou mekaar eenvoudig verlaat en onderling reël wie die kinders behou. In die meeste gevalle is die man dood tevrede om die kinders in die sorg van die vrou te laat en sonder enige bekommernisse uit te stap.

Die belangrikste oorsaak vir skeiding of dan verlating is rusies oor buite-egtelike verhoudings. Waar die vrou oortree sal die man haar gewoonlik tugtig. Herhaalde owerspel kan 'n klagte by haar familie ten gevolg hê maar loop in die meeste gevalle deur hierdie kanale uiteindelik op 'n versoening uit.

Waar die man herhaalde owerspel pleeg volg rusie op rusie en uiteindelik verlating. Gewoonlik gee die man pad.

As oorsake vir skeiding is ook klagtes van die beoefening van bose towerkrag en stamverskille teen ons genoem. Ons dra slegs kennis van een geval waar 'n Zulu-man met 'n Kgatla-vrou getrou het en die huwelik later vanweë volslae mislukking op 'n familievergadering beëindig is. Of verskil in stamgebruike die ware oorsaak was dan wel buite-egtelike verhoudings of oormatige drankgebruik kon ons nie meer bepaal nie.

Mishandeling van die vrou deur die man, dikwels wanneer hy dronk is, gee aanleiding tot geweldige rusies maar nie normaalweg tot egskeiding nie. Oormatige aanranding op die vrou egter wel. Gewoonlik sal die vrou na haar familie vlug waar hulle ook al is of by 'n familielid wat naby woon gaan kla. Daar volg dan 'n familievergadering waarop die saak ondersoek word. Alleen as hier geen vergelyk verkry kan word nie gaan die saak na die Kommissaris. As die man skuldig is, staan hy 'n kans om vrou en kinders sowel as bogadi te verloor. Hy het geen verdere eis nie. Is die vrou die oorsaak van die moeilikheid kan sy teruggaan. As sy weier kan die man, so is dit ons verduidelik, sy bogadi terugeis min R10 vir elke kind wat sy hom gebaar het want hy behou die toesig oor die kinders sowel as die meubels. Die vrou moet terug na haar ouers waar sy moet gaan werk vir die bogadi wat na haar man moet gaan. Omdat die trougoedere uit geld bestaan, is dit nie meer beskikbaar wanneer die egskeiding moet plaasvind nie. Die man het gewoonlik geen hoop om selfs 'n deel daarvan terug te kry nie. In die meeste gevalle neem die man die kinders en laat sy vrou aan haar lot oor. Die argument is genoem dat die man dan berus want sy dogters sal later sy beeste "terugbring".

Dit is ook normaal dat die vrou haar toevlug tot die superintendent van Atteridgeville of die polisie neem as die man haar mishandel. 'n Waarskuwing aan die man is die gewone gevolg. Die vrou is hiermee tevrede.

Informante was oor hierdie prosedure verontwaardig. Daar is aan ons verduidelik dat jy tradisioneel as jy jou aan jou vrou vergryp het slegs skadevergoeding moes behaal. "Daarna was die vrou weer joune." Die moontlikheid van egskeiding en selfs polisie-inmenging tussen man en vrou is as 'n onding beskryf.

In die plaaslike Bantoesakekommissarishof word die reëls oor teruggawe van die bogadi soos bo genoem toegepas. Slegs enkele sake bereik egter die hof vanweë die optrede van die familievergadering.

As die man die skuldige is en sy vrou hom verlaat, doen hy gewoonlik nie eers aansoek om teruggawe van die bogadi nie. Hy neem eenvoudig 'n ander vrou en leef met haar saam.

Wanneer die vrou egter skuld het en die man verlaat, gewoonlik om met 'n ander man te gaan saamwoon, en die man wil die saak na haar familie neem, dan moet hy om in sy eis vir bogadi en die kinders te kan slaag haar eers huis toe bring of in elke geval in staat wees om te sê waar sy nou is. Hierdie reël is aan ons met

© University of Pretoria

nadruk / ...

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

nadruk herhaal. Dit is nie so onregverdig as miskien op die oog af voorkom nie. Die argument is dat hy deur op hoogte te wees van sy vrou se bewegings kan bewys dat hy haar nie verwaarloos het nie en sy nie miskien daarom vir bevrediging haar toevlug tot 'n ander geneem het nie.

---------------

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

# HOOFSTUK IV

## SOSIALE ORGANISASIE - DIE GESIN : VORM EN WOONWYSE

### I. SAMESTELLING

Gewoonlik word die gesinseenheid, bestaande uit vader, moeder en kinders as 'n aparte sosiale eenheid beskryf en sy funksionering op verskillende terreine nagegaan. Alles word in die werk gestel om waar 'n man meer as een vrou het die aparte huishoudings uit mekaar te trek en elkeen se funksionering afsonderlik na te gaan. Waar mense in gestabiliseerde gesinsverbande lewe is die benadering nie moeilik nie.

In Atteridgeville was ons genoodsaak om die bestaan van randpersone wat by die gesin aangeskakel is ook in aanmerking te neem. Die benadering moes dus onvermydelik eerder die afsonderlike huishouding as die afsonderlike gesin wees. Die kerngesin, man, vrou en kinders kom nog as die eenheid voor wat 'n aparte huis bewoon, sodat die gesin as apart-funksionerende eenheid in baie gevalle bestudeer kon word. Mens vind egter dikwels die aanhegting van familielede van òf die man òf die vrou om watter rede ook al asook die inname van loseerders. Hiermee gekombineer of sonder dat daar patrone of samegroeperings gesien kan word, is daar buite-egtelike kinders van die dogters uit die huis of selfs van die loserende familielede. Al hierdie mense, veral die familielede, is in mindere of meerdere mate ingeskakel by die huishouding en moes dus in aanmerking geneem word by die begrip huishouding. Sover moontlik is loseerders wat volledige buitestaanders is net as bron van inkomste beskou. Soms moes ook hulle as deel van die huishouding getel word omdat sommige loseerders later mans geblyk het wat met 'n weduwee en haar kinders saamleef.

Onder die omstandighede het ons dit nutteloos beskou om die gesinne saam te groepeer wat samestelling betref as volledig of onvolledig d.i. waar albei ouers leef of waar een of albei van die ouers gestorwe is. Volledigheidshalwe volg die statistiek oor volledigheid of onvolledigheid van die gesin aan die einde van die afdeling. Dit wil ons voorkom of die gesinne of dan huishoudings in historiese perspektief in groepe verdeel kan word. Vanuit die aanvang waar ons net vader en moeder en jong kinders as gesin kry ontwikkel die huishouding tot een waar buite-egtelike kinders kan bykom wanneer sommige hubare dogters verlei word. Soos die kinders groot word en die huis verlaat kom 'n verdere fase by. Uiteindelik kan een van die ouers sterf waardeur 'n ander samestelling van die huishouding bereik word. Wanneer albei ouers gestorwe is, word die einde van die proses bereik. Elke termyn word verder vertroebel deur die aan- of afwesigheid van familielede en/of loseerders. Ons reken dat die frekwensie van hierdie verskillende samestellings 'n invloed moet hê op die algemene samestelling van die gemeenskapslewe in Atteridgeville en sal probeer om hierdie invloed aan te dui.

Met hierdie beginsels in gedagte het ons die gesinne en huishoudings in ons proefgroep van 300 gesinne in die volgende groepe verdeel.

1. Volledige gesinne

(a) Man, vrou en jong kinders as eenheid.
(b) Man, vrou en kinders waar sommige kinders reeds uit die huis is maar sonder enige buite-egtelike kinders.
(c) Man, vrou en kinders, sommige reeds uit die huis maar wel buite-egtelike kinders.
(d) Man en vrou en kinders waaronder inwonende getroude kinders.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

2. Man en vrou - kinderloos.

3. <u>Gesin onvolledig - geen vader</u>
   (a) Vader oorlede.
   (b) Moeder ongetroud.

4. <u>Gesin onvolledig - geen moeder</u>

5. Man en vrou reeds oud, kinders uit huis uit.

6. Gesin onvolledig - vader en moeder oorlede.

7. Man en meer as een vrou.

Ons gee hier ook aandag aan buite-egtelikheid soos dit invloed het op die samestelling van die gesin. Die verskynsel as sodanig is onder voorhuwelikse verkeer afgehandel.

A. <u>Volledige gesinne</u>

1. <u>Man, vrou en jong kinders</u>

By die afbakening van hierdie groep was ons oogmerk om die groep gesinne af te sonder waar die gesinslewe oënskynlik die stabielste vertoon. Daarom moes ons ook daardie gevalle byvoeg waar daar vreemdes en familielede aangeskakel is aan daardie huishoudings waar ons jong kinders aantref sowel as diegene wat weer getroud is waar die kinders nog almal jonk is. Tabelsgewyse was daar in die groep:

TABEL 40: HUISHOUDINGSTIPE: MAN, VROU EN JONG KINDERS

| Gesin-tipe | Kinders bo 16 M | Kinders bo 16 V | Kindertal per gesin 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 6 | 7 | 8 | Getal Loseerders Familie | Getal Loseerders Vreemdes | saamleef | Totaal gesinne | % van 300 |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| M+V+ Kinders | 6 | 6 | 5 | 12 | 11 | 4 | 6 | 6 | 5 | 2 | | - | 1 | 51 | 17.0 |
| M+V+K+ Familie | 0 | 3 | 8 | 3 | 5 | 6 | 3 | 4 | - | - | 44 | | 5 | 29 | 9.6 |
| M+V+K+ Vreemdes | 0 | 1 | 0 | 1 | 0 | - | 0 | - | - | - | | 8 | 0 | 1 | 0.3 |
| (weer getroud) | 0 | 0 | 1 | - | - | - | 2 | - | - | - | | - | 1 | 3 | 1.0 |
| | 6 | 10 | 14 | 16 | 16 | 10 | 11 | 10 | 5 | 2 | 44 | 8 | 7 | 84 | 28.0 |

Hierdie gesinnegroep verteenwoordig in feitlik alle gevalle gesinne wat nuut tot stand gekom het met die betrekking van Atteridgeville in 1939-1942. Die ouderdom van oudste kinders toon dit. In slegs 16 gesinne is daar kinders van 16 jaar en ouer. Dit is opmerklik dat die 10 dogters bo 16 effens meer as die seuns is. Hierdie dogters is dus nog effektief onder die beheer van die ouers.

By die aanduiding van die kindertal per gesin moet ons onthou dat alle lewende kinders nog in die huis is. Wanneer mens slegs aan kinders tot 16 jaar in 'n gesin dink, het mens hier met gesinne met 'n lae kindertal te doen. Tel ons alle kinders vertoon ons tabel egter juis dat tot en met 6 kinders per gesin die aantal gesinne baie eweredig geplaas is. Die stabiliteit kan dus nie in 'n lae kindertal lê wat om daardie rede beter lewensvoorsiening kan ontvang nie maar lê wel in die feit dat die ouderdom waar ongerymdhede sy kop uitsteek nog nie bereik is nie.

© University of Pretoria

Die / ...

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Die verskynsel van inneem van familie en vreemdes as loseerders word elders volledig behandel. Hier kan mens egter reeds sien watter oormaat gevalle as familie-inwoning getel moet word.

Binne hierdie groep moes ons ook 7 gesinne tel waar man en vrou bloot saamleef. In vyf gevalle was van die kinders reeds ouer as 10 jaar. Die saamleefaksie duur dus reeds geruime tyd en word in die gemeenskap as 'n stabiele verbintenis tussen man en vrou aanvaar. As persentasie van die 84 gesinne wat ons hier dek, is dit maar 8.3%: aansienlik laer as die 12.2% plus in ons tabel wat algemene huwelikstaat aandui. Mens kan die stelling waag dat sodanige saamleef nie versoenbaar is met 'n stabiele gesinslewe nie.

Hierdie groep van 84 gesinne verteenwoordig 28%, minder as 'n derde dus, van ons proefgroep. Ons reken die groep as stabiel. Om die volle omvang van stabiele gesinsamestelling te kry moet dit egter met ander groepe saamgetel word.

2. <u>Man, vrou en ouer kinders waarvan sommige weg is maar geen buite-egtelike kinders</u>

Wanneer die kinders begin groot word, spreek dit vanself dat sommige seuns sowel as dogters later die huis sal verlaat. Gelyktydig hiermee kom in baie ongelukkige gesinne ook een of meer buite-egtelike kinders voor. Daar is ook die probleem van loseerders sowel vreemdes as familie wat by hierdie gesinne aangeskakel kan wees.

<u>TABEL 41: HUISHOUDINGSTIPE: MAN, VROU EN OUER KINDERS - GEEN BUITE-EGTELIKHEID</u>

| Gesins-tipe | Kinders aanwesig bo 16 | | Kindertal per Gesin | | | | | | | | | Loseerders | | Leef saam | Totaal gesinne | % van 300 |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | M | V | 0 | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 6 | 7 | 8 | Familie | Vreemdes | | | |
| M+V+K (party weg) | 14 | 10 | 7 | 8 | 4 | 10 | 9 | 5 | 1 | 1 | 2 | - | - | 5 | 47 | 15.7 |
| + familie | 3 | 4 | 2 | - | 1 | 1 | - | 3 | 2 | - | - | 11 | - | 1 | 9 | 3.0 |
| + vreemdes | 3 | 1 | - | - | - | 1 | - | 1 | 0 | - | - | - | 2 | - | 2 | 0.6 |
| | 20 | 15 | 9 | 8 | 5 | 12 | 9 | 9 | 3 | 1 | 2 | 11 | 2 | 6 | 58 | 19.3 |

By die interpretasie van gegewens oor die gedeelte van ons groep waar geen buite-egtelike kinders voorkom nie moet ons onthou dat hier 12 gevalle ingetel is met kinders onder 16 jaar wat in die vorige groep sou pas behalwe vir die feit dat sommige van die kinders weggestuur is na elders. In geen van hierdie gevalle was daar loseerders aanwesig nie. By die aanduiding van aanwesige kinders bo 16 jaar moes 8 gesinne dubbeld getel word omdat daar sowel seuns as dogters bo 16 jaar in die gesin aanwesig was. Die onderskeie syfers vir die drie groepe is 4, 3 en 1.

Hierdie groep van 58 gesinne pas eintlik ook onder die wat in Atteridgeville bewys lewer dat 'n bevredigende en stabiele gesinslewe gehandhaaf word. Die belangrikste rede hiervoor is dat die kindersamestelling so is dat dit moontlik word. In nie minder as 30 gevalle (26, 3, 1) was daar geen kinders bo 16 jaar meer in die huis nie, die aanwesige dogters bo 16 is ook minder as die seuns.

© University of Pretoria

By / ...

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

By die telling van kindertal per gesin word slegs die aanwesige kinders gegee sodat daar 'n verdere 9 gevalle bykom (geen kinders) waar alle kinders reeds die huis verlaat het.

Die oorwig van familiegebonde loseerders is steeds merkbaar asook dat die aantal loseerders per gesin effens toeneem. Dit is egter belangrik om te besef dat die aanwesigheid van loseerders nie korreleerbaar is met 'n klein aanwesige kindertal nie. Dit lyk dus of veral die verpligting om hulp aan familie te verskaf 'n blywende verpligting is wat nie deur beskikbaarheid van lewensruimte bepaal word nie.

Die insidensie van gevalle waar man en vrou saamleef en wat in hierdie groep met groot kinders 'n groter permanentheid van die samewoning aandui is nou 10.4%. Ons kan hier geen verklaring waag nie behalwe dat dit die gemiddelde van die proefgroep as geheel benader.

Hierdie groep verteenwoordig egter gesinne wat daarin geslaag het om kinders groot te maak en die lewe in te stuur sonder dat die skande van voorhuwelikse geboortes sy kop uitsteek. Een van die opvallende praktyke is om kinders veral dogters vroeg reeds weg te stuur dat hulle by 'n ouma of 'n familielid op die platteland groot word of selfs elders op die platteland skoolgaan. By nie minder as 17 gesinne is een of meer dogters so weggestuur nie. Hierdie kinders word natuurlik nie in ons tabel weerspieël nie.

3. <u>Man, vrou en ouer kinders waarvan sommige weg is maar waar wel buite-egtelike kinders voorkom</u>

Die groep van 50 gesinne wat uit ons proefgroep onder hierdie klas val, is in alle opsigte vergelykbaar met die vorige behalwe dat daar buite-egtelike kinders aanwesig is. Soos ons later sal verwys moet die effek van hierdie ongelukkige gebeurtenisse op die gesinslewe nie by hierdie groep alleen bepaal word nie maar in samehang met latere groepe waar die verskynsel homself ook voordoen.

Binne 3% is hierdie groep waar buite-egtelike kinders in aansienlike getalle voorkom, net so groot as die vorige. Die enigste belangrike verskil wat hierdie verskynsel kan verklaar is die aansienlike aantal gesinne waarin dogters bo 16 aanwesig is. As ons verder besef dat daar geen geval waar seuns bo 16 voorkom, is wat nie ook dogters bo die ouderdom bevat nie raak die verskil nog belangriker. Mens moet egter die werklike aanwesige aantal seuns bo 16 in die 25 gesinne, nl. 31, vergelyk met die werklike aantal dogters bo 16 in 41 gesinne nl. 72, om te verstaan wat dit beteken: Die mense in hierdie gesinne is nie slegter as die voriges nie maar het slegs die onderskeiding geniet dat daar heelwat meer dogters as seuns gebore is. By die 72 dogters bo 16 moet ook dié getel word wat hulle buite-egtelike kinders tuis laat en elders werk. Dit gee ons 96 potensiële moeders. Van hierdie syfer het 65 of 67.6% in die moeilikheid beland.

Die normale gebeurtenis kan byna van die statistiek gelees word. Wanneer 'n dogter 'n buite-egtelike kind kry moet sy dadelik gaan werk. Die grootste gros van hierdie vrouens is daarom huisbediendes of wasvrouens by Blankes in Pretoria. Die meeste bly nog tuis waar hulle deel bly van die huishouding van hulle ouers. 'n Aansienlike getal (24 uit ons monster) woon nie meer tuis nie en moet volgens werksure op die persele van hulle werkgewers slaap terwyl die kinders versorg word as deel van hulle ouers se huishouding. Dit word van sulke dogters verwag om deel van die onkoste te bestry. So word hulle bydrae deel van die huishouding.

Gedagtig aan die ongebonde lewe van huisbediendes sou mens verwag dat dit juis hierdie groep is wat die grootste getal kinders per moeder sou lewer. Die versoeking is tog daar groter. Ons syfers wys duidelik hoe dat die dogter wat tuis inwoon se kanse groter

© University of Pretoria

TABEL 42 / ...

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

TABEL 42: HUISHOUDINGSTIPE: MAN, VROU EN OUER KINDERS, BUITE-EGTELIKHEID AANWESIG

| Gesinstipe | Kinders aanwesig bo 16. | | Kindertal per gesin (aanwesiges) | | | | | | | | Moeder aanwesig Kindertal | | | | Moeder afwesig Kindertal | | | | Loseerders. | | | Totaal gesinne | % van 300 |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | | | | | | | | | | | | | | | | | Familie | Vreemdes | Saamleef | | |
| | M | V | 0 | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 6 | 7 | 1 | 2 | 3 | 4 | 1 | 2 | 3 | 4 | | | | | |
| M+V+K+B.E.Kinders | 16 | 29 | 2 | 7 | 2 | 7 | 6 | 6 | 6 | 1 | 17 | 4 | 5 | 4 | 10 | 6 | 1 | - | - | - | 3 | 37 | 12.3 |
| + familie | 9 | 9 | 1 | 3 | 2 | - | 4 | 1 | - | 1 | 6 | 2 | 2 | - | 5 | - | - | - | 22 | - | 1 | 12 | 4.0 |
| + vreemdes | 0 | 3 | 0 | - | 0 | - | 0 | 0 | 1 | - | 1 | 0 | 0 | - | 0 | - | 2 | - | - | 1 | - | 1 | .3 |
| | 25 | 41 | 3 | 10 | 4 | 7 | 10 | 7 | 7 | 2 | 24 | 6 | 7 | 4 | 15 | 6 | 3 | - | 22 | 1 | 4 | 50 | 16.6 |



© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

is om meer as twee buite-egtelike kinders te hê as die dogters wat elders moet slaap. Dit word die grootmoeder se onbenydenswaardige taak om 'n tweede stel kinders groot te maak. Die aantal kinders in hierdie groep beloop 109 of 2.2 kinders per gesin.

In hierdie groep was daar ook pogings om kinders na die platteland te stuur om die versoekinge van die stad te ontkom. Waar dit in die vorige groep 'n beduidende totaal was, is uit slegs drie gesinne van die onderhawige groep kinders so weggestuur.

Dit is nogmaals duidelik hoedat die verskaffing van onderdak aan familie veel groter afmetings aanneem as die vestiging van vreemdelinge. Die gevalle van blote saamlewe tussen man en vrou, as aanduiding van 'n moontlike lae moraal kan nie hier met die insidensie van buite-egtelikheid gekorreleer word nie. Ons het hier vier sodanige gevalle of 8.0% of .3% laer as by ons mees stabiele groep A.1.

4. <u>Man en vrou met kinders waarvan sommige as getroudes inwoon</u>

Wanneer kinders gaan trou en geen ander heenkome het nie, kan daar by òf die ouers van die bruid òf bruidegom ingewoon word.

Ons kan uit hierdie groep net vier gevalle (1.3%) aandui waar die inwoning plaasvind by die bruid en bruidegom se huise terwyl albei ouers nog lewe. Twee gevalle was by die bruidegom se ouers en twee by die bruid se ouers. Vir 'n volledige beeld van die praktyk moet hierdie statistiek vergelyk word met die omstandighede waar of vader of moeder van die jong egpaar oorlede is.

Inwoning by eie ouers of dié van jou vrou is duidelik minder gewens. Waar dit die normale toestand by die tradisionele kultuur sou wees, geld dit nie meer in Atteridgeville nie. Die kindertalle in die vier gesinne onder bespreking het die afsondering van 'n hele vertrek vir die jong egpare moontlik gemaak. So 'n vestiging hoort in baie ander gevalle moontlik te wees. Dit kom net nie voor nie sodat die lae gesinnetal in die groep aanduiding vorm van die neiging om afsonderlik van ouers of skoonouers 'n eie woonplek te betrek.

B. <u>Man en vrou kinderloos</u>

Die posisie van 'n kinderlose vrou in Atteridgeville is nie so onbenydenswaardig as dié van 'n vrou in die Bantoetuislande waar tradisionele gebruike van veragting nog geld nie. Dit bly egter onaangenaam in 'n maatskappy waar die klem baie sterk val op die verwekking van kinders, al is dit dan net om versorging in die ou dag te waarborg.

Die 13 gesinne uit ons proefgroep of 4.3% verdien daarom afsonderlike behandeling.

In vyf van hierdie gesinne was daar geen kinders wat as die van die ouerlose egpaar gegeld het nie. In drie gevalle was daar egter kinders van familie van die ouers in die huis. In al drie gevalle dogters.

In die oorblywende 8 gevalle was daar kinders wat as aangenome kinders beskryf is. Ons het geen rede om die wettigheid van hierdie aannemingsaksie te betwyfel nie. In drie gevalle een kind, in een geval 'n tweeling en drie gevalle drie kinders. Die laaste gesin raak die van 'n vrou wat 9 kinders aangeneem het uit haar en haar man se familie, vyf seuns en vier dogters. Hoewel twee van die dogters reeds ouer as 16 was, is die voorbeeld en kontrole in hierdie huis van die hoogste gehalte.

In drie van die laasgenoemde 8 gevalle was daar onderdak verskaf aan loserende familielede. In elke geval aan jong kinders uit die familie.

© University of Pretoria Hierdie / ...

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Hierdie groep gesinne hoort beslis ook tot diegene wat 'n voorbeeld stel aan die samelewing in Atteridgeville.

C. Onvolledige gesinne

1. Moeder en kinders - vader oorlede

Waar ons in die voorgaande steeds met gesinne gewerk het wat as volledig beskou kan word, moet ons nog bepaal wat gebeur in elk van die vorige tipes waar die vader wegval. Die afsterwe van die vader bring nie alleen weduwees met jong kinders as gesin nie maar ook die met ouer kinders met of sonder buite-egtelike kinders. Daar is diegene by wie 'n getroude kind inwoon. By dit alles kom as vertroebelende faktor die aanwesigheid van loserende familie of vreemdes in die huishouding by. Per tabel kry ons dan soos in tabel 43 aangetoon, die volgende:

Waar die vader te sterwe gekom het by die 300 gesinne in ons proefgroep, is daar maar 1% gesinne met kinders onder 16 jaar. Dit kan ons verwag. Tesame hiermee moet ons die groepe tel waar geen buite-egtelike kinders voorkom nie, 21 of 'n derde van die groep onder bespreking. In die 9 gesinne met seuns bo 16 en vyf gesinne met dogters bo 16 waar geen buite-egtelike kinders voorkom nie is die werklike getalle aanwesige seuns en dogters bo 16 - 16 en 5. Dit bewys weer ons waarneming waar albei ouers lewe, dat dit hier nie noodwendig om 'n hoër lewensmoraal gaan nie, maar slegs om die toeval wat die meerdere geboorte van seunskinders laat plaasvind het.

Waar moeder en kinders (sonder buite-egtelike kinders) saamwoon en loseerders inneem, vind mens uit die kindertal dat die meeste kinders uit die huis is en reeds getroud is en dat die familie wat as loseerders inwoon hoofsaaklik kleinkinders is. Die swaartepunt in die tabel lê beslis waar moeder met kinders wat buite-egtelike kinders het saamwoon en soms nog loseerders ook by inneem. Hierdie groep tel 32 persone of net meer as 50% van die totale groep onder bespreking.

Die eerste wat opval is die relatief hoë getal seuns wat as ongetroudes, dikwels tot tussen 30-45 jaar ouderdom, tuis bly woon. Ons tel 13 gesinne met inwonende seuns bo 16 jaar teenoor 28 gesinne met dogters bo 16 jaar wat inwoon. Die syfers verteenwoordig 22 inwonende seuns bo 16 jaar teenoor 44 dogters. By die groep waar man en vrou en kinders met buite-egtelike kinders saamwoon, was daar 31 seuns teenoor 72 dogters bo 16 jaar. Waar die vader dus gestorwe is, het ons 'n verhouding van 1:2. Waar die vader leef is die verhouding 1:2.3. Ons sou hierdie toename in seuns kon toeskrywe aan die feit dat die ouderdomsamestelling van die gesinne waar die vader oorlede is hoër is as waar hy leef. Feit is egter dat hierdie seuns wat by die moeder inwoon meesal ongetroud is en dikwels middeljarig (bo 40). Ons word tot die gevolgtrekking gedwing dat waar die vader sterf die seuns langer in die huis bly as wanneer hy leef. Dit wil voorkom asof hulle die versorging van hulle moeder op hulle neem, ondanks die feit dat die huis op die weduwee se naam geregistreer word.

Die vraag ontstaan nou wat gebeur as die seuns trou. Uit die sewe gesinne waar 'n weduwee met getroude kinders saamwoon, is die getal so laag dat mens by enige afleiding 'n moontlike fout moet erken. Uit die tabel blyk dit egter duidelik dat in twee van hierdie gevalle dit getroude seuns was wat ingewoon het en die ander vyf was dogters. Dit is verder opmerklik dat waar die twee getroude seuns ingewoon het geen dogters meer in die huis was nie. Daar was wel buite-egtelike kinders van hierdie dogters maar in praktyk was die seun nou gesagvoerder in hierdie gesinne en sy eie vrou en sy moeder moes hom onderdanig wees hoewel die huis nog in die moeder se naam geregistreer was. Ons reken dat mens tog die afleiding kan

© University of Pretoria

TABEL 43 / ...

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

## TABEL 43: HUISHOUDINGSTIPE: WEDUWEE EN KINDERS

| Gesinstipe | Kinders aanwesig bo 16 | | Kindertal per gesin (aanwesiges) | | | | | | | | | Buite-egtelike Moedertal: Moeder aanwesig. Kindertal | | | | Buite-egtelike Moedertal: Moeder afwesig. Kindertal | | | | Loseerders: Familie | Loseerders: Vreemdes | Saamleef | Totaal gesinne | % van 300 |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | M | V | 0 | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 6 | 7 | 8 | 1 | 2 | 3 | 4 | 1 | 2 | 3 | 4 | | | | | |
| M+Kinders 0-16 | - | - | - | - | 1 | 2 | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | 3 | 1.0 |
| M+K geen B.E. | 8 | 4 | 1 | 1 | 1 | 2 | 4 | 2 | - | 1 | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | 12 | 4.0 |
| do+loseerders | 1 | 1 | 4 | - | 1 | - | - | 1 | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | 19 | 1 | - | 6 | 2.0 |
| M+K met B.E. | 11 | 24 | 1 | 8 | 5 | 6 | 3 | 2 | 1 | - | 1 | 12 | 10 | 6 | 2 | 7 | 8 | 3 | - | - | - | - | 27 | 9.0 |
| do+familie | 2 | 4 | - | 2 | 2 | - | - | 1 | - | - | - | 3 | 1 | 1 | - | - | - | - | - | 8 | - | - | 5 | 1.6 |
| M+K (getroudes woonin) | 2 | 5 | - | 2 | 5 | - | - | - | - | - | - | 2 | 1 | 2 | - | - | 1 | - | - | 12 | 0 | - | 7 | 2.3 |
| M+geen kinders-loseer | - | - | 1 | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | 3 | - | - | 1 | .3 |
| | 24 | 38 | 7 | 13 | 15 | 10 | 7 | 6 | 1 | 1 | 1 | 17 | 12 | 9 | 2 | 7 | 9 | 3 | - | 42 | 1 | - | 61 | 20.3 |



© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

waag, dat die seun bereid is om vir die moeder te sorg tot hy trou maar daarna baie selde by die moeder gaan inwoon. Versorging na die huwelik van die seun is volgens ander getuienis bloot sporadiese hulpverlening.

Wanneer ons nou in die groep waar moeder, kinders en buite-egtelike kinders saamwoon soms met loseerders, al die afwesige moeders en potensiële en werklike moeders tel, kry ons 62. Hiervan het 48 of 77.4% in die moeilikheid gekom. Die ooreenstemmende syfer by groep A.3 (man, vrou, kinders met buite-egtelike kinders) is 67.6%. Daar is dus 'n toename van 9.8% in die werklike moedertal met buite-egtelike kinders vergeleke by die potensiële aantal moeders. Weer eens moet ons toegee dat die ouderdomsamestelling van die gesinne waar die weduwee met haar kinders saam woon, hoër is as waar albei ouers nog leef; daar is dus geleentheid vir meer dogters om buite-egtelike kinders in die lewe te bring veral daar die huweliksouderdom so hoog is. Desondanks bly die aantal buite-egtelike kinders per gesin ook hier 2.2.

In hierdie groep is daar egter heelwat dogters van 35-45 wat steeds as ongetroudes met hulle buite-egtelike kinders by die ou weduwee inwoon. Slegs in enkele gevalle is daar dan 'n broer bo 22 aanwesig wat help om die pot aan die kook te hou. Ons afleiding is dat die moeder en haar dogters nou self die inkomste moet vind. Die dogters word en bly huisbediendes om inkomste te verskaf terwyl die ouma na die steeds meerderwordende buite-egtelike kinders bedags omsien. Uit ander getuienis weet ons dat dit 'n normale praktyk in Atteridgeville is. Waar hierdie gesinseenheid se ouer vroulike lede mekaar aanvul, verskaf dit 'n mate van stabiliteit. Die een is op die ander aangewese vir steun, hoewel die ou weduwee steeds die toon aangee; dit is haar huis. Wanneer 'n dogter uit so 'n eenheid gaan trou, kan mens verwag dat die man by sy vrou en kinders (by sy skoonmoeder) sal kom inwoon. Ons het hier 'n eienaardige verandering in die matrifokale rigting. Iets wat by die Suid-Bantoe tradisioneel onbekend is.

Die konsentrasie van kindertal op 1, 2 of 3 kinders per gesin dui in die geval van hierdie groep daarop dat die kinders reeds besig is om die huis te verlaat.

Die groter mate waarin die buite-egtelike moeders tuis aanwesig is, versterk ons waarneming dat waar die vader sterf die gesin in 'n matrifokale rigting neig.

Waar ons loseerders vind, is die kindertal per gesin laer as die gemiddelde van die groep. Dit weerspieël in elke geval die feit dat ouer kinders die huis verlaat. Dit lyk ons geregverdig om die gevolgtrekking te maak dat soos die kinders die huis verlaat, en daar nie meer soveel familie is wat aanspraak maak op huisvesting nie, word die leë plekke gevul met vreemde loseerders. Op dié wyse kom daar 'n inkomste by.

Dit is verder opvallend dat die familie-loseerders wat by hierdie groep inwoon in alle gevalle familie van die weduwee is, geen enkele geval waar 'n lid van die oorlede man se familie inwoon, het in ons proefgroep voorgekom nie. Weer eens die beklemtoning van die matriliniêre verband.

Mens moet ook daarop let dat die meeste van hierdie weduwees lank reeds hulle mans verloor het. Daar bestaan geen neiging tot hertrouing nie. Dit lyk asof dit vir hulle gemakliker is om ongetroud te bly!

2. <u>Moeder en kinders - geen vader</u>

In dieselfde klas as die vorige, waar die gesin onvolledig is omdat daar geen man is nie, val ook die gevalle van ongetroude moeders.

© University of Pretoria

By / ...

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

By die verskuiwing van Marabastad was daar 'n hele aantal ouer vrouens met kinders wat as ongetroudes in Atteridgeville gevestig is. Die totaal van hierdie groep beloop 12 gesinne of 4.0% van ons proefgroep. Die samestelling en gevolgtrekking wat ons hier kan maak verskil nie wesentlik van die voorgaande waar ons met weduwees en hulle gesinne te doen gehad het nie.

Slegs in twee gevalle was daar sprake van jong kinders. In een geval het die ongetroude moeder onderdak verskaf aan haar weduweedogter met 6 dogters en een seun. Die ouderdomme het gewissel van 24 tot 6 jaar. Die twee oudste dogters het reeds albei twee buite-egtelike kinders gehad wat ook maar moes inwoon.

Ons noem die geval nie om simpatie te wek nie, maar as verduideliking dat ons dieselfde matrifokale patroon hier aantref as in die vorige groep. Trouens al verskil is dat hierdie vrouens erken hulle is ongetroud. Die vorige groep was weduwees. Onder hulle moes ons gevalle tel waar ons later kon bewys dat hulle in werklikheid ook maar ongetroud is.

D. Onvolledige gesin - moeder oorlede

Onder die 8 gesinne of 2.6% van die totaal wat onder die groep getel is, is twee ingesluit waar die moeder weggeloop het en die vader en die kinders agtergelaat het.

In die enkele geval waar die moeder klein kinders agtergelaat het, is die kinders almal na die vader se moeder op die platteland gestuur om groot te maak. Die man self het net met twee dogters bo 16 in Atteridgeville agtergebly.

Waar die moeder sterf, skep dit ernstige probleme. Sy is gewoonlik die een wat bedags vir die grootste deel van die tyd tuis is om die gesin te versorg terwyl die man buite Atteridgeville gaan werk. Wanneer sy sterf word haar plek gewoonlik deur die oudste of tweede oudste dogter geneem. Hierdie dogter neem dat die hele huishouding waar. Onder die ander dogters kan sy ook uitgeken word aan die meerdere getal buite-egtelike kinders wat sy het. Dit spreek vanself dat die verskynsel nie meehelp tot die vestiging van 'n stabiele maatskappy in Atteridgeville nie.

E. Gesinne waar man en vrou oud is en alle kinders uit die huis is

Die drie gevalle, 1.0% van ons proefgroep het hulle daardeur onderskei dat daar geen loseerders aanwesig was nie. Ons het verder verwag om in hierdie geval kinders van familie aan te tref wat die taak het om vir ouma in die huis te help. Ook dié was afwesig hoewel ons dit elders in Atteridgeville teëgekom het.

Al onderskeiding wat die groepie gehad het, is dat die huis wat aan hulle toegesê was toe die kinders nog ingewoon het nou stadig te groot geword het vir die twee ou mense.

F. Gesin onvolledig - vader en moeder oorlede

Van hierdie tipe gesinsamestelling of meer korrek huishoudingsamestelling was daar drie gevalle of 1.0% in ons proefgroep.

Hier het ons te doen met gesinseenhede wat aan die ontbind is. Die normale patroon is dat 'n suster huishou terwyl 'n broer verdien. In twee gevalle was ons voorbeelde die afwikkeling na die moeder as langslewende gesterf het. Daar was die leisels stewig in die hande van 'n dogter wat met haar man by die weduwee gaan inwoon het. Wat in die derde geval gaan gebeur waar die vader as langslewende oorlede is, kan niemand voorspel nie. Die oudste seun, 'n polisieman in Pietersburg, is buite die prent. Sy twee broers 21 en 9 jaar was in die huis. Die drie dogters 30, 27 en 24 was nog ongetroude inwoners met onderskeidelik 2, 4 en 1 buite-egtelike kinders.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

G. Volledige gesin - man en twee vrouens

In hierdie groep het ons vier gevalle getel of 1.3% waar 'n man meer as een vrou getrou het. In twee gevalle was man en vrouens almal van dieselfde stamverband. In twee gevalle was man en eerste vrou van dieselfde stamverband en die tweede of latere vrou 'n stamvreemde.

Ons het voorheen na drie gevalle van poliginie onder ons proefgroep verwys. Die vierde wat hier bygetel is, is later van een van sy vrouens geskei.

Alhoewel die vrouens gewoonlik in rotasie in Atteridgeville aanwesig is, bly al die kinders behalwe die kleinstes in Atteridgeville agter as die eie moeder periodiek teruggaan na "die plaas". Dit spreek vanself dat die digtheid per huis in hierdie gevalle waar daar twee moeders is onder die hoër syfers in Atteridgeville moes tel.

H. Samevatting

'n Opsomming van die verskillende gesinsamestellings of huishoudingstipes in ons proefgroep kan in tabel 44 afgelees word.

Indien ons as norm vir stabiliteit in die gesinsverband die aanwesigheid van albei ouers en die afwesigheid van buite-egtelike kinders neem, beteken dit dat 162 gesinne van ons proefgroep of 54.0% aan die vereiste voldoen. Dit dwing mens tot die gevolgtrekking dat die patroon van verstedeliking by Bantoepersone in Atteridgeville op ernstige verval van die normale gesinspatroon dui. Daar sal verdere ondersoek gedoen moet word om die oorsaak vir hierdie verskynsel te bepaal.

Wanneer ons volledige teen onvolledige gesinne in die totale groep meet, tel ons 216 volledige gesinne (72.0%) teenoor 84 onvolledige gesinne of 28.0% van die totaal van 300. Die aantal onvolledige gesinne in Atteridgeville as geheel is effens hoër as wat as normaal gereken kan word. Die verskynsel kom omdat daar met die verskuiwing van Marabastad onderdak verskaf moes word aan heelwat vrouens wat reeds toe weduwees was. Dit verskaf egter ook aanduiding van die feit dat die lewensverwagting van Bantoevroue in Pretoria hoër is as dié van mans. Van die 28% is 24.3% gevalle waar die gesin onvolledig is omdat die vader weggeval het.

Die aanwesigheid van die groep gesinne (73) wat om die weduwee of ongetroude vrou georganiseer is, bring allerhande afwykings mee. Administratief word sulke vrouens as huishoofde gereken en die huurhuis in hulle naam geregistreer. Ons het daarop gewys hoe sy in praktyk dan gesagvoerder oor haar dogters en hulle buite-egtelike kinders word terwyl haar seuns uit hierdie matrifokale verband pad gee sodra hulle trou. Die ontwikkeling van so 'n matrifokale groep in Atteridgeville is vir die meeste van ons segsmanne 'n onding. Dit voldoen nie aan die tradisionele eise van die Sotho-lewenswyse nie en is ook onbekend aan die Westerse orde. Ons segsmanne het almal hierdie matrifokale eenhede as fokuspunte van ontug beskrywe. Ons moet egter onthou dat die invloed van hierdie groep nie slegs as deel van die sosiale-organisasie gevoel word nie. As huishoofde is hierdie vroue ook stemgeregtig by die verkiesing van lede van die Adviserende Komitee. Uit die hoofstuk oor politieke organisasie is dit duidelik dat hulle getalle groot genoeg is in Atteridgeville as geheel om die verkiesing van die Adviserende Komitee in 'n bepaalde rigting te beïnvloed. Daar word naarstiglik onder hulle stemme gewerf. Ons informante het bedenkinge geopper oor invloed wat hierdie groep wat aan niemand 'n voorbeeld stel nie op die openbare lewe van Atteridgeville het.

© University of Pretoria

TABEL 44 / ...

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

TABEL 44: ALLE HUISHOUDINGSTIPES

| | Gesinstipe | Getal | % |
|---|---|---|---|
| 1 a. | Man en vrou en jong kinders | 54 | 18.0 |
| | do. do. met loseerders | 30 | 10.0 |
| b. | Man en vrou en ouer kinders (geen buite-egtelikheid) | 47 | 15.7 |
| | do do (met loseerders) | 11 | 3.7 |
| c. | Man en vrou en ouer kinders (met buite egtelikheid) | 37 | 12.3 |
| | do do (met loseerders) | 13 | 4.3 |
| d. | Man en vrou met kinders sommige woon in as getroudes | 4 | 1.3 |
| 2. | Man en vrou kinderloos | 10 | 3.3 |
| | do do (met loseerders) | 3 | 1.0 |
| 3 a. | Weduwee met kinders (geen buite-egtelikheid) | 15 | 5.0 |
| | do do (met loseerders) | 6 | 2.0 |
| | Weduwee met kinders (met buite-egtelikheid) | 27 | 9.0 |
| | do do (met loseerders) | 5 | 1.7 |
| | Weduwee met kinders sommige woon as getroudes in | 7 | 2.3 |
| | Weduwee met loseerders | 1 | 0.3 |
| b. | Ongetroude vrou met kinders sommige met buite-egtelikheid | 12 | 4.0 |
| 4. | Wewenaar met kinders (met buite-egtelikheid) | 8 | 2.7 |
| 5. | Man en vrou kinders almal uit huis uit | 3 | 1.0 |
| 6. | Slegs kinders sommige met buite-egtelikheid | 3 | 1.0 |
| 7. | Man en twee vrouens | 4 | 1.3 |
| | | 300 | 99.9 |

© University of Pretoria

I. / ...

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

## I. Loseerders

Ons het elders daarop gewys dat die regulasies vir Atteridgeville daarvoor voorsiening maak dat loseerders in die huise van huurders ingeneem kan word teen die maandelikse betaling van 10c per loseerder. As loseerders geld enige familielid bo 18 van die huishoof wat van die huishoof afhanklik is en wat deur die owerheid as 'n geskikte persoon beskou word. Ons het ook daarop gewys dat die owerheid hierdie regulasie vir Atteridgeville opgeskort het omdat die groottes van die huise dit onwenslik gemaak het dat meer as die lede van 'n gesin daarin sal woon. Daar is egter van verskillende kante bewerings gemaak dat daar 'n hele aantal vreemdes (onverwante) as loseerders in Atteridgeville aangetref word sonder dat die administrasie daarvan offisieel kennis dra.

Omdat die toevoeging van loseerders 'n ernstige invloed op die funksionering van die gesin sou hê, het ons ook by die bespreking van die samestelling van gesinne, waar die groepe groot genoeg was gegewens verstrek oor die aanwesigheid al dan nie van familielede of vreemdes as loseerders. Ons was nie in staat om enige faktor te vind wat saamval met die aanwesigheid van òf familielede òf vreemdes nie. Dit was baie gou duidelik dat die oorwig inwonende familielede so swaar was dat die gevalle waar vreemdes inwoon buite rekening gelaat kon word.

In 68 gesinne van ons proefgroep was daar loseerders aanwesig. By ses van hierdie gesinne was daar vreemdes as loseerders. Die totale getal was 8 individue wat vir die inwoningsreg enigiets van R2.00 tot R6.00 per maand betaal het. By die oorblywende 62 gesinne was dit net familielede wat so aanwesig was.

Ons het probeer vasstel wat die familieverband met die huishuurder (huishoof) was en of daar miskien 'n groter aantal familie van die man of die vrou as loseerders aangetref word.

Hierdie gegewens kom in tabel 45 voor.

Die opvallendste verskynsel is seker die wye verskeidenheid van verwante van die man en die vrou wat onderdak by hulle stedelike familie kry. Omdat ons nie hierdie gevolg verwag het nie is daar aanvanklik geen gegewens versamel oor die herkoms van hierdie inwonende verwante nie. Uit latere proefsteke blyk dit egter baie duidelik dat al diegene wat tot 'n ouer of gelyke generasie as die huishuurder hoort van die tuislande of die platteland afkomstig is. By die dalende generasies (met die huishuurder as uitgangspunt) was die verhouding steeds in die guns van diegene wat van die platteland afkomstig is. Ons is geregtig om die gevolgtrekking te maak dat die lede van ons proefgroep belangrike bande met verwante wat nog in die tuislande en op die platteland bly woon het, behou het.

Ons het hier te doen met 147 inwonende verwante waarvan 53 vergoeding lewer, 46 sonder vergoeding inwoon en 48 kinders inwoon om te kan skoolgaan. Die laaste groep kan by benadering eweredig verdeel word tussen die wat vergoeding lewer en die wat verniet bly. Dat familielede sal betaal vir die voorreg om in te woon kan mens verstaan. Wat opvallend is, is die geweldige groot getal wat geen vergoeding betaal nie. Dit bewys baie duidelik tot watter mate die tradisionele gebruik van onbaatsugtige hulpverlening aan familie nog werksaam is by ons proefgroep wat soos reeds herhaaldelik gesê is vir twee geslagte sterk onder invloed van die Westerse lewenswyse gekom het.

Die skoolgaande kinders wissel van persone in sub-standerd A tot standerd X. Die grootste gros is egter seuns en dogters van familie wat in Atteridgeville kom inwoon vir hoërskoolonderrig van standerd VI (Vorm I) tot standerd X (Vorm V). Die opvallende is die gelyke aantal dogters en seuns wat gestuur word. In die geval van die moeder se verwante is die getalle dogters konstant in die meerderheid. Almal weet dat hierdie dogters van hoërskoolouderdom

© University of Pretoria
TABEL 45 / ...

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

TABEL 45: INWONENDE VERWANTE BY 300 GESINNE

B = Betaal
N = Nie-betalend
S = Skoolgaande

| | Verwante van Man | | | | | | | | | | | | Verwante van Vrou | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | B. | N. | S. | B. | N. | S. | B. | N. | S. | B. | N. | S. | B. | N. | S. |
| | Ooms en Tantes | | | Groot Ouers | | | | | | Groot Ouers | | | Ooms en Tantes | | |
| Mans | - | - | - | - | - | - | | | | - | - | - | 1 | 1 | - |
| Vrouens | - | 1 | - | 2 | 4 | - | | | | - | 3 | - | - | - | - |
| Totaal | - | 1 | - | 2 | 4 | - | | | | - | 3 | - | 1 | 1 | |
| | Neefs+Niggies | | | Broers+Susters | | | Vader en Moeder (Huishoof) | | | Broers+Susters | | | Neefs+Niggies | | |
| Mans | 1 | 2 | 1 | 4 | 2 | 2 | | | | 3 | 2 | 1 | 4 | 2 | - |
| Vrouens | - | - | 2 | 4 | 2 | 2 | | | | 3 | 4 | 3 | 2 | - | 1 |
| Totaal | 1 | 2 | 3 | 8 | 4 | 4 | | | | 6 | 6 | 4 | 6 | 2 | 1 |
| | Klein Neefs+Niggies | | | Broers+Susters Kinders | | | Kinders | | | Broers+Susters Kinders | | | Klein Neefs+Niggies | | |
| Mans | - | - | - | 3 | 2 | 6 | - | - | - | 4 | 6 | 7 | - | - | 3 |
| Vrouens | - | - | 2 | - | - | 6 | - | - | - | 5 | 11 | 10 | - | - | - |
| Totaal | - | - | 2 | 3 | 2 | 12 | - | - | - | 9 | 17 | 17 | - | - | 3 |
| | | | | Br+S Kleinkinders | | | Kleinkinders | | | Br+S Kleinkinders | | | | | |
| Mans | | | | 1 | - | - | 4 | 1 | - | 3 | - | 2 | | | |
| Vrouens | | | | - | - | - | 9 | 3 | - | - | - | - | | | |
| Totaal | - | - | - | 1 | - | - | 13 | 4 | - | 3 | - | 2 | - | - | - |

- 135 -

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

die gevaar loop om verlei te word in die stad. Desondanks word hulle nog gestuur. Ons kon hier geen bevredigende verklaring voor vind nie.

Wanneer ons die verskillende grade van verwante bekyk, vind mens, soos te verwagte is, dat die moeders en tantes van man en vrou gratis onderdak kry. Hierdie mense is oud en kan aanspraak maak op die steun van hulle kinders. By die onderskeie groepe broers en susters en selfs neefs en niggies is die getalsverhouding aan die kant van die man en vrou baie eweredig en bewys slegs weer die wye verwantskapsgraad waarbinne ondersteuning met of sonder vergoeding gelewer moet word.

Die twee groepe broers- en susterskinders toon 'n belangrike oorwig by die vrou se verwante en wel onder die neefs en niggies wat sonder vergoeding loseer of slegs skoolgaan. Daarby is die oorwig swaarder by vroulikes as manlikes. Hiervoor moet ons twee verklarings noem. Ons het in ons proefgroep in die eerste plaas die huishoudings van 61 weduwees waar by 14 gesinne nie minder as 42 verwante van die moeder se kant alleen voorkom nie. Die tabel is dus noodwendig swaarder gelaai met verwante aan moederskant. Dit bewys slegs weer die gevolg van 'n matrifokale inslag wat ontwikkel as die weduwee gesinshoof word. Aan die ander kant kon mens ook aantoon dat 'n vrou van haar suster se dogters inneem sonder vergoeding om "haar te help oppas." Die normale toestand dat 'n ouma so seggenskap het oor haar kleindogters het ons ook in enkele gevalle gevind maar ewe dikwels was dit 'n suster se dogter wat so nadergetrek is. As so 'n dogter dan ook nog in die stad kan skoolgaan soveel te beter.

Dit moet verder onthou word dat ons in hierdie tabel geen aanwesige buite-egtelike kinders ingetel het nie. Sou dit gebeur moet by die vader se susters, broers en susters se dogters en dieselfde verwante aan moederskant onderskeidelik nog 9 en 13 individue bygetel word. Aan die vader se kant sou een suster se 6 buite-egtelike kinders bygetel moet word, dit maak die oorwig onder die vrou se verwante nog belangriker. Ons ondervinding is dat dit dikwels gebeur dat 'n vrou se suster wat elders werk haar buite-egtelike kinders teen vergoeding by die suster in Atteridgeville laat om versorg te word.

Die bedrae wat deur die loseerders gestort word vir losies het geen vaste patroon nie. Dit wissel van ooreenkomste om 'n deel van die kruideniersware te koop tot twee-maandelikse betaling van die hele huishuur tot vaste bedrae wat wissel van R1.00 per kind tot R4.00 per volwassene.

Gemiddeld bereken het ons 62 gesinne dus onderdak verskaf aan 2.4 persone per gesin. Dit beteken dus dat afgesien van die voorkoms van buite-egtelikheid wat die ledetal van die huishouding verhoog daar in 26.7% van ons proefgroep ook rekening gehou moes word met gemiddeld byna 3 ekstra persone.

Omdat hierdie mense familielede is en nie vreemdes nie en as sodanig binne die gesinsverband gemaklik inpas, sal die bestaan van hierdie groep verder by die bespreking van die funksies van die gesin buite rekening gelaat word behalwe natuurlik vir soverre as hulle aandeel het in die verskaffing van inkomste en die verbruik daarvan.

## J. Slot

Uit die voorgaande uiteensetting is dit duidelik dat die twee belangrikste faktore wat die bestaan van 'n eenvoudige gesinskonstruksie (vader, moeder en kinders) beïnvloed, die aanwesigheid van inwonende familielede en die hoë aantal buite-egtelike kinders, is. Altwee verskynsels word as normaal deur die inwoners van Atteridgeville aanvaar.

© University of Pretoria

Die / ...

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Die groot getalle familie wat inwoon vind sy teenhanger in die lede van ons gesinne wat tydelik of permanent gestuur word om te gaan inwoon by familie in die tuislande of op die platteland. Hierdie laasgenoemde verskynsel geniet aandag in hoofstuk IX.

Ons moet dus aanvaar dat die gebruik onder die Bantoevolke dat verwante mekaar hulp verleen en een op die ander se hulp kan aanspraak maak nog 'n belangrike verpligting in die lewe van ons proefgroep vervul. Dat dit nog so is na ten minste twee generasies kontak met die individualiserende werking van die Westerse lewenspatroon, het ons nie verwag nie. By al die kwasi-westerse bo-bou bly hierdie fondament van die Sotho-samelewing nog steeds behoue.

By ons verwysing na die hoë insidensie van buite-egtelikheid in Atteridgeville teenoor ons informante het almal beswaar gemaak teen die term. Hulle sê: "die mense het mos al ooreengekom om te trou en dan sal die kinders mos wel 'n vader hê." Dit was ons duidelik dat die norm wat aangelê word nie 'n Westerse is nie. Ons het reeds verwys na die siening van 'n informant wat 'n belangrike klerklike pos vul en met veragting praat van die immorele lewe van diegene wat pas uit die stamgebiede kom vergeleke by die eerbaarheid in die handeling van volledig verstedelikte en "educated Africans." By hierdie groep waar morele norme dan wel geld sou 'n man geen gemeenskap met 'n vrou kan hê as hy nie eers teenoor haar en haar ouers sy eerbaarheid bewys het deur te verklaar dat hy met die dogter wil trou nie. Selfs by hierdie informant was daar 'n waardesiening wat vreemd aan die Westerse kultuur is.

Uit die tradisionele kultuur van die Bakgatla soos I. Shapera dit beskryf in sy Married Life in an African Tribe (1940) vind ons wel hierdie gebruike terug. Die deurslaggewende faktor blyk die ooreenkoms tussen die twee families te wees dat die betrokke seun en dogter sal trou. Daarna kan daar gevra word, as die seun se mense arm is, dat hy by haar "in die hut gaan." Selfs voor daar dan bogadi gelewer word, kan hy met die dogter omgang hê. Die lewering van die bogadi volg dan later. "There is no instalment system like those found in many other Bantu tribes. In theory the cattle should be given immediately before the wife is taken to live at her husband's home ... But in practice bogadi is seldom given until children have been born of the marriage. Even then it may be delayed many years." (p. 88-89). Die gebruik is ook duidelik dat kinders uit sulke verbintenisse as horende tot die gesin van die vader van die dogter gereken word. "Although the children of such 'incomplete' marriages do not yet legally belong to their fathers, they are never regarded as 'bastards'. It is only the offspring of casual and unsanctioned liaisons who suffer that reproach. Where the union has taken place with the approval of both families, the husband's custody of his children is normally not disturbed, except in case of divorce. He can ultimately obtain full legal control over them when his first daughter gets married. The bogadi he receives for her must pass on to his wife's people." (p.89-90).

Hierdie siening hou met geringe afwykings steek vir die Tswana as geheel soos dit beskryf is by I. Schapera se Handbook of Tswana Law and Custom (1938) p.134 en verder.

Van die Bakgatla-bagaMosetlha skryf Van Zyl op p.176 (Die Bakgatla van Mosetlha, 1958) "As 'n jong man 'n gedeelte van die bogadi betaal het, is 'die deur vir hom oopgemaak' en mag hy geslagtelike omgang met sy aanstaande vrou hê. Kinders wat as gevolg van sodanige omgang gebore word, word nie as buite-egtelik beskou nie." Net soos in Atteridgeville volg die huweliksfeeste eers as al die bogadi gelewer is, 'n proses wat etlike jare kan duur.

Onder die Pedi en die Sotho-stamme van Noord-Transvaal is die gegewens karig. Uit gepubliseerde navorsing van dr. H.O. Mönnig (1967:The Pedi) is dit egter duidelik dat 'n verlowingsooreenkoms so uitgelê word dat die twee persone sal trou. Dit is

© University of Pretoria

bekend / ...

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

bekend dat daar heelwat gevalle voorkom waar man en vrou saamleef en kinders het hoewel 'n deel van die bogadi nog uitstaande is.

Uit albei die vernaamste etniese groepe van die bevolking van Atteridgeville kom dus getuienis van handelinge wat vir Westerse interpretasie op die verwekking van buite-egtelike kinders dui. Die belangrikste verskil met die toestand in Atteridgeville is dat die man en sy vrou as sodanig saamleef en deur die maatskappy as getroud aanvaar word, al is hulle maar voorwaardelik getroud.

By die Kgatla kan 'n man ook nie na hy 'n aanvang met hierdie verbintenis gemaak het, kop uittrek nie. Hy kan voor die hof gedaag word vir skadevergoeding by kontrakbreuk en die skande wat hy oor sy familie bring, dra hy vir die res van sy lewe in die maatskappy as 'n stigma. In Atteridgeville ontbreek hierdie faktor wat die uiteindelike wettigmaking van so 'n saamlewery waarborg.

Mens word dus tot die gevolgtrekking gedwing dat daar in Atteridgeville na twee generasies van intensiewe aanraking met die Westerse kultuur baie min van die Westerse waardebegrippe ten opsigte van voorhuwelikse kuisheid en die wettige verwekking van kinders deurgedring het. Mens vind die tradisionele waardepatroon byna onveranderd. Al wat gebeur het, is dat die heersende toestand aangepas is by hierdie waardesisteem: Die man mag wel kinders hê by sy aanstaande vrou maar nie saamleef as man en vrou voor hulle in die kerk as man en vrou bevestig is nie.

Dat ons kan verklaar waarom die samestelling van 'n huishouding ook buite-egtelike kinders en inwonende familie sal insluit, het weinig praktiese waarde. Hierdie faktore is so wisselend dat die inagneming daarvan by die beplanning van stedelike Bantoewoonbuurtes 'n huistipe sal vereis wat in praktyk nie bekostig kan word nie.

Die netto resultaat is dus dat lede van die Sotho en Tswana etniese verband steeds sal vind dat stedelike woonbuurtes wat vir hulle beplan word nie aan hulle normale behoeftes sal voldoen nie.

## II. WOONWYSE VAN DIE GESIN

### A. Digtheid van inwoners

Om die probleme van ons proefgroep by die reëling van die samewoningspatroon te besef, is dit nodig om 'n beeld te kry van die aantal mense wat per huis in ons proefgroep met mekaar in harmonie moet kan leef.

Die huise in Atteridgeville bestaan uit twee-, drie-, vier- en vyfkamer tipes. Die getalle en verhouding in Atteridgeville as geheel en die ooreenstemmende tipes en verhouding in ons proefmonster kan in tabel 46 afgelees word. Dit is duidelik dat ons effens meer as die korrekte verhouding aan tweekamer-huise ingesluit het en ooreenkomstig minder van die driekamer tipe.

TABEL 46: FREKWENSIE VAN HUISTIPES IN MONSTER VERGELYK MET FREKWENSIES IN ATTERIDGEVILLE

| Monster | | | Geheel | |
|---|---|---|---|---|
| Kamers | Huise | % | Huise | % |
| 2 | 43 | 14.3 | 307 | 20.3 |
| 3 | 238 | 79.3 | 1089 | 72.0 |
| 4 | 10 | 3.3 | 66 | 4.4 |
| 5 | 9 | 3.0 | 51 | 3.4 |
| | 300 | 99.9 | 1513 | 100.1 |

By / ...

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

By elke huistipe moet onthou word dat daar benewens 'n buite-latrine 'n badkamer en kombuisie by elke huis aanwesig is wat nie as woonvertrekke getel word nie. Die voordeur gaan in een van die "kamers" oop. Dit is die woonkamer. Die ander kan dan gevolglik as slaapkamers dien. Ons het dus huise met een, twee, drie en vier slaapvertrekke.

Uit tabel 47 kan afgelees word hoe die verskillende grotes gesinne in die huistipes verdeel is. Dit is duidelik dat baie gesinne wat vanweë grootte op 4- en 5-kamer huise geregtig sou wees in 3-kamer huise moet leef omdat groter huise net nie beskikbaar was nie. Ons meet hier inwonertal sodat loseerders en buite-egtelike kinders ingetel is.

Dit is duidelik dat ons proefgroep vir 66.4% (byna 2/3) bestaan uit gesinne met 3-7 lede. Die gemiddelde getal persone per huis in ons proefgroep is egter 6.2 waarvan vader en moeder en 4 of 5 kinders of inwonendes die normale is. Hieruit kan reeds die afleiding gemaak word dat tweekamerhuise, gemiddeld gesien, te klein akkommodasie sal verskaf. Wanneer mens soos in tabel 48 die digtheid per kamer van elke huistipe vir ons proefmonster bepaal, is die resultaat geheel gerusstellend omdat die digtheid van 2.45 persone selfs in 'n tweekamerhuis goed gangbaar is. Dit beteken natuurlik net dat die woonvertrek snags ook as slaapvertrek gebruik word.

Die deurslaggewende beeld vind mens egter in tabel 49 waar die aantal inwoners as uitgangspunt geneem is vir die berekening van digtheid per kamer. Hieruit is dit baie duidelik dat 'n gemaklike inwonertal alleen bestaan by huise waar die inwoners nie meer as 5 tel nie. Daarvandaan styg die digtheid per kamer skerp omdat daar hoofsaaklik slegs driekamerhuise bewoon kan word. Tot en met 8 inwoners (digtheid 2.7 persone per kamer) kan nog aanvaar word dat 'n redelike standaard van privaatheid gehandhaaf kan word gedagtig daaraan dat sommige van die inwoners klein kinders is.

Wanneer die inwonertal bokant 8 styg bereik ons digthede per kamer wat beslis nie aan die vereiste minimum gesondheidsvereistes in die regulasies neergelê, voldoen nie. In ons proefgroep het 58 van die gesinne in hierdie geknelde posisie verkeer. Ons het geen rede om te vermoed dat hierdie persentasie van 19.3% oorbewoning nie ook simptomaties van Atteridgeville as geheel is nie.

Die vernaamste faktor vir hierdie toestand is normale gesinsaanwas oor die 13 jaar van die bestaan van Atteridgeville toe die opname gemaak is. Die huisvesting van buite-egtelike kinders en familie wat in nood verkeer is twee verdere verswarende faktore: sake wat by die beplanning van huisgrootte nie in aanmerking geneem kan word nie.

B. <u>Gebruikstandaard van huise</u>

Om 'n deeglike beeld te kry van die funksionering van die huiseenheid in Atteridgeville moet ons oog hê vir die wyse waarop ons proefgroep hulle by die verskafde huurhuise aangepas het.

Die lewensomgewing, die dop, wat deur die stadsraad verskaf word, is Westers en maak 'n suiwer Westerse lewenspatroon moontlik. Die lede van ons proefgroep is egter nie alleen Bantoe nie maar in die standaarde wat hulle vir hulle eie lewe aanlê kom die tradisionele norme nog baie dikwels sterk na vore. Die vraag is dus tot watter mate het hulle lewe verander om aan die Westerse aan te pas of het hulle juis die Westerse lewensomgewing gebuig om aan hulle normale lewenspatroon uiting te kan gee.

Die gesinne in ons proefgroep val in drie kategorieë. Diegene wat as ryk beskou word en diegene wat arm is vul aan die twee uiteindes van die skaal 'n uiters getalmindere plek. Die grootste gros vertoon 'n algemene gemiddelde inkomste en lewensstandaard. By die rykes vind mens groter vermoë om die uiterlike

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

TABEL 47: GROOTTE VAN GESIN GEKORRELEER MET GROOTTE VAN HUIS

| Inwoners van Huis | AANTAL GESINNE | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | 2-Kamers | 3-Kamers | 4-Kamers | 5-Kamers | Totaal | % |
| 1 | 2 | 1 | - | - | 3 | 1.0 |
| 2 | 4 | 9 | 2 | - | 15 | 5.0 |
| 3 | 9 | 26 | 1 | - | 36 | 12.0 |
| 4 | 5 | 33 | - | - | 38 | 12.7 |
| 5 | 9 | 37 | 1 | - | 47 | 15.7 |
| 6 | 4 | 35 | 1 | - | 40 | 13.3 |
| 7 | 5 | 31 | - | 3 | 39 | 12.7 |
| 8 | 1 | 22 | 1 | - | 24 | 8.0 |
| 9 | 2 | 18 | 1 | - | 21 | 7.0 |
| 10 | 1 | 12 | 1 | 4 | 18 | 6.0 |
| 11 | - | 7 | 1 | - | 8 | 2.7 |
| 12 | - | 3 | 1 | 1 | 5 | 1.7 |
| 14 | 1 | 1 | - | - | 2 | 0.7 |
| 15 | - | - | - | 1 | 1 | 0.3 |
| 18 | - | 2 | - | - | 2 | 0.7 |
| 20 | - | 1 | - | - | 1 | 0.3 |
| | 43 | 238 | 10 | 9 | 300 | 99.8 |

TABEL 48 / ...

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

TABEL 48: GEMIDDELDE DIGTHEID PER KAMER VOLGENS HUISTIPE

| Huis-grootte | Kamer Totaal | Inwoner Totaal | Digtheid per kamer |
|---|---|---|---|
| 2 | 86 | 211 | 2.45 |
| 3 | 714 | 1482 | 2.07 |
| 4 | 40 | 68 | 1.70 |
| 5 | 45 | 88 | 1.96 |
| Totaal | 885 | 1849 | 2.09 |

TABEL 49: DIGTHEID PER KAMER VOLGENS GROOTTE VAN GESIN

| Inwoners van Huis | Aantal Gesinne | Totale Aantal Persone | Totale Aantal Kamers | Digtheid per Kamer |
|---|---|---|---|---|
| 1 | 3 | 3 | 7 | 0.4 |
| 2 | 15 | 30 | 43 | 0.7 |
| 3 | 36 | 108 | 100 | 1.1 |
| 4 | 38 | 152 | 109 | 1.4 |
| 5 | 47 | 235 | 133 | 1.8 |
| 6 | 40 | 240 | 117 | 2.1 |
| 7 | 39 | 273 | 118 | 2.3 |
| 8 | 24 | 192 | 72 | 2.7 |
| 9 | 21 | 189 | 62 | 3.0 |
| 10 | 18 | 180 | 62 | 2.9 |
| 11 | 8 | 88 | 25 | 3.5 |
| 12 | 5 | 60 | 18 | 3.3 |
| 14 | 2 | 28 | 5 | 5.6 |
| 15 | 1 | 15 | 5 | 3.0 |
| 18 | 2 | 36 | 6 | 6.0 |
| 20 | 1 | 20 | 3 | 6.7 |
| Totaal | 300 | 1849 | 885 | 2.09 |

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

kenmerke van 'n Westerse lewe te handhaaf. Omdat die middele nie daar is nie neig die lewe by die armes nader aan die gebruiksaksie in die tuislande. Mens kan egter geen spesifieke gebruike aandui wat selfs die rykste van die armste as verdere beginsel van mekaar skei nie. Waar ons dus in hoofsaak die gemiddelde patroon skets moet die moontlikheid van afwyking na die twee uiterstes in gedagte gehou word. Waar moontlik sal ons ook daarna verwys.

Die opvallendste kenmerk van die huise in Atteridgeville is die netheid binne die huise. Ryk of arm of gemiddeld die huise dien as voorbeelde in dié opsig.

Ons besef reeds dat 'n ruim persentasie van alle inwoners sowel die woonkamer as soms die kombuis vir slaapdoeleindes moet gebruik. Dit is dus dikwels lastig om die woonvertrek skoon van slaapfasiliteite te hou.

In die meeste gevalle vind ons buite die agterdeur van die huise dat 'n ontvangsruimte voorberei word. Dit bestaan uit 'n area van ongeveer 10 voet by 12 voet ommuur met 'n lae klei muurtjie van 18 duim tot twee voet. Die gehele oppervlakte asook die muurtjies word periodiek met klei gesmeer om dit netjies te hou. Op die gesmeerde vloer is by alle stande gereeld tradisionele versierings en patrone in die klei te sien. Dikwels word die vloer gedeeltelik uitgelê met klein klippies en/of koeldrankbotteldoppies. Hierdie versiering word in patrone aangebring. Op hierdie ontvangsruimte kan die gesin saans aangetref word. Dit is ook by ryk en arm die plek waar gaste by voorkeur ontvang word. Stoele en bankies word dan uitgedra. Hierdie konstruksies se prototipe kan by enige tradisionele Bantoehut in die tuislande aangetref word. Dit kom so algemeen in Atteridgeville voor, by ryk, arm en die van gemiddelde inkomste, selfs by die mees verwesterde huise dat ons dit moet aanmerk as 'n konstruksie waaraan die Bantoe in die algemeen 'n behoefte het en 'n voorliefde voor toon.

Buite die huise is dit algemeen dat daar naas die draadheining wat die Stadsraad verskaf ook 'n heining geplant word. Dit verskaf groter privaatheid. Die tuine is meesal karig: Een of twee vrugtebome, 'n blombedding, 'n klein groentetuintjie en 'n paar potplante is min of meer die gemiddelde. Die aanwesigheid van meer as hierdie gemiddelde tuinery en veral 'n groter verskeidenheid potplante dui gewoonlik op groter gesofistikeerdheid en 'n hoër mate van verwestering. Tog het ons dit by van die armste huise in ons groep aangetref.

Binne die huise is die vernaamste probleem die feit dat daar geen binnedeure is nie en dat die tussenmure in die ou gedeelte van Atteridgeville (die eerste 980 huise) nie tot dakhoogte opgebou is nie. Slaapvertrekke word orals met gordyne afgeskort. Wanneer die kombuis op soortgelyke wyse van die woonvertrek afgeskort was, was dit gewoonlik 'n aanduiding dat ook die kombuis as slaapvertrek gebruik moes word.

Die afwesigheid van deure en hoë binnemure maak die handhawing van privaatheid tussen ouers en kinders en seuns en dogters 'n ernstige probleem. Waar die vermoë daarna was het baie van ons proefgesinne die oop ruimte bo die mure met 'n verskeidenheid van materiaal toegebou of hoër afgeskort. Dit was beslis nie die kenmerk net in die huise van rykes nie maar eerder aanduiding van 'n besondere lewensmoraal.

Een van die slaapvertrekke dien as hoofslaapkamer waar die ouers oornag tesame met jong kinders as daar is. Gewoonlik was in hierdie vertrek slegs een bed van die driekwart of dubbel tipe vir man en vrou. As daar 'n tweede aanwesig was, het een of twee jong kinders gewoonlik daarop geslaap.

In alle gevalle word daar 'n ernstige poging aangewend om afsonderlike slaapkwartiere vir seuns en dogters in te ruim. Vanaf

© University of Pretoria

die / ...

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

die agste jaar word die twee geslagte sover moontlik geskei. Selfs in 'n driekamerhuis beteken dit dan dat die woonvertrek snags as slaapkwartier gebruik word. Die tipiese benutting in 'n oorbewoonde tweekamerhuis by alle stande was: Vader en moeder in die hoofslaapkamer, die dogters soms tot vier in die woonvertrek en die seuns in die kombuis. Bedags word die slaapgeriewe dan in die een of twee slaapkamers weggepak.

Uit tabel 50 blyk dit baie duidelik dat ons proefgesinne nie eers gemiddeld twee beddens per huis kon toon nie. Die implikasie is duidelik, kinders slaap meesal op matrasse alleen. Waar in 'n driekamerhuis twee beddens aangetref word, een in elke slaapkamer, was daar op elke bed 'n paar matrasse wat saans afgehaal en in die ander vertrekke, woonkamer en kombuis, op die grond gegooi word as slaapgeriewe. Dit was alleen by die armste huisgesinne dat ons die gebruik van slaapmatte aangetref het. Hierdie tradisionele gebruiksitem word baie selde in Atteridgeville aangetref.

In die meeste huise was daar in die slaapvertrekke ook 'n hangkas, sommige met spieëls. Die insidensie kan in tabel 50 gelees word. In elke huis was daar ook ten minste een spieël. Waar daar geen hangkaste was nie en ook in ander gevalle, was een van die hoeke met 'n gordyn afgeskort en klere daaragter gehang. In so 'n geval was daar dan gewoonlik 'n laaikassie, wastafel of kis waarin klere gebêre kon word.

Beddegoed was in die meeste huise goed verteenwoordig. Elke inwoner het sy twee of drie komberse. Lakens was minder algemeen. Ons informante het onderskei tussen die wat twee, een en geen lakens gebruik het. Twee lakens per bed of matras was 'n teken van 'n hoë mate van verwestering. Rykes koop dit, diegene met gemiddelde inkomste en armes het hulle lakens van gewaste meelsakkies gemaak. Waar een laken gebruik was, was dit as onderlaken gebruik en nie as bo-laken soos by Blankes aangetref sou word nie. Kleiner kinders, en in die huise van armes almal, moes gewoonlik net met komberse tevrede wees.

Die woonvertrek het in alle gevalle 'n tafel en stoele bevat met soms 'n rusbank en buffet of vertoonkas. Hierdie is vertoon-meubels. Die omvang van sulke besittings kan ten beste uit tabelle 50 en 51 gelees word.

Dit is duidelik dat die noodsaaklikste meubels by ons proefgesinne tafels, stoele, rusbanke en ander sitbankies, buffette, beddens, hangkaste en kabinette vir die berg van klere en kombuiskaste was. Ruim 40 van ons gesinne of 13.3% het egter nie oor <u>al</u> hierdie meubels beskik nie.

Selfs in hierdie eenvoudigste samestelling is die element van vertoonsug aanwesig omdat ons weet dat die tafel en stoele nie altyd vir die gesinsmaaltyd gebruik is nie. Die buffet dien ook as bergplek en vertoonplek vir breekgoed en eetgerei wat nie almal in daaglikse gebruik is nie. Ons informante was oor hierdie verskynsel van kompetisie en praalvertoon baie beslis. Vrouens skinder onder mekaar en sal selfs op klere spaar om iets vir die huis te koop wat net so goed of beter is as die in die huise van vriende.

Al die huise in ons proefgroep het verskeie items bevat wat gekoop is. Die opvallende in die ameublement is juis die weinig items wat self gemaak is. Geskenke, erfgoedere en items in bruikleen is ook by verre in die minderheid. Wanneer daar 'n groterige item gekoop moet word, sal in die meeste huisgesinne daarvoor gespaar word sodat dit kontant gekoop kan word. Die tabel getuig daarvan. Groter items soos dubbelbeddens, eetkamerstelle, hangkaste en selfs die noodsaaklike kombuiskas word gewoonlik op huurkoop gekoop. Ons informante het verduidelik: "die mense in Atteridgeville maak baie skuld by die Jode." Wanneer die paaiemente nie bygebring kan word nie maak die vragmotor van "die Jood" sy verskyning om tot skande

© University of Pretoria

TABEL 50 / ...

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

TABEL 50: MEUBELS VOLGENS SOORT EN WYSE VAN VERKRYGING - 300 GESINNE

| Soort Meubels | Kontant gekoop | Op Huurkoop gekoop | Self gemaak | As geskenk ontvang | Ge-erf | Geleen of in Bruikleen | Totaal |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Tafels (Alle soorte en groottes) | 379 | 284 | 21 | 22 | 5 | 1 | 712 |
| Stoele (Alle soorte en groottes) | 875 | 1424 | - | 23 | 10 | 4 | 2336 |
| Rusbanke (Alle soorte) | 56 | 90 | 1 | 2 | - | - | 149 |
| Buffette | 52 | 149 | 1 | 1 | - | - | 203 |
| Klaviere | 4 | 4 | - | - | - | - | 8 |
| Radios en Radiogramme | 11 | 62 | - | 1 | - | - | 74 |
| Grammofoons | 5 | - | - | 1 | - | 1 | 7 |
| Vertoonkaste en Boekrakke | 40 | 76 | - | 1 | - | - | 117 |
| Lampstaners | - | 1 | - | - | - | - | 1 |
| Kaggelrak | 3 | 2 | - | 1 | - | - | 6 |
| Spieëls (Alle groottes) | 24 | 2 | - | - | - | - | 26 |
| Beddens (Alle groottes) | 262 | 222 | - | 12 | 2 | 4 | 502 |
| Hangkaste (Alle soorte en groottes) | 78 | 142 | - | 3 | 1 | - | 224 |
| Spieëltafels (Alle soorte) | 41 | 56 | - | - | 1 | - | 98 |
| Laaikassies | 8 | 12 | 3 | 2 | - | - | 25 |
| Kiste (Alle groottes waarin klere gebêre word) | 36 | - | 2 | 1 | 2 | - | 41 |
| Wastafels | 7 | 6 | 1 | 1 | 1 | - | 16 |
| Kombuiskaste (Alle soorte) | 179 | 76 | 7 | 7 | - | - | 269 |
| Kabinette met deurtjies | 20 | 5 | 23 | 2 | - | - | 50 |
| Bankies | 175 | 4 | 227 | 10 | 2 | 4 | 422 |
| Naaimasjiene | 10 | 18 | - | - | - | - | 28 |
| Horlosies (voorhuis horlosies) | 1 | - | - | - | - | - | 1 |
| Steenkoolstowe | 2 | 1 | - | - | - | - | 3 |
| Oliestowe (Ook primus-stofies) | 4 | - | - | - | - | - | 4 |
| Elektriese stowe (Ook enkelplate) | 7 | 2 | - | - | - | - | 9 |
| Elektriese ketels | 1 | - | - | - | - | - | 1 |
| Elektriese strykysters | 22 | - | - | - | - | - | 22 |
| Elektriese verwarmers | 7 | - | - | - | - | - | 7 |
| Hoederakke | 1 | - | - | - | - | - | 1 |



© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

TABEL 51: SOORTE MEUBELS VOLGENS PRYSGROEPE

| Soorte Meubels | R0-R19 | R20-R39 | R40-R59 | R60-R79 | R80-R99 | R100-R119 | R120-R139 | R140-R159 | R160-R179 | R180-R199 | R200-R219 | R220-R239 | R240-R259 | R260-R279 | R280-R299 | R300 + |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Slaapkamermeubels | 62 | 83 | 61 | 34 | 29 | 8 | 4 | 1 | 4 | 1 | 1 | - | 1 | - | - | - |
| Kombuismeubels | 134 | 89 | 32 | 16 | 15 | 4 | 6 | 3 | - | - | 1 | - | - | - | - | - |
| Woon- en Eetkamermeubels | 13 | 45 | 49 | 50 | 37 | 22 | 22 | 7 | 13 | 6 | 6 | 4 | 5 | 1 | 1 | - |
| Radios en Radiogramme | 5 | 11 | 16 | 14 | 15 | 3 | 6 | 2 | 1 | - | 1 | - | - | - | - | - |
| Grammofoons | 5 | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - |
| Tapyte, Gordyne, Linoleums | 176 | 28 | 3 | - | - | 1 | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - |
| Steenkoolstowe | 1 | 1 | - | - | 1 | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - |
| Oliestowe (ook primus) | 4 | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - |
| Elek. stowe (Ook enkelplate) | 6 | 1 | 1 | - | - | 1 | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - |
| Elektriese Verwarmers | 7 | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - |
| Elektriese Strykysters | 22 | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - |
| Elektriese Ketels | 1 | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - |
| Klaviere | 1 | 1 | 1 | - | 1 | 2 | - | - | - | - | - | - | - | - | 1 | 1 |
| Naaimasjiene | 1 | 26 | 1 | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - |



© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

van die skuldenaar ten aansien van die bure die meubelstuk te kom verwyder.

Tabel 50 getuig ook van die aanwesigheid van die ryker element wat 'n behoefte aan klaviere, gramradio's, naaimasjiene, mooi steenkoolstowe en 'n verskeidenheid van elektriese apparaat het. Mens kan aflees dat hierdie groep uiters 10% van ons totale aantal proefgesinne beloop.

Wat ook al die lewenstandaard is 'n radio en elektriese strykyster besig om normale gebruiksitems te word. Die syfers vir radio's spreek vanself. 'n Strykyster is 'n item waarmee die was-vrou haar brood verdien. Hoewel sommige nog van stoofysters gebruik maak, kon die meeste vrouens wat wasgoed doen 'n elektriese strykyster toon.

In tabel 51 word die koopsom van die verskillende soorte meubels aangedui. Ons was nie begaan oor die werklike waarde nie. In Atteridgeville is die norm, die bedrag wat vir meubels betaal is. Ons aanvaar dat ons soms mislei was deur 'n huiseienaar wat tweede-handse meubels teen die prys van nuwes aan ons genoem het. Dit is egter ook die prysvertoon wat hy met die meubels teenoor sy vriende bereik. Uit die tabel is dit baie duidelik dat die rykes veral op die meubels van die woonvertrek, eetkamerstelle en gemakstoele, groot bedrae geld spandeer. Selfs by rykes word die items nie binnenshuis gebruik nie maar wanneer dit nodig is na buite gedra omdat daar nie gemaklike leefruimte binne die huis is met al die meubels daarin nie. Die klem het op vertoon eerder as op gerief geval.

Informante het dit teenoor ons gestel dat R75 genoeg is om die nodigste meubels in 'n huis te bekom, dan word daar natuurlik weinig ruimte vir vertoon gelaat en die klem geplaas op die goed-koopste slaapkamer- en kombuismeubels. Al ons informante het egter heelwat meer spandeer. Hulle het die uitgawe as die derde uitgawe genoem by die daarstelling van 'n huishouding. Die eerste twee wat daarmee gelyk staan is die trougoedere en die onkoste vir die bruilof.

Die kombuis hoewel baie beknop dien by meeste maaltye ook as eetkamer. Die maksimum ameublement benewens die stoof wat deur die stadsraad verskaf word, is die kombuiskas en een of twee bankies of stoele. By meer as 'n derde van ons proefgesinne was dit gebruik om nie die stoof as kookapparaat te gebruik nie. Kosvoorbereiding word liefs buite op die agterstoep of agter die huis op 'n konka met 'n steenkoolvuur daarin gedoen. Die vernaamste kookgereedskap bly dus nog een of meer drievoetpotte. By die rykes was die stoof egter dikwels in gebruik. Informante het aan ons verduidelik dat die gebruik van 'n buitevuur noodsaaklik is omdat die huis andersins bedags te warm gebak word deur die stoofvuur. Die grootste deel van ons opname was egter gedurende die wintermaande toe die "vuurblik" selfs binne die huis gebruik is om verwarming te verskaf eerder as om die stoof te gebruik.

'n Betekenisvolle deel uit ons proefgroep het daarom die stoofoond eerder as pakplek dan as bakplek gebruik. 'n Veel kleiner aantal gevalle het die bad in die badkamer as stoorplek vir byvoor-beeld steenkool gebruik. Gevalle waar kruideniersware en groente vlak langs die latrine gebêre was, moet ook genoem word.

Wanneer dit etenstyd word, was die opvallende by ons proef-groep die openbaring van 'n verskeidenheid van praktyke. By die rykes en diegene soos onderwysers en andere is kos in borde geskep en met mes en vurk genuttig soos die normale Westerse gebruik is. Die gebruik van borde was feitlik deurgaans in ons proefgroep normaal. In meeste gevalle egter blikborde terwyl die porseleinware op die vertoonrakke bly staan het. Die gebruik van mes en vurk as eetgerei was skaars. Gewoonlik word hoogstens 'n lepel gebruik. Ons moes ook verskeie gevalle opteken waar die gesin nog met die hand geëet het. "Dit is die lekkerste manier van eet," is verduidelik. Teen

© University of Pretoria

ons / ...

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

ons verwagting in was byna almal wat in hierdie groep geval het reeds sedert 1930 in Pretoria woonagtig met lang geskiedenisse van diens aan Blanke families waar die Blanke voorbeeld daagliks te sien was.

By slegs die kleine minderheid van ons proefgesinne was die eetkamertafel en -stoele daagliks in gebruik. Die normale praktyk was dat die gesin op bankies of sommer op die grond in die kombuis sit met die bord op die skoot.

Die versiering van die huise uit ons proefgroep was by alle gesinne maar karig. In enkele gevalle is die vertrekke op eie koste geverf met helderder kleure volgens eie keuse. Teen die mure was daar egter dikwels familieportrette, almanakke en in die woonkamer dikwels ook een of twee blompotte. As algemene indruk moes ons ook telkemale by alle groepe opmerk dat die binnekant van die huise tekens van roetbevuiling toon. Dit het as eerste oorsaak die gebruik van die "vuurblik" vir verwarming binnenshuis. Hiernaas was dit ook opvallend by byna al die huise dat die vensters diggehou word. Dikwels was alle skeurtjies by die vensters verder met papier toegestop. Dieselfde geld vir die ventilasie-openinge binne al die vertrekke van die huis. Dit was duidelik dat behoorlike lugreëling deur vensters oop te hou nie by ons proefgroep in geheel voorgekom het nie.

Die gevolgtrekking waartoe ons kom, is dus dat die lede van ons 300 proefgesinne in hoë mate uiterlike bewys lewer van verwestering. Aan die ander kant is daar eetgebruike, skaarste aan ventilasie en die voorliefde om buite oor 'n oop vuur te kook wat tog bewys lewer van die nawerking van gebruike uit die tradisionele kultuur.

## III. DIE GESIN AS VOORPLANTINGSEENHEID

Ons het reeds herhaaldelik na die hoë insidensie van buite-egtelikheid in Atteridgeville verwys. Al ons informante kon daar slegs regverdiging voor vind indien die twee persone later trou. As norm word nog beslis die eis gehandhaaf dat kinders alleen binne 'n wettige gesin verwek sal word. Om hierdie rede kry 'n onwettige kind sy moeder se familienaam. Eers as sy moeder trou kan hy die familienaam van sy vader aanneem.

Binne die huwelik het die man volle seksuele regte oor sy vrou. As sy hom nie wil ontvang nie kan hy hom na ander vrouens wend sonder dat sy vrou enige klagte het. Die man is egter veronderstel om sy vrou te vermy wanneer sy menstrueer asook vir geruime tyd na sy aan 'n kind geboorte geskenk het. Sommige informante wou te kenne gee dat die onthoudingsperiode na geboorte een jaar is. So word seker gemaak dat kinders ongeveer twee jaar uit mekaar in dieselfde gesin gebore word. Die hoë getal geboortes onder ons proefgroep waar die spasiëring een jaar was, het by verdere navraag aan die lig gebring dat die onthouding in praktyk maar ongeveer drie maande duur. Ons kon geen bevestigde gegewens kry oor verdere periodes van vermyding soos by die afsterwe van 'n familielid nie.

Ons proefgroep het nie kennis gedra van enige effektiewe metode van gesinsbeplanning nie. Die enigste wat algemeen gebruik word, veral na die geboorte van 'n kind is <u>coitus interruptus</u>. Diegene onder ons proefgroep wat as "geleerd" bekend staan, het wel kennis gedra van voorbehoedmiddels. Slegs die <u>condom</u> was bekend en word alleen deur enkeles gebruik. Navraag by apteke wat hoofsaaklik met die Bantoe handel drywe, het aan die lig gebring dat sommige van die minder-gesofistikeerde Bantoepersone soms daarna navraag doen op 'n wyse wat duidelik toon dat hulle aanvaar dat die aankoop daarvan teen die wet is of dat dit in elk geval nie vrylik aan Bantoepersone verkoop sal word nie. Die meeste persone wat navraag doen, koop uiteindelik nie omdat hulle die prys te hoog vind. Dit was ook die algemene kommentaar by diegene onder ons proefgesinne wat hieroor informasie verskaf het: dit is te duur.

© University of Pretoria

Ons / ...

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Ons kan geen betroubare statistiek verskaf oor die spasiëring van bevrugting nie omdat geen gegewens oor miskrame en doodgebore kinders ingewin is nie. Die algemene patroon vertoon tog die norm van tweejarige spasiëring hoewel 'n ruim aantal gesinne enkele kinders het wat 12 maande na mekaar gebore is.

Die algemene vrugbaarheid per aantal lewendige geboortes in ons proefgroep kan uit tabelle 52 en 53 bereken word. Indien ons hier die ware getal kinders tel en nie slegs aanwesiges in die huishouding nie, is die gemiddelde kindertal per gesin vir ons 300 gesinne 4.1. Dit is ook die syfer wat bereken word vir Atteridgeville deur J.F. Eloff (1952:139). Hiervan is 1.9 seuns en na benadering 2.2 dogters.

By wyse van vergelyking gee ons ook die gemiddelde syfers slegs vir die aanwesige kinders in die huishoudings. Gemiddeld was daar 2.9 kinders aanwesig per huisgesin. Hiervan was 1.4 seuns en na benadering 1.6 dogters. As ons die vader en moeder bytel blyk dit baie duidelik dat 'n gemiddelde digtheid van 4.9 inwonende persone per huis gehandhaaf kan word, was dit nie vir die aanwesigheid van sulke groot getalle buite-egtelike kinders asook loseerders in die huishoudings nie.

In tabel 53 gee ons 'n groepering van ons 300 gesinne volgens ware kindertal. Dit is duidelik dat die meeste gesinne gekonsentreer lê tussen twee tot 6 kinders per gesin. Slegs in 'n minderheid van gevalle word 'n hoër kindertal aangetref.

Steriliteit by man en vrou is bekend aan ons informante. Waar die man steriel is en die vrou dit vermoed, was die gedagte dat sy langs ander weë kinders moes hê om sodoende met so min omhaal as moontlik die leemte in die huis te vul. Die lot van 'n steriele vrou is nie benydenswaardig nie. Ons ken gevalle waar sulke vrouens die skerpte van die man se tong moet verduur omdat hy haar vir hierdie gebrek verwyt. Sodanige kinderloosheid is egter geen grond vir egskeiding nie. In praktyk kry sulke vrouens baie moeilik 'n eggenoot omdat die vrou se vrugbaarheid normaalweg reeds voor die huwelik met een of meer buite-egtelike kinders bewys word.

Waar so 'n vrou wel trou en die man haar nie summier verlaat en "vlug" nie word van dokter tot dokter, Blank sowel as toordokter, gegaan in die hoop om hulp te ontvang. As alles faal, word daar gewoonlik een of meer kinders aangeneem soos ons uit verskeie voorbeelde onder ons proefgesinne gevind het.

Wanneer 'n vrou swanger is, sal sy met haar normale pligte voortgaan tot die 6de of 7de maand. As sy as wasvrou diens doen, sal sy ook hiermee voortgaan. Die voorgeboortelike kliniek te Atteridgeville word nie gereeld genoeg besoek nie. Die vroedvroue wat vanuit die kliniek diens doen, probeer die verwagtende moeders daartoe aanspoor. Die reaksie is in meeste gevalle teleurstellend. Geslagsgemeenskap duur normaalweg voort tot selfs na die sesde maand. Die bewering dat die semen van die vader die komende nuwelik sal sterk maak, is deur baie informante aan ons verduidelik. Die vader is veronderstel om hom van alle geslagsverkeer met ander vroue te weerhou omdat dit 'n uiters nadelige uitwerking op sy vrou en die ongebore kind kan hê. Voedseltaboes wat deur die verwagtende moeder nagekom word, is nie algemeen aan ons genoem nie. Sommige beweer dat die vrou pampoen moet vermy. Die mees algemene is dat die vrou gedurende die laaste weke van swangerskap geen eiers mag eet nie anders sal die embriosak nie maklik breek nie. Van dieselfde tipe is die bewerings wat gemaak is dat die vrou gedurende die swangerskap moet waak om nie te skrik nie omdat dit misvorming van die baba kan veroorsaak. Sommige van ons informante het verduidelik dat 'n vrou teen die einde van die swangerskap alle klere en ornamente wat met 'n knoop om die liggaam vas kom moet vermy anders sal die bevalling baie moeilik wees.

TABEL 52 / ...

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

TABEL 52: KINDERTAL VOLGENS OUDERDOM - 300 GESINNE

| Ouderdom | | 0-5 | 6-10 | 11-15 | 16-20 | 21-25 | 26-30 | 31-35 | 36-40 | 41-45 | 46-50 | 51-55 | 56-60 | Totaal |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Seuns | Tuis | 87 | 95 | 88 | 65 | 35 | 19 | 14 | 5 | 3 | - | - | - | 411 |
| | Weg | 10 | 12 | 10 | 28 | 39 | 34 | 18 | 14 | 4 | 4 | - | - | 173 |
| Meisies | Tuis | 99 | 108 | 89 | 75 | 48 | 27 | 10 | 7 | 5 | 2 | - | - | 470 |
| | Weg | 6 | 13 | 12 | 24 | 55 | 33 | 19 | 11 | 5 | 2 | 2 | 1 | 183 |
| Totaal | | 202 | 228 | 199 | 192 | 177 | 113 | 61 | 37 | 17 | 8 | 2 | 1 | 1237 |

TABEL 53: GESINNE GEGROEPEER VOLGENS KINDERTAL - 300 GESINNE

| KINDERTAL | 0 | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 6 | 7 | 8 | 9 | 10 |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| GESINNE | 10 | 30 | 44 | 48 | 46 | 30 | 41 | 27 | 13 | 8 | 3 |



© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Die bevalling self vind in die geval van 'n eerste baba in die oorgrote meerderheid van gevalle in die huis van die vrou se moeder plaas. Latere bevallings vind in die eie huis plaas terwyl die vrou se moeder dikwels daarheen kom om met die bevalling te help. Vanweë die groot insidensie van buite-egtelike kinders verskaf die reël dat die eerste bevalling in die huis van die vrou se moeder sal plaasvind geen probleme nie; die dogter is nog daar woonagtig. Baie min van ons proefgesinne se moeders moes byvoorbeeld vir hierdie eerste bevalling na die ouerhuis teruggaan. 'n Dogter wat egter wel so teruggaan, bring dan die laaste twee maande van die swangerskap tuis deur.

Wanneer die tyd van die bevalling nader sal die moeder een van die vertrekke in die huis daarvoor afsonder. Nadat die vroedvrou geroep is met die boodskap "dat so-en-so se tyd gekom het" het alleen sy, die moeder van die verwagtende en soms enkele ander ou vrouens uit die familie toegang tot die kraamkamer. Geen man word daar toegelaat nie. Die huis as geheel is verbode terrein vir alle vroue wat menstrueer, self verwag of onlangs gemeenskap gehad het. Hulle is in 'n "warm" toestand en kan deur hulle aanwesigheid die bevalling bemoeilik.

Nadat die vroedvrou opgedaag het, maak sy seker dat die kraamkamer "skoon" is. Sy maak in besonder seker dat alle spinnerakke verwyder is en dat alle prente aan die mure afgehaal is. As dit nie gedaan word nie, sal die bevalling uiters moeilik verloop. Die geboorte self geskied soos ons informante verduidelik het in die meeste gevalle op die vloer van die kraamkamer. Die vrou slaap ook die eerste paar nagte na die bevalling op die vloer en nie op 'n bed nie. Die waswater van die kindjie, die nageboorte en later ook die naelstring word in die agtertuin begrawe deur een van die vroue wat by die geboorte gehelp het. Dit moet gedoen word om te voorkom dat toornaars dit in die hande kry om die kindjie en sy moeder te skaad, is ons verduidelik.

Hierna bly moeder en kind in die kraamkamer vir 'n afsonderingsperiode van een maand. Die vader mag sy eie kind ten beste deur die venster gewys word. Self mag hy egter nie in die kamer ingaan nie. Alleen ou vrouens van die familie wat met die versorging van moeder en kind kan help sal daar toegelaat word. Wanneer die bevalling buite Pretoria plaasvind, kom daar 'n boodskapper na die vader se moeder wat dan aan die vader oorvertel of dit 'n seun of dogter is en hoe dit met moeder en kind vorder.

Na die afsonderingsperiode verloop het vind die <u>lesasa la ngwana</u> (die gelykmaking van die (toekoms?) vir die kind) plaas. Vroeër is daar gewoonlik 'n skaap geslag en was dit 'n geleentheid waarby die familie en vriende saamkom en die formele betreding van die wêreld gevier word. Tans word dit in Atteridgeville 'n "coming out party" genoem en bestaan uit 'n teeparty vir ou vrouens en vroulike verwante wat belang in die geboorte gestel het.

Die werklike fees waarby, as dit moontlik is, 'n skaap of bok deur die vader van die nuwe kind geslag word, vind tans plaas na die doopplegtigheid van die kind in die kerk twee of drie maande na geboorte. Die tradisionele gebruik waarvolgens die vel van die slagdier dan later dien as 'n draagvel (<u>thari</u>) vir die kindjie is nog in Atteridgeville bekend maar word nie meer gehandhaaf nie.

Volgens ons informante sou die regte prosedure wees om die "coming out party" vir vrouens ongeveer 10 dae na geboorte te reël. Hier is dan geen man teenwoordig nie. Na 'n maand met die finale beëindiging van die afsondering volg die familiefees waar die vader die kindjie vir die eerste keer sien en die naam daarvan, gewoonlik die van 'n broer of suster van die vader, bekend gemaak word. 'n Tweede fees waarby daar weer geslag word, sal dan by die doopgeleentheid gehou word. Ons informante ken die korrekte prosedure

© University of Pretoria

maar / ...

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

maar verduidelik dat die mees-algemene handelswyse een fees na die doopplegtigheid insluit en dat die "coming out party" in die plek van die eerste gereël word.

Dit is gebruiklik dat gaste by die feesgeleentheid geskenkies vir die kindjie saambring. Na aanleiding van die Europese voorbeeld bestaan die geskenkies vandag uit kledingstukkies vir die kindjie. Die kindjie kan ook met sy naam formeel aan die gaste voorgestel word.

Na die afloop van die doopplegtigheid is die kleintjie volledig in die gesin opgeneem. Die moeder dra dit orals met haar saam. Borsvoeding vir die eerste twaalf maande is die normale gebruik in Atteridgeville. Wanneer daar voedingsprobleme ontstaan, word baie algemeen van patente babavoedsel gebruik gemaak. Luiers vir die baba is iets wat ons slegs by enkele gesinne in ons proefgroep in gebruik gevind het. Normaalweg word die baba slegs bo-klere aangetrek, selfs nadat die seuntjie of dogtertjie begin loop het duur die gebruik voort. Dit is verstaanbaar dat die kombers of tjalie waarin die kleintjie in plaas van 'n draagvel gedra word, baie dikwels gewas moet word.

---------------

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

# HOOFSTUK V

# DIE EKONOMIESE ORDE

## I. ALGEMEEN

Binne die gesin in tradisionele verband is mens normaalweg in staat om die aandeel van vader, moeder en kinders in die ekonomiese bedrywigheid aan te dui. Die lewenspatroon is ingestel op selfversorging en as deel van die selfversorgende eenheid het vader en moeder en ook die kinders elk sy funksie vir die instandhouding van die geheel. Die pligte van die verskillende individue vul mekaar aan sodat die geheel kan bestaan. Selfs die kinders vervul in hierdie verband 'n byna onmisbare rol.

In Atteridgeville is die toestand anders. Die lewensomgewing wat vir die inwoners daargestel is, is 'n Westerse. In die eerste instansie moet mens aanvaar dat die aandeel van die kinders in die verkryging van lewensmiddele byna onbeduidend sal wees. Behalwe in soverre as hulle later by eie verdienste 'n kontantbydrae kan lewer. In die tweede instansie moet mens verwag dat die grootste gewig op die vader sal rus vir die lewering van 'n inkomste deur sy arbeid buite Atteridgeville te verkoop vir die aankoop van lewensmiddele. Die vrou se hulp wat sy in die opsig kan verleen, is vergeleke by die tradisionele toestand waar sy in bevel van die landbouproduksie was, in die stad van heel ander aard. Deur die lewensomgewing word sy gedwing tot 'n kontant-byverdienste as enigste wyse waarop die gesin se ekonomiese posisie verbeter kan word.

Daar het so, nie alleen afstand tussen arbeidspunt en woning gekom nie maar die verkryging van lewensmiddele hang ook in die nuwe orde saam met die aanskakeling by die Blanke ekonomiese struktuur. Die arbeider lewe van sy loon en nie meer van sy individuele ywer vir die produksie van lewensmiddele nie. Die man lewer die inkomste en die vrou se taak is primêr dië van huishoudster maar lewer ook deur 'n byverdienste, 'n belangrike toevoeging tot die gesinsinkomste.

Onder die omstandighede word 'n ondersoek na die ekonomiese bedrywigheid noodwendig 'n weergawe van werkstipe, van inkomste en die verbruik daarvan. By oorskotte kom daar dan 'n moontlikheid van spaarwyses en by tekorte die moontlikheid van onwettige byverdienste om die verskil aan te vul.

Ons het met hierdie opset in gedagte gedurende 1950 vir 6 weke lank van April tot Augustus 'n intensiewe opname oor hierdie aangeleenthede van ons 300 proefgesinne gemaak. Vanweë gebrek aan geskikte veldwerkers het hierdie opname van 14.4.50 tot 1.9.50 geneem om te voltooi; dus feitlik vyf maande van die herfs tot die lente 1950. Die getalle gesinne wat elke week opnuut vir informasie genader is, kan van tabel 54 gelees word. Eintlik het die opname dus in twee dele verloop. Ongeveer 76 gesinne is voor die aanvang van Junie besoek en vanaf 9.6.50 tot 21.7.50 is naasteby 20 nuwe gesinne per week betrek. Die doel hiervan was om na verloop van die eerste proef van 76 gesinne 'n voorlopige waardering te kan maak of die informasie wat gevra is al die belangrikste vrae sou kon beantwoord. Dit was nie nodig om die vraelys te wysig nie.

TABEL 54: GESINNE PER AANVANGSDATUM VAN SESWEKE-OPNAME

| 14/4 | 21/4 | 28/4 | 5/5 | 12/5 | 19/5 | 26/5 | 2/6 | 9/6 | 16/6 | 23/6 | 30/6 | 7/7 | 14/7 | 21/7 | 28/7 |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| 52 | 24 | 4 | 3 | 1 | 0 | 2 | 8 | 28 | 22 | 27 | 2 | 39 | 42 | 40 | 6 |

© University of Pretoria

Gedurende / ...

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Gedurende Junie was daar vir drie weke lank 'n ernstige steenkooptekort in Pretoria. Die inwoners van Atteridgeville kon toe byna geen steenkool aankoop nie. Die Stadsraad het 'n nabygeleë munisipale bosplantasie tot die beskikking van die inwoners gestel waar hulle gratis hout kon gaan haal. Hierdie gebeure het meegebring dat daar gedurende die tyd gesukkel is om gereeld die benodigde informasie van ons proefgesinne te kry: almal het gaan hout haal. Gegewens oor uitgawes moes dus in die periode noodwendig 'n te lae syfer in brandstofaankope toon. Ons is bewus hiervan maar vestig die aandag daarop dat 76 gesinne voor die skaarste en 128 gesinne na die skaarste vir aaneenlopende periodes van ses weke besoek is. Die resterende gesinne se gegewens dek maar net gedeeltelik die periode van steenkooltekort. Ons aanvaar dus dat die totale invloed van die skaarste op die gegewens nie genoegsaam is om enige aanpassings daarvoor te regverdig nie. Ons volstaan dus met die erkenning van die gebeurlikheid.

Gegewens oor inkomste en uitgawes word nie gerdelik en betroubaar deur die Bantoe in stedelike sentra aan navorsers verskaf nie. Die navorser het die taak om in elke geval individueel oortuigingswerk te doen. Die verwagting is immer daar dat die gegewens tot nadeel van die informant gebruik kan word. Waar die indruk posvat dat die uiteindelike doel die bevoordeling van die informant is, word gegewens oorgretig, onnoukeurig en met beklemtoning van die aspekte wat verbeter kan word, verskaf. Ons reken dat ons daarin kon slaag om die volle vertroue van ons proefgesinne te wen op so 'n wyse dat volledige en betroubare gegewens verstrek is. Ten opsigte van uitgawes weet ons dat enkele gevalle ons van foutiewe informasie bedien het. Dit is onveranderd gelaat. Slegs in 7 gevalle is die invordering van gegewens gestaak. Nie vanweë die gebrek aan samewerking nie maar omdat ons veldwerkers net nie die herhaalde besoeke wat nodig was so kon reël dat dit die betrokke gesinne gepas het nie.

Na 'n aanvanklike redelik lang besoek is die algemene vraelys ingevul en later opgevolg met die inwin van gegewens oor die ekonomiese aspek. Dit was baie gou duidelik dat ons proefgesinne daagliks klein hoeveelhede aankoop en dat daar geen begrip na 'n week bestaan van hoeveel op bepaalde items spandeer is nie. Om die probleem te oorkom is elke gesin elke derde dag besoek dit wil sê twee maal per week om item vir item korrek na die verbruik daarvan te kan bepaal. Hierdie vermeerderde besoeke het ook gou getoon dat Maandae en Vrydae dae is waarop wasvrouens van die huis weg is. Baie gesinne moes dus op ander dae van die week ingepas word. Geen besoeke kon voor 9 vm. gedoen word nie omdat die huisvrou dan hard besig is met die huishouding en nie behoefte gehad het om tyd vir korrekte informasie af te sonder nie. Besoeke na 4.30 nm. wanneer die man tuis verwag word, is ook selde gedaan omdat dit nie ons behoefte was om onnodige inbreuk op die gesinslewe te maak nie.

Die gegewens wat ons verskaf, is verwerk om vier weke, een maand, te dek. Elke gesin is egter vir 6 weke lank besoek en die resultaat matematies teruggewerk tot inkomste en verbruik vir 4 weke. Langs hierdie weg het ons daarin kon slaag om by elke gesin periodes van oorvloed teen die begin van die maand en skaars dae teen die einde van die maand, in te sluit. Die praktyk het egter bewys dat die siklus by meeste gesinne weekliks verloop omdat die man weekliks besoldig word. Deur ons metode voel ons tog dat die maksimum korrektheid verseker is.

In alle gevalle moes ten minste een besoek, soms meer, afgelê word wanneer die man tuis is. Gegewens oor die huishouding word ten beste van die vrou verkry. Ons drie-daaglikse besoeke was dan ook op hulle gemik. Vrouens kon oor die algemeen egter geen betroubare gegewens verskaf oor die werklike inkomste van die man nie;

© University of Pretoria

by / ...

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

by benadering wel, maar die presiese bedrag kon alleen van die man verkry word. Die name van die werkgewers van die mans was in nog groter mate nie van die vrouens bekombaar nie. Gegewens oor spaaraksies, d.i. die aard en omvang van assuransievoordele en ander spaarbeleggings kon ook net van die mans verkry word.

Sonder die volle samewerking van ons proefgesinne sou die verslag nie geskryf kon word nie. Die verslag in sy geheel vorm dus 'n erkentlikheidsbewys vir die mate van vriendelike hulp wat ons verleen is.

## II. ARBEIDSLEWERING

Die stadsgebied van Pretoria is sedert 1923, met die promulgering van die Stadsgebiedewet, 'n geproklameerde gebied waarin sowel toestromingsbeheer as registrasie van dienskontrakte van toepassing gemaak is. Alle manlike lede van ons proefgroep bokant 16 jaar was aan hierdie verordeninge onderhewig. Dit geld veral die bepalings van Goewermentskennisgewing 1032 van 1949 soos van tyd tot tyd gewysig.

Aangesien ons proefgesinne se lede almal in terme van die regulasies as woonagtig in die geproklameerde gebied gegeld het en baie in die geproklameerde gebied gebore was, was die voldoening aan toestromingsvereistes 'n blote formaliteit. Op ons navraag na kommentaar oor die toestromingsbeheerstelsel het baie informante dit as 'n belemmering vir diensaanvaarding van familielede van elders in Pretoria gesien. Die feit dat daar langs die weg ook seker gemaak word dat die inwonende arbeiders in Pretoria nie deur onregverdige kompetisie van buite tot diensaanvaarding teen laer loonskale gedwing word nie, was egter goed bekend. Baie informante het hulle waardering vir die stelsel uitgespreek en die feit beklemtoon dat hulle kan sien hoe dat vreemde Bantoe veral van die noordelike buurstate nie toegelaat word "om onse werk te kom steel nie." Daar was ook verontrusting oor die feit dat op die datum van ons ondersoek daar nie strenger kontrole oor die invloei van Bantoepersone uit die Britse protektorate uitgeoefen was nie.

Die bepalings van die Naturelle (Stadsgebiede) Konsolidasie Wet 25 van '45 wat betrekking het op die hantering van werkskuheid bespreek ons wanneer volle statistiek oor werkloosheid behandel word.

Gedurende 1950 kon 'n inwoner van Atteridgeville dus vrylik, soos die stelsel toe was, aansoek doen om 'n werksoekpermit. Sedert 1940 het die Stadsraad van Pretoria ingevolge Administrateurskennisgewing nr. 573 van 23.10.40 'n register van beskikbare werkgeleenthede en werknemers gehou. Ingevolge die regulasies kon enige Bantoewerknemer na hy aan die vereistes vir toestromingsbeheer voldoen het, versoek dat sy naam kosteloos op die register ingeskrywe word vir 'n periode van sewe dae. Die termyn kon verder verleng word. Elke werkgewer kon ook vra dat sy behoefte aan 'n Bantoewerknemer met vermelding van volle besonderhede aangaande diensvoorwaardes by die registerhouer aangeteken word. Sodanige inskrywing moes egter geskied teen betaling van 'n fooi van 25c. Langs die weg kon die registerhouer voornemende werknemers van die bestaan van vakatures vertel en die werknemer na betrokke adresse verwys. In praktyk het hierdie stelsel, die voorloper van die latere arbeidsburostelsel, hoofsaaklik ten opsigte van huisbediendes gefunksioneer. Dit was ook die eerste poging in Pretoria om gegewens te versamel wat die aanwesigheid van 'n arbeidsurplus sou aandui.

Omdat hierdie stelsel slegs opsioneel was, het nie alle werkgewers dit gebruik nie. Die meeste werknemers wat daarvan gebruik gemaak het, was arbeiders van buite Pretoria wat so gou moontlik 'n werkgeleentheid wou bekom. Die lede van ons proefgesinne was reeds lank in Pretoria en het daarom verkies om deur eie kontakte werkgeleenthede te bekom. Wanneer iemand in Atteridgeville

© University of Pretoria

werk / ...

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

werk gesoek het, het die persoon normaalweg van werkgewer tot werkgewer gestap en sy dienste aangebied. Dit was die normale prosedure veral vir wasvrouens. Mans kon egter nie hulle bestaande werkgeleenthede bedank en op soek gaan na nuwe werk nie want dit sou hongersnood tuis beteken. Die normale prosedure was dus dat so iemand deur familie en vriende dit gereël probeer kry dat hy by 'n bepaalde werkgewer waar hy sou wou werk in diens geneem word. Sulke familie en vriende word dan voorspraak en op hulle aanbeveling word die werknemer in diens geneem. Hierdie prosedure was die normale vir werkverkryging in besighede en groter nywerhede.

Die meeste van ons informante het verduidelik dat dit volgens die stelsel feitlik onmoontlik was om by sekere werkgewers in diens geneem te word. Die rede hiervoor is dat die voorspraak namens 'n werksoeker die werkgewer deur sy voorman bereik. As die voorman jou goedgesind is, was alles reg. Dit is as normaal beskou dat sommige voormanne dan slegs voorkeur aan werksoekers uit sy eie etniese groep gee. Elders weet ons moes die voorman met "iets" oorreed word om jou saak by sy werkgewer te bevorder.

Hierdie toestande waaronder ons proefgesinne hulle werkgeleenthede bekom het, is natuurlik na die opname verander deur die bepalings van die Arbeidsburostelsel wat landswyd uitgebrei is deur Goewermentskennisgewing 63 van 1959 onder die Naturelle Arbeidsregelingswet nr. 15 van 1911. Die basiese reg om as inwoners van Atteridgeville of as gebore in die proklameerde gebied van Pretoria sonder belemmering werk te aanvaar het egter onveranderd gebly.

In tabel 57 is 'n weergawe van die werkstipe wat deur die 855 potensiële werkers uit ons 300 gesinne, gedoen is. By die bepaling van hierdie syfer moes ons allereers diegene wat van skoolgaande ouderdom was, afskei. In tabel 55 gee ons die kinders in ouderdomsgroepe wat op skool en van voorskoolse ouderdom was. As voorskoolse ouderdom is alle kinders onder 6 jaar geneem. Seuns word op ouderdom 18 jaar belastingpligtig. Dit is ook die ouderdom waarop die meeste gaan werk alhoewel hulle reeds wetlik vanaf hul 16de jaar in diens kan gaan. Kinders bo 6 en onder 18 wat nie op skool was nie is as sodanig in die tabel ingeskryf. Kinders bo 18 wat nie op skool is nie, is as werksoekers beskou en as arbeiders of werkloses in tabel 57 ingeskryf. Dit dien op gelet te word dat werknemers tussen 16 en 18 jaar nie in tabel 55 aangedui word nie maar wel in tabel 57 omdat hulle reeds in diens is. 'n Samevatting van die ouderdomsgroepering van tabelle 55 en 57 verskyn in tabel 56.

Uit tabel 55 is dit duidelik dat feitlik alle kinders in Atteridgeville by die bereiking van skoolgaande ouderdom die skool besoek. Hulle bly dan op skool tot die 16de of 18de jaar waarna hulle in diens tree terwyl slegs enkeles tot die 25ste jaar op skool bly om die hoërskoolloopbaan te voltooi met die oog op verdere studie. By vergelyking met tabel 56 kan gesien word hoe kinders van albei geslagte tot hulle 20ste jaar in hoofsaak nog binne Atteridgeville aangetref kan word.

In tabel 57 verskyn die uiteensetting van die werkstipes van al diegene, mans en vrouens van alle ouderdomme bo 16, in ons proefgesinne wat in diens was, asook al diegene bokant 18 wat gewerk of nie gewerk het nie. Die bedrywigheid buite en binne Atteridgeville word ook aangedui. Nie almal is egter bydraers tot die totale inkomstes van ons gesinne nie.

Uit die tabel is dit duidelik dat ons binne Atteridgeville bedags slegs huisvrouens, diegene met 'n eie besigheid en pensionarisse kan verwag. 'n Groot deel van die werkloses wat eintlik werksku is, is egter ook bedags daar. Die grootste gedeelte van diegene wat lonend in diens is, bevind hulle bedags buite Atteridgeville. Dit is ook interessant om te sien hoe vroue hulle dienslewering begin as huisbediendes en dan in groot getalle na 25

© University of Pretoria

TABEL 55 / ...

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

TABEL 55: GROEPERING VAN JEUGDIGES VOLGENS GESLAG, OUDERDOM EN BEDRYWIGHEID

| Bedrywigheid van Jeugdiges | 0-5 jr. | | 6-10 jr. | | 11-15 jr. | | 16-20 jr. | | 21-25 jr. | | Totaal | | Groot Totaal |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | M | V | M | V | M | V | M | V | M | V | M | V | |
| Voorskool | 169 | 196 | - | - | - | - | - | - | - | - | 169 | 196 | 365 |
| Op skool | - | - | 101 | 130 | 105 | 101 | 63 | 51 | 6 | 3 | 275 | 285 | 560 |
| Nie op skool | - | - | 32 | 18 | 1 | 2 | 6 | 10 | - | - | 39 | 30 | 69 |
| Totaal | 169 | 196 | 133 | 148 | 106 | 103 | 69 | 61 | 6 | 3 | 483 | 511 | 994 |

TABEL 56: TOTALE SAMESTELLING VAN MONSTER VOLGENS GESLAG, OUDERDOM EN BEDRYWIGHEDE BINNE EN/OF BUITE ATTERIDGEVILLE

| Bedrywig of Werksaam. | 0 - 5 | | 6-10 | | 11-15 | | 16-20 | | 21-25 | | 26-30 | | 31-35 | | 36-40 | | 41-45 | | 46-50 | | 51-55 | | 56-60 | | 61--- | | Totaal | | Groot Totaal |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | M | V | M | V | M | V | M | V | M | V | M | V | M | V | M | V | M | V | M | V | M | V | M | V | M | V | M | V | |
| Binne Atteridgeville | 169 | 196 | 133 | 148 | 106 | 103 | 82 | 92 | 17 | 58 | 11 | 40 | 6 | 24 | 7 | 30 | 13 | 26 | 9 | 19 | 7 | 12 | 6 | 10 | 25 | 37 | 591 | 795 | 1,386 |
| Buite Atteridgeville | - | - | - | - | - | - | 5 | 17 | 45 | 19 | 39 | 19 | 32 | 28 | 40 | 20 | 27 | 27 | 37 | 29 | 9 | 11 | 23 | 15 | 16 | 5 | 273 | 190 | 463 |
| Totaal: | 169 | 196 | 133 | 148 | 106 | 103 | 87 | 109 | 62 | 77 | 50 | 59 | 38 | 52 | 47 | 50 | 40 | 53 | 46 | 48 | 16 | 23 | 29 | 25 | 41 | 42 | 864 | 985 | 1,849 |

© University of Pretoria

TABEL 57: SAMESTELLING VAN MONSTER VOLGENS OUDERDOM, GESLAG, EN WERK, BINNE EN BUITE ATTERIDGEVILLE (PENSIOENTREKKERS IS NIE AS WERKLOSES GEREKEN NIE)

N.B.
: = Binne Atteridgeville

| | 16-20 | | 21-25 | | 26-30 | | 31-35 | | 36-40 | | 41-45 | | 46-50 | | 51-55 | | 56-60 | | 61--- | | Buite Totaal | | Totaal | :Binne Totaal | | Totaal | Groot Totaal | | Groot Totaal |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | M | V | M | V | M | V | M | V | M | V | M | V | M | V | M | V | M | V | M | V | M | V | | :M | :V | | M | V | |
| Arbeider | 3 | | 27 | | 14 | | 17 | | 15 | | 11 | | 21:1 | | 4 | | 19 | | 12:1 | | 143 | - | 143 | :2 | - | :2 | 145 | - | 145 |
| Afleweringswerk | | | 5 | | 5: 1 | | 2 | | 4 | | 2 | | 3 | | 2 | | | | | | 23 | - | 23 | :1 | - | :1 | 24 | - | 24 |
| Bode | 1 | | 5 | | 7 | | 1 | | 4 | | 2 | | 2 | | | | 2 | | 1 | | 25 | - | 25 | | | | 25 | - | 25 |
| Droogskoonmaakwerk) Washuis en wasgoed) by inrigtings ) | | | 1 | 5 | | 2 | | 1 | | | | | 2 | 1 | | | | | | | 3 | 9 | 12 | | | | 3 | 9 | 12 |
| Evangeliebediening | | | | | | | | | | | :1 | | 1:1 | | :1 | | :1 | | :4 | | 1 | - | 1 | :8 | - | :8 | 9 | - | 9 |
| Eie besigheid | | | | | | | | | 1 | | :2 | :1 | :2 | | :2 | | :2 | | | :1 | 1 | - | 1 | :8 | :2 | :10 | 9 | 2 | 11 |
| Huisbediende/Kok | | 14 | 1 | 6 | | 5 | | 5 | | 2 | 1 | 2:1 | | 3 | 1:1 | 1 | | | 1 | | 4 | 38 | 42 | :1 | :1 | :2 | 5 | 39 | 44 |
| Huisvrou/sonder verdienste | | :5 | | :11 | | :20 | | :23 | | :22 | | :23 | | :19 | | :11 | | :10 | | :12 | | | | | :156 | :156 | | 156 | 156 |
| (Huisvrou) Waswerk | | 1 | | 1 | | 5 | | 19 | | 18 | | 24 | | 24 | | 10 | | 14 | | 2 | | 48 | 118 | | | | | 118 | 118 |
| Klerk | | | 1 | | 2 | | | | 4 | | 1: 1 | | 1 | | | | | | | | 9 | - | 9 | :1 | - | :1 | 10 | - | 10 |
| Kelner | | | 1 | | 1 | | 1 | | 2 | | 2 | | | | | | | | | | 7 | - | 7 | | | | 7 | - | 7 |
| Kleremakerswerk | | | | 1 | | 1 | 1 | | | | | | | | | :1 | 1 | | | | 2 | 2 | 4 | | :1 | :1 | 2 | 3 | 5 |
| Onderwyser(es) | | | :1 | | 2: 1 | | 1:1 | | :1 | :1 | :1 | | :1 | | 1 | | | | | | 4 | - | 4 | :6 | :3 | :9 | 10 | 3 | 13 |
| Onderwys Opsigter | | | | | | | | | | | | | | | :1 | | | | | | | | | :1 | - | :1 | 1 | - | 1 |
| Polisie: | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | |
| (i) S.A.P. | | | 1 | | 2 | | | | 3 | | 1 | | 2 | | | | | | | | 9 | - | 9 | | | | 9 | - | 9 |
| (ii) S.A.S. & H. | | | | | | | 2 | | | | | | | | | | | | | | 2 | - | 2 | | | | 2 | - | 2 |
| (iii) Munisipale | | | | | | | | | :2 | | 1 | | | | | | | | | | 1 | - | 1 | :2 | - | :2 | 3 | - | 3 |
| (iv) Ander (Wagte) | | | | | | | | | 1 | | 1 | | 2 | | | | 1 | | 1 | | 6 | - | 6 | | | | 6 | - | 6 |
| Pensioen: | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | |
| (i) Ouderdom | | | | | | | | | | | | | | | | | | | :7 | :17 | | | | :7 | :17 | :24 | 7 | 17 | 24 |
| (ii) Ander | | | | | | | | | | | | | | | | | :1 | | :5 | | | | | :6 | - | :6 | 6 | - | 6 |
| Spin- en Weefwerk | | 1 | | 1 | | 1 | | | | | | | | | | | | | | | - | 3 | 3 | | | | | 3 | 3 |
| Skoonmakerswerk | | | 2 | 1 | | 3 | | 3 | | :1 | 2 | | 2 | 1 | | | | 1 | 1 | 1 | 7 | 10 | 17 | | :1 | :1 | 7 | 11 | 18 |
| Vervoer: | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | |
| (i) Busbestuurder | | | | | 1 | | 3 | | | | 1 | | 1 | | | | | | | | 6 | - | 6 | | | | 6 | - | 6 |
| (ii) Businspekteur | 1 | | | | 1 | | | | 2 | | | | | | | | | | | | 4 | | 4 | | | | 4 | - | 4 |
| (iii) Vragmotorbestuurder | | | | | 1 | | 1 | | 2 | | 2 | | | | 1 | | | | | | 7 | - | 7 | | | | 7 | - | 7 |
| (iv) Huur/motorbestuurder | | | 1 | | 2: 1 | | 2 | | | | | | | | | | | | | | 5 | - | 5 | :1 | - | :1 | 6 | - | 6 |
| Verkeersinspekteur | | | | | 1 | | | | 1 | | | | | | | | | | | | 2 | - | 2 | | | | 2 | -- | 2 |
| Verpleër/ster | | | | 1 | | 1: 1 | 1 | | | | | | | | | | | | | | 1 | 2 | 3 | | :1 | :1 | 1 | 3 | 4 |
| Verpleegstershulp | | | | | | | | | 1:1 | | | | | | | | | | | | 1 | - | 1 | :1 | - | :1 | 2 | - | 2 |
| Wasvrou | | 1 | | 3 | | 1 | | | | | | 1 | | | | | | | | 2 | | 8 | 8 | | | | | 8 | 8 |
| Werkloos | :13 | :26 | :10 | :44 | :8 | :19 | :5 | :1 | :3 | :4 | :8 | :1 | :4 | | :2 | | :2 | | :8 | :7 | | | | :63 | :102 | :165 | 63 | 102 | 165 |
| Totaal | 5 | 17 | 45 | 19 | 39 | 19 | 32 | 28 | 40 | 20 | 27 | 27 | 37 | 29 | 9 | 11 | 23 | 15 | 16 | 5 | 273 | 190 | 463 | | | | | | |
| :Totaal | :13 | :31 | :11 | :55 | :11 | :49 | :6 | :24 | :7 | :30 | :13 | :26 | :9 | :19 | :7 | :12 | :6 | :10 | :25 | :37 | | | | :108 | :284 | :392 | | | |
| Groot Totaal | 18 | 48 | 56 | 74 | 49 | 59 | 38 | 52 | 47 | 50 | 40 | 53 | 46 | 48 | 16 | 23 | 29 | 25 | 41 | 42 | | | | | | | 381 | 474 | 855 |

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

hoofsaaklik huisvrouens word. Hier moet in gedagte gehou word dat nie alle dogters in Atteridgeville na die huwelik daar bly woon nie asook dat baie dogters na 20 jaar as huisbediendes of in ander arbeidsposisies bly waar hulle buite Atteridgeville slaap en woon en so buite die bestek van ons proefgesinne raak. Dit is belangrik om te besef dat van die 274 huisvrouens 118 of 43.1% 'n byverdienste lewer. Hier het ons net oog vir konstante byverdienstes. Onder die 156 vrouens wat slegs as huisvrouens gemerk is, was daar tog vrouens wat sporadiese bydraes tot die gesinsinkomste gelewer het. Die enigste ander groep van beduidende omvang is die vroulike ouderdomspensionarisse. Die kan mens verwag uit hoofde van die getal ou weduwees in ons proefgroep.

Mans begin hulle arbeidsleeftyd as arbeiders. Dit bly deurgaans die belangrikste werkstipe vir alle ouderdomme. Onder hierdie hoof is alle nywerheidsarbeiders halfgeskoold of ongeskoold ingereken. Ook hier moet onthou word dat nie alle mans wat in Atteridgeville gebore is daar later as huishoofde bly woon nie. Die meeste ander beroepe waaroor mans versprei is, is van 'n half-geskoolde of semi-professionele tipe. Die opvallende is die lae getal beroepslui wat vir die beroep enige opleiding ontvang het. Die predikante, kleremakers, onderwysers, polisie en verpleërs tel maar 36 van die 46 vir albei geslagte.

Die persentasie werkloses van alle geslagte moet eintlik bereken word met uitsluiting van alle huisvrouens. Die persentasie is dus 28.4%. Indien huisvrouens bygereken word verminder dit na 19.3%. Hiervan vorm die mans onderskeidelik 10.8% en 7.4%. Die opvallende is dus die numeriese en persentuele oorwig van vroulike werkloses ondanks die feit dat hierdie groep na 45 jaar ouderdom geheel verdwyn. Dit is ons oortuiging dat die oorsaak hiervan geleë is in die hoë huweliksouderdom en die redelik welvarende posisie van baie gesinne wat dogters nie verplig om so gou moontlik te gaan werk nie.

Die werklose mans bo 18 en onder 35, 36 in getal in ons proefgroep, is egter verteenwoordigend van 'n werklike probleemgroep. Die meeste van hulle kan as werkskuwes beskou word. Byna almal is in Pretoria gebore en kan dus nie ingevolge die betrokke artikels van die Stadsgebiede Wet by onbevredigende diensrekord verdere dienslewering in die geproklameerde gebied van Pretoria geweier word nie. Dit is alleen moontlik om hulle ingevolge artikel 29 na 'n werkkolonie te laat verwys. Die bewoording van die Wet in 1950 en verskeie regsbeslissings van die verlede, waarop hier nie ingegaan word nie, het meegebring dat daar bewys moes word dat so 'n persoon nie alleen sonder werk is nie maar dit ook nie soek nie, of nie alleen sonder eerlike bestaansmiddele is nie, maar werklik geen geld het wat nie oneerlik verkry is nie, of 'n volledige luie, losbandige en wanordelike bestaan voer. Optrede deur geregtelike vervolging teen hierdie groep was dus feitlik onmoontlik en hulle aanwesigheid in Atteridgeville as leidende figure in die verskillende tsotsi-bendes was 'n gruwel in die oog van alle fatsoenlike mense. Alle pogings van die superintendent van Atteridgeville en die Arbeidsburo om hulle in diens te plaas, misluk gereeld. Die wat wel bereid is om te werk wil wag tot daar 'n "office job" oopval. Dit wil sê hulle is bereid om diens as bode of skoonmaker in 'n kantoor te aanvaar. Die wagperiodes kan enigiets van 6 maande na 2 jaar duur. Terwyl daar dan nie verdien word nie, leef so 'n seun bloot as hulpbehoewende in sy ouerhuis voort.

Tabel 56 toon baie duidelik hoe die uittog na werkgeleenthede uit Atteridgeville plaasvind vanaf die 21ste jaar. Die normale arbeidsleeftyd duur tot 60 jaar. Na 60 word die aantal oues van dae wat tuis bly meer as die wat elders in diens is.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

TABEL 58: VERSPREIDING VAN ALLE PERSONE BO 16/18 JAAR BINNE 300 GESINNE WAT WERKSAAM IS VOLGENS AARD EN RAS VAN WERKGEWER EN DIE GESLAG VAN WERKNEMERS

| Aard van Werkgewer | Aantal Werknemers | | Totaal | % |
|---|---|---|---|---|
| | Manlik | Vroulik | Manlik en Vroulik | |
| **Besighede** | | | | |
| (i) Blankes | 113 | 11 | 124 | 33.1 |
| (ii) Naturelle | 3 | - | 3 | 0.8 |
| (iii) Asiate | 5 | - | 5 | 1.3 |
| Totaal | 121 | 11 | 132 | 35.2 |
| **Fabrieke** | | | | |
| (i) Blankes | 39 | 2 | 41 | 10.9 |
| (ii) Naturelle | - | - | - | - |
| (iii) Asiate | 1 | | 1 | 0.3 |
| Totaal | 40 | 2 | 42 | 11.2 |
| **Privaat Persone** | | | | |
| (i) Blankes | 6 | 43 | 49 | 13.1 |
| (ii) Naturelle | - | - | - | - |
| (iii) Asiate | - | - | - | - |
| Totaal | 6 | 43 | 49 | 13.1 |
| **Liggame** | | | | |
| (i) Blankes | 8 | 3 | 11 | 2.9 |
| (ii) Naturelle | 1 | - | 1 | 0.3 |
| (iii) Asiate | - | - | - | - |
| Totaal | 9 | 3 | 12 | 3.2 |
| Staats/ Prov<sup>e</sup>/ Mun<sup>e</sup>/ Dept<sup>e</sup> | 112 | 19 | 131 | 34.9 |
| Kerklike Inrigtings | 9 | - | 9 | 2.4 |
| Groot Totaal | 297 | 78 | 375 | 100.0 |

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Ons moes ook bepaal waar die lede van ons proefgesinne in diens gaan. In tabel 58 word die gegewens uiteengesit. Vir die doel is buite rekening gelaat: diegene met 'n eie besigheid, alle huisvrouens, pensionarisse en werkloses, 480 in totaal. Die tabel gee daarom slegs die arbeidslewering ten opsigte van 375 persone wat in diens was. Onder die afdeling besighede is alle ondernemings ingesluit wat dienste en/of produkte lewer met die oog op wins. As fabrieke is gereken daardie ondernemings wat artikels of produkte vervaardig met die oog op wins. Private persone is diegene wat arbeiders in diens neem vir persoonlike gerief. Onder liggame is die instansies getel wat dienste lewer sonder winsbejag. Kerklike inrigtings sluit sowel erkende as separatistiese kerke in.

Uit die tabel is dit baie duidelik dat arbeidslewering hoofsaaklik aan Blankes geskied. Dit was vir ons opvallend dat die grootste enkele arbeidersgroep 35.2% die in diens van Blanke besighede was. Feitlik gelyk hiermee staan die totaal van arbeiders, bodes en dergelike, 34.9%, in diens van staats-, provinsiale en munisipale departemente. Die vervaardigingsbedrywe het 11.2% arbeiders getrek, net minder as die werknemers van private persone 13.1%. Hierdie distribusie kan nie as 'n normale patroon vir Pretoria beskou word nie. Daar is te veel enkellopende arbeiders in die vervaardigingsbedryf, wat nie in 'n woonbuurt soos Atteridgeville huisvesting ontvang nie. Die belangrike is egter juis dat die meer permanent gevestigde Bantoe in Pretoria, die wat die langste in Pretoria woon, hulle dienste vir 70.1% lewer aan relatief onproduktiewe dele van die stadsekonomie. Uit die tabel blyk ook duidelik dat dienslewering aan private persone eintlik slegs vrouens raak.

In tabel 59 word die werkstipes van ons 300 gesinshoofde aangedui. By die interpretasie daarvan moet onthou word dat vrouens ook as huishoofde gereken moes word. Indien die gegewens hier noukeurig met dié van tabel 57 vergelyk word, is dit duidelik dat as ons vanweë die vermindering van die totale getalle van 855 tot 300 die helfte getalsverlies aanvaar, afleweringswerk, droogskoonmaakwerk, huisbediendes, algemene skoonmakerswerk en motorbestuurder nie arbeidstipes is wat normaalweg met huishoofstatus verbind kan word nie. Dit is beroepe wat meer dikwels deur jonger persone wat as kinders of familie by bestaande huiseenhede inwoon, beoefen word. Origens is algemene arbeidswerk en die status van huisvrou soms aangevul met waswerk, die verdienstes wat die grootste getalle huishoofde oplewer.

In ons ondersoek van die 300 huishoofde is ook navraag gedoen oor mate van opleiding wat vir bepaalde werkstipes ondergaan is asook besondere werksideale waarop die persoon ingestel mag wees. Die resultate was deurgaans besonder negatief. Vir professionele take kan ons opleiding verwag. Die getalle kan op tabel 60 afgelees word. Al die ander persone verklaar of geen opleiding nie of opleiding deur praktiese verduideliking in die werk. Laasgenoemde blyk die normale wyse te wees waarop Bantoepersone kennis oor hulle werkstipe opdoen. Ons informante het eweso instemming en tevredenheid met hulle huidige werkstipe betuig. Allerweë was daar 'n versoek om loonsverhoging in die betrokke diens waar die persoon staan. 'n Strewe na 'n hoër loongroep deur te aspireer vir 'n ander soort betrekking was deurgaans afwesig.

Van die 48 huishoofde sonder inkomste word die gesinsinkomstes in 26 gevalle waar vrouens hoof is deur kinders en inwonende familie verskaf. Die 22 werkloses is almal mans. Die oorsaak vir die werkloosheid lê in ouderdom; langdurige siekte en werkversaking omdat die kinders vir die huishouding sorg.

Die optekening van die inkomstes van die 300 huishoudings het aan die lig gebring dat die vrou en ander lede van die huisgesin nie presies geweet het wat die man se inkomste was nie. Nadat die

© University of Pretoria

TABEL 59 / ...

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

TABEL 59: SOORTE WERK VAN 300 GESINSHOOFDE GEKORRELEER MET INKOMSTE PER MAAND

| Soort Werk. | Geen. | R9 en minder | R10-R19. | R20-R29. | R30-R39. | R40-R49. | R50-R59. | R60-R69. | R70-R79. | R80-R89. | R90-R99. | R100-R109. | R130-R139. | Totaal. | Persentasie. |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Arbeider | - | - | 22 | 50 | 7 | 1 | - | 1 | - | - | - | - | - | 81 | 27.0 |
| Afleweringswerk | - | - | 1 | 6 | 1 | - | - | - | - | - | - | - | - | 8 | 2.7 |
| Bode | - | - | 4 | 7 | 2 | - | - | - | - | - | - | - | - | 13 | 4.3 |
| Droogskoonmaak | - | - | - | 2 | - | - | - | - | - | - | - | - | - | 2 | .7 |
| Evangeliebediening | - | 1 | 4 | 2 | 1 | 1 | - | - | - | - | - | - | - | 9 | 3.0 |
| Eie Besigheid | - | - | 1 | 3 | 1 | 2 | - | 1 | - | - | - | - | - | 8 | 2.7 |
| Huisbediende/Kok | - | 1 | 5 | 1 | - | - | - | - | - | - | - | - | - | 7 | 2.3 |
| Huisvrou | 26 | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | 26 | 8.7 |
| Huisvrou en Waswerk | - | 22 | 6 | 2 | - | - | - | - | - | - | - | - | - | 30 | 10.0 |
| Klerk | - | - | - | 1 | 1 | 2 | 1 | 2 | - | - | - | - | 1 | 8 | 2.7 |
| Kelner | - | - | 1 | 4 | - | - | - | - | - | - | - | - | - | 5 | 1.7 |
| Kleremakerswerk | - | - | - | - | 1 | - | - | 1 | - | - | - | - | - | 2 | .7 |
| Onderwyser(es) | - | - | - | - | - | - | 2 | 2 | 1 | 1 | - | 1 | - | 7 | 2.3 |
| Onderwys Opsigter | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | 1 | - | - | 1 | .3 |
| Polisie: | | | | | | | | | | | | | | | |
| S.A.P. | - | - | - | - | 2 | 3 | 1 | 1 | - | - | - | - | - | 7 | 2.3 |
| S.A.S. & H. | - | - | - | - | 2 | - | - | - | - | - | - | - | - | 2 | .7 |
| Munisipaal | - | - | - | 2 | 1 | - | - | - | - | - | - | - | - | 3 | 1.0 |
| Ander (Ook Wagte) | - | - | 1 | 2 | 2 | 1 | - | - | - | - | - | - | - | 6 | 2.0 |
| Pensioen: | | | | | | | | | | | | | | | |
| Ouderdom | - | 20 | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | 20 | 6.7 |
| Ander | - | 2 | 3 | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | 5 | 1.7 |
| Skoonmakerswerk | - | - | 2 | 5 | - | - | - | - | - | - | - | - | - | 7 | 2.3 |
| Vervoer: | | | | | | | | | | | | | | | |
| Busbestuurder | - | - | - | - | - | - | 4 | - | - | - | - | - | - | 4 | 1.3 |
| Businspekteur | - | - | - | - | 2 | - | - | 1 | - | - | - | - | - | 3 | 1.0 |
| Motorbestuurder | - | - | - | - | 1 | - | 1 | - | - | - | - | - | - | 2 | .7 |
| Vragmotorbestuurder | - | - | - | - | 1 | 1 | 3 | - | - | 2 | - | - | - | 7 | 2.3 |
| Verkeersinspekteur | - | - | - | - | 1 | 1 | - | - | - | - | - | - | - | 2 | .7 |
| Verpleër/Verpleegster | - | - | - | 1 | - | 1 | - | - | - | - | - | - | - | 2 | .7 |
| Verpleegstershulp (Orderly) | - | - | - | 1 | - | - | - | - | - | - | - | - | - | 1 | .3 |
| Werkloos | 22 | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | 22 | 7.3 |
| Totaal: | 48 | 46 | 50 | 89 | 26 | 13 | 12 | 9 | 1 | 3 | 1 | 1 | 1 | 300 | 100.1 |
| Persentasie (Inkomstegroepe) | 16.0 | 15.3 | 16.7 | 29.7 | 8.7 | 4.3 | 4.0 | 3.0 | .3 | 1.0 | .3 | .3 | .3 | 99.9 | - |

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

man of huishoof self ondervra is, is die gegewens sover moontlik met die betrokke werkgewers gekontroleer. Daar was nog sprake van foutiewe opgawes. In tabel 66 verskyn die opgawefout as persentasie van die werklike inkomste wat langs die weg bepaal is. In geen geval was die inkomste te hoog aangedui nie. In 98 gevalle was dit onmoontlik om die opgegewe inkomste te kontroleer. Dit geld die gevalle waar huishoofde, wasvrouens, pensionarisse anders as ouderdomspensionarisse, persone met 'n eie besigheid was, asook 'n paar gevalle waar ons net op die gegewens van die werkgewers aangewese was. In hierdie gevalle het ons die gegewens soos dit gegee is aanvaar. Foutiewe opgawes binne 5% van die korrekte bedrag kan ons aanvaar as korrek. Daar was dus slegs 80 korrekte opgawes. In 74 gevalle kon ons die syfers dus alleen aanvaar nadat die nodige korreksie gedoen is. Hierdie kenmerk in die opgawes van huisgesinne wat in ander opsigte puik samewerking verskaf het, het ons nie verwag nie.

Dit blyk duidelik dat die hoër inkomstegroep - bokant R60 per maand - beset word deur professioneel-opgeleide persone wat maar 'n klein minderheid (5.2%) in ons proefgesinne uitmaak. Indien 'n arbitrêre gemiddelde inkomste vir alle huishoofde bereken word is dit R22.03 per maand. Indien die huishoofde sonder verdienste weggelaat word, styg die inkomste tot 'n gemiddelde van R26.2 per maand. Dit is dus veilig om 'n basiese gemiddelde inkomste van tussen R20 en R29 vir gesinshoofde in Atteridgeville aan te dui. Dit moet egter onthou word dat die gegewens die 1950-standaard verteenwoordig omdat daar sedertdien 'n aanmerklike verhoging van Bantoelone in die Pretoria-gebied plaasgevind het.

In tabel 60 vind ons 'n aanduiding van die stabiele diensrekord wat die hoofde van ons 300 gesinne kenmerk. Dit is verstaanbaar dat diensperiode nie ter sprake kom in die posisie van die 56 huisvrouens, 25 pensionarisse en 22 werkloses nie. Diegene met 'n eie besigheid was volkome onwillig om te vertel hoe lank hulle reeds op die wyse 'n lewe maak. Vir berekening het ons hierdie 111 gevalle buite rekening gelaat, die diensjare volgens die hoogste syfer in elke vak bereken en waar die diensjare weens onkunde van die werkgewer slegs op meer as 5 gestel word, dit arbitrêr op 7 bepaal. Hiervolgens kom die gemiddelde dienstermyn by die huidige werkgewer dan op 4.8 jaar te staan. Hoewel ons daaroor geen statistiek verskaf nie, is dit waar dat die gemiddelde dienstermyn by die huidige werkgewer in gevalle van verdieners wat nie huishoofde is nie, veel korter is. Dit is nie alleen omdat sodanige persone jonger is nie maar ook omdat hulle die verpligting om standvastige verdienste aan 'n huisgesin te verskaf mis. Hulle verander geredelik en dikwels van werk.

In tabel 61 gee ons die aantal diensure per dag wat deur die 300 gesinshoofde aan hulle werkgewers verskaf moes word. Die doel was nie om aantal ure per werksweek te bepaal nie maar om insig te kry in die aantal ure wat die werkers per dag van die huis weg is. Variasies waar Saterdae en Sondae gewerk word of nie gewerk word nie word daarom buite rekening gelaat. Dit is duidelik dat daar in die tabel twee hoogtepunte is naamlik op 'n 8 of 9 uur werksdag. Trouens al diegene wat van 8 tot 10 uur per werksdag arbeid lewer bedra 149 van die 178 gevalle waaroor ons vaste gegewens kan verskaf. Dit is 83.7% van die totaal. Onder die wat die langste diens lewer val beslis die huisbediendes. Ons tabel toon dat dit normaal is vir sulke arbeiders om van 10½ tot 12 of 14 uur op diens te wees. Ons toon later aan dat arbeiders normaalweg 1 uur voor diens aanvaar moet word van die huis vertrek en 'n uur na diensbeëindiging tuis kom. Hierdie huisbediendes, wat as huishoofde, gewoonlik vrouens is met 'n gesin wat versorg moet word, is dan van 12½ tot 16 uur uit die 24 van die huis afwesig. By vergelyking met tabel 59 is dit duidelik dat die normale loon vir huisarbeid tussen R10 - R19 beloop. Die

© University of Pretoria

TABEL 60 / ...

TABEL 60: SOORTE WERK VAN 300 GESINSHOOFDE GEKORRELEER MET DIE TYDPERK BY HUIDIGE WERKGEWER IN DIENS

| Soort werk. | Tydperk by huidige werkgewer (in jare) | | | | | | | | | | | | | | | | | Onseker | Totaal | Persentasie |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | Geen | - 1 | 1 - 2 | 3 - 4 | 5 - 6 | 7 - 8 | 9 - 10 | 11 - 12 | 13 - 14 | 15 - 16 | 17 - 18 | 19 - 20 | 21 - 22 | 23 - 24 | 25 - 26 | 27 - 28 | 29 - 30 | Meer as 5 jaar | | | |
| Arbeider | - | 4 | 14 | 22 | 12 | 4 | 4 | 4 | 2 | 3 | - | - | 2 | 2 | 1 | 1 | 1 | 5 | - | 81 | 27.0 |
| Afleweringswerk | - | - | - | 1 | 1 | 3 | - | 1 | - | 1 | 1 | - | - | - | - | - | - | - | - | 8 | 2.7 |
| Bode | - | - | 2 | 2 | 2 | 2 | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | 1 | 4 | - | 13 | 4.3 |
| Droogskoonmaak | - | - | 2 | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | 2 | .7 |
| Evangeliebediening | - | - | - | - | - | - | - | - | - | 1 | - | - | - | - | - | - | - | 8 | - | 9 | 3.0 |
| Eie Besigheid | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | 8 | 8 | 2.7 |
| Huisbediende/Kok | - | 4 | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | 3 | - | 7 | 2.3 |
| Huisvrou | 26 | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | 26 | 8.7 |
| Huisvrou en Waswerk | 30 | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | 30 | 10.0 |
| Klerk | - | - | - | 1 | 1 | 2 | 2 | - | - | 1 | - | - | - | - | - | - | - | 1 | - | 8 | 2.7 |
| Kelner | - | 2 | 1 | 1 | - | - | - | - | - | - | 1 | - | - | - | - | - | - | - | - | 5 | 1.7 |
| Kleremakerswerk | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | 1 | - | - | - | 1 | - | 2 | .7 |
| Onderwyser(es | - | - | - | - | - | 2 | - | - | - | - | - | 1 | - | - | - | - | - | 4 | - | 7 | 2.3 |
| Onderwysopsigter | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | 1 | - | - | - | 1 | .3 |
| Polisie: S.A.P. | - | - | - | 1 | 1 | - | - | - | - | - | - | - | 1 | - | - | - | - | 4 | - | 7 | 2.3 |
| : S.A.S. & H. | - | - | - | - | 2 | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | 2 | .7 |
| : Munisipaal | - | - | - | - | 1 | - | 1 | - | 1 | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | 3 | 1.0 |
| : Ander (Ook Wagte) | - | - | 1 | 1 | 3 | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | 1 | - | 6 | 2.0 |
| Pensioen : Ouderdom | 20 | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | 20 | 6.7 |
| : Ander | 5 | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | 5 | 1.7 |
| Skoonmakerswerk | - | - | 1 | - | 1 | 1 | - | - | - | - | - | 1 | - | - | - | - | 1 | 2 | - | 7 | 2.3 |
| Vervoer : Busbestuurder | - | - | 2 | - | 2 | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | 4 | 1.3 |
| : Businspekteur | - | - | - | 1 | 2 | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | 3 | 1.0 |
| : Motorbestuurder | - | - | - | 1 | - | - | 1 | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | 2 | .7 |
| : Vragmotor-bestuurder | - | 1 | - | 1 | 1 | - | 1 | 1 | - | - | - | - | - | - | - | - | - | 2 | - | 7 | 2.3 |
| Verkeersinspekteur | - | - | - | - | 1 | 1 | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | 2 | .7 |
| Verpleër(ster) | - | - | - | - | - | - | - | 1 | - | - | - | - | - | - | - | - | - | 1 | - | 2 | .7 |
| Verpleegstershulp (Orderly) | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | 1 | - | 1 | .3 |
| Werkloos | 22 | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | 22 | 7.3 |
| Totaal | 103 | 11 | 23 | 32 | 30 | 15 | 9 | 7 | 3 | 6 | 2 | 2 | 3 | 3 | 1 | 2 | 3 | 37 | 8 | 300 | 100.1 |
| Persentasie | 34.3 | 3.7 | 7.7 | 10.7 | 10.0 | 5.0 | 3.0 | 2.3 | 1.0 | 2.0 | .7 | .7 | 1.0 | 1.0 | .3 | .7 | 1.0 | 12.3 | 2.7 | 100.1 | |

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

TABEL 61: SOORTE WERK VAN 300 GESINSHOOFDE GEKORRELEER MET AANTAL DIENSURE PER DAG.

| Soort werk. | Diensure per dag | | | | | | | | | | | | | | | | | | Geen bepaalde ure nie. | Totaal. | Persentasie. |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | Geen. | 4½ uur. | 5½ uur. | 6 uur. | 7 uur. | 7½ uur. | 8 uur. | 8½ uur. | 9 uur. | 9½ uur. | 10 uur. | 10½ uur. | 11 uur. | 11½ uur. | 12 uur. | 12½ uur. | 13 uur. | 14 uur. | | | |
| Arbeider | - | - | - | - | - | - | 7 | 2 | 28 | 26 | 14 | 2 | 2 | - | - | - | - | - | - | 81 | 27.0 |
| Afleweringswerk | - | - | - | - | - | - | - | 3 | 1 | 1 | 1 | - | - | - | - | - | - | - | 2 | 8 | 2.7 |
| Bode | - | - | - | - | - | - | - | 3 | 2 | 4 | 3 | - | 1 | - | - | - | - | - | - | 13 | 4.3 |
| Droogskoonmaak | - | - | - | - | - | - | - | - | - | 1 | 1 | - | - | - | - | - | - | - | - | 2 | .7 |
| Evangeliebediening | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | 9 | 9 | 3.0 |
| Eie Besigheid | - | - | - | - | 2 | - | - | - | 1 | - | - | - | - | - | - | - | - | - | 5 | 8 | 2.7 |
| Huisbediende/Kok | - | 1 | - | - | - | - | - | - | - | - | - | 1 | 1 | 1 | 2 | - | - | 1 | - | 7 | 2.3 |
| Huisvrou | 26 | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | 26 | 8.7 |
| Huisvrou en waswerk | 30 | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | 30 | 10.0 |
| Klerk | - | - | - | - | - | 1 | 2 | 1 | 3 | - | - | - | - | - | - | - | - | - | 1 | 8 | 2.7 |
| Kelner | - | - | - | - | - | - | 2 | - | 1 | - | 1 | - | - | - | - | 1 | - | - | - | 5 | 1.7 |
| Kleremakerswerk | - | - | - | - | - | - | - | 1 | - | - | - | - | 1 | - | - | - | - | - | - | 2 | .7 |
| Onderwyser(es) | - | - | 3 | 4 | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | 7 | 2.3 |
| Onderwysopsigter | - | - | - | - | - | - | 1 | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | 1 | .3 |
| Polisie: S.A.P. | - | - | - | - | - | - | 7 | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | 7 | 2.3 |
| : S.A.S. & H. | - | - | - | - | - | - | 2 | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | 2 | .7 |
| : Munisipaal | - | - | - | - | - | - | 2 | - | 1 | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | 3 | 1.0 |
| : Ander (ook wagte) | - | - | - | - | - | - | 4 | - | 1 | - | - | - | - | - | 1 | - | - | - | - | 6 | 2.0 |
| Skoonmakerswerk | - | - | - | - | - | - | - | - | 3 | 1 | - | - | - | - | - | - | 2 | - | 1 | 7 | 2.3 |
| Vervoer: Busbestuurder | - | - | - | - | - | - | 4 | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | 4 | 1.3 |
| : Businspekteur | - | - | - | - | - | - | 3 | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | 3 | 1.0 |
| : Motorbestuurder. | - | - | - | - | - | - | - | - | 1 | - | - | - | - | - | - | - | - | - | 1 | 2 | .7 |
| : Vragmotorbestuurder | - | - | - | - | - | - | - | - | 3 | 2 | - | 1 | - | - | - | 1 | - | - | - | 7 | 2.3 |
| Verkeersinspekteur | - | - | - | - | - | - | 2 | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | 2 | .7 |
| Verpleër(ster) | - | - | - | - | - | - | 1 | - | 1 | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | 2 | .7 |
| Verpleegstershulp (Orderly) | - | - | - | - | - | - | 1 | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | 1 | .3 |
| Werkloos | 22 | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | 22 | 7.3 |
| Pensioen: Ouderdom | 20 | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | 20 | 6.7 |
| : Ander | 5 | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | 5 | 1.7 |
| Totaal | 103 | 1 | 3 | 4 | 2 | 1 | 38 | 10 | 46 | 35 | 20 | 4 | 5 | 1 | 3 | 2 | 2 | 1 | 19 | 300 | 100.1 |
| Persentasie | 34.3 | .3 | 1.0 | 1.3 | .7 | .3 | 12.7 | 3.3 | 15.3 | 11.7 | 6.7 | 1.3 | 1.7 | .3 | 1.0 | .7 | .7 | .3 | 6.3 | 99.9 | |

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

lang diensure hou ook verband met een van die laagste loongroepe. In hierdie gevalle kan die mas alleen opgekom word indien daar meerdere persone in die huis is wat verdien en ook slegs wanneer daar 'n ouma of ouer suster is wat bedags tuis na die kinders kan omsien. Hoewel hierdie groep se getalle klein is, is dit juis hier waar die gevolg van die lang afwesigheid van die huis die skerpste geteken is.

Volledigheidshalwe word in tabelle 62 en 63 die tye verstrek waarop ons 300 gesinshoofde diens moes aanvaar en wanneer hulle van diens afgegaan het. In albei tabelle sluit die 49 gevalle sonder vaste tye huisvrouens wat wasgoed doen, huisbediendes, motorbestuurders en diegene met hulle eie besigheid in. Dit is duidelik dat diensaanvaarding normaalweg êrens tussen 7 vm. en 8 vm. is en dat die werksdag tussen 4.30 nm. en 5.30 nm. beëindig word. Om al die nodige vervoergeriewe betyds te haal, veral die vroeë busse wat dikwels vol is, moet die huis ten minste een uur voor die aanvang van die dienstyd verlaat word. Die gemiddelde tyd waarop tuisgekom word is eweso een uur na die dienstyd verby is. Dit beteken dus dat die gemiddelde huishoof van 6 uur die oggend tot half-ses die aand van sy huis weg is. Ons wys later daarop dat die gevolg hiervan is dat die opvoeding van kinders in die hande van die vrou te lande kom. Ons ondervinding het getoon dat die meeste huisvrouens wat werk ten minste twee na vier half-dae van die huis weg is of soms ook twee volle dae van die week. Dit spreek vanself dat daar dan niemand tuis is om na klein kinders om te sien en dikwels nie om oor groter kinders in die namiddag kontrole uit te oefen nie. Dit is duidelik dat die aanwesigheid van 'n ouer familielid wat kosteloos inwoon om hierdie funksie te kan vervul in baie gesinne 'n absolute vereiste is.

In tabel 64 verskaf ons gegewens oor die tipe vervoer wat vir die reis na Pretoria gebruik word. Van Atteridgeville na die middestad is ongeveer 8 myl. Die busroete gaan oor hierdie distansie en bring alle werkers by besighede en staats- en provinsiale departemente binne gerieflike loopafstand van die werk. Die bus bly dus die standaard vervoermiddel en word deur minstens 52.4% van ons huishoofde gebruik. Diegene met 'n eie motor (5 gevalle) gebruik dit nie alleen vir eie vervoer nie maar laai ook almal op wat wil saamry. Dit geskied natuurlik teen betaling alhoewel slegs twee van die vyf as huurmotors gelisensieer was. (Die 79 gevalle in die tabel wat selde van vervoer gebruik maak sluit werkloses, tuisblyende huisvrouens en diegene met 'n eie besigheid in.)

Op navraag het die meeste informante verklaar dat die vervoergeriewe gerieflik genoeg is. Daar was egter volop klagtes dat busse te vol gelaai word en dat die toustanery mens moeg maak. Volledigheidshalwe meld ons dat Atteridgeville sedert die opname per geëlektrifiseerde spoorbaan met Pretoria-stasie verbind is. Vervoerkapasiteit gedurende die spitsure het geweldig verbeter. Die tyd vir die aflegging van die heen- en terugreis na die werk is ook deur spoorverbinding aanmerklik verkort.

Wanneer die huishoof, in meeste gevalle die man, die hele dag van die huis is, moet hy ten minste die middagete self voorsien. By ondersoek het dit geblyk dat 60% van ons huishoofde kos van die huis saamneem werk toe. Die normale is koue mieliepap met 'n stukkie vleis. 22.7% koop kos in die stad. Dan bestaan die middagmaal uit koeldrank en vis en aartappelskyfies, soms word ook witbrood bygevoeg. 12.0% gevalle het benewens hulle kontantloon ten minste een maaltyd per dag ontvang. Hier geld dit hoofsaaklik huisbediendes, kelners en verpleegsters, maar ook sommige arbeiders en afleweringsjongens wat in besighede werk waar kos verkoop word. 5.3% gevalle het hulle kos by die werk gekoop. Al hierdie mense was arbeiders by bouerye of in munisipale diens. Die normale praktyk is dat 'n groep vriende saamspan en 'n ander persoon teen 'n vaste weeklikse salaris huur om vir hulle kos te kook. Ook hier is die basiese voedsel vleis en pap.

© University of Pretoria

TABEL 62 / ...

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

TABEL 62: TYE WAAROP 300 HOOFDE VAN GESINNE DIENS BY HULLE WERK AANVAAR ELKE DAG

| Uur vm. | Aantal | % |
|---|---|---|
| 2.00 | 1 | .3 |
| 5.00 | 3 | 1.0 |
| 6.00 | 7 | 2.3 |
| 6.30 | 4 | 1.3 |
| 7.00 | 47 | 15.7 |
| 7.30 | 14 | 4.7 |
| 8.00 | 51 | 17.0 |
| 8.30 | 19 | 6.3 |
| 9.00 | 2 | .7 |
| 10.00 | 1 | .3 |
| Geen vaste tyd nie | 49 | 16.3 |
| Skofwerk (2 en 3 skofte) | 29 | 9.7 |
| Werk nie (a) Pensioentrekkers 25<br>(b) Werkloos 22<br>(c) Huisvrouens 26 | 73 | 24.3 |
| | 300 | 99.9 |

TABEL 63: TYE WAAROP 300 GESINSHOOFDE DAAGLIKS VAN DIENS GAAN

| Uur | Aantal | % |
|---|---|---|
| 11.00 vm. | 1 | .3 |
| 1.30 nm. | 5 | 1.7 |
| 2.00 | 4 | 1.3 |
| 2.30 | 1 | .3 |
| 4.00 | 17 | 5.7 |
| 4.30 | 22 | 7.3 |
| 5.00 | 56 | 18.7 |
| 5.30 | 26 | 8.7 |
| 6.00 | 7 | 2.3 |
| 6.30 | 1 | .3 |
| 7.00 | 3 | 1.0 |
| 7.30 | 2 | .7 |
| 8.00 | 4 | 1.3 |
| Geen vaste tyd nie | 49 | 16.3 |
| Skofwerk (2 en 3 skofte) | 29 | 9.7 |
| Werk nie (a) Pensioentrekkers 25<br>(b) Werkloos 22<br>(c) Huisvrouens 26 | 73 | 24.3 |
| | 300 | 99.9 |

© University of Pretoria

TABEL 64 / ...

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

TABEL 64: WYSE VAN VERVOER NA EN VAN HUL WERK VAN 300 HOOFDE VAN GESINNE

| Vervoer per | Aantal | % |
|---|---|---|
| Bus | 119 | 39.7 |
| " (wasvrouens) | 27 | 9.0 |
| " en trein | 5 | 1.7 |
| " en voet | 2 | .7 |
| Bus, trein en voet | 3 | 1.0 |
| Bus, voet en fiets | 1 | .3 |
| Fiets | 34 | 11.3 |
| Motorfiets | 1 | .3 |
| Eie motor | 5 | 1.7 |
| Te voet | 19 | 6.3 |
| Te voet (wasvrouens) | 1 | .3 |
| Bly buite Pretoria - naweke per trein | 1 | .3 |
| Bly by werkgewer | 3 | 1.0 |
| Maak selde gebruik van vervoer | 79 | 26.3 |
| | 300 | 99.9 |

Ons wou ook graag weet of daar meer as net kontantvoordele aan bepaalde werkstipes verbonde was. Alleen in gevalle waar arbeiders op plekke gewerk het waar voedsel bedien word, is hulle toegelaat om van die oorskiet huis toe te neem.

Tuis was dit 'n gewaardeerde toevoeging tot die dieet, elders was daar geen sodanige voordele nie.

Ontspanningsfasiliteite gedurende die etensuur het gewoonlik daaruit bestaan dat 'n bal heen en weer geskop was. Normaalweg is die tyd gevul deur te gesels en te slaap.

## III. INKOMSTE IN DIE HUISHOUDING

Om die variasies van werkstipes met kombinasies van inkomstegroepe vir elke huishouding daar te stel was nutteloos. Daarom word in tabel 65 slegs die totale bedrag van die inkomste in die huishouding gekorreleer met grootte van die gesin of huishouding. Die opvallende in hierdie tabel is dat die groter huishoudings hoegenaamd nie gekorreleer kan word met groter inkomstes nie.

Uit tabel 65 kan ons aandui dat 75% van ons proefgesinne inkomstes gehad het van tussen R10 en R49. Oor die moontlikheid dat daar onwettige inkomstes kan wees wat ons konstant buite rekening gelaat het, handel ons later. Die gemiddelde inkomste per huishouding per maand is bereken op R30.83. Uit tabel 66 het ons die gemiddelde inkomste per huishoof per maand op R22.03 bereken. Gemiddeld gesien was daar dus 'n toevoeging van R8.8 per maand wat uit ander bronne as die huishoof se inkomste afkomstig was.

Hoewel die getalle klein is, is dit tog opvallend hoe dat daar 'n geringe korrelasie is tussen kleiner aantal persone per huishouding en die hoogste inkomste groepe.

TABEL 65 / ...

© University of Pretoria

TABEL 65: INKOMSTE GEKORRELEER MET GROOTTE VAN GESIN.

| Bedrag (Inkomste per maand). | Grootte van Gesin. / Huishouding. | | | | | | | | | | | | | | | | To-taal | Per-sent |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 6 | 7 | 8 | 9 | 10 | 11 | 12 | 14 | 15 | 18 | 20 | | |
| R9 en minder | - | - | 3 | 3 | 3 | - | 1 | - | 1 | - | 1 | 1 | - | - | - | - | 13 | 4.3 |
| R10 - R19 | 2 | 3 | 10 | 12 | 9 | 11 | 4 | 6 | 2 | 3 | - | 1 | 1 | - | - | - | 64 | 21.3 |
| R20 - R29 | 1 | 7 | 11 | 7 | 16 | 15 | 11 | 6 | 8 | 6 | 2 | 1 | 1 | 1 | 2 | 1 | 96 | 32.0 |
| R30 - R39 | - | 2 | 6 | 9 | 9 | 7 | 14 | 8 | 2 | 6 | 3 | 1 | - | - | - | - | 67 | 22.3 |
| R40 - R49 | - | 1 | 2 | 2 | 6 | 3 | 5 | - | 4 | 1 | - | 1 | - | - | - | - | 25 | 8.3 |
| R50 - R59 | - | 2 | - | 5 | 3 | 1 | 2 | 1 | 1 | 1 | 1 | - | - | - | - | - | 17 | 5.7 |
| R60 - R69 | - | - | 1 | - | 1 | 2 | 1 | 1 | 1 | - | - | - | - | - | - | - | 7 | 2.3 |
| R70 - R79 | - | - | - | - | - | - | - | 1 | 2 | 1 | 1 | - | - | - | - | - | 5 | 1.7 |
| R80 - R89 | - | - | 2 | - | - | - | 1 | - | - | - | - | - | - | - | - | - | 3 | 1.0 |
| R90 - R99 | - | - | - | - | - | - | - | 1 | - | - | - | - | - | - | - | - | 1 | .3 |
| R100 - R109 | - | - | 1 | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | 1 | .3 |
| R130 - R139 | - | - | - | - | - | 1 | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | 1 | .3 |
| T o t a a l | 3 | 15 | 36 | 38 | 47 | 40 | 39 | 24 | 21 | 18 | 8 | 5 | 2 | 1 | 2 | 1 | 300 | 99.8 |

© University of Pretoria

TABEL 66: VERSKIL TUSSEN WERKLIKE INKOMSTE EN INKOMSTE OPGEGEE (DEUR VROU, MAN OF KIND) UITGEDRUK IN PERSENTASIE EN GEKORRELEER MET INKOMSTEGROEPE VAN DIE HOOFDE VAN 300 GESINNE.

*SLUIT IN:

(1) Wasvrouens, pensioenaresse (behalwe ouderdom).
(2) Gevalle waar geen inkomste opgegee is en dit van werkgewer alleen verkry is. (Sluit ook gevalle in waar vrou wel bedrag opgegee het, maar verklaar het dat sy onseker is).
(3) Persone met eie besigheid.
(4) Predikante.

| Persentasie Verskil. | Geen | R9 en minder | R10-R19 | R20-R29 | R30-R39 | R40-R49 | R50-R59 | R60-R69 | R70-R79 | R80-R89 | R90-R99 | R100-R109 | R130-R139 | Totaal | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| 0 | 48 | 20 | 1 | 8 | 4 | 3 | | | | | | | | 84 | 28.0 |
| 2.5 en minder | - | - | 17 | 17 | 1 | 2 | 3 | | | | | | | 40 | 13.3 |
| 2.6 - 5.0 | - | - | - | 4 | | | | | | | | | | 4 | 1.3 |
| 5.1 - 7.5 | - | - | 2 | 2 | 2 | | | | | | | | | 6 | 2.0 |
| 7.6 - 10.0 | - | - | 2 | 5 | 1 | - | 1 | | | | | | | 9 | 3.0 |
| 10.1 - 12.5 | - | - | - | 5 | 2 | - | 1 | 1 | | | | | | 9 | 3.0 |
| 12.6 - 15.0 | - | - | - | 5 | 1 | - | - | - | 1 | | | | | 7 | 2.3 |
| 15.1 - 17.5 | - | - | - | 3 | - | - | 1 | 1 | | | | | | 5 | 1.7 |
| 17.6 - 20.0 | - | - | - | 2 | - | - | 1 | 1 | | | | | | 4 | 1.3 |
| 20.1 - 22.5 | - | - | - | 4 | - | - | 1 | | | | | | | 5 | 1.7 |
| 22.6 - 25.0 | - | - | - | 3 | - | - | 1 | | | | | | | 4 | 1.3 |
| 25.1 - 27.5 | - | - | - | 2 | - | - | - | - | - | 1 | - | - | 1 | 4 | 1.3 |
| 27.6 - 30.0 | - | - | 1 | 3 | 2 | - | - | - | - | - | - | - | - | 6 | 2.0 |
| 30.1 - 32.5 | - | - | - | - | - | - | 1 | 1 | - | 1 | - | 1 | - | 4 | 1.3 |
| 32.6 - 35.0 | - | - | - | 1 | 1 | | | | | | | | | 2 | .7 |
| 35.1 - 37.5 | - | - | - | - | 1 | | | | | | | | | 1 | .3 |
| 37.6 - 40.0 | - | - | - | - | - | 1 | | | | | | | | 1 | .3 |
| 40.1 - 42.5 | - | - | 1 | 2 | - | - | - | | | | | | | 3 | 1.0 |
| 42.6 - 45.0 | - | - | - | - | 1 | | | | | | | | | 1 | .3 |
| 45.1 - 47.5 | | | | | | | | | | | | | | - | - |
| 47.6 - 50.0 | | | | | | | | | | | | | | - | - |
| 50.1 - 52.5 | | | | | | | | | | | | | | - | - |
| 52.6 - 55.0 | | | | | | | | | | | | | | - | - |
| 55.1 - 57.5 | | | | | | | | 1 | | | | | | 1 | .3 |
| Meer as 100 | | | | | | | 1 | 1 | | | | | | 2 | .7 |
| Ongekontroleer* | - | 26 | 26 | 23 | 10 | 7 | 1 | 3 | - | 1 | 1 | - | - | 98 | 32.7 |
| Totaal | 48 | 46 | 50 | 89 | 26 | 13 | 12 | 9 | 1 | 3 | 1 | 1 | 1 | 300 | 99.8 |

© University of Pretoria

TABEL 67: GESINNE GEGROEPEER VOLGENS BYDRAERS TOT GESINSINKOMSTE GEKORRELEER MET GROOTTE VAN GESIN - 300 GESINNE

| Bydraers | Grootte van Gesin | | | | | | | | | | | | | | | | Totaal |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 6 | 7 | 8 | 9 | 10 | 11 | 12 | 14 | 15 | 18 | 20 | |
| Man | - | 6 | 12 | 8 | 12 | 9 | 11 | 10 | 4 | 3 | 2 | - | - | - | - | - | 77 |
| Man + 1 ander* | - | 2 | 2 | 1 | 4 | 6 | 6 | 2 | 4 | 3 | 1 | - | - | - | - | - | 31 |
| Man + 2 ander | - | 1 | - | 1 | 4 | 1 | - | 1 | 1 | 2 | 1 | 1 | - | - | - | - | 13 |
| Man + 3 ander | - | - | 1 | - | - | 1 | - | - | - | 1 | - | 1 | - | - | - | - | 4 |
| Vrou | 1 | 1 | 4 | 2 | 2 | 2 | - | - | 2 | - | - | - | - | - | - | - | 14 |
| Vrou + 1 ander | 1 | - | 2 | 6 | 2 | 3 | - | 2 | 1 | - | - | 2 | - | - | - | - | 19 |
| Vrou + 2 ander | - | - | 3 | 3 | 2 | 5 | 2 | - | 1 | - | - | - | - | - | - | - | 16 |
| Vrou + 3 ander | - | 1 | 1 | - | - | - | - | - | - | - | - | 1 | 1 | - | - | - | 4 |
| Vrou + 5 ander | - | - | - | - | 1 | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | 1 |
| Man en vrou | - | 3 | 3 | 11 | 9 | 7 | 8 | 6 | 4 | 4 | 1 | - | 1 | - | - | - | 57 |
| Man, vrou + 1 ander | - | - | 4 | 2 | 3 | 2 | 6 | 1 | 2 | 3 | 1 | - | - | - | - | - | 24 |
| Man, vrou + 2 ander | - | - | 1 | - | - | - | 1 | - | - | 1 | - | - | - | - | - | 1 | 4 |
| Man, vrou + 3 ander | - | - | 1 | - | - | - | 1 | - | - | - | 1 | - | - | - | - | - | 3 |
| Man, vrou + 4 ander | - | - | - | 1 | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | 1 |
| Man en 2 vrouens | - | - | - | 1 | - | - | - | 1 | - | - | - | - | - | - | - | - | 2 |
| 1 Ander | - | - | 1 | - | 3 | 2 | 1 | - | - | - | - | - | - | 1 | - | - | 8 |
| 2 Ander | 1 | 1 | 1 | 1 | 4 | 1 | 1 | 1 | 1 | - | 1 | - | - | - | 2 | - | 15 |
| 3 Ander | - | - | - | 1 | 1 | 1 | 2 | - | - | 1 | - | - | - | - | - | - | 6 |
| 4 Ander | - | - | - | - | - | - | - | - | 1 | - | - | - | - | - | - | - | 1 |
| | 3 | 15 | 36 | 38 | 47 | 40 | 39 | 24 | 21 | 18 | 8 | 5 | 2 | 1 | 2 | 1 | 300 |

* Met "ander" word bedoel ander bronne en persone. Dit sluit kinders, loseerders, inwonende familie ens. in wat ook tot die gesinsinkomste bydra.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

In tabel 67 word 'n aanduiding verskaf van welke kombinasies verdieners binne ons huishoudings voorkom. In 77 gevalle, 25.6% van die totaal, was slegs die man of huishoof leweraar van die totale inkomste. Indien ons 'n toevoeging deur die vrou as redelik normaal beskou, styg die syfer tot 134 of 44.6% van die totaal. Onder die begrip "ander" word hier sowel bydraende kinders as bydraes van inwonende familielede en loseerders aangedui. In 150 gevalle of 50% van die totale aantal gesinne was hierdie bydrae dus nodig om die mas op te kom. Dit is ook duidelik dat daar normaalweg een of twee sulke bykomende bydraers per gesin is en slegs in 'n uiterste minderheid van gevalle meer as 2.

TABEL 68: VERBAND TUSSEN GROOTTE VAN HUISHOUDING EN AANTAL BYDRAERS TOT INKOMSTE

| Aantal bydraers | Grootte van huisgesin/huishouding | | | | | | | | | | | | | | | | Totaal |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 6 | 7 | 8 | 9 | 10 | 11 | 12 | 14 | 15 | 18 | 20 | |
| 1 | 1 | 7 | 17 | 10 | 17 | 13 | 12 | 10 | 6 | 3 | 2 | - | - | 1 | - | - | 99 |
| 2 | 2 | 6 | 8 | 19 | 19 | 17 | 15 | 11 | 10 | 7 | 3 | 2 | 1 | - | 2 | - | 122 |
| 3 | - | 1 | 7 | 8 | 10 | 9 | 10 | 3 | 4 | 6 | 2 | 1 | - | - | - | - | 61 |
| 4 | - | 1 | 3 | - | - | 1 | 1 | - | 1 | 2 | - | 2 | 1 | - | - | 1 | 13 |
| 5 | - | - | 1 | - | - | - | 1 | - | - | - | 1 | - | - | - | - | - | 3 |
| 6 | - | - | - | 1 | 1 | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | 2 |
| Totaal | 3 | 15 | 36 | 38 | 47 | 40 | 39 | 24 | 21 | 18 | 8 | 5 | 2 | 1 | 2 | 1 | 300 |

In tabel 68 is getoets of die hulp van hierdie bydraers noodsaaklik is vir die instandhouding van die huishouding. Ons het verwag dat hoe meer lede daar per huishouding sou wees, hoe meer bydraers om die benodigde kontant vir lewensmiddele te kan verskaf. Dit is duidelik dat daar geen sodanige korrelasie aangedui kon word nie. Die 221 gevalle waar twee bydraers per huishouding aangetref is, verteenwoordig 73.6% van ons proefgesinne en lê versprei oor alle groottes van huishoudings. Wanneer hierdie feit tesame met die gegewens oor spaarvermoë wat ons later gee, bekyk word, moet mens aanvaar dat die gesinne uit ons proefgroep in hoë mate in hulle lewensbehoeftes voorsien sonder om die maksimum moontlike aantal bydraers te benut. Dit is waar dat baie kinders sodra hulle die huis verlaat geen bydrae hoegenaamd aan die agterblywende ouerpaar verskaf nie. Insgelyks weet ons dat 'n groot aantal kinders en inwonende familielede teen 'n karige som volledige onderdak en voorsiening in lewensbehoeftes ontvang.

In tabel 69 gee ons 'n oorsig van die persentasie bydrae wat elke bron, mans, vrouens, kinders en inwonendes tot die totale huishoudingsinkomste lewer. Dit is duidelik dat die hoofbron die mans is en dat vrouens 'n relatief geringe bydrae tot die gesinsinkomste lewer. Die aandeel van kinders en ander inwonendes toon geen bepaalde verspreiding oor die volle wydte van die persentuele skaal nie. Die opvallende is dat 263 gesinne geen inkomste van vreemde bronne getoon het nie terwyl in slegs 174 gevalle kinders geen aandeel in die huisinkomste gelewer het nie. Die 88 huisgesinne waar geen mans inkomste verskaf het nie, sluit natuurlik die huisgesinne van weduwees, ongetroude vrouens sowel as die huisgesinne van 22 werklose mans in.

© University of Pretoria

TABEL 69 / ...

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



TABEL 69: INKOMSTE VAN GESINNE: PERSENTASIE BYDRAE TOT GESINSINKOMSTE VAN MAN, VROU, KINDERS EN ANDER PERSONE EN BRONNE

| Persentasie Bydrae | Man | | Vrou | | Kinders | | Ander persone en bronne | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | Getal | % | Getal | % | Getal | % | Getal | % |
| 0 | 88 | 29.3 | 155 | 51.7 | 174 | 58.0 | 263 | 87.7 |
| 1 - 5 | - | - | 7 | 2.3 | 1 | .3 | 4 | 1.3 |
| 6 - 10 | 4 | 1.3 | 28 | 9.3 | 10 | 3.3 | 5 | 1.7 |
| 11 - 15 | 5 | 1.7 | 22 | 7.3 | 14 | 4.7 | 6 | 2.0 |
| 16 - 20 | 2 | .7 | 19 | 6.3 | 8 | 2.7 | 3 | 1.0 |
| 21 - 25 | 1 | .3 | 9 | 3.0 | 3 | 1.0 | - | - |
| 26 - 30 | 2 | .7 | 14 | 4.7 | - | - | 3 | 1.0 |
| 31 - 35 | 3 | 1.0 | 7 | 2.3 | 4 | 1.3 | 1 | .3 |
| 36 - 40 | 1 | .3 | 5 | 1.7 | 6 | 2.0 | 3 | 1.0 |
| 41 - 45 | 2 | .7 | 1 | .3 | 5 | 1.7 | 1 | .3 |
| 46 - 50 | 5 | 1.7 | 9 | 3.0 | 7 | 2.3 | 3 | 1.0 |
| 51 - 55 | 5 | 1.7 | 1 | .3 | 7 | 2.3 | - | - |
| 56 - 60 | 5 | 1.7 | - | - | - | - | - | - |
| 61 - 65 | 8 | 2.7 | 5 | 1.7 | 2 | .7 | - | - |
| 66 - 70 | 9 | 3.0 | 1 | .3 | 5 | 1.7 | 1 | .3 |
| 71 - 75 | 12 | 4.0 | - | - | 5 | 1.7 | 1 | .3 |
| 76 - 80 | 12 | 4.0 | - | - | 5 | 1.7 | - | - |
| 81 - 85 | 16 | 5.3 | 1 | .3 | 8 | 2.7 | - | - |
| 86 - 90 | 20 | 6.7 | 1 | .3 | 9 | 3.0 | 1 | .3 |
| 91 - 95 | 19 | 6.3 | - | - | 3 | 1.0 | 2 | .7 |
| 96 -100 | 81 | 27.0 | 15 | 5.0 | 24 | 8.0 | 3 | 1.0 |
| | 300 | 100.1 | 300 | 99.8 | 300 | 100.1 | 300 | 99.9 |

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



In tabelle 70 - 73 word hierdie gegewens vir elke bron afsonderlik gekorreleer met die aantal lede per huishouding. Dit toon baie mooi hoe mans feitlik deurgaans waar inkomste gelewer word meer as 50% van die huisinkomste lewer. Die aandeel van die vrou is gewoonlik minder as 30% terwyl die van kinders oor die hele skaal verspreid lê. Die aandeel van inwonende familie en vreemdes, waar hulle aangetref word, skyn normaalweg veel minder as 50% te wees. Die opvallende is egter dat daar geen aanduibare gesinsgrootte is waarop aanvullende bronne van betekenis begin word nie. As ons in gedagte hou dat die normale huishoudingsgrootte in Atteridgeville tussen 4 en 8 persone per huishouding lê, is die getalle-oorwig tussen die groottes verklaarbaar. Klein of groot, die aandeel van kinders en inwonende familie of vreemdes kom by alle gesinsgroottes voor.

Soos in die geval van die bepaling van die inkomste van huishoofde moes ons by die bepaling van die inkomste van die gehele huishouding ook die nodige kontrolewerk doen.

Ons was verder verplig om bykomende inkomstes van pensionarisse en werkloses in ag te neem. Mans wat eintlik werkloos is, het in twee gevalle genoegsame inkomste gemaak uit die bestuur van onwettige huurmotors om gemaklik te lewe. In albei gevalle was die motors hulle eie. Die een het teen 'n gemiddelde netto-inkomste van R5.00 per week tussen Atteridgeville en Pretoria diens gedoen. Die ander het slegs naweke gewerk wanneer hy met sy motor passasiers na Sekhukhune-land en terug vervoer het. Daar was twee sulke langafstand "pirate taxis" in Atteridgeville in werking. Slegs een het in ons opname geval. Hierdie persoon het 'n maandelikse netto-inkomste van R25.00 gehad. Alhoewel hierdie inkomste streng gesproke onwettig is, het ons dit in aanmerking geneem.

Weduwees het in twee gevalle ook as toordokters gepraktiseer. Die normale fooi was R6 tot R8 per pasiënt betaalbaar as die pasiënt genees word. Indien die genesing uitbly, hoef die pasiënt nie te betaal nie is ons verduidelik. 'n Ander weduwee, 'n <u>Kgatla</u>-vrou, het haar kinders se bydrae tot die huishouding aangevul deur haarself te verhuur om vir inwoners van Atteridgeville tradisionele ontwerpe en patrone op <u>lapa</u>-vloere en <u>lapa</u>-muurtjies aan te bring. Haar maandelikse inkomste was nie konstant nie. Gewoonlik was die inkomste egter R10 per maand.

In enkele gevalle stem die inkomste wat ons moes verstrek nie ooreen met die beroep nie. In een huisgesin het 'n dogter haar volle salaris in die huishouding gestort. Deel van die salaris was 'n maandelikse bedrag van R10 wat sy verkry het omdat sy vir 'n bepaalde mediese dokter pasiënte onder die inwoners van Atteridgeville gewerf het. 'n Dogter uit 'n ander huisgesin was winkelassistente. Haar weeklikse loon was veel meer as die normale. Tog was dit afkomstig van dieselfde Bantoewinkelier vir wie sy gewerk het. Sy was sy bywyf. Sy het openlik vertel "My boyfriend is nie 'n <u>tsotsi</u> nie. Ek het gesorg dat ek 'n vet kat vat." Ons het in al die gevalle die volle bedrag wat ontvang is as inkomste gereken.

By die aantekening van inkomstes het ons besluit dat geen onwettige inkomstes in aanmerking geneem sou word nie; die argument dat onwettige verdienste dien om leemtes in wettige inkomstes aan te vul moes uit ons syfers duidelik word. Die gevolg was dat sommige persone wat wel konstante inkomste gehad het deur die reëling inkomsteloos geraak het en as werkloses getel moes word. Geen huishouding het deur die reëling sonder inkomste geraak nie. In sommige gevalle egter is die inkomste aansienlik verminder. As voorbeelde van sulke gevalle kan die volgende beskryf word.

Een ou weduwee van 60 jaar was die Nommer een "runner" van 'n Sjinees wat 'n <u>fah-fee</u>-poel in Atteridgeville en Pretoria beheer het. Sy het die geld vir Atteridgeville ontvang en na die uitslag

© University of Pretoria

TABEL 70 / ...

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

TABEL 70: INKOMSTE VAN GESINNE: PERSENTASIE VAN MAN SE BYDRAE TOT GESINSINKOMSTE, GEKORRELEER MET GESINSGROOTTE

| Persentasie Bydrae | GROOTTE VAN GESIN | | | | | | | | | | | | | | | | Totaal |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 6 | 7 | 8 | 9 | 10 | 11 | 12 | 14 | 15 | 18 | 20 | |
| 0 | 3 | 2 | 14 | 14 | 15 | 14 | 6 | 4 | 6 | 1 | 1 | 4 | 1 | 1 | 2 | - | 88 |
| 1 - 5 | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | | - |
| 6 - 10 | - | - | 1 | - | - | - | 1 | - | - | 2 | - | - | - | - | - | - | 4 |
| 11 - 15 | - | 1 | 1 | - | 1 | - | - | 1 | - | 1 | - | - | - | - | - | - | 5 |
| 16 - 20 | - | 1 | - | - | 1 | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | 2 |
| 21 - 25 | - | - | - | - | - | - | - | - | - | 1 | - | - | - | - | - | - | 1 |
| 26 - 30 | - | - | - | - | - | - | - | 1 | 1 | - | - | - | - | - | - | - | 2 |
| 31 - 35 | - | - | - | - | 2 | - | - | - | - | - | - | 1 | - | - | - | - | 3 |
| 36 - 40 | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | 1 | - | - | - | - | - | 1 |
| 41 - 45 | - | - | - | - | - | - | 2 | - | - | - | - | - | - | - | - | - | 2 |
| 46 - 50 | - | - | - | 1 | - | 1 | 2 | - | 1 | - | - | - | - | - | - | - | 5 |
| 51 - 55 | - | 1 | - | - | 1 | 2 | - | - | - | 1 | - | - | - | - | - | - | 5 |
| 56 - 60 | - | - | - | - | 1 | 2 | 2 | - | - | - | - | - | - | - | - | - | 5 |
| 61 - 65 | - | - | - | 1 | 3 | 1 | 1 | 1 | - | 1 | - | - | - | - | - | - | 8 |
| 66 - 70 | - | - | 1 | - | 2 | - | 1 | 1 | 1 | - | 3 | - | - | - | - | - | 9 |
| 71 - 75 | - | - | - | 2 | 3 | 1 | 2 | 3 | - | 1 | - | - | - | - | - | - | 12 |
| 76 - 80 | - | - | 1 | 3 | - | 2 | 4 | - | 1 | 1 | - | - | - | - | - | - | 12 |
| 81 - 85 | - | 2 | 2 | 1 | 1 | 3 | 2 | - | 2 | 1 | - | - | 1 | - | - | 1 | 16 |
| 86 - 90 | - | - | 2 | 1 | 2 | 3 | 3 | 1 | 3 | 4 | 1 | - | - | - | - | - | 20 |
| 91 - 95 | - | 1 | 2 | 6 | 2 | 1 | 2 | 2 | 2 | 1 | - | - | - | - | - | - | 19 |
| 96 - 100 | - | 7 | 12 | 9 | 13 | 10 | 11 | 10 | 4 | 3 | 2 | - | - | - | - | - | 81 |
| | 3 | 15 | 36 | 38 | 47 | 40 | 39 | 24 | 21 | 18 | 8 | 5 | 2 | 1 | 2 | 1 | 300 |

TABEL 71 / ...

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

TABEL 71: INKOMSTE VAN GESINNE: PERSENTASIE VAN VROU SE BYDRAE TOT GESINSINKOMSTE GEKORRELEER MET GESINSGROOTTE

| Persentasie bydrae | Grootte van Gesin | | | | | | | | | | | | | | | | Totaal |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 6 | 7 | 8 | 9 | 10 | 11 | 12 | 14 | 15 | 18 | 20 | |
| 0 | 1 | 9 | 18 | 12 | 28 | 21 | 21 | 14 | 11 | 10 | 5 | 2 | - | 1 | 2 | - | 155 |
| 1 - 5 | - | 1 | 1 | 2 | - | 1 | - | - | 1 | - | - | 1 | - | - | - | - | 7 |
| 6 - 10 | - | 1 | 3 | 6 | 3 | 2 | 7 | 1 | 2 | 2 | - | - | - | - | - | 1 | 28 |
| 11 - 15 | - | - | 3 | 4 | 2 | 2 | 4 | 1 | 2 | 2 | 1 | - | 1 | - | - | - | 22 |
| 16 - 20 | - | - | 3 | 2 | 2 | 5 | 2 | - | 1 | 2 | - | 1 | 1 | - | - | - | 19 |
| 21 - 25 | - | 1 | - | 3 | - | 2 | 1 | 1 | - | - | 1 | - | - | - | - | - | 9 |
| 26 - 30 | - | 1 | 1 | 2 | 3 | 2 | 2 | 2 | - | - | 1 | - | - | - | - | - | 14 |
| 31 - 35 | 1 | - | - | 1 | 1 | 1 | - | 1 | 1 | 1 | - | - | - | - | - | - | 7 |
| 36 - 40 | - | - | 1 | 1 | 2 | - | 1 | - | - | - | - | - | - | - | - | - | 5 |
| 41 - 45 | - | - | - | - | - | - | - | - | - | 1 | - | - | - | - | - | - | 1 |
| 46 - 50 | - | 1 | 1 | 3 | 2 | 1 | - | 1 | - | - | - | - | - | - | - | - | 9 |
| 51 - 55 | - | - | - | - | 1 | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | 1 |
| 56 - 60 | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - |
| 61 - 65 | - | - | 1 | - | 1 | - | - | 1 | 1 | - | - | 1 | - | - | - | - | 5 |
| 66 - 70 | - | - | - | - | - | - | 1 | - | - | - | - | - | - | - | - | - | 1 |
| 71 - 75 | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - |
| 76 - 80 | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - |
| 81 - 85 | - | - | - | - | - | 1 | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | 1 |
| 86 - 90 | - | - | - | - | - | - | - | 1 | - | - | - | - | - | - | - | - | 1 |
| 91 - 95 | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - |
| 96 -100 | 1 | 1 | 4 | 2 | 2 | 2 | - | 1 | 2 | - | - | - | - | - | - | - | 15 |
| | 3 | 15 | 36 | 38 | 47 | 40 | 39 | 24 | 21 | 18 | 8 | 5 | 2 | 1 | 2 | 1 | 300 |

© University of Pretoria
TABEL 72 / ...

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

TABEL 72: INKOMSTE VAN GESINNE: PERSENTASIE VAN KINDERS SE BYDRAE TOT GESINSINKOMSTE GEKORRELEER MET GESINSGROOTTE

| Persentasie Bydrae | Grootte van Gesin | | | | | | | | | | | | | | | | Totaal |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 6 | 7 | 8 | 9 | 10 | 11 | 12 | 14 | 15 | 18 | 20 | |
| 0 | 2 | 11 | 22 | 26 | 25 | 22 | 22 | 20 | 12 | 7 | 3 | - | 1 | 1 | - | - | 174 |
| 1 - 5 | - | - | - | - | - | 1 | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | 1 |
| 6 - 10 | - | | 1 | 1 | 1 | 1 | 2 | - | 1 | 2 | - | - | - | - | - | 1 | 10 |
| 11 - 15 | - | - | - | - | 2 | 1 | 3 | 1 | 4 | 2 | 1 | - | - | - | - | - | 14 |
| 16 - 20 | - | 1 | 2 | - | 1 | 1 | 2 | - | - | - | 1 | - | - | - | - | - | 8 |
| 21 - 25 | - | - | - | 1 | - | 1 | - | - | - | 1 | - | - | - | - | - | - | 3 |
| 26 - 30 | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - |
| 31 - 35 | - | - | - | - | 1 | - | 1 | - | - | - | 2 | - | - | - | - | - | 4 |
| 36 - 40 | - | - | 1 | - | 1 | 1 | 1 | - | - | 1 | - | 1 | - | - | - | - | 6 |
| 41 - 45 | - | - | - | - | - | 1 | 3 | - | - | 1 | - | - | - | - | - | - | 5 |
| 46 - 50 | - | 1 | - | - | 3 | - | 1 | - | 1 | - | - | - | - | - | 1 | - | 7 |
| 51 - 55 | - | - | 1 | 2 | - | 2 | 1 | 1 | - | - | - | - | - | - | - | - | 7 |
| 56 - 60 | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - |
| 61 - 65 | - | 1 | 1 | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | 2 |
| 66 - 70 | - | - | 1 | 1 | 1 | - | 1 | - | - | - | - | 1 | - | - | - | - | 5 |
| 71 - 75 | - | - | 1 | - | 1 | 1 | - | 1 | - | - | - | 1 | - | - | - | - | 5 |
| 76 - 80 | - | - | 2 | 1 | 1 | - | - | - | - | 1 | - | - | - | - | - | - | 5 |
| 81 - 85 | - | 1 | - | 1 | 1 | 2 | - | - | 1 | 1 | - | 1 | - | - | - | - | 8 |
| 86 - 90 | - | - | 1 | 3 | 1 | 1 | - | - | 1 | 1 | - | - | 1 | - | - | - | 9 |
| 91 - 95 | - | - | - | - | 1 | 2 | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | 3 |
| 96 - 100 | 1 | - | 3 | 2 | 7 | 3 | 2 | 1 | 1 | 1 | 1 | 1 | - | - | 1 | - | 24 |
| Totaal | 3 | 15 | 36 | 38 | 47 | 40 | 39 | 24 | 21 | 18 | 8 | 5 | 2 | 1 | 2 | 1 | 300 |

TABEL 73 / ...

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

TABEL 73: INKOMSTE VAN GESINNE: PERSENTASIE VAN ANDER BRONNE EN PERSONE SE BYDRAE TOT GESINSINKOMSTE, GEKORRELEER MET GESINSGROOTTE

| Persentasie Bydrae | Grootte van Gesin | | | | | | | | | | | | | | | | Totaal |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 6 | 7 | 8 | 9 | 10 | 11 | 12 | 14 | 15 | 18 | 20 | |
| 0 | 2 | 13 | 32 | 33 | 44 | 35 | 33 | 21 | 18 | 17 | 7 | 4 | 2 | - | 1 | 1 | 263 |
| 1 - 5 | - | - | - | 1 | 1 | 1 | 1 | - | - | - | - | - | - | - | - | - | 4 |
| 6 - 10 | - | - | 2 | - | 1 | 1 | - | 1 | - | - | - | - | - | - | - | - | 5 |
| 11 - 15 | - | 1 | - | 1 | - | 1 | - | - | 1 | 1 | 1 | - | - | - | - | - | 6 |
| 16 - 20 | - | - | 1 | - | - | - | 1 | - | - | - | - | 1 | - | - | - | - | 3 |
| 21 - 25 | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - |
| 26 - 30 | - | 1 | - | 1 | - | - | - | 1 | - | - | - | - | - | - | - | - | 3 |
| 31 - 35 | - | - | - | - | - | - | 1 | - | - | - | - | - | - | - | - | - | 1 |
| 36 - 40 | - | - | - | - | - | - | 1 | 1 | 1 | - | - | - | - | - | - | - | 3 |
| 41 - 45 | - | - | - | - | - | 1 | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | 1 |
| 46 - 50 | - | - | - | 1 | 1 | - | - | - | - | - | - | - | - | - | 1 | - | 3 |
| 51 - 55 | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - |
| 56 - 60 | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - |
| 61 - 65 | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - |
| 66 - 70 | 1 | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | 1 |
| 71 - 75 | - | - | - | - | - | - | - | - | 1 | - | - | - | - | - | - | - | 1 |
| 76 - 80 | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - |
| 81 - 85 | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - |
| 86 - 90 | - | - | - | 1 | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | 1 |
| 91 - 95 | - | - | 1 | - | - | - | 1 | - | - | - | - | - | - | - | - | - | 2 |
| 96 - 100 | - | - | - | - | - | 1 | 1 | - | - | - | - | - | - | 1 | - | - | 3 |
| TOTAAL | 3 | 15 | 36 | 38 | 47 | 40 | 39 | 24 | 21 | 18 | 8 | 5 | 2 | 1 | 2 | 1 | 300 |

© University of Pretoria

aangekondig / ...

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



aangekondig was die uitbetaling gereël. Hierdie "auntie" het 'n vaste salaris van R5.00 per week ontvang benewens kommissie betaalbaar deur die wenner as die wenner daardie week uit Atteridgeville gekom het. 'n Ander huishoof, 'n man van 38 jaar, het nog nooit gewerk nie maar het as "runner" vir die fah-fee-poel genoeg gemaak om na sy eie bewering sy gesin te kan onderhou. Die persoon was ook in geen werk geïnteresseerd nie.

Benewens die voorgenoemde gevalle van dobbelary was die belangrikste ander bron van inkomste die onwettige brou en verkoop van kafferbier. Hoewel daar geen wetlike dekking voor was nie het daar in Atteridgeville ten tye van ons opname die sogenaamde "Gentlemen's Agreement" bestaan. Volgens die reëling sou daar geen klopjagte op soek na onwettige brouery plaasvind nie. Die inwoners sou per huis die ongesanksioneerde reg hê om te alle tye vier gelling kafferbier op die perseel te brou en te besit vir eie gebruik. Geen verkope mag plaasvind nie. Indien iemand nie wou brou nie kon tot vier gelling kafferbier by die munisipale bierdepot in Atteridgeville aangekoop word. Indien iemand meer as die aangewese hoeveelheid kafferbier brou of besit of sodanige oormaat van bier verkoop, sou die superintendent as hy dit agterkom die voorreg om vier gelling bier te brou vir daardie perseel opskort en die munisipale polisie opdrag gee om die perseel elke derde dag te inspekteer om toe te sien dat hoegenaamd geen bier gebrou of besit word nie. Langs die weg sou so 'n huis dan by die bure kenbaar word as een waarvan die inwoner hom nie aan 'n eerbare ooreenkoms hou nie. Dit was ons ondervinding dat die oorgrote meerderheid van gesinne hulle aan hierdie ooreenkoms gehou het. In ten minste 10 gevalle moes ons egter aanmerk dat daar werklik groot hoeveelhede bier op die perseel gebrou word en daar teen betaling verkoop word. Slegs twee van die tien gevalle kon die naam van sjebeen waardig wees. In albei hierdie gevalle was dit 'n erkende bymekaarkomplek van 'n tsotsi-bende en het ons die normale organisasie gevind: Die "auntie", dikwels 'n jong vrou, wat die drinkgoed voorberei en verkoop, beskerm deur 'n tsotsi-bende wat gratis drank ontvang vir hierdie diens. Die diens het bestaan uit 'n doeltreffende wagterstelsel wat vroegtydig teen die aankoms van vreemdelinge gewaarsku het terwyl ander diegene wat hulle op die perseel dronk drink na elders verwyder het waar diesulkes se luidrugtigheid nie aandag sou trek nie.

Oormatige bierbrouery en verkoop was onmiddellik duidelik uit die verbruiksopgawe van bo-normale hoeveelhede mout, suiker en mieliemeel asook die konstante oorwig van uitgawes bo die opgawe van inkomste terwyl daar geen skuld is nie en selfs gereelde bedrae gespaar kon word. Andersyds was dit duidelik dat die oormatige drankgebruik op die persele gelei het tot ontug omdat ongetroude dogters bo rypheidsleeftyd op die persele verskeie buite-egtelike kinders gehad het. Hier benewens kon sulke huise aan die swaar bier walm wat in elke vertrek gehang het, geken word.

Die inkomste verkry uit bierverkope wissel grootliks. Ons berekening en die erkenning van sommige van die gevalle het aan die lig gebring dat 'n maandelikse konstante netto-wins van tussen R4 en R15 normaal is. Die laasgenoemde hoër bedrag kom voor in die sjebeens waar benewens gewone kafferbier ook ander alkoholhoudende mengsels beskikbaar was.

Die meeste brouers van bier vir verkoop was weduwees. Dit is waar dat in hierdie gevalle 'n onwettige wyse gevind is om 'n te karige normale inkomste aan te vul.

Dit kan egter nie as algemene verskoning aangevoer word nie want daar was onder ons proefgesinne vele ander met dieselfde gesinsamestelling by wie aktiewe bereidwilligheid om 'n eerlike verdienste te bekom 'n bevredigende eerlike inkomste opgelewer het.

Die / ...

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Die opvallende was vir ons dat daar geen besondere openbare afkeer in die praktyk van bierbrouery was nie. Die bure van 'n bierbrouer was altyd bewus of het sterk vermoed dat bier gebrou en verkoop word. Teenoor die brouer en sy praktyk was daar geen merkbare algemene afkeer nie. Trouens ons het die indruk dat die handel selfs groter afmetings sou aangeneem het was dit nie vir die kompetisie van die munisipale bierdepot en ander brouers buite Atteridgeville nie. Een weduwee het aan ons verduidelik "Marabastad se stokers maak die 'besigheid' in Atteridgeville dood."

Ons weet uit ons omgang met die inwoners van Atteridgeville dat daar 'n klein aantal persone in die woonbuurt woon wat 'n aansienlike inkomste het en eiendom van groot omvang besit selfs wanneer die hoogste standaarde aangelê word. Die omgangswoord wil dit hê dat twee van hierdie persone oor 'n kapitale vermoë van meer as R200,000 beskik. Ons het enkele van die bewerings getoets en kan verklaar dat hoewel ons geen syfers kan verstrek nie die twee persone benewens ander as werklik ryk beskou moet word. Ongelukkig het nie een van die interessante figure binne die proefgesinne wat ons in Atteridgeville aangemerk het geval nie. Onder ons proefgesinne was daar egter drie wat erken het dat hulle oor vaste eiendom buite Atteridgeville beskik het. In al drie gevalle was dit 'n erf en huis in Lady Selborne. Op hierdie eiendomme was daar in elke geval 'n verband geregistreer. Die huise is as kamers aan verskillende families verhuur. Die bewering is gemaak dat die huurinkomste uit die verhuur van kamers slegs die maandelikse rente en delging op die lenings en eiendomsbelasting gedek het. Feit is natuurlik dat daar langs die weg 'n kapitale bate opgebou word en dat die drie persone dit meer voordelig gevind het om die sub-ekonomiese huur in Atteridgeville te betaal as om self hulle eie huise te bewoon. Ons kon nie daarin slaag om enigsins betroubare gegewens oor huurinkomste en uitgawes aan rente en delging van die drie gevalle te verkry nie. Oor sodanige gegewens was die drie informante erg terughoudend. Alle verwysing na sodanige inkomste is dus weggelaat en die drie gesinne is in ons statistiek behandel asof ons geen kennis van hierdie eiendomme gedra het nie.

## IV. UITGAWE EN VERBRUIK IN DIE HUISHOUDING

Ons het reeds aandag gegee aan die probleme by die optekening van die uitgawes van ons 300 proefgesinne. Die belangrikste hiervan was die afwesigheid van enige langtermyn beplanning. Dit was onmoontlik om 'n weeklikse opgawe te verkry. Presiese verbruik kon alleen met twee, weeklikse besoeke bepaal word.

Die besteding van die finansies van die huishouding is 'n verantwoordelikheid wat sowel die man as die vrou raak. Waar die vrou die vernaamste besteder is in haar bereiding van kos, het die man seggenskap oor sy persoonlike uitgawes en is daar oorleg en gesamentlike besluit ten opsigte van die aankoop van groter items soos meubels en klere.

By ons proefgesinne was dit nie veel anders nie. Daar was egter 'n neiging by heelparty mans om die beurs alleen te dra en die vrou slegs soveel te gee as sy om vra sodat hy kontrole kan hou oor moontlike buitensporigheid. Hoewel ons dit ook by <u>Sotho</u>-gesinne ken, was dit opvallend dat hierdie praktyk van direkte kontrole oor die vrou se besteding feitlik deurgaans voorgekom het waar die man 'n lid van een van die <u>Nguni</u>-volke of 'n <u>Shangaan</u> was. Van hierdie informante het ronduit verklaar "'n vrou het geen verstand vir geld nie." Aan die ander uiterste was daar in die meerderheid van gevalle die neiging van die man om sy geld weekliks of maandeliks "huis toe te bring en aan my vrou te gee" sodat die vrou dit na eie wens en beplanning kan bestee. In praktyk is nooit al die geld aan die vrou oorhandig nie. Die man hou ten minste sy eie transportgeld

© University of Pretoria

uit / ...

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

uit asook konstante paaiemente op assuransiepolisse wat mag bestaan.

Wanneer die navolgende tabelle fyn bestudeer word, sal dit gevind word dat heelwat gesinne 'n oorskot toon selfs nadat die opgegewe spaargelde by die uitgawes ingereken is. Presies wat met hierdie gelde gebeur, kon ons nie bepaal nie. Ons reken dat ons, behalwe ten opsigte van belasting, alle uitgawe-items gedek het. Informante het by navraag oor spesifieke bedrae wat as oorskot voorkom, soms geantwoord dat dit aan 'n familielid geleen is of bloot dat hulle nie weet nie. Meer indringende navraag en kontrole as wat ons reeds toegepas het, sou slegs die samewerking van die proefgesinne geheel verydel het. Die saak is dus daar gelaat.

In tabel 74 verskyn 'n opsomming van die verskillende maandelikse uitgawes wat ons proefgesinne aangegaan het met aanduiding van watter persentasie van die totale inkomste elke item verteenwoordig. Dit is opvallend dat die uitgawe aan huishuur so 'n lae persentasie van die inkomste bedra. Gemiddeld bereken is dit slegs 11.80%. Die rede hiervoor is dat Atteridgeville as geheel 'n sub-ekonomiese behuisingskema was ten tye van ons opname.

Die aanduiding van besonderhede oor die verbruik van brandstof kan nie volledig vertrou word nie. Ons het reeds verwys na die steenkooltekort wat vir 'n kort periode gedurende die opnametermyn geheers het. Ons is egter oortuig dat die gemiddelde persentasie van 5.67 binne 2% korrek is.

Die opgawe van aankoop van meubels en klere as 2.63% en 2.81% van die maandelikse inkomste verskaf slegs 'n aanduiding van onkostes. In ons proefgesinne was die huise reeds volledig gemeubileer en is klere vir vervangingsdoeleindes relatief selde aangekoop. 'n Korrekte weergawe van die aankope van hierdie items kon alleen verkry word deur 'n opname oor 'n veel langer tyd as die 6 weke wat elke gesin besoek is. In ons tabel kon dus slegs die bedrae aan maandelikse paaiemente op klere en meubels ingesluit word, niks meer nie.

Die opgawe van onkostes aan medisyne, mediese dienste en toiletware in die algemeen kan as korrek beskou word. By die plaaslike polikliniek ontvang die inwoners van Atteridgeville gratis mediese behandeling wanneer daarom gevra word. 'n Eie geneesheer, waarvan daar een 'n praktyk in Atteridgeville gehad het, word alleen deur die rykes ingeroep.

Die verbruik van tabak en alle dranke is as luukse items verbasend laag. Ons het rede om te vermoed dat die opgawes daarvan in die driedaagse verslae nie volledig opgegee is nie.

Die opgawes van die verbruik van seep, politoer en skryfbehoeftes behoef geen besondere kommentaar nie.

Die uiteensetting van vervoeronkoste vertoon 'n baie swaar konsentrasie op die onder 5% groep. Ten aansien van die periodieke klagtes oor bustariewe in die geskiedenis van Atteridgeville het ons 'n hoër persentasie verwag. Die geringe variasie is die gevolg van die beperkte transport fasiliteite: "Almal" maak van die bus gebruik. Onder ons proefgesinne was daar slegs 5 gevalle waar 'n motorkar besit is en sodoende konstant van 'n baie duurder tipe transport gebruik gemaak is.

Ons was verbaas om die lae bydrae aan die verskillende kerke en sektariese bewegings te bemerk. Op hierdie punt verskil die werklikheid aanmerklik van die informasie van segsmanne uit die predikante-geledere.

Die opgawes oor verbruik van voedsel en die bedrae wat gespaar word, bespreek ons later. Dit dien hier egter reeds op gelet te word dat ons uit die distribusie van die syfers oor voedselverbruik kan aflei dat 'n maksimum van 20 gesinne ons van foutiewe informasie voorsien het omdat die verbruik van voedsel alleen bo die

TABEL 74 / ...

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

TABEL 74: VERSKILLENDE SOORTE UITGAWES WAT DEUR 300 GESINNE GEMAAK IS (MAANDELIKS), MET 'N AANDUIDING VAN DIE PERSENTASIE-VERHOUDING TUSSEN ELKE TIPE UITGAWE EN DIE TOTALE BEDRAG VAN DIE INKOMSTE.

DIE SYFERS DUI AAN DIE AANTAL GESINNE WAT ONDER ELKE SPESIFIEKE HOOF SORTEER.

| Persentasie. | Huishuur. | Elektriese krag, brandstof, vuurhoutjies. | Meubels. | Klere. | Medisyne, geneesheer, Toiletware. | Tabak, Sigarette, Snuif. | Drank, Kooldranke. | Seep, Blousel, Stysel. | Politoer alle soorte. | Skryfbehoeftes, tydskrifte, Skoolgelde. | Vervoer. | Voedsel. | Ander Diverse Uitgawes. | Spaar, Assuransie, Begrafnis. | Kerk. | Totale Uitgawes. | Gesinne met 'n oorskot. | Gesinne met 'n tekort. |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| 0 | 2 | 19 | 244 | 231 | 183 | 218 | 245 | 58 | 164 | 248 | 43 | - | 216 | 50 | 293 | - | 7 | - |
| 5 en minder | 39 | 178 | 5 | 25 | 101 | 70 | 54 | 224 | 130 | 47 | 138 | - | 79 | 192 | 7 | - | 30 | 18 |
| 6 - 10 | 129 | 72 | 21 | 19 | 11 | 11 | - | 14 | 4 | 1 | 92 | 1 | 1 | 24 | - | - | 19 | 7 |
| 11 - 15 | 78 | 22 | 12 | 11 | 1 | 1 | - | 3 | 2 | 1 | 17 | 4 | - | 17 | - | - | 21 | 11 |
| 16 - 20 | 24 | 3 | 6 | 6 | 1 | - | 1 | - | - | 1 | 5 | 7 | 2 | 4 | - | - | 21 | 7 |
| 21 - 25 | 10 | 1 | 4 | 3 | 1 | - | - | 1 | - | 1 | 5 | 12 | 1 | 4 | - | 1 | 19 | 6 |
| 26 - 30 | 9 | 2 | 4 | 1 | - | - | - | - | - | - | - | 15 | - | 4 | - | - | 24 | 5 |
| 31 - 35 | 5 | - | 3 | - | 1 | - | - | - | - | 1 | - | 21 | - | 3 | - | 2 | 18 | 3 |
| 36 - 40 | 1 | - | 1 | 2 | 1 | - | - | - | - | - | - | 27 | 1 | 1 | - | 7 | 13 | 4 |
| 41 - 45 | - | 1 | - | 1 | - | - | - | - | - | - | - | 20 | - | - | - | 7 | 9 | 3 |
| 45 - 50 | - | 1 | - | - | - | - | - | - | - | - | - | 21 | - | 1 | - | 8 | 7 | 3 |
| 51 - 55 | 1 | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | 24 | - | - | - | 8 | 11 | 3 |
| 56 - 60 | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | 29 | - | - | - | 8 | 5 | 2 |
| 61 - 65 | 1 | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | 25 | - | - | - | 19 | 4 | 1 |
| 66 - 70 | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | 21 | - | - | - | 15 | 2 | 1 |
| 71 - 75 | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | 17 | - | - | - | 26 | 1 | 2 |
| 76 - 80 | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | 13 | - | - | - | 21 | 1 | 1 |
| 81 - 85 | - | 1 | - | - | - | - | - | - | - | - | - | 12 | - | - | - | 19 | - | 1 |
| 86 - 90 | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | 2 | - | - | - | 17 | - | - |
| 91 - 95 | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | 6 | - | - | - | 24 | - | 1 |
| 96 - 100 | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | 3 | - | - | - | 35 | - | - |
| 100 - 200 | 1 | - | - | 1 | - | - | - | - | - | - | - | 16 | - | - | - | 74 | - | 4 |
| 201 en meer | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | 4 | - | - | - | 9 | - | 5 |

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

100% kerf van die inkomste te staan kom. Om al 20 hierdie gesinne so te tipeer is nie korrek nie. In enkele gevalle het ons onwettige inkomste buite rekening gelaat en die oorblywende inkomste was te min om die voedseluitgawe te dek. Ons moes die inkomste verminder terwyl die verbruikstandaard onveranderd gelaat is. Daar is ook enkele gesinne wat hulle opgawe sodanig aangedik het dat die voedselverbruik alleen meer beloop het as die inkomste.

Indien die gemiddelde verbruik van elke groep aangedui moet word is die uitgawes as % van die inkomste soos volg:

| | |
|---|---|
| Huishuur | 11.80% |
| Krag en brandstof | 5.67% |
| Meubels | 2.63% |
| Klere | 2.81% |
| Medisyne | 1.72% |
| Tabak ens. | 1.04% |
| Drinkgoed | .60% |
| Seep ens. | 2.82% |
| Politoer | 1.49% |
| Skryfbehoeftes | .79% |
| Vervoer | 5.25% |
| Voedsel | 59.95% |
| Diverse | 1.14% |
| Spaar | 4.83% |
| Kerk | .07% |

Die gemiddelde totale uitgawe as persentasie van die gemiddelde inkomste het so 102.61% beloop. As ons egter die gebruik van luukse items as opsioneel beskou en besef dat diverse uitgawes meesal bioskooptoegang insluit asook dat daar gemiddeld 4.83% van die inkomste gespaar word, kan ons die gevolgtrekking waag dat die 300 proefgesinne in hoofsaak binne hulle inkomste lewe. In der waarheid het 205 gesinne (68.3%) 'n oorskot op die inkomste getoon. Sewe gevalle (2.3%) het die maand sonder oorskot afgesluit. 88 gesinne (29.3%) het 'n tekort getoon.

In tabel 74 is die meeste van die uitgawegroepe gekenmerk deur swaar konsentrasies op die lae persentasievlakke om stelselmatig 'n vinnige getalafname te toon hoe hoër die persentasie van die inkomste styg. Die enigste belangrikste uitsondering hierop is die verbruik van voedsel. Die verbruik van voedsel toon in der waarheid twee hoogtepunte: die een op 36 - 40% van die inkomste (27 gesinne) en die ander op 56 - 60% van die inkomste (29 gesinne).

Ons was nie in staat om te bepaal watter van die volgende twee oorsake daarvoor verantwoordelik is nie. Ons vermoed dat albei tot die verskynsel bydra. Ons verwys hier eerstens na gesinne waar die inkomste relatief laag en die aantal monde wat gevoed moet word baie is. Dit moet 'n relatief hoë uitgawesyfer aan voedsel meebring. Aan die ander kant was daar ook aanduidings dat hoe die syfer ook al styg daar 'n groep gesinne onder ons proefgesinne was wat 'n voorkeur vir duurder voedselware getoon het. Ook langs die weg word daar dan 'n hoër bedrag aan voedsel bestee. Die algemene gemiddelde verbruik van voedsel is 59.95%. Indien ons egter aanvaar dat 20 gesinne vals opgawes gegee het en die gemiddelde verbruik van 280 gesinne uitwerk kom ons op die syfer 49.02% wat nader aan die waarheid skyn te wees aan die hand van ons waarnemings.

© University of Pretoria

TABEL 75 / ...

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

TABEL 75 : VERSKILLENDE VOEDSELSOORTE WAT DEUR 300 GESINNE GEKOOP WORD (MAANDELIKS), MET 'N AANDUIDING VAN DIE PERSENTASIE-VERHOUDING TUSSEN UITGAWES I.V.M. 'N BESONDERE VOEDSELSOORT EN DIE TOTALE BEDRAG BESTEE AAN VOEDSEL.

DIE SYFERS DUI DIE AANTAL GESINNE WAT ONDER ELKE SPESIFIEKE HOOF SORTEER AAN.

| Persentasie. | Vleis. | Vis, en vis en artappelskyfies. | Groente. | Vrugte. | Melk. | | Botter, kunsbotter en kaas. | Brood en Vetkoek. | Meelblom, Boermeel en Bakpoeier. | Mieliegruis en Stampmielies. | Mout. | Mieliemeel. | Konfyt. | Suiker. | Tee, Koffie en Ander Dranke. | Vette en Olies. | Sout, Peper, Kerrie, Asyn, ens. | Beskuit, Koek, Lekkers. | Diverse Voedsel. |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | | | Vars en Suur. | Blikkies. | | | | | | | | | | | | | |
| 0 | - | 220 | 3 | 176 | 83 | 15 | 142 | 4 | 149 | 40 | 152 | 12 | 214 | 1 | 16 | 131 | 68 | 198 | 173 |
| 2.5 en minder | - | 64 | 9 | 97 | 134 | 108 | 88 | 15 | 86 | 165 | 54 | 7 | 74 | 7 | 26 | 92 | 215 | 88 | 88 |
| 2.6 - 5.0 | - | 9 | 20 | 19 | 43 | 118 | 49 | 36 | 43 | 79 | 36 | 11 | 9 | 27 | 81 | 47 | 15 | 11 | 24 |
| 5.1 - 7.5 | - | 5 | 44 | 6 | 15 | 49 | 16 | 71 | 15 | 14 | 21 | 28 | 2 | 61 | 95 | 20 | 2 | 2 | 8 |
| 7.6 - 10.0 | 2 | - | 42 | 2 | 15 | 8 | 4 | 73 | 4 | 2 | 15 | 31 | - | 92 | 48 | 10 | - | - | 2 |
| 10.1 - 12.5 | - | - | 58 | - | 5 | 2 | 1 | 59 | - | - | 9 | 34 | 1 | 54 | 23 | - | - | 1 | 1 |
| 12.6 - 15.0 | 6 | 1 | 44 | - | 2 | - | - | 24 | 2 | - | 9 | 37 | - | 30 | 2 | - | - | - | 2 |
| 15.1 - 17.5 | 2 | - | 37 | - | 1 | - | - | 11 | 1 | - | 2 | 35 | - | 17 | 3 | - | - | - | - |
| 17.6 - 20.0 | 11 | - | 22 | - | 2 | - | - | 6 | - | - | 1 | 25 | - | 6 | 3 | - | - | - | 1 |
| 20.1 - 22.5 | 16 | - | 9 | - | - | - | - | - | - | - | 1 | 24 | - | 2 | 1 | - | - | - | - |
| 22.6 - 25.0 | 35 | - | 4 | - | - | - | - | 1 | - | - | - | 19 | - | 1 | 1 | - | - | - | - |
| 25.1 - 27.5 | 31 | - | 7 | - | - | - | - | - | - | - | - | 18 | - | 1 | - | - | - | - | 1 |
| 27.6 - 30.0 | 45 | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | 8 | - | 1 | - | - | - | - | - |
| 30.1 - 32.5 | 35 | - | 1 | - | - | - | - | - | - | - | - | 7 | - | - | - | - | - | - | - |
| 32.6 - 35.0 | 34 | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | 5 | - | - | - | - | - | - | - |
| 35.1 - 37.5 | 28 | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | 5 | - | - | - | - | - | - | - |
| 37.6 - 40.0 | 21 | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - |
| 40.1 - 42.5 | 12 | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - |
| 42.6 - 45.0 | 5 | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | 3 | - | - | - | - | - | - | - |
| 45.1 - 47.5 | 4 | 1 | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - |
| 47.6 - 50.0 | 6 | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | 1 | - | - | - | - |
| 50.1 - 52.5 | 3 | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | 1 | - | - | - | - | - | - | - |
| 52.6 - 55.0 | 2 | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - |
| 55.1 - 57.5 | 1 | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - |
| 57.6 - 60.0 | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - |
| 60.1 - 62.5 | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - |
| 62.6 - 65.0 | 1 | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - |

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Die feit dat daar variasies was in die verbruik van voedsel het ons 'n dieper analise laat maak.

In tabel 75 gee ons 'n uiteensetting van die persentasies wat ons gesinne aan verskillende voedselsoorte bestee het. Die bedrae word uitgedruk as 'n persentasie van die bedrag wat elke gesin aan voedselware bestee het.

Die opvallende gedurende die hele opname was die neiging om vir klein bedraggies klein hoeveelhede van die benodigde items aan te koop. Ons kan dit verstaan in die geval van bederfbare ware soos vleis, melk, botter ensovoorts. Ondanks die feit dat die verbruik van byvoorbeeld aartappels en mieliemeel by sommige gesinne waar daar baie monde was hoog was, is dit nie by die sakgewyse aangekoop nie maar steeds slegs die daaglikse behoefte. Op dieselfde wyse het baie min gesinne byvoorbeeld seisoenkaartjies vir die bus gekoop. Ondanks die feit dat die man bv. daagliks per bus werk toe gaan, word kaartjies liewer per rit gekoop. Ons gesinne het hier 'n opsigtelike gebrek aan spaarvernuf getoon.

Uit die tabel kan onmiddellik gesien word hoe vleis, groente, brood en mieliemeel die mees algemene verbruikersware was. Suiker, koffie en tee was die belangrikste drinkgoed.

Vleis is baie duidelik die duurste voedselitem en die algemene verspreiding van die gesinne oor die persentasieskaal bewys dat dit, soos ons kon waarneem, in die meeste gesinne 'n daaglikse voedselitem was. Dit was interessant om op te merk dat die dubbele hoogtepunt van verbruik ook hier merkbaar was naamlik 35 gevalle op 22.6 - 25.0% en 45 gevalle op 27.6 - 30.0%. 'n Hoë vleisverbruik het saam geval met 'n hoë groenteverbruik en 'n vermindering van die hoeveelheid mieliemeel.

Die verbruik van vis in enige vorm was vir ons gesinne duidelik nie besonder aanneemlik nie. Meesal was die klagte dat dit nie lekker smaak nie. Ons weet dat die lae verbruik onder tradisionele omstandighede kom omdat vis saam met slange as oneetbare diere geklassifiseer word. Sommige segsmanne het die bestaan van hierdie afkeer ook in Atteridgeville erken.

Groente is meesal as bykos beskou. Daarom was dit opvallend dat ons proefgesinne wanneer die broodwinner se inkomste in kom, vir die volgende paar dae vleis, groente en mieliemeel gebruik. Sodra die beskikbare geld afneem, word groente as 'n nie-noodsaaklike luukse uit die dieet weggelaat. Die vernaamste groentesoort wat verbruik is, was kool, wortels en pampoen. Dit was duidelik dat kool die plek neem van die tradisionele <u>marôgô</u> (misbredie - Amaranthus thunbergii mog). Dit word ook met dieselfde naam aangedui.

Vrugte is 'n lekkerny en word in klein hoeveelhede verbruik. Die verbruik van groente en vrugte word ook beïnvloed deur oorskotte op die Pretoriase mark. Daar bestaan 'n ooreenkoms waarby die Welsynsafdeling van die Afdeling Nie-blankesake toegelaat word om oorskotgroente wat gevaar loop om op die mark vernietig te word teen baie lae pryse aan te koop en dit teen hierdie kosprys in Atteridgeville en ander Bantoewoonbuurtes te versprei. Sulke vrugte en groente word gretig gekoop. 'n Deel daarvan vind egter sy weg terug na die Blanke mark waar dit deur kopers uit Atteridgeville teen die heersende kleinhandelsprys van huis tot huis verkoop word. Gedurende die opname is weinig sodanige verspreiding gedoen: dit was winter. Kort na die intensiewe opname gestaak is, is tamaties en later ook waatlemoen en lemoenpampoentjies so versprei.

Melk word sowel vars as suur of ingemaak gebruik. Suurmelk is by verre die item met die laagste verbruik. Vars melk en ingemaakte melk word hoofsaaklik aan die kinders in die huisgesin gegee.

© University of Pretoria

Botter / ...

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Botter, kunsbotter en kaas was iets wat by amper 50% van ons gesinne nie as 'n item in die dieet voorgekom het nie. Brood word dus droog geëet of gesmeer met een van die goedkoper plantaardige vette. Alle vroue wat wasgoed doen, vra die oorskiet bakvet van die Blankes waar hulle werk vir gebruik op die brood of vir eie bakdoeleindes.

Die lae verbruik van boermeel en bakpoeier bewys 'n feit wat ons gereeld kon waarneem. Daar word in Atteridgeville weinig brood gebak, wel af en toe 'n lekkerny of vetkoek. Brood word nie gebak nie maar gekoop. Dit was vir ons opvallend watter hoë persentasie gesinne geredelik daagliks brood verbruik het. Hier was die verbruik van bruinbrood en growwe brood (volgraan) baie karig. Brood moet wit wees. Wit brood word in alle gevalle by voorkeur gekoop hoewel dit 1½c per brood (2 lb. gewig) duurder is as bruin of growwe brood. Tesame met mieliemeel vorm dit die vernaamste bron van styselinname. Mieliegruis en stampmielies speel in verhouding daartoe 'n minder belangrike rol.

Die verbruik van mout staan in direkte verband tot die brou van kafferbier. Dit sou foutief wees om af te lei dat die helfte van ons gesinne gedurende die 6 weke opname-tyd nie bier gebrou het nie. Daar is aanduidings dat die verbruik van bier gedurende die lente en somer toeneem en dat dit vanweë die korter dae in die winter nie gebrou word nie: Daar is minder tyd om vriende in die namiddae te onthaal. Dit is egter belangrik om te let op die aantal gevalle waar die verbruik van mout 'n hoër persentasie as 10% van die uitgawe aan voedsel bereik. Hier word bier in groter hoeveelhede gebrou as die "Gentlemen's Agreement" waarna ons voorheen verwys het, toelaat.

Die verbruik van suiker is ook 'n aanduiding van die brou van bier. Waar 'n hoë suikerverbruik aangemerk is, was 'n groot deel daarvan gewoonlik bruin suiker 'n gesogte bestanddeel vir alle alkoholhoudende dranke omdat dit die "regte" kleur aan die produk gee.

In Atteridgeville word daar benewens die gewone kafferbier ook drie redelik gesonde biere gebrou mits by die basiese resep gebly word en dit nie gemeng word met brandewyn, jenewer, rietspiritus of vodka nie. Die hoofbestanddele van hierdie brousels is soos volg:

Hopbier: 'n Hoeveelheid hopsblare word in water gekook. Nadat die blare uitgekook is, word die treksel afgegooi. Daarby word bruin suiker, kafferkoringmout en soms brood gevoeg. Die resultaat is die bekende Barberton wat nadat dit gegis het en verdere alkohol byvoeging gekry het, 'n gevaarlike brousel word.

Gemmerbier: Gemmerbier word normaalweg met gestampte heelgemmerstukke, water, suiker en rosyntjies of brood gemaak. Die laasgenoemde bestanddele verskaf die giswerking. Dit is gewoonlik 'n onskuldige drank maar word tot die geskikte sterkte gevoer deur die byvoeging van Blanke alkoholhoudende dranke.

Pynappelbier: Pynappelbier ook genoem soet kwebo word gebrou van fyngemaakte pynappel, brood, suiker, kafferkoringmout en water. Dit gis maklik, is gou klaar, bevat 'n redelik hoë alkoholinhoud en die soet smaak is aangenaam.

Dit is ons ondervinding dat die bogenoemde biere in ten minste dieselfde mate as kafferbier in Atteridgeville gebrou word. Sommige informante het gesê die bogenoemde dranke word by voorkeur gebrou, veral gemmerbier, om afwisseling van kafferbier te verskaf wat in elk geval vrylik beskikbaar is by die munisipale bierdepot.

Mieliemeel bly die belangrikste bestanddeel van die daaglikse dieet by al ons families. Die 12 gevalle wat oënskynlik geen mieliemeel gebruik het nie, is misleidend. Wat hier gebeur het, is dat die loseerders per ooreenkoms moes instaan vir die mieliemeelverbruik. Dit was onmoontlik om die waarde van hierdie toevoeging akkuraat te meet. Konfyt is 'n luukse soos die lae verbruik daarvan geredelik aandui.

© University of Pretoria

Die / ...

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Die uitgawe aan alle drinkgoed wat in die huis aangekoop word, verskyn ook op die tabel. Daar was slegs enkele gesinne waar koffie konstant by voorkeur gebruik is. Koffie kom soms voor as afwisseling vir tee wat as geleentheidsdrank in feitlik alle huise bedien word. Onder hierdie hoof is die verbruik van enige alkoholhoudende drank nie ingesluit nie. Ten tye van die opname was die verbruik van sterk drank deur 'n Bantoepersoon 'n statutêre oortreding tensy so 'n persoon 'n magtigende permit gehad het. Tog weet ons dat die verbruik daarvan veral by partytjies van die "hoë" mense en as toevoeging tot eie brouersprodukte aansienlik was. Gegewens oor persoonlike verbruik van alkoholhoudende drank en veral sterk drank kon slegs van enkele informante wat die gebruik van sterk drank uit eie beweging erken het, ingewin word. Andere het gevoel dat erkenning van die gebruik daarvan erkenning van 'n wetsoortreding, wat hulle later nadelig kon tref, sou wees. Ons is versoek om nie daaroor navraag te doen nie of bloot meegedeel dat hulle geen sterk drank gebruik nie, slegs kafferbier. Die uitgawe aan alkoholiese drank in alle vorme is dus een van die items wat die leemte tussen ons opgawe van die maandelikse uitgawe en die werklike besteding vul.

Na ons beste inligting is die maandelikse uitgawe aan sterk drank by die wat daar 'n smaak voor ontwikkel het ongeveer R4.00. Die uitgawe aan kafferbier is veel laer wanneer dit tuis gebrou word. Selfs wanneer dit gekoop word styg die verbruik per kop selde hoër as R1.00 per maand. Dit word allerweë as 'n gesonde toevoeging tot die dieet beskou.

Benewens variasies in die uitgawe ten opsigte van voedsel was 'n ander opvallende kenmerk van die begrotings van ons proefgesinne die bedrae wat gespaar is. Hierdie bedrae is as normale behoefte in ons uiteensetting van uitgawe in tabel 74 vermeld.

Uit tabel 76 is dit duidelik dat 250 gesinne uit die 300 proefgesinne redelike spaarywer vertoon. Dit is interessant dat 50 gesinne waarvan 40 onder die gemiddelde inkomstegroep vir Atteridgeville lê, nie kon spaar nie. Daarenteen kan baie duidelik gesien word hoe die swaartepunt in die spaaraksie juis by die gesinne met 'n lae inkomste voorkom.

Op tabel 77 verskyn gegewens van die verskillende soorte besparing wat by ons proefgesinne voorgekom het. Dit kan daaruit bereken word dat 76.7% of 230 gesinne bydraes gee aan 'n begrafnisvereniging, 18% of 54 gesinne het assuransiepolisse besit. 14.0% of 42 gevalle het slegs gespaar. 50 gesinne - 16.7% van die totaal het nie gespaar nie. Dit is ook opvallend dat 'n groot aantal van die gesinne hierdie spaarmoontlikhede gekombineer het.

Diegene wat slegs spaar, sluit veral gevalle in met spaarrekenings by die poskantoor en bouverenigings. Slegs by 'n enkele geval of twee word die geld sommer in 'n blik gebêre. Die laasgenoemde metode word as te gevaarlik beskou en omdat daar gewoonlik met 'n doel gespaar word, eis die gedurige aanwesigheid van kontant in die huis, wilskrag om dit nie, wanneer die behoefte daaraan werklik groot word, te gebruik nie.

Assuransiedekking word in Atteridgeville hoofsaaklik deur twee maatskappye verkoop. Albei verkoop klein lewens- of uitkeringspolisse waarvan die maandelikse premie tussen 40c en R1.00 beloop. Dit is egter ongelukkig dat sommige van ons informante soms aangehou het met premiebetaal hoewel die polis in werklikheid verval het. So het een weduwee verhaal van 'n lewenspolis wat vir haar seun uitgeneem is en waarop daar 12 jaar lank premie betaal is. Na die seun oorlede is "het ons nie een kleine boggerse tiekie teruggekry nie." Niemand het aan die ongelukkiges verduidelik dat die polis waarop premie betaal is in werklikheid verval het nie.

© University of Pretoria

TABEL 76 / ...

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

TABEL 76: PERSENTASIE VAN INKOMSTE GESPAAR GEKORRELEER MET INKOMSTEGROEPE (MAANDELIKS)

| Persentasie besparing | INKOMSTEGROEPE (MAANDELIKSE INKOMSTE) | | | | | | | | | | | | | | | % |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | R0.9 | R10.19 | R20.29 | R30.39 | R40.49 | R50.59 | R60.69 | R70.79 | R80.89 | R90.99 | R100.109 | R110.119 | R120.129 | R130.139 | Groot Totaal | |
| 0 | 6 | 17 | 17 | 3 | 6 | - | 1 | - | - | - | - | - | - | - | 50 | 16.7 |
| 5 en minder | 4 | 43 | 72 | 46 | 11 | 8 | 3 | 2 | 2 | - | 1 | - | - | - | 192 | 64.0 |
| 6 - 10 | 1 | 4 | 4 | 8 | 1 | 3 | 1 | 2 | - | - | - | - | - | - | 24 | 8.0 |
| 11 - 15 | 2 | - | - | 7 | 3 | 3 | - | - | 1 | - | - | - | - | 1 | 17 | 5.7 |
| 16 - 20 | - | - | 2 | - | - | 1 | 1 | - | - | - | - | - | - | - | 4 | 1.3 |
| 21 - 25 | - | - | 1 | - | 1 | 1 | - | - | - | 1 | - | - | - | - | 4 | 1.3 |
| 26 - 30 | - | - | - | - | 1 | 1 | 1 | 1 | - | - | - | - | - | - | 4 | 1.3 |
| 31 - 35 | - | - | - | 2 | 1 | - | - | - | - | - | - | - | - | - | 3 | 1.0 |
| 36 - 40 | - | - | - | 1 | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | 1 | .3 |
| 41 - 45 | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - |
| 46 - 50 | - | - | - | - | 1 | - | - | - | - | - | - | - | - | - | 1 | .3 |
| | 13 | 64 | 96 | 67 | 25 | 17 | 7 | 5 | 3 | 1 | 1 | - | - | 1 | 300 | 99.9 |

TABEL 77: AARD VAN BESPARING GEKORRELEER MET GROOTTE VAN GESIN

| AARD VAN BESPARING | GROOTTE VAN GESIN | | | | | | | | | | | | | | | | TOTAAL |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 6 | 7 | 8 | 9 | 10 | 11 | 12 | 14 | 15 | 18 | 20 | |
| Begrafnis | 3 | 8 | 15 | 22 | 30 | 24 | 17 | 13 | 11 | 12 | 4 | 4 | 1 | - | 2 | 1 | 167 |
| Begrafnis en assuransie | - | 1 | 7 | 3 | 4 | 3 | 4 | 2 | 2 | 2 | - | - | 1 | - | - | - | 29 |
| Begrafnis en ass. en spaar | - | - | - | 1 | 1 | 4 | 1 | 1 | - | - | 2 | - | - | - | - | - | 10 |
| Begrafnis en spaar | - | 2 | 2 | 4 | 2 | 4 | 4 | 2 | 3 | - | 1 | - | - | - | - | - | 24 |
| Assuransie | - | - | 1 | 3 | - | 1 | 4 | 1 | - | 1 | - | 1 | - | - | - | - | 12 |
| Assuransie en spaar | - | - | - | - | 2 | - | 1 | - | - | - | - | - | - | - | - | - | 3 |
| Spaar | - | - | 3 | - | 1 | 1 | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | 5 |
| Geen besparing | - | 4 | 8 | 5 | 7 | 3 | 8 | 5 | 5 | 3 | 1 | - | - | 1 | - | - | 50 |
| | 3 | 15 | 36 | 38 | 47 | 40 | 39 | 24 | 21 | 18 | 8 | 5 | 2 | 1 | 2 | 1 | 300 |

© University of Pretoria

Begrafnisverenigings /...

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Begrafnisverenigings in Atteridgeville is van twee soorte. Aangesien die bedrae wat betaal word identies is, het ons nie die twee tipes in ons tabel geskei nie. Ons verwys hier na begrafnisverenigings wat deur Blankes en ander wat deur Bantoepersone geïnisieer is.

Onder die proefgesinne was daar bydraers aan vier Blank-beheerde begrafnisverenigings. Vir elke persoon wat bydra onderneem die vereniging om die begrafnis te reël tot 'n bepaalde bedrag. Die maandelikse paaiemente wissel volgens die ouderdom waarop die lid aansluit. Van die bobeskrewe 76.7% gesinne met lede van begrafnis-verenigings het ruim die helfte aan hierdie verenigings behoort.

Mens vind egter ook die aanhorigheid aan begrafnis-verenigings wat deur Bantoepersone beheer word. Anders as in die geval van die Blanke verenigings word hier geen begrafnis behartig nie. Die vereniging onderneem slegs om 'n bepaalde bedrag by 'n sterfgeval in sy gesin aan die lid uit te betaal om hom of haar in staat te stel om begrafnisonkoste te betaal. Die meeste van hierdie verenigings staan bekend as "Mourning Societies" en word deur vrouens georganiseer. Daar is 'n mate van korrelasie tussen lidmaatskap van die verenigings en aanhorigheid aan ander groepe; veral etniese verband speel hier 'n groot rol.

Die bedrae wat deur hierdie "Mourning Societies" gevorder word, wissel van 20c tot 35c per bevoordeelde. Die bedrae wat per gesin betaal word, beloop dus tussen R1.00 en R2.00 per gesin per maand. Uit ons tabel kan mens egter die feit aflei dat gewoonlik nie alle lede van 'n gesin lid van die vereniging is nie. Die algemene bydrae is dus in die omgewing van 20c tot R1.00. Die bedrag wat per sterfgeval uitbetaal word, is tussen R40 en R44 vir ons verenigings. Dit dek die onkoste van die doodskis, motor vir die naasbestaandes en 'n bus vir ander familielede. Dit was duidelik dat daar geen aktuariële berekening gedaan was vir die berekening van die risiko verbonde aan die skema nie. Een van die verenigings het ook gedurende ons opname tot niet gegaan. Die tesouriere moes die skuld dra. Die lede het hulle dadelik op dieselfde voorwaarde in 'n nuwe vereniging georganiseer. Slegs een vereniging het geen maandelikse bydraes gevorder nie, maar slegs telkens as 'n lid te sterwe gekom het 'n kollektelys onder die lede laat sirkuleer waartoe elkeen hom verbind het om 25c by te dra.

Onder ons proefgesinne was daar lede van ses van hierdie verenigings. Twee van hulle, die Leitlho la motse (die oog van die stat) en die Transvaal Mourning Society was oop slegs vir lede van die Kgudu Moroho en Transvaal-partye onderskeidelik. Die Ndebele Burial Soceity, Karanga Mourning Society en die Bafokeng Burial Society het hulle lede beperk tot die Ndebele, Karanga en Bafokeng-stamme. Ons kon egter bewys dat daar in elk van hierdie drie verenigings ook enkele lede was wat nie aan die besondere stamgroep behoort het nie.

Die sesde vereniging was die Orphanage Children Society waarvan die lede per oproep bydraes op 'n kollektelys gelewer het. Die vereniging het lede van alle stamme aanvaar en staan wat kenmerke betref los van die ander vyf verenigings.

Ons kon geen duidelike uiteensetting vind van die grootte van die onderskeie verenigings nie. Die lede wat in ons proefgesinne aangetref was, was nie altyd volkome op hoogte met die funksionering van die verenigings nie en het nooit geweet hoe groot die totale ledetal was nie. Die Leithlo la motse het effens meer as 40 lede gehad en het feitlik uitsluitlik uit inwoners van Atteridgeville bestaan. Al die ander verenigings se lede was oor die hele Pretoria versprei. Die persone in beheer van die verenigings het nie in Atteridgeville gebly nie. Pogings om met hulle in aanraking te kom, het misluk.

© University of Pretoria

Indien / ...

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Indien ons nou die totale uitgawe per gesin met die inkomste vergelyk, is tabel 78 ter sake. Die opvallende is die feitlik eenvormige uitgawepatroon. Nie minder as 71% van ons gesinne vertoon 'n maandelikse uitgawe tussen R10 - R29 met die swaartepunt nader aan R29 as R10. Die waarneming hou stand vir die uitgawes van gesinne van alle groottes. Indien ons die tabel met die opgawe van inkomstegroepe vergelyk (tabel 65) sien ons duidelik dat waar slegs 57.6% gesinne inkomstes onder R30 het, 72.7% gesinne 'n uitgawe onder R30 vertoon. Ons kon nie anders as om tot die gevolgtrekking te geraak dat baie gesinne in Atteridgeville 'n belangrike oorskot bo hulle uitgawe oorhou nie. Die stelling word nog duideliker as ons na die enkele gesinne in die hoër besoldigde groepe kyk. Die ses gesinne met die hoogste inkomste (R80 - R139) se uitgawe per maand beloop in alle gevalle nie die helfte van die inkomste soos verstrek nie. Ons het reeds, in die begin van die gedeelte daarna verwys (tabel 65) dat 212 gesinne volgens ons opgawe 'n maandelikse oorskot gehad het. Benewens die swak opgawe van persoonlike uitgawes van die man en leenaksie aan familie is die mogodisô-gebruik in hoë mate daarvoor verantwoordelik dat hierdie bedrae nie in ons tabelle akkuraat weerspieël kon word nie.

## V. MOGODISÔ

Die gebruik om mogodisô-sirkels te vorm, is elders in die literatuur as stokfel-verenigings of oorgooigroepe beskryf. In Pretoria word dit soms ook as kazaad beskryf. (Die herkoms van die naam kon ons nie bepaal nie.) Die term mogodisô is afgelei van die Sotho go disa - om te laat groot word.

'n Mogodisô-sirkel bestaan uit 'n groep persone wat onderneem om maandeliks of weekliks 'n bepaalde bedrag in 'n poel te gooi. Hierdie bedrag word dan agtereenvolgens aan elke lid in 'n vaste rotasie-orde oorhandig. As 'n mogodisô-sirkel uit 6 mans bestaan wat elk R1.00 per week inlê, sal een bepaalde lid elke sesde week die totale bydraes van R6.00 ontvang.

Die rondgang in 'n mogodisô-sirkel word gewoonlik redelik vinnig voltooi. Die sirkels is nie baie groot nie. Die belegging is nie 'n konvensionele spaarmetode nie. Ons ken gevalle waar die mogodisô-lid sy gesin tekort gedoen het om sy verpligting na te kom. Ander weer gebruik die stelsel om klein oorskotte "groot te maak." Wanneer die bedrag dan na jou kom, volg groot feestelikheid, 'n duur item word aangekoop of vir die volgende weke is daar 'n skerp toename in die verbruik van allerhande luukse ware en lekkernye. Dit is uiters selde dat so 'n bedrag net so geneem word en byvoorbeeld in 'n spaarrekening inbetaal word. Om die rede dus kan mogodisô alleen as korttermyn-spaaraksie beskou word.

Dat die individu self die mogodisô-bedrag kon verkry deur elke week vir 6 weke R1.00 te spaar (bogenoemde voorbeeld), weet ons informante. Daar is egter 'n gesellige verhoudingsaspek wat net so belangrik is as die korttermyn vermeerdering van kapitaal.

Hoewel daar ten opsigte van mogodisô-groepe by mans en vrouens uitsonderings is, is die essensie van die mogodisô-sirkel die party. Die lid wat die voordele moet ontvang moet die ander op verversings trakteer. Onder vroue beteken dit gewoonlik 'n teeparty waarheen elke lid die ontvanger se mogodisô-geld saambring. Onder mans is dit gewoonlik 'n bierparty waar die bier dan soms verkoop word. Indien die lid getroud is, kry die gesin deur hierdie verkope verdere inkomste by (sodanige inkomste is nie deur ons in berekening gebring nie). Indien hy ongetroud is, vra hy die vrou van 'n vriend (of desnoods 'n weduwee) om vir hom gasvrou te speel. Die profyt uit die bierverkope gaan dan na die gasvrou.

Alhoewel ons tabelle slegs geldwaardes aandui, was daar in vier gevalle by vroue mogodisô-sirkels waar negosieware soos suiker,

© University of Pretoria

TABEL 78 / ...

TABEL 78: UITGAWES GEKORRELEER MET GROOTTE VAN GESIN

| BEDRAG (PER MAAND) | GROOTTE VAN GESIN | | | | | | | | | | | | | | | | TOTAAL | PERSENT |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 6 | 7 | 8 | 9 | 10 | 11 | 12 | 14 | 15 | 18 | 20 | | |
| R9 en minder | - | - | 2 | 1 | - | - | 1 | - | - | - | 1 | - | - | - | - | - | 5 | 1.7 |
| R10 - R19 | 2 | 6 | 17 | 17 | 15 | 16 | 12 | 7 | 4 | 3 | - | 1 | - | - | - | - | 100 | 33.3 |
| R20 - R29 | 1 | 6 | 10 | 11 | 23 | 17 | 11 | 8 | 8 | 10 | 2 | 2 | 1 | 1 | 1 | 1 | 113 | 37.7 |
| R30 - R39 | - | 3 | 4 | 7 | 8 | 4 | 10 | 5 | 6 | 4 | 2 | 2 | - | - | 1 | - | 56 | 18.7 |
| R40 - R49 | - | - | 2 | 2 | 1 | 3 | - | 1 | - | - | - | - | 1 | - | - | - | 10 | 3.3 |
| R50 - R59 | - | - | 1 | - | - | - | 4 | 3 | 2 | 1 | 2 | - | - | - | - | - | 13 | 4.3 |
| R60 - R69 | - | - | - | - | - | - | - | - | 1 | - | - | - | - | - | - | - | 1 | .3 |
| R70 - R79 | - | - | - | - | - | - | 1 | - | - | - | 1 | - | - | - | - | - | 2 | .7 |
| | 3 | 15 | 36 | 38 | 47 | 40 | 39 | 24 | 21 | 18 | 8 | 5 | 2 | 1 | 2 | 1 | 300 | 100 |

seep en mieliemeel oorhandig is. In een sirkel was daar geen vasgestelde bedrag nie. Die gasvrou moes rekord hou van wat sy ontvang en uiteindelik aan elke lid teruggee wat sy van haar ontvang het. By hierdie sirkel was die gemiddelde bedrag ongeveer 25c; heeltemal binne bereik van elke lid. Hoër bydraes kon kom, maar was nie die reël nie.

Dit was vir ons ook onmoontlik om korrelasie te vind tussen meerdere verbondenheid aan die tradisionele lewe en lidmaatskap van mogodisô-sirkels. Dit kom by alle tipes voor. Die gemiddelde mogodisô-lid onder mans was 'n gewone arbeider met 'n lang diensrekord wat aanduiding van stabiele inkomste gee. Die vrouens was veelal huisvrouens. Waar vrouens op 'n maandelikse basis aan 'n sirkel behoort het, het hulle gewoonlik 'n eie inkomste gehad soos die verpleegster wat by die Pretoriase Algemene Hospitaal saam met 19 ander verpleegsters maandeliks R5.00 in 'n mogodisô-sirkel gestort het. Onder die meer verwesterde tipes wat nog lid was van sirkels was daar huurmotorbestuurders, onderwysers en onderwyseresse.

Uit tabel 79 kan die aantal gesinne afgelei word, 97 uit 300, waar ons mogodisô-sirkels aangetref het. Dit was opvallend dat by gesinne kleiner as sewe rofweg die helfte van die getal gesinne lede gehad het wat aan mogodisô-sirkels behoort het. Dit is ook duidelik dat by gesinne met 'n ledetal van 3-5 daar minder mogodisô-gevalle voorkom as elders. Hiervoor kan ons geen verklaring gee nie.

Dit is verder duidelik dat daar meesal een lid per gesin aan hierdie aksie deel het, gewoonlik òf die man òf vrou. Die toestand by gesinne met 7 lede waar 22 persone in 15 gesinne aan mogodisô-sirkels deelneem vorm weer eens 'n kontras.

Die opvallende is dat wanneer ons die bydrae tot die sirkel korreleer met die lid (man of vrou) se persoonlike inkomste (tabel 79), dit nie moontlik is om aan te dui dat dit slegs 'n bepaalde deel van die inkomste is wat so gebruik word nie. Die 118 persone se bydraes is merkwaardig eweredig verdeel oor die hele persentuele reeks met 'n geringe oorwig in die groep onder 30%. Die rede hiervoor is dat mogodisô nie as 'n spaaraksie gesien word nie. Dit is nie oorskot wat hier bestee word nie, maar geld vir die verkryging van lewensmiddele. Mits die groep klein genoeg is (minder as ongeveer 6 lede) en die bydrae weekliks geskied, of by twee of drie lede maandeliks,

TABEL 79 / ...

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

TABEL 79: MOGODISÔ AS PERSENTASIE VAN INKOMSTE VAN PERSONE GEKORRELEER MET GROOTTE VAN GESIN WAARAAN PERSONE BEHOORT

| Persentasie wat Mogodisô van elke persoon se inkomste vorm | Gesinsgrootte (Syfers onder gesinsgrootte groepe dui aantal persone aan) | | | | | | | | | | | | | | | | Totale Aantal persone |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 6 | 7 | 8 | 9 | 10 | 11 | 12 | 14 | 15 | 18 | 20 | |
| 5 en minder | | | 1 | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | 1 |
| 6 - 10 | 1 | 1 | 1 | - | 1 | 1 | 2 | 3 | 2 | 1 | - | - | - | - | - | - | 13 |
| 11 - 15 | - | - | 1 | - | 1 | 1 | 1 | 1 | - | - | - | - | - | - | - | - | 5 |
| 16 - 20 | - | - | - | 1 | 4 | - | 4 | - | - | - | - | - | - | - | 1 | - | 10 |
| 21 - 25 | - | - | - | - | - | 3 | 2 | 1 | 2 | - | 1 | - | - | - | - | - | 9 |
| 26 - 30 | - | - | - | 1 | 1 | 1 | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | 3 |
| 31 - 35 | - | 2 | 1 | 1 | 1 | 1 | - | - | 2 | 1 | - | - | - | - | - | - | 9 |
| 36 - 40 | - | 1 | - | - | 1 | - | - | - | - | - | 1 | - | - | - | - | - | 3 |
| 41 - 45 | - | 1 | 1 | 1 | 1 | 1 | 2 | 1 | 1 | - | - | - | - | - | - | - | 9 |
| 46 - 50 | - | - | - | 1 | - | 1 | 2 | - | 2 | - | - | 2 | - | - | - | - | 8 |
| 51 - 55 | - | 1 | - | 2 | - | - | - | 1 | 1 | - | - | - | - | - | - | - | 5 |
| 56 - 60 | - | 1 | - | 1 | 1 | 1 | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | 4 |
| 61 - 65 | - | - | - | - | 1 | - | 2 | 1 | - | - | - | - | 1 | - | - | - | 5 |
| 66 - 70 | - | 1 | - | - | 1 | 2 | 1 | - | - | - | 1 | 1 | - | - | - | - | 7 |
| 71 - 75 | - | - | - | - | - | 1 | 1 | - | - | - | 1 | - | - | - | - | - | 3 |
| 76 - 80 | - | - | - | - | - | 1 | - | 1 | - | - | - | - | - | - | - | - | 2 |
| 81 - 85 | - | - | 1 | - | - | - | 1 | - | - | - | - | - | - | - | - | - | 2 |
| 86 - 90 | | - | 1 | - | 1 | - | - | 2 | - | 1 | - | - | - | - | - | - | 5 |
| 91 - 95 | - | - | 1 | 1 | 1 | - | 1 | | 1 | - | - | - | - | - | | - | 5 |
| 96 - 100 | - | - | 1 | - | - | - | 3 | - | 2 | - | - | - | 2 | - | - | - | 8 |
| GOEDERE | - | 1 | - | - | - | - | - | - | - | 1 | - | - | - | - | - | - | 2 |
| Aantal persone | 1 | 9 | 9 | 9 | 15 | 14 | 22 | 11 | 13 | 4 | 4 | 3 | 3 | - | 1 | - | 118 |
| Aantal gesinne met Mogodisô | 1 | 7 | 9 | 8 | 13 | 13 | 15 | 10 | 10 | 4 | 3 | 1 | 2 | - | 1 | - | 97 |
| Aantal gesinne sonder Mogodisô | 2 | 8 | 27 | 30 | 34 | 27 | 24 | 14 | 11 | 14 | 5 | 4 | - | 1 | 1 | 1 | 203 |

© University of Pretoria

vind ons 'n inkomstesiklus vir die besondere lid van een maal elke 6 of 8 weke wat 'n redelike inkomste-uitgawesiklus moontlik maak. Al plaas jy dus meer as die helfte van jou inkomste in so 'n sirkelgang is die resultaat nog nie periodieke hongersnood gevolg deur oorvloed nie.

Uit tabel 80 blyk dit egter baie duidelik, wanneer alle bydraes na 'n maandelikse basis teruggewerk word, dat vrouens oor die algemeen minder as R7.00 per maand in die siklus plaas en mans meer. By mans kom daar blykbaar twee groepe voor. Die een wat tussen R8 - R11 per maand bestee en 'n tweede, die grootste, wat R15 en meer inlê. Vir hierdie verdeling kon ons geen bevredigende verklaring vind nie.

TABEL 80: BEDRAG AAN MOGODISÔ BETAAL GEKORRELEER MET GESLAG VAN PERSONE WAT AAN MOGODISÔ DEELNEEM (300 GESINNE)

| Bedrag deur elke persoon maandeliks betaal | Manlik | Vroulik | Totaal |
|---|---|---|---|
| Goedere | - | 2 | 2 |
| R1.00 - 1.99 | - | 7 | 7 |
| R2.00 - 2.99 | 3 | 15 | 18 |
| R3.00 - 3.99 | 1 | 1 | 2 |
| R4.00 - 4.99 | 1 | 12 | 13 |
| R5.00 - 5.99 | 2 | 1 | 3 |
| R6.00 - 6.99 | 2 | 4 | 6 |
| R7.00 - 7.99 | 1 | - | 1 |
| R8.00 - 8.99 | 14 | 2 | 16 |
| R9.00 - 9.99 | - | - | - |
| R10.00 -10.99 | 8 | 3 | 11 |
| R11.00 -11.99 | - | 1 | 1 |
| R12.00 -12.99 | 1 | - | 1 |
| R13.00 -13.99 | - | 1 | 1 |
| R14.00 -14.99 | 1 | - | 1 |
| R15.00 -15.99 | 19 | 1 | 20 |
| R16.00 -16.99 | 2 | - | 2 |
| R17.00 -17.99 | 6 | 1 | 7 |
| R20.00 -20.99 | 2 | - | 2 |
| R21.00 -21.99 | 2 | - | 2 |
| R26.00 -26.99 | 2 | - | 2 |
| TOTAAL (Persone) | 67 | 51 | 118 |

Uit tabelle 81 - 84 is dit opvallend dat die oorwig van mogodisô-sirkels 'n weeklikse of maandelikse bydrae vereis. Tweeweeklikse bydraes by sowel vrouens as mans is by verre in die minderheid. Dit is omdat die normale loonverdienste oor 'n maandelikse of weeklikse periode strek. Dit is opvallend dat meer as die helfte

© University of Pretoria

TABEL 81 / ...

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

TABEL 81: MOGODISÔ: VROULIKE LEDE MET WEEKLIKSE (14 DAAGLIKSE) BYDRAE

| | Rand | Aantal Lede per Mogodisô-Groep | | | | | | | | | | | | | | | Totaal |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 6 | 7 | 8 | 9 | 10 | 11 | 12 | 15 | 20 | 30 | |
| Bedrag bygedra | .25 | | | | | 2 | 1 | | | | | | | | | | 3 |
| | .32 | | | | 1 | | | | | | | | | | | | 1 |
| | .50 | | | 1 | | | 1 | | | | | 1 | 1 | | 1 | | 5 |
| | .60 | | | | | | | | | | | | | 1 | | | 1 |
| | 1.00 | | | | | 2 | 2 | | | | | | | | | | 4 |
| | 2.00 | | | | | 1 | | | | 1 | | | | | (1) | | 2(1) |
| | 2.50 | | | | | | | | | | | | | | | | 0 |
| | 3.00 | | | 1 | 1 | (1) | | | | | | | | | | | 2(1) |
| | 4.00 | | | | | 2 | 2(1) | 1 | | | | | | | | | 5(1) |
| | 4.25 | | | | | | | | | | | | | | | | |
| | 5.00 | | | | | | | | | | | | | | | | |
| | 6.00 | | | | | | | | | | | | | | | | |
| | 10.00 | | | | | | | | | | | | | | | | |
| | | - | - | 2 | 2 | 7(1) | 6(1) | 1 | 0 | 1 | - | 1 | 1 | 1 | 1(1) | - | 23(3) |

TABEL 82: MOGODISÔ: VROULIKE LEDE MET MAANDELIKSE BYDRAE

| | Rand | Aantal lede per Mogodisô-Groep | | | | | | | | | | | | | | | Totaal |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 6 | 7 | 8 | 9 | 10 | 11 | 12 | 15 | 20 | 30 | |
| Bedrag bygedra | .25 | | | | | 1 | | | | | | | | | | | 1 |
| | .32 | | | | | - | | | | | | | | | | | - |
| | .50 | | | | | 1 | | | | | | | | | | | 1 |
| | .60 | | | | | - | | | | | | | | | | | - |
| | 1.00 | | | | | 1 | | | | | | | | | | | 1 |
| | 2.00 | | 2 | | 3 | | 3 | | | | | | | | | | 8 |
| | 2.50 | | 1 | | | | | | | | | | | | | | 1 |
| | 3.00 | | | 1 | | | | | | | | | | | | | 1 |
| | 4.00 | | 1 | 2 | 2 | | | | | | | | | | | | 5 |
| | 4.25 | | | | | | | 1 | | | | | | | | | 1 |
| | 5.00 | | | | | | 1 | | | | | | | | 1 | | 2 |
| | 6.00 | | | 1 | | | | | | | | | | | | | 1 |
| | 10.00 | | | 2 | 1 | | | | | | | | | | | | 3 |
| | | - | 4 | 6 | 6 | 3 | 4 | 1 | - | - | - | - | - | - | 1 | - | 25 |

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



TABEL 83: MOGODISÔ-GROEP: MANS MET WEEKLIKSE (14 DAAGLIKSE) BYDRAE

| Rand | Aantal lede per Mogodisô-Groep | | | | | | | | | | | | | | Totaal |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | 2 | 3 | 4 | 5 | 6 | 7 | 8 | 9 | 10 | 11 | 12 | 13 | 15 | 40 | |
| .50c | | 1 | | | | | 1 | | | | | | | 1 | 3 |
| R1.00 | | | | | 1 | | | | | | | | | | 1 |
| 1.20 | | | | 1 | | | | | | | | | | | 1 |
| 2.00 | 1 | 2 | | 2 | 2 | | 1 | | | | | | 1 | | 9 |
| 2.50 | | | | | | | | | | | | | | | 0 |
| 2.75 | | | | | (1) | | | | | | | | | | (1) |
| 3.00 | 2 | 2 | 3 | 2 | 3 | | | 1 | | | | 1 | | | 14 |
| 3.50 | | | | | | | | | 1 | | 1 | 1 | | | 3 |
| 3.70 | | | 1 | | | | | | | | | | | | 1 |
| 4.00 | 1 | 2 | | 2 | 2(1) | 1 | | | | | | | | | 8(1) |
| 5.00 | | 1 | | | 1 | | | | (1) | | | | | | 2(1) |
| 6.00 | 1 | | | | | | | | | | | | | | 1 |
| 10.00 | | | | | | | | | | | | | | | 0 |
| 10.25 | | | | | | | | | | | | | | | 0 |
| 12.00 | | (1) | | | | | | | | | | | | | (1) |
| 14.00 | | | | | | | | | | | | | | | 0 |
| 20.00 | | | | | | | | | | | | | | | 0 |
| Totaal | 6 | 8(1) | 4 | 7 | 9(2) | 1 | 2 | 1 | 1(1) | - | 1 | 2 | 1 | 1 | 43(4) |

TABEL 84: MOGODISÔ-GROEPE: MANS MET MAANDELIKSE BYDRAE

| Rand | Aantal lede per Mogodisô-Groep | | | | | | | | | | | | | | Totaal |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | 2 | 3 | 4 | 5 | 6 | 7 | 8 | 9 | 10 | 11 | 12 | 13 | 15 | 40 | |
| R1.00 | | | | | | | | | | | | | | | 0 |
| R2.00 | | | 1 | | | | | | | | | | | | 1 |
| 3.00 | | | 1 | | | | | | | | | | | | 1 |
| 4.00 | | | 1 | | | | | | | | | | | | 1 |
| 5.00 | | | | | 1 | | | | | | | | | | 1 |
| 6.00 | | 1 | | | 2 | | | 1 | | | | | | | 4 |
| 10.00 | 3 | 3 | | | | | | | | | | | | | 6 |
| 10.25 | | | | | | 1 | 1 | | | | | | | | 2 |
| 12.00 | 1 | | | | | | | | | | | | | | 1 |
| 14.00 | | 1 | | | | | | | | | | | | | 1 |
| 20.00 | 2 | | | | | | | | | | | | | | 2 |
| Totaal | 6 | 5 | 3 | 0 | 3 | 1 | 1 | 1 | 0 | 0 | 0 | 0 | 0 | 0 | 20 |

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

van die vrouens aan 'n maandelikse vereniging behoort: wasvroue word per maand betaal. Mans aan die ander kant ontvang as gewone arbeiders hulle loon weekliks vandaar dat 2/3 van hierdie groep weeklikse mogodisô-sirkels verkies.

Mens sou die algemene bewering kon waag dat hoe groter die sirkel hoe kleiner die bydrae. Dit is af te lese uit die opgawe vir mans en vrouens waar weeklikse bydraes gevorder word. Wanneer 9-20 vrouens aan die sirkel behoort, is die bydrae tussen 50c en R1.00 per week. Vir mans is dit effens hoër.

Dit is verder opvallend dat die gemiddelde grootte van mogodisô-sirkels by vrouens by weeklikse bydrae 5-6 persone is, by maandelikse bydraes gaan dit selde hoër as 4 persone. By mans is dieselfde bewering waar: Die enigste verskil is dat die bydraes per persoon heelwat meer as vir vrouens is.

Alle segsmanne het die sosiale karakter van mogodisô beklemtoon. Wanneer groot bedrae ingelê word, word die geldelike voordele egter van oorwegende belang en speel die maandelikse of weeklikse geselligheid 'n geringer rol. In alle normale gevalle is die deelname aan die "party" 'n belangrike gebeurtenis. Ons het reeds daarop gewys dat die gaste van lekkernye voorsien word en dat daar soms van die gaste verwag word om die verversings te koop. Veral bier is hier van belang.

Ons beskik oor geen gegewens wat 'n besondere verband tussen mogodisô-lede aandui nie. Dit is waar dat die lede mekaar goed ken en in geval van mans soms saam werk. Dit is ook duidelik dat die lede van so 'n sirkel soms in dieselfde buurt in Atteridgeville bly. Of lede van bepaalde mogodisô-sirkels by voorkeur uit lede van dieselfde stamgroep bestaan kan ons nie sê nie.

## VI. SLOTOPMERKING

Uit die voorgaande uiteensetting van die ekonomiese lewe van ons 300 proefgesinne lê die opvallende daarin dat ver meer as die helfte (± 70%) van die huishoofde diens gelewer het aan Blanke besighede en staats-, provinsiale en munisipale instansies hoofsaaklik as gewone arbeiders. Dit is ook duidelik dat in byna die helfte van die gevalle die hulpverlening van veral die vrou vir aanvullende inkomste nodig was om die mas op te kom. Dat ons hier met een van die belangrike oorsake te doen het wat die verbrokkeling van 'n gesonde gesinslewe en ouerlike kontrole oor kinders aandui, spreek vanself.

Dit was egter teen ons verwagting dat daar geen korrelasie moontlik was tussen die ledetal in die huishouding en die aantal verskaffers van inkomste nie. Hulpverlening vir aanvullende inkomste deur kinders of ander persone kom voor by alle gesinsgroottes en nie slegs vanaf 'n bepaalde getal persone nie.

Ons vestig ook weer die aandag op die feit dat 68.3% van ons gesinne oor die proeftydperk 'n oorskot op die begroting kon wys. Slegs 29.3% het 'n tekort vertoon. As ons hierby in ag neem dat slegs 16.7% gesinne geen aandeel in enige spaaraksie gehad het nie dan kan ons die reële getal gesinne wat werklik buite hulle vermoë lewe nog laer as 29.3% stel. Ewe opvallend was die aanwesigheid in 2/3 van ons gesinne van lede van mogodisô-sirkels. Dat hierdie gebruik so algemeen voorkom, het ons nie verwag nie. Die algemene beeld is een van 'n redelike vermoë om die lewenstandaard wat self gestel word, te handhaaf. Nie een van ons gesinne sou egter volgens Blanke standaarde as ryk beskou kon word nie. Die vermoë om tog gemaklik uit te kom, bewys baie duidelik dat die begrip armoede 'n uiters relatiewe is.

Dit is belangrik om by hierdie samevatting ook te onthou dat verskeie van ons meer verwesterde informante ons pertinent daarop gewys het dat daar in Atteridgeville 'n kunsmatige lewenstandaard

© University of Pretoria

gestel / ...

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

gestel word. Dit is ons verduidelik dat die "luukse" aard van die munisipale huisvesting ver bo die standaard is wat die meeste inwoners as vereiste sou stel. Die gevolg is tweërlei. In die eerste instansie word die inwoners gedwing om 'n groter deel van hulle inkomste as hulle andersins sou nodig hê vir behuising te betaal. In die tweede plek word 'n kunsmatige druk geskep ten gunste van uitgawes om die huis "volgens standaard" te meubeleer en van ekstras soos gordyne, tafeldoeke, beddekens ens. te voorsien. Dit is duidelik dat die "standaard" in Atteridgeville moeilik definieerbaar is. Wat alles onder die begrip "ekstras" bedoel was, het uit die aard van die inkomste van huis tot huis verskil maar die saak wat na ons oordeel werklik as feit gestel kan word is: die standaard van uiterlike vertoon van verwestering, soos dit in huis en ameublement en kleredrag sigbaar word, is in Atteridgeville hoër as wat die inwoners uit eie vrye wil en begeerte sou handhaaf. Hoedanig die inkomste wat so sou vrykom vir alternatiewe besteding wel gebruik sou word, kan ons nie beoordeel nie.

-------------

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

# HOOFSTUK VI

# OPVOEDING EN ONDERWYS

## I. ALGEMEEN

Die opvoedingsproses as geheel omvat veel meer as ons in die Westerse wêreld onder die begrip onderwys verstaan. Die gehele proses het te make met die oordrag aan 'n jonger generasie van nie alleen die sigbare kultuurgoedere nie, maar veral die inskerping in die persoonlikheid van agterliggende norme van korrekte gedrag. Dit is nie net die aanleer van vaardighede nie, maar ook persoonlikheidsvorming. By altwee hierdie prosesse is daar egter ook die element van kennisverkryging, van bymekaar maak van feite oor vaardighede en korrekte gedrag.

Ons weet dat die opvoedingsproses sowel 'n informele as formele karakter dra by dieselfde volkseenheid, dat daar "skoolinstellings" is naas die informele vormingsaksie. Dit is ook wel bekend dat die bewustelike informele vorming en die formele skoolonderrig van die jonger generasie gewoonlik voor en net na die bereiking van puberteit 'n hoogtepunt bereik. Daarna gaan die informele vorming voort tot diep in die volwasse lewe.

Die volledige enkulturasieproses strek dus oor 'n baie groot deel van die lewenstyd en omvat nie net die invloed van die gesin waarin die persoon gebore is nie, maar ook, by die kind, invloed van bv. speelgroepe en by die volwassene buurskap invloed en invloede in verenigings. Hierby kom nog die vormende invloed vanuit die godsdiens wat òf as mede-aksie van die genoemde sosiale eenhede werk òf deur die aksie van die kerk wanneer daar van 'n Christelike godsdiens sprake is. Die volledige proses is verder gemik op die rypmaking van die individu vir volwasse lewe in sy bepaalde volks- of groepseenheid. Dit word dus gekenmerk deur 'n mate van subjektiwiteit, dit is volksgebonde. Die individu leer die houdingsmode van sy groep teenoor ander groepe. Objektiewe kennisaanbieding soos dikwels by die westerling as ideaal gestel word, geld nie as behoefte nie. 'n Persoon word grootgemaak as volkslid of groepslid. Hy word tot 'n kultuurgenoot gevorm.

Wanneer ons hierdie siening op die inwoners van Atteridgeville toepas, word dit onmiddellik nodig om voorbehoude te stel en op afwykings te wys want Atteridgeville se inwoners is geen afsonderlike volk nie; slegs 'n toevallig-saamwonende groep.

Ons moet in die eerste plek daarop wys dat diegene wat 'n beeld van die gehele opvoedingsproses en die inhoud daarvan ten opsigte van die inwoners van Atteridgeville soek, ook ander plekke in hierdie stuk sal moet nagaan. In hierdie deel handel dit in sonderheid oor die funksionering van die gesin as opvoedingseenheid soos hierdie aksie aangevul word deur skoolonderwys. Dit raak dus opvoeding van die jeug binne die totale proses. Die gedeeltes waarin nuwe sosiale groeperinge behandel word, of waar die gesin se funksionering op godsdienstige terrein bespreek word, sal as aanvullend beskou moet word, tot die gedeelte van die opvoeding wat tans bespreek word.

Die inwoners van Atteridgeville en hulle kinders kan as eerste en tweede generasies beskou word binne die proses van kultuurverandering onder Westerse invloed. Dit is daarom verstaanbaar dat daar 'n hoë prys gestel word op die verkryging van Westers-georiënteerde onderwys wat dikwels min of weinig verband toon met die opvoedingsprogram tuis. Ons gee dus meer aandag aan die bespreking van die Westerse skoolonderrig as wat noodsaaklik beskou kan word.

In die derde plaas moet ons onthou dat die samevoeging van die inwoners van Atteridgeville nie 'n organiese geheel vorm nie. Die mense kom van verskillende volksgroepe. Dit is egter waar dat

© University of Pretoria

die / ...

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

die meeste Sotho-sprekendes is. Daar word in geheel ten minste die Venda-, Tsonga- en Zulu-kulture en verskillende variante van die Sotho-kulture se lewensvoorskrifte van die kant van die ouers aan die kinders geleer. In elke geval soveel as die ouers self daarvan weet en onthou want die ondersteunende effek van ander gesinne wat hulle kinders dieselfde kultuurgoedere leer, ontbreek grootliks. Die geheelbeeld is een van gebrokenheid van die gemeenskap wat dit onmoontlik maak om 'n stel eenvormige en algemeen-geldende prinsipes in die opvoedingstelsel te beskryf. Ons is bewus daarvan dat ons uitsprake op hierdie punt noodwendig growwe veralgemenings sal wees.

## II. DIE ROL VAN DIE SKOOL AS ONDERWYSINSTANSIE

Ons sal later daarop wys dat die kinders ongeveer van die agste jaar begin skoolgaan. Die ywer om te leer by elkeen as individu kom eers later in die lewe. Dit is dus in hoofsaak die ouers se siening van die waarde van skoolonderwys wat kinders in hierdie rigting stuur.

Vir alle ouers wat in hierdie saak ondervra is, is gevorderde skoolonderrig, die vermoë om beter besoldigde werkstipes te verkry en die algemene gelykwording met die westerling, dinge wat as sinonieme gereken word. Ouers wil graag hulle kinders die maksimum in die lewe laat bereik en getroos hulle groot opofferinge om die kinders 'n beter skoolopleiding te gee as wat hulle self gehad het. Wanneer opgawes van hulle kinders se onderwysprestasie gegee word, word daar dikwels gesê "failed Std. VI" in plaas van "passed Std. V."

Die opvallende is dat daar geen onderskeid in die ouer se gesindheid teenoor onderwys van seuns en dogters is nie. By seuns gaan dit verstaanbaar om 'n latere beter verdienste. Van dogters word gesê "hoe hoër die onderwyskwalifikasie, hoe beter huwelik kan sy sluit." Daarmee erken die ouer dan die saak wat ons in tabel 35 as feit kon toon, naamlik die voorkeur om persone met dieselfde hoë onderwyskwalifikasies as huweliksmaats te neem.

Ouers was ook, waar albei moes werk, gretig om kinders skool toe te stuur om hulle sodoende van die straat te kry. Waar die aanvullende verdienste van die vrou nodig was om die huishouding te finansier is die geleentheid om die kinders skool toe te stuur 'n belangrike gebeurtenis. Atteridgeville het ten tye van ons opname oor geen kleuterbewaarskool beskik nie. Hoewel die behoefte daar was, het die inwoners ook nie so iets self georganiseer nie.

### A. Onderwysfasiliteite

Soos ons reeds in die afdeling waar besonderhede oor die beplanning van Atteridgeville verskaf is, verduidelik het, het die departementele voorskrif in 1938 bepaal dat daar een primêre skool vir elke 350 standplase sal wees en een sekondêre skool vir elke 6 primêre skole. Volgens hierdie formule het ons met die opname 5 primêre skole en een hoërskool in Atteridgeville aangetref.

Met die verskuiwing van Marabastad na Atteridgeville was alle Bantoe-onderwys in die hande van staatsondersteunde skole, meesal skole onder beheer van sendinginstansies. Soos die skole in Marabastad hulle staatsondersteuning verloor het, is hulle vervang met skole van die Transvaalse Departement Bantoe-onderwys in Atteridgeville. Hoewel die inwoners dit nie meer so onthou nie, het die Marabastad-skole soos volg met die skole in Atteridgeville verbind geraak. Hoewel die sendingliggaam beheer verloor het, het die personeel van 'n bepaalde sendingskool in Marabastad 'n staatskool in Atteridgeville beman.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



| Atteridgeville naam | Marabastad naam | Datum van verhuising |
| --- | --- | --- |
| Walton Jamesonskool | N.G. Kerk-skool | Januarie 1941 |
| T.P. Matabathe-skool | Metodisteskool | April 1946 |
| Central School | Swiss Mission School | April 1946 |
| J.J. de Jong-skool | Anglikaanse-skool | April 1946 |
| St. Anne's School | Roman Catholic School | April 1946. |

Die Hofmeyer-hoërskool het sy ontstaan in Julie 1938 in Marabastad gehad en gedurende 1941 na Atteridgeville verhuis.

Dit was deel van die ooreenkoms met die Provinsiale Administrasie dat die Stadsraad die skoolgebou sou oprig en die Provinsiale owerheid dit sou huur teen 6% per jaar van die kapitale oprigtingskoste. Die Stadsraad het op 30.9.38 gemagtig dat die geboue uit Stadsraadsfondse gebou sou word. Die enigste uitsondering is die Rooms-Katolieke kerk wat toegelaat is om op een van die skoolpersele hulle eie skoolgebou op te rig. Dit beteken dat daar in Atteridgeville sedert 1946 byna identiese toestande geheers het as wat elders na die afkondiging van die Wet op Bantoe-onderwys nr. 47 van 1953 verkry is, nl. dat die Staat verantwoordelikheid vir Bantoe-onderwys aanvaar het. Slegs die latere beheerfunksie deur ouerkomitees was in Atteridgeville onbekend.

Die geboue van die vyf departementele skole was dus ten tye van ons opname relatief nuut. Dit het bestaan uit die herhaling van dieselfde grondplan by elke skool. Elke gebou het 10 klaskamers, 2 kleedkamers, 'n personeelkamer, 'n kantoor van die prinsipaal en 2 stoorkamers bevat. Hoewel daar by nie een van die skole 'n saal gebou is nie, kon gesamentlike byeenkomste gehou word deur 'n afskorting tussen twee groot klaskamers te verwyder. Alle klaskamers was so geleë dat dit lig van twee kante kry asook ruim kruisventilasie deur vensters. Daar was deurgaans voldoende banke vir al die leerlinge.

Die persele waarop die skole geleë was, was groot genoeg om naas 'n klein groentetuin voldoende speelruimte vir die kinders te laat. Alle skole het die gebruik gehad van die ruim Munisipale sportterrein waar sokker, rugby, atletiek, en tennisbane in stand gehou is.

Die toestande by St. Anne's School het effens verskil van die ander laerskole. Die skool het bestaan uit twee los geboue, die een met 3 klaskamers en die ander met 'n kleinerige saal en twee klaskamers. In eersgenoemde gebou waar die hoër primêre klasse sts. III-VI gehuisves was, was daar genoeg ruimte en banke vir alle leerlinge. Die ander gebou het die laer primêre klasse gehuisves. Hier is twee onderwysers met hulle klasse in elk van die vertrekke gehuisves. Nie alleen was die klasse groter as die gemiddelde nie, maar daar was ook nie genoeg banke vir al die leerlinge nie. Dit was duidelik dat die onderwyser se taak in die klasse waar die fondament gelê word, baie moeilik was. Een van die onderwyseresse in die afdeling is deur die kerk betaal sodat die leerlinge in die klas nie in aanmerking kon kom vir staatsubsidie nie. Vanweë die gebrek aan personeel, was die prinsipaal verplig om voltyds onderwys te gee sodat daar minder tyd was om aan die skooladministrasie te bestee. Die skoolperseel was egter die ruimste van almal sodat dit moontlik was om 'n eie voetbalveld uit te lê. Mens het onwillekeurig die indruk gekry dat die skool in sy aktiwiteite homself van die ander skole in Atteridgeville afgesonder het.

Die personeelvoorsiening aan hierdie skole was na ons oordeel net-net toereikend. Elk van die departementele skole het oor 'n personeel van 11 beskik: Tien leerkragte en een prinsipaal van wie verwag word dat hy ook 'n aantal lesure per week sou waarneem. As ons die prinsipale buite rekening gelaat het, was daar in die skool die volgende getalle leerlinge per onderwyser: Walton Jameson 52.7,

© University of Pretoria

Sentraal / ...

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Sentraal 45.4, De Jong 53.3 en Mathabathe 52.5. In praktyk was die besetting per leerkrag soms minder in die hoër primêre klasse maar in die laer primêre klasse heelwat meer as die gemiddelde. Al hierdie onderwysers het hulle onderwysopleiding voltooi en was heel dikwels nog besig met verdere studie. Van die 50 onderwysleerkragte was slegs 17 onderwyseresse. Dit is 'n ander beeld as mens normaalweg in skole vir Blankes aantref. Die prinsipale was in alle gevalle mans. Met enkele uitsonderings was die onderwysers steeds persone tussen 30 en 44 jaar oud met 'n onderwysondervinding van tussen 3 en 10 jaar. Die algemene beeld was dus steeds een van bekwame leerkragte wat met klasse wat aan die groot kant is, moes werk in geboue en klaskamers wat besonder goed was.

In die Rooms-Katolieke Sendingskool St. Anne's was daar 6 leerkragte vir 378 kinders. Hier moes die prinsipaal ook 'n volle klasonderwyser se werk behartig. Die gemiddelde leerlingtal per onderwyser was 63, weer eens heelwat meer in die laer primêre klasse en minder as die syfer in die hoër primêre standerds. Waar die ander laerskole se onderwysers aan 'n verskeidenheid kerke behoort het, was die onderwysers hier almal Rooms-Katolieke lidmate. Ons vermoed dat dit hierdie vereiste is wat gestel word, wat oorsaak was van die feit dat 'n ongekwalifiseerde persoon as onderwyser aangestel is. Benewens hierdie geval het die ander 5 leerkragte almal onderwyskwalifikasies gehad. Drie van die ses was vroue.

Aan die hoërskool was daar 9 onderwysers (insluitende twee vroue) benewens die prinsipaal. Hier is onderrig gegee in Engels, Sotho, Zulu, Afrikaans, Wiskunde, Aardrykskunde en Geskiedenis, Rekenkunde, Huishoudkunde en Algemene Wetenskap. Dit is dus onmoontlik om 'n besetting per onderwyser aan te dui sonder inagneming van die voorkeur vir bepaalde vakke soos leerlinge hulle kursusse saamgestel het. Indien ons egter tog die totale leerlinggetal, 260, arbitrêr verdeel, gee dit 'n besetting van 28.9 leerlinge per onderwyser. Almal het oor die nodige onderwyskwalifikasies beskik en van die totale 10 personeellede het 6 oor universiteitsgrade beskik - 5 oor B.A. en een oor B.Sc. Dit is baie duidelik dat die mate van individuele aandag wat leerlinge hier kon geniet baie beter is as in die laerskool.

In die verskillende laerskole en die hoërskool is les gegee volgens departementele sillabusse. Die tydswisseling vir besondere vakke in die laerskole is binne beperkte speelruimte deur die departement Bantoe-onderwys voorgeskryf en omvat die normale lessoorte wat in enige laerskool aangetref word. Die opvallende variasie is egter dat benewens Engels en Sotho (moedertaal), Afrikaans as vak slegs in Mathabathe-skool en die Rooms-Katolieke skool St. Anne's vanaf Sub A aandag ontvang het. Die ander drie laerskole het in Sub A en B slegs aandag aan die moedertaal en Engels gegee. Vanaf standerd I is daar in alle skole egter op gelyke wyse aan 'n Bantoetaal en die twee amptelike tale aandag gegee.

Ondanks die aanwesigheid van kinders van ander taalgroepe as die Sotho in Atteridgeville is as moedertaalonderrig met Sotho alleen volstaan. Tot watter mate hierdie kinders agterstand getoon het by hulle maats wat van huis uit Sotho-sprekend was, kon ons nie bepaal nie. Eers in die hoërskool kon kinders kies tussen Sotho en Zulu as taal vir die hoërgraad.

Die medium van onderrig in die laerskole was as volg: In alle klasse is godsdiensonderrig in die moedertaal d.i. Sotho gegee. Dit was ook die medium vir die onderrig van die taal self. In Sub A is begin met Natuurstudie, Geskiedenis, Gesondheidsleer, Handwerk en Rekenkunde deur medium van Sotho. Gaandeweg is oorgeslaan na Engels as medium sodat in standerd III-VI Rekenkunde, Aardrykskunde, Geskiedenis, Gesondheidsleer, Natuurstudie, Handwerk en Liggaamsoefeninge deur medium Engels gegee is. Die drie tale, Sotho, Engels

© University of Pretoria

en / ...

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



en Afrikaans is natuurlik deur medium van die besondere taal gegee. Reeds in die laer klasse, sub-standerds A, B en standerds I en II, is begin om syferwerk en telwerk in Engels te doen.

In die hoërskool is Godsdiensonderrig in die moedertaal gegee, d.i. in Sotho. Behalwe die amptelike tale en Sotho en Zulu is al die ander vakke deur medium Engels geleer. Alle leerlinge is verplig om albei amptelike en 'n Bantoetaal te neem. Buite die voorskrif was dit moontlik om uit die ander vakke drie ander te kies om die 6 vakke wat voorgeskrewe was saam te stel. Soos ons later sal toon het hierdie beklemtoning van Engels 'n invloed op die vakvoorkeur van leerlinge.

Eksamens is intern in elke skool afgeneem. Aan die einde van die laerskool (st. VI) is 'n departementele eksamen afgeneem. Die openbare Junior-sertifikaateksamen vir Bantoeskole kon na voltooiing van vorms I-III afgelê word en die Senior-sertifikaat is verwerf na voltooiing van vorms IV en V in die hoërskool. Hierdie eksamen is vir alle doeleindes deur die Matrikulasieraad as gelykstaande aan die standaard in skole vir Blankes erken. Hieruit blyk nou dat die totale duur van skoolonderrig vir Bantoeskoliere van substanderd A tot vorm V (st. X) 13 jaar was. In Blanke skole duur dit 12 jaar. Die ekstra jaar is ingevoeg met die aanvang van die hoërskool (vorm I) om voorsiening te maak vir 'n kennisagterstand teenoor Blanke skoliere.

Benewens die aktiwiteite gedurende skooltyd was daar die normale sportaktiwiteite by elke skool in die namiddag. Hier benewens het al die laerskole ook takke van die Pathfinder- en Wayfarer-bewegings vir seuns en dogters, waar die leiding deur onderwysers geneem is, gehad. Dit was die gebruik om jaarliks ook uitstappies te organiseer na fabrieke en die dieretuin in Pretoria. Slegs die Mathabathe-skool het oor 'n eie biblioteek beskik. Hier was geen boeke in 'n Bantoetaal beskikbaar nie, maar wel 22 Afrikaanse en 101 Engelse boeke. Daar was egter 'n tak van die Provinsiale biblioteekdiens in Atteridgeville waarvan skoliere lid kon word. Die skole sonder biblioteke het egter wel ingeteken op jeugtydskrifte soos die "Children's Newspaper", Die Jongspan en Motswalle wa Bana. Mediese aandag aan kinders is verskaf deur periodieke besoeke aan die munisipale kliniek waar mediese en tandheelkundige dienste gratis verskaf is.

Die beheer oor die skoolwerksaamhede was in die eerste plaas in die hande van elke prinsipaal. Oor hom was egter die departementele Superintendent gestel. Hierdie funksionaris was ook voorsitter van die skoolkomitee wat by elke skool gevorm is. Die lede van hierdie komitees het tussen 5 en 7 gewissel en was verkies uit die ouers van skoolgaande kinders. Hulle het die taak gehad om vir die instandhouding van die skoolgeboue te sorg en advies te gee by die aanstelling van nuwe onderwysers. Die komitees het nie met besondere entoesiasme funksioneer nie.

Transvaal was ten tye van ons ondersoek in 12 inspekteurskringe verdeel. Atteridgeville het in die kring Pretoria-Wes geval. In elke inspekteurskring was daar benewens die inspekteur ook twee opsigters (eintlik sub-inspekteurs), wat saam met hom of op sy instruksies die skole besoek het. Hier het dit dus gegaan om toesig oor die standaard van die professionele werk aan die skole. Die skoolhoof en sy personeel was dus in hierdie saak direk aan kontrole deur die inspekteur onderhewig. In praktyk is elke skool ten minste een maal per jaar en soms meer kere deur hierdie departementele amptenare besoek.

Die departementele subsidie ten opsigte van die skole in Atteridgeville het neergekom op 'n volledige verskaffing van fasiliteite en personeel. Die geboue is gewaarborg en die personeel se salarisse volgens die vasgestelde skale betaal. Ameublement en

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

spesiale gereedskap vir houtwerk en handwerk is geredelik verskaf; tot so 'n mate dat die inspekteur die beskikbaarheid van hierdie goedere as uitstekend bestempel het. Om hierdie rede mog die skool geen skoolgeld vorder nie. Onderwys is volkome gratis verskaf. Hierby het die departement ingestaan vir die gratis verskaffing van leesboeke in Sotho, Afrikaans en Engels. Handboeke en gewone oefeningboeke moes egter self aangekoop word. Die onkoste per kind vir onderwys in Atteridgeville was werklik besonder laag. Daar was egter ander faktore wat die koste die hoogte laat inskiet het.

Die algemene beeld wat ons van die onderwysfasiliteite in Atteridgeville gekry het, was dat dit besonder goed was. Ons kan met nadruk verklaar dat dit heelwat bo die landsgemiddelde vir die jare 1946-50 was en 'n voorloper was van 'n nuwe verhoogde standaard van fasiliteitverskaffing aan skole vir die Bantoe deur die Staat.

B. Benutting van die fasiliteite

Die onderwysfasiliteite wat in Atteridgeville beskikbaar is, het in geheel aan die behoeftes van die totale moontlike leerlinggetal voldoen. Geen aansoek om toelating tot 'n skool is ooit afgewys omdat daar nie plek was nie. Indien daar dus kinders nie op skool was nie, moes ons die verskynsel probeer verklaar uit ander oorsake, maar nie as 'n gevolg van 'n tekort aan ruimte in die skole nie.

Dit was baie moeilik om bevredigende statistiek te bereken vir Atteridgeville alleen oor sake wat skoolbesoek raak. In die eerste plaas kon ons die proefgroep van 300 gesinne nie ongekontroleerd as uitgangspunt neem nie; die gegewens wat oor onderwysprestasie verskaf was, was nie altyd betroubaar nie. Ons moes dus van die skole kontrolegegewens verkry. Dit was prakties onmoontlik om die persoonlike skoolrekord van die meer as 500 skoliere uit ons proefgroep na te gaan. Sou ons dit wel gedoen het, sou ons steeds die onbetroubare element behou het ten opsigte van die verklarings van diegene onder 19 oor hulle skoolprestasie.

By die skole was daar 'n verdere probleem. Die skole in Atteridgeville bedien nie net die lokasie-inwoners alleen nie, maar ontvang ook skoliere van buite die woongebied. Die betrokke syfers was soos volg.

TABEL 85: HERKOMS EN GESLAG VAN SKOLIERE

| | | M | | V | | T | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Hoërskool: | Binne Atteridgeville | 101 | 149 | 73 | 111 | 174 | 260 |
| | Van buite | 48 | | 38 | | 86 | |
| Hoër Primêre skool: | Binne Atteridgeville | 326 | 357 | 410 | 433 | 736 | 790 |
| | Buite Atteridgeville | 31 | | 23 | | 54 | |
| Laer Primêre skool: | Binne Atteridgeville | 651 | 768 | 740 | 859 | 1391 | 1627 |
| | Van buite | 117 | | 119 | | 236 | |

In die laer primêre skool was 14.5%, in die hoër primêre skool 6.8% en in die hoërskool 33.1% van die leerlinge van buite Atteridgeville afkomstig. Dit was op geen wyse moontlik om die rekords van die skole te verdeel tussen die groepe om 'n suiwer beeld van Atteridgeville alleen te verkry nie. Ons moes noodgedwonge die gegewens van die skole gebruik soos dit beskikbaar was. Ons kan dus 'n beeld gee van die skole in Atteridgeville, maar nie van die Atteridgeville-skoolbevolking as deel van die groter geheel nie.

© University of Pretoria

Wanneer / ...

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Wanneer mens dus in ag neem dat die syfers van ons proefgroep en die van Atteridgeville nie direk met mekaar vergelyk kan word nie, maar as aanvullende beligting van een feitebeeld gesien moet word, kan ons voortgaan.

In tabel 86 verskyn gegewens oor die ouderdom-standerd korrelasie in die proefgroep sowel as 'n aanduiding in elke ouderdomsvak van diegene wat nie op skool is nie.

Enkele kinders ouer as 20 jaar was elders as in Pretoria op skool en is in die tabel ingevoeg. Die kinders wat reeds skool verlaat het, word slegs tot op 20 jaar aangedui, want na die jaar is slegs by uitsondering iemand nog op skool. Dit is duidelik dat die gemiddelde aanvangsouderdom vir skoolbesoek tussen 7 en 8 jaar is; dus ten minste een jaar later as in die geval van Blanke kinders. Tot ongeveer die tiende of elfde jaar is alle kinders op skool. Dit wil sê tot ongeveer standerds I en II, daarna is daar enkele seuns wat blykbaar permanent die skool verlaat. Dit is diegene wat te vas gevang word in die bedrywighede van die jeugbendes. Vanaf die vyftiende jaar (ongeveer standerd IV) verhoog die nie-skoolgaandes aanmerklik en konstant. Dit is die jare waarin seunskinders begin werk. Ten opsigte van dogters is daar 'n meer konstante skoolbesoek as vir seuns gevolg deur 'n skielike en skerp styging in diegene wat nie skoolgaan nie hier in die omgewing van die vyftiende jaar. Die skoolpeil is dan ongeveer standerd IV in die middel van die hoër primêre skooljare. Die skoolverlating geskied dus sonder dat 'n bepaalde skooleindpunt nagestreef word. Al ons informante is dit egter eens dat die verlatingsaksie gevolg van die aanvang van puberteit is. Sommige van die dogters word as verwagtendes gevra om die skool te verlaat. Almal begin in ouer seuns belangstel en die gevolg is heel dikwels gedrag waardeur kinders liefs gevra word om nie meer skool toe te kom nie. By alle huise waar die saak geopper was, was dit soos te verstane is 'n teer saak.

Die kindertal in ons proefgroep is in die guns van dogters daarom vind mens konstant tot standerd II en daarna weer tot standerd IV dat die dogters in die klasse die meerderheid vorm. Standerd V se ouderdompeil vir dogters lê tussen 14 en 16 jaar. Na hierdie jare is die afname van dogters op skool so vinnig dat hulle steeds die mindere groep vorm.

Die wye ouderdomsdistribusie wat daar binne 'n bepaalde standerd bestaan, was teen ons verwagting. Die verstandelikswakkere kind moes baie duidelik meedoen om 'n standaard te bereik wat die hoër-begaafde alleen toe in staat was en bereik ten gevolge van herhaling 'n hoë ouderdom vergeleke by die van sy klasmaats.

Dit is verder duidelik dat die swaarste konsentrasie van kinders in die laer primêre klasse lê, met veral 'n skerp afname teen die einde van die hoër primêre skool en die hoërskool.

Wanneer ons die ouderdom-standerd distribusie van alle skoliere in die skole in Atteridgeville nagaan, blyk die geldigheid van ons afleidings oor ons proefgroep volkome (tabelle 87-89). Ons het weer die aanvangsouderdom van skoolopleiding tussen die 7de en 8ste jaar. Die oorwig dogters per standerd is ook aanduibaar tot standerd V (ongeveer 14-15 jaar) waarna die seuns die meerderheid vorm. Veral op die hoërskool is die getalle-oorwig van seuns opvallend.

Die ouderdom-standerd korrelasie tabelle moet saam gelees word met die weergawe van mediaanouderdomme per standerd (tabel 92). Die aanvangsouderdomme vir seuns en dogters in sub A 7.7 en 7.8 en in sub B 9.1 en 9.4 onderskeidelik is byna gelyk met 'n effense ouderdomsvoorsprong by seuns. Daarna verdwyn die voorsprong volledig tot by vorm II en is die dogters normaalweg .4 tot een volle jaar per standerd jonger as die seuns. Daar is slegs twee redes hiervoor. Dit kan of 'n swakker prestasie van seuns en gevolglike meerdere

TABEL 86 /

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

TABEL 86: OUDERDOM - STANDERD VERSPREIDING IN DIE PROEFGROEP

| Ouderdom | Nie op skool | | Sub A | | Sub B | | St. I | | St. 2 | | St. 3 | | St. 4 | | St. 5 | | St. 6 | | Vr. 1 | | Vr. 2 | | Vr. 3 | | Vr. 4 | | Vr. 5 | | Totaal | | To-taal |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | S | D | S | D | S | D | S | D | S | D | S | D | S | D | S | D | S | D | S | D | S | D | S | D | S | D | S | D | S | D | |
| 6 | 26 | 24 | 6 | 7 | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | 32 | 31 | 63 |
| 7 | 12 | 10 | 22 | 17 | 1 | 1 | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | 35 | 28 | 63 |
| 8 | 5 | 5 | 7 | 11 | 14 | 16 | 3 | 1 | | 1 | | | | | | | | | | | | | | | | | | | 29 | 34 | 63 |
| 9 | 1 | | 6 | 6 | 10 | 15 | 6 | 8 | 1 | 2 | | | | | | | | | | | | | | | | | | | 24 | 31 | 55 |
| 10 | 2 | | 2 | 5 | | 6 | 7 | 9 | 3 | 1 | | 2 | | | | | | | | | | | | | | | | | 14 | 23 | 37 |
| 11 | 3 | 2 | 1 | 2 | 2 | 4 | 7 | 7 | 8 | 9 | 5 | | 2 | | | | | | | | | | | | | | | | 28 | 24 | 52 |
| 12 | 1 | | | 1 | 3 | 1 | 5 | 2 | 7 | 5 | 3 | 3 | | 5 | | 1 | | | | | | | | | | | | | 19 | 18 | 37 |
| 13 | 1 | | | | | | 4 | 3 | 3 | 3 | 5 | 5 | 2 | 2 | 2 | 1 | 1 | | | | | | | | | | | | 18 | 14 | 32 |
| 14 | 2 | 1 | | | | | 1 | 2 | 2 | 5 | 5 | 3 | 4 | 8 | 4 | 5 | 3 | | | | | | | | | | | | 21 | 24 | 45 |
| 15 | 5 | 2 | | | | | | 1 | | 2 | 2 | 7 | 7 | 6 | 2 | 2 | 2 | 1 | | 1 | 2 | | | 1 | | | | | 20 | 23 | 43 |
| 16 | 8 | 11 | | | | | | | 2 | | 4 | 1 | 4 | 4 | 6 | 5 | 1 | 6 | 1 | | | 2 | | | | | | | 26 | 29 | 55 |
| 17 | 5 | 13 | | | | | | | | | 1 | 1 | 1 | 1 | | 3 | 3 | 4 | 2 | 2 | 4 | | 1 | 1 | | | | | 17 | 25 | 42 |
| 18 | 4 | 14 | | | | | | | 1 | | | | | | 1 | 1 | 1 | | 2 | 2 | 1 | 1 | 2 | | | 1 | 2 | | 14 | 19 | 33 |
| 19 | 6 | 10 | | | | | | | | | | | 3 | 5 | 1 | 1 | | | 2 | 2 | 2 | 2 | 2 | 2 | 2 | | 1 | | 19 | 22 | 41 |
| 20 | 5 | 12 | | | | | | | | | | | | | | | | | 2 | | 2 | | 2 | 2 | | | | | 11 | 14 | 25 |
| 21 | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | 1 | 2 | | | | 1 | | 3 | 1 | 4 |
| 22 | | | | | | | | | | | | | | | 1 | | | | | | | | 1 | | | | | | 2 | 0 | 2 |
| 23 | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | 1 | | | 1 | | | | | 1 | 1 | 2 |
| 24 | | | | | | | | | | | | | | | | | 1 | | | | | | | | | | | | 1 | 0 | 1 |
| 25 | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | |
| Totaal | 86 | 104 | 44 | 49 | 30 | 43 | 33 | 33 | 27 | 28 | 25 | 22 | 23 | 31 | 17 | 19 | 12 | 11 | 9 | 7. | 12 | 6 | 10 | 7 | 2 | 1 | 4 | 0 | | | |
| | 190 | | 93 | | 73 | | 66 | | 55 | | 47 | | 54 | | 36 | | 23 | | 16 | | 18 | | 17 | | 3 | | 4 | | 334 | 361 | 695 |

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

TABEL 87: OUDERDOM-STANDERD KORRELASIE LAER PRIMêRE SKOLE, JUNIE 1951

| Ouderdom | Sub A | | Sub B | | St. I | | St.II | | Totaal | | Totaal |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | S | D | S | D | S | D | S | D | S | D | |
| 6 | 9 | 9 | | | | | | | 9 | 9 | 18 |
| 7 | 96 | 91 | 3 | 4 | | | | | 99 | 95 | 194 |
| 8 | 85 | 83 | 54 | 44 | 2 | 7 | | | 141 | 134 | 275 |
| 9 | 23 | 36 | 54 | 55 | 31 | 39 | 4 | 1 | 112 | 131 | 243 |
| 10 | 24 | 21 | 20 | 52 | 35 | 58 | 14 | 23 | 93 | 154 | 247 |
| 11 | 6 | 5 | 26 | 22 | 53 | 49 | 29 | 29 | 114 | 105 | 219 |
| 12 | 1 | 5 | 9 | 13 | 30 | 37 | 29 | 43 | 69 | 98 | 167 |
| 13 | | 2 | 8 | 7 | 22 | 16 | 27 | 34 | 57 | 59 | 116 |
| 14 | | | 8 | 2 | 15 | 13 | 19 | 23 | 42 | 38 | 80 |
| 15 | | | 1 | | 15 | 4 | 15 | 15 | 31 | 19 | 50 |
| 16 | | | | | 3 | | 6 | 3 | 9 | 3 | 12 |
| 17 | | | | | | | 4 | | 4 | | 4 |
| 18 | | | | | | | 1 | | 1 | | 1 |
| 19 | | | | | | | | | | | |
| 20 | | | | | | | | | | | |
| 21 | | | | | | | 1 | | 1 | | 1 |
| Totaal | 244 | 252 | 183 | 199 | 206 | 223 | 149 | 171 | 782 | 845 | 1627 |
| | 496 | | 382 | | 429 | | 320 | | 1627 | | |

TABEL 88: OUDERDOM-STANDERD KORRELASIE HOëR PRIMêRE SKOLE, JUNIE 1951

| Ouderdom | St. III | | St.IV | | St. V | | St.VI | | Totaal | | Totaal |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | S | D | S | D | S | D | S | D | S | D | |
| 10 | 1 | 2 | | | | | 1 | | 2 | 2 | 4 |
| 11 | 6 | 4 | 2 | | | | | | 8 | 4 | 12 |
| 12 | 22 | 27 | 5 | 16 | 2 | 2 | | 1 | 29 | 46 | 75 |
| 13 | 21 | 40 | 12 | 32 | 12 | 9 | | | 45 | 81 | 126 |
| 14 | 24 | 33 | 13 | 33 | 15 | 32 | 10 | 9 | 62 | 107 | 169 |
| 15 | 18 | 16 | 23 | 23 | 18 | 24 | 8 | 15 | 67 | 78 | 145 |
| 16 | 8 | 9 | 17 | 13 | 20 | 21 | 21 | 35 | 66 | 78 | 144 |
| 17 | 2 | 4 | 9 | 3 | 15 | 10 | 30 | 11 | 56 | 28 | 84 |
| 18 | 3 | 1 | 1 | | 4 | 2 | 8 | 2 | 16 | 5 | 21 |
| 19 | | 1 | | | 2 | | 3 | 2 | 5 | 3 | 8 |
| 20 | | | | | | | 1 | | 1 | | 1 |
| 21 | | | | | | | | 1 | | 1 | 1 |
| Totaal | 105 | 137 | 82 | 120 | 88 | 100 | 82 | 76 | 357 | 433 | 790 |
| | 242 | | 202 | | 188 | | 158 | | 790 | | |

TABEL 89 / ...

© University of Pretoria

TABEL 89: OUDERDOM - STANDERD KORRELASIE, HOëRSKOOL. JUNIE 1951.

| Ouderdom in jare. | Vorm I | | Vorm II | | Vorm III | | Vorm IV | | Vorm V | | Totaal | | Totaal. |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | S | D | S | D | S | D | S | D | S | D | S | D | |
| 13 | | 2 | | | | | | | | | | 2 | 2 |
| 14 | 1 | 5 | | | | | | | | | 1 | 5 | 6 |
| 15 | 14 | 12 | | 4 | | | | | | | 14 | 16 | 30 |
| 16 | 20 | 15 | 15 | 12 | | | | | | | 35 | 27 | 62 |
| 17 | 12 | 14 | 16 | 12 | 4 | 6 | | | | | 32 | 32 | 64 |
| 18 | 17 | 8 | 12 | 9 | 8 | 3 | | | 1 | | 38 | 20 | 58 |
| 19 | 3 | 1 | 3 | 1 | 6 | 1 | 1 | | | | 13 | 3 | 16 |
| 20 | 1 | | 2 | 1 | 3 | 3 | 1 | | 2 | 2 | 9 | 6 | 15 |
| 21 | | | 3 | | | | 1 | | | | 4 | | 4 |
| 22 | | | 1 | | | | | | | | 1 | | 1 |
| 23 | 1 | | | | | | | | 1 | | 2 | | 2 |
| Totaal | 69 | 57 | 52 | 39 | 21 | 13 | 3 | C | 4 | 2 | 149 | 111 | 260 |
| | 126 | | 91 | | 34 | | 3 | | 6 | | 260 | | |

TABEL 90: GESLAGSDISTRIBUSIE PER STANDERD.

| | A | B | St.1 | St.2 | St. 3 | St.4 | St.5 | St.6 | V.1 | V.2 | V.3 | V.4 | V.5 | Totaal |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| S | 244 | 183 | 206 | 149 | 105 | 82 | 88 | 82 | 69 | 52 | 21 | 3 | 4 | 1,288 |
| D | 252 | 199 | 223 | 171 | 137 | 120 | 100 | 76 | 57 | 39 | 13 | 0 | 2 | 1,389 |
| T | 496 | 382 | 439 | 320 | 242 | 202 | 188 | 158 | 126 | 91 | 34 | 3 | 6 | 2,677 |

TABEL 91: DISTRIBUSIE PER STANDERD AS PERSENTASIE VAN TOTAAL.

| | A | B | St.1 | St.2 | St.3 | St.4 | St.5 | St.6 | V.I | V.II | V.III | V.IV | V.V. | Totaal. |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| S | 9.1 | 6.8 | 7.7 | 5.3 | 3.9 | 3.1 | 3.3 | 3.1 | 2.2 | 2.0 | .8 | .1 | .2 | 47.6 % |
| D | 9.4 | 7.4 | 8.4 | 6.4 | 5.1 | 4.5 | 3.7 | 2.8 | 2.1 | 1.5 | .5 | .0 | .08 | 51.88% |
| T | 18.5 | 14.2 | 16.1 | 11.7 | 9.0 | 7.6 | 7.0 | 5.9 | 4.3 | 3.5 | 1.3 | 0.1 | 0.28 | 99.48% |

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

TABEL 92: MEDIAANOUDERDOMME VAN SKOLIERE

| Standerd | Mediaanouderdomme | | |
|---|---|---|---|
| | Seuns | Dogters | Totaal |
| Sub A | 7.7 | 7.8 | 7.8 |
| Sub B | 9.1 | 9.4 | 9.3 |
| St. I | 11.2 | 10.7 | 10.9 |
| St. II | 12.4 | 11.8 | 12.3 |
| St. III | 13.6 | 13.4 | 13.5 |
| St. IV | 14.9 | 13.9 | 14.2 |
| St. V | 15.3 | 14.8 | 15.0 |
| St. VI | 16.5 | 15.9 | 16.1 |
| Vorm I | 16.5 | 16.1 | 16.3 |
| Vorm II | 17.2 | 16.8 | 17.0 |
| Vorm III | 18.3 | 17.7 | 18.1 |
| Vorm IV | 20.0 | Geen | 20.0 |
| Vorm V | 20.0 | 20.0 | 20.0 |

TABEL 93: MEDIAANOUDERDOMME VAN ATTERIDGEVILLE-SKOLIERE VERGELYK MET DIE VAN BANTOE- EN BLANKE SKOLIERE

| | Atteridgeville Junie 1951 | Bantoe in Suid-Afrika Junie 1949 | Blankes in Suid-Afrika Junie 1948 |
|---|---|---|---|
| Sub A | 7.8 | 9.07 | 6.75 |
| Sub B | 9.3 | 10.90 | 7.73 |
| St. I | 10.9 | 12.12 | 8.74 |
| St. II | 12.3 | 12.98 | 9.76 |
| St. III | 13.5 | 13.82 | 10.81 |
| St. IV | 14.2 | 14.50 | 11.84 |
| St. V | 15.0 | 15.89 | 12.87 |
| St. VI | 16.1 | 16.32 | 13.88 |
| Vorm I | 16.3 | - | - |
| Vorm II | 17.0 | 17.29 | 14.72 |
| Vorm III | 18.1 | 18.67 | 15.53 |
| Vorm IV | 20.0 | 19 + | 16.31 |
| Vorm V | 20.0 | 19 + | 17.24 |

herhaling beteken of dat dogters (die oueres per standerd) gereeld om een of ander rede die skool verlaat. Nader as dit kan ons geen verklaring bied nie.

Wanneer mediaanouderdomme van die leerlinge in Atteridgeville vergelyk word met soortgelyke gegewens ten opsigte van Bantoe-leerlinge oor die hele Suid-Afrika (Junie 1949) en van Blanke skoliere (Junie 1948) val die volgende op:

(Gegewens oor Bantoeleerlinge en Blanke leerlinge geneem uit para. 537 van die Verslag van die Naturelle-onderwyskommissie 1949 - 51, UG. 53/1951.)

Die mediaan-Bantoekind in Atteridgeville gaan 1.27 jaar vroeër na skool as sy mediaan-eweknie in die hele Suid-Afrika, maar is tog nog 1.05 jaar ouer as die mediaan-blanke-kind in sub A. Teen standerd II het die verskil tussen Bantoekinders gedaal tot .68 en

© University of Pretoria

TABEL 94 / ...

TABEL 94 : GESINNE VOLGENS HOOGSTE GESKOOLDHEID VAN EEN OUER

| | Ongeletterd. | L. & S. Bantoetaal | L/S Bantoe en Amptelike Taal. | St. I. | St. II | St. III | St. IV | St. V | St. VI. | St. VII | St. VIII | St. IX | St. X | Onderwys Dipl. | B.A. Onderwys Dipl. | Polisie | Sending Opleiding. | Geen gege. | Totaal. | Kinders per Std. in proefgroep. |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | 71 | 76 | 6 | 4 | 5 | 14 | 13 | 13 | 34 | 2 | 9 | 1 | 2 | 8 | 2 | 1 | 2 | 1 | 264 | |
| | | | | | | | | Geskooldheid van kinders. | | | | | | | | | | | | |
| Ongeletterd | 55 | 8 | | 2 | | 1 | | | 6 | | | | | | | | | | 72 | |
| Lees en skryf | 1 | 14 | | | | | 2 | | | | | | | | | | | | 17 | |
| Sub A | 9 | 25 | 6 | 6 | 2 | 4 | 6 | 8 | 16 | 6 | 8 | 1 | | 5 | 1 | 1 | | | 104 | 93 |
| Sub B | 12 | 18 | 1 | 1 | 4 | 2 | 2 | 7 | 9 | 1 | 5 | 1 | 1 | 6 | 1 | | 7 | | 78 | 73 |
| Std. I | 17 | 19 | 3 | | 2 | 5 | 6 | 2 | 13 | | 1 | | | 3 | | | 1 | | 72 | 66 |
| II | 34 | 29 | 2 | 3 | 2 | 5 | 6 | 4 | 11 | 1 | | | | 3 | | | | | 100 | 55 |
| III | 37 | 26 | 1 | | | 10 | 5 | 2 | 9 | 1 | 2 | | | 3 | | | 1 | | 97 | 47 |
| IV | 40 | 59 | 2 | | 2 | 12 | 5 | 3 | 4 | 1 | 1 | | | 1 | | | 2 | | 132 | 54 |
| V | 29 | 35 | | 1 | 2 | 8 | 5 | 2 | 10 | | 3 | | | 3 | | | 2 | | 100 | 36 |
| VI | 33 | 31 | 1 | | | 10 | 4 | | 10 | 1 | | | 3 | 2 | | | 1 | 1 | 97 | (23+ (16 |
| VII | 5 | 8 | 2 | | | 2 | 3 | 1 | 2 | 1 | 1 | | | 1 | | | | | 26 | 18 |
| VIII | 9 | 13 | 1 | 1 | 1 | 1 | 1 | 3 | 2 | | | | 4 | 4 | | | 1 | | 41 | 17 |
| IX | 1 | 3 | | | | | | 1 | 3 | | | | | | | | | | 8 | 3 |
| X | 0 | 2 | | | | | | | | | 1 | | | 3 | | | | | 6 | 4 |
| Onderwys Dipl. | 1 | 5 | | 1 | | | | 3 | 1 | | | | | | | | 1 | | 12 | |
| Verpleegster | 0 | 2 | | | | | | | | | | | | | | | | | 2 | |
| B.A.I. | 0 | 0 | | | | | | | | | | | | 1 | | | | | 1 | |
| Totaal | 283 | 297 | 19 | 15 | 15 | 60 | 45 | 36 | 96 | 12 | 22 | 2 | 8 | 35 | 2 | 1 | 16 | 1 | 965 | 505 |

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

bly daarna byna konstant op .3. Die afleiding wat hieruit geregverdig is, is dat die voorsprong wat die Atteridgeville-kind bo die in die res van die land het om voldoende onderwysgeriewe te hê waardeur 'n vroeër toelatingsouderdom moontlik is, blykbaar binne 4 jaar uitgewis word deur die groot getal repeteerders. Dit is verder opmerklik dat teen standerd II die Bantoekind waar ook al 'n agterstand van ongeveer 3.0 jaar toon teenoor Blanke kinders en dat die agterstand konstant bly selfs na invoeging van 'n ekstra jaar (vorm I) vir Bantoekinders.

By die verdere betragting van die ouderdom-standerd korrelasie, word mens gedwing tot die aanvaarding dat die onderwysgeriewe so goedkoop is dat ouers in staat is om hulle kinders op skool te hou in die laer en hoër primêre skool selfs al is hulle ver by die normale ouderdomsgrens vir daardie standerd verby.

Wanneer ons die distribusie van leerlinge oor die totale skoolloopbaan as 'n persentasie van die totaal beskou (tabel 91), blyk dit dat die onderskeie persentasie kinders in die laer primêre en hoër primêre en hoërskool 60.5%, 29.6% en 9.48% onderskeidelik is. Dit is baie duidelik dat die grootste gros van die kinders, ook in Atteridgeville slegs genoeg skoolopleiding geniet om 'n elementêre lees-, skryf- en rekenkennis op te doen. Dit ondanks die volledige beskikbaarheid van onderwysgeriewe. Hierdie feit staan in kontras tot die ywer om "Westerse" geleerdheid te bekom waarvan ons vroeër gepraat het.

Hierdie siening gee egter nie 'n volle en korrekte beeld nie. Ons het daarom vir ons proefgroep van 300 gesinne 'n tabel gemaak waarin die skolastiese peil van alle kinders bo 7 jaar aangedui word. In hierdie tabel word dus ook alle kinders aangedui wat reeds die huis verlaat het. Wanneer die syfers (tabel 94) met die werklike kindertal wat nog op skool is (tabel 86) vergelyk word, kan ons baie duidelik bepaal waar die skoolverlating plaasvind. Ons moet verder hier in gedagte hou dat hierdie kinders in die meeste gevalle die tweede generasie van stadsbewoners verteenwoordig, maar dat die onderwysgeriewe wat voormalig in Marabastad verskaf was veel geringer was as in Atteridgeville. Behalwe die 72 ongeletterdes en 17 van wie ons slegs weet dat hulle kan lees en skryf en dus ook nie juis skoolopleiding gehad het nie, toon die tabel baie duidelik dat daar vir elke kind in standerd II nog een is, meesal ouer as 19, wat die skool in die standerd verlaat het. Dieselfde neiging openbaar hom in standerds III en IV, V en VI. Die reële getal van diegene wat skoolopleiding in standerds II-VI geniet het, is 526. Hiervan is 231 nog op skool. Dit verskaf 'n baie duidelike beeld van die werklike onderwysstandaard wat in ons proefgroep se kinders aanwesig was. As ons die lae onkoste van onderwys wat hierdie mense self moet betaal, bedink, lyk dit asof daar tevredenheid kom sodra die hoër primêre standerds bereik word en die skoolopleiding dus gestaak word. Ons kon egter nie genoegsaam op die redes vir skoolverlating ingaan om hierdie saak afdoende op te klaar nie.

Ons kon nie daarin slaag om 'n bevredigende uiteensetting van die skoolbywoning te verkry nie. Die skoolstatistiek oor bywoning toon gereeld 'n syfer van 93% en meer van die ingeskrewe skoliere as teenwoordig. Maar enige poging om die redes vir hierdie afwesigheid te koppel aan huislike omstandighede of persoonlike faktore soos 'n neiging tot stokkiesdraai by skoliere, was onmoontlik om te verkry. Uit antwoorde wat versamel is van hoërskool leerlinge en hoër primêre skool leerlinge oor redes waarom hulle nie skool bywoon nie, het die oorgrote meerderheid, seuns sowel as dogters, eie siekte as oorsaak genoem. Benewens hierdie enkele oorsaak was daar egter 'n hele aantal seuns en dogters in die hoër primêre skool (140 uit die 790) wat die feit dat hulle op boodskappe gestuur is as rede vir afwesigheid genoem het. Slegs 25 het beweer dat hulle tuis

© University of Pretoria

moes / ...

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

moes bly om na die huis om te sien terwyl die ouers weg was. Die redes wat mens sou verwag, soos vrees vir straf as huiswerk nie gedoen is nie, gebrek aan belangstelling en spelery op straat met maats wat nie skoolgaan nie, het as redes 'n uiters onbelangrike plek ingeneem.

Ons was ook nie in staat om 'n bevredigende analise te maak van die slaagsyfer by die verskillende skole nie. 'n Slaagpersentasie van 60% is as normaal aanvaar. Soms was dit laer en dikwels hoër. Die bepaling van die rede vir goeie of swak prestasie sou vereis het dat kinders individueel ondervra en getoets moes word vir aanleg en belangstelling. So 'n opname is nie gedoen nie. Ons moes volstaan met algemene ondervraging deur die klasonderwysers waarby skoliere in die hoër primêre skool en hoërskool moes aandui van watter vak hulle die meeste en van watter die minste hou. Slegs een vak mog in elke kategorie geplaas word.

Vir die hoër primêre skool waar alle leerlinge dieselfde vakke volg, word die resultaat in tabel 95 aangedui.

TABEL 95: SKOOLVAKKE VOLGENS VOORKEUR EN AFKEUR HOëR PRIMêRE KLASSE

| Vak | Grootste afkeur | | | Grootste voorkeur | | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | S | D | T | S | D | T |
| Geskiedenis | 18 | 45 | 63 | 87 | 89 | 176 |
| Rekenkunde | 23 | 37 | 60 | 91 | 114 | 205 |
| Natuurstudie | 18 | 32 | 50 | 6 | 3 | 9 |
| Gesondheidsleer | 14 | 6 | 20 | 33 | 51 | 84 |
| Naaldwerk | 0 | 1 | 1 | 0 | 1 | 1 |
| Aardrykskunde | 23 | 36 | 59 | 32 | 19 | 51 |
| Afrikaans | 182 | 220 | 402 | 17 | 13 | 30 |
| Bantoetaal (Sotho) | 43 | 35 | 78 | 6 | 12 | 18 |
| Engels | 7 | 15 | 22 | 83 | 124 | 207 |
| Godsdiensonderrig | 12 | 1 | 13 | 2 | 7 | 9 |
| Handwerk | 15 | 1 | 16 | 0 | 0 | 0 |
| Sang | 2 | 4 | 6 | 0 | 0 | 0 |

Duidelikheidsonthalwe noem ons dat slegs die dogters onderrig in naaldwerk kry. Die opvallende is die geweldige afkeer wat daar teen Afrikaans bestaan en die sterk voorkeur wat aan Engels as vak gegee word. Ons voel oortuig dat een van die oorsake hiervoor die leerlinge se langer kontak met Engels is. Afrikaans kom slegs as vak vanaf standerd I. Engels daarenteen word benewens vir taalonderrig in Engels ook vanaf standerd I as onderrigsmedium gebruik in alle vakke behalwe die ander tale en godsdiensonderrig. Die sterk voorkeur vir Rekenkunde as vak is ons onverklaarbaar omdat dit juis een van die vakke is wat so vele leerlinge laat druip.

By die betragting van voorkeur en afkeur vir bepaalde vakke in die hoërskool, moet ons onthou dat daar ook 'n keuse-moontlikheid tussen vakke is. Alleen 'n Bantoetaal (Sotho of Zulu) en die twee amptelike tale Afrikaans en Engels is verpligte vakke. Leerlinge het ten opsigte van die ander 'n keuse. Die vakvoorkeur en afkeur verskyn in tabel 96.

© University of Pretoria

TABEL 96 / ...

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

TABEL 96: VAKKE VOLGENS VOORKEUR EN AFKEUR IN HOëRSKOOL

| Vak | Grootste afkeur | | | Grootste voorkeur | | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | S | D | T | S | D | T |
| Geskiedenis | 7 | 5 | 12 | 45 | 30 | 75 |
| Wiskunde en Rekenkunde | 42 | 30 | 72 | 33 | 25 | 58 |
| Wetenskap | 6 | 2 | 8 | 22 | 1 | 23 |
| Fisiologie en Gesondheidsleer | 0 | 0 | 0 | 0 | 1 | 1 |
| Huishoudkunde | 0 | 0 | 0 | 0 | 5 | 5 |
| Aardrykskunde | 25 | 20 | 45 | 18 | 11 | 29 |
| Afrikaans | 34 | 38 | 72 | 8 | 8 | 16 |
| Bantoetaal | 27 | 12 | 39 | 3 | 5 | 8 |
| Engels | 4 | 1 | 5 | 20 | 22 | 42 |
| Godsdiensonderrig | 0 | 0 | 0 | 0 | 1 | 1 |
| Huisvlyt en Handwerk | 1 | 0 | 1 | 0 | 2 | 2 |

Van die drie verpligte vakke is Afrikaans weer eens die mees gehate. Die twee vakke Wiskunde en Rekenkunde word deur alle leerlinge op enkele uitsonderings na geneem. Trouens die keusemoontlikhede maak dit 'n vanselfsprekendheid dat die vakke geneem sal word. Ook hier is daar 'n baie hoë graad van afkeur. Die vakke wat besondere voorkeur uitgelok het van die 260 skoliere, is nie so geredelik verstaanbaar nie. Geskiedenis, Wiskunde/Rekenkunde en Engels, blyk die populêrste vakke te wees. Ons kan hier geen nadere verduideliking verskaf nie.

Uit die gehele voorgaande betoog oor vroeë skoolverlating kan mens die indruk kry dat die gemiddelde Bantoeskolier nie besondere aspirasies in die lewe koester nie en dat dit by hom net gaan om die behaling van 'n "redelike" onderwyspeil omdat hoe hoog hy ook al gekwalifiseer is die werkgeleenthede beperk bly. Ten opsigte van die hoër primêre skool leerlinge mag dit waar wees. 186 van 790 leerlinge het dit as hulle aspirasie gestel om standerd VI te slaag. 'n Verdere 228 wou eindig by standerd VIII (vorm III). 96 wou deurdruk tot standerd X (vorm V). Maar as die vraag ondersoek word waarom standerd VIII of standerd X as eindpunt gesoek word, dan blyk dit baie duidelik dat dit as mikpunt gestel word omdat dit die voorvereiste is wat gestel word vir verpleegstersopleiding vir die dogters en onderwysopleiding vir die seuns. Daar is dus besliste beroepaspirasies gewees.

Ons het daarom veral in die hoërskool met sy 260 leerlinge probeer bepaal waarheen die skoliere in hulle lewe mik. Die resultate word in tabelle 97 en 98 weergegee.

Dit is baie duidelik dat die hoof-eindpunt soos die aspirasie dit weerspieël standerd VIII of vorm III is, hierna volg verdere vakkundige opleiding. As die belangrikste naskoolse studie waarheen geaspireer word, is die vir onderwyser en verskillende rigtings aan die universiteit.

TABEL 97 / ...

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

TABEL 97: ONDERWYSPEIL WAARHEEN GEASPIREER WORD BY HOëRSKOOLLEERLINGE

| | Seuns | Dogters | Totaal |
|---|---|---|---|
| Vorm I | - | - | - |
| Vorm II | - | 5 | 5 |
| Vorm III | 27 | 75 | 102 |
| Vorm IV | 2 | 2 | 4 |
| Vorm V | 34 | 10 | 44 |
| Onderwys Diploma | 24 | 14 | 38 |
| B.A. of B.Sc. | 38 | 2 | 40 |
| M.A. of M.Sc. | 7 | 1 | 8 |
| L.L.B. | 6 | 0 | 6 |
| Mediese Dokter | 11 | 1 | 12 |
| Doktor | - | 1 | 1 |
| | 149 | 111 | 260 |

TABEL 98: BEROEPE WAARHEEN HOëRSKOOLLEERLINGE ASPIREER

| | M | V | T |
|---|---|---|---|
| Onderwyser | 89 | 27 | 116 |
| Verpleegster | 0 | 74 | 74 |
| Mediese dokter | 26 | 4 | 30 |
| Kleremakery | 4 | 2 | 6 |
| Skrynwerker | 3 | 0 | 3 |
| Werktuigkundige | 3 | 0 | 3 |
| Kunstenaar | 3 | 0 | 3 |
| Klerk | 7 | 0 | 7 |
| Prokureur | 4 | 0 | 4 |
| Predikant en Sendingwerkster | 2 | 1 | 3 |
| Besigheidsman | 1 | 0 | 1 |
| Motorbestuurder | 3 | 0 | 3 |
| Huisbediende | 1 | 2 | 3 |
| Fabrieksarbeider | 0 | 1 | 1 |
| Ongeskoolde arbeider | 6 | 0 | 6 |
| | 152 | 111 | 263 |

© University of Pretoria

Wanneer / ...

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Wanneer die beroepe waarheen geaspireer word met die onderwysstandaard waarheen geaspireer word, vergelyk word, is daar die interessante feit dat die seuns wat onderwyser wou word op verskillende punte na standerd VIII daarvoor wou gaan studeer. By dogters daarenteen - het feitlik die hele groep aspirante vir standerd VIII hulle beroep as verpleegsters aangedui. Die 27 onderwyseresse bestaan uit diegene wat na standerds IX en X en 'n onderwysdiploma geaspireer het.

Die werklik opvallende is die beperkte beroepskeuse wat by seuns, maar veral dogters, gevind word. Eintlik is daar vir seuns volgens aspirasie, slegs die beroepe van onderwyser en mediese dokter in sig. Die hele terrein van arbeidslewering waarin werklik later diens gedoen sal word, word buite rekening gelaat. Nog meer opvallend is die beroepskeuse van dogters. Met werklik enkele uitsonderings word daar op die onderwys of die verpleging gemik.

Ons kan alleen die gevolgtrekking waag dat selfs die kinders in Atteridgeville nie kennis dra van en belangstelling het vir die groot verskeidenheid van beroepe waarvoor hulle hul sou kon bekwaam nie.

C. Verband tussen ouerhuis en skool

Wanneer ouers oor hulle gevoel teenoor die kinders se skoolopleiding ondervra word, is dit opvallend dat die ouers daarop gesteld is dat die kinders onderwys sal geniet. Die ouers kla oor die koste van die onderwys. Dit val ook op dat die ouers nie in staat is om kinders in hulle skoolwerk voor te lig nie en weinig of geen belangstelling in die skole as instelling het.

Die klagte dat die onderwys te duur is, het geen betrekking op boeke of ander onderwysmateriaal nie. Dit gaan enkel en alleen oor die koste van skooluniforms. In sowel die hoërskool as die verskillende laerskole in Atteridgeville is dit die besluit van die personeel dat kinders 'n skooluniform sal dra. Vir seuns moet dit bestaan uit 'n donker kortbroek en wit hemp en vir dogters uit 'n swart springjurk met wit hemp. Skoene is opsioneel. Mens sien egter min kinders skool toe gaan wat nie skoene aan het nie. Die feit dat alle ouers die reël oor skooldrag nakom en daar so 'n baie hoë persentasie kinders op skool is, getuig miskien van 'n geldelike vermoë om dit wel na te kom. Feit is egter dat die onkoste wat aan hierdie klere verbonde is die ouers se standaardklagte teen die skool is.

Ons was daarin geïnteresseerd om te bepaal hoedanige belangstelling die ouers in hulle kinders se skoolwerk en skole in die algemeen toon. Ons het die hoër primêre en hoërskool leerlinge ondervra oor wie hulle met hulle huiswerk help. Tabel 99 toon die resultaat.

TABEL 99: HULPVERLENING BY HUISWERK

| | Laerskool | | | Hoërskool | | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | S | D | T | S | D | T |
| Niemand | 254 | 287 | 541 | 144 | 101 | 245 |
| Vader | 6 | 13 | 19 | - | - | - |
| Moeder | 12 | 29 | 41 | - | - | - |
| Broer/suster | 73 | 95 | 168 | 1 | 8 | 9 |
| Ander verwante | 6 | 7 | 13 | 2 | 1 | 3 |
| Skoolvriend | 5 | 2 | 7 | 2 | 0 | 2 |
| Voog | 0 | 0 | 0 | 0 | 1 | 1 |
| Onderwyser | 1 | 0 | 1 | - | - | - |
| | 357 | 433 | 790 | 149 | 111 | 260 |

© University of Pretoria

Die / ...

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Die tabel toon baie duidelik dat die meeste kinders sowel in die laer- as hoërskool geen hulp by hulle huiswerk van hulle ouers ontvang nie. In die hoërskool is dit beslis omdat die ouers nie oor die nodige geskooldheid beskik nie. By die laerskool kom benewens die probleem ook 'n ander by, naamlik dat die ouers nie "tyd het" om hulle kinders met hierdie huiswerk te help nie. In praktyk beteken dit dat ouers die huiswerk as 'n "saak van die skool" beskou en in veel mindere mate as by Blankes hulle hulpverlening by huiswerk as 'n voorreg en selfs plig beskou. Dat daar 'n behoefte aan hierdie hulp bestaan, toon die tabel ook. Dit is veral in die laerskool waar ouer broers en susters wat nog op skool is die nodige hulp verleen.

Die tyd waarop huiswerk gedoen word, is vir jonger kinders in die namiddag terwyl ouer kinders dikwels ook in die aand besig is. Huiswerk word in byna alle gevalle in die gekombineerde eet/woonkamer van die huis gedoen. Die vertrek is die versamelpunt van die hele gesin wanneer die vader saans tuis is.

Die bogaande dien reeds as aanduiding van 'n verdere feit, naamlik dat daar tot hoë mate 'n skeiding is tussen die opvoedingsaksie van ouerlike kant en die formele onderrig op skool. Ouers is gesteld daarop dat hulle kinders skool besoek en jaarliks na 'n hoër standerd vorder. Volgehoue kontrole vanuit die huis wat so 'n vordering moontlik maak, is meesal afwesig. Ouers se belangstelling in skoolsake is beperk. In baie gevalle was hulle nie bekend met die naam van hulle kinders se klasonderwyser/es nie. Die jaarlikse ouer/onderwysersaande wat al die skole organiseer, word swak deur die ouers bygewoon. Dit gebeur ook baie selde dat onderwysers hulle opvoedingstaak so ver voer om selfs maar sommige van die huise van hulle leerlinge te besoek.

Algemene vorming van persoonlikheid deur aanmoediging om tuis te lees, is feitlik volkome afwesig. Dit is deur ons opname bepaal dat meer as 90% van die kinders op die laerskool en 55% van die aan die hoërskool geen enkele boek deur die jaar, benewens die skool handboeke, gelees het nie. Die lae ledetal onder skoliere van die plaaslike biblioteek getuig ook van hierdie feit. Aanmoediging van ouerlike kant hiertoe ontbreek feitlik geheel en al. Ons opname het verder getoon dat waar 60% en meer van die laerskoolleerlinge strokiesprente lees, die persentasie aan die hoërskool daal tot 34%. Hierdie syfers is volgens verklaring van die kinders self en berus nie op gekontroleerde waarneming nie.

Wat tydskrifte en koerante betref, is dit normaal dat hoërskoolleerlinge ten minste met een tydskrif (Engels) weekliks en een koerant daagliks (Engels) kennis maak. 84% van die laerskoolleerlinge het geen belangstelling vir dié leesstof betuig nie.

Hierdie gegewens is na ons oordeel 'n korrekte weergawe van die algemene afwesigheid van leeslus onder die skoliere-bevolking van Atteridgeville wat meer geredelik as plattelandse kinders tot hierdie bronne toegang het. Die belangrikste is egter dat hierdie leeslus hoegenaamd nie deur ouerlike aksie aangewakker word nie.

### D. Verband met tradisionele inisiasie

Ons het verwag dat die formele onderrig van kinders in Atteridgeville beperk sou wees tot die bywoning van skole alleen ondanks die feit dat 'n hoë persentasie van die ouers uit ons 300 gesinne ook tradisionele inisiasieplegtighede bygewoon het. Tye het verander.

Uit 'n intensiewe navraag was ons egter in staat om 11 kinders in die hoër primêre skool en drie in die hoërskool te vind wat deur die ouers vanuit Atteridgeville na plase en tuisgebiede gestuur is om daar die tradisionele inisiasie te deurloop. Die enigste element wat die ouerhuise in hierdie 13 gevalle gekenmerk het,

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

was 'n nouer band met stamtradisie. Hierdie band kan afgelei word uit die feit dat die ouers in alle gevalle ongeletterd was, redelik laat in hulle lewe na die Pretoria stadsgebied gekom het en volgens tradisionele gebruik (bogadi-lewering) getroud was. Uiterlik in die huise en die werk wat die ouers gedoen het, was daar egter niks wat hulle van hulle bure onderskei het nie.

## III. BUITESKOOLSE OPVOEDING IN GESINSVERBAND

Die volle beeld van die buiteskoolse opvoedingsaksie kan ons alleen kry as benewens die gesin die aksie van die gemeenskap, kerk, verenigings ensovoorts op die vorming van die individu bekyk word. Hier gaan dit dus slegs oor 'n faset van die totale proses.

Die opvoedingstaak wat binne die gesin uitgeoefen word, is in Atteridgeville die taak van die moeder en ouer kinders, veral dogters. Die vader is meesal bedags van die huis weg en slegs saans en naweke tuis en toon geen oormatige belangstelling in die daaglikse roetinevoorligting aan sy kinders nie. Ouer seuns gaan ook reeds vroeg (± 16 jaar) werk sodat hulle aandeel aan en verantwoordelikheid vir opvoeding van jonger gesinsgenote baie min is.

Dit is die moeder by wie verlof gevra word om namiddae en saans uit te gaan. Dit is sy wat in die meeste gevalle die tugtiging van kinders behartig. Dit is dus sy wat die fondament vir korrekte optrede in die lewe moet lê.

In die tradisionele staat is dit nie veel anders nie. Daar is dit egter normaal dat die res van die gemeenskap, d.i. verwante en vreemdes (mans en vrouens) wat in dieselfde buurt woon, nie net belangstelling in mekaar se kinders het nie, maar ook die erkende voorreg het om hulle reg te help en as voorbeeld te dien. Dit is gebruiklik dat bure (veral verwante) jou kinders by wangedrag kan tugtig. Hierdie moontlikheid bestaan in Atteridgeville, maar baie selde. Ons het met 'n volkome gebroke gemeenskap te doen waarin elke gesinseenheid sy eie afsonderlikheid in 'n hoë mate bewaar. Omdat die gemeenskap so gebroke is, is daar geen vaste algemeen geldende norme van korrekte gedrag waaroor kontrole gehandhaaf kan word nie. Bure en aanwonendes is baie selde familie van mekaar. Niemand bekommer hom oor die gedrag van 'n ander se kinders nie en as jy dit sou durf waag om hulle tereg te wys, sal die ouers jou kwalik neem. Wanneer kinders van bure stry kry, steun die ouers normaalweg elk hulle eie kinders en onenigheid tussen bure is die normale gevolg. Van opvoeding binne gemeenskapsverband kom daar in Atteridgeville dus weinig tereg. Mens vind as die normale die tipiese individualistiese en gebroke gemeenskapspatroon wat ook by Blankes aan die orde is.

Kinders word in die eerste instansie geleer om verantwoordelikheid binne die gesinslewe te aanvaar. Seuns sowel as dogters het elkeen pligte wat deur die moeder opgedra word, hoewel ons nie te doen het met 'n spesifieke eie verantwoordelikheid wat aan 'n bepaalde kind toegewys word nie. Dit is die taak van dogters om in die huishouding te help en ook toesig te hou oor die gedrag en higiëne van klein kinders. Seuns is wanneer hulle klein is ook in die huishouding behulpsaam en word as hulle groter is gereeld met boodskappe gestuur of moet in die tuin help.

Tradisioneel sou hierdie aksie volgens geslag uitgeloop het op volledige voorbereiding vir die volwasse lewe omdat elke geslag deur aanskoue en geringe hulpverlening vir die volwasse take voorberei word. Dit is nog moontlik om dit ten opsigte van dogters te doen. Vaardigheid as huishoudster en voorligting vir moederskap, word in die ouerhuis verkry. Vir seuns is dit nie meer moontlik nie. Die vader kan hulle nie sy werk leer nie. Daar kom dus 'n periode so om en by 16 jaar dat die seuns 'n geheel nuwe fase van opvoeding betree wanneer hulle hulle arbeid aan Blankes gaan verkoop.

Kinders / ...

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Kinders word van kleinsaf geleer om sindelik en beleefd te wees en om die nodige respek teenoor grootmense en oueres in die algemeen te handhaaf. In die eerste instansie natuurlik die ouers self, maar daarvandaan is die respekseis ook na alle volwassenes uitgebrei. Dit is al wat van die uitvoerige inagneming van die senioriteitsverpligtinge van die stamverband in Atteridgeville oorgebly het. Kinders moet ook geen leuens vertel of steel nie en beleefd wees teenoor Blankes. Hulle moet hulle besittings goed oppas en spaarsaam wees.

Van die uitvoerige gedragsreëls en verwantskapsverhoudinge in die tradisionele kultuurpatroon leer die kinders in Atteridgeville baie min. Hulle leer egter gaandeweg die verskillende verwantskapsterme asook die besondere verhoudings teenoor die moedersbroer en eie oudste broer, hoewel albei persone nie meer naby die gesin woonagtig hoef te wees nie.

Geslagsvoorligting word soms deur moeders aan dogters gegee wanneer die dogters puberteit bereik, maar dit gebeur nie baie dikwels nie.

Godsdiensonderrig bestaan hoofsaaklik uit die nakoming van 'n daaglikse plig tot gebed en die lees van die Bybel waar dit Christengesinne geld. Voorligting in godsdienstige gebruike wat met die tradisionele godsdiens verband het, is baie skaars hoewel kinders natuurlik die gebeurtenis aanskou as die ouers die voorvaders sou aanroep.

In kort kan ons volstaan met die aanmerking dat ouers probeer om hulle kinders voor te lig om eerbare persone in die samelewing te wees, maar omdat die nodige ondersteuning vir die ouerlike voorseggingе vanuit die gemeenskapslewe ontbreek, vind die opvoeding as 'n individualistiese gesinsgebonde proses plaas. Die opvallende is die groot rol wat die moeder in die proses speel. As mens hierby in gedagte hou dat die moeder dikwels ook werk, dan kan ons verstaan dat die gehele mores van opvoeding ook op die punt skade ly.

Dit was ons ondervinding dat die ouers in Atteridgeville baie lief is vir hulle kinders, 'n feit wat tot groot verdriet lei wanneer die kinders weerbarstige tienderjariges word. Jonger kinders word redelik maklik in toom gehou met bespotting en beskaming deur die ouers. Vir ernstige oortredings word lyfstraf toegedien. Jonger kinders word normaalweg ook in die spoor gehou met bedreiging deur skrikwekkende monsters wat hulle sal vang as hulle nie wil luister nie. Dit was ons ondervinding dat die mees algemene monster wat hier 'n rol speel, die <u>lekgowa</u> - die witman is.

Die sukses van die opvoedingstelsel bewys hom eers wanneer kinders die norme wat geleer was vanself begin toepas wanneer hulle die na-puberteitsleeftyd bereik. Oor hierdie periode was ons segsmanne dit almal eens. "Die kinders van vandag het nie ore nie. Hulle verag die leringe van die ouers as oumensdinge wat nie meer in die dorp geldig is nie."

Dit word ook allerweë as gevaarlik beskou om opgeskote seuns van ongeveer 16 jaar nog lyfstraf te gee. Daar is gevalle bekend waar kinders by so 'n strafaksie die ouers met 'n mes te lyf gegaan het. Die mense kla dat sulke kinders begin rondloop, leuens vertel oor waar hulle gewees het, steel en met slegte maats die bioskope in Pretoria-stad besoek. Sulke kinders wil nie werk nie ondanks hulle ouers se aanmoediging, hulle dobbel net en gebruik selfs drank.

Die praktyk bewys dus dat lyfstraf anders as in die tradisionele toestand slegs tot die 12de of 13de jaar op seuns en dogters toegepas word. Daarna word dit nie gedoen nie want dit help nie meer nie. Sover moontlik word die rondlopery van kinders op straat beperk. Ouers het aan ons 9, 10 en 11 nm. as die normale tydsgrense genoem. Ouers wil weet waar hulle kinders heen gaan, maar is magteloos wanneer die kinders begin leuens vertel.

© University of Pretoria

Ons / ...

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Ons segsmanne het daarop gewys dat jy nie meer soos in die stam jou kinders se maats kan tugtig nie, "want die bure vat hulle kind se part. As ek hom slaan en hy word later siek, kom hulle sommer en sê ek het hom getoor." Daar is gevalle onder ons aandag gebring waar weerbarstige kinders ten einde raad maar sonder sukses aangekla is by die onderwysers of lokasiesuperintendent om hulle te tugtig.

Ons wil nie die indruk van volkome losbandigheid onder kinders in Atteridgeville as die normale beeld voorhou nie. Dat daar egter heelwat sulke voorbeelde is, is waar. Ons segsmanne het die skuld hiervoor op die skouers van die ouers geplaas. Die feit dat albei ouers werk of soms die kinders saans alleen tuis laat wanneer hulle 'n mogodisô-party hou, is algemene klagtes. Die mees algemene is egter dat ouers te laat probeer om hulle kinders in toom te hou. Ernstige strafmaatreëls en veral lyfstraf, word eers toegepas as die kind "te oud is om te hoor." Dit is duidelik dat die gesinseenheid by sulke toestande sy opvoedingstaak nie altyd na behore volbring nie.

---------------

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

# HOOFSTUK VII

# DIE GODSDIENSTIGE ORDENING

## I. ALGEMEEN

Enige betragting van die godsdienstige lewe van die mense van Atteridgeville moet met 'n verskeidenheid van feite en probleme rekening hou.

In die eerste instansie is daar 'n wesentlike verskil tussen die godsdiens wat bely word en die wat in die praktyk beoefen word. Hierdie stelling hou verband met die botsinge tussen die Christelike ke rsteningsaksie en die tradisionele stamgodsdiens. Ons moes dus ingaan op die omvang en sukses van die kersteningsaksie as sodanig en die wyse waarop Christelike lewens- en leervoorskrifte 'n invloed op die daaglikse lewe het. Ons moes ook aandag gee aan die mate waarin oorblyfsels van die stamgodsdiens nog in die daaglikse lewe tot uiting kom.

Om die rede moes die beoefening van godsdiens so wyd moontlik geïnterpreteer word. Godsdiens moes dus beskou word as die wyse waarop die mens se verhouding tot die bonatuurlike tot uitdrukking kom: die verskeidenheid kragte van bonatuurlike aard waaraan geglo word en die wyses waarop daar geglo word dat die kragte die daaglikse lewe beïnvloed asook die dienshandelinge wat teenoor die kragte uitgevoer word om hulle gehoorsaam te wees of om hulle in die guns van die mens te beïnvloed, was aspekte wat aandag moes ontvang. So gesien moes ons dus aandag gee aan baie dinge wat vir 'n suiwer Christelike siening op die vlak van die bygeloof lê.

In die tweede plaas: By die uiteensetting van die kerkaanhorigheid van die inwoners van Atteridgeville moes onderskeid gemaak word tussen verskillende groepe kerke. Aan die een kant is daar die sendingaksie van verskillende "Blanke kerke". Aan die ander kant is daar die optrede en ordening van 'n verskeidenheid onafhanklike Bantoekerke. Onder hierdie laaste groep sou mens onderskeid kon maak tussen staatserkende kerke en ander splinterkerke. Daar is ook onderskeid te make tussen kerke waarin dit bloot gaan om selfstandige beheer deur die Bantoe en andere waar dit gaan om volging van profete, geloofsgenesing, ens. Die laaste verdeling val saam met die onderskeid tussen Ethiopiese en Sionistiese kerkbewegings soos Sundkler dit in sy "Bantu Prophets in South Africa" (p.53 e.v.) verduidelik.

Hierdie situasie het ons gedwing om veel meer aandag te gee aan die oorsake en aard van kerklike verdelinge as wat nodig sou wees vir 'n eenvoudige kontras tussen die Christelike en tradisionele godsdienstige lewenshandeling.

In die derde instansie het ons probleem ondervind om 'n beeld te gee van die godsdienstige lewe in gesinsverband. So 'n uiteensetting sou alleen 'n beeld verskaf van die tradisioneel-godsdienstige reste, want dáár tree gesinne en verwantegroepe as eenhede op. Die kerke (Blank of Bantoe van herkoms) bearbei lidmate en bring gemeentes, vroueverenigings en jeugverenigings en Sondagskole as sosiale eenhede bymekaar. Ons was dus gedwing om wat dit aan betref ook aan dié eenhede eerder as gesinseenhede self, aandag te gee.

## II. KERKE, GENOOTSKAPPE EN SPLINTERKERKE IN ATTERIDGEVILLE

### A. Inleiding

Atteridgeville se bevolking kon ten tye van ons opname beskou word as mense wat vir ten minste een, maar dikwels vir twee generasies reeds bekend geraak het met die Christelike evangelieboodskap. Geeneen van die Blank-georiënteerde kerke het met hulle

© University of Pretoria

TABEL 100 / ...

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

TABEL 100: KERKVERBAND VAN 520 OUERS UIT 300 HUISGESINNE

| Kerkverband | Getal | % | Onder-soek. |
|---|---|---|---|
| Blank-georiënteerde sending | | | |
| Anglican Church (Church of the Province of S.A.) | 59 | 11.3 | Ja |
| Bantu Baptist Church (Baptist Mission Church) | 8 | 1.5 | Ja |
| Berlin Lutheran Mission Church | 47 | 9.0 | Ja |
| Lutheran Hermannsburg Mission | 20 | 3.8 | Ja |
| Methodist Church of S.A. (Wesleyan Methodist) | 51 | 9.8 | Ja |
| Nederduitse Gereformeerde Sendingkerk | 38 | 7.3 | Ja |
| Pentecostal Holiness Church | 4 | 0.8 | |
| Presbyterian Church of S.A. | 6 | 1.2 | |
| Presbyterian Swiss Mission | 49 | 9.4 | Ja |
| Roman Catholic Church | 12 | 2.3 | Ja |
| Salvation Army | 2 | 0.4 | |
| | 296 | 56.8 | |
| Gevestigde Bantoekerke | | | |
| African Catholic Church | 18 | 3.5 | Ja |
| African Congregational Church | 6 | 1.2 | |
| African Methodist Episcopal Church | 52 | 10.0 | Ja |
| Bantu Presbyterian Church of S.A. | 3 | 0.6 | |
| Lutheran Bapedi Church | 50 | 9.6 | Ja |
| | 129 | 24.9 | |

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

TABEL 100: (Vervolg)

SPLINTERKERKE

| Kerkverband | Getal | % | Onder-soek |
|---|---|---|---|
| African Christian Union Church of S.A | 3 | 0.6 | Ja |
| African MaVenda Church | 3 | 0.6 | |
| African Mission Church | 1 | 0.2 | |
| Apostolic Christian Church in Zion of S.A. | 3 | 0.6 | |
| Bethlehem Central African Church | 2 | 0.4 | Ja |
| East Hethlon Church | 8 | 1.5 | Ja |
| Ethiopian Church in Zion | 7 | 1.3 | |
| Independent Methodist Church of Africa | 2 | 0.4 | |
| Lutheran Bakwena Church | 2 | 0.4 | |
| Mahon Mission Church | 4 | 0.8 | |
| National Baptist Church of S.A. | 8 | 1.5 | |
| St. John's Apostolic Church | 3 | 0.6 | |
| The Nations' Apostolic Nazareth Church in Zion | 1 | 0.2 | |
| The old Apostolic Church of Africa | 8 | 1.5 | |
| The Seventh Church of God Rhodesian Mission | 6 | 1.2 | |
| Transvaal Bakgatla Church | 2 | 0.4 | |
| Transvaal Basotho Church | 1 | 0.2 | |
| United National Church in Africa | 3 | 0.6 | |
| Zion Christian Church | 13 | 2.5 | Ja |
| | 80 | 15.5 | |
| Geen Kerkverband | 13 | 2.5 | |
| Geen Gegewens | 2 | 0.4 | |
| | 15 | 2.9 | |

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

sendingaksie eers in Atteridgeville begin nie. Dit dateer in elke geval reeds uit die dae van Marabastad. Dieselfde is waar ten opsigte van die werk van die sendinggenootskappe wat van buite Suid-Afrika afkomstig is. Met enkele uitsonderings het alle Bantoekerke en splintergroepe reeds bestaan in Marabastad en is met die verhuising slegs na Atteridgeville oorgeplant.

Om hierdie rede was dit te verwagte dat alle inwoners in Atteridgeville so as hulle uit Marabastad gekom het een of ander kerkverband sou kon toon. Trouens dit is aan ons laat deurskemer dat aanhorigheid aan 'n kerk 'n noodsaaklike vereiste is.

In tabel 100 word die kerkverband van 520 ouers van ons 300 proefgesinne aangedui. Die opvallende is dat die Blank-georiënteerde sendingkerke en gevestigde Bantoekerke (voormalig staatserkend) saam 81.7% van die proefgroep omvat. Splinterkerke bevat maar 15.5% van ons proefgroep. Slegs 2.9% van die ouers (15 individue) het geen kerkverband nie; dan tel ons natuurlik die twee persone oor wie geen gegewens verkry kon word nie, hierby. Ons voel tevrede dat ons tabel die name van alle Blanke sendingkerke in Atteridgeville bevat, maar ons weet dat daar ander splinterkerke in Atteridgeville is wat nie in ons tabel voorkom nie.

Dit was onmoontlik om alle kerke te ondersoek. Die poging was om die ondersoek so verteenwoordigend as moontlik te maak, maar nogtans op die groter kerke te konsentreer sodat groter waarde aan gemiddelde uitsprake geheg kan word. Die tabel toon hoedanige kerke gekies was vir verdere ondersoek.

## B. Blank-georiënteerde sendingkerke

### 1. Kerklike struktuur

As voorbeeld van hierdie groep kerke het ons, soos tabel 100 aandui, aandag gegee aan 8 kerke. As suiwer Protestantse Kerke: die Nederduitse Gereformeerde Kerk, die Lutherse Hermannsburgse en Lutherse Berlynse Sendinggenootskap, die Bantu Baptist Church, die Methodist Church en die Presbyterian Swiss Mission. Benewens die Rooms-Katolieke kerk is ook die sendingaksie van die Anglikaanse Church of the Province of South Africa bestudeer.

Dit was opvallend dat sommige van die kerke soos die twee Lutherse sendinggenootskappe en die Switserse sendinggenootskap blykbaar hulle lidmate na die stad gevolg het. Die sendingwerk van die Lutherse genootskappe was hoofsaaklik onder die Tswana en Pedi in die stamtuistes gedoen. Die Switserse sendinggenootskap het onder die Shangaan-Thonga gaan werk. Dit is vandag nog in Atteridgeville snaaks om iemand anders as mense van die Shangaan-Thonga-groep in die Presbyteriaans-Switserse sending aan te tref. Eweso bestaan die gemeentes van die Lutherse sendinggenootskappe oorwegend uit diegene van Tswana- en Noord-Sotho-herkoms. Die ander kerke waarvan die sendingaksie oor 'n groter aantal stamme versprei was, of hoofsaaklik tot stedelike gebiede beperk was se lidmate toon geen homogene verband nie. Ons het by hierdie kerke gevind dat mense van verskillende etniese verbande saam binne een gemeente-ordening moes optree. Dieselfde heterogene herkoms was merkbaar in die ledesamestelling van vroue-verenigings, jeugverenigings en Sondagskole.

Op dieselfde wyse vind ons dat die leraar soms 'n taal van die kansel praat wat vir baie van sy gemeentelede vreemd is. Om dié rede word daar dikwels van tolke gebruik gemaak in die Nederduitse Gereformeerde Kerk, die Metodiste Kerk en by die Bantu Baptist Church. By laasgenoemde kerk was die leraar 'n Zulu en het die Zulu Bybel gebruik, terwyl sy lidmate oorwegend Sotho-sprekend was. Mens kan nie anders as om tot die besef te kom dat die samevoeging van mense van verskillende etniese herkoms, in een gemeente, deur

© University of Pretoria

Blank-georiënteerde / ...

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Blank-georiënteerde sendingkerke, een van die belangrikste stimuli moet wees vir die afbraak van verdelinge van taal en gewoonte tussen verskillende stamme nie.

Die opvallende was verder dat die lidmate van die verskillende kerke in Atteridgeville in geen geval 'n afsonderlike gemeente gevorm het nie. Atteridgeville was wel vir die meeste die hoofsetel en woonpunt van die leraar, maar die Pretoriase (sending) gemeentes het veel wyer gestrek. Die N.G. Sendinggemeente het byvoorbeeld gestrek van Broederstroom 20 myl wes van Atteridgeville tot Yskor 5 myl ten ooste en was bedien deur een predikant en twee evangeliste, al drie woonagtig in Atteridgeville. Van die 8 'deacon'-wyke van die Bantu Baptist Church was net een in Atteridgeville geleë. Die sendingstasie van die Hermannsburgse Sendinggenootskap waaronder Atteridgeville as deel van die gemeente val, is 22 myl na die noordweste te Hebron geleë. Die Presbyterian Swiss Mission se gemeente strek van Eersterus in die ooste (20 myl van Atteridgeville) tot by Atteridgeville insluitende Pretoria-stad sowel as Lady Selborne sowat 6 myl na die noorde. Dit was dus baie duidelik dat daar van organiese sameskakeling van die gewone lidmate in Atteridgeville op die wyse nie veel tereg kon kom nie en dat die invloed van die kerke as binding van mense met 'n heterogene herkoms veel wyer strek; nie alleen word mense van verskillende etniese verband saamgeskakel nie, maar die inwoners van plattelandse woongebiede, word as eenhede saam met die stedelike woongebied Atteridgeville hanteer.

Die kerklike organisasies was in elke geval 'n replika van die Blanke moederkerk. Dit is aan ons verduidelik dat dit die oogmerk is van die Nederduitse Gereformeerde Kerk, die Baptiste Kerk, die twee Lutherse genootskappe en die Switserse Presbyteriaanse sending om die Bantoesendingkerk stelselmatig tot selfstandigheid te lei. Daarteenoor is lidmate van die Metodiste, Anglikaanse en Rooms-Katolieke kerk saamgevat in gemeentes wat integrale onderdele van die Blanke kerklike eenheid vorm. Waar daar dus by die eersgenoemde groep kerke, hoër kerklike liggame was waarop Blankes deel van die beheer uitgeoefen het, en langsamerhand die beheer aan die Bantoe sou oordra, was daar geen sodanige afsonderlike bobou by die tweede groep kerke nie. Die Metodiste Bantoegemeente het afgevaardigdes gestuur wat saam met dié van Blanke gemeentes in hoër liggame sitting gehad het. By die Anglikaanse en Rooms-Katolieke kerke waar die beheer volledig in die hande van priesters gestel was, was dit opmerklik hoedat slegs Blankes die hoër kerklike poste in Bantoegemeentes beklee. Dit was ook waar dat alle verdere hoër leidingspunte van die kerk deur Blankes beman is. Die Anglikaanse Bisdom van Pretoria, was onder beheer van die biskop van Pretoria (Blank) met 5 priesters (een Blank) onder hom. Een van die Bantoepriesters was tesame met 7 kategete met Atteridgeville belas. Die priester te Atteridgeville moes egter ook ander dele van die gemeentegebied waar elk 'n groep kategete werksaam was, behartig. Die Rooms-Katolieke kerk het in Atteridgeville en die gebied daarom, slegs een Blanke priester in diens gehad wat dit aan ons as kerkbeleid gestel het dat geen Bantoepersoon tot die priesteramp toegelaat word nie.

Omdat die gemeente so 'n versplinterde eenheid vorm, het dit 'n invloed op die plaaslike kerkregering. In die geval van die Anglikaanse en Rooms-Katolieke kerk is daar, benewens die rol van kategete by eersgenoemde, natuurlik nie sprake van aandeel van plaaslike lidmate in die kerkregering nie. Onder die Protestantse kerkegroep is daar die opvallende afwesigheid van diakens. Diakens kom wel voor by die Nederduitse Gereformeerde kerk. Eintlik kom ook by die kerk van hierdie kerklike amp nie veel tereg nie. Periodieke invordering van lidmaatsbydraes deur diakens kom nie voor nie. Lidmate bring hulle offergawes na die kerk. Vir die ouderlingsamp is daar wel 'n praktiese plig in die vorm van periodieke

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

besoek van lidmate in 'n bepaalde wyk. Om hierdie rede het die Hermannsburgse Sendinggenootskap slegs kerkraadslede om die leraar by te staan sonder onderskeiding van die ampte. Die Nederduitse Gereformeerde kerk het ook ouderlinge so ook die Switserse sending en Berlynse sending. By die Baptiste vind ons 'n aantal 'deacons' en by die Metodiste verskillende 'leaders'.

By alle Protestantse kerke vind ons benewens die leraar en ouderlinge ook die amp van die evangelis. Dit is lekepredikers wat nog nie kwalifiseer (metodiste) vir volle leraars nie of persone waarvan die algemene onderwys en teologiese opleiding nie geskik is om hulle te aanvaar as predikers nie (die ander protestantse kerke). Sodanige evangeliste mag wel preek, maar dan nie van die kansel nie en mag ook nie die sakramente bedien nie. Waar sulke lekepredikers die volle evangelisasie taak in buitegebiede kry, kan mens verstaan dat die belemmernis om nie ten volle as plaaslike leraar op te tree nie, frustrasie veroorsaak.

Geeneen van die gemeentes waarvan Atteridgeville 'n deel gevorm het, was finansieel sterk genoeg om alleen te staan nie. Dit is van lidmate verwag om maandelikse bydraes wat wissel van 10c tot 30c volgens die betrokke kerk na die kerk te bring. Ondanks die bewering van betroubare segsmanne dat die bydraes gereeld gelewer word, het ons eie ekonomiese opname getoon dat die lidmaatskapbydraes selde gereeld gelewer word. Daarom voorsien bv. die inkomste van die N.G.-gemeente slegs in die helfte van die gemeentelike uitgawes. So ontvang die Hermannsburgse gemeente steun uit die Blanke Duitse gemeenskap te Kroondal, Rustenburg en die Berlynse gemeente steun uit die Lutherse gemeente van Pretoria. Die N.G.-gemeente se fondse word aangevul uit die sendingfondse van die verskillende gemeentes van die Ringe van Pretoria. In die geval van die Metodiste, Anglikaanse en Roomse kerke gaan die bydraes van die Bantoelidmate na 'n sentrale kas waaruit uitgawes ten opsigte van sowel die Bantoe as Blanke bediening bestry word. In die ander gevalle is die normale dat die gelde inbetaal word in 'n gemeentekas waarin ook die bydrae van Blanke kant gestort word. Dit is veral in die besteding van hierdie gesamentlike gelde dat die Blanke beheer duidelik word. Die plaaslike Bantoeleraar en sy kerkraad is nie die finale besturende instansie by fondsbesteding nie, maar wel 'n gesamentlike Blank-Bantoe- liggaam waarin die Blanke voorsegging dikwels die deurslag gee. Hierdie gemeentelike armoede maak dat daar van die versorging van armes, bejaardes en ander tydelik hulpbehoewendes feitlik niks tereg kom nie. Die fondse is net nie daar nie.

Die kerkgeboue wat die dele van gemeentes in Atteridgeville tot hulle beskikking het, is geen weerspieëling van die karige inkomstes wat die gemeentes oplewer nie. Slegs die Hermannsburgse sending en die Rooms-Katolieke kerk maak van sale gebruik, wat op persele wat vir godsdiensdoeleindes toegeken is, staan. Al die ander het 'n eie kerkgebou waarvan die sitplekketal van 200 tot 450 (N.G.) en 600 (Metodiste) tel. Ons weet dat hierdie geboue met ruim steun uit die geledere van die onderskeie kerke se Blanke steunpunte opgerig is. Die persele waarop die kerke staan, is in elke geval deur die stadsraad toegeken daar privaat grondbesit nie in Atteridgeville moontlik is nie.

## 2. Kerklike handelinge van Blank-georiënteerde kerke

Die gemeentelike programme van die Blank-georiënteerde sendingkerke toon sekere basiese ooreenkomste. Sondae word daar deur elke kerk twee eredienste gehou: in die oggend en die aand. Uitsonderings op die patroon was die Hermannsburgse sending wat die tweede Sondagdiens die namiddag om 3 nm. gehou het. Die Anglikaanse Kerk het gewoonlik benewens die twee dienste per Sondag ook kerkdienste op Vrydag- en Saterdagaande. Die Rooms-Katolieke kerk het 'n daaglikse

© University of Pretoria

vroeë / ...

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



vroeë oggendmis gehou vir wie mag opdaag en 'n enkele erediens Sondagoggende om 9 vm. Elke Woensdagaand is daar in die meeste kerke 'n gemeentelike biduur met uitsondering van die Hermannsburgse sending by wie dit nie plaasgevind het nie. Die Anglikaanse en Roomse kerke het ook geen bidure gehou nie, terwyl die Metodiste kerk Woensdae en Vrydae bidure gereël het. Normaalweg was daar vir elke kerk se vroulike lidmate elke Donderdagmiddag 'n byeenkoms van die vroue-vereniging, terwyl die jongmense op Vrydag- of Sondagaande by die kerk vergader het. Die normale lengte van elk van hierdie byeenkomste was gewoonlik een uur behalwe nagmaaldienste wat effens langer geduur het. Hiernaas het alle protestantse kerke ook 'n Sondagskool gehou. Op dié punt kom ons later terug.

Die vroue- en jeugverenigings is gewild onder die lidmate. Benewens 'n biduur, vergader die vroue ook om hulpverlening te bespreek en gesellig saam te verkeer. Dit is ook gebruiklik dat elke vrouevereniging sy eie uniform het.

Dit was baie duidelik dat dié lidmate wat wou, elk met sy eie kerk, in verskillende handelinge kon meeleef en nie net beperk was tot 'n stereotiepe kerkgang elke Sondag nie.

Die orde van die erediens by die verskillende kerke was 'n getroue nalewing van die patroon by die ooreenstemmende Blanke kerk. Dit het ons opgeval dat daar 'n neiging was om wanneer daar gesing word, verskillende verse van die Psalm, Gesang of lied wat opgegee is, te sing en dat daar soms een keer meer gesing word as in die Blanke kerke die geval was. In die Nederduitse Gereformeerde kerk was die orde dus: Votum, lofsang, voorless van die Wet, sang, voorlees van die Geloofsbelydenis, sang, Skriflesing, gebed, sang, prediking, gebed, opneem van kollekte en koorsang, slotsang, seënbede, afkondigings. By die Berlynse Lutherse sending was dit so: Sang deur gemeente, formuliergebed in die vorm van tweespraak tussen gemeente en leraar, Skriflesing, sang, Skriflesing, Geloofsbelydenis, sang, preek vanaf kansel (wat eers nou bestyg word); sang en kollekte, slot formuliergebed in vorm van tweespraak tussen gemeente en leraar, slotsang. Elk van die ander kerke se diensorde was gekenmerk deur 'n eie stempel. So was daar by die Metodiste die gereelde aanbieding van 'n "<u>First</u>" en "<u>Second Lesson</u>", die eerste uit die Ou Testament en die tweede uit die Nuwe Testament. By die Anglikaanse Kerk het die orde geskied volgens die "<u>Book of Common Prayer</u>". Dus was die grootste deel van die diens in Engels. Die seënwense van die Allerhoogste is ook volgens voorskrif gereeld op die Britse Vorstehuis afgebid. By die Rooms-Katolieke kerk was alle handelinge van die priester gedek met die gangbare spreuke en gebede in Latyn. Slegs 'n kort boodskap en die sang was in <u>Sotho</u>.

Nie een van ons segsmanne kon verduidelik waarom hierdie groot verskil in uiterlike handeling onder Christelike kerke voorkom nie. Selfs die verskillende predikante kon hieroor geen afdoende antwoord gee nie. Dit was baie duidelik dat die geskiedenis van die verskille in die liturgie nie bekend was nie. Belangrik egter was die feit dat die verskil in handelswyse aan die lidmate 'n sigbare teken verskaf het dat "ons is anders as die ander kerke."

Die prediking in die verskillende Blank-georiënteerde kerke was opvallend nugter. Die normale prosedure was teksuitleg gevolg deur 'n toepassing in die alledaagse lewe. Soms was daar ook sprake van onderwerpprediking by die N.G.-kerk, die Baptiste, Switserse sending en die Anglikane. Onderwerpprediking was die normale preekwyse by die Metodiste kerk. Die predikers van die twee Lutherse kerkgenootskappe was gebind aan die lees- en preekvoorskrifte van die jaarlikse kerkalmanak. Alle ander protestantse leraars kon hulle tekste en onderwerpe vrylik kies. Volgens verduideliking was die Roomse priester gebind aan 'n aantal onderwerpe wat deur die aartsbiskop voorgeskryf is.

© University of Pretoria

Die / ...

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Die liedere wat in die kerke gesing was, was vir meer as drie-kwart vertalings uit Europese tale. Die sang was bv. Sotho, maar die wysie van Europese herkoms. Elkeen van die kerke het sy eie liederebundel gehad sodat lidmate in hulle lewe hoofsaaklik met een bepaalde liederebundel kennis gemaak het. By meeste was egter net soos by die splinterkerke die bundel Lifela tsa Sione naas die ander ook in gebruik.

Al die protestantse kerke het slegs twee sakramente bedien, naamlik die Heilige Doop en die Heilige Nagmaal. Die Anglikaanse en Rooms-Katolieke kerk erken sewe sakramente, naamlik benewens die Doop en Nagmaal, ook die Konfermasie, Bieg, Huwelik, Laaste oliesel en Heilige ordening. Die laaste is 'n saak wat slegs ampsdraers raak sodat die lidmate in Atteridgeville meermale net bewus was van ses sakramente - die waarmee hulle in hulle lewe wel te doen kry.

Die uiterlike handeling by doop en nagmaal het van kerk tot kerk verskil. Lidmate het hierdie verskille gebruik om na hulle onderskeid vergeleke by diegene van ander kerke, te verwys. So word die doop by bereiking van die volwasse lewe deur 'n onderdompelingsaksie in die Baptiste kerk bedien. Die kerkgebou het daarom ook 'n verskuilde dooppput gehad. By ander kerke is die kinderdoop as besprinkeling met water bedien. By die Hermannsburgse en Berlynse kerke is die kruisteken ook oor die voorkop en bors van die dopeling gemaak.

Die bedieningswyse van die nagmaal het ook verskil, hoewel die inhoud van die formulier by al die kerke wesentlik dieselfde is. By die N.G.-kerk word die wyn en brood in die banke bedien. By die Metodiste, Hermannsburgse, Berlynse en Switserse sendingkerke moes die lidmate in groepe na vore kom om die brood en wyn van die leraar te ontvang. By die Rooms-Katolieke en Anglikaanse kerke word die brood en wyn op besondere wyse geseën waarna dit nie, as dit oorskiet, eenvoudig weggegooi kan word nie. Vir nagmaalsgebruik vereis die Roomse kerk 'n voorafgaande voorgeskrewe vasperiode. Ons is bewus dat so 'n oppervlakkige oorsig oor die sakramentsbediening geen reg daaraan laat geskied nie. Ons noem egter slegs die verskille op soos ons informante dit aan ons kon verduidelik.

Ten opsigte van die doop en nagmaal is daar egter nog enkele opvattings verbonde wat baie algemeen in Atteridgeville voorkom. Dit raak die kwaliteit van die doopwater, die nooddoop en die kwaliteite van die brood en die wyn by nagmaal. Laat ons dit duidelik stel. Geen een van die leraars van die kerke wat ons hier behandel, was in twyfel oor die korrekte standpunt oor hierdie sake nie. Baie lidmate van die protestantse kerke kon ook geredelik die kerklik-gesanksioneerde reëling ten opsigte van doopwater, nooddoop en die funksie van die wyn en brood by die nagmaal verstrek.

Daar was egter ook diegene onder ons informante wat openhartig vertel het dat die doopaksie 'n versekering, selfs 'n bewys, is dat die kindjie deur God tot die Ewige Lewe aanvaar is en dat die doopwater alle sonde wegwas. Ander het verklaar dat die doopwater 'n kind gesond kan maak. Dit is om die rede dat ouers so gereeld die leraars van alle kerke kom vra om aan klein kinders wat ernstig siek is die nooddoop te bedien. By die Roomse en Anglikaanse kerk is dit 'n toelaatbare en normale gebruik. By die protestantse kerke hoort die nooddoop as praktyk om grondige leerstellige redes nie voor te kom nie. Ons weet egter van protestantse leraars wat in Atteridgeville geen geheim daarvan maak dat die nooddoop op versoek bedien word nie. Doen hy dit nie, verloor hy sy lidmate, so sterk word hierom aangedring. By een bepaalde kerk word selfs ouderlinge toegelaat om die nooddoop te bedien.

Die leer van die transubstansiasie van brood en wyn in die Roomse kerk is welbekend. By die Anglikaanse kerk word die tekens van die sakrament slegs per gebed op besondere wyse gewy. Raak dit

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

in die loop van die nagmaalsbediening op, moet 'n nuwe voorraad opnuut gewy word. In albei kerke mag die wyn en brood nie uit die gebou verwyder word nie; dit is heilig. Ons het baie min verwarde opvattings oor die rol van wyn en brood by die nagmaal in Atteridgeville aangetref, slegs enkeles onder protestante het dit as 'n periodieke metode van sonde-uitwissing beskou.

Die aanneming of konfermasie (Rooms en Anglikaans) van nuwe lidmate is 'n besondere geleentheid. By al ons kerke volg dit na 'n jaarlange onderrig van katkisante na hulle 16de jaar. By die twee Lutherse kerke kan die onderrig ook reeds met die 14de jaar begin. Na ondervraging volg die bevestiging en uiteindelik die voorreg om vir die eerste keer met die gemeente nagmaal te gebruik. By die Nederduitse Gereformeerde kerk word die nuwe lidmaat eerste bedien.

Die aannemingsplegtigheid is die skeidingspunt tussen die kinderdae en volwassenheid vir die inwoners van Atteridgeville. As sodanig het ons hier te doen met 'n seremoniële volwassewording soos dit oorspronklik met die tradisionele inisiasieseremonie gebeur het. Van groepvorming onder katkisante soortgelyk aan ouderdomsgroepe by die Sotho kom daar niks tereg nie. Dit is egter gebruik dat die groep nuwe lidmate na die bevestiging deur Atteridgeville se strate al singende stap en by elke ouerhuis stilstaan en sing. Dit is feitlik die gehele omvang van gesamentlike groepsaksie. Dieselfde gebruik word by splinterkerke aangetref. Die feit van volwassewording blyk egter daaruit dat hulle vir die eerste keer as volwaardige lede van die gemeente geag word. Daar word vir seuns 'n nuwe pak klere gekoop en vir dogters 'n swart rok. Die nuutgevonde status openbaar hom dikwels daarin dat seuns nou die skool wil verlaat en gaan werk om te kan trou. Hulle wil nie meer onder kinders beweeg nie. Die wyse waarop hulle hulle met grootmenssake bemoei, blyk volgens betroubare segsmanne ook daaruit dat baie dogters tot hulle aanneme 'n kuise lewe lei om direk na die aanneme verlei te word.

Kerklike feestye soos Kersfees, Paasfees en Pinkster, word by al die kerke met besondere dienste gevier; so ook met Nuwejaar. By die kersdiens word groot voorkeur aan sang verleen. By die Berlynse sendingkerk tree spreekkore van kinders op wat uit die Skrif die Kersgebeure voordra. By die Nederduitse Gereformeerde kerk word Nuwejaar as 'n groot geleentheid gevier. Oujaarsaand na ete vergader die hele gemeente in die kerkgebou en sing tot die middernagdiens begin. By hierdie voorafgaande sang is dit gebruik dat die leraar lede van die gemeente die geleentheid gee om ook iets te sê. Die een vertel van 'n besondere gebeurtenis in sy lewe die afgelope jaar, 'n ander vra dat 'n besondere paar verse gelees word of 'n besondere lied gesing word.

By Paasfees word daar in die Berlynse Lutherse kerk op die vyf Vrydae wat Goeie Vrydag voorafgaan spesiale bidure gehou. Met Pinkster is daar die gebruiklike 10 bidure in die N.G.-kerk. So is elke kerklike feestyd deur sy besondere dienshandeling gekenmerk.

Benewens hierdie bekende feestye word daar deur die Metodiste, die twee Lutherse kerke en die Switserse sendingkerk ook ander feeste gehou. By al vier hierdie kerke word 'n Oesfees gehou. Gewoonlik geskied dit teen September en neem die vorm aan van diens waarby spesiale dankoffers gebring word en om vrug vir die komende oes gevra word. By die Hermannsburgse sending duur die fees 'n hele dag en word daar op een van die skoolterreine wat vir die doel gevra word geëet.

Dit is ook gebruiklik by die Hermannsburgse sending, en die Switserse sending dat daar jaarliks 'n biduur om reën in die loop van November gehou word. Die geleenthede word nog gereeld in Atteridgeville onderhou.

Wanneer / ...

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Wanneer ons so die handelinge van die kerke betrag kan mens geredelik die twee belydenisgroepe onderskei. Aan die een kant die protestantse groep en aan die ander kant die Roomse kerk en die Anglikaanse as groep. Onder die protestantse sou ons op grond van besondere gebruike die Gereformeerdes, Metodiste, Baptiste, Lutherse en die Presbyteriane (Switserse sending) kan uitsonder. So ken die mense in Atteridgeville ook die groepe. Dat daar afgesien van die Lutherse belydenisstuk by die Lutherse kerke eintlik geen verskil in belydenisstukke tussen die verskillende protestantse kerke is nie, verstaan die mense van Atteridgeville nie. Hulle is nie daarvan bewus nie. Hulle weet wel dat in al die kerke dieselfde evangelie en geskiedenis geleer word en om die rede word kerke (eintlik alle kerke) maar as gelykwaardig beskou. Mens kom steeds weer tot die ontnugterende besef dat die Blanke kerke hulle verdelinge sonder verantwoording op die Bantoe oorgeplaas het. Die inwoners van Atteridgeville kan van hierdie verskille geen rekenskap gee nie.

3. <u>Die leraars van Blank-georiënteerde kerke</u>

Ons moet later aandag gee aan die leiersfigure in die verskillende splinterkerke in Atteridgeville. By wyse van vergelyking het ons dieselfde navrae ten opsigte van die leraars van die Blank-georiënteerde kerke gedoen. Die Roomse kerk is buite rekening gelaat omdat daar 'n Blanke priester as funksionaris was. Uit die resultate blyk die volgende: Predikante van die sewe kerke wat in ons groep oorbly, was almal mense wat na die inrigting van hulle huise, kleredrag en uiterlike gewoontes 'n hoë graad van verwestering bereik het. Die oorsaak hiervoor is na ons oordeel basies geleë in 'n redelike termyn van opleiding op skool en daarna, sowel as in die teologiese studie vir periodes wat wissel van 2 jaar tot 4 jaar. Die beroep was een waaraan hoë status verbonde was. Ons predikante was normaalweg persone wat oor die 40 jaar oud was. Vier van die sewe was voormalig onderwyser (een vir 11 jaar) en een was 15 jaar lank in die polisie-diens. Die laaste twee was ook reeds vir jare predikant. Dit sou daarom gevaarlik wees om die aansien wat ons predikante geniet slegs aan hulle beroep te koppel. Hulle was meesal "geleerd" en het dikwels in 'n ander beroep reeds blyke van pligsgetroue en voortreflike diens gelewer.

Anders as ons verwag het, was daar slegs twee wat van 'n besondere roepingsgebeurtenis as oorsaak waarom hy tot die bediening toegetree het, vertel het. Eerwaarde X het vertel dat hy as jong onderwyser eintlik 'n agnostikus was. Hy wou nie in die bestaan van God glo as Hy hom nie bewys dat Hy daar is nie. Een nag het hy wakker geskrik en gevoel dat iets soos 'n skaduwee hom vasdruk. Hy het benoud geword en gevoel hy gaan dood en besef dat dit die teken is wat aan hom moes bewys dat God wel daar is en magtig is. Hy het begin bid en toe het die gevoel van hom gewyk. Onmiddellik hierna het hy as getroude man homself laat oplei as predikant. Eerwaarde Y van een van die Lutherse kerke het 'n meer tipiese roepingsverhaal vertel. As 28-jarige jong man het hy dikwels nagedink oor die herkoms van die Skepping. Dit het hom gekwel dat sy eie mense so kwaai drink en op straat baklei. "Een deel van my hart het begeer om ryk te word en die ander deel wou skool toe gaan om die Bybel te leer." Toe het hy siek geword. Een dag terwyl hy op die bed gelê het, het hy terwyl hy wakker was, 'n helder lig gesien wat die kamer ingesweef kom. Daarna het hy baie siek geword sodat sy mense hom hospitaal toe wou neem. Hy het geweier. Toe het hy besluit om die Bybel te gaan bestudeer. Daarna het hy geleidelik beter geword en toe as predikant gaan studeer.

In die geval van al die ander predikante was daar slegs 'n stadige en toenemende sekerheid dat hulle eendag vir predikant wou leer eerder as 'n oombliksoortuiging dat dit die regte rigting is.

© University of Pretoria

Dit / ...

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Dit was opvallend dat die predikante van verskillende taalgroepe afkomstig was in Atteridgeville. Ons ken die gemeenskap en daarom ook die gemeentes as oorwegend van Sotho/Tswana-herkoms en kan verstaan waarom die Nederduitse Gereformeerde en Berlyns Lutherse kerke Sotho-sprekende leraars gehad het. Die Metodiste kerk, die Hermannsburg Lutherse en Anglikaanse kerke het Tswana-sprekende leraars gehad. Mens kan ook nog verstaan dat die Switserse Presbyteriaanse sending waarvan die lidmate hoofsaaklik Shangaan-Thonga was 'n Shangaan-sprekende predikant gebruik het. Waarom die Baptiste kerk egter 'n Zulu-sprekende leraar gebruik het, is ons nie helder nie. Waarom die Anglikaanse kerk die Tswana-sprekende leraar met 'n Shangaan-sprekende vervang het, was ook nie duidelik nie. Die voor die hand liggende gevolgtrekking is dat hierdie kerke nie veel let op die taalverbondenheid van gemeentes wanneer predikante aangewys word nie. Die Bantoe in sy verskeidenheid word met so 'n benadering onregverdiglik as 'n eenheid gesien.

Die salaris verbonde aan die amp van predikant wissel van kerk tot kerk. Die Nederduitse Gereformeerde leraar in Atteridgeville het effens meer as R100 per maand ontvang. Die prediker van die Hermannsburg Lutherse gemeente met R22 en die Baptiste kerk met R20 per maand het die laagsbesoldigde persone gevorm.

Die ampsdrag wat predikante dra toon basiese ooreenkomste. Die kanseldrag is gewoonlik 'n swart pak met swart toga waarby meesal 'n wit bef gedra word. Die opvallendste afwyking is die Anglikaanse kerk waar van 'n uitvoerige kleurvertoon gebruik gemaak word. In Atteridgeville moes die priester daagliks gekleed gaan in 'n donker pak met wit rondomboordjie met 'n dun swart borskleed ("stock"). Met die gewone erediens het die priester 'n swart priesterkleed ("cassock") omgehang en daar bo-oor 'n groot wit oorkleed, die "surplice". By die bediening van die Heilige Nagmaal kom daar nog 'n wit skouerdoek ("amice") rondom die hals by. Bo-oor die "cassock" kom 'n wit enkellengte oorkleed, die "alb". Dan volg die "stole" wat oor die skouers hang en op die bors gekruis word en met 'n wit gordel om die lende vasgebind word. Die "stole" verskil vir verskillende ampsdraers. Ten slotte word bo-oor alles die "chasuble" (altaarkleed) gehang. Dit kan groen, wit of pers wees na gelang van die feestelikheid. Die "maniple" word los oor die linkerarm gedra. Ons sal aantoon dat belangrike elemente van die Anglikaanse drag by die splinterkerke voorkom.

Die taak van die prediker lê op verskillende terreine. Die eerste is sekerlik die predikingsaksie. Dit is ons ondervinding gewees dat die preke in die Blank-georiënteerde kerke goed voorberei word, dat die inhoud in 'n hoë mate skrifgebonde is en dat die voordragswyse nugter en kalm, ontdoen van oormatige emosionalisme is. Daar was afwykinge van die waarnemings veral by die Metodiste kerk.

Hierbenewens het die predikante na vermoë gereeld huisbesoek en siekebesoek tuis en in die hospitaal gedoen. Die karige gelde wat beskikbaar was, het geen moontlikheid gelaat vir besondere aandag aan die versorging van bejaardes of armes nie. Die geleenthede vir vertroosting van hierdie beproefdes word egter gereeld gebruik.

Omdat ons predikante feitlik almal ouer mense was, dit wil sê ouer as 40 jaar, was daar geen besondere buite-kerklike aktiwiteite soos sport waarin hulle belang gestel het nie. Vir hulle almal sou dit ook onbetaamlik wees om daaraan deel te neem. Een en almal was uitgesproke daarteen dat predikante aan die politiek sou deelneem. Sodanige deelname bemoeilik hulle werk, is verduidelik. Die segsmanne van die Anglikaanse kerk het hulle egter met nadruk teen die regering se beleid van afsonderlike ontwikkeling verklaar en dit as taak van die kerkleiers gestel om hierdie gesindheid teenoor die lidmate te verantwoord.

4. / ...

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

## 4. Die rol van Blank-georiënteerde kerke in die gemeenskapslewe

Wanneer mens die rol van die Blank-georiënteerde kerke in die Atteridgeville-gemeenskap probeer bepaal, is dit moeilik om 'n bruikbare norm aan te lê. Daar is uiterlik na die sigbare nie altyd baie waar te neme nie. Dit is baie moeilik om die innerlike stukrag van Christelike handelswyse vir sover dit deur hierdie kerke gedra word, korrek na waarde te skat.

Die stimulus in die gemeenskap sou moontlik aan die lidmaatgetalle gesien kon word. In Atteridgeville het die verskillende kerke hulle op die volgende ledegetalle beroem. Nederduitse Gereformeerde 262, Bantu Baptist Church 44, Methodist 400, Hermannsburg Lutherse Sending 120, Berlyn Lutherse Sending 100, Presbyterian-Swiss Mission 175, Rooms-Katoliek 300, Anglican (Church of the Province) 600. 'n Totaal dus van 2,001. Gereken teen 'n minimum van twee lidmate per huis gee dit 1,000 huise of ongeveer 66% van die 1,532 huise van Atteridgeville. Die bogenoemde kerke het dus aanspraak op ongeveer 66% van die huise van Atteridgeville gemaak terwyl slegs 52.4% van ons 300 (tabel 100) gesinne aan die bogenoemde kerke behoort het. Ons kon op geen wyse hierdie syfers met mekaar in verbinding bring nie. Die aantal bykomstige lidmate in sommige huise was nie genoeg om die persentasie met meer as 5% af te bring nie dus 61% teenoor 52.4%.

Alternatiewelik het ons die aktiewe belangstelling in kerklike handelinge probeer meet aan die opkoms by kerkdienste en ander byeenkomste. Die baie klein getal mans wat vir die erediens kerk toe kom vergeleke by die getal vrouens was baie opvallend. Dit is aan ons verduidelik dat die kerk eintlik Sondae kompeteer met bierpartye en sokkerwedstryde. Mans gaan eerder daarheen as na die kerk wat nou al reeds as 'n plek vir vroue bekend geword het. In dieselfde trant was die verduideliking van 'n segsman uit die Presbyteriaanse Switserse sending dat daar 'n algemene toename in die kerkgang op die derde en vierde Sondag van elke maand is omdat die mense op die eerste en tweede nog te veel geld het en dan elders gaan kuier. Oor die algemene korrektheid van die bewering kon ons geen verdere berig kry nie. Ons weet wel dat dit op baie nie van toepassing kan wees nie want uit ons proefgroep het die meeste werkers hulle loon Vrydae ontvang.

Die kerkgang in Atteridgeville kan as gemiddeld tot swak gereken word. Gemeentes met 400 lidmate en meer kan nie gereeld op die teenwoordigheid van 100 kerkgangers reken nie. Die bywoning van bidure by die Nederduitse Gereformeerde en Berlyns Lutherse gemeente is swak. Daar daag by enige van die dienste selde meer as 20 persone op en dan is dit feitlik deurgaans vrouens.

Ons kan geredelik bewys dat mense wat lidmate van die Blank-georiënteerde of ook ander kerke is, hulle aan ontug skuldig maak. Desondanks was daar nie 'n oormatige toepassing van die kerklike tug nie. Dit is ons indruk dat tensy daar formele klagte gelê sou word of daar verswarende omstandighede van gewoonte-losbandigheid sou wees, die kerke nie sommer tugmaatreëls toepas nie.

Duidelik sigbare handelinge van kerklike kant was die gereelde byeenkomste elke Donderdagmiddag van die vroueverenigings van die verskillende kerke asook die verskillende Sondagskole. Ons het reeds na die vroueverenigings verwys, elk het sy eie uniform en die Donderdagmiddagse byeenkomste wat die vorm van 'n biduur aanneem, word ewe-as die eredienste geredelik bygewoon. Die "Women's Monyano" van die Metodiste kerk lewer die verdere diens dat as een van die ampsdraers van die gemeente sterf, vier vroue een by elke hoek van die kis op wag staan gedurende die erediens om so die laaste eer aan die ontslapene te bewys. Van gemeenskapsdiens kom daar by die eenhede feitlik niks tereg nie.

© University of Pretoria

Van / ...

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Van die 8 kerke het slegs die Nederduitse Gereformeerde, die Baptiste, Metodiste en Anglikaanse kerke Sondagskole georganiseer. Die getalle kinders wat opdaag was groot en die klasse dus by elke Sondagskool meesal meer as waarvoor daar gereelde onderwysers gevind kon word. So het die Bantu Baptist Church 'n Sondagskool met bykans 400 skoliere gehad. Slegs 9 van die 27 onderwysers was Bantoe-persone. Die ander 18 was Blankes uit die Blanke gemeente wat gereeld Sondae na Atteridgeville gekom het om soggens van 8.30 tot 9.30 vm. te help met die onderrig van Sondagskoolkinders.

Die algemene indruk is dus nie een van ernstige en lewenskragtige kerklike lewe nie, maar wel van 'n toestand waar diegene wat aan 'n bepaalde kerk behoort het na eie wil en voorneme aan verskillende dienshandelinge kon deelneem, maar dit meesal nie gedoen het nie.

Die kommentaar wat leraars oor die rol van die kerk in die gemeenskapslewe gelewer het, was dat die invloed van die kerk en sy lidmate te alle tye 'n behoudende uitwerking op die heersende neiging tot ontug, aanranding, diefstal en dronkenskap het. Was dit nie vir die kerke nie sou die omvang van die verskynsels baie groter gewees het.

Daarby is die kerke allerweë beskou as invloede van herintegrasie vir die mense wat as stamlosse individue uit 'n heterogene stamherkoms in die stad aanland. Die gemeente en die geringe samehorigheidsgevoel wat dit kenmerk het dan 'n enkele permanente kernpunt geword waarom vreemdelinge tot 'n nuwe eenheid wat stam- en taalverbande oorskry, saamgevat kan word. Die kerk is ewe-as die skool beskryf as invloede wat totale verdwyning van sosiale bindinge teenwerk. Ons herhaal met nadruk dat ons geen besondere bewyse kon verkry vir omvangryke of intensiewe samesnoering van mense nie.

Daar is aan die ander kant 'n bewuste behoefte by die inwoners van Atteridgeville om aan 'n kerk te behoort. Daar is diegene onder ons informante wat ons beïndruk het met die eenvoud van hulle behoefte aan die bywoning van die erediens: Mense wat ons sonder voorbehoud as voorbeelde van meelewing in die kerklike aksie kan voorhou. Onder ons informante was daar egter 'n baie groot groep wat geen besondere begrip van die soenverdienste van Christus gehad het nie en vir wie kerklidmaatskap en die sekerheid dat die predikant jou sal begrawe as jy doodgaan 'n onvermydelike gedagtekoppeling was. Ons kon nie bepaal of sodanige begrafnis moontlik na die mense se siening 'n groter welbehae in die hiernamaals verseker en of dit slegs 'n manier is om seker te maak "dat hy goed begrawe word" nie. Miskien is die laaste moontlikheid die waarheid want daar is ook 'n derde groep in Atteridgeville wat alleen deur hulle kinders se lidmaatskap aan 'n bepaalde Sondagskool kontak hou met die kerk. Is daar siekte of 'n sterfgeval, word die hulp van die predikant ingeroep met die woorde "want ons kinders gaan dan by jou in die Sondagskool."

Die gewone inwoner van Atteridgeville maak nie juis onderskeid tussen kerk en kerk nie. Almal, selfs splinterkerke, word as min of meer gelykwaardig geag. Die feit van verskille in naam en liturgie is bekend. Daar is egter nie dieselfde gevoel van skeiding en afsonderlikheid tussen lede van kerke as onder die lidmate van die Blanke moederkerke aangetref word nie. Die basiese oorsaak hiervoor is dat die Blanke kerke die verdelinge wat onder hulle bestaan het, net so in hulle sendingaksie op die Bantoe oorgedra het. Tussen die Blanke Anglikaan en Presbyteriaan lê daar 'n gapende verskil "uit die geskiedenis." Tussen die Lutheraan, die Gereformeerde en Metodis onder Blankes is daar belangrike verskille na leerstelling en "geskiedkundige ontwikkeling". Hierdie verskille is bekend by en lewe onder die Blanke lidmate. Hierdie verskille wat net so op die Bantoe oorgeplaas is, het vir hulle geen waarde as skerp verdeellyne nie. Waarom die verdelinge daar is, weet die gewone lidmaat nie.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

"Ons het dit maar so van die witmense gekry." Ons het die voorreg gehad om by 'n "Leaders' Meeting" van die Metodiste kerk teenwoordig te wees waarheen ook die leraars van ander kerke uitgenooi was. Die vergadering was geheel Bantoe en die aanwesiges het sowel Blank-georiënteerde kerke as verskillende splinterkerke verteenwoordig. Dit het gegaan oor die noodsaak al dan nie dat die verskillende Bantoekerke mettertyd onafhanklik en selfstandig sou word. Oor die feit dat so 'n ontwikkeling wenslik is, was almal eens. Van die leraars van die Blank-georiënteerde kerke was daar 'n byna eenparige en uitgesproke bekommernis vir insinking en verval sodra die Blanke sy hande aan hulle sou onttrek. Dit het nie gegaan oor die verlies van inkomste nie, maar juis oor 'n "teologiese verval", oor 'n vermindering van kerklike sekerheid oor basiese leerstellige waarhede. Ons moes aanhoor dat predikers bely "dat hulle nog nie in staat is om die waarhede suiwer te deurdink nie en dat daar baie van die Christelike leerstellinge is wat hulle nog nie verstaan nie." As voorbeeld het die spreker na die Godheid van die Seun van God verwys en gevra hoe dit moontlik is dat God 'n Seun kon gehad het as Hy nie getroud was nie. God was nie getroud nie, dus is daar menslik gesproke geen wettige Seun nie. Christus kan dus ten beste slegs 'n besondere Mens wees. Verskeie van die predikante wat teenwoordig was, het die vrees uitgespreek dat tensy die opleidingspeil van predikante onder die Bantoe aansienlik verhoog word sodat die kennis en insig onder hulle eie mense sal wees, sal die verdwyning van Blanke beheer nie net 'n verval in die sekerheid van kerklike leringe bring nie, maar mens sou wel kon vind dat leraars mede-aandadig raak in 'n terugbeweging van lidmate na die tradisionele godsdiens.

Vir ons was die onsekerheid in die Christelike leer van predikante van Christelike kerke 'n openbaring.

C. Splinterkerke

Binne hierdie groep kerke is daar alleen sprake van onafhanklike en finansieel selfstandige Bantoekerke. Geen beheer of hulp van Blanke kant bestaan by die kerke nie. Hierdie kerke het ook geen Blanke lidmate nie sodat ons met eksklusief-bantoekerke te doen het. Al hierdie kerke is die produk van òf afskeiding van 'n Blank-georiënteerde sendingkerk òf verdeling nadat so 'n afskeiding plaasgevind het.

In tabel 100 word die name aangedui van hierdie tipe kerke waarvan ons lidmate in Atteridgeville onder ons proefgesinne aangetref het asook diesulkes wat ons nader ondervra het. In hierdie tabel word daar onderskeid gemaak tussen gevestigde Bantoekerke en ander splinterkerke. Ons berekening van die sterkte van die twee groepe is 24.9% teenoor 15.5%.

Voor 1.1.64 sou mens na die gevestigde kerke as staatserkende kerke kon verwys, maar sedert die datum is die status van staatserkende kerk opgehef. Hierdie opheffing het gevolg in 'n poging om besondere misstande te beëindig.

Die betitteling "staatserkend" dateer uit die aanbevelinge van die Native Churches' Commission (UG 39/25) wat in die kontrole wat staatserkenning kon bring 'n beperkende handeling vir die geweldige toename in separatiste kerke gesien het. Die maksimum gevolg wat staatserkenning sedertdien gehad het, is dat dit 'n voorwaarde geword het vir die toekenning van kerkpersele en skoolpersele in die tuislande en stedelike lokasies. Na die oorname van Bantoe-onderwys deur die Staat in 1951 het slegs die toekenning van kerkpersele 'n belangrike voordeel gebly. By die verdwyning van die benaming staatserkend met ingang 1964 het die Departement Bantoe-Administrasie en -ontwikkeling tog voortgegaan om kerke te keur wanneer aansoek om persele gedoen word. Tot hierdie keuring word ondersoek gedoen of die kerk 'n agtergrond van standvastige bestaan het en of dit bloot

© University of Pretoria

'n / ...

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

'n leiersgroep of wel 'n kerk met besondere belydenis is. Daar word ook gelet op die teologiese opleiding wat predikante van die kerk geniet en navraag gedoen oor die aansien wat die kerk binne die bepaalde Bantoegemeenskap het waar daar om 'n perseel aansoek gedoen word. Die gevolge van staatserkenning: toesig oor kerke het behoue gebly, maar die status is die kerke ontneem. Daar was goeie rede voor.

In die verlede was dit gebruik om slegs predikante van staatserkende Bantoekerke as huweliksbevestigers aan te stel. Die Wet op Huweliksbevestigers, nr. 43 van 1916 gee die Minister van Binnelandsesake die bevoegdheid om godsdiensleraars as huweliksbevestigers aan te stel "om huweliken te bevestigen overeenkomstig de Kristelijke, Joodse of Mohammedaansche plechtigheden of de plechtigheden van een Indies geloof." (Artikel 2.) Daar moet vir sover dit Bantoesplinterkerke aangaan dus in die eerste instansie die sekerheid wees dat die kerk nog in essensie Christelik is en nie reeds verheidens het nie. Die bogenoemde bevoegdheid word in praktyk deur die Departement Bantoe-administrasie en -ontwikkeling uitgeoefen. Vir leiding in die praktyk geld daar benewens die ondersoek na die kerk self ook die bepaling dat die leraar wat aansoek doen reeds die Junior Sertifikaat moes verwerf het en bevredigend moes geslaag het in 'n departementele toets oor die bepalinge van die huwelikswette waaronder die huweliksbevestiger sy pligte sal vervul. Hierdie prosedure het nodig geword omdat daar in die verlede gevind is dat sommige van die staatserkende kerke die opleidingspeil van leraars laat daal en later persone as leraars bevestig en as huweliksbevestigers laat aanstel terwyl hulle kwalik geletterd is.

Dit dien daarop gelet te word dat geen inkorting van die reg van enige splinterkerk om as kerk te bestaan ooit plaasgevind het nie. Daar bestaan ook geen beperking op sulke kerke se vermoë om vaste eiendom in oopgestelde Bantoegebied te koop nie. Die amp van huweliksbevestiger is 'n staatsamp daarom dat die Staat die bekleërs daarvan aan kwalifikasies onderhewig stel. Geen splinterkerk is nog ooit verbied om huwelike tussen lidmate kerklik in te seën nie; trouens dit is die gereelde prosedure waar 'n leraar nie huweliksbevestiger is nie, dat die nuwe egpaar na die seremonie voor die Bantoesakekommissaris as huweliksbevestiger, die huwelik in die kerk laat inseën.

Staatserkenning was in die verlede 'n gesogte onderskeiding. Dit het aan 'n splinterkerk die enigste "amptelike" erkenning besorg wat dit kon verkry. Die Staat het hom op dié wyse laat aanwys as die liggaam wat bepaal wanneer 'n kerk 'n kerk is. Amptelike erkenning of nie het die onderskeid gemaak tussen kerke. 'n Kerk het homself as dit enigsins moontlik was voorgedra as amptelik erkend. Gaandeweg, so het dit by ons informante geblyk, het die feit van staatserkenning 'n groter sekerheid gebring en geloofwaardigheid onder gewone lidmate verskaf dat dié kerk (ons kerk) die "regte een" is. Die afskaffing van staatserkenning moet onder die omstandighede na ons oordeel verwelkom word.

Die onderskeid wat in tabel 100 tussen splinterkerke gemaak word, gee dus geen geldige norm vir verdeling in groepe nie. Dit is waar dat die kerke wat as gevestigde kerke beskryf word, 'n groter lidmatetal het. Dit is ewe waar dat hulle bestaanstyd langer is as die ander splinterkerke. Dit is ook waar dat die kerke almal staatserkenning geniet het. Benewens hierdie uiterlike kenmerke is daar eintlik geen geldige wyse waarop hierdie kerke van die ander geskei kan word nie. Ons behandel hulle dus saam met die ander splinterkerke.

'n Moontlike ander basis van verdeling is die onderskeiding van Sionistiese en Ethiopiese kerktipes soos dr. Sundkler dit in sy <u>Bantu Prophets in South Africa</u> (1961) doen. Hierdie verdeling is

© University of Pretoria

verder / ...

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

verder uitgebou in die Tomlinson-verslag (Vol. 15 Hoofstuk 40 p.73).

By Sionistiese kerke vind ons 'n godsdiens wat as sinkretisme van Christelike en heidense elemente beskryf kan word. Hierdie kerke word soms gelei deur profete en "biskoppe" wat aanspraak maak op bonatuurlike en selfs goddelike vermoëns. Die beoefening van geloofsgenesingsrites is algemeen. As verdere belangrike kenmerke noem die kommissie onder andere die groot waarde wat aan uiterlike vertoon soos kleredrag, seremoniële gebruike en optogte geheg word; predikers ontleen hulle gesag nie aan die Bybel nie, maar aan drome en gesigte waardeur 'n "profetiese roeping" verkry word; die bestuur van geldsake is gewoonlik in die hande van die leier; danse, gebede en emosioneel-belaaide ritusse speel 'n belangrike rol. Binne hierdie groep kerke vind ons dus benewens die sinkretistiese element ook besliste messiaanse neiginge. Onder ons splinterkerke het die Apostolic Christian Church in Zion of South Africa, St. John's Apostolic Church, The Nation's Apostolic Nazareth Church in Zion, The Old Apostolic Church of Africa en die Zion Christian Church beslis in hierdie groep geval. Ons verskaf nadere besonderhede van slegs die Zion Christian Church (vgl. p.251 en verder).

Die Ethiopiese kerktipe beskryf die kommissie as basies afkomstig uit afsplinteringe van kerke wat deur Blankes gestig en bestuur word daarom word die leerstellinge, liturgie en kerkregeringswyse van die moederkerk behou. Die kerke openbaar 'n positiewe strewe tot eie onafhanklikheidstatus en is daarom dikwels anti-blank gesind. Omdat die klem op eie selfstandigheid van die Bantoe val, tree hulle dikwels ook op die politieke, sosiale en algemeen kulturele lewe op onder dekmantel van die godsdiens. Vir Sundkler is die basiese ooreenstemminge by die kerke 'n gemeenskaplike ontstaanspunt waarin sogenaamde verset teen die kleurgevoel van die Blanke die belangrikste is. In Taungs onder die Tswana aldaar het Pauw (1960:46) (Religion in a Tswana Chiefdom) nie juis hierdie ontstaan ten gevolge van "racial antagonism" kon vind nie. In die ontstaansgeskiedenis van die sewe kerke wat in ons ondersoek in Atteridgeville as Ethiopiese kerke geklassifiseer kan word, was hierdie vyandigheid teen die Blanke ook geen besondere kenmerk soos uit die volgende afdeling sal blyk, nie.

## 1. Historiese ontstaan van Ethiopiese splinterkerke

Die Ethiopiese kerke wat nader aandag ontvang het, kan uit tabel 100 verkry word. Dit is die African Catholic Church, African Methodist Episcopal Church, Lutheran Bapedi Church, African Christian Union Church of South Africa, Bethlehem Central African Church en die East Hethlon Church. Hierbenewens is ook gegewens van die African Baptist Church verkry alhoewel die lede daarvan nie in ons 300 gesinne voorgekom het nie.

Die African Methodist Episcopal Church is volgens Sundkler en ons eie gegewens die resultaat van 'n afsplintering van die Wesleyan Methodist Church in 1892 onder leiding van 'n leraar van die kerk Mangena M. Mokone. "(He) opposed what he regarded as racial segregation within the church, as seen by there being one conference for European leaders, and another for African leaders" (Sundkler 1961:39). Mokone het tesame met andere waarvan James M. Dwane die belangrikste is in 1892 te Pretoria die Ethiopian Church gestig. Nadat geen selfstandige vordering gemaak kon word nie, is Dwane en J.G. Xaba in 1896 na Amerika gestuur om aansluiting by die African Methodist Episcopal Church te verkry. Die aansluiting is suksesvol beklink en hoewel groepe soos die onder S.J. Brander in Pretoria, weggebreek het en beweer het dat die A.M.E.-kerk sy lidmate se geld na Amerika stuur "net soos die Katolieke Kerk na Italië", het die kerk

© University of Pretoria

sedertdien / ...

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

sedertdien van krag tot krag gevorder. Na die nodige aansoeke is die kerk deur die Staat in 1893 in Transvaal en in 1901 in die ou Kaapkolonie, erken. In Suid-Afrika vorm die kerk vandag die 15de en 17de Episkopale Distrikte waarin sowel Suid-Afrika as Suidwes-Afrika en Suid-Rhodesië en Zambië vervat is. Die algemene konferensie van die kerk (met sitting in Amerika) het in 1952 Frederick D. Jordan as biskop in die distrikte benoem. Die destydse regering het aanvanklik die binnekoms van die Amerikaanse Neger verbied. Teen die einde van 1953 het hy egter tydelike verlof ontvang om Suid-Afrika te besoek en het in die hoedanigheid die A.M.E.-kerkgebou te Atteridgeville in September 1955, ingewy.

Die Amerikaanse A.M.E.-kerk voer sy ontstaan terug na 'n vergadering in 1787 te Philadelphia (V.S.A.) om hulle griewe te bespreek teen Blanke kerkgenote van die Metodiste kerk "who considered them a nuisance in the house of worship." Die groep het besluit om 'n eie kerk te bou vir afsonderlike aanbidding. Hulle is daarna met verbanning uit die Metodiste kerk gedreig, maar het voortgegaan en 'n eie gemeente gestig. Die kerkgebou is teen 1793 voltooi en ingewy deur 'n biskop van die bevriende "<u>Methodist Episcopal Church</u>". Teen 1816 was die ontevredenheid ook in ander Amerikaanse stede aan die gang en is besluit om 'n eie kerk, die <u>African Methodist Episcopal Church</u> te stig "by which the despised African race might have an opportunity to receive from their own bretheren that religious instruction from which they had been kept by persons claiming to be their superiors" (<u>A.M.E. Doctrine and Discipline</u>, p.4-11).

Daar is dus 'n opvallende graadverskil in die gevolge van "kleurgevoel" in die kerk se ontstaansgeskiedenis in Suid-Afrika en in die V.S.A.

Die <u>Lutheran Bapedi Church</u> is 'n afskeiding uit die Berlynse Lutherse sendinggenootskap. Die afskeiding is bewerkstellig deur eerw. Martinus Sebushane wat na bekering en geringe opleiding as leraar(?) van die sendinggenootskap in Sekhukhuneland georden is. Hy is in 1885 na Waterberg en 1889 na Lobethal verplaas. "They appointed him the wilderness of Dilokong to begin a new field there, to clear off trees and to till, and the old man was disappointed." Hy kon ook nie die sendelingshuis te Schoonoord bewoon nie. Na vertoë deur kapt. Kgoloko en eerw. Winter (van die Berlyns Lutherse Sending) is die huis wel aan hom toegeken. Vanweë die ontevredenheid het vyf onderwysers, die kaptein Kgoloko en eerw. Sebushane met eerw. Winter onderhandel om 'n eie kerk te stig. "... and on dispersion, robes were tailored. On the 24th August, 1890 Rev. Sebushane with help of Winter ordained the school teachers. They are Th. S. Matlale, P. Thuloane, J. Madingoane, J. Pududu and P. Tungoane." Eerw. Winter het hierna as sekretaris van die Lutherse Bapedi Kerk opgetree en in 1891 by die owerheid om erkenning aansoek gedoen. Op 24.10.1891 berig die "Commissaris van Naturellen, Lydenburg" aan Sebushane onder andere "Nademaal gij ... van de Hoog Edel Regering verzocht om u van het Berlinsche Zendingsgenootschap te mogen los maken, om onder de bescherming der Hoog Edel Regering een eigen onafhanklijk Christelijk Kerkgenootschap te stichten ...
Zoo is het dat ek u bij deze doe weten dat de Hoog Edele Regering u vryheid geeft u van het Berlinsche Zendinggenootschap af te scheiden, en een eigen kerkgenootschap op te richten volgens uwe voorstellen aan zijn Edelgestrenge den Superintendent van Naturellen gedaan." (Uit die konstitusie van die <u>Kereke ea Luther ea Bopedi.</u>)

Benewens die onenigheid oor statusverskil tussen Blanke sendelinge en Bantoegeordendes was by hierdie afstigting ook 'n element van stamgebondenheid ter sprake. Soos die naam in die verwysing aandui sou dit nie 'n algemene <u>Pedi</u>-kerk wees nie, maar die "Kerk van Luther van Pediland." By hierdie kerkvorming was daar dus sprake van selfstandigheid van 'n bepaalde stamgebied op kerklike terrein.

© University of Pretoria

Die / ...

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Die African Catholic Church is 'n afsplintering van die Anglikaanse kerk en is in 1908 deur eerw. Molefe in Johannesburg geloods. Eerw. Molefe het in botsing met die Anglikaanse kerk gekom omdat hulle hom aan 'n tugproses onderhewig wou maak. Saam met John Thabe Bokaba het hy toe die kerk gestig. Bokaba was aanvanklik die hoof, na hom het Molefe opgevolg en ten tye van ons opname was A.P. Kau die aartsbiskop van die kerk. In die Tomlinson-verslag (Vol. 2 Hoofstuk 5 p.30) word hierdie kerk as een van die staatserkende kerke genoem.

Wat ook al die oorsaak, het ons hier te doen met 'n opstandigheid van kerklike ampsdraers teen streng toesig oor lewenswandel van leraars wat in Blank-georiënteerde kerke welbekend is.

Die African Baptist Church, die kerk waarvan ons geen lidmate in ons proefgroep gevind het nie, is in 1952 deur Izak Thabane in Atteridgeville gestig. Eintlik is die aanvanklike stigtingsnaam die Bakwena African Temple of God in Heaven. Die stigter het die naam egter kort daarna verander omdat die verwagte reaksie van stamgenote nie na wense was nie. Die naam African Baptist sou 'n groter draagwydte gee. Die besluit om tot die stigting van sy eie kerk oor te gaan, het gekom na struweling oor besoldiging met die Pentecostal Holiness Church waarvan eerw. Thabane vir 24 jaar lid was en as evangelis diens gedoen het. In 'n sekere sin het die kerk uit die Pentecostal Holiness Church voortgekom. Dit is dus uit 'n Amerikaanse sendingpoging wat in 1917 in Suid-Afrika begin opereer het. Dit is egter slegs omdat Thabane voor sy afskeiding lid was van die kerk. Eerw. Thabane het verklaar dat hy die kerk gestig het sodat hy onafhanklik kan wees. Na sy skoolloopbaan het hy in 1903 probeer om as leraar in die Lutherse (ongespesifiseer) kerk te kwalifiseer. In 1913 het hy toe leraar in 'n Apostoliese kerk geword, kort daarna by die Pentecostal Holiness Church aangesluit en na privaat studie in 1952 sy eie kerk gestig. Om die kerk te stig was dit nodig om twee vergaderings in Atteridgeville te hou. Die opkoms by die eerste was te swak. Ten tye van ons opname het die "kerk" uit twee "gemeentes" bestaan, nl. 25 lidmate te Atteridgeville en 30 aanhangers aan die Rand onder die sorg van 'n evangelis. Die naam van die kerk is African omdat dit uit die Bantoe voortkom en Baptist omdat slegs volwassenes gedoop word.

By hierdie splintergroep het ons 'n voorbeeld van 'n persoon wat "leier" wil wees en nie hierdie status binne georganiseerde kerkgroepe kon bereik nie. Die enigste wyse waarop die leiersdrang bevredig kon word, was deur 'n "onafhanklike" kerk te stig.

Die Bethlehem Central African Church is gestig deur die leier ten tye van ons opname, aartsbiskop S.M. MacKay. Die persoon was in die huidige Republiek Soedan gebore en het na omswerwinge in 1918 in Suid-Afrika beland. Hier het hy saam met ander persone van buite Suid-Afrika wat lidmate van verskillende kerke was, die nuwe Bethlehem Central African Church gestig. "In December, 12th, 1934, we, from Central Africa, decided to have our House of Worship on the ground that the means of worship particularly, the languages used in the churches have been a great hindrance to the furtherance of the interpretation of our feeling desire, worship and devotions in the Lord." Benewens die konstitusie bevat "The Doctrine and constitution of the Bethlehem Central African Church" waaruit ons aanhaal "the articles of Religion, more or less to be maintained, in part or in whole by every member of the Church." Die ondertekenaars van hierdie boekie is hoofsaaklik uit die huidige Malawi afkomstig en die naam van die kerk is geneem van die Bethlehem African Church in Malawi. Die kerk is as eenheid hoofsaaklik aan Pretoria en die Rand gekonsentreer. Hoewel gestig vir landsvreemdes hoort daar reeds 'n hele aantal Sotho- en Zulu-sprekendes aan die kerk. Die voertaal by dienste is slegs somtyds een van die tale van Malawi. Swahili word ook soms gebruik.

© University of Pretoria

Die / ...

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Die onafhanklike aanbidding in 'n eie taal was dan blykbaar die ontstaansoorsaak van die kerk.

Die East Hethlon Church is deur Sundkler as die East Heathlon Church genoteer. Die spelling wat ons gebruik, is egter dié wat op alle amptelike sertifikate van die kerk voorkom. Volgens mondelingse mededelings van die leier tydens die opname, biskop Chauke, is die kerk in 1920 te Marabastad, Pretoria deur 'n sekere Paul Mbya gestig. Die figuur was voormalig lid van 'n gemeente van die American Board Mission in Oos-Transvaal. Die afstigting het dieselfde tyd plaasgevind as die van die Zulu wat die African Congregational Church gestig het. Sundkler (1961:45) gee die datum van die Zulu-afskeiding as 1917 en dat die oorsaak daarvan 'n onwilligheid van die stigter was om hom te berus in 'n bestraffing oor handelswyse wat "irreconcilable with Christian standards" was. Dit is onmoontlik om te bepaal of die gebeure ook 'n rol gespeel het by die ontstaan van die East Hethlon Church.

Paul Mbya het sy kerk se naam gekies na aanleiding van Eseg. 48:1 "Aan die noordekant langs die weg van Hethlon na die ingang van Hamat en Hasar-Enan aan die grens van Damaskus, na die noorde toe langs Hamat - hy moet die ooste en die westekant hê - Dan een deel." Dit is ons oordeel dat daar 'n verbintenis tussen Oos en Hethlon by die naamgewing ontstaan het, waarom kan ons nie verklaar nie. In die betrokke hoofstuk handel dit oor 'n verdeling van die land tussen die verskillende stamme. Teen die agtergrond sou "East-Hethlon" dan die kerk se erfdeel wees.

Die rede vir afstigting wat genoem was, was slegs die bymekaar maak van die Shangaan-sprekendes in een kerk en "omdat Paul sy eie kerk wou hê." Van 'n gevoel van onmin teenoor Blankes was hier nie sprake nie. Hoewel die lidmate aanvanklik Shangaan was, is die oorwegende meerderheid vandag Sotho-sprekendes en is die voertaal Noord-Sotho of Tswana.

Ook in die geval van dié kerk is daar sprake van 'n onafhanklikheidstrewe onder taalgenote en 'n behoefte "om sy eie kerk te hê" by die leier.

Die African Christian Union Church of South Africa is oorspronklik deur J.M.M. Segola en andere te Kimberley op 5.7.33 gestig. Segola het na bewering 'n kerkverenigingsaksie gelei tussen 'n gemeente wat van die "Native Independent Congregational Church" weggebreek het en enkele ander groepe. Eerw. Segola self het die Metodiste kerk verlaat en die nuwe kerk gelei omdat toe hy op kerkwerk uit was en mediese diens moes ontvang, die Metodiste kerk geweier het om dit te betaal want hy was by sy werk op mediese voordele geregtig. Die gevolglike onenigheid het tot sy afskeiding gelei. Eerw. Segola is tot lewenslange leier verklaar na verskeie van sy luitnante gesterf het en hy dus as enigste leier oorgebly het. Uit die notule van die eerste konferensie te Kimberley 4.1.34 blyk dit dat die poging tot samesnoering van verskeie splinterkerke 'n ernstige motief by die stigting was, maar dat die begin klein was. Slegs 36 lede te Kimberley en 26 in Pretoria kon getel word. Die leier was egter sedert 1908 leke-prediker in die Metodiste kerk en wou ey eie kerk stig.

Uit die voorgaande uiteensetting van enkele splinterkerke in Atteridgeville is dit baie duidelik dat daar geen kontrole oor die verdeling en herverdeling van kerke is nie. Elkeen kan hom op sy klompie volgelinge beroem. Wat egter net so duidelik is, is dat Ethiopiese kerke as tipe na hulle ontstaan nie eenvoudig afgeskryf kan word as produkte van 'n wrewel teen die Blanke nie. Daar is ten minste sprake van 'n ywerige onafhanklikheidstrewe selfs waar dit mense van 'n bepaalde stamverband geld (Pedi en Shangaan) en daarnaas ook die leiersaspirasies van voornemende predikante wat die beperkinge wat gevestigde kerke op hulle leraars plaas, te eng vind.

© University of Pretoria

2. / ...

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

2. Struktuur van Ethiopiese splinterkerke

Veralgemenings oor kerkstrukture wat met soveel gemak ontstaan, kan neig om tot elementêre gemeenplase beperk te bly. Dit sal dus noodsaaklik wees om die gegewens oor die kerke te sien teen die agtergrond van hulle sterkte en die duur van hulle bestaan. Die bestaansduur is 'n aanduiding van die termyn waaroor die struktuur homself in stand gehou het. Die sterktesyfers is hier beperk tot lidmate woonagtig in Atteridgeville. Dit is ons oortuiging dat alleen die statistiek van die drie oudste kerke enige besondere betroubaarheid het; die gegewens van die ander berus in gevalle van hoër syfers na ons oordeel op die effens oormoedige skatting van entoesiastiese predikers. Die gegewens is soos volg:

TABEL 101: ONTSTAANSDATUM EN LIDMATETAL IN ATTERIDGEVILLE VAN ETHIOPIESE SPLINTERKERKE

| Kerk | Ontstaan | Lidmate Atteridgeville |
|---|---|---|
| African Methodist Episcopal | 1896 | 290 |
| Lutheran Bapedi | 1890 | 128 |
| African Catholic | 1908 | 231 |
| African Baptist | 1952 | 30 |
| Bethlehem Cent. African | 1934 | 73 |
| African Christian Union | 1933 | 80 |
| East Hethlon | 1920 | 126 |

Van al die bogenoemde kerke het slegs die African Methodist Episcopal, die African Baptist en African Christian Union kerke 'n gemeente binne die grense van Atteridgeville alleen gehad. Die eersgenoemde vanweë sy groot getalle en die laaste twee omdat hulle getalle in Pretoria feitlik slegs tot Atteridgeville beperk was. Die ander kerke het gemeentegrense gehad wat ver buite die munisipale area uitgesny het. Lidmate was dun gesaai en moes oor groot areas bymekaar gebring word om gemeentelike eenhede te verskaf. Gemeente-eenhede was dus nie organies-gebonde eenhede nie.

Feitlik elkeen van hierdie kerke het oor sy eie geskrewe konstitusie beskik: Dié van die A.M.E. in Engels en uit V.S.A. afkomstig. Dié van die Lutherse Bapedi kerk, ten dele in Sepedi en opgestel in 1890. Die African Baptist kerk was nog jonk ten tye van ons opname en het geen konstitusie kon toon nie. Al die ander konstitusies is in vloeiende Engels opgestel en is na ons oordeel bewys van Blanke hulp by die formulering van die wyse van beskikking oor gelde en eiendom en die samestelling van die verskillende beherende rade. Waar dit egter oor belydenispunte gaan, is 'n taalverandering in die rigting van die Engels van ons informante, duidelik merkbaar. Aansoeke aan die Departement van Bantoe-administrasie om staatserkenning is gewoonlik vergesel van hierdie konstitusies. Hoewel ons dit nie by ons proefkerke kon bewys nie, weet ons dat daar dikwels van die hulp van Blanke prokureurs gebruik gemaak word om hierdie konstitusies op te stel. Die konstitusie van die Bethlehem Central African Church was 'n duidelike uitsondering op hierdie reël. Hierin word dit as taak van die Algemene Sekretaris gestel dat hy "shall have all the matters of the conference at his fingertips."

© University of Pretoria

"The / ...

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

"The General Conference shall meet perpetually every year on the first week of October" ens. ens.

In elkeen van hierdie konstitusies word uitvoerige besonderhede verstrek oor die samestelling van verskillende kerklike vergaderings en die status van verskillende amptenare. Direkte vergelyking van termverskille en samestellingswyses is na ons oordeel steriel, omdat dit baie moeilik is om die werklike eenhede in funksie te sien sonder volgehoue kontak vir periodes langer as vyf jaar. Feit is egter dat al die kerke op papier landswyd georganiseer is. Benewens 'n algemene vergadering is daar mindere vergaderings op provinsiale, wyks- en gemeentelike grondslag in hierdie konstitusies aangedui.

In die geval van die A.M.E.-kerk kan ons konstateer dat die vergaderinge wel funksioneer en dat die kerk in Suid-Afrika deur die aangestelde biskop in Amerika op die General Conference in die V.S.A. verteenwoordig word. Ten tye van ons ondersoek was dit eerw. F.J. Jordan, 'n Amerikaanse Neger. Die plaaslike kerkraad in Atteridgeville (Official Board) het gereeld vergader.

By die Lutherse Bapedi kerk was daar die plaaslike komitee vir Pretoria bestaande uit die leraar, drie evangeliste, twee ouderlinge (badisi - oppassers) en sewe komiteelede. As hoogste gesag was daar 'n jaarlikse sinodevergadering gedurende Augustusmaand waarop alle leraars en evangeliste sitting gehad het.

By die kleiner kerke soos die African Baptist Church, die African Christian Union Church, East Hethlon Church en Bethlehem Central African Church, het die plaaslike kerkregering berus in die hande van enkele persone sonder besondere verteenwoordiging uit die geledere van lidmate. Trouens dit is 'n opvallende verskynsel dat die amp van ouderlinge en diakens by veral die kleiner kerke nie tot sy reg kom nie en dat die beheer in die hande van betaalde(?) ampsdraers van die kerke bly.

Ons kon dit nie in alle gevalle kontroleer nie, maar in die geval van ten minste die East Hethlon kerk word daar ten tye van die jaarlikse Algemene Vergadering ook 'n saamtrek van lede naby Pretoria gehou sodat die byeenkoms eintlik 'n herlewingsdiens-geleentheid word. Tot watter mate dit deel vorm van die orde by die ander kerke is nie volledig bepaal nie.

In die geval van die kleinste kerk, die African Baptist Church, het die beheer te Pretoria by die leier en 'n ouderling en te Johannesburg uit 'n evangelis en ouderling bestaan. Kwartaallikse byeenkomste van die vier mense is soms gehou.

Dit was opvallend hoe die kerkstruktuur wat in die konstitusies bepaal is 'n feitlik woordelikse weergawe was van die verbandhoudende bepalings van die Blanke sendingkerk waaruit oorspronklik afgestig is. Hierdie bewering was veral waar vir die Lutherse Bapedi kerk wat uit die Lutherse Berlynse kerk gevloei het en die African Catholic Church wat van die Anglikaanse kerk afgestig het.

Die algemene kerkorde kan met die volgende uitsonderings deurgaans as episkopaals beskryf word. Die African Methodist Episcopal Church as die besgeorganiseerde het natuurlik 'n swaar metodiste inslag. Die Lutherse Bapedi kerk volg die orde van die Lutherse Berlynse kerk na. Die African Baptist Church was te klein om aan enige kerkorde toegedeel te word. Die opvallende was egter dat die episkopaalse ordening by die East Hethlon Church, wat uit die American Board Mission met sy swaar metodiste inslag gespruit het, aangetref was. Eweso by die African Christian Union Church waar die leier leke-prediker in die Metodiste kerk was. Die reëling waarby daar 'n biskopfiguur (soms aartsbiskop) aan die hoof van die kerk staan wat die mag het om uitsprake te gee en as leier die kerk kan lei, het oënskynlik 'n besondere aantrekkingskrag vir die Bantoe.

© University of Pretoria

Aan / ...

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Aan die ander kant moet mens ook besef dat wanneer 'n leier wegbreek en sy eie kerk stig, dit die enigste ordeningspatroon is waardeur hy in staat bly om sy gesag te handhaaf want die drang na aansien is dikwels 'n grondliggende rede vir afskeiding. Een van die leraars van 'n sendingkerk het dit baie plasties so uitgedruk: "Hy (die afskeier) word 'n brulpadda! Hy span 'n ploegyster (d.i. hang 'n ploegskaar as kerkklok op) en tieng! tieng!: ek is 'n biskop!"

Ons het in ons opname hoofsaaklik met splinterkerke te doen gekry wat 'n mate van permanensie kon handhaaf. Dat so 'n afskeiding 'n sukses is, gebeur egter nie altyd nie. So was die stigter van die African Baptist Church ten tye van ons opname duidelik pessimisties oor die voortbestaan van sy kerk. Hy het dit as voorneme gestel dat hy weer na die Pentecostal Holiness Church as leraar wou teruggaan en dat sy volgelinge hom daarheen kan volg of maar na ander kerke kan gaan as hulle wil. Van diepgaande belydenisverskille is by so 'n handeling natuurlik nie sprake nie. Die teendeel is ook soms waar: splinterkerke verdwyn nie altyd ewe maklik nie. So het die leier van die African Christian Union Church besoek ontvang van 'n Sabbatariërgenootskap wat hom benewens predikantstatus 'n vaste salaris wat heelwat hoër as sy huidige inkomste was en die onmiddellike oprigting van 'n groot nuwe kerkgebou aangebied as hy na hulle sou oorkom. Tans het die splinterkerk geen eie kerkgebou nie. Die enigste voorwaarde was dat hy die Saterdag as die Sabbat moes aanvaar. Sy antwoord was dat hy nie na wêreldsgoed verlang nie en dat sy verhouding tot Christus nie deur die dag waarop die Sabbat gehou word, geraak word nie. Die segsman het voorts verklaar dat hy sonder twyfel voel dat hy die versoeking van die duiwel weerstaan het.

Die besonderhede word hier verhaal as aanduiding van die feit dat kerkstruktuur en organisasie nie gesteun word deur diepgaande belydenisverskille waardeur die kerkstruktuur as kerk bo menslike aspirasies en verskuiwings kenbaar word nie. Bestaande kerkleiers verskuif soms maar veral lidmate beweeg vrylik van een kerk na 'n ander.

By al die splinterkerke onder bespreking is daar slegs een enkele bron van inkomste, naamlik die eie lidmate en in weier verband die Bantoegemeenskap in sy geheel wanneer openbare funksies gehou word. Daar is geen ander moontlikheid nie. Die gemeente moet self die mas opkom. Geen steun of geldelike voordeel word van Blanke kant voorsien nie. 'n Uitsondering op hierdie reël is die gebruik van al die kerke met uitsondering van die oudste drie om gereeld met 'n lys deur die Blanke woonbuurtes van die stad te gaan en by bereidwillige Blanke "vriende" te kollekteer. Die inkomste uit hierdie bron per kerk kon ons nie bepaal nie.

Alleen die A.M.E.-kerk kan hom te Atteridgeville as solvent en groeiend beskryf. Benewens kollektes by die diens word konserte en bazaars gehou en 'n jaarlikse dankoffer van lidmate gevra asook 'n lidmaatbydrae van 25c per kwartaal. Alle gelde word behoorlik gebank en 'n jaarlikse opgawe behoorlik geouditeer. Die normale jaarlikse inkomste van die gemeente is: Boufonds R800, Dankoffer R300 en Kwartaallikse bydraes per jaar R240. 'n Totale jaarlikse inkomste van R1,340. As ons daaraan dink dat die gemeente binne 5 jaar 'n eie kerkgebou met 500 tot 600 sitplekke gebou en betaal het, dan het ons sonder twyfel met 'n ywerige handelswyse in belang van die kerk te doen.

Vergelykenderwys steek die totale inkomste van ander kerke per gehele gemeente wat dikwels wyer as Atteridgeville strek, skerp teen hierdie beeld af. Die gegewens is soos volg:

| | | |
|---|---|---|
| Lutheran Bapedi ... ... ... | R120 | |
| African Catholic ... ... ... | R240 | (Atteridgeville en Lady Selborne) |
| African Baptist ... ... ... | R 60 | |
| East Hethlon .. ... ... ... | R105 | |

© University of Pretoria

Bethlehem / ...

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Bethlehem Central African ... ... R86 (slegs uit Atteridgeville)

In die geval van die African Christian Union Church gaan alle inkomste na die leier en volle gegewens kon nie verkry word nie. Die gegewens oor die African Baptist Church berus op 'n skatting van die leier daar geen bankrekening of rekord van inkomste bestaan nie. In teenstelling hiermee kan die gegewens oor die Lutheran Bapedi Church en African Catholic Church as betroubaar beskou word, gesien die bevredigende rekordboeke wat aan ons getoon was.

Die inkomste is volgens konstitusie soos volg verkry: Lutheran Bapedi Church: R0.55 per manlike lidmaat per jaar, R0.35 per vroulike lidmaat aangevul deur deurkollektes. African Catholic Church: R0.80 per lidmaat per jaar aangevul deur kollekte. African Baptist Church: R0.80 per lidmaat per jaar aangevul deur kollektes. African Christian Union Church: R0.45 per lidmaat per jaar. Dit gaan alles na die leier vir besteding. East Hethlon Church: R2.40 per lidmaat per jaar vir die besoldiging van die leier en R0.55 per lidmaat per jaar vir kerkfondse. Bethlehem Central African Church: R1.15 per lidmaat per jaar.

Êrens is daar in hierdie opgawes wat verstrek is 'n ernstige fout. Indien die Bethlehem Central African Church se lidmaatopgawe (tabel 101) korrek is en almal bydraes lewer moet die jaarlikse inkomste uit Atteridgeville alleen R145 bedra. Die inkomste van die African Catholic Church hoort dan in Atteridgeville alleen R185 te bedra as ons kollektes buite rekening laat. Uit Lady Selborne sou dan R55.00 verwag kon word. Die uitgawe aan leraarstraktement wat ons elders volledig gee, is vir die Bethlehem Central African Church R120 per jaar, en die die African Catholic Church R276. Dit klop nie. Op geen wyse kon ons 'n beredeneerde opgawe van inkomste en uitgawes van hierdie proefkerke verkry nie. Die maklikste verklaring is in meeste gevalle dat die lidmate nie gereeld bydra nie en dat daar dan bronne van ongeopenbaarde inkomste soos insamelings by Blankes aanvaar moet word.

Die huisvesting van ons splinterkerke was feitlik deurgaans onbevredigend. Slegs die A.M.E.-kerk en African Catholic Church het oor kerkgeboue beskik. Eersgenoemde bied plek vir 5-600 lidmate en laasgenoemde vir 300. Aan die Lutherse Bapedi kerk was 'n perseel in Atteridgeville toegeken waarop hulle van plan was om te bou, maar voorasnog is die dienste aan huis van die predikant in Atteridgeville gehou. Die oorblywende vier kerke het vir dienste, bidure, ensovoorts gebruik gemaak van skoolklaskamers wat teen 'n nominale huur aan hulle beskikbaar gestel was. As mens nou bedink dat die toesegging van hierdie klaskamers sedert 1951 in die hande van 'n Bantoeskoolraad in Pretoria gekom het, beteken dit dat die skoolraad ten minste 'n aandeel het in die gemak waarmee splinterkerke in staat is om hulle lidmate onder dak bymekaar te bring.

### 3. Kerklike handeling van Ethiopiese kerke

Die gemeentelike programme van splinterkerke toon 'n mate van ooreenkoms en verskil met dié van Blank-georiënteerde sendingkerke. Die Lutherse Bapedi kerk hou slegs een maal per maand hier 'n kerkdiens op 'n Woensdagaand benewens elke Vrydagaand 'n biduur. Alles geskied aan huis van die leraar in Atteridgeville. Die African Baptist Church hou slegs die twee gewone dienste per Sondag.

By die East Hethlon Church en die Bethlehem Central African Church kry ons die normale patroon van twee dienste per Sondag en 'n biduur, die samekoms van vroue gedurende die week, gewoonlik op Donderdagmiddag.

By die African Methodist Episcopal en die African Christian Union Church, vind ons die afwyking met drie dienste per Sondag. Aan bidure word daar by die A.M.E. een gehou. By die African Christian

Union / ...

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Union Church is daar drie bidure per week. Die kerklike byeenkomste by die laasgenoemde kerk bereik die geweldige totaal van ses per week en dit vir 'n skamele 80 lidmate in Atteridgeville waarop die A.M.E. as gevestigde kerk tweede op die lys met vier dienste per week volg, terwyl die normale gemiddelde slegs drie kerkbyeenkomste is.

Net soos in die geval van die Blank-georiënteerde kerke word daar waar moontlik gedurende die week op Donderdag 'n biduur vir die betrokke kerk se vroueverenigіng gereël. Die getalle vroue wat opdaag en die aktiewe meelewing van kerklidmate is egter swakker as in die geval van die Blank-georiënteerde kerke.

Die orde van die erediens by ons splinterkerke toon nie veel verband met die voorgeskrewe orde by die Blank-georiënteerde kerke waaruit hulle voortgekom het nie. Die orde by die African Methodist Episcopal Church is vanuit die V.S.A. voorgeskryf en word streng nagevolg. Dit verskaf 'n langer tydsverloop vir die erediens as die normale een uur wat algemeen nagestreef word. Dit is soos volg: Gemeentelike sang, die lees van Ps. 122, sang, gebed, koorsang, eerste Skriflesing beurteling tussen leraar en gemeente, tweede Skriflesing deur leraar alleen, sang, die Tien Gebooie, sang, afkondigings, sang, prediking, Onse Vader gesing of voorgedra deur gemeente, kollekte, Apostoliese Geloofsbelydenis, doksologie, sang, seën. Van al ons splinterkerke was die kerk die enigste wat die Wet of belydenis (enige belydenis) as deel van die erediens gebruik het. Hierdie effens vreemde diensorde waarin die gemeente uitvoerig deur sang aan die verrigtinge deelneem, is nie deur die ander splinterkerke oorgeneem nie. Vergelykenderwys het die gemeentes van die ander kerke, veel minder aandeel aan die erediens. Dit was effens teen ons verwagtinge in. Die African Christian Union Church het wel van die A.M.E.-kerk geleen deurdat dieselfde Psalm gelees word en dat gemeentelike afkondigings in die middel van die erediens gedoen word, maar dit was ook al.

By die Lutherse Bapedi kerk het niks van die tweespraak tussen gemeente en leraar oorgebly wat so 'n tipiese kenmerk van die Luthers-Berlynse diensorde is nie. Dit is asof die diensorde hier en in die ander splinterkerke ernstig vereenvoudig word tot gemeentelike sang, votum, Skriflesing, preek, gebed, sang en seënbede. Die African Catholic Church wat uit die Anglikaanse kerk voortgekom het, het niks van die aandeel van die gemeente in die seremonie oorgehou nie. Dit is hier egter gebruik dat die leraar die kerk al singend betree voordat hy die diens met die uitspreek van die votum begin. Die formuliergebede volgens die gebedeboek van die Anglikaanse kerk is egter wel in gebruik. By alle ander kerke is daar geen boekgebondenheid van die gebede nie en is die gebed van die leraar vry.

Sommige van die kerke het in die orde van die erediens gebruike wat hulle spesifiek van die ander onderskei. Soos afgelei kan word, is die aard daarvan nie so belangrik dat dit noemenswaardige beginsel-skeiding tussen die kerke sou kon maak nie. So was dit by die African Christian Union Church gebruik dat die offergawe by die diens (kollekte) deur elke gemeentelid wanneer die geleentheid daar is na vore gebring moes word. Die kerk, so is verklaar, wil nie die indruk wek dat die gemeentelede enigsins gedwing word om geld te gee nie. Die wat wil gee, moet vrywillig gee. Dit moet nie in die banke gaan haal word nie. By die East Hethlon Church is daar vrylik van voorgangers uit die gemeente gebruik gemaak. By 'n Sondag oggenddiens van die kerk wat ons kon bywoon en waar 38 gemeentelede opgedaag het (21 kinders, 16 vrouens, een man) is die diens gelei deur die leraar en twee voorgangers. Die diensorde was soos volg: votum, gemeentelike sang onder leiding van 'n voorganger, gebed deur leraar, gemeentesang, kort gebed deur die ander voorganger, die Onse Vader gesing deur gemeente en gelei

© University of Pretoria

deur / ...

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

deur voorgangers; by die woorde "tot in ewigheid" draai die voorgangers singend om na die muur agter hulle en weer terug na die gemeente, Skriflesing deur leraar, sang, prediking (15 minute), gebed deur leraar, sang en kollekte, seënbede. In die kerkgebou wat die gemeente in Marabastad gebruik het, voor die oortog na Atteridgeville, was daar 'n prent van Christus agter die prediker teen die muur. By die sing van die Onse Vader het die voorgangers dan na die prent omgedraai. In die skoolklaskamer in Atteridgeville het die gebruik behoue gebly hoewel die gemeentelede self nie geweet het waarom dit gedoen word nie.

By die Bethlehem Central African Church was die diensorde ook eenvoudig, maar net voor die preek is daar aan die gemeentelede geleentheid gegee vir die lewering van getuienis oor hoe die Voorsienigheid onlangs in hulle lewe ingegryp het. Hierdie metodistiese gebruik was nie by die ander kerke aanwesig nie.

Die wyse waarop daar gepreek word, het by ons splinterkerke 'n merkwaardige verband met die standaard van skoolopleiding van die prediker getoon. Die mate van teologiese opleiding was van so 'n ongelyke standaard dat daarmee geen verband verkry kon word nie. Die volledige gegewens volg later (vgl. bl.247).

In die African Methodist Episcopal Church, waar die leraar twee vakke vir die Junior-sertifikaat gekort het en daarna vier jaar teologiese opleiding aan die Wilberforce Institute gehad het, was die prosedure die suiwerste. Die preke was almal teks- en skrifgebonde, uitgeskryf en het getuig van redelike voorstudie waarby ook Bybelkonkordansies gebruik is. Die leweringswyse en klem wat geplaas is, het die metodistiese inslag bewys wat in hierdie kerk te verwagte was. By geen van die ander kerke het enige van die leraars van besondere studieboeke oor skrifuitleg gebruik gemaak nie.

By die Lutheran Bapedi Church het die leraar standerd III bereik en ses maande teologiese opleiding geniet by 'n senior predikant ('n Bantoepersoon). Hier het hy geleer: "Hy leer vir ons die formuliere, hy wys vir ons hoe ons moet loop, nagmaal en doop gee en preke maak. Hy leer ons ons moet die hele week lees en nie soos die slim mense dink ons kan sommer in die kerk praat nie." Die Lutherse kerkrooster is gevolg. Die prediker het gewoonlik 'n kort verklaring van sy teks gegee met toepassinge. Dit het neergekom op persoonlike skrifuitleg en toepassing. Dieselfde prosedure is naastenby gevolg in die African Catholic Church waar die Anglikaanse kerkrooster gevolg is en die inhoud van die preke slegs persoonlike skrifinterpretasie was. So ook by die African Christian Union Church en die Bethlehem Central African Church.

Die leraars van die African Baptist Church en East Hethlon Church het die kansel bestyg met feitlik slegs die teks vir die dag op 'n papiertjie geskryf. Die voordrag was vry en heftig en het 'n driftige herhaling van die tekswoorde tot vervelens toe ingesluit. By hierdie twee kerke alleen was daar enige sprake van 'n ooremosionele preeklewering.

Die duur van die preek was met uitsondering van die A.M.E.-kerk verbasend kort. Preke van vyftien tot twintig minute was normaal. Die uiters eenvoudige lewering en inhoud was in alle gevalle opvallend.

Die voertaal van die prediking by al ons splinterkerke was 'n Bantoetaal. In hoofsaak was dit Sotho hoewel ons weet dat Zulu ook gebruik is en dat in die geval van die Bethlehem Central African Church ook dienste in Chinyanja gehou is. Die uitsondering op hierdie reël was die A.M.E.-kerk waar preke, liedere en veral formuliere in Engels gehoor is.

Net soos in die Blank-georiënteerde kerke was die vernaamste liederbundel wat in die kerke gebruik was Lifela tsa Sione. Geeneen van die kerke het oor 'n eie liederbundel beskik nie. Soos

© University of Pretoria

ons / ...

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

ons reeds vroeër opgemerk het, is die wysies in hierdie bundel Westers van oorsprong. By die African Baptist Church is soms gesing uit die Wesleyan Methodist Hymnbook - die leraar was natuurlik vroeër leke-prediker in die Metodiste kerk.

By die sakramentsbediening was daar weer afwykinge van belang. Die opvallende was dat slegs die doop en nagmaal as sakramente van die kerke beskou is. Die addisionele sakramente wat mens vanweë sy herkoms uit die Anglikaanse kerk by die African Catholic Church kon verwag, was nie daar nie. Dit was ook normaal dat elke kerk die formulier van die moederkerk waaruit hy voortgekom het, of 'n ander kerk waartoe hy aangetrokke was, gebruik het. Slegs die A.M.E.-kerk het oor eie verantwoorde formuliere beskik soos dit natuurlik uit die V.S.A. voorgeskryf was. Die Lutheran Bapedi Church het die formuliere van die Lutherse Berlynse kerk gebruik. Die African Catholic, die Anglikaanse en die African Baptist Church wat slegs volwassenes gedoop het, het geen doopformulier gebruik nie en by die nagmaal slegs die toepaslike skrifgedeeltes oor die instelling van die nagmaal gelees. Dieselfde geld vir die East Hethlon Church, behalwe dat die Nederduitse Gereformeerde formulier vir die doop gebruik was. Die African Christian Union Church het die Metodiste formuliere gebruik.

By al ons kerke met uitsondering van die African Baptist Church is die nooddoop beoefen. Almal het besondere waarde hieraan geheg. Eweso met bogenoemde uitsondering (African Baptist Church) is in alle kerke die kinderdoop met besprinkeling in die Naam van die Drie-eenheid beoefen.

As verdere besondere afwykings in die formulierhandeling was daar 'n verskeidenheid waarvan die volgende die belangrikste is. In die African Methodist Episcopal Church was dit gebruik dat die leraar die kindjie by die doopouers neem, dit in sy eie arms doop en dit daarna teruggee. Die herkoms van hierdie gebruik is ons onbekend. By die Lutheran Bapedi Church het die leraar voor die doophandeling eers die water geseën met die woorde: "Tswa moya o ditšila, o šutele moya o mo kgethwa (Letterlik: Kom uit gees wat vuil maak, kom nader gees wat Hom verkies.) Dit maak volgens die leraar dat die mense glo daar is iets in die water en dat dit kan gesondmaak daarom dat ongedoopte siek kinders die nooddoop moet ontvang. By die African Catholic Church word die doopwater ook geseën in die Naam van die Drie-eenheid. Daarna word dit omgeroer en die kruisteken daaroor gemaak en volg die besprinkelingshandeling "in die naam van die Vader, die Seun en die Heilige Gees" gevolg deur die maak van die kruisteken op die voorkop en op die bors van die dopeling. Ook hier is vrylik erken dat die gemeente glo dat die doopwater die bose geeste uit die dopeling dryfwe en dat dit siekte kan genees. Daarom word ook by hierdie kerk die nooddoop gereeld beoefen. By die African Christian Union Church waar die Metodiste formulier in gebruik is, word die doopwater ook in die naam van die Drie-eenheid geseën en die kruisteken oor die water en kop en bors van die dopeling gemaak. As die doop klaar bedien is, word die water in die kerkgebou (klaskamer) gesprinkel, want dit is heilig. Die seëning van die doopwater was ook by die East Hethlon Church waar die Nederduitse Gereformeerde formulier in gebruik was uitgevoer. In skrille kontras tot die bogenoemde opvatting staan die bepalings in die konstitusie van die Bethlehem Central African Church wat lidmate waarsku teen die bygelowige gebruik van die doop soos trouens by alle protestantse kerke normale gebruik is. Ook hier is die nooddoop egter beoefen.

Ons voel geregverdig om te wys op die groter waarde wat deur die bykomstige handelinge aan die doop in die oë van die gewone lidmate van hierdie splinterkerke toegedig word.

© University of Pretoria

By / ...

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

By al die kerke was dit ook gebruik om die doop aan volwassenes as deel van die bevestigingseremonie indien 'n ongedoopte bevestig moet word, te bedien.

By die African Baptist Church is die doop slegs aan volwassenes bedien en wel deur onderdompeling en het dit saamgeval met opname in die kerk. Die doopdiens is gewoonlik buite Atteridgeville by 'n gat water in 'n rivier gehou. Die voorkeur is aan lopende water gegee. Die hele gemeente vergader op die wal. Die leraar hou 'n gewone diens en verduidelik dat dit bevel is van die Here dat 'n mens in diep water gedoop moet word. Die dopeling word dan gedoop deur hom een maal in die naam van die Drie-eenheid geheel onder te druk. Daarna gaan die gemeente terug na die kerk (klaskamer in Atteridgeville) waar die dopelinge as volle lidmate van die kerk ontvang word. Die leraar het verduidelik dat die onderdompeling groter bevrediging gee as die besprinkeling wat hyself in die Lutherse kerk (ongespesifiseer) ondergaan het. Mens word meer bewus van die werking van die Gees van die Here het hy verduidelik.

In die geval van die Nagmaalbediening het ons by die A.M.E.-kerk gevind dat die tekens aan die gemeente bedien is terwyl hulle elkeen na vore kom om dit van die leraar te ontvang. So word eers die brood aan almal bedien en daarna die wyn. Dit was ook gebruik dat 'n kollekte vir armsorg opgeneem is terwyl die formulier gelees word. By geen van die ander splinterkerke was daar sprake van sodanige kollekte vir armsorg nie. 'n Soortgelyke individuele bediening het ook voorgekom by die Lutheran Bapedi Church. Hier kon ons dit natuurlik teruglei na die identiese gebruik by die Blank-georiënteerde sendingkerk. Ook by die African Catholic Church het die gemeentelede na die altaar gekom om die nagmaal te ontvang. By die African Baptist Church is die brood eers aan alle lidmate bedien. Die wat ontvang het, wag tot die laaste een bedien is en dan word dit gelyktydig deur almal geëet. Wanneer daar by al die kerke 'n hoër ampsdraer as die leraar teenwoordig is, word die nagmaal eers aan hom bedien voor die gemeentelede dit ontvang. By al die kerke was daar by die bediening van die wyn slegs een gemeenskaplike beker waaruit almal moes drink.

Die kardinale strydpunt tussen Protestantse kerke en die Roomse kerk oor die leer van die transubstansiasie van die tekens by die nagmaal, was aan ons segsmanne, die verskillende leraars, feitlik onbekend. Navraag daarna het hulle op 'n teologiese vlak gelei waar hulle nie tuis was nie. Die feit dat deurgaans van protestantse formuliere gebruik gemaak is, het meegebring dat die leraar onwetend 'n protestantse siening aan die lidmate verkondig het. Die naaste aan 'n besondere heiligheidskarakter wat aan die tekens toegedig is, het ons by die African Catholic Church gekom (Anglikaans van oorsprong) waar alle wyn en brood nadat dit geseën is deur die gemeente opgebruik moes word.

Ons het reeds daarop gewys dat die huwelik- en aanneming-seremonie nie by ons splinterkerke deel van die sakramentetotaal was nie. Hier en by begrafnisse en kerkfeestye was die ooreenkomste en verskille wat ons kon bepaal soos volg:

Dit was opvallend dat nie een van die leraars van die splinterkerke, A.M.E.-kerk ingesluit, huweliksbevestigers was nie. Ons wys weer daarop dat die staat vir beoefenaars van hierdie amp 'n minimum onderwyskwalifikasie van Junior-sertifikaat vereis. Geeneen van die leraars kon aan die vereiste voldoen nie. Nadat die huwelik dus reeds in die kantoor van die Bantoesakekommissaris voltrek is, is dit volgens gebruik gereeld in die betrokke kerk ingeseën. Die formuliere wat gebruik is, is in elke geval die van die Blank-georiënteerde kerk waaruit die splinterkerk kom of waartoe hy aangetrokke voel. So het die Lutheran Bapedi Church die formulier van die Lutherse Berlynse kerk gebruik en die East Hethlon Church die

formulier / ...

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

formulier van die Nederduitse Gereformeerde kerk. Alleen by die African Catholic Church was daar 'n besondere gebruik deurdat die leraar die trouring van die bruidegom neem dit op die formulierboek plaas en na hy die kruisteken daaroor gemaak het, die ring seën. Eers hierna word dit aan die bruid se vinger gesteek.

Volledigheidshalwe noem ons nogmaals dat by die meeste van hierdie huwelike daar ook trougoedere of bogadi gelewer is sodat 'n jong egpaar in praktyk drie maal trou: voor die Kommissaris, in die kerk en deur die lewering van trougoedere.

By die hou van begrafnisse kon dit alleen by die A.M.E.-kerk en die African Catholic Church uit 'n kerkgebou plaasvind. Die ander kerke het almal die oorledene uit sy huis begrawe. By al die kerke was die periode van die nagwaak by die lyk in swang (vgl. p.268 Deur die begrafnis vanuit die huis te hou, word dan 'n gehele en aaneenlopende aksie verkry van die aanvang van die nagwaak tot die begrafnisdiens en aan hierdie geheel neem die leraar op elke punt deel, ook by die nagwaak.

Ons het die leraars ook ondervra na die betekenis van die breekware en ander dinge wat op die graftes van die oorledenes geplaas word. Die stereotiepe antwoord van almal was dat dit dien om die graf uit te ken. Niemand wou dit in verbinding bring met 'n moontlike geloof in die voorvadergeeste nie. Die leraars van die Lutherse Bapedi kerk en die African Catholic Church het verklaar dat hulle self geen verklaring vir die gebruik ken nie en dat dit hulle dronkslaan. Almal was baie seker dat daar onder hulle lidmate niemand was wat hom nog met voorvadergees-aanbidding ophou nie. Ons gee later die uiteensetting van ouderlinge en lidmate uit ons proefkerke oor hierdie saak (vgl. p.258).

Die aanneming- of bevestigingseremonie is deur al die splinterkerke as van besondere betekenis geag. By die African Methodist Episcopal Church het ons die enigste instansie van 'n behoorlike onderrig aan voornemende lidmate aangetref. Die kerk het sy eie katkisasieboek in Noord-Sotho waarvan die inhoud geken moet word. Meerdere Bybelkennis as wat op die vrae betrekking het, word ook verwag. Die katkisasieperiode duur een jaar waarna aanneming en bevestiging plaasvind.

By die African Baptist Church was daar geen sprake van katkisasie nie. Aanneming en bevestiging het met die volwasse doop saamgeval. Iedereen wat bely het dat Jesus Christus die Seun van God is en by die kerk wou aansluit, het vir die doop gekwalifiseer. 'n Soortgelyke situasie het by die African Christian Union Church geheers. Daar was wel katkisasieklasse vir so drie tot ses maande wat die nuwe lidmaat moes bywoon. Hier word nie soseer klem gelê op Skrif- of belydeniskennis nie, maar of die persoon wel "glo". "Die hele ding wat ons aan hom kyk is of hy bekeer is, of hy glo" is aan ons verduidelik. Kandidate moes egter wel die Tien Gebooie en die Onse Vader uit die hoof ken.

Na bewering het katkisasieklasse by die Lutherse Bapedi kerk en die African Catholic Church ook een jaar geduur. Hoedanig die omvang van die opleiding was, kon ons nie kontroleer nie. By die Lutherse Bapedi kerk was dit verder gebruik dat nuwe lidmate by 'n gewone erediens in die gemeente ondervra is oor hulle kennis waarna die bevestiging gevolg het.

Groepe katkisante van al die kerke het geen permanente eenheid gevorm wat nog in latere lewe met mekaar kontak gehou het nie. By al die kerke was dit egter gebruik dat die groep nuwe lidmate onmiddellik na bevestiging as 'n groep deur Atteridgeville stap en by elkeen se huis 'n paar liedere sing. Ewe-as by Blank-georiënteerde kerke was by die splinterkerke die bereiking van volle lidmaatstatus in die gemeente as die oorgang tot die volwasse-stadium gereken.

© University of Pretoria

Ten / ...

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Ten opsigte van kerkfeeste het ons by al die splinterkerke die nalewing van die normale kerklike feesgeleenthede gevind. Slegs by die A.M.E.-kerk, die Lutherse Bapedi kerk en die African Catholic Church was daar enige poging om die verloop van die kerklike jaar in die eredienste na vore te bring. By die A.M.E.-kerk was dit so uit die kennis en opleiding van die leraar. By die laasgenoemde twee kerke bloot toevallig omdat die kerkrooster van die Berlynse en Anglikaanse kerke onderskeidelik nagevolg is.

Net soos by die Lutherse Berlynse kerk het die Lutheran Bapedi Church gedurende Augustus 'n Oesfees gehou. Eintlik in die stad 'n dankfees omdat geen produkte gebring kon word nie. Elke gemeentelid het egter na vermoë 'n geldelike bydrae gebring. Die fees neem die vorm van 'n gewone erediens aan. Die geld wat ingesamel word, word in die boufonds van die gemeente gestort.

Die African Catholic Church hou ook 'n soortgelyke Oesfees. Iets wat by die Anglikaanse kerk waaruit dit voortkom onbekend is. Volgens beskrywing bring elke lidmaat iets wat hy gekweek het na die altaar waar dit gedurende die diens geseën word en aan die Here gewy word. Dit is 'n dankfees vir die oes wat ingesamel is. Die produkte word na die diens verkoop ten bate van die kerkfondse. Dit is ook gebruiklik by die kerk om jaarliks 'n reënfees te hou waar die Skepper om reën gevra word en terselfdertyd dank gebring word vir reën wat ontvang is.

By die Bethlehem Central African Church word ten tye van droogte 'n spesiale reëndiens gehou. Die hele gemeente gaan na 'n koppie ten suide van Atteridgeville waar die diens in die opelug plaasvind. Dit neem die vorm van 'n biduur aan omdat daar geleentheid is vir diegene wat wil uit die gemeente om die Skepper aan te roep. As hulle dan klaar gebid het, kom hulle terug en stap die heuwel al singende af tot onder.

Dit was opvallend dat geeneen van ons splinterkerke enige genesingsrites toegepas het nie. Hulle aanvaar egter dat 'n sieke deur gebed genees kan word, maar 'n seremonie wat gehou word om 'n sieke gesond te kry (behalwe gebede by huisbesoek) is totaal onbekend. Trouens al die leraars het hulle sterk teen enige vorm van towery uitgespreek.

Oor die besondere belydenisverskille wat daar tussen die splinterkerke mag bestaan, was dit moeilik om helder gegewens te kry. Baie min van die leraars kon 'n teologies-gefundeerde gesprek voer. Ons was daarom aangewese op verklarings dat 'n saak so en so is, wat ons moes aanvaar. Ons het ook reeds daarop gewys dat die A.M.E.-kerk die enigste is wat 'n belydenis - die Apostoliese - in die openbare erediens gebruik het. Ons wil die kerk dan ook uitsonder van die woorde wat volg.

Dit was opvallend dat geen van die leraars in hulle verklarings enige kennis gehad het van die waarde van die Apostoliese Geloofsbelydenis, dié van Nicea en van Athanasius in die geskiedenis van die Christelike kerk nie. Die Lutherse Bapedi kerk het verklaar dat hulle belydenis dieselfde is as die Lutherse Berlynse sending en die African Catholic Church dat dit dieselfde is as dié van die Anglikaanse kerk. Die African Baptist Church het na direkte ondervraging beweer dat hulle belydenis dieselfde is as dié van die Baptiste kerk met wie hulle natuurlik geen historiese verband het nie. Van die East Hethlon Church kan ons alleen verklaar dat geen besondere belydenisstuk getoon of genoem kon word nie. Dat die gees wat die kerk adem protestants is, blyk eintlik dan 'n toeval te wees omdat daar netsowel ander formuliere as die van die Metodiste en Nederduitse Gereformeerde kerk gekies kon gewees het. Die Bethlehem Central African Church kon ons 'n gedrukte stuk toon waarin die kerk se "Doctrine" vervat is. In 15 artikels word 'n oorwegend protestantse bewoording gevolg in uiteensettings oor die Drie-eenheid, God die

© University of Pretoria
Vader / ...

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Vader, die Seun en die Heilige Gees, die Heilige Skrif, die Kerk as gemeenskap van die Heiliges, die Sakramente, ens. In die deel oor sakramente word uitdruklik stelling geneem teen die Roomse opvatting van 'n sewe-tal sakramente. Slegs die Doop en Nagmaal word as sodanig erken. Hierdie selfopgestelde stuk word egter nêrens in die erediens of katkisasie gebruik nie. As aanduiding van waartoe selfopgestelde belydenisse kan lei, gee ons die belydenis van die African Christian Union Church in sy geheel weer soos dit in 1933 te Kimberley onderskryf is.

"The covenant by which this Church exists as a distinct body and which every member accepts is as follows:

'Acknowledging Jesus Christ to be our Saviour and Lord, and accepting the Holy Scriptures as our rule of Faith, and to practise and take upon ourselves for Christian fellowship and the enjoinment of Christian Ordinance, the public worship of God and the advancement of His Kingdom in the world. We do now in the sight of God, and invoking His blessing solemnly bind ourselves and agree with each other to be a Church of Christ'.

A. We agree to maintain the instructions of the affairs of the Church and to walk together in brotherly love.

B. And this we do depending upon our heavenly Father, who so loved the world that He gave His only begotten Son for our Salvation, and on Jesus Christ who hath redeemed us with His Holy blood.

C. The Holy Spirit will be our comforter and guide.

D. We are believing in die name of Christ, who is the head of a united Christian congregational of faithful men in which the pure word of God is preached, and the sacraments duly administered, according to Christ's ordinance.

E. We believe that, the sacrament is a sacred ordinance enjoined by Christ the head of the Christian Church, to be observed by his followers, which binds them to him a new-rebinding.

F. We believe that baptism is a public declaration, that we have espoused that the cause of Christ and that our hearts are open to his Grace and Will.

G. We believe in the name of Christ who is the Head of the United Christian Congregation of faithful men, in which the pure words of God are preached, and the sacraments duly administered, according to Christ's Ordinance. (Ephes. 2:19-22.)"

### 4. Die leiers en leraars van Ethiopiese splinterkerke

Die aard van die persoon wat as stigter, leier of leraar van ons splinterkerke opgetree het, was effens anders as ons verwag het. Die figure was almal mense wat aansien in die gemeenskap geniet het. Twee was byvoorbeeld vir baie jare gereeld lede van die Adviserende Naturellekomitee. Dit is egter moeilik om te bepaal of hulle aansien in die oë van die gemeenskap verband gehou het met hulle "biskop-status" en of dit iets was wat behoue sou bly selfs by verlies van hulle kerklike aansien.

Anders as ons verwag het, het nie een van ons informante vertel van 'n besondere belefenis waarby die persoon hom tot die leraarsamp geroepe gevoel het nie. Almal het slegs gepraat van 'n gestadigde sekerheid dat die diens aan die kerk die is waartoe die Here hom geroep het. Die prediker van die A.M.E.-kerk sou wat standvastigheid van hierdie oortuiging betref, in 'n aparte vak geplaas kon word. Hy is gebore in hierdie kerk. Het eers as diaken en ouderling gedien en hom eers later na hy 13 jaar as onderwyser diens gedoen het, geroepe gevoel om tot die bediening toe te tree. Hy het sy Junior-sertifikaat (minus twee vakke) bereik en daarna vier jaar teologiese opleiding aan die Wilberforce Institute, die kerk se opleidingsentrum voltooi, voor hy as reisende prediker diens aanvaar het. Sy lewensgeskiedenis staan dus eintlik nader aan

©University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

diê van die leraars van die Blank-georiënteerde kerke as aan diê van die ander splinterkerke.

Die opvallendste kwaliteit was die swak opleiding waarmee die predikers van die splinterkerke kon spog. Die leraar van die Lutherse Bapedi kerk en East Hethlon Church het slegs standerd III geslaag en kon dus as kwalik geletterd beskou word. Die leier van die African Christian Union Church het geen formele skoolopleiding geniet nie en het maar in die loop van sy lewe homself leer lees en skryf. Die leraars van die African Catholic Church, African Baptist Church en Bethlehem Central African Church, het darem standerd V geslaag. Die skoolopleiding van die leraar van die Bethlehem Central African Church, was buite Suid-Afrika opgedoen. Dit is egter veilig om sy opleiding êrens in die laerskool te beëindig. Geeneen van die persone sou dit in enige Blank-georiënteerde kerk verder as evangelis of leke-prediker kon bring nie: die nodige lettergeleerdheid vir teologiese studie was net eenvoudig nie daar nie. Mens kan jou dus die frustrasie voorstel van 'n persoon wat na sy bewering tot die predikamp relatief laat in sy lewe geroepe voel en dan moet uitvind dat hy in geen Blank-georiënteerde kerk ooit tot daardie status sou kon vorder nie. Hier lê, na ons oordeel, 'n belangrike oorsaak vir die paddastoel-ontwikkeling van splinterkerke want soos ons later sal toon, speel geroepenheid hier 'n groter rol as opleiding.

Die teologiese opleiding is in elke geval ewe karig. Die leraar van die African Catholic Church het verduidelik dat hy darem drie jaar opleiding te Morija van die Parysse sendinggenootskap se opleidingskool ontvang het, maar dat dit ten tye van ons opname die normale gebruik is dat leraars van die kerk mekaar oplei. Eweso het die predikant van die Lutherse Bapedi kerk ses maande onderrig van 'n senior predikant van sy kerk gehad. Die studiemateriaal was in die geval benewens die Bybel slegs die Agenda van die Luthers-Berlynse sendinggenootskap. Die leraar van die East Hethlon Church het voorligting van 'n Blanke sendeling van die Presbyterian Swiss Mission ontvang. Ons neem aan dat dit opleiding vir die amp van evangelis was. So ook het die African Christian Union Church se predikant die opleiding vir leke-predikers in die Methodist Church voltooi. Vir al hierdie opleiding kon natuurlik geen sertifikaat getoon word nie.

Om een of ander rede is dit statussimbool dat 'n sertifikaat vir teologiese opleiding getoon kan word. Om hierdie leemte te vul word daar dan gewoonlik by die "Voice of Prophecy" Bybelskool vir kursusse ingeskryf. Die sertifikate wat uitgereik word, getuig alleen dat so en so vir die betrokke kursus ingeskryf het. 'n Sertifikaat wat suksesvolle aflegging van studie by hierdie inrigting aandui, kon nie deur een van ons informante getoon word nie. Verdere besonderhede oor die aard van die kursusse wat die privaat inrigting aanbied en die koste daaraan verbonde, kon ons nie verkry nie. Die predikante van die African Baptist Church (st. V) en die African Christian Union Church (geen skoolopleiding) kon albei een sertifikaat toon. Die leraar van die Bethlehem Central African Church (skoolopleiding onkontroleerbaar) het drie sertifikate kon toon. Die bestek verteenwoordig vyf jaar se studie en het gegaan oor verklarings van dele van die Ou en Nuwe Testament. Dat 'n inrigting soos hierdie invloed op die splinterkerke in die algemeen sal hê, spreek vanself.

Die salarisse wat die leraars van ons kerke ontvang het, was karig. Die A.M.E.-kerk, Lutherse Bapedi kerk en African Catholic Church kon hulle predikante maandeliks R20.00 betaal. Eersgenoemde en laasgenoemde kerke het hiertoe 'n vry huis in Atteridgeville verskaf. Die leraars van die African Christian Union Church, East Hethlon Church en Bethlehem Central African Church, het R10 ontvang. By die African Baptist Church het die inkomste gewissel met 'n

© University of Pretoria

maksimum / ...

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

maksimum van R4 per maand. Ons het bedenkinge oor die korrektheid van die opgawe by die laaste groep kerke. Die feit is egter dat dié inkomste leraars as groep onder die laagsbesoldigste in die maatskappy geplaas het. Geen wonder dus dat die meeste ook bykomstige verdienstes gehad het of dat die vrouens moes gaan werk nie. So het die vrou van die leraar van die African Baptist Church wasgoed ingeneem en het die predikant van die African Christian Union Church as agent vir 'n firma in Johannesburg bestellings geneem terwyl ook sy vrou wasgoed gedoen het. Dit was duidelik moeilik vir hierdie gesinne om die standaard van Westerse lewenswyse wat hulle vir hulle status as vereiste gestel het, te handhaaf, veral omdat die kindertal by die predikante tussen drie en agt gewissel het. Mens moet dan ook ag slaan op die feit dat hierdie mense ondanks groter salarisse wat elders verdien kan word, met hulle ampte voortgegaan het vanweë hulle roeping.

Dat geroepenheid tot die leraarsamp eerder as standaard van opleiding by al die splinterkerke (die A.M.E.-kerk uitgesonder) 'n belangrike rol speel, word uit die hele betoog baie duidelik. As aanduiding van die waarde wat hieraan geheg word, gee ons die voorwaardes waarop die Bethlehem Central African Church bereid was om iemand as evangelis aan te stel.

"Those who think they are moved by the Holy Ghost to preach shall be tried by the following:

(a) As to religious experience:
- (i) How they know God as the Father of all mankind?
- (ii) How they know the love of God abiding in them?
- (iii) Do they desire and nothing but God?
- (iv) Are they trying to walk uprightly?

(b) The teaching the doctrines of the Church:
- (i) Are they influential to the congregation of the Church?
- (ii) Has God given them any degree of utterance? Do they speak readily, justly and clearly?

(c) Gifts:
Have they a clear, sound understanding, a right judgement in the things of God?

As long as these marks are clear in any one, we believe he is called of God to preach. These we receive as sufficient proof that they are moved by the Holy Ghost."

Na 6 jaar diens kan so iemand dan bevorder word tot die predikantsamp. Die bogenoemde was die enigste verklaring oor voorwaardes vir toelating tot die leraarstatus wat in die konstitusie van enige kerk voorgekom het. Dit is duidelik dat roepingsbewustheid en ondervinding groter rol as opleiding speel.

Die ampsdrag wat deur die verskillende leraars gedra is, was gewoonlik eenvoudig. 'n Donker pak met 'n rondomboordjie en swart of wit das was die normale openbare drag. Hierby is 'n swart toga omgehang wanneer 'n diens gelei is. By die African Catholic Church, East Hethlon Church en Bethlehem Central African Church, was toestande egter anders. Hoewel slegs die eersgenoemde kerk historiese verband met die Anglikaanse kerk gehad het, was dit duidelik dat al drie hierdie kerke hulle ampsdrag op die Anglikaanse voorbeeld gebou het. Hulle predikers het veel kleurvoller as die van die eerste groep vertoon. Na ons kennis was die toestand soos volg:

By die African Catholic Church was die gewone drag by eredienste, begrafnisse, ens., soos volg: Die wit rondomboordjie met 'n pers onderkleed wat op die skouers vasgeheg was, die "cassock". Hier bo-oor is 'n spierwit "alb" gedra, 'n wit oorkleed wat tot op die enkels gereik het. Om die middel is dit met 'n wit tou opgebind en die moue was versier met wit tossels. Die "stole" of skouerkleed was wynrooi en die punte het op die bors gekruis. Bo-oor alles is 'n

© University of Pretoria

swart / ...

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

swart bokleed gehang wat sonder moue was en die wit moue van die "alb" duidelik sigbaar gelaat het. By die nagmaal was die drag identies behalwe dat die bokleed nou van 'n pers satynstof was met 'n goudkleurige kruis op die rug geborduur en goudkleurige omboorsels aan die randte. Oor die linkerarm is 'n goudkleurige band dubbelgevou gedra (die maniple). Aan die punte daarvan was goudkleurige tossels. By die algemene konferensie het die leraar 'n bokleed van oranjekleurige gordynmateriaal gedra met 'n skouerstuk wat met die kruisteken en fraaiings aan die buite rand versier was. Basies die patroon van die Anglikaanse kerk net baie kleurvoller.

By die East Hethlon Church het die biskop en hoof van die kerk drie verskillende togas gebruik. By die erediens is 'n gewone swart toga gebruik. Met nagmaal is 'n toga van purper materiaal met goudkleurige omboorsel aan die voorpante en some gedra. By die jaarlikse konferensie is 'n toga van pienk gordynmateriaal omgehang.

By die Bethlehem Central African Church was die drag van die biskop by die erediens benewens 'n swart pak met rondomboordjie 'n gewone swart toga. Wanneer die sakramente bedien is, het hy 'n toga van oranje sy materiaal met ligroos omboorsel gedra. Wanneer hy by die Algemene Konferensie voor gesit het, het hy 'n toga van donker-bruin stof omgehang. Hierby is 'n halsketting met 'n kruis gedra en 'n rooi skouerstuk.

Benewens die prediking het ons leraars ook huisbesoek by lidmate en siekebesoek by siekes gedoen. Die predikante van die Lutherse Bapedi kerk en die African Christian Union Church het erken dat hulle slegs somtyds lidmate en siekes besoek het. By die East Hethlon Church waar die leraar na sy bewering 'n besondere roeping tot genesing van siektes gehad het, het hy gespesialiseer in siekebesoek. Hy het dan vir die sieke gebid sonder verdere aksie soos bv. hande-oplegging waarna genesing of ten minste beterskap gewoonlik gevolg het. Dit is baie duidelik dat die herderlike taak van die predikante van splinterkerke minder direkte kontaksoeking met lidmate vereis het as by die ander Christelike kerke waarvan ons kennis dra.

Benewens die twee leraars wat op die Adviserende Komitee gedien het, was dit opvallend dat nie een van die ander enige deelname aan of belangstelling vir enige ander aktiwiteite gehad het as bloot die wat met sy kerk verband gehou het nie.

Die totale indruk wat hieruit voortvloei is dan een van toegewyde kerklike arbeiders wat met 'n minimum van opleiding voorgangers is in gemeentes waar die gemiddelde lidmaat nie in staat is om die prediker en leier se tekortkominge raak te sien nie.

### 5. Die rol van Ethiopiese splinterkerke in die gemeenskapslewe

Dit was moeilik om oor die onderwerp besondere gegewens te verkry omdat dit baie duidelik was dat die onderskeie kerke nie veel praktiese uiting van aksie deur geloofsgroepe in die maatskappy kon toon nie. In die geval van die A.M.E.-kerk was daar 'n florerende Sondagskool met 152 leerlinge en verskeie jeugorganisasies soos die Juvenile Youth Association vir jong dogters, die Allen Stars vir dogters van 5-8 jaar en die Mother Pearl's vir dogters onder 5 jaar. Seuns is in die Allen Christian Endeavour League weekliks byeengebring. Die verenigings vir dogters het ook een maal per week vergader. Al hierdie liggame het gefunksioneer so ook die weeklikse biduur vir vroue. Behalwe vir die feit van samekoms was daar geen besondere groepsaksie nie.

Hierdie kerk en al die ander het dan eintlik die waarde van die kerk in die gemeenskap gesien as 'n invloed wat tog teen die grootskaalse drankmisbruik en misdadigheid by kinders te velde trek. Was dit nie vir die kerke nie, is gereeld verklaar sou die toestand veel erger gewees het. Dit spreek vanself dat om 'n invloed van

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

hierdie aard te probeer meet baie moeilik was.

Gevalle waar ongehude dogters kinders verwag het, het gereeld onder die kinders van lidmate en by lidmate self voorgekom. By die A.M.E.-kerk was gereeld van 5 tot 10 sulke gevalle onder sensuur geplaas. Sommige het teruggekom, ander het geheel van die kerk vervreem geraak. Dit verskaf miskien 'n aanduiding van die omvang van die probleem as ons besef dat dit by die Bethlehem Central African Church gebruik was om sulke dogters slegs vir een maand onder sensuur te plaas.

Die invloed wat van die erediens kon uitgaan is relatief gering. Ons het reeds gewag gemaak van 'n opkoms by 'n diens van een van die kerke met meer as 100 lidmate in Atteridgeville van slegs 39 persone waarvan een 'n man en 21 kinders was. Die gemiddelde opkoms by die ander kerke, met uitsondering van die A.M.E.-kerk was slegs effens beter. Die opvallende in elke geval was die geweldige oorwig vrouens wat opgedaag het. 'n Bevredigende verklaring vir hierdie verskynsel kon ons nie kry nie.

By drie van die kerke is die vrouevereniging se lede kenbaar gemaak deur 'n besondere kleredrag. By die African Christian Union Church het die Magdalena's Women's Christian Prayer Meeting se lede 'n swart rok met breë wit kraag en 'n wit laphoed met 'n swart veer gedra. By die East Hethlon Church was dit 'n swart romp en baadjie met 'n wit bloes en 'n breë pers kraag. Hierby is 'n pers mus gedra. Die vrouedrag by die Bethlehem Central African Church was 'n swart romp en rooi bloese met 'n wit mus. Die mans het by die kerk 'n geel gordel gedra. Benewens die biduur en gesellige saamverkeer wat die Donderdag-byeenkoms van die vroue gekenmerk het, was daar geen verdere konstruktiewe handelinge en geen poging tot hulpverlening van enige aard gedoen nie. Daar was geen gesamentlike verenigingsoptrede waaraan die getrouheid van lede van die vereniging getoets kon word nie.

Ondanks al hierdie vertoon kon mens slegs enkele vrouens op 'n Donderdagmiddag in hierdie klere na die verskillende bidure sien gaan. Selfs by die vergaderings was die opkomste swak. Almal het natuurlik nie uniforms gedra nie.

Al die kerke met uitsondering van die Lutherse Bapedi kerk, het ook Sondagskole gehou. Die klagte was gereeld dat die onderwysers te min was of glad nie opdaag nie; of dat die kinders self laks is om te kom. Verskonings was daar baie, bewyse van konstruktiewe gemeenskapslewe - min.

Die kerke se invloed is dus moeilik meetbaar, maar in elke geval kan die feit dat hulle tog invloed het, nie weg geredeneer word nie.

## 6. Sionistiese splinterkerke

Op bladsy 233 word aan die hand van die Tomlinson-verslag 'n uiteensetting gegee van die kenmerke wat andere by Sionistiese splinterkerke gevind het. Die name van hierdie tipe kerke word ook gemeld. In breë trekke kan hiervolgens onderskeid gemaak word tussen die "Apostoliese of Pinkster"-kerke waaroor ons geen besonderhede van waarde kon verkry nie aan die een kant en die "Zion Christian Church" aan die ander kant waaroor karige gegewens wel beskikbaar is.

By die Apostoliese of Pinkster-kerke se byeenkomste was daar van buite gesien die leier en profeet wat sy volgelinge voorgaan in 'n wit gewaad versier met gekleurde toue wat oorkruis oor die bors gedra word, terwyl hy en sy helpers elkeen 'n hout staf dra. Aan hierdie stawwe, die klere van die leraar en sy persoonlike attensies word gewoonlik genesende krag toegeskryf. Deel van die diens bestaan uit 'n emosionele opswepende danshandeling deur die hele gemeente. Mense val dikwels gedurende hierdie handeling met stuiptrekkings op die grond en praat in "vreemde tale". Die sang word begelei met

© University of Pretoria

tromslanery / ...

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

tromslanery en die lui van gewone tafelklokkies. Hierdie kerktipe het in Atteridgeville geen aansien geniet nie. Informasie wat ons van buitestaanders kon verkry, kon ons nie vertrou nie en die predikers en lidmate het ons voortdurend ontglip. Almal van hierdie predikers het buite Atteridgeville gewoon.

Die "Zion Christian Church" waarop aandag wel toegespits was, het soortgelyke probleme opgelewer. Die leier Edward Lekganyane het ons enige afspraak geweier. Ons was nie welkom by dienste wat gehou was nie en het uiteindelik moes volstaan met 'n onvolledige relaas wat van een van die kerk se evangeliste bekom is.

Die oorsprong van die kerk kon ons uit buite-bronne redelik sekuur bepaal. Die stigter Egenase (Ignatius) Barnabas Lekganyane is ongeveer 1885 te Thabagone in die distrik Pietersburg gebore. As jong man het hy gewone plaasarbeid op die Zebediela-landgoed gedoen en na ons kennis geen skoolopleiding gehad nie.

In 1913 het hy met die Apostolic Faith Mission uit Amerika te Thabagone kontak gemaak, maar reeds in 1915 by die splinterkerk die Zion Apostolic Church van eerw. Elias Mahlongo aangesluit waar hy as evangelis gedien het. In 1920 verskuif hy weer, die keer na die Zion Apostolic Church Faith Mission onder eerw. Edward Motaung. In hierdie splinterkerk is hy as leraar georden. Na nog 'n paar jaar het hy weggebreek om sy eie kerk die Zion Christian Church te stig.

Hierdie vroeëre leier het reeds teen 1927/28 'n aansienlike gevolg wat in hom as geneser deur gebed geglo het, gehad. Sy aansien as profeet het dermate gestyg dat hy vir baie van sy volgelinge nie alleen kgoši - kaptein, geword het nie, maar ook Modimo - God.

Kort na 1928 koop hy die twee plase Maclean en Boyne in die Pietersburgse distrik waar hy die hoofkwartier van die kerk Morija, City of Zion aanlê. Vanuit hierdie sentrale punt word die handelinge van die kerkbeweging steeds met gesentraliseerde kontrole bestuur.

Na sy dood op 1.6.48 het daar 'n kerkverdeling gedreig omdat albei sy seuns Edward (die oudste) en Joseph, hulle as hoof oor dele van die kerk uitgeroep het. Ten tye van ons ondersoek was die kerk na ons kennis weer 'n eenheid onder die leiding van Edward Lekganyane.

Na ons kennis, het Edward kwalik hoërskoopopleiding gehad en geen teologiese opleiding nie. Net soos sy vader beweer sy volgelinge dat hy die gawe van genesing ontvang het.

Oor die wyse waarop die kerk georganiseer is, weet ons min. Dit is egter baie duidelik dat alle gesagshandelinge deur die leier Edward Lekganyane gedoen word. Daarom beweeg die leier gereeld met 'n gevolg rond om saamtrekke van sy volgelinge te besoek.

Wanneer Lekganyane Atteridgeville besoek, is dit 'n besondere gebeurtenis. Hy daag gewoonlik op gevolg deur 'n aantal ampsdraers in swart motors tesame met die kerkorkes wat in 'n vragmotor volg. By die huis waar hy tuisgaan, is daar 'n geweldige samedromming van mense (volgelinge) en siekes wat vir genesing gekom het. 'n Spesiale genesingsdiens word gewoonlik op die sportterrein gereël waarheen die duisende optrek in 'n optog. Die leier Lekganyane loop vooraan met 'n dirigentstokkie, gevolg deur die orkes en die res van die toehoorders volg daarna. By die diens word siekes die hande opgelê en vir hulle gebid. Nadat die sieke se dankoffer in die vorm van geld in 'n sinkbad geplaas is, maak hy plek vir die volgende.

Die finansies van die beweging is 'n geslote boek. Alle inkomste is onder die persoonlike beheer van Lekganyane. Daar is geen gereelde vordering van volgelinge nie, maar daar word wel periodiek gekollekteer vir bepaalde dinge soos 'n nuwe motor, die oprigting van 'n kerksaal en so meer. Ons weet ook dat volgelinge veronderstel is om hom te kom groet met 'n geskenk soos dit die gebruik was by die stamkaptein in die verlede. Hulle sê "ge o ya taung, o

tswara / ...

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

tswara serumula" (As jy na die leeu gaan, dra jy 'n fakkel).

Die hoofinkomste is vermoedelik afkomstig van genesingshandelings. Sy volgelinge getuig almal van 'n besondere genesingshandeling wat hulle ondervind het. Van plaaslike verteenwoordigers kan water wat die profeet deur gebed met genesingsvermoë gelaai het, gekoop word. Die normale koste is 85c per 2-ons bottel. Hierbenewens kan volgelinge ook 'n magies-gelaaide papier koop wat wanneer dit oor kos en dranke gewaai word beskerming teen besmetting waarborg. Die prys hiervan is ons onbekend.

Alle aankope vir die kerk word deur Lekganyane self gedoen en alle eiendom in sy naam geregistreer.

Te Atteridgeville was daar baie van hierdie kerk se volgelinge. 'n Eie vergaderplek het hulle egter nie gehad nie. Dit was die gebruik om groot saamtrekke te reël wat in agtereenvolgende weke te Lady Selborne, Mamelodi en Alexandra asook ander plekke gehou was. Alle aanhangers van die omliggende plekke het dan daar vergader. Byeenkomste van so 'n aard beïndruk die buitestaander bloot vanweë die omvang. "As daar so baie is dink hulle miskien die mense se geloof is reg," en sluit dan self later aan.

In Lady Selborne beskik die kerk oor 'n groot vergadersaal en byeenkomste hier begin reeds op 'n Saterdagaand en eindig eers die Sondagmiddag. By die verrigtinge word geen nie-lidmaat toegelaat nie. Binne die saal sit alle gemeentelede, maar die voorgangers, waarvan daar verskeie is, sit op 'n verhoog. Die diens wat dan byna 24 uur duur word afgewissel deur sang, preke en mededelings deur die voorgangers oor toekomstige beweging en planne van die leier Edward Lekganyane. Vir die preke word wel uit die Bybel gelees en van tekste as tema gebruik gemaak. Ons dra ook kennis daarvan dat die gemeente ritmies beweeg terwyl hulle sing. Die opwek van emosionele spanning onder toehoorders kom voor en dit het dikwels gebeur dat van die toehoorders in beswyming op die grond val en in "vreemde tale" begin praat. Daar kom ook persoonlike getuienisse vanuit die gemeente voor wanneer individue opstaan en onlangse sondes bely en sodoende vergewing ontvang. Dit is ook normaal dat daar by sulke byeenkomste genesingsrites ten opsigte van siekes wat hulle daarvoor aanmeld uitgevoer word. Dit is duidelik dat nie alleen die hoof van die kerk hierdie gawe het nie, maar dat hy dit ook by oordrag aan ondergeskiktes verleen.

Op Sondae wanneer daar geen diens gereël is nie, is dit soms die gebruik van Lekganyane se volgelinge om in optog deur die strate van Atteridgeville te marsjeer. Van 5.00 vm. tot 2.00 nm. is die normale duur van so 'n optog. Daar word gesing, periodiek stilgestaan vir 'n gebed waarna die optog verder gaan. Aan hierdie optog neem alleen mans deel.

Oor wat hierdie kerk glo kon ons geen betroubare informasie kry nie. 'n Buitestaande informant het verklaar dat hy hoor die mense bid aan Lekganyane. 'n Evangelis van die kerk het verklaar dat daar nie geglo word aan voorvadergeeste nie, maar wel aan <u>Modimo</u> (God) die Skepper, wie se Seun Jesus Christus deur Hom gestuur is na die aarde om te bid, mense gesond te maak en op te wek uit die dood. Hierna het Hy aan die kruis gesterf en na die Hemel opgevaar. Ewe-as by ander kerke is die doop, nagmaal en begrafnisdiens by die kerk gebruiklike handelinge. Die oppervlakkige uiteensetting beklemtoon alleen die Christelike element in die totale mengproduk wat by die kerk as godsdiens beskou word.

Toetrede geskied deur die doop wat slegs aan volwassenes bedien word. Die normale doopplek is by die Apiesrivier net ten noorde van die ou Marabastad. Die doophandeling moet in lopende water uitgevoer word. Daar vergader die gemeente op die wal en word die dopelinge in die lopende water drie maal geheel ondergedompel. Die gebruiklike doopformule "In die naam van die Vader, die Seun en

© University of Pretoria

die / ...

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

die Heilige Gees" word gebruik. Na die dopelinge droë klere aangetrek het, ontvang hulle 'n doopsertifikaat en die kenteken van die Zion Christian Church. Dit is 'n vyfpuntige blink metaalster wat op 'n agtergrond van 'n stukkie swart en donkergroen lap op die linkerbors of baadjielapel gedra word. Die ster is na verduideliking sinnebeeldig van die môrester. Hoe dit met die res van die opvattings skakel, is onduidelik.

Nagmaal word een maal per jaar bedien in Pretoria by 'n algemene saamtrek. Die wyn word aan die aanwesiges in glasies bedien. By die sakramentsbediening word die brood en wyn geseën. Die normale instellingswoorde "Die brood wat ek breek is die liggaam van die Here Jesus, die wyn wat ons drink is die bloed van die Here Jesus" word gebruik.

By die sterfgevalle vind ons die normale nagwaak en begrafnisdiens waarby die Bybel gebruik word asook die normale grafspreuk "stof tot stof, grond tot grond en as tot as." Die lyk word egter spesiaal gereinig deur dit te besprinkel met heilige water wat van Lekganyane verkry is.

Lidmate word verder aangesê om 'n eerbare lewe te lei, nie te rook of te drink nie, nie te steel of te moor of leuens te vertel nie. Daar is dus ook 'n eties-positiewe inhoud in die kerk se voorsegginge aan sy lidmate. Ons informante het egter beweer dat die opdragte stadig uit die mode raak en dat baie volgelinge jenewer gebruik omdat dit net soos water is en tog rook.

Die mees-bekende kenmerk van die Zion Christian Church is seker die jaarlikse oploop gedurende die Paasnaweek wanneer alle volgelinge wat kan, na die kerk se "groot plek" te Morija, City of Zion naby Boyne te Pietersburg gaan. Soortgelyke saamtrekke vind ten tye van Kersfees en Nuwejaar plaas. Die volgelinge vergader in hulle duisendtalle. Ons was nie in staat om 'n samehangende relaas van die gebeure van enige van die pelgrims te verkry nie. Verdere navorsing oor hierdie gebeurtenis is dus nodig.

Ons kan sonder teëspraak beweer dat daar by die Zion Christian Church bewyse is van verbintenis tussen die Christelike leer en godsdiensgebruike wat met die tradisionele kultuur skakel. Die gebruik van die Bybel en teksprediking by dienste, die invoering van positiewe opdragte soos in die Tien Gebooie, die verbinding van lidmaatskap met 'n doophandeling in die naam van die Drie-eenheid ensovoorts, vorm deel van die Christelike komponent in hierdie verbintenis. Na ons oordeel vorm dit 'n dun bolaag waaronder 'n sterk band met die tradisionele godsdiens geleë is. Die magiese behoedmiddels wat volgelinge kan verkry, verskaf 'n eenvoudige dog praktiese lewenssekerheid wat lidmate aan die leier bind. Die genesingshandelinge wat herinner aan die magiese medisyne van toordokters, veral die heilige water wat met genesende krag gelaai is, is 'n belangrike skakeling met die tradisionele godsdiens. Die persoon van die leier wat gelyk geplaas word met die van 'n tradisionele kaptein wat ook geestelike leier van sy stam was en ook deur sy volgelinge as sodanig vereer was, is 'n verdere skakeling met die tradisionele. Dat hierdie kerk 'n uiters gevaarlike terugval na die heidense staat kan beteken, het verskeie skrywers reeds op gewys.

In die betoog van informante van hierdie kerk en ander kerke was daar 'n belangrike erkenning inbegrepe. Vir die Bantoe is kerkwees nie 'n skriftuurlik gefundeerde verband tussen gelowiges nie, maar wel 'n tydelike aardse assosiasie van mense wat almal tog God aanbid. Kardinale snypunte in die Christelike leer soos die verkryging van saligheid deur die genade van God en die soenverdienste van sy Seun, raak dan op die agtergrond. Enige beweging wat op die terrein van die bo-natuurlike mense verbind is 'n kerk. In hulle geloofsopvatting moet sulke kerkverskynsels dan dikwels as heidens afgeskryf word. Dit is egter steeds kerke vir die Bantoe. Heidense

© University of Pretoria

kerke / ...

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

kerke dus wat dubbeld gevaarlik is omdat dit onder dekmantel van 'n Christelike lering beweeg. Dit is nie verniet dat leraars van sendingkerke teenoor ons verklaar het dat as 'n lidmaat eers by Lekganyane aangesluit het, jy hom nooit weer terug kry nie.

D. Sameskakeling van leraars

Verskeie van ons informante wat leraars van Blank-georiënteerde sendingkerke is asook van splinterkerke het ons aandag daarop gevestig dat die verdeling tussen kerke onder die Bantoe nie so 'n wesentlike werklikheid is as onder Blankes nie. Dit is waar dat daar beweging van lidmate van die een kerk na die ander is. Vir die gemiddelde lidmaat is 'n kerk 'n kerk en almal is ewe goed. Hoofsaak is mens moet aan 'n kerk behoort. Onder die Blank-georiënteerde kerke was die verskil in historiese erfenis van die verskillende kerke van weinig betekenis. Die Lutherse verband van bv. die Luthers-Berlynse kerk en die Calvinistiese agtergrond van bv. die Nederduitse Gereformeerde kerk, was vir selfs ouderlinge in die kerke 'n geslote boek.

Die rondbeweeg van lidmate tussen splinterkerke is ook aan ons verduidelik. Selfs leraars gaan van die een kerk na die ander met behoud van status. Tog is daar 'n skeiding tussen die Blank-georiënteerde kerke aan die een kant, die splinterkerke en ekstremiste groepe soos die Zion Christian Church.

As uitvloeisel van hierdie onderskeid vind ons twee organisasies wat in losse verband die predikante van die verskillende groepe saamvat vir groter eenheid.

Aan die African Native Ministers' Association behoort veral leraars van splinterkerke. Tydens ons ondersoek was die leier van die African Christian Union Church voorsitter en die van die African Baptist Church sekretaris van die beweging. Toevallig die twee persone wat geruime tyd op die Adviserende Komitee gedien het. Die funksionering van hierdie liggaam vir interdenominale kontak was egter minder suksesvol hoewel hy beoog het om homself later landswyd uit te brei.

Die ander liggaam waaraan leraars van hoofsaaklik Blank-georiënteerde kerke behoort het, was landswyd georganiseer as die "Interdenominational African Ministers' Federation". Die liggaam was provinsiaal onderverdeel en het in Pretoria 'n Joint Council of African Ministers gehad. Benewens leraars van Blank-georiënteerde kerke, het predikers van die African Methodist Episcopal Church ook hieraan behoort. Segsmanne het verduidelik dat dit ontstaan het uit 'n behoefte om Bantoeleraars wat elk aan sy eie Blanke sendingkerk verbind is, onderlinge verband te gee. Dit is so uitgedruk: "The aims and objects of this association are mainly to confirm our fundamental belief in the "oneness" of those who believe in Christ, and are called to witness our belief as spiritual leaders of our people."

Die doelstellinge van hierdie liggaam is onder andere:

"(i) To bring about a spirit of brotherhood and co-operation amongst Ministers of all Denominations.

(ii) To watch all questions affecting the spiritual and temporal well-being of the Natives of South Africa and where possible to influence public opinion and legislation.

(iii) To promote a high moral standard in the African Ministry.

(iv) To study by mutual consultation native customs and any usage with the view of securing uniformity of action.

(v) To keep in view the ideal of one united African Church.

(vi) To work together with other bodies whose aim is to uplift the African Race."

© University of Pretoria

Dit / ...

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Dit is opvallend dat die verwydering van kerklike verskille slegs as 'n ideaal gestel word en dat behalwe vir punte (i) en (iii) die ander oor sake gaan wat die werk van die kerke nie direk raak nie.

Mens kry onwillekeurig die indruk dat die liggaam hom as nasionale spreekbuis opwerp vir 'n massa Bantoelidmate wat nie veel kennis het van of invloed het op die weg wat die "spiritual leaders" mag inslaan nie.

By die geleenthede waarby gesamentlike dienshandelinge op rekening van hierdie liggaam in Pretoria gehou was, was die opkoms goed en samewerking tussen die verskillende deelnemers van hoë gehalte.

## III. GODSDIENS IN ATTERIDGEVILLE

By die opname van die herkoms, belydenis en wyse van optrede van die verskillende kerke in Atteridgeville, was dit onmoontlik om deur te dring tot die werklike godsdiensopvattinge van die inwoners. Die informante, wat meesal predikante was, het die navorser gedwing tot aanvaarding dat die ganse Atteridgeville bewoon was deur oortuigde Christene. Almal het aan kerke behoort en as sodanig uiting gegee aan 'n verbondenheid met die Christelike leerstellinge.

Ons was dus verplig om 'n spesiale opname te maak en te toets wat in der waarheid in Atteridgeville nog oorgebly het van die tradisionele stamgodsdiens na twee generasies van intensiewe kontak met die Westerse beskawing en 'n langer periode van Christelike sendingaksie. Tot hierdie doel is 'n aantal informante sorgvuldig gekies vir ondervraging. Ons wou persone hê wat van middeljarige leeftyd was met 'n gebalanseerde uitkyk en wat in Pretoria gebore is of wat hier woonagtig was van hulle vroegste kinderjare. Onder die wat ons uiteindelik gekies het, was daar niemand wat nie 'n gesiene lid van sy kerk was nie. Die meeste was ouderlinge en ander ampsdraers in hulle onderskeie kerke. By die ondervraging is daar nie net gelet op die persone se eie opvattings nie, maar ook op hulle waarnemings en ondervinding van die algemene handelswyse van ander inwoners. Deur 'n eenvormige vraelys te gebruik, kon 'n beeld van die algemene siening verkry word. Langs hierdie weg is 'n beeld van die werklikheid gekry wat nie in statistieke uitgedruk kan word nie. Ons probeer 'n gemiddelde toestand aandui. Afwyking na die een of die ander uiterste kom voor, maar die gemiddelde geloofsoortuiging en handelswyse is na ons oordeel 'n getroue weergawe van die mense van Atteridgeville.

Die resultate van die opname was enigsins bo verwagting omdat dit so 'n geweldige aanwesigheid van vooroueraanbidding en geloof in towerkrag weerspieël het.

In die volgende uiteensetting gaan ons nie voortdurend botsinge met die Christelike godsdiens aantoon nie. Dit is onmoontlik om wetenskaplik te oordeel wanneer 'n persoon oorwegend aan die kant van die Christendom staan en wanneer nie. Die feit van die botsing in die innerlike van die individu en tussen individu en individu binne dieselfde gemeenskap is na ons oordeel belangrik genoeg.

Dit moet ook as gegewe beskou word by elke afdeling wat volg dat elke inwoner van Atteridgeville reeds kennis gemaak het met die Evangelie, dat byna elkeen aan 'n kerk behoort en indien nie gereeld nie, tog af en toe die kerk besoek en besoek van sy predikant wat hom as lidmaat aanvaar ontvang. Dit is nie in Atteridgeville moontlik om uiterlik te onderskei tussen oortuigde Christene en die by wie nog reste van heidense godsdienste aangetref kan word nie. Almal gaan deur as Christene. In die omgang is daar 'n klompie inwoners by wie die Christelike lewensuitkyk reeds so gegroei het dat hulle verwys na "die halwe Christene van gister" wat hulle nog met

© University of Pretoria

voorvaderdiens / ...

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

voorvaderdiens en towery ophou. Selfs by hierdie mense kan groot nood die ontnugtering vir buitestaanders bring dat ook hulle maar "halwe Christene" is.

A. Die geloof in 'n Opperwese

Ons informante het oor die algemene geloof in 'n Opperwese oor die volgende sake eenparig saamgestem:

Die Opperwese is Modimo, Skepper van alles. Sy woonplek is bo in die hemel (legodimong). Van daaruit het hy die aarde geskape en woon vandag so ver dat hy nie direk deur mense bereik kan word nie. Die mens moet van 'n tussenganger gebruik maak om Hom te bereik. Hierdie tussenganger kan òf Jesus Christus òf die voorvadergeeste (badimo), wees. Hierdie siening van twee tussengangers het ons by heelwat informante self gevind. Vir gebede van die kerk is Christus die tussenganger. By seremonies en offerande aan die voorvaders vorm hulle die middellaar tot Modimo. Dieselfde persoon sal altwee tussengangers gebruik. Toe informante op die botsing van die opvattinge gewys is, het almal verduidelik dat daar tog twee verskillende terreine vir optrede bestaan: Die voorvadergeeste help in direkte nood van hulle nasate op aarde. Christus is Middellaar tot Modimo vir die persoonlike nood en behoefte van die individu.

Ons kan hierdie botsing alleen verklaar as ons in gedagte hou dat die Sotho-Bybelvertaling Modimo as die woord vir die Opperwese gebruik. Dit was duidelik dat sommige van ons informante nie kon onderskei tussen Modimo (die opperwese in die tradisionele godsdiens) en Modimo, die Vader, in die Drie-eenheid nie. Die dubbele begrip het 'n onskeibare eenheid geword. Dit was daarom opvallend dat begrip van die Vader se daaglikse versorging van Sy skepping en skepsele nie by ons informante sterk op die voorgrond was nie. Modimo is so gesien te naby. Die woonplek van Modimo is ver en kan nie direk deur die mens bereik word nie, so leer die tradisionele stamgodsdiens en so word dit vandag nog aanvaar.

Variasies op hierdie opvatting is daar wel en dan so dat Modimo, as Skepper en Vader van Jesus Christus gesien word. Modimo versorg Sy skepping van dag tot dag. Die Vader word deur die Seun as Middellaar genader. Die badimo (voorvadergeeste) word dan net aanbid en vir hulle geoffer as mindere bo-natuurlike kragte wat nog invloed oor hulle kinders het.

Een van ons segsmanne het die Tien Gebooie aangehaal "Eer jou vader en jou moeder, dat jou dae verleng mag word ..." om die voortsetting van hierdie gebruik uit die stamgodsdiens as deel van 'n Christelike uitkyk te regverdig. Die belangrike is natuurlik dat hier geen skakelingslyn van die badimo na Modimo gesien word nie en dat Modimo as Skepper en Vader geheel die stamgebonde opperwese vervang het en gesien word as daagliks teenwoordig in Sy skepping wat van Sy versorging afhanklik is.

Alle vrae oor die Drie-eenheidsbegrip het op 'n dooie punt uitgeloop. Modimo (stamopperwese) word met dieselfde term aangedui is die Vader binne die Drie-eenheid. Daar ontstaan nou die probleem dat die Skepperbegrip wat die stam geken het en 'n totale godsbegrip aangedui het, vervang word met die Drie-eenheid as die totale, maar dat die term Modimo nou Een van die Drie, die Vader alleen, aandui en nie meer 'n totaalbegrip vorm nie. Dit was die eerste probleem.

Jesus Christus is die Seun van God en word aanvaar as die Bewerker van die vergewing van sondes. Hoedat 'n seun egter sy eie vader gelyk kan wees is onverstaanbaar. Die afwesigheid van senioriteitsverskil tussen Vader en Seun was vir ons informante moeilik te begrype.

Die derde entiteit in die Drie-eenheid: die Heilige Gees, het selfs nog groter probleme opgelewer. Ons informante het reguit verklaar "Die inkom van die Heilige Gees is vir baie Bantoe Christene

© University of Pretoria

onverstaanbaar / ...

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

onverstaanbaar." Daar is diegene wat die Heilige Gees sien as iets wat gestuur is; "'n bode deur Christus gestuur." Een saak was baie duidelik en dit is dat daar nooit verwarring kom tussen die begrippe Heilige Gees en voorvadergeeste nie. Dit is twee begrippe wat aan twee verskillende sisteme verbonde is en deeglik afsonderlik gesien word.

Ons wou ook graag bepaal tot watter mate daar soos die Christendom leer direkte aanbidding van die Vader is omdat die direkte toenadering tot die stamopperwese by die Sotho-volke baie selde gebeur. Die segsmanne het verduidelik dat persoonlike gebed en die lees van die Bybel ȏf in die oggend, ȏf in die aand, ȏf albei kere normale gebruik by kerklidmate is. Die tafelgebed as danksegging vir die daaglikse brood, word in baie huise uitgespreek: "Ons dank Modimo vir die krag wat Hy ons gee en ook die kos gee." Dit is gewoonlik die moeder wat kinders die aandgebed leer en hulle so deur gewoonte die daaglikse danksegging aan God leer.

Die huisgodsdiens, as 'n geleentheid waarby die hele gesin tot die Skepper nader onder leiding van die vader of moeder, kom baie selde in Atteridgeville voor. Daar is gesinne waarby daar boeke gevat word, maar gewoonlik vind dit nooit plaas nie.

Die slotsom waartoe ons dan kom, is dat die verspreiding van die Evangelie besliste verandering van die tradisionele stamopvatting van die Opperwese bewerkstellig het. Hy word wel direk deur Christus aanbid. Die Drie-eenheid as godsbegrip gee egter probleme en daar is 'n ambivalensie in die opvatting oor toenadering tot God. Enersyds is Hy ver van die mens verwyder en andersyds so naby dat Hy wel met 'n eenvoudige tafelgebed bereik kan word. Jesus Christus, as die Seun van God en die voorvadergeeste vorm vir die meeste mense twee onafhanklike toenaderingslyne tot God. Altwee hierdie toenaderingswyses word deur Christene gebruik.

Geen van ons informante het enige kennis gehad van ander nie-menslike geeste wat die lewe van die mens op aarde sou beïnvloed nie. Dit lyk dus asof nie-menslike geeste soos Dingwe en Hubeyane of Khutswane nie 'n bekendheid van enige betekenis onder die inwoners van Atteridgeville het nie.

## B. Die geloof in en aanbidding van Voorvadergeeste

Dit was spoedig baie duidelik dat 'n baie groot gros van die inwoners van Atteridgeville nog deel het aan voorvaderaanbidding. Dit is aan ons verduidelik dat sulke seremonies eintlik in die geheim plaasvind. Nie altyd nie, maar dikwels omdat die Blank-georiënteerde kerke lidmate wat hulle hieraan skuldig maak onder sensuur plaas. Ons dra nie kennis van een persoon wat gedurende ons ondersoek so onder sensuur geplaas is nie. By wyse van vergelyking het ons gevra watter groep in Atteridgeville die grootste is, die wat aan voorvadergeeste seremonies uitvoer en aan hulle glo of die wat toordokters besoek, d.i. die wat van magiese middels gebruik maak. Sonder uitsondering was die antwoord "die wat die badimo vereer." Dit was ook duidelik dat sulke seremonies nie 'n gereelde handeling van soveel keer per maand is nie. Sommiges voer die seremonies jaarliks uit of soms met langer tussenposes, maar ons wil die bewering maak dat daar maar 'n baie klein persentasie mense in Atteridgeville is wat nie die invloed van voorvadergeeste in hulle lewe aanvaar en by wyse van periodieke seremonies erken nie. Een van ons informante het verklaar: "As iemand wat met die dinge opgegroei het, wil ek sê dit is swaar vir 'n mens om heeltemal in die Christengeloof in te gaan."

Die normale tradisionele opvatting oor die herkoms van die geeste word ook in Atteridgeville aangetref. Wanneer 'n mens sterf is dit net die liggaam (mele) wat sterf. Die gees (moya) verhuis na die geestewêreld waar al die ou voorvaders, waar hulle ook al gesterf het, ook teenwoordig is.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Op die vraag waar die woonplek van die geeste is, het niemand helderheid gehad nie. Na aanleiding van die stam -dimo (bo) in die benaming badimo, het die meeste informante saamgestem dat dit in die lug - bo - moet wees. Die plek van Modimo word dan as nog hoër in die lug aangedui. Wanneer dan die teenstelling hemel en hel aan ons informante genoem is as 'n tweeledige hiernamaalse tuiste van siele van die wat gesterf het, was hulle in die moeilikheid. Hulle weet van die "groot puts met vuur waar tande sal kners" en waar diegene wat slegs gedoen het moet gaan. Ook die hemel is bekend. Dit is egter net asof dit nie in verband gebring word met die erkende woonplek van die badimo nie. Oor die hiernamaalse tuiste was almal dit eens, die gees gaan na die woonplek van die badimo toe, waar daar geen besondere vergelding vir aardse optrede is nie. Soos een dit uitgedruk het "As ek ook doodgaan. Ek weet ek het nie verloor nie want ek weet waarheen ek gaan." Vir dieselfde informant was die woonplek van die geeste 'n plek waar al sy stam se mense se geeste bymekaar bly. Die opvallende is dus dat die woonplek van die badimo geen ongeordende deurmekaar wonery soos in die stad beteken nie, maar wel dat die lede stam vir stam 'n afsonderlike begrip van 'n eie woonplek in die hiernamaals het. 'n Ander informant het ronduit verklaar "Die hel? Ons het nie so 'n plek nie." Dit is net asof die besef van 'n eskatologiese straf of hiernamaalse verheerliking as 'n kerklering paraat geken word, maar geen uitwerking op ons informante se godsdiensbeskouing gehad het nie.

Hierdie woonplek van die badimo bevat al die gestorwenes; of hulle nou in die stad of buite die stad sterf en begrawe is, hulle kom in die sentrale plek bymekaar. By die woonplek van die badimo weet niemand hoe hulle lewe nie. "In daardie wêreld mense word nie honger nie, jy word ook nie dors nie. Hulle bly net lekker." Daar is geen vergelding vir misstappe wat op aarde gemaak word nie. Ons informante kon geen aanduiding gee van die geldige opvatting oor die aard van die lewe in die hiernamaals nie. Hulle weet nie of die geeste beeste het of mielies plant nie. Die gedagte dat 'n gees wat die Westerse lewe in die stad leer ken het, Westerse behoeftes aan klere en kos en gebruiksartikels sou hê, was vir hulle iets waaraan nog nooit gedink is nie.

Uit die feit dat daar offerandes wat ook kos en bier insluit, gebring word, wou ons graag aflei dat die geeste besliste voedselbehoeftes in die hiernamaals het. Dit sou egter nie strook met die gedagte hierbo dat die geeste nie honger of dors word nie. Ons informante het verduidelik dat die badimo nie offerande vra omdat hulle fisies honger is nie, maar dat offerande slegs 'n wyse is waarop die mense op aarde aan die geeste toon dat alles reg is van hulle kant af. Hulle pla jou dus nie vir kos nie, maar wel vir erkenning en verering. Doen jy dit gereeld, sal jy altyd voorspoed hê.

Uit ons informante se verduideliking was dit helder dat voorvadergeeste nie 'n ander karakter as hulle aardse karakter in die hiernamaals verkry nie. Hulle word nie beter of slegter nie, hulle bly soos mens hulle op aarde geken het.

Alle voorvadergeeste is nie van gelyke waarde nie. In die eerste plek is dit slegs geeste van mense wat volwasse was wat betekenis het en 'n invloed op die aarde kan uitoefen en uiteindelik ook aangeroep sal word. Mens sal nie met kinders praat as daar volwassenes beskikbaar is nie. Wanneer kinders vanaf die vierde of vyfde dag egter sterf, gaan hulle geeste ook na die normale woonplek van die badimo. Hulle taak is egter slegs om die stat groot te maak en sommige mense sê dat hulle die taak het om vir hout en water in die woonplek van die badimo te sorg, is aan ons verduidelik. Doodgebore kinders het geen gees nie.

© University of Pretoria

In / ...

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

In die tweede plek is die geeste van 'n man en vrou wat in die huwelik getree het nie van gelyke waarde nie. Die vrou het in die man se familie ingegaan en staan onder daardie geeste. Dit is wel moontlik dat haar eie geeste haar kan aantas. Sy kan dan aan seremonies gaan deelneem wanneer daar aan haar afkomsgroep of familie se geeste geoffer word. By so 'n seremonie sal haar familie dan namens haar ook offer. Normaalweg voel sy die invloed van die geeste van haar man se mense. Binne die eie afkomsgroep is daar geen besondere rede waarom manlike geeste en vroulike geeste nie van gelyke waarde sal wees nie. Altwee tipes kan die nasate beïnvloed. In praktyk word die invloed van veral die vader, oupa en oupagrootjie gevoel en dan van die rakgadi (vader se suster). Hierdie vroulike gees is baie belangrik. Die normale gebruik, ook in Atteridgeville, is dat 'n broer en suster aan mekaar geskakel word. Hulle word gespan - is die korrekte uitdrukking. Hierdie skakeling het vroeër deur die hergebruik van trougoedere plaasgevind, dit wil sê die broer wat met haar geskakel is, gebruik die trougoedere wat vir haar ontvang word as deel van die bogadi wat hyself lewer. Met die afname in die hulp wat 'n man vandag van sy vader vir die lewering van trougoedere in Atteridgeville ontvang, word die skakeling bereik deur slegs die broer en suster as geskakel uit te wys. In lewe is die suster die broer se kinders se rakgadi en het die reg om geraadpleeg te word oor wat met die kinders gebeur. Dit is aan ons verduidelik dat die reg tot belangstelling in mekaar se sake so groot is dat so 'n geskakelde broer en suster niks mag doen sonder dat hulle mekaar geraadpleeg het nie. So mag jy ook nie in Atteridgeville trou as die rakgadi nie haar toestemming gegee het nie.

Na die broer en suster gesterf het, bly die belangstelling in mekaar se kinders behoue. Die kinders van die broer moet rekening hou met hulle rakgadi se gees en die kinders van die suster moet hulle moeder se broer (malome) se gees die nodige eer besorg. Hoewel daar geeste van meerdere susters van jou vader kan wees of broers van jou moeder, is alleen die persone met wie die eie vader en moeder in lewe "gespan" is vir jou van groot belang.

Hieruit vloei in die derde plek dat elke familie sy eie voorvadergeeste het wat invloed oor afstammelinge kan uitoefen. Hulle sal jou pla "as jy jou rug na hulle draai" en as jy hulle nie probeer paai nie sal hulle jou na jou dood lei. "Hulle maak jou dood omdat jy hulle nie kos gee nie." Dit wil dan sê omdat jy nie die nodige respekbetoning en verering betuig nie. Dit is ook duidelik dat die invloed van familiegeeste nie beperk is tot die wat in die stad gesterf het nie, alle voorvadergeeste ook van die wat elders begrawe is, kan jou lewe beïnvloed.

In uitsonderlike gevalle gebeur dit tog dat 'n persoon besete raak deur 'n vreemde familie se voorvadergees. Dit is nie iets wat algemeen voorkom nie en word as 'n siekte wat die hulp van die toordokter benodig, beskou.

In die laaste instansie is daar gewoonlik een gees wat vir jou van groter belang is as die ander. Dit is die een na wie jy heet. Hy het 'n besondere belangstelling vir jou en waak oor jou. Omdat jy sy naam dra, word gewoonlik aanvaar dat jy ook die karaktertrekke wat aan hom eie is, sal openbaar. Die prosedure by naamgewing is blykbaar nie aan vasstaande reëls gebind nie. 'n Kind word byvoorbeeld nie net na 'n oorledene genoem nie. Die basiese gebruik is dat 'n seun sy kinders die name van sy vader en sy vader se broers en susters, afhangende van die geslag van die kind sal gee. Hierdie mense kan nog lewe wanneer die name so gegee word. Daar is geen vaste reël dat 'n man bv. sy seuns sal vernoem beginnende by sy vader se oudste broer en op die ry sal afgaan nie. Die vernoeming na iemand twee generasies terug is blykbaar 'n vasstaande beginsel. Wanneer so 'n persoon dan sterf, sê hulle "Die gees van daardie ou man

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

gaan na daardie kind en lewe in daardie kind." By die eerste oogopslag lyk dit na 'n vorm van reïnkarnasie, maar ander informante was baie beslis daaroor dat die karakter van die gestorwene deur die naam in 'n bepaalde kind gevestig word en nie die oorledene se gees as voorvader nie. "Die gees werk in daardie kind." Dit is interessant om te besef dat as 'n man sy vader so vernoem het, goeie maniere vereis dat hy dan die seun as vader sal aanspreek. Dit geld ook vir ander verwantskapsverhoudinge. "My ma roep my rangwane en nie op my naam nie want ek was genaam agter my pa se broertjie" het een van ons informante wat in Marabastad gebore is, vertel.

Die onderskeid wat in monografieë oor die godsdiens van die Sotho-volke tussen familie- en stamgeeste gemaak word, was aan ons informante bekend. Hulle het egter verduidelik dat die stamgeeste as voorvadergeeste van die kapteinshuis met die vermindering van die betekenis van die kapteinskap van minder belang geword het. Hierdie geeste sal jou nie pla as jy nie lid van die kapteinshuis is nie. Self kan jy hulle ook nie aanroep nie, want hulle luister net na hulle eie kinders. Dit is dus alleen die geeste van die eie familie wat in die stad hulle belangrikheid behou het.

Die mag of vermoë tot invloed wat die geeste oor hulle nasate het, is nie helder bekend aan ons informante nie. Wat duidelik is, is dat alle geluk en voorspoed in die lewe, van die geeste kom. Word hulle genoegsaam geëer, dan sal jy vreugde belewe. Maar as 'n man byvoorbeeld vind "Een kind is siek, een is by die tronk, die een is sommer sleg, die een wil nie werk nie, die ander kind het sy vrou weggejaag. Dan weet jy die ding wat so aangaan in die familie, die badimo's is nie tevrede nie." Die voorvadergeeste sal jou na jou dood toe lei as jy weier om hulle die nodige eer te gee. Self sal hulle jou nie dood maak nie, want dan sal jy hulle mos nie meer kan "kosgee" nie, is aan ons verduidelik. Dit wil dus voorkom of die opvatting is dat die geeste jou sal siek maak of ongeluk oor jou sal bring. Verder as dit strek die mag van die geeste nie. Mense wat "effens van hulle kop af is" is egter permanent deur die geeste gestraf. Geeste het natuurlik slegs mag oor hulle afstammelinge. Wanneer die geeste dan aangeroep word, word daar om geluk of voorspoed vir die familie as geheel of vir iemand in die familie gevra. Dit was baie opvallend dat die geeste dus nie in die eerste instansies blote middellaars na Modimo is nie, maar dat hulle 'n eie handelings- en wilsbevoegdheid het. Dit is ons oordeel dat die geeste alleen by buitengewone ernstige gebeurtenisse gevra word om die hulp van Modimo te verkry.

Die mag van die geeste kan verminder word deur die hulp van 'n ngaka - toordokter. Hy is byvoorbeeld in staat om te keer dat die voorvadergeeste jou nie doodmaak nie wanneer jou ongeluk en siekte voortduur terwyl jy reeds die geeste die nodige offerandes gebring het. Na bewering is die normale beveiligingswyse dat die ngaka jou en die hele gesin medisyne gee terwyl hy water waarin medisyne is oor die hele erf en in die huis sprinkel.

Die wyse waarop die wil van die geeste aan hulle nasate oorgedra word, is nie altyd 'n eenlynige handeling nie. Geeste praat selde so duidelik dat mense weet wat hulle verlang. By enige onduidelikheid moet die mense dan nog 'n toordokter roep om die onduidelikheid deur die gooi van dolosse op te klaar.

Die mees algemene wyse waarop die geeste met hulle afstammelinge in verbinding kom, is deur drome. Ons informante het verduidelik dat die feit dat oorledenes in jou drome aan jou verskyn een van die beste bewyse is dat daar nog voorvadergeeste bestaan - anders waar kom die droombeelde dan vandaan? Soms is die droom so helder dat jy wanneer jy wakker geword het, presies onthou hoe die gees gevra het dat jy hom moet vereer. Dan weet die persoon en handel daarvolgens. Eenmalige drome sê nie veel nie, maar as 'n

©University of Pretoria

persoon / ...

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

persoon herhaaldelik na mekaar van dieselfde persoon droom of dieselfde droom meer as een maal na mekaar droom, dan is dit 'n besliste aanduiding dat 'n mededeling deur die geeste gemaak word. Wanneer 'n persoon die droom nie kan onthou nie of vaag onthou dat 'n voorvader iets in die droom gesê het, dan moet hy uitvind wat die geeste wil hê. Hiertoe moet hy 'n toordokter raadpleeg wat deur ondervraging en waarsegging deur dolos te gooi, sal bepaal hoe die persoon moet handel.

Dit gebeur soms dat 'n voorvadergees helder oordag aan jou verskyn. Dit kan gebeur terwyl jy stap dat jou vader wat reeds gesterf het langs jou stap en met jou gesels en opdragte gee. Dan sal die seun die opdragte nougeset uitvoer. Hoewel nie een van ons informante so 'n ondervinding gehad het nie, het die meeste van hulle van sulke gebeurtenisse van andere verneem. Sodanige verskyning van geeste moet onderskei word van spoke wat net in die nag voorkom en eintlik geeste is "wat terug gestuur" is na die mense toe. Wie so 'n spook terugstuur weet ons informante nie. 'n Spook kom egter om die mense te pla en bang te maak en is geen boodskapper uit die geestewêreld nie. Spoke kan alleen deur toordokters wat die kennis het verdryf word. Volgens ons informante kan die spook wel 'n "dwalende gees" "wat nog nie aan sy familie kan sê hoe met sy goed gehandel moet word nie", wees. As 'n toordokter dan die informasie bepaal en dit word gedoen, verdwyn die spook. Daar was van ons informante wat gesê het dat hulle nie in spoke glo nie, want in al die gevalle waar hulle van gehoor het, kon dit net sowel slegs die mense se verbeelding gewees het. Dieselfde informante was beslis oor die feit dat daar wel voorvadergeeste is wat deur drome en verskynings tot mense spreek.

Siekte en ongeluk is ook wyses waarop die voorvadergeeste hulle kinders besoek. Eintlik is dit reeds 'n bestraffing vir die feit dat die kinders die geeste nie genoegsaam eer nie. Siekte kan natuurlik ook deur natuurlike oorsake kom. Om onsekerheid uit die weg te ruim, moet weer eens 'n waarsegger geraadpleeg word. Die dolosse sê dan of die siekte van die voorvadergeeste kom en ook hoe gehandel moet word om die geeste tevrede te stel.

Offerande aan die geeste is hoofsaaklik van twee tipes. Die eerste is roetine of daaglikse offerandes, terwyl daar in die tweede plek offer-seremonies is.

Daaglikse offerandes bestaan uit die stort van bier of strooi van 'n paar korrels snuif as offerande aan die voorvader-geeste. Na ons kennis sal die handeling normaalweg plaasvind as 'n persoon 'n klompie vriende vir 'n party genooi het. Hierdie offer-handeling, so het ons informante verduidelik, word nooit met kos uitgevoer nie.

Wanneer die mans dan buite met die bier sit, is daar een persoon wat skep. Hy sal die eerste bier wat geskep word, op die grond uitgooi as offerande aan die voorvadergeeste van die gasheer. Wanneer die groep binne die huis sit, word die bier oor die vloer by die voordeur uitgeskiet. Die huisvrou maak nie beswaar nie, dit is nie vuil nie, dit is vir die geeste. Ons informante was oor een saak baie spesifiek. Alleen bier wat self gebrou is, kan so geoffer word. Dit wat in die biersaal gebruik word of daarvandaan kom, is nie geskik nie. Dit word deur te veel vreemdes hanteer. Bier wat uit die biersaal kom word <u>Lahôre</u> genoem. Na verklaring dui die naam op die stad in Indië waar daar op die mark geweldig baie mense saam-drom. Die verklaring is nie duidelik nie.

Ons informante het ons ook daarop gewys dat die roetine-offerande 'n baie gereelde handeling is en eintlik 'n gesindheid van ootmoedige ontsag vir die geeste aandui. Die waarde van die offerande is van geen belang nie. Dit word deur baie mense uitgevoer wat gereelde kerkgangers is. Spottenderwys is daar dan beduie dat

© University of Pretoria

dit / ...

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

dit dieselfde mense is wat sê die badimo moet vergeet word en mag nie offerandes kry nie omdat die kerk dit verbied.

Die gewoonte om snuif in die wind te strooi kom nie meer dikwels voor nie, ons informante ken dit wel. Baie min jonger volwassenes gebruik deesdae nog snuif. Hierdie handeling word nooit met pyptabak of sigarette uitgevoer nie. Snuif vorm natuurlik ook deel van die offerande wat by seremoniële geleenthede gebring kan word.

Die offerande wat by besondere geleenthede aan voorvadergeeste gebring word, kan wissel afhangende daarvan of dit by 'n groot byeenkoms van familie plaasvind en of dit vir 'n intieme gesinsgebeurtenis gehou word. Dit spreek vanself dat die hele gees sal verskil wanneer dit 'n vreugdevolle dankfees is of wanneer die vergaderdes uit bekommernis offer. Met die voorbehoude kan ons kortliks die normale gang van 'n phasa badimo-seremonie aandui.

Go phasa badimo - om aan die badimo te offer, is 'n familiehandeling. In besondere gevalle kan dit deur 'n enkeling uitgevoer word. Die offerseremonie kan jaarliks uitgevoer word wanneer die familie vir dié doel bymekaar geroep word. Dit kan egter ook net per geleentheid en op instruksie van 'n toordokter uitgevoer word.

"As mens badimo's wil phasa" sal hy sy bloedverwante laat weet dat hy op 'n sekere dag, gewoonlik oor die naweek op 'n Sondag, die offerande sal hou. Later in die dag daag sy familie en buurmense dan op om deel te hê aan die vreugde. Daar word gewoonlik 'n bok gekoop. Dit word vroeg die Sondagmôre in teenwoordigheid van die toordokter wat vir die seremonie geroep is, geslag. Van die bloed van die bok word opgevang. 'n Deel hiervan sal apart gekook word as bobete - bloedsop - vir die mans van die familie wat mag opdaag. Die vleis van die bok word stukkend gesny en sonder dat daar bene gebreek word met min sout voorberei om vir die gaste wat kom, gekook te word.

Die toordokter en hoof van die familie neem dan van die bloed en gal en van die moswang - inhoud van die kleinpens (kleinpens = morotwane) en meng dit met medisyne, snuif en soms ook bier. Dit is die offerande en word deur die hoof van die gesin en die toordokter in 'n gat begrawe agter in die werf van die huis. Die bier wat hier gebruik word, moet tuis gebrou wees en is volledig gesif en gereed vir menslike gebruik. Die offerande word vroeg in die oggend gebring, voor die son op is, wanneer dit nog skemerig is. Die huishoof sal wanneer hy die voorvaders aanroep hulle op hulle naam noem en sy versoek of danksegging aan hulle oorbring.

Hier het ons segsmanne met mekaar verskil. Die mees algemene is blykbaar dat die name en prysname van soveel voorvaders as die persoon ken, opgenoem word. Die normale aantal name wat geken word, is dié van die vader, grootvader en oorgrootvader. Dit is ewe korrek om slegs die naam van die jongsgestorwene (Ramaoto) te noem en die ander as baga-Ramaoto - hulle van Ramaoto se plek, aan te spreek. Ramaoto sal dan vir al die ander sê. Dit lyk ook nie of prysname en prysliedere by die geleentheid opgesê moet word nie. As dit 'n dankfees is, kan die direto later in die dag opgesê word. Dit is ook nie gebruiklik dat daar 'n offerande as deel van die phasa badimo by 'n voorvader se graf gebring word nie. Die hoof van die huis mag, en die toordokter kan beveel, dat van die offervloeistof na 'n oorledene se graf geneem word en vir hom daar gelaat word. Dit is egter nie noodsaaklik nie en nie juis deel van die normale seremonie nie.

Na hierdie oggendseremonie word die vleis gekook, so ook die bobete wat net die mans sal eet. Gedurende die dag daag die res van die verwante dan op en kom eet van die vleis en bier wat beskikbaar is. Dan sê hulle: "Ons wens julle geluk vir wat julle aan julle voorvaders gedoen het." Ook die bure kan so op besoek kom.

© University of Pretoria

Die / ...

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Die vleis van die bok word egter nie uit die perseel van die offeraar geneem nie. Dit moet daar opgeëet word. Die bene mag nie gebreek word nie. Wanneer al die bene dan beskikbaar is, sal die huishoof dit in 'n gat op sy werf begrawe. Dit moet in die geheim geskied omdat 'n toornaar jou groot skade kan berokken as hy van die bene in die hande kry.

By wyse van vergelyking gee ons 'n kort weergawe van 'n phasa badimo-seremonie wat ons as gaste kon bywoon. Dit was gehou toe een van diegene wat ons leer ken het in Atteridgeville 'n verhoging ontvang het. Dit was dus 'n dankseggingsgeleentheid. Die familie was Kgatla wat die aap (kgabo) vereer het (ba-bina-Kgabo). Van voor sonop kon mens kort-kort die prysnaam Kgabo! Kgabo! Kgabo! hoor terwyl die aanwesiges reeds gesing en gedans het. So 'n reeks prysinge is gevolg deur die tradisionele spreuk: "ae namêlê mooka, e tse (jê) borêkhu" - laat hy (die aap) in die doringboom klim en gom eet!

Toe die tyd vir die offerande nader gekom het, het die vergaderde familie 'n gewyde lied aangehef.

"Morêna thusa ..x.. (die naam)
Le ba, ba mo tlhôileng,
ba tla bôna ke Modimo!
Ke monna wa Motšha.
A busê ka go sa fêleng!"

(Here, help ..x.. Ook die wat hom haat sal deur die Here gesien word. Hy is 'n man uit die Motšha-afkomsgroep. Mag hy vir ewig regeer!)

Onder trillende geskreeu van die aanwesige vrouens het x se moeder, (as die mees senior lid van die familie) wat die offerande sou uitvoer, met 'n skaal bier in die hand na die voorhekkie van die werf gegaan. Die ander het rondom haar gestaan. Toe het sy die voorvaders aangeroep: "Ntate, mogatsaka, Ešrom (x), fêla o bolêllê koko, o bolêllê koko wa bobedi, wa monna wa ka, o bolêlle bontatemogolo ba botlhe, o re: ngwana wa gagô ašu, mme mabele ašiao. Mme mabele ašia, lentswe le tla tla. Thusa ngwana wa gagô a leballwe ke tsôtsôtlhê, gommê banna ba baswêu ba mo lebalêtse. Dithaka tsôtsôtlhê di rôbalê, monna wa ka! A phele Kgabo! Byaka gê banna ba mo tlotla ba re a phelê lebaka lê letêllê, a phelê labaka lê letêllê! Ke llagô morênaka! Ke leboga lena bôntate!" (Vader, my man, Ešrom (x) vertel aan grootmoeder, vertel aan die tweede grootmoeder (die oor-grootmoeder) van my man, vertel aan grootvader-hulle almal, en sê: hier is jou kind en die graan is daar! (Met die woorde is die bier uitgegooi) En (omdat) die graan daar is, sal die woord kom! (Dit wil sê daar sal nog woorde gebesig word.) Help jou kind dat hy deur alles vergewe sal word en dat die witmense hom (sy tekortkominge) vergewe. Laat al (jou maats?) maar slaap my man! Laat hom leef, Kgabo! Net soos die mense hom prys en sê dat hy lank moet lewe, laat hom dan lank lewe! Ek sê dit aan jou, my heer! Ek sê dankie aan julle, vaders!). Hierop het die aanwesiges almal gesê: "Kgabo! Kgabo! Kgabo! E namele mooka, e je borêkhu! (Aap, aap, aap. Laat hy die doringboom beklim en gom eet.) Hierna is die een pryslied na die ander deur verskillende aanwesiges opgesê terwyl die vrouens elke pryslied met 'n trillende geskreeu begroet het. Een van die prysliedere is deur (x) se malome (moedersbroer) opgesê. Na ongeveer 30 minute is die seremonie met die gebruiklike reeks kgabo! kgabo! ens. afgesluit en het die familie weer na binne gegaan om te eet en te drink.

Hierdie bobeskrewe geleentheid, was 'n byna openbare handeling. Dit is meer gebruiklik dat die seremonie vroeg in die oggend slegs deur die persoon wat offer en die toordokter uitgevoer word.

© University of Pretoria

Volgens / ...

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Volgens ons segsmanne is die opsê van dirêtô (prysliedere van die oorledenes) nie noodsaaklik nie. Die gebed self bestaan uit 'n eenvoudige uiteensetting van die behoefte van die persoon wat bid. Indien die voorvadergeeste nie hoor nie, kan die seremonie herhaal word. Soms geskied die offerande en seremonie in opdrag van die toordokter by die graf van 'n bepaalde voorvader buite Pretoria wat volgens die dolosse ontevrede is. Ons het geen aanduiding gekry dat voorvadergeeste ooit bestraf word en daarop gewys word dat die lewendes nou alles reggemaak het en die geeste nou hulle deel van die kontrak moet nakom nie.

Die offerande self bestaan uit bier, soos in die geval van (x), maar meer algemeen word daar geslag (selfs in Atteridgeville waar daar spesiale toestemming voor verkry moet word). As dit 'n "groot man" is, sal hy 'n bees slag. Meer algemeen is dat daar 'n bok geslag word. By voorkeur moet dit 'n wit bok wees. Skape word soms gebruik, maar eintlik is dit vleis wat vir 'n feesgeleentheid gebruik word en is nie geskik as 'n offerande nie. Wanneer dit 'n saak is wat slegs die gesin raak soos wanneer 'n kind bv. na Johannesburg gaan om te werk en dit aan die voorvaders bekend gemaak moet word, kan daar, soos baie algemeen gebruik is, 'n hoender geslag word. Dit behoort 'n wit hoender te wees en dan word slegs die bloed as offerande gebruik. So 'n slagding vir die geeste heet setlhabêlô. Te alle tye word die slagtery op die perseel van die mense wat offer gedoen. Dit is onmoontlik om die seremonie met vleis wat in 'n slaghuis gekoop is uit te voer.

Die persoon wat die offerande bring, is normaalweg die hoof van die huis wanneer dit 'n saak is wat die gesin raak. Wanneer dit 'n familiebyeenkoms is, geld dit as die voorreg van die senior familielid wat teenwoordig is. Om dié rede kon (x) se moeder die offerande by die bobeskrewe seremonie bring. Dit is om dié rede ook gebruiklik dat 'n weduwee self namens haar kinders en haarself die seremonie sal aandurf hoewel dit beter is as sy dan 'n manlike familielid van haar man die taak laat verrig. Ons informante was baie duidelik daaroor dat verwante van sowel die vrou as die man na sulke seremonies genooi word, maar dat dit die verwante van die man is wat eintlik in tel is.

Die plek waar die offerande gebring word, is nie noodwendig 'n vasstaande punt nie. Die geeste vir wie geoffer word, is tog alomteenwoordig, daarom hoef die offerande nie juis by die graf van een of ander voorvader gebring te word nie. Van die ou weduwees in Atteridgeville het verduidelik dat dit heeltemal goed is om wanneer jy gedroom het en jy die geeste wil wys dat jy hulle nog eer, sommer die volgende môre baie vroeg 'n bietjie bier of mieliemeel voor die huis uit te gooi terwyl jy danksê of bid soos die omstandighede vereis. 'n Ander het verduidelik dat sy sommer 'n bietjie mieliemeel op die vloer van haar kamer uitgooi en met die geeste praat. Hier was dus duidelik sprake van 'n private seremonie met 'n element van geheimhouding daarin.

Ons ander informante wat almal mans was, het verduidelik dat die regte offerpunt 'n hoek op die perseel is. Dit is dan waar twee grensdrade bymekaar kom of waar die hoenderhok se draad by die grensdraad aansluit of enige ander punt waar 'n hoek gebou of gespan is. Hier word die gat gemaak waar die offerande op die perseel begrawe word. Hier waar jy offer sal jy die voorvadergeeste roep met of sonder pryslied.

Die gedagte dat mens sommer bietjie bier vroeg in die oggend in jou voorhek kan uitgooi, soos in die geval van (x) gedoen is, was vir baie van ons informante nie die gangbare metode in Atteridgeville nie. "Die mense sal jou sien." In Atteridgeville word offerandes daarom in die agterplaas geslag en die offerdele daar begrawe.

© University of Pretoria

Omdat / ...

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Omdat die voorvadergeeste orals teenwoordig is, is dit eintlik genoeg dat jy by die huis alleen offer hier waar die mense in die stad bly. Dit gebeur egter dat mense van die offerande na die grafte bring wanneer hulle gestorwenes het wat in Atteridgeville se begraafplaas begrawe is. In so 'n geval sal slegs van die medisyne, mošwang (kleinpens-inhoud) en bier as 'n mengsel daar uitgegiet word, terwyl daar met die gestorwene gepraat word. Dit is egter algemeen bekend dat as die voorvaders nie wil hoor nie, die toordokter die volgende stap mag aanbeveel. Dit is om 'n offerande te gaan bring by die graf van 'n voorouer wat buite Atteridgeville begrawe is. Dan word die spesifieke voorouer aangedui, meesal 'n oupa of die rakgadi - vader se suster, wat ontevrede is. Die hele familie vergader dan by die graf waar dit ook al op 'n plaas of in 'n tuisland mag wees om die seremonie uit te voer. Ons informante kon verskeie voorbeelde noem van gereelde kerkgangers wat op kerklike feesdae nie in die kerk was nie en van wie dit by navraag geblyk het dat hulle weg was om 'n offerseremonie buite Pretoria te volbring.

As aanduiding van hoe dikwels dit nodig is om hierdie offerseremonies binne Atteridgeville uit te voer, het ons ons segsmanne gevra om te verduidelik wanneer 'n persoon in sy lewe die taak het om die offerandes te bring. Die antwoord was dat daar baie gesinne was waar die phasa badimo-seremonie as 'n jaarlikse instelling namens die hele familie wat dan bymekaar kom, uitgevoer word. Andersyds sal dit te enige tyd gedoen word as 'n persoon voorspoed wil verkry of in gevalle van teëspoed wat ondervind word (bv. as die persoon nie kan werk kry nie). Wanneer iemand 'n groot geluk te beurt val soos verhoging, of wanneer 'n lotery gewen word of as hy geld opgetel het, sal 'n dankseremonie uitgevoer word.

Normaalweg word daar verder 'n offerseremonie uitgevoer wanneer 'n kind gedoop word. Dit word vroeg die Sondag voor die doop gedoen en later die dag sal die familie dan by die ouers bymekaar kom om die doopfees te hou. Die tradisionele vereiste is dat die seremonie ongeveer een maand na die geboorte gehou word. Dit kan dus ook voor die doop plaasvind. Dit is ook gebruiklik dat daar 'n phasa badimo-seremonie gehou word as 'n kind volwassenheid bereik, dit wil sê wanneer die kind as volle lidmaat van die kerk aangeneem word. Dan word die geeste gedank dat die kind só mooi groot geword het. By geboorte en by aanneme is dit die gebruik dat die rakgadi teenoor die geeste voorgaan as sy beskikbaar is. Sommige informante wou dit hê dat die seremonie uitgevoer word wanneer 'n kind die skool verlaat en gaan werk. Ander het beduie dat dit dan is om vir hom voorspoed te bewerk net soos jy die geeste sal sê as die kind te enige tyd ver van die huis gaan om te studeer of te werk. Blote skoolverlating kan op verskillende punte in die skoolloopbaan geskied en is nie genoeg vir 'n seremonie nie. Aanneming is wel 'n vaste algemene punt en so ook die geval waar 'n seun na die huis terug kom as hy bv. 'n B.A.-graad verwerf het of 'n ander prestasie behaal het, dan word beslis geoffer.

Dit is gebruiklik dat 'n huwelik met 'n offerseremonie ook aan die geeste bekend gemaak sal word. By 'n sterfgeval word daar ook geoffer, maar daar is ook ander seremonies wat met die dood en begrafnis saamgaan. Ons behandel dit later volledig.

Phasa badimo-seremonies by siekte is welbekend. Dan moet dit egter op aanbeveling van 'n toordokter gedoen word wat eers moet bepaal dat die siekte nie die gevolg van die werking van bose towery is nie. Gewone siektes wat dokters kan genees behoef ook geen offerande nie. Net die siektes wat deur hulle langdurige aard en onverklaarbaarheid nie genees nie en deur 'n toordokter as van die geeste bestempel is, sal op dié wyse deur 'n offerande genees kan word. Dit is ook gebruiklik dat die sieke of soms die hele gesin dele van die offerdier se vel daarna sal dra: Miskien 'n bandjie om

die / ...

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

die nek of 'n armband van die vel of soos 'n bepaalde geval waarvan ons weet, kruisbande gesny uit die vel. Dit geskied natuurlik in opdrag van die toordokter wat deur die stroke vel met medisyne te behandel dit tot afweermiddels van die siekte omskep. Die toordokter kan ook opdrag gee dat klere van 'n bepaalde kleur en soort materiaal gemaak word om die siekte af te weer. So het ons informante vertel van 'n band van materiaal "wat soos 'n tier 'geprint' is" wat 'n sieke in een geval moes dra. Een van ons informante, 'n ouderling, kon vertel hoe dat 'n gemeentelid wat siek was se vrou hom toegang tot die huis geweier het toe hy daar wou gaan bid het. Die sieke was toe onder behandeling van 'n toordokter, die familie het namens hom 'n offerande aan die geeste gebring en hy het gesond geword.

Die dood, begrafnis, die rou-periode en die reiniging na die rou, vorm 'n aaneengeslote reeks gebeurtenisse wat die wat agterbly onder pligshandelinge teenoor die oorledene en sy gees en ook teenoor mekaar, plaas. Ons het nie hier met een seremonie te doen nie. Die hele verwikkelde geskiedenis word daarom volledig behandel soos ons dit in Atteridgeville sien gebeur het en soos informante die gebeure toegelig het.

Wanneer 'n ou persoon siek word en daar verwag word dat hy sal sterf, is dit nie nodig dat die hele familie en verwante hom kom sien en groet nie. Gewoonlik mag hy vra dat so en so vir wie hy besondere geneentheid in sy lewe gehad het, hom kom besoek, maar dit is al.

Sodra 'n sterfte plaasgevind het, sal al die vroue wat daar aanwesig is, die rituele klaagween aanhef. Daar word dadelik boodskappers gestuur aan al die familie ver en naby om hulle van die sterfgeval te vertel. Ook die bure word in kennis gestel. Diegene wat naby verwante is wat die boodskap kry, haas hulle dadelik na die sterfhuis. Diegene wat per boodskapper of telefoon die berig kry, sal dadelik verlof by hulle werkgewer vra en nie weer by die werk opdaag voor die oorledene nie begrawe is nie. Dit gebeur uit vrees dat die ongeluk hulle sal tref as hulle gaan werk. Voorbeelde van sodanige ongeluk is dat die polisie jou mag vang, 'n motor jou mag omry of die witmense by die werk sonder rede vir jou sal kwaad word. Jy mag selfs jou werk verloor.

Die begrafnisondernemers word in kennis gestel en die lyk verwyder. Dit is gebruik dat die lyk voor verwydering gewas word. Enige familielid of selfs die bure kan hiermee help. 'n Man word egter deur mans gewas; 'n vrou deur vrouens en 'n kind deur sy moeder. Die lyk verlaat die huis ongeklee met 'n laken daaroor. Hierna is dit in die hande van die ondernemers om dit uit te lê. Dit is alleen by hoogs uitsonderlike gevalle dat 'n begrafnis in Atteridgeville plaasvind waarby begrafnisondernemers nie die begrafnis reël nie. Die meeste mense het 'n begrafnispolis wat afhangende van die ouderdom waarop dit uitgeneem word 'n maandelikse bydrae van 30c tot R1 verg en 'n dekking van begrafniskoste van R60.80 verskaf vir die polishouer self, sy eggenote en alle kinders onder 21. Die dekking is genoeg om die hele seremonie in die hande van die begrafnisondernemers te laat. Waar daar nie so 'n polis is nie, word die geld geleen of op skuld begrawe, maar 'n begrafnisondernemer moet gebruik word. Voor die lyk verwyder word, word die gebruiklike doodsertifikaat wat deur 'n dokter of vroedvrou wat die oorledene besoek het, gevorder.

Die begrafnisorder word van die Bantoesakekommissaris verkry waar die familie die sterfgeval moet laat registreer.

Wanneer 'n kind dood gebore word, mag die lykie nie 'n nag in die sterfhuis bly nie. Dit moet so gou moontlik verwyder word. Gevalle is bekend waar die lykie uit Atteridgeville in die middel van die nag met 'n motor na die begrafnisondernemers geneem is met die

© University of Pretoria

versoek / ...

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

versoek om daarmee te handel. Die inwoners van Atteridgeville sal enige bedrag betaal om daarvan ontslae te raak as daar nie 'n polis is wat die koste dek nie. So 'n lykie word as 'n armlastige begrawe. Nie 'n enkele lid van die familie doen daaroor navraag of daag by die graf op nie. As die kind 'n paar dae geleef het, mag die ouma miskien na die graf kom. Normaalweg handel die personeel van die begrafnisondernemers verder daarmee. Die lykie word dus "weggegooi". Dit is nie 'n mens nie, is ons verduidelik.

Die reëlings vir die begrafnis word gewoonlik getref deur 'n manspersoon hoewel vrouens dit ook soms doen as daar nie mans beskikbaar is nie. Kinders kan nie vir hierdie reëlings gebruik word nie. Benewens die bepaling van die dag van die begrafnis, die registrasie van die sterfte en die verwittiging van die naasbestaandes, moet ook 'n graf by die Superintendent van Atteridgeville verkry word. Die koste hiervan is R4 per volwassene en R2.50 vir 'n kindergraf. Die graf word dan deur arbeiders van die stadsraad gegrawe. Dit gebeur soms dat 'n bemiddelde familie by die eerste sterfgeval 'n hele paar grafte in 'n blok koop, sodat elkeen soos hy wegval naas die ander begrawe kan word. Dit is egter die uitsondering.

Die dag vir die begrafnis is gewoonlik 'n Saterdag of Sondag, omdat die familie en ander belangstellendes nog in die week moet werk. So kan 'n familie van Maandag tot die volgende Saterdag vir die teraardebestelling wag. Die reëlings vir die begrafnis word gewoonlik getref en finaal goedgekeur as die senior familielid van die oorledene aangekom het. Gewoonlik word gewag tot die oudste lewende broer aangekom het om die reëlings te finaliseer. Dit gebeur ook redelik dikwels dat mense wat in Atteridgeville sterf buite Pretoria te Hammanskraal, Rustenburg ensovoorts, waar ander van die familie begrawe is, begrawe word.

Tuis in die sterfhuis word onmiddellik na die dood alle spieëls en portrette omgedraai met die gesig na die muur. Daar moet nie iets wees wat blink nie. Informante het verklaar dat dit dien om die huis "lelik" te maak. Dit is 'n teken van rou. Nader verklaring van die gebruik kon ons nie kry nie. In die sterfkamer word alle meubels uitgedra en slegs 'n matras op die vloer gelaat. As daar nie plek is nie, word die meubels in een hoek van die vertrek opgestapel sodat die vloerruimte skoon is.

Telkens as van die familielede by die sterfhuis aankom, word die rituele klaagween deur die aanwesige vrouens aangehef. Die vrouens vergader binne die huis en die mans staan in groepies buite die huis en gesels op gedempte toon. Mans neem nie aan die weeklaag deel nie.

Elke aand voor die begrafnis word daar dan by die sterfhuis 'n nagwaak gehou. Die vrouens van die familie, bv. die weduwee, susters, ens., vergader in die sterfkamer en sit daar stil op die grond. In die voorkamer kom diegene wat simpatie kom betoon bymekaar en hier word dan 'n diens gehou. Die voorganger by die geleentheid is 'n ouderling of predikant. Dit is by die geleentheid dat lidmate die kerk "nodig het". Om hierdie diens te verkry en om "mooi begrawe" te word of 'n familielid "mooi te begrawe" vorm 'n belangrike oorweging vir mense wanneer hulle aan 'n kerk behoort. Wat presies alles by die nagwaakseremonies gebeur is nie bekend nie. Ons weet dat dit normaal is dat die oorsaak van alle sterfgevalle in die eerste plaas by bose towery gesoek word en dat daar soms 'n toordokter geroep word. Dit is ook waar dat by splinterkerke onopgeleide voorgangers optree. Die neiging om die oorledene salig te spreek is altyd daar. Uit die getuienis voor die Tomlinson-kommissie het die kerke verklaar dat dié waak by lyke en heidense begrafnisrites, en roubedryf onder andere van die gebruike by die Bantoe is wat hulle in belang van die kersteningsaksie wil sien verdwyn (Tomlinson-verslag Vol. 15, hoofstuk 40, p.115).

© University of Pretoria

Die / ...

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Die aand voor die begrafnis word die lyk volgens gebruik deur die begrafnisondernemers na die sterfhuis gebring. Dit word klaar gekis en geklee, maar sonder die deksel op die matras in die sterfkamer geplaas. Dan word die eintlike nagwaak - molêtêlô, gehou. Daar is geen geval waar die lyk direk na die kerk geneem word nie. Die molêtêlô word in alle gevalle gehou. By die kop en voetenent van die lyk word 'n brandende kers neergesit, of die kamer andersins verlig word of nie, maak nie saak nie. Die vroulike verwante soos die weduwee, moeder en susters van die oorledene vergader om die kis. Geen mans is in die kamer aanwesig nie. Na regte moet dié mense die hele nag by die lyk waak en nie weer uit die kamer kom voor die volgende môre nie. Binne die kamer mag daar gebid word, maar verder word die stilte bewaar.

In die voorkamer van die huis en buite is die res van die simpatiseerders vergader. Anders as in die nagte voor die lyk gekom het, duur die nagwaak nie net van 7 vm. tot 12 uur middernag nie, maar die hele nag tot die volgende môre vroeg. Onder leiding van die ouderling of predikant word daar die hele nag afwisselend diens gehou, gesing en geëet van verversings wat die familie van die oorledene voorsit. Die mans en andere gaan soms na buite om te rook, maar andersins is almal binnenshuis bymekaar. Van ons ouderling-informante het vertel dat van 15 tot 20 preke die nag gelewer moet word. Die woorde word tot vertroosting van die agtergeblewenes gerig. Ons weet egter dat by die Zion Christian Church daar by die geleentheid heilige water oor die lyk en in die huis gesprinkel word. Dit is ook gebruiklik dat aan die oorledene gesê word "Alles is nou reg. Jy is nou weer tuis." Dit is ook gebruiklik dat van die aanwesiges wat wil die geleentheid gegee word om te praat. Gewoonlik is dit 'n relaas van hoe goed die oorledene hom op aarde gedra het en hoe seker die spreker is dat hy hom in die hiernamaals sal sien. Sowel mans as vrouens kan by die geleentheid praat.

Die volgende dag, die dag van die begrafnis, word die lyk deur die begrafnisondernemers gehaal om na die kerk te neem. Die begrafnisdiens wat dan daar gehou word, kan natuurlik in die huis ook plaasvind. Die kis word altyd met die voete eerste deur die voordeur uitgeneem. Die lyk word nooit deur die agterdeur uitgeneem nie. "Hy gaan uit vir ewig en moet deur die voordeur gaan." Dit is gebruiklik om dan aan die oorledene te sê: "Hy is nou dood en gaan nou vir altyd uit die huis. Hy moet nie terug kom nie en 'n aangename lewe in die hiernamaals voer." Hier eindig die laaste geleentheid om met die oorlede se gees te praat voor die begrafnis. Van nou af is die mense "skaam".

Die kerkdiens wat volg, geskied volgens die normale prosedure. Alles geskied stigtelik en ordelik, die rituele weeklaag word nie gehoor nie. Behalwe in die Roomse en Anglikaanse kerke waar dit verbied is, kry al die aanwesiges by die diens, na die diens die geleentheid om die oorledene vir laas te sien. Tot hierdie doel word die kis oopgeskroef en terwyl die gemeente sing, stap die wat wil by die kis wat voor die kansel of altaar geplaas is, na buite verby.

Die begrafnisstoet gaan dan na die begraafplaas. Langs die pad is dit altyd opmerklik dat al die by wie verby gegaan word, stil staan en die hoed afhaal uit eerbied vir die dooie wat hulle dikwels nie ken nie. By die begraafplaas is dit gebruik dat die mans wat wil geleentheid kry om die laaste eer aan die oorledene te bewys deur sy kis vir 'n paar tree te dra en dan aan 'n volgende die beurt te gee. By die graf volg 'n eenvoudige diens deur die predikant gelei. Na die gebruiklike woorde sal die vrouens elk 'n bietjie grond in die graf gooi. Mans doen dit nie. Hulle beurt kom later want die graf word deur die aanwesige mans gevul en uiteindelik met klippe wat spesiaal van die naaste heuwel gehaal word, toegepak sodat die

© University of Pretoria

opgehoopte / ...

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

opgehoopte grond daardeur gestut en gedek word. Na die graf so toegemaak is, word die kranse bo-op gepak en daartussen 'n verskeidenheid van breekware en dinge wat die oorledene gebruik het. Hierna gaan al die aanwesiges, die predikant inkluis, na die sterfhuis terug.

Dit is aan ons as 'n besliste vereiste gestel dat geen begrafnis om 12 uur in die dag gehou mag word nie. Dit is onmoontlik "Dit is in die middel van die dag waar die môre en die middag afbreek. Daardie tyd is die tyd van die Here." Dit is aan ons verduidelik dat geen mens werklik by 'n sterfoomblik aanwesig is nie. Die een oomblik leef die mens en die volgende oomblik is hy dood. Die oorgangspunt "is die tyd van die Here en daardie mens." Net so is die middel van die dag 'n oorgangspunt "Ons vat dit so - nou by die hemel sal hulle daardie tyd niemand ontvang nie." Begrafnisse moet dus in die oggend of in die middag geskied. Hierdie gebruik is ook in die stamgebiede bekend.

Die gebruik om gebruiksartikels op die graf te plaas, kom feitlik sonder uitsondering voor. Op hierdie saak kom ons later volledig terug.

Wanneer die mense uit die begraafplaas by die sterfhuis terugkom, staan daar 'n skottel met water, seep en 'n handdoek by die hek. Hier moet almal hulle hande was, ook die predikant wat die oorledene begrawe het. Jy sal ernstig verkwalik word as jy nie was nie. Dit is ook gevaarlik om nie te was nie. Die ongeluk kan jou tref. Die vrouens van die huis sal weer teruggaan in die sterfkamer en daar bly en slaap tot die volgende môre wanneer die hare as teken van rou afgeskeer word.

Die herkoms van die seremonie om jou hande te was as jy uit die begraafplaas kom, was ons informante onbekend. Hulle het slegs geweet dit moet so wees. Een van die leraars van die Blank-georiënteerde kerke het verklaar "Ons was ons hande (soos Paulus) want ons het nie skuld aan die dood van die oorledene nie." In sy "Married Life in an African Tribe" wys Schapera (1940:308) op die gebruik by die Tswana: "All the people present at the funeral return to the stricken household. Here they are given water to clean their hands (formerly also their feet) from 'the contamination of the grave'." Wat ons dus kon waarneem in Atteridgeville, was niks anders as die rituele reiniging soos Schapera dit beskryf. Die wasseromonie vind in alle gevalle plaas.

By die huis van die oorledene word daar nou aan die aanwesiges 'n begrafnismaal voorgesit waarna hulle vertrek. Hierdie begrafnismaal bestaan meesal slegs uit ligte verversings. Dit is ook die gebruik dat daar nou 'n kollekte onder die aanwesiges opgeneem word tot troos van die agtergeblewenes en om hulle te help om die koste van die begrafnisonthale (vanaf die nagwaak) tot nou, te bestry. Daar kan natuurlik geslag word vir die begrafnismaal wanneer die aanwesiges 'n hele maaltyd voorgesit word. Die vleis kan ook by 'n slaghuis gekoop word. Daar word na enige vleis van die begrafnismaal verwys as mogôga. Hoewel dit nie in Atteridgeville altyd gebeur nie, is dit die korrekte handelswyse dat by hierdie vleis geen sout gevoeg sal word nie. Geen moswang (kleinpens-inhoud) van die mogôga-dier as daar geslag word, of enige ander offerande gaan na die graf toe nie.

Volgens tradisionele gebruik (Schapera 1938:163) (Handbook of Tswana law and custom) word die mogôga-vleis tradisioneel as begrafnismaal soutloos berei. Ons informante het egter omstandig verduidelik hoe dit die gebruik rondom Pretoria onder die Tswana-groepe is dat daar 'n bees of 'n bok as mogôga geslag word. Daar word van die moswang (kleinpens-inhoud) van die dier in die graf geplaas as offerande en die vel van die dier oor die kis geplaas wanneer dit in die graf gaan. Vroeër sou 'n mens in die vel van die

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

dier toegedraai gewees het. Ons informante het toegegee dat dit gebruike is wat onder heidene voorkom, maar verduidelik dat dit tog ook soms in Atteridgeville gesien word. Dan word die mogôga-dier buite Atteridgeville geslag en die vel en vleis ingebring dorp toe om by die begrafnis gebruik te word.

Ons wys daarop dat daar 'n verskil bestaan tussen die gegewens wat ons van Tswana-informante verkry het en die beskrywing van Schmidt (1965:373) in sy "Stamverbondenheid van 'n stedelike Bantoegemeenskap". Ten opsigte van die offerande wat vir voorvadergeeste geslag word, sê hy: "Hierdie dier staan ook, soos tydens die begrafnisfees, as die mogôga bekend." Volgens ons informante is alle offerande aan die voorvadergeeste slegs as sethlabêlo bekend en word mogôga gebruik om die dier wat by die begrafnis geslag word aan te dui sowel as die vleis daarvan of vleis van elders wat sonder sout vir die begrafnismaal voorberei word.

Na die begrafnis afgeloop is, breek die rouperiode aan. As teken van rou word al die hare van die onmiddellike verwante van die oorledene afgeskeer. Ons informante het verskil oor wie die skeerwerk moet doen wanneer bv. die man gesterf het en die vrou en kinders agterbly. Sommige het beweer dat die skeerdery deur die rakgadi van daardie huis gedoen word. Dit is haar voorreg. (Hier word gedui op die vrou wat die kinders in die huis rakgadi noem, dus eintlik die man se suster.) Enkele ander het beduie dat die skeerwerk deur 'n man gedoen moet word, dit is deur òf die malome òf rangwane van die huisgesin. (Dit is die persoon wat die kinders met dié terme aanspreek, dus die moeder se broer of vader se jonger broer.) Die hare word gewoonlik in die latrine weggespoel as voorsorg dat toordokters dit nie in die hande kry nie. Daar is enkele mense in Atteridgeville wat hulle hare nie laat skeer nie, maar hulle is as "Christene" by verre die minderheid. As verdere aanduiding van rou dra die vrouens swart klere en die mans slegs die gebruiklike lanferband om die linkerarm.

Na die begrafnis word die sterfkamer se vloer en mure gewas en in die res van die huis slegs die vloere. Die oorledene se klere word gewas en skoon weggebêre. Die portrette en spieëls hang nog vir drie tot vier dae na die begrafnis met die gesig na die muur, maar daarna word hulle reg gedraai.

Die rouperiode vir volwassenes is een jaar en vir kinders wat sterf ses maande. Wanneer een van die familie sieklik is, sodat daar kans is dat dié persoon ook kan sterf, word daar vir dié een gesê om net ses maande te rou "want sy moenie sterf as sy nog rou nie. Meeste van die familie sal dan so agtermekaar doodgaan sodat die rou nooit klaarmaak nie." Hoe wydverspreid die opvatting is, kon ons nie bepaal nie. Daar is egter baie van die inwoners in Atteridgeville wat by 'n tweede sterfgeval gedurende 'n periode van rou onmiddellik 'n toordokter sal roep om die ander agtergeblewenes teen die dreigende kettingreaksie te kom beveilig.

Geen weduwee of wewenaar mag binne 'n jaar na die begrafnis weer trou nie. Hulle is "donker" en moet eers "uit die rou uitgaan." Om dieselfde rede mag so iemand geen geslagsgemeenskap hê nie; dit is ook gevaarlik vir die ander party om dit toe te laat.

Na regte word dit van die weduwee verwag om die volgende drie maande nie net in die sterfhuis te bly woon nie, maar ook in die sterfkamer te slaap. Wanneer 'n sterfgeval plaasgevind het en die gesin breek op, word die huis deur die administrasie egter aan 'n ander toegeken en is dit nou nie meer altyd moontlik nie: "Wat kan ons dan doen - nou is dit die tyd van die makgowa (witmense)" het een van ons Christeninformante gesê. Ook vir hom was dit 'n gebruik wat eintlik gehandhaaf moet word.

Wanneer die huis nie aan 'n ander toegeken word nie, was al ons informante dit eens dat die weduwee vir die volle rouperiode van

© University of Pretoria

een / ...

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

een jaar elke aand as die son sak tuis moet wees en daar moet slaap.

Gedurende die rouperiode is daar twee seremonies van belang. Dit is die "verdeling van die klere" en die "uitgaan uit die rou" wat as vaste patroon in Atteridgeville gevolg word.

Ongeveer drie maande na die sterfgeval, kom die nabyverwante van die oorledene bymekaar om oor die persoonlike besittings te handel. Dit gaan hier veral oor klere. By die geleentheid word daar geen offer aan voorvadergeeste of by die graf van die oorledene gebring nie. Dit is duidelik dat daar geen vaste patroon by die uitdelingseremonie is nie. Ons informante kon egter van verskeie gevalle waarvan hulle kennis dra, vertel waar die uitdeel aksie deur die rakgadi (d.i. die man se suster) gedoen is. Omdat die mense van die oorledene (die man in dié geval) eerbiedig word, het die rakgadi vooraf met die weduwee ruggespraak gevoer oor hoe die items verdeel moes word. Die oorledene se broers en kinders is geroep, die weduwee was daar sowel as verteenwoordigers van haar familie. Die rakgadi het opgestaan en uitgedeel: die horlosie aan die oudste seun, 'n jas aan die rangwane (oorledene se jonger broer) en so aan verder.

Na die seremonie gaan die rouplig normaalweg voort.

Na verloop van 'n jaar vind die seremonie plaas waarby die verwante "uit die rou uitgaan". Daar word normaalweg 'n bok vir die voorvadergeeste geslag en van die moswang - kleinpens-inhoud, gaan met bier ensovoorts om by die oorledene se graf gestort te word. Dit is die naaste wat daar in Atteridgeville gekom word aan enige seremonie waarby die gees van die oorledene in besonder aanbid word en sy status as voorvadergees aan hom tuisgebring word. Ons is bewus daarvan dat daar baie mense in Atteridgeville is by wie die phasa badimo-seremonie as genoegsaam beskou word en by wie daar dan geen offerande by die graf plaasvind nie.

Gelyktydig met die offerande vind 'n wasseremonie plaas waardeur die rou beëindig word en die mense van die oorledene "losgemaak" word. Die seremonie kan deur die familie sommer self gedoen word, as hulle weet watter medisyne om te gebruik. Dit is egter veiliger om 'n ngaka te roep wat kan seker maak dat die seremonie reg uitgevoer word. Volgens ons informante word 'n baksteen goed warm gemaak, dan word 'n bakkie met warm water daarop gesit. In die water kom die medisyne van die toordokter. Elkeen van die agtergeblewenes hou dan sy of haar gesig oor die bakkie met 'n doek oor die kop en die bakkie sodat die hitte hom laat sweet. Sodra die sweet loop kan hy opstaan en die rouklere uittrek en helderkleurige klere aantrek. "As hy dan gaan aantrek, weet ons hy's nou skoon." Hiervandaan kan die lewe weer sy normale gang gaan.

Volgens ons informante word die graf van die oorledene gereeld op 'n Saterdag of Sondag deur die agtergeblewenes gedurende die rouperiode besoek en ook daarna. Elke week of twee word die klippe reg geskuif wanneer die graf begin sak. Vars blomme word geneem as die familie wil. Vanaf sewe dae na die begrafnis kan die familie as hulle graf toe gaan ook 'n bietjie snuif op die graf strooi aan die oorledene. Te enige tyd gedurende die rouperiode kan die oorledene ook as die eersgestorwene van 'n ry voorvaders genoem word tydens 'n phasa badimo-seremonie.

Gelyktydig met die beëindiging van die rouperiode word die graf van die oorledene permanent reggemaak. Ons informante het nie saamgestem of daar met die regmaakprosedure 'n besondere grafoffer aan die gestorwene gebring word nie. Sommige het die offerande wat gebring word in verband gebring met die reinigingseremonie, ander met die regmaak van die graf.

Die graf word "reggemaak" deur 'n klipversterking in 'n reghoek al op die grense van die oorspronklike grondhoop in te plant

© University of Pretoria

en / ...

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

en die oppervlakte van die graf gelyk met die rante van die klippe met grond te vul. Dit is nie 'n toevallige vorm wat die graf aanneem nie, want sommige families gebruik stukke leiklip om die grond te stut of selfs stukke sementblok wat van ou randstene by sypaadjies verkry is. Die graf het dan die oorspronklike buiterand van die gat wat gegrawe was en staan 9 na 12 duim bo die omringende grondoppervlakte uit. Bo-op die graf vind mens 'n verskeidenheid van artikels. Hierdie artikels word nie in besondere verband daarop geplaas nie. Mens kan dus nie kop en voetenent van die graf onderskei sonder om die munisipale nommerplaat wat by die koppenent geplaas word te soek nie. In die grafte wat oor 'n periode van 4 jaar gevul is en wat ons twee jaar na die laaste oorledene begrawe is, ondersoek het, was daar alleen enkeles wat nie op die gebruiklike wyse permanent versorg en versier was nie. Ons informante het verduidelik dat dit grafte is van mense wat nie familie in Pretoria het om die grafte in stand te hou nie.

Die items wat op die graf geplaas word, verskil van graf tot graf. Dit is in elke geval gebruiksitems wat die oorledene gebruik het of waarvan hy baie gehou het of dit is dit medisyne wat hy op sy laaste siekbed gebruik het. Soos ons grafte hier en daar as voorbeelde geneem het, was die volgende daarop te vinde:

(1) Twee permanente kranse van plastiekblomme en 'n paar blomme van plastiek met die stele in die grond gedruk. Dit is hoogs uitsonderlik. Informante het beweer dat die mense blykbaar niks gehad het om op die graf te sit nie. Dit kon ook wees dat dit die graf van oortuigde Christene was wat nie die heidense gebruik gevolg het nie.

(2) Een permanente krans van plastiekblomme, 'n emalje beker, twee glase, 'n dooie blommeruiker, 'n omgekeerde koppie en een of twee vygieplante: Die gebruiksartikels was heel en nog bruikbaar. Die vygies is baie duidelik deur die familie daar geplant.

(3) Vier plastiek glase, 'n emalje pintbeker, twee glase, 'n glas beker, drie glasbakke, drie koppies en 'n erdebeker. Ook hier was die breekware nog in bruikbare toestand en skoon.

(4) Drie medisyne bottels met 'n bietjie medisyne in elkeen, 'n potjie Brylcream drie-kwart leeg, drie koppies, 'n bord, 'n ruiker dooie blomme, 'n gebreekte glas, 'n gebreekte kleipot (tradisioneel), 'n heel kleipot en krans van plastiekblomme. Die kleipotte is uitgewys as moontlik die waaruit die oorledene bier gedrink het. Die feit dat sommige breekware stukkend was, het ons informante verklaar deur te sê dat die gebruiksartikels op die graf soms gesteel word en dat party families dan die goedere met opset breek om te verseker dat niemand dit sal neem nie.

(5) Drie koppies sonder ore, 'n glas, 'n erde vaas, twee glas potjies, 'n emalje bekertjie op 'n emalje bord. 'n Grafsteen waarvan die bewoording met 'n swart doek toegebind was. Ons informante het verduidelik dat wanneer 'n grafsteen op 'n graf geplaas word, dit eers so toegebind word omdat die predikant moet kom om 'n onthullingsdiens te hou waarby die lap dan verwyder word.

(6) 'n Tradisionele kleipot, twee bottels met helder skoon water, 'n oop Zulu-Bybel waarvan baie blaaie deur wind en weer tot 'n papierpap gevorm is, drie blomvase, 'n leë portretraam met 'n gebreekte glas, 'n bord met mes en vurk. Ons informante het verduidelik dat die oorledene miskien baie lief was om sy Bybel te lees. Hulle het ook die aandag gevestig op die skoon toestand van die breekgoed en beduie dat die familie wanneer hulle graf toe kom gereeld die breekgoed was en dit weer terugplaas. Die bottels water kan gewyde water wees, maar dit is ewe gebruiklik dat die familie die bottels gereeld met vars water vir gebruik deur die oorledene, vul.

(7) Twee medisyne horinkies, 'n kleipot, bord met lepel, mes en vurk daarop, 'n botteltjie met gedroogde gemaalde kruie(?)

© University of Pretoria

blare / ...

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



blare, 'n tabaksakkie met droë kruie(?) wortels daarin, 'n bierbeker, nog drie borde en vier glase. Dit was selfs vir ons duidelik dat dit die graf van 'n ngaka (toordokter) moes wees.

Dit was opvallend dat mens nie kon onderskei tussen die grafte van vrouens en mans nie. Kindergrafte kon egter wel onderskei word. Kinders word in 'n ander deel van die begraafplaas begrawe omdat die afmetings van hulle grafte kleiner is. Selfs sonder hierdie kennis sou die kindergrafte met hulle stukkies speelgoed, dose en blikkies met nog 'n bietjie babakos daarin, fopspene en talle klein botteltjies medisyne daarop, onderskei kon word.

Die eerste reaksie op ons vraag waarom die dinge op die graf geplaas word, was dat die familie dit doen om die graf weer te kan uitken, of dat dit gedoen word om die graf te versier. Andere het probeer wegskram deur te sê dat dit om sentimentele redes gedoen word en dat daar geen vaste verpligting oor bestaan nie. Die leraars van al die kerke het eenparig kortweg verklaar dat hulle nie die minste idee het waarom die mense dit doen nie, maar dat dit geen verband met voorvaderdiens het nie omdat hulle lidmate Christene is en hulle dus nie met heidense gebruike ophou nie. Die informante wat ons spesifiek oor godsdienssake uitgevra het en van wie die meeste ouderlinge in die bogenoemde kerke was, het ewe-so eendragtig getuig dat al hierdie voorwerpe op die grafte geplaas word omdat die oorledene dit in die hiernamaals sal gebruik. Die medisyne mag hy nodig hê en die feit dat van sy lieflingsartikels daar geplaas word, sal hom troos al kan hy dit dan in die gees nie meer gebruik nie. Voeg hierby die feit dat die skottelgoed meesal gereeld gewas word en dat daar op sommige grafte gedurig vars water vir gebruik deur die oorledene, geplaas word, dan kry mens enigsins 'n beeld van die ware omvang wat die geloof in die beïnvloeding van die voorvadergeeste nog het. Dan word diegene wat nie op een of ander tyd in sy lewe daarvan blyke gee nie werklik by verre die minderheid. Mens kry dan die onaangename gevoel dat die beklemtoning van deelname aan Christelike kerke wat ons in die eerste deel van die uiteensetting oor godsdiensgebruike kon gee, slegs 'n oppervlakte-vertoon is by baie waaronder die voorvaderaanbidding ongesteurd bly voortbestaan het. Dat daar op hierdie onrusbarende reël wel uitsonderings is, weet ons egter baie goed.

Daar is in Atteridgeville 'n geringe minderheid van mense wat die vermoë of die bereidwilligheid het om die graf van 'n oorledene met 'n grafsteen te versier. Uit die baie honderde wat oor vier jaar in Atteridgeville begrawe is, was daar slegs ses grafstene te sien. Die normale koste van 'n eenvoudige granietsteen is ongeveer R60.80. Daar was stene wat baie duurder moes gekos het. Die bewoording op die grafstene is feitlik deurgaans in Engels. Ons kon geen enkele grafsteen kry met bewoording in 'n Bantoetaal nie. Ons informante het egter verklaar dat daar wel enkeles is.

Die oorwoë verklaring wat mens dus moet maak, is dat die geloof in voorvadergeeste en diens aan die geeste in Atteridgeville eerder die reël as die uitsondering is onder alle grade van bekeerlinge na die Christelike evangelie. Hierdie toestand was teen ons verwagting in. Die sendingaksie van die kerk en die moontlikheid dat voorvadergeeste so sterk plekgebonde kon wees dat die werklik kragvolle geeste wat in plekke buite Pretoria begrawe is, nie juis invloed oor hulle nasate sou hê nie, het die verwagting gewek dat ons nie besondere belangrike reste van die deel van die tradisionele godsdiens kon verwag nie. Alle gegewens tot ons beskikking bewys egter die teendeel.

Indien die voorvadergeeste se betekenis in Atteridgeville van minder belang sou wees, sou dit 'n redelike verwagting wees dat die geloof in towerkrag wat nie plekgebonde is nie in betekenis sou toeneem. Die feite oor hierdie saak soos ons dit kon bepaal is soos volg:

© University of Pretoria

C. / ...

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

C. Geloof in towery en towerpraktyke

Die geloof in towerkrag is die geloof in die aanwesigheid in die skepping van 'n willose bonatuurlike krag wat deur diegene wat die kennis het, gerig en gestuur kan word om die kundige tot diens te wees. Afhangende van die opset waarmee hierdie krag aangewend word, kan ons dan van goedwillige of kwaadwillige towery praat. Die krag wat gebruik word, is neutraal die opset van die mens wat dit aanwend bepaal die klassifikasie. So het ons informante ook die feite geken.

Die kennis om hierdie krag aan te wend moet verwerf word deur 'n vakleerlingskap by 'n kundige persoon. Tradisioneel is daar altyd sprake dat 'n persoon deur Modimo tot hierdie diens geroep word. In Atteridgeville kon ons geen vaste sekerheid oor die beginsel bepaal nie. Die toordokterskap het egter in bepaalde families vererf. Dit beteken nie dat dit noodwendig van vader na seun moes vererf nie. Segsmanne kon ons in Atteridgeville voorbeelde noem waar dit van 'n vrou na haar broer se seun gegaan het, maar ook van 'n vader na die seun.

Die kundiges wat hierdie krag in Atteridgeville aangewend het, het soos normaalweg die geval is, in twee breë kategorieë geval. Aan die een kant was daar die ngaka - toordokter wat sy dienste teen vergoeding vir 'n goeie doel aangewend het, bv. vir waarsegging, of om huise te beskerm teen slegte towery of om te genees ensovoorts. Aan die ander kant was daar die moloi (meerv. baloi) - toornaar. Die normale gebruik van die term is vir iemand wat towermedisyne gaan vra om 'n ander skade te berokken. In die eerste instansie is die man wat die versoek rig en die medisyne teen betaling verkry en dit volgens instruksie gebruik, die toornaar. Die medisyne kom egter van 'n persoon wat as ngaka praktiseer. Hoewel ons informante dit nie uit hulle self beweer het nie, het hulle saamgestem dat die ngaka eintlik so medepligtig aan die slegte daad word en dus ook as 'n moloi bekend moet staan. Dus ngaka of moloi afhangende van die doel waarvoor hy sy krag gebruik. Ons informante het egter by die besluit dadelik daarop gewys dat dit die ngaka tog vry staan om die aanstaande slagoffer te waarsku of die verkeerde medisyne te gee of die kwaaddoener in die openbaar aan die man te bring. Die blote lewering van die medisyne ten kwade, was dus nie genoeg nie. Die man het die kennis, hy verkoop dit as hy daarom gevra word. Dit was duidelik dat die werklike baloi die slegte mense was wat hulp gesoek het om andere skade te berokken.

Tradisioneel is dit ook moontlik dat 'n persoon 'n toornaar is sonder dat hyself daarvan weet. Soos in die geval van persone wat na bewering in die slaap buite die liggaam beweeg en sonder dat hulle daarvan onthou as hulle wakker word, in die nag onheil bedryf. Ons informante het wel van die geloof geweet, maar het verklaar dat so iets na hulle kennis nog nooit in Atteridgeville voorgekom het nie. Hulle dra ook geen kennis van beskuldigings of vermoedens van die aard wat ge-uiter is nie.

Ons kon dus slegs aandag gee aan die eenvoudige beoefening van towerkrag ten goede of ten kwade.

Met geringe uitsonderings is alle gegewens wat volg van gewone inwoners van Atteridgeville verkry. Ons kon nie daarin slaag om die samewerking van praktiserende toordokters te verkry nie. Dit sou beteken het dat die mense hulleself skuldig moes verklaar aan die beoefening van towerkrag. Dit is strafbaar onder die wet.

Die gegewens is nie presies genoeg en by verre nie volledig nie. Wat ons egter kon kry dui op die algemene kennis wat onder inwoners van Atteridgeville oor die saak bestaan het. Al sou slegs toordokters volledige informasie kon gee, kon ons informante tog by benadering oor 'n groot verskeidenheid van praktyke oppervlakkig soos dit as toeskouers en pasiënte meegemaak is, vertel.

© University of Pretoria

Elke / ...

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Elke feit is dus 'n bewys van die aanwesigheid van die praktyke in Atteridgeville.

Ons kon verder bewys dat die meeste praktiserende toordokters in Atteridgeville selde in die stad gebore is en in lewenswyse nader aan die stamgebruike staan as die deursnee inwoner van Atteridgeville. Deur toordokters self as hoof informante te neem, sou die weergawe van die geloof in towery 'n uiteensetting van stamtoestande word. Mens sou nie met sekerheid kon bepaal wat in Atteridgeville voorkom en wat nie. Deur ons informante uit pasiënte te neem is die gevaar uitgeskakel.

1. Goedwillige towerpraktyke

Ons informante was dit eens dat die raadpleging van dingaka - toordokters, baie dikwels in Atteridgeville voorkom. Soos een dit uitgedruk het, "Towery sal nooit sterf nie" - bedoelende die geloof daarin en raadpleging van toordokters sal baie moeilik uitgeroei word. Ons informante wou ook geen kwalifikasie plaas op die soort pasiënte wat toordokters besoek nie. Dit is geen spesiale klas soos mense wat meer of minder verbondenheid met stamgebruike toon nie. Almal gaan as die nood druk, ryk en arm, ongeletterdes en ook die met universiteitsgrade.

Ons herinner nogmaals aan die woorde van ons segsmanne dat daar meer mense in Atteridgeville is wat aktief in seremonies aan die voorvadergeeste deelneem as wat daar is wat die aktiewe hulp van toordokters inroep.

Die aantal toordokters in Atteridgeville kon ons nie korrek bepaal nie. Ons weet van ten minste 9 persone wat so gepraktiseer het. Drie van die gevalle was in ons proefgroep van 300 gesinne ingesluit. Feit is egter dat min van hierdie toordokters uitsluitlik 'n lewe uit hulle praktyk gemaak het. Vir die meeste was dit 'n byverdienste by die beoefening van 'n normale dagtaak as arbeider of wasvrou. Die beoefenaars van die beroep was feitlik gelykop tussen mans en vrouens verdeel.

Hierdie feite verskaf geen ware aanduiding van die aantal dokters wat deur die inwoners van Atteridgeville geraadpleeg is nie. Toordokters se pasiëntegetalle wissel volgens hulle reputasie. Sommige van die inwoners van Atteridgeville het van Pretoria na Johannesburg of selfs Louis Trichardt gereis om 'n vermaarde dokter te gaan raadpleeg.

Die toordokters in Atteridgeville was van verskillende soorte. In die eerste instansie was daar die ngaka wat van dolosse gebruik gemaak het om sy pasiënt se probleme te bepaal en dan medisyne voorgeskryf het. Dié was die mees algemene tipe. Die gooi van dolosse - ditaolo, was seker die mees algemene wyse van diagnose wat ons informante geken het. Die dokters in hierdie groep was uit verskillende stamgroepe afkomstig. Om dié rede het die praktyke en dolosstelle soms effens verskil, maar basies was daar duidelike ooreenkoms.

Ten tweede was daar izangoma - (ekv. isangoma) toordokters. Hierdie Zulu-benaming, wat in Atteridgeville met 'n Afrikaanse meervouds -s gebruik is: isangomas, dui eintlik 'n uitruiker aan. 'n Toordokter wat 'n skuldige aanwys of 'n siekte diagnoseer deur net "te kyk". Dit beduie eintlik slegs dat hy van geen sigbare waarseggingsapparaat gebruik maak nie. In Sepedi is die tipe toordokter as sedupe bekend. Ook die naam is in Atteridgeville gebruik. Benewens sy besondere uitruikvermoë, is die isangoma ook 'n meester in die behandeling van alle siektes wat die ander dokters nie kan genees nie. "Hy is bokant die ander dokters." Volgens ons informante gee hy geen eie medisyne nie, maar stuur jou na 'n bepaalde dokter wat die medisyne vir jou siekte het. Wanneer jy dan gaan, sê jy aan die ander dokter dat die isangoma jou na hom gestuur het,

© University of Pretoria

omdat / ...

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

omdat hy gesê het jy het so en so 'n siekte en sal die dokter jou asseblief gesond maak.

In die derde instansie was daar toordokters wat van 'n besondere dansaksie gebruik gemaak het om in aanraking met die geeste van voorvaders te kom, om dan na geweldige uitputting "namens" die gees te praat in 'n taal wat gewone mense nie verstaan nie en dus deur sy helpers vertaal word. By die dansery is daar van klein trommetjies of tamboeryne gebruik gemaak. Omdat dit hierdie groep is wat met behulp van die dromme daarin spesialiseer om "geeste uit te drywe" maak ons nie onderskeid tussen die waarseggingswyse en die spesialistiese vermoë van geesuitdrywing nie. In Atteridgeville het hierdie mense op verskillende name bekend gestaan. Daar is na hulle verwys as "die malombo-dansers". (Amalombo = lang ononderbroke aksie (Zu).) In Sotho: ngaka ya malôpô - dokter van kwade geeste. Dit is dan ook die een wat sy genesing bewerkstellig met die slaan van maropa-dromme. Daar was van ons informante wat die bewering gemaak het dat leiers van Apostoliese kerke by uitstek dingka tsa malôpô is. Die beklemtoning by die sektes van die vermoë om "in tale te spreek" en die waarseggingswyse by hierdie soort toordokter is opvallend. Dit is verder aan ons verduidelik dat werklike geesuitdrywing meesal deur die Shangaan-lede van hierdie toordoktersgroep gedoen word. Volgens ons navraag is die omvang van hierdie tipe toordokters se praktyke vergeleke by die ander relatief gering.

In Atteridgeville was daar geen toordokter wat benewens waarsegging eintlik gespesialiseer het in die verkoop van bekende kruie vir die genesing van siektes nie. Die moalafi - geneser se posisie in Atteridgeville word gevul deur die hulp wat die Blanke medici in die kliniek kan verskaf. Hulle vermoë om suiwer liggaamlike siektes te genees word algemeen erken en aanvaar as "baie goed".

Die laaste groep persone wat towerkrag kon beheer is deur sommige informante as die maslamusi beskryf. Die woord is afgelei van Slams (Maleier) of Islam (Mohammedanisme). Met besondere Oosterse towergelowe het dit weinig verband. Die beoefenaars is Bantoepersone. Nie al ons informante het hierdie mense as 'n groep onderskei nie. Die wat hulle wel geken het, het beduie dat dit diegene is wat die toekoms voorspel deur die lyne in die pasiënt se hand te ontleed of ook deur die bestudering van die ligging van teeblare in pasiënte se teekoppies. Dit was ons nie duidelik of hierdie tipe voorspelling teen vergoeding en op groot skaal in Atteridgeville beskikbaar is nie.

Die koste van 'n besoek aan 'n toordokter wissel volgens die ernstigheid van die siekte, die aard en inhoud van die medisyne wat gegee word en die distansie wat die dokter na die pasiënt moet reis. Die laaste is in Atteridgeville selde ter sake omdat mense eerder na toordokters op ander plekke gaan as om hulle na die huis te ontbied van ver af. Binne die woonbuurt self is distansie van geen belang by die fooi nie. Die enigste vaste bedrag wat ons ken is die koste om die dolosse te laat gooi, nl. 50c. Dit moet altyd onmiddellik gelewer word.

Die "rekening" vir die konsultasie word saam met die medisyne gelewer. Die pasiënt word gesê wat die behandeling kos. Hy hoef dit egter eers te betaal na hy gesond is. Al duur dit twee jaar of langer. Hy betaal na hy gesond is. Daar is diegene wat nie betaal nie. Hulle loop egter, volgens ons informante, gevaar om deur bose towerkrag wat die toordokter kan stuur agterhaal te word. Miskien sal geen toordokter jou daarna behandel nie, want hulle kan sien en weet dat jy nie betaal het nie. Dieselfde dokter kan jy nie weer besoek tensy jy eers die agterstallige rekening vereffen het.

Die doeleindes waarvoor hulp van die aanwenders van goedwillige towerkrag ingeroep word, verskil feitlik van geval tot geval.

© University of Pretoria

As / ...

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



As algemene tipes, kan ons die volgende noem soos dit in Atteridgeville aan ons verduidelik is.

Die mees algemene rede vir die besoek aan die toordokter is vir waarsegging. Of dit nou die uitleg van 'n droom is of bloot navraag of 'n onderneming suksesvol sal wees of nie, of die verklaring van ongeluk is, die prosedure bly dieselfde. Ons moet hier onthou dat die waarseggingsaksie onafskeibaar verbonde is met die diagnose van siektes. Vir waarsegging het 'n persoon dan 'n keuse van drie tipes, die ngaka ya ditaolo (dolosgooier), die isangoma - uitruiker of ngaka ya malôpô - dokter van bose geeste.

Die isangoma word gewoonlik besoek as daar sprake van beoefening van bose towerkrag is. Omdat mens gewoonlik "getoor" word deur iemand wat naby jou is, gaan jy en soveel van jou vriende as moontlik in 'n groep na die isangoma toe. Die isangoma ontvang die mense en na hy hom aangetrek het in sy toordoktersdrag, begin hy dans en bokspring. Hy wys die skuldige toornaar aan deur bo-oor hom te spring waar die mense voor hom op die grond sit. Hy kan die skuldige ook aanwys met 'n stokkie met 'n stertkwas van 'n bees aan die voorpunt (boditše - kwas). Hy wys dit na die skuldige. Die aanwesiges moet voortdurend hulle instemming met die opmerkings van die isangoma en sy handelinge bewys deur op die grond te slaan.

Die ngaka ya malôpô se waarseggingsaksie is eintlik slegs siektediagnose, meer bepaald die aanwysing van 'n skuldige voorvadergees en die uitdrywing van vreemde geeste. Wanneer die ngaka ya malôpô om diagnose van 'n siekte genader word, kom hy gewoonlik op 'n Saterdagaand met sy helpers. Hy sal begin dans terwyl hy sy voete hoog optel. Die helpers slaan die maropa-dromme. Teen vier- of vyf-uur die volgende môre sal hy begin sing in 'n onverstaanbare taal. Sy helpers antwoord met sang en moet mooi luister wat die ngaka sê "want wat sy nou daar sing, is wat sy sê dat die sieke makeer." Hulle dra dan die waarsegging aan die wagtende pasiënt oor. Gewoonlik is hierdie dansers vroue hoewel daar ook enkele mans in Atteridgeville is.

Die ngaka ya ditaolo - dokter van dolosse word die meeste van almal besoek vir waarsegging. Om die woord van die dolosse te hoor, moet mens eintlik twee bedrae van 25c stort. Die meeste van ons informante het slegs 'n enkele betaling van 50c geken. Na regte is die eerste 25c die bula moraba - die oopmaak van die dokter se sak (die een van die dolosse). Die tweede 25c is die bula molomo - mond oopmaker. Dit is sodat die dokter 'n uitleg kan gee van wat die dolosse sê.

By een geleentheid waar ons as toeskouers kon by wees, het die prosedure soos volg geskied. Die pasiënt is eers gevra om in die bek van die sakkie met dolosse te blaas sodat sy gees (moya) daar kan ingaan. Dan word die sakkie 'n paar maal op die grond gestamp terwyl die ngaka aan die dolosse vertel wat van hulle verwag word, bv. om siekte te diagnoseer of om voorspellings te maak oor 'n bepaalde saak. Daarna neem die ngaka die dolosse in sy dubbele hande en gooi hulle op 'n biesiemat op die vloer van die vertrek waar die konsultasie plaasvind. Dan volg die uitleg. Die pasiënt het kort-kort bewerings wat die ngaka in die dolosse lees as korrek verklaar. Die opvallende was verder dat waar 'n tydsaanduiding deur die ngaka gegee was, dit besonder vaag gedoen was. Enige verwysing na weke, maande, of jare is blykbaar met opset vermy.

Die ngaka in hierdie geval was 'n seun van 'n Tsonga-vader uit Mozambique en 'n Shangaan-moeder uit Tzaneen. In die laasgenoemde gebied is die Shangaan-kultuur sterk onder invloed van Sotho. Die dolosstel het uit die volgende stukke bestaan:

1. Thwadima - die groot vrou.
2. Tsangwa - die klein vrou.
3. Legwame la mahuruša (onseker). Die uitgedorde (ou man) van die wegtrekkery.

4. / ...

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

4. Selume - manlik(?).
Al vier hierdie stukke is langwerpige reghoekige plat stukkies been. Dit is uit olifantstand gesny. Die vroulike stukke het aan die een end 'n swaelstert ingesny. Elke stuk is aan albei kante met klein sirkeltjies waarvan die middelpunte gemerk is versier. Dit dien onder andere om die bo- en onderkant te onderskei. Wanneer die dolosse gegooi word, stel hulle die pasiënt se familie voor.
5. Khudu (manlik) ) Albei stukke is uit die dop van 'n
6. Khudu (vroulik) ) skilpad gesny.
7. Phuduhudu (m) )
8. Phuduhudu (v) ) Dolosse van 'n steenbok.
9. Thakadu (m) )
10. Thakadu (v) ) Groot dolosse van 'n erdvark.
11. Tau (m) )
12. Tau (v) ) Albei stukke uit die toon van 'n leeu geneem.
13. Kgômo ya pôô (die bul) ) Uit die hoef van 'n bees
14. Kgômo ya tshadi (die koei) ) gesny.
Albei die stukke is prismavormig en versier met ring en gaatjie patrone met 'n bykomstige driehoekfiguur.
15. Morula (muganya) - 'n groot morulavrug-pit.
16. Morula (muganya) - 'n klein morulavrug-pit.
17. Lemetša la Kwêna - 'n klippie uit die maag van 'n krokodil.
18. Tšhwêne ya monna - (bobbejaanmannetjie) ) Dolosse uit die knie
19. Tšhwêne ya mosadi - (bobbejaanwyfie) ) van 'n bobbejaan.
20.) )
21.) Dikgopa tsa lewatlê ) Vier seeskulpies wat dieselfde name
22.) ) dra as die eerste vier stukke.
23.) )
24. Phala (m) )
25. Phala (v) ) Dolosse uit die knie van 'n rooibok.
26. Kolobê - een dolos van die wildevark.
27. Pudi ya kgale - een dolos van 'n ou bokram.
28. Phuti ya pholo - een dolos van 'n duikerram.
29. Phiri - een dolos van die hiëna.
30. Tshôpê ) Dolosse van 'n springbok. Dit is twee
31. Tshêpê ) susters en dus albei vroulike stukke.
32. Nku: Monnamogolo wa motse wa nku - die dood: die groot man van die stat van die dood.
33. Nku: Mosadimogolo wa lapa la nku - die dood: die groot vrou van die werf van die dood.
34. Pudi: Kgadi ye kgolo - 'n bokdolos: die oudste dogter.
35. Pudi: 'n manlike bokdolos wat seuntjies aandui (o re brrr bjaka pudi - hy maak brrr soos 'n bok).
36. Putsanyana - die dolos van 'n klein bokkie.
37. Kgopa - 'n plat seeskulp met wit binne en swart buite. Dit toon die donker en lig van die dag (toekoms) aan.
38.) Die ses stukke heet hakatha tsa baTau - pitte van die
39.) leeumense. Dit is 6 helftes van die pit van 'n wilde
40.) vrug. Drie is manlik en drie vroulik. Die drie vroulikes
41.) het elk 'n gaatjie deur. Volgens die ngaka sou die pitte
42.) die dood, drome, storms en skokke verteenwoordig.
43.)

Die samestelling van die dolosstel is besonder interessant. Wanneer dit met die beskrywing van die Tsonga-waarseggingsmetodes vergelyk word (vgl. Junod: The Life of a S.A. tribe, 1927, Vol. II, p.541) dan is die aanwesigheid van die ses hakata wat van Tsonga (Hlengwe)-herkoms is opvallend. Die ngaka het ook erken dat hulle regte name in Tsonga hakatsha ta vaTsau is. Waar die Tsonga-stel van 6 pitte 'n eenheid op sigself vorm, is dit hier met veranderde betekenis aangehak aan 'n stel waarvan die sentrale stukke (die

© University of Pretoria

eerste / ...

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

eerste vier plat beentjies) ongetwyfeld van Noord-Sotho herkoms is. Die name van hierdie vier stukke by die Pedi (Ba-bina-kgaga = die wat die miervreter (ietermago) vereer) soos aangehaal by Coertze:1931 Dolosgooiery in Suid-Afrika (Annale van die Univ. van Stellenbosch, Jaargang IX, Reeks B Afl. 2) is soos volg:

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| Legwame | = | man | Thwagadime | = | vrou |
| Selume | = | jongman | Thogwane | = | jongmeisie |

Die benaming vir die stuk wat die Jonkvrou, plesier of geluk aandui by die Tokwa ten noorde van Tzaneen is Insanga.

Dit is baie duidelik dat die benaminge legwame la mahuruša, Twadima, selume en tsangwa met die bogenoemde in verband staan. Mens kan dus die bewering waag dat die aktiwiteite van toordokters nie belemmer word deur kultuurkontak tussen stamme nie. Die dolosstel word in sy verskeidenheid daardeur verryk. Oor die interpretasie van spesifieke liggings kon ons geen besonderhede van die ngaka verkry nie.

'n Tweede belangrike doel waarvoor die toordokter gevra word om sy kennis te gebruik is die van beskerming. Dit raak hier nie alleen beskerming teen bose towerkrag nie, maar ook teen die werking van voorvadergeeste. Die persoon, huis, besigheid of ander belange van 'n pasiënt kan deur die medisyne baat. Soos ons dit in Atteridgeville gevind het, is hierdie terrein iets wat net deur die ngaka ya ditaolo bearbei word. Die oorsaak van die nadelige invloed word deur die dolosse bepaal en die beskermingsmedisyne volgens die diagnose verskaf.

Die mees algemene beskermingsaksie (go thea) is die beskerming van 'n huis (en sy inwoners) teen bose towerinvloed. Ons segsmanne het aan ons verduidelik dat elke familie wat hieraan meedoen 'n permanente ngaka het wat die diens teen vergoeding lewer. Mens kan nie van een ngaka na 'n ander spring nie. Die eerste een kan dalk kwaad word. Die meeste huise in Atteridgeville is so beskerm. Gewoonlik word 'n huis "sterk gemaak" deur 'n bietjie riviersand en 'n paar rivierklippe met medisyne te meng. Die klippe word dan deur die ngaka op elke hoek van die perseel en by die nek in 'n gat begrawe, terwyl die sand orals op die perseel en op die huis se dak gestrooi word. Hierdie seremonie word jaarliks deur die ngaka herhaal sodat daar geen moontlikheid is dat die beskermingskrag met verloop van tyd verflou nie. Ander dingaka beskerm persele deur stokkies wat met medisyne behandel is te gee wat in die dak van die huis agter die balke ingesteek moet word. So word die huis bv. teen weerlig beskerm. Daar kan ook medisynewater verskaf word wat die huiseienaar so elke drie maande met 'n klein besempie oor die hele perseel en in die huis moet sprinkel. Die proses is dus wisselend. Ons informante het die jaarlikse koste van hierdie beveiligingseremonie op R10 gestel.

Dit is interessant dat ons informante sonder leiding die gebruik in Apostoliese kerke om kruise, stokke en toue wat spesiaal behandel is en in huise se dakke vir bonatuurlike beskerming gesteek is, met die towergebruike gelyk gestel het.

Van dieselfde aard is die beveiliging wat in huurmotors aangetref word. Ons informante was dit eens dat alle nie-blanke huurmotorbestuurders in Pretoria (dus ook Atteridgeville) 'n harige lelike poppie na die ngaka neem om nadat dit met medisyne behandel is as gelukbringer in die motor te hang. Dit beskerm die bestuurder en passasiers teen ongelukke, teen die verkeerspolisie en so meer.

Dit kom ook soms voor dat sportspanne, veral sokkerspanne, hulle teen beserings en om te kan wen laat dokter. Dit bestaan gewoonlik uit 'n smeersel van die ngaka wat aan die voete en hande gesmeer word. Ons informante het almal daarop gewys dat dit meesal by sokkerspanne waar die lede in kampongs woon voorkom. Die implikasie is dus dat dit meesal onder trekarbeiders wat uit die aard

© University of Pretoria

van / ...

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



van die saak nader aan die stamgebruike staan as inwoners van Atteridgeville voorkom. In Atteridgeville ken ons informante die gebruik egter nie onder die gereelde klubspanne nie.

Persoonlike beskermingsmedisyne word op groot skaal in Atteridgeville gebruik. Die belangrikste hiervan is Serokolo. Serokolo is 'n plant wat in die veld groei en wat enigeen wat die kennis het, kan gaan uitgrawe. Die blare en wortels is ewe kragtig. Dit kan ook van Bantoekruiehandelaars in Pretoria gekoop word. Ons informante was beslis daaroor dat jy by enige huis in Atteridgeville kan instap en serokolo vra en dit kry. Dit beskerm nie alleen nie, dit genees ook. Dit word vir alle siektes gebruik van kroep en stuipe by kinders tot 'n hartaanval by ou mense. As iemand egter siek is en jy moet in die huis ingaan, gee die mense jou 'n stukkie serokolo om op jou tong te sit. Dan sal jy nie die siekte opdoen nie. As 'n kind gebore is en jy gaan in die huis kry jy eers serokolo om jou teen die onreinheid daar te beskerm. Wanneer mens na die hospitaal of staatslykhuis gaan "haal jy 'n stukkie uit jou beursie" sit dit op jou tong, vryf dit op jou hande en dan liggies oor jou gesig. Dan is jy beskerm teen enige siekte wat daar mag wees.

Dit gebeur ook dat 'n persoon by siekte deur 'n ngaka behandel word en daarna 'n pheku (amulet) moet dra om hom teen die hervatting van die siekte te bewaar. So 'n bewaarmiddel heet ook bolokwane (van go boloka - om te bewaar). Ons het reeds verwys na die gevalle waar stroke van die vel van die offerdier so aan die sieke se liggaam gedra moet word. Gewone toutjies wat met medisyne behandel is, is deur verskeie van die mense in ons 300 proefgesinne gedra. Onder die munisipale Bantoekonstabels was daar ook enkeles wat 'n pheku gedra het.

Hoewel nie algemeen nie, gebeur dit ook nog in Atteridgeville dat 'n kind kort na geboorte ge-phatsa (gekerf) word. 'n Paar dae na die geboorte word die familie-ngaka geroep om die kind met medisyne te kerf. Fyn snytjies word dan bo en onder aan die kind se pols gemaak. So ook op die bors, waar die slukderm die ribbekas ingaan en elders, by die naeltjie, op die enkels en op die voet waar die tone vertak. In hierdie snytjies word dan beskermingsmedisyne gevryf wat vir die res van die kind se lewe hou. Die besonderhede is volledig verstrek as 'n besliste noodsaaklikheid deur 'n informant wat 'n gesiene lid van 'n splinterkerk was en in Marabastad gebore is.

Eweso as jy jou met medisyne kan beskerm, kan jy jou met 'n talisman - lešwalo van geluk voorsien. Die mees algemene tipe is 'n swart vetagtige smeersel waarvan die vetinhoud soms slangvet is. Dit word in jou beursie gedra of aan 'n sakkie om die nek. As so 'n persoon gaan werk soek, smeer hy bietjie van die smeersel in sy gesigvel in of brand dit terwyl hy sy gesig oor die rookwalms hou. "Dan sal jy nog dieselfde dag werk kry." Dit word ook dikwels deur dobbelaars gebruik. Hy smeer dit aan sy hande (om 'n hoekie dat die ander nie sien nie) en sê: "Olraait, gee my daai dice. Dan's hy reg. Hy wen sommer."

Die verkryging van liefdesmedisyne van toordokters was byna eenparig swak bekend aan ons informante. Hulle antwoorde was almal dat die sake eintlik slegs deur Xhosa- Zulu- en Shangaan-mense gebruik word en dat dit alleen van daardie stamme se dokters verkry kan word. Die benaminge vir die medisynes was swak bekend. Ons kan dus slegs konstateer dat ons gegewens op die punt onvolledig is.

Eweso algemeen as die voorgaande tipes is die raadpleging van die ngaka ya ditaolo (dolosgooier) om siekte te genees - go alafa. Siekte kan aan drie oorsake gewyt word. Dit kan die gevolg van bepaalde patologiese fisiologiese toestande wees, of deur voorvadergeeste veroorsaak wees, of die gevolg van bose towerkrag wees. Die

© University of Pretoria

dolosgooier / ...

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

dolosgooier bepaal welke van die drie tipes die pasiënt onderlede het. Blote fisiese siektes word gewoonlik deur die medici in die munisipale kliniek behandel. As dit egter van ernstige en slepende aard is en nie vinnig opklaar nie, word 'n toordokter geraadpleeg. Die eerste gedagte is altyd dat dit die gevolg van bose towerkrag is. Ons informante was baie beslis daaroor dat as jy "kaffir poison" opgedoen het, kan net 'n toordokter jou genees.

Ons informante het vertel dat so 'n ngaka baie regverdig is. As die dolosse se diagnose beduie dat hy jou nie kan gesond maak nie, sê hy jou dit. Hy stuur jou dan na die isangoma. Dié se status is "bokant die dokter syne" en hoewel hy geen medisyne gee nie, sal hy jou na 'n ngaka stuur wat medisyne het om jou te genees. Objektief gesien moet 'n ngaka jou wegwys as hy jou nie kan genees nie, want jy betaal hom eers na jy gesond is en te veel mislukkings kan nadelig vir sy praktyk wees.

Die normale klagtes wat by 'n toordokter uitkom is pyn, gewoonlik van 'n bewegende aard, deur die liggaam en dikwels in die rug en lende. Soms gaan dit gepaard met impotensie by mans. Dan ook klagtes dat die bloed nie reg is nie. Hoofpyn van langdurige aard is algemeen so ook die versoeke vir die genesing van kinderloosheid.

Die normale behandelingsmetodes is deur kerwing en die invryf van medisyne, deur beroking en deur die pasiënt te laat vomeer en so die siekte "op te gooi". Medisyne wat volgens voorskrif geneem moet word, word egter in feitlik alle gevalle gelewer. Die werking van die medisyne is langs bonatuurlike magiese weg. So glo die pasiënt. Of daar genesende bestanddele in is, is nie ter sake nie. Die lewering van towermedisyne is natuurlik teen die wet.

Die enkele toordokter wat ons sy samewerking gegee het, het oor enkele gevalle wat by hom kom hulp soek het so gerapporteer:
"(1) Ndebele-man van Premiermyn: Hy het na die dolosse toe gekom om te laat ondersoek instel na siekte. Die dolosse het gesê hy ly aan bloed. Dit tas hom orals en dit gee hom pyn oor die kruis en hy kan nie buk nie. Ek het toe gevra of dit so is. Hy het dit bevestig en gesê die dolosse praat die waarheid. Hy het medisyne om hom gesond te maak gevra. Ek sê toe aan hom ek sal hom (dit) gee, maar die Here sal jou help dat die medisyne jou genees want alle dinge word deur die Here reggemaak. Jy moet bid dat die Here jou help en dat Hy die medisyne krag gee om jou te genees.
(2) Sotho-man van Vereeniging: Hy het gekom om gereinig te word van "ongeluk" aangesien hy nie meer werk kon kry nie. Ons het hom toe gereinig en hom laat vomeer. Die Here het toe gehelp en hy het werk gekry.
(3) 'n Kgatla-vrou van Sambokstat: Sy kry nie kinders nie. Nou het sy gekom en medisyne kom vra sodat sy 'n kind kan hê. Toe gee ons haar (medisyne) sodat sy dit kon drink. Maar ons het haar laat verstaan dat die krag die Here s'n is wanneer sy 'n kind het en dat sy Sy paaie moet respekteer. Ons het haar medisyne wat haar maag gereinig het, gegee."

Deur die bogenoemde handelingswyse word die medisynelewering byna geloofsgenesing. Om 'n ngaka wat sy saak so stel te vervolg is baie moeilik. Die uiteensetting van die krag van die medisyne word so gedoen om die optrede van lokvinke onskadelik te maak. Mens wonder net wat die invloed van die ngaka op sulke pasiënte is by die suggerering van 'n verbintenis tussen Modimo (God) en die werking van towerkrag.

Ten opsigte van kinderloosheid as siekte het ons informante baie uitdruklik verklaar dat geen vrou na 'n ngaka mag gaan sonder haar man se toestemming nie. As hy nie self saam met haar gaan nie, die normale gebruik, gaan 'n vroulike familielid met haar mee. Gewoonlik word slegs die vrou behandel. Dit heet go go bofêla - om

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

haar vas te maak "dat sy kan aanneem." Soms kry die man ook medisyne.

Dit is byna gebiedend noodsaaklik dat 'n pasiënt van een of meer getuies vergesel sal wees. Hulle sal later kan verklaar dat die pasiënt geen bose towermedisyne gevra of gekry het nie.

Besetenheid is 'n verdere siekte wat net deur die ngaka genees kan word. Die geloof bestaan dat vreemde voorvadergeeste 'n lewende persoon kan beset en hom so siek kan maak. Die simptome is na bewering 'n algemene gevoel van neerslagtigheid en hartseer. Die siekte eindig wanneer die persoon weer opgeruimd word. Genesing word verkry deur die geeste te identifiseer en hulle dan uit te dryf. Hiervoor is die dienste van 'n ngaka ya malôpô - dokter van bose geeste, nodig. Hierdie siekte kom nie dikwels voor nie. Dit het vir ons informante voorgekom of daar meer gevalle onder Shangaans voorkom as by mense van ander stamme. Die probleem en die uitdrywingsaksie is by Junod: Life of a S.A. Tribe, 1927, p.483, beskryf. Die uiteensetting kan met die volgende vergelyk word.

Ons kon gedurende ons opname een aand so 'n uitdrywingsaksie bywoon. Die besonderhede is soos volg: Die pasiënt was 'n Shangaan-vrou. Die besetenheid is deur 'n toordokter in Alexandra, Johannesburg gediagnoseer. Sy het dadelik na haar moeder wat 'n ngaka in Atteridgeville was, gekom om behandel te word. Die moeder het met die diagnose saamgestem en gereël vir 'n uitdrywingseremonie. Die toestemming van die superintendent moes verkry word asook van die bure want die hele proses is 'n duiwelse lawaai.

Die aand om 6 nm. het die proses van uitdrywing begin. Die sieke het in die middel van die kamer op die vloer gesit met 'n stroewe uitdrukking op die gesig. Haar oë was neergeslaan en deur die hele proses het sy hierdie houding behou. Die ngaka is bygestaan deur 'n paar helpers en deurgaans was daar besoekers van albei geslagte teenwoordig wat deur sang en skreeu die lawaai aangehelp het. Die helpsters het elkeen 'n klein marôpa-drommetjie of tamboeryn gehad wat met 'n eentonige ritme bokant die kop van die pasiënt met alle mag geslaan is. Vanaf 'n stadige ritme is stelselmatig opgewerk tot 'n vinnige galop-ritme wat dikwels stomp afgebreek het op 'n teken van die ngaka. Dan het sy haar pasiënt behandel waarna die proses hervat is. Die omstanders en helpers het by tye liedere gesing waarmee die gees gevra is om hom te identifiseer en die sieke te verlaat. Daar was geen reaksie nie.

Na 'n uur se dromslanery het die ngaka 'n kleipot met medisyne gebring. Een van die helpers het dit vinnig geroer. Dit het begin skuim en oorgekook. Dit is bo-op die kop van die sieke geplaas sodat die skuim oor die voor- en agterkop en gesig na onder geloop het. Dit is aan haar gegee om drie teue daaruit te drink, teruggeplaas op haar kop en geroer tot dit oorkook. Die proses is drie maal herhaal met drom- en sangbegeleiding. Hierop het die dromslanery met erns hervat. 'n Halfuur later het die ngaka 'n kalbas met medisyne gebring. Binne die kalbas was 'n verskeidenheid kruiemedisyne. Die sieke is met die kalbas oor die kop, ore, blaaie, borste en onder die voete gevryf. Die sieke moes toe in die kalbas ruik. Die tromslanery en sang het die aksie begelei. Hierna het die duiwelse lawaai op die tromme met mening hervat.

Na nog 'n uur sonder enige reaksie het die ngaka "in tale gespreek" met die geeste. Niemand het verstaan wat sy sê nie, maar almal het geweet sy praat met die geeste. Daar was geen reaksie. Die tromslanery is hervat.

Hierop het die ngaka medisynewortels gekerf en dit aan haar helpsters gegee om elke buigplek op die sieke se liggaam en ledemate met die poier in te vryf en die ledemate met 'n pluk reguit te ruk. Met 'n ander stuk wortel is die pasiënt op die rug tussen die blaaie geslaan. Medisyne is in die mond van die sieke gesmeer. Daar was

© University of Pretoria

geen / ...

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

geen reaksie nie en die ngaka was duidelik nie tevrede met die verloop van sake nie.

Hierna is die behandeling met die kleipot en kalbas met 'n tussenpose herhaal. Dit is gevolg deur 'n behandeling waarby medisyneblare tussen die pasiënt se tone, vingers en agter haar ore in gewig is. Sy moes so bly sit. Na 'n tussenpose van tromslanery is 'n stukkie medisyne op 'n blikdeksel aan die brand gesteek. Die rokende medisynedampe moes die pasiënt inasem tot dit geheel uitgebrand was. Hierna het die tromme met al snellerwordende ritme losgebreek terwyl die omstanders met mening die geeste in sang gesmeek het om uit te vaar.

Teen twaalfuur die nag was daar nog steeds geen reaksie van die sieke of geeste nie. Die uitdrywers is toe uit mekaar om die proses die volgende aand te vervat. Na ses nagte was daar nog geen teken dat die geeste uitgevaar het nie. Ons het later verneem dat die pasiënt "genees" is. Hoe die uitvaringsaksie gebeur het, kon ons nie met sekerheid bepaal nie.

Al ons informante was dit eens dat so 'n uitdrywing "'n tydperk" duur. Die bure verdra die lawaai gelate want murmurering van hulle kant kan beskuldiginge dat hulle die uitdrywing met bose towery belemmer ten gevolge hê.

2. Kwaadwillige towerpraktyke

Ons het reeds verduidelik dat die persoon wat slegte towermedisyne van 'n ngaka verkry, eintlik die moloi of toornaar is wat hom met kwaadwillige towerhandelinge besig hou.

So-as by goedwillige towerhandelinge was ons informante eenparig dat feitlik alle mense in Atteridgeville in die bestaan van towerkrag en sy moontlike bose toepassing glo. Ons het self bewyse kon vind dat mense met universiteitsopleiding nog aktief vir hierdie bose invloed gevrees het. Niemand wou egter sê dat hy enige sekerheid gehad het dat hy 'n moloi in Atteridgeville ken nie. So 'n beskuldiging kan alleen 'n ngaka of isangoma maak as hulle die skuldige uitruik.

Soos die tradisionele gebruik is, het dit ook in Atteridgeville gegeld dat diegene wat jou toor of wil toor, gewoonlik baie naby aan jou in die lewe staan. Hulle moet by jou kan kom as jy eet of iets van die slagoffer kan verkry wat met die medisyne gemeng kan word om dit te rig. Enigiets kan van die persoon van die slagoffer geneem word: klere, komberse, naelknipsels, hare, sweet, uitwerpsel of urine is bruikbaar. Selfs grond uit 'n spoor wat die slagoffer se kaal voete getrap het, kan gebruik word, het ons informante verduidelik.

Die towermedisyne is baie duur. 'n Ngaka sal maklik R50 vra om medisyne te verskaf wat 'n slagoffer sal doodmaak. Niemand kon ons sê of die toordokters sulke medisyne geredelik verskaf nie. Dit is dinge waaroor nie gepraat word nie.

Die basiese oorsaak vir die gebruik van bose towery is wraakneming op 'n slagoffer of om hom te benadeel omdat jy jaloers is op sy geluk of voorspoed. Die effek van die medisyne kan die slagoffer in die ongeluk dompel of hom 'n slepende siekte weens "kaffir poison" gee wat tot sy dood kan lei. Ons informante was eenparig daaroor dat 'n bose beswering van dié aard alleen deur 'n kragtige ngaka met goeie medisyne verwyder kan word.

Dit is ons ewe beslis meegedeel dat wanneer iemand siek word of op jong leeftyd sterf, die eerste gedagte altyd is dat bose towery die oorsaak van die siekte of dood is. Die enigste manier om sekerheid te kry is om 'n ngaka of isangoma te raadpleeg. Dit word baie dikwels gedoen.

Die vrees vir hierdie bose invloed deursuur die hele lewe in Atteridgeville. Konkrete voorbeelde wat in die loop van die

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

opname teëgekom is, is die volgende:

'n Senior Bantoeklerk van 'n staatsdepartement het deur bemiddeling van sy departement 'n huis in Atteridgeville bekom omdat sy familie op 'n bereikbare punt moes woon. Hy sou vir die parlementsitting deel van die departement se personeel in Kaapstad wees. Ongelukkig het sy vrou en die weduwee wat die huis voormalig bewoon het, mekaar geken en woorde gehad. Die huis is aan die klerk toegeken na die dood van die weduwee. Uit vrees dat die bure en andere hulle van bose towery sou beskuldig: dat hulle die dood van die weduwee sou veroorsaak het, sodat hulle haar huis kon kry, het hulle die huis geweier.

'n Sekere man A het gedurende die naweek sy motor as huurmotor na Pediland en terug na Pretoria gebruik. B, 'n B.A. graduandus van Fort Hare Universiteitskollege, het dieselfde gedoen. B se vrou het haar Diploma in Maatskaplike Werk by die Hofmeyer-skool vir Maatskaplike Werk verwerf. Al drie was lidmate van 'n Blank-georiënteerde kerk. Op 'n sekere naweek het A omdat sy motor vol was, 'n vrou C en haar kind na B se motor verwys vir vervoer na Pretoria. Dit is gedaan. Op pad na Pretoria het B se motor verongeluk. Die kind van C is in die ongeluk dood. Toe het B se vrou en andere A daarvan beskuldig dat hy die ongeluk deur bose towery veroorsaak het. Sy het openlik vertel dat sy van plan was om van 'n <u>ngaka</u> die nodige medisyne te verkry om A op sy plek te sit. Ons segsman, die predikant van die gemeente, het verklaar dat hy nou die probleem het dat dit duidelik is dat B en sy vrou nog in towerkrag glo, ondanks die feit dat hulle lidmate van die kerk is. Daarby gebruik hulle gereeld nagmaal.

'n Sekere vrou het vertel van haar buurman wat in die hospitaal lê. "Sy oë staan stokstyf. Sy lyf is so styf soos 'n stok. Hy kan nie praat nie. Hy is getoor. Selfs die dokter sê dis 'kaffir poison'." Dit is omdat daar mense is wat hom sy voorspoed misgun het. Hulle sou dan die oorsaak van die bose siekte wees.

So kan mens aangaan en die een verhaal na die ander vertel. Ons het ons segsmanne ook uitgevra na die moontlikheid dat toornaars (<u>baloi</u>) ook van gedienstiges gebruik maak. Die antwoorde hier was steeds positief: ons segsmanne weet dat toornaars diere kan stuur om ongeluk vir hulle slagoffers te bewerk. Die diere wat so gebruik kan word is die uil (<u>leribiši</u>), die vlermuis (<u>mmankgagane</u>) en slange. Omdat niemand weet wanneer dit 'n natuurlike uil is of wanneer dit 'n bode van die toornaars nie, is die mense vir alle uile bang. So ook in die geval van die ander diere.

<u>Tikoloshe</u> is welbekend. Een van ons informante het hom beskryf as 'n sjimpansee-agtige mensie wat tafels rond skuif en op huise se dakke dans om die mense skrik te maak. Vir hierdie informant was dit 'n selfhandelende wese met bose opset. 'n Soort "poltergeist" dus. Ander het hom in sy gedaante van bode van toornaars geken. Hy lyk soos 'n bobbejaan en kan gestuur word om kwaad te doen. Self kan hy ook kwaad doen.

"As jy opstaan in die oggend en jy is 'n bietjie moeg sê jy: 'Seker die <u>tikoloshe</u> het my gisteraand gery.' Terwyl jy slaap jaag hy jou gees op, klim op sy rug en ry jou Bon Accord toe en terug (die distansie is 24 myl heen en terug). Die volgende môre weet jy van niks."

Dit was vir ons baie duidelik dat die inwoners van Atteridgeville 'n vreeselement in hulle bestaan ken wat aan die beoefening van towerkrag gekoppel is. Dit is iets wat ons nie in so 'n ernstige mate by mense wat so lank met die Westerse beskawing in aanraking was, verwag het nie.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

D. Slotgedagtes

Ons het in Atteridgeville onder die dekmantel van ywerige deelname aan die werk van die Christelike kerk die halsstarrige nalewing gevind van feitlik elke deel van die tradisionele godsdienspatroon. Die ernstige is dat die mense self in hulle opvattings die twee sake naas mekaar plaas as dele van 'n totale geheel-godsdiens. Naas die aanbidding van die Vader deur Christus, is daar ook die toenadering tot die voorvadergeeste vir direkte daaglikse behoeftes. Soms word die voorvaders 'n alternatiewe lyn van oordrag van gebede aan Modimo (God). Naas die lering van die kerk wat met ywer en oorgawe geglo word, stel hulle tog nog die eie "ervaring": "Ons kan nie glo die badimo is dood. Ek droom in die aand dat ou-oupa my vertel dat iets sal gebeur - ek staan op en vind dit het gebeur. Ek sê nee, oupa is nie dood nie, hy praat nog!"

Om hierdie situasie sinkretisme tussen die Christelike en tradisionele godsdiens te noem, is gevaarlik. Daar is geen volledige verbintenis van die dele nie. Indien een element, menslik gesproke, uit hierdie verbintenis later die botoon sal voer, sal dit die tradisionele en nie die Christelike godsdiens wees nie. Mens vind reeds by baie individue 'n tradisionele godsdiensbeskouing wat Christelik gekleur is. Die groot betekenis wat aan die invoering van heidense elemente in splinterkerke geheg word as bewys van sinkretisme, van besoedeling en vervlakking van die Christelike evangelie, word teen die agtergrond van ons studie die eerste tekens van ver-Christeliking van tradisionele opvattings eerder as die omgekeerde.

Daar is egter die volgende ligpunt in die prent. Godsdiens staan by enige volk baie nou met die totale waardesisteem gekoppel. Of dit nou 'n etiese lewensvoorskrif is uit die Christelike en of dit praktiese opvattinge van korrekte handelswyse is wat in die voorvaderdiens wortel, die band is daar. Dit word verder redelik algemeen aanvaar dat hoewel die uiterlike lewenshandeling verander die ou waardesisteem die neiging het om te bly voortleef selfs nadat dit in sekere sin uitgedien is. Ons kon in die afdelings ten opsigte van die sosiale, ekonomiese en die politieke fasette van die lewe in Atteridgeville toon hoe geweldige sterk die verandering in Westerse rigting gevorder het oor 'n periode van twee generasies van konstante Westerse invloed. Die toekoms mag bewys dat die godsdienspatroon slegs die laaste is wat sal verander en nie die aanvangspunt van 'n terugbeweging na tradisionele waardes sal vorm nie. So gesien is die situasie op godsdienstige terrein 'n bewys van die distansie wat nog tot op die punt van volle verwestering en aanname van die Christelike godsdiens afgelê moet word. Dit word dan interessant om te let op die feit dat die pad na verwestering slegs halfpad of minder afgelê is by voortdurende en noue kontak met die Westerse voorbeeld oor 'n periode van ten minste 70 jaar, dikwels meer.

Ons praat hier van gemiddelde tendense. Ons stel dit daarom as feit op skrif dat ons individue teëgekom het wat na lewenshandel, na uitlewing van Christelike lewensvoorskrif, vir baie Blankes as voorbeeld kan dien. Hoe groot die groep is, is onmoontlik om te bepaal. Daar is geen uiterlike maatstaf wat aangelê kan word nie. Hierdie mense het egter vir ons 'n ander faset van die remskoen van tradisionele godsdiensgebruike verduidelik wat nie maklik aan die oppervlakte kom nie. Hoewel 'n man 'n ernstige en oortuigde Christen mag wees, is dit nie noodwendig die geval met die res van sy familie nie; veelal nie noodwendig met sy vrou se familie nie. Die stryd wat so 'n persoon dan moet voer, nie alleen in homself teen heidense gebruike nie, maar ook deur sy familie voortdurend tereg te wys, kan nie maklik beskryf word nie. Een van ons segsmanne, 'n ouderling in die Lutherse Berlynse kerk, wie se vader evangelis in dieselfde kerk was, het ons hierop gewys. As sy vrou se familie

© University of Pretoria

'n / ...

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



'n phasa badimo-seremonie hou en sy daarheen wil gaan, is dit 'n lastige situasie om te hanteer. Van dieselfde ouderling was dit as oudste seun verwag om te slag en 'n phasa badimo-seremonie te hou vir sy weduweemoeder toe haar rouperiode van een jaar verstryk het. Hy het dit nie gedoen nie en hom daarmee die vyandskap van 'n groot deel van sy moeder se familie op die hals gehaal. Die eensaamheid van so 'n pad waar jy as enkeling 'n "reguit pad" loop, kan nie beskryf word nie. Vanweë sy "andersheid" het hy reeds dikwels dreigemente moes hoor dat daar vyande is wat hom met bose towerkrag sal vaspen. Sy antwoord was "laat die baloi kom, ek sal hulle donder." Sy vrou spoor hom egter aan om hom deur 'n ngaka te laat beveilig. Op baie min punte in sy lewe staan hy geskraag deur sy onmiddellike verwante.

Oor die geloof in towerkrag ken ons geen beter woorde as dié van dr. M. Kohler (The Izangoma diviners, 1941, Dept. Native Affairs Ethnological Publications, Vol. IX, p.74) waar hy dit oor die Iqondo beswering by die Zulu het nie. Dit geld ewe so seer vir Atteridgeville. Hy sê: "But most Europeans ... wil probably find it hard to believe that their cooks, garden boys and business employees, with whom they are in close and daily contact, actually live in the totally different world of magic, witchcraft, murderous intent and fear of murder, which is revealed by these tales. ... there is no blinking the fact that they live in a much more savage and dangerous world than ours ... Here is a world of savage passions into which the European may seldom see, a world where no police can bring order, because it is one of the native's own making, being entirely of the mind."

Ons bevinding is dat hierdie wilde wêreld van moord en wedermoord deur towerhandelinge vir die inwoners van Atteridgeville nog net so 'n lewenswerklikheid is as vir hulle meer stamgebonde voorvaders. Die tyd sal moet leer hoeveel generasies nog nodig sal wees om ook dit te verander.

---

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

# HOOFSTUK VIII

# DIE POLITIEKE ORDENING

## I. INLEIDING

### A. Algemeen

By die betragting van die politieke ordening van 'n bepaalde gemeenskap het ons gewoonlik te doen met daardie instellings wat gesag uitoefen en leiding gee namens die gemeenskap na buite maar ook met daardie eenhede wat deur interne ordehouding die voortbestaan van die gemeenskapseenheid waarborg. Dit geld enersyds die uitoefening van gesag, maar ook andersyds die onderdanigheid aan daardie gesag. Dit geld verder die afbakening van die gemeenskapseenheid as sosiale sowel as geografiese eenheid waarbinne gesag uitgeoefen word.

Wanneer hierdie algemeen-erkende beginsels by beskrywing van politieke ordening ten opsigte van 'n stedelike Bantoe-woonbuurt beproef word, lei die uitgangspunte op feitlik elke punt skipbreuk: Ons het hier, soos uit vorige hoofstukke blyk, nie te doen met 'n heg-geïntegreerde sosiale eenheid wat as basis dien vir die bo-bou van politieke gesagsinstellinge nie; daar is alleen 'n arbitrêr-saamgestelde groep inwoners wat onderling weinig samehorigheid in lewenswyse en taal vertoon. Daar is slegs 'n swak ontwikkelde bewussyn van eie groepsafsonderlikheid. Geografiese begrensing van die woonbuurte hou nie verband met eie optrede nie: Atteridgeville vorm 'n geografiese eenheid alleen vanweë afbakening deur Blanke instansies en nie ten gevolge van die omvang van bodembenutting deur die inwoners nie.

Die gesagsinstellinge wat ten opsigte van Atteridgeville betekenis het, is die van die Blanke orde deur wie administratiewe gesagsinstansies oor die inwoners geplaas is sonder dat dit deur die ondersteuning van 'n bepaalde lewenswyse en lewensnorme vanuit die sosiale eenheid onderskraag word. Wette en regulasies wat in die woonbuurt van toepassing is, is dus van Blanke herkoms en bestaan sonder dat die waarborg vir die nalewing daarvan in die gemeenskapsopinie aanwesig is. Gesag wat 'n orde in stand hou wat elemente bevat wat aan die onderdane vreemd is, kan geen berekenbare sukses voorsien indien die samewerking van die onderdane nie verkry kan word nie. Om hierdie rede is daar kanale en geleenthede geskep vir die inwoners om op 'n omskrewe wyse verband te verkry met die Blanke gesagsinstellings. Van Blanke kant is daar dus 'n raamwerk vir deelname aan die bestuur van die woonbuurt geskep.

In hierdie hoofstuk sal die klem dus val op die wyse van optrede en omvang van die gesagsinstellings van Blanke kant maar ook die wyse waarop die inwoners inhoud gegee het aan die raamwerk vir deelname aan die bestuurstelsel van Atteridgeville.

### B. Blanke beheer

Atteridgeville is 'n Bantoelokasie binne die regsgebied van die Stadsraad van Pretoria en word beheer ingevolge Administrateurskennisgewing 561 van 12.12.25 uitgevaardig kragtens artikels 22 en 23(3) van die Naturellen (Stadsgebieden) Wet 1923 (nr. 21 van 1923). Hoewel die area eers in 1936 afgebaken is, is die regulasies wat in die ouer gebiede Marabastad en Bantule van toepassing was, hierheen uitgebrei. Ingevolge artikel 46(1) en (2) van die Naturelle (Stadsgebiede) Konsolidasie Wet 1945 (nr. 25 van 1945) is die regsgeldigheid en voortbestaan van die ou regulasies bevestig.

Hierdie regulasies gee tans uitvoering aan die reg van die plaaslike bestuur om ingevolge artikel 38(3) van die Wet op 'n vergadering waar twee derdes van die stadsraadslede teenwoordig is regulasies goed te keur wat nie met die Wet onbestaanbaar is nie.

© University of Pretoria Soos / ...

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Soos ook in die Naturellen (Stadsgebieden) Wet, 1923, bepaal, kan sodanige regulasies, of wysiginge daarvan eers regskrag verkry nadat dit ingevolge artikel 38(4) deur die Minister van Bantoe-administrasie en die Administrateur (van Transvaal) goedgekeur is. Oor die magte wat hierdie regulasies verleen handel ons later.

By die aanstelling van amptenare belas met die uitvoering van die regulasies en die algemene administrasie van die lokasie moet die Stadsraad hom hou by die bepalings van artikel 22 van die Wet. Volgens artikel 22(1) moet elke amptenaar wat vir lokasiebeheer deur 'n plaaslike bestuur aangestel word deur die Minister van Bantoe-administrasie gelisensieer word om die posisie te beklee. So 'n lisensie kan deur die Minister om grondige redes ingetrek word, waarna so 'n persoon nie meer as beherende amptenaar mag optree nie.

Vanweë hierdie kontrole van staatsweë word hierdie amptenare ook by artikel 22(2) beskerm sodat hulle nie afgedank of 'n salarisvermindering mag ontvang sonder ministeriële goedkeuring nie. So 'n ontslag of salarisvermindering is slegs moontlik met die goedkeuring van die betrokke amptenaar self of na goedkeuring van die Minister.

As amptenaar in diens van die plaaslike owerheid moet hierdie superintendent van lokasies die beleid van die plaaslike bestuur uitvoer. Om te waak teen moontlike wanadministrasie kan die Minister ingevolge artikel 22(3) inspekteurs aanwys wat die reg het om lokasies te alle tye binne te gaan en toestande te inspekteer. Sodanige inspekteurs het ook reg van volle toegang tot alle boeke en rekenings van die betrokke plaaslike bestuur. Benewens spesiale aanstellings is elke Bantoesakekommissaris vir sy regsgebied as so 'n inspekteur aangewys.

By die betragting van die werking van Blanke beheer en gesagsuitoefening ten opsigte van Atteridgeville gaan dit dus om die optredes van sowel amptenare van die Stadsraad as amptenare van die Staat.

### C. <u>Wetlike bepalings ten opsigte van deelname van Bantoe aan beheer</u>

Die wetlike raamwerk waarvolgens die Bantoe-inwoners van Atteridgeville tot deelname aan die gesagsuitoefening in die woonbuurt in staat is, is kortliks soos volg.

Ingevolge artikel 21(1) van die Wet moet daar, vir elke lokasie onder beheer van 'n plaaslike bestuur, of na oorleg met die Minister vir 'n besondere gedeelte van die gebied onder beheer van die plaaslike bestuur, 'n Adviserende Naturellekomitee ingestel word. Hierdie komitee moet uit ten minste drie lede onder voorsitterskap van 'n persoon wat 'n Blanke mag wees, bestaan. Die lede moet almal Bantoepersone wees tensy daar ook Kleurlinge binne die woonbuurte woon. In so 'n geval is sulke Kleurlinge ook stemgeregtig en kan ook as lede van die komitee dien. Die wyse van verkiesing of benoeming, werkswyse, ampstermyn ensovoorts van die komitee word deur die plaaslike bestuur by wyse van regulasies onder die Wet bepaal. Sodanige regulasies is natuurlik onderhewig aan goedkeuring deur die Administrateur en die Minister. Hierop kom ons later terug.

By artikel 21(2) word hierdie Komitees gemagtig om verslag uit te bring oor en kommentaar te lewer op: enige regulasies wat die stedelike plaaslike bestuur voornemens is om ingevolge artikel 38(3) of (4) uit te vaardig of oor te neem; enige aangeleentheid wat na sodanige Komitee deur die stedelike plaaslike bestuur of deur middel van die plaaslike bestuur deur die Minister verwys word; enige aangeleentheid wat in besonder die belange van Bantoepersone in die stadsgebied raak, waaromtrent die Komitee dit nuttig of wenslik ag om verslag te doen. Sodanige verslae geskied direk aan die plaaslike bestuur en indien van toepassing deur hierdie bestuur aan die Minister. In die laaste instansie kan hierdie Komitee ook regulasies

© University of Pretoria

voorstel / ...

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

voorstel wat hulle in belang van die Bantoe toegepas wil hê.

In dieselfde artikel word verder uitdruklik bepaal dat die Minister geen regulasies van plaaslike besture ten opsigte van die Bantoe sal goedkeur tensy hy tevrede is dat die Adviserende Komitee behoorlike geleentheid gehad het om hom daaroor uit te spreek en hierdie kommentaar deur die plaaslike bestuur oorweeg is nie.

Reeds in hierdie stadium moet ons die aandag daarop vestig dat die Adviserende Komitee wat sy funksies betref wetlik geen integrale deel van die lokasie-administrasie onder leiding van die beherende beampte vorm nie. Aanbevelings en kommentaar gaan wetlik korrek direk aan die Stadsraad en indien van toepassing verder na die Minister. Die Komitee is verder volgens die Wet met geen uitvoerende pligte beklee nie en het daarom geen belang by die handhawing van 'n bepaalde erkende wyse van administrasie en beheer nie.

D. <u>Fondsvoorsiening vir administrasie</u>

Enige beheer oor 'n Bantoewoonbuurt noodsaak uitgawes. Om dié rede word daar in die Naturelle (Stadsgebiede) Konsolidasie Wet, 1945, per artikel 19 bepaal dat elke plaaslike bestuur wat 'n besondere area vir Bantoebewoning afgesonder het, of kragtens die Wet die uitsluitlike monopolie oor die brou of verkoop van kafferbier verkry het, 'n Naturelle-inkomsterekening moet open waarin in hoofsaak die volgende as bates inbetaal moet word.

(i) Alle gelde aan die plaaslike bestuur oorbetaal ten opsigte van boetes opgelê deur 'n regterlike gesag vir die oortreding van bepalings van lokasieregulasies asook gelde wat die plaaslike bestuur toekom ingevolge artikel 19(10) van die Wet.

(ii) Alle inkomstes wat die plaaslike bestuur verkry uit die registrasie van dienskontrakte ingevolge artikel 23 van die Wet.

(iii) Alle gelde verkry deur die plaaslike bestuur ingevolge sy moontlike monopolie oor die brou en verkoop van kafferbier.

(iv) Alle huurgelde of ander gelde wat die plaaslike bestuur ontvang ten opsigte van handelspersele in 'n lokasie of enige winste self gemaak uit eie handelsondernemings wat hy in die lokasie mag oprig.

(v) Alle huurgelde of ander inkomste wat die plaaslike owerheid van die inwoners vorder uit hoofde van hulle bewoning van so 'n lokasie. Hierdie gelde sluit in alle inkomstes uit die verhuur van huise asook gelde ontvang vir die lewering van noodsaaklike dienste aan die inwoners.

(vi) Alle gelde wat aan die plaaslike bestuur betaal word ingevolge die bepalings van die Wet op Heffings vir Naturelledienste, 1952.

Hierdie Naturelle-inkomsterekening word belas met:

(i) Uitgawes ten opsigte van dienste wat aan die Bantoe-inwoners van die lokasie gelewer word.

(ii) Uitgawes wat per ander wette of met die goedkeuring van die Minister aan hierdie rekening ten laste gelê mag word.

(iii) Uitgawes ten opsigte van die lewering en verkoop van kafferbier aan Bantoepersone word egter teen 'n sub-rekening gedebiteer. Hierdie rekening word gebalanseer deur inkomstes verkry uit die lewering en verkoop van kafferbier.

(iv) Op soortgelyke wyse is daar 'n spesiale rekening: Die Heffingsfonds vir Naturelledienste (Vergelyk artikel 19(3)(bis)) vir inkomstes en uitgawes ingevolge die Wet op Heffings vir Naturelledienste, 1952.

Ingevolge artikel 19(7) van die Wet is dit nie vir 'n plaaslike bestuur verpligtend om sy uitgawes ten opsigte van Bantoeadministrasie binne die inkomste van hierdie Naturelle-inkomsterekening te hou nie; enige tekort kan deur die oorplasing van geld uit

die / ...

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

die Algemene Fondsrekening van 'n plaaslike bestuur aangesuiwer word.

Hoewel die bepalings van hierdie artikel van die Wet nie direk gemoeid is met die wyse waarop lokasies beheer word nie, is dit in sy geheel behandel omdat artikel 19(5) bepaal dat die begroting van die Naturelle-inkomsterekening, (uitgesonderd die deel wat die stand van die Heffingsfonds weerspieël) voor die Adviserende Komitee moet dien vir aanbevelings en kommentaar alvorens die plaaslike bestuur dit mag aanvaar. Enige kommentaar wat die Adviserende Komitee gelewer het, moet deur die plaaslike bestuur oorweeg word.

Slegs uit hierdie bepalings alleen is dit reeds moontlik om die geweldige wye veld waaroor hierdie Komitee kommentaar kan lewer te oorsien. Nie alleen lokasie-aangeleenthede is ter sprake nie maar die volledige uitgawes ten opsigte van alle aktiwiteite van die plaaslike bestuur wat deur die Naturelle-inkomsterekening gedek word. Vanaf toestromingbeheer en dienskontrakadministrasie tot welsynsdienste vir Bantoe-inwoners kom jaarliks voor hierdie Komitee ter sprake.

## II. GESAGSUITOEFENING DEUR BLANKE INSTANSIES OOR ATTERIDGEVILLE

Die Naturelle (Stadsgebiede) Konsolidasie Wet, 1945, laat groot ruimte vir wisselinge in die wyse waarop plaaslike besture hulle van hulle taak onder die Wet moet kwyt. Die toesig van die Staatsdepartement Bantoe-administrasie en -ontwikkeling by wyse van spesiale inspeksies en by wyse van die optrede van die plaaslike Bantoesakekommissaris het in die verlede vir Pretoria geen groot omvang gehad nie.

Slegs in enkele gevalle byvoorbeeld 1942 is besondere inspeksies uitgevoer en hoewel die resultate nie juis vleiend vir Pretoria was nie het verandering van toestande stadig gevorder vanweë gebrek aan fondse ten gevolge van die oorlogspoging. Eers sedert 1952 met die aanvang van grootskaalse uitbreiding in behuisingsprojekte vir Bantoepersone vind hierdie inspeksies gereeld plaas.

### A. Beheer deur die Stadsraad van Pretoria

Die belangrikste persoon in die sisteem van beheer deur die Stadsraad van Pretoria oor Atteridgeville is die aangestelde en gelisensieerde superintendent van hierdie woonbuurt. Hy word deur die inwoners as hulle "kaptein" beskrywe en van sy persoonlikheid hang die sukses van administratiewe beheer in 'n hoë mate af. Dit is om hierdie rede dat die Stadsraad dit verklaarde beleid gemaak het om alleen akademies-geskoolde persone in hierdie pos aan te stel. Hoewel die Staatsdepartement bereid is om geskikte persone met 'n matrikulasiesertifikaat te lisensieer, het die beleid van die Stadsraad ten gevolg dat slegs mense met 'n driejarige universitêre opleiding in ten minste twee van die vakke Volkekunde, Bantoetale en Toegepaste Volkekunde (Naturelle-administrasie), aangestel word.

Die bevoegdhede van hierdie amptenaar word uiteengesit in Administrateurskennisgewing 561 van 12.12.25 soos gewysig. Die superintendent is verantwoordelik vir die uitvoering van die bepalings van hierdie regulasies ten opsigte van binnekoms en beweging in die lokasie naas die instandhouding van die register van lokasie-inwoners en die vordering van alle huurgelde wat die inwoners verskuldig mag wees. Oor hierdie sake is reeds in Hoofstuk II gehandel.

Hoewel die lokasieregulasies slegs die beslissing van die superintendent erken by die toekenning van okkupasiereg is aansoeke om okkupasie in praktyk afgehandel deur 'n Sub-komitee vir behuising wat ons later afsonderlik bespreek.

As aanvulling tot die reeds beskrewe magte van die superintendent moet ons ook die volgende noem: Die regulasies

© University of Pretoria

(artikel 17) / ...

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

(artikel 17) verplig elke huishuurder om toe te sien dat daar vir elke persoon bo 10 jaar wat in die huis slaap ten minste 40 vierkante voet vloerspasie en 400 kubieke voet lugspasie aanwesig is. Ten minste die helfte van hierdie totale word vir kinders onder 10 jaar voorgeskryf. Dit is dan die plig van die superintendent om vir die nakoming van hierdie beperking op oorbewoning te sorg.

Enige persoon wat in die lokasie wil handeldryf of smous moet benewens die voorgeskrewe handelslisensie ook die nodige permit van die superintendent verkry (artikel 12).

Elke persoon wat gelde aan die Stadsraad verskuldig is en nalaat om dit binne 30 dae na dit betaalbaar word te vereffen, is aan 'n misdryf skuldig. Dit word die taak van die superintendent om regsproses in te stel om die geld in te vorder. Indien betaling steeds uitbly kan sodanige inwoners kragtens hofbevel uit die lokasie gesit word. Die toesiening dat aan sulke uitsettingsbevele gehoor gegee word, is die taak van die superintendent (artikels 32-34).

Vir die behoorlike toepassing van die regulasies word dit die taak van elke huurder om alle besoekers en enige sterfgeval, geboorte of siekte by die superintendent aan te meld (artikels 41 en 40). Alle inwoners moet te alle tye gewilliglik enige informasie wat die superintendent mag verlang, verstrek (artikel 49).

Die inwoners is verder verplig om hulle persele skoon te hou, alle vuilgoed te verwyder en geen toevoegings tot bestaande bouwerke te maak sonder toestemming van die superintendent nie. Sodanige vergunning sal alleen verskaf word as die superintendent tevrede is dat die materiaal wat gebruik sal word van duursame aard is (artikels 35 en 36).

Om doeltreffend kontrole te kan uitoefen oor onwettige binnekoms en bewoning het die superintendent die reg om enige perseel in die lokasie te enige redelike tyd binne te gaan vir inspeksie en niemand mag hom in die uitvoering van hierdie plig hinder nie (artikel 43). Die superintendent mag verder 'n verbod plaas op enige vorm van aanstootlike of onbehoorlike ontspanning; enige vorm van onbehoorlike uitlokking word ook verbied (artikel 61). Hierbenewens word voorsiening gemaak vir 'n aandklokreël waarvolgens niemand behalwe 'n geregistreerde lokasie-inwoner na 9 nm. in die lokasie mag wees nie (artikel 52). Vir die toepassing van hierdie maatreëls is die superintendent verantwoordelik.

Die superintendent moet verder waak teen die opsetlike vernieling van bome wat as straatversiering aangeplant is (artikel 55).

Benewens hierdie talryke verbodsbepalinge en ander reëlings in die lokasie is dit ook 'n uitdruklike bepaling van die regulasies dat die lokasiebewoners onderhewig is aan die bepalinge van al die bywette van die Stadsraad behalwe in gevalle waar uitsondering gemaak is. Hier geld dit hoofsaaklik plaaslike verordeninge ten opsigte van gesondheid en lisensiëring van verskillende aktiwiteite. Die superintendent is in die meeste gevalle ook verantwoordelik vir toesig oor die nakoming van hierdie regulasies hoewel die ander afdelings van die Stadsraad deur hulle inspekteurs ook toesig hou oor toestande binne die lokasie, vergelyk byvoorbeeld verkeersregulasies, brandweerverordeninge en gesondheidsregulasies.

Benewens al hierdie verordeninge bly nog die volgende oor. Die Stadsraad van Pretoria het ingevolge kennisgewing onder artikel 34(1) die reg tot uitsluitlike brou en verkoop van kafferbier in sy regsgebied. Ingevolge artikel 34(5) van die Wet is die brou of besit van selfgebroude kafferbier 'n oortreding. Kragtens reëling met die Suid-Afrikaanse Polisie is dit die taak van die superintendent om toesig oor die nakoming van hierdie verbod te hou.

Ten tye van ons opname (1952) was die superintendent by die uitvoering van hierdie verpligtinge bygestaan deur 'n personeel van

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

een Blanke assistent en drie Bantoeklerke benewens 21 Bantoe-polisiemanne van die Munisipale Polisiediens. Van hierdie polisie-afdeling was steeds 7 persone op diens in drie skofte van 8 uur uit die 24. Die lokasie word dus gepatrolleer deur een patrollie van drie tot vier man sterk terwyl die orige konstabels by die administratiewe kantoor op diens is. Hierdie konstabels was ook verantwoordelik vir periodieke klopjagte op verdagte persele waar oorbewoning of ongemagtigde brou van kafferbier plaasgevind het.

Benewens bogenoemde het die superintendent ook hulp ontvang van die Bantoewelsynswerker wat in Atteridgeville diens gedoen het. Hoewel hierdie persoon funksioneel verbonde was aan die Welsyns- en ontspanningsafdeling van die Afdeling Nie-blankesake van die Stadsraad kon hy dikwels die superintendent van waardevolle informasie bedien wat andersins alleen by wyse van klopjag verkry sou kon word.

Dit verg geen verdere feite om te besef dat die personeel tot die beskikking van die superintendent so gering was dat daar van die afdwinging van die regulasies volgens die letter van die bepalings geen sprake was nie. Die handhawing van doeltreffende beheer het ten tye van die opname en vandag nog, berus op die ondersteuning en medewerking van die inwoners self in die bewaring van orde. Om hierdie rede was die Stadsraad in staat om administratiewe eenhede in die lewe te roep wat saamgestel was uit inwoners van Atteridgeville vir hulpverlening aan die superintendent. Ons verwys hier na die stelsel van blokkomitees, waarvolgens die lokasie in 'n aantal blokke verdeel is, elk onder gesag van 'n blokman wat bygestaan deur 'n komitee van inwoners orde bewaar onder die inwoners van die blok, en die superintendent hulp verleen by die administrasie. Oor hierdie instellings handel ons later.

Hoewel die superintendent van Atteridgeville vir die inwoners die belangrikste amptenaar vorm, vorm sy administrasie slegs 'n onderdeel van die totaal van die Afdeling Nie-blankesake van die Stadsraad. Daarom is die superintendent verantwoording verskuldig aan die Seniorsuperintendent vir behuising en dié aan die bestuurder van die Afdeling. Die bestuurder, as hoof van die Afdeling Nie-blankesake, staan onder kontrole van die Komitee vir Nie-blankesake van die Stadsraad. Hierdie komitee bepaal in samewerking met ander, soos die Komitees vir Finansies en Algemene Sake, die beleid van die Stadsraad ten opsigte van Bantoe-aangeleenthede. In die laaste instansie is besluite van hierdie onderkomitees onderhewig aan sanksionering deur die volle Stadsraad.

Vir die inwoners van Atteridgeville is die Bestuurder van die Afdeling Nie-blankesake egter die belangrikste kontakpunt in die bogenoemde hierargie. Dit is na hierdie oord waar alle deputasies gestuur word wanneer die superintendent weier om aan versoeke gehoor te gee.

Slegs in een geval is daar sprake van direkte hantering van lokasie-aangeleenthede deur die Stadsraad, in besonder deur die Komitee vir Nie-blankesake. Die Adviserende Naturellekomitee het ingevolge artikel 21 van die Wet die bevoegdheid om sake direk by die Stadsraad aanhangig te maak. Hierdie verbinding is egter uitgebou deur die notules en besluite van die maandelikse vergadering van die Adviserende Komitee voor die Komitee vir Nie-blankesake te laat dien asook deur die regulatiewe bepaling (artikel 2 Administrateurs-kennisgewing 29 13.1.43) dat die voorsitter van die Adviserende Naturellekomitee 'n lid van die Stadsraad moet wees.

Benewens die direkte verantwoordelikheid van die Afdeling Nie-blankesake vir toestande in Atteridgeville soos dit by Wet en regulasie voorgeskryf is, moet mens onthou dat 'n verskeidenheid van dienste in die lokasie verskaf word deur die betrokke Afdelings van die Stadsraad wat sulke dienste in Blanke woonbuurtes verskaf. So is die voorsiening van water, elektrisiteit en gesondheidsfasiliteite

© University of Pretoria

sowel / ...

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



sowel as die aanleg en instandhouding van parke en paaie en die verwydering van vuilgoed en rioolafval die taak van ander afdelings as die Afdeling Nie-blankesake.

Al hierdie dienste word gelewer volgens jaarlikse tender aan die Afdeling Nie-blankesake wat die onkoste uit die Naturelle-inkomsterekening moet bestry. Hoewel die superintendent dus geen kontrole het oor die wyse waarop hierdie dienste gelewer word nie, blyk dit in die praktyk tog dat hy die persoon is wat alle klagtes oor sulke dienste van die inwoners moet ontvang en by die regte oord aanhangig moet maak.

## III. OMVANG VAN AANDEEL IN BEHEER DEUR BANTOE-INSTANSIES

Die aandeel van die Bantoe-inwoners in hulle eie administrasie is van tweërlei aard. Ten eerste is daar hulle aandeel in die Adviserende Naturellekomitee waarvoor in artikel 21 van die Wet voorsiening gemaak word. Ten tweede is daar hulle aandeel in administratiewe eenhede wat ingestel is kragtens Stadsraadsbesluit vir die vergemakliking van die administrasie, byvoorbeeld die verskillende blokkomitees, die subkomitee vir behuising en die beurskomitee. In teenstelling tot die Adviserende Komitee wat ons as 'n politieke liggaam kan beskou, staan die blokkomitees en andere hierbo genoem as suiwer administratiewe eenhede.

### A. Die Adviserende Naturellekomitee

Omdat die Adviserende Komitee ingestel word vir die Pretoriase lokasie soos omskryf in Administrateurskennisgewing 561/25 wat Marabastad, Bantule en Atteridgeville as 'n eenheid omskrywe, beteken dit dat hierdie Komitee in werklikheid drie lokasies verteenwoordig. Omdat daar in gedeeltes van die omskrewe gebied ook Kleurlinge woonagtig is, vorm die Komitee ook die mondstuk van 'n aantal Kleurlinge in Pretoria. Hoewel ons belangstelling in Atteridgeville geleë is, is ons dus by die betragting van die samestelling en funksionering van hierdie Komitee gedwing om die Adviserende Komitee vir die gehele gebied te beskrywe met alleen besondere verwysing na Atteridgeville waar moontlik.

Die instelling van hierdie Komitee in Pretoria se lokasie is reeds baie oud. Die eerste sodanige Komitee het in 1920 tot stand gekom as direkte uitvloeisel van die verslag van die Rose-Innes Kommissie van 1910. Tesame met Bloemfontein is Pretoria die enigste area waar sulke komitees ingestel is voor die inwerkingtreding van die Naturellen (Stadsgebieden) Wet, 1923, toe die instelling van sulke komitees verpligtend geword het (vergelyk Simons 1940:106).

Die eerste wetlike voorskrif oor hierdie Komitee vind mens in Hoofstuk III van Administrateurskennisgewing 561/25. Aanvanklik was die komitee slegs ingestel vir Marabastad en Bantule maar deur die insluiting van Atteridgeville in die definisie van Pretoria-lokasie per Administrateurskennisgewing 576 van 30 Oktober 1940 is sy funksies ook tot dié area uitgebrei.

Die ou samestellingswyse soos in 1925 bepaal, is in 1938 per Administrateurskennisgewing 630 van 19 Oktober 1938 ingrypend gewysig, weer verander by Administrateurskennisgewing 413 van 28 Oktober 1942 en uiteindelik herformuleer in Administrateurskennisgewing 29 van 13 Januarie 1943 wat 'n nuwe hoofstuk III in Administrateurskennisgewing 561/25 ingeskryf het.

Die verandering van die aanvanklike tot die uiteindelike vorm in 1943 is kortliks soos volg. In 1925 is bepaal dat die Komitee uit ses lede sou bestaan, drie waarvan deur die Stadsraad genomineer sou word en drie waarvan deur die inwoners van die lokasiegebied verkies sou word. Die verkiesing het plaasgevind by wyse van 'n stelsel van meervoudige stem (Communal Vote) waarby elke kieser drie stemme sou hê en die drie kandidate op wie die hoogste aantal

© University of Pretoria

stemme / ...

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

stemme uitgebring word, verkies sou wees.

Met die instelling van Atteridgeville en die ampsaanvaarding van die eerste bestuurder van die Afdeling Nie-blankesake is die Komitee se ledetal in 1938 tot 10 verhoog waarvan almal deur die inwoners van die lokasie verkies sou word. Met die finale wysiging van 1943 is hierdie totaal behou maar die voortbestaan van 'n stelsel van meervoudige stemme heropgeneem nadat dit in 1938 tydelik vervang is met 'n stelsel van enkelvoudige stem en verkiesing van komiteelede binne besondere wyke in die lokasie.

Die belangrikste bepalings van Administrateurskennisgewing 561/25 soos gewysig deur Administrateurskennisgewing 29/43 ten opsigte van die samestelling van die Komitee in die huidige tyd is kortliks soos volg:

Die Adviserende Komitee bestaan uit 10 lede verkies vir twee jaar en dien onder voorsitterskap van 'n Blanke Stadsraadslid (artikel 1).

Binne sewe dae na die verkiesing van die Komitee moet die bestuurder van die Afdeling Nie-blankesake die verkose lede bymekaar roep om 'n voorsitter te kies. Op hierdie vergadering moet minstens 7 van die 10 lede aanwesig wees. Die Adviserende Komitee verstrek dan aan die bestuurder, wat as voorsitter optree, die name van twee Stadsraadslede wat hulle graag as voorsitters sal wil hê. Die voorsitter en sekundus wat so aangewys word, beklee die voorsitterstoel vir een jaar waarna hulle deur die Komitee herkies kan word. Indien die termyn van die Komitee ten einde loop binne die dienstyd van 'n bepaalde voorsitter, word sy voorsitterskap ook outomaties beëindig. Die voorsitter is verder, net soos die ander lede, lid van die Komitee en het daarom 'n gewone, sowel as 'n beslissende stem (artikel 2).

Daar moet op die eerste vergadering van die Komitee uit eie geledere 'n sekretaris verkies word (artikel 2).

Nominasiebriewe van kandidate vir die Adviserende Komitee moet deur ten minste 10 inwoners van die lokasie, van wie die name op die kieserslys verskyn, onderteken wees. Wanneer die nominasiebrief aan die kiesbeampte oorhandig word moet 'n deposito van R10 deur die kandidaat gestort word. Hierdie deposito word verbeur as die kandidaat nie daarin slaag om die helfte van die stemme te trek wat op die suksesvolle kandidaat met die laagste stemme-aantal, uitgebring word nie (artikel 3).

Elke kandidaat moet 'n kieser wees wie se naam op die kieserslys verskyn en moet vir ten minste twee jaar voor 1 Julie van die jaar van die verkiesing in die lokasie van die Stadsraad van Pretoria gewoon het. In hierdie twee jaar wat sy nominasie voorafgaan mag hy ook nie veroordeel gewees het tot meer as sewe dae dwangarbeid sonder keuse van 'n boete nie (artikel 4).

Die kiesers wat by enige verkiesing mag stem word aangedui in 'n kieserslys wat deur 'n amptenaar van die Tesourie-afdeling van die Stadsraad saamgestel word uit al die persone wat volgens die lokasieregister huurders is van persele of huise van die Stadsraad en wat op of voor 7 Julie van die jaar van die verkiesing alle verskuldigde gelde tot die einde van Junie aangesuiwer het. Klagtes aangaande moontlike weglatings uit die kieserslys, moet die Stadsklerk binne 7 dae na die lys openbaar gemaak is, bereik. Die lys sluit egter op 21 Augustus van die jaar van die verkiesing en na die datum is daar geen verandering meer moontlik nie (artikel 6).

Die verkiesing deur stembrief geskied op die laaste Woensdag in September van die verkiesingsjaar (artikel 5). Elke kieser het 10 stemme en die tien kandidate wat die hoogste aantal stemme trek, word deur die kiesbeampte as verkose verklaar. Wanneer die laaste suksesvolle posisie deur twee kandidate gevul word, word die verkosene deur lotsbeslissing aangewys onder toesig van die

© University of Pretoria

kiesbeampte / ...

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

kiesbeampte (artikels 7 en 8).

Die lede van die Adviserende Komitee wat so verkies is, beklee hulle posisies vanaf 1 Oktober van die verkiesingsjaar tot 30 September twee jaar later (artikel 9). Enige lid wat gedurende sy dienstermyn skuldig bevind word aan 'n misdryf en gevonnis word tot meer as 7 dae dwangarbeid sonder keuse van 'n boete, of wat die stadsgebied van Pretoria vir meer as drie maande sonder die toestemming van die Komitee verlaat, of wat sonder verskoning drie agtereenvolgende gewone vergaderings van die Komitee nie bygewoon het nie, of wat bedank, se setel sal deur die voorsitter vakant verklaar word en deur 'n tussenverkiesing op die beskrewe wyse weer gevul word. Enige persoon wat in so 'n tussenverkiesing verkies word, sal in die Komitee dien totdat die Komitee se dienstermyn normaalweg verstryk (artikel 12).

Daar word elke maand een gewone vergadering van die Komitee gehou; spesiale vergaderings vir afhandeling van besondere probleme kan belê word. By al hierdie vergaderings geld die kworum van die Komitee as ses lede (artikels 13 tot 16).

Die notules van sulke vergaderings word nie deur die verkose sekretaris gehou nie maar deur 'n klerk van die Komitee wat die voorsitter in oorleg met die Stadsklerk aanwys. Hierdie persoon was in die verlede nog steeds 'n Blanke amptenaar van die Stadsraad (artikel 17).

Geen mosie mag deur die Komitee bespreek word indien die Klerk van die Komitee nie sewe dae voor die aanvang van die vergadering daarvan in kennis gestel was nie. Hierdeur word daar verseker dat die lede van die Komitee reeds voor hulle na die vergadering gaan, sal weet wat bespreek gaan word, want volgens regulasie moet elkeen sy kopie van die agenda van die vergadering ten minste drie dae voor die vergadering van die Notuleklerk ontvang (artikel 18).

Die vergaderingsprosedure van die Komitee is geheel en al op die Europese lees geskoei: Alle lede moet die voorsitter staande aanspreek. Niemand mag die vergadering meer as een keer oor dieselfde onderwerp toespreek nie en alleen die voorsteller van 'n mosie het die reg van replieklewering. Alle voorstelle moet gesekondeer word en deur hoofdelike stemming aangeneem of verwerp word. Alle lede wat teenwoordig is, is kragtens regulasie verplig om hulle stem uit te bring tensy hulle verskoning daarvoor deur die voorsitter aanvaar word. Geen lid mag stem vir enige mosie waarby hy enige belang het of voordeel uit sal trek nie (artikels 19 en 20).

Die bestuurder van die Afdeling Nie-blankesake en die superintendente van die verskillende lokasies moet van elke vergadering van die Komitee in kennis gestel word en ten minste een van hulle moet teenwoordig wees om aan die Komitee enige inligting wat hulle mag verlang, te verstrek. Die bestuurder het ook die reg om enige saak van belang voor die Komitee te lê vir kommentaar (artikel 21).

Tot 1944 was daar slegs twee bepalings in die Naturellen (Stadsgebieden) Wet, 1923, wat die <u>funksies</u> van die Adviserende Komitee omskryf het. Artikel 10(2) van hierdie Wet het dit 'n verpligting gemaak dat die plaaslike bestuur, wanneer 'n Adviserende Komitee ingestel was en sy pligte ten opsigte van 'n bepaalde lokasie vervul het, geen verandering in die regulasies wat so 'n lokasie beheer, mag aanbring sonder raadpleging van die Komitee nie. As tweede pligsaanduiding het artikel 21(1) bepaal dat geen plaaslike bestuur om die uitsluitlike vervaardigingsreg en verkoopsreg van kafferbier by die Minister aansoek mag doen, sonder voorafgaande raadpleging van die Adviserende Komitee nie. Eers in 1944, met die aanname van die Wet tot Wysiging van die Wette op Naturelle, 1944 (nr. 36 van 1944), is die pligte van Adviserende Komitees vanaf hierdie basis uitgebrei tot die wetlike bepalings wat ons reeds bespreek het (p.289).

© University of Pretoria

Mens / ...

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Mens moet dus uit die historiese verloop van die toekenning van funksies aan hierdie Komitee, aanvaar dat die Adviserende Komitee by sy aanvanklike instelling as 'n mondstuk moes dien vir die inwoners van 'n lokasie. Hierdie inwoners moes dan die lede van die Komitee aanwys. Eers in 1944 word hierdie funksies uitgebrei tot adviesmagte wat sulke komitees die reg tot kommentaar gee oor aangeleenthede wat hoegenaamd niks met die belange van plaaslike lokasie-inwoners te make hoef te hê nie, hoewel die wyse van verkiesing tot die grense van lokasies beperk gebly het.

Tot die algemene bepalings oor omvang van plig (artikel 21 van Wet 25/45) voeg Administrateurskennisgewing 29/43 'n paar sake by: Dit word by artikel 22 die taak van die Adviserende Komitee, om die Stadsraad te adviseer oor enige saak, en om kommentaar te lewer oor enige wetgewing wat die Bantoe binne die stadsgebied van Pretoria raak; om te waak oor die belange van die Bantoe-inwoners van die stadsgebied in die algemeen, en om alle hulp aan die owerheid te verleen vir die bewaring van wet en orde in die lokasie.

Benewens die bepalinge van die Naturelle (Stadsgebiede) Wet, 1945 en regulasies daaronder, het die Naturelleverteenwoordigingswet, 1936 by artikel 32(2) bepaal dat Adviserende Komitees 'n stemeenheid vorm vir die verkiesing van 'n Naturelleverteenwoordiger vir Transvaal in die Senaat. Aan hierdie plig het die Adviserende Komitee in die verlede met groot entoesiasme deelgeneem. Tans is hierdie vermoë deur artikel 15 van die Wet op die Bevordering van Bantoe-selfbestuur, 1959 afgeskaf.

Die wyse waarop hierdie regulatiewe pligte en die Komitee se wetlik bepaalde funksies uitgeoefen word, bespreek ons later.

## B. Die Blokkomitees

Uit die voorgaande is dit duidelik dat die Adviserende Komitee direk met die Stadsraad self skakel en nie organies geskakel is aan die administrasie onder beheer van die superintendent nie. Om hierdie leemte uit te skakel, het die Stadsraad verskillende blokkomitees laat aanwys wat naas die Adviserende Komitee, maar ondergeskik aan die superintendent, funskioneer.

Ingevolge hierdie stelsel is die lokasie van Pretoria (Marabastad, Bantule en Atteridgeville) in tien afdelings of blokke, sewe waarvan in Atteridgeville geleë is, verdeel. Aan elk van die tien lede van die Adviserende Komitee word 'n blok toegewys en hy is tesame met 'n komitee, saamgestel uit die inwoners van die blok, verantwoordelik vir die goeie orde en die beslegting van kleiner geskille in die blok. So 'n blokman skakel direk met die superintendent en is vir die uitvoering van sy plig aan die superintendent onderhorig.

Die stelsel is in Pretoria ingevoer deur mnr. J.R. Brent die eerste bestuurder van die Afdeling Nie-blankesake, na sy diensaanvaarding in 1937 na analogie van 'n soortgelyke stelsel waarmee hy in sy vorige werkkring te Kroonstad bekend was. Volgens die stelsel in Kroonstad is die lokasie daar in 'n aantal blokke of wyke verdeel. Die lede van die Adviserende Komitee is as blok- of wyksverteenwoordigers met enkelvoudige stem volgens Blanke patroon deur die inwoners verkies. Die suksesvolle kandidaat in elke wyk is dan inwoner en verteenwoordiger van 'n bepaalde blok en word as blokman bygestaan deur 'n blokkomitee, verkies deur en uit die inwoners van die blok, in die uitvoering van sy administratiewe pligte ondergeskik aan die superintendent. Langs dié weg verkry die inwoners van elke blok 'n mate van kontrole oor die optrede van hulle verteenwoordiger, nie alleen as blokman nie, maar ook as lid van die Adviserende Komitee.

Toe die stelsel in Pretoria voorgestel is tesame met die verhoging van die ledetal van die Adviserende Komitee tot tien en die uitskakeling van alle genomineerdes, was daar so 'n teenkanting van

© University of Pretoria

die / ...

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

die kant van die ondersteuners van die ou stelsel dat die veranderinge alleen na ingrypende wysiging in werking gestel kon word. Deur hierdie wysigings is die blokstelsel, soos ons sal aantoon, feitlik kragteloos gemaak.

Hierdie teenkanting het sy herkoms in die feit dat die verkiesing van lede van die Adviserende Komitee in Pretoria besleg word as 'n veldtog tussen twee sterk en georganiseerde politieke partye. In die verlede het die sterkste party onder die stelsel van meervoudige stem die geleentheid gehad om al sy kandidate sonder opposisie verkies te kry. Die instelling van 'n wyksverkiesingstelsel sou so-iets onmoontlik maak daar gedeeltes van die lokasie oorwegend bewoon was deur ondersteuners van bepaalde partye. Daar sou dus 'n meerderheids- en 'n minderheidsgroep in toekomstige Adviserende Komitees wees. So-iets was vir sowel die meerderheidsparty as die minderheidsparty destyds onaanvaarbaar.

As eerste toegewing het die ou stelsel van meervoudige stem behoue gebly waardeur tans tien kandidate van die meerderheidsparty die Adviserende Komitee beset sonder verteenwoordiging van enige minderheidsgroep. By implikasie het dit meegebring dat blokmanne nie meer in hulle blokke moes woon nie. By die verkiesing van lede van blokkomitees het die inwoners van sommige blokke die blokman egter opgesaal met 'n komitee wat in geheel bestaan het uit ondersteuners van die opposisieparty. "I then received urgent representations from the Advisory Board members to allow them to select their own committeemen. I refused unless it was agreed to introduce the system of separate voting in each block and the compulsion of a blockman to reside in the block for which he was elected. The Board members refused to accept this, ... I appealed to the opposition political party, but they also refused to accept the compulsion to vote separately in blocks ..."(Brent M.S.). Dit was ongeveer in die jare 1941-42. In 1943 het die Stadsraad dus met die herformulering van die regulasies vir die Adviserende Komitee (Administrateurskennisgewing 29/43) die blokstelsel daaruit verwyder maar dit tog dieselfde jaar, op versoek van die nuutverkose Adviserende Komitee, heringestel kragtens besluit van die Stadsraad op 28.10.43 in hoofsaak volgens die eise van die voormalige Adviserende Komitee, waardeur blokmanne die lede van hulle komitees self kon nomineer. Dit was die tweede toegewing. Hierdie besluit is later vervang deur Raadsbesluit van 25.7.46 wat in hoofsaak dieselfde bepalings bevat het. Volgens hierdie Raadsbesluit het blokmanne (verkose lede van die Adviserende Komitee) die reg verkry om die lede van hulle onderskeie blokkomitees self te nomineer. Met enkele lofwaardige uitsonderings is steeds ondersteuners van die eie party so genomineer. Dit volg dan logies dat daar 'n gedeelte van die bevolking van die lokasie was wat geen aandeel in die offisiële Bantoeliggame verkry het nie, nòg in die Adviserende Komitee, nòg in die blokkomitees was daar verteenwoordiging vir hierdie minderheidsgroep. Dat die beslissing wat in 1943 geneem is steeds 'n bron van wrywing in die lokasie sou bly, kan verwag word.

Die belangrikste bepalings oor samestellingswyse van blokkomitees volgens die Raadsbesluit van 25.7.46 is die volgende. Dit word die taak van die bestuurder van die Afdeling Nie-blankesake om in samewerking met die superintendente en die lede van die Adviserende Komitee die lokasie in verskillende blokke te verdeel. Vir elke blok word 'n blokman aangewys deur onderlinge beslissing van die tien verkose kandidate na elke verkiesing. Binne veertien dae na afloop van die verkiesing moet elke blokman die name van tien volwasse inwoners van sy blok, wie se name op die kieserslys van die afgelope verkiesing voorkom, aan die superintendent en bestuurder voorlê. Na goedkeuring geld hierdie persone as die lede van die blokkomitee. In praktyk word hierdie saak nie deur elke blokman individueel afgehandel nie, maar word die name van blokmanne en

© University of Pretoria

komiteelede / ...

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

komiteelede in een gesamentlike lys deur die Adviserende Komitee(!) aan die bestuurder van die Afdeling Nie-blankesake deurgestuur. In die verlede het die administrasie nog nooit van sy vetoreg oor hierdie nominasies gebruik gemaak nie.

Op die eerste vergadering van elke blokkomitee moet die lede 'n geskikte en bekwame persoon as sekretaris verkry. Hierdie persoon moet by voorkeur in die blok woonagtig wees, maar hoef nie noodwendig een van die genomineerde lede te wees nie. Ook hierdie aanwysing kan deur die bestuurder geveto word.

Die voorsitter en vyf lede van die komitee vorm 'n kworum en die dienstyd van die komitee strek slegs tot die datum waarop die blokman nie meer lid van die Adviserende Komitee is nie. Die voorsitter, sekretaris en lede van die komitee ontvang besoldiging van die Stadsraad en hierdie besoldiging kan weerhou word as pligte nie nagekom word nie. Mens is dus byna geregtig om die blokkomitee as 'n aanhangsel van elke blokman in plaas van verteenwoordigers van die inwoners van die blok te beskou.

Die pligte van blokmanne en komitees word in die genoemde Stadsraadsbesluit baie vaag gestel. In hoofsaak omvat dit die opdrag aan die blokman om met sy komitee hulp te verskaf in die bewaring van wet en orde in die blok en die rapportering aan die superintendent van alle misstande wat wet en orde in gevaar stel. In die uitvoering van hierdie taak word elke blokman en sy komitee 'n arbitrerende instansie wat geskille van minder belangrike aard tussen bewoners van die blok probeer bylê of oplos. Tot hierdie optrede bestaan daar geen wetlike dekking nie maar omdat die inwoners van die blok hulle by hierdie beslissings neerlê, hoef dit nie deur enige gesagsinstansie afgedwing te word nie.

Die vernaamste plig van die blokman, wat nie as sodanig in die Raadsbesluit omskryf word nie, is om as tussenganger vir die blokbewoners na die superintendent te dien. Nie alleen alle klagtes moet oorgedra word nie, maar van die blokman word verwag om hulp te verleen by die deeglike en onpartydige toepassing van die lokasie-regulasies.

Hoewel blokkomitees dus direk met die superintendent skakel, maak die besluit van die Stadsraad van 25.7.46 ook voorsiening vir die instelling van 'n Sentrale Blokkomitee waarop as lede die Bantoelede van die Adviserende Komitee dien in hulle hoedanigheid as voorsitters van die verskillende blokkomitees. Die sekretaris van hierdie komitee is die verkose sekretaris van die Adviserende Komitee. Op die eerste vergadering word een van die lede as voorsitter aangewys. Gewoonlik word as voorsitter die leier van die politieke party wat aan bewind is, aangewys. Die Raadsbesluit skryf as pligte vir hierdie sentrale blokkomitee dieselfde voor as vir gewone blokkomitees. Sowel die superintendent as bestuurder moet van alle vergaderings in kennis gestel word en mag sulke vergaderings bywoon.

Hierdie komitee is ingestel om die verkose verteenwoordigers van die inwoners die geleentheid te gee om lokasie-aangeleenthede te bespreek sonder beperkings op besprekingsprosedure soos in die Adviserende Komitee geld.

In praktyk word in hierdie komitee alle aansoeke om huise wat deur blokmanne ingevorder is, bespreek voor dit verwys word na die sub-komitee vir behuising. Enige ander saak mag ook bespreek word en vir verdere afhandeling langs administratiewe kanaal na die superintendent verwys word. In teenstelling hiermee kan sake ook langs die politieke kanaal via die Adviserende Komitee direk na die Stadsraad verder gevoer word.

By die aanvanklike instelling van die blokkomiteestelsel in 1938 is die werk gratis gedoen deur die verskillende blokmanne en hulle komitees. Met die herinstelling in 1943 is geringe besoldiging deur die Stadsraad betaal. Dit is gaandeweg verhoog tot dit in

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

1952 kragtens Stadsraadsbesluit 'n totale bedrag van R200 per maand beloop het. Die verdeling van hierdie gelde geskied soos volg:

| | | | |
|---|---|---|---|
| 10 Blokmanne (voorsitters en lede van Adviserende Komitee) | teen R4.50 | pm | R 45.00 |
| 10 Sekretarisse van Blokkomitees | teen R3.00 | pm | 30.00 |
| 100 Blokkomiteelede | teen R1.05 | pm | 105.00 |
| Toelae aan Sekretaris Sentrale Blokkomitee | | pm | 13.00 |
| Toelae aan Voorsitter Sentrale Blokkomitee | | pm | 4.00 |
| Vervoertoelae aan Sekretaris Sentrale Blokkomitee | | pm | 3.00 |
| | | | R 200.00 |

Volgens onderlinge reëling word die geld maandeliks deur die Sekretaris van die Sentrale Blokkomitee ontvang en aan die verskillende blokmanne oorbetaal vir verspreiding na komiteelede.

Vanweë die verskeidenheid van pligte ontvang die Sekretaris van die Sentrale Blokkomitee die meeste naamlik R16 direkte toelae benewens R4.50 per maand as blokman. Die voorsitter van die Sentrale Blokkomitee ontvang aan toelae en as blokman R8.50, en waar die sekretaris van 'n blokkomitee ook komiteelid is, is die maandelikse besoldiging R4.05 in totaal.

C. "Sub-komitees" van die Adviserende Komitee

Die lede van die Adviserende Komitee verwys in die omgang na die Konsultatiewe Komitee, die Sub-komitee vir behuising en die Beurskomitee as onderkomitees van die Adviserende Komitee, hoewel slegs die eerste werklik as sodanig beskou kan word.

Die Konsultatiewe Komitee vorm eintlik die dagbestuur van die Adviserende Komitee, terwyl die Adviserende Komitee slegs verteenwoordiging het op die ander twee komitees wat direk aan die Afdeling Nie-blankesake (behuising) of die Stadsraad (beurse) rapporteer. Van hierdie drie word slegs die Sub-komitee vir behuising hier as die belangrikste bespreek (vergelyk p.363 vir bespreking van die ander).

Ten tye van ons opname het Atteridgeville geheel uit 'n sub-ekonomiese behuisingskema bestaan en volgens regulasie was alleen die superintendent verantwoordelik vir toekenning van okkupasiereg. Die Stadsraad het dit egter in 1946 (Raadsbesluit 25.7.46) goed gevind om 'n sub-komitee vir behuising aan te wys om, onderhewig aan die beslissing van die superintendent, aansoeke vir okkupasie te oorweeg. By die omskepping van Atteridgeville in 'n ekonomiese skema 1955/56 is hierdie komitee afgeskaf. Dit was egter die doel om die inwoners langs dié weg 'n aandeel te laat neem in die verantwoordelikheid vir beslissings ten opsigte van okkupasiereg.

Volgens genoemde raadsbesluit sou die komitee bestaan uit die bestuurder van die Afdeling Nie-blankesake, of sy plaasvervanger, as voorsitter en twee superintendente van lokasies te wete Atteridgeville en Marabastad/Bantule. Hierbenewens sou die Adviserende Komitee drie lede uit hulle geledere op die komitee verkies. Die sekretaris van die Sentrale Blokkomitee sou as vierde Bantoepersoon ook die sekretaris van hierdie komitee wees.

Die verdeling van vier Bantoelede teen drie administratiewe amptenare het feitlik deurgaans invloed gehad by die bereiking van beslissinge in hierdie komitee.

Hoewel die komitee ingestel was vir die geheel van die Pretoriase lokasie, bestaande uit Marabastad, Bantule en

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Atteridgeville, het hy sy pligsvervulling slegs in Atteridgeville gehad vanweë die verskuiwing wat vanuit Marabastad aan die gang was. Die Stadsraad het ook opdrag gegee dat, behoudens sommige voorbehoude, geen buitestaanders vir toesegging van huise in aanmerking mog kom voor die verskuiwing uit Marabastad afgehandel was nie.

Ten opsigte van die ontruiming uit Marabastad het hierdie Komitee dus eintlik geen funksie gehad nie. Waar persone egter binne Atteridgeville wou verskuif, moes aansoeke in duplikaat ingevul word en moes die blokman, nadat hy die besonderhede gekontroleer het, een kopie aan die superintendent besorg en die ander deurstuur na die sekretaris van die Sentrale Blokkomitee vir die behandeling van die aansoek op die Sentrale Blokkomitee en die Sub-komitee vir Behuising. Aansoeke van mense buite die Pretoriase lokasies moes direk na die Sentrale Blokkomitee gaan en die aanbevelings van hierdie Komitee sou dan voor die Sub-komitee vir Behuising dien.

Oor die uitvoering van hierdie pligte handel ons later maar moet nou reeds die aandag daarop vestig dat die Sub-komitee vir Behuising ook alle aansoeke om gebruik van huise as winkels in Atteridgeville moes behandel. Ten slotte moet in gedagte gehou word dat al die Bantoepersone op hierdie komitee lede was van dieselfde politieke party. Die invloed van hierdie feite op die werksaamhede van die komitee bespreek ons later (vergelyk p.362).

Binne Atteridgeville was daar as administratiewe eenhede waarop Bantoepersone sitting gehad het die volgende: Sewe van die tien blokkomitees elk onder voorsitterskap van 'n blokman wat bygestaan word deur 'n komitee van tien lede.

Die blokkomitee is saamgevat in die Sentrale Blokkomitee met 'n ledetal van tien, waarvan sewe Atteridgeville verteenwoordig het. Elke lid is benewens blokman ook lid van die Adviserende Komitee. Albei die genoemde komitees skakel via die superintendent met die Afdeling Nie-blankesake en vorm dus deel van die administratiewe kanale.

As eenhede met 'n meer politieke kleur ondergeskik aan die polities-georiënteerde Adviserende Komitee is daar die Konsultatiewe Komitee, Beurskomitee en Sub-komitee vir Behuising. Veral in laasgenoemde blyk die politieke kleur duidelik uit die stereotiepe verdeling tussen die drie Blanke amptenare en die vier Bantoelede by enige punt van verskil.

As laaste eenheid in die politieke sfeer waarop Bantoepersone dien, geld die Adviserende Komitee bestaande uit tien lede, verkies volgens 'n stelsel van meervoudige stem. Van hier word die politieke skakeling verder deur die Komitee vir Nie-blankesake van die Stadsraad na die Stadsraad self gevoer.

Aan die kant van die Blanke administrasie strek die hierargie na onder vanaf die Stadsraad deur die Komitee vir Nie-blankesake na die bestuurder van die Afdeling Nie-blankesake deur die senior-superintendent vir Behuising na die superintendent van Atteridgeville. Hierdie funksionaris het onder hom, benewens sy personeel, ook kontak met die verskillende blokmanne en blokkomitees.

Ten slotte vestig ons weer die aandag op die feit dat die administrasie in sy geheel, vanweë die samestelling van die blokkomitees, organies slegs verband het met ondersteuners van een politieke groep in die lokasie. Dat die gehele administrasie dan in die oë van die opposisiegroepe 'n bepaalde politieke kleur kan kry, kan as moontlikheid nou reeds aangedui word. Hierdie punt ondersoek ons later verder.

© University of Pretoria 

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

## IV. FUNKSIONERING VAN DIE STELSEL VAN BLANKE BEHEER EN ADMINISTRASIE

Dit spreek vanself dat die hoofklem in hierdie saak op die wyse van administrasie van die Blanke superintendent van Atteridgeville sal val.

Ondanks die hoë akademiese kwalifikasies wat die Stadsraad van Pretoria vir hierdie pos vereis, moet die superintendent na ons oordeel ook besondere persoonlike kwaliteite besit om die vertroue van die inwoners te kan wen. Al ons Bantoesegsmanne is dit eens op hierdie punt: Die superintendent moet iemand wees wat vertroue in sy integriteit inboesem. Hy moet iemand wees wat simpatiek na alle klagtes sal luister en volkomelik onpartydig sal wees in sy optrede. Gedurende ons opname en daar voor het hierdie vereiste van verkryging van vertroue skade gelei daar superintendente mekaar, vanweë bevorderings en verplasings, te vinnig opgevolg het. Die bereidwilligheid van die inwoners om die superintendent as hulle "vader" of "kaptein" te beskou, word skade aangedoen deur die te snelle wisseling van personeel wat van hierdie man 'n onpersoonlike rat in die administratiewe masjien kan maak.

Onpartydigheid van optrede is vir die meeste van ons segsmanne juis dit dat die superintendent nie beskuldig kan word van verlening van voorkeur aan die ondersteuners van een of ander politieke party nie. Die probleem van die superintendent is egter dat hy sy vernaamste kontak met die behoeftes van die inwoners vind deur middel van die blokkomitees wat almal dieselfde politieke verbintenisse het. Om dus aan al die voetangels wat in die superintendent se pad geleë is te ontkom, is dikwels, mensliker wys gesproke, onmoontlik.

Vanweë die strengheid van regulasies wat toegepas kan word, is dit gebruik dat die superintendent sonder inbreuk op die eis vir goeie orde, sommige bepalings nie na die letter toepas nie. So word gereeld toegewings gemaak in die aandklokreël. Wanneer daar egter volgens periodieke vereistes strenger opgetree word, volg steeds 'n luide protes oor inbreuk wat op bestaande "regte" van die inwoners gemaak word. Van die superintendent word in die praktyk 'n byna intuïtiewe aanvoeling vereis oor die strengheid waarmee maatreëls toegepas moet word. Sy taak is geen maklike nie.

Met al die ander afdelings van die Stadsraad wat belang het by die administrasie van Atteridgeville moet die superintendent saamwerk. So is hy gevra om toe te sien dat alle nuwe intrekkers in Atteridgeville voldoen aan die vereistes van toestromingsbeheer in Pretoria. As uitbreiding van die Arbeidsburo moet hy soms die bestaan van besondere arbeidsvakatures aan die inwoners bekend maak en aan voornemende werksoekers bewys van hulle gewettigde verblyf as huurders of afhanklikes in die lokasie verskaf. In besonder is daar 'n noue samewerking met die Welsyns- en ontspanningsafdeling van die Afdeling Nie-blankesake ten opsigte van toesig oor Thabong, die plek van veiligheid en bewaring, die sportvelde en biblioteek. Van die Bantoewelsynswerker wat vertroulike inligting oor toestande op bepaalde persele in die lokasie kan verskaf, word dikwels in voorkeur tot 'n klopjag gebruik gemaak.

Waar ons in 'n vorige afdeling 'n beknopte oorsig oor die inhoud van die lokasieregulasies gegee het, moet hier ook aandag gegee word aan die praktiese probleme by die toepassing daarvan.

In Marabastad waar die meeste van die inwoners van Atteridgeville hulle vroeëre tuiste gehad het, het Bantoepersone die geleentheid gehad om 'n perseel van die Stadsraad te huur en dan self daarop te bou. Vanweë oorbewoning was dit 'n voorreg wat aan 'n klein minderheid beskore was. By verskuiwing na Atteridgeville moes sulke huiseienaars oorgehaal word tot aanvanklike prysgawe van huiseienaarskap in Atteridgeville. Aan die inwoners van Marabastad is

© University of Pretoria

egter / ...

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

egter die belofte gemaak dat hulle uiteindelik geen van hulle bestaande "regte" sou moes prysgee nie. Benewens huiseienaarskap, wat tydelik op die langebaan geskuif sou word, geld as sodanige regte in die wandel die verlening van handelsfasiliteite aan al diegene wat in Marabastad handel gedryf het asook die volgende: Die feit dat inwoners van Marabastad huiseienaars was, het van die uitsettingsmoontlikheid wanneer die huiseienaar elders as in Pretoria werk feitlik 'n dooie letter gemaak.

Vanweë beloftes wat aan inwoners van Marabastad gemaak is, bring hierdie feit vandag mee dat die superintendent in Atteridgeville met groot omsigtigheid enige voorgenome uitsettingsbevel vanweë beëindiging van diens in Pretoria, moet toepas.

Die toepassing van die regulasies wat beheer moontlik maak oor die binnekoms van persone in Atteridgeville en die beperking op moontlike oorbevolking wanneer ongemagtigde persone in die woonbuurt inwoon, is besonder moeilik.

Elke huishuurder is volgens regulasie daarop geregtig om met sy goedgekeurde afhanklikes 'n bepaalde huis te bewoon. Hy is egter ook verplig om die aankoms van alle ander besoekers en kuiergaste te rapporteer. Die regulasies bepaal verder dat daar vir elke inwoner van 'n huis 'n vasgestelde vloer- en lugspasie aanwesig moet wees. Die normale bevolkingsaanwas na verskuiwing vanuit Marabastad was egter so snel dat dit in 1952 (twaalf jaar nadat die eerste gesinne verskuif is), 'n bekende feit was dat sommige persele in Atteridgeville ernstig oorbewoon was. Aangesien daar geen verdere woongeriewe beskikbaar was nie, en die oortollige inwoners bona fide afhanklikes was, het mens dus die anomalie aangetref dat die regulasies self hierdie toestand van oorbewoning gewettig het.

Al wat die superintendent dus kon doen, voor verdere huise in 1955 gebou is, was om waar moontlik groter gesinne na groter huise te probeer skuif. Hiernaas is streng beheer uitgeoefen oor toekenning van losiesregte aan aansoekers van buite Atteridgeville, hetsy vreemdes of afhanklikes van huurders in Atteridgeville.

Die onwettige binnekoms van persone in Atteridgeville word beheer deur hekwagte, periodieke sensusopnames en navraag of klopjagte op verdagte persele. Hekkontrole is gedurende die dag onmoontlik en onwenslik. Om dié rede berus kontrole oor binnekoms in 'n hoë mate op die samewerking van geregistreerde inwoners wat volgens regulasie alle besoekers, geboortes, sterfgevalle ensovoorts, moet aanmeld. Hierdie samewerking is in baie gevalle afwesig sodat die superintendent, tot groot ongerief van die inwoners geen ander metode kan gebruik as klopjagte op persele waaroor informasie van onwettige bewoning ontvang word nie.

As afhanklikes reken die regulasies alle kinders en verwante van die huishuurder, mits die superintendent hulle as sodanig goedkeur. As administratiewe reëling geld normaalweg dat alle verwante van die gesin van die huishuurder een generasie jonger en een generasie ouer, as afhanklikes aanvaar word. Elke aansoek behalwe waar dit natuurlike aanwas geld, word op meriete beoordeel en gewoonlik geld as vernaamste oorweging die vermoë van so 'n persoon om elders as in Atteridgeville akkommodasie te verkry. Getroude kinders wat in die lokasie groot geword het, moet egter noodwendig as afhanklikes beskou word en aangesien ander moontlikhede vir akkommodasie (1952) skraal is, is dit veral in sulke gevalle waar ernstige sosiale misstande ontstaan. Kinders woon dan met hulle eggenotes en eie kinders by die ouers in en ingevolge die regulasies is die superintendent se hande in die meeste gevalle gebind.

Om hierdie rede word daar streng beheer uitgeoefen oor die binnekoms van alle loseerders van buite Atteridgeville. Die superintendent reik dus selde permitte uit aan persone om êrens in Atteridgeville losies te gaan soek. Loseerders is altyd 'n ekstra

© University of Pretoria

bron / ...

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

bron van inkomste en die streng optrede van die superintendent word deur baie inwoners as moedswillige kwaadwilligheid afgeskryf.

Loseerders moet ingevolge die regulasies as sodanig in die lokasieregister ingeskryf word en moet 'n vasgestelde maandgeld van 10c per kop aan die administrasie betaal. Op die ooreenkoms wat met die huisbaas aangegaan word, is daar geen beperking of kontrole nie. Ons ondersoek het dus gevalle getoon waar loseerders, wanneer hulle verwante van die huishuurder is, soms geen huurgeld betaal nie. In ander gevalle word die maandelikse huur om die beurt deur die huishuurder en die loseerder betaal. Die mees algemene huurgeld vir loseerders is ongeveer R2 per maand wat ten gevolge van die lae sub-ekonomiese huurgeld daarop neerkom dat 'n loseerder gemiddeld 50% en meer van die maandelikse huishuur betaal. Omdat dit 'n onderlinge reëling tussen huishuurder en loseerder is, kan die administrasie hieraan niks verander nie. Loseerders betaal dus 'n ekonomiese huurgeld, terwyl huishuurders 'n sub-ekonomiese huurgeld betaal.

Soos aangedui, word die toekenning van <u>handelslisensies</u> in Atteridgeville volgens munisipale bywette en deur permit van die superintendent ingevolge die lokasieregulasies beheer. Dit geld egter slegs handel wat vanaf 'n vaste perseel in die lokasie gedryf word en sluit nie kramery of smousery in nie. Kramery op straat geskied na uitreiking van 'n lisensie en so 'n reg mag ingevolge die lokasieregulasies slegs binne die grense van die verskillende lokasies verleen word. Hierdie bepaling is moeilik om toe te pas daar die bevolking in Atteridgeville gedurende die dag te laag is om van smousery 'n suksesvolle onderneming te maak. Om hierdie rede word geen smouslisensies in die lokasie toegestaan nie. Hierdeur is egter tot die ander uiterste oorgegaan en die superintendent het dit dus goedgevind om as middeweg wel kramery op beperkte skaal toe te laat kragtens permitte wat hy uitreik. Veral ou Bantoevrouens wat 'n sukkelbestaan voer, word so toegelaat om sonder lisensie op sentrale plekke allerhande tuisvervaardigde eetware te verkoop. Omdat hierdie vergunning geen werklike wetlike dekking geniet nie en onderhewig is aan summiere opskorting deur die superintendent, voel die inwoners hulle in hierdie "reg" bra onveilig en periodieke agitasie vir die verkryging van wetlike dekking kom daarom as verkiesingsbelofte by alle politieke partye in die lokasie voor.

Die magte wat die regulasies bied om <u>inwoners</u> uit die lokasie <u>uit te sit</u> is 'n bron van veel bekommernis vir die inwoners. Die uitoefening van hierdie plig verskaf die superintendent heelwat moeilikheid. Elke huishuurder wie se huur een maand agterstallig is, stel hom aan vervolging bloot en kan by verdere wanbetaling ingevolge 'n hofbevel uit die lokasie gesit word. Inkomste is egter laag en ten gevolge van siekte of werkloosheid soms onseker. Enkele huurders is daarom kronies agterstallig met hulle huishuur. As administratiewe reëling geld egter dat dagvaarding slegs oorweeg word waar twee of meer maande se huishuur agterstallig is. Gewoonlik word slegs opgeskorte vonnisse opgelê wat aan die huurder verdere geleentheid gee om sy skulde te vereffen. Na diening van dagvaardings kom die meeste onopspoorbare huishuurders gewoonlik die oorsake vir agterstalligheid, soos tydelike werkloosheid, aan die superintendent verduidelik. Dit was ons ondervinding dat die superintendent nie alleen oor inkomstes begaan is nie, maar bereid was om by grondige oorsake selfs verdere uitstel te verleen. Volgens diskresie wat die superintendent homself toeëien, word elke geval op meriete behandel, ondanks die feit dat dit volgens letter op differensiasie in behandeling neerkom.

Dit is belangrik om hier te onthou dat mededelings oor oorsake van wanbetaling normaalweg met tussengang en medeteenwoordigheid van die blokman aan die superintendent gedoen word. Die klagte is deur informante aan ons geopper dat sommige blokmanne meer

geredelik / ...

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

geredelik ondersteuners van hulle party behulpsaam is in probleme van agterstallige huur as waar dit ondersteuners van die onverteenwoordigde opposisieparty geld. Klagtes oor die wyse waarop blokmanne hulp verleen is die oorsaak daarvan dat baie huurders die superintendent direk nader oor probleme by agterstallige huur, sonder tussengang van die blokman. Dat hierdie situasie 'n bepaalde politieke kleur aan die gehele superintendents-administrasie kan verleen, is bekend maar kan in praktyk onder die heersende stelsel nie verhoed word nie.

Ten tye van ons opname was dit ons ondervinding dat die howe by die verlening van 'n hofbevel tot uitsetting, so nougeset gelet het op die feit dat alternatiewe huisvesting nie beskikbaar was nie, dat sulke bevele baie selde toegestaan is. Nogtans voel die inwoners hulle onder die magte tot uitsetting wat die regulasies verleen, effens onveilig en enige navraag na die uitwerking van die lokasieregulasies word ingelui met 'n kritisering van die moontlikheid tot uitsetting by wanbetaling van die huishuur.

Die regulasies van die lokasie maak daarvoor voorsiening dat die superintendent toestemming kan verleen vir die oprigting van buitegeboue mits dit van goedgekeurde en duursame konstruksie sal wees. Die persele in Atteridgeville is egter so klein dat dit as administratiewe reëling geld dat sulke toevoegings nie toegelaat word nie. Omdat inwoners egter 'n behoefte aan motorhuise het, sommiges besit hulle eie motorvervoer, laat die superintendent egter toe dat die inwoners sodanige geboue oprig volgens goedgekeurde plan, grootte, materiaal en standaard van afwerking. Dit gebeur dan dikwels dat van hierdie vergunning misbruik gemaak word. Ons is bewus van 'n paar gevalle waar die goedkeuring van 'n motorhuis van voorgeskrewe grootte gelei het tot die oprigting van 'n saaltjie om onder andere ook addisionele slaapgeriewe te verkry. Wanneer sulke geboue dan weer afgebreek moet word, geskied dit tot ergernis van die oortreder.

Die regulasies plaas in 'n verskeidenheid van gevalle die verpligting op inwoners om ongerymde toestande aan die superintendent te rapporteer. Die samewerking van die inwoners in sulke sake is nie na wense nie. So is dit byvoorbeeld 'n oortreding om straatbome te verniel of te beskadig. Die superintendent vereis dat sulke beskadiging van Stadsraadseiendom gerapporteer moet word. Selfs waar persone ooggetuies was van vandalisme word dit nie aangemeld nie en stel ooggetuies nie veel belang in wat plaasvind nie. Oortredings van hierdie aard is nie volgens bewussyn van die inwoners oortreding van die openbare mening nie, maar bloot van die reëls van die Blanke administrasie wat self mag toesien hoe oortreders aan die man gebring kan word.

Die voorsiening van en die beheer oor die brou van kafferbier deur die inwoners van Atteridgeville het die superintendent in die verlede ernstige hoofbrekens besorg.

In die verlede is bier vanaf die munisipale brouery aan 'n biersaal in Atteridgeville gelewer waar inwoners dit kon gebruik. Klagtes oor die gehalte van die bier was een van die oorsake wat tot grootskaalse onwettige brouery gelei het. Klopjagte deur die Suid-Afrikaanse Polisie moes volg. Die uitgooi van onwettige brousels was in die oë van die inwoners 'n gruwel en het baie wrywing veroorsaak. Op aandrang van die inwoners het die Stadsraad besluit om die tuisbrou van kafferbier voorwaardelik toe te laat. Vandag is elke huishuurder dus geregtig om te enige tyd die maksimum van vier gelling kafferbier vir huisgebruik op sy perseel te hê. Klopjagte deur die Suid-Afrikaanse Polisie is gestaak en word slegs deur die munisipale polisie uitgevoer. Vir hierdie onderlinge reëling tussen die inwoners, die Stadsraad en die Suid-Afrikaanse Polisie bestaan geen wetlike dekking nie.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

'n Verdere bepaling van hierdie "Gentlemen's agreement" is dat geen ongesonde brousels soos Skokiaan en Barberton gebrou mag word nie. Wanneer oortredings van hierdie reëling aan die lig kom, word oortreders nie in die hof vervolg nie maar die saak vir afhandeling na die betrokke blokkomitee verwys. Die straf is in alle gevalle 'n verbod op die brou van enige bier vir 'n bepaalde tyd. Die toesig oor die nakoming van hierdie verbodsbepalinge word deur die blokkomitees self behartig met die moontlikheid dat verdere klopjagte op hulle versoek uitgevoer kan word.

Sover ons kon vasstel werk hierdie stelsel bevredigend daar volgehoue oortreding sou meebring dat die hele stelsel in gevaar kom. Dit bly egter 'n klagte wat deur politieke partye verder gevoer word dat daar geen wetlike dekking vir hierdie "Gentlemen's agreement" bestaan nie.

Die belangrikste gebrek in die samewerking tussen superintendent en blokkomitees is die feit dat die blokkomitees, as deel van die administrasie, nie deur die superintendent vir enige foute verantwoordelik gehou kan word nie. Slegs die superintendent en sy kantoorpersoneel bly in die finale instansie aanspreeklik vir alle foute wat sulke komitees mag begaan.

In sy samewerking met die Adviserende Komitee, met die blokmanne as politieke verteenwoordigers, ondervind die superintendent die vooroordeel van die party-politieke verdeling. Dit is tot so 'n mate waar dat enige voorstel in die Komitee selde op meriete afgehandel word. Klagtes en beskuldigings van onregverdige bevoordeling is steeds aan die orde soos die volgende voorbeeld illustreer: Ons onderskei drie politieke partye in die Pretoriase lokasies, dit is die Namune-party, die Kgudu Morôhô-party en die Transvaal Party, met elk 'n eie kleur naamlik rooi, groen en grys onderskeidelik. In die jare wat ons opname voorafgegaan het was die Namune-party "aan bewind". Gedurende die aanvangsjare van die ondersoek het een van die superintendente van Atteridgeville voorgestel dat die huise van die woonbuurt weer geverf moes word. Sy aanbeveling was dat alle dakke rooi en alle buite-houtwerk groen geverf moes word. Met beskuldigings van partydigheid vir die opposisie is die voorstel deur die Adviserende Komitee verwerp. In 'n deputasie wat die Komitee onmiddellik na die Bestuurder van die Afdeling Nie-blankesake gestuur het, is die aantygings van partydigheid van die pasaangestelde superintendent herhaal. Navraag het getoon dat die beskuldiging gevolg het vanweë die voorgestelde gebruik van die kleure van die opposisie vir die houtwerk buitenshuis. By wyse van kompromie het die Adviserende Komitee aanbeveel dat alle dakke rooi geverf moes word maar dat die munisipale verwers volgens die verklaring van die politieke aanhorigheid van huisbewoners die buitenshuise houtwerk òf rooi òf groen òf grys, moes verf. Die beslissing van die administrasie was dat die oorspronklike neutrale kleur - bruin - behoue moes bly.

As amptenaar van die Blanke administrasie is die superintendent verantwoordelikheid verskuldig aan hoër administratiewe gesag by die toepassing van die regulasies. Hy beklee sy posisie nie volgens wens en kontrole van die inwoners van Atteridgeville nie. Oor die wyse waarop hy beslissings vel, is hy deur geen wetlike bepaling tot raadpleging van die inwoners verplig nie. Juis omdat sy posisie nie die van despoot mag wees nie, probeer die superintendent die volste samewerking van alle blokmanne en van die Adviserende Komitee verkry. Dat hierdie samewerking nie altyd na die wens van die Blanke administrasie verkry kan word nie, is dikwels die gevolg van die bestaande politieke verdeling soos ons sal aantoon.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

## V. HISTORIESE ONTWIKKELING EN AANDEEL VAN POLITIEKE PARTYE IN DIE VERKIESING VAN DIE ADVISERENDE KOMITEE

Die politieke partygroepe wat 'n aandeel het in die verkiesing van lede van die Adviserende Komitee het op een na almal reeds bestaan voor die verskuiwing na Atteridgeville. Die beste oorsig oor die ontwikkeling van hierdie groepering en die vernaamste optredes as partye, sowel as die oorsake vir verdelings en hergroepering, kan verkry word deur die gebeure by verkiesings van Adviserende Komitees stap vir stap te volg. Ons vestig weer die aandag daarop dat die gebied waarin die partye aktief opgetree het behalwe Atteridgeville ook Marabastad en Bantule omvat het.

### A. Die historiese ontwikkeling van die huidige party-verdeling

Gedurende 1948 het die Kgudu Morôhô 'n memorandum aan die Munisipale administrasie voorgelê waarin ons onder andere lees: "We beg to point out that there are two big political parties in the Pretoria Municipal Locations. The Kgudu Morôhô and Namune ... whether these parties are recognised by the City Council of Pretoria or not, the fact remains that they do exist and both of them work on party lines." Gedurende dieselfde jaar het 'n derde party, die Transvaal Party, of na sy volle naam Lekgotla la Kopana ya bana ba Transfala (Die vergadering van die vereniging van die kinders van Transvaal) tot stand gekom.

Die twee eersgenoemde partye is reeds baie oud en verteenwoordig 'n politieke verdeling wat reeds in 1927 bestaan het; baie lank dus, voor die Bantoe na Atteridgeville verskuif sou word.

Oorspronklik was daar in Marabastad en Bantule slegs een organisasie wat die belange van die Bantoe teenoor die Stadsraad behartig het, naamlik: The Location Rentpayers' Association onder leiding van Simon Peter Matsêkê. Binne hierdie groep was volgens ons inligting, alle huurders van persele en huise wat aan die Stadsraad behoort het, ingesluit. Binne die huise van veral diegene wat persele gehuur het en self hulle huise gebou het, was daar 'n verdere groep, naamlik die loseerders, wat uit hoofde van die feit dat hulle geen kontrak met die Stadsraad gehad het nie, geen besondere politieke status gehad het nie.

Hierdie organisasie wat Matsêkê gestig het was, volgens ons inligting, ingeskakel by die African National Congress waarin Matsêkê ook 'n belangrike rol binne Transvaal gespeel het. Alle lede van die Association was ipso facto ook lede van die African National Congress. Na sy opgang in 1924 was Matsêkê ook 'n leidende figuur in die Industrial and Commercial Workers' Union in Pretoria. In sy gedagtes en aspirasies het hierdie leier dus op 'n breë uniale verband beweeg. Dit was die toestand in die laat twintiger jare. As vernaamste onderleiers was daar A.H.S. Sehloho en John Lekgetho. Eersgenoemde is vandag die leier van die Namune-party en laasgenoemde was in 1952 'n munisipale amptenaar en mog as sodanig nie meer aan die politiek deelneem nie.

Hoewel daar vroeg reeds struwelinge in die Assocation was, het dit eers in 1930 tot verdeling gelei. Die leiers van die twee groepe wat geskei het, was Matsêkê en Sehloho. Sehloho het hierna sy eie party gestig naamlik die Namune of "The Pretoria Location Residents' Association", terwyl Matsêkê se groep hulle naam verander het tot "The United Congress Civic Party", in die wandel bekend as die Kgudu Morôhô.

Die huidige Namune-groep het as die vernaamste redes vir hierdie splitsing aangevoer: "We did not want the Assocation (Rentpayers') to associate with our national movement, the African National Congress. We wanted it purely as a civil association."

© University of Pretoria

Die / ...

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Die meer algemeen bekende rede vir hierdie breuk is egter die volgende.

Marabastad was verdeel in 'n area waar Kleurlinge kon woon en persele huur van die Stadsraad; daarnaas ook 'n Bantoegedeelte waar hulle persele kon huur en bou. Die Rentpayers' Association het die hele gebied as Bantoewoongebied beskou en het geargumenteer dat die persone wat kon, toegelaat moes word om in die Kleurlinggedeelte persele te verkry. 'n Sekere Macdonald Molefe het in dié jare aansoek om so 'n perseel gedoen. Die Stadsraad het die aansoek geweier. Met die steun van die Rentpayers' Association het Molefe die saak na die Hooggeregshof geneem. Die saak is verhoor en met koste verwerp. Daar is vervolgens geappelleer. Ook die appèl het misluk. Die uiteinde was dat die Rentpayers' Association van hulle ondersteuners 'n bedrag van sowat R800 moes invorder om hofonkostes te dek.

Sehloho se groep het die saak ondersteun sover as die Transvaalse afdeling van die Hooggeregshof maar het die daaropvolgende appèl as geldmors afgewys. Die lede van hierdie groep was hoofsaaklik mense wat reeds persele in Marabastad gehuur het en sou dus niks met enige appèl wen nie. Matsêkê se groep het egter die appèl gesteun omdat onder hulle heelwat huurders van munisipale huise (Bantule) was wat graag persele wou bekom. Sehloho se groep die "Residents' Association" het dus in teenstelling met die Rentpayers' Association onder Matsêkê besluit om geen pennie tot die hofonkoste by te dra nie.

Ons moet in alle billikheid verduidelik dat daar naas hierdie struweling ook ander verskille tussen die leiers van die twee groepe moes gewees het. Die ondersteuners van elke leier het kant gekies volgens persoon en nie volgens beginsel nie: Die kennis van die gemiddelde lokasie-inwoner uit hierdie tyd, oor die feite van verskil, is uiters skraal. Die Namune onder Sehloho was in elk geval nie sterk genoeg om die 1938-verkiesing te wen nie.

Matsêkê met sy medeleiers Lekgetho en Koos Matli, het die verkiesing van 1938 gewen en die voorgestelde verskuiwing na Atteridgeville goedgekeur. Aangesien Sehloho en sy groep die teenstanders was, het hulle die verskuiwing teengestaan en aan die kiesers verduidelik dat Matsêkê besig was om hulle belange tot voordeel van die Blanke munisipaliteit op die agtergrond te skuiwe. Die propaganda wat gedurende hierdie periode opskrif gestel was, was besonder bitter.

Die vernaamste punt wat as praktiese verskil aangegryp is, was die kwessie van kompensasie aan die inwoners van Marabastad wat hulle huise as eiendom besit het. Matsêkê het in sy ondersteuning van die verskuiwing na Atteridgeville die steun gehad van die Bantoepersone wat munisipale huurhuise in Marabastad en Bantule bewoon het. Hulle het in die verskuiwing tereg 'n verbetering van hulle toestande gesien. Hiernaas het sommige huiseienaars wat die verskuiwing goedgesind was, hom ook gesteun. Hierbenewens kon hy ook reken op die steun van die groot aantal loseerders of onderhuurders wat by die verskuiwing na Atteridgeville die moontlikheid gesien het van die verkryging van 'n eie huis asook stemreg in lokasie-aangeleenthede. Vir die meerderheid van Matsêkê se ondersteuners was kompensasie, hoewel 'n noodsaaklikheid, nie die allesoorheersende voorwaarde vir verskuiwing nie.

Met die ondersteuners van die Namune-party was die toestand anders. Die grootste gedeelte van hierdie groep was huiseienaars en kompensasie was vir hulle die terugbetaling van bestede kapitaal.

Kompensasie by so 'n verskuiwing word voorgeskryf in die huurkontrak van persele wat as bylae B van die lokasieregulasies Administrateurskennisgewing 561/25 ingeskryf is en sou deur die Stadsraad betaal moes word. Dit word deur verskeie van ons

© University of Pretoria

informante / ...

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

informante beweer dat die Namune-party-leiding propaganda versprei het dat Matsêkê gewillig was om die inwoners van Marabastad sonder kompensasie te laat verskuif. Hulle het hulle as kampvegters vir voldoende kompensasie voorgehou. Benewens kompensasie vir verlies van huise, het hulle ook kompensasie vir die verlies van inkomste uit loseerders en sub-huurders aangevra. Hierdie propaganda het diep ingeslaan. Veral weduwees en ander vroue wat huiseienaars was, sou deur die verskuiwing hulle hoofbron van inkomste ontneem word. So vertel een informant van 'n openbare byeenkoms waarby gebid is om die agitasie van Sehloho suksesvol te maak. Daar is gebid: "Ag Vader, - help ons, - re thuse Morena, u eme le Sehloho - (geween) -." (Help ons Vader, wees met Sehloho).

Vandag is die standpunt van die Namune: "In the first place the people did not want to be removed from Marabastad, (they were afraid) that they will be deprived of the little rights they have." (Hierby is die reg van onderverhuring en eiendomsreg oor huise bedoel.) Hulle ontken hulle eis om kompensasie vir verlies van loseerders hoewel ander bronne dit eenparig bevestig. Matsêkê se houding in hierdie saak word deur hulle as "rather rash" beskryf.

Kompensasie is uiteindelik uitbetaal volgens die gemiddelde van die waardasies van twee onafhanklike waardeerders, een aangewys deur die Stadsraad en die ander deur die inwoners van Marabastad. Soos een informant dit uitgedruk het. Elkeen is uitbetaal, "die wat sleg gebou het met second houte en second mazenke: £10 en £20, en die wat nuwe goed ingesit het: £100 en £200. Hulle het al hulle ekspensies gekry." In alle regverdigheid meld ons egter dat by so 'n uitbetaling waardevermindering ten gevolge van ouderdom van die gebou ook in aanmerking geneem word.

Rapport oor propaganda in hierdie tyd vermeld "that the Board (Matsêkê en sy mense) and the Council, by having agreed to the establishment of a location near the Leper Institute (Atteridgeville is enige myle van die inrigting geleë) had plotted to blot out the people for, said they, leprosy being a contagious disease, would be introduced into Atteridgeville by the first wind, thereby exterminating the people. Said they further, the then Board and the Council had arranged that as a preliminary of their admission into Atteridgeville women of all ages would be examined in the nude by young, undisciplined Dutch boys. Said they finally, if in the end Marabastad were removed, they would either go elsewhere or be the last to go to Atteridgeville." Hierdie propaganda het 'n invloed gehad op Matsêkê se ondersteunders.

Matsêkê het 'n verdere deel van sy volgelinge verloor deur propaganda teen sy houding oor huurvermindering in Bantule. Hy het, so word beweer, in hierdie tyd van die Stadsraad die belofte ontvang dat hulle 'n vermindering van huishuur in Bantule sou oorweeg mits die huurders gewillig sou wees om 'n ooreenkomstige verlaging van huur aan die loseerders in hulle huise toe te staan. Baie huurders was hieroor ontevrede. In teenpropaganda is gesê: "Matsêkê wil ons huise verniet hê, dat die mense verniet lewe in ons huis. Daar het die groot dispute uitgekom. Jy wil ons huis verniet hê om aan die huurders te gee."

Deur al hierdie propaganda en teenpropaganda het daar gaandeweg 'n ommeswaai in die gesindheid van die kiesers ontstaan. Met die 1941-verkiesing het die Namune nege van die tien setels in die Adviserende Komitee verower. Koos Matli van die Kgudu Morôhô, Matsêkê se party, was die enigste amptelike opposisielid in die Komitee. Hy het sy plek gevul na lotsbeslissing omdat hy dieselfde hoeveelheid stemme as die laaste moontlike suksesvolle Namune-kandidaat getrek het.

In 1942 is daar twee van die Namune-lede van die Komitee weens wangedrag uit die Komitee ontsetel. In die tussenverkiesing

© University of Pretoria

wat / ...

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

wat gevolg het, het nog twee van die Kgudu Morôhô-party se kandidate die paal gehaal. Die stand van die partye in die Komitee was nou sewe Namune- en drie Kgudu Morôhô-verteenwoordigers. In 1941 is een van hierdie twee nuwe lede, naamlik Lekgetho reeds deur Matsêkê as sy opvolger benoem.

Die 1941-verkiesing was 'n bitsige geveg. Van weerskante is lasterlike dinge teen leiers gesê. Die verkiesing is ook as 'n toegif in die hof verder uitgeveg.

Dit was gedurende hierdie bewindstermyn van die Namune-party dat die blokstelsel wat kort tevore ingestel was, so 'n groot mislukking geblyk het. Blokmanne kon nie met hulle komitees wat deur die inwoners van die blok verkies is, klaarkom nie. Uiteindelik is die stelsel soos reeds aangedui, verander.

Die Kgudu Morôhô-party het op die vooraand van die 1943-verkiesing tekens van 'n uiteindelike verdeling vertoon. As leier was daar Lekgetho en onder hom was Matli die vernaamste persoon. Matli, as ouer persoon, het gesteurd gevoel dat die leierskap deur Matsêkê aan Lekgetho gegee is en nie aan hom nie. Laat in 1942, na die mislukking van die blokstelsel, het die Stadsraad besluit dat geen munisipale amptenaar voortaan aan politieke agitasie sou mog deelneem nie, en nie verkies sou kon word op die Adviserende Komitee nie. Benewens twee sittende lede van die Namune-party sou ook Lekgetho hom nie weer in 1943 verkiesbaar kon stel nie. Daar was 'n nuwe hoofleier vir die Kgudu Morôhô nodig.

Matli, Lekgetho en Mini, die drie Komiteelede van die Kgudu Morôhô in die Namune-bewind, moes hulle dikwels samewerking met die Namune laat welgeval. Dit het die buitestaande leiers van die Kgudu Morôhô gegrief. Die vernaamste van hierdie persone was Cronje B. Mbolêkwa. Hy het sover moontlik propaganda gemaak om homself as leier verkies te kry wanneer Lekgetho noodgedwonge uit die "politiek" moes tree en Matli dus verantwoording sou moes doen van klagtes van samewerking met die Namune. Mini was van mindere belang.

Mbolêkwa is iemand wat hom gedurende sy politieke loopbaan baie vyande op die hals gehaal het. Een van hulle het ons verkleinerend meegedeel: "He is a man who is interested in the winning side." Dit is sover ons kon vasstel korrek om te sê dat hy aanvanklik 'n aanhanger van Sehloho was, maar in 1938 toe die Kgudu Morôhô die verkiesing gewen het, het hy sy steun aan Matsêkê gegee. Na 'n kort periode in die leër het hy in 1941 weer tot die politiek toegetree en gou opgang gemaak.

Toe die kierserlys vir die verkiesing in 1943 opgestel is, is ten gevolge van 'n fout al die name van die kiesers wat in die Kaaplokasie en Asiate Bazaar gewoon het, uitgelaat. Die regulasies het tot op hierdie stadium die grootste gedeelte van die Kleurling-lokasie en 'n gedeelte van die Asiate Bazaar as kiesgebied vir die Adviserende Komitee, ingesluit. Die plan was egter om hierdie areas uit te sny. Ten tye van die 1943-verkiesing was dit nog nie gedoen nie. Op 19.3.43 het voornemende kiesers in die Kaaplokasie die Stadsraad deur middel van regsverteenwoordigers verwittig dat hulle van voornemens was om 'n interdik in die Hooggeregshof aan te vra wat die verkiesing onwettig sou verklaar indien hulle name nie op die lys geplaas word nie. Die datum van die verkiesing was op die stadium reeds bepaal vir 31.3.43. Weens gebrek aan tyd (19 - 31.3.43) kon die Stadsraad nie aan hierdie versoek gehoor gee nie, en op 25.3.43 en weer op 29.3.43 is daar toe petisies namens die inwoners van die betrokke gedeeltes by die Hooggeregshof ingedien. Die regsadviseurs vir die verskillende partye het ooreengekom dat die aansoek nie bestry sou word nie en dat die interdik toegestaan en die verkiesing afgelas sou word om die Stadsraad die geleentheid te gee om die saak in die reine te bring. Hierdie interdik is op 30.3.43 toegestaan, een dag dus voor die voorgenome verkiesing. Kragtens

Administrateurskennisgewing / ...

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Administrateurskennisgewing 228 van 30 Junie 1943 is die gebied onder dispuut uit die kiesgebied van die Adviserende Komitee uitgesny. Die volgende verkiesingsdatum is bepaal as 29.9.43 onder die nuwe afbakening.

Dit volg dus dat die lokasies vir die termyn 1.4.43 - 29.9.43 sonder 'n wettig-verkose Adviserende Komitee was. Die Stadsraad het daarom besluit om die ou Adviserende Komitee ook vir hierdie termyn te erken om kontinuïteit te verkry. Die Komitee was egter, soos ons aangedui het, oorwegend uit Namune-ondersteuners saamgestel en hierdie handelswyse van die Stadsraad het die Kgudu Morôhô geaffronteer. Hoewel hulle drie lede in die Komitee gehad het, het hulle hierdie mense geheel en al versaak. Lekgetho was as munisipale amptenaar vir die toekoms nie van belang nie, Mini was 'n minder belangrike leier en Matli moes dus, saam met die genoemdes, 'n verweer voorberei vir die beskuldigings van samewerking met die Namune.

In hierdie tyd is Mbolêkwa as leier van die Kgudu Morôhô aangewys. Hy het homself Chief Whip genoem en openlik te velde getrek teen die erkenning van die ou Adviserende Komitee. Hy het die Stadsraad versoek om die onkostes wat deur die verskillende partye ten opsigte van die verkiesing aangegaan is, aan hulle terug te betaal. Die Stadsraad het nie die reg van die partye om in hierdie saak op te tree, erken nie, maar het besluit om aan elke kandidaat R4 uit te betaal as vergoeding vir enige onkostes wat hulle persoonlik aangegaan het. Desondanks is daar verdere wilde beskuldigings teen die Stadsraad geslinger wat in mondelike propaganda verder uitgebou is. So word beweer dat daar reeds in April 1943 'n openbare vergadering belê is waarop 'n mosie van wantroue in die Adviserende Komitee aangeneem is.

Op 29.6.43 het die bestuurder van die Afdeling Nieblankesake 'n brief van die Kgudu Morôhô-party ontvang waarin onder andere die volgende gesê word: "The Committee of my party having lost your confidence, has instructed me to request you to state the clause or the act or regulations" waaronder die dienstyd van die Adviserende Komitee verleng kan word. "It is clear that your department is determined to fulfil the wishes of some of your Bantu clerks, (Ex-Board members), and not the residents." Hier word verwys na Lekgetho van die Kgudu Morôhô maar ook na Binda en Moroe van die Namune-party. Die dag van tevore het 'n groep van die Kgudu Morôhô-party die raadskamer van die Adviserende Komitee binne gegaan terwyl die Komitee in sitting was en hulleself voorgestel as 'n deputasie van die inwoners van die lokasie. Hulle het onder leiding van Mbolêkwa te velde getrek teen die erkenning van die Adviserende Komitee. Een van die Komiteelede het, volgens betroubare bron, gesê: "These men of the opposition cannot really say they represent all the African inhabitants, they really came on their own behalf because they dislike a couple of the old Board members." Ook Lekgetho en Matli as lede van die opposisie het hulle afkeuring oor hierdie optrede uitgespreek. Hierdie gebeure is volledig behandel omdat dit 'n vingerwysing is na die feit dat die Adviserende Komitee normaalweg deur die opposisiegroepe verantwoordelik gehou word vir enige flaters van die administrasie. In hierdie geval selfs terwyl daar van hulle eie lede in die Komitee aanwesig was.

Hierdie gebeure het die Kgudu Morôhô 'n geweldige morele oorwinning oor die Namune besorg en voorts tweedrag bewerkstellig tussen Matli en Mbolêkwa, albei van die Kgudu Morôhô. Mbolêkwa was nou onbetwisbaar die leier. Die verkiesingspropaganda van die Kgudu Morôhô-party in 1943 het dan ook van hierdie gebeure getuig en het onder andere soos volg gelui:

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



"V - Victory

The Kgudu Morôhô Civic Association stands for Victory of the Allied nations against the forces of Nazi Germany and other Axis Rogues and for the upholding of the Democratic form of Government in the Municipal Administration.

"... Kgudu wants no Intimidation, Victimisation and Expulsion from work through pressure of Political Verneukery in Municipal services ......

Issued by order
Chief Whip of Kgudu Morôhô."

Hierdie agitasie van die Kgudu Morôhô het Mbolêkwa in staat gestel om die verkiesings van 1943 en 1945 te wen. Die Kgudu Morôhô Adviserende Komitee het die Stadsraad in Oktober 1943 gevra om die blokstelsel weer in te stel. Van toe af dateer die stelsel soos ons dit in die voorgaande afdeling verduidelik het.

Die verskille tussen die twee politieke partye kan nie bepaal word uit hulle optrede as verkose Adviserende Komitee nie: Albei vind dat 'n mate van samewerking met die administrasie noodsaaklik is. Die geweldige ontevredenheid oor optredes voor 1943 het geen verdere naklank in die notules van die Adviserende Komitees van 1943 en 1945 nie. Die leiers van die partye erken die verskynsel self. Een van hulle het as kommentaar op die feit dat die verskille tussen partye eerder berus in vetes tussen leiers as op beginsels gesê: "The majority of the natives have not got the experience. They just follow you blindly, they are like a lot of children really."

Die 1947-verkiesing het weer eens stryd opgelewer. Die oorsaak hiervan is geleë in gebeure tydens die 1946-tussenverkiesing.

Die tussenverkiesing van 1946 het nodig geword omdat een van die lede van die gekose komitee te sterwe gekom het. Die Kgudu Morôhô het as hulle kandidaat E. Mkhobotloane genomineer. Die Namune-party se kandidaat was I.B. Moroe. (Hierdie persoon het sedert 1943 uit die munisipale diens bedank en was dus weer verkiesbaar.) Die totaal van alle genomineerde kandidate was egter vier. Dit was in die verlede die gebruik om, soos die regulasie bepaal het, kandidate toe te laat om uit hulle geledere of andersins twee opsieners (scrutineers) of binne-agente aan te wys om die kiesbeampte behulpsaam te wees met die identifisering van kiesers in die stemlokale. Ten gevolge van die feit dat die kandidate in die verlede gelykop tussen partye verdeel was, is een opsiener per stemlokaal per party verkies. Met hierdie verkiesing is albei opsieners per stemlokaal egter uit die Namune-party verkies. Die genomineerde kandidate het die beslissing so gelewer. Die uitslag van die verkiesing was 'n oorwinning vir die Namune (Moroe: 500, Mkhobotloane: 488, van die twee ander kandidate het een, een stem getrek en die ander geen stemme nie).

Die Kgudu Morôhô het dadelik vuilspel beweer en die saak na die Hooggeregshof gevoer. Op 11 November 1946 het Mkhobotloane 'n petisie teen Moroe en elf ander persone, waaronder die opsieners, die stembeamptes en kiesbeampte ingedien, waarin hy aangevra het dat die verkiesing nietig verklaar word, 'n nuwe verkiesing gehou word, of dat 'n hertelling van stemme gelas word nadat verdere stemaansoeke deur die hof oorweeg word, aangesien daar sekere beweerde onreëlmatighede was. Na deeglike ondersoek het die hof die aansoek met koste verwerp.

Die 1947-verkiesingstryd het dus in troebel waters geopen. Die Kgudu Morôhô-leiers het beweer dat as die Namune 'n verkiesing kan wen deur soveel kandidate te laat nomineer dat hulle slegs hulle eie opsieners kan verkies wat dan met die identifikasie van kiesers amok kan maak, kan hulle dit ook doen. Geweldige organisasiewerk is gedoen, klagtes teen insluitings en weglatings uit die kieserslys het ingestroom en kandidate is op groot skaal genomineer. Na sluiting

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

van die nominasies was daar 170 wettig genomineerde kandidate waaruit 10 verkies moes word. Die kiesbeampte het op eie gesag besluit om elke party toe te laat om een opsiener te benoem. Sy persoonlike invloed het die grootste gedeelte van die kandidate beweeg om hulle kandidatuur terug te trek. Die uiteindelike getal kandidate in die verkiesing was nogtans 82, waarvan baie nie een stem kon trek nie.

Om 'n verdere herhaling van die toestand te voorkom is die regulasies per Administrateurskennisgewing 818 van 3.12.1947 so gewysig dat elke genomineerde 'n bedrag van R10 by die kiesbeampte moes stort. Indien 'n kandidaat dan minder as die helfte van die stemme wat op die laaste suksesvolle kandidaat verenig is, trek, word sy deposito verbeurd verklaar.

Die uitslag van die 1947-verkiesing was 'n verdere oorwinning vir die Namune. Hulle het egter slegs 9 kandidate verkies gekry. Die tiende komiteelid was Matli. Hy en Maleka van die Namune-party het die tiende posisie gedeel en by lotsbeslissing is Matli aangewys.

Na hierdie verkiesing het die Kgudu Morôhô-party onder Mbolêkwa openlik teen Matli agiteer en hom weer eens van ongeoorloofde samewerking met die Namune beskuldig. Hulle het gesê: "Hy gaan altyd in as al die ander uitval." Hierdie aanhoudende interne twis het ten gevolge gehad dat Matli sy eie party gestig het.

Mbolêkwa was 'n persoon wat oorspronklik van buite Transvaal gekom het. Matli was, soos die meeste inwoners van die lokasies, in Transvaal gebore. Daarby was hy ten tye van die struweling en vandag nog, die verteenwoordiger in Pretoria van Kaptein Mathibe van die Bahwaduba-stam van Hammanskraal. Daar het by hom en sommige persoonlike volgelinge die gedagte ontstaan om deur politieke agitasie die Pretoriase gebied as arbeidsgebied gereserveer te kry vir mense wat in Transvaal gebore was. Die gedagte was egter om hierdie beleidspunt nog onder die vaandel van die Kgudu Morôhô te loods. Vanweë die struweling het Matli besluit om sy party te stig. "Hulle wou die tweede Kgudu maak, om te sê, Renewed Kgudu Morôhô." Toe daar aan Matli gevra was om leier te word van die Renewed Kgudu Morôhô wou hy eers Mbolêkwa daaroor raadpleeg. Mbolêkwa het geweier om hom te woord te staan en dadelik propaganda teen die verdelingsgedagte begin. Volgens sommige van ons informante: "Matli was told by Mbolêkwa plain and blank, you Transvaal people are uneducated groups. If you want to work any more with me, you will have to open your own party."

Matli se ondersteuners het egter hulle standpunt ewe ekstremisties gestel: "Ek is 'n Transvaler. Hoe kan ek gaan vote vir 'n Kaalkaffer, Tamboekie, van die Kolonie. Ons is Transvalers, ons moet die beste werk hier kry. Onse kinders is nie mo-tsela-noka nie. (Mense van oorkant die Vaalrivier.) Hoe sê julle broers? Toe sê hulle: "Jaa Jaa". Toe gaan hulle na Matli en maak vir Mbolêkwa bietjie ligter terwyl die Namune solid gebly het."

Mbolêkwa en onderleiers soos Mahlatjie, die partysekretaris, en Modise, het beswaar gemaak dat Matli sy party ook Kgudu noem: "As jy Kgudu wil wees moet jy die tweede Kgudu wees, jy kan nie die eerste wees nie." Die uiteindelike benaming van die nuwe partygroep was Lekgotla la kopano ya bana ba Transfala, of soos dit in die wandel bekend was: Die Transvaal-party.

Met die 1949-verkiesing is daar toe kandidate deur al drie partye (Namune, Kgudu Morôhô en Transvaal) gestel. Die Namune het die verkiesing met 'n oorweldigende meerderheid gewen terwyl al 10 die kandidate van die Transvaal-party hulle depositos verbeur het.

Dit is opvallend dat die Namune gedurende al die jare as party-eenheid bly voortbestaan het. Splitsing is die gevolg van onenigheid tussen leiers. Die leiers van die Namune se persoonlikhede vul mekaar aan in die behartiging van die partyleiding.

© University of Pretoria

Binne / ...

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Binne die geleerdere van die ou Kgudu Morôhô was daar na afloop van die 1949-verkiesing nogeens stryd. Na die verkiesing moes die Uitvoerende Komitee van die party verslag doen oor die besteding van fondse by die verkiesing. Volgens segsmanne kon die leiers dit nie na behore doen nie en beskuldigings van geldverduistering het gevolg. Die uiteinde was dat die hoofleier deur sy party gerepudieer is. Met latere verkiesings (1956) was hy egter weer terug in die saal.

Met die 1951-verkiesing is daar, gedagtig aan die 1949-gebeure, 'n koalisie gesluit tussen die Kgudu Morôhô en Transvaal-party om gesamentlik te poog om die Namune te oorwin. Hierdie koalisie het tot stand gekom op versoek van die Kgudu Morôhô. Die vernaamste voorwaardes van die ooreenkoms wat deur die Transvaal-party gestel was, was soos volg: Die Kgudu Morôhô kon ses kandidate stel, die Transvaal-party vier. Geen van die kandidate mag van buite Transvaal kom nie. Om praktiese redes is die laaste voorwaarde ten opsigte van een kandidaat van die Kgudu Morôhô egter opgeskort.

Die Namune het ook hierdie verkiesing gewen. Ondanks die feit dat een van die kandidate 'n voormalige lid van die Namune-komitee was wat hom nou vir die opposisie verkiesbaar gestel het, is geen enkele opposisie-kandidaat verkies nie.

Gedurende 1952 was daar 'n tussenverkiesing. Een van die verkose lede is gevonnis tot ses maande dwangarbeid sonder keuse van 'n boete, opgeskort vir 'n bepaalde termyn. Die regulasies dek nie gevalle waar 'n opgeskorte vonnis van so 'n ernstige aard opgelê word nie. Politieke stryd het onmiddellik ontbrand.

Die Kgudu Morôhô wou hê dat die betrokke lid onmiddellik ontsetel moet word sodat hulle die tussenverkiesingstryd in 'n vertroebelde atmosfeer kon veg. Die standpunt van die Namune was dat aangesien die komiteelid nie die vonnis moes uitdien nie hy geregtig was om sy setel te behou. Die Stadsraad het eers regsadvies ingewin. Die beslissing van die Voorsitter van die Adviserende Komitee het dus gesloer van April 1952, toe die vonnis gevel is, tot September toe die lid tog ontsetel is. Net in tyd, daar die Kgudu Morôhô reeds aanstaltes gemaak het om die saak na die Hooggeregshof te neem.

Vir die Koalisie van 1951 het die tussenverkiesing 'n probleem geword. Van die twee kandidate wat gestel was, was slegs dié van die Namune in Transvaal gebore. Die Transvaal-party kon dus nie die kandidaat van hulle Koalisie-genoot steun nie en die kandidaat van die Namune kon ook nie ondersteun word nie. Inderhaas het die Transvaal-party hulle eie kandidaat gestel. Oënskynlik was daar geen koalisie nie. Tog het die aanbevelingskaart vir die opposisie albei Koalisie-groepe se name vertoon sowel as die name van albei die kandidate. Die naam van die kandidaat van die Transvaal-party was egter doodgetrek. Die gevolg was dat opposisie-ondersteuners slegs vir die kandidaat van die Kgudu Morôhô kon stem (vergelyk p.338 en verder). Vir die oorsake van hierdie gebeure gee ons geen verklaring nie. Ten tye van ons opname was dit nog te onlangs in die verlede en die uitlatings te bitter om op skrif te stel. Die verkiesing is deur die Namune-party gewen.

## B. Die doelstellings van die verskillende partye

Die bepaling van die besondere doelstellings van die partye was 'n moeilike taak. Behalwe in die geval van die Transvaal-party is daar geen program van beginsels of partybeleid wat kiesers gevra word om te ondersteun nie.

Hierdie afwesigheid van diepgaande ideële of beginselverskille tussen partye het sy oorsaak in die feit dat die Adviserende Komitee konkrete voorstelle oor lokasietoestande aan die Stadsraad moet voorlê: Die verkiesingsmanifeste van partye bevat dus lyste van praktiese voorstelle eerder as beginsels van partybeleid. Die kiesers van wie steun gewerf moet word, staan volgens ons informante,

© University of Pretoria

oor / ...

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

oor die algemeen apaties teenoor enige beginselstandpunt sodat partystandpunte slegs tot praktiese probleme beperk word. Een van ons informante het onomwonde verklaar: "Ek dink dat die twee partye (Namune en Kgudu Morôhô) vir dieselfde ding stem, net die verbetering van die kondisies van die lokasies - dit is al." Vir hom lê die hoofoorsaak van die verdeling in die feit dat nie een van die leiers gewillig is om onder die ander te dien nie.

Die afwesigheid van beginsels van partybeleid laat selfs die leiers snaakse antwoorde gee wanneer die basis vir die verdeling in partye bespreek word. Van een van die kandidate wat van partyaanhorigheid verwissel het, het ons 'n verduideliking van verskil in standpunt tussen partye aangevra. Oor sy voormalige partygenote het hy gesê: "I don't even know what I was standing for. They are a lot of washouts." Op 'n vraag wat die standpunt van sy huidige party is, was die antwoord: verbetering van straatbeligting in Atteridgeville. Toevallig was dit die vernaamste item in die verkiesingsmanifes van sy eertydse partygenote!

Hierdie onkunde oor verskille in partybeleid is by baie van ons informante opgemerk. Een het die situasie kalmweg soos volg opgesom: "Die een (Namune) sê dit is so: 'Gaan na die wit mense van die Council (Stadsraad) toe en ... sê ons vra dit so.' Dan sê die Kgudu: 'Nee, ons wil dit sô (d.i., anders of effens anders) hê.'"

By die bepaling van moontlike verskil in doelstellings tussen die Namune en Kgudu Morôhô moes ons dus tevrede wees met 'n opsomming van verskille tussen leiers in plaas van die begrip van die algemene ingeligte party-ondersteuner oor die doelstellings van sy party.

Die eerste en vernaamste van hierdie verskille is die feit dat die Kgudu Morôhô hom in die verlede, en ook tans, direk verbind het met die African National Congress. Hierteenoor beskou die leiers van die Namune dit onwenslik dat die A.N.C. enige aandeel kry in die lokasiepolitiek. Van hierdie verskil weet die gemiddelde ondersteuner van die twee partye niks.

Die tweede belangrike verskil tussen leiers wat aan ons genoem is, is die feit dat die Namune-leiers die huidige stelsel van verkiesing, d.i. met 'n meervoudige stem per kieser, voorstaan. Daarvolgens het hulle reeds geruime tyd die oorwinning behaal en verkies dus geen ander nie. Hulle noem dit "true democracy" en vergelyk dit met die hou van 'n referendum onder Blankes. Die Kgudu Morôhô is egter te vinde vir 'n wykverkiesingstelsel met enkelvoudige stem per kieser; dus soortgelyk aan die kiesstelsel van die Blankes. Hulle reken dat hulle onder so 'n stelsel ten minste 'n paar van die verskillende wyke waarvoor lede van die Adviserende Komitee dan verkies sal word, sal kan verower. Dit is egter ons oortuiging dat hierdie standpunt nie op beginseloortuiging berus nie, maar die gevolg is van herhaalde nederlae. Daar is verder ook getuienis dat selfs sommige van die huidige Namune-leiers ook so 'n stelsel voorgestaan het toe hulle vroeg in die veertiger-jare self een nederlaag na die ander gely het.

Ten derde is daar deur sommige informante aan ons verduidelik dat die Namune-party in wese anti-blank is. "With the Namune there is a feeling that Europeans must give way to African control." Hierteenoor is die Kgudu Morôhô, volgens ons informant, nie anti-blank nie maar besef dat Blanke leiding en gesag in stedelike lokasies permanent sal bly en dat daar slegs 'n aandeel vir Bantoepersone in hierdie administrasie gevra word soos hulle bekwaamheid daartoe dit regverdig. Informante van die kant van die Namune het presies dieselfde as hulle party se gedagte gestel. Ons gevolgtrekking is dat daar ekstremiste in die geledere van albei partye aanwesig is maar dat nôg die een nôg die ander van die partye in sy geheel na

© University of Pretoria

opinie / ...

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

opinie van die leiers, as anti-blank afgeskryf kan word.

Alleen in die geval van die Transvaal-party is daar duidelike partybeginsels wat, teoreties altans, van deurslaggewende aard is. Die party stel hom ten doel om die hele Transvaal as werkgebied te verkry vir Bantoepersone wat in Transvaal gebore is. Die party is daarop teen dat Bantoepersone van buite Transvaal, en veral van buite Suid-Afrika in Transvaal 'n werkgeleentheid kry. Hulle sê: "Hoe kan jy kry dat kinders, jou eie kinders in die huis, gesê word: 'Kyk, hier is te veel kinders in die huis en julle moet uit gaan buitekant dat die buitenste mense moet inkom.' Jy kan liewerste vir die vreemde mense sê: 'Vreemde mens, ek het nie plek nie. Gaan soek julle plek bietjie vorentoe.' Ons wil nie meer hê uitlandermense moet vir ons lei nie. Ons wil werk enige tyd saam met die Duusvolk (wit mense) van hierdie wêreld." By leiers van hierdie party bestaan daar ook die strewe om die gesag van die stamkapteins uit te brei na die lede van hulle stamme wat in stedelike gebiede woonagtig is deur die vestiging van kapteinsverteenwoordigers. Mense van buite Transvaal moet dan eers ingeskakel word onder die gesag van 'n bepaalde plaaslike kaptein voordat sodaniges status kan verkry en voor die reg om werk te soek verleen kan word.

Wanneer die party egter in die lokasie-politiek optree is die doelstellings wat aan die kiesers voorgehou word ewe prakties gerig as in die geval van die ander partye. Die kreet: Transvaal vir die Bantoe van Transvaal, word egter ook gebruik.

C. Die herkoms van name en kleure van die partye

Naas offisiële benamings het elke party ook 'n omgangsbenaming en 'n onderskeidende kleur wat verduideliking verdien.

Die Kgudu Morôhô (Rentpayers' Association, later die United Congress Civic Party) was die eerste wat so 'n benaming ontvang het. In werklikheid is dit 'n samevoeging van twee name: Kgudu - skilpad, en Morôhô - misbredie (Amaranthus Thunbergii Mog. volgens Van Zyl (1944:74)). In die ontstaanstyd van die party was Matsêkê die kampvegter vir die belange van die loseerders wat geen perseel van die Stadsraad te huur kon kry nie. Sy ondersteuners is dus deur die Namune "skilpaaie" genoem, omdat hulle net soos skilpaaie "hulle huis op hulle rug gedra het." Die Kgudu het egter die skeldnaam tot onderskeidingsteken verhef deur te verwys na die verhaal van die wedloop tussen die skilpad en die volstruis (volgens informante) waarin die skilpad met 'n slenterslag die oorwinning behaal het.

Die kleure van die party is groen en wit. "Hulle het bymekaar gekom om kleure te kies. Toe sê ons, kyk ons is die Kgudu. Kgudu hy eet mos die groen morôhô ... As jy morôhô maak ('n kooksel van misbredietoppe) word daar melk ook ingegooi. Nou dan, nadat jy geëet het, is jou hart wit. Met die, toe sê ons white en green."

Die Namune (Residents' Association) kry sy naam van die versotho-ing van die Afrikaanse lemoen - Namune.

Informante uit die Kgudu Morôhô-party beweer dat die Namune met die 1941-verkiesing die inwoners van die lokasie aangespoor het om vir hulle te stem deur te sê: "Vote for Namune. That is Orange Free State residents." Matsêkê van die Kgudu Morôhô en sommige van sy onder-leiers was in die Vrystaat gebore. Dit beteken dus dat daar met 'n slenter probeer was om ondersteuners van Matsêkê te oortuig dat die Namune die verbintenis met die Oranje-Vrystaat gehad het, en dit ook beklemtoon het deur oranje as partykleur te gebruik. Volgens dieselfde informante was die Namune se verweer: "Nee, ons meen nie Orange Free State nie, ons meen die Namune (lemoen) wat die mense gesondmaak in die hospitaal. Hy is die goeie ding. Julle moet vote vir die goeie ding."

Die Namune se eie verklaring was effens terughoudend. Hulle het erken dat oranje as partykleur in 1941 gebruik is en het

beweer / ...

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

beweer dat die naamgewing die gevolg was van die gebruik van lemoene deur ondersteuners om hulle "kleur te wys."

Vanweë die partykleur, rooi of oranje, verwys opposisiegroepe soms na die Namune as lepêpênênê - 'n rooi ding. Dit is egter 'n skeldnaam en word nie deur die ondersteuners van die party self gebruik nie.

Die kleur en naam van die Transvaal-party is meer bewustelik gekies. By die stigting van die party in 1948 het die ander partye name en kleure gehad. Die Transvaal-party het dus self bewustelik hierdie leemtes gevul. Byname bestaan daar in die wandel nie. Die partykleur is "grys soos die duif." Die rede is: Die duif het aan Noag berig gebring dat die waters van die sondvloed aan die daal was. Net so "die woord het gekom saam met die duif na die Transvaal se kinders dat ons bymekaar te kom om te dink dat ons te veg vir onse land."

Die kleure van die partye speel 'n geweldige rol by die uitkenning van party-ondersteuners met die verkiesingsdag.

D. Party-organisasie en -bestuur

Die party-organisasie van die partye in Atteridgeville verskaf 'n insiggewende blik op die kennis van die Blanke politieke stelsel wat as voorbeeld vir hierdie strukture gedien het. Benewens mondelinge getuienis oor die funksionering van die partymasjien was werklike skriftelike gegewens slegs in die geval van die Kgudu Morôhô beskikbaar. Ondanks die mooi sisteem wat in hierdie geskrif uiteengesit was, het ons hier ondervind dat die partymasjien baie swak werk, daar baie van die funksionarisse op komitees nie bewus was van hulle lidmaatskap nie of nie geweet het wat die taak van die komitee waarop hulle gedien het, was nie.

Geeneen van die partye beskik oor 'n offisiële grondwet nie. Die omvang van die organisasiewyse soos dit mondelings verduidelik is, toon so 'n wisseling dat al drie partye afsonderlik hanteer moet word. Veralgemenings, juis waar geen geskrewe besonderhede beskikbaar is nie, sal lei tot 'n foutiewe geheelbeeld.

Die beheer oor die Kgudu Morôhô setel by 'n Sentrale Uitvoerende Komitee waaronder daar onder-komitees bestaan vir verstrekking van regsadvies, party-organisasie, insameling van fondse, toesig oor behuising, en toesig oor pligsvervulling van blokkomitees. Die partybestuur is in die hande van 31 mans wat onderling plekke vul op die bogenoemde vyf onder-komitees van die Uitvoerende Komitee. Hiernaas is daar ook 21 vrouens ingeskakel op 'n "African Women's Executive Committee" wat vir werwingsdoeleindes diens doen.

Die National Executive Committee bestaan uit 18 lede. Dit is saamgestel uit 'n Cabinet bestaande uit die president van die party, die algemene en assistent party-sekretarisse, die voorsitter van die komitee, die regsadviseur, die hoof-sweep, die kapelaan en die party-organiseerder, naas nog 10 gewone lede.

As onder-komitee dien daar ten eerste die Komitee vir Regsadvies, bestaande uit die regsadviseur as saamroeper en voorsitter. Die sekretaris is die assistent-partysekretaris. Die ander sewe lede van die komitee dien net soos die ampsdraers ook op die National Executive Committee. Dit is dus 'n belangrike onderkomitee.

Ten tweede is daar die Organising Committee and Public Meetings. Die sameroeper en voorsitter is die party-organiseerder. Die sekretaris is 'n gewone lid van die komitee en dien nie op die Uitvoerende Komitee nie. As gewone lede is daar (benewens bogenoemde) 11 persone waarvan slegs die assistent-partysekretaris, soos die voorsitter, en ses verdere lede, sitting het op die Uitvoerende Komitee. Agt van die 13 funksionarisse dien op die Uitvoerende Komitee.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Ten derde is daar die Komitee vir Fondse met 'n voorsitter en sekretaris uit die geledere van die Uitvoerende Komitee. Sowel die party-tesourier en sy assistent, wat hier dien, het nie sitting op die Uitvoerende Komitee nie. Uit 'n ledetal van 16 is daar 9 lede wat sitting het op die Uitvoerende Komitee.

Bogenoemde drie onder-komitees vorm saam met die National Executive Committee die kern van die partybeheer. Vir ongerymdhede soos die feit dat die partytesourier geen sitting het op die Uitvoerende Komitee nie, kon ons geen verklaring kry nie.

Ondergeskik aan die Uitvoerende Komitee bestaan daar egter ook nog die Komitee vir Behuising. Hierdie komitee met 'n ledetal van 10 waarvan 6 op die Uitvoerende Komitee dien, het die taak om toesig te hou oor die wyse waarop die offisiële Sub-komitee vir Behuising hom van sy taak kwyt.

As laaste skakel in die partymasjien, vind ons 'n aantal blokkomitees wat deur die party vir elke offisiële administratiewe blok in die lokasies in stand gehou word. Die 10 lede van die Uitvoerende Komitee wat nie in die Cabinet dien nie, is hier die voorsitters. By implikasie is hulle die tien aspirant-kandidate van die party by verkiesings. Hierdie komitees moet toesig hou oor die werksaamhede van die 10 offisiële blokkomitees van die administrasie.

Ondanks die groot hoeveelheid poste in die party-hierargie, is daar slegs vyf wat van werklike belang is, nl. die hoof-leier of president, die voorsitter van die Uitvoerende Komitee, die party-sekretaris, die hoof-sweep, en die party-organiseerder. Dit sou miskien meer korrek wees om te verklaar dat hierdie vyf persone werklik die partymasjien aan die gang hou.

Buite die geslote partymasjien is daar natuurlik nog die 21 lede van die African Women's Executive Committee. In 1952 het die vrouens van vier "kabinetslede" op hierdie komitee gedien. Buiten hierdie kontak met die Uitvoerende Komitee is daar geen organiese skakel met die Uitvoerende Komitee nie.

Wanneer mens die werking van hierdie omvangryke party-masjien nagaan, word mens getref deur die betreklik geringe verband wat daar in praktyk tussen partyleiding en party-ondersteuner bewaar kan word. Die terrein waar hierdie kontak die beste bewaar kan word, is deur die aktiwiteite van die partyblokkomitees wat naas die voorsitter uit sewe lede bestaan. Hoewel almal geredelik erken dat die offisiële blokkomitees die enigste erkende blokkomitees is, is dit ons informante se oortuiging dat daar deur die opposisie skadu-blokkomitees in stand gehou moet word met 'n toesighoudende opdrag daar die offisiële komitees wat net uit lede van die ander party bestaan, nie vertrou kan word om alle sake ewe onpartydig te hanteer nie. Hierdie beweerde voortrekking word die "regerende" party nie geweldig kwalik geneem nie. Ons informante het dit afgemaak met die woorde: "That is the general trend of the world." By implikasie is ook laat deurskemer dat ook hierdie party toe hulle aan 'bewind' was nie onbekend was met partydigheid vir party-ondersteuners nie. Naas toesighouding oor die optrede van die offisiële blokkomitees, vorm die partykomitees ook 'n oord waar kleiner geskille tussen party-ondersteuners aan arbitrasie onderwerp kan word. Ten tye van ver-kiesings dien hierdie onoffisiële blokkomitees ook as vername werwings- en propaganda-eenhede onder toesig van die party-organiseerder. Hulle werksaamhede koördineer met die huisbesoek-program van die party-organiseerder en hoofsweep. Teoreties hoort hierdie komitees die leiding dus 'n voortdurende kontak met party-ondersteuners te besorg. In praktyk beskik sommige blokke nie oor sulke komitees nie en in alle gevalle is die werkverrigting, selfs van dié wat bestaan, baie sporadies. Uitgesonderd die werwings-veldtog en huisbesoek kort voor die verkiesing, is daar min werklike volgehoue kontak met party-ondersteuners volgens blokverband.

© University of Pretoria

Dit / ...

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Dit is verder aan ons verduidelik dat die voorsitters van hierdie komitees die offisiële partykandidate sal wees by enige verkiesing. Hierdie mense is egter slegs gewone lede van die Uitvoerende Komitee. Sou die stelsel in die praktyk werk, beteken dit dat geen van die hooffigure in die party enige kans het om in die Adviserende Komitee te dien nie. Daar word beoog, so is ons verduidelik, dat kandidate nie 'n uitvoerende posisie in die party moet beklee nie. Hulle moet slegs die mondstukke van die party wees en voor en na die verkiesing onderhewig bly aan die kontrole van die Uitvoerende Komitee. Die Cabinet van die partybestuur sou dus voortdurend buite die Adviserende Komitee bly. Hulle funksie sal dan wees "to tell them" (the candidates) "what to do, to give them the mandate of the people."

Van hierdie omvattende uiteensetting kon ons geen spoor in die praktyk gewaar nie. In die verkiesings voor 1952 en ook daarna, het die hoofleiers van die Kgudu Morôhô net soos by die ander partye, steeds die hooffigure onder die kandidate gevorm. By implikasie beteken dit dat voorsitters van die partyblokkomitee, offisiële partykandidate, moes terugstaan om dit moontlik te maak.

Die blokkomitees skakel as werwingsorgane onder die Organisasiekomitee van die party. Benewens die party-organiseerder is ook die Chief Whip hier aanwesig. Die party-organiseerder dra as lid van die Cabinet die benaming, Minister of Propaganda. In die funksionering van hierdie komitee spreek die titel Minister of Propaganda vir homself. Die titel Chief Whip verdien verklaring. Dit is vir die eerste keer deur Mbolêkwa met die 1943-verkiesing gebruik om die hoofleierskap van die party aan te dui. Mbolêkwa se opvolger het die ou betiteling - president - aangeneem en aan die Chief Whip is ander funksies gegee. Daar is aan ons verduidelik dat dit die taak is van die Chief Whip "to whip up the party, to organise going from house to house. He has to whip up the morale of the party." Ewe-eens as die Minister of Propaganda het ons hier met 'n organiseerder te doen. Tesame organiseer hierdie twee amptenare die verkiesingsmasjinerie, reël vir die verspreiding van gedrukte propaganda en reël vergaderings binne die verskillende lokasies.

Die funksionering van die Komitee vir Regsadvies is gewoonlik beperk tot die tydperk na afloop van verkiesings wanneer hofsake dreig. Die komitee behartig die organisasie van en voorbereiding van enige hofsake wat deur mondstukke van die party na verkiesings aangevoor mag word. Nie een van die lede van hierdie komitee is regsgeleerdes nie, nogtans is die komitee se funksie, gesien die hofsake van die verlede en die feit dat al die lede ook op die Uitvoerende Komitee dien, nie onbelangrik nie.

Die taak van die Komitee vir Fondse is die invordering en besteding van partyfondse. Die vernaamste aktiwiteite is ten tye van verkiesings en ook daarna by die aangaan van enige hofonkoste. Die bedrae waaroor hierdie komitee dan uiteindelik verslag moet doen, beloop soms honderde rande.

In die geval van die Transvaal-party kon ons, vanweë die mondelinge getuienis waarop ons aangewese was, nie so 'n volledige beeld van die partybestuur opbou as in die geval van die Kgudu Morôhô nie. Die praktyk bewys dat die omvangryke struktuur wat die Kgudu Morôhô voorgehou het, in hoofsaak 'n ideaal is. Hierteenoor is ons gegewens oor die Transvaal-party beperk tot instellings wat as sodanig funksioneer. 'n Vergelyking tussen die "ideaal" van die Kgudu Morôhô en die "praktyk" van die Transvaal-party is vir 'n begrip van die werklike omvang van die partymasjien nie onvrugbaar nie.

Die beheer oor die Transvaal-party berus by 'n sentrale Algemene Komitee. Die pligte wat in die geval van die Kgudu Morôhô aan sub-komitees van hierdie komitee oorgedra is, word hier deur

© University of Pretoria

individuele / ...

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

individuele lede van die Algemene Komitee uitgevoer. As vernaamste funksionarisse in die partymasjien, onderskei ons die leier, die onder-leier, die sekretaris, die voorsitter van die Algemene Komitee, en die Chief Whip. Die plig van die laasgenoemde is hier ook "to whip the party." In 1952 was die posisie van leier en Chief Whip deur dieselfde persoon gevul.

As eenheid vergelykbaar met die Cabinet van die Kgudu Morôhô vind ons hier 'n Executive Committee wat saamgestel is uit die hoofleier as voorsitter, die voorsitter van die Algemene Komitee en 10 ander lede. Die meeste van hierdie 10 lede is die party se aspirant kandidate by 'n verkiesing. Binne hierdie komitee word alle sake bespreek voor dit vir bekragtiging na die Algemene Komitee gaan.

In die Algemene Komitee is die voorsitter nie die hoofleier nie. Hy, sowel as die ander lede van die Uitvoerende Komitee, dien hier slegs as gewone lede. Van die leier word hier verwag om verslag te doen. Die volle ledetal van die Algemene Komitee bestaan uit 25 persone en sluit onder andere ook die drie organiseerders en die voorsitters van die takke van die party in Bantule, Marabastad en Atteridgeville in.

Ook die leiers van hierdie party het aan ons erken dat daar, uitgesonderd verkiesings, nie veel direkte kontak met die lede van die party gemaak word nie. Behalwe ten tye van die verkiesingskampanje het geen vrou 'n aandeel in die partymasjien nie.

Die Namune-party se partymasjien geniet die onderskeiding dat dit soos dié van enige party wat die verkiesing gewen het, 'n hoër mate van offisiële erkenning geniet.

Soos altwee die ander, het ook die Namune geen geskrewe grondwet nie. Op ons vrae hierna was die antwoord: "Our constitution is like that of the English people: unwritten." Ons gegewens berus dus ook vir hierdie party op mondelinge mededelings.

In praktyk word die party gedra deur die hoofleier, die sekretaris en drie hoof-organiseerders, waarvan een 'n vrou is. Daar is aan ons verduidelik dat daar geen tesouriersamp is nie behalwe tydens verkiesings, wanneer iemand vir hierdie plig aangewys word.

Die hoofgesag berus by 'n Uitvoerende Komitee bestaande uit die leier, die sekretaris, die party-organiseerders, die tien vise-voorsitters van blokkomitees, en enige ander persoon wat gekoöpteer mag word. Aangesien die leier en die sekretaris van die party ook Adviserende Komiteelede is, bestaan die komitee uit 23 lede. Onder hierdie komitee bestaan daar normaalweg geen verdere onder-komitees nie. Alle sake word deur die sekretaris behartig, behalwe gedurende die verkiesingskampanje, wanneer onder-komitees saamgestel word.

Op plaaslike vlak word die blokkomitees wat deur die administrasie ingestel is en waarvan die lede deur die administrasie besoldig word, vir party-organisasie gebruik. Gedurende verkiesingstyd funksioneer die offisiële blokkomitees as 'n werwingsorgaan vir die party. Wanneer hierdie party egter nie aan bewind is nie, word die blokkomitees ook as toesighouers oor die offisiële komitees in stand gehou. Die feit dat party-eenhede, toesighoudende blokkomitees, na verkiesing opgeneem word as onderdeel van die administrasie as offisiële blokkomitees, is dus 'n erkende praktyk by sowel die Namune as die Kgudu Morôhô. Dat ons hier met die kernoorsaak van klagtes oor partydigheid van offisiële blokkomitees te doen het, is 'n onweerlegbare feit.

Die verskillende organiseerders van die party is in samewerking met die sekretaris van die party verantwoordelik vir die opstel van enige propagandamateriaal en vir die reëling van openbare vergaderings gedurende die verkiesingskampanje. Desondanks erken die leiers van die Namune dat daar geen volgehoue kontak is tussen

partyleiding / ...

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

partyleiding en ondersteuners wanneer die party nie aan bewind is nie.

Anders as in vorige gevalle, is die aandeel van vroue aan die party-organisasie, deur die lidmaatskap van die vroue-organiseerder, organies met die Uitvoerende Komitee verbind. Die plig van hierdie organiseerster is juis om stemme van vroulike kiesers te werf. Soos 'n informant aan ons verduidelik het: "The better approach is a woman to a woman."

Omdat die party wat aan "bewind" is, in staat is om met "hulp" van die administrasie 'n goeie partymasjien in stand te hou in die vorm van blokmanne met komiteelede wat in elke blok woonagtig is, vind hierdie party dit altyd makliker as die opposisie om vir enige verkiesing te organiseer. Wanneer mens die bobeskrewe party-masjiene vergelyk met die Blanke Suid-Afrikaanse patroon wat die direkte voorbeeld daartoe is, word mens getref deur die volkome afwesigheid van enige jaarkongresse of ander byeenkomste waarop aan die aktiewe partylede verslag gedoen word oor partysake. Dit kan geargumenteer word dat die bestek van die organisasie binne Pretoria alleen, so klein is dat dit sulke byeenkomste oorbodig maak. Dit bly egter waar dat daar 'n gaping bestaan tussen die partybeamptes aan die een kant en lede en ondersteuners aan die ander kant wat nie oorbrug word nie. Mens moet daarom die gevolgtrekking maak dat nie een van die partygroepe wat ons kon bestudeer aanspraak daarop kan maak dat hulle werklik volgens Westerse standaarde die mondstuk van 'n groep mense vorm nie.

E. Metodes van ledewerwing

Seker die beste en suiwerste aanduiding vir die gebrekkigheid in die partymasjien blyk uit die feit dat geen van die partye oor 'n vaste lederegister beskik nie. Daar is geen aanduiding, behalwe skatting, van die ledetal van die partye nie. Om hierdie rede was ons nie in staat om enige bevredigende aanduiding oor lidmaatskap van hierdie partye in Atteridgeville alleen te verkry nie.

Die feit dat daar ook geen jaarlikse ledegeld van partylede gevorder word nie, het ons tot die aanvaarding gedwing dat daar van partylidmaatskap, volgens Blanke patroon, nie sprake is nie. Al wat dus werklik bestaan is ondersteuners van partye. Ondanks die volledig beskrewe partymasjiene bestaan daar ook geen periodieke bearbeiding van bepaalde gebiede of blokke om die sterkte van party-ondersteuners te bepaal nie. Die mooi gegewens oor besoeke van huis tot huis, en opnames van organiseerders, blyk in praktyk meesal slegs soveel voornemens te bly.

Elke party probeer egter sy sterkte bepaal na aanleiding van kennis oor gesindheid van diegene op die kieserslys sowel as die statistiek van vorige verkiesings. Eintlik is hier slegs die uitslag van die vorige verkiesing ter sprake. Daar was geen van ons informante uit die geledere van die leidende figure wat 'n statistiese analise oor toename of afname in partysterkte oor 'n periode van 'n paar verkiesings kon maak nie. Algemeen gestel is die Namune die sterkte party, terwyl die Kgudu Morôhô en Transvaal-party die tweede en derde plekke (in die genoemde orde) vul. Teoreties skat die Namune-party die sterkte van hulle ondersteuners op tussen 800 en 1,000 stemme uit 'n moontlike totale aantal stemme van 1976 (in 1952) in al die lokasies waarvoor die Adviserende Komitee verkies word. Indien ons aanneem dat daar 100 tot 300 stemme is wat geen besondere politieke tuiste het nie, is die sterkte van die ander twee partye saam ongeveer 800. Hierdie is 'n uiters arbitrêre skatting. Die uitslae van verskillende verkiesings in die verlede, waarvan ons die syfers elders aandui (p. 341) is egter bewys vir die aanname dat die sterkte van die twee hoofgroepe met nie meer as 200 stemme, gereken binne die raamwerk van die groottotaal, verskil nie. Dit was

© University of Pretoria

vir / ...

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

vir ons onmoontlik om 'n basis te vind vir die verdeling van die 800 stemme tussen die Kgudu Morôhô en die Transvaal-party.

Die bearbeiding van kiesers geskied voor die verkiesing in hoofsaak deur die blokkomitees van die partye sowel as deur die verskillende organiseerders. Daar word probeer om op klein skaal kiesers individueel te bearbei. In hoofsaak word bekende party-ondersteuners slegs aangespoor om te gaan stem, hoewel lede van blokkomitees sporadiese besoeke aan diegene wat nie van bekende oortuiging is nie, kan bring. Die feit dat die organiseerders van die verskillende partye op hierdie stadium nog nie weet watter van die huurders se name uiteindelik op die kieserslys sal verskyn nie, maak enige beraming van die sterkte van die party onmoontlik. Die propaganda-veldtog vir die verkiesing wat in September gehou word, begin reeds omstreeks April. Die kieserslys word egter saamgestel uit huurders wat hulle huur tot 30 Junie volledig aangesuiwer het en verskyn eers in Augustus van die verkiesingsjaar. Dit is alles faktore wat onsekerheid oor die uiteindelike stemgeregtigheid van kiesers in die hand werk. Dit is om hierdie rede dat party-organiseerders wat partymanifeste versprei, kiesers aanspoor om hulle huur tot op datum te betaal. Gedurende die 1955-verkiesing het die administrasie heelhartig met die party-organiseerders saamgewerk en aan hulle alle name van huurders wat huurgelde geskuld het, verstrek. Groot bedrae aan agterstallige huur is ingevorder en die aantal kiesers op die lys en die persentasie stem het alle vorige rekords oortref.

Die vroue-organiseerders van elke party is besonder bedrywig voor elke verkiesing. Hulle aktiwiteite is nie net beperk tot vroue wat huishuurders is en dus moontlik stemgeregtig is nie. Enige vrou word bearbei. Aangesien man en vrou gewoonlik van dieselfde politieke oortuiging is, word dit aan die vrou oorgelaat om haar man te oortuig. Die resultaat van hierdie optrede was in ten minste een geval (1951) dat 'n vrou namens haar man wou kom stem. Die kiesbeampte het haar die voorreg geweier. Luidkeels het sy vertel dat haar man vir die verkeerde party sal stem en sy dus sal sorg dat hy nie kom stem nie. Die vroue-organiseerders doen die meeste van hulle oortuigingswerk op teepartye wat binne elke blok georganiseer word.

Onder mans word daar ook pogings aangewend om seker te maak van die stemme van individuele kiesers.

Ondanks die feit dat ons informante verklaar het dat sommige partye se ondersteuners hoofsaaklik uit besondere groepe in die lokasies afkomstig is, kon ons hiervoor geen bevestiging kry nie. Daar is geen verband tussen party-ondersteuning en lidmaatskap van 'n bepaalde kerk of godsdienstige sekte nie. Dieselfde geld vir etniese aanhorigheid: selfs die ondersteuners van die Transvaal-party is nie beperk tot diegene wat in Transvaal gebore is nie.

Beskuldigings as sou die Namune 'n party vir "ou vrouens" en die politieke orgaan van die winkeliers in Atteridgeville wees, vorm konstant deel van die propaganda van die Kgudu Morôhô. Hier word verwys na weduwees wat in Marabastad huiseienaars was en daar die Namune wat die belange van huiseienaars bevorder het, ondersteun het. By die oortog na Atteridgeville het hierdie partyverbondenheid gebly. Dat sulke stemme die Namune 'n mondstuk van hierdie mense maak is nie korrek nie, daar sodanige vrouens ook ondersteuners van die Kgudu Morôhô is. Winkels is in die hande van ondersteuners van sowel Namune- as Kgudu Morôhô-ondersteuners. Wat wel waar is, is dat die Namune-winkeliers groter besigheidsvernuf aan die dag lê. Dat die Namune moontlik onder beheer van so 'n winkeliersgroep staan, kon ons geen bewyse voor kry nie.

Benewens sporadiese individuele bearbeiding, bly vergaderings die belangrikste enkele wyse waarop elke party sy

verkiesingsbeloftes / ...

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

verkiesingsbeloftes en propaganda onder die aandag van die kiesers bring. In Atteridgeville geskied sulke vergaderings by gebrek aan 'n saal gewoonlik in die ope lug. Die vergaderings word deur middel van handbiljette aangekondig en opkomste is gewoonlik bevredigend. Dit bly egter 'n feit dat heelwat aanwesiges toevallig daar bly staan en nie noodwendig die volle duur van die vergadering daar bly nie.

Die sprekers op sulke vergaderings is gewoonlik een of meer van die belangrikste leiers van die politieke partye. Een of meer van die kandidate in die komende verkiesing word gewoonlik voorgestel. Die kiesers kry egter nooit die geleentheid om almal, of selfs die meerderheid van kandidate, van 'n bepaalde party redevoering te hoor voer nie. Die toespreek van vergaderings bly beperk tot twee of drie van die vernaamste figure per party en op die enkele vergaderings wat gehou word, word nooit alle kandidate aan die kiesers voorgestel nie.

Ons informante het die aard van die vergaderings wat in die verkiesingskampanje gehou word, in twee groepe verdeel. Ten eerste is daar partyvergaderings wat agter geslote deure op 'n private perseel gehou word. Hier word finansiële aangeleenthede en verkiesingstaktiek verduidelik. Die tweede en meer algemene tipe, is openbare vergaderings waarop daar bewustelik propaganda teen die teenstanders gemaak word.

Op openbare vergaderings word vrae aan die sprekers verwelkom. "As een wil praat, lat hy vra. Gewoonlik ons lat hy tussen praat en dan antwoord ek op die end. Nou as ek (die leier) praat moet ek sambok sit op hulle woorde lat die mense kan vergeet hulle woorde, net my woorde moet bly." Wanordelikhede op sulke vergaderings kom redelik gereeld voor want by blote vrae vra bly dit nie. Sprekers word voortdurend gehekel en van verdraaiing van feite beskuldig. Waar die party wat aan "bewind" is vergadering hou, is beskuldigings van "wanbestuur" gereeld aan die orde. Wanneer opposisiegroepe probeer om die vergadering oor te neem, word hulle ǒf dood geskree ǒf hardhandig verwyder. Dit gebeur ook soms dat vrae toegelaat word met die belofte dat dit beantwoord sal word; dan word die vergadering gesluit voor enige antwoorde verstrek is.

Hierdie vergaderings vorm die vernaamste vorm van werklike kontak wat die gemiddelde kieser met die leiers van sy party het. Kiesers moet gereeld na buitensporige beloftes luister oor wat die party sal bereik as hy aan bewind kom. Die sprekers is egter deeglik daarvan bewus dat hulle in die Adviserende Komitee alleen advies aan die Stadsraad sal kan gee en geen waarborg kan lewer dat hulle hulle beloftes gestand sal kan doen nie.

Die vra van vrae en die hou van eie vergaderings is die beste metode waarop 'n nuweling binne die politieke sfeer 'n persoonlike aanhang en status kan verkry. Die inwoners van Atteridgeville onthou nog goed die geval van 'n sekere leier wat toe hy as nuweling in Atteridgeville gekom het, die vergaderings van albei politieke groepe bygewoon het. Dit is 'n onvergeeflike sonde in die oë van getroue party-ondersteuners. Op die vergaderings van albei partye het hy dan vrae gevra en kritiek gelewer "As hy die Namune-vergadering gaan bywoon dan vra hy om ook te praat omdat hy so slim is en ook advies kan gee. Dan laat hulle hom so maak. Aag, dan praat hy, q, q, q. Nee, maar ons wil jou hê. Dan vat hulle hom en maak openbaring van A tot Z. Daarna gaan hy na die Kgudu. Hy is net soos 'n jakkals en hy kom altyd die mense se ore byt en steek hulle op na altwee kante."

Ons kan met reg die bewering maak dat ondersteuning van 'n bepaalde party eerder met die navolging van persone saamhang as die onderskrywing van besondere partybeginsels. Wanneer 'n leidende figuur van een party na die ander oorstap gaan daar 'n groep

© University of Pretoria

persoonlike / ...

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



persoonlike aanhangers met hom mee. In ten minste drie gevalle kon ons hierdie verskynsel bewys. Die verkryging van verdere party-ondersteuners langs hierdie weg is geen geringe nie.

Gedurende ons ondersoek het verskeie informante, afkomstig uit albei partygroepe, die teenoorgestelde party beskuldig dat hulle deur aanranding en intimidasie kiesers verplig om vir hulle te stem. Ons kon egter geen grond vir hierdie bewerings bepaal nie. Daar is byvoorbeeld geen verband tussen politieke partye en die verskillende tsotsi-bendes in Atteridgeville nie. Die aantygings is hoofsaaklik verbind met twee verskynsels. Van die kant van die Namune is daar, tydens hulle "bewind" 'n Civic Guard gestig om behulpsaam te wees met die bekamping van aanranding deur leeglêers in Atteridgeville. Beskuldigings is gemaak dat die Burgerwag sy pligte te entoesiasties nakom en in die proses tussen ondersteuners van die eie party en die Kgudu Morôhô diskrimineer. Daarenteen het die Kgudu Morôhô gepoog om 'n jeugafdeling te stig wat onder andere sou moes toesien dat vergaderings van hulle party nie opgebreek word nie. Sover ons kan vasstel het hierdie liggaam nooit in hierdie opsig gefunksioneer nie. Wedersydse beskuldigings van gewelddadige intimidasie beskou ons daarom as propaganda-"waarhede" en nie verbindbaar met juiste feite nie.

Wanneer ledewerwing aan die orde is, bly daar ook die moontlikheid dat stemme omgekoop kan word of dat daar beloftes van bevoordeling gemaak word wat dieselfde uitwerking as omkoping sou hê. Klagtes oor sulke praktyke is van alle partye teen die teenoorgestelde groepe ingebring. Ons is egter tevrede dat die omvang van sulke praktyke nie omvangryk genoeg is om die uitslag van 'n verkiesing na die een of ander kant te beïnvloed nie. Die werklike omvang van hierdie optrede kon nie bepaal word nie. Voorbeelde van die aard van sulke praktyke is die volgende:

Die mees algemene gebruik skyn te wees om beloftes aan 'n kieser te doen dat die party sal sorg dat daar 'n huis in Atteridgeville aan die kieser toegewys sal word, mits hy vir die party stem. Dat die party aan "bewind" hom die maklikste aan sulke beloftes skuldig kan maak, spreek vanself. So het die sekretaris van 'n sekere blokkomitee aan die voorsitter van die komitee 'n aansoek gestuur van 'n persoon wat graag 'n leë huis in Atteridgeville wou betrek. Die voorsitter het twee dokumente ontvang: die aansoekvorm wat aan die superintendent oorhandig moes word en 'n brief waarin die sekretaris die voorsitter vra om die aansoek soveel moontlik te bevorder daar die aansoeker beloof het om vir hulle party te stem indien sy aansoek slaag. Ongelukkig het die blokman albei dokumente aan die superintendent oorhandig.

By sommige partye is dit ook praktyk om sover fondse beskikbaar is, aan kiesers wat agterstallig is met huurgeld die nodige bedrae voor te skiet. Hierdie lenings moet later terugbetaal word. Geen party is egter sterk genoeg om hierdie optrede op groot skaal toe te pas nie.

## F. Verkiesingsbeloftes

Ongelukkig is gegewens oor die aard van verkiesingsbeloftes van partye beperk tot die 1951- en 1952-verkiesings. Omdat die Transvaal-party nie in hierdie jare enige kandidate gestel het nie, is die behandeling beperk tot die geskrifte van die Kgudu Morôhô en die Namune.

Ten tye van die 1951-verkiesing het die Kgudu Morôhô- en Transvaal-party wat 'n koalisie gevorm het, die volgende manifes versprei:

MANIFESTO OF THE UNITED CONGRESS CIVIC PARTY - PRETORIA, 1951
Pretoria ... enjoys the distinction of not having a Cape Coloured township which has been separately proclaimed, ... so that in terms

© University of Pretoria

of / ...

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

of the Urban Areas Act 1923, ... both the Cape Coloured and the African Communities for the purposes of Urban Non-European administration, fall under the Non-European Townships, commonly known as the Pretoria Native location or Marabastad. This brings to light the essential unity of purpose and identity of social and civic interests, between the Cape Coloureds and African residents. The United Civic Party is an offspring of the old Ratepayers' Association (eintlik na regte die Rentpayers' Association) of Marabastad and Bantule under the dynamic and matchless leadership of the late Simon Peter Matsêkê, who with his natural gift and inborn qualities as a leader, dedicated his life to the cause of all down-trodden masses in order that they may recover their soul and be imbued with an increasing determination to strive for self-realisation and the ideal of nationalism.

---

With the passing of time, and certain changes being necessary, if local movements were to be part and parcel of the national struggle, it was decided to change the name of the Ratepayers' Association to that of the United Congress Civic Party as an indication that in our local battles with the authorities we stand for a common cause, e.g. more house, trading rights, etc.

A few of the accomplishments of the United Congress Civic Party are hereunder:

(a) The reduction of Police raids for lodgers' and Visitors' permits.

(b) Provision for library facilities, bursaries for school children, better transport of the P.U.T.C. Co. Ltd. But the United Congress Civic Party feels that more issues are to be fought and therefore we advocate that:

(1) All Africans and Coloureds should be members and strong supporters of the African National Congress and the A.P.O. (African People's Organisation) respectively, for you cannot be genuine when you dissociate yourself from national movements. Ministers of religion, teachers, Trade Unionists, and all professional and labourers alike, should belong to the people because their task is to fight on a united front to gain for what is due to us as a people: (a) abolition of £5 deposit for the Native Advisory Board nominations. Is it not ultra vires the Urban Areas Act?

(2) The Native Advisory Board should be run on the <u>WARD SYSTEM</u> - a tried democratic principle for efficient administration with the satisfactory representation for each ward.

(3) Every zone should have a <u>Community Centre</u> or a Public Hall for social and civic matters so that each separate community should advance its cultural and other aims.

(4) Public market halls for all zones are the primary goal in the economic sphere, for individuals operating small enterprises.

(5) The Government should provide a railway service to Atteridgeville to augment the meagre transport facilities. The increase in the taxi services is the special task of the Party.

(6) Home-made Products, particularly for the benefit of school children and especially fat-cookies, fried fish, etc. Open stalls under a veranda, to be temporarily built with poles and roofed with zinc iron near the present location offices in Atteridgeville and at Bantule location, established as a means of livelihood for widows and others denied the privilege of trading rights. Kgudu will bring relentless pressure to the Local Authorities, if elected, to have temporary shelters immediately built.

(7) Nobody could deny the need for a Post Office at Atteridge-ville staffed by Non-Europeans, to serve the interests of our people.

(8) <u>Building Loans</u>: Non-Europeans do not desire to burden local and Government authorities with the task of building houses

© University of Pretoria

for / ...

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

for them. The authorities should set aside land, free-hold and lease-hold - and grant building loans to suitable applicants on the basis operative in Bloemfontein, Kroonstad and other Orange Free State locations.

(9) We want Homes for the teachers, ministers of religion, nurses. In Atteridgeville, we advocate for one Community Hall, for bios, etc., and also for an All African Hotel in the centre of the City to cater for visitors and workers whilst at the places of their employment.

We advise you to elect men who will achieve for us that which will restore the selfrespect of all Non-Europeans and gain a reassurance of self-determination with the final objects of attaining that freedom which is the aim of all the oppressed.

(10) Dairy Monopoly: Being far out of town, it is the duty of the Local Authority to abolish dairy monopoly and to permit the residents, as is done in the majority of Union Urban Locations, to own domestic animals for dairy purposes and for transport.

In conclusion we submit the foregoing, the Kgudu ask you as an educated and thinking person to reflect seriously on the matter and decide whether you are going to subscribe to a foolish policy which is the perpetuation of slavery advocated by a certain party, whose policy is to benefit the selected few who own all the shops of Atteridgeville and who permit nincompoops to represent the wards notwithstanding that they were not elected on the Ward System. It is the same group (Namune) which sabotaged the Ward System before the authorities. Namune leaders sit on the Central Ward Committee, and yet dare oppose the system. The Namune party is diametrically opposed to the Ward System, still drawing money as representatives of Wards. Can they deny this, is it honesty or justice?

We appeal to you men and women to support and Vote for the one party (Kgudu Morôhô) with written principles and not for individuals.

(11) Candidates and Trading Rights: Kgudu candidates, even if finally elected to the Native Advisory Board, shall not apply for trading facilities unless their applications were there before a candidate was nominated."

Hoewel die manifes reeds voor die koalisie versprei is, is dit na koalisie herversprei met slegs 'n ander aanhef en geringe wysigings. Die vernaamste van die wysigings is die volgende: "We therefore appeal to the Voters that Wednesday 26th September, 1951, should be a great and memorable day - when men and women voters should vote solidly for their ten candidates of Coalition. We pledge to root out Namune tyranny and bring happiness, love and co-operation between the Local Authority and the African residents. The tin God of Namune is trembling. End Dairy monopoly and all maladministration."

Op die uiteindelike partykaart wat met die verkiesing gebruik is, het van die bogenoemde sake slegs die volgende verskyn: Daar is belowe om te veg vir die instelling van 'n wykverkiesingstelsel, die oprigting van 'n gemeenskapsentrum, 'n poskantoor en 'n markgebou. Die belofte van die verbreking van die melkmonopolie het verander in agitasie vir meer winkels. Die eis om 'n grootse All African Hotel het verander in 'n versoek om 'n guest house waarin kapteins wat Pretoria besoek kon tuisgaan. Alle ander sake wat in die manifes genoem was, het nie weer voorgekom nie. As nuwe sake is geagiteer vir die instelling van 'n creche, 'n hospitaal, 'n kraaminrigting asook vir die uitbetaling van kompensasie vir enige verbeterings wat aan huise wat die eiendom van die Stadsraad is, aangebring word. Daar is ook beloof om versoeke te rig vir die verhoging van alle binnemure in die huise van Atteridgeville tot

© University of Pretoria

dakhoogte / ...

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

dakhoogte, sowel as vir die verwydering van kliphope uit die strate van Atteridgeville. Hiernaas is ook geagiteer vir die wettiging van reëlings in verband met die tuisbrou van kafferbier en die verskaffing van gratis blikke vir vuilgoedverwydering in Bantule-lokasie. In geheel dus 'n indrukwekkende lys van praktiese sake wat verbeter sou kon word.

In ons bespreking van die elf punte soos in die verkiesingsmanifes vervat, kon ons van geen van die leiers 'n volledige weergawe van al elf punte kry by die verduideliking van die voorgenome beleid van die party nie. Wat ons hierbo aangeteken het, is dus hoogstens 'n sintese van 'n verskeidenheid sake wat veverskillende individue verander wil sien.

Sommige van hierdie beloftes verdien verduideliking. "The Kgudu Morôhô absolutely stands for the benefit (moet as bettering gelees word) of housing", is aan ons verduidelik. In latere beloftes aan kiesers is 'n vermeerdering van die huise in Atteridgeville met 100,000 beloof. Hiernaas moes inwoners die geleentheid kry om self hulle huise op te rig. Huurhuise is nie goed nie. "No man should be just put into a house, not knowing what is the expenses of the house, not knowing how it is built. In short, we may say we stand for economic housing instead of the present sub-economic houses." Tog is dit waar dat juis hierdie party geweldige beswaar gemaak het teen die omskakeling van Atteridgeville in 'n ekonomiese behuisingskema in 1956: Die praktiese gevolge van verhoging van huishuur vanaf die sub-ekonomiese huurstandaard is nie deurgedenk nie.

Oor die klagtes oor die monopolie in die melkhandel moet ons die volgende verduidelik: Daar is in Atteridgeville slegs een depot vir die herverspreiding van melk. Die besigheid is in die hande van die leier van die Namune. Enige verdere aansoeke om soortgelyke besighede is steeds suksesvol bestry in die Sub-komitee vir Behuising waar die Namune 'n meerderheid van stemme het. Hierdie gebeure is verhef tot simbool van die aksie van die Namune en is gebruik om inwoners teen die Namune te probeer verenig.

Dit is ook interessant om daarop te let dat alle items wat groot uitgawes van die kant van die Blanke administrasie sou meebring, soos die gemeenskapsentrum, saal, spoorweg, nie op die verkiesingsdag op die partykaart gefigureer het nie. Op dieselfde wyse het die propagering dat alle party-ondersteuners die A.N.C. moet steun ook verdwyn. Hierdie optrede is nie gevolg omdat dit vir die leiers van mindere belang was nie, maar juis omdat dit nie die gewenste oorredingskrag op die kiesers sou gehad het nie. Uitgesonderd die verwysing na die verbetering van die vuilgoedverwyderingsdiens in Bantule, is al die ander items gerig op toestande in Atteridgeville. Dit is 'n duidelike aanduiding van waar die grootste gedeelte van die stemgeregtigde kiesers woon.

In die geval van die Namune-party is daar met die 1951-verkiesing geen manifes uitgegee nie en was ons dus aangewese op die mondelinge verduideliking deur leiers van die party van dié praktiese verbeterings waartoe die party hom op die partykaart verbind het. Beloftes is gemaak dat daar versoek sal word dat die busdiens verbeter word, dat bustariewe verminder word, dat inwoners beskerm word teen uitsetting uit huise, dat die tuisbrou van kafferbier toegelaat word, dat voldoende kompensasie betaal word by verskuiwing uit Marabastad, dat daar 'n algemene verbetering van die Munisipale lokasies sal wees, dat beter sportfasiliteite verskaf moet word, dat meer Bantoepersone in klerikale poste aangestel moet word, dat die onderwys- en beursfasiliteite verbeter moet word, dat meer besighede toegelaat moet word en dat daar geleentheid moet wees vir inwoners in Atteridgeville om hulle eie huise te bou.

Hoewel die busdiens na Atteridgeville deur 'n privaat maatskappy in stand gehou word, word die tariewe wat inwoners betaal,

© University of Pretoria

gesubsidieer / ...

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

gesubsidieer. By die verskuiwing na Atteridgeville is daar egter ongelukkig by een geleentheid die onbesonne belofte gemaak dat die huurgeld tesame met vervoeronkoste by verskuiwing nie hoër sou wees as R2 per persoon per maand nie. Soos ons elders aangedui het, was daar met verloop van tyd verhogings in bustariewe vanweë verhoogde bedryfskoste. Langs hierdie weg het die vervoerdiens in die politiek beland en word daar geagiteer vir die verlaging van tariewe tot die oorspronklike peil.

Die Namune-party, as die party aan "bewind", het 'n geringe medeverantwoordelikheid in die neem van besluite om persone weens wanbetaling uit die lokasie uit te sit. Wanneer die superintendent voornemens is om geregtelike stappe teen iemand te doen, word die saak as laaste redmiddel gewoonlik na die betrokke blokkomitee verwys. Die moontlikheid dat die party dan die skuld kan dra van die uitsetting uit die lokasie van iemand wat 'n party-ondersteuner is, verhoed gewoonlik dat blokkomitees 'n besliste aanbeveling maak. Die verskaffing van groter veiligheid teen uitsettingsbevele is hier dus 'n propagandapoging om die party in die oë van die kiesers te vrywaar van beskuldigings van aandadigheid aan uitsettingsbevele.

Sowel die wettiging van die "gentlemen's agreement" oor die tuisbrou van kafferbier en die uitbetaling van kompensasie by verskuiwing, is ou strydvrae in die lokasiepolitiek.

As verduideliking oor die algemene punt dat toestande in die munisipale lokasies verbeter moet word, het ons segsmanne verwys na beter geriewe binnenshuis, die teer van meer strate, en die verwydering van kliphope uit die strate en die uitbreiding van straatbeligting en verbetering van watertoevoer en rioolskemas. Al sodanige verbeterings moet op rekening van die Stadsraad geplaas word. Op navraag waarom die inwoners nie kan saamspan en sommige van die steurings self oplos nie, bv. deur die verwydering van klippe, was die verontwaardigde antwoord: "In addition to paying rent? Everything is included in the rent."

Hierdie party is ook die enigste wat jaarliks insae het in die Naturelle-inkomsterekening van die Stadsraad. Vanweë die gedwonge verlies wat op die sub-ekonomiese skema Atteridgeville gely moet word, vertoon die hele rekening 'n debiet-saldo. In vergaderings van die Adviserende Komitee word van die kant van die Bantoelede steeds beweer dat die verlies die gevolg is van die aanstelling van te veel Blanke amptenare. Die normale voorstel wat ook by die verkiesing van die politieke platform gedoen is, is dat alle rekordklerke, alle registrasiebeamptes en toestromingsbeheerbeamptes met Bantoeklerke vervang moet word. Alle personeel van die lokasie-administrasie moet insgelyks Bantoepersone wees behalwe die superintendent wat vanweë sy toesighoudende taak, 'n Blanke moet wees.

Die party het ten opsigte van onderwysgeriewe naas 'n paar algemene verbeterings dit ook aan die kiesers voorgehou dat die tyd ryp geword het vir die stigting van 'n Bantoe-universiteit in Pretoria.

Wanneer mens die aard van die verkiesingsbeloftes van die verskillende partye wil vergelyk dan blyk dit duidelik dat die gevolgtrekking van gewone kiesers in Atteridgeville korrek is, nl.: Die partye beoog albei die verbetering van toestande in die woonbuurt.

Getrou aan sy ontstaanswyse, blyk dit duidelik dat slegs die Kgudu Morôhô die plaaslike "politiek" in verbinding wil plaas met die "nasionale politiek" deur hulle agitasie vir skakeling met en lidmaatskap van die African National Congress.

In geval van albei partye kan ons nie nalaat om te beklemtoon dat die gemiddelde kieser onder die indruk gebring word dat die partye werklik in staat is om hulle beloftes gestand te doen nie. Die verwagting word by kiesers gewek dat die verbeterings wat

© University of Pretoria

voorgestel / ...

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

voorgestel is in die kort ampstermyn van twee jaar, 'n werklikheid gemaak sal word. In sommige van die verkiesingsmanifeste en op baie vergaderings word vergeet om te noem dat die party slegs kan onderneem om voorstelle aan die Stadsraad te doen. Die feit dat die Adviserende Komitee oor geen uitvoerende magte beskik nie, word verswyg. Dit is daarom gebruiklik dat die party aan bewind ten tye van 'n verkiesing die Stadsraad in ongure taal beskuldig van wanadministrasie omdat die voorstelle van die Komitee nie verwerklik is nie. Dat daar vanweë hierdie harlekynspel nog geen ernstige botsing tussen die administrasie en die inwoners gekom het nie, is geensins die gevolg van besadigde optrede deur politieke leiers nie.

Naas beloftes is dit ook staande praktyk by alle partye om skriftelike of mondelings alle verbeterings wat gedurende hulle ampstermyn in die lokasies aangebring word, as hulle prestasies toe te eien. Dit is om hierdie rede dat die Kgudu Morôhô openlik die instelling van biblioteekfasiliteite en die beskikbaarstelling van beurse vir skoolopleiding en vermindering van klopjagte in Atteridgeville as hulle prestasies aanprys. Hoewel dit as politieke oneerlikheid beskou is, het die Namune gedurende die 1952-tussenverkiesing onomwonde die instelling van 'n poskantoor in Atteridgeville in daardie jaar tot hulle prestasie verhef, ondanks die feit dat hierdie belofte nie as deel van hulle verkiesingsbeloftes in 1951 gemaak is nie. Dit spreek vanself dat die party wat aan bewind is 'n voorsprong op die opposisie het in die toeeiening van hierdie prestasies. Ook die teenoorgestelde is waar. Die Namune beskuldig die Kgudu Morôhô nog steeds van aandadigheid in die verhoging van bustariewe in 1943, terwyl die Kgudu Morôhô die Namune beskuldig dat hulle verantwoordelik is vir die ommeswaai van Atteridgeville tot 'n ekonomiese skema (1955) ondanks die feit dat dit verkiesingsbelofte van die Kgudu Morôhô was in 1952.

### G. Invloed van blanke voorbeeld op lokasiepolitiek

Een van ons informante het na oorweging aan ons verduidelik dat die Bantoe alles net so moet doen as die Blankes. Hierdie woorde kan by die aanduiding van die invloed van Blanke voorbeeld op gebeurtenisse en praktyke in die lokasiepolitiek kwalik onderskat word. Die strominge in die Blanke politieke lewe vind gewoonlik 'n direkte weerklank in die optrede van politieke figure in Atteridgeville. Ons het reeds verwys na die wyse waarop die partypolitieke masjien gebou is, ons verwys later na ooreenkomste in die werking van die verkiesingsmasjinerie, hier wil ons 'n paar gevalle van direkte beïnvloeding noem by die opstel van propaganda.

Gedurende 1943 toe alle dagblaaie oorlogspropaganda bevat het, het die leier van die Kgudu Morôhô as oud-gediende hom geregtig gevoel tot die volgende verklaring:

"V - Victory
Kgudu Morôhô Civic Association stands for Victory of the Allied Nations against the forces of Nazi Germany and other Axis Rogues and for the upholding of the Democratic form of Government in the Municipal Administration.
Kgudu is a symbol of Democracy and clean administration.
Kgudu wants no Intimidation, Victimisation and Expulsion from work through pressure of Political Verneukery in Municipal Services.
Morôhô wants direct representation in the City Council under the principle as prevail in the House of Assembly and the Senate.
Morôhô says:
To hell with lodgers' and visitors' permit.
To hell with police raids to hell with press taps.
Issued by order
Chief Whip of Kgudu Morôhô

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Gedurende 1952 toe die Blanke opposisie die regering van die dag van gebruikmaking van Nazi-metodes beskuldig het, het die Kgudu Morôhô as opposisie geskrywe: "Muso oa Namune Ke oa Hitlera" (Die regering van die Namune is die van Hitler). Op dieselfde bladsy van hierdie geskrif word verklaar dat die Kgudu Morôhô van voornemens is om 'n "Kgudu Youth Brigade - Torch Commando", te stig. "Kgudu appeals to the youth of the race to take active and keen interest in civics politics." Kronologies val hierdie verklaring saam met die stigting van die "Torch Commando" onder Blankes.

Die nawerking van politieke verdeling onder Blankes in die lokasiepolitiek word hierdeur geïllustreer. Indien ons dus nie tevrede is met die metodes wat die Bantoe in hulle eie areas op politieke terrein volg nie, pas dit ons om te onthou dat ons hulle ook hierin 'n voorbeeld stel.

H. Konsolidering van ondersteuners buite partye

Die verband tussen mense van 'n bepaalde politieke oortuiging, ondersteuners van dieselfde party, strek hom soms ook verder uit as bloot net die politieke terrein. Hierdie feit het politieke leiers in die verlede aangegryp om party-ondersteuners in eenhede te organiseer waarvan die aktiwiteite nie die beperkte siklus van 'n tweejarige hoogtepunt by verkiesings hoef te volg nie. So is daar naas 'n jeugvereniging ook verskillende "Mourning Societies" gestig.

In 1952 het die leiding van die Kgudu Morôhô die Kgudu Morôhô Youth Brigade (Torch Commando) gestig. Die Namune het geen teenvoeter of ekwivalent vir hierdie beweging nie. Hoewel die aankondiging van die beweging skriftelik bekend gemaak is, kon slegs een informant ons volle besonderhede gee: ander leiers van die party kon nie duidelik verklaar nie of die beweging wel bestaan of nie. Almal was dit eens oor die noodsaaklikheid van die instelling van die vereniging. Dit bestaan wel.

Die lede van die vereniging moet, volgens ons kennis, almal tussen 18 en 25 jaar oud wees. Met enkele uitsonderings is die lede nie huishuurders nie en dus nie stemgeregtig nie. Dit is die standpunt van die Namune dat hierdie jeugdige groep geen aandeel in die grootmensspeletjie, politiek, moet hê nie.

"We believe in responsibility. We feel they haven't reached the stage of responsibility. We don't want them to muddle up the things." Die Kgudu beoog om deur die stigting van so 'n beweging die ontwikkeling van toekomstige leiers te verseker. Dit is 'n soortgelyke optrede as die stigting van die Jeugfront en Youth Leagues van partye onder die Blankes. Soos een van ons segsmanne dit uitgedruk het: "Until the youth takes its place in these things (politieke belangstelling), the future is very dark."

As aanduiding van werklike gevalle waar 'n behoefte aan die politieke optrede van die jeug nodig is, is aan ons die volgende genoem: Baie jongmense woon in by of hulle ouers of selfs weduweemoeders en betaal groot gedeeltes van of soms die volle huur vir die huis hoewel die huise nie in hulle naam geregistreer is nie. Dit sou heeltemal in orde wees as so iemand deur na te laat om sy deel van die huur te betaal, kan toesien dat ondersteuners van die opposisieparty nie vir insluiting in die kieserslys kwalifiseer nie. Deur hulle deelname aan vergaderings deur vrae te vra en partyliedere te sing kan sulke groepe ook ingespan word "to ginger up the old people of the party." Hoewel geen van hulle vergaderings in die verlede deur die Namune opgebreek is nie, sal lede van die beweging ook ingespan word as lyfwagte vir sprekers by vergaderings sowel as vir optrede teen opposisiegroepe wat vergaderings wil opbreek. Sulke groepe sal ook gebruik word om vrae te gaan stel op vergaderings van die opposisie.

Volgens / ...

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Volgens ons waarneming het daar in praktyk van hierdie "politieke" optrede niks tereg gekom nie. Daar kon ook geen verband tussen hierdie beweging en die A.N.C. Youth Brigade bepaal word nie. Die leier is slegs verantwoordelikheid verskuldig aan die Uitvoerende Komitee van die Kgudu Morôhô.

Sover ons kan vasstel het die beweging in 1952 bestaan uit vier selfstandige takke binne Atteridgeville met 'n geskatte ledetal van 100 persone. Die meeste van die lede was vrouens, ongeveer vyf vrouelede vir elke twee mans. Die rede hiervoor: "You know what the men like, the men like to go where the women are. If you stop away the women, we won't have this thing (Youth Brigade)." Elke afdeling het sy eie voorsitter, sekretaris en kassier.

Die ledetal van die vereniging word redelik konstant gehou omdat elke afdeling ook 'n mogodisô-sirkel vorm. Byeenkomste word om die beurt aan huis van lede gehou. Die vergaderings vind elke veertien dae of maandeliks plaas. By elke byeenkoms betaal elke lid 25c aan die kassier. Die lid by wie die byeenkoms gehou word ontvang 20c en 5c per lid word in die partykas inbetaal. Elke lid moet getrou byeenkomste bywoon anders verbeur hy die geleentheid om ook voordeel uit die mogodisô-gelde te trek wanneer die byeenkoms by sy huis plaasvind. Om hierdie rede kom agterstallige betalings van 50c en 75c redelik dikwels voor.

Op sulke byeeneomste vermaak die aanwesiges hulle met solo- en gesamentlike sang. Kerkliedere en partyliedere word geoefen. Leiers van die Kgudu Morôhô lewer soms lesings terwyl daar gereeld met grammofoon en plate musiek verskaf word om by te dans en te "jive". Ons weet dat daar soms kafferbier, jenewer, wyn en brandewyn by hierdie partye gebruik word.

Naas hierdie organisasie vind ons by die meeste partye een of ander organisasie om aan party-ondersteuners voordele by afsterwe van 'n familielid te waarborg. Ten opsigte van begrafnisversekering bestaan daar vier afsonderlike wyses waarop voordele verkry kan word. Ten eerste is daar die lidmaatskap aan begrafnisverenigings wat die bestryding van die begrafniskoste van ingeskrewe lede waarborg. Hierdie verenigings het geen politieke verband nie. Ten tweede is daar die moontlikheid van kontantvoordele vanweë lidmaatskap van 'n "Mourning Society". Sulke verenigings kan verband met politieke partye hê. Ten derde is daar kontantvoordele uit 'n moontlike blokfonds wat net vir party-ondersteuners toeganklik is en ten slotte is daar kontantvoordele van kollektes wat onder simpatiseerders met die agtergeblewenes opgeneem word. Die laasgenoemde tipe voordeel kan ook verband met party-ondersteuning hê.

So is dit dan dat ons naas die "Burial Society" (begrafnisvereniging) ook die "Mourning Society" aantref. Normaalweg kan so 'n vereniging se lede sonder enige beperking gewerf word. Dit word egter meer algemeen aanvaar dat lede tot 'n bepaalde groepsverband sal behoort. Op hierdie wyse vind mens dan sulke "Mourning Societies" wat vir ondersteuners van bepaalde partye in stand gehou word. Die organisering van "Mourning Societies" is vrouensaktiwiteite. Die leiding by sulke verenigings is daarom in die hande van die vrou van die leier van die party. Dit is die geval by die Kgudu Morôhô- en Transvaal-partye.

Die "Mourning Society" van die Transvaal-party heet "The Transvaal Women's Mourning Society". Lidmaatskap is opsioneel, die bydrae is R1.10 per maand en 'n enkele lid verkry voordele vir homself, sy vrou en alle kinders naas twee verdere verwante elk aan vaderskant en aan moederskant. Gewoonlik beteken dit dat die vader en moeder van die man en vrou, waar hulle ook al woon, by hierdie ooreenkoms ingesluit is. Wanneer een van die bevoordeeldes te sterwe kom, reël die vereniging nie die begrafnis nie, maar betaal slegs 'n kontantbedrag van ongeveer R44 aan die familie as hulp gedurende die tyd van beproewing. In / ...

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



In die geval van die Kgudu Morôhô het 'n ooreenstemmende vereniging vroeër bestaan. Dit was bekend as Leithlo la Motse (die (wakende) oog van die stat). Dit het egter tot niet gegaan ten gevolge van struweling oor die wyse dwaarop boek gehou is. Dit is in 1952 opgevolg deur die "United Women's Burial Society". Van dié vereniging kon ons geen besonderhede verkry nie.

As derde wyse waarop voordele verkry kan word geld spontane vorderings wat binne bepaalde blokke ten behoewe van die bedroefde familie onder party-ondersteuners gedoen word. Bydraes van hierdie aard, is weer eens nie verpligtend nie. By die Namune is hierdie stelsel in gebruik en het in die verlede daaruit bestaan dat daar 'n kollekte gehou is onder die aanwesige party-ondersteuners wat met die familie gaan simpatiseer het. Die geld is dan hoofsaaklik aangewend vir die bestryding van onkoste wat die familie in verband met die begrafnis moet aangaan. "It developed into such that we felt paying out of hand causes some inconvenience. Some people want to help (the bereaved), but have not got the money on the spot." Daarom bestaan daar vandag in sommige blokke, 'n blokfonds vir hierdie doel. Bydraes hiertoe is vrywillig en uit hierdie fonds word dan uitbetalings gedoen wanneer 'n ondersteuner van die party in daardie blok te sterwe kom. Hierdie uitbetalings geld bo en behalwe enige kollekte wat by die sterfhuis self gemaak word en waartoe alle aanwesiges, nie net partylede nie, kan bydra.

In die geval van die Transvaal-party bly daar nog 'n verdere moontlikheid oor. Dit is wanneer daar 'n state funeral van 'n begrafnis gemaak word. Dit geskied alleen by die afsterwe van vername lede van die Uitvoerende Komitee van die party. In so 'n geval word daar kollektelyste geopen en onder partylede vir bydraes gesirkuleer. Die inkomste word dan gebruik, nie alleen tot voordeel van die familie van die oorledene nie, maar ook ter bestryding van onthaal- en begrafniskoste omdat die hele aangeleentheid 'n party-karakter verkry.

Die bo-beskrewe wyse waarop ondersteuners van 'n bepaalde party ook in ander verbande saamgetrek word, is dus eintlik, ondanks die voorgewing van informante dat dit met voorbedagte rade op konsolidering van party-ondersteuners gemik is, veel eerder 'n aanduiding van die mate waarin party-ondersteuning 'n sosiale betekenis verkry het. Die verenigings is nie doelbewus ingestel nie maar wel vanweë die spontane behoefte van die lede daaraan.

## I. Die verkryging van partyfondse

Geeneen van die partye in die lokasie vorder 'n jaargeld of ledegeld van ondersteuners nie. Hierdie erkenning van ons informante word gestaaf deur hulle volkome onvermoë om 'n betroubare beraming van die sterkte van die eie party te maak.

Die onkostes wat egter namens partye aangegaan word, is nie gering nie, benewens direkte verkiesingsonkoste, word daar onthale gegee op beperkte skaal, en hofsake gedryf. Daar is dus ook 'n inkomste van redelike omvang. Die normale gebruik by al die partye is om by wyse van kollekte onder die ondersteuners vir bepaalde sake die nodige te verkry vir die vereffening van skulde. By 'n gewone verkiesing word daar verwag dat elke ondersteuner tussen 10c en 25c tot die partyfonds sal bydra. Hierdie heffing word dan elke twee jaar vereis. Ten opsigte van hofonkoste word spesiale heffings vir elke aangeleentheid uitgeskryf. Alle bydraes tot die partyfonds langs hierdie weg is vrywillig. In die geval van die Kgudu Morôhô kom daar as verdere bron van inkomste die heffings by wat op byeenkomste van die Youth Brigade ge-in word.

Finansiële aangeleenthede is nie aan die gemiddelde leier van die partye bekend nie. Dit word afgehandel deur die Uitvoerende Komitees waarvan die lede tot ons verbasing geen

© University of Pretoria

duidelike / ...

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

duidelike beeld van inkomstes en uitgawes kon verstrek nie. Ons kon ook geen boekhouding te sien kry waarin die finansiële geskiedenis van 'n enkele verkiesingsveldtog ingeskrywe is nie. Uit die mondelinge getuienis wat ons aangeteken het, kan ons egter die gevolgtrekking waag dat die totale verkiesingsonkoste per party, insluitende onthale, soms honderde rande beloop. In die geval van hofsake in die Hooggeregshof is syfers tot R1,000 aan ons genoem. Ons beskou hierdie gegewens as korrek en die betroubaarste wat beskikbaar is.

## VI. DIE AANDEEL VAN POLITIEKE PARTYE IN DIE VERLOOP VAN VERKIESINGS IN ATTERIDGEVILLE

### A. Die verkiesingstelsel

In die wyse waarop die lede van die Adviserende Komitee verkies is, onderskei ons 'n eerste fase tot 1938 toe slegs drie van die ses lede op die komitee verkies is. Ná 1938 volg die tweede fase toe al tien lede van die komitee verkies is.

Die werklike stemwyse het egter met hierdie veranderings konstant gebly: Die lede van die komitee is steeds volgens 'n stelsel van meervoudige stem verkies. Voor 1938, toe elke kieser drie stemme gehad het, kon die stelsel geredelik regverdig word. Vanweë sy benoemingsreg van 'n verdere drie lede op die Komitee, kon die Stadsraad toesien dat enige onverteenwoordigde opposisiegroep verteenwoordiging deur benoeming verkry. Hiernaas was die drie stemme wat per kieser toegeken was relatief min: die kieser kon die name van sy keuse geredelik onthou. In die aanvanklike periode het die komitee ook slegs gefunksioneer ten opsigte van een gebied waarin Bantule en Marabastad aangrensend geleë was.

Met die totstandkoming van Atteridgeville is daar geen nuwe Adviserende Komitee ingestel nie. Die bestaande komitee se magte is uitgebrei tot 'n woonbuurt 8 myl verwyder waar met verloop van tyd belange ontwikkel het wat vreemd aan Marabastad/Bantule was. Eers met die verskuiwing van Bantule en Marabastad as geheel het weer balans in die onewewig van die komitee ontstaan. Tesame met die stigting van Atteridgeville (1938) het die Stadsraad afgesien van sy nominasiereg van lede in die Komitee. Kiesers moes nou tien stemme per kieser (volgens die meervoudige-stelsel) uitbring. Die waarborg vir die aanwesigheid van opposisie binne die komitee, die wykverkiesingstelsel, is nie in die regulasies behou nie.

Die stelsel van verkiesing geskied volgens die Engelse teks van die regulasies volgens 'n "<u>Communal Vote</u>", en onder hierdie naam is dit onder die inwoners van Atteridgeville bekend. Elke party of koalisiegroep stel tien kandidate voor. Omdat die kiesers so getrou volgens party-aanhorigheid stem, word daar, behalwe in uitsonderlike gevalle, slegs kandidate van een party verkies. Die aanwesigheid van opposisie in die komitee is 'n rare verskynsel. Die normale verskynsel is verder dat kiesers nie in staat is om sonder voorsegging die tien name van hulle partykandidate weer te gee nie, en dat Adviserende Komiteelede soms blokmanne in Atteridgeville word terwyl hulle in Bantule/Marabastad woon en omgekeerd. Soos ons reeds genoem het, beteken die stelsel verder dat die superintendent hom moet bedien van blokmanne en -komitees met 'n eensydige politieke samestelling.

Die meriete van die stelsel van meervoudige stem het ons informante soos volg verduidelik: Die <u>Namune</u>, wat vir die afgelope aantal verkiesings die oorwinning behaal het, is tevrede met die stelsel. Vir hulle is dit "<u>True Democracy</u>". "Democracy says the most people must rule, and not the most constituencies." Dit is vir hulle in ooreenstemming met die partyleuse "Een drag maak magt - Unity is strength." Vir hulle is die stelsel van meervoudige stem ook die oogmerk van die Verenigde Party onder die Blankes. Waar

© University of Pretoria

hierdie / ...

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

hierdie party volgens hulle berekening (1952) oor 'n meerderheid van stemme beskik en die regering dus as 'n minderheidsregering bekendstel, agiteer die Verenigde Party volgens die Namune vir 'n soortgelyke kiesstelsel as dié volgens meervoudige stem.

Die wyksverkiesingstelsel is vir die Namune 'n onding. Hulle reken dat die inwoners en kiesers hulle in die sienswyse steun want hoewel die Kgudu Morôhô die instelling van 'n wykverkiesingstelsel by 'n hele paar verkiesings as belofte voorgehou het: "They were soundly beaten by a big majority." Ons segsmanne by hierdie party vrees ook dat die instelling van 'n wykverkiesingstelsel tot swak administrasie sal lei. Tans waar die blokman nie in sy blok hoef te woon nie, kan die tien bekwaamste persone in die hele lokasie as kandidate uitgesoek word. "With the present system we retain the cream of our people." Hulle twyfel daaraan of dit moontlik sal wees om in elke blok 'n party-ondersteuner te verkry wat bekwaam genoeg is om op die Adviserende Komitee te dien as die komitee volgens 'n wykverkiesingstelsel verkies word. Die implikasie van hierdie argument, dat die gemiddelde bewoner van Atteridgeville nie geskik is om as demokratiese leidsman van sy mense op te tree nie, word deur hierdie party nie in gedagte gehou nie.

Die Kgudu Morôhô as opposisie, is verdedigers van die wykverkiesingstelsel. Ons het egter informasie dat ook hulle ten volle tevrede was met die stelsel van meervoudige stem toe dit hulle die oorwinning besorg het. Ons segsmanne uit hierdie party het gekla dat Adviserende Komiteelede met stemme oor die hele lokasie verkies word, maar na afloop van die verkiesing wanneer elke lid net vir een blok verantwoordelik gemaak word, weier so 'n lid om die belange van kiesers uit ander dele van die lokasie te behartig (sic). Van veel groter gewig is die bewering, wat ons as korrek gekontroleer het, dat die gemiddelde kieser nie die name van al tien kandidate ken wat sy party genomineer het nie, asook dat persone as blokmanne aangewys is, en kan word, terwyl hulle nie in daardie blokke woonagtig is nie. So beywer hulle hulle vir 'n wykverkiesingstelsel: "The block system will make people vote for substance and not for sham, because they will know how to compare the aspirant candidate in his individuality, make as minute an assessment of his declarations, know why they should vote for him, and finally, be at liberty to criticise him for any misdemeanours in his management of the block he represents... Voting under the communal system is like a fisherman (die kieser) casting his net into the sea in the hope of getting as many fish, only to find that his net is full of crabs, frogs and other water inhabitants (dit wil sê as die opposisie wen). The people never know the credentials of the majority of the candidates and sometimes have no personal contact with them, and vote for the entire party just because of the influence and gab of one or two men."

Die stemstatistiek bewys dat daar 'n redelike gelyke verdeling van stemme tussen die twee partygroepe bestaan. Dat dit dan volgens die kiesstelsel feitlik onmoontlik is om enige opposisieverteenwoordiger in die komitee te verkry, moet ons in gedagte hou. Die Adviserende Komitee word as 'n "secret society" beskryf omdat daar geen kennis is oor wat in die vergaderings gebeur nie. Daar is geen enkele opposisielid op die komitee wat "regeringslede" voor die kiesers tot verantwoording kan roep op verslagvergaderings nie. "This communal vote does not satisfy the public, it works onesided. Now here with this communal vote, I can sleep at my house for the whole of two years, then when the election comes, I go to a few houses and get my votes."

Wanneer alle gegewens daarvoor en daarteen beredeneer word, is dit ons oortuiging dat die kiesstelsel deur 'n meervoudige stem per kieser nie die gelukkigste vir Pretoria is nie. Naas die verskeie argumente wat ons behandel het, het alle partye saamgestem dat

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

die invoering van 'n wykverkiesingstelsel 'n ernstige knou aan die bestaande politieke partystrukture sal gee. Groter nugterheid onder die spelers in die plaaslike politieke poppekas moet allerweë verwelkom word.

B. <u>Die opstelling van die kieserslys</u>

Die opstelling van die kieserslys geskied ingevolge die bepalings van Administrateurskennisgewing 29/43. Die name van al sodanige huurders wat huurgelde voor 7 Julie tot 30 Junie aangesuiwer het, word as stemgeregtigdes in die lys opgeneem. Na behoorlike sertifisering word die lys by die kantoor van die superintendent opgeplak. Afskrifte van die lys is te koop teen 10c per kopie.

Na openbaarmaking van die lys moet alle besware binne 7 dae by die Stadsklerk aanhangig gemaak word en na afhandeling hiervan word die finale lys nie later as 21 Augustus nie by die superintendentskantoor as 'n byvoegsel tot die aanvanklike lys openbaar gemaak. Die regulasies bepaal egter uitdruklik dat die uiteindelike onopsetlike weglating van name uit die kieserslys nie die geldigheid van die verkiesing kan beïnvloed nie.

Omdat dit nie beleid van die Stadsraad is om huurkontrakte slegs met manlike Bantoepersone aan te gaan nie, en vrouens dus ook huurkontrakte sluit, is daar 'n redelike groot aantal vroulike stemgeregtigdes in Atteridgeville. Vrouens neem dus 'n aktiewe aandeel in die politiek.

Die regulasies maak egter geen voorsiening vir die verlening van stemreg aan loseerders (sub-huurders) nie: hulle is nie huurders van huise of persele wat die eiendom van die Stadsraad is nie. Dit is die oogmerk van albei partye om stemreg vir sulke loseerders te verkry. As vernaamste regverdiging geld die argument dat die loseerders die grootste gedeelte van die huur aan die huurbaas waar hulle loseer, betaal. Die loseerders is dus indirek betalers van huurgeld en moet stemreg ontvang.

Benewens die algemene opmerkings hierbo, is die vernaamste besware wat teen die samestelling van die kieserslys ingebring word, klagtes van mense wat nie mooi begryp dat hoewel hulle kwitansie bv. 24 Junie gedateer is, dit in werklikheid die vereffening van die huurgeld van April of Mei is nie. Uiteindelike skrapings of toevoegings tot die aanvanklike lys is gewoonlik gering.

Hoewel dit die taak van die kieser self is om sy registrasie op die kieserslys te kontroleer, gaan hy met enige klagte oor so 'n saak na die blokman toe. Waar die blokman iemand van die opposisieparty moet help om sy naam op die kieserslys geplaas te kry, spreek dit vanself dat daar geleentheid tot misbruik van sy posisie is. Ons moes na klagtes luister dat blokmanne in die verlede sulke aansoeke om insluiting op die kieserslys nooit verder gevoer het nie. Hiervoor kon ons geen bewyse kry nie.

Wanneer die aantal geregistreerde kiesers, volgens die lys, met die aantal huurders (potensiële kiesers) vergelyk word, word mens dadelik getref deur die relatief lae persentasie name wat uit Atteridgeville op die kieserslys verskyn (sien tabelle 102 en 103).[1)]

TABEL 102 / ...

1) Die syfers in tabelle 102 en 103 is verkry van die kantore van die superintendent van Atteridgeville en die Bantoesakekommissaris van Pretoria. Die berekening van die totale moontlike aantal kiesers (totaal van huurders) is bereken as die totale getal huise in Atteridgeville met aftrekking van daardie gevalle waar persele as handelsterreine gebruik is met die nodige byvoeging waar persele as enkelbehuisingskwartiere gebruik is.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

TABEL 102: ATTERIDGEVILLE KIESERS OP KIESERSLYS

| Jaar | Aantal moontlike kiesers | Aantal kiesers op lys | % kiesers op lys |
|---|---|---|---|
| 1951 | 1513 | 941 | 62.3 |
| 1952 | 1513 | 939 | 62.1 |
| 1953 | 1513 | 844 | 55.8 |
| 1955 | 2157 | 1819 | 84.3 |

Uit tabel 102 blyk dit duidelik dat, behoudens vir 1955, daar voortdurend meer as 30% van die huurders was wat vanweë agterstallige huur nie vir insluiting op die kieserslys gekwalifiseer het nie. Wanneer ons toestande in Atteridgeville met dié in Marabastad vergelyk waar in 1952 448 van die moontlike 478 kiesers op die lys verskyn het, kan mens nie anders as om te aanvaar dat die vermoë om addisionele inkomste deur die inname van loseerders te verkry, in Marabastad 'n belangrike aanvulling van vermoë om huur te betaal vorm nie. Ten opsigte van die skielike verhoging in 1955 van die persentasie kiesers op die lys, is daar die volgende oorsake: Kort voor die 1955-verkiesing is 'n groep van ruim 200 gesinne van die plakkerkamp Mooiplaas akkommodasie in Atteridgeville verskaf in nuwe huise; vir doeleindes van die kieserslys is hierdie mense se huur as betaal aanvaar. Hiernaas was daar 'n algemene ontevredenheid oor die voorgenome oorskakeling van Atteridgeville tot 'n ekonomiese behuisingskema: baie huurders het deur die aansuiwering van huurgeld seker gemaak dat hulle kon stem. By hierdie verkiesing het die administrasie ook vir die eerste keer alle besonderhede oor agterstallige huur aan party-organiseerders verskaf, wat diegene wat agterstallig is, daarop attent gemaak het.

TABEL 103: MANLIKE EN VROULIKE GEREGISTREERDE KIESERS IN ATTERIDGEVILLE

| Jaar | Manlike gereg. kiesers | Vroulike gereg. kiesers | Totaal gereg. kiesers | % manlik geregistreer | % vroulik geregistreer |
|---|---|---|---|---|---|
| 1951 | 724 | 217 | 941 | 76.9 | 23.1 |
| 1952 | 723 | 216 | 939 | 77.0 | 23.0 |
| 1953 | 629 | 215 | 844 | 74.5 | 25.5 |
| 1955 | 1461 | 358 | 1819 | 80.3 | 19.7 |

Uit tabel 103 blyk dit duidelik dat, behoudens in 1955, die verhouding van die aantal vroulike kiesers wat geregistreer kon word, merkwaardig konstant gebly het. As groep verteenwoordig hulle getalle 'n stemkrag wat nie deur die partye oor die hoof gesien mag word nie. Die oorsaak vir die daling in die persentasie vroulike kiesers in 1955 moet toegeskryf word aan die feit dat die nuwe huurders wat in Atteridgeville in daardie jaar ingetrek het, hoofsaaklik manlike persone met afhanklikes was. Die getalle vroulike kiesers bly egter nog steeds groot genoeg om die verkiesing in die guns van

een / ...

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

een of ander party te laat verloop as hierdie vrouens as 'n groep hulle stem op 'n bepaalde party sou uitbring. Dit lei geen twyfel dat ons informante wat die vroeëre stamorde geken het, hierdie deelname van vrouens aan die politieke lewe as iets ongerymds beskou het nie.

C. Die nominasiestryd

Ingevolge die bepalings van Administrateurskennisgewing 29/43 word daar op versoek van die Stadsraad van Pretoria 'n kiesbeampte, assistent-kiesbeampte, en ses stemopnemers deur die plaaslike Bantoesakekommissaris aangewys. Hierdie persone is almal lede van die kantoor van die Kommissaris en is belas met die ontvangs van nominasies en die uitvoering van die verkiesing. Met hierdie sake het die amptenare van die Stadsraad niks te doen nie. Trouens, die regulasies verbied enigiemand anders as die aangestelde beamptes om in die stemlokale aanwesig te wees.

Die nominasiebriewe van kandidate moet by die kiesbeampte ingedien word voor 31 Augustus van die jaar van die verkiesing. Geen nominasie is geldig tensy die kandidaat self 'n geregistreerde kieser is, 2 jaar voor sy nominasie in die lokasie van Pretoria woonagtig was en nie binne hierdie tyd aan 'n ernstige misdryf skuldig bevind is nie. Hiernaas moet die nominasiebrief onderteken wees deur minstens tien persone wie se name ook op die kieserslys voorkom. In praktyk gebeur dit egter dat nominasiebriewe gewoonlik deur vyftien tot twintig persone onderteken word in 'n poging om seker te maak dat daar tien stemgeregtigdes se handtekeninge op sal voorkom.

Binne 7 dae na 31 Augustus moet die name van die genomineerde kandidate bekend gemaak word. Waar nominasies afgekeur was, was dit in die verlede steeds omdat die nominasiebriewe tog nie deur die nodige tien stemgeregtigdes onderteken is nie. Afwysing geskied egter selde. Elke suksesvolle kandidaat moet dan R10 by die kiesbeampte deponeer. Hierdie geld word verbeurd verklaar indien die kandidaat sy kandidatuur terugtrek, of indien hy nie daarin slaag om die helfte van die stemme te trek wat op die laaste suksesvolle kandidaat verenig is nie.

Die partye in Atteridgeville het almal aan ons erken dat die nominasie van kandidate nie so 'n individuele saak is as wat uit die regulasies afgelei kan word nie. Die nominering van kandidate is 'n party-saak. Werklike nominasiestryd soos ons dit onder die Blankes ken, is daar nie.

By die Kgudu Morôhô wag die Uitvoerende Komitee die aansoeke van aspirantkandidate in. Daar was in die verlede steeds meer as die benodigde tien. Die finale keuse word dan deur die Uitvoerende Komitee uit hierdie aansoeke gedoen. Uit hierdie getuienis blyk dit duidelik dat die party tog nie voortdurend tien aspirantkandidate as deel van die partymasjien in die vorm van voorsitters van skadublokkomitees in die veld het nie. In hulle keuse let die komitee op die kandidaat se opvoedkundige kwalifikasies, sy welsprekendheid en sy aansien en invloed in die lokasie. Na die keuse gedoen is, ontvang die aspirantkandidate hulle nominasiebriewe en gaan soek dan die nodige sekondante in die blokke wat hulle in die komitee sal verteenwoordig indien hulle gekies word. Dit is vir ons duidelik dat hierdie besoeke gewoonlik die volle omvang is van die huisbesoekaksie wat van bepaalde kandidate uitgaan. Aangesien dit 'n individuele optrede is, is ons bekend daarmee dat die aspirantkandidate hulle nie beperk tot 'n enkele blok by die verkryging van die handtekeninge van sekondante nie.

Die kandidate van die Namune-party, wat aan "bewind" was met ons ondersoek, word aangewys op 'n gesamentlike vergadering van al die dienende blokmanne met hulle komitees. Die resultaat is egter ook in hierdie geval dieselfde as die vorige, nl. tien partykandidate.

© University of Pretoria

Voor / ...

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Voor 1942 was dit vir die verskillende partye moontlik om ook munisipale amptenare as kandidate aan te wys. Vanweë klagtes, wat ons nie kon bewys nie, is daar per Stadsraadbesluit van 30.4.1942 'n verbod geplaas op die deelname van munisipale amptenare aan lokasiepolitiek. Daar is beweer dat sulke amptenare van hulle posisies misbruik maak by die werwing van stemme. Albei partye is hierdeur getref. Een groep het egter beklemtoon dat hulle beste kandidate langs die weg uit die politiek geneem is. Dat dit 'n vingerwysing is na die feit dat geskikte kandidate, politieke leiers, nie in genoegsame getalle aanwesig is nie, moet erken word.

D. Die verkiesing

Wanneer daar minder as tien kandidate genomineer word, word hierdie kandidate verkose verklaar en verdere nominasies word aangevra. Hierdie tweede groep nominasies moet die kiesbeampte binne 7 dae na bekendmaking van die versoek om verdere nominasies bereik. Indien hierdie nominasies meer is as die oorblewende vakante posisies op die komitee, volg daar 'n verkiesing ten opsigte van slegs die posisies wat na die eerste nominasie ongevul was. Indien daar vir die tweede keer te min kandidate genomineer word, kan die Stadsraad, ingevolge die regulasies, lede benoem vir die oorblywende vakante posisies. Hierdie regulasies wat optrede voorskryf by gebrekkige deelname aan die politieke lewe deur die inwoners, was nog nooit in Pretoria toegepas nie. Die behoefte aan sulke regulasies het nog nooit voorgekom nie.

Die normale verskynsel is dat steeds meer as tien kandidate aangewys word waarna die verkiesing op die laaste Woensdag van September gedurende die ure 8 vm. tot 1 nm. en 2 nm. tot 11 nm. plaasvind. Gewoonlik word daar twee stemdistrikte afgebaken. Een te Atteridgeville en die ander vir die res van die gebied. In Bantule en Marabastad is die stemlokaal in die Dougallsaal en in Atteridgeville word 'n gedeelte van die superintendent se administratiewe gebou wat vir dié doel ontruim word, gebruik.

Na die nominering maar voor die verkiesing, roep die kiesbeampte die kandidate bymekaar om uit hulle geledere of uit hulle aanhangers persone te verkies om die stembeamptes behulpsaam te wees by die identifisering van kiesers in die stemlokaal. Die regulasies bepaal vandag dat elke party die reg het om een sodanige opsiener of binne-agent per stemlokaal te verkies. Ons het reeds daarop gewys (p.313) dat hierdie laaste bepaling ingevoeg is ten gevolge van die pogings in 1947 om deur die nominering van 'n oorwig kandidate al die opsieners uit die eie party verkies te kry.

Die aard van partypropaganda wat gedurende die verkiesingstryd versprei word, het ons reeds op p.324 en verder behandel. Hierdie stryd bereik sy hoogtepunt op die dag voor die verkiesing.

Op stemdag is daar buite die stemlokaal te Atteridgeville 'n tafel ingerig vir elke party. By elk van hierdie tafels is daar kaartjies verkrygbaar waarop die name van die tien partykandidate voorkom asook die vernaamste beloftes wat die party onderneem om aan die Stadsraad oor te dra. Hierdie kaartjies is in partykleure gedruk: Groen kaartjies dus vir die Kgudu Morôhô en rooi kaartjies vir die Namune. Elke party-ondersteuner meld hom by die tafel van sy party aan, verkry 'n kaartjie met die name van die kandidate van sy party daarop, en word dan deur 'n helper tot by die deur van die stemlokaal vergesel om te voorkom dat helpers van die ander party hulle partykaartjies aan die kieser opdring.

Die partykaartjies speel dus 'n belangrike rol in die versekering dat kiesers sal weet vir wie om te stem. Die verkryging van die kaartjies is vir almal so 'n gewortelde voorvereiste vir die binnegaan van die stemlokaal dat een van die vernaamste politieke figure in Atteridgeville aan ons verduidelik het dat geen persoon die

© University of Pretoria

stemlokaal / ...

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

stemlokaal mag binnegaan alvorens hy of sy nie die kaartjie ontvang het nie. Die regulasies swyg egter oor hierdie vereiste. Die gebruik van partykaartjies dateer reeds van voor die verkiesing van 1943.

Gedurende die oggend en vroeë middag is daar slegs enkele kiesers wat kom stem. Vanaf ongeveer 5 nm. begin die periode van drukke stemmery. Die vrouens wat tot nou in bevel was van die partytafels word deur mans afgelos. Hierdie persone is gewoonlik van die kandidate in die verkiesing. Vanaf ongeveer hierdie uur kom die hele verkiesingsmasjien in werking en word kiesers wat van die werk af huis toe kom per bus en kar na die stembus aangery. Met die 1952-verkiesing het elke party ongeveer drie motorkarre per stembus in gebruik gehad. Die busse wat gebruik word, word deur die partye van 'n vervoermaatskappy gehuur en vervoer van die stad na Atteridgeville geskied dan op onkoste van die betrokke party.

Benewens die partykaartjies wat in kleure gedruk is, word partykleure oorvloediglik gebruik vir identifikasie van die gesindheid van kiesers omdat feitlik alle kiesers die kleur van hulle party as kenteken dra. Met die 1951-verkiesing was daar by die kleurvertoon op die partykaarte byna groot moeilikheid. Die kaarte van die Namune was ligroos, terwyl dié van die Kgudu Morôhô ten gevolge van 'n ongelukkige drukkersfout rooi was in plaas van groen. Daar is dadelik deur die Namune op die ernstigste wyse protes aangeteken teen die "kwaadwillige" poging van die Kgudu Morôhô om deur gebruik van die verkeerde kleur verwarring by die kiesers te veroorsaak. Baie kiesers stem, soos ons sal aantoon, slegs op die partykleur.

By elke tafel van 'n bepaalde party en ook elders op strategiese punte rondom die stemlokaal, verskyn daar vlae met die partykleure. Karre en busse wat kiesers vervoer is versier met linte volgens party-aanhorigheid. In die geval van die Namune is hierdie vervoermiddels dikwels versier met 'n paar lemoene wat op 'n stok geryg is.

By die partytafels dra al die helpers die kleure van die party. Vir die Namune-vroue dien rooi rokke, tjalies of kopdoeke as kenteken terwyl die algemene drag van vroue by die tafels van die Kgudu Morôhô groen rompe met wit kopdoeke of blouse is. Manlike helpers dra meesal rosette van die partykleure. Die kiesers wat kom stem is almal van ver af verdeelbaar in Namune- en Kgudu Morôhô-ondersteuners volgens die lappies, blomme of stukkies lemoenskil wat êrens aan die klere vasgespeld is. Met die 1952-verkiesing is hierdie kleurvertoon tot 'n uiterste gevoer toe daar slegs rooi en oranje koeldranke by die tafels van die Namune, of groen koeldrank by die tafels van die Kgudu Morôhô verkrygbaar was.

Benewens die blote vertoon van partykleure word daar ook deur vrouens van lede van die partye vir elke party 'n groep dansers afgerig wat op die dag van die verkiesing, maar veral in die aand, op die maat van prysliedere van hulle party of spotliedere op die opposisie beurtelings vertonings lewer. Die dansers word begelei deur dromme, vervaardig uit paraffien- en ander blikke, en fluitjies van verskillende toonhoogte. Elke dansende vrou dra ook 'n handversiering: in die geval van die Namune, stokke waarop lemoene geryg is en by die Kgudu Morôhô groen boomtakke. Elke bus of kar van die eie party word deur aanwesige ondersteuners, maar veral deur die dansende vrouens, met skril geskree en toejuiging begroet.

Die prysliedere wat by hierdie geleentheid gesing word, bestaan meesal slegs uit 'n enkele sin wat met melodieuse variasies herhaal word. Ons gee voorbeelde van slegs die liedere wat die Namune-ondersteuners sing:

(1) Siyathatha livote - Ons is besig om die verkiesing te wen (Zulu).
(2) Namune yangena - Die Namune is besig om in te gaan, d.w.s. om te wen (Zulu).

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



(3) Siyankunyathela wena Mbolêkwa - Ons trap jou Mbolêkwa (Zulu).
Pasopo Namune ea tla - Pasop, die Namune kom (Sotho).

(4) Kgale re ne re sa iketla,
re ne re tshwengwa ke Kgudu.
Byalo muso ke wa Senthawane, Senthawane, Senthawane[1] -
In die verlede was ons voorspoedig,
(Toe) is ons gepla deur die Kgudu.
Nou is die regering die van Senthawane, Senthawane, Senthawane.

Wanneer die kieser tesame met sy partykaartjie by die stemlokaal aankom, word sy bona fides eers deur die twee opsieners nagegaan. Hierna oorhandig hy sy partykaartjie waarop die name van die kandidate van sy party voorkom aan die stembeampte met die verklaring dat hy vir die mense wie se name daarop voorkom, wil stem. Sy naam word op die kieserslys deur die stembeampte deurgehaal en kragtens regulasie word die kieser se stem deur die stembeampte namens die betrokke kieser uitgebring deur kruisies te plaas op die stembrief agter die name van die kandidate wie se name op die partykaartjie voorkom. Hoewel die hulp van die kiesbeampte by die uitbring van stemme deur die regulasies toegelaat word, staan dit natuurlik enige kieser vry om sy eie stem uit te bring. Aangesien daar mondelinge mededeling van die kieser se wense aan die stembeampte gedoen word, bepaal die regulasies dat slegs een kieser per keer in die stemlokaal aanwesig mag wees. Hierdie bepalings wat vir Blankes sonderling voorkom, is in die regulasies ingevoeg omdat so 'n groot persentasie van die kiesers ongeletterd is en nie in staat is om hulle eie stem uit te bring nie.

Deur gebruikmaking van die partykaartjies word daar verseker dat die kieser nie alleen reg sal stem nie, d.i. slegs vir kandidate van sy party nie, maar ook dat die kieser vir al die kandidate van sy party sal stem. Baie van die kiesers is nie in staat om die name van die tien kandidate van hulle party te onthou nie. Dit is dan ook verstaanbaar waarom die kieser van die partytafel na die deur van die stemlokaal vergesel moet word.

Baie kiesers stem daarby bloot op kleur af. Hy dra as kenteken iets met sy party se kleur. In die geval van die Namune, dikwels 'n lemoen in die hand of 'n stukkie rooi lap op die lapel, pyl op die tafel met die rooi vlag af, kry 'n rooi kaartjie, en laat die stembeampte die name daarop op die stembrief namens hom aandui. Dit is dan verstaanbaar waarom daar so 'n geweldige beswaar was in 1952 toe die Kgudu Morôhô ook rooi partykaartjies gebruik het. Die aantal bedorwe stembriewe is in verhouding tot die ongeletterdheid van die kiesers, besonder laag. Normaalweg is die aantal bedorwe stembriefies minder as 10 per verkiesing.

Onmiddellik na die sluitingsuur, word die stemme getel en die uitslag daarna aan die wagtendes buite bekend gemaak. By die telling van die stemme mag die verskillende kandidate teenwoordig wees maar hulle mag nie sonder toestemming van die kiesbeampte die lokaal verlaat nie. Indien dit gebeur dat die laaste suksesvolle posisie deur twee kandidate gevul word, moet daar volgens regulasie deur lotsbeslissing tussen hulle besluit word.

Om aan te dui hoe duidelik daar volgens party-aanhorigheid gestem word, verstrek ons die uitslae van verkiesings van Adviserende Komiteelede vir die lokasie van Pretoria vir vyf agtereenvolgende verkiesings:

1947-verkiesing / ...

1) Senthawane is, volgens ons segsmanne, 'n mitologiese dier - wolfleeu - waarvan die hare en die vet kragtige "medisyne" is. Om dit te besit bring groot geluk. Senthawane is ook die bynaam van I.B. Moroe, een van die vernaamste leiers van die Namune. Die lied sinspeel dus op Moroe as die gelukbringer van die Namune.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

1947-verkiesing: By geleentheid van die verkiesing is aanvanklik 170 kandidate genomineer. Deur terugtrekkings is dit later verminder tot 82. Ongelukkig is slegs die uitslag vir die 10 suksesvolle kandidate beskikbaar.

| Namune-party | | Kgudu Morôhô-party | |
|---|---|---|---|
| Mareka | 635 | | |
| Moroe | 634 | | |
| Masemola | 633 | | |
| D. Mathole | 622 | | |
| Gillinge | 622 | | |
| Sehloho | 622 | | |
| Gomba | 620 | | |
| Thabane | 619 | | |
| Legodi | 619 | | |
| | | Matli | 618[1)] |

1949-verkiesing: Vir hierdie verkiesing is slegs 30 kandidate genomineer.

| Namune-party | | Kgudu Morôhô-party | | Transvaal-party | |
|---|---|---|---|---|---|
| K. Masemola | 758 | C. Mbolekwa | 471 | J. Mutsila | 208 |
| F. Mareka | 754 | A. Mahlatjie | 470 | M. Mokatle | 204 |
| I. Moroe | 753 | J. Mashishi | 469 | K. Matli | 202 |
| A. Sehloho | 752 | S. Modiselle | 468 | F. Ntombeni | 194 |
| P. Gillinge | 749 | E. Kekane | 468 | E. Morola | 193 |
| I. Thabane | 746 | S. Legodi | 468 | H. Nkitle | 191 |
| A. Gomba | 745 | D. Mafole | 467 | F. Mojapela | 189 |
| S. Maleka | 744 | M. Ndongeni | 467 | F. Mofapelo | 187 |
| D. Mathole | 740 | P. Chauke | 465 | L. Lekoko | 185 |
| J. Legodi | 738 | T. Moela | 465 | A. Kola | 185 |

1951-verkiesing: Vir hierdie verkiesing is slegs twintig kandidate genomineer. Die twee opposisiepartye by die vorige verkiesing het nou 'n koalisie gevorm.

| Namune-party | | Kgudu Morôhô- en Transvaal-partye | |
|---|---|---|---|
| K. Masemola | 613 | F. Mareka | 517 |
| I. Moroe | 610 | L. Letsebe | 517 |
| A. Gomba | 610 | K. Matli | 516 |
| P. Gillinge | 609 | D. Modise | 515 |
| A. Sehloho | 608 | W. Lepule | 514 |
| J. Legodi | 607 | A. Mahlatjie | 513 |
| S. Maleka | 606 | L. Lekoko | 512 |
| D. Mathole | 604 | H. Nkitle | 511 |
| J. Segola | 603 | A. Kola | 509 |
| S. Mogale | 603 | S. Mookoe | 508 |

1953-verkiesing: Ongelukkig is alleen die resultate van die tien suksesvolle kandidate beskikbaar.

Namune-party / ...

1) Hierdie kandidaat is deur lotsbeslissing aangewys toe hy dieselfde aantal stemme getrek het as die laaste moontlike suksesvolle Namune-kandidaat.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Namune-party

| | |
|---|---|
| K. Masemola | 561 |
| I. Moroe | 560 |
| P. Gillinge | 559 |
| R. Brander | 556 |
| A. Sehloho | 556 |
| J. Segola | 555 |
| D. Mathole | 555 |
| N. Lehabe | 555 |
| J. Legodi | 555 |
| S. Mogale | 554 |

1955-verkiesing:

| Namune-party | | Kgudu Morôhô-party | | Transvaal-party | |
|---|---|---|---|---|---|
| K. Masemola | 772 | F. Mareka | 756 | K. Matli | 127 |
| I. Moroe | 765 | T. Mote | 753 | R. Puoane | 127 |
| A. Sehloho | 765 | B. Mnqadi | 753 | E. Kwinana | 125 |
| P. Gillinge | 763 | A. Mahlatjie | 752 | F. Lepaku | 125 |
| J. Legodi | 760 | L. Moleele | 752 | J. Sachane | 125 |
| D. Mathole | 760 | C. Mbolekwa | 751 | D. Sekgabi | 125 |
| S. Mogale | 760 | P. Nkoana | 751 | S. Mphaki | 124 |
| J. Segola | 759 | H. Mabokela | 749 | F. Mojapelo | 123 |
| R. Brander | 758 | H. Nkitle | 748 | J. Moleele | 121 |
| N. Lehabe | 758 | W. Molako | 746 | | |

Onafhanklik

| | |
|---|---|
| J. Mogale | 44 |

By hierdie verkiesing het die voormalige koalisie weer in die twee oorspronklike partye verdeel. Wanneer ons in gedagte hou dat Atteridgeville kort voor die verkiesing 'n aantal nuwe intrekkers uit die plakkerkamp Mooiplaas bygekry het, moet mens by vergelyking met vorige uitslae aanvaar dat hierdie mense die opposisie in groter mate as die "regerende" party gesteun het. Weer eens het al die kandidate van die Transvaal-party sowel as die enkele onafhanklike kandidaat hulle deposito's verbeur.

Uit al hierdie verkiesingsuitslae blyk dit oorvloedig duidelik hoe streng daar deur ondersteuners volgens partyverbintenis gestem word. Die gebruik van partykaartjies is die oorsaak van die feitlik gelyke stem wat op al die kandidate van 'n bepaalde party uitgebring word. Die verskille wat wel bestaan kan toegeskrywe word aan daardie geringe aantal kiesers wat hulle eie stembriewe invul en, òf hulle stem doelbewus oor verskillende partye verdeel, òf nie in staat is om al die kandidate van hulle eie party te onthou of te onderskei nie. Indien ons in die lig van die verkiesingsuitslae die totaal van sulke kiesers op ongeveer 50 stel bring dit persentasiegewys mee dat .3% van die stemme in die 1952-verkiesing op hierdie wyse uitgebring is.

Vir 'n beskouing van die uitslag van die verkiesings in Atteridgeville alleen was ons aangewese op die kieserslyste van die kiesbeampte waarop die name van alle kiesers wat gestem het, doodgetrek is. Die kiesbeampte is nie geïnteresseerd in aanduiding van party-ondersteuning nie. Ons was dus nie in staat om te bepaal wat die verdeling tussen aanhangers van partye in Atteridgeville alleen was nie. Ons informante uit die twee grootste partye skat dat die verdeling in Atteridgeville min of meer gelykop is met 'n geringe oorwig in die guns van die party by wie informasie ingewin word.

Die ontleding van die offisiële kieserslys wat in die stemlokaal in Atteridgeville gebruik is, toon egter ander insiggewende tendense.

© University of Pretoria

TABEL 104 / ...

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

TABEL 104: PERSENTASIE MANLIKE EN VROULIKE STEMME WAT IN ATTERIDGEVILLE UITGEBRING IS

| Jaar | Manlik | Vroulik | TOTAAL | % manlike stem | % vroulike stem |
|---|---|---|---|---|---|
| 1951 | 382 | 123 | 505 | 75.6 | 24.4 |
| 1952 | 409 | 142 | 551 | 74.2 | 25.8 |
| 1953 | 249 | 93 | 342 | 72.8 | 27.2 |
| 1955 | 1065 | 295 | 1360 | 78.3 | 21.7 |

TABEL 105: GEREGISTREERDE KIESERS WAT VAN HULLE STEMREG GEBRUIK MAAK

| Jaar | Geregistreer | | | Gestem | | | % gestem | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | M | V | Totaal | M | V | Totaal | M | V | Totaal |
| 1951 | 724 | 217 | 941 | 382 | 123 | 505 | 51.6 | 56.7 | 53.7 |
| 1952 | 723 | 216 | 939 | 409 | 142 | 551 | 56.6 | 65.7 | 58.7 |
| 1953 | 629 | 215 | 844 | 249 | 93 | 342 | 39.5 | 42.8 | 40.5 |
| 1955 | 1461 | 358 | 1819 | 1065 | 295 | 1360 | 72.9 | 82.4 | 74.2 |

TABEL 106: WERKLIKE % STEM VOLGENS MOONTLIKE AANTAL STEMGEREGTIGDES

| Jaar | Moontlike stemgeregtigdes | | | Stemme uitgebring | | | Werklike % gestem | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | M | V | Totaal | M | V | Totaal | M | V | Totaal |
| 1951 | 1117 | 396 | 1513 | 382 | 123 | 505 | 34.2 | 31.1 | 33.4 |
| 1952 | 1117 | 396 | 1513 | 409 | 142 | 551 | 36.6 | 35.9 | 36.4 |
| 1953 | 1117 | 396 | 1513 | 249 | 93 | 342 | 22.3 | 23.5 | 22.6 |
| 1955 | ? | ? | 2157 | 1065 | 295 | 1360 | ? | ? | 63.1 |

Wanneer mens let op die persentuele verhouding tussen die manlike en vroulike kiesers (tabel 103) en dit vergelyk met die persentasie manlike en vroulike stem wat uitgebring is, blyk die ooreenkoms in numeriese waarde baie duidelik. Daar is na ons oordeel, soos ook gestaaf deur hierdie syfers, geen stigma werksaam ten opsigte van vrouens wat aan die politieke lewe deelneem nie. Dit is normaal.

Wanneer ons egter die mate waarin geregistreerde kiesers van hulle stemreg gebruik maak beskou, blyk dit baie duidelik uit tabel 104 dat daar normaalweg persentasiegewys meer vrouens as mans stem. As rede hiervoor is aangegee dat vroulike kiesers gewoonlik oordag in die lokasie is en dus oor 'n langer tydspan as die manlike kiesers hulle stem kan uitbring. Ons kon hierdie verklaring nie as die enigste aanvaar nie omdat die vrouens wat huishuurders is (stemregtig is) ook broodwinners is en dus bedags uit die lokasie afwesig is.

© University of Pretoria

'n Verdere / ...

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

'n Verdere kenmerk van die verkiesings is die lae persentasie stem wat uitgebring is. Ondanks die feit dat daar gereeld slegs ongeveer 60% van die moontlik-stemgeregtigdes geregistreer is, is dit volgens tabel 104 duidelik dat daar, behalwe vir 1955, gewoonlik slegs 'n rapsie meer as die helfte van die geregistreerde kiesers stem. Die hoë getalle geregistreerde kiesers in 1955, en die relatief hoë persentasiestem wat met die verkiesing uitgebring is, moet, soos gesê, verbind word met toevloei van nuwe intrekkers en agitasie teen die voorgestelde verandering van Atteridgeville na 'n ekonomiese skema. As mens egter in gedagte hou dat die 60% van die huurders wat deur volledige betaling van hulle huur geregistreer is, die meer bemiddelde groep in Atteridgeville moet vorm, dan word die apatiese houding teenoor deelname aan verkiesing van groter betekenis.

Indien ons dan aan die hand van tabel 106 bepaal watter persentasie van die moontlike stemgeregtigdes aan die verkiesing deelneem, is die geringheid van deelname aan die verkiesing steeds groter. Uitgesonderd in 1955 toe byna 2/3 van die moontlike kiesers hulle stem uitgebring het, was die Adviserende Komitee, vroeër deur slegs 1/3 en soms minder van die totale aantal huurders aangewys. As mens dan verder aanvaar dat die stemkrag van die twee partye min of meer gelyk is, en daar is heelwat aanduidings dat dit die geval is, beteken dit dat die Adviserende Komitee eintlik aangewys word deur 'n bietjie meer as 1/6 van die totale aantal huurders in Atteridgeville. Aangesien daar geen opposisie in die Komitee voorkom nie, is 'n opposisieverkiesingsaksie wat 1/6 minus een van die stemme trek net so oneffektief as een wat 'n enkele stem trek.

Sover ons kon vasstel was 'n laksheid om te stem onder 'n groot deel van die stemgeregtigde kiesers nog steeds 'n kenmerk van die verkiesings in die lokasie van Pretoria. As oorsake vir die relatief lae aantal geregistreerde kiesers geld natuurlik die nienakoming van huurverpligtinge. As rede vir die feit dat geregistreerde kiesers nie kom stem nie, het ons informante die "groot" aantal oues van dae genoem wat nie meer in staat is om die stembus te besoek nie. Dat daar sulke mense is, is waar, maar hulle getalle is tot enkelinge beperk en nie genoeg om die lae persentasie stem te verduidelik nie (vergelyk ons leeftydspiramiede, figuur 1, p. 61). By verdere ondersoek het dit geblyk dat 'n algemene bewussyn en kennis dat die Adviserende Komitee oor geen werklike mag beskik nie, dus nie die regering vorm nie, die oorsaak is dat baie mense nie gaan stem nie. Eienaardig is dit dat juis diegene met 'n lang geskiedenis van bewoning van stedelike lokasies hierdie gesindheid openbaar. Ons informante het platweg verduidelik dat diegene wat stem die "rou kaffers" is. "It is the people who know law and <u>kgotla</u> from their houses. (They know) that a thing cannot be put right unless it is brought before the <u>kgotla</u>. The majority of the people are from the kraals, they will never fail to vote. They know that nothing can be rectified or put right unless it comes to the <u>kgotla</u>." Diegene wat op meer langdurige wyse in stedelike gebiede gevestig is, word veragtelik <u>Boesmans</u> genoem. "Those who ... speak but Afrikaans but are as black as myself. He has no background. He has no tradition." Dit is die mense wat glad nie stem nie. Die omvang van hierdie groep kan nie in syfers gemeet word nie. Dit gaan om gesindheid. Die heftigheid waarmee alle politieke leiers teen hierdie mense te velde getrek het, is slegs een van die aanduidings dat ons hier met 'n groot groep te doen het.

Die gevoelens wat voor en gedurende die dag van die verkiesing tot sy maksimum hoogte opgesweep is, neem gewoonlik 'n hele tydjie om tot bedaring te kom. Gedurende hierdie laaste fase van die "verkiesing" vind mens dan gewoonlik klagtes van omkopery en algemene beskuldigings van oneerlikheid van een party teenoor die ander wat in die geval van individue dikwels op handgemene uitloop en

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

in die geval van die party as geheel, dikwels in die hof besleg word.

Die mees algemene van hierdie beskuldigings wat na die verkiesing voorkom, is bewerings dat winkeliers diskrimineer teen kliënte wat die ander party ondersteun by die verkoping van skaars goedere. In dieselfde asem volg gewoonlik beskuldigings dat sulke mense suiker en meel gebruik om stemme om te koop. Hoeveel hiervan waar is, kan nie bepaal word nie. Winkeliers is egter bewus daarvan dat dit op die lange duur gevaarlik is om die vyandiggesindheid van kliënte te stimuleer. Daarom het een dit aan ons soos volg verduidelik: "I can take money from anybody, as long as he pays his money, whether he has got a tail (or not). I take money from him and let him go with his tail." (Bedoelende daarby dat die opposisiegroep bobbejane is.)

Die nagevolge van vyandigheid is nie alleen beperk tot volwassenes nie. Kinders leer die prys- en spotliedere van die party van hulle ouers. Trouens, hulle word aangemoedig om deel te neem aan die dansvertoon op die dag van die verkiesing. Ongelukkig gaan hulle dan voort om hierdie spotliedere op die leiers van die opposisie te sing lank na die verkiesing verby is. Klagtes teenoor die ouers en 'n algemene afkeuring van hierdie kwajongenshekelry kom dus algemeen voor.

Net soos by Blankes, is daar gereeld, na die verkiesing, sprake dat die uitslag vanweë een of ander beweerde onreëlmatigheid in die hof betwis sal word. Waar die uitslag bepaal word deur 'n verskil van enkele stemme is 'n petisie aan die Hooggeregshof om die uitslag nietig te verklaar, onafwendbaar. Dit was die geval in 1946 en weer in 1955 toe albei petisies met koste verwerp is.

Die bestryding van die verkiesingsonkoste geskied soos volg: Benewens die deposito van R10, bepaal die regulasies dat geen kandidaat meer as R10 ten opsigte van verkiesingsonkoste mag spandeer nie. Van hierdie bedrag mag geen sent gebruik word om kiesers te onthaal nie. Die kiesbeampte het die reg om van elke kandidaat rekenskap te eis ten opsigte van die besteding van hierdie gelde. Indien hy bevind dat daar 'n oortreding van die regulasies was, moet hy die betrokke kandidaat ontsetel en 'n tussenverkiesing gelas.

Geen kandidaat tree egter onafhanklik op nie. Die verkiesingsonkoste is dus 'n party-aangeleentheid. Die aard van hierdie onkoste omvat gewoonlik die betaling van kandidate se deposito's, die huur van busse en huurmotors vir die aanry van kiesers, die druk van propagandastukke, die verskaffing van gratis verversings by die partytafels, en ten slotte enige onkoste by hofsake wat op die verkiesing mag volg. As berekenbare inkomste geld gewoonlik 'n bedrag van R20 per kandidaat. Naas die storting van die R10 wat as verkiesingsonkoste toelaatbaar is, het dit ook gebruik geword dat kandidate nie hulle deposito's terugvra nie, maar dit in die partykas stort. Waar kandidate nôg deposito nôg deel van die verkiesingsonkoste kan dra, word hulle die nodige uit die partykas voorgeskiet. Die inkomste is daarom gewoonlik vanaf R150 tot R200 uit hierdie bron. Hierdie geld gaan dan vir vervoerreëling en betaling van drukwerk. Verversings wat verskaf word, word gewoonlik gratis deur die vroue van die party gelewer. Wat die inkomste is wat op hierdie wyse in goedere gelewer word, kon nie bepaal word nie.

Buiten die R100 wat aan deposito's later ontvang word, wou geen party erken dat ander onkostes in praktyk meer as R60 tot R100 beloop nie. Ons inligting dui egter op die teenoorgestelde. Benewens bydraes deur kandidate en depositogelde word daar gereeld heffings op party-ondersteuners gelê. Ons weet dat die ge-inde bedrag soms tussen R100 en R260 bedra. Hierby moet dan die R100 depositogelde gevoeg word. Enige oorskot word oorgedra na die volgende verkiesing en vorm ook die basis van die finansiering van enige hofgedinge.

© University of Pretoria

Van / ...

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Van die werklike bedrae wat spandeer word, kon ons geen enkele balansstaat of finansiële verslag van 'n tesourier opspoor nie. Verslae wat aan die Uitvoerende Komitee van partye gelewer word, kon ons ook nie ter insae kry nie. Ons weet egter dat sulke verslae nooit geouditeer word nie en dat beskuldigings van geldverduistering soms in die hoogste vergadering van die party gemaak word. In 'n besondere geval toe die leier van 'n bepaalde party ook tesourier was en sy eie huurmotors vir die aanry van stemme gebruik het, het sy verslag ten gevolge gehad dat die party sonder sowel tesourier as leier geraak het.

Uit al die voorgaande gegewens oor die verkiesingsprobleme blyk een saak baie helder, naamlik dat elke optrede binne hierdie raamwerk volgens party-aanhorigheid gereël is. Ons ken die demokratiese stelsel elders as 'n proses waar individuele stem uitgebring word om tussen wyksverteenwoordigers te kies. Dat elke wyksverteenwoordiger dan die verkose bevorderaar van die belange van die kiesers in sy wyk is, spreek vanself.

Ten gevolge van die besondere stemwyse en die ongeletterdheid van die kiesers word hulle stemvee in die hande van enkele politieke leiers. So is ons as oorsaak genoem waarom vir 'n bepaalde party gestem word: "It is a confidence the people have in the leaders of this party." Dat mens dan geregtig is om die sogenaamde politieke partye as persoonlike volgelinge van twee of drie belangrike figure te beskou, volg eintlik aksiomaties.

## VII. DIE FUNKSIONERING VAN DIE ADVISERENDE KOMITEE

### A. Algemeen

Na verkiesing van die lede van die Adviserende Komitee, volg die aanwysing van 'n Stadsraadlid as voorsitter. Die sekretaris van die komitee wat verkies word, vervul geen sekretariële pligte nie. Dit word vir hom deur 'n Blanke komiteeklerk, 'n amptenaar van die Stadsraad, gedoen.

Volgens regulasie volg die vergaderingsprosedure die Blanke patroon. Nie alleen moet kennisgewings van mosies die komiteeklerk vroegtydig bereik nie, maar lede word ook beperk tot een mosie per vergadering. Die laaste bepaling is nie van toepassing op sake wat deur die Stadsraad na die komitee verwys word nie. Elke mosie moet gesekondeer word en daarna kan dit nie sonder toestemming van die komitee teruggetrek word nie. Alle lede moet die voorsitter staande aanspreek en voor 'n mosie tot stemming gebring word, moet die komiteeklerk dit hardop voorlees. Sover die bepalings van Administrateurskennisgewing 29/43. In 1946 is hierdie regulasies deur Administrateurskennisgewing 381 van 24.7.1946 gewysig deur die spreekbeurte van lede te beperk: Geen lid mag die komitee tans twee maal oor dieselfde onderwerp toespreek nie, behalwe die voorsteller van die mosie wat die reg van repliek sal hê. Hierdie wysiging het nodig geword omdat sprekers op vergaderings van die komitee geneig was om dieselfde argumente tot in die oneindige te herhaal. Komiteevergaderings het dan tot die vroeë môre ure voortgeduur. Sulke beperkende reglemente is normaalweg vreemd aan komiteevergaderings. Hierdie regulasiewysiging is dan ook die vernaamste regulatiewe vingerwysing na die agiterende houding wat die lede van die komitee op vergaderings inneem.

In praktyk word daar geen mosie by die komiteeklerk ingedien alvorens dit nie deur die "koukusvergadering" bespreek is nie. Die koukus is 'n private byeenkoms van die Bantoelede van die komitee waarop alle voorgenome mosies eers ondermekaar bespreek word. Dit is 'n instelling van die lede self wat tradisie geword het. Ondanks die feit dat al 10 lede van die komitee aan dieselfde party behoort, is daar nogtans behoefte aan hierdie byeenkoms. Soos een van die

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

lede dit aan ons gestel het: "I can't take my colleagues by surprise, since we may not share the same opinion; but I take it before the Caucus and we thresh it until I can convince them." As dit nie gedoen word nie sal die voorsitter van die komitee die skande van verskil van mening onder die lede aan die Stadsraad moet oordra.

Die byeenroeping van hierdie koukusvergadering is een van die oorsake dat die Adviserende Komitee nutteloos geword het, as plek vir openhartige besprekings tussen die administrasie en die verteenwoordigers van die Bantoe in Atteridgeville. Die regulasies wat ons genoem het en die voorafbepaling van taktiek op die koukusvergadering verskaf aan die vergaderings van die Adviserende Komitee 'n formele karakter buite verhouding tot die status van die komitee of die belangrikheid van sy advies. Die Bantoelede het blykbaar behoefte aan 'n eenheidsfront teen die Blanke voorsitter.

Dit is interessant om daarop te let dat dieselfde verskynsel van voorafbespreking van punte op die agenda, ook 'n kenmerk was by die Bantoelede van die mislukte Naturelle Verteenwoordigende Raad (vgl. bv. Verbatim Report of the proceedings of the Natives' Representative Council, adjourned Meeting of the 9th Session held at Pretoria, 20-26th November, 1946).

Die hou van koukusvergaderings word by alle partye aangetref wanneer hulle aan bewind is. In daardie gevalle waar daar in die verlede "ongelukkig" enkele opposisielede op die komitee was, spreek dit vanself dat hulle nie lede van die koukus van die meerderheidsgroep was nie.

Op die eerste vergadering van die Adviserende Komitee na sy verkiesing, word aandag geskenk aan die aanwysing van verskillende onder-komitees. Benewens die aanwysing van blokmanne en blokkomitees, waaroor ons later handel, word daar ook vier verteenwoordigers per sub-komitee op die Sub-komitee vir behuising en die Beurskomitee verkies.

Daar word ook vier lede op 'n "Consultative Committee" verkies. Hierdie komitee vorm eintlik die dagbestuur van die Adviserende Komitee en word saamgestel om met die administrasie oor dringende sake te beraadslaag. Dit gebeur in praktyk feitlik klokslag dat dieselfde vier persone op al die bogenoemde komitees dien. Die vier belangrike figure onder die kandidate kwalifiseer gewoonlik vir hierdie poste. Dit bring egter mee dat dieselfde vier persone steeds die mondstuk teenoor die administrasie vorm. As mens verder in ag neem dat hierdie mense meesal die beste sprekers is, en die leiers vorm van alle deputasies na die Stadsraad, dan is dit verstaanbaar dat die gemiddelde inwoner van Atteridgeville en amptenaar van die Afdeling Nie-blankesake nie veel meer as die name van hierdie vier mondstukke ken as alle Adviserende Komiteelede opgenoem moet word nie.

Waar die Behuising- en Beurskomitee onderafdelings van die administratiewe masjien van die Stadsraad vorm, het die "Consultative Committee" sy bestaansreg slegs aan die Adviserende Komitee te danke. Dit is die enigste ware sub-komitee van die Adviserende Komitee. In die wandel word daar deur die inwoners van Atteridgeville na al hierdie komitees as sub-komitees van die Adviserende Komitee verwys. Daar word geglo dat sake in die blok-, behuisings- en beurskomitee afgehandel word volgens die wens en voorskrif van die Adviserende Komitee, of anders volgens die wens en voorskrif van die "regerende" party.

By die bywoning van vergaderings van die Adviserende Komitee handhaaf die lede 'n baie hoë gemiddelde. Oor 'n periode van twee en 'n half jaar wat ons as steekproef gebruik het (Februarie 1948 - Augustus 1950) was die lokasie aan geen ernstige struweling tussen inwoners en administrasie onderhewig nie. Desondanks was die gemiddelde bywoning van maandelikse vergaderings 84%. Die bywoning van vergaderings van komitees waarop lede van die Adviserende Komitee

© University of Pretoria

dien / ...

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

dien, het dieselfde tendens getoon. Vanweë hierdie hoë bywoningsyfer was dit nog nooit in die verlede nodig om 'n lid te ontsetel omdat hy vir drie agtereenvolgende vergaderings sonder verskoning afwesig was nie.

B. Advieslewering

Deur die wetlike en regulatiewe bepalings wat die adviesmagte van die Adviserende Komitee omskryf, word hierdie liggaam aan ons voorgehou as die kontakpunt tussen die Stadsraad en administrasie aan die een kant, en die Bantoe-inwoners van die hele Pretoriase lokasie aan die ander kant. Die Adviserende Komitee vorm deel van die masjinerie wat die Stadsraad van Pretoria in stand moet hou vir die hantering van die belange van Bantoepersone binne sy regsgebied.

Die Adviserende Komitee kan egter nie losgedink word van die politieke party wat die verkiesing gewen het nie. Die komitee sien homself nie as deel van die administratiewe masjinerie nie, maar in die eerste plaas as liggaam wat die Bantoe-inwoners van die lokasies verteenwoordig. Die komitee word so 'n politieke liggaam.

Die doelstellinge van al die partye het ons saamgevat as die verbetering van toestande in die lokasies. As sodanig hoort ons dit dus buite rekening te kon laat by die bespreking van advieslewering deur die komitee. Dit kan egter nie. Juis in die verbondenheid aan partypolitieke groepe vind ons die oorsaak vir die afwesigheid van die inagneming van die ongeskrewe vereiste dat 'n adviesliggaam rekening moet hou met die praktiese uitvoerbaarheid van sy voorstelle deur die hoër instansie. So gou as wat daar by wyse van "advies" ultimatums gestel word waaraan voldoen moet word as voorvereiste vir toekomstige samewerking, verdwyn die inagneming van die plig tot ware advieslewering. Dit is juis wat in die geval van die Adviserende Komitee gebeur. Elke Adviserende Komitee het vooraf aan die kiesers beloftes gemaak wat hulle nie by magte is om van die Stadsraad af te dwing of self in te stel nie. Die nakoming van verkiesingsbeloftes vereis dan dat die adviesliggaam 'n militante houding teenoor die hoëre instansies inneem.

Benewens suiwere advieslewering is daar tog twee sake ten opsigte waarvan die Adviserende Komitee self verantwoordelikheid moet dra. Die Stadsraad het aan die komitee die reg verleen om jaarliks 'n klompie persone aan te wys wat gedurende die Kersgety medeverantwoordelikheid vir die handhawing van wet en orde sal aanvaar. Dit is hierdie persone se plig om rond te gaan en wanordelikheid te rapporteer. Dit is 'n poging om die noodsaaklikheid van klopjagte gedurende hierdie tyd uit te skakel. Hiernaas het die Adviserende Komitee volle beskikkingsreg oor 'n wisselende bedrag wat jaarliks na behoefte aangewend kan word, eerstens vir die onthaal van die aangestelde ordehouers na afloop van alle nuwejaarsfeestelikhede, en tweedens vir die ontvangs van vername stamkapteins wat op besoek na die stadsgebied van Pretoria kom.

Na afloop van die verkiesing begin die advieslewering van die komitee gewoonlik met 'n eerste vergadering waarop al die beloftes wat aan die kiesers gemaak is, as mosies van die komitee aangeneem word en vir oorweging na die Stadsraad deurgestuur word. Soos ons gesien het, geld sulke mosies gewoonlik die verbetering van strate, behuising, ontspanning, ens. Omdat hierdie aanbevelings groot uitgawes vereis en vanweë die hoë verlies op die sub-ekonomiese skema onprakties is, word die aanbevelings gewoonlik stereotiep deur die Stadsraad afgekeur. Vir die verdere duur van die ampstermyn word hierdie mosies in geheel of gedeeltelik kort-kort herhaal, steeds met dieselfde resultaat. Wat hierdie sake betref, word samewerking tussen die komitee en die Stadsraad dus teruggevoer tot 'n basis van eis en afwysing. Die Adviserende Komitee voel hom dus voortdurend 'n liggaam wie se opinie gevra word bloot omdat die Wet dit vereis,

© University of Pretoria

terwyl / ...

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

terwyl dit vooraf seker is dat die aanbevelinge nie aanvaar sal word nie.

Van al hierdie sake wat tot frustrasie aanleiding gee, is die aanbeveling oor behuising seker die belangrikste. Ten tye van ons opname was daar talryke voorbeelde van behuisingsnood. Die staking van die behuisingsprogram van die sub-ekonomiese skema te Atteridgeville in 1949/50 en die voorkeur wat sedert die stigting van die gebied gegee is aan die verskuiwing van inwoners uit Marabastad, het meegebring dat daar nie voldoende akkommodasie vir normale natuurlike aanwas beskikbaar was nie. Daar het uitsonderlike gevalle onder ons aandag gekom waar 12 tot 17 persone (3 tot 4 gesinne) een 3-kamer huis moes bewoon. Oor die algemeen was die huisgrootte ten volle benut en sou enige uitbreiding van getalle woonprobleme vir baie geskep het. Omdat die Stadsraad nie gewillig was om die toenemende verlies te dra wat 'n uitbreiding van die skema sou noodsaak nie, is die skema tydelik gestaak. Die Adviserende Komitee was uit hoofde van die mededelinge ten tye van die bespreking van die begroting ten volle op hoogte met al hierdie probleme. Die ongemotiveerde advies aan die Stadsraad was egter dat daar huise gebou moet word. By een geleentheid is die onmiddellike oprigting van 500 huise, 300 4-kamer en 200 5-kamer huise aangevra. By 'n ander geleentheid is gevra vir die aanbou van huise teen 'n tempo van 100 per maand.

Hierdie selfde tyd (1948) is daar ook vertoë gerig vir die instelling van die ekonomiese skema van Atteridgeville wat met die verskuiwing van Marabastad beloof is. Die Stadsraad was hierdie versoek nie ongunstig gesind nie. Dit is in die daaropvolgende twee jaar twee maal herhaal. Die betrokke mosie het soos volg gelui: "(a) That the City Council adopt the system applied by the Central Government at Temba Location, Hammanskraal, that after the occupier of each house has paid all the costs of the erection, the house becomes hers/his. (b) Or that the houses built by the Municipality be inherited by the next-of-kin provided they also reside in the Municipal location; because the residents vested their interests in the houses they occupy. They improve the houses by digging stones, planting trees, painting the inside walls, etc. (c) The Location becomes the permanent home of many workers and is built for that purpose. Therefore, their interests should be protected and encouraged."

Sowel die beginsel van eie oprigtingsreg as die moontlikheid om klaar opgerigte huise volgens die huurkoopstelsel te bekom, is in hierdie aanbeveling vervat. Die feit dat die Stadsraad nie onmiddellik aan hierdie versoeke gehoor gegee het nie, was vir alle lede 'n bron van frustrasie. Eers in 1956 kom die omskakeling van Atteridgeville tot 'n ekonomiese skema met die moontlikheid van verlaging van huurgeld in gevalle waar inkomste 'n sub-ekonomiese huur nodig maak. Sowel skemas vir huurkoop van huise as eie oprigting is goedgekeur. In feitlik alle gevalle het die verandering verhoging van huurgelde meegebring. Toe hierdie feit duidelik word uit die voorstelle van die Administrasie, het die Adviserende Komitee van 1958 hulle eie vorige voorstelle sedert 1948 gerepudieer en die instelling van 'n ekonomiese skema afgekeur tensy die ou sub-ekonomiese huurgelde behoue bly. Dit wil ons dus voorkom dat hoewel daar behoeftes aan behuising was wat die komitee aan die Stadsraad moes oordra, die finansiële implikasies van hulle eie voorstelle nie deeglik genoeg deurgedink was nie.

Ons was ten tye van ons ondersoek getref deur die onwilligheid van die Adviserende Komitee om verantwoordelikheid te aanvaar. Uit die bo-aangehaalde mosie word geïllustreer dat die Adviserende Komitee homself sien as die mondstuk van 'n permanente gevestigde groep Bantoepersone binne die munisipale grense van Pretoria. Nou was dit opvallend in ons gesprekke met die komiteelede dat die

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Stadsraad volkome verantwoordelik gehou word vir die verskaffing van huisvesting, welsynsdienste, gesondheidsdienste, ens. Vir hierdie behoeftes moet die Stadsraad in die oë van die komitee sorg, nie na vermoë nie, maar na die wil en wens van die inwoners van die lokasies soos vertolk deur die Adviserende Komitee. Dit was, om hierdie rede, vir ons onmoontlik om 'n enkele voorbeeld te kry waar die Adviserende komitee, of slegs 'n enkele lid daarvan, probeer het om die inwoners van die lokasies tot gemeenskapsdiens te inspireer. Ons het in ons vrae dit gesuggereer dat die komitee inisiatief kan neem by die verwydering van kliphope uit die strate, of dat die komitee inisiatief kan neem vir die instelling van 'n creché vir voorskoolse kinders. Ondanks die feit dat albei hierdie sake as deel van die verkiesingspropaganda aan die kieser beloof is, was die standpunt van ons segmanne uit die komitee steeds dat dit die taak van die Stadsraad is. Een van ons informante het verontwaardig na ons aanbeveling van vrywillige arbeidslewering geluister en slegs geantwoord: "In addition to paying rent? Everything is included in the rent."

Om hierdie rede beskou ons aanbevelinge van die Adviserende Komitee dat stoofstene wat uitbrand, op onkoste van die Stadsraad vervang moet word, dat vir alle huurders wat dit verlang garages gebou moet word en dat 'n "stadsaal" in Atteridgeville gebou moet word, as verdere aanduiding dat daar nie mooi onderskei word tussen eie verpligting en Stadsraadsverpligting asook mede-verantwoordelikheid vir groot uitgawes wat uit eie aanbevelings spruit nie. Die onverantwoordelike bewoording van aanbevelings en die gebrek aan finansiële insig wat uit die aangeleentheid van die saal spreek, is soos volg:

Die agitasie vir 'n saal of gemeenskapsentrum in Atteridgeville is reeds baie oud en is deur albei partye as 'n verkiesingsplank gebruik by verskeie verkiesings. Die aanbeveling van die komitee was dat daar 'n saal ten bedrae van R30,000 opgerig moet word. "The hall must be a double storey building, with modern equipment and well furnished. The ground floor to be used as a hall ... while the upstairs should have a board room and separate offices must be provided for each member of the board." Ten tye van hierdie aanbeveling het Atteridgeville nog geen kliniekgebou gehad nie en was daar talryke gevalle van oorbewoning bekend, trouens dieselfde komitee het 'n geweldige uitbreiding van die behuisingsprogram aanbeveel. Die Stadsraad het al hierdie aansoeke tydelik op die langebaan geskuiwe, nie omdat daar nie behoefte aan die aangeleenthede was nie, maar juis omdat dit nie prakties uitvoerbaar was nie.

Die Adviserende Komitee beskik oor <u>wye adviesmagte</u>. So is die omvang van advieslewering nie net beperk tot sake wat die lokasie-inwoners raak nie, maar ook uitgebrei, onder andere tot die inhoud van die Naturelle-inkomsterekening.

Die Adviserende Komitee het hom in die verlede steeds op die standpunt gestel dat die belange van die Bantoe in die Bantoewoonbuurtes deurslag moet gee en nie tot voordeel van Blankes of Kleurlinge ingekort mag word nie. Hierdie gesindheid het oor die algemeen die instemming van die Stadsraad ondervind. Om hierdie rede is aansoeke van Blankes om 'n privaat praktyk as tandarts in Atteridgeville te open deur die komitee afgekeur en deur die Stadsraad onderskryf. So ook is 'n aansoek van Blankes om 'n miniatuur spoorweg en ander vermaaklikheid in die lokasie op te rig deur die komitee afgekeur en deur die Stadsraad aanvaar. Aanbevelings dat die bestaande reëling in verband met die tuisbrou van kafferbier wetlike dekking moet verkry, is egter nie deur die Stadsraad gunstig oorweeg nie.

Afgesien van die laasgenoemde item, moet ons 'n byna deurlopende draad van <u>afsydigheid teenoor die tradisionele Bantoelewenswyse</u> by die komitee aanmerk. Die komitee se instellingswyse en vergaderingsprosedure is op Blanke lees geskoei. Die lede van die

komitee / ...

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

komitee beklee hulle posisies van aansien en leierskap onder die Bantoe in Pretoria onder andere juis omdat hulle in die aanname van die Westerse lewenswyse die voortou neem. Dat daar dan so 'n afkeerigheid van die tradisionele lewenswyse sal bestaan, kan mens verstaan. Ons moet egter ewe duidelik besef dat die komitee in aanbevelinge van hierdie aard baie beslis buite die gesindheid van die grootste groep in die lokasie beweeg.

Die drie sake waarteen gewoonlik die ernstigste te velde getrek word, is die organisering van stamdanse deur die welsyns- en ontspanningsafdeling van die Afdeling Nie-blankesake, die bestaan van 'n Amalaita-sportgrond en die opset van die Vlakfontein-behuising-skema soos dit aanvanklik deur die Stadsraad beplan is.

Die organisering van kompetisies van stamdanse word deur die lede van die komitee beskou as die georganiseerde voortsetting van barbaarse gebruike.

Die Vlakfontein-behuisingskema vir Bantoepersone sou oorspronklik uitgelê word volgens die tradisionele perdehoef of Kgôrô-sisteem, terwyl in die beplanningstadia van die skema gedink is aan 'n ronde rondawelvormige huis. Albei gedagtes is later laat vaar nadat dit op klein skaal in die praktyk getoets is. Oor hierdie skema is aan ons gerapporteer: "An open challenge was opened from all angles against the scheme, as most primitive and unsuitable to match with the trend of modern times."

Ten opsigte van die Amalaita-sportgronde is die feite soos volg: Die jong Bantoehuisbediendes van die stad vergader gereeld elke Sondagmiddag naby die woonbuurt Bantule in verskillende groepe om daar onder Polisietoesig bietjie stoom af te blaas met kaalvuis-gevegte. Die instelling geniet groot populariteit onder die deel-nemers. Vanweë die streng Polisietoesig vind daar hoofsaaklik 'n grootdoenerige vertoon plaas eerder as werklike kragmetings. Oor-matige gebruik van krag en die gebruik van enige vorm van wapens kom ten gevolge van die Polisietoesig nie voor nie. Die Adviserende Komitee se standpunt word egter steeds bewoord soos die volgende onbestrede mosie aandui: "That the City Council of Pretoria be requested to abolish the Amalaita Sportsground at Bantule and transfer the maintenance grant of R200 to be used for a more modern type of sport and recreation." Oor welke sporttipe dieselfde entoesiasme by die deelnemers sal opwek, is die komitee dit hoegenaamd nie duidelik nie.

Nie een van die bogemelde aanbevelings is deur die Stads-raad aanvaar nie.

Ons het reeds in die behandeling van die regulatiewe voor-skrifte (p.294 e.v.) gewys op die wye adviesmagte van die Adviserende Komitee. Hierdie bevoegdheid is nie beperk tot die belange van inwoners van die Bantoewoonbuurte alleen nie.

Die wyse waarop die komitee hom van die bevoegdheid kwyt is jaarliks waarneembaar by die bespreking van die Naturelle-inkomste-rekening wat, soos die Wet bepaal, vir kommentaar voor die komitee moet dien. Die basiese optrede is klagtes oor wanbesteding van fondse soos weerspieël in die groot bedrae wat aan Blanke amptenare belas met nie-blanke administrasie betaal word, asook die groot bedrae wat jaarliks aan ander afdelings van die Stadsraad uit hierdie rekening oorbetaal word vir die lewering van noodsaaklike dienste. Die standpunt van die komitee is steeds dat hierdie Blanke amptenare deur Bantoepersone vervang moet word om 'n goedkoper kostestruktuur te verkry.

Die Stadsraad het hom in die verlede reeds ten gunste van diens deur Bantoepersone aan die Bantoepubliek verklaar. Waar dit hier egter die beheer oor toestroming na Pretoria, die registrasie van dienskontrakte, en die instandhouding van 'n arbeidsburo geld, alles sake waardeur die uiteindelike behuisingsverpligting van die

© University of Pretoria

Stadsraad / ...

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Stadsraad bepaal word, is aan hierdie aanbevelings nie uitvoering gegee nie. In 1950 het die komitee dus weer eens besluit "That the City Council of Pretoria be requested to implement its policy of employing suitably qualified Africans in responsible positions in predominantly Native areas, that a start be made in the position of Assistant-Superintendent at Atteridgeville and Bantule." By die geleentheid is die begrotingspos waarteen die salaris van die Assistent-superintendent in berekening kom, deur die komitee "afgekeur". Die konstruktiwiteit van die voorstel word effens bleker as mens besef dat die bespreking vooraf die voldoening aan hierdie versoek gestel het as die aanvang van 'n proses waarin uiteindelik die pos van Bestuurder van die Afdeling Nie-blankesake deur 'n Bantoepersoon gevul moet word.

Die feit dat die komitee hom oor geheel die Naturelle-inkomsterekening kon uitspreek, bring mee dat nie alleen alle fasette van nie-blanke administrasie in Pretoria bespreek is nie, maar ook dat alle ooreenkomste wat die Stadsraad met naburige plaaslike besture aangaan vir die behartiging van nie-blanke administrasie namens sulke besture ook voor die komitee gedien het. Sulke ooreenkomste is steeds as oorbodig afgekeur.

Ingevolge die bepalings van die Wet moet alle nuwe regulasies en wysigings van bestaande regulasies oor Bantoebeheer wat die Stadsraad in die Pretoria-gebied toepas, voor die komitee dien. Alle dienskontrak-, arbeidsburo- en toestromingsbeheerbepalinge moet dus hier dien sowel as regulasies vir die reëling van verskaffing van gelisensieerde huisvesting aan Bantoepersone op Blanke persele in Pretoria, die reëling van voorwaardes van huisvesting van enkellopende Bantoepersone in munisipale hostels asook enige voorgenome proklamering van grond as Bantoewoonbuurt of regulasies vir die bestuur van Bantoewoonbuurtes. Die meeste van sulke voorstelle, uitgesonderd dié wat handel oor vergroting van Bantoewoonbuurtes, is deur die komitee afgekeur.

Dit is ons oortuiging dat die feit dat die Stadsraad by wet verplig word om die Adviserende Komitee te raadpleeg oor sake wat nie met die belange van die inwoners van gebiede waarvoor hulle verkies is, verband het nie, meebring dat raadpleging bloot geskied om aan die wetlike voorskrif te voldoen en nie omdat daar enige voorneme bestaan om die gewaardeerde mening van die Adviserende Komitee te wete te kom nie. Dat daar dan frustrasie spruit uit jaarlikse aanbevelings wat nie aanvaar word nie, spreek vanself.

Volgens die bepalings van die Naturelle (Stadsgebiede) Konsolidasie Wet, 1945, is die vergunning aan Adviserende Komitees verleen om die Minister van Bantoe-administrasie, via die plaaslike bestuur, te adviseer oor enige saak wat na die oordeel van die komitee die belange van die Bantoe in die land raak. Die Adviserende Komitee spreek hom dus ook periodiek uit oor die landsbeleid ten opsigte van die Bantoe. Hierdie advies kan saamgevat word as 'n verdoeming van alle maatreëls wat teenoor die Bantoe differensieer en 'n agitasie vir die verkryging van werkgeleenthede teen hoër besoldiging vir die Bantoe.

Die landsbeleid van verskaffing van openbare dienste deur Bantoepersone aan die Bantoepubliek is deur die komitee verwelkom. Die Stadsraad is daarom in 1949 versoek om aan die Minister van Bantoe-administrasie en -ontwikkeling oor te dra dat die komitee graag die indiensneming van Bantoepersone as kaartjiesondersoekers op die Spoorweë wil sien. By 'n ander geleentheid is daar gevra dat voorsiening in alle poskantore gemaak moet word vir die bediening van die Bantoepubliek deur Bantoe-amptenare.

Ten opsigte van maatreëls wat na hulle oordeel teen die Bantoe diskrimineer, het die komitee hom in 1947, net na die onluste te Moroka, soos volg uitgelaat: "That the Board requests the City

© University of Pretoria Council / ...

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Council to interview the Minister of Native Affairs for the purpose of repealing all the pass laws. The pass laws, as a law, had outlived its time and object, hence: All the riots at the Reef and elsewhere, Pass Laws, Service Contract, Curfew, they manufacture crime and hatred between the Police and Africans."

Die eersgenoemde versoek (1949) is deur die Stadsraad aan die Minister deurgestuur, die tweede egter nie. 'n Voldoening aan die versoek van 1947 sou beteken dat die Stadsraad hom met die komitee se aanbeveling vereenselwig het.

Benewens hierdie optrede is daar 'n vaste siklus bespeurbaar in die uitsprake van die Adviserende Komitee oor landsbeleid. In 1928 is daar 'n Kongres van Adviserende Komitees gestig waarin verteenwoordigers van alle Adviserende Komitees oor die hele land jaarliks sitting geneem het. R.H. Godlo laat hom in sy Urban Native Legislation soos volg uit: "The Congress was established in 1928, as a result of a meeting convened by Mr. A.M. Jabavu, with the object of uniting all urban advisory boards and securing an improvement of Africans in municipal locations; promoting co-operation and understanding between municipal authorities and the urban residents; and of making representations to Government and local administrative authorities." (Aangehaal deur Simons 1940:111.) Binne vyf jaar na die aanname van die Naturellen (Stadsgebieden) Wet, 1923, verskyn dus hierdie poging om 'n eenheidsfront van en spreekbuis namens die Bantoe in stedelike gebiede te verkry.

Na die jaarlikse kongres van Adviserende Komitees het die Adviserende Komitee in Pretoria steeds sy twee afgevaardigdes gestuur. Deur die stuur van waarnemers het die Departement van Bantoeadministrasie jaarliks kennis geneem van die besluite op hierdie Kongres. Aangesien hierdie byeenkoms geen wetlike erkenning geniet het nie, kon die besluite nie met die nodige "krag" aan hoër instansies oorgedra word nie. Ten opsigte van Pretoria is dit dan interessant om te kan vasstel dat daar jaarliks na afloop van die Congress verskillende mosies wat die landsbeleid verdoem, aan die Stadsraad oorgedra is. Dit is ons oortuiging dat die aanbieding van sulke advies deur die Adviserende Komitee in Pretoria nie noodwendig 'n suiwer plaaslike oorsprong het nie.

C. Advies by wyse van petisie

Soos ons uit die voorgaande kan aflei, word die grootste gedeelte van die aanbevelings van die Adviserende Komitee nie deur die Stadsraad aanvaar nie. Hierdie feit skep 'n ongelukkige gevoel van frustrasie by die lede van die komitee wat hom sodanig openbaar dat sommige van ons Blanke informante na die komitee verwys het as 'n opposisieliggaam van die Stadsraad.

Hierdie gevoel van frustrasie kan in 'n mindere mate ook gewyt word aan die feit dat die kontakpunt tussen Stadsraad en komitee, die Blanke voorsitter van die Adviserende Komitee is. Die feit dat 'n Blanke die aanbevelings van die komitee voor die Stadsraad moet gaan verduidelik en toelig is iets wat die komiteelede nie verstaan nie. Om hierdie rede vind ons dikwels dat die advies van die komitee nie slegs as geskrewe aanbevelinge aan die Stadsraad en sy onder-komitees voorgelê word nie, maar ook dat 'n deputasie van lede van die Adviserende Komitee aanbevelings aan die komitee vir Nie-blankesake voordra.

By geleentheid van sulke mondelinge aanbevelings is dit gewoonlik die Consultative Committee wat optree. Die sake wat voorgedra word, is normaalweg aangeleenthede waaroor reeds onsuksesvolle skriftelike advies aan die Stadsraad gelewer is. Die inhoud van sulke mondelinge aanbevelings toon 'n bonte verskeidenheid. Gedurende ons ondersoek en kort daarvoor, is versoeke langs die weg gerig vir die afskaffing van alle pasverordeninge, die afskaffing van

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

die Amalaita-sportgronde, die invoering van meer Bantoepersone in diens van die Stadsraad waar dit die bediening van die Bantoepubliek geld, die oprigting van meer huise in Atteridgeville en die bepleiting van die instelling van 'n ekonomiese behuisingskema. Volgens verslag is daar bv. ook die volgende gesê: "In respect of residential rights for the residents of Atteridgeville, the speaker stated that natives residing in the cities had come to regard the locations as their home, and that they should be granted the right to remain in their homes irrespective of the locality in which they are employed."

By 'n ander geleentheid is gekla oor die invoering van blêrkaste in kafees van Indiërs in Marabastad. Hier lees die verslag soos volg: "X continued his address by warning the Committee that there was every likelihood of an outbreak of violence by the natives against the Indian cafe proprietors in the Asiatic Bazaar who own 'juke boxes' which the natives contend are demoralising the native youth in Pretoria, and which leads to immoral dances, rowdism, congestion of streets, missing of buses, etc. He stated that since the innovation of these 'record playing machines' school children had failed badly in their examinations."

Ten opsigte van nie een van hierdie deputasies van die Adviserende Komitee na die Komitee vir Nie-blankesake van die Stadsraad, is daar gevolg verleen aan die versoeke nie.

Deputasies van hierdie aard en die aanhoor daarvan deur die betrokke Komitee van die Stadsraad verskaf in sekere sin 'n veiligheidsklep vir die frustrasie van die komitee. Dit word egter deur die Blanke instansies vergeet dat die stuur van deputasies later aan die kiesers voorgehou word as bewys van die voortreflike wyse waarop gepoog is om beloftes na te kom. Dat die Stadsraad daar nie aan gevolg gegee het nie word steeds die administrasie ten laste gelê. Die gevoel van frustrasie bly.

Die volgende is dan gewoonlik dat die hulp van die plaaslike Bantoesakekommissaris ingeroep word om die Stadsraad te verplig om uitvoerig redes te verstrek waarom aanbevelings nie aanvaar is nie. So is by een geleentheid aan die Kommissaris geskryf: "Now and again members of the Board have to meet their electors to give an account of their stewardship, but in the absence of written replies to the request (van die Adviserende Komitee aan die Stadsraad) whether in the affirmative or negative, their position becomes untenable." Ook hierdie versoeke bring geen bevrediging vir die komiteelede mee nie.

Die finale optrede is dan soms dat 'n senior amptenaar van die Stadsraad uitgedaag word om vanaf een of ander politieke platform ten aanhore van 'n openbare vergadering die beleid van die Stadsraad aan die inwoners van die lokasie te kom verduidelik. Sodanige versoeke het geen gevolg nie, daar geen amptenaar bereid is om in die openbaar van dieselfde platform as 'n politikus aandeel in lokasiepolitiek te verkry nie.

Die gevoel van frustrasie bly dus steeds 'n kenmerk van die verhouding tussen die Adviserende Komitee en die Stadsraad. Dit is dan nie foutief om te beweer dat sommige lede van die Adviserende Komitee hulself as 'n magtelose opposisie teenoor die Stadsraad beskou nie.

D. Verantwoordelike bevoegdheid

Die Adviserende Komitee het, soos verduidelik bevoegdheid tot die aanwysing van burgerwagte vir die handhawing van wet en orde gedurende die Kersgety sowel as die onthaal van hierdie wagte na afhandeling van hulle taak. Hiernaas is die onthaal van vername Bantoebesoekers ook moontlik.

Die aktiwiteit van die komitee ten opsigte van onthaal het in die verlede nie groot omvang aangeneem nie. Slegs enkele kapteins uit Transvaal en een uit Basoetoland is so ontvang. Benewens die

© University of Pretoria

onthaal / ...

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

onthaal van die afgevaardigdes na die African Women's Congress wat die Stadsraad in 1942 toegestaan het, is sommige aansoeke ook afgekeur. Die belangrikste hiervan was 'n versoek vir R1,600 in 1945 vir die hou van 'n vredesfees.

Die instelling van die burgerwag en die onthaal van die lede is egter 'n jaarlikse gebeurtenis waarby tussen R120 en R140 mee gemoeid is. Hierdie vergunning dateer vanaf 1945 waarna dit 'n jaarlikse instelling geword het. Dit is egter ook een van die vername strydpunte tussen die partye vandag, omdat so word beweer, die aanwysing van die lede van die burgerwag en die uitnodiging van gaste na die geselligheid nie onpartydig genoeg geskied nie. Veral gedurende die Kersgety 1949-50 was daar ernstige moeilikheid. Die burgerwag is toe soos gewoonlik op 'n openbare vergadering verkies en het lede van albei politieke groepe ingesluit. Ongelukkig het die burgerwag hulle gedurende die tyd die reg aangematig om self te arresteer, te verhoor en lyfstraf toe te dien. Na klagtes dat sulke strawwe hoofsaaklik aan ondersteuners van die opposisie toegedien is, het die lede van die opposisie wat in die burgerwag gedien het, hulle daaraan onttrek. Die wag is onmiddellik onder streng kontrole van die superintendent geplaas. Die vervulling van hierdie verantwoordelikheid het dus hierdie keer refleksie gewerp op die optrede van die Adviserende Komitee.

Met die jaarlikse fees is daar ook klagtes ontvang. Benewens 'n oorwig van gaste uit die geledere van die "regerende party", is die geselligheid aan huis van een van die leiers van die party gehou en is die party se vlag daar gehys. Ons kan verstaan dat lede van die burgerwag normaalweg hoofsaaklik uit die geledere van die blokkomitees aangewys word. Dat hulle dus hoofsaaklik lede van die "regerende" party sal wees, is te verwagte. Dat gaste by die geselligheid dan hoofsaaklik ondersteuners van hierdie party sal wees moet ons ook verwag. Die gebruik van die partyvlag moet afgekeur word. Die Adviserende Komitee het dus hier nie die nodige onpartydigheid gehandhaaf nie.

E. Opposisie teen Adviserende Komitee

Omdat alle lede van die Adviserende Komitee en die verskillende blokkomitees lede van dieselfde party is, spreek dit vanself dat opposisie hier kwalik aangetref word. Die enigste uitweg is dan dat opposisiegroepe hulle stem by wyse van deputasies en klagskrifte aan die Afdeling Nie-blankesake laat hoor. Dit geskied so gereeld as klokslag.

Gedurende die periode wat ons ondersoek dek, was daar slegs by vier geleenthede verkose lede van die opposisie in die komitee. Die eerste was met die 1941-verkiesing toe nege Namune-kandidate verkies is en een Kgudu Morôhô-kandidaat deur lotsbeslissing die paal gehaal het. In 1942 is hierdie opposisie tot drie vermeerder toe twee Kgudu Morôhô-kandidate die tussenverkiesing gewen het. Die derde geval het in 1946 voorgekom toe die Namune-kandidaat die tussenverkiesing gewen het. Daar was toe dus nege Kgudu Morôgô-lede en een Namune-lid. Die vierde geval was ten tye van die 1947-verkiesing toe nege lede (Namune) verkies is en die tiende, 'n Kgudu Morôhô-kandidaat, deur lotsbeslissing aangewys was. Die aanwesige opposisielede was dus altyd ver in die minderheid. Van 1949-1956 was daar nooit meer enige opposisielede in die komitee nie. Hierdie lede van die opposisie was ook uitgesluit van die koukusvergadering van die meerderheidsparty. Op ons navraag na die werkverrigting in die komitee wanneer daar sodanige opposisie was, kan alle antwoorde kernagtig met die volgende bewering van een van ons segmanne tipeer word: "It was more of a dogfight. We could not reason soundly."

Die teenkanting teen optrede van die komitee wat ons van die ander kant in memoranda van die opposisie moes ondersoek was

© University of Pretoria
steeds / ...

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

steeds oordrewe van aard. Die taal waarin hierdie memoranda en klagtes opgestel is, was meesal breedsprakig en die klagtes ekstremisties en ongegrond omdat politieke verdagmakery oorweeg.

Die belangrikste regverdigbare klag wat mondelings aan ons en ook skriftelik aan die Afdeling Nie-blankesake geopper is, was dat die lede van die Adviserende Komitee na hulle verkiesing nie met die kiesers in aanraking tree nie. In 'n besondere memorandum is dit gestel as "the incommunicability of the Board - they go to Inter-Advisory Board conferences, they meet the Council now and again, but never consult the people before going, and report nothing on their return." Die ideale wyse van optrede deur 'n lid van die Adviserende Komitee wat juis in die praktyk ontbreek, is deur een van ons informante soos volg verduidelik: "Ek het altyd gesê, 'n lid van die Advisory Board is net soos 'n messenger. Hy het niks wat hy kan gaan praat self, daarso nie. Voordat hy Raad toe gaan moet hy die mense bymekaar roep op so-en-so 'n dag: 'Ons gaan vergadering hou; en wat wil julle hê moet ek vir julle doen?' Dan moet die mense hulle klagtes gee en so aan en dan moet hy weer terugkom om te sê 'Ons het so-so gewerk; om te sê hulle het daardie ding mooi ontvang of hulle het daardie ding uitgeskop. Nou voel die mense al het ons niks gekry nie, onse man het sy beste gedoen." Oor die mate waarin lede van die Adviserende Komitee as blokmanne vir die inwoners van hulle blokke ontoeganklik is later meer.

Waar ons verder let op die aard en inhoud van klagskrifte moet ons onthou dat lede van die Adviserende Komitee as blokmanne en as verteenwoordigers op die behuisings en beurskomitee 'n aanskakeling met die administrasie kry. Beslissings in hierdie komitees is vir die inwoners van groter belang as die blote advieslewering van die Adviserende Komitee. Wanneer die Adviserende Komitee dan van swak optrede beskuldig word, gaan dit in hoofsaak om beweerde bevoordeling van eie ondersteuners in die plekke waar Adviserende Komiteelede 'n invloed het om op die Blanke administrasie uit te oefen. Dat die gehele administrasie vanweë hierdie voorgegewe bevoordeling in die oë van baie kiesers 'n bepaalde politieke vooringenomenheid toegedig word, is waar.

As voorbeeld van 'n tipiese klagskrif aan die Afdeling Nie-blankesake haal ons die volgende aan. Ons wil dit beklemtoon dat ons die beskuldigings wat gemaak is na vermoë probeer kontroleer het. Ons het dit ongegrond bevind. Wat hier van belang is, is juis die aard van die klagtes. Vanweë die leemtes in die wyse waarop die Adviserende Komitee deel het aan die administrasie, kan sulke misstande wel voorkom. "I wish to draw your attention and that of your department to a growing sense of frustration and uneasiness among the location residents with regard to the way in which matters affecting them and the Administration are conducted. If a resident approaches the Administration on any issue he is directed to some 'channel'. He is told to go to the Central Wards Committee or the Housing Committee. These two bodies are not provided for by the Natives' Urban Areas Act, nor do they appear anywhere in the Locations Regulations of Pretoria duly promulgated. These two bodies are made up of members of the Native Advisory Board whose statutory position is that of an advisor, not an administrator. The position today is that the fate of the interests of location residents is decided by the non-statutory bodies of the Central Wards Committee or the Housing Committee. The two bodies reject or accept, with or without reason, any matter brought before them. (Afgesien van die foutiewe aanduiding van die samestellingswyse van die behuisingskomitee misken die skrywer die wettigheid van die Stadsraadsbesluit waarvolgens die blokstelsel ingestel is.) Little is heard (of) the Native Advisory Board which only meets to approve what the other bodies have done. But there are other matters which are steered clear of these two



© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

bodies and brought directly before the Board as urgent matters. In plain language, there is no policy followed other than that dictated by the influential section of the Board.

Different officials of the Administration have been approached by different people, on different issues, on purely administrative matters, and these officials have expressed views sympathetic with the issues raised. (In hoofsaak gaan dit hier om aansoeke vir huise in Atteridgeville.) But as soon as the matter is referred to the Board or its subsidiary Bodies the matter is thrown right out. In the Board the resident is faced with a wall of blind prejudice and political vindictiveness if he does not belong to the party of the majority of the Board members. The administration has put into the hands of the Board a club that it wields without mercy over the residents. Has the Administration relegated its authority to the Native Advisory Board? What the residents know to be a fact is that it does not matter what reasonable request he may have to make from the Administration if he is not 'in' with the Board, his case never receives consideration. Board members get anything they want in the nature of houses for themselves and their friends and relatives and followers ... The residents are losing confidence in the administration. It is common cause that there is corruption and bribery when the Board is given power to administer matters that are legally that of the Administration. I want to receive some assurance from your administration that the case of every resident that is brought to you will be decided on its merits and if advice of the Board is sought then the Board should give nothing but advice which may not be followed if it is contrary to public policy."

Laat ons nie die fout maak om die klagte as 'n beswaar teen die stelsel eerder as die party wat dit hanteer, te beskou nie. Ten minste twee leidende figure van die party waarvan die briefskrywer geen geringe lid is nie, het hulle in die verlede aan dieselfde dinge skuldig gemaak as waarvan die "huidige regerende" party sonder spesifisering beskuldig word.

In 1947 is daar namens sommige lede van die opposisieparty klagtes ingedien oor die wyse waarop blokmanne hulle pligte nakom. Dit het gegaan oor die verkryging van aanbevelings van die blokman dat besondere persone van geskikte karakter was om permitte vir die tuisbrou van kafferbier te ontvang. "Our people under this system are treated as dogs. They are asked a lot of questions. Sometimes insulting words are passed to them: What party do you belong to? Why did you vote for fools? You must promise now that you will vote for us next time otherwise we shall not give you the recommendation paper, you see your party is composed of fools and uneducated persons." Die klagte is hier blykbaar weer teen die "system" terwyl dit in werklikheid teen persone gemik is. Sulke klagtes kom natuurlik nie voor wanneer die party aan bewind is nie.

Die omvangrykste van hierdie petisies het ruim 700 naamtekeninge bevat. Die administrasie moet daarvan kennis neem. Ongelukkig is dit gewoonlik kontroleerbaar dat nie alle handtekeninge eg is nie of dat sommige "ondertekenaars" nie weet wat die inhoud van die petisie waarlik behels nie. Nogtans is verskeie departementele ondersoeke gelas, maar steeds sonder dat beskuldigings bewys kon word. Daarom dat die Afdeling Nie-blankesake by een geleentheid moes rapporteer: "I believe that such an enquiry would entail in a colossal wastage of time and money spent entirely in listening to endless and nebulous complaints and recriminations between the two major political factions among the Pretoria Bantu." Veel ernstiger is die slotsom waartoe na een besondere ondersoek geraak is, naamlik: "Finally, X is in the habit of making false accusations in writing, purporting to come officially from the bodies of which he is secretary; whereas on enquiry it invariably turns out that this is not the case."

© University of Pretoria

Ons / ...

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Ons herhaal weer dat die volgehoue beskuldigings deur die opposisiegroep, watter party ook al aanbewind is, die enigste ware aanduiding is dat daar onopspoorbare misstande mag plaasvind. Die stelsel waaronder verkose politieke figure uiteindelik as onderdeel van die administrasie pligte verkry, is een wat die inwoners self so verkies (volgens ons historiese uiteensetting van die stemstelsel). Oor klagtes teen die stelsel as sodanig was die standpunt van die administrasie nog steeds "If the actions of members of the Native Advisory Board give the Bantu inhabitants a feeling of frustration, then the latter are frustrating themselves, since all the said Board members are elected by them alone ... If your statement of the inhabitants being frustrated by this system is correct, let them say so in this year's election of members of the Board ... General charges of bribery, corruption and political bias among Board members must be supported by specific instances of such offences. Such specific instances have never been brought to my notice by you or anyone else. If you or anyone else are able to bring and prove such specific instances to me, I shall take the strongest possible action against the offenders." Elders is die opposisie versoek: "The opposition leaders who lost the last election must therefore settle down and make use of their own elected representatives."

Die houding van die Adviserende Komitee teenoor klagtes van hierdie aard wat die opposisie voorlê kan ten beste deur die volgende tipeer word: "Since their first defeat at the polls in 19--, this memorandum is only one of the series from their individual and collective members who try by all means, foul and libellous, to discredit the present Native Advisory Board in the eyes of all concerned. But the residents have persistently disregarded these charges as they know them to be unfounded and false. The policy of the present Board was even more overwhelmingly endorsed by the residents of Atteridgeville, Marabastad and Bantule at the 19-- polls only less than five months ago. That the present Advisory Board had to introduce drastic changes in the system of allocating houses in order to remove the corruption which was prevalent during the regime of the X group in this respect." (Ons moet darem daarop wys dat die Adviserende Komitee nie verantwoordelik was vir hierdie veranderings nie. Dit is deur die administrasie op eie inisiatief gedaan.)

Die grootste gros van alle klagtes wat die opposisiegroepe in die lokasie by die administrasie aanhangig maak, is ongegrond. In meeste gevalle is dit gebou op die feit dat daar suur druiwe geëet word. Omdat daar geen verteenwoordigers is om hierdie klagtes in die komitee self te verklank nie, bly dit 'n feit dat die departement tog daarvan moet kennis neem. Die dikte van die lêers wat handel oor <u>Deputations and Complaints</u> getuig hiervan.

F. <u>Korrupsie</u>

Ons ondersoek het getoon dat klagtes van korrupsie feitlik deurgaans ongegrond is. Dit is ook die uitslag van talryke departementele ondersoeke. Slegs in drie gevalle in die verlede was lede van die Adviserende Komitee skuldig bevind aan die misbruiking van hulle posisie vir gewin van verwante en ondersteuners. Hierdie gevalle is afkomstig uit die geledere van albei politieke partye en ondersoeke het plaasgevind na verskaffing van klagtes uit bronne wat nie verbonde is met een of ander politieke groep nie.

As sodanig wil dit 'n geringe misstand voorkom. Mens moet egter duidelik besef dat die wanpraktyke onder die onwetende beskerming van die Blanke administrasie plaasgevind het en dat die gebeure destyds en vandag nog vir politieke gewin deur die opposisiegroep gebruik word. Skinderpraatjies oor vervolgings wat uit hierdie sake voortgespruit het, is vandag nog in omloop. Selfs na optrede en afsetting van die skuldiges gaan die Blanke administrasie nog

© University of Pretoria

steeds / ...

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

steeds gebuk onder die stigma van korrupte optrede en bevoordeling van ondersteuners van die "regerende" party.

## VIII. DIE FUNKSIONERING VAN DIE BLOKSTELSEL EN ANDER KOMITEES

### A. Die blokstelsel

Oor die herkoms en historiese ontwikkeling van die blokstelsel, het ons reeds breedvoerig gehandel (p.298). Oor die ontwikkeling van die wyse van samestelling het ons ook reeds besonderhede gegee (p.307).

Volgens Stadsraadsbesluit van 25.7.1946, is dit die taak van die bestuurder van die Afdeling Nie-blankesake om in samewerking met die Adviserende Komitee en superintendente na afloop van die verkiesing die lokasie in blokke te verdeel. Na die eerste indeling is daar egter nooit rede gesien om dit te verander nie. Van die tien blokke wat ingestel is, het die sewe in Atteridgeville dus gaandeweg 'n statiese karakter verkry. Eers met die vergroting van die woonbuurt na 1955 is die blokke heringedeel en wel op so 'n wyse dat die getal blokke dieselfde gebly het. Elke blokman het vandag dus 'n veel groter area om te bedien as vroeër. Met die finale afskaffing van Bantule en Marabastad, is die drie blokke wat hier verval het in die nuwe gedeelte van Atteridgeville afgebaken.

Die aanwysing van blokmanne uit die geledere van die Adviserende Komitee en die daaropvolgende nominering van slegs partylede op die blokkomitee maak van hierdie endpunte van die administratiewe stelsel politieke liggame. Volgens sommige van ons informante word die aanwysing van blokmanne vir besondere blokke deur lotsbeslissing bepaal op 'n vergadering van die suksesvolle kandidate. Die meer algemene prosedure is egter dat die voorsitter en sekretaris van die Sentrale blokkomitee, d.i. die leier en onder-leier van die "party aan bewind" op 'n vergadering van hierdie komitee die blokke aan blokmanne uitdeel. In praktyk bring dit dan dikwels mee dat die aangewese blokman nie in daardie blok woon nie, en meer ernstig selfs, dat die blokman in 'n ander woonbuurt, bv. Bantule of Marabastad, woon, terwyl sy blok in Atteridgeville, 7 myl daarvandaan, geleë is. Na die finale verskuiwing van die inwoners van Bantule en Marabastad het die misstand verdwyn. Hoewel die administrasie hierdie verskynsel toegelaat het, is in die verlede streng daarop gelet dat alle blokkomiteelede en sekretarisse van blokkomitees in die blokke woonagtig was.

Tog moes daar een keer opgetree word. 'n Bepaalde blokman het geargumenteer dat aangesien blokmanne (Adviserende Komiteelede) per meervoudige stem deur 'n meerderheid van alle kiesers aangewys is, hoort diegene wat hom bystaan ook uit die geledere van alle kiesers genomineer te word. Sommige lede van sy komitee het dus buite sy blok gewoon. Die administrasie het geweier om die nodige besoldiging aan lede van die komitee te betaal tot die komitee reg saamgestel is.

Die feit dat blokmanne buite die blok woon en dat die lede van die komitees eensydig saamgestel word, is die vernaamste gegronde besware wat teen ons geopper is. Die feit dat daar sterk opposisiegroepe in Atteridgeville is wat deur die stemstelsel van die Adviserende Komitee uitgesluit is en deur die nominasie nie op blokkomitees tereg kom nie, bring mee dat hierdie groepe op geen punt offisieel in aanraking met die lokasie-administrasie is nie. Hoe sterk die nominering van persoonlike vertroueling e en partyondersteuners 'n rol speel kan aan die hand van gebeure in 1949 begryp word. Twee blokmanne wou graag blokke omruil en ondanks die feit dat albei aan dieselfde party behoort het, kon die omruiling eers bewerkstellig word na toestemming verkry is dat die betrokke komitees na die omruiling hersaamgestel kon word.

Ons / ...

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Ons moet egter meld dat daar sommige blokmanne is (drie in totaal in 1950) wat dit verklaarde praktyk gemaak het om lede van opposisiegroepe op hulle blokkomitees te benoem. Toevallig is dit ook juis hierdie komitees waarteen alle informante geen besware kon inbring nie.

Wanneer ons aandag gee aan die wyse waarop die komitees hulle pligte vervul moet ons as vernaamste toets die maatstaf aanlê van die ruimte wat in die stelsel bestaan vir die onkontroleerbare misbruik van gesag. Ondanks die bruikbaarheid van die stelsel soos dit in die praktyk bewys is, voel ons dat die sisteem juis op ons toetspunt tekort skiet.

Volgens ons informante is die vernaamste plig van die blokman "to try to settle matters up between people who have disputes." Hiernaas is blokmanne ook mondstukke namens die inwoners teenoor die superintendent en maak die administrasie ook van die figure gebruik as tussengangers na die inwoners van die blok. Hoewel die "regerende" party trots verklaar: "Whilst we are in power, we are the government for everybody." So kla alle informante van opposisiegroepe voortdurend oor die sogenaamde diskriminasie wat teen lede van hulle party beoefen word. Al was daar nie sulke kritiek nie, sou die blote feit dat opposisiegroepe steeds skadu-blokkomitees in stand hou tog op 'n eienaardige toestand dui.

Hoewel ons in ons kritiek teen die stelsel geen party kan uitsonder nie, het een informant reguit gesê: "Ek sien hulle sorg vir hulle eie mense, die Namune. Ek weet nie of die Kgudu sal so doen nie, maar ek weet X het so gedoen toe hy Kgudu was. Maar by my het ek vir hulle gesê: 'Kyk, as ek gekies (is), nou as ek hier kom vergadering (hou), ek dra Maspalitie (munisipaliteit) uniform. Ek sien nie of jy Kgudu, Namune of wat lat jy is nie. As jy voor my kom, jy het 'n saak, jy het iets moeilik, ek moet met jou deel. Al is dit my kind. As hy fout gemaak het by die Namune of Kgudu se mense, ek sê vir hom, jy is verkeerd, want ek gaan hom nie laat staan oor hy sê hy's my party nie. Dan as ek klaar uit die office kom, agter die arbitration, as ek by my eie huis is, is ek Kgudu. Dan kan jy by my daarso kom dat ons Kgudu se besigheid gesels, nie in die tien manne se komitee nie.'" So 'n houding van prysenswaardige onpartydigheid word nie deur alle blokmanne gehandhaaf nie.

Die blokman is die oë en ore van die superintendent in sy besondere blok. Hy moet die superintendent bv. verwittig waar daar te veel bier gebrou word. So 'n kennisgewing kom eintlik neer op 'n aanbeveling vir 'n klopjag op die betrokke perseel om die skuldige op heterdaad te betrap. Die blokman moet ook aanbevelings verskaf vir die uitreiking van permitte om bier te brou, die inwoners behulpsaam wees by die versekering dat alle lede van die huisgesinne binne sy blok geregistreer is, alle gevalle van ongemagtigde inwoning aan die superintendent bekend maak, alle aansoeke vir okkupasie van ontruimde huise in sy blok ontvang en die informasie kontroleer voor dit aan die superintendent oorhandig word. Hy moet ook weduwees behulpsaam wees by die oorplasing van huise op hulle naam na afsterwe van die huishuurder, ens. Dit is juis in die behartiging van hierdie sake dat beskuldigings van partydigheid, so halsstarrig aan ons oorgedra is.

Getuienis oor die welbekendheid van "gepoogde diskriminasie" is ook van die kantoor van die superintendent afkomstig waar die ondervinding geleer het dat baie aansoeke vir akkommodasie of vir registrasie van nuwe aankomelinge, direk na die superintendent se kantoor gebring word sonder gebruikmaking van die tussengang van die blokmanne. Sulke direkte aansoeke moet dan vir aanbeveling na die blokmanne verwys word. Dit is verder tot ons bevrediging bewys dat klagtes van oorbewoning in huise van ondersteuners van die opposisie die ore van die superintendent meer geredelik bereik as soortgelyke toestande by huise van party-ondersteuners.

Die / ...

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Die aangeleentheid waaroor egter die grootste ontevredenheid in Atteridgeville bestaan, is die aandeel van blokmanne in die toekenning van huise: Eerstens in die kontrolering van die gegewens in die aansoek, en tweedens deur die lewering van 'n rapport aan die Sentrale Blokkomitee en die superintendent, en derdens vanweë die stemme-oorwig in die Sub-komitee vir Behuising waardeur dit (teoreties) moontlik is vir die verteenwoordigers van die Adviserende Komitee om die aansoeke wat hulle steun te laat deurgaan. Ondanks die feit dat dit nie korrek is nie, is dit die algemene oortuiging van die inwoners dat as die blokman die aansoek steun die aansoeker die gevraagde akkommodasie sal kry. Dit is tot ons bevrediging bewys dat enkele blokmanne van albei die vernaamste politieke partye in die verlede omkoopgeld ontvang het om bepaalde aansoeke te steun. Van nie minder as vyf onafhanklike segsmanne kon ons kontroleerbare gegewens oor hierdie praktyk verkry nie. Die normale inhoud van so 'n "parcel" is R10.

Uit die ondervinding van verskeie superintendente kon ons ook gevalle verkry waar blokmanne ooglopende valse informasie verstrek het wat optrede genoodsaak het. As voorbeeld, die volgende: Deur bemiddeling van 'n blokman het 'n vrou kom vertel dat aangesien haar man tydelik uit Pretoria weg is sy en die kinders tog nie uit die huis gesit moet word nie. Ondanks die versekering wat die superintendent gegee het, moes hy kort daarna optree toe dit duidelik geword het dat die man in werklikheid permanent verplaas was. By 'n ander geleentheid het 'n sekere huurder deur die blokman versoek dat hy 'n oppasser in sy huis mag plaas terwyl hy tydelik met vakansie gaan. Die versoek is toegestaan. In werklikheid het die "oppasser" oornag die huis betrek en die "huurder" se meubels met sy eie vervang daar die huurder verplaas was en voortgegaan om maandeliks op naam van die vertrokke huurder huurgeld te betaal. Toe die misstand ontdek is en die superintendent wou optree, is die "oppasser" deur die Sub-komitee vir Behuising as huurder in daardie vakante huis aangewys.

By twee verdere geleenthede is 'n aansoek om akkommodasie direk by die superintendent ingehandig. By die aansoek was R10 ingesluit. Op vrae, waarvoor die geld bedoel was, was die antwoord dat die aansoeker bloot dieselfde prosedure gevolg het as wanneer so 'n aansoek by 'n blokman ingedien word. By 'n ander geleentheid het 'n buitelandse Bantoepersoon by die superintendent die sleutels van 'n sekere huis kom vra. Op navraag na die aansoekvorm vir akkommodasie, was die antwoord dat dit by 'n sekere onder-voorsitter van 'n blokkomitee met die nodige gelde ingehandig is. As bewys hiervoor het die applikant 'n kwitansie vir R6 waarop aangedui was dat 'n verdere R4 uitstaande was, getoon. Teen hierdie onder-voorsitter is ten strengste opgetree.

Hierdie voorbeelde van omkopery en bevoordeling van eie ondersteuners is na ons oordeel sekerlik die uitsondering as die reël. Dat daar egter genoegsame gevalle voorkom om die administrasie in geheel deur 'n gedurige stroom skinderstories onder verdenking van bevoordeling van ondersteuners van die "regerende party" te hou, is waar.

Waar sulke oortredings deur lede van 'n blokkomitee (vergelyk bg. onder-voorsitter) gedaan word, volg onmiddellike afsetting met moontlike kriminele vervolging. Wanneer die optrede van die blokman self onder verdenking kom, is die saak lastig. Ondanks die feit dat die blokman 'n aandeel het aan die Blanke administratiewe masjien, is hy aan geen Blanke instansie verantwoording verskuldig nie. By die herhaaldelike verstrekking van valse gegewens kan die blokman slegs bestraf word. Afsetting, vermindering van besoldiging, of 'n dergelike administratiewe vergelding is nie moontlik nie. Die blokman is verkose verteenwoordiger van die

© University of Pretoria

inwoners / ...

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

inwoners van die lokasie en behalwe by ernstige kriminele oortredings kan hy nie in die Adviserende Komitee ontsetel word nie. Die blokman moet toegelaat word om sy volle dienstermyn op die Adviserende Komitee uit te dien.

Desondanks moet ons verklaar dat die algemene standaard waarvolgens blokmanne en hulle komitees hulle van hulle taak kwyt, baie hoog is. Blokkomitees het reeds 'n onmisbare deel van die administrasie by die behartiging van kleiner geskille geword. Die geringe besoldiging wat aan hierdie mense vir administratiewe dienste uitbetaal word, bewys dat ons met 'n by-inkomste te doen het en dus ook met 'n arbeidslewering wat in normale vrye tye afgehandel moet word. Dit is ons oortuiging dat enige verhoogde aanspraak op die tyd van lede van blokkomitees, met verhoogde besoldiging gepaard sal moet gaan.

Die Sentrale Blokkomitee vorm die hoogste administratiewe eenheid waarin inwoners van Atteridgeville sitting het. Dit is in der waarheid die kruispunt van die politieke en administratiewe lyne.

Ons het reeds daarna verwys (p.298) dat die komitee uit die tien blokmanne bestaan, met 'n voorsitter en sekretaris uit eie geledere aangewys. Alle aanbevelings oor lokasie-aangeleenthede gaan van die blokkomitees na hierdie komitee. Indien die saak langs politieke kanale verder gevoer moet word, word dit na die Adviserende Komitee verwys. Indien 'n saak langs administratiewe kanale verder gevoer word, volg daar gewoonlik 'n deputasie na òf die superintendent van Atteridgeville òf die bestuurder van die Afdeling Nie-blankesake.

Die belangrikste item op die agenda van hierdie komitee is egter aansoeke om huise in Atteridgeville wat na bespreking vir afhandeling deurgestuur word na die Sub-komitee vir Behuising.

B. Die Sub-komitee vir Behuising

Ons het reeds daarna verwys dat hierdie komitee eintlik 'n onderkomitee van die Afdeling Nie-blankesake van die Stadsraad is, en nie van die Adviserende Komitee nie. Die gemiddelde inwoner van Atteridgeville glo egter vas dat die wil en wens van die Adviserende Komitee hier deurslag gee. Die lede van die komitee bestaan uit die bestuurder van die Afdeling Nie-blankesake of sy gevolmagtigde as voorsitter, die twee superintendente van Atteridgeville en Bantule sowel as vier lede wat deur die Adviserende Komitee uit hulle geledere aangewys word. Een van hierdie lede moet egter die sekretaris van die Sentrale Blokkomitee wees en is ook die sekretaris van hierdie komitee.

Aangesien Atteridgeville vir die verskuiwing van Marabastad, en later Bantule, ingerig is, het hierdie komitee slegs seggenskap oor toekenning van huise in Atteridgeville gehad. Die omvang van die beslissingsreg van hierdie komitee was sedert sy instelling beperk tot huise wat om een of ander rede in Atteridgeville ontruim word en waarvan die grootte nie genoeg was om binne die gedagte van die verskuiwing betrek te word nie. Huise in Marabastad is gewoonlik deur drie tot vier gesinne bewoon. Vir die ontruiming en sloping van één huis in Marabastad was dus drie tot vier huise in Atteridgeville nodig, waar slegs 'n enkele huis in Atteridgeville vakant geraak het, was die gebruik daarvan vir ontruimingsdoeleindes dus nie altyd moontlik nie.

Dit was egter stadsraadsbesluit dat daar by die toesegging van sulke huise voorkeur verleen kon word aan onderwysers, sosiale werkers, polisie, munisipale werknemers, verpleegsters, predikante "and other parties essential to the proper administration and well-being of the population of Atteridgeville." Voorkeur kon ook verleen word aan kinders van Marabastad-inwoners wat na hulle opname in die verskuiwingsensus getrou het en elders woonagtig was. Op geen oomblik mag die toesegging wat buite die direkte verskuiwing uit

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Marabastad gemaak word, meer as 10% van die totale aantal huise in Atteridgeville bedra nie. Die Afdeling Nie-blankesake het verder volle veto-reg voorbehou oor die beslissings van die komitee tot die afstelling daarvan in 1955.

Oor die wyse waarop hierdie komitee sy funksie verrig het, was daar steeds storms van protes en klagtes dat toeseggings slegs aan ondersteuners van die eie party gedoen word, of dat toeseggings gemaak word op voorwaarde dat die applikant vir die regerende party sal stem. Ons informante uit albei partye was bekend met dié praktyk. Een het verklaar: "I suppose it is only a natural thing in order to further the interests of your own people, to strengthen the party." 'n Ander het gesê: "That is human, I don't blame them much myself. I think the Kgudu too, has done it."

Die partye van ons informante wat die inligting verstrek was by ander geleenthede die skerpste aanklaers teen die optrede van die komitee. Omdat die stem van verteenwoordigers van die Adviserende Komitee die deurslag gegee het en die Afdeling Nie-blankesake nooit van hulle veto-reg gebruik gemaak het nie, het hierdie kritiek mis-kien 'n mate van regverdiging gehad. By een geleentheid lui dit: "Our party was defeated at the polls by only 11 votes. But the treatment we get at the hands of the Board is intolerable ... We ask that the one-sided Housing Committee be abolished immediately." Waar spesifieke besonderhede van bevoordeling verskaf kon word, het steeds departementele ondersoeke gevolg. Slegs enkele klagtes kon werklik bewys word. So kon dit ons bewys word dat terwyl 'n sekere leier namens sy party klagtes by die Afdeling Nie-blankesake teen die werk-wyse van die komitee ingedien het, hy langs ander kanale besig was om by die Sub-komitee vir Behuising ten behoewe van 'n ander, wat nie daarop geregtig was nie, aansoek om 'n huis in Atteridgeville te doen.

Ons kan dit alleen as jammer beskou dat die medepligtigheid aan beslissings van die komitee deur die Blanke administrasie gedra moes word. Hoe suiwer die beslissings van die komitee ook al was, het die klagtes steeds voortgedreun. "The Board is a party Board, and so also the Housing Committee; the Board will only be in favour of giving houses to their people." So het dit gelui welke party ook al "aan bewind" was.

### C. Die Beurskomitee

Hierdie komitee vorm streng gesproke nie deel van die administratiewe masjien in Atteridgeville of Pretoria nie. Om egter 'n volledige blik te hê op die totale omvang van pligsvervulling deur die Adviserende Komitee moet dit aandag ontvang.

Die Stadsraad van Pretoria stel jaarliks 'n aantal beurse beskikbaar vir aanwending ten behoewe van Bantoekinders wat uit die Pretoriase lokasie afkomstig is. Gedurende 1947-52 was daar jaarliks 'n totale bedrag van R830 beskikbaar gestel. Uit hierdie bedrag word dan beurse toegeken deur 'n komitee bestaande uit die bestuurder van die Afdeling Nie-blankesake, die prinsipaal van die Hofmeyer-Hoërskool te Atteridgeville, die voorsitter van die Sentrale Blok-komitee, en een verdere lid van die Adviserende Komitee. As sekretaris met volle lidmaatskap, dien die sekretaris van die Sentrale Blokkomitee. Slegs die prinsipaal van die Hofmeyer-Hoërskool het uit hoofde van sy werk kontak met die onderwyswêreld. Voor 1952 was daar benewens die voorsitter slegs vier lede van die Adviserende Komitee aangewys. Die vervanging van een van hierdie lede deur die prinsipaal van die plaaslike hoërskool moet met nadruk goedgekeur word. Die aanbevelinge van hierdie komitee geskied aan die Adviserende Komitee vanwaar dit na die Stadsraad oorgedra word.

Die meeste van die beurse wat toegeken kan word, was alleen beskikbaar vir kinders van inwoners van die Pretoriase lokasie, d.w.s. Atteridgeville, Marabastad en Bantule. Beurse vir voortsetting van

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

na-primêre opleiding is dus slegs toegeken ten opsigte van primêre skole in Atteridgeville en Bantule omdat daar by die uitleg van Marabastad geen voorsiening vir skoolopleiding gemaak is nie. In die verlede, voor 1952, is hierdie toekennings gemaak volgens 'n lys van name wat die sekretaris saamgestel het uit aansoeke om beurse wat deur die verskillende prinsipale na die komitee verwys is. Hierdie aansoeke het geen besonderhede bevat oor skoolprestasie nie. Waar toekennings dan geskied het, was dit dikwels op niks meer as raaiwerk gebaseer nie.

Dit het dan in die verlede gebeur dat die Bantoelede van die komitee die aansoeke van besondere applikante op die lys gesteun het om redes wat hulleself geken het eerder as volgens besonderhede wat in die komitee beskikbaar was. Gegewens oor skoolprestasie en bevestiging van die feit dat die ouers van die applikant wel in die lokasie woonagtig was, is in die verlede sommer mondelings verstrek deur die Bantoelede van die komitee. Klagtes dat die kinders van ondersteuners van die party aan bewind, alle beurse ontvang het, was die normale verskynsel.

Dit het verder soms gebeur dat beurse toegeken was aan persone wat nooit hulle opwagting gemaak het aan die inrigtings waar die beurse gebruik kon word nie. Dit geld veral vir beurse vir na-skoolse studie. Omdat die komitee in die verlede ook nie streng gelet het op ontvangs van vorderingsverslae oor beurshouers van inrigtings nie, is ná ondersoek gevind dat sommige inrigtings geld ontvang en gebruik het sonder dat 'n beurshouer daar gestudeer het.

Vanweë hierdie verskeie misstande het die Stadsraad op 29.2.1952, na oorleg met die Adviserende Komitee, nuwe regulasies vir die toekenning van beurse vasgelê.

Die belangrikste van hierdie bepalings was die toevoeging van die prinsipaal van die Hofmeyer-Hoërskool tot die komitee en die vaslegging dat beurse alleen toegeken sal word en behou kan word na voorlegging van 'n verslag van die inrigting waar die beurshouer op skool is of verder studeer.

Hierdie beurstoeseggings raak die volgende: 20 beurse van R12 per jaar (R240) vir hoërskoolopleiding aan die Hofmeyer-Hoërskool in Atteridgeville, twee beurse (R230) vir na-skoolse studie aan leerlinge van hierdie hoërskool, en vyf verdere beurse (R360) vir na-skoolse opleiding aan verdienstelike leerlinge by verskeie inrigtings vir na-skoolse studie oor die land.

## IX. BEOORDELING VAN FUNKSIONERING VAN ADVISERENDE KOMITEE- EN BLOKKOMITEESTELSEL

### A. Die waarde van die Adviserende Komitee

Hoedanig ook al die oordeel oor die Adviserende Naturellekomitee sal wees, bly dit onweerlegbaar waar dat hierdie instelling 'n Blanke instelling is. Die instelling van hierdie komitees by wetgewing was 'n geleentheid wat aan Bantoe-inwoners van stedelike lokasies gebied was om met plaaslike owerhede saam te werk. Daar is 'n mondstuk aan hulle verskaf. Benewens die bepaling van uiterlike vorm deur regulasies, bly die inhoud wat aan die Blanke skepping gegee is, dié van die Bantoe self. Uiterlike vorm het hier beslis ook invloed op die inhoud, daar dit 'n subtiele voorskrif gegee het dat inhoud sover moontlik volgens Westerse voorbeeld moes wees. Wanneer ons dan soms ontnugterd voel oor die karikatuur van verkiesingsprosedure wat ons aantref, moet ons onthou dat dit juis die insig vorm van die Bantoe-inwoners van Pretoria in die praktyke van die Westerse demokrasie. Wanneer ons dan na 40 jaar waarin die sisteem van partyverdeling gefunksioneer het, nog geen duidelik aanduibare beginselverskille raakloop nie, geen omlynde partylidmaatskap raakloop nie, en hierbenewens groot groepe geregistreerde kiesers vind



© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

wat nie aan die verkiesing meedoen nie, dan word ons tot die gevolgtrekking gedwing dat die demokratiese verkiesingsisteem as metode om die Adviserende Komitee aan te wys, nie 'n groot sukses was nie.

Soos ons reeds by die bespreking van die verkiesingstatistiek en die stemprosedure aangedui het, kan die Adviserende Komitee hom nie as 'n verteenwoordigende spreekbuis van die inwoners van Atteridgeville of van die Pretoriase lokasie beskou nie. Vanweë die gebruik van 'n stelsel van meervoudige stem per kieser sonder afbakening in blokeenhede, vind ons geen opposisieverteenwoordigers in die komitee nie. Wanneer informante wat as politieke leiers optree so 'n stelsel van "een party-regering" as "True Democracy" beskrywe, is dit duidelik dat die Stadsraad van Pretoria met groot omsigtigheid op die aanbevelings van die komitee moet let.

Dit het vir ons uit ons besprekings met verskeie informante duidelik geword dat daar geen oog bestaan vir die behoefte waarvoor die komitee ingestel is nie, nl. om konstruktiewe advies namens die inwoners van lokasies oor plaaslike verbeterings aan te bied. Alle persone wat sitting neem in die komitee benader vraagstukke onder die dissipline van partyverband. Vrye bespreking kom nie voor nie. Ons het oorvloedige bewyse verkry dat die party wat die verkiesing wen, hom in so 'n mate deur sy verkiesingsbeloftes gebind het, dat daar van konstruktiewe advies, wat met praktiese moontlikhede rekening hou, nie veel tereg kom nie. Komiteebesluite kom in baie gevalle op eise neer. Wanneer dit dan nie deur die Stadsraad aangeneem word nie, lei dit tot frustrasie van die komiteelede. Lede van die komitee het hulle misnoeë met die huidige toestand betuig en gesê dat die aanbevelinge van die komitee "are taken very lightly by the authority concerned." Aan die Stadsraad wil hulle sê dat "they (die Stadsraad) don't see the seriousness, the essential of the Native Advisory Board. That the legislator cannot go to Parliament to legislate for an advisor and then that advisor can be just left out." Van die kant van die Stadsraad word deur senior amptenare gekla dat dit 'n moeilike taak is om inwoners van Atteridgeville te lei tot "civic pride and responsibility", veral omdat die lede van die Adviserende Komitee wat instrumente hierin moet wees, persone is "who are notorious for their political activities rather than their standard of education, intelligence and culture, so that you get a Native Advisory Board which merely attacks competent and sympathetic departmental officials and fights for individual privileges for its own particular political followers and completely neglects and overlooks all constructive work for the well-being of the Native inhabitants as a whole."

Vanweë die wye adviesmagte wat aan die komitee verleen is, is daar die redelike verwagting geskep dat die Staat gunstige oorweging sou wou verleen aan voorstelle oor aangeleenthede wat die Bantoebevolking van die land as geheel raak. Wanneer die Adviserende Komitee dan op grond van sy aanhanklikheid aan en deelvorming van die Blanke bestuurspatroon aanbevelinge maak vir aanskakeling by die Blanke orde, "vir die uitbreiding van regte" en dit geweier word, raak die terrein waaroor die frustrasie gevoel word, geweldig wyd. Dit sluit dan nie alleen blote plaaslike irritasie in nie, maar ook 'n gevoel dat die eie toekomsvisie gedwarsboom word.

Hierdie toekomsvisie van die Adviserende Naturellekomitee moet noodwendig nouer aansluiting by die Blanke orde inhou: Die instelling self is deel van die Blanke patroon. Na inhoud, bevat die sisteem niks wat skakeling verskaf met die tradisionele stamherkoms nie. Die lewe van die Bantoe in Atteridgeville is ten skerpste onderhewig aan invloede van verwestering. Vanweë die gebruik van 'n kwasi-westerse verkiesingswyse verkry persone leierskapstatus in die mate waarin hulle voorgangers op die pad van verwestering vorm. Wanneer dan nouer aanskakeling gesoek word met die Westerse orde deur voorstelle dat die Adviserende Komitee uitvoerende gesag in

lokasie-administrasie / ...

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

lokasie-administrasie moet kry, wetgewende bevoegdheid moet ontvang om self lokasieregulasies op te stel of indirekte of direkte verteenwoordiging op die Stadsraad moet verkry, soos in Pretoria reeds gebeur het, tree die komitee slegs op volgens hulle insig van die uiteindelike toekomsbestemming van die Bantoe in stedelike gebiede. Wanneer daar dan aan hierdie voorstelle geen gevolg verleen word nie, word soos verstaanbaar is, beperking geplaas op die eie ideaal vir die toekoms.

Oor hierdie sake was ons informante skerp en uitgesproke. Verwysende na die gebrek aan geleentheid vir verdere invoeging by die Westerse orde het ons informante gesê: "Don't you see the confusion to people who have all the time been living with the Europeans?" Daar is 'n begeerte, hoewel gebrek aan vermoë, om alles soos die Blankes te doen. Een van ons informante het verklaar: "If you can't be like a European, they say you must be like a Native, but you are away from the Native and can't be like a Native. You are put in the middle."

Hierdie bewussyn van "being put in the middle" tipeer die gesindheid van diegene wat die middeweg van innerlike chaos moet bewandel op die botsingslyn tussen die tradisionele sosiale orde en die Westerse orde ten beste. Die betekenis van die Adviserende Komitee is vir baie juis dat die blote bestaan van die instelling die verwagting regverdig dat daar vir die Bantoe in stedelike gebiede 'n toekoms van integrering binne die Blanke orde sal wees. Wanneer daar dan frustrasie opgewek word, is dit verstaanbaar dat die Adviserende Komitee by wyse van rapport aan die kiesers sal probeer om hulle gevoelens op die kiesers oor te dra. Dat daar nog nie in Pretoria botsings tussen inwoners en die Blanke administrasie voorgekom het nie, is seker nie toe te skrywe aan die besadigde wyse waarop komiteelede die inwoners van hulle aspirasies in kennis gestel het nie.

B. <u>Die waarde van die blokstelsel</u>

In die lig van die bo-beskrewe waarde van die Adviserende Komitee as hulpmiddel vir die Blanke administrasie, is dit verstaanbaar waarom die administrasie behoefte gevoel het aan instellings wat van meer praktiese administratiewe waarde sou wees as die politiesgeïnspireerde Adviserende Komitee. Uit hierdie behoefte is die blokstelsel dan gebore. Daar moes liggame tot stand kom wat bruikbaar sou wees vir die hantering van inwoners sonder dat die gevoel van wedersydse frustrasie samewerking belemmer.

Tog kan ons die wyse waarop in hierdie behoefte voorsien is nie ten volle aanprys nie. Ons gee geredelik toe dat die tussengang van blokkomitees tussen inwoner en superintendent van onskatbare waarde was. In Pretoria gaan die blokstelsel egter mank aan die feit dat die blokmanne, administratiewe funksionarisse, steeds hulle politieke verbande behou. Ons het daarop gewys dat die samestelling van die komitees feitlik volledig uit die geledere van die "regerende" politieke party kom. Ons het ook daarna verwys dat daar ruim geleentheid is vir blokmanne om van hulle vertrouensposisie misbruik te maak, asook dat die administrasie magteloos is om voldoende kontrole oor die optrede van blokmanne uit te oefen. Vanweë die feit dat verkose politici administratiewe pligte moet uitvoer, is daar nie sprake van skorsing, verplasing, afsetting of ander vorme van administratiewe vergelding nie: die verkose lede van die Adviserende Komitee wat as blokmanne dien moet die termyn waarvoor hulle verkies was, uitdien. Benewens hulle taak as administratiewe figure moet hulle ook as verteenwoordigers van die inwoners alle griewe aan die administrasie oordra.

Die feit dat blokmanne en lede van hulle komitees slegs aan een party behoort skep voortdurend 'n gevaarvolle toestand vir die

Blanke / ...

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Blanke administrasie omdat die onpartydigheid van die administrasie ingeboet kan word ten gevolge van die politiek-gekleurdheid van die aanbevelinge van die blokkomitees. Om hierdie toestand af te skryf as die wens van die inwoners, daar hulle die huidige stelsel in plaas van 'n wykverkiesingstelsel aanvaar, is gevaarlik. Die Blanke administrasie is vir sy onpartydigheid nie verantwoording verskuldig aan die inwoners van Atteridgeville nie, maar aan 'n hoër Blanke gesag, die Stadsraad.

Sommige van ons informante, Blanke sowel as Bantoepersone, het die blokstelsel vergelyk met die tradisionele gesagspatroon binne die stam waar mindere hoofmanne gesag voer en namens onderafdelings binne die stam spreek maar steeds ondergeskik bly aan die sentrale stamgesag. Bantoesegsmanne het dan daarna verwys dat die blokkomitees met hulle geringe reg van arbitrasie in die lewe van baie persone wat met stamgebruike bekend is, 'n noodsaaklike oorgangskakel vorm met toestande in stedelike gebiede. Sonder om iets af te doen aan die bewese waarde van die arbitrasiemagte van blokkomitees, is dit tog ons oortuiging dat daar nie veel meer as uiterlike ooreenkoms met stamtoestande bewys kan word nie. Die blokman in Atteridgeville spreek nie, soos die hoofman in die stam, namens 'n geïntegreerde en permanente gemeenskapseenheid nie. Hy sowel as sy komitee is 'n instelling waarvan die samestelling kan wissel. Hy is verder gestel oor 'n bepaalde area van Atteridgeville. Sy gebied is 'n arbitrêr-aangewese afdeling in die lokasie waarin inwoners, hoeseer taalverband hulle ook al mag bind, steeds 'n kunsmatig-saamgevoegde eenheid bly. Die normale bindinge van verwantsbande en wyere familiebande wat selfs die kleinste sosiale eenheid in die stam kenmerk, is hier afwesig. Die blokadministrasie is en bly iets wat van bo af, deur die Blanke administrasie ingestel is. Dit ontwikkel nie vanuit die gemeenskap binne die blok nie. Dit is dus ons oortuiging dat kontrole oor die optrede van blokmanne nie in die hande van die inwoners van die blok gelaat kan word nie. Dit is die verantwoordelikheid van die Blanke administrasie.

Wanneer die blokmanne dan op deeltydse basis administratiewe funksies vervul, moet ons goed verstaan dat ons nie, volgens die sisteem van indirekte beheer, van bestaande gesag gebruik maak deur dit te erken nie, maar juis nuwe gesagseenhede skep. Dat noue kontrole deur die beherende Blanke administrasie dan 'n vereiste word, is duidelik. Juis hierdie kontrole is in die praktyk vanweë die dubbele posisie van blokmanne, administrator sowel as politikus, feitlik onmoontlik.

Ten spyte van uitvoering van administratiewe pligte lê die finale waardeskatting van die blokstelsel juis daarin dat lede van die Adviserende Komitee wat dit hulle as taak gestel het om die beleid van die administrasie te kritiseer en te verdoem, geroep word om hierdie beleid in die praktyk uit te voer.

## X. <u>WYERE POLITIEKE BELANGSTELLING</u>

### A. <u>Bande met die politieke struktuur in die stam</u>

Alle politieke verbondenhede wat ons tot nog toe bespreek het, het geen verband met die stamstruktuur vertoon nie. Dit is so omdat die wetlike verordeninge waarvolgens die Adviserende Komitee ingestel is, van Blanke kant afkomstig is. Deur hierdie wetgewing is 'n premie geplaas op politieke denke volgens Westerse patroon en is dus geen aansluiting met die stamherkoms verskaf nie.

Dit is daarom geen wonder dat die inwoners van Atteridgeville graag na hulleself verwys as 'n permanente verstedelikte groep mense nie. Die feit dat baie reeds as tweede geslag in Pretoria en omstreke woonagtig is, in Pretoria gebore is en grootgeword het, sterk hulle in hierdie aanvaarding. Desondanks is hier geen nuwe

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

geïntegreerde gemeenskap opgebou nie. Almal is hier aanwesig as arbeiders wat in Pretoria in diens is. Familiebande en afkomsbande bind elke individu nie alleen met ander stedelike gebiede waar verwante werksaam is nie, maar ook met die tuisgebiede van die verskillende stamme waar familie woonagtig is. Die nuwe sosiale eenhede wat wel in Atteridgeville ontstaan het, soos begrafnisverenigings, jeugverenigings, spaarklubs, sportklubs en politieke partye, is die gevolg van deelname aan toevallige en nuwe belangstellingsfere en vorm nie 'n duursame basis vir die ontwikkeling van 'n nuwe sosiale ordening nie. Selfs die verdeling van Atteridgeville in buurtes soos Greenside, Modderfontein, Colbyn en andere dui eerder op bepaalde areas as besondere aparte gemeenskapseenhede binne Atteridgeville.

Dit is ook 'n onbetwisbare feit dat die ideaal van die meeste inwoners die aanvaarding is, ten minste na die uiterlike, van die Westerse lewenswyse. Die beweging is bewustelik weg van stamgebruike na dié van die Westerse lewenswyse.

Daar het ook 'n ruimer visie ingetree van die vaderlandsverband. In plaas van die stamgebied word geheel Suid-Afrika as die tuiste gesien. In die woorde van een van ons informante: "But the fact remains, die mense is eenmal hier, hulle het nie ander plek om heen te gaan nie. As die vyand kom eendag die land in te val, it is going to kill Black and White." Daar word deur baie geaspireer na eenwording met die Blankes binne Suid-Afrika. Dit is ook die beeld wat die verkose politieke verteenwoordigers aan die navorser voorhou.

Oppervlakkig beskou dus, is daar geen noemenswaardige bindinge met die stamherkoms en stamgesag nie. In ons sosio-ekonomiese opname van 300 gesinne was ons egter herhaaldelik getref deur die onkunde wat informante openbaar het oor die identiteit van onmiddellike bure. In meeste gevalle was dit vanweë die feit dat bure aan ander stamme as die informant behoort het. Ons is ook getref deur die tendens om vriende te maak en kontak te maak met slegs diegene wat tot die eie stam behoort. Binne Atteridgeville is taalverskil en stamaanhorigheid, selfs onder diegene wat as 'n tweede generasie in die stad is, van deurslaggewende belang by groepsvorming. Dit is ook 'n feit dat alle bemiddelde informante dit as ideaal gehad het om êrens in die oopgestelde gebiede 'n stukkie grond te koop om op hulle ou dag op te gaan woon. Die lae persentasie ou mense van arbeidsonproduktiewe leeftyd (vergelyk lewenstatistiek, figuur 1, p. 61), is 'n verdere aanduiding dat individue uit die stedelike atmosfeer verdwyn en op hulle ou dag weer aanskakel by stambande wat hulle so bewustelik in die stad probeer afsweer het.

By verdere ondersoek na hierdie teenstrydige gegewens het ons tot die ontnugtering gekom dat bykans elke individu in Atteridgeville steeds in staat is om sy korrekte stamherkoms te verduidelik en steeds die bande met gesinslede en lede van dieselfde afkomsgroep binne sy stam bewaar. Van ware ontstamming was daar in feitlik alle gevalle nie sprake nie.

Dit is dan ons ondervinding gewees dat individue, ondanks die oordonderende werking van politieke ondergeskiktheid aan 'n Blanke staatsgesag, steeds bande behou met die stamgesag van die stam waaruit hy spruit. Die feit dat die inwoners na stamherkoms en ook taalverband so 'n verbysterde heterogeneïteit vertoon, verduister meesal die onderliggende bande wat behoue gebly het. Besoekende kapteins uit die stamgebiede is daarom steeds van 'n hartlike ontvangs verseker by onderdane wat in Atteridgeville woonagtig is. Benewens die erkenning van die Blanke administrasie, wat geen skakel met die stamgesag besit nie, word kapteinsverteenwoordigers wat die gebied periodiek besoek ook as gesagvoerders op politieke terrein erken. Dit kom ons as ongelukkig voor dat hierdie bande met die tradisionele gesaginstellinge wat deur die Bantoe, ondanks die geweldige invloed van verwestering,

in / ...

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

in stand gehou is, nie alleen vrywel onbekend is nie, maar nog nooit deur die Blanke administrasie vir handhawing van orde ingespan is nie.

By navraag het dit dan ook geblyk dat politieke leiersfigure in Atteridgeville hulle status ten dele te danke het aan hulle verbande met tradisionele gesagsinstellinge. Van 8 van ons vernaamste informante, politieke leiers uit albei partygroepe, was vyf direk verbonde met kapteinshuise in stamgebiede. Die mees algemene band was òf die van seun van die moedersbroer van kapteins, òf die seun van òf die kaptein òf sy broer. Vier van hierdie persone was vanaf 1912/1925 in Pretoria woonagtig. Twee van hierdie laasgenoemde groep was aangestelde verteenwoordigers van die stamgesag uit die stamtuiste, en het as sodanig kontak probeer hou met stamlede in die hele Pretoriase gebied. Vanweë gebrek aan samewerking van offisiële instansies en die feit dat hierdie persone geen offisiële status as sodanig beklee het nie, het in praktyk van enige ordehouding onder stamlede nie veel tereg gekom nie.

Volgens gegewens wat aan ons verstrek is deur die leier van die Transvaal-party is daar reeds in 1944 deur ene Mokgatle in Sophiatown, Johannesburg, voorbrand gemaak vir die sameskakeling van alle Bantoekapteins in Transvaal om die aanstelling van kapteinsverteenwoordigers op 'n hegte basis te plaas. Sedert 1949 is daar egter deur ons informant gepoog om hierdie skakeling te bewerkstellig. By wyse van omsendbriewe is aan alle kapteins in Transvaal die stigting van die <u>Lekhotla la Bakhomana</u> (Transvaal) (Die raad van die raadsmanne (of familie) van kapteins) bekend gemaak. Hierdie raad sou in vier afdelings in Transvaal funksioneer, naamlik vir Sekhukhuneland, Pretoria en Waterberg, Soutpansberg en ook Wes-Transvaal. Aangestelde kapteinsverteenwoordigers sou benewens direkte verantwoording aan hulle kapteins ook samewerking moet gee aan die voorsitters van hulle afdelings. Dit is die gedagte van die stigters dat daar met behulp van hierdie stelsel kontrole oor verskuiwing van stamlede verkry kan word deurdat geen persoon die stamgebied sonder toestemming van die kaptein mag verlaat nie en alleen met behulp van die kapteinsverteenwoordiger deur die plaaslike arbeidsburo in 'n stad in diens geplaas mag word. Stamlede wat hulle misdra moet deur die kapteinsverteenwoordiger gestraf word en desgewens na die stamgebied teruggestuur word. Alle heffings wat die kaptein op die stam lê, moet verder deur die stedelike verteenwoordiger namens die kaptein ingevorder word (vergelyk ook in dié verband Potgieter 1955:39).

Van hierdie grootse opset het in praktyk nie veel tereg gekom nie. As bewys vir die geneigdheid om naas die Blanke kontrole ook die kontrole van die tradisionele gesag te erken, dien die getuienis egter as 'n positiewe bewys.

## B. <u>Inskakeling by Blanke politieke partye</u>

Aangesien die beherende politieke gesag in Suid-Afrika in die hande van die Blanke groep is, is dit verstaanbaar dat Bantoepersone, ook dié in Atteridgeville, intens sal belangstel in die voorstelle wat Blanke politieke partye oor Bantoebeheer maak. Daardie party wat aan die Bantoe in sy beleid die rooskleurigste beloftes voorhou, ontvang al hulle morele steun. Ons het reeds daarop gewys dat die deursnee gesindheid een is van ywer vir volledige integrasie by die Blanke en Westerse orde in Suid-Afrika. Daardie partye onder die Blankes wat dan 'n beleid van integrasie by implikasie, of as uitgesproke standpunt verkondig, geniet die steun van baie inwoners van Atteridgeville. Volgens orde van belangrikheid en van bekendheid onder die inwoners, is hierdie partye die Verenigde Party waarvan later twee integrasie-beleidende groepe die Progressiewe Party en die Liberale Party afgestig het sowel as die Kommuniste Party wat sedert 1950 tot onwettige organisasie in Suid-Afrika verklaar is.

© University of Pretoria

Aan / ...

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Aan die ander kant was dit ook ons ondervinding dat die uitvoering van regeringsbeleid ten opsigte van verbeterde behuising sowel as ouer-kontrole oor onderwysaangeleenthede wat onder die Wet op Bantoe-onderwys, 1953, ingevoer is, groot byval gevind het. Dit blyk egter 'n feit dat die beleidsformuleringe van die bogenoemde opposisiepartye in Suid-Afrika die beste bekend is onder die meer gegoede klasse in Atteridgeville.

Die rede hiervoor is die volgende: Die geestesstroming waarvan uiteindelike integrasie in Suid-Afrika die logiese konsekwensie is, is beslis assosieerbaar met 'n Brits-georiënteerde gedagtehouding. Dit word dan ook gepropageer in die Engelse taal in dagblaaie. Die strewe van baie Bantoepersone, ook in Atteridgeville, vir aanskakeling hierby bring mee dat daar baie waarde geheg word aan 'n vermoë om Engels te kan lees en praat. Hiernaas bly dit 'n feit dat die taalmedium vir hoërskoolonderrig in Atteridgeville en ook elders in Suid-Afrika, sowel as by na-skoolse opleiding van onderwysers, vanweë die verskeidenheid van moedertale onder die Bantoebevolking, tot onlangs in hoofsaak Engels was.

Daar is dus 'n hoër mate van leesbevoegdheid onder die volwasse inwoners van Atteridgeville in Engels aanwesig as in Afrikaans. Dit is dan verstaanbaar dat dagblaaie soos die <u>Rand Daily Mail</u>, <u>The Star</u>, en sondagblaaie soos <u>The Sunday Express</u> en <u>The Sunday Times</u>, wat almal die beleidsrigting van die opposisie steun, feitlik deurgaans die bron vorm waaruit die gesindheid van sowel die opposisie as die regering teenoor die Bantoebevolking bepaal word. Belangrike tydskrifte soos <u>The Bantu World</u> (weeklikse nuus- en sportblad) en <u>The Golden City Post</u> (Sondag nuusblad) wat hulle leserspubliek uitsluitlik onder die Bantoe vind, plaas albei feitlik alle nuusberigte in Engels, en is daarby mondstukke van die gedagterigting van integrasie. Dieselfde geld die tydskrif <u>The Guardian</u>, lyforgaan van die Kommuniste party wat gedurende die opname in die ban gedoen is.

Dit was vir ons onmoontlik om by wyse van opname die grootte van die leserspubliek van hierdie en ander tydskrifte in Atteridgeville te bepaal om daardeur 'n statistiese beeld van die invloedsfeer van die gedagterigting van integrasie in Atteridgeville aan te dui. Dit was egter ons ondervinding dat alleen <u>The Bantu World</u> op 'n konstante en volgehoue leserspubliek kon staatmaak. Die aankope van die ander genoemde tydskrifte is in hoofsaak beperk tot diegene wat onderwysers is, klerikale werk verrig, of sodanige onderrig ontvang het dat die lees daarvan geen probleem vorm nie. Dit was ook ons ondervinding dat waar sulke blaaie gekoop was, groepies onkundiges dikwels om die leser vergader het sodat nuus en nuuskommentaar aan hulle voorgelees kon word of uit die Engels in <u>Sesotho</u> of <u>Zulu</u> vertaal kon word. Dit bly egter 'n onbetwisbare feit dat slegs enkelinge waarmee ons in aanraking gekom het, probeer tred hou het met die belangrikste wêreldgebeure of die inhoud van belangrike politieke toesprake kon bespreek. Benewens die kommentaar van ons informante was dit ook ons onafhanklike gevolgtrekking dat baie min van die inwoners probeer tred hou het of goeie kennis gedra het van wat as <u>Higher Politics</u> aan ons beskryf is: van die suksesse en mislukkings van leidende figure onder die Bantoe in stedelike gebiede om hulle vir integrasie by die Blankes te beywer.

In die verlede was daar slegs een party wat probeer het om die Bantoe-inwoners van Atteridgeville en Pretoria binne die party-organisasie as lede te betrek vir die organisering van 'n buiteparlementêre drukgroep in afwagting van 'n moontlike toekenning van stemregbevoegdheid aan sulke inwoners. Dit was die Kommuniste Party. Die invloed van die bogenoemde tydskrifte het die lesers steeds as toeskouers aan die buiterand van die politieke arena gelaat. 'n Waardebepaling van suksesse van die Kommuniste Party vorm dus in werklikheid een van twee berekenbare aanduidings van die gretigheid

waarin / ...

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

waarin inwoners van Atteridgeville en Bantoepersone van Pretoria aan algemene landspolitiek sou meedoen. Die ander is die mate van deelname aan aktiwiteite van die African National Congress wat ons later bespreek.

Dit was vir ons onmoontlik om enige betroubare skatting te verkry van die steun wat die Kommuniste Party gedurende die hoogtepunt van sy bedrywighede tydens die afgelope wêreldoorlog geniet het. Ons weet egter dat hierdie party gedurende die oorlogsjare gereeld enkele kandidate vir die Adviserende Komitee genomineer het. Hoewel die statistiek nie beskikbaar is nie, weet ons dat hierdie kandidate steeds hulle depositos verbeur het. Dit wil sê dat daar minder stemme op hulle uitgebring was as die helfte van die stemme wat op die laaste suksesvolle kandidaat uitgebring was. Een informant wat met die organisasiewerk behulpsaam was het gesê dat kandidate selde meer as 15 stemme getrek het. Gedurende ons opname het een van die leidende Bantoefigure in hierdie organisering vir die Kommuniste Party 'n memorandum van protes teen wyses van toesegging van handelslisensies en opsegging van huurkontrakte in die Bantoewoonbuurtes van Pretoria aan die administrasie voorgelê. Die protesskrif was onderteken deur 143 persone. Oor die werklike verbondenheid van al hierdie individue met die doelstellings van die Kommunisme kan ons ons nie uitspreek nie. Dit was egter die oortuiging van sommige informante uit die administrasie dat hierdie syfer 'n redelike korrekte weergawe is van die aanhang van die Kommuniste Party as sodanig onder die Bantoe in Pretoria. Uit betroubare rapporte oor bywoningsyfers van openbare vergaderings van die Kommuniste Party, blyk dit duidelik dat opkomste gewoonlik veel geringer was as die by vergaderings van die twee erkende plaaslike politieke groep. Oproepe tot stakings op 1 Mei (Meidag) wat gereeld op vergaderings gemaak is en by wyse van pamflette deur die hele Atteridgeville versprei was, het steeds geen indruk gemaak nie.

Ons is egter bekend met die feit dat sommige van die politieke figure in Atteridgeville ten tye van ons opname vroeër noue kontak met die Kommuniste Party gehad het, onder invloed daarvan was, en in enkele gevalle ingeskrewe lede van die party was. Diegene van ons lesers wat kennis dra van ultra-linksgesinde propaganda-clichés sal die verband met die bewoording van die partymanifes wat ons op bladsy 324 weergee, kan raaksien. Die gedagtes wat vanuit hierdie bron uitgegaan het, leef dus nog voort in die geskrifte van sulke leiersfigure.

Die figure waarvan ons hierbo melding maak, is almal mense wat benewens hulle aktiwiteite in die Kommuniste Party ook leidende figure in vakbondbewegings soos die Industrial and Commercial Workers' Union of Africa was vanaf voor 1928. Dit is ons duidelik dat hierdie persone deur Blanke Kommuniste gebruik is vir doeleindes waarvan die volle implikasies nie verstaan is nie.

So is een van ons informante in 1928 toe die I.C.U. sy doodsnikke beleef het deur Brian Bunting, Bunting se vrou en Solly Sachs genader om as front te dien vir kleiner vakverenigings in Pretoria. Die uitslag van hierdie alliansie was die staking te Onderstepoort in 1929. Sedert 1937 is oorgegaan tot die stigting van verskeie sulke kleiner vakverenigings onder Bantoewerkers waarvan die sekretarisse almal onderdak gevind het in die destydse kantoor van die Kommuniste Party. Party van hierdie sekretarisse en baie van die lede van hierdie verenigings was geen kommuniste in die ware sin van die woord nie, maar het slegs die nuwe voorspraak vir verhoogde lone aanneemlik gevind. In hierdie aktiwiteite van die Kommuniste Party is ons getuienis slegs bevestiging van die openbaarmaking van die beplande optrede van die Kommuniste Party in die werk van Edward Roux: "Time longer than rope."

© University of Pretoria
Dit / ...

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Dit is opvallend dat geen van ons informante enige goeie kennis gedra het van die interne partystruktuur en -organisasie gedurende dae van die Tweede Wêreldoorlog en kort daarna nie. Benewens die feit dat almal nie lede van die party was nie, is ons verduidelik dat slegs enkele gekleurde persone toegang gehad het tot die vergaderings van die plaaslike of distriksraad van die Kommuniste Party. Wat daar bespreek is, is nie openbaar gemaak nie, geen rapport oor die verrigtinge is aan belangstellende partylede gemaak nie. Die hoëre leiding van die party was in die hande van Blankes alleen en die breëre opset van party-optrede het ons informante nie geken nie.

Die belangstelling in die aktiwiteite van hierdie party het beslis afgeneem nadat die ateïstiese houding van die party-propaganda bekend geword het sowel as die ommeswaai in party-propaganda wat aanvanklik die oorlog verdoem het maar na die toetrede van Rusland tot die geallieerde kant dit aangeprys het. Hierdie wispelturige propaganda het een van ons informante naïef laat verduidelik dat hy sy stem aan die party onttrek het toe gedurende die oorlog al (?) die witmielies in Suid-Afrika na Rusland uitgevoer is en slegs geel mieliemeel in die handel verkrygbaar was. Hy was bevrees dat volledige oorwinning deur Rusland kon meebring dat ook geelmielies so uitgevoer sou word.

C. Die rol van nasionalistiese bewegings

Die strewe by leidende figure in Atteridgeville om eenwording met die Blanke orde is nie net tot hierdie gebied beperk nie. Dit is simptomaties van die uitlatinge van leidende figure onder die Bantoe in stedelike gebiede oor die hele land. Vir hierdie mense kan die strewe na die bereiking van 'n volledige Westerse lewenswyse die maklikste plaasvind deur middel van volledige deelwording van en aanskakeling by die Blanke Westerse orde.

Van die kant van die Blanke gemeenskap is daar ondanks die gesindheid van skeiding en afsondering wat 'n kenmerk is van Bantoebeleid sedert 1910 tog ook sekere regverdiging gegee vir hierdie aspirasies. Die instelling van landswye verteenwoordiging van die Bantoe in die Parlement (Wet 12 van 1936) kan ook vertolk word as 'n stap tot uitbreiding van stemreg en deelverkryging deur die Bantoe aan die Blanke politieke orde. Die Bantoe is toegelaat om hierdie aspirasies in eie geledere te verkondig en te propageer. Deur die instelling van Adviserende Naturellekomitees sedert 1923 is verdere verwagtings geskep dat dit die eerste stap sou wees in 'n rigting van ôf ontwikkeling tot eie verantwoordelikheid binne plaaslike stedelike Bantoewoonbuurtes, ôf ontwikkeling tot direkte of indirekte verteenwoordiging in die plaaslike Stadsraad. Daar is deelname gegee aan die Blanke bestuursorde, hoe gering ook al, en die deur oopgelaat vir verdere agitasie. Dit is feitlik onmiddellik aangegryp by die stigting van die Native Advisory Boards' Congress in 1928. Wanneer daar dan eers in hierdie liggaam en by voortsetting dwarsdeur die land kort na kongresse in plaaslike Adviserende Komitees, die afskaffing van pasregulasies en indirekte verteenwoordiging van die Bantoe in plaaslike besture voorgestel word, moet ons die optrede herken as 'n poging om van beskikbare kanale gebruik te maak om die eie politieke aspirasies te bevorder.

Vanuit die geledere van die Blanke groep was daar verskeie partikuliere organisasies en politieke partye wat hierdie strewe gunstig gestem was. Benewens die Institute for Race Relations, die Congress of Democrats en Friends of the Soviet Union, was daar ook die Kommuniste Party. Dit was dan ook 'n kenmerk van hierdie en soortgelyke bewegings dat lidmaatskap vir alle persone, blank of gekleurd, oopgestaan het. So het die Institute for Race Relations hom uitgespreek: "The Institute's conviction is that in any democratic state

the / ...

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

the conferment of the franchise can be determined only by the capability of the person to exercise that right. Such capability is in no way affected by the colour of his skin." (S.A.I.R.R. 1945:16.) Asook: "We propose the conversion of these boards (dit is Adviserende Komitees) into bodies advising the representatives of the natives on the Town Council. Their position would be analogous to ratepayers and political party organisations in European society." (S.A.I.R.R. 1947:53.) Verskeie liberaal-denkende skrywers het ook soortgelyke menings gelug. Die feit dat daar van Blanke kant steeds geen eenvormige standpunt teen die strewe tot integrasie by sommige Bantoepersone was nie, het hierdie strewe indirekte steun verleen.

In die laaste instansie is daar van Blanke kant regverdediging vir aspirasies tot integrasie verleen deur die Bantoe toe te laat om sonder teenkanting bewegings soos die African National Congress, die Non-European Unity Movement, asook die Pan Africanist Congress te stig en te organiseer as buite-parlementêre drukgroepe teenoor administratiewe en regeringsinstansies. So word dit in die grondwet onder andere bepaal dat die A.N.C. strewe na:

"(b) Political Rights:
1. Right of franchise for Africans.
2. Participation of Africans in the building of a Union policy acceptable to all sections including the Africans.
3. Representation of Africans in all Government chambers and other governing departments."

(Aangehaal deur De Villiers, 1949:518.)

Hierdie beweging bestaan reeds sedert 1912 en is sedert dié datum toegelaat om steun te werf vir 'n beleid wat op integrasie sou afstuur.

Hierdie beweging het as direkte doelstelling ook die strewe om die Bantoe afkomstig uit verskillende taal- en stamverbande saam te snoer tot 'n nuwe eenheid, waarin die ou en bestaande verdelinge nie van belang sal wees nie. Hierdie strewe kan ten beste in stedelike gebiede verwesenlik word omdat stamverskille hier in die samesyn as arbeiders binne die Blanke gemeenskap en onderhewig aan die direkte invloed van verwestering, nie dieselfde betekenis het as in die tuisgebiede nie. Dit is dan ook normale prosedure op vergaderings van hierdie beweging in Pretoria om benewens 'n Bantoetaal ook Engels as voertaal te gebruik. Na buite is die voertaal slegs Engels. Mens kan met reg verklaar, ook in Pretoria, dat die voertaal van hierdie sogenaamde Bantoenasionalisme Engels is.

Mens is dan geregtig om te praat van verskeie eenhede binne 'n totale drukgroep wat die Suid-Afrikaanse Bantoebeleid tot die invoering van integrasie wil beïnvloed. Dat hierdie drukgroep Bantoe en Blanke komponente het, het ons hierbo aangetoon. Dat selfverklaarde kommuniste en aanhangers van die ideologie na die verbanning van die party probeer het om ander, steeds wettige, organisasies in hierdie stroming tot bereiking van die kommunistiese ideaal te manipuleer, wil ons hier as 'n feit stel. Ons dra kennis van sulke pogings.

By hierdie eenheid is egter ongeveer 1948 'n verdere komponent bygevoeg toe die South African Indian Congress, mondstuk van die Indiër-strewe tot integrasie by die Blanke orde, met die A.N.C. 'n alliansie gesluit het. Gesteun deur die Blanke komponent in die vorm van die Congress of Democrats is daar in 1955 te Kliptown, Johannesburg, 'n Freedom Charter as rigsnoer vir toekomstige optrede op 'n massavergadering aangeneem. As meer militante gevolg van hierdie alliansie is daar besluit op 'n veldtog van uittarting teen apartheidsmaatreëls. Hierdie veldtog was aan die gang ten tye van ons opname.

Teen / ...

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Teen hierdie agtergrond het ons, ons dit ten doel gestel om die omvang te bepaal van ondersteuning in Atteridgeville vir die beleid van die A.N.C. as sodanig sowel as die deelname aan die kampanje van lydelike verset. Dit was ons verwagting dat daar ruime steun vir hierdie sake gevind sou word binne Atteridgeville waar 'n groot deel van die bevolking reeds as tweede geslag onder verstedelikte toestande geleef het.

Die oudste skakel tussen interne lokasiepolitiek en die A.N.C. lê in die voorskrif van die stigter van die Kgudu Morôhô-party dat alle partylede ook lede van die A.N.C. moes wees. Vanweë hierdie verbondenheid sou die Kgudu Morôhô, wanneer die verkiesing gewen is, dan 'n spreekbuis namens die A.N.C. op die Adviserende Komitee wees. Sodoende sou die A.N.C. strewe in 'n wettige onderdeel van die Blanke bestuurorde 'n mondstuk verkry. Hierdie verband het tot die dood van Matsêkê (ongeveer 1942) voortgeduur. Dit is ons egter verduidelik dat alle Kgudu Morôhô-ondersteuners selfs destyds nie lede van die A.N.C. was nie. Volgens die partymanifeste en ons uiteensetting van die prinsipiële verskille tussen die verskillende partye weet ons dat dit steeds 'n strewe van die Kgudu Morôhô gebly het om die doelstellinge van die A.N.C. te bevorder.

Ten tye van ons opname was die mees optimistiese skatting van ons informante dat daar nie meer as 40 lede van die A.N.C. in Atteridgeville was nie. Baie van die leiersfigure uit albei partye was lede van hierdie beweging. Daar is aan ons verklaar dat die doelstellings van die A.N.C. bewustelik buite die lokasiepolitiek gehou word omdat die gemiddelde inwoner geen verstand het van die "bigger issues" en "higher politics" wat deur die beweging nagestrewe word nie. Die doelstellinge van die A.N.C., so het ons informante verduidelik, kan alleen verstaan word deur geleerde mense soos onderwysers, munisipale klerke en andere wat wyer as die blote plaaslike sake dink en gereeld hulle koerant lees. "Atteridgeville is the dying place of the African National Congress. It is a dying place of everything because the people are not interested." Hierdie gevolgtrekking ag ons as korrek gesien die opkomste by vergaderinge wat die A.N.C. in Atteridgeville belê het en die reaksie op die oproep om steun vir die veldtog van uittarting.

Van leiers van albei politieke groepe moes ons egter hoor: "I recognise it as my national organisation." Hoewel die leiers dus die A.N.C. aktief ondersteun, kan dit nie van die gemiddelde inwoner van Atteridgeville gesê word nie. Tussen aspirasies van die leiers en die gesindheid van die inwoners is daar 'n besliste gaping. Die leiers weet dit maar dit pla in die praktyk nie omdat, soos aan ons verduidelik is: "The majority of the natives have not got the experience, they just follow you blindly; they are like a lot of children really." Wanneer hierdie leiers dan in die Adviserende Komitee of in die Native Advisory Boards' Congress as mondstukke van die Bantoe-inwoners van Pretoria die doelstellinge van die A.N.C. onderskryf en besluite wat dit bevorder aanneem, moet die bogenoemde woorde nie vergeet word nie.

Die praktyke waarna ons hier verwys, het dan ook dikwels plaasgevind. Ons het gevind dat die Adviserende Komitee herhaaldelik aangedring het op verlening van verantwoordelike bevoegdheid, direkte of indirekte verteenwoordiging op die Stadsraad van Pretoria, die afskaffing van alle beperkende maatreëls wat op die Bantoe van toepassing is, die verlening van die reg om vaste eiendom in Blanke gebiede te besit. Soortgelyke besluite is deur die Native Advisory Boards' Congress geneem kort voor en gedurende ons opname. Binne hierdie sameskakeling is mens geneig om die lae persentasie stem waarmee Adviserende Komitees verkies word te vergeet. In die Advisory Boards' Congress gaan dit in werklikheid om die koördinering van die persoonlike aspirasies van verskillende verkose politieke

leiers / ...

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

leiers wat van oor die lengte en breedte van die land saamgebring word. In alle gevalle beteken dit dat die Adviserende Komitee en die Kongreseenheid in die aanduiding van sulke voorstelle gegrond op die liberale gedagte van integrasie en die doelstellinge van die A.N.C., nie ten volle namens hulle kieserspubliek kan spreek nie en selfs ver buite die aspirasies optree van die gemiddelde inwoner van Atteridgeville.

Op ons versoeke dat informante, politieke leiers, 'n waardeoordeel oor die A.N.C. moes uitspreek, was die kommentaar die volgende: "I think the Congress stood for a long time for a sound leadership, up till two years back when the Indians infiltrated into the Congress. Otherwise the Congress, without the Indians and Communists was a sound organisation. With the Indians and Communists the Congress has taken the wrong direction." Die alliansie wat hierdie beweging met die Indiërs asook Blanke organisasies in die jongste tyd aangegaan het, is steeds deur al ons informante verdoem. Van die Indiër-inmenging is gesê: "The Indians have no interests for the natives, they want to use the natives for their own gain."

Ook die versetbeweging en veldtog van lydelike verset is veroordeel. Die veroordeling het nie soseer op beginselgronde geskied nie as op die feit dat dit dwaasheid was om mense wat goeie betrekkings gehad het en families moes onderhou te versoek om gewilliglik tronkstraf te ondergaan vir voordele wat nie gewaarborg kon word nie. "As ek baie bodder met daardie goete moet ek tevrede wees om seer te kry." Steun vir die versetbeweging was daar nie in Atteridgeville nie.

Wanneer mens dus die geheelbeeld in oënskou neem van die terreine waarop die Bantoe van Atteridgeville 'n aandeel het in die breëre landspolitiek, dan lê dit naas lidmaatskap aan ultralinksgesinde partye in steun aan die African National Congress. In albei gevalle was dit ons ondervinding dat slegs leiers hierdie geleenthede benut. Dit is verder oorvloediglik aan ons bewys dat die stem van hierdie leiers binne die "bigger issues" en "higher politics" hoegenaamd nie 'n weergawe is van die gesindheid van die breë kieserspubliek onder die Bantoe waarvan hulle voorgee om die geakkrediteerde mondstukke te wees nie. Ons kan alleen diegene wat hierdie leiers as sodanig wil beskou, tot versigtigheid maan.

---------------

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



# HOOFSTUK IX

## NUWE SOSIALE ORIëNTERINGE

### I. INLEIDING

Uit die voorgaande is dit duidelik dat die inwoners van Atteridgeville as individue verlengstukke is van kultuurpatrone wat hulle met volks- en groepsgenote buite Atteridgeville bind. Ons het nie te doen met 'n geslote gemeenskap waarin slegs besondere eie kenmerke voorkom nie. Die kultuurpatrone wat ons veral in die geval van die godsdienstige lewe kon aandui, is baie duidelike bewys van die feit dat ons in Atteridgeville met mense te doen het wat na geloofsopvattinge skakel met volksgenote wat buite Pretoria bly. Die halsstarrige voorkoms van huweliksgebruike en verbruikspatrone in die ekonomiese lewe dui op dieselfde skakeling.

Aan die ander kant is dit ook duidelik dat die individue in Atteridgeville vanweë die noue kontak met die Westerse lewenspatroon aan ernstige verandering in Westerse rigting onderhewig is. Hierdie invloed werk nie in alle gevalle ewe skerp nie. Dit is daarom belangrik om te probeer bepaal hoedanig die individu hom gebind vind en gebonde ag aan sosiale eenhede waarvan hy lid is. Hierdie bande behoort aan die een kant te bestaan in eenhede wat die tradisionele lewenswyse kenmerk. Andersyds moet ons ook aanskakeling verwag aan nuwe sosiale groeperinge wat in Atteridgeville self ontwikkel het. Die duursaamheid van hierdie nuwe bande wat moontlik die ouer tradisionele bindinge sal vervang, moet noodwendigerwyse ook geweeg word.

By die behandeling van nuwe sosiale bindinge moet ons verder onderskeid maak tussen spontane verbintenisse en ekstern-georganiseerde verbintenisse, vir sowel kinders en jeugdiges as volwassenes.

In hierdie afdeling gee ons daarom aandag aan die omvang waarin verbintenisse met volksgenote en verwante buite Atteridgeville nog bestaan en die betekenis van hierdie bande. Daarnaas ontvang die huidige spontane en ekstern-georganiseerde verbintenisse ook aandag.

### II. SOSIALE VERBINTENISSE MET EENHEDE BUITE ATTERIDGEVILLE

Die opvallende van verbintenisse wat individue en gesinne-eenhede uit Atteridgeville met persone buite Atteridgeville in stand hou, is dat dit onmoontlik is om enige belangrike nalefenis van eenhede wat die tradisionele stamlewe gekenmerk het, aan te toon.

Alle informante was dit daarom eens dat afkomseenhede soos die sibbes onder die Nguni-, Shangaan- en Venda-volke in hoofsaak hulle betekenis verloor het. Die rede is eintlik voor die hand liggend in die feit dat te min van die lede van een groep in Pretoria of Atteridgeville in besonder aanwesig is om aanspraak te kan maak op verpligtinge wat wedersyds op lede gelê kan word. Dit is egter korrek om te sê dat die ouers uit ons proefgroep van 300 gesinne wat tot hierdie stamme behoort hulle gebondenheid aan lede van die sibbe-eenhede wat nie in Atteridgeville woon nie erken en probeer om die belangrikste praktiese uitwerking daarvan in die vorm van sibbe-eksogamie aan hulle kinders oor te dra. Die lede van die jonger generasie voel hierdie band nie so sterk nie. In praktyk lewer dit geen besondere probleme nie. Ons kon byvoorbeeld geen geval opspoor waar 'n ouer sy kind aangesê het om 'n verhouding te verbreek omdat die ander party lid van dieselfde sibbe as die kind was nie. Die kans dat so-iets in Pretoria sou kon voorkom is vanweë die relatief mindere aanwesigheid van Zulu-, Venda- of Shangaan-stamgenote redelik skraal.

© University of Pretoria

Onder / ...

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Onder die Sotho- en Tswana-volke kom sibbegroepe nie voor nie. Onderlinge hulpverlening word gereël deur aanhorigheid aan dieselfde totemgroep - leloko. Die keuse van 'n huweliksmaat word gereël deur reëls van voorkeur- en verbodsbepalinge binne die engere familieverwantskap.

Die verbondenheid aan dieselfde leloko is weer eens vir ouer persone 'n normale en erkende verbintenis. Jonger persone ontken die verpligting om hulp aan 'n totemgroepgenoot te verleen alhoewel hulle tog erken dat daar so 'n reël bestaan het. Die reël is nog bekend maar die praktiese uitlewing daarvan vind nie meer in alle opsigte plaas nie. Die vernaamste voorkeurbepaling by huwelikskeuse is 'n huwelik met die moedersbroer se dogter of die dogter van die vader se jonger broer. Hierdie vrou is vir die meeste jongmans nie in die onmiddellike omgewing in Atteridgeville nie. Die klem val nou op die sluiting van liefdeshuwelike. Jongmense ag hulle nie meer gebonde deur hierdie voorkeurbepaling nie. Die direkte verbod op huwelike met 'n dogter van die moeder se suster is nog welbekend by alle informante en word nog nageleef.

Ten opsigte van huwelikskeuse is dit 'n belangrike feit dat sowel ouer as jonger informante toegegee het dat 'n huweliksverbintenis met 'n vrou uit 'n stamgroep waarvan jy die taal en gewoontes ken by voorkeur gesluit moet word. Ouer persone van Sotho/Tswana-herkoms het konstant beweer dat hulle kinders aangespoor word om liewer verhoudings met Venda-, Shangaan-, Zulu-, Xhosa- of Suid-Sotho-persone te vermy. Om met iemand van Noord-Sotho of Tswana-herkoms te trou is baie beter. Mens kan dus die bewering maak dat daar 'n breë algemene gevoel van verbondenheid met jou eie etniese groep en sy aanliggende buurgroepe by Sotho- of Tswana-sprekendes is. Dit vind egter nie uitdrukking in voorkeur vir die engere stamgroep nie. 'n Lid van die Kwêna-stam voel geen verpligting om by voorkeur 'n Kwêna te trou nie.

Tradisioneel is die vorming van verskillende dithaka - ouderdomsgroepe of -regimente, deur die deurloping van die besnydenisskool by die Sotho- en Tswana-volke van groot betekenis gewees. In Atteridgeville het die prosesse feitlik geheel verdwyn. Uit 'n totaal van 1,050 leerlinge aan die Hoër Primêre- en Hoërskole het slegs 15 individue die tradisionele stamskool deurloop. Die spontane vorming van groepe onder kinders en jeugdiges van gelyke ouderdom kry later aandag maar reeds hier kan ons konstateer dat die betekenis daarvan niks van die permanentheid van die tradisionele ouderdomsgroep het nie. Inisiasie was natuurlik tradisioneel ook die bewys van die bereiking van die status van volwassenheid. In Atteridgeville geld vir volwassenheid behalwe ouderdomsvereistes ook die bereiking van volle lidmaatskap in 'n kerk as vereiste. Die aannemingseremonie is nou die oorgangspunt na die volwasse staat. Van die ouderdomsgroep het in Atteridgeville niks oorgebly nie.

Elke individu is egter nog steeds lid van 'n gesin en as sodanig verbonde aan twee groepe bloedverwante: dié deur die vader en dié deur die moeder. Na die huwelik kom die aanverwante of skoonfamilie (verwante deur die vrou) ook by. Ons wou dus bepaal tot watter mate die individu en die gesin aan hierdie groepe verwante, wat in die stamlewe 'n belangrike rol speel, verbonde was. Dit was onmiddellik duidelik dat hierdie verwante-eenhede nie as gehele groepe in Atteridgeville aanwesig was nie. Ons moes dus bepaal tot watter mate daar kontak gehou word met bloed- en aanverwante wat elders in stedelike woonbuurtes, òf op die platteland òf in die stamtuislande woonagtig was.

Alle navrae het daarop gedui dat daar gereelde kontak met die verwante bestaan per brief en boodskap wanneer die behoefte daar is. Dit is as jou plig gestel om die verwante te laat weet van huwelike, siektes en veral sterfgevalle. In sulke tye is die individu

© University of Pretoria

nog / ...

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

nog steeds bewus daarvan dat hy nie 'n enkellopende eenling is nie. Hy is ook aan andere verbind. Hierbenewens is gereelde besoeke aan verwante wat op plase of in stamtuistes of ander stedelike woonbuurtes woon 'n normale verskynsel. Slegs enkele informante het beweer dat daar in hulle geval geen gereelde besoeke oor en weer bestaan het nie. Die normale patroon skyn te wees dat een of ander lid van 'n gesin in Atteridgeville ten minste een maal per maand met bloedverwante buite Pretoria deur besoeke kontak maak. Om die rede was die bestaan van 'n gereelde huurmotorverbintenis na Sekhukhuneland (twee huurmotors per naweek), en gereelde busdienste oor die naweke na Hammanskraal, Rustenburg en Brits, 'n lonende bedryf. Blote kontak en wedersydse belangstelling was maklik bewysbaar.

Die ware praktiese betekenis van bloedverwantskap en die verpligtinge wat daarmee gepaard gaan, kon ons slegs in besondere gevalle bewys. In tabel 45 (p.135) is gegewens verstrek van die aantal inwonende verwante by die 300 proefgesinne wat ons ondersoek het. Soos ons in die verduideliking van die tabel reeds aangedui het, was daar sulke verwante in 62 van die 300 gesinne aanwesig. In 26.7% van ons gesinne was die verskynsel aanwesig. Die rede is in baie gevalle dat kinders van skoolgaande ouderdom van verwante op die platteland in Atteridgeville gehuisves word om hier plaaslik te kan skoolgaan. Die oorwig van verwante aan die kant van die vrou word veroorsaak deur die feit dat ons vergelykenderwys te veel huiseenhede waar weduwees huishoofde was in ons monster ingesluit het. Die belangrike punt is egter dat ons geen bewys kon kry dat sulke verwante onderdak verskaf word alleen wanneer daar voldoende slaapplek was nie. Dit was 'n verpligting wat in Atteridgeville onderneem is selfs waar die nakoming daarvan ernstige ongerief meegebring het. Die teenoorgestelde was ook aanwesig: 'n Hele aantal ouers uit ons groep van 300 gesinne het kinders by verwante op die platteland geplaas om daar te leer. Dit was hoofsaaklik dogters en die rede in elke geval dat die ouers nie die kinders aan die sedebederwende invloede van die stad wou blootstel nie. Ongelukkig kan geen statistiek vir hierdie gevalle verskaf word nie. Daar was ook in ons groep van 300 gesinne gevalle waar kinders na die platteland gestuur was om ouer familielede veral oumas te gaan oppas. Die omvang is weer eens nie akkuraat bepaal nie. Mens is egter tot die slotsom gedwing dat die verbintenisse met bloedverwante vir die inwoners van Atteridgeville nog so sterk werk dat daar verpligtinge aan verbonde is wat nie ontduik kan word nie.

Vanuit die stamtradisie sou mens by ons proefgroep 'n sterker skakeling met die verwante aan vaderskant kon verwag het. Die praktyk in Atteridgeville bewys dit egter nie. Soos in tabel 45 gelees kan word, is die verpligting vir hulpverlening feitlik ewe sterk ten opsigte van verwante deur die man as vir verwante deur die vrou. Meer indringende navorsing is hier egter nodig. Die gelyke belangrikheid van verwante deur die vader en moeder is na ons gegewens egter steeds 'n praktiese werklikheid. Alleen in die geval van sterfte was die verduideliking dat die verwante deur die vader besondere belang het. Sterf die man in die huis moet sy broers geroep word en kan die begrafnis nie na behore plaasvind sonder dat die oudste lewende broer of ten minste 'n ouer broer aanwesig is nie. Sterf die vrou dan kom benewens die verwante van die man ook die vrou se broer (<u>malome</u> van die kinders) as 'n feitlik noodsaaklike figuur by. Sterf 'n kind is dit 'n gesinsaangeleentheid en is die teenwoordigheid van die verwante van elders nie so belangrik nie.

Die dubbele groep bloedverwante wat tog nog groot betekenis vir ons 300 gesinne in Atteridgeville het, word elkeen tradisioneel met 'n bepaalde verwantskapsterm aangespreek. Sover ons kon bepaal is die tradisionele terme nog in hoofsaak volledig in gebruik. Die gedragspatrone teenoor hierdie verwante is egter nie meer so goed

bekend / ...

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



bekend nie. Dit raak in hierdie verband veral die korrekte verhoudingspatrone tussen kinders van twee broers. Waar die groep kinders van die jonger broer in daaglikse handeling die senioriteit van die kinders van die ouer broer erken het, word daar vandag in Atteridgeville geen besondere onderskeid gemaak nie. Dieselfde kan gesê word ten opsigte van die erkenning van die status van die moeder se ouer susters. Drie patrone van gedrag word egter vandag nog as van besondere belang beskou. Ten eerste is die vader se ouer broer (ramagolo) 'n respekspersoon van besondere status. Ten tweede is die vader se suster (rakgadi) iemand vir wie respek betoon moet word en van wie jy weet dat sy besondere belang in jou stel. Etiket vereis dat sy formeel in kennis gestel word wanneer jy van plan is om te trou. Ten derde is die moeder se broer (malome) die belangrikste skakel met die verwante aan moederskant. Die voormalige skertsverhouding is egter afwesig. Malome is vandag iemand wat met die nodige agting as 'n ouer persoon behandel moet word. Dit is egter gebruiklik om hom gunse te vra, om byvoorbeeld geld van hom te leen, voor die verwante deur die vader genader sal word.

Dit is ook waar dat die drie figure, ramogolo, rakgadi en malome ook 'n rol speel as skakels met die voorvaders aan vaderskant en moederskant in Atteridgeville.

Die algemene patroon wat mens uit hierdie gegewens kan aflei, is dat die gesinsverband in die eerste instansie vandag nog volledig funksioneer. Hiernaas ook dat die gesin as eenheid verband bewaar met bloedverwante aan vaderskant en moederskant sover dit enigsins moontlik is. Hoewel die verwantskapsterminologie nog gebruik word, is baie van die tradisionele gedragspatrone wat betekenis gehad het, toe mense met verwante saamgewoon het, vandag besig om af te stomp. Die mooiste bewys hiervan is die feitlik totale afwesigheid van die tradisionele respekshandelinge en verbodsbepalinge wat teenoor die skoonfamilie gegeld het. Dit is egter vandag nog gebruiklik dat 'n man nie sy skoonouers as gelykes sal behandel nie en af en toe vir hulle geskenke sal gee. Op dieselfde wyse sal 'n vrou teen haar skoonouers nie sonder eerbied wees nie. Dit is egter al wat van die talryke fyn-omskrewe respekshandelinge van die tradisionele lewe oorgebly het. Dit is vandag vir man en vrou in hulle eie gesin moontlik om slegs periodiek met lede van die skoonfamilie in aanraking te kom. Vroeër was so iets, veral vir die vrou wat omring van haar man se bloedverwante geleef het, nie moontlik nie.

## III. VERANDERINGE IN VERHOUDINGE BINNE DIE GESIN

Wanneer ons die gesin as die belangrikste sosiale eenheid wat vandag nog in Atteridgeville betekenis het, voorhou, sou dit miskien beter wees om van die huishouding te praat.

Die tradisionele samestellingswyse van 'n gesin as bestaande uit man, vrou en kinders is onder Atteridgeville-toestande gewysig deur weglatings en toevoegings wat die eenheid in die praktyk beter beskryfbaar maak as 'n huishouding. 'n Verskeidenheid van faktore maak dat die ortodokse samestelling van 'n gesinseenheid waarin vader en moeder effektiewe kontrole kan handhaaf, nie meer die normale toestand is nie. Die feitelike toestand oor samestellingswyse in ons 300 proefgesinne is verstrek in die bespreking by tabelle 40-45.

Die belangrikste van hierdie afwykings in die samestelling is die toevoeging van buite-egtelike kinders van veral dogters en soms ook kleindogters van die huishoof. Ons het reeds daarop gewys (p. 83) dat hierdie verskynsel in 72.0% van ons proefgesinne waar daar potensiële moeders teenwoordig was, voorgekom het. Saam met hierdie kenmerk moet ons ook onthou dat dit normaal is vir seuns en dogters om die ouerhuis te verlaat wanneer hulle selfstandig gaan werk. Die normale gesinstruktuur word dus verbreek wanneer kinders op ongeveer 18-jarige leeftyd gaan werk en as arbeiders elders as die ouerhuis

© University of Pretoria

huisvesting / ...

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



huisvesting ontvang. Hierdie twee kenmerke is 'n belangrike vingerwysing na die aftakeling van ouerlike en gesinskontrole oor die handelswyse van die opgroeiende lede van die gesin. Daar is 'n groter mate van eiegeregtige en individuele handelingsbevoegdheid by kinders uit ons proefgesinne merkbaar as wat tradisioneel die geval sou gewees het.

'n Tweede betekenisvolle afwyking in die samestellingswyse van ons gesinne of huishoudings is die aanwesigheid van familie en vreemdelinge binne die eenhede. Soms geskied die huisvesting teen betaling, soms nie. (Vgl. tabel 45.) Ons het daarop gewys dat die verskynsel by 26.7% van ons proefgroep voorkom. Die punt wat hier van belang is, is dat die verhoudings tussen die egte gesinslede en hierdie bykomstige familie nooit so nou en heg is as tussen egte gesinslede alleen nie. Dit bring dus ook mee dat die struktuur van die totale huishoudingseenheid losser word, dat ten minste die vreemde lede tot sekere hoogte hulle eie gang gaan en nie aan 'n te streng ouerlike kontrole onderhewig gemaak kan word nie. Ook hier het 'n element van individualisme in die handelingsreg van huisgenote ingetree wat volgens die tradisionele patroon nie moontlik was nie.

In 'n derde maar veel kleiner groep van ons proefgesinne vind ons die toestand waar man en vrou slegs saamleef. In tabel 36 en die bespreking daarvan kan die omvang van die verskynsel afgelees word. Ons raming is dat 23.6% van ons proefgesinne deur hierdie samestellingswyse gekenmerk is. Ons herhaal egter uitdruklik dat die werklike bewysbare gesinsamestelling deur blote saamleef van man en vrou slegs 12.2% van die totaal beloop het. Die voorgenoemde raming mag miskien te hoog wees. Die effek van hierdie toestand lei, soos ons kon bewys, dikwels daartoe dat die verhouding tussen man en vrou nie permanent is nie en veel belangriker, dat 'n ernstige nadelige uitwerking ondervind word op die voorligting, leiding en voorbeeldstelling van die ouerpaar in die gesin. Kinders en die ouers in huishoudings met hierdie samestellings openbaar 'n neiging tot handeling wat nie die belange van die ander lede van die eenheid in ag neem nie. So 'n losse verbintenis sou volgens tradisionele toestande nie geduld kon word nie.

In die laaste instansie is daar die huishoudings waar weduwees en geskeie vroue die huishoofde geword het. Volgens tabel 36 verteenwoordig dit 20.5% van die totaal van ons proefgesinne. Samestellings van hierdie aard kom natuurlik by enige gemeenskap voor. Die feit wat as verandering gereken moet word, is die nuwe status van huishoofskap wat aan die vrou toegesê word. Dit geskied tot so 'n mate dat sy die ontvanger geword het van alle trougoedere wat vir haar dogters gelewer word. Sy kan self hieroor beskik. Tradisioneel sou sy die meerdere gesag van haar man se broers en later van haar eie oudste seun moes erken het. Dit geskied nie in Atteridgeville nie. Ons herinner daaraan dat baie van hierdie huishoudings vanweë die periodieke saamlewe met vreemde mans onder die derde samestellingswyse waar man en vrou slegs saamleef, getel kan word. Die belangrike effek is hier die feit dat die kinders die doeltreffende kontrole van 'n vader en senior manspersoon in die gesin moet ontbeer. Die neiging vir kinders om die kontrole van die moeder in sulke gevalle vroeg reeds te verwerp is deur alle informante aan ons genoem. Ook hier is daar dan sprake van 'n vroeë ontwikkeling van 'n eie selfstandigheidsgevoel by kinders wat 'n element van individualisme verteenwoordig wat tradisioneel feitlik onbekend was.

By die aanduiding van die getalle gesinne waarin die samestellingswyse nie volkome normaal is nie kan die verskillende persentasiewaardes wat ons genoem het nie bymekaar getel word nie. Daar is heelwat gesinne waar een of meer van die oorsake vir wansamestelling gelyktydig aanwesig is. Wanneer 'n weduwee met 'n man

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



saamleef en daar ook 'n dogter met buite-egtelike kinders in dieselfde huishouding is benewens die teenwoordigheid van een of meer inwonende familie, kry ons die maksimum toestand waarin al die kenmerke van onnatuurlike samestelling teenwoordig is. Dit was nie moontlik om suiwer getalle te bepaal vir gesinne wat natuurlik en onnatuurlik saamgestel is nie. Dit is egter korrek om te beweer dat die meerderheid van die gesinne of huishoudings een of meer van hierdie onnatuurlike samestellings vertoon of met verloop van tyd sal vertoon.

Bloot deur te verwys na die samestellingswyse van gesinseenhede of huishoudings kan ons reeds die belangrikste veranderinge aanmerk: Dit is die losserwording van gesinsbande en die groter eie handelingsbevoegdheid wat die lede daarvan openbaar. Daar het in die funksionering van die gesin 'n element van verindividualisering ingetree. Die gesinseenheid in Atteridgeville is nie meer die hegte, saamwonende en saamhandelende eenheid wat ons uit die tradisionele lewe ken nie. Alle ouer informante het met afsku na die neiging van kinders om hulle as "mondig" en nie meer onderhewig aan leiding en kontrole te beskou nie, verwys.

Wanneer ons nou in die lig van hierdie veranderinge na die verhoudings tussen egte lede van een gesin kyk, is dit dadelik opvallend dat die tradisionele verhoudingspatrone in Atteridgeville 'n verandering ondergaan het.

In die verhouding <u>tussen man en vrou</u> word die verandering gekenmerk deur 'n styging in die status van die vrou en 'n afname in die posisie van die man.

Streng gesproke is die man nog die hoof van die huis en maak hy daarop aanspraak dat sy vrou hom gehoorsaam sal wees en haar pligte as huisvrou getrou sal uitvoer. Direkte tugtiging deur die man kom soms in Atteridgeville voor maar veel minder as tradisioneel as normaal beskou kan word. Een van die redes hiervoor is dat die vrou geredelik in Atteridgeville die man van mishandeling of aanranding by die blokman, polisie of superintendent gaan verkla. Sy hoef nie meer soos die tradisionele opvattings vereis, klagtes deur haar manlike verwante aanhangig te maak nie. Hierdie mense is nie naby om haar te beskerm nie. Sy het in Atteridgeville 'n eie handelingsreg. Die gedagte van minderjarigheid van die vrou het in praktyk van min betekenis geword.

Die vrou kan van haar man versorging en beskerming en bevrediging van seksuele behoeftes verwag. So was dit tradisioneel ook die geval. Vandag vind ons haar in Atteridgeville egter ook in die rol van beursdraer. Sy verwag van die man dat hy sy hele inkomste of ten minste 'n baie groot deel daarvan aan haar vir die behartiging van die huishouding sal oordra. Dit is normaal dat die man kennis sal hê van die bestedingswyse van hierdie geld maar die vrou is die een wat beplan hoe die beskikbare fondse aangewend sal word. Gee die man haar nie hierdie vryheid nie, "dan is daar oorlog." Die meeste huishoudelike rusies ontstaan oor die vrou se reg om die huishoudelike inkomste te bestee. Die nuwe toestand vind sy aanvulling in die feit dat die vrou tans as medeverdienster 'n bydrae tot die gesinsinkomste lewer en dat mans soms deur hulle vroue uit hierdie byverdienste tydelik onderhou word as hulle werkloos raak. Dit is egter 'n feit dat baie min vrouens in staat was om die werklike juiste bedrag van hulle mans se inkomste te vermeld. Daar is dus aanduidings dat die man deel van sy inkomste vir eie gebruik agter hou. Hierdie feit doen egter nie afbreuk aan die reg van die vrou om op te tree as die hoofbeplanner en besteder van die huishoudelike finansies nie.

Wat haar bewegingsreg betref is die vroue in Atteridgeville aan veel minder kontrole onderhewig as vrouens onder die tradisionele toestande. Die mans is bedags nie tuis nie. Daar is geen verwante teenoor wie sy verantwoording moet doen nie. Sy gaan bedags haar

gang / ...

©University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



gang na eie behoefte sonder kontrole van of die man of enige familielid. Die kos moet slegs beskikbaar wees as die man saans tuiskom.

Hierdie nuwe vryheid en handelingsbevoegdheid van die vrou openbaar hom ook op ander terreine buiten die aangeduide groter vryhede op ekonomiese en sosiale terreine. Die vroue is vry om lid te word van enige politieke party in Atteridgeville. Trouens ons het aangedui dat die stemkrag van vrouens wat huishuurders is met enige verkiesing tussen 20 en 25% van die stemgeregtigdes varieer. Hier eindig dit nie. Vergaderings van politieke partye word deur mans sowel as vroue as gelyke lede van die publiek bygewoon. Dit was dikwels opvallend dat die vrou in die huis beter kennis as haar man het van die verloop van die "lokasiepolitiek". Die partye het die feit erken in hulle pogings om deur die steun van huisvroue te verwerf die stem van hulle mans te verkry. Die rol wat vroue op die wyse in die openbare lewe gespeel het, was vir baie van ons meer konserwatiewe manlike informante 'n onding.

Die huisvrou is gewoonlik ook lid van 'n vrouevereniging van haar kerk. Trouens die bewering is baie dikwels teenoor ons gemaak dat kerksake eintlik vrouesake is. Dat sy deur hierdie verbintenisse 'n invloed op haar man se houding teenoor die kerk het, is vanselfsprekend.

Oor die algemeen dus is die verhouding tussen man en vrou in Atteridgeville veel meer die van gelykes as onder tradisionele omstandighede die geval is. Van ons ouer vroulike informante het hierdie verskynsel as 'n morele verval gesien. Hulle het gekla dat die vrou dan selfs as die man se gelyke saam met hom eet, dat sy selfs in die openbaar haar man sonder die "nodige respekte" aanspreek en behandel en selfs "hom soen en sy hand vashou". Hierdie dinge sou volgens ons informante 'n slegte voorbeeld stel en een van die oorsake wees waarom verhoudings tussen jong mans en meisies soveel vryer as vroeër geword het. Feit bly dat dit alles in navolging van die Westerse voorbeeld geskied en steeds verdere bewyse vorm van die veranderde status van die vrou in haar verhouding teenoor haar man.

Die verhouding tussen <u>ouers en kinders</u> het ook verander. Die belangrikste verandering lê in die verswakking van ouerlike kontrole oor kinders en die gepaardgaande verminderde afdwingbaarheid van respeksbetoning.

Vir sover dit jonger kinders betref is die moeder die belangrikste persoon wat kontrole handhaaf. Sy is die opvoeder. Sy is die een wat jong kinders voorlig en selfs na hulle op skool is, leiding gee. Die moeder is die kinders se vriend en hulle verhouding teenoor haar is een van liefde en respekbetoning. Die vader is vir hierdie kinders omdat hy slegs saans en naweke tuis is so effens meer vreemd en iemand aan wie altyd respek betoon moet word. Ondanks die feit dat die gemeenskap die vader verantwoordelik hou vir sy kinders se gedrag was dit opvallend hoeveel minder belang die vader in die kinders stel. As hy tuis is, moet daar geen luidrugtigheid wees nie en as hy beveel, moet jy dadelik gehoorsaam. Ons wil nie beweer dat die normale liefdesbande nie tussen vader en kinders bestaan nie. Trouens dit was steeds opvallend met watter geneëntheid albei ouers in ons proefgesinne na hulle kinders van alle ouderdomme verwys het. Gesien van die kant van die jong kind egter ondervind hy veel meer bewyse van die kant van sy moeder dat die geneëntheid bestaan as van die kant van sy vader. Dit is onteenseglik waar dat die vader in hierdie periode van die kind se lewe tevrede is as alle opvoedingsake deur die moeder in die huis behartig word.

Wanneer die kinders ouer word, begin probleme egter opduik. Vanaf ongeveer 12 jaar beweer ons segsmanne kry baie ouers las van balhorige kinders wat weier om die ouerlike tug te aanvaar. Hierdie toestand duur vir albei geslagte in toenemende mate voort tot die kinders die huis verlaat. Ons erken dat baie ouers wel tot die einde

© University of Pretoria

van / ...

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



van hulle pligsvervulling kontrole oor hulle kinders behou en agting en respek van hulle ontvang. Die omvang van die teendeel is in Atteridgeville egter so groot dat ons informante deurgaans op 'n nuwe tendens gewys het. Die meeste segsmanne het na die probleem verwys as algemeen in Atteridgeville by ander mense wat hy ken. By indringende navraag het die erkenning gewoonlik gevolg dat hy dit ook in sy eie huis ondervind het.

As oorsake vir hierdie verwydering tussen ouers en kinders het ons segsmanne hoofsaaklik na twee sake verwys. Self voeg ons 'n derde by. Ons segsmanne het deurgaans verklaar dat die feit dat albei ouers werk en veral die moeder dikwels lang ure van die huis is 'n uiters nadelige uitwerking het op die voorligting en kontrole wat oor kinders uitgeoefen word. Kinders leer vroeg om hulle eie gang te gaan en 'n eie wil te openbaar.

In die tweede instansie is daar 'n verskeidenheid ongewenste invloede genoem wat op kinders inwerk. Die mees algemene waarna verwys is, is die bioskoopvertonings wat kinders bywoon. Dit het nie net gegaan oor die invloed van die prente self nie maar oor die geleentheid wat daardeur geskep word om weg van enige ouerlike kontrole saam met ongekeurde geselskap te verkeer. Daarom is "jive sessions" en besoeke aan kafees met 'n blêrkas, in dieselfde asem genoem. Dit moet onthou word dat die fokuspunt van hierdie onheilige invloede in Marabastad meer as 7 myl van Atteridgeville af geleë is. Besoeke aan bioskope en dergelike het dus 'n uittog deur die kinders per bus na die stad self veronderstel. As verdere verderwende invloede is genoem die voorbeeld wat ouers self aan kinders stel deur die gebruik van drank en deur nie daarop te let dat hulle slaapkwartiere volledig van die van die kinders geskei is nie.

In die derde instansie moet ons onthou dat kinders vanaf die twaalfde jaar en later wanneer hulle op skool is, vind dat ouers nie meer in staat is om hulle met huiswerk te help nie. Kinders reken hulle wat "geleerdheid" betref die meerderes van hul ouers, begin op hulle neersien en weier om hulle teregwysinge te aanvaar omdat hulle self dan beter as die ouers weet hoe om hulle te gedra. Daar tree dus normalerwyse 'n verwydering tussen ouers en kinders in soos die kinders in hulle skoolloopbaan vorder.

Alle informante het daarom teen ons gekla dat kinders gedurende die tienderjare opstandig word, hulle eie koers wil loop en as kinders die ouerlike kontrole wil afwerp. Wanneer kinders dan so "nie wil hoor nie", is dit gewoonlik die moeder wat tou opgooi en die kinders by die vader verkla. Die gewone reaksie is 'n pak slae aan sowel seuns of dogters. Alle informante was dit eens dat dit op die langduur nie help nie. Klagte teen die onderwysers, die polisie en ook die superintendent van Atteridgeville oor die gedrag van kinders is niks ongewoonds nie. Uiteindelik word die toestand bereik waar veral seuns hulle ouers te lyf gaan of dreig dat hulle hulle sal aanrand. Dat sulke aanrandings plaasvind, is waar. Dit is egter ons ondervinding dat dit veelal die uitsondering is as die reël.

Jong seuns, wat lede was van tsotsi-bendes is deur ons oor hierdie toestande ondervra. Hulle het eenvoudig geargumenteer dat as dinge by die huis te erg word moet jy net weghardloop en as die storm oorgewaai het, is die huismense altyd bereid om jou weer terug te ontvang. Party het ronduit gesê dat as die ouers jou nie jou gang wil laat gaan nie dan moet jy maar met die mes dreig.

Dit was baie duidelik dat ouers 'n besondere moeilike taak het om hulle tienderjarige kinders te kontroleer. In baie gevalle was die probleme egter normaal. Die aanwesigheid van 'n groep werklik losbandige en onkontroleerbare jongmense in Atteridgeville kon egter deur niemand ontken word nie. Hierdie groep, veral die tsotsi's, vorm 'n voortdurende voorbeeld vir diegene wat darem nog hulle ouers ontsien. Die meelopers met hierdie element, seuns sowel

© University of Pretoria

as / ...

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

as dogters is diegene wat die moeilikste beheer kan word.

Wanneer seuns en dogters gaan werk en by die ouerhuis inwoon vereis die korrekte prosedure dat hulle hulle hele inkomste aan die vader sal oorhandig. Dit is sy voorreg om hulle dan 'n deel daarvan as sakgeld terug te gee. So is daar geen behoefte aan 'n formele vergoeding vir die inwoning "as loseerder" by jou ouers nie. Dit gebeur in baie gevalle in Atteridgeville. Die meer normale toestand is dat die kinders slegs 'n deel van hulle inkomste maandeliks aan die moeder oorhandig. Sy gebruik dit in die huishouding. Die bedrae wat gegee word, wissel gewoonlik soos die kind maandeliks lus voel om te gee. Ons kan daarom geen gemiddelde aanduiding verskaf van wat ouers uit hierdie bron van hulle kinders te wagte kan wees nie. Die feite dui egter op 'n hoë mate van ekonomiese onafhanklikheid van die kinders terwyl hulle nog in die ouerhuis bly. Dit geskied op 'n ouderdom (16-18 jaar) waarop kinders tradisioneel nog as onderhoriges in alle opsigte beskou was.

Wanneer kinders trou, het ons gevind dat die bande met die ouerlike gesin dikwels ernstig afstomp. Verpligtinge en hulpverlening teenoor 'n ou vader en moeder kom dikwels voor maar net so dikwels die neiging om dit te ontduik. Veral ou weduwees het teenoor ons gekla dat hulle kinders hulle nie versorg nie. Die normale patroon skyn te wees dat die dogters wel na die huwelik die ou mense versorg maar dat 'n seun wat trou se grootste verpligting teen die ouers van sy vrou gereken word.

Die slotsom waartoe ons dus kom in die verandering in ouer-kind-verhouding is dat kinders baie vroeg reeds 'n onafhanklike handelingsreg eis. Hulle verkry dit enersyds deur die verswakte ouerlike kontrole vanweë die samelewingspatroon waarin man en vrou dikwels albei werk. Andersyds verkry hulle dit vanweë die verwydering wat daar tussen ouers en kinders ontstaan: geestelik vanweë hulle meerdere skoolopleiding as die ouers en fisies omdat hulle bewegingspunte buite effektiewe kontrole van die ouers is.

Die verandering wat daar ingetree het in die verhouding <u>tussen kinders</u> kan kort saamgevat word. Daar het feitlik 'n volledige verval ingetree van die senioriteitsreëlings tussen kinders. Mens kan dit verstaan. Waar kinders van verskillende broers vroeër saam opgegroei het en verhoudingspatrone volgens statusverskil gehandhaaf het, is dit nie vandag in Atteridgeville meer moontlik nie. Statusverskil, selfs tussen kinders van een gesin is van baie min betekenis. Die tradisionele hoër status van alle broers bo susters kon ons ook nie opmerk nie.

Die deurslaggewende element in verhoudings tussen die kinders van een gesin is vandag slegs ouderdom. Dit is nog steeds korrek dat ouer kinders hulp verleen en 'n aandeel het in die versorging van jongeres. Veral ouer dogters vervul hier 'n belangrike rol. By wyse van respeksbetoning vind mens dan dat 'n ouer suster net so belangrik is as 'n ouer broer. Tussen broer en suster van ongeveer gelyke ouderdom word daar feitlik geen verskil getref nie. Is die oudste kind 'n dogter bly sy vanweë haar ouderdom die belangrikste in die huis al is al die ander kinders seuns.

Die belangrikste verandering is daarom seker die aftakeling van die tradisionele statusposisie van die ouer broer. Tradisioneel sou hy bo enige suster status gehad het en soos hy ouer word ook kon aanspraak maak op die nederigheid van sy moeder oor wie hy later gesag sou verkry. Tans is dit nie die geval nie. Die oudste broer, selfs al is hy baie ouer, word as gelyke aangespreek, en behandel deur al die ander kinders. Dit is egter waar dat hy nog dikwels in later lewe deur sy broers geraadpleeg sal word as hulle 'n belangrike stap wil doen.

Mens is dus by die betragting van hierdie veranderde toestande gedwing om te besluit dat die tradisionele gesinstruktuur aan

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



ernstige individualiseringsinvloede onderhewig is. Nie alleen die vrou nie maar ook die kinders en die man het paaie wat nie met mekaar gedeel hoef te word nie. Die samehorigheidsgevoel en funksionering van die gesin as hegte eenheid wat die tradisionele lewe gekenmerk het, het in Atteridgeville 'n ernstige verandering ondergaan.

Dit is daarom belangrik om aandag te gee aan die spontane sosiale bande wat individue, volwassenes sowel as kinders buite die gesin in Atteridgeville, opbou.

## IV. NUWE VERBINTENISSE ONDER KINDERS EN JEUGDIGES

Die deelname aan georganiseerde groepe in die vorm van klubs en Sondagskole kry later aandag. Hier gaan dit om spontane en terloopse speelgroepe sowel as die verskynsel van bendevorming onder ouer kinders.

### A. Speelgroepe

Kinders van albei geslagte vorm speelgroepe tot ongeveer die twaalfde jaar; daarna is dit veral die seuns wat deur deelname aan bendevorming aandeel het in ander spontane samegroeperings.

In die voorskoolse periode is dit normaal dat klein seuntjies en dogtertjies saamspeel. Seuntjies vermaak hulle gewoonlik deur met 'n wiel te speel. Enige wiel is geskik. Dit word in die hardloop aangestoot met 'n stokkie (in die geval van 'n fietswiel) of 'n gebuigde draad. Groepies seuntjies vermaak hulle dikwels deur beurte te maak om met so 'n wiel te hardloop. Nabootsing speel hier 'n groot rol. Dit is normale praktyk om te speel dat jy 'n bus bestuur en soos jy vorder kort-kort stil te hou om passasiers op en af te laai. Ewe gereeld kom die groepies voor wat hulle met een of meer blikke as tamboere vermaak deur straatorkeste na te boots. Voorskoolse dogters speel graag pop en huis-huis. Huis-huis is 'n speletjie wat ook deur ouer kinders gespeel word en word dikwels deur seuns en meisies saam gespeel.

Vanaf die aanvang van skoolgaande ouderdom is dit gebruiklik dat seuns en meisies afsonderlik speel. By seuns word daar nou gewoonlik van ingewikkelder speelapparaat gebruik gemaak. Die seepkiskar en draadkar is geliefkoosde speelgoed. Die seepkiskar bestaan uit 'n houtraamwerk met 'n disselboom. Agter aan die raamwerk is twee wiele en voor aan die disselboom op 'n dwarshout die ander twee wiele. Die kar kan met leisels aan die dwarshout gestuur word. Dit is 'n aangename tydverdryf om so 'n kar rond te stoot en teen 'n afdraende, boordevol gelaai, te laat afhardloop. Draadkarre is ingewikkelde konstruksies. Van binddraad en fyner draad word 'n gehele motorkar gebuig kompleet met buffer, deure wat kan oop en toe maak en wiele wat kan loop. Die voorwiele kan gestuur word deur 'n lang, dikker draad (ongeveer 3 tot 6 vt.), wat in 'n draad stuurwiel eindig. Die eienaar kan dan regop loop en sy motorkar bestuur. Groepe seuns elk met sy kar boots die ritte, garage besoeke ensovoorts van volwassenes na.

Braafheidspeletjies waarin die groep in spanne verdeel en mekaar met latte slaan of kleilat speel, kom ook algemeen voor.

Die mees algemene tydverdryf van die skoolgaande seuns vanaf sê sewe jaar is 'n vorm van dobbelspel met geld. Dit word gespeel met 'n tweesentstuk terwyl sentstukke die "patches", "stakes" of bydraes tot die pot vorm. Normaalweg sal 'n gelyke getal seuns 'n dobbelgroepie vorm. Een begin deur die ander uit te daag dat hy die tweesentstuk in die lug sal opskiet en met die kruis of muntkant bo sal laat val. Die ander neem deel deur hom gelyk te gee dat hy dit bv. muntkant bo sal laat val en sit elk 'n sent saam met die van die uitdager op die grond neer. Die ander sit hulle sentstukke in 'n ander hopie omdat hulle voorspel dat die muntstuk kruiskant bo sal val. As die muntstuk dan muntkant bo val wen die groep wat reg

© University of Pretoria

geraai / ...

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

geraai het en neem die geld van die ander en verdeel dit onder mekaar. Elke keer begin 'n nuwe rondte en 'n nuwe persoon kry kans om die muntstuk op te skiet. Die geld wat gewen word, word uiteindelik spandeer op lekkers en koeldrank. Vir die kinders is dit 'n ernstige spel. Dit word selfs op die speelgronde van skole gespeel. Die groepe wat wen vorm dikwels 'n redelik hegte verbintenis wat omdat hulle in hulle wenvermoë vertroue het nuwe maats soek om van geld te wen.

Speletjies van Europese oorsprong by seuns is meesal die speel van albaster, tol, mannetjie-oor (leapfrog), klip-klip ensovoorts. Speelgoed in die vorm van motorkarretjies is gesogte besittings.

Onder dogters van skoolgaande ouderdom is daar 'n verskeidenheid van bewegingspeletjies wat met of sonder die teenwoordigheid van seuns gespeel word. Die vernaamste hiervan is "Mittelbol" (Middle ball) of "Bogey", "Angoes" (Ambush?) en Boriki.

Bogey word deur twee spanne van enige grootte gespeel. 'n Kring word getrek. Hierbinne moet die een span staan en uit die pad van die gooiers bly. Op ongeveer 2 tree afstand buite om die kring word merke gemaak waar die buitespan se gooiers staan. Elke gooier word deur 'n tweede agter hom gedek om te keer dat die bal nie verlore gaan nie. Die buitespan se lede probeer dan om die lede van die span wat in is met 'n tennisbal raak te gooi. Elkeen wat raak gegooi word is uit. Wanneer daar net een persoon in die kring oorbly kry die buitespan 12 gooibeurte om raak te gooi so nie kan al die binnespan se lede teruggaan na die kring. Word hy egter raak gegooi, ruil die spanne om.

Angoes word gewoonlik deur vyf kinders gespeel. Vier kringe word op die grond getrek een op elke hoek van 'n denkbeeldige vierkant. In elke kring staan een kind terwyl die vyfde in die middel met 'n tennisbal staan. Alle hardloopbeweging geskied linksom of regsom maar nie na alle kante gelyk nie. Die persoon met die bal kan dit na enige van die vier spelers in 'n kring gooi. Dit is die teken vir elke persoon om na die volgende kring te hardloop. Die persoon wat die bal ontvang het moet probeer om enige van die hardlopendes, selfs die een wat uit die middel gegooi het, raak te gooi met die bal. Kry sy dit reg moet die een wat raak gegooi is met die bal na die middel gaan. Kry sy dit nie reg nie moet sy self na die middel gaan en die bal weer vir een van die vier persone in die kring gooi.

Boriki word deur drie tot ses kinders gespeel. 'n Stel vierkante word soos volg op die grond geteken:

| | |
|---|---|
| 3 | 4 |
| 2 | 5 |
| 1 | 6 |

Elke deelnemer het 'n klein plat klippie wat met die aanvang in blok 1 gegooi word. Sy moet dan probeer om dit al springende op een been van hok tot hok te skop in die volgorde 2 tot 6 en dan by hok ses uit te skop. Met die rondgang mag die klippie nie op 'n lyn tot rus kom nie. Sy mag ook nie op 'n lyn spring nie en moet op een been bly, behalwe in hok 4 waar sy op twee voete kan staan om te rus. Word die klippie suksesvol deur die blokke beweeg gaan dieselfde deelneemster voort deur dit in blok 2 dan 3, 4, 5 en 6 te gooi en elke keer vanaf blok een op een-beentjie te spring tot by die klippie en dit dan verder van blok tot blok te skop tot die klippie by blok 6 uitgeskop kan word. As die deelneemster so deur al 6 blokke sonder fout

© University of Pretoria

gevorder / ...

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

gevorder het gaan sy met haar rug na die blokke staan op die frontlyn van blokke 1 en 6 en gooi haar klippie oor die skouer dat dit in een van die blokke val. Dan kan sy die blok met haar merk merk. Hierna mag geen van die deelnemers in haar blok trap nie. Die klippie moet daar oor geskop word en die springer moet op een beentjie dwars oor die verbode blok spring. Alleen die eienaar van die blok kan haar klippie daarin gooi of skop dat dit daarin gaan lê. Sy self kan op albei bene daar gaan staan en rus. Teoreties kan die spel voortgaan tot alle blokke gemerk is maar in die meeste gevalle eindig die spel lank voor die tyd omdat die kinders moeg word van die eentonigheid.

Dikêto of klip-opgooi word net deur dogters gespeel. Gewoonlik is daar so drie tot vyf wat saam speel. 'n Vlak gaatjie word in die grond gemaak en 6 tot 8 klein klippies daarin geplaas. Elke deelneemster het 'n eie klippie wat opgegooi word. Die eerste een gooi haar klippie op, haal een klippie uit die gaatjie, vang die klippie wat opgegooi is en sit die klippie wat uit die gaatjie gewen is langsaan neer. Die proses word herhaal tot elke klippie so een vir een uit die gaatjie gewen is. Elke deelneemster kry in rotasie die kans om die klippies uit te haal. Maak een 'n fout deur bv. haar klippie wat opgegooi is mis te vang gaan die speelreg na die volgende een. Gestel elkeen speel hierdie eerste rondte korrek deur, dan begin die eerste weer deur die klippies twee-twee uit die gaatjie te wen. Niemand kan tot die tweede fase oorgaan voor die eerste een nie suksesvol voltooi is nie. So hou die spel aan tot uiteindelik al die klippies in die gaatjie gelyk opgeraap en die klippie wat op gegooi is, gevang moet word. As dit reggekry is, moet die deelnemer die klippies nog vier keer gesamentlik opraap buite die gaatjie. Sy stoot die hopie klippies bymekaar voor elke deelneemster wat in die kring sit en raap dit daar gesamentlik op. Kry sy dit reg is sy die wenner. Daar bestaan verskillende variasies op hierdie reëls wat elke groepie maak. Die hoofsaak is dat die klippies een-een of twee-twee en dan in groter groepe uit die gaatjie gehaal moet word terwyl die klippie wat opgegooi is in die lug draai en die opgegooide klippie met die afkomslag met dieselfde hand wat die klippies opgeraap het en vas hou, gevang moet word.

Dogters speel ook dikwels met 'n tennisbal wat hulle in 'n voortdurende beweging laat spring deur dit met die hand te slaan. Die speletjie word gewoonlik alleen gespeel of as daar 'n groepie is deur die aantal kere te tel wat 'n persoon die bal foutloos kan laat spring. Die vaardigheidselement bestaan daarin dat die speelster op een been moet staan en die ander been voortdurend deur die spronge van die bal moet swaai sodat die bal dan links en dan regs van die swaaiende been opspring.

Benewens die bogenoemde bewegingspeletjies is popspeel en die maak van popklere en raai-raai-speletjies tipiese dogterspele. Dogters vermaak hulle ook deur dansspeletjies op die maat van ritmiese handeklap en sang.

Daar bestaan ook speletjies wat deur gemengde groepe gespeel word. Ons dink hier aan wegkruipertjie en blikaspaai. Die reëls is hier so welbekend dat ons dit as gegewe veronderstel.

Die welbekende tradisionele speletjie mantlwane of huis-huis kom ook in Atteridgeville voor. Dit kan deur enige hoeveelheid kinders gespeel word mits daar steeds 'n seun en dogter as paar hulle eie huishouding kan stig. Meesal is dit twee pare, d.i. vier seuns en vier dogters wat die spel speel. 'n Hele huishouding word gestig. Die "man" gaan werk en die "vrou" maak huis skoon en "kook kos" en versorg die poppe "die kinders". Hierdie speletjie word deesdae deur ouer mense ontmoedig. Hulle het teenoor ons beweer "die kinders speel nie meer mantlwane soos ons gespeel het nie, hulle word nou te vinnig oulik." Feit is dat hierdie spel gewoonlik ontaard in geslagtelike spel selfs onder baie jong kinders. Dit is aan ons

© University of Pretoria

genoem / ...

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA


genoem dat waar albei ouers werk, kinders na hulle buite gespeel het na binne gaan, die deure sluit en hulle binne die huis met ongeoorloofde dinge besig hou. Wanneer dogters dus so twaalf jaar word, word mantlwane dikwels om ander oorwegings as blote kindervermaak gespeel.

Wanneer seuns so ongeveer 9-12 jaar oud word begin hulle nie meer geredelik deelneem aan speletjies waarby dogters ook betrek word nie. Hulle word anders as die dogters toegelaat om veel vryer op straat rond te beweeg. Mens vind hulle dan na skool meesal op die stoepe van winkels of op geskikte straathoeke waar hulle alleen speel en baie tyd aan vorme van dobbelspel bestee. Dobbelary geskied deur geld te "spin" soos ons beskryf het en met dobbelstene. "Dice" of die spel met dobbelstene beskryf ons later waar die aktiwiteite van tsotsi's bespreek word. Eintlik is dit hulle spesialiteit.

Gedurende die tydperk kom daar egter twee ander speletjies voor, nl. morabaraba en meule. Albei word ook deur volwassenes gespeel. Die kinders begin nou reeds hulle vaardigheid daarin opskerp. Dit word nie deur jonger kinders gespeel nie omdat dit te ingewikkeld is.

Morabaraba, die ingewikkeldste bestaan uit vier dubbele rye gaatjies waarin twee pitte elk geplaas word. Elke speler speel op sy eie dubbelry gaatjies en verskuif die pitte tussen die gaatjies op 'n vaste wyse. Op gesette punte kan hy van sy opponent se pitte slag of "eet" soos die uitdrukking lui. Die reëls en verloop van die spel is nagenoeg presies soos Junod (1927 Vol I:346), die tshuba-spel van die Shangana-Thonga beskryf. Ons gaan daar nie verder op in nie.

Meule is net soos morabaraba 'n kompetisiespel. Die spelprosedure is soos volg. Die speelbord word met kryt of klip op die grond of op 'n harde sement oppervlakte getrek:



Die twee spelers kry elk 12 pitte wat as groepe van mekaar onderskei kan word. Wisselende koeldrankbotteldoppies en klippies is die normale pitte wat gebruik word. Die spel verloop in drie fases.

Fase 1: Die spelers kry om die beurt die geleentheid om elk een pit op 'n keer op 'n knooppunt van die lyne neer te sit. 'n Speler kan sy pit op enige knooppunt neersit. Die oogmerk is om jou pitte so te plaas dat hulle drie agtereenvolgende knooppunte op enige reguit lyn bedek. Sodra dit reggekry is kan die speler een van sy opponent se pitte van die bord verwyder. Enige pitte wat die opponent in 'n ry van drie geplaas het, mag egter nie so geslag word nie. Sodra albei spelers die 12 pitte op die bord uitgepak het en in die proses twee of drie van sy opponent se pitte geslag het, begin die tweede fase.

Fase 2: Die spelers kry nou om die beurt die geleentheid om te speel. Hy kan een pit op 'n keer van een knooppunt na 'n ander skuif. Wanneer hy dit doen moet hy na 'n onbesette knooppunt beweeg en sy opponent en sy eie pitte onaangeraak laat. Die bewegings is direk van knooppunt tot knooppunt sonder om oor enige pitte te spring. Die oogmerk is weer eens om drie pitte in 'n ry op drie opeenvolgende

© University of Pretoria

knooppunte / ...

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



knooppunte te stoot. Sodra jy dit reg kry kan jy een van jou opponent se pitte van die bord verwyder. Weer eens mag geen pit geneem word uit 'n driegroep van jou opponent nie. Die speler is geregtig om 'n groep van drie te vorm en te breek en te hervorm soveel keer as hy wil. By elke hervorming kan hy opnuut van sy opponent slag. 'n Speler kan dus sy opponent lelik uitroei as hy sy pitte so geplaas kry dat hy met die heen en weer skuiwe van een pit elke keer 'n groep van drie voltooi. So gou een van die spelers slegs drie pitte oor het breek die derde fase aan.

Fase 3: 'n Speler wat slegs drie pitte het kan enige van sy pitte wanneer dit sy beurt is op enige knooppunt plaas. Geroetineerde spelers bereik die punt gewoonlik gelyktydig. So nie moet die speler met meer as drie pitte met eenvoudige skuiwe aanhou tot hy ook drie pitte oor het. Die speler wat dan eerste daarin slaag om drie pitte in 'n ry te plaas wen die spel want hy laat sy opponent met net twee pitte om te speel.

Die spel is eenvoudig maar geroetineerde spelers kan mekaar se sette vooruit bereken en teensette doen. Daar is ook altyd 'n hele groep raadgewers aan elke kant sodat die spel 'n groepskarakter aanneem. Dit is gebruiklik vir die omstanders veral onder ouer jeugdiges om op die uitslag van die spel te dobbel. Spelers daag ook dikwels 'n opponent om vir geld te speel.

Die speelgroepe wat hulle met morabaraba of meule besighou, is toevallige verbintenisse. Daar is gewoonlik ander redes waarom seuns van 'n bepaalde groep gereeld in mekaar se geselskep kom en speel. Ons verwys hier na die vorming van jeugbendes.

## B. Bendevorming

Ondersoek na die samestelling en geskiedenis van die verskillende jeugbendes in Atteridgeville was vir ons nie sonder probleme nie. In die eerste instansie is dit uiters moeilik om van grootdoenerige, jeugdige informante die waarheid te verkry. Gedurige kontrole was nodig om die feite van die aandiksel te skei. In die tweede instansie het lede van bepaalde bendes 'n oordrewe waarde aan geheimhouding geheg. Die eenvoudigste en onskuldigste feite oor die ontstaan van die bende was vir hulle dinge waaroor fluisterend gesels moes word.

Ons was gelukkig om die voordeel te geniet van die navorsing van dr. C.V. Bothma oor die tsotsi-verskynsel in Pretoria. Die strekking van sy studie gedurende die jare 1948 tot 1951 is deur ons eie navorsing op elke punt gestaaf.

### 1. Ontstaan en verval

Jeugbendes is geen stabiele sosiale groeperinge nie. Die bendeverbintenis toon die neiging om by volwassenheid te verdwyn of andersins in 'n verkleinde vorm as 'n kriminele bende voort te leef.

Die normale proses van vorming en verval verloop naastenby soos volg: Vanaf ongeveer 12 jaar begin die eerste jeugdiges skool verlaat. Hulle is te jonk om êrens diens te aanvaar en vorm groepe van tjommies wat hulle bedags met dobbel en sokkerspeel op die straathoeke by winkels vermaak. Hulle is aan hulleself oorgelaat omdat albei ouers dikwels werk. Hierdie groepe maats van ongeveer vyf tot vyftien in getal gaan gewoonlik gereeld mark toe waar hulle hulleself aan Blanke kopers verhuur om pakkies te dra. Hulle leer vroeg om vrugte en andere op die mark te steel vir kos. Van 'n georganiseerde bendebestaan is daar nog nie sprake nie. Hulle is net "tjommies wat saam loop." Hulle ouers onderhou hulle nog. Na 'n paar jaar vind ons hulle as lede van 'n vaste rensj (afgelei van ranch) waarvan al die lede van 14 tot 17 jaar oud is. Hulle het reeds kontak gemaak met van die ouer vaste bendes en omdat hulle nie kwalifiseer vir lidmaatskap daar nie, vorm hulle 'n eie bende met 'n eie leier en

© University of Pretoria

naam / ...

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



naam wat die ouer bendes in gedrag na-aap. Gedurende die tyd word daar na hulle verwys as Mediums. Hulle dobbel, rook dagga en voer sporadiese kleindiefstal uit soos handsakroof en die berowing van alleenlopende en dronk Bantoepersone. Deur kontak met die ouer bendes begin hulle ook die Flaaitaal praat. Hulle kom steeds as groepe op die straathoeke bymekaar om te dobbel en te speel en begin flirtasies met jong meisies in die lokasie.

Teen 18 jaar breek die rensj vir die eerste keer wanneer 'n groot groep van die mediums vaste werk aanneem en stadigaan 'n vaste lewe begin lei. Sodanige jeugdiges wat werk, staan bekend as Hêpkêts. Die mees gesogte werktipes is die van afleweringsjong, winkelskoonmaker ens. Smiddae is sulke werkers vry en na werk is dit normaal dat hulle nog periodiek aansluiting soek by die werklose lede van hulle voormalige Medium-groep. Langsamerhand kan hierdie Hêpkêts deur huwelik en die bereiking van vaste lewensgewoontes as volwassene buite die kring van die jeugbende geraak.

Die oorblywende groep Mediums wat steeds werkloos bly, organiseer hulle teen 18 jaar in 'n nuwe rensj of selfs meer as een. Hulle is nou bedrewe in die tegnieke van kleindiefstal en staan as klewa's (clevers) bekend. Daar is 'n eie leier, bende-organisasie en 'n eie naam. Die ouderdom van die lede van so 'n klewa-rensj wissel van 15 tot 25 jaar. Dit spreek vanself dat die leiding by die ouer lede berus en dat die jonger persone op die buiterand aangetref word waar hulle as mediums nog nie volkome ingeskakel is nie. Die totale ledetal wissel van 10 tot 25 persone.

Aan die hoof van die bende staan 'n Bigshot met 'n tweede in bevel as die Eyekeeper. Hulle het direkte beheer oor 'n aantal Klewa's. Laasgenoemde het elk drie tot vyf Mediums onder hulle bevel. So 'n klein groepie staan as tjommies bekend en opereer saam onder leiding van die Klewa. Opbrengs van diefstal word na die Klewa gebring wat 'n deel daarvan aan die Bigshot oorhandig. Van die Mediums kan later as volwaardige Klewa's ingelyf word. Om die status te bereik, moet hulle bewys lewer dat hulle in staat is om volgens opdrag selfstandig huisbraak te pleeg.

Elke Klewa het sy eie bendenaam en is bedrewe in die gebruik van die Flaaitaal. Hy lewe van die opbrengs van sy diefstal en gebruik 'n mes om sy slagoffer te oorrompel as dit nodig is.

So 'n volwaardige rensj kan later deur 'n sjebeen in diens geneem word om die onwettige drinkplek te beskerm. Dan is daar die Bigshot, die regterhand van die antie wat die drank maak as leier, soms met 'n tweede-in-bevel. Naas hulle is daar 'n Hole-digger wat die drank begrawe en volgens aanvraag lewer. Slegs hy weet waar die drank versteek is. Hierdie persoon het in Atteridgeville gewoonlik nie drank begrawe nie maar die voorraad versteek by verskillende goedgesinde huise om dit op aanvraag te kan lewer. Dan is daar ook nog 'n verskeidenheid Spysmashers wat as wagte op straathoeke tot drie blokke van die sjebeen af diens doen om die alarm een aan die ander oor te dra as daar gevaar van 'n polisieklopjag dreig.

Dit is normaal dat 'n Klewa-rensj mettertyd opbreek wanneer die lede gaan trou of mettertyd tog vaste werk aanneem. Die harde kern van verstokte misdadigers vorm hulle dan in 'n kriminele bende of bendes van vier tot vyf lede sterk. Die ouderdomme wissel van 30 tot 40 jaar en die gehele aksiegroep staan onder 'n leier wat operasies beplan. Die lede is nou deur 'n eed aan mekaar verbind en pleeg alle vorms van ernstige misdaad waarby motors en selfs vuurwapens op egte Amerikaanse patroon gebruik word. Die lede is volledig bedrewe in die gebruik van die geheime taal. Die bende gaan tot niet wanneer die polisie daarin slaag om die meeste van die groep te arresteer en hulle tot lang termyne tronkstraf gevonnis word. Geen lid van 'n kriminele bende is sonder vorige veroordelings nie.

© University of Pretoria

2. / ...

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



2. Posisie ten tye van opname

Ten tye van ons opname oor hierdie aangeleentheid in 1953 was die toestand naastenby soos volg. By hierdie beskrywing word Pretoria as geheel behandel omdat die volle verloop van 'n bende-siklus alleen gegee kon word deur die omstandighede in Marabastad waarvandaan die inwoners van Atteridgeville afkomstig was, in gedagte te hou.

In die normale omgang word na alle bendes en selfs jeugdiges verwys as tsotsi's. Vermoedelik is die naam afkomstig van die gebruik om broeke met nou pype te dra. Sulke "skerpgemaakte" broeke (vgl. ho tsotsa - om skerp te maak in Suid-Sotho (Bothma 1951:29)) was die drag van alle jeugdiges of hulle nou werkloos was of nie en of hulle bendelede was of nie. Die term tsotsi word eintlik as skeldname gebruik deur ouer Bantoepersone om afwykende jeugdiges te beskrywe. Die lede van jeugbendes verwys egter ook na mekaar as tsotsi's. Die kriminele bendes se lede het in 1953 egter na mekaar verwys as Funani's. Blykbaar was hierdie benaming vir jeugdiges in gebruik in Pretoria by die aanvang van Wêreldoorlog II. Lede van kriminele bendes het hulleself beskou as die Old Timers, die Pre-wars om hulle te onderskei van die latere Klewa- en Medium-rensje (Bothma 1951:35) wat hulle as tsotsi's of "Wartime Spies" beskryf het.

Ons segsmanne buite bendeverband het nie hierdie onderskeid gemaak nie. Feit bly egter dat die bendes self dus verdeel kon word in die Funani-bendes wat ten tye van ons opname reeds die kriminele fase bereik het en die tsotsi-bendes of rensje wat uit jonger persone as die kriminele bendes bestaan het.

Die kriminele bendes van 1953 het ontwikkel uit ou Klewa-rensje in Marabastad. Ons verwys na die vroeëre bestaan van die Mooloo-, Orient- en Opa-rensje. Die eerste twee na aanleiding van die destydse bymekaarkomplekke by Mooloo se winkel, die Orient-bioskoop en die oop (open) stuk grond langs Marabastad. Hieruit het gedurende ons opname kriminele bendes soos die Dead End Kids, die Tjopa-gang, die Black Cans en die Chanamatan ontwikkel (vgl. ook Bothma 1951:36).

Al die lede van hierdie bendes, waarvan slegs sommiges in Atteridgeville woonagtig was, het lang rekords van vorige veroordelings gehad. Uit hulle geledere was daar gewikste dobbelaars. Hierdie dobbelaars kon uitgeken word aan die klein barsies in die duim- en wysvingeroppervlakte soos hulle die vingers klap as die dobbelstene gegooi word. Inkomstes van R60.00 per aand was niks ongewoonds vir hierdie figure nie. Almal was bedrewe messtekers en het die littekens van vorige steekwonde gedra. Van hulle lede kon verbind word met gevalle van huisbraak in Atteridgeville self. Elkeen het sy eie bendenaam gehad bv. Scarface, Bullcat, Spencer Tracy ens. Almal het goed gekleed gegaan en was permanent werkloos. Meerdere informasie kon moeilik oor hierdie groepe verkry word.

Die vernaamste Klewa-rensje wat ons teëgekom het was die Russians, Pairits, Chinas en Koreans. Die eerste drie se versamelpunte was in Marabastad. Die laasgenoemde een in Atteridgeville. Of die Korean-bende in Atteridgeville ontstaan het, kon ons nie bepaal nie. Hulle het gereeld die bioskope in Marabastad besoek en die Klewas in hierdie rensj het name uit die bioskoop ontleen soos Durango Kid, T-Man, Burt Lancaster, Billy Big Eyes, Page ens.

Na ons beste kennis het die Koreans hulle naam ontleen aan die Noord-Koreane in die Koreaanse oorlog. Hierdie bende wat dus omstreeks 1952 ontstaan het, was vroeër as die Vultures bekend. Ten minste 'n groot deel van die Koreans se lede was vroeër lede van die Vultures. Die omstandighede van die naamsverandering kon ons nie bepaal nie. As kleiner groepe binne die Koreans was daar die Cobra Islanders, Four Just Men en Ysterbaadjies (Lumberjackets). Volgens

© University of Pretoria

sommige / ...

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

sommige informante was dit verskillende rensje naas die Koreans. Ander het hulle as deel van die Korean-totaal geklassifiseer. Die name van die eerste twee kom van rolprente. Die ysterbaadjies is so genoem vanweë die jekkers wat hulle gedra het.

Dit was egter duidelik dat hierdie kleiner eenhede elk 'n bepaalde spesialiteit van misdryf onder leiding van 'n bepaalde Klewa beoefen het. So was die Four Just Men baasmesstekers wat in onsedelike aanranding gespesialiseer het. Die vier lede het swart jasse en swart gesigmaskers gedra wanneer hulle hulle slagoffer nader. Een, die "drywer" moes die meisie se "boy" verdryf terwyl die ander drie die meisie na 'n geskikte plek neem en vir die "drywer" wag. Dan het hulle gewoonlik die een na die ander die meisie verkrag. Die "drywer" kry die eerste kans. Vaste gegewens oor die aktiwiteite van die Cobra Islanders en Ysterbaadjies kon ons nie verkry nie. Die leier van die Four Just Men het ten tye van ons ondersoek tronkstraf vir verkragting uitgedien. Een van die slagoffers was 'n getroude vrou en nie 'n ongetroude meisie soos gewoonlik nie. In teenstelling met die normale optrede van ongetroude meisies het hierdie vrou by die polisie gaan kla.

Al ons informante was dit eens dat dit gevaarlik sou wees vir 'n tsotsi uit Atteridgeville om sonder meer hom in Marabastad of Lady Selborne te begewe. So 'n vreemdeling is staande voet gemolesteer en moes as hy gelukkig was onmiddellik "Cost of living" betaal. Dit is ons egter meegedeel dat as 'n tsotsi van een gebied na 'n ander verhuis hy ingeskakel kon word in die rensj van die nuwe gebied as sy "Bigshot" hom die nodige voorstellingsbrief aan die "Bigshot" van die rensj in die nuwe gebied gee.

Die lede van die Korean-rensj moes elkeen 'n "kontrak" teken by hulle toetrede wat hulle trou aan die leier gewaarborg het.

Tipiese bedrywighede van al die lede van die Korean-bende was handsakroof en intimidasie. Handsakroof is gewoonlik deur 'n groepie tjommies in Kerkstraat tussen Andries- en Van der Waltstraat op 'n Saterdagoggend uitgevoer. Terwyl een die slagoffer se aandag aftrek, gryp 'n ander die slagoffer se handsak en gee dit in die hardloop na 'n ander lid. Die handsak wissel vinnig van hand tot hand, word oopgemaak en die beursie daaruit verwyder. Die laaste ontvanger van die beursie duik die markterrein binne en nadat hy die beursie self en enige ander inhoud in die latrine weggespoel het, stap hy verder tot hy sy maats op 'n afgespreekte plek ontmoet waar die buit verdeel kan word.

Intimidasie bestaan daaruit dat 'n groepie tjommies enige "dom Bantoepersoon" in die stad op straat voorkeer en waarsku dat hy nie sy bestemming lewendig sal bereik as hy nie "betaal" nie. Die meeste slagoffers is so skrikbevange dat hulle die normale aanslag van R8 betaal. Doen hy dit nie "sal ons hom gam met die A-train" (met 'n mes steek).

In Atteridgeville kon ons in een naweek drie tipiese gevalle na optrede van die Koreans terugvoer.

Geval 1: 'n Inwoner van Bantule het die betrokke Saterdagaand by 'n onderwyservriend in Atteridgeville 'n bruilof kom bywoon. Op pad daarheen is hy teen 7 uur in die aand toe dit reeds donker was, deur 'n klompie jongmans (18-25 jaar) voorgekeer, aangeval, vier meswonde toegedien en van sy jas en R10 beroof. Al die aanvallers het hulle hoede diep in die oë getrek gehad. Die slagoffer kon hulle nie uitken nie. Alhoewel hy 'n klagte gelê het kon die saak nooit opgelos word nie.

Geval 2: 'n Inwoner van Atteridgeville het hom die betrokke Saterdagaand in sy huis aan drank te buite gegaan en in sy beskonkenheid op straat verskyn. Die persoon is aangeval, 'n diep meswond in die maag toegedien en van sy baadjie en R9 beroof. Hy is in die hospitaal opgeneem maar die aanvallers was hom onbekend en kon nie opgespoor word nie.

© University of Pretoria

Geval 3 / ...

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Geval 3: 'n Sekere vrou was die betrokke Saterdagaand ongeveer 7.15 nm. op pad van vriende in Atteridgeville na haar huis vergesel van haar 10-jarige seun. Langs die pad het sy 'n groepie jeugdiges teëgekom waarvan een vir die ander gesê het "Kom ons steek haar met 'n mes." Sy het die naaste huis ingevlug maar die inwoners het haar summier die erf uitgejaag. Die tsotsi's het vir haar gewag en toe sy probeer weghardloop haar gepootjie dat sy val. Sy het opgespring en weer weggehardloop. 'n Paar huise verder het mense uitgekom om op haar hulpgeroep te antwoord. Hierop het die vier tsotsi's met hoede en kepse diep oor die oë getrek, weggehardloop. Sy kon haar aanranders nie uitken nie. Ook hierdie saak het die polisie sonder vrug ondersoek.

Die Korean-rensj was in Atteridgeville ook die beskermhere van een van die weinige sjebeens in die woonbuurt. Die "antie" was "ou Sleepy Eyes, 'n ander mooi antie wat mooi wit bier verkoop."

Naas hierdie kriminele aktiwiteite het die lede saam dagga gerook, ge-jive en gedrink en met vrymoedigheid vir mekaar geld geleen. Die lener was nie veronderstel om terug te betaal nie. Die persoon wat uitgeleen het sou wel vroeër of later weer sy geld "terug leen".

Die vernaamste Medium-rensje in Atteridgeville ten tye van ons ondersoek was die Korean Juniors en die Stiles-rensj. Oor die Korean Juniors kon ons min gegewens verkry. Sommige van die lede van hierdie bende het nog skoolgegaan. Hulle leier kon egter reeds daarmee spog dat hy 'n buskondukteur se geldsak gesteel en weggehardloop het. Die vernaamste kontak tussen die senior en junior Korean-bendes was na ons kennis die feit dat hulle saam dieselfde klubs vir liggaamsoefeninge besoek het.

Die Stiles-rensj het bestaan uit ongeveer 10 lede wat van 12 tot 18 jaar oud was. Die naam is geneem uit die rolprent "The Street with No Name" waar die leier van die misdadigerbende die naam Stiles gedra het. Die "bigshot" Stiles het toe sy naam aan die bende gegee en die lede het na sy woonplek waar hy by sy ouers gewoon het verwys as geleë in "the street with no name". Die bende-name wat die lede gekies het was uit verskillende rolprente afkomstig. Benewens Stiles was daar Alan Ladd, Lefty, Seagull, Billy Con, Maloney en Wrong Button. Alan Ladd het reeds die reputasie gehad dat hy 'n "bulvanger" (verkragter) was.

Die lede van hierdie rensj het hulle tyd verwyl met besoek aan bioskope, dobbelry en daggarook. Lede het ook handsakrowery geken. Ons segsmanne was ook goed bekend met die tegniek om 'n "moegoe strouk te slaan" (om 'n dom persoon te oorrompel). Die een sal hom 'n onskuldige vraag vra terwyl twee of meer van die ander lede die slagoffer van agter sou pak. Die tegniek om "beskermingsgeld" te eis het hulle ook reeds geken. Een en almal van die segsmanne het met groot detail vertel van hulle omgang met jong meisies, die meeste was reeds vader van ten minste een buite-egtelike kind en almal het 'n vaste meisie gehad by wie hy gereeld kon gaan "peps". Die meisies is gekry by besoeke aan bioskope. Die gebruik van voorbehoedmiddels vir mans was vry algemeen bekend onder die lede. Verkragting was so 'n deurslaggewende aktiwiteit dat sommige van die lede daaraan gedink het om 'n eie "Romance rensj" te stig.

Die bymekaarkomplek van die Stiles-rensj was die hoek by die Metodiste kerk in Atteridgeville. Hier het nie alleen die kern van Klewa's vergader nie (± 10) maar ook 'n baie groter groep aanhangers waarvan sommige reeds die status van mediums gehad het. Die ander sou later so kon ingeskakel word of sou as Hêpkêts later gaan werk en 'n normale lewe voer. Hierdie omvangryke aanhang van buitestaanders was die enigste opvallende verskil tussen die Koreans en die Stiles-rensje.

© University of Pretoria

Benewens / ...

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Benewens die onheilige aktiwiteite van hierdie jeugbendes was die meeste van die lede van sowel die Koreans as Stiles-rensje ook lid van een of ander jeugklub. Hierdie jeugklubs word in stand gehou deur die amptenare van die Ontspanningsafdeling van die Stadsraad van Pretoria in 'n poging om die jeug van Atteridgeville konstruktief besig te hou. Ons segsmanne het gereeld daarheen gegaan om te boks of "ysters op te tel" om hulle "fit" te maak. Dit is egter 'n ongelukkige feit dat sulke aktiwiteite slegs nuttig sou wees om die vrye tyd (na skool) van kinders te vul. Ons segsmanne en bendelede was werkloos en het reeds die skool verlaat. Besoeke aan hierdie klubs het skaars inbreuk gemaak op die normale bende-aktiwiteit. Dit het die besliste nadeel gehad dat verstokte jeugmisdadigers in noue kontak met kinders wat nog op skool was, gebring is.

Benewens hierdie medium-rensje was daar 'n groot verskeidenheid speelgroepe in Atteridgeville wat op die rand gestaan het van rensj-vorming en volle mediumskap. Hierdie groepe het geen eie naam gehad nie maar was bekend onder die naam van die betrokke "voorstad". So was daar die groepe wat as die Fietas, Colbyn en Sefenaroka bekend was. Met latere vestiging in Atteridgeville het nuwe "voorstede" soos Ghosttown, Ghana, Black Rock en andere ontstaan elk met sy eie groepe. Binne die geledere van een totale speelgroep was daar 'n verskeidenheid groepies van tjommies. Dit was belangrik om onder jou eie groep aan te sluit. Sou jy dit waag om buite jou gebied te gaan sou jy op selfs 12-jarige ouderdom gevaar loop om aangerand te word.

Dit was dus vir ons moontlik om voorbeelde te bestudeer van die hele siklus van bendevorming gedurende ons ondersoek. Teen die end van ons waarnemings (1960) was dit selfs moontlik om die vordering van sommige groepe te bepaal. Die Stiles-rensj het die plek van die Koreans as Klewa-rensj geneem terwyl die Koreans as bende tot niet gegaan het. Die kriminele bendes wat uit die Koreans sou ontwikkel kon ons nie geredelik opspoor nie.

### 3. Die invloed van die bioskoop

Alle waarnemers met die opname asook dr. Bothma was dit eens dat direkte navolging uit rampokkerfilms aanleiding vorm vir die bendename en ook persoonlike aliasse. Ons glo egter nie dat die blote uitskakeling van hierdie soort films die einde van bendevorming sal beteken nie. Die effek is eerder die van handige aanvulling op 'n basis wat reeds bestaan.

As voorbeelde van hierdie invloed die volgende:

Ons het reeds verwys na die film Street with no name waarin die hoofkarakter Stiles 'n navolger in die leier van die Stiles-rensj gevind het. Hiernaas het rolprente soos The Four Just Men, en Cobra Island aanleiding tot die name van die bendes wat ons reeds genoem het gegee.

Dr. Bothma (1951:39 e.v.) verwys spesifiek na die resultate van die navolging van films soos Stormy Weather (die herkoms van die nou-pyp broek) en Magic Garden waarin die lewe van 'n werklose rampokker uitgebeeld word. Na aanleiding van laasgenoemde word Klewa's soms Majieta's d.i. Magic Gardens genoem.

In die Flaaitaal kom ook 'n hele reeks woorde voor wat direk uit die taal van rampokker- en Wilde Weste-films herlei kan word, bv. dou (dough) = geld; ghraft (graft) = steel; marwanas (mariuana) = dagga; mazoemas (mazuma) = geld; mol (moll) = meisie; rensj (ranch) = bende; tjerrie (cherry van Frans cherié) = jongmeisie; totsj (torch) = om te kyk, om te sien; triegha (trigger) = pistool; tsjoet (shoot) = praat, vertel. Hierdie lysie kan verder aangevul word met verskeie leenwoorde uit Engels. Of hierdie leenwoorde van filmhelde of uit die gewone kontak met Engels afkomstig is,

© University of Pretoria
kan / ...

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



kan mens natuurlik nie seker wees nie.

Sonder om self die films te sien, is dit onmoontlik om 'n korrekte weergawe van die werklike omvang van hierdie invloed te gee. Die voorgaande is dus voorbeelde waarvan slegs toevallige bewyse gevind kon word. Veel belangriker is die feit dat elke segsman onder die ouers van Atteridgeville die bioskope en die blêrkaste in die kafees van Indiërs in Marabastad die skuld vir wangedrag onder jeugdiges gegee het. Dit gaan hier nie soseer om die slegte voorbeeld van sekere tipes rolprente nie maar wel om die geleentheid om weg van enige kontrole as groepe jong seuns en meisies saam te kom, te dans en van daaruit allerhande onsedelikheid te bedryf.

Die feit dat eie kinders aan die verderflike invloed van rolprente, blêrkaste en die voorbeeld van bestaande tsotsi-bendes blootgestel is, is 'n direkte oorsaak van die baie gevalle uit ons proefgesinne waar ouers hulle opgeskote kinders na die platteland gestuur het om by familie groot te word. In die meeste gevalle was dit jong dogters wat op die wyse weggestuur is. In nie minder as 20 gevalle het ouers die bestaande ongewenste invloede genoem as oorsaak waarom hulle hulle dogters uit die stad weggestuur het nie.

4. Kleredrag en bedrywighede

Die tipiese tsotsi-kleredrag bestaan uit 'n breërand vilthoed ('n Churchill, Stetson ens.). Hierdie hoed, soms ook 'n pet, is altyd van 'n donker kleur. Die hemp moet van 'n helder kleur wees en is in meeste gevalle effekleurig. Die baadjie is nie 'n noodsaaklikheid nie. Sommige groepe het egter voorkeur gegee aan 'n ysterbaadjie. Dit is 'n donker-kleurige jekker (houtkappersbaadjie) van materiaal of leer. Die broek is die kenmerkendste stuk klere. In alle gevalle moet die pype tussen 10 tot 16 wyd wees aan die onderkant. Sommige broeke word gedra dat hulle net bokant die enkels eindig. So 'n broek is 'n "tsotsi wat float". Hang die broek tot op die skoene is dit 'n "tsotsi-bottom". Daar word dan verwys na 'n "tsotsi-bottom zoot twelf" - 'n broek met 12 duim pype wat tot op die skoen hang; of 'n "tsotsi zoot ten" - 'n broek met 10 duim pype wat tot net bo die enkels hang (vgl. ook Bothma 1951:46).

Oor die tipe kouse wat gedra word kon ons geen spesifieke gegewens kry nie. Die skoene wat gedra word is van 'n wye verskeidenheid behalwe dat daar aan tjankies voorkeur gegee word as enige vorm van roof beplan word. Tjankies is seilskoene waarvan die tonge uitgesny is en die veters op 'n besondere wyse vasgeryg word sodat dit maklik uitgeskop kan word as dit nodig is om weg te hardloop. Tjankies word sonder kouse gedra.

Dit is nie moontlik om 'n persoon bloot op sy kleredrag as lid van 'n tsotsi-bende uit te wys nie. Die kleredrag is redelik algemeen as drag onder die jeugdiges in Atteridgeville aanwesig. 'n Veel suiwerder toets is die mate van bedrewenheid wat 'n jeugdige openbaar in die gebruik van die "geheime" taal of Flaaitaal.

Daar is slegs een tipe bedrywigheid waaraan die jeugbende as georganiseerde eenheid deelneem. Dit is kleindiefstal. Dit is meer korrek om te sê dat slegs 'n groepie tjommies saam georganiseerd sal optree. Alle ander handelinge geskied in groepverband maar sonder dat daar aktiewe koördinasie van die lede se aksie is. As die basiese algemene reël geld egter dat die leier of as hy afwesig is die tweede-in-bevel se goedkeuring nodig is om so of so te maak.

As 'n bende-eenheid wat uit 'n speelgroep ontwikkel het, word baie tyd nog bestee aan groepspele soos dobbel met dobbelstene (gewone of "poker dice") en die speel van morabaraba. Slegs die ouer tsotsi's, dit wil sê Klewa-groepe en Funani's speel kaart en dobbel daarmee. Die gebruik van kafferbier en sterk drank is algemeen. Dit kan ook as reël aanvaar word dat alle bendelede in mindere of meerdere mate daggarokers is.

© University of Pretoria

Dobbelry / ...

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Dobbelry met dobbelsteentjies is nie spesifiek 'n tsotsi-bedrywigheid nie. Alle volwasse mans en baie kinders ken die reëls van die spel en speel dit af en toe. Dit is egter veral onder lede van die jeugbendes dat dit 'n tipiese vermaaklikheid vorm.

"Dice" word met twee standaard dobbelsteentjies gespeel. Daar is natuurlik ook diegene onder die dobbelaars wat onwettiglik met "Bombay-dice" of "Crook-dice" speel. "Bombay-dice" is standaard dobbelstene waarvan sommige gaatjies dieper uitgeboor is en met lood opgevul word sodat die stene wanneer hulle op 'n bepaalde manier gerol word, die een na die ander keer dieselfde getalle bo laat lê.

In die dobbelspel daag teenstanders die speler om op 'n bepaalde manier te gooi deur hom geld te wed dat hy dit nie sal reg kry nie. Die sluit van hierdie weddenskappe geskied nie net tussen speler en medespelers nie, maar ook tussen enige van die omstanders. Hoofsaak is dat weddenskappe openlik aangeneem moet word. "Dice" kan dus deur enige aantal spelers gespeel word. Die bedrag van die "stakes" word vooraf oor ooreengekom. Dit is normaal dat vir $2\frac{1}{2}$c of 5c as "stakes" gespeel word.

Wanneer 'n groepie begin speel, begin die eienaar van die dobbelstene eerste gooi. Die oogmerk is om met die eerste gooi ȍf 'n 7 ȍf 'n 11 te gooi. Dit wil sê die gesamentlike totaal van die waardes op die bokante van die steentjies moet 7 of 11 wees. Wanneer die eienaar wil begin, plaas hy sy "stakes" (5c) voor hom op die grond. Enige van die ander kan hom daag dat hy nie die regte getalle sal gooi nie. Elkeen wat so daag sal sy eie 5c voor hom op die grond sit. As die gooier die weddenskappe aanneem is daar later, as hy verkeerd gooi 'n verskeidenheid van uitbetalings van 5 sente wat hy moet doen.

Die eienaar vryf die twee dobbelstene tussen sy handpalms, blaas daarop en terwyl hy gooi sê hy: "I do!" en klap met die vingers. Gooi hy 'n 7 of 'n 11 het hy 'n "first chuck" behaal en neem hy die wedgeld van diegene wat hom gewed het, want hy het gewen. Indien 'n speler in 'n poging om 'n "first chuck" te gooi 'n "crab" (dubbel 1, 'n 1 en 'n 2 of 'n dubbel 6) gooi, tel dit nie en kry hy weer 'n kans.

Wanneer die eienaar van die dobbelstene nie 'n "first chuck" of 'n "crab" gooi nie maar bv. 'n dubbel 3, ses in totale waarde, het hy verloor en betaal hy uit. Onmiddellik volg 'n tweede stel weddenskappe. Nou dat die eienaar nie met die volgende gooi weer 'n 6 sal gooi nie. Enige kombinasie wat 6 gee is dan toepaslik. Gooi hy nie 'n 6 nie en ook nie 'n "crab" nie kan hy weer probeer. Gooi hy egter 'n "crab" het hy weer verloor en moet uitbetaal. Gooi die eienaar 'n "crab" gaan die dobbelstene na die volgende speler.

Dieselfde proses herhaal hom dan. Die eerste mikpunt is die "first chuck" en daarna 'n herhaling van of 'n "first chuck" of die syferwaarde wat met die eerste gooi verkry is. Slaag hierdie speler op enige stadium daarin om 3 maal na mekaar te wen het hy 'n "knock" behaal en moet hy die eienaar van die dobbelstene 10c vir die gebruik van die stene betaal en kan dan verder voortgaan met speel tot hy 'n "crab" gooi.

Die spel kan natuurlik ook deur bv. pare spelers aan 'n kant gespeel word. Al vereiste is dat jy ook die weddenskappe onderskryf wat jou maat wat gooi aangaan. Slegs wanneer 'n "first chuck" gegooi word, mag die stene in die hand gevryf word en daarop geblaas word. By alle ander gooie moet die stene met die vingers vasgehou word en gegooi word dat hulle in die lug draai en op die grond rol.

Dit spreek vanself dat enige neiging tot onderduimse handeling luidkeels veroordeel sal word veral wanneer die stene nie reg vasgehou was nie. Sulke beskuldigings loop baie maklik op 'n messtekery uit want die dobbelry geskied met dodelike erns. Van ver

© University of Pretoria

kan / ...

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

kan mens slegs die klap van die vingers en die uitroepe "I do!" hoor maar van naderby gaan die spel gepaard met 'n gedurige kommentaar oor die speler se vaardigheid. Net wanneer die stene rol is almal stil.

Dit is normaal dat 'n deel of die geheel van die bende meer as een maal per week bioskoop toe gaan of sommer net by een van die Indiërkafees in Marabastad versamel om op maat van musiek uit 'n blêrkas te dans veral jive en twist. Ons kon nie daarin slaag om besondere voorkeur aan bepaalde trefferwysies te bewys nie. Ons vermoed egter dat sulke wysies bestaan.

Die byeenkomste by die bioskoop of kafee is nie suiwer om die vermaak nie maar beslis om kontak met jong meisies te maak. Na daar slegs terloops ontmoet is, gebeur dit dikwels dat die kennismaking uitloop op 'n vryery en geslagsverkeer in een of ander stil hoekie. Alle segsmanne uit die senior tsotsi-geledere, d.i. uit die Klewa-groep het met trots vertel van hulle verskillende slaapplekke in die stad by huisbediendes en van die ontmoetingspunte wat gebruik word. Benewens die wat ons reeds genoem het is die tuine en grasperke van die Unie-gebou 'n gesogte loopplek om "molle" op te tel.

Hierdie praktyk is goed bekend onder ons segsmanne wat self tienderjarige kinders het in Atteridgeville. Die mate van ongeoorloofde geslagsverkeer wat plaasvind is vir almal 'n ontsteltenis en 'n groot skande.

'n Hele paar tsotsi's was ook in Atteridgeville bedrywig as weddenskapversamelaars in die fah-fee-spel. Ons kon daarin slaag om gegewens van slegs een fah-fee-poel in Atteridgeville te bekom. Weddenskappe is weekliks uitbetaal. Die organiseerder was 'n Sjinees in Marabastad. Sy "No. 1-runner" in Atteridgeville was 'n ou vrou van 60 jaar. Sy het verskeie tsotsi's gebruik om gereelde wedders se weddenskappe in te samel. 'n Wedder kon enige bedrag geld op enige nommer verwed. Die geld en die plasing daarvan op bepaalde nommers is gereeld weekliks aan die Sjinees oorgedra. Om weddenskappe te vergemaklik het elk van die 36 nommers 'n naam gehad:

1. King
2. Apie
3. Seewater
4. Dooie man
5. Tiger
6. As
7. Skelm
8. Vark
9. Maan
10. Eiers
11. Carriage
12. Dooie vrou
13. Big fish
14. Ou vrou
15. Slegte vrou
16. Duifies
17. Diamond-vrou (Wit vrou)
18. Small change
19. Little girl
20. Kat
21. Olifant
22. Skip
23. Perd
24. Bek
25. Big house
26. Bye of soldaat
27. Hond
28. Harrence (?)
29. Klein water
30. Hoender
31. Five
32. Gold money
33. Little boy
34. Stront
35. Kakpan
36. Nonqoai

Die Sjinees het weekliks die gelukkige nommer getrek. Weddenskappe is teen 'n wisselende koers uitbetaal. Ons kon hierdie koers nie bepaal nie. 'n Normale wins was egter 70c vir 5c.

Hoewel hierdie bedrywigheid nie met die normale tsotsi-rensj verbind was nie, word dit tog hier behandel omdat dit normaal was vir sommige tsotsi's om as runners op te tree.

### 5. Flaaitaal

Die taal van die tsotsi's is deur dr. Bothma (1951) aan deeglike ondersoek onderwerp. Sy bevinding was dat die grammatiese basis daarvan uit Afrikaans afkomstig is en dat die taal 'n groot mate van ooreenkoms vertoon in die distrikte Brits, Rustenburg, Pretoria, Bethal en aan die Rand waar hy die taal eerstehands kon nagaan. Met sy verlof word een van die tekste wat uit Atteridgeville afkomstig is

© University of Pretoria

hier / ...

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



hier weergegee. Dit is in die eerste instansie voorbeeld van die normale spreekwyse onder die <u>tsotsi's</u> maar dien ook andersyds as verdere verduideliking van die daaglikse aktiwiteite van die lede van 'n <u>Klewa-rensj</u>.

1.

Bo-vroeg-bels-hulle moe'-
die tiesj jag ons an soos kangils,
mak ons 'n out. Kom ons da' wa'
die manne is, tsjoet ons hulle
om te sê: "Hieta bafô! hoe
staan ons da'?" "Nee, ca ca,
babas, sienghalie." Da' sê
ons ôk: "Nee eis." Da'
mônaldak ek 'n morônga: "Hiet,
mak 'n bietjie foeng da."
Da' mônaldak hy om te sê: "Ek
het skê's foe's mfô, ek is
leis." Dan sê ek: "Nee,
ghielliek. Ek het 'n raghery
lat ons soos marwanas anjag."
Dan jag ons an soos marwanas.
Da het ons 'n nca plak. Da'
tsjoet ons om te sê:
"Al die roker bymekaar,
Skud die boom dat die tari waai.
Ek is moede yster
Slat jou lat jy lyster."

Da' prrr ons ap toun-toe.
As ons da' kom, ons jag an soos
moesjoes. Een van ons kry somme'
lang spiet da' gôi hy hulle
stukkent.
Dan mak ons 'n out.
Kom ons by die mark
mak ons 'n jammanmiel.

Van daaraf prrr ons vir die
moreksie (gha ons die treila,)
dan prrr ons hie' in Marabi.
Kom ons by die koektiesj, sê
ons: "Asjê Mam, Ons norag sop."
"Nee da' is, julle staan sie-
ghalie. Dan tsjoet die mannes:
"Laat ons anjag soos fô-ap."
Da' jag-ons an soos whan-ap-
whan-ap. Da' jag ons an moedie
sop so pienap. Da' prrr ons nou
mayô toe, dan jag ons aan soos
moriekits. Trap ons somme' ons
se bybies vas in die mayo,
tsjoet ons hulle somme' ghieliek.
Kêtsj hulle die rede, jag ons
aan soos bulle. Van daar af,
jag ons nou an moet die Bloe-
laghoen soos bo-painies-ding-
helle.

Da' gan ons nou koraal wandel.
Trap ons onse moegoe vas, tsjoet
ons hom die rede. As hy tiem'la

1.

Vroeg in die oggend tuis drink
ons koffie/tee, en dan gaan
ons uit. Kom ons daar waar
die manne is, sê ons:"Hullo
broers! Hoe gaan dit?" "Nee,
so-so (ca-ca spreek soos Zulu
suigklank uit), broers (eintlik
vaders), goed." Dan sê ons
ook: "Nee goed." Dan sê ek
vir 'n broer: "Haai gee bietjie
rookgoed daar." Dan sê hy
(mônaldak = praat, Donald Duck):
"Ek het skaarste aan sigarette
broer, ek is platsak." Dan sê
ek: "Nee, reg. Ek dink ons
moet dagga rook." Dan rook
ons dagga. Dan het ons 'n
lekker gevoel. Dan sê ons:
"Al die rokers is bymekaar,
Skud die boom dat die tari
waai,
Ek het 'n yster
Ek slaan jou dat jy luister."

Dan maak ons spore stad toe.
As ons daar kom, speel ons met
dobbelsteentjies. Een van ons
kry miskien 'n groot geluk en
wen baie.
Dan gaan ons verder.
Kom ons by die mark, neem ons
'n lekker ete (German meal).

Daarvandaan gaan ons na die
registrasiekantoor, (ons neem
die bus) dan gaan ons Maraba-
stad toe. Kom ons by die
drinkhuis (sjebeen), sê ons:
"Dag Antie. Ons wil bier (drank)
hê." "Nee daar is, julle is
gelukkig." Dan sê die manne:
"Laat ons vir vier sjielings
drink (four up)." Dan dra
elkeen 'n sjieling by. Dan
drink ons die bier. Dan gaan
ons bioskoop toe (bio=mayo) en
koop kaartjies. In die bio-
skoop trap ons ons meisies vas
en gesêls sommer lekker.
As hulle instem, vry ons.
Daarvandaan gaan ons koeldrank
drink by die Blue-lagoon
kafee.

Dan gaan ons nou geld soek.
As ons 'n dom Bantoe raakloop,
vertel ons hom. As hy teëpraat

© University of Pretoria

jag / ...

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



jag ons hom aan soos dombul. Die tyd as hy pazie, ons dam hom skwêê. Ons mrrr hom. Hy slaan skê's terug want hy hôp die mannes sal hom somme' kwatsa, sal hom somme' zônônô maak. Da' prrr ons en gan ons an soos fifties.

Dan tsjoet ons die mannes laat ons angan soos moeg-moeg, soos ghoesj-ghoesj. Voor ons ghoesj-ghoesj ons jag an soos whatels. Da' moeg ons somme' ca daai slag.

Ons slaan 'n moegoe strouk. Die klêwe's los ons, dis die mannes daai. Die bôks se mannes ons los hulle, hulle is ôk môtsiengs bat is spatsa-motsiengs, dis die Hêpkêts. Spatsa-motsings is mannes wat nie die taal mang en reelie-reelie tsjoet nie. Ons dam hom bat net as hy so ghieliek mazoemas het. Ons gan nie an soos topsak nie. 'n Ngamla ons dam hom by die joek-boks, reeds as hy gesop is, die slag as hy moet onsse molle wil mang. Da' mak hy ons somme' so ghieliek som. Die mommiesje van die kaas, dis die kou-kou's, hulle loop nog skool, hulle gloup moe' die glouper, gan ons nie soos koek nie. Hulle het ôk hulle rensje bat hulle is nie brata's nie, net pêlle.

Hulle mônaldak ôk die taal 'n bietjie. As ons hom tôtsj moet die straat, ons sê:
"Hei mprrr --- hieta." As hy nie hôp om te tsjoet "Simbolie" nie dan gan ons hom en monaldak hom ghiedieng. As hy nie ghiedieng gha nie, dan gan ons hom met 'n een, met 'n rol! Ons gan hom nie moet die sak nie. Dan mêp ons.

Voor as hy kan 'n Tsôô word, hy moet eers warm gemaak word: hy word gegan, koraal getsala, sop geleer, marwanas geleer, jit geleer, en om te molle pliet. Hy gôi lankal die morouza 'n fifteen bottom.

gryp ons hom. As hy hom teësit, oorweldig ons hom. Ons beroof hom. Hy slaan kwalik (skaars) terug want hy weet die manne sal hom sommer steek, sal hom sommer doodmaak. Dan loop ons en gaan verdeel die geld gelykop.

Dan sê ons vir die manne dat ons moet gaan slaap. Voordat ons gaan slaap, rook ons eers dagga. Dan slaap ons sommer lekker daardie keer.

Ons beroof 'n dom persoon. Die klêwe's laat ons staan. Hulle is mede-tsotsi's. Die blêrkas se manne laat ons ook staan, hulle is ook tsotsi's, maar slegs halwe tsotsi's, hulle is Hêpkets. Halwe tsotsi's is manne wat nie die taal verstaan en werklik goed praat nie. Ons beroof hom net as hy baie geld het. Ons beroof nie 'n ouman nie. 'n Blanke beroof ons by die blêrkas veral as hy reeds dronk is, en met ons meisies wil lol. Dan gee hy ons sommer baie geld. Die dom outjies van die lokasie (kaas), dis die kou-kou's wat nog skoolgaan en by die onderwyser leer, beroof ons nie. Hulle het ook hulle bendes, maar is nie broers nie, net vriende.

Hulle praat ook die taal 'n bietjie. As ons hom in die straat sien, sê ons:
"Hei mprrr --- hieta." As hy nie weet dat hy "Simbolie" moet sê nie, trap ons hom vas en vra hom geld. As hy nie geld gee nie, dan slaan ons hom met die vuis. Ons beroof hom nie. Dan gee ons pad (mêpdrô = mapdraw = weghardloop).

Voordat hy 'n tsotsi kan word, moet hy eers ingelyf word: hy word geslaan, van geld beroof, geleer om drank te drink, daggarook geleer en geleer om te dans en te vry. Hy vernou lankal sy broek (môrouza = trousers = broek) sodat die pype onder vyftien duim is.
(Botha 1951:60-63.)

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

6. Samevatting

Dit was vir ons baie duidelik dat die gemiddelde lid van die jeugbendes slegs enkele toevallighede met sy maats gemeen het. Almal het reeds skool verlaat en dit op 'n relatiewe vroeë ouderdom en almal was werkloos. Die gebruik van die tsotsi-taal en die neiging tot misdadigheid en immoraliteit was gevolge van die bende-aanhorigheid en nie voorafkenmerke wat die bendelede bymekaar uitgebring het nie.

Die oorsaak vir die bendevorming moet gesoek word in die lewensomstandighede in Atteridgeville waar die verswakking van ouer-kontrole en die afwesigheid van 'n vaste lewensroetine hetsy deur skoolbesoek of 'n vaste werk jong kinders op hulleself aangewese laat. Dat tydelike bendevorming onder sulke omstandighede sal voorkom, word deur ons as normaal beskou. Hoewel ons die verskynsel hier breedvoerig behandel het, kan ons dit nie as die ontstaan van 'n vaste en nuwe sosiale groeperingswyse in die maatskappy aanvaar nie.

Dit is opvallend dat hierdie bendevorming slegs onder seuns plaasvind. Nòg ons nòg dr. Bothma kon daarin slaag om te bewys dat 'n bende gereelde en getroue lede uit die vroulike geslag trek. Daar is ook geen bendes of jeuggroepe wat slegs uit dogters bestaan nie. Die aandeel van dogters is beperk tot die van aanhangers en vryers van bendelede. As sodanig wissel hulle van tyd tot tyd. Daar was ook geen bewese gevalle van bende-oorlog soos ons dikwels onder jeugdiges in Amerika aantref nie.

V. NUWE VERBINTENISSE ONDER VOLWASSENES

Ons het reeds daarna verwys dat die geordende sosiale struktuur van die tradisionele lewe, waarin daar sprake is van kleiner en steeds groter wordende verwantskap- en samewonende eenhede, volledig in Atteridgeville ontbreek. Die enigste sosiale eenheid wat behoue gebly het, is die gesinsverband. Die algemene patroon is dus een van individualisering. Daar kan dus by die nagaan van nuwe sosiale verbintenisse eintlik slegs sprake wees van die sameskakeling van individue in nuwe belangegroepe of vae begrippe van stand- en klasaanhorigheid. Benewens die moontlikheid van sulke vae sameskakelings het ons ook reeds verwys na nuwe en meer georganiseerde verbande waarin volwassenes hulle self organiseer. Die vernaamste van hierdie nuwe verbintenisse is die Mogodiso-sirkel, die politieke party en gemeentelike verenigings.

A. Klas- en standverdelinge

In Atteridgeville is daar een duidelike en afsonderlike groep mense wat vanweë hoogagting van hulleself kwalik met andere meng en op wie die res van die inwoners eintlik neersien. Na hierdie groep word in die wandel as Oorlamse of sommer Boesmans verwys. Hierdie groepie is relatief gering en tel ongeveer 40 tot 60 huiseenhede. Die huishoof is in die meeste gevalle 'n ou weduwee. Hierdie mense is van die ou oorspronklike huiseienaars in Marabastad en word van alle ander daarin onderskei dat hulle huistaal Afrikaans is. Hulle beskou die res van die inwoners soos van ouds as kamerhuurders soos hulle in Marabastad was.

Hierdie nalefenis van verdelinge uit vroeër tye vind ons ook verder in Atteridgeville in die afbakening van verskeie "voorstede". In Marabastad was daar 'n sekere deel waar heelwat "prostitute" voorgekom het. Met die hervestiging van die mense uit hierdie area in Atteridgeville het hulle huise in 'n bepaalde kol gekry. Na hierdie area word in die wandel as Sefenaroka (die rokoptellers) verwys. Die mense uit 'n ander deel van Marabastad waar dikwels gevegte voorgekom het, het ook in Atteridgeville huise in een area gekry. Na die gebied word verwys as Fietas. Met

© University of Pretoria latere / ...

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



latere verskuiwing van ander woonbuurtes se mense na Atteridgeville het areas soos Colbyn, Greenside, Black Rock ens. ontstaan. Hierdie verwysinge het anders as die groepering van die Oorlamse geen besondere sosiale betekenis gekry nie. Mens kan nie die bewering maak dat ons hier te doen het met standaanduiding omdat sommige buurtes meer gesog is om in te bly as ander nie. Elkeen moes die huis neem wat volgens behoefte aan hom toegewys is ongeag die lewenspatroon wat hy volg of die sosiale aansien wat hy geniet. Behalwe in die geval van speelgroepe speel hierdie afbakening feitlik geen rol in die aangaan van vriendskapsbande nie.

Een van ons informante het verwys na onderskeid wat in die algemeen gemaak word tussen wat hy genoem het dorpsmense en plaasmense. Diegene in Atteridgeville wat in Pretoria gebore is uit ouers wat reeds lank hier woonagtig is, beskou hulle as dorpsmense en ag hulle beter as die plaasmense. Dorpsmense is na diesulkes se oordeel oor die algemeen beter opgevoed, dit wil sê hulle weet hoe om hulle volgens Westerse standaarde te gedra. Hulle gaan beter geklee, het beter en mooier meubels, is sorgsamer op hulle taal en heg groot waarde aan skoolopleiding. Kortom hulle handhaaf 'n lewenstandaard wat so getrou moontlik die Westerse voorbeeld volg.

Hiernaas is plaasmense diegene wat op die platteland gebore is en redelik onlangs na Pretoria gekom het. Hulle is nie gewoond daaraan om in die beknopte omstandighede van stedelike woonbuurtes te lewe nie en drink daarom byvoorbeeld sommer voor hulle kinders. Die beknopte lewenspasie bring mee dat ouers hulle nie met genoegsame privaatheid van hulle kinders kan afsonder nie. Hierdie mense is ook nie in staat om behoorlike voorligting aan hulle kinders te gee nie. Tussen die lede van hierdie twee groepe, het ons segsmanne verduidelik bestaan daar 'n groot mate van afsydigheid.

Dit was gou duidelik dat hier sprake was van twee breë groepe na lewenshandel en dat aanhorigheid aan die een of die ander nie streng met plaas- of dorpsherkoms te make het nie. Daar was armes onder diegene wat in die dorp gebore was wat ons segsmanne sonder meer by die laerstand gegroepeer het. Rykes uit die plaasgebore groep het geredelik 'n plek onder die dorpsmense gekry. Rykdom en armoede het hier vir ons segsmanne saamgeval met 'n vermoë of onvermoë om uiterlik 'n Westerse lewensatmosfeer te handhaaf.

Ons het uit al die gegewens die gevolgtrekking gemaak dat daar 'n basiese verskil getrek word tussen diegene wat verder gevorder het op die pad van verwestering en die wat nog nie so ver gevorder het nie. Rykdom aan aardse goedere en geleerdheid was twee aanvullende onderskeidings. Gewoonlik het 'n verwesterde lewenshouding saam gegaan met 'n goeie betrekking wat verwerf is vanweë opleiding of geleerdheid van een of ander soort.

Van veel minder belang was die onderskeid wat gemaak was tussen Christene, d.i. diegene wat aan 'n kerk behoort het, en heidene, d.i. diegene wat openlik en uitsluitlik offerandes aan voorvadergeeste gebring het en toordokters gereeld geraadpleeg het.

Soos ons reeds gewys het (p. 98 e.v.) speel geleerdheid en rykdom mindere rolle by die keuse van 'n huweliksmaat. Die deurslaggewende faktor is dat iemand "wat leef soos jy leef" vir jou van jou soort is.

Daar was aan die ander uiterste van die skaal 'n handvol werklik ryk persone in Atteridgeville waarvan ongelukkig nie een in ons groep proefgesinne opgeneem is nie. Ons verwys hier na individue met 'n kapitaalkragtigheid van meer as R20,000. Een van die individue se kapitale vermoë kon konserwatief op R240,000 gestel word. Die meeste van sodanige besit was in die vorm van vaste eiendomme elders terwyl die eienaars bereid was om in die sub-ekonomiese huise van Atteridgeville te bly woon. As handelaars en transportkontrakteurs was hierdie mense op baie gebiede van die toonaangewendes in

©University of Pretoria

Atteridgeville / ...

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Atteridgeville. Hulle het hulle beslis as beter as baie van die inwoners beskou en het afwysend gestaan teen sosiale kontak, ook deur hulle kinders, met die minderes. Nogtans moes baie van hierdie ouers die verdriet smaak dat ook hulle dogters vooregtelike babas in die wêreld gebring het.

So gesien beteken dit dat daar in Atteridgeville onder volwassenes geen besondere nuwe sosiale klasse tot stand gekom het wat 'n rigsnoer gebring het of 'n verpligting op lede geplaas het om hulle lewe volgens hierdie of daardie algemeen-geldende patroon te reël nie. Die strewe na die Westerse norm was 'n algemene en die voldoening aldan nie daaraan het wel status gebring maar het jou nie lid gemaak van 'n meer eksklusiewe of minder eksklusiewe groep wat binne homself selfgenoegsaamheid gebring het nie.

B. Mogodisô

In die mogodisô-sirkel, soos ons dit uitvoerig in die ekonomiese oorsig beskryf het, vind ons een van die weinige sosiale groepe wat as groepsverbondenheid iets nuuts is. Die groepe wat vir mans en vrouens afsonderlik georganiseer was, het as essensiële element die gereelde samekoms van vrouens by 'n teeparty, en mans by 'n bierparty gehad. As sodanig kan die sosiale bindingswaarde met 'n teeklub of brugklub onder Westerlinge vergelyk word. Daar was geen poging om die mogodisô-sirkel 'n meer betekenisvolle vereniging-status te gee deur byvoorbeeld byeenkomste aan geordende besprekings te wei nie. Dit is ons verduidelik dat mogodisô-sirkels hulle lede gewoonlik trek uit 'n groep met 'n bepaalde voorafverbondenheid, bv. slegs uit 'n bepaalde stam, of politieke party of selfs woonarea. In die algemeen is dit korrek om te beweer dat mense wat so verbind is die sirkel begin maar gaandeweg word daar ook vreemdes toegelaat. In geen mogodisô-sirkel wat ons ondersoek het, was die lidmaatskap-beperking streng deurgevoer nie.

Die sosiale binding binne die sirkel berus op twee elemente. In die eerste instansie is daar die genot van die gereelde samekoms of party wat bv. maandeliks om die beurt by lede se huise gegee word. Veral by die mogodisô van vroue is dit 'n geleentheid waarheen "uitgegaan" word en waarvoor mens spesiaal "aantrek". In die tweede plek is daar die verpligting om gereeld jou bydrae te lewer. Dit is ons verduidelik dat die sosiale verpligting om te betaal baie belangrik is. Wanneer jy bloot geld in 'n spaarrekening sou deponeer kan jyself in versoeking kom om die geld liewer dadelik te bestee. As familie vra om die geld te leen, is jy moreel verplig om die spaargeld tot hulle beskikking te stel. Wanneer jy egter 'n mogodisô-verpligting het, geld hierdie verpligting bo enige aanspraak van familie en vriende. Jy het nie geld nie want jy moes dit alles bestee aan mogodisô. Mettertyd verkry jy dan die spaarvoordeel wat onmoontlik sou gewees het as jou familie tydig en ontydig by jou kom geld leen het.

As direkte voorbeelde van mogodisô-sirkels waar die gereelde sosiale byeenkoms in gebruik was, het ons kontak gemaak met: (1) Die Basadi ba Batlôkwa. Hier is hoofsaaklik vrouens van die Batlôkwa-stam saamgeskakel. Die aantal wat gereeld maandeliks die byeenkomste bygewoon het was tussen 20 en 30. (2) Die 15 mans van Timbastraat wat gereeld elke twee weke byeengekom het. (3) Die vrouens van Greenside (wyksbenaming) waar 20 vrouens maandeliks byeengekom het. (4) Die 12 mans van Masisa van die area om Molope- en Mareka-strate waar twee-weekliks byeengekom is.

In elke geval waar geld oorgedra is, was die totale bedrag saamgestel uit drie dele. Eerstens is daar die vaste ledegeld, die seroto, bv. R2 per maand of twee weke na die geval mag wees. Tweedens is daar 'n bedrag van 10c wat elkeen moet betaal, die dijô, vir die kos wat geëet word. Derdens het dit enige lid vrygestaan om

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



enige addisionele bedrag waaroor hy beskik bv. R10 as "balance" aan daardie maand se ontvanger oor te betaal. Wanneer die mogodisô-geselligheid dan by die gewer van die "balance" gehou word, moet die ontvanger van die "balance", seroto, dijô en 'n gelyke hoeveelheid "balance" teruggee.

Om ordelikheid te verkry, is daar soms 'n voorsitter en tesourier. Soms is dit een persoon. Die belangrikste taak is om boek te hou van die bydrae wat elke keer inbetaal is en om te bepaal wie nie betaal het nie. Diegene wat nie teenwoordig kan wees nie kan hulle geld stuur. Omdat hulle nie van die kos geniet nie hoef hulle nie dijô te betaal nie. As iemand nalaat om te betaal, word hy aangemaan en moet hy behalwe die bedrag nog 25c boete betaal. Betaal die persoon nog nie word die saak daar gelaat tot die volle sirkelgang voltooi is. Dan gaan elke mogodisô-lid na die nalatige en eis elkeen sy bedrag wat hy aan die nalatige volgens die boek betaal het, terug. Daar is een geval aan ons genoem waar die eisers sonder meer beslag gelê het op die sitkamermeubels om hulle geld "terug te kry". So iets is 'n geweldige skande. Mens probeer enigiets om jou mogodisô-verpligtinge na te kom. Selfs in die genoemde geval van beslaglegging het die skuldige binne 'n paar maande die verskuldigde bedrae terugbetaal en sy meubels so stuk-stuk teruggekry.

Dit is moontlik dat 'n nuweling tot 'n mogodisô-sirkel toegelaat word. Hy neem slegs sy plek heel onder in die ry en moet 'n volle kringloop wag voor hy enige voordeel sal ontvang. Enigeen kan 'n mogodisô-groep eervol verlaat deur slegs toe te sien dat hy aan al diegene vir wie hy skuld die korrekte bedrae laat toekom.

Die mogodisô-party is nie 'n geslote byeenkoms nie. Enige vreemdeling kan as besoeker saamgebring word. Sulke besoekers, bakgopedi moet slegs die 10c dijô-geld vir hulle teenwoordigheid stort. Dit is gebruiklik dat een mogodisô-sirkel 'n ander uitnooi na hulle geselligheid of ten minste sommige van die lede van die ander groep vra om dit aan belangstellendes bekend te maak. Afhangende van die getal besoekers wat teenwoordig is (en ook van die bedrae aan "balance"), kan 'n bepaalde lid van 'n mogodisô-sirkel dus 'n groter totale inkomste verkry as van die ander lede.

Vir die geselligheid by 'n vrouegroep is die gasvrou veronderstel om tee, koekies, jellie en vla en koeldranke te bedien aan die gaste. Wanneer die party oor is, word die oorskot veral die koekies gelykop verdeel tussen die aanwesiges "om saam te neem vir hulle se kinders." Dit gebeur soms dat 'n vrou haar man stuur met haar bydrae as sy nie kan gaan nie. So 'n persoon sal ook iets te drinke kry en hoor hoeveel die gasvrou ontvang het en wie agterstallig is met haar geld. Dan is hy egter veronderstel om te vertrek. Dit is 'n besliste kenmerk van die mogodisô-sirkel dat groepe wat lede van albei geslagte insluit nie gevorm word nie. Die basiese besprekingspunt op die byeenkomste van vrouens is die jongste skindernuus.

Die geselligheid by 'n mogodisô-sirkel vir mans is altyd 'n bierparty. Geen of baie weinig kos word bedien. "Bier is mos kos." Die hoeveelheid bier wat gewoonlik gebrou word is 8 gelling. Bakleiery en dronkenskap kom nie voor nie. Die bier is te min. Dit is 'n sosiale geleentheid en nie 'n dronkemansparty nie. Die mans vertel mekaar van hulle wedervaringe. Die landspolitieke strydpunte tussen die regering en opposisie word druk bespreek. Die party hou aan tot die bier gedaan is. Dan gaan elkeen huis toe.

Mogodisô, as nuwe sosiale groepering dra dus ook, soos al die ander, die kenmerk dat aansluiting 'n individuele en persoonlike handeling is. Vir die wat daaraan behoort, verskaf dit groter sosiale verbondenheid. Daar is egter baie mense wat nie aan sulke sirkels behoort nie.

© University of Pretoria

C. / ...

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

C. Politieke partye

Die twee-jaarlikse verkiesing van lede van die Adviserende Komitee bring mee dat daar eintlik geen rusperiode is waarin party-verbondenheid kan vervaag nie. Elke stemgeregtigde kon ons sy party-aanhorigheid onmiddellik beduie. Die redes waarom hy die een party bo die ander verkies kon niemand juis bevredigend verstrek nie. Die party was eintlik geen eenheid wat die bevordering van beginsels nagestreef het nie, maar slegs volgelingsgroepe van bepaalde persoonlikhede. Partybyeenkomste was hoofsaaklik in die vorm van kleiner of groter vergaderings. Daar was weinig sprake van invloed op die sosiale lewe buite die verkiesingsaktiwiteite. Partylidmaatskap het ondanks die afwesigheid van lidmaatskapsgelde en gereelde samekomste tog 'n algemene en losse verbondenheid tussen medevolgelinge meegebring.

Dit is wel waar dat sommige partye mogodisô-sirkels en "Mourning Societies" vir lede georganiseer het. Die mogodisô-sirkels het egter bestaan uit groepe vriende (veral vrouens) wat vriende was ook buite die normale partyverband. Die ooreenstemming was dus dikwels toevallig. Die "Mourning Societies" het die neiging vertoon om na 'n kort bloeiperiode te verval.

Vanuit die party-ordening kon ons dus nie bepaal dat daar standhoudende groepsverbondenheid ontwikkel nie.

D. Kerkverenigings

In die geval van die gemeentelike lewe is daar 'n ryke verskeidenheid van sosiale groepe wat in aanmerking kom vir aanduiding as nuwe sosiale groeperinge. Dit wissel van Sondagskoolklasse tot verenigings vir vroue en manlike lidmate. In elke geval het mens te doen met byeenkomste wat die vryetyd van lidmate in beslag neem.

Van al die byeenkomste en groepe is dit alleen die verenigings vir vrouelidmate wat elke Donderdagmiddag byeenkom wat enige besondere waarde as sosiale saambinding het. Hierdie byeenkomste wat die vorm van bidure aanneem, word by meeste kerke redelik getrou bygewoon. Lidmate is trots op hulle verbondenheid aan die een of ander "Manyano". Naas biduurbyeenkomste word periodieke siekebesoeke ook onderneem.

Hoewel hier dus sprake van sosiale verbondenheid is, moet mens altyd in gedagte hou dat die bindkrag van hierdie eenhede nie besonder sterk is nie. Bywoning is byvoorbeeld opsioneel. In een opsig staan die verbintenisse wat vanuit kerklidmaatskap spruit bo alle ander sosiale bande uit. Hierdie eenhede vorm die praktiese uitlewingspunte van die evangelieverkondiging. Daar is dus 'n etiese element wat die alledaagse lewe van die lede reël met wie hulle ook al in aanraking kom. In hierdie opsig het ons in die geval van die kerkverenigingslewe 'n sterk en betekenisvolle waarde in die gemeenskapslewe van die sosiale eenhede wat gestig word. Vir baie lidmate is die kerkverenigings die belangrikste uitingspunte van sy sameskakeling met andere in die Atteridgeville-woonbuurt.

Ten opsigte van kerkaanhorigheid moet mens egter onthou dat daar baie lidmate is wat nie aktief aan hierdie verenigingslewe deelneem nie. Hoewel die verenigings dus as nuwe sosiale groepe beskou kan word, is dit nie breed en algemene versamelingspunte vir die individue wat in Atteridgeville los geslaan is van hulle tradisionele bande met afkomsgenote en stamgenote nie.

Dit is die essensiële in die groepvorming onder volwassenes dat die eenhede los en toevallige verbondenhede vorm. Lidmaatskap is 'n persoonlike daad. Bande wat op jou gelê word, veral in die kerkvereniging, word vrywillig onderneem sodat daar geen ooreenkoms te bespeur is van die vaste bande en verpligtinge wat die tradisionele orde op jou lê nie. In hierdie opsig is daar dus ooreenkoms in die sameskakeling met ander volgens politieke oortuiging of op grond van

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



aanhorigheid aan 'n bepaalde kerklike gemeente.

VI. GEORGANISEERDE NUWE VERBANDE VAN SOSIALE BETEKENIS

Sover het dit uitsluitlik gegaan oor nuwe sosiale groeperinge waarin inwoners van Atteridgeville hulleself vrywillig en spontaan organiseer. Dit is egter so dat daar van owerheidsweë en van die kant van private Blanke instansies omvangryke pogings in die werk gestel word om inwoners by 'n verskeidenheid van verenigings te betrek. Die aksie van die kant van private Blanke instansies weerspieël die werk van sommige welsynsorganisasies.

Ingevolge artikel 19 van die Stadsgebiede Wet moet winste uit die verkoop van kafferbier hoofsaaklik bestee word vir die organisering van welsyns- en ontspanningsdienste aan die Bantoepersone in die gebied van 'n bepaalde stedelike plaaslike bestuur. Hierdie bedrae is gewoonlik so groot dat die wetgewer dit goedgedink het om sedert 1949 te magtig dat 2/3 van die onbestede kredietsaldo jaarliks aan byvoorbeeld behuising bestee kon word. Hierdie vergunning kan deur die Staatspresident na ondersoek ingetrek word indien dit byvoorbeeld blyk dat daar nie genoegsame voorsiening vir welsyns- en ontspanningsdienste deur 'n bepaalde stadsraad gemaak word nie.

Hierdie wetlike bepaling het ten gevolge dat alle groot plaaslike besture, ook Pretoria, 'n hele aantal amptenare in diens het met die uitsluitlike opdrag om onder andere ontspanningsfasiliteite vir die Bantoe te voorsien en hulle aktiewe gebruik van die fasiliteite te organiseer.

A. Ontspanningsfasiliteite te Atteridgeville

Binne die Afdeling vir Welsyn en Ontspanning van die Afdeling Nie-blankesake van die Stadsraad was daar benewens die Senior Superintendent vir Welsyn en Ontspanning, 'n Blanke ontspanningsbeampte, een Blanke en twee Bantoe instrukteurs, 'n Bantoe instruktrise en een Bantoe Sportorganiseerder wat die verantwoordelikheid vir die organisering van sport en ontspanning moes onderneem. Hierdie afdeling se aksiepunte was by die sportvelde vir nie-blankes wat as Stadsraadseiendom te Atteridgeville, Marabastad, Lady Selborne en Groenkloof uitgelê was. Die belangrikste dienste is egter gelewer aan die inwoners van Atteridgeville waar die grootste sportgronde aangelê is. Die Pelindaba-stadion het bestaan uit 'n paviljoen met kleedkamers, een atletiekbaan, twee sokkervelde, een rugbyveld, vier tennisbane en agt korfbalbane. Hokkie is gespeel op die sokkerbane. Die geheel is in stand gehou teen 'n jaarlikse uitgawe van R3,800 in 1953. Die totale begroting wat in daardie jaar in Atteridgeville aan alle sport en ontspanningsaksie bestee was, was R8,380. Die grootste enkele uitgawes wat gemaak was, was die R3,000 vir die instandhouding van die sportgronde en R2,960 aan salarisse en reistoelaes van die personeel. Die bedrae wat deur die welsynspersoneel bestee is, word nie hier behandel of in ag geneem nie.

Interessantheidshalwe meld ons egter dat die aanwendbare winste in die Kafferbierrekening in 1953 in afgeronde syfers R20,600 beloop het en dat die totale besteding vir Welsyn en Ontspanning in die hele Pretoriase Munisipale area in 1953 in afgeronde syfers die bedrag van R56,000 beloop het. Die Stadsraad het dit goed gedink om die tekort uit die Naturelle-inkomsterekening aan te vul. Daar was dus in Pretoria besteding na behoefte en nie volgens die letter van die wet vir soverre dit die welsyn en ontspanning van die Bantoepersone in die Munisipale gebied geld nie.

Die aard van die diens wat die ontspanningsafdeling van die Stadsraad aan die inwoners van Atteridgeville lewer, is omvangryk. Daar is verantwoordelikheid aanvaar vir die gee van liggaamsoefeningklasse aan die vyf laerskole in Atteridgeville. Die reëling

©University of Pretoria

en / ...

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

en beoordeling van die jaarlikse interskole atletiekbyeenkoms in Atteridgeville was in die afdeling se hande. Hierbenewens is toesig gehou en steun verleen aan 'n verskeidenheid sportverenigings vir jeugdiges sowel as volwassenes. Dit is alleen in hierdie laaste instansie dat daar van georganiseerde nuwe sosiale groeperinge sprake is. Aan die ander aspekte van die diens wat gelewer is, word egter ook kortliks aandag gegee.

Sedert 1948 het die Afdeling Sport en Ontspanning in samewerking met die prinsipale van die vyf laerskole in Atteridgeville daartoe oorgegaan om een periode liggaamsoefeninge per week aan alle laerskole vir seuns en dogters tussen die ouderdomme 10-14 jaar te gee. Die oefeninge het hoofsaaklik bestaan uit vrystaan-oefeninge en elementêre apparaatwerk.

Die algemene sportaktiwiteite deur hierdie skole is eweeens deur die Afdeling gestimuleer. Onder leiding van amptenare het alle Bantoelaerskole in Pretoria (waarvan vyf in Atteridgeville was) hulle verenig in die Pretoria African Interschool Sports Association. Die administrasiewerk vir hierdie liggaam is deur die Afdeling behartig omdat dit gewoonte geword het om die Bantoesportorganiseerder as sekretaris van die liggaam te kies. Hierdie liggaam het die stimulus verskaf aan alle atletiek, sokker en korfbal wat as buiteskoolse aktiwiteite deur die skole georganiseer is.

Sokker en korfbal moes vanweë gebrek aan personeel in die hande van die skoolpersoneel self gelaat word. Elke skool het egter verskeie sokkerspanne en korfbalspanne in die veld gehad en die Afdeling was behulpsaam met die opstel van 'n wedstrydrooster en algemene administrasie. Balle en enkele ander benodighede is gratis verskaf.

Skole-atletiek is feitlik volledig deur amptenare van die Afdeling georganiseer. Vir die jaarlikse atletiekbyeenkoms het die Afdeling aan alle skole buite Atteridgeville gratis vervoer verskaf, die trofeë aangekoop en as afsetters en baanbeamptes die hele byeenkoms georganiseer. Atletiek is in Atteridgeville 'n sport vir die herfs en voorwinter. Die onderwysers het besluit dat die somer te warm is vir atletiek. Geen atletiek vind dus in die eerste kwartaal plaas nie. Die derde en vierde kwartale van die jaar staan in die teken van die eksamen. Dus word die hele aksie in die tweede kwartaal afgehandel. Die normale atletiekitems word voor meegeding maar waar daar onder Blankes kompetisie in bepaalde ouderdomsgroepe is, is van so 'n verdeling vir die Bantoe in Pretoria afgesien. Suiwer aanduiding van ouderdom is dikwels moeilik. Om dié rede word in die verskillende items meegeding op die basis van verskil in liggaamslengte. Die jaarlikse program beslaan gewoonlik 'n drie-en-dertigtal items waaronder slegs verspring as veldnommer teenwoordig is. Die jaarlikse atletiekbyeenkoms is 'n groot gebeurtenis soos afgelei kan word uit die feit dat in 1953 517 deelnemers by die byeenkoms uit die skole van Atteridgeville afkomstig was.

Sport- en atletiekorganisasie op die hoërskool in Atteridgeville is volledig in die hande van die onderwyspersoneel self. So ook die jaarlikse inter-hoër atletiekbyeenkoms wat net soos dié van die laerskole op die Pelindaba-stadion gehou word.

Daar bestaan in Atteridgeville van sy totstandkoming af 'n verskeidenheid van senior sportklubs. Sportfigure in Atteridgeville het die probleem van die loslopende jeug wat meesal skool gedurende die primêre onderrigsjare verlaat, raakgesien en 'n verskeidenheid van sportklubs vir jeugdiges begin. Ongelukkig het hierdie lofwaardige pogings steeds wisselende sukses gehad omdat daar geen wyse was om onkoste aan sportapparaat te dek nie, omdat die stigter se belangstelling dikwels gekwyn het maar veral omdat die aanvanklike entoesiastiese jeugdiges gaandeweg na senior klubs gepromoveer het en nie genoegsame nuwe materiaal gewerf is nie. Die afwesigheid van

geskikte / ...

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

geskikte sportvelde was ook 'n probleem.

Ongeveer 1949 het die Afdeling Sport en Ontspanning met die vermeerdering van personeel en finansies, pogings aangewend om mee te help in die hantering van die probleem. Omdat die hulpverlening aan senior sportklubs toe ook op vaste basis geplaas is en die meeste junior klubs aan senior klubs geskakel was omdat lede van die senior klubs die junior klubs gestig het, kan 'n behoorlike prent alleen verkry word deur die verskillende sportsoorte afsonderlik te betrag.

1. Sokker

Sokker is die mees algemene georganiseerde ontspanningsvorm in Atteridgeville. Die sport word deur volwassenes en jeugdiges dwarsdeur die jaar beoefen. Die wedstryde word op Saterdag en Sondagoggende vir die junior klubs gereël en op Saterdag- en Sondagmiddae vir die volwasse klubs. Omdat die skole se sokkerwedstryde slegs gedurende die tweede kwartaal plaasvind, beteken dit dat baie skoolkinders vir die res van die jaar inskakel by junior sokkerklubs om ook die res van die jaar te kan sokker speel. Dit gebeur daarom dat die spelers van 'n junior klub bestaan uit skoliere en oudskoliere van een bepaalde skool hoewel die skool self geen aandeel aan die klub het nie.

In 1949 het die Sport en Ontspanningsafdeling 'n breë sokkerorganisasie vir die hele Pretoria gestig. Vir senior klubs is daar die "Pretoria and District Bantu Football Association" gestig waarby 15 klubs geaffilieer het. Alle senior klubs in Atteridgeville, vyf in totaal, het hier aangesluit. Vir die ordening van die sake van junior klubs is die "Pretoria and District Junior Bantu Football Assocation" gestig. Hierdie vereniging orden hoofsaaklik die sake van die 10 junior klubs in Atteridgeville. Volgens konstitusie moet die sport-organiseerder van die Afdeling lid wees van die bestuur. Die gewoonte het ontstaan om hom as sekretaris te kies waardeur die hele administrasie van junior sowel as senior klubs op die skouers van die administrasie beland het. Al hierdie klubs word voorsien van sokkerballe en het die gratis gebruik van die sportvelde te Atteridgeville.

Die oudste senior klub in Atteridgeville is die Black Jacks-klub wat met gemak twee volledige spanne in die veld kon hou. Omdat hierdie klub te groot geword het en spelers dus min wedstrydkanse kon kry het die Atteridgeville Home Stars van hulle afgestig. Die Chelsea-klub het sy ontstaan op dieselfde wyse gekry. Die Asea Callies is 'n senior klub wat tot stand gekom het uit oudskoliere van die Hofmeyer-Hoërskool. Die Methodist-klub is hoewel in Atteridgeville gevestig eintlik 'n samevatting van al die oudskoliere van alle Metodiste sendingskole in Pretoria en trek daarom van hulle spelers sover as Eastwood en Eersterus (20 myl).

Om aan hierdie senior klubs 'n vaste voedingsbron aan spelers te verskaf is die senior en junior klubs soos volg aan mekaar gekoppel met die bepaling dat sodra 'n speler ouer as 18 word hy moet oorgaan na die senior klub. So 'n speler is natuurlik vry om na 'n ander klub as die aangewese te gaan.

| Senior: | Junior: |
|---|---|
| Black Jacks | ( Black Jacks<br>( Fitters Darkies<br>( Western Callies |
| Atteridgeville Home Stars | United Brothers |
| Methodist | Methodist |
| Asea Callies | Hofmeyer High Wanderers |

Die Chelsea-klub wat 'n kwynende bestaan voer, is nog nie op die wyse van voedingsbronne voorsien nie.

© University of Pretoria

Benewens / ...

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Benewens die bogenoemde junior klubs wat tot stand gebring is deur lede van die senior klubs onder stimulus van die Afdeling vir Ontspanning is daar ook nog die volgende junior klubs.

The Wolves Club: Hierdie klub het sy naam geneem van die besoekende Wolverhampton Wanderers en bestaan hoofsaaklik uit skoliere en oudskoliere van die Mathabathe-skool wat op die wyse deur die jaar sokker speel.

The Arsenals Club: is gestig om die lede van twee jeugklubs die African Youth Club en Jolly Boys' Club die geleentheid te gee om aan die junior sokkerliga deel te neem.

The Brooklyn Cardinals Club is gestig vir die skoliere en oudskoliere van die De Jong-skool in Atteridgeville.

The Atteridgeville Bombers' Club is 'n onverbonde instelling waarmee ons geen bevredigende kontak kon kry nie.

So gesien is die junior sokkerklubs in Atteridgeville die sameskakeling van jeugdiges wat (1) ondersteuners is van bepaalde senior klubs; (2) lede is van bepaalde jeugklubs; en (3) skoliere en oudskoliere is van bepaalde skole. Alleen in die wyse waarop hierdie verbande skakeling tussen lede verskaf kan ons hier praat van nuwe sosiale groeperinge. Die blote bestaan van hierdie sportverenigings is natuurlik bewys van die feit dat die struktuur vir hierdie nuwe sosiale eenhede bestaan, hoedanige inhoud daaraan gegee word, was moeilik om te bepaal.

Ons het hier met sportklubs te doen waarin lede wat goed kan speel, wat die span kan haal, met entoesiasme van hulle lidmaatskap en verbondenheid aan medespanlede gesels. Dit is in hierdie vertoonstukke van die klub se sterkte wat die breiers en bestuur geïnteresseerd is. Almal vertel egter van die moeilike taak om jong seuns die nodige pligsbesef te leer dat hulle getrou vir oefening opdaag en nie belangstelling verloor wanneer hulle nie die span haal nie. In hierdie opsig moet mens dus besluit dat hierdie klubs, veral die junior klubs, 'n baie nuttige en noodsaaklike taak verrig maar dat die uitbouing van die klubs tot die sentrum van 'n sosiale verband tussen lede slegs geldigheid het in die lewe van 'n baie beperkte groepie sokker-entoesiaste.

2. Rugby

Rugby is in Atteridgeville onder die beheer van die Pretoria and District Rugby Football Association. Net soos by sokker dien die sportorganiseerder op die bestuur van die vereniging. Hierdie sportsoort het relatief min ondersteuners in Pretoria soos gesien kan word uit die feit dat daar in die hele Stadsraadsgebied maar vier spanne was wat van twee velde, een in Bantule en een in Atteridgeville, gebruik kon maak. Net soos by sokker word die klubs ook van balle voorsien.

In Atteridgeville was daar slegs een klub, die Zebras Rugby Football Club waarvan die lede almal volwassenes was. Geen voorsiening vir georganiseerde beoefening van rugby deur jeugdiges word gemaak nie. Rugby is ook nie een van die erkende sportsoorte wat op skool beoefen word nie. Die ledetal van die klub het slegs 35 individue beloop. Indien ons toelaat vir enkele nie-spelende administrators en een of twee reserwes, beteken dit dat die klub slegs twee spanne in die veld kon hou.

Van ons informante het beweer dat die meerderheid van die spelers van Xhosa-herkoms was en dat belangstelling in rugby in Pretoria eintlik uit die Oos-Kaap ingevoer is. Op hierdie interessante bewering kon ons ongelukkig nie ingaan nie.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

3. Vrouesport

Vrouesport staan in Pretoria onder beheer van die Pretoria and District Bantu Women's Hockey and Basketball Association. Eintlik het hierdie verbintenis ontstaan uit die stigting van een klub in Atteridgeville. Daar is later verdere klubs soos hulle elders tot stand gekom het by die beherende vereniging geaffilieer. Dieselfde patroon as by sokker en rugby bestaan in soverre as dat die sportorganiseerder op die bestuur van die vereniging as sekretaris dien en dat die klubs voorsien word van balle en hokkiestokke deur die Afdeling vir Ontspanning en dat hulle die gratis gebruik van die sportvelde geniet. Hokkie word op die bestaande sokkervelde gespeel.

Die ledetal in Atteridgeville is relatief min, slegs 66 spelers vir albei sportsoorte. Die klub in Atteridgeville neem lede vanaf hulle 16de jaar sodat daar heelwat skooldogters by hierdie klub ingesluit is. Dit is opvallend dat baie min Bantoevroue na hulle 20ste jaar aan enige vorm van sport deelneem. Met enkele uitsonderings is al die speelsters dus baie jonk en ongetroud.

Weer eens het ons 'n beeld van die sameskakeling van 'n sportgroep op georganiseerde wyse. Daar kan egter nie van 'n ontwikkelde sosiale groep gepraat word nie omdat alle informante kla oor die gedurige oorredingswerk wat gedoen moet word om spanne voltallig op die veld te stuur.

Die spele is vreemd aan die kennis van die gemiddelde inwoner van Atteridgeville en toeskouers daarom min. Een van ons informante het beduie dat die enigste belangstelling wat die ouers toon, is dat hulle hulle dogters toelaat om die aktiwiteite van die klub by te woon.

4. Krieket en tennis

Hierdie twee sportsoorte word alleen deur die "hoër klas" in Atteridgeville beoefen. Die reëls van die sportsoorte is kwalik bekend onder die gemiddelde inwoners van Atteridgeville. Die meeste spelers is klerke, onderwysers en onderwyseresse, sosiale werksters, verpleegsters en 'n hele paar van diegene wat as rykes beskou word en hulle kinders. In hierdie opsig sou mens dus kon sê dat die aktiwiteite van die klubs 'n weerspieëling is van die sosiale kontak van 'n geleerde en vermoënde bevolkingsgroep in Atteridgeville.

Krieket word deur slegs een klub in Atteridgeville gespeel. Alhoewel die ledetal as 32 aangegee word, is daar eintlik slegs 13 aktiewe lede. Die klub ontvang alle krieketapparaat van die Afdeling vir Ontspanning. Weer eens is die sportorganiseerder lid van die bestuur. Omdat daar slegs een klub is word wedstryde teen Indiër- en Kleurlingspanne in Pretoria gereël.

Tennis word natuurlik deur albei geslagte gespeel. Met die verskuiwing na Atteridgeville moes die enkele tennisspelers in Atteridgeville die distansie na Marabastad aflê om daar te gaan speel. Hierdie ongerief tesame met die stimulus van die Ontspanningsafdeling het gelei tot die vorming van die Atteridgeville Lawn Tennis Union waarby drie plaaslike klubs geaffilieer is. Die klubs is die Crusaders Lawn Tennis Club, die Roses Lawn Tennis Club en die Black Jack Tennis Club. Laasgenoemde was ten tye van ons opname nog in wording en verdere spesifieke gegewens word nie verstrek nie.

Tennis is by uitstek die ontspanningspel van onderwysers en onderwyseresse, en ook die senior leerlinge van die Hofmeyer-Hoërskool. Die Afdeling vir Ontspanning verskaf die bane en balle en die spelers moet slegs self vir hulle rakette sorg. Die twee aktiewe klubs in Atteridgeville het onderskeidelik 10 en 6 spelers gehad. Die verdeling in meerdere klubs het gekom vanweë 'n behoefte vir plaaslike kompetisie.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Die Crusaders-klub het uit die 5 mans en 5 vrouelede 'n paar hoërskoolleerlinge getel terwyl die 4 mans en 2 vrouelede van die Roses-klub almal volwassenes was. Omdat die plaaslike talent so karig is, word daar gereeld toernooie teen Indiër- en Kleurling-klubs gereël.

Dit is baie duidelik dat ons nie van 'n besondere sosiale sameskakeling op grond van tennis kan praat nie.

B. Ander georganiseerde verenigings

1. Jeugklubs

Daar was en is 'n verskeidenheid van Blanke welsynsinstansies wat pogings aangewend het en nog aanwend om jeugklubs en jeugbewegings onder nie-blankes te stig. Van hierdie kant is daar ook in Atteridgeville onder die Bantoejeug gearbei. Die welsynsliggame wat hulle hiervoor geïnteresseer het, was hoofsaaklik uit die geledere van die Engelssprekende Blankes.

In elke geval is hierdie bewegings georganiseer as 'n vertakking van 'n wye interrasse-beweging waarin soortgelyke klubs of bewegings onder Indiërs, Kleurlinge en Blankes bestaan. Die bekendste van hierdie aksies is seker die Boy Scout en Girl Guides beweging. Girl Guides het in Atteridgeville 'n sukkelende bestaan gevoer. Dit was opvallend dat dogters weinig of min volgehoue belangstelling vir jeugaktiwiteite getoon het. Vir hierdie verskynsel kon ons geen bevredigende verklaring vind nie.

Boy Scouts is in Atteridgeville georganiseer vanuit die skole. Die District Scoutmaster was 'n prinsipaal wat onder hom 'n verskeidenheid onderwysers as Scoutmasters wat leiding in kleiner troepe geneem het, gehad het. Die verdeling in hierdie beweging in Cubs (7-12 jaar), Scouts (13-17 jaar) en Rover Scouts (bo 18 jaar) is bekend. Die opvallende was nou dat daar in Atteridgeville 108 Cubs en 88 Scouts was. Geen Rover Scouts kon georganiseer word nie. Die werk wat gedoen word, is lofwaardig. Die meeste van ons jong informante het die beweging egter nie as iets op sigself beskou nie. Vir hulle was dit 'n voortsetting van hulle verband met die skool.

Die geregistreerde welsynsorganisasie die Transvaal Association of Girls' Clubs and Youth Clubs wat in 1937 deur mej. Joan Pim in Johannesburg gestig is, het met behulp van staatsubsidie organiseerders vir die vorming van jeugklubs onder dogters onder Blankes, Kleurlinge en Bantoe aangestel. Hierdie vereniging het sedert 1943 klubs probeer stig in Atteridgeville. Die leiding in hierdie klubs is deur plaaslike inwoners geneem onder direkte kontrole van 'n advieskomitee bestaande uit Blanke vroue in Pretoria. Hierdie aksie het herhaaldelike terugslae ondervind vanweë die gebrek aan geskikte leidsters. Trouens gedurende die jare 1943-47 het die leidster drie maal gewissel.

Die Afdeling vir Ontspanning en Welsyn het toe ingegryp en 'n Bantoe sosiale werkster beskikbaar gestel om die werk te doen hoewel alle klubs nog by die interrasse moederliggaam geaffilieer gebly het. Ten tye van ons opname het hierdie sosiale werkster alleen drie klubs behartig by drie van die 5 laerskole in Atteridgeville. By die Central School was daar 'n klub met 68 lede, by die J.J. De Jong-skool een met 76 lede en by die Mathabathe-skool een met 64 lede. Byeenkomste was op vaste dae van die week tussen 4.30 en 5.00 nm. In die aktiwiteite van die klubs was daar die basiese probleem dat groepe gesamentlik hanteer moes word terwyl die ouer skooldogters van 12 jaar onwillig was om vrylik met die kleiner dogters van 7-9 jaar saam te skakel.

Lidmaatskap was beperk tot skoolgaande dogters. Die wat om een of ander rede skool verlaat het, was nie juis welkom nie. Die aktiwiteite het bestaan uit instudeer van opvoerings, handwerk en

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

liggaamsoefeninge. Die bywoning was behalwe vir 'n paar getroue lede baie sporadies sodat daar nie veel kans vir 'n sistematiese programorganisering was nie.

Die Transvaal Association of Boys' Clubs, 'n geregistreerde welsynsorganisasie wat deur Engelssprekendes aan die Rand begin is, het eweas die organisasie onder dogters omvangryke staatsteun ontvang vir die stigting en organisering van seunsklubs onder alle rasse. Hierdie organisasie het in 1948 'n organiseerder in Pretoria gehad wat jeugklubs onder die Bantoe moes stig. In Atteridgeville het hy twee jeugklubs vir seuns in funksie gehad, nl. die African Youth Club en die Atteridgeville Boys' Club. Enkele ander klubs is ook buite Atteridgeville gestig. Almal het die reeds bekende probleem ondervind dat daar 'n gebrek aan leiers was. Daarby is die jeugklubs gestig vir alle jong seuns. 'n Deel van die aanhang van die klubs het uit die tsotsi-element gekom en sonder deeglike kontrole kon hierdie klubs tot broeipunte van onheil in plaas van instrumente om dit te bestry, word.

Die Ontspanningsafdeling het dit daarom goed gevind om in 1949 oor te gaan tot die stigting van 'n vereniging vir Bantoe-jeugklubs in Pretoria en omgewing. So het die Northern Transvaal Non-European Male Recreation Club's Association ontstaan weer eens met die bekende patroon dat die sportorganiseerder van die Ontspanningsafdeling op die bestuur moes dien en met die verdere voordeel dat alle apparaat vir binnenshuise spele soos tafeltennis, boks, springtoue ens., deur die Ontspanningsafdeling voorsien sou word. Met die aanvang van die sameskakeling het 15 jeugklubs waaronder ook die twee in Atteridgeville onmiddellik geaffilieer. Ten tye van ons opname het die aantal geaffilieerde klubs reeds 31 beloop.

In Atteridgeville is daar dadelik oorgegaan tot die stigting van twee junior klubs wat as voedingsmedia vir die bestaande senior jeugklubs moes dien en die jonger skoolgaande seuns uit die sameskakeling met ouer en werklose seuns sou onttrek. So het die African Jollyboys Club en die Western Callies Club ontstaan.

Ten tye van ons ondersoek het die vernaamste aktiwiteite bestaan uit liggaamsoefeninge, boks, drama, sang en periodieke kampe. Die vernaamste aktiwiteit was egter boks. Die feit dat die klubs se voorgangers nie 'n besondere skoon rekord gehad het nie, was die oorsaak dat skole nie meer akkommodasie aan die klubs wou verskaf nie. Sover moontlik moes klubaktiwiteite dus vanuit die kleedkamers van die pawiljoen van die Pelindaba-stadion georganiseer word.

Ons het al hierdie klubs besoek. Ons indruk was een van ongeïnteresseerdheid by die lede wat nog opgedaag het. By die junior klubs was die gemiddelde opkoms ongeveer 5 tot 6 lede op die middae wat hulle vergader het. By die senior klubs was die opkoms effens meer, ongeveer 8 tot 10 lede. Die leiding was in die hande van privaat individue. Hierdie Bantoepersone het almal 'n klubleierskursus van die Ontspanningsafdeling voltooi. Dit was egter opvallend hoe min onderwysers in hierdie jeugbewegings belang gestel het en enige aandeel, al was dit dan adviserend van aard, in die aktiwiteite geneem het.

Weer eens kom mens onder die indruk van 'n verskeidenheid van verenigings wat in belang van die Bantoe in stand gehou word maar waarvan die sameskakeling geen besondere kragtige band tussen die lede bewerkstellig nie. Dat hierdie jeugklubs in 'n mate antwoord verskaf in die kanalisering van die aktiwiteite van werklose Bantoe-jeugdiges wil ons egter graag onderskryf.

2. National Council of African Women

Die National Council of Women het by die 1936-kongres op voorstel van mev. Rheinalt-Jones te Bloemfontein besluit om die leiding te neem in die stigting van 'n soortgelyke organisasie onder

© University of Pretoria

die / ...

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

die Bantoe. Daar was teenstand teen die voorstel onder andere van afgevaardigdes uit Pretoria wat die stigting van 'n afsonderlike organisasie onnodig geag het en liewer die inskakeling van Bantoe-vroue en enige ander vroue by die bestaande Blanke organisasie wou sien.

Daar is later deur die afgevaardigdes uit Pretoria drie takke van die National Council of African Women aangevoor, nl. in Atteridgeville, Eersterus en Eastwood. Presies wanneer die stigting plaasgevind het, weet ons nie. Wat wel waar is, is dat die aanvanklike Bantoevrouelede gaandeweg uit die organisasie verdwyn het en dat daar 'n intuimeling van die sterkte van die beweging was. Teen 1947 het die Pretoriase tak van die N.C.W. 'n spesiale komitee vir Nie-blanke aangeleenthede onder voorsitterskap van mev. Phillip aangewys. Hierdie komitee het weer eens die stimulus verskaf vir die verlewendiging van die aktiwiteite van die nie-blanke takke. Daar is aanvoorwerk vir die daarstelling van 'n creché in Atteridgeville en elders gedoen en gereelde naaldwerkklasse aan vroue in Atteridgeville is gereël. Die voorligting is hier verskaf deur 'n Blanke vrou. Twee verdere Watch Godmothers, Blanke vroue, is aangewys vir toesig en leiding van die tak in Atteridgeville se pogings om 'n kinderbewaarsentrum vir kinders van werkende moeders te verkry. Dat daar behoefte aan so 'n diens in Atteridgeville bestaan het, kan niemand ontken nie.

Ten tye van ons opname in 1953 het die ledetal van die tak in Atteridgeville op 30 gestaan. Die bywoning van vergaderings was ongereeld. Die meeste lede het uit die gegoede en verwesterde groep in Atteridgeville gekom. Die leiding was in die hande van 'n vrou van 'n klerk van die Afdeling Nie-blankesake van die Stadsraad. Die aktiwiteite het bestaan uit die genoemde naaldwerkklasse en algemene besprekings en kwartaallikse gesamentlike vergaderings met die tak van die National Council of Women in Pretoria. Vergaderings is soms in skoolklaskamers en soms in privaat huise gehou. Hoewel alle vroue in Atteridgeville teoreties lid van die vereniging kon word, het huislike pligte en die verkryging van addisionele inkomste in die gesin die lede beperk tot diegene wat aansluit "to break the monotony of idleing at home without any friends."

Hierdie vereniging het hom dus beywer vir die beoefening van algemene welsynswerk in Atteridgeville.

## VII. SAMEVATTING

Die nuwe sosiale groepe wat ons in Atteridgeville kan onderskei dra basies enkele belangrike kenmerke.

In die eerste instansie is daar groepe wat aan die lede direkte persoonlike voordeel of genoegdoening verskaf. Ons verwys in dié verband na die verskeidenheid van mogodisô-sirkels en kerklike vroueverenigings.

In die tweede instansie is die aard van die nuwe sosiale eenhede 'n duidelike bewys van die losse en ongeïntegreerde gemeenskapslewe. Woonbuurtes en politieke partye is vae algemene sameskakelings sonder besondere bindkrag. Die geweldige verskeidenheid aan sport- en ander verenigings is almal verbande wat in mindere of meerdere mate deur Blanke instansies ingestel en instandgehou word. Daar is geen besondere bewys dat die bereidwilligheid of vermoë bestaan om verenigings van die aard self in te stel en te bestuur nie. Vir ons lê een van die oorsake vir hierdie feit in die swak Atteridgeville-bewustheid wat ons by die inwoners aangetref het.

In die derde instansie val die klem in hierdie nuwe sosiale eenhede op die individualistiese aard van die maatskappy. Elkeen is 'n groep waarby individue na eie wil en wens kan aansluit of nie aansluit nie. Die verpligtinge wat op lede gelê word, is nêrens van sodanige aard dat dit las of probleem word nie. Wanneer 'n

© University of Pretoria

persoon / ...

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

persoon nie meer lus voel om mee te doen nie, bedank hy eenvoudig. Die behoefte om as bestuurslid terug te plaas in 'n bepaalde vereniging vanweë voordele en genot wat lede ondervind het, bestaan nie.

In die laaste instansie is dit opvallend hoe gering die aantal individue is wat aandeel neem in die aktiwiteite van hierdie nuwe sosiale groepe. 'n Baie groot groep inwoners in Atteridgeville is nie aktief betrek in die nuwe ordenings wat ontstaan het nie. Mens sou hier miskien die politieke partye wil uitsonder: die meeste mense is ondersteuners dan nie lede van hierdie groepe nie. Dit is verder opvallend dat een sosiale groep, die bemiddelde verwesterde tipe, herhaaldelik na vore tree in besondere sameskakelings. Ons dink aan die krieket- en tennisvereniging en aan die National Council for African Women.

Om in hierdie omstandighede aanduiding te verskaf van waarheen hierdie nuwe tendens van samegroepering kan ontwikkel, lê nie op ons weg nie.

---

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



# HOOFSTUK X

## GEVOLGTREKKING EN SAMEVATTING

### I. GESKIEDENIS

Die behuisingskema vir Bantoegesinne waarmee in Atteridgeville gedurende 1939 'n begin gemaak is, moet gesien word as 'n poging om 'n bevredigende antwoord te vind vir die onhigiëniese behuisingstoestande wat in die Bantoewoonbuurtes van Pretoria sedert 1900 bestaan het. Die hele geskiedenis van die benadering tot behuising vir Bantoe-arbeid in stedelike gebiede kan uit die verloop van die ontstaan en uitvoering van die Atteridgeville-skema afgelees word.

Aanvanklik vind ons 'n periode tot 1912, waarin die stadsbeplanners bereid was om slegs persele met basiese dienste beskikbaar te stel waarop Bantoe-individue self kon bou. Die gebrekkige toesig oor die standaard van die boustrukture en die vermeerdering van die Bantoe-arbeidskorps in Pretoria het in die ou lokasies Marabastad en Hove's Ground ernstige toestande van oorbewoning ten gevolge gehad.

Na 1912 vind ons die aanvaarding in beginsel van die verpligting deur die Stadsraad dat huisvesting en nie slegs persele vir die Bantoe verskaf moet word nie. Die rede is vanweë die algemene bedreiging wat die destydse onhigiëniese toestande vir die gesondheid van die stad ingehou het. Die verpligting is natuurlik op alle plaaslike besture by die aanname van die Naturellen (Stadsgebieden) Wet nr. 21 van 1923 gelê.

Die enigste probleem was die wyse waarop hierdie verpligting uitgevoer moes word. Die Stadsraad se eie eksperimente in Bantule het baie gou gewys dat die verlies wat die Blanke belastingbetaler gedwing sal word om te dra aansienlik en permanent van aard sou wees. Daar is gevolglik gewag om Pretoria te verbind tot die aanvaarding van lenings vir die voorsiening van sub-ekonomiese behuising aan die Bantoe.

Aangesien die Stadsraad die wetlike verpligting tot behuising nie kon ontwyk nie, was dit noodsaaklik om strenger beheer oor die inwonertal van die bestaande lokasies uit te oefen.

Die voortdurende swak gesondheidstoestand en oorbewoning veral in Marabastad en Hove's Ground het die Stadsraad teen 1930 geforseer om die enigste moontlike weg, dié van lewering van sub-ekonomiese behuising te aanvaar. Daarom word in 1936 die eerste gebied in die Atteridgeville-kompleks as lokasie geproklameer. Die uitleg van die gebied voldoen nagenoeg aan die normale standaarde van stadsbeplanning vir Blankes. In 1939 is 'n aanvang gemaak met die oprigting van die eerste huise. Teen 1942 is die eerste 980 huise voltooi teen 'n veel hoër koste as die beraamde uitgawe vanweë die styging in die koste van boumateriaal gedurende die oorlog. Teen selfs groter koste is van 1945 tot 1950 voortgegaan om teen 'n stadiger tempo 'n verdere 552 huise in gebruik te neem. Alle huise is gevul deur voormalige bewoners van Marabastad wat by verskuiwing kompensasie ontvang het vir die huise waarvan hulle eienaars was en wat die Stadsraad hulle verplig het om te ontruim.

Langs die weg is daar 'n staats- en stadsraadsubsidie verleen aan die inkomste van die Bantoe-arbeiders wat in Atteridgeville gevestig is. Hierdie indirekte subsidie moes vir sover dit die Stadsraad raak teen 'n stygende tempo uit die Algemene Fondsrekening verkry word. Die Blanke belastingbetaler moes vir hierdie verpligte tekorte op die Atteridgeville-skema verantwoordelikheid aanvaar. Hierdie subsidiebeginsel het selfs uitbreiding ontvang deur die invoering van subsidies op die vervoeronkoste van die inwoners van Atteridgeville. Op die wyse is nogeens uit die sak van die belastingbetaler, deur die Staat voorsiening gemaak vir die

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

vereffening van koste verbonde aan goedkoop Bantoe-arbeid.

Teen 1950 is daar aanvoorwerk gedoen vir die omskepping van Atteridgeville in 'n ekonomiese skema. Na vergroting van die woonbuurt en die verskuiwing van die restant van die inwoners van Marabastad, Bantule en Hove's Ground het hierdie nuwe benadering in 1955 finaal werklikheid geword. Die subsidiëring van vervoerkoste het egter gebly.

## II. BEHEER EN DEMOGRAFIE

In Atteridgeville self is van die aanvang af met streng beheermaatreëls toegesien dat geen ongemagtigde bewoning plaasvind nie. Nogtans het die geskiedenis bewys dat die aanbou van veral twee-kamerhuise vir huisvesting van Bantoegesinne totaal onprakties is omdat daar so geen voorsiening vir uitbreiding van die bevolking deur normale aanwas gemaak word nie. Die normale bevolkingsaanwas in Atteridgeville was vanaf 1936 tot 1950 reeds van so 'n omvang dat dit duidelik was dat Pretoria weer eens op die vooraand van 'n toestand van oorbewoning in sy Bantoewoonbuurtes verkeer het. 'n Oplossing vir die probleem is nog nie verkry nie.

In ons opname het dit duidelik geblyk dat 82.0% van die gesinne van Atteridgeville in 1950 vanuit die ouer lokasies van Pretoria afkomstig was. Indien ons die totaal van kinders wat in Atteridgeville getrou het en daar huise ontvang het hierby reken, kom die totaal van die gesinne van Atteridgeville wat kontak met die ouer lokasies gehad het op 90.7% te staan.

Die geboorteplek van 42.8% van alle ouers in Atteridgeville was in die Pretoria-distrik en van hierdie totaal is meer as 1/3 in die ou lokasies van Pretoria gebore. Ons bevolking in Atteridgeville het dus vir 'n ruim mate bestaan uit mense wat reeds vir die tweede generasie volgehoue en noue kontak met die stadslewe in Pretoria gehad het. Die ander ouers was in hoofsaak afkomstig van plattelandse plase en tuislandgebiede waar die invloed van die Westerse beskawing veral op die platteland nie onbekend was nie. Alle kinders was dus ten minste die tweede generasie wat aan hierdie invloed onderhewig was; in heelwat gevalle die derde generasie. Vanweë die volgehoue kontak met en invloed van die Westerse lewenswyse en die verskaffing van 'n uiterlik Westerse lewensomgewing deur die behuising van die Stadsraad was dit nie eienaardig dat ons 'n ruime mate van oorname van Westerse gebruike sou aantref nie.

Ons ondersoek het verder getoon dat die verloop van die trek na Pretoria nie in fases plaasgevind het nie maar by wyse van eenmalige trekbewegings. Die grootste gros van die ouers in Atteridgeville wat nie in Pretoria gebore is nie en op die platteland of in 'n tuisland gebore is, het direk van die woonpunt na Pretoria gekom. Daar was nie 'n periode van tydelike verblyf in 'n Bantoewoonbuurt in 'n kleiner dorp voor die verskuiwing na die groot stad gevolg het nie.

Die etniese herkoms van die bevolking van Atteridgeville soos bepaal aan die hand van 'n groep ouers was vir 59.3% uit die Sotho-Tswana-groep, 12.5% was van Nguni-herkoms, 9.3% was van Venda- of Shangaan-herkoms en 6.2% van hierdie ouers was van buite Suid-Afrika afkomstig. Oor 12.7% kon ons geen bevredigende informasie oor etniese herkoms kry nie. Mens sou hieruit kon aflei dat enige reste uit die tradisionele lewe oorwegend in die rigting van die Sotho-Tswana-patroon geleë sou wees.

By die betragting van die totale bevolkingsamestelling van Atteridgeville in 1950 ten opsigte van ouderdomsdistribusie en geslag was dit opvallend dat vrouens in alle ouderdomsgroepe die meerderheid gevorm het. By die korrelasie van die feit met die statistiek oor geboortes en sterfgevalle het hierdie oorwig van vroulikheid ook geblyk. Daar is konstant meer dogters as seuns gebore en daar het

minder / ...

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

minder vrouens as mans gesterf. Die netto bevolkingsaanwas vir vroue was dus meer as vir mans. Vir hierdie feit kan ons geen verklaring gee nie. Ons wys egter daarop dat die intensiewe vergelyking van geboorte- en sterftesyfers eintlik slegs tussen die jare 1944 en 1950 moontlik was. Hierdie periode is baie kort. Groter gewig sou aan ons gevolgtrekking geheg kon word as dit oor 'n langer periode getoets was.

Die algemene ouderdomsdistribusie was redelik normaal met 'n algemene en onnatuurlike afname van getalle van mense bo 50. Dit lyk asof die oorsaak hiervoor gesoek moet word in die feit dat oues van dae wat die einde van hulle arbeidsleeftyd bereik, uit die woonbuurte padgee en elders, vermoedelik op die platteland en in tuislande herberg vind.

Die getal van die bevolking in die arbeidsproduktiewe leeftyd, d.i. tussen 16 en 60 jaar het 49.9% van die totale bevolking gevorm. As ons aanvaar dat vrouens liefs nie buite die huis verdienste moet aanneem nie, dan was die manlike arbeidsbron wat met die bou van Atteridgeville geskep is slegs 23.9% van die totale bevolking.

Die bepaling van korrekte geboorte- en sterftesyfers kon ons na ons oordeel met groter akkuraatheid doen as wat moontlik was by die amptelike statistieke. Ons is dus bewus van verskille wat op hierdie punt bestaan. Die belangrikste enkele gevolgtrekking hier is dat dit na ons oordeel moontlik was om te bewys dat daar 'n daling in die geboortesyfer onder die inwoners van Atteridgeville sedert hulle aankoms in die woonbuurte is.

Die daling kon as 'n vaste kurwe oor 6 jaar vervolg word. Verdere navorsing oor 'n langer termyn is nodig om volledige antwoorde op hierdie punt te kan gee.

Ons ondersoek het getoon dat die sterftesyfer in Atteridgeville ook nadere ondersoek verdien. Van die totale aantal sterfgevalle was 51.5% by kinders onder 10 jaar. Die ouderdomsgroep 0-20 jaar het 58.3% van alle sterftes opgelewer. Hierdie hoë sterftesyfer onder kinders en jeugdiges was moeilik rymbaar met die onmiddellike beskikbaarheid van gratis mediese diens in die plaaslike polikliniek. Dit hang vermoedelik saam met die relatiewe afwesigheid van bejaardes wat die persentasie sterfgevalle tot 'n hoër ouderdomskerf sou opstoot. Die sterftesyfer wat ons vir Atteridgeville bereken het, is vir feitlik elke jaar hoër as die vir alle Bantoe in Pretoria. Hierdie feit het ons nie verbaas nie omdat die totale Bantoebevolking in Pretoria 'n bowe normale getal van lewenskragtige jong persone insluit. In Atteridgeville het ons te doen gehad met 'n geslote gemeenskap met 'n relatief normale ouderdomsdistribusie.

## III. SOSIAAL - TOTSTANDKOMING EN ONTBINDING VAN DIE HUWELIK

Die sluiting van 'n wettige verbintenis tussen man en vrou gaan ook in Atteridgeville dikwels gepaard met ongeoorloofde voor-egtelike geslagsverkeer. Dit is ons opvatting dat sodanige omgang byna die reël eerder as die uitsondering geword het. Dit was baie duidelik dat ons nie met gevalle van prostitusie te doen het nie maar met ongeërgde geslagsverkeer met instemming van albei partye en met ten minste die stilswyende gedagte dat hulle later sou trou.

Hierdie praktyke was meetbaar aan die ruim insidensie van buite-egtelike geboortes in Atteridgeville. Ons opname van 300 proefgesinne het getoon dat die verskynsel in 72.0% van die gesinne waar dogters van bo 16 aanwesig is, voorkom. Van al hierdie gevalle was 84.2% van die ongehude moeders tussen die jare 16 tot 23. Dit verskaf aanduiding van die relatiewe hoë huweliksouderdom vir dogters in Atteridgeville. Verbintenisse van hierdie aard het 'n groot mate van permanensie getoon daar 79.3% van al die ongehude moeders, kinders by slegs een vader gehad het. Dit was opvallend dat daar later dan huwelike plaasvind tussen die betrokke man en vrou.

Betroubare / ...

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Betroubare offisiële syfers het daarop gedui dat soveel as 55% van alle geboortes in Atteridgeville buite-egtelik plaasgevind het en dat binne-egtelike geboortes eers na die 26ste jaar van die moeders die getal buite-egtelike geboortes oorskry. Deel van die oorsaak van die toestand kan gewyt word aan 'n algemene losheid van sedes maar ook aan die bestaan van 'n onverantwoordelike element onder manlike jeugdiges vir wie voor-huwelikse omgang 'n prestasie en normale praktyk was.

Huweliksluiting was dus nie die blote toenadering tussen 'n jong man en vrou nie. Daar was die addisionele probleem van die afdwinging van 'n huwelik by buite-egtelikheid of die eising van skadevergoeding vir verleiding. In hierdie saak het die feite bewys dat buite-egtelike swangerskap tussen eerbare mense altyd tot 'n huwelik gelei het. Daar was egter die gevalle waar die skuldige man 'n deugniet was of te jonk was. Dan is die skande self gedra en skadevergoeding geëis. Hierdie eise is egter selde na 'n hof geneem. Dit is meesal in 'n familievergadering besleg.

Skadevergoeding is dikwels om 'n ander rede nie geëis nie: As die jongman eerbaar lyk en hy voorneme toon om bogadi te lewer is die moontlike skadevergoeding as deel van die bogadi aanvaar en is hy toegelaat om verdere besoeke te bring en selfs kinders te verwek in die periode waarin hy spaar om die volle bogadi te kan lewer. Dit het dan heel dikwels gebeur dat hierdie onderhandeling tog afspring en die ouers van die ongehude vrou sonder skadevergoeding en met die versorgingsverpligting oor meerdere buite-egtelike kinders gelaat word. Buite-egtelike kinders het nie 'n vrou se huwelikskanse verminder nie. Na haar huwelik is die voorhuwelikse kinders deur die man aanvaar as sy eie.

Hierdie praktyke het meegebring dat die openbare mening onderskeid maak tussen promiskieuse geslagsomgang en die verwekking van kinders terwyl die man sukkel om die nodige trougoedere in die hande te kry.

As voorvereistes vir die huwelik het slegs eise van volwassenheid gegeld. Die vrou moes die rypheidsleeftyd bereik het en die man moes die vrou kon onderhou en bogadi lewer. Die lang periode wat nodig was vir die versameling van trougoedere het die normale huweliksouderdom vir vroue laat styg tot tussen 23 en 26 jaar en vir mans tot ongeveer 30 jaar.

Die keusevereistes wat in die tradisionele lewe gegeld het, het bykans volledig verdwyn. As eerste vereiste het nou gegeld dat die aanstaandes mekaar sal lief hê en dat man en vrou van naasteby dieselfde lewensstand moet wees. Die laaste vereiste het meegebring dat daar gelet word op die godsdiens, geletterdheid en vaste inkomste van 'n huweliksmaat. Die praktyk het ook bewys dat die meeste huwelike tussen mense van naastenby dieselfde stamagtergrond plaasvind.

Die verlowing en aksie van huweliksluiting was in Atteridgeville soos in die tradisionele lewe nog steeds duidelik 'n familiesaak. Daar is gereeld van tussengangers gebruik gemaak. Die werklike seremonie was in feitlik alle gevalle 'n dubbele aksie van lewering van trougoedere en kerklike inseëning van die huwelik. Daar was ook diegene wat desondanks ook 'n burgerlike huwelik voor die Bantoesakekommissaris laat voltrek het om langs die weg skriftelike bewys van die huwelik te verkry.

Die eis dat daar trougoedere gelewer moes word, is deurgaans van die kant van die ouers van die bruid gestel. Daar was in hierdie eis 'n onbetwisbare kommersiële element omdat ouers die trougoedere beskou het as kompensasie vir hulle onkoste aan die opvoeding van die dogter. Dat hierdie eis gewoonlik die geboorte van een of meer buite-egtelike kinders meegebring het, het blykbaar minder saak gemaak.

© University of Pretoria

Trougoedere / ...

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Trougoedere is as geld gelewer. Dit is in 71.11% van die gevalle wat ons ondersoek het deur die bruidegom alleen bymekaar gebring oor periodes wat van twee tot ses jaar gewissel het. Dit is altyd voor getuies ontvang en wel deur die vader van die bruid. Is die vader oorlede het die veranderde omstandighede meegebring dat dit deur die weduweemoeder ontvang is en was daar geen beperking op die wyse waarop sy daarmee kon handel nie.

Die bruilofsfees was steeds soos die tradisie vereis het 'n tweeledige geleentheid. Twee feeste het mekaar opgevolg een by die familie van die bruid en een by die familie van die bruidegom op 'n agtereenvolgende Saterdag en Sondag. Dit het nog steeds soos Sotho-gebruik is, gepaard gegaan met die seremoniële oordrag van die bruid.

Die inwoning na die huwelik was onder veranderde omstandighede gewoonlik vir die eerste tyd in 'n kamer aan huis van die ouers van die bruidegom. Inwoning by die ouers van die bruid waardeur 'n matrifokale verbintenis ontstaan, was by verre in die minderheid.

Die skeiding van die huweliksband moes in alle gevalle die tradisionele patroon van afhandeling in 'n familievergadering en reëling oor die terughandiging van die trougoedere volg. In praktyk was dit gewoonlik onmoontlik om trougoedere terug te eis sodat die normale handelswyse blote verlating deur die man was. Dit is dus baie duidelik dat die inwoners van Atteridgeville trots twee generasie kontak met die Westerse patroon hulle huweliksaangeleenthede nog steeds oorwegend volgens 'n aangepaste Sotho tradisionele patroon gereël het.

## IV. SOSIAAL - DIE VORM EN WOONWYSE VAN DIE GESIN

Die beskrywing van die gesinstruktuur in Atteridgeville moes noodgedwonge ook kennis neem van die toevoeging van vreemdes tot die gesinsverband. Daar kon dus slegs aan huishoudingseenhede aandag gegee word.

Die grootste enkele bron vir ontstaan van verworde samestellings van die huishoudingseenhede of dan gesinseenhede in Atteridgeville is die aanwesigheid van buite-egtelike kinders. Hiernaas natuurlik ook die aanwesigheid van familielede en vreemdes wat as betalende of nie-betalende loseerders aangetref is. Die afwesigheid van òf die vader òf die moeder het 'n verdere veranderende effek gehad.

As ons as norm aanvaar dat die hoogste mate van stabiliteit verkry is waar vader en moeder albei aanwesig is en geen buite-egtelike kinders voorkom nie beteken dit dat slegs 54.0% van ons gesinne stabiele eenhede gevorm het. By die nagaan van die rede waarom vreemdes en buite-egtelike kinders aangetref word, was ons getref deur die feit dat die aanwesigheid van familie of vreemdes as loseerders nie saamgehang het met die getal kinders in die huis, dit wil sê met die beskikbare ruimte nie.

Loseerders was in die oorgrote meerderheid van gevalle familie, en wel in byna gelyke mate aan sowel die vader as die moederskant. Dit het ons tot die gevolgtrekking gedwing dat die gesinne in Atteridgeville belangrike bande in stand hou met familielede wat veral op die platteland woonagtig was. Die verpligting om onderdak aan inwonende familielede te verleen, was so sterk, dat ernstige ongerief ten spyt, hierdie mense sonder beswaar ontvang en gehuisves is.

Buite-egtelikheid is korreleerbaar met die aan- of afwesigheid van dogters bo 16 jaar. Die aanmerking dat 54.0% van ons gesinne stabiel was, kan dus nie as 'n besondere eie prestasie gesien word nie, maar alleen as die gevolg van die toevallige feit dat sommige gesinne meer en ouer dogters gehad het as ander. Daar was slegs een metode waarvolgens gesinne hulle ten dele teen hierdie

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

ongeluk kon beskerm. Dit is deur opgeskote dogters uit die stadsomgewing na familie op die platteland weg te stuur. Sommiges kon dit doen, andere nie.

Dit is normaal dat 'n stabiele gesin later verbrokkel deur ȍf die oorlye van een van die ouers ȍf die wegtrek van kinders wat volwasse geword het. Van hierdie twee moontlikhede was die eerste vir ons die belangrikste.

Die gevolg van die afsterwe van die moeder was gewoonlik dat een van die ouer dogters die huishouding moes kom behartig. Hierdie gebruik het so 'n dogter gewoonlik langer as haar susters ongetroud gehou. Die gevolg hiervan was dat die huishoudster in sulke gesinne uitgeken kon word aan die meerdere buite-egtelike kinders wat sy in die wêreld gebring het.

Die gevolge van die afsterwe van die vader was tweërlei. As die gesin nog ongetroude seuns gehad het, het die versorgingsplig van die weduwee op sulke seuns se skouers geland en het hulle gewoonlik in die ouerhuis as ongetroudes bly woon tot die middeljarige leeftyd. Ons aanvaar dat dit die punt is waarby die weduwee self wegval en die huishouding omskep word in 'n normale gesinstruktuur wanneer die oudste inwonende seun trou. Is daar egter meerdere en ouer dogters in die huis, vind ons dat die dogters gaan werk, ongetroud bly vir 'n langer periode as die normale, terwyl dit die weduwee se taak word om 'n tweede stel kinders groot te maak: die buite-egtelike kinders van haar dogters. Wanneer een van hierdie inwonende dogters trou, was dit normaal dat die nuwe gesin in hierdie huishouding ingepas het. So het verskeie kere matrifokale huishoudingseenhede onder die seniorgesag van die ou weduwee in Atteridgeville ontstaan.

Die benuttingswyse van die huise wat deur die Stadsraad in Atteridgeville aan gesinne verskaf is, het in byna elke geval in die teken van beperkte ruimte gestaan. Die gemiddelde digtheid per kamer, d.i. alle vertrekke met kombuis en badkamer uitgeslote, was 2.09 persone per kamer vir ons 300 proefgesinne. As ons in ag neem dat sommiges in elke huis klein kinders was, wil die toestand as redelik voorkom. Word die gesinsgrootte egter met die huisgrootte gekorreleer vind ons dat die gemiddelde digtheid van die vernaamste huistipe, die 3-kamer tipe, ten tye van ons opname reeds 2.45 persone per kamer was. In 19.3% van die gesinne waar die ledetal meer as 8 individue beloop het, was die digtheid meesal meer as drie persone per kamer. So 'n toestand kan met die oog op persoonlike privaatheid nie as bevredigend beskryf word nie. As ons dus aanvaar dat daar binne 10 jaar na die ingebruikneming van Atteridgeville in ongeveer 20% gevalle ernstige oorbewoning bestaan het, verg dit geen diep insig om die probleem wat toenemende bevolkingsaanwas vir die toekoms sal skep, raak te sien nie.

Die huise wat in Atteridgeville deur Bantoe bewoon word, is Westers in vorm en beplanning. Dit gee aan die inwoners die geleentheid om tot die maksimum bewys te lewer van die mate waarin hulle Westerse gebruiksvoorwerpe kan benut. Ons stem egter met een van ons informante saam dat daar hierdeur deur die Stadsraad op kunsmatige wyse 'n lewenstandaard voorgeskryf is wat die inwoners as hulle aan hulleself oorgelaat was, nie by benadering uit eie keuse sou volg nie. Daar was dus 'n besliste verband tussen die ameublement en die inkomste van die bewoners. Slegs die armstes het nie probeer om meubels wat ons as vertoonstukke kon beskou, te bekom nie. Wedywering om die mooiste "goed" was algemeen.

Twee sake het egter opgeval by sowel ryk as arm. Die eerste was die algemene onberispelike netheid van die binnekant van die huise. Die tweede was die behoefte aan 'n buitelugvergaderplek vir mans wat in die vorm van 'n klein <u>lapa</u> aan die agterkant van die huise van rykes en armes verskyn het. Op die wyse kon mans buite

© University of Pretoria

en / ...

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

en vrouens binne aparte geselskap voer soos dit ook tradisionele gebruik is.

## V. DIE EKONOMIESE ORDE

Inkomste en uitgawe is in Atteridgeville sake wat tot die huishouding beperk bly. Ons kon geen groter sameskakeling van individue in ekonomiese bedrywigheid vind as die normale gesin soos ons dit met aanhangsels in 'n huishoudingseenheid aangetref het nie.

In ons opname van 300 gesinne oor 6 weke is daar deurgaans bewys gevind dat aankope in klein hoeveelhede daagliks of al om die ander dag gedoen word.

Wat wyse van inkomsteverkryging aan betref was dit vir ons opvallend dat 71.1% van alle huishoofde in arbeidslewering betrek was wat ons as onproduktief in die totale ekonomie kan beskryf. 35.2% van alle verdieners was in besighede werksaam, 34.9% het diens aan die Staat, Provinsiale owerheid en Stadsraad gelewer. Slegs 11.2% van alle huishoofde was in fabrieke werksaam. Verdere ondersoek mag aandui dat hierdie patroon die normale is in alle stedelike Bantoewoonbuurtes.

Dit was ook duidelik dat daar geen korrelasie tussen grootte van gesin en omvang van inkomste was nie. Veel belangriker is dit dat ons geen verband kon bepaal tussen die grootte van 'n gesin en die aantal bydraers tot die totale inkomste van die huishouding nie. Ons gegewens het egter daarop gewys dat 43.1% van alle huisvroue 'n byverdienste aan die gesin moes lewer om die mas te kan op kom. In 50% van hierdie gesinne was die inkomste van die man en vrou nog nie genoeg om die mas op te kom nie en moes daar van aanvullende bronne inkomste verkry word. Waar man en vrou gesamentlik tot die verdienste bygedra het, was dit duidelik dat die vrou se verdienste aanvullend van aard was. Die gemiddelde bydrae deur die man was meer as 50% en die van die vrou minder as 30%.

Die uitgawepatroon van ons gesinne in Atteridgeville het 'n merkwaardige eweredigheid vir alle inkomstegroepe getoon net asof daar 'n bepaalde standaard deur almal gehandhaaf was. Die implikasie hiervan was dat gesinne in die hoër inkomstegroepe meer geld kon bestee aan luukse items en veral meer kon spaar soos die syfers ook wel toon. Die enigste variasie in die uitgawepatroon was twee tipes verbruikswyses van voedsel. Dit het ons voorgekom asof die meer gegoede gesinne meer gereeld duurder voedselsoorte op die tafel gehad het.

Die algemene uitgawe aan voedsel was 59.95% van die maandelikse inkomste. Huisvesting het vanweë die lae sub-ekonomiese huurgelde slegs 11.80% van die maandelikse inkomste bedra. Dit was effens teen ons verwagting dat slegs 29.3% gesinne 'n tekort op die begroting getoon het. 68.3% het 'n mindere of meerdere oorskot vertoon.

Ons 300 gesinne het gemiddeld 4.83% van hulle inkomste gespaar. Die mees algemene spaaraksie was die lidmaatskap van begrafnisverenigings en die uitneem van begrafnispolisse (76.7%). Assuransiepolisse (18.0%) en belegging by die posspaarbank of bouverenigings (14.0%) het naastenby dieselfde bedrae getrek. Slegs 16.7% van ons gesinne het geen besparing geken nie.

Die belangrikste kenmerk van die spaarpatroon was die hoë voorkoms van die korttermyn spaarmetode, die <u>mogodisô</u>-sirkel. 2/3 van ons gesinne het een of meer lede gehad wat lid was van sulke spaargroepe. Die sosiale karakter van die weeklikse of maandelikse byeenkomste het hierdie groepe as die belangrikste enkele nuwe sosiale groeperingswyse onder veranderde lewensomstandighede uitgewys. Dit sou egter na ons oordeel onrealisties wees om hierdie groepsvorming as spesifiek verbonde met die stadslewe te verklaar. Ons gesinne het sulke deeglike kontak en bande met die platteland

vertoon / ...

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

vertoon dat ons vermoed dat mens hier met 'n groepvorming te doen het wat 'n veel wyer verspreiding het as slegs in stedelike gebiede. Verdere navorsing sal nodig wees om die vermoede te bevestig of te weerlê.

## VI. OPVOEDING IN ATTERIDGEVILLE

Die skoolonderrig in Atteridgeville kon vanweë die deeglike beplanning van skoolvoorsiening, met baie goeie fasiliteite spog. Die onderwysberoep is in die laerskole, anders as by Blankes vir 66% deur mans gevul. In die geskiedenis van die skole is daar nog nooit 'n kind weggewys vanweë gebrek aan ruimte of personeel nie. Ons kan dus die bewering maak dat al het verpligte skoolbesoek nie gegeld nie 'n uiters geringe persentasie van die kinders van Atteridgeville nie skool besoek het of nog besoek nie, juis ook omdat skoolonderrig feitlik geheel gratis verskaf is.

Dit was egter vir ons opvallend dat behoudens die onderrig van godsdiens en tale alle ander vakke op 'n vroeë stadium, reeds vanaf standerds III en IV, deur medium van Engels gegee is. Die slaagsyfer van 60% wat deur die personeel as die normale aan ons voorgehou is, mag moontlik met hierdie aanbieding van leerstof in 'n vreemde taal verband hou. Dit was ook opvallend dat die vakvoorkeur van hoër- en laerskoolkinders 'n besliste afkeer in Afrikaans openbaar het. Dat die skole dus produkte sou lewer wat vanweë hierdie onderrig nader aan die Engelse taalmedium as aan òf die moedertaal òf Afrikaans sou staan, is vanselfsprekend.

Die algemene skoolbesoek van kinders in Atteridgeville is toe te skryf aan die strewe van die ouers dat hulle kinders sal leer: die seuns omdat geskooldheid beter werkgeleentheid moontlik maak en die dogters omdat hulle beter huwelike sal kan sluit. Die feitelike toestand het hierdie aanduiding van langdurige skoolbesoek geloënstraf. Skoolbesoek neem 'n aanvang op 7-8-jarige leeftyd en eindig in die meeste gevalle reeds na st. II, 'n mindere groep dring deur tot standerds IV of V wat teen 14- of 15-jarige leeftyd bereik word. Geen algemene poging om die hoër primêre skool tot standerd VI te voltooi, kon opgemerk word nie. Hierdie feit word weerspieël in die verdeling van alle skoolgaande kinders in 60.5% in laer primêre skole, 29.6% op hoër primêre skole en 9.48% in die hoërskool. Dit word ook gestaaf deur die algemene geletterdheid by alle kinders onder ons groep proefgesinne. Die implikasie is dus dat die grootste gros kinders skool verlaat met slegs 'n elementêre lees-, skryf- en rekenkennis. Die presiese rede waarom die skoolverlating so vroeg plaasvind, kon ons nie bepaal nie behalwe dat byna 50% van die skoliere standerd II haal teen 14-15-jarige leeftyd, dus op daardie ouderdom wat die meeste skoolverlating voorkom ongeag die standaard wat bereik is.

Die rede waarom skoolverlating op dié ouderdom sou voorkom, kan ons nie afdoende beantwoord nie. Vir seuns is daar egter bewyse dat baie van hulle op die ouderdom begin werk soek. Vir dogters het verskeie segsmanne gesuggereer dat dit die ouderdom is waarin hulle tot so 'n mate met seuns kontak het dat hulle dikwels gevra moet word om die skool te verlaat. Afdoende antwoord kan alleen met verdere navorsing verkry word.

Die getalle kinders op skool het bewys dat dogters in alle standerds tot standerd V die getalmeerderes is. Daarna word hulle getalle dramaties minder as die seuns in elke standerd.

Die verhouding tussen ouer en skoolgaande kind staan in Atteridgeville in die teken van die ouers se onvermoë om voorligting aan die kinders oor hulle skoolwerk te verskaf. Die skeiding wat skoolbesoek so in geskooldheid tussen ouers en kinders bring, maak dat kinders op hulle ouers begin neersien.

Die / ...

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Die opvoedingswerk tuis is in die hande van die moeder en ouer kinders, veral dogters. Wanneer die moeder dan werk en ouer kinders die huis vroeg verlaat om te gaan werk, bring dit noodwendig 'n afname van die intensiteit van voorligting en opvoeding tuis. Hierdie feit was ongelukkig in baie huise in Atteridgeville merkbaar.

## VII. DIE GODSDIENSTIGE ORDENING

Die inwoners van Atteridgeville is reeds ten minste een maar meesal vir twee generasies in Pretoria aanwesig. Hulle het in hierdie termyn en dikwels ook vroeër deeglik kennis gemaak met die Christelike evangelie. Dit is dan nie snaaks dat slegs 2.8% van ons proefgroep geen kerkverband gehad het nie. Lidmate van Blank-georiënteerde sendingkerke het 81.7% van die totaal beloop. Slegs 15.5% van ons proefgesinne was lidmate van kleiner splinterkerke.

Studie van die lidmaatskap aan Blank-georiënteerde kerke het oorvloedig bewys dat daar samevoeging van lidmate wat dikwels grootliks in stam- en taalaanhorigheid verskil in een gemeente plaasvind. Dit was daarom ook by verskeie van die kerke gebruiklik om waar die diens in Sotho of Tswana gehou is van tolke gebruik te maak om al die aanwesige toehoorders te bereik. Dit is ons oortuiging dat die samevoeging van mense van so 'n verskeidenheid van herkoms in een gemeentestruktuur 'n belangrike effek het op die vermindering van die betekenis van verskil in taal en volksverband by lidmate.

Organisatories kan ons onderskeid maak tussen kerke soos die Afrikaanse sendingkerke aan die een kant wat as oogmerk gehad het die stelselmatige ontvoogding van die sendingkerk en aan die ander kant kerke soos die Metodiste, Anglikane en Rooms-Katolieke wat die Bantoelidmate in gemeentes as deel van een totale kerkverband georganiseer het. In hierdie gevalle was dit opvallend dat die hoër kerklike poste uitsluitlik deur Blankes gevul was. Hierdie neiging tot integrasie tussen Blank en Bantoelidmate het hierdie kerke op besondere wyse vir ons segsmanne aantreklik gemaak.

Alle Blank-georiënteerde sendingkerke se gemeentes in Atteridgeville en omgewing was nie finansieel selfstandig nie. Elke gemeente het gesteun op die volgehoue finansiële hulpverlening van die kant van Blanke gemeentes. Hierdie feit het meegebring dat Blanke instansies aandeel gekry het en direkte beheer uitgeoefen het oor die besteding van gemeentelike finansies.

Dit was vir ons ook opvallend hoe hierdie gemeentes minder behoefte as Blanke gemeentes aan die amp van die diaken gehad het. Periodieke insameling van offergawes aan die kerk deur diakens is eerder die uitsondering as die reël.

Wat die houding van lidmate teenoor die kerke betref was dit opvallend dat hulle die verskille tussen die kerke nie geken of verstaan het nie. Die historiese verdelings wat daar tussen Blanke kerke gekom het, is sonder motivering onveranderd op Bantoe Christene oorgedra. Self verstaan hulle nie die betekenis van hierdie verdelinge nie. Alle lidmate van hierdie kerke het verder 'n aanhanklikheid vertoon aan die noodsaaklikheid van die doop "omdat dit sonde af was." Hieruit spruit ook die algemene gebruik van die nooddoop selfs onder lidmate van sendingkerke wat uit die Protestantisme ontstaan het. Die aanneming as volle lidmaat in die kerk het in Atteridgeville die norm vir volwassenheid geword en word gekenmerk deur vreugdebetoon soortgelyk as die na die deurloping van die inisiasieproses onder tradisionele omstandighede.

Dit was verder opvallend dat daar die algemene gevoel bestaan dat kerksake vrouesake is. Dit word weerspieël in die oormatige teenwoordigheid van vroue by die eredienste, bidure en ander kerklike byeenkomste. Die kerklike verenigingslewe het dan ook hoofsaaklik betekenis vanweë die omvang van bewegings vir vrouelidmate. Deelname van manlike lidmate aan die kerklike lewe is deurgaans swak.

In / ...

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

In die geval van splinterkerke kon ons onderskeid maak tussen die Ethiopiese en Sionistiese tipes soos Sundkler dit lankal reeds gedoen het. Dit was egter opvallend dat die belangrikste oorweging vir die onafhanklike kerkvorming by die Ethiopiese tipe wat Sundkler onderskei, nl. die opstand en vyandigheid teen die Blankes se sogenaamde kleurgevoel nie deur ons by die Ethiopiese kerke in Atteridgeville gevind kon word nie. Die ontstaan van onafhanklike minder-emosionele kerke onder die Bantoe hang vir ons saam met 'n verskeidenheid van oorsake waarvan die onwilligheid om jou aan tug in die Blank-georiënteerde kerk te onderwerp en die onvermoë om vanweë swak opleiding in die sendingkerk te styg, slegs twee is. 'n Derde oorsaak wat in die geval van die Bapedi Lutheran Church die deurslag gegee het, was die behoefte om 'n selfstandige Pedi-kerk te stig.

Dit was opvallend dat die kerklike organisasie, liturgie en so meer direk uit die sendingkerk oorgeneem en behou is. Die belangrikste afwyking is egter dat nie een van die splinterkerke, met uitsondering van die African Methodist Episcopal Church van die voorlees van enige belydenis gebruik gemaak het nie. Die formuliere vir bediening van die sakramente is meesal van 'n protestantse kerk oorgeneem sodat die prediker aan sy gemeente 'n protestantse oriëntering voorgehou het sonder dat hy bewus was van die teologiese agtergrond vir so 'n standpunt.

Self was die predikers nie in staat om oor enige saak met 'n kerkleerstellige inhoud 'n gesprek te voer nie. Hierdie feit tesame met die gegewens oor opleiding wat ons elders verstrek, gee ons die reg om te besluit dat hierdie mense meesal nie vir hulle taak opgewasse was nie.

Ons gegewens oor wat die inwoners van Atteridgeville glo, wat die feitelike godsdienstoestand is, in teenstelling tot wat die kerke leer, was vir ons 'n openbaring. In die geloof in 'n Skepper was daar 'n duidelike dubbelslagtigheid tussen die stamgeloof in Modimo as ver van die mense verwyder en Modimo as God die Vader, deel van die Drie-eenheidsbegrip, wat 'n daaglikse teenwoordigheid in en versorgingsaksie ten opsigte van Sy skepping handhaaf. Christus die Seun, wat die Vader gelyk is, was vir ons informante as Middelaar tot Modimo en as Verlosser aanvaarbaar. Hoe 'n Seun sy Vader gelyk kan wees kon hulle egter nie verstaan nie. Daar was egter geen verwarring tussen die Heilige Gees en voorvadergeeste nie.

Dit was egter duidelik dat daar twee toenaderingslyne tot Modimo is. Die een deur die Seun en die ander deur die voorvadergeeste.

Die geloof in en aanbidding van voorvadergeeste was by die inwoners van Atteridgeville met enkele uitsonderings so 'n lewende werklikheid dat ons die bewering kan maak dat slegs enkele inwoners nie gereeld of ten minste af en toe offerandes of ander vereringseremonies teenoor die voorvadergeeste uitvoer nie. Dit was vir ons ook opvallend dat die gedagte dat gestorwenes na die woonplek van die voorvadergeeste gaan so algemeen aanvaar word dat ons gedwing is om te beweer dat die begrip van 'n hiernamaalse straf en vergelding nog nie by Bantoe Christene posgevat het nie.

Die tradisionele onderskeid tussen familie- en stamgeeste is bekend. Slegs die familiegeeste het vandag nog betekenis want soos die stamtoesig deur die kaptein verminder het, so het die potensiële invloed van die kapteinshuis se geeste ook afgeneem. Die belangrike is dat familiegeeste nie so streng plekgebonde is soos die literatuur soms te kenne gee nie maar dat 'n persoon in Atteridgeville die invloed kan voel van alle familiegeeste waar sy verwante ook al gesterf het en begrawe is.

Hierdie algemene geloof in voorvadergeeste by die grootste gros van die inwoners, selfs by gesiene lidmate en ampsdraers van

© University of Pretoria

Blank- / ...

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Blank-georiënteerde kerke lê vir ons ten grondslag van die algemene voorkoms in die geloof in die noodsaaklikheid van die nagwaak by die gestorwene.

Die derde element in die tradisionele godsdiens, die geloof in die werking van towerkrag ten goede en ten kwade het ons net so algemeen in Atteridgeville aangetref, veral die vrees vir die aanwending van towerkrag ten kwade. Ons informante het beslis 'n wêreld van vrees, geloof in onnatuurlike kragte, geken wat ons nie by mense wat hulleself as Christene beskryf, verwag het nie.

Ons moes dus die ontstellende gevolgtrekking waag dat die tradisionele godsdiens aktief voortleef en gekleur word deur die bymenging van kennis van die Christelike evangelie. Sinkretisme word meesal gesien as die gevolg van bymenging van heidense gebruike by die Christendom. Ons ondersoek getuig egter dat die teendeel waar is.

## VIII. DIE POLITIEKE ORDENING

Ons vind nie in Atteridgeville 'n politieke ordening wat die uitkristallisering van gesag wat oor 'n bepaalde sosiale orde binne 'n besondere gebied beheer het, insluit nie. Daar is slegs sprake van Blanke administratiewe beheer en die verlening van 'n omskrewe aandeel aan die inwoners in hierdie stelsel. Die aandeel bestaan uit die verkiesing en die funksionering van die Adviserende Naturellekomitee en blokkomiteestelsel.

Wat die Blanke beheerstruktuur betref was dit vir ons baie duidelik dat die deurslaggewende element vir suksesvolle administrasie die persoonlikheid van die superintendent van die woonbuurte is en dat goeie verhoudinge tussen hom en die inwoners die enigste wyse is waarop doeltreffende administrasie gehandhaaf kan word. Die Munisipaliteit beskik nie oor die personeel en het nog nooit oor die personeel beskik om die bepalings van die lokasieregulasies na die letter af te dwing nie. Die feit dat die superintendent ten tye van ons ondersoek steeds iemand was wat universitêre opleiding geniet het, getuig van die status wat die Stadsraad aan hierdie pos gekoppel het. Dit was slegs jammer dat daar 'n oormatige snelle wisseling van posbekleërs was wat die opbou en handhawing van 'n gunstige persoonlike kontak met die inwoners bemoeilik het.

Die by wet ingestelde Adviserende Naturellekomitee is nêrens organies met die plaaslike administrasie geskakel nie. Sy aanbevelinge word direk aan die Stadsraad gemaak. Om organiese skakeling te verkry is die sogenaamde blokstelsel wat slegs met gemengde sukses gefunksioneer het, ingevoer.

Die Adviserende Komiteelede is verkies deur die aksie van verskeie politieke partye. Hierdie partye was op sy meeste persoonlike volgelingsgroepe omdat daar geen beginselverskil in die standpunte van die partye was nie. Die stelsel van meervoudige stem het meegebring dat daar geen opposisie op die komitee was nie. Die voorafgaande verkiesingsbeloftes het die suksesvolle kandidate tot so 'n mate gebind dat daar van nugtere en konstruktiewe advieslewering baie min tereg gekom het. Daar het feitlik voortdurend 'n toestand van skaakmat tussen die Adviserende Komitee en die Stadsraad geheers vanweë die eise wat gestel is en die onvermoë van die Stadsraad om aan die eise gehoor te gee.

Die feit dat daar geen opposisie in die komitee was nie, het meegebring dat daar talryke petisies en klagtes ontvang moes word van groepe wat geen aandeel in die "mondstuk van die inwoners" gehad het nie.

Die aanwysing van "beroepspolitici" as voorsitters van die verskillende blokkomitees om as tussengangers tussen die inwoners en die superintendent te dien, het, waar hierdie mense almal aan een politieke party behoort het, die Blanke administrasie onteenseglik 'n politieke kleur gegee. Die blokmanne was die eindpunte van die

Blanke / ...

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Blanke administratiewe struktuur. Op die wyse is die deur geopen vir klagtes dat daar voortrekkery van die lede van die eie party is. Of dit waar is of nie waar is nie, die stelsel leen hom tot hierdie kritiek.

Dit was baie duidelik dat die Adviserende Komitee deur politieke leiers gesien is as 'n stap op die pad na die verkryging van groter verantwoordelike bestuur. As sodanig is daar verwagtings gewek wat nie in terme van die tradisionele Bantoebeleid van die staat verwesenlik sou kon word nie. Dat hierdie situasie frustrasie geskep het, was baie duidelik.

Politieke leiers in Atteridgeville het almal geskakel met die <u>African National Congress</u> hoewel die gemiddelde inwoner van hierdie "<u>Higher Politics</u>" nie veel verstaan het nie.

## IX. <u>NUWE SOSIALE ORIËNTERINGE</u>

In Atteridgeville het ons onteenseglike bewyse gevind dat die sosiale bindinge wat uit die tradisionele lewe voortkom en wat in hoofsaak met afkomsrekening te doen het nie meer in praktyk funksioneer nie. Dit is egter ewe waar dat daar sterk en behoudende bande met familie en noue verwante wat elders woon, bewaar word en dat wedersydse pligspleging bestaan. 'n Man se vader se broers en susters en die moedersbroer is nog steeds persone met geweldige invloed in sy lewe. Dit is in die opsig belangrik om daarop te let dat die normale verdeling tussen Bantoe in die stad en in die tuisland of platteland nie twee duidelik onderskeibare groepe vorm nie. Net soos die verwante buite Pretoria nie veel verskil in lewenshandeling van die inwoners van Atteridgeville nie. So sou die meeste inwoners van Atteridgeville nie onaanpasbaar in die platteland of elders wees nie. Die invloed van verwestering en individualisering werk orals hoewel nie orals ewe sterk nie sodat daar nie skeiding op grond van blote aan- of afwesigheid in 'n stedelike gebied gemaak kan word nie.

Binne die gesinsverband, wat die belangrikste sosiale verbinding is, is die vernaamste veranderinge wat ingetree het die verhoging van die status van die vrou soos gesien kan word in haar groter selfstandigheid van handeling, haar bydrae tot die gesinsinkomste, haar deelname aan die plaaslike politiek en so meer. Hiermee saam moet ook as verandering genoem word die verswakking van ouerlike kontrole oor opgroeiende kinders wat saamhang met die groter oorname van die Westerse lewenspatroon deur die kinders waardeur hulle op hulle ouers neersien en die afwesigheid van ondersteuning in hierdie kontrole deur ander familie soos die grootouers en veral ooms aan vaderskant. Iets wat in die tradisionele patroon normaal was.

Die nuwe sosiale groeperinge wat in Atteridgeville aangemerk kon word, is bewys van die sake wat ons reeds genoem het. Die proses van verwestering kan gelees word in die bestaan van standverskille wat bepaal word deur die mate waarin 'n persoon deur besittings, geleerdheid, kleredrag en gedrag bewys lewer van 'n meerdere Westerse oriëntering as andere. Die onvermoë van ouers om kinders te beheer, vind as een van die gevolge die ontstaan van jeugbendes onder tienderjariges. Hierdie jeugbendes word gekenmerk deur 'n siklus van ontstaan, volwaardigheid en verval soos ons dit vind in die opeenvolgende stadia van die vorming van <u>Medium-rensje</u>, <u>Klewa-rensje</u> en misdadigerbendes.

Die enigste nuwe sosiale groepe wat 'n positiewe effek op die lewenshandeling van die lede het, is die <u>mogodisô</u>-spaarsirkel en die verskillende kerklike verenigings veral dié onder vrouelidmate.

Hierbenewens is daar 'n ryke verskeidenheid aan sportverenigings waaraan individue kan behoort maar wat eintlik van owerheidsweë in stand gehou word. Ons het duidelike getuienis gevind

dat / ...

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

dat hierdie groepe weens gebrek aan belangstelling die neiging toon om dood te loop as die owerheid sy hulp sou onttrek.

Die gehele verskeidenheid van nuwe sosiale groeperinge staan vir ons in die teken van 'n individualiseringsproses. Waar 'n persoon onder die tradisionele bedeling in sosiale groepe gebore word en onafwendbaar aan andere op grond van ouderdom sal behoort, het hy in die stad onder die nuwe bedeling die voorreg om te kies waarby hy sal aansluit of nie aansluit nie. As sodanig moet hierdie nuwe groepe noodwendig 'n swakker bindkrag tussen mense lê as voormalig die geval was. Hierdie ontwikkeling is natuurlik een van die gevolge van die verwesteringsproses.

Atteridgeville vertoon dus al die kenmerke wat mens sou verwag van 'n gemeenskap waarvan die lede van heterogene herkoms is en in wisselende mate aan invloede vanuit die Westerse kultuur blootgestel is.

-------------

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



# HOOFSTUK X

# GEVOLGTREKKING EN SAMEVATTING

## I. GESKIEDENIS

Die behuisingskema vir Bantoegesinne waarmee in Atteridgeville gedurende 1939 'n begin gemaak is, moet gesien word as 'n poging om 'n bevredigende antwoord te vind vir die onhigiëniese behuisingstoestande wat in die Bantoewoonbuurtes van Pretoria sedert 1900 bestaan het. Die hele geskiedenis van die benadering tot behuising vir Bantoe-arbeid in stedelike gebiede kan uit die verloop van die ontstaan en uitvoering van die Atteridgeville-skema afgelees word.

Aanvanklik vind ons 'n periode tot 1912, waarin die stadsbeplanners bereid was om slegs persele met basiese dienste beskikbaar te stel waarop Bantoe-individue self kon bou. Die gebrekkige toesig oor die standaard van die boustrukture en die vermeerdering van die Bantoe-arbeidskorps in Pretoria het in die ou lokasies Marabastad en Hove's Ground ernstige toestande van oorbewoning ten gevolge gehad.

Na 1912 vind ons die aanvaarding in beginsel van die verpligting deur die Stadsraad dat huisvesting en nie slegs persele vir die Bantoe verskaf moet word nie. Die rede is vanweë die algemene bedreiging wat die destydse onhigiëniese toestande vir die gesondheid van die stad ingehou het. Die verpligting is natuurlik op alle plaaslike besture by die aanname van die Naturellen (Stadsgebieden) Wet nr. 21 van 1923 gelê.

Die enigste probleem was die wyse waarop hierdie verpligting uitgevoer moes word. Die Stadsraad se eie eksperimente in Bantule het baie gou gewys dat die verlies wat die Blanke belastingbetaler gedwing sal word om te dra aansienlik en permanent van aard sou wees. Daar is gevolglik gewag om Pretoria te verbind tot die aanvaarding van lenings vir die voorsiening van sub-ekonomiese behuising aan die Bantoe.

Aangesien die Stadsraad die wetlike verpligting tot behuising nie kon ontwyk nie, was dit noodsaaklik om strenger beheer oor die inwonertal van die bestaande lokasies uit te oefen.

Die voortdurende swak gesondheidstoestand en oorbewoning veral in Marabastad en Hove's Ground het die Stadsraad teen 1930 geforseer om die enigste moontlike weg, dié van lewering van sub-ekonomiese behuising te aanvaar. Daarom word in 1936 die eerste gebied in die Atteridgeville-kompleks as lokasie geproklameer. Die uitleg van die gebied voldoen nagenoeg aan die normale standaarde van stadsbeplanning vir Blankes. In 1939 is 'n aanvang gemaak met die oprigting van die eerste huise. Teen 1942 is die eerste 980 huise voltooi teen 'n veel hoër koste as die beraamde uitgawe vanweë die styging in die koste van boumateriaal gedurende die oorlog. Teen selfs groter koste is van 1945 tot 1950 voortgegaan om teen 'n stadiger tempo 'n verdere 552 huise in gebruik te neem. Alle huise is gevul deur voormalige bewoners van Marabastad wat by verskuiwing kompensasie ontvang het vir die huise waarvan hulle eienaars was en wat die Stadsraad hulle verplig het om te ontruim.

Langs die weg is daar 'n staats- en stadsraadsubsidie verleen aan die inkomste van die Bantoe-arbeiders wat in Atteridgeville gevestig is. Hierdie indirekte subsidie moes vir sover dit die Stadsraad raak teen 'n stygende tempo uit die Algemene Fondsrekening verkry word. Die Blanke belastingbetaler moes vir hierdie verpligte tekorte op die Atteridgeville-skema verantwoordelikheid aanvaar. Hierdie subsidiebeginsel het selfs uitbreiding ontvang deur die invoering van subsidies op die vervoeronkoste van die inwoners van Atteridgeville. Op die wyse is nogeens uit die sak van die belastingbetaler, deur die Staat voorsiening gemaak vir die

© University of Pretoria

vereffening / ...

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

vereffening van koste verbonde aan goedkoop Bantoe-arbeid.

Teen 1950 is daar aanvoorwerk gedoen vir die omskepping van Atteridgeville in 'n ekonomiese skema. Na vergroting van die woonbuurt en die verskuiwing van die restant van die inwoners van Marabastad, Bantule en Hove's Ground het hierdie nuwe benadering in 1955 finaal werklikheid geword. Die subsidiëring van vervoerkoste het egter gebly.

## II. <u>BEHEER EN DEMOGRAFIE</u>

In Atteridgeville self is van die aanvang af met streng beheermaatreëls toegesien dat geen ongemagtigde bewoning plaasvind nie. Nogtans het die geskiedenis bewys dat die aanbou van veral twee-kamerhuise vir huisvesting van Bantoegesinne totaal onprakties is omdat daar so geen voorsiening vir uitbreiding van die bevolking deur normale aanwas gemaak word nie. Die normale bevolkingsaanwas in Atteridgeville was vanaf 1936 tot 1950 reeds van so 'n omvang dat dit duidelik was dat Pretoria weer eens op die vooraand van 'n toestand van oorbewoning in sy Bantoewoonbuurtes verkeer het. 'n Oplossing vir die probleem is nog nie verkry nie.

In ons opname het dit duidelik geblyk dat 82.0% van die gesinne van Atteridgeville in 1950 vanuit die ouer lokasies van Pretoria afkomstig was. Indien ons die totaal van kinders wat in Atteridgeville getrou het en daar huise ontvang het hierby reken, kom die totaal van die gesinne van Atteridgeville wat kontak met die ouer lokasies gehad het op 90.7% te staan.

Die geboorteplek van 42.8% van alle ouers in Atteridgeville was in die Pretoria-distrik en van hierdie totaal is meer as 1/3 in die ou lokasies van Pretoria gebore. Ons bevolking in Atteridgeville het dus vir 'n ruim mate bestaan uit mense wat reeds vir die tweede generasie volgehoue en noue kontak met die stadslewe in Pretoria gehad het. Die ander ouers was in hoofsaak afkomstig van plattelandse plase en tuislandgebiede waar die invloed van die Westerse beskawing veral op die platteland nie onbekend was nie. Alle kinders was dus ten minste die tweede generasie wat aan hierdie invloed onderhewig was; in heelwat gevalle die derde generasie. Vanweë die volgehoue kontak met en invloed van die Westerse lewenswyse en die verskaffing van 'n uiterlik Westerse lewensomgewing deur die behuising van die Stadsraad was dit nie eienaardig dat ons 'n ruime mate van oorname van Westerse gebruike sou aantref nie.

Ons ondersoek het verder getoon dat die verloop van die trek na Pretoria nie in fases plaasgevind het nie maar by wyse van eenmalige trekbewegings. Die grootste gros van die ouers in Atteridgeville wat nie in Pretoria gebore is nie en op die platteland of in 'n tuisland gebore is, het direk van die woonpunt na Pretoria gekom. Daar was nie 'n periode van tydelike verblyf in 'n Bantoewoonbuurt in 'n kleiner dorp voor die verskuiwing na die groot stad gevolg het nie.

Die etniese herkoms van die bevolking van Atteridgeville soos bepaal aan die hand van 'n groep ouers was vir 59.3% uit die <u>Sotho-Tswana</u>-groep, 12.5% was van <u>Nguni</u>-herkoms, 9.3% was van <u>Venda- of Shangaan</u>-herkoms en 6.2% van hierdie ouers was van buite Suid-Afrika afkomstig. Oor 12.7% kon ons geen bevredigende informasie oor etniese herkoms kry nie. Mens sou hieruit kon aflei dat enige reste uit die tradisionele lewe oorwegend in die rigting van die <u>Sotho-Tswana</u>-patroon geleë sou wees.

By die betragting van die totale bevolkingsamestelling van Atteridgeville in 1950 ten opsigte van ouderdomsdistribusie en geslag was dit opvallend dat vrouens in alle ouderdomsgroepe die meerderheid gevorm het. By die korrelasie van die feit met die statistiek oor geboortes en sterfgevalle het hierdie oorwig van vroulikheid ook geblyk. Daar is konstant meer dogters as seuns gebore en daar het

minder / ...

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

minder vrouens as mans gesterf. Die netto bevolkingsaanwas vir vroue was dus meer as vir mans. Vir hierdie feit kan ons geen verklaring gee nie. Ons wys egter daarop dat die intensiewe vergelyking van geboorte- en sterftesyfers eintlik slegs tussen die jare 1944 en 1950 moontlik was. Hierdie periode is baie kort. Groter gewig sou aan ons gevolgtrekking geheg kon word as dit oor 'n langer periode getoets was.

Die algemene ouderdomsdistribusie was redelik normaal met 'n algemene en onnatuurlike afname van getalle van mense bo 50. Dit lyk asof die oorsaak hiervoor gesoek moet word in die feit dat oues van dae wat die einde van hulle arbeidsleeftyd bereik, uit die woonbuurte padgee en elders, vermoedelik op die platteland en in tuislande herberg vind.

Die getal van die bevolking in die arbeidsproduktiewe leeftyd, d.i. tussen 16 en 60 jaar het 49.9% van die totale bevolking gevorm. As ons aanvaar dat vrouens liefs nie buite die huis verdienste moet aanneem nie, dan was die manlike arbeidsbron wat met die bou van Atteridgeville geskep is slegs 23.9% van die totale bevolking.

Die bepaling van korrekte geboorte- en sterftesyfers kon ons na ons oordeel met groter akkuraatheid doen as wat moontlik was by die amptelike statistieke. Ons is dus bewus van verskille wat op hierdie punt bestaan. Die belangrikste enkele gevolgtrekking hier is dat dit na ons oordeel moontlik was om te bewys dat daar 'n daling in die geboortesyfer onder die inwoners van Atteridgeville sedert hulle aankoms in die woonbuurte is.

Die daling kon as 'n vaste kurwe oor 6 jaar vervolg word. Verdere navorsing oor 'n langer termyn is nodig om volledige antwoorde op hierdie punt te kan gee.

Ons ondersoek het getoon dat die sterftesyfer in Atteridgeville ook nadere ondersoek verdien. Van die totale aantal sterfgevalle was 51.5% by kinders onder 10 jaar. Die ouderdomsgroep 0-20 jaar het 58.3% van alle sterftes opgelewer. Hierdie hoë sterftesyfer onder kinders en jeugdiges was moeilik rymbaar met die onmiddellike beskikbaarheid van gratis mediese diens in die plaaslike polikliniek. Dit hang vermoedelik saam met die relatiewe afwesigheid van bejaardes wat die persentasie sterfgevalle tot 'n hoër ouderdomskerf sou opstoot. Die sterftesyfer wat ons vir Atteridgeville bereken het, is vir feitlik elke jaar hoër as die vir alle Bantoe in Pretoria. Hierdie feit het ons nie verbaas nie omdat die totale Bantoebevolking in Pretoria 'n bowe normale getal van lewenskragtige jong persone insluit. In Atteridgeville het ons te doen gehad met 'n geslote gemeenskap met 'n relatief normale ouderdomsdistribusie.

## III. SOSIAAL - TOTSTANDKOMING EN ONTBINDING VAN DIE HUWELIK

Die sluiting van 'n wettige verbintenis tussen man en vrou gaan ook in Atteridgeville dikwels gepaard met ongeoorloofde voor-egtelike geslagsverkeer. Dit is ons opvatting dat sodanige omgang byna die reël eerder as die uitsondering geword het. Dit was baie duidelik dat ons nie met gevalle van prostitusie te doen het nie maar met ongeërgde geslagsverkeer met instemming van albei partye en met ten minste die stilswyende gedagte dat hulle later sou trou.

Hierdie praktyke was meetbaar aan die ruim insidensie van buite-egtelike geboortes in Atteridgeville. Ons opname van 300 proefgesinne het getoon dat die verskynsel in 72.0% van die gesinne waar dogters van bo 16 aanwesig is, voorkom. Van al hierdie gevalle was 84.2% van die ongehude moeders tussen die jare 16 tot 23. Dit verskaf aanduiding van die relatiewe hoë huweliksouderdom vir dogters in Atteridgeville. Verbintenisse van hierdie aard het 'n groot mate van permanensie getoon daar 79.3% van al die ongehude moeders, kinders by slegs een vader gehad het. Dit was opvallend dat daar later dan huwelike plaasvind tussen die betrokke man en vrou.

Betroubare / ...

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Betroubare offisiële syfers het daarop gedui dat soveel as 55% van alle geboortes in Atteridgeville buite-egtelik plaasgevind het en dat binne-egtelike geboortes eers na die 26ste jaar van die moeders die getal buite-egtelike geboortes oorskry. Deel van die oorsaak van die toestand kan gewyt word aan 'n algemene losheid van sedes maar ook aan die bestaan van 'n onverantwoordelike element onder manlike jeugdiges vir wie voor-huwelikse omgang 'n prestasie en normale praktyk was.

Huweliksluiting was dus nie die blote toenadering tussen 'n jong man en vrou nie. Daar was die addisionele probleem van die afdwinging van 'n huwelik by buite-egtelikheid of die eising van skadevergoeding vir verleiding. In hierdie saak het die feite bewys dat buite-egtelike swangerskap tussen eerbare mense altyd tot 'n huwelik gelei het. Daar was egter die gevalle waar die skuldige man 'n deugniet was of te jonk was. Dan is die skande self gedra en skadevergoeding geëis. Hierdie eise is egter selde na 'n hof geneem. Dit is meesal in 'n familievergadering besleg.

Skadevergoeding is dikwels om 'n ander rede nie geëis nie: As die jongman eerbaar lyk en hy voorneme toon om bogadi te lewer is die moontlike skadevergoeding as deel van die bogadi aanvaar en is hy toegelaat om verdere besoeke te bring en selfs kinders te verwek in die periode waarin hy spaar om die volle bogadi te kan lewer. Dit het dan heel dikwels gebeur dat hierdie onderhandeling tog afspring en die ouers van die ongehude vrou sonder skadevergoeding en met die versorgingsverpligting oor meerdere buite-egtelike kinders gelaat word. Buite-egtelike kinders het nie 'n vrou se huwelikskanse verminder nie. Na haar huwelik is die voorhuwelikse kinders deur die man aanvaar as sy eie.

Hierdie praktyke het meegebring dat die openbare mening onderskeid maak tussen promiskieuse geslagsomgang en die verwekking van kinders terwyl die man sukkel om die nodige trougoedere in die hande te kry.

As voorvereistes vir die huwelik het slegs eise van volwassenheid gegeld. Die vrou moes die rypheidsleeftyd bereik het en die man moes die vrou kon onderhou en bogadi lewer. Die lang periode wat nodig was vir die versameling van trougoedere het die normale huweliksouderdom vir vroue laat styg tot tussen 23 en 26 jaar en vir mans tot ongeveer 30 jaar.

Die keusevereistes wat in die tradisionele lewe gegeld het, het bykans volledig verdwyn. As eerste vereiste het nou gegeld dat die aanstaandes mekaar sal lief hê en dat man en vrou van naasteby dieselfde lewensstand moet wees. Die laaste vereiste het meegebring dat daar gelet word op die godsdiens, geletterdheid en vaste inkomste van 'n huweliksmaat. Die praktyk het ook bewys dat die meeste huwelike tussen mense van naastenby dieselfde stamagtergrond plaasvind.

Die verlowing en aksie van huweliksluiting was in Atteridgeville soos in die tradisionele lewe nog steeds duidelik 'n familiesaak. Daar is gereeld van tussengangers gebruik gemaak. Die werklike seremonie was in feitlik alle gevalle 'n dubbele aksie van lewering van trougoedere en kerklike inseëning van die huwelik. Daar was ook diegene wat desondanks ook 'n burgerlike huwelik voor die Bantoesakekommissaris laat voltrek het om langs die weg skriftelike bewys van die huwelik te verkry.

Die eis dat daar trougoedere gelewer moes word, is deurgaans van die kant van die ouers van die bruid gestel. Daar was in hierdie eis 'n onbetwisbare kommersiële element omdat ouers die trougoedere beskou het as kompensasie vir hulle onkoste aan die opvoeding van die dogter. Dat hierdie eis gewoonlik die geboorte van een of meer buite-egtelike kinders meegebring het, het blykbaar minder saak gemaak.

© University of Pretoria

Trougoedere / ...

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Trougoedere is as geld gelewer. Dit is in 71.11% van die gevalle wat ons ondersoek het deur die bruidegom alleen bymekaar gebring oor periodes wat van twee tot ses jaar gewissel het. Dit is altyd voor getuies ontvang en wel deur die vader van die bruid. Is die vader oorlede het die veranderde omstandighede meegebring dat dit deur die weduweemoeder ontvang is en was daar geen beperking op die wyse waarop sy daarmee kon handel nie.

Die bruilofsfees was steeds soos die tradisie vereis het 'n tweeledige geleentheid. Twee feeste het mekaar opgevolg een by die familie van die bruid en een by die familie van die bruidegom op 'n agtereenvolgende Saterdag en Sondag. Dit het nog steeds soos Sotho-gebruik is, gepaard gegaan met die seremoniële oordrag van die bruid.

Die inwoning na die huwelik was onder veranderde omstandighede gewoonlik vir die eerste tyd in 'n kamer aan huis van die ouers van die bruidegom. Inwoning by die ouers van die bruid waardeur 'n matrifokale verbintenis ontstaan, was by verre in die minderheid.

Die skeiding van die huweliksband moes in alle gevalle die tradisionele patroon van afhandeling in 'n familievergadering en reëling oor die terughandiging van die trougoedere volg. In praktyk was dit gewoonlik onmoontlik om trougoedere terug te eis sodat die normale handelswyse blote verlating deur die man was. Dit is dus baie duidelik dat die inwoners van Atteridgeville trots twee generasie kontak met die Westerse patroon hulle huweliksaangeleenthede nog steeds oorwegend volgens 'n aangepaste Sotho tradisionele patroon gereël het.

## IV. SOSIAAL - DIE VORM EN WOONWYSE VAN DIE GESIN

Die beskrywing van die gesinstruktuur in Atteridgeville moes noodgedwonge ook kennis neem van die toevoeging van vreemdes tot die gesinsverband. Daar kon dus slegs aan huishoudingseenhede aandag gegee word.

Die grootste enkele bron vir ontstaan van verworde samestellings van die huishoudingseenhede of dan gesinseenhede in Atteridgeville is die aanwesigheid van buite-egtelike kinders. Hiernaas natuurlik ook die aanwesigheid van familielede en vreemdes wat as betalende of nie-betalende loseerders aangetref is. Die afwesigheid van òf die vader òf die moeder het 'n verdere veranderende effek gehad.

As ons as norm aanvaar dat die hoogste mate van stabiliteit verkry is waar vader en moeder albei aanwesig is en geen buite-egtelike kinders voorkom nie beteken dit dat slegs 54.0% van ons gesinne stabiele eenhede gevorm het. By die nagaan van die rede waarom vreemdes en buite-egtelike kinders aangetref word, was ons getref deur die feit dat die aanwesigheid van familie of vreemdes as loseerders nie saamgehang het met die getal kinders in die huis, dit wil sê met die beskikbare ruimte nie.

Loseerders was in die oorgrote meerderheid van gevalle familie, en wel in byna gelyke mate aan sowel die vader as die moederskant. Dit het ons tot die gevolgtrekking gedwing dat die gesinne in Atteridgeville belangrike bande in stand hou met familielede wat veral op die platteland woonagtig was. Die verpligting om onderdak aan inwonende familielede te verleen, was so sterk, dat ernstige ongerief ten spyt, hierdie mense sonder beswaar ontvang en gehuisves is.

Buite-egtelikheid is korreleerbaar met die aan- of afwesigheid van dogters bo 16 jaar. Die aanmerking dat 54.0% van ons gesinne stabiel was, kan dus nie as 'n besondere eie prestasie gesien word nie, maar alleen as die gevolg van die toevallige feit dat sommige gesinne meer en ouer dogters gehad het as ander. Daar was slegs een metode waarvolgens gesinne hulle ten dele teen hierdie

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

ongeluk kon beskerm. Dit is deur opgeskote dogters uit die stadsomgewing na familie op die platteland weg te stuur. Sommiges kon dit doen, andere nie.

Dit is normaal dat 'n stabiele gesin later verbrokkel deur òf die oorlye van een van die ouers òf die wegtrek van kinders wat volwasse geword het. Van hierdie twee moontlikhede was die eerste vir ons die belangrikste.

Die gevolg van die afsterwe van die moeder was gewoonlik dat een van die ouer dogters die huishouding moes kom behartig. Hierdie gebruik het so 'n dogter gewoonlik langer as haar susters ongetroud gehou. Die gevolg hiervan was dat die huishoudster in sulke gesinne uitgeken kon word aan die meerdere buite-egtelike kinders wat sy in die wêreld gebring het.

Die gevolge van die afsterwe van die vader was tweërlei. As die gesin nog ongetroude seuns gehad het, het die versorgingsplig van die weduwee op sulke seuns se skouers geland en het hulle gewoonlik in die ouerhuis as ongetroudes bly woon tot die middeljarige leeftyd. Ons aanvaar dat dit die punt is waarby die weduwee self wegval en die huishouding omskep word in 'n normale gesinstruktuur wanneer die oudste inwonende seun trou. Is daar egter meerdere en ouer dogters in die huis, vind ons dat die dogters gaan werk, ongetroud bly vir 'n langer periode as die normale, terwyl dit die weduwee se taak word om 'n tweede stel kinders groot te maak: die buite-egtelike kinders van haar dogters. Wanneer een van hierdie inwonende dogters trou, was dit normaal dat die nuwe gesin in hierdie huishouding ingepas het. So het verskeie kere matrifokale huishoudingseenhede onder die seniorgesag van die ou weduwee in Atteridgeville ontstaan.

Die benuttingswyse van die huise wat deur die Stadsraad in Atteridgeville aan gesinne verskaf is, het in byna elke geval in die teken van beperkte ruimte gestaan. Die gemiddelde digtheid per kamer, d.i. alle vertrekke met kombuis en badkamer uitgeslote, was 2.09 persone per kamer vir ons 300 proefgesinne. As ons in ag neem dat sommiges in elke huis klein kinders was, wil die toestand as redelik voorkom. Word die gesinsgrootte egter met die huisgrootte gekorreleer vind ons dat die gemiddelde digtheid van die vernaamste huistipe, die 3-kamer tipe, ten tye van ons opname reeds 2.45 persone per kamer was. In 19.3% van die gesinne waar die ledetal meer as 8 individue beloop het, was die digtheid meesal meer as drie persone per kamer. So 'n toestand kan met die oog op persoonlike privaatheid nie as bevredigend beskryf word nie. As ons dus aanvaar dat daar binne 10 jaar na die ingebruikneming van Atteridgeville in ongeveer 20% gevalle ernstige oorbewoning bestaan het, verg dit geen diep insig om die probleem wat toenemende bevolkingsaanwas vir die toekoms sal skep, raak te sien nie.

Die huise wat in Atteridgeville deur Bantoe bewoon word, is Westers in vorm en beplanning. Dit gee aan die inwoners die geleentheid om tot die maksimum bewys te lewer van die mate waarin hulle Westerse gebruiksvoorwerpe kan benut. Ons stem egter met een van ons informante saam dat daar hierdeur deur die Stadsraad op kunsmatige wyse 'n lewenstandaard voorgeskryf is wat die inwoners as hulle aan hulleself oorgelaat was, nie by benadering uit eie keuse sou volg nie. Daar was dus 'n besliste verband tussen die ameublement en die inkomste van die bewoners. Slegs die armstes het nie probeer om meubels wat ons as vertoonstukke kon beskou, te bekom nie. Wedywering om die mooiste "goed" was algemeen.

Twee sake het egter opgeval by sowel ryk as arm. Die eerste was die algemene onberispelike netheid van die binnekant van die huise. Die tweede was die behoefte aan 'n buitelugvergaderplek vir mans wat in die vorm van 'n klein <u>lapa</u> aan die agterkant van die huise van rykes en armes verskyn het. Op die wyse kon mans buite

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

en vrouens binne aparte geselskap voer soos dit ook tradisionele gebruik is.

V. DIE EKONOMIESE ORDE

Inkomste en uitgawe is in Atteridgeville sake wat tot die huishouding beperk bly. Ons kon geen groter sameskakeling van individue in ekonomiese bedrywigheid vind as die normale gesin soos ons dit met aanhangsels in 'n huishoudingseenheid aangetref het nie.

In ons opname van 300 gesinne oor 6 weke is daar deurgaans bewys gevind dat aankope in klein hoeveelhede daagliks of al om die ander dag gedoen word.

Wat wyse van inkomsteverkryging aan betref was dit vir ons opvallend dat 71.1% van alle huishoofde in arbeidslewering betrek was wat ons as onproduktief in die totale ekonomie kan beskryf. 35.2% van alle verdieners was in besighede werksaam, 34.9% het diens aan die Staat, Provinsiale owerheid en Stadsraad gelewer. Slegs 11.2% van alle huishoofde was in fabrieke werksaam. Verdere ondersoek mag aandui dat hierdie patroon die normale is in alle stedelike Bantoewoonbuurtes.

Dit was ook duidelik dat daar geen korrelasie tussen grootte van gesin en omvang van inkomste was nie. Veel belangriker is dit dat ons geen verband kon bepaal tussen die grootte van 'n gesin en die aantal bydraers tot die totale inkomste van die huishouding nie. Ons gegewens het egter daarop gewys dat 43.1% van alle huisvroue 'n byverdienste aan die gesin moes lewer om die mas te kan op kom. In 50% van hierdie gesinne was die inkomste van die man en vrou nog nie genoeg om die mas op te kom nie en moes daar van aanvullende bronne inkomste verkry word. Waar man en vrou gesamentlik tot die verdienste bygedra het, was dit duidelik dat die vrou se verdienste aanvullend van aard was. Die gemiddelde bydrae deur die man was meer as 50% en die van die vrou minder as 30%.

Die uitgawepatroon van ons gesinne in Atteridgeville het 'n merkwaardige eweredigheid vir alle inkomstegroepe getoon net asof daar 'n bepaalde standaard deur almal gehandhaaf was. Die implikasie hiervan was dat gesinne in die hoër inkomstegroepe meer geld kon bestee aan luukse items en veral meer kon spaar soos die syfers ook wel toon. Die enigste variasie in die uitgawepatroon was twee tipes verbruikswyses van voedsel. Dit het ons voorgekom asof die meer gegoede gesinne meer gereeld duurder voedselsoorte op die tafel gehad het.

Die algemene uitgawe aan voedsel was 59.95% van die maandelikse inkomste. Huisvesting het vanweë die lae sub-ekonomiese huurgelde slegs 11.80% van die maandelikse inkomste bedra. Dit was effens teen ons verwagting dat slegs 29.3% gesinne 'n tekort op die begroting getoon het. 68.3% het 'n mindere of meerdere oorskot vertoon.

Ons 300 gesinne het gemiddeld 4.83% van hulle inkomste gespaar. Die mees algemene spaaraksie was die lidmaatskap van begrafnisverenigings en die uitneem van begrafnispolisse (76.7%). Assuransiepolisse (18.0%) en belegging by die posspaarbank of bouverenigings (14.0%) het naastenby dieselfde bedrae getrek. Slegs 16.7% van ons gesinne het geen besparing geken nie.

Die belangrikste kenmerk van die spaarpatroon was die hoë voorkoms van die korttermyn spaarmetode, die <u>mogodisô</u>-sirkel. 2/3 van ons gesinne het een of meer lede gehad wat lid was van sulke spaargroepe. Die sosiale karakter van die weeklikse of maandelikse byeenkomste het hierdie groepe as die belangrikste enkele nuwe sosiale groeperingswyse onder veranderde lewensomstandighede uitgewys. Dit sou egter na ons oordeel onrealisties wees om hierdie groepsvorming as spesifiek verbonde met die stadslewe te verklaar. Ons gesinne het sulke deeglike kontak en bande met die platteland

vertoon / ...

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

vertoon dat ons vermoed dat mens hier met 'n groepvorming te doen het wat 'n veel wyer verspreiding het as slegs in stedelike gebiede. Verdere navorsing sal nodig wees om die vermoede te bevestig of te weerlê.

## VI. OPVOEDING IN ATTERIDGEVILLE

Die skoolonderrig in Atteridgeville kon vanweë die deeglike beplanning van skoolvoorsiening, met baie goeie fasiliteite spog. Die onderwysberoep is in die laerskole, anders as by Blankes vir 66% deur mans gevul. In die geskiedenis van die skole is daar nog nooit 'n kind weggewys vanweë gebrek aan ruimte of personeel nie. Ons kan dus die bewering maak dat al het verpligte skoolbesoek nie gegeld nie 'n uiters geringe persentasie van die kinders van Atteridgeville nie skool besoek het of nog besoek nie, juis ook omdat skoolonderrig feitlik geheel gratis verskaf is.

Dit was egter vir ons opvallend dat behoudens die onderrig van godsdiens en tale alle ander vakke op 'n vroeë stadium, reeds vanaf standerds III en IV, deur medium van Engels gegee is. Die slaagsyfer van 60% wat deur die personeel as die normale aan ons voorgehou is, mag moontlik met hierdie aanbieding van leerstof in 'n vreemde taal verband hou. Dit was ook opvallend dat die vakvoorkeur van hoër- en laerskoolkinders 'n besliste afkeer in Afrikaans openbaar het. Dat die skole dus produkte sou lewer wat vanweë hierdie onderrig nader aan die Engelse taalmedium as aan òf die moedertaal òf Afrikaans sou staan, is vanselfsprekend.

Die algemene skoolbesoek van kinders in Atteridgeville is toe te skryf aan die strewe van die ouers dat hulle kinders sal leer: die seuns omdat geskooldheid beter werkgeleentheid moontlik maak en die dogters omdat hulle beter huwelike sal kan sluit. Die feitelike toestand het hierdie aanduiding van langdurige skoolbesoek geloënstraf. Skoolbesoek neem 'n aanvang op 7-8-jarige leeftyd en eindig in die meeste gevalle reeds na st. II, 'n mindere groep dring deur tot standerds IV of V wat teen 14- of 15-jarige leeftyd bereik word. Geen algemene poging om die hoër primêre skool tot standerd VI te voltooi, kon opgemerk word nie. Hierdie feit word weerspieël in die verdeling van alle skoolgaande kinders in 60.5% in laer primêre skole, 29.6% op hoër primêre skole en 9.48% in die hoërskool. Dit word ook gestaaf deur die algemene geletterdheid by alle kinders onder ons groep proefgesinne. Die implikasie is dus dat die grootste gros kinders skool verlaat met slegs 'n elementêre lees-, skryf- en rekenkennis. Die presiese rede waarom die skoolverlating so vroeg plaasvind, kon ons nie bepaal nie behalwe dat byna 50% van die skoliere standerd II haal teen 14-15-jarige leeftyd, dus op daardie ouderdom wat die meeste skoolverlating voorkom ongeag die standaard wat bereik is.

Die rede waarom skoolverlating op dié ouderdom sou voorkom, kan ons nie afdoende beantwoord nie. Vir seuns is daar egter bewyse dat baie van hulle op die ouderdom begin werk soek. Vir dogters het verskeie segsmanne gesuggereer dat dit die ouderdom is waarin hulle tot so 'n mate met seuns kontak het dat hulle dikwels gevra moet word om die skool te verlaat. Afdoende antwoord kan alleen met verdere navorsing verkry word.

Die getalle kinders op skool het bewys dat dogters in alle standerds tot standerd V die getalmeerderes is. Daarna word hulle getalle dramaties minder as die seuns in elke standerd.

Die verhouding tussen ouer en skoolgaande kind staan in Atteridgeville in die teken van die ouers se onvermoë om voorligting aan die kinders oor hulle skoolwerk te verskaf. Die skeiding wat skoolbesoek so in geskooldheid tussen ouers en kinders bring, maak dat kinders op hulle ouers begin neersien.

Die / ...

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Die opvoedingswerk tuis is in die hande van die moeder en ouer kinders, veral dogters. Wanneer die moeder dan werk en ouer kinders die huis vroeg verlaat om te gaan werk, bring dit noodwendig 'n afname van die intensiteit van voorligting en opvoeding tuis. Hierdie feit was ongelukkig in baie huise in Atteridgeville merkbaar.

## VII. DIE GODSDIENSTIGE ORDENING

Die inwoners van Atteridgeville is reeds ten minste een maar meesal vir twee generasies in Pretoria aanwesig. Hulle het in hierdie termyn en dikwels ook vroeër deeglik kennis gemaak met die Christelike evangelie. Dit is dan nie snaaks dat slegs 2.8% van ons proefgroep geen kerkverband gehad het nie. Lidmate van Blank-georiënteerde sendingkerke het 81.7% van die totaal beloop. Slegs 15.5% van ons proefgesinne was lidmate van kleiner splinterkerke.

Studie van die lidmaatskap aan Blank-georiënteerde kerke het oorvloedig bewys dat daar samevoeging van lidmate wat dikwels grootliks in stam- en taalaanhorigheid verskil in een gemeente plaasvind. Dit was daarom ook by verskeie van die kerke gebruiklik om waar die diens in Sotho of Tswana gehou is van tolke gebruik te maak om al die aanwesige toehoorders te bereik. Dit is ons oortuiging dat die samevoeging van mense van so 'n verskeidenheid van herkoms in een gemeentestruktuur 'n belangrike effek het op die vermindering van die betekenis van verskil in taal en volksverband by lidmate.

Organisatories kan ons onderskeid maak tussen kerke soos die Afrikaanse sendingkerke aan die een kant wat as oogmerk gehad het die stelselmatige ontvoogding van die sendingkerk en aan die ander kant kerke soos die Metodiste, Anglikane en Rooms-Katolieke wat die Bantoelidmate in gemeentes as deel van een totale kerkverband georganiseer het. In hierdie gevalle was dit opvallend dat die hoër kerklike poste uitsluitlik deur Blankes gevul was. Hierdie neiging tot integrasie tussen Blank en Bantoelidmate het hierdie kerke op besondere wyse vir ons segsmanne aantreklik gemaak.

Alle Blank-georiënteerde sendingkerke se gemeentes in Atteridgeville en omgewing was nie finansieel selfstandig nie. Elke gemeente het gesteun op die volgehoue finansiële hulpverlening van die kant van Blanke gemeentes. Hierdie feit het meegebring dat Blanke instansies aandeel gekry het en direkte beheer uitgeoefen het oor die besteding van gemeentelike finansies.

Dit was vir ons ook opvallend hoe hierdie gemeentes minder behoefte as Blanke gemeentes aan die amp van die diaken gehad het. Periodieke insameling van offergawes aan die kerk deur diakens is eerder die uitsondering as die reël.

Wat die houding van lidmate teenoor die kerke betref was dit opvallend dat hulle die verskille tussen die kerke nie geken of verstaan het nie. Die historiese verdelings wat daar tussen Blanke kerke gekom het, is sonder motivering onveranderd op Bantoe Christene oorgedra. Self verstaan hulle nie die betekenis van hierdie verdelinge nie. Alle lidmate van hierdie kerke het verder 'n aanhanklikheid vertoon aan die noodsaaklikheid van die doop "omdat dit sonde af was." Hieruit spruit ook die algemene gebruik van die nooddoop selfs onder lidmate van sendingkerke wat uit die Protestantisme ontstaan het. Die aanneming as volle lidmaat in die kerk het in Atteridgeville die norm vir volwassenheid geword en word gekenmerk deur vreugdebetoon soortgelyk as die na die deurloping van die inisiasieproses onder tradisionele omstandighede.

Dit was verder opvallend dat daar die algemene gevoel bestaan dat kerksake vrouesake is. Dit word weerspieël in die oormatige teenwoordigheid van vroue by die eredienste, bidure en ander kerklike byeenkomste. Die kerklike verenigingslewe het dan ook hoofsaaklik betekenis vanweë die omvang van bewegings vir vrouelidmate. Deelname van manlike lidmate aan die kerklike lewe is deurgaans swak.

In / ...

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

In die geval van splinterkerke kon ons onderskeid maak tussen die Ethiopiese en Sionistiese tipes soos Sundkler dit lankal reeds gedoen het. Dit was egter opvallend dat die belangrikste oorweging vir die onafhanklike kerkvorming by die Ethiopiese tipe wat Sundkler onderskei, nl. die opstand en vyandigheid teen die Blankes se sogenaamde kleurgevoel nie deur ons by die Ethiopiese kerke in Atteridgeville gevind kon word nie. Die ontstaan van onafhanklike minder-emosionele kerke onder die Bantoe hang vir ons saam met 'n verskeidenheid van oorsake waarvan die onwilligheid om jou aan tug in die Blank-georiënteerde kerk te onderwerp en die onvermoë om vanweë swak opleiding in die sendingkerk te styg, slegs twee is. 'n Derde oorsaak wat in die geval van die <u>Bapedi Lutheran Church</u> die deurslag gegee het, was die behoefte om 'n selfstandige <u>Pedi</u>-kerk te stig.

Dit was opvallend dat die kerklike organisasie, liturgie en so meer direk uit die sendingkerk oorgeneem en behou is. Die belangrikste afwyking is egter dat nie een van die splinterkerke, met uitsondering van die <u>African Methodist Episcopal Church</u> van die voorlees van enige belydenis gebruik gemaak het nie. Die formuliere vir bediening van die sakramente is meesal van 'n protestantse kerk oorgeneem sodat die prediker aan sy gemeente 'n protestantse oriëntering voorgehou het sonder dat hy bewus was van die teologiese agtergrond vir so 'n standpunt.

Self was die predikers nie in staat om oor enige saak met 'n kerkleerstellige inhoud 'n gesprek te voer nie. Hierdie feit tesame met die gegewens oor opleiding wat ons elders verstrek, gee ons die reg om te besluit dat hierdie mense meesal nie vir hulle taak opgewasse was nie.

Ons gegewens oor wat die inwoners van Atteridgeville glo, wat die feitelike godsdienstoestand is, in teenstelling tot wat die kerke leer, was vir ons 'n openbaring. In die geloof in 'n Skepper was daar 'n duidelike dubbelslagtigheid tussen die stamgeloof in <u>Modimo</u> as ver van die mense verwyder en <u>Modimo</u> as God die Vader, deel van die Drie-eenheidsbegrip, wat 'n daaglikse teenwoordigheid in en versorgingsaksie ten opsigte van Sy skepping handhaaf. Christus die Seun, wat die Vader gelyk is, was vir ons informante as Middelaar tot <u>Modimo</u> en as Verlosser aanvaarbaar. Hoe 'n Seun sy Vader gelyk kan wees kon hulle egter nie verstaan nie. Daar was egter geen verwarring tussen die Heilige Gees en voorvadergeeste nie.

Dit was egter duidelik dat daar twee toenaderingslyne tot <u>Modimo</u> is. Die een deur die Seun en die ander deur die voorvadergeeste.

Die geloof in en aanbidding van voorvadergeeste was by die inwoners van Atteridgeville met enkele uitsonderings so 'n lewende werklikheid dat ons die bewering kan maak dat slegs enkele inwoners nie gereeld of ten minste af en toe offerandes of ander vereringseremonies teenoor die voorvadergeeste uitvoer nie. Dit was vir ons ook opvallend dat die gedagte dat gestorwenes na die woonplek van die voorvadergeeste gaan so algemeen aanvaar word dat ons gedwing is om te beweer dat die begrip van 'n hiernamaalse straf en vergelding nog nie by Bantoe Christene posgevat het nie.

Die tradisionele onderskeid tussen familie- en stamgeeste is bekend. Slegs die familiegeeste het vandag nog betekenis want soos die stamtoesig deur die kaptein verminder het, so het die potensiële invloed van die kapteinshuis se geeste ook afgeneem. Die belangrike is dat familiegeeste nie so streng plekgebonde is soos die literatuur soms te kenne gee nie maar dat 'n persoon in Atteridgeville die invloed kan voel van alle familiegeeste waar sy verwante ook al gesterf het en begrawe is.

Hierdie algemene geloof in voorvadergeeste by die grootste gros van die inwoners, selfs by gesiene lidmate en ampsdraers van

© University of Pretoria

Blank- / ...

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Blank-georiënteerde kerke lê vir ons ten grondslag van die algemene voorkoms in die geloof in die noodsaaklikheid van die nagwaak by die gestorwene.

Die derde element in die tradisionele godsdiens, die geloof in die werking van towerkrag ten goede en ten kwade het ons net so algemeen in Atteridgeville aangetref, veral die vrees vir die aanwending van towerkrag ten kwade. Ons informante het beslis 'n wêreld van vrees, geloof in onnatuurlike kragte, geken wat ons nie by mense wat hulleself as Christene beskryf, verwag het nie.

Ons moes dus die ontstellende gevolgtrekking waag dat die tradisionele godsdiens aktief voortleef en gekleur word deur die bymenging van kennis van die Christelike evangelie. Sinkretisme word meesal gesien as die gevolg van bymenging van heidense gebruike by die Christendom. Ons ondersoek getuig egter dat die teendeel waar is.

## VIII. DIE POLITIEKE ORDENING

Ons vind nie in Atteridgeville 'n politieke ordening wat die uitkristallisering van gesag wat oor 'n bepaalde sosiale orde binne 'n besondere gebied beheer het, insluit nie. Daar is slegs sprake van Blanke administratiewe beheer en die verlening van 'n omskrewe aandeel aan die inwoners in hierdie stelsel. Die aandeel bestaan uit die verkiesing en die funksionering van die Adviserende Naturellekomitee en blokkomiteestelsel.

Wat die Blanke beheerstruktuur betref was dit vir ons baie duidelik dat die deurslaggewende element vir suksesvolle administrasie die persoonlikheid van die superintendent van die woonbuurte is en dat goeie verhoudinge tussen hom en die inwoners die enigste wyse is waarop doeltreffende administrasie gehandhaaf kan word. Die Munisipaliteit beskik nie oor die personeel en het nog nooit oor die personeel beskik om die bepalings van die lokasieregulasies na die letter af te dwing nie. Die feit dat die superintendent ten tye van ons ondersoek steeds iemand was wat universitêre opleiding geniet het, getuig van die status wat die Stadsraad aan hierdie pos gekoppel het. Dit was slegs jammer dat daar 'n oormatige snelle wisseling van posbekleërs was wat die opbou en handhawing van 'n gunstige persoonlike kontak met die inwoners bemoeilik het.

Die by wet ingestelde Adviserende Naturellekomitee is nêrens organies met die plaaslike administrasie geskakel nie. Sy aanbevelinge word direk aan die Stadsraad gemaak. Om organiese skakeling te verkry is die sogenaamde blokstelsel wat slegs met gemengde sukses gefunksioneer het, ingevoer.

Die Adviserende Komiteelede is verkies deur die aksie van verskeie politieke partye. Hierdie partye was op sy meeste persoonlike volgelingsgroepe omdat daar geen beginselverskil in die standpunte van die partye was nie. Die stelsel van meervoudige stem het meegebring dat daar geen opposisie op die komitee was nie. Die voorafgaande verkiesingsbeloftes het die suksesvolle kandidate tot so 'n mate gebind dat daar van nugtere en konstruktiewe advieslewering baie min tereg gekom het. Daar het feitlik voortdurend 'n toestand van skaakmat tussen die Adviserende Komitee en die Stadsraad geheers vanweë die eise wat gestel is en die onvermoë van die Stadsraad om aan die eise gehoor te gee.

Die feit dat daar geen opposisie in die komitee was nie, het meegebring dat daar talryke petisies en klagtes ontvang moes word van groepe wat geen aandeel in die "mondstuk van die inwoners" gehad het nie.

Die aanwysing van "beroepspolitici" as voorsitters van die verskillende blokkomitees om as tussengangers tussen die inwoners en die superintendent te dien, het, waar hierdie mense almal aan een politieke party behoort het, die Blanke administrasie onteenseglik 'n politieke kleur gegee. Die blokmanne was die eindpunte van die

Blanke / ...

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Blanke administratiewe struktuur. Op die wyse is die deur geopen vir klagtes dat daar voortrekkery van die lede van die eie party is. Of dit waar is of nie waar is nie, die stelsel leen hom tot hierdie kritiek.

Dit was baie duidelik dat die Adviserende Komitee deur politieke leiers gesien is as 'n stap op die pad na die verkryging van groter verantwoordelike bestuur. As sodanig is daar verwagtings gewek wat nie in terme van die tradisionele Bantoebeleid van die staat verwesenlik sou kon word nie. Dat hierdie situasie frustrasie geskep het, was baie duidelik.

Politieke leiers in Atteridgeville het almal geskakel met die African National Congress hoewel die gemiddelde inwoner van hierdie "Higher Politics" nie veel verstaan het nie.

## IX. NUWE SOSIALE ORIËNTERINGE

In Atteridgeville het ons onteenseglike bewyse gevind dat die sosiale bindinge wat uit die tradisionele lewe voortkom en wat in hoofsaak met afkomsrekening te doen het nie meer in praktyk funksioneer nie. Dit is egter ewe waar dat daar sterk en behoudende bande met familie en noue verwante wat elders woon, bewaar word en dat wedersydse pligspleging bestaan. 'n Man se vader se broers en susters en die moedersbroer is nog steeds persone met geweldige invloed in sy lewe. Dit is in die opsig belangrik om daarop te let dat die normale verdeling tussen Bantoe in die stad en in die tuisland of platteland nie twee duidelik onderskeibare groepe vorm nie. Net soos die verwante buite Pretoria nie veel verskil in lewenshandeling van die inwoners van Atteridgeville nie. So sou die meeste inwoners van Atteridgeville nie onaanpasbaar in die platteland of elders wees nie. Die invloed van verwestering en individualisering werk orals hoewel nie orals ewe sterk nie sodat daar nie skeiding op grond van blote aan- of afwesigheid in 'n stedelike gebied gemaak kan word nie.

Binne die gesinsverband, wat die belangrikste sosiale verbinding is, is die vernaamste veranderinge wat ingetree het die verhoging van die status van die vrou soos gesien kan word in haar groter selfstandigheid van handeling, haar bydrae tot die gesinsinkomste, haar deelname aan die plaaslike politiek en so meer. Hiermee saam moet ook as verandering genoem word die verswakking van ouerlike kontrole oor opgroeiende kinders wat saamhang met die groter oorname van die Westerse lewenspatroon deur die kinders waardeur hulle op hulle ouers neersien en die afwesigheid van ondersteuning in hierdie kontrole deur ander familie soos die grootouers en veral ooms aan vaderskant. Iets wat in die tradisionele patroon normaal was.

Die nuwe sosiale groeperinge wat in Atteridgeville aangemerk kon word, is bewys van die sake wat ons reeds genoem het. Die proses van verwestering kan gelees word in die bestaan van standverskille wat bepaal word deur die mate waarin 'n persoon deur besittings, geleerdheid, kleredrag en gedrag bewys lewer van 'n meerdere Westerse oriëntering as andere. Die onvermoë van ouers om kinders te beheer, vind as een van die gevolge die ontstaan van jeugbendes onder tienderjariges. Hierdie jeugbendes word gekenmerk deur 'n siklus van ontstaan, volwaardigheid en verval soos ons dit vind in die opeenvolgende stadia van die vorming van Medium-rensje, Klewa-rensje en misdadigerbendes.

Die enigste nuwe sosiale groepe wat 'n positiewe effek op die lewenshandeling van die lede het, is die mogodisô-spaarsirkel en die verskillende kerklike verenigings veral dié onder vrouelidmate.

Hierbenewens is daar 'n ryke verskeidenheid aan sportverenigings waaraan individue kan behoort maar wat eintlik van owerheidsweë in stand gehou word. Ons het duidelike getuienis gevind

dat / ...

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

dat hierdie groepe weens gebrek aan belangstelling die neiging toon om dood te loop as die owerheid sy hulp sou onttrek.

Die gehele verskeidenheid van nuwe sosiale groeperinge staan vir ons in die teken van 'n individualiseringsproses. Waar 'n persoon onder die tradisionele bedeling in sosiale groepe gebore word en onafwendbaar aan andere op grond van ouderdom sal behoort, het hy in die stad onder die nuwe bedeling die voorreg om te kies waarby hy sal aansluit of nie aansluit nie. As sodanig moet hierdie nuwe groepe noodwendig 'n swakker bindkrag tussen mense lê as voormalig die geval was. Hierdie ontwikkeling is natuurlik een van die gevolge van die verwesteringsproses.

Atteridgeville vertoon dus al die kenmerke wat mens sou verwag van 'n gemeenskap waarvan die lede van heterogene herkoms is en in wisselende mate aan invloede vanuit die Westerse kultuur blootgestel is.

-------------

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

## BIBLIOGRAFIE

A.M.E., African Methodist Episcopal Church: Doctrine and Discipline

BOTHMA, C.V., 1951, 'n Volkekundige ondersoek na die aard en ontstaansoorsake van Tsotsi-groepe en hulle aktiwiteite in die stedelike gebied van Pretoria (M.A.-verhandeling, U.P.).

BRENT, J.R., M.S., Unpublished manuscript on Urban Native Administration.

COERTZE, P.J., 1931, Dolosgooiery in Suid-Afrika (Annale van die Universiteit van Stellenbosch, Jaarg. IX, Reeks B, Afd. 2.).

DE VILLIERS, R.M., 1949, Politics (In Handbook on Race Relations in South Africa. Edit. E. Hellman).

ELOFF, J.F., 1952, 'n Volkekundige studie van aanpassing in die gesinslewe van die naturelle van Atteridgeville. (M.A.-verhandeling, U.P.)

HOFFMAN, C., 1912/13, Verlöbnis und Heirat bei den Basutho (Zeitschrift für Kolonial Schprachen, Bd. 3).

JUNOD, H.A., 1927, The life of a South African tribe, Vol. I & II (MacMillan, London).

KOHLER, M., 1941, The Izangoma diviners (Dept. of Native Affairs, Ethnological Publications, Vol. IX).

KRIGE, J.D., 1934, Bridewealth in Balobedu marriage ceremonies (Bantu Studies, Vol. VIII).

LONGMORE, L., 1959, The dispossessed (Jonathan Cape, London).

MÖNNIG, H.O., 1959, 'n Analise van sosiaal-kulturele lewe in Hovesground: 'n Stedelike Bantoewoonbuurt (D.Phil.-proefskrif, U.P.).

1967, The Pedi (Van Schaik, Pretoria).

PAUW, B.A., 1960, Religion in a Tswana Chiefdom (Oxford Univ. Press, London).

PEACOCK, R., 1955, Die geskiedenis van Pretoria 1855-1902 (D.Phil.-proefskrif, U.P.).

POTGIETER, E.F., 1955, Enkele voorbeelde van spontane etniese groepering onder die stedelike Bantoe in Pretoria en aan die Rand (Tydskrif vir Rasse-aangeleenthede, Vol. 7, nr. 1).

ROUX, E., 1964, Time longer than rope: a history of the black man's struggle for freedom in South Africa (Madison).

SOUTH AFRICAN INSTITUTE FOR RACE RELATIONS (S.A.I.R.R.), 1947, Getuienis voor die Naturelle-wette Kommissie 1946-48 (Race Relations, Vol. XIV, nr. 2).

1954, The Political rights of the Coloured People (Race Relations, Vol. XXI, nr. 2).

SCHAPERA, I., 1938, Handbook of Tswana Law and Custom (Oxford Univ. Press, Oxford).

1940, Married life in an African tribe (Faber & Faber, London).

SCHMIDT, J.J., 1965, Stamverbondenheid van 'n stedelike Bantoe-gemeenskap (D.Phil.-proefskrif, P.U. vir C.H.O.).

SIMONS, H.J., 1940, Some aspects of Urban Native administration (Race Relations, Vol. VII, nr. 4).

STADSRAAD / ...

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

STADSRAAD VAN PRETORIA, Notules vanaf 1900 tot 1950.

SUNDKLER, B., 1961, Bantu prophets in South Africa, 2nd edit. (Oxford Univ. Press, London).

VAN ZYL, H.J., 1944, Voedsel en voedselvoorsiening by die Baga Moletsi van Noord-Transvaal (M.A.-verhandeling, U.P.).

1958, Die Bakgatla van Mosêtlha (Voortrekkerpers, Johannesburg).

VERSLAE

Breadmore-verslag, 1944: Report of the Commission appointed to enquire into the operation of bus services for non-Europeans on the Witwatersrand and the districts of Pretoria and Vereeniging (U.G. 31/1944, Staatsdrukker, Pretoria).

Eiselen-verslag, 1951: Verslag van die Naturelle-onderwyskommissie 1949-1951 (U.G. 53/1951, Staatsdrukker, Pretoria).

Heald-verslag, 1942: Report on an inspection of the Pretoria Urban Area carried out during the period 28.9.42-1.10.42. (Ongepubliseerde Departementele Komiteeverslag.)

Nel-verslag, 1952: Verslag van die Komitee insake Streeksbeplanning van Woongebiede vir Naturelle in Pretoria en omgewing, 1952. (Ongepubliseerde Departementele Komiteeverslag.)

Rose-Innes-verslag, 1910: Native Enquiry Committee. (Ongepubliseerde Departementele Komiteeverslag, sowel as verbatim getuienis.)

Tomlinson-verslag, 1954/5: Verslag van die Kommissie vir die Sosio-ekonomiese ontwikkeling van die Bantoegebiede binne die Unie van Suid-Afrika. (Staatsdrukker, Pretoria.)

---

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

# BYLAE I

## DIE TAAL VAN ATTERIDGEVILLE

deur prof. dr. D. Ziervogel

## I. INLEIDING

Die term "gemengde Sotho (mixed Sotho)" word soms gebruik met betrekking tot die taal van die Bantoe van die stede. Die vraag is nou wat hierdie term ten opsigte van Atteridgeville aandui. Is die term miskien misleidend en is daar 'n eenvormige spreektaal in Atteridgeville? Is gemengde Sotho miskien 'n mengeltaal? Is dit 'n Bantoetaal of nie? Dis onder meer hierdie vrae wat sal moet beantwoord word by die studie van die taal van Atteridgeville wat die onderwerp van hierdie ondersoek is.

Die inwoners van Atteridgeville is oor die algemeen redelik geletterd en veral die jonger geslag het 'n gangbare mate van skoolkennis opgedoen. Skoolonderrig word ontvang deur medium van Engels en in die laer standerds deur medium van die moedertaal. Afrikaans is nie 'n faktor van belang by die skoolonderrig nie: dis slegs 'n skoolvak en geen onderrigmedium nie. Afrikaans speel 'n groter rol in die Bantoewerker se verhouding tot die Blanke as wat Engels dit doen. 'n Mens hoor dikwels 'n Engelssprekende Blanke met sy Bantoewerker Afrikaans praat, terwyl hy daarteen sou opsien om Afrikaans met 'n Afrikaanssprekende Blanke te praat. Die Bantoewerker (huisbediende, hande-arbeider, tuinjong) is oor die algemeen redelik goed Afrikaans magtig. Hoewel geen statistiese gegewens beskikbaar is nie, wil dit tog voorkom asof die Bantoe makliker Afrikaans as Engels aanleer. Daarenteen het die opkoms van 'n amptenareklas onder die Bantoe, hoofsaaklik klerke en onderwysers, die gevolg dat Afrikaans by hierdie groep plek moet inruim vir Engels. Engels word nou vereenselwig met geleerdheid, vooruitgang en ander soortgelyke clichés. Om dié rede word die kennis van Engels tydig en ontydig tentoongestel. Ons hoor nou dikwels Bantoepersone onder mekaar Engels besig op straat of op sodanige plek waar hulle kan pronk met hulle "beskaafdheid", hulle "ontwikkeling". Dieselfde neiging begin hom nou openbaar by die minder-ontwikkelde Bantoe. Wanneer die Bantoe-individu egter homself is, praat hy sy moedertaal.

Openbare kennisgewings in Atteridgeville geskied gewoonlik in Engels en in een Bantoetaal, nl. Suid-Sotho. In die meeste kerke word Suid-Sotho-formulierboeke en -gesangboeke gebruik en word die Bybel in dié taal gelees. Suid-Sotho het by die Sotho dieselfde plek ingeneem as Hooghollands by die ouer Afrikaanssprekende. Die rede is waarskynlik dat een van die eerste Bantoetale waarin kerkliteratuur oorgesit is, Suid-Sotho was. Die mag van die gewoonte is moeilik om by die Bantoe te breek.

In die skole van Atteridgeville is Noord-Sotho (Pedi) die moedertaal wat deur middel van voorgeskrewe boeke behandel word. Dit is in die hoër standerds nie die voertaal nie, maar slegs 'n skoolvak soos Afrikaans of Rekenkunde.

Afgesien van die bovermelde tale wat op verskillende terreine 'n invloed uitoefen, is daar baie min Suid-Afrikaanse Bantoetale wat nie in Atteridgeville gepraat word nie, hoofsaaklik in die huislike kring. Sommige stamme is meer en ander minder konserwatief en daarom word die betrokke tale ook in dié mate behou of gewysig.

Uit die opgestelde tabel 22 is dit duidelik dat die Sotho-element in Atteridgeville baie sterk is, tussen 60% en 70%. Aangesien die Sotho-dialekte onderling maklik verstaanbaar is, is dit ook begryplik dat 'n absolute eenvormigheid nie 'n vereiste is om mekaar te verstaan nie.

Afgesien / ...

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Afgesien van die verskillende volkstale is daar in die stad ook reeds groepstale gevorm. So praat die tsotsi's hul eie taal, die skoolseuns (bylae A) en straatjongens (bylae C) het hul eie manier van praat, die boewewêreld het ook sy taal, en in die ontugplekke sal ook 'n eie spraak aangetref word. Net so min as wat ons die taal van die Pretoriase student sal beskou as die norm vir die Afrikaans van Pretoria, sou, bv. die taal van die straatjongens van Atteridgeville beskou kan word as die omgangstaal van die hele woonbuurt.

Die nuwe lewenswyse van die lokasie bring veral naäpery van die Blanke kultuur mee. Die tradisionele kultuurvoorwerpe word vervang deur die Blanke se ekwivalente: die houtskottel word vervang met 'n yster- of porseleinbord; die kleikookpot met 'n yster driebeenpot; die vuurherd met 'n stoof; die slaapmat met 'n bed; die hut met 'n Europese huis, ens. Dis dan eintlik van selfsprekend dat die taal hom sal aanpas en sebyana word bôrôtô (bord) of pleiti (plate), segô word komiki (kommetjie); pitsa word pôtô (pot); senkgwa word borôthô (brood); ens. Hierdie woorde word nou deel van 'n nuwe kultuur, terwyl die tradisionele woord geassosieer word met 'n ander kultuur. Hy maak ook kennis met dinge waarvoor hy geen eie woord het nie, aangesien die voorwerp aan hom heeltemal onbekend is, vandaar fêsêtêrê (venster), mmôtôrô-kara (motorkar).

Dis duidelik dat om 'n gemeenskaplike omgangstaal te probeer vasstel, die eksterne invloede ook in aanmerking geneem moet word. Daar moet egter ook 'n basis vir vergelykende studie gevind word. Die teksmetode sal hier nie deug nie. Tekste het slegs die nut dat dit die taal van verskillende individue weergee maar geen omvattende vergelykende gegewens bied nie. Daarby moet altyd gewaak word teen die skryftaal of die kerktaal wat gewoonlik nie die natuurlike omgangstaal is nie. Na oorweging is besluit om 'n vyftigtal sinne op te stel waarin die bekendste dialektiese afwykings op die gebied van die fonologie, fonetiek, grammatika en sintaksis duidelik sou blyk. Hierdie sinne moes in 'n nie-Sotho-taal, liefs Engels of Afrikaans voorgelees word en deur die proefpersoon oorgesit word in die taal wat hy gewoonweg praat. Dit het onder omstandighede die geslaagste metode geblyk te wees. Daaruit is die volgende vergelykende materiaal geneem om die algemene taalkundige tendense in Atteridgeville vas te stel (vgl. bylae E).

By die ontleding van gegewens is die aandag toegespits op die verskille tussen die geskrewe Pedi en die taalvorme in Atteridgeville. Pedi is nie alleen die vernaamste skryftaal noord en oos van Pretoria nie maar is ook die beste wetenskaplik ondersoek. Daarby kom nog die feit dat die gegewens oor taalverband volgens tabel 22 (p.76) 'n sterk Noord-Sotho-element voorhou.

## II. FONETIES-FONOLOGIESE VERGELYKING

### A. Die vokale

Die vokale in Atteridgeville is nie verskillend van dié wat as gangbaar vir Sotho geld nie, nl. a, i, u, o, e, ô, ê.

Ook die assimilasie-verskynsels by hierdie vokale bied niks nuuts nie. Dit kom neer op 'n vernouing van o, e, ô, ê wanneer 'n i en u in die daaropvolgende lettergreep verskyn. Hierdie aangeleentheid is deur D.T. Cole uiteengesit in die artikel "Notes on the phonological relationships of Tswana vowels" (African Studies, Vol. 8, No. 3).

Ander tipes assimilasie kom ook voor. So word o nê o bôna o nô o bôna. Elisie en sametrekking is ook nie onbekend nie ô o bônang > ô bônang ê e bônang > ê bônang; o nê a bôna > onabôna; hê a bôna > habôna, ens.

© University of Pretoria

Dubbelvorms / ...

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Dubbelvorms soos die volgende is waargeneem: -nnyane/-nnyanê (klein); -ane/anê verkleinwoordagtervoegsel; -bolêtse/-bolêtsê (het gepraat); -khotse/-khotsê (is versadig); -budulê/-budule (is gaar); -rwele/-rwêlê (het gedra). Die tweede alternatief is die minder gebruiklike en is of aan dialektiese variasie te wyte of aan persoonlike voorkeur, maar is geen algemene verskynsel nie.

B. Die konsonante

Die foneties-fonologiese verskille binne die Sotho-groep dialekte berus in hoofsaak by 'n bepaalde aantal konsonante-groepe waarin sekere klanke onderling verwisselbaar is. Ons beperk ons slegs by hierdie klankgroepe. Ons sluit onder andere die Kgalagadi-dialekte en Pai hier uit aangesien hulle geen invloed nagelaat het in Atteridgeville nie.

Die vorme in hakies is dié wat na ons mening minder gebruiklik is in Atteridgeville.

(1) Bilabiale f teenoor denti-labiale f uit B. p:

Die Pedi gebruik die bilabiale vorm. In Atteridgeville is die bilabiale vorm uitsonderlik en word byna uitsluitlik die dentilabiale vorm aangetref. Die Tlhaping-ekwivalent h (bv. ha (gee)) is nie kenmerkend van Atteridgeville nie.

fa (gee), lefofa (veer), fatshe (op die grond).

(2) Eksplosiewe b teenoor frikatiewe v, (d.w.s. bilabiale v uit B. v):

Die bilabiale vorm is Pedi. In Atteridgeville is die bilabiale vorm uitsonderlik en 'n stemhebbende b word gehoor:

baba (bitter wees), ba- prefiks klas 2, bôna (sien).

(3) Serebrale l (flapped lateral) teenoor d uit B. l voor î en û:

Hierdie klank is in die meeste Sotho-dialekte van die l-tipe wat wissel tussen serebrale l en d en selfs r. Die vorm in Atteridgeville is 'n stemhebbende d wat of alveolaar of serebraal uitgespreek word:

di- klasprefiks 8, 10, budula (gaar word).

(4) Die reeks f, fs, sw en h uit B. p gevolg deur î:

Die Pedi-vorm is fs (met bilabiale f); sw is wydverspreid in Transvaal, hoofsaaklik in Kgatla; f is Suid-Sotho en die meer suidelike Tswana-dialekte; h kom beperk voor in Tlhaping. Vgl. lefsika, leswika en lefika; lefifi, lefsifsi, leswiswi en lehihi, ook lesufi, letshwifi en letshwihi, lg. drie respektiewelik Matlala, Pulana en Kutswe.

In Atteridgeville word beide denti-labiale f en die sw dikwels aangetref. Die fs en h is feitlik onbekend, dus

lefika/leswika (klip), lefifi/leswiswi (duisternis).

(5) Die reeks x, ɣ en h uit B.k:

In die meer oostelike Sotho-dialekte, insluitende Pedi, is ɣ baie algemeen (in Pedi in onbeklemtoonde lettergrepe); x word beskou as Tswana terwyl h met Suid-Sotho geassosieer word. Feit is egter dat h (stemhebbend) baie meer verspreid is in Transvaal as wat algemeen aanvaar word. Dis kenmerkend van Kwena en die meer oostelike Kgatla-dialekte. In Atteridgeville is die toestand vloeibaar. Beide x (baie selde ɣ) en h word deurmekaar aangewend wat heeltemal begryplik is aangesien die kerktaal (Suid-Sotho) h het en die skryftaal (Pedi en Tswana) x (g geskryf) gebruik. Dus

golê/holê (ver), bogôbê/bohôbê (pap), go-/ho- infinitiefprefiks.

(6) / ...

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

(6) Die vorms kg en kh uit B. nk:

In Transvaal gaan kh gewoonlik saam met h, in Suid-Sotho word h maar kxh (hoewel kh geskryf) aangetref. Pedi het x en kxh. In Atteridgeville het ons soos by h/x ook hier die wisseling tussen kh/kxh, dus

khômo/kxhômo (bees), nkhô/nkxhô (beker), khaufi/kxhaufi (naby) of khauswi/kxhauswi.

(7) s en š uit B. k en t gevolg deur î.

Die š is die Pedi-vorm hoewel dit in beperkte gevalle ook in ander dialekte voorkom, bv. Suid-Tswana sa, si, se maar šo, šw en šu, dus busa maar mmušô, ens. In Kwena en sommige Kgatla-dialekte word š voor i gevind buiten by kousatiewe, dus khôši maar isiwa (geneem word). In Atteridgeville is die s die mees algemene vorm, bv. sala (agterbly), sa- besitskakel vir klas 7; sôna absolute vnw. vir klas 7, tlisêtsa (bring vir), maar voor 'n i is die wisseling ši/si baie algemeen: moši/mosi (rook), khôši/khôsi/kgôši/kgôsi (kaptein) en die kopulatiewe demonstratief ašu/asu (hier is hy, klas 1).

(8) ts en tš uit B. lŷ.

Die gebruik van ts en tš is onderhewig aan dieselfde invloede as s/š in (7), vgl. bitsa (roep) en pitšô (vergadering) in Suid-Tswana; tšididi (koud) in Kwena en Pedi teenoor tsididi in ander dialekte. Die alternatiewe ž en dž (viža/vidža) van Lobedu en verwante dialekte is nie hier van belang nie. In Atteridgeville is die ts die mees gebruiklike terwyl dit voor i wissel met tš, dus

bitsa (roep), -biditsê (het geroep), tsa- (besitskakel klas 8), tsê (demonstratief van klas 8), maar -ntsi/-ntši (baie), tsididi/tšididi (koud).

(9) tsh en tšh.

Die gebruik van tsh en tšh is onderhewig aan dieselfde invloede as s/š in (7), vgl. tšhosa (laat skrik) in Suid-Tswana teenoor die meer bekende tshosa in Suid-Sotho en Kgatla; tšhipi (yster), in Kwena en Pedi teenoor tshipi in ander dialekte. In Atteridgeville is die tsh die mees-gebruiklike vorm terwyl dit voor i wissel met tšh, dus

tshaba (vrees), tshosa (skrik maak), maar tšhipi/tshipi (yster) tšhila/tshila (vuil), -ntšhi/-ntshi (baie).

(10) s teenoor tsh.

In 'n aantal stamme wat in Pedi met s begin vind ons in die meeste ander dialekte tsh in plaas van die s, bv.

tshwana (wees soos), Suid-Tswana tšhwana volgens (9) staan vir Pedi swana; tshwara (tšhwara) (gryp) vir Pedi swara; motshegare/mosegare (middag); tshela/sela (oorspring), ens., ook tshira/tšhira/šira (skuil), ens.

In Atteridgeville word deurgaans die "verharde" vorm gevind, dus

tshwara, tshwana, motshexare, tshela.

(11) Die laterale klanke.

In Pedi kom tl, tlh en hl as laterale voor, tlh slegs as "verharde" vorm van hl: hlaba (steek), tlhabô ('n slag). Dieselfde is in hoofsaak van toepassing op Suid-Sotho. In Tlokwa, Lobedu en verwante Noord-Transvaalse dialekte word Pedi tl met interdentale ṯ of ḓ vervang: tlala/ṯala/ḓala (honger), hl en tlh met th. In die Tswana-dialekte kom slegs tl vir Pedi tl en tlh vir beide Pedi hl en tlh voor: tlala (honger), tlhaba (slag), tlhabô ('n slag).

In Atteridgeville kom al hierdie vorms in meerdere of mindere mate voor.

© University of Pretoria

Die / ...

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Die Tswana-gebruik is egter die mees algemene, dus botlhale (slimheid), tlhakana (ontmoet), tla (kom), letlapa (klip).

(12) Die reeks vž, vz, vy, by, bž, žw, jw uit B. vy/vw.

Die eerste drie vorms is die met bilabiale v en is wisselvorms binne die Pedi-gebied; by skyn 'n algemeen Kgatla/Kwena-vorm te wees en die res Tswana en Suid-Sotho. In Atteridgeville is die oorwegende vorm by met die ander Tswana-vorms as alternatiewe maar met byna geen Pedi-vorms nie, dus

byala (džwala, jwala) (bier), byang/byayi (gras) (jwang).

Vir passiewe vorms kyk onder passiewe in die Grammatiese gedeelte.

(13) Die reeks x̌, kh, f, x, h, š en x́.

Daar is geen stamme waar hierdie wisseling volledig voorkom nie, vgl. egter die stam vir "rooi" (B. kûva (rooi wees)):

Pedi x̌ubêdu; Noord-Transvaal khubêdu/khwibidu; Suid-Sotho fubêdu; Pai šubêdu (ook in Wes-Transvaal), xubêdu/hubêdu in Wes-Transvaal en Kwena-Kgatla x́ibidu/x́wibidu;
vgl. verder die reekse x̌umana, fumana, khumana, en šungwana (vind)
sex̌uba, sefuba en hišuba (bors)
max̌ura, mafura, makhura en mašura (vet).

Die reeks x̌, f en kh is baie algemeen.

Waar Pedi x̌ deur 'n voorafgaande li- uit x ontwikkel het, is die wisselende reeks meestal x̌, x, h en š, vgl. lešôdu, lexôdu, lehôdu en lešôdu (dief).

In Atteridgeville is die mees gebruiklike vorm dié met f in x̌, kh, f reeks, dus mafura (vet), fumana (vind) maar nie fubêdu nie. Die stam vir "rooi" is of x́ibidu of x́wibidu met verharding khwibidu. In die x̌, x, h, š reeks gee Atteridgeville voorkeur aan x, dus lexôdu. Die Pedi-vorm met x̌ is deur die skoolkinders meestal deur h vervang. Daar is blykbaar dialekte wat die h-vorm gebruik maar in hierdie geval kan 'n mens aanneem dat die h as gevolg van die skryftaal ontstaan. Die besondere Pedi-klank x̌ is nie baie bekend buite die Pedi-gebied nie en word boonop met h geskryf sodat dit vir 'n oningeligte baie maklik is om dit h uit te spreek, dus: hwêtsa vir x̌wêtša (vind) lehôdu vir lex̌ôdu (dief) waar daar nie alternatiewe met f is nie.

(14) Die reeks fš, šw uit B. pwa.

Afgesien van passiewe vorms van werkwoorde word hierdie stam verteenwoordig in B. pwa (opdroog) waarvan die Atteridgeville-vorms wissel tussen fx̌a/fša (met bilabiale f) met die alternatiewe swa/tšha/ša as minder gebruiklike alternatiewe. (Vir passiewe kyk grammatiese gedeelte.)

(15) Die reeks pša, py uit B. mbwa.

Afgesien van passiewe vorms van werkwoorde word hierdie klanke verteenwoordig deur die stam -mbwa (hond) wat die vorm mpya aanneem in Atteridgeville met die minder gebruiklike alternatiewe ntša, mpša. (Vir passiewe kyk grammatiese gedeelte.)

(16) Die reeks j, ž, dž, tš uit B. ly:

In die gebruiklike ortografieë word hierdie klanke verteenwoordig deur die simbool j, dus: ja (eet), kajêno (vandag), mojako (deur) en waarvan die verharde vorm tš (met nasaal ntš soos in -ntša van ja (eet)) is. Hoewel al die alternatiewe in Atteridgeville gehoor is, is die Kwena-Kgatla se tš (met of sonder nasaal) baie gebruiklik: tša (eet), katšeno (vandag), la ntša (die regterhand).

(17) Die twee stamme pya (nuut; brand) en kŵa (doodgaan) is twee bekende dialekaanduidende stamme. In Atteridgeville kom hulle soos volg voor:

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

pya (nuut): -fx̌a (-fya) verhard tot mpx̌a (mpyha)
-ša verhard tot ntšha
-fša verhard tot mpšha
-swa/-šwa verhard tot ntshwa/ntšhwa.
Die verharde vorm word dikwels as stam gebruik:
yô mompšha; sê sempya, ens.

pya (brand): fx̌a/fša (met bilabiale f) met die minder gebruiklike alternatiewe ša, swa, tšha en šwa.

kŵa (doodgaan): šwa/swa met perfektum -šulê/-sulê/-šwilê/-swilê met selde x̌wa/hwa, lg. waarskynlik skooltaal.
Vgl. verder die woordelys.

(18) Die stembandklapper.

Die stembandklapper word in Sotho byna sonder uitsondering gebruik saam met stemlose konsonante, dus k', p', t', nk', mp', nt', py', ts', tš', ens. Dit word 'n opvallende kenmerk dat onder die jonger geslag die stembandklapper byna nie meer gehoor word nie, die gevolg is dat vorms soos tš soms moeilik te skei is van die ooreenstemmende stemhebbende vorm, bv. dž, vandaar dat tša (eet) en dža (eet) alternatiewe is.

## III. GRAMMATIESE VERGELYKING

### A. Die selfstandige naamwoord

Van die klasse van die s.nw. is slegs lo- dialekaanduidend. In die meeste Sotho-dialekte het lo- reeds opgegaan in le- terwyl die meervoud of deurgaans ma- geword het of dat din- behoue bly in sommige gevalle, bv. lenaka (horing), manaka en dinaka waarby soms 'n verskil tussen die kollektiewe betekenis (ma-) en die individuele betekenis (di-) gemaak word: lefofa (veer), mafofa (vere, kollektief) en diphofa (vere, individueel). Wat Atteridgeville betref, is die meervoud ma- en die enkelvoud le-: letsatsi (dag) mv. matsatsi, legapu (waatlemoen) mv. magapu, lefofa (veer) mv. mafofa.

### B. Die voornaamwoord

#### 1. Die absolute voornaamwoord

By die absolute voornaamwoord lê dialektiese verskille opgesluit in -

rona/rena 1. pers. meerv.
lona/lena 2. pers. meerv.
jôna/lôna klas 5
bjôna/bôna klas 14
šôna/sôna klas 7
tšôna/tsôna klasse 8 en 10
gôna/hôna klas 15

Afgesien van die eerste twee is die ander te wyte aan fonologiese verskille. Van hierdie vorms is beide rona/rena en lona/lena in algemene gebruik; van die res lôna, bôna, sôna, tsôna en beide gôna/hôna.

#### 2. Die aanwysende voornaamwoord

Wat die basiese vorm van die aanw. vnw. betref, kom dialektiese vorms voor by klas 5: jê en lê; klasse 8 en 10 tše en tsê; klas 14 bjô en bô. Die vokaal van die aanw. vnw. is orals half-geslote. Die aanw. vnww. van die nasaalklasse word gebruik met of sonder halfvokaal aan die begin: ê of yê, yô of ô, wô of ô. Wat die agtervoegsels van die aanw. vnw. betref, bestaan 'n magdom van vorme.

Wat Atteridgeville betref, is die bogenoemde basiese vorms ook met half-geslote ê en ô vokale en slegs die vorms lê, tsê en bô

© University of Pretoria vir / ...

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



vir die respektiewe klasse word gebruik. By die agtervoegsels het nog nie groot eenvormigheid ontwikkel nie hoewel dit skyn of -o vir die tweede en -la/lê vir die derde distansie taamlik algemeen is: sêo en sêla, klas 7.

By die nasaalklasse het die vorm sonder halfvokaal skynbaar die oorhand: ê klasse 1 en 4 en 9; ô klasse 1 en 3.

3. Die besitlike voornaamwoord

Met uitsondering van die 1ste pers. enkel- en meervoud, die 2de pers. enkel- en meervoud en klas 1 is die stam van die besitlike vnw. identies met dié van die absolute vnw.

Die gebruiklikste vorms in die Sotho-gebied van die gemelde persone is soos volg:

| | |
|---|---|
| 1.p.e. | -ka, -me |
| 1.p.m. | -rena, -rona, -esu, -ešu, -etsho |
| 2.p.e. | -gagô, -hahô, -haô, -gô, -hô |
| 2.p.m. | -lena, -lona, -enu |
| klas 1 | -gagwê, -hahê, -hae, -hê, -gê |

In Atteridgeville is daar blykbaar nog geen eenvormigheid bereik nie. Wat die orige klasse betref, word die vorms van die absolute vnw. soos in (2) uiteengesit, gebruik.

4. Die kopulatiewe demonstratief

Die kopulatiewe demonstratief kom nie orals as 'n spesiale vorm voor nie.

In 'n groot deel van die Tswana-gebied word slegs die kopula van die demonstratief gebruik:

ke ô klas 1 (hier is hy; dis hierdie een)
ke lê klas 5.

In Pedi kom 'n spesiale vorm voor en is gebaseer op die volgende patroon:

šo soô šola (klas 1)
šele šeleô šelela (klas 7) in die drie distansies.

Die Kgatla-Kwena-vorm is soos volg:

ašu/asu ašuô/asuô ašulê/asulê (klas 1)
ašile/asile/asele ašileô/asileô/aseleô ašilelê/asilelê/aselelê vir klas 7.

Dis hoofsaaklik die lg. tipe wat in Atteridgeville voorkom hoewel die ander vorms ook gebruik word.

C. Omskrywing

Die omskrywing van die Sotho-s.nw. is gebaseer op die volgende vyf tipes stamme:

1. Die werkwoord:

| | | |
|---|---|---|
| Pedi | selêpê sê se rêmago | ('n byl wat kap) |
| Tswana | selêpê sê se rêmang | |
| S.Sotho | selêpê sê rêmang | |

2. Die adjektief:

| | | |
|---|---|---|
| Pedi | selêpê sê segolo | ('n groot byl) |
| Tswana | selêpê sê segolo | |
| S.Sotho | selêpê sê seholo | |

3. Die selfstandige naamwoord:

| | | |
|---|---|---|
| Pedi | selêpê sê bohlale | ('n skerp byl) |
| Tswana | selêpê sê se botlhale | |
| S.Sotho | selêpê sê bohlale | |

© University of Pretoria

4. / ...

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

4. Die relatief-enumeratief:

| | | |
|---|---|---|
| Pedi | selêpê se šelê | ('n vreemde byl) |
| Tswana | (do) selê | |
| S.Sotho | (do) | |

5. Die adjektief-enumeratief:

| | | |
|---|---|---|
| Pedi | -- | |
| Tswana | selêpê seng | (een byl) |
| S.Sotho | selêpê seng | (watter soort byl) |

Die adjektiewe vorms verskil in hoofsaak van die ander daarin dat die skakel by die adjektief identies is met die klasprefiks van die ooreenstemmende s.nw.:

motho ô mogolo; motho mong.

Wat Atteridgeville betref, kom (e) in 'n effens gewysigde vorm voor terwyl die res almal die Tswana-patroon volg. By die nasaalklasse word sametrekking van skakels by (a) en (c) dikwels verkies bo die vol vorm, dus: motho ô bônang i.p.v. motho ô o bônang, monna ô botlhale i.p.v. monna ô o botlhale, ens.

Die weglating van die agtervoegsel ng by (a) kom dikwels voor in Atteridgeville: mosadi ô nê a bua i.p.v. mosadi ô o neng a bua (die vrou wat gepraat het).

By die omskrywing in die toekomende tyd kom verskeie vorms voor -

ô tla bolêlang, ô tlang go bolêla, ô tla bolêla,

met die Pedi-vorm yô a tlago bolêla as uitsonderlik.

Die skakel vir die mensklas saam met die demonstratiewe element neem in die Sotho-gebied die volgende vorms aan:

| | |
|---|---|
| Pedi | yô a bônago |
| Tswana | ô o bônang |
| S.Sotho | ya bônang. |

In Atteridgeville is al die vorms teengekom hoewel die verkorte Tswana-vorm ô< ô o die gebruiklikste is.

In Tswana kom by die 10de klas dikwels die lang vorm tše di- voor: dikgômo tšê dikgolo. Hierdie vorm is selde in Atteridgeville gehoor.

Die vorm in (d) bied geen variasie nie.

Die konstruksie in (e) is ook nie algemeen in die Sotho-gebied nie. Die Atteridgeville-vorm is egter weer eens 'n Tswana-vorm met die stam -ng of -ngwê (een) as adjektief wat egter soos volg konstrueer word: motho ô le mong (een mens)
selêpê sê le seng (een byl)

6. Die predikatiewe gebruik:

In die Sotho-gebied is daar hoofsaaklik twee maniere om die predikatiewe gebruik van die stamme onder (b) en (c) weer te gee:

(i) deur die kopulatiewe gebruik, nl. deur ke- voor die betrokke konstruksie te gebruik, dus

monna ke ô mogolo (die man is groot), en

(ii) deur die onderwerpskakel van die ooreenstemmende s.nw. in die plek van die demonstratiewe element te gebruik:

monna o mogolo (die man is groot).

Beide hierdie vorms kom in Atteridgeville voor hoewel 'n mens die indruk kry dat (i) meer gebruiklik is, bv.

tsela ke ê mpe of tsela e mpe (die pad is sleg)

D. Kwantitatiewe stamme

In Pedi kom slegs die stam -ôhlê (almal, alles) voor, terwyl in Suid-Tswana twee stamme -ôtlhê (almal) en -ôsi (alleen) voorkom. In Atteridgeville is -ôtlhê gevind maar vir -ôsi is die s.nw. (n)nôsi gehoor. Die stam -ôtlhê word met 'n skakel gebruik

© University of Pretoria

maar / ...

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



maar word in die meeste gevalle nog voorafgegaan deur 'n demonstratief wat ook dikwels geassimileer word aan die daaropvolgende vokaal, dus dikgômo tsê tsôtlhê of tsô tsôtlhê (klas 10) maar slegs ba bôtlhê vir klas 2.

Die woorde ka moka en kaofêla word nie algemeen gebruik nie.

E. Die besitkonstruksie

Oor die besitkonstruksie val nie veel te sê nie. Die enigste puntjie wat aandag verdien, is die feit dat die besitskakels in Atteridgeville nie gepalataliseer word nie, dus nie ja- (klas 5) en bja- (klas 14) maar la- en ba- respektiewelik; klasse 8 en 10 gebruik tsa-.

F. Die werkwoord

Kenmerkende eienskappe van die Sotho-werkwoord is hoofsaaklik geleë in die klankveranderings wat te weeg gebring word deur sekere agtervoegsels, bv. die passief-, perfektum- en kousatief-agtervoegsels. In Atteridgeville word klankveranderings by die passief vermy deur nie -wa nie maar -iwa te gebruik, dus -alafiwa (genees word), -bopiwa (gevorm word), -romiwa (gestuur word), -lefiwa (betaal word). By perfekta en kousatiewe val niks op te merk nie.

Die Sotho-werkwoord se beginklank kan ook verhard word, soos wanneer die refleksieprefiks i- of die voorwerpskakel van die 1ste persoon gebruik word: go ikapêêla (om vir jouself te kook), go mpôna (om my te sien).

G. Modi en tye

By die positiewe vorms van die werkwoordtye is daar 'n dialektiese verskil by die enkellettergrepige stam van die werkwoord by die deelwoordmodus te vind, bv. gê a etla (as hy kom) waar e- aan die ww. gevoeg word. In Atteridgeville is hierdie vorm onbekend, dus hê a tla (as hy kom).

By die toekomende tyd bestaan twee vorms in die Sotho-gebied, bv. ke tlô bôna/ke tla bôna. Die lg. is die algemene vorm in Atteridgeville.

Die ontkenningsvorms in Sotho bied 'n groot verskeidenheid. Ons behandel hier 'n paar:

1. Die perfektum:

In Atteridgeville is twee vorms gebruik: ga ka utlwa/ ga ke a utlwa (ek het nie gehoor nie). Beide vorms is in geskrewe Noord-Sotho bekend hoewel die mees bekende Pedi-vorm ga se ka bôna lui.

2. Die toekomende tyd:

Soos elders word in Atteridgeville dieselfde vorms vir die ontkenning van die toekomende tyd en die potensiële modus se teenwoordige tyd gebruik. Afgesien van die willekeurige aanwending van die lang en die kort vorm, kom 'n verskeidenheid van vorme in Atteridgeville voor, vgl.

nka se yê/nka se kê ka ya
nka se bôna/nka se ka ka bôna wat beide dikwels voorkom, vgl. ook a nka ka utlwa, ga nke tla ke itaa; a ke tlô araba; a ke nô bêtha met verskillende werkwoorde (utlwa hoor, itaa slaan, araba antwoord, bêtha slaan).

3. Die uitsluitende ontkenning:

Die uitsluitende ontkennings dra die betekenis "nog nie". Van hierdie ontkenning bestaan daar 'n veelvuldigheid vorms, selfs in

die / ...

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

die geskrewe vorm van Noord-Sotho (vgl. Ziervogel: Noord-Sotho-leerboek, tweede uitgawe, les XXV). In Atteridgeville is daar ook geen eenvormigheid nie, vgl. die volgende vorms:

ha re se re bône
re se re bône
ha se re bône
ha re se re bône
ha re ši re bône
ga re ise re bône, almal (ons het nog nie gesien nie).

Die skoolkinders het byna deurgaans die alternatiewe ašike re bône/ašinkê re bône gebruik. Die oorsprong van hierdie vorm is onbekend.

H. Hulpwerkwoord

Oor die hulpwerkwoord val nie veel aan te merk nie. Die tydvormende bê van Pedi is in Atteridgeville byna deurgaans nê: ke nê ke bôna (ek het sien), o na (a) ya (hy het gegaan), o nê o re of o nô o re (jy het gesê), ens.

Die hulpwerkwoord ntsê meestal saam met sa word dikwels gebruik: ke (sa) ntsê ke bôna (ek was (nog) aan die sien)
ke sa ntsê ke phela (ek lewe nog).

## IV. SINTAKSIS

Dis duidelik dat die algemene omgangstaal van Atteridgeville nie noemenswaardig sintakties deur Afrikaans en Engels beïnvloed is nie. Die taal is nog heeltemal Bantoe waarvan die strenge skakelsisteem en voornaamwoordelike afleidings getuig. Vgl. maar

ke mang ô tla bolêlang le nna (wie sal met my praat)
mpya e swilê (die hond is dood)
ditšô di budulê (die kos is gaar)
mosetsana o apêre mosese ô mopila (die meisie dra 'n mooi rok)
o se kê wa tsamaya bonya bja ka motlapa (moenie stadig loop soos / 'n luiaard nie)
utlwêllang gabotse sê ke tlang go se bolêla (luister mooi na wat ek sal sê)
asu mosadi o ntsê o mmatla (hier is die vrou wat jy gesoek het)
go fisa thata katšêno, mabyayi a tla ôma (dis baie warm vandag, die gras sal droog word)
ha a tla gapê o mpitsê ka pelê ka gore ke nyaka go mmôna (as hy weer kom, roep my gou want ek wil hom sien)

Selfs waar leenwoorde gebruik word, word die struktuur van die taal nie aangetas nie, vgl. bv.:

fêla plêkê ê maswêu ka pela (vee die vuil plek gou)
hêkê e tla tswalwa ke tarata (die hek sal met draad toegemaak word)
swara sa me o phela kgolê (my swaer bly vêr)

Europese invloed is merkbaar in sommige gevalle. Die Afrikaans en Engels word letterlik vertaal in plaas van om idiomatiese Sotho te gebruik, vgl. bv.:

etla khaufi (kom nader/come nearer) i.p.v. atamêla
ditšô di apêilwê (the food is cooked) i.p.v. di budulê
o tšelê go lekana (he has eaten enough, d.w.s. hy is versadig) i.p.v. o tšelê of o khotse
o kgôna go tla (hy kan kom/he can come) i.p.v. a ka tla
ga a tshwanêle go tsêna (hy moenie ingaan nie/he must not go in) i.p.v. a se kê a tsêna
nka se khônê go tla (ek kan nie kom nie/I cannot come) i.p.v. nka se tlê

en die baie gewone ontkenningsvorm met Afrikaanse "nie" as ontkennende bywoord word agteraan geplaas:

ha ba tshwane le rona ba boholoholo ni (hulle is nie soos ons oumense nie)
ga o itse selô wêna ni! (jy weet niks nie).

© University of Pretoria

V. / ...

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



## V. WOORDESKAT

### A. Woorde uit die Volkstaal

Om woorde met beslistheid te beperk tot sekere dialekte sou 'n gewaagde onderneming wees. Daar kan wel gesê word dat sekere woorde waarskynlik meer dikwels in een gebied as in 'n ander voorkom. So word algemeen aanvaar dat bua veral in Suid-Sotho en Tswana gebruik word, terwyl Pedi liefs bolêla gebruik; die Pedi sê lehono en die res kajêno, ens. So 'n beskouing kan miskien gehuldig word ten opsigte van dié deel van die woordeskat wat 'n baie hoë gebruiks-frekwensie het, soos eet, loop, drink, praat, ingaan, uitkom, sit, doen, neersit, hand, arm, dag, nag. Sulke woorde is wel goed bekend in die bekende Sotho-dialekte maar daar is nog baie dialekte wat onbekend is.

Hier volg nou 'n aantal woorde en stamme waarvan die verskillende vorms wat genoem word wel in Atteridgeville voorkom sover aan die samesteller bekend. Die woorde en vorms wat volgens sy oordeel (relatief gesproke) die meeste voorkom kom eerste en die minder gebruiklike vorms word in hakies geplaas:

as (voegw.): gê, hê, ha
bang wees: tshaba, bôifa (êifa)
bier: byal(w)a (džwala, jwala)
bord: (vgl. leenwoorde) mohopo, mogopo; sebyana (sedžana)
breek: rôbêha/ga, thubega/ha, pšhatla, pyhatla
buite: ka ntlê, kô ntlê
doen: dira, ira (êtsa, diya)
donker word: fifala (ifala)
doodgaan: šwa, swa (hwa, x̌wa)
duisternis: lefifi (leswiswi, lefsifsi)
eet: tša, dža (ja, ža)
goed: (adj.): -pila (adj.), molêmô (botse)
gou: ka pelê, ka pela
gras: byang, byayi (jwang)
grond: (aarde) lefatshe (lefase)
hand (arm): letsôgô/hô, seatla (lebôgô)
hond: mpya (ntša, mpša)
hoor: utlwa (kwa)
ingaan: tsêna (kêna)
ingooi: tshêla
klip: letlapa, lefika, leswika (lebyê, lejwê, ležwê, letswê)
kom uit/van: tlhaha, tlhaga; tswa (tšwa)
koud (wees/word): tsididi, tšididi, botšididi; bata (tônya)
vind: fumana, x̌wêtsa (khumana, x̌wêtša, hwêtsa)
lekker: monate, -pila, botse
links: la ntsôgôtlhô, la mpôgôtlhô (g/h), molêma (la ntsôgô, la ntšhôtlhô, lê letshehadi, lê le tshadi)
loop: tsamaya (sepela)
stadig: ikêtla, bonya (g/hannyane, butlê)
lui: botswa, motlapa (sebôdu, tšwafa)
luister: mamêla, utlwêlla, theêletsa (utlwêla, kwêla)
lyk soos: tshwana
maar (voegw.): empa, fêla, mmê
medisyne: setlhare (moriane)
meisie: mosetsana, monyana (mositsana, ngwanenyana, ngwannyana; khadibê)
melk: mafi, maswi, lebese (mafyi, mafši, mafsi)
mielie: mmôpu, mmopo, mmidi (lefela, tšhake)
mooi: -pila, -tlê, botse
naam: lebitsô, leina (lebitšô)
naby: g/haufi, kg/khaufi (kh/kgauswi, thokô)

© University of Pretoria

naderkom / ...

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

naderkom: atamêla (batamêla)
nag: bosigo, bošigo (bošixu, bosego, bosigu, bošego (g/h) bosiu)
neem: tsê(y)a, tse(y)a, tsa(y)a (tšea, nka)
neersit: bê(y)a, be(y)a, ba(y)a
nou (byw.): byalê, byanong (jwalê-hê, jaanong, žwalê, džwalê, byalo)
nuut: kyk fonologiese gedeelte
of (voegw.): kapô, kampô, goba (kapa)
oorkant: mosêtša wa/ha; ka ntlhêla ya/ga (mošôla, kô kwa, mosê)
optel: kuka (nopa)
plek (vgl. leenwoorde): felô, tulô
praat: bua, bolêla (apa)
regs: la ntša, lê letona (lê legolo, la godža)
regtig: ka nnete, ruri
rooi: kyk fonologiese gedeelte
rook (s.nw.): musi, muši, mosi, moši
gaar word: butswa, butšwa waarvan die perfektum budulê is, (budule, butšwilê, butšwitšê)
seun: mošimane (mosimane, mosemane)
sit: nna, dula
siek wees: lwala (kula; fôkôla)
skaaplam: kônyana (nkwana)
skeer (baard): tlosa (bêula, puma, boôla, kuta, sêga)
skoen: setlhako/ô, seêta
skryf: ngwala (ngôla, kwala)
sleg: -be of mpe (befilê, mafê), meestal as ontkenning van pila of loka
soek: batla, nyaka
soos: byalê ka, byalo ka, bya ka (ja ka, jwalê ka, džwale ka)
swaar: boima, bokête (imêla)
swart: -tsho (ntsho, -tšho)
taal: leleme, puô, polêlô
teenwoordig: têng (gôna/hôna) met die ontkenning ga a yô (klas 1) by 'n paar gevalle, origens ga a têng
toemaak: tswalla (kwalla, tswalêla)
vandag: ka tšêno, ka džêno (ka jêno)
vang: tshwara
vee (ww.): fêla uit feêla, fêêla, fiêla, fyêla (fsiêla)
verdroog: ômêlla; fya, fša (swa, tšha, ša)
veel (adj.): ntšhi, ntshi, ntši, ntsi, ngata
verbrand: fya, fša (ša, swa, tšha, šwa) met kousatief fisa
versadig wees/word: khora, kgora met perfektum khotse, kgotse (khutše)
vet: mafura
vroeg: ka mesô, gosasa, ka bošigo (bosasa, ka masa, hosêng, phakêla)
vuil(nis): ditshila, ditšhila, maswê
waatlemoen: lehapu, legapu
warm: fisa, bollô (tšhisa)
water: mêtsi (mêtse, mêêtsi)
watter: -fe? mang? (-feng?)
wegraak: timêla, latlhega/ha
weet: itse, tseba
wil: batla, nyaka, rata (as hulpww.)
wit: -swêu, -šwêu (-tšhwêu)
wys: bôntsha, s/šupetsa

B. Verwantskapsterme

"Vader", "moeder" en "oom aan moederskant" behou nog deurgaans die Sotho-woord: mmê (mma), ntatê (tatê, papê), malome respektiewelik. Met besitlike vnw.: ntatê (my vader), ntatagô/hô/ô (jou vader), ntataê (natagê/hê) sy vader, mmê/mma (my moeder),

© University of Pretoria

mmagô / ...

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



mmagô/hô/ô (jou moeder), mmaê(-gê/hê) (sy moeder).

Die terme vir broer en suster is dikwels nog bekend, bv. morathô (jonger broer), mogolole, mogolwane, ngwanêšu, ens. (ouer broer)
kg/khaitsêdi (kgaitšêdi, kg/khaitsadi) (suster).

Dié terme vir broer en suster word selde gebruik. In hulle plek het gekom aubuti en ausi (ouboet en ousus) vir die ouer lede en bururu en sêsi vir die ander, of selfs vir die oueres. Interessant genoeg sal altyd gevra word of die ouer of die jonger lid van die gesin bedoel word wanneer die terme vir broer en suster gevra word.

By ander verwante is die Sotho-name feitlik onbekend en 'n sin met swaer en skoonsuster is sonder uitsondering met heelwat moeite vertaal. Selfs die oumense het sonder blik of bloos ingeval met swara vir beide die swaer en skoonsuster.

C. Leenwoorde (vgl. ook bylae A)

In 'n gemeenskap soos dié van Atteridgeville is leenwoorde 'n deel van die kultuur. Nie alleen bring aanraking met die Europese beskawing die Bantoepersoon in aanraking met nuwe begrippe wat voorheen heeltemal onbekend was aan sy eie kultuur nie, maar ou begrippe word soms ook in 'n nuwe vorm gegiet. Nuwe begrippe is vir hom, bv. dié wat betrekking het op masjinerie of ander tegniese nuwighede en hy neem 'n Europese woord oor soos mmôtôrô (motor), thêlêfone (telefoon), pôsô (pos) wat hy verander om aan te pas by sy eie taalstruktuur. Ou bekende begrippe wat "modern" word, is bv. bôrôtô/pleite (bord) vir sy eie sebjana; borôthô (brood) vir sy eie senkgwa; tôrôpô (dorp) vir sy eie motse.

Die eie taal is soms lomp en so word die toevlug tot die eenvoudiger vorms van die vreemde taal geneem. So word liefs in Engels getel om die uitgerekte Sotho-telwyse te ontwyk. Die name van openbare liggame word ook liewers in die oorspronklike Engels behou, dus Native Advisory Board, of sommer kortweg bôdi. Hoewel die separatistiese kerkgenootskappe onder die duim van die Blanke uit wil wees, skroom hulle tog nie om hulle name in Engels te behou nie.

Nog 'n groep leenwoorde word gebruik waar daar tog 'n eie woord bestaan, bv. ôrô (of) vir goba, ênê (en) vir mmê, krea (kry) vir fumana, bêrêka (werk) vir dira. Lg. twee woorde is reeds so ingeburger dat baie dit beskou as eg Sotho!

Dikwels word sonder blykbare rede sommer 'n vreemde woord in 'n sin gebesig. Vgl. bylae B wat goeie Sekwena verteenwoordig, ka boa sepêtlêlê "twice", maar hy korrigeer homself dadelik.

Van die reeds ingeburgerde leenwoorde kan die volgende as voorbeeld dien:

bôlô < E. ball, vgl. khwelê (bal)
bêrêka < A. vgl. dira, sebêtsa (werk)
borôthô < A. vgl. senkgwa (brood)
borokgo < A. (broek)
fênse < E. (fence)
jarata < E. (yard)
kêrêkê < A. (kerk)
kômiki < A. (kommetjie)
krea < A. (kry), vgl. fumana
mmidi < A. vgl. mmopo (mielie)
plêkê < A. vgl. felô (plek)
sepêtlêlê < A./E. (via Nguni?) (hospitaal)
seterata < A. (straat)
setulô < A. vgl. dula (sit) (stoel)
titšhêrê < E. (teacher)

© University of Pretoria

VI. / ...

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

## VI. GEVOLGTREKKINGS

Daar kan geen twyfel bestaan dat die taal van Atteridgeville oorwegend Sotho is nie, en dat daar nog nie 'n hoë mate van uniformiteit bestaan in die gesproke taal nie. Dit sou tewens verbasing wek indien so 'n uniformiteit sou bestaan in 'n heterogene gemeenskap soos die van Atteridgeville wat nog net twaalf jaar lank as 'n administratiewe eenheid bestaan en wat nog daagliks vergroot word met diverse elemente. Die taal wat gepraat word, is wel 'n gemengde Sotho as daaronder verstaan word 'n deurmekaar aanwending van verskillende Sotho-dialekte, selfs by individue. Al mag dit soos 'n teenstrydigheid klink, is so 'n toestand die begin van die ontwikkeling van uniformiteit. Die invloed van nie-Sotho-tale is nog nie merkbaar in die struktuur van die taal nie, hoewel 'n leksikaliese invloed van die kant van Afrikaans en Engels reeds sterk aanwesig is.

Dis ook baie duidelik dat die basis van hierdie gemengde Sotho nie Pedi of selfs Noord-Sotho is nie. Daarvan getuig klanke soos tlh, ts, s, f vir Pedi hl, tš, š en x̌ respektiewelik sowel as die woordeskat. Beide die klanke en woordeskat hel sterk oor na Tswana, en by name Oos-Tswana. Weens die gebrekkige kennis van die presiese inhoud van die Oos-Tswana-dialekte, kan op hierdie stadium nie met sekerheid gesê word watter dialek of dialekte die basis vorm nie. Ons vermoed egter dat dit binne die Kwena-Kgatla-dialekte sal val. Uit bylae D blyk dat die Kwena-Kgatla deur ongeveer 33% van die proefpersone verteenwoordig word, die hele Tswana-gebied word deur oor die 46% verteenwoordig, terwyl die Noord-Sotho deur ietsie oor die 23% verteenwoordig word.

Hoewel slegs 30 proefpersone geneem is om 'n intensiewe taalvergelyking te maak, glo ons dat die grondpatroon nie veel sal varieer al sou 'n groter aantal persone ondervra word nie. Die 30 proefpersone verteenwoordig al die lae van die bevolking van Atteridgeville. Hulle verteenwoordig ook verskillende taalagtergronde en wissel van persone wat slegs twee jaar in Pretoria woon tot die wat hier gebore en getoë is en ander wat vir langer en korter termyne in Pretoria woon. Slegs lokasie-inwoners is ondervra sonder dat een spesiaal uitgesoek is.

© University of Pretoria

BYLAE A / ...

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



# BYLAE A

## 'N TEKS VAN 'N SKOOLSEUN WAARIN BAIE LEENWOORDE VOORKOM EN WAARIN DIE SKOOLTAAL BAIE STERK SY INVLOED LAAT GELD

Matome a nê a na le mengwaga ê lesome gê a thôma sekolô. E nê e le ngwana wa go lepella. Boithatêlô bo nê bo sa dumêllwe mo dikolông tsa mô makeišênêng. Gê ngwana a itirêla boithatêlô, dititšhêrê di a mo itia (itêa) mmê a latêlê melaô ya sekolô, o itiwa ke matitšhêrê, goba tlhôgô ya bôna.

Ka tsatsi lê leng Matome o bilê a tshaba selolô a ya tôrôpông. Ka gê e nê e le mô mosông o bilê a ya mmarakêng go yô kgêra merwalô ya makgowa gore ba mo fê tšhêlêtê. O bilê a rwalêla mmisisi ô mong memanki e tlêtse digruntu. E nê e le dipreimi, dipêrêkisi, dibitrutu le mapampune. Gê a fitlha kô ntlong ya mmisisi, o bilê a fiwa kômiki e tlêtse kôfi le borôthô ba bôtôrô le tšhisi. O bilê a ditša tsê tsôtlhê a se sadisê le leratha la bôrôthô goba la tšhisi. E rilê a sa fa mmisisi kômiki, a makala gê a fiwa pleite e tlêtse ditšô (dijô). E nê e tlêtse reisi, dibônkisi, dibitrutu, nama, mapampune le ditamati. O bilê a se di lematsê, a di tša tsê tsôtlhê. E rilê gê mmisisi a bôna gore Matome o khotse, a mo fa sepeiti le fôrôkô gore a yô bêrêka ghadênê.

Ghadênê ya mmisisi e nê e le ê pila thata, ka gobane e nê e na le mablômô a mapila. Go nê go na le mablômô a ba reng ke disônôblômô le dirôzês. Dirôzês tsôna di nê di itatêditsê mô fênsêng ya jarata. Gê o ême mô seteratêng o nê o tla bôna gore jarata (džarata) ya mmisisi e di phala tsê tsôtlhê. Ka ntlê ga mablômô go nê go byêtswe dilo tsê ding byalê ka divôrtlôlô.

Ntlong ya têng e nê e kgatlhisa ka gê e nê e pêntilwê pila. Matome a bilê a berêka jarata êo pila. E rilê gê a fêditsê ka fôrôkô le sepêite, a e nwesêtsa ka hosphaephe yê e bilêng ya mo kgatlha. Gê a fêditsê ke gê mmisisi a mo fa seven bôbi.

Matome o nê a thabilê thata gê a tswa ka gheiti ya jarata ya mmisisi. A tsamaya le diterata tsa Pitôria a lebilê baesekôpông. Ka gê mong le mong a dumêllwa go tsêna ka baesekôpông le êna o bilê a kgatlhwa ke dithrêpê tsa go tshwara batho, ka gê a nê a itse tsa go tshwara magôtlô. Gê baesekôpô e tswa o bilê a šiana ka seterata sa Vermeulênê a ya dibêsêng. E rilê gê a fitlha gae, ntatagê a mo šapa thata ka gê a sa tswe sekolông.

Ka bošigo Matome a ya sekolông. Titšhêrê o bilê a mo bêtha thata ka gê a nê a lofilê sekolô maabane. Go tloga môo Matome a kgotlêlla go tsêna sekolô. A ithuta thata a ba a phala ba bantšhi ba ba nê ba tsêna le êna.

Ka tsatsi le leng Matome le group ya bašimane ba tshaba sekolô gore ba yô makiša dipêrê. Matome o nê a itsi go namêla le go makiša dipêrê thatathata. Fêla tsê di bilêng tsa tlêla Matome ka tsatsi lêo ga di bolêlwe. Go nê go na le pêrê ê nngwê ya go bitswa "Brown". E rilê gê Matome a namêla "Brown" ya tshela ka êna, ya mo gata mafatlha. Ke gê Matome a thôma go bolawa ke mafatlha. Fêla o bilê a fôla.

Matome byanong o bê a tiisitsê a tsêna sekolô. Ka tsatsi le leng gê ba tswa sekolông ba tsamaya mo seteratêng ka bontšhi, ke gê Matome a gata ke mmôtôkara, ô bilêng wa thula llôri yê e nê e rwêle banna ba Mmasepala. Matome o bilê a rôbêga leoto, ke gê ba mo isa sepêtlêlêng sa Pitôria. Kô sepêtlêlêng ba bilê ba mo samêntêla ka samêntê, gommê a dula ntshe. Ka morago ga lebaka lê letêllê gê ba ntshitsê samêntê sêo, Matome a bilê a boêla gae gomme a leboga dinêsê tsa go mo thusa.

VERTALING / ...

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

## VERTALING SKOOLSEUNTEKS

Matome was 10 jaar oud toe hy begin skool toe gaan het. Hy was 'n nukkerige kind. Eiesinnigheid was nie in die skole van die lokasie toegelaat nie. As 'n kind eiesinnig is, het die onderwysers hom geslaan en het hy dan maar die skoolreëls gevolg. Ook wanneer 'n kind stokkiesdraai, is hy deur die onderwyser of hulle hoof geslaan.

Op 'n sekere dag het Matome stokkies gedraai en dorp toe gegaan. Aangesien dit vroeg was, het hy mark toe gegaan om vir die Blankes pakkies te dra. Hy het toe vir 'n Blanke vrou mandjies met groente gedra. Daar was pruime, perskes, beet en pampoene. Toe hy by die vrou se huis kom, is hy 'n beker vol koffie gegee en brood met botter en kaas. Hy het dit alles geëet en nie eers 'n krummeltjie van die brood of die kaas laat oorbly nie. Toe hy die vrou die beker terug gee, het hy gewonder toe hy 'n bord vol kos gegee word. Dit was vol rys, boontjies, beet, vleis, pampoene en tamaties. Hy was daar nie aan gewoond nie, en het alles opgeëet. Toe die vrou sien dat Matome versadig is, het sy hom 'n spitgraaf en vurk gegee sodat hy in die tuin kon gaan werk.

Die tuin van die vrou was baie mooi want daar was baie mooi blomme in. Daar was blomme wat hulle sonneblomme en rose noem. Die rose het teen die draad van die erf opgeklim. As jy in die straat staan, kon jy sien dat die erf van die vrou mooier was as al die ander. Buiten die blomme was daar ook ander goed gesaai, soos wortels. Die huis was aantreklik want dit was mooi geverf. Matome het die erf mooi bewerk. As hy klaar is met die vurk en die spit het hy die tuin natgegooi met 'n tuinslang wat hom baie aangestaan het. Toe hy klaar is, het die vrou hom sewe sjielings gegee.

Matome was baie bly toe hy by die hek van die werf van die vrou uitkom. Hy het met die strate van Pretoria aangestap bioskoop toe. Aangesien elkeen toegelaat word in die bioskoop, is hy ook toegelaat. In die bioskoop het die valle waarin hulle die mense vang hom baie aangetrek, want hy het die valle waarin muise gevang word, geken. Toe die bioskoop uitkom, het hy met Vermeulenstraat afgehardloop na die busse toe. Toe hy by die huis aankom, het sy pa hom baie geslaan omdat hy nie uit die skool kom nie.

Die volgende oggend is Matome skool toe. Die onderwyser het hom toe hard geslaan want hy het stokkies gedraai die vorige dag. Van toe af het Matome gereeld skool toe gegaan. Hy het hard geleer en baie wat saam met hom in die skool was, uitgestof.

Op 'n dag het Matome en 'n klomp van sy maats stokkies gedraai en perde gaan mak maak. Matome kon baie goed perdry en perde inbreek. Wat alles met Matome op daardie dag gebeur het, kan nie alles vertel word nie. Daar was 'n perd met die naam Brown. Toe Matome op hom klim, het hy hom afgegooi en op die bors getrap. Van toe af het Matome aan sy bors gely.

Nou het Matome hom toegelê op die skool. Op 'n dag toe hulle uit die skool kom en met die straat langs loop in 'n klomp, is hy deur 'n motorkar aangery wat teen 'n lorrie vasgery het wat mans wat by die munisipaliteit werk, vervoer. Matome het sy been gebreek en het hulle hom toe hospitaal toe geneem en het hulle hom in gips gesit en het hy daar gebly. Na 'n lang tyd toe hulle die gips afgehaal het, het Matome weer huis toe gegaan en die verpleegsters wat hom gehelp het, bedank.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



BYLAE B

TEKS MET SEKWENA AS BASIS

Ke tswêtswe kwa ha Ramokôpa. Ka holêla kô têng. Ka khuduha kô hô, ka ya kwa Makapanstat. Ka ahêla kwa Makapanstat. Bjanêng ke motho wa kô Makapanstat. Neng ke tshêkwa kwa Hammanskraal. Ênê ke tlohilê kwa Makapanstat ka nineteen twenty two ho tla mô Pretôria mô. Sê ntsê ho tloha mô ke nê ke le motho wa mô Pretôria, wa mô lokeisênêng. Ho tloha Marabastat ka nineteen fourty (fôti), nineteen fourty one, ka tla mô lokeisênêng, mô Atteridgeville. E bjanong ka nna mônо Tshwane. Ka fumana mosêbêtsi mônо Pretôria, Marshall Company, ka nineteen twenty two. Ke nê ke bêrêka Marshall Company. Ke bêrêkilê twelve years (yes), ke ra twenty two years, Marshall Company. Bjanong-hê ke ntsê ke le mô ke fôkôla, ka lwala. Ke ntsê ke lwala, ka boa sepêtlêlê twice, habêdi, ênê ka tswa mosêbêtsing bakêng la bolwêtse, ho fôkôla. Ke ka mô a bônang ke le mô lokeisênêng, ke se na mosêbêtsi. Ke bakêng la bolwêtse. Bjanong ke ntsê fêla mô hae mô; ha ke na mosêbêtsi ka hobane ke ntsê fêla ka bakêng la bolwêtse le ho fôkôla le botsôfatse.

O na le bana?

Ke na le bana.

Ba a go bêrêkêla?

Aowa, ba a mpêrêkêla. Bana ba a mpêrêkêla. Bjanong-hê ho ntsê ke ntsê hêla mô lehatshe.

Batho ba mô lokeišênêng ba tšwêtsê pele na?

Mo dibêsêng?

Aowa, ka mô bophelông bja bôna.

Êê! Tsêo nka se kê ka di tseba hore a ba tswêlla pelê hore ha ba tswêlle pelê. Ka hore mohopolô wa motho o ka se kê wa o tseba. Ha o itse mohopolô wa ka; ha ke itse mohopolô wa hô.

Empa bana ba swana le bôna ba matšatšing a lena?

Ba neng kapô ba?

Bana!

Bana? O re ba êtsang?

Ba swana le lena na?

Nô! Ha ba tshwane le rona ba boholoholo ni. Ba ka tšêno ha ba tshwane le rona batho ba batala. Ba tshwêre mokgwa ô mong wa bôna, wa bofša. Ha ba itse ho tlhômpha motho ô motala. Nna hê ke tswalwa, papê, monkanapapê e nê e le papê, ô monnyane mo ho papê ke rrangwane; mmê, monkanammê ke mmê, ô monnyane ho mmê ke mmane. Enê lona bafša ha le ryalo ni.

Ba dirang?

Le a nyatsa; le re ho na le sê sengwê, ke ditôpisi.

Ditôpisi? Ditôpisi keng?

Ha ke tsebe, di tsebiwa ke bôna motlhaha le ditôkômane. Ke ho re ba tlhômpholla, ha ba ho tlhomphe. Ha ba ho bône hore o motho ô moholo.

Ke ka baka lang ba sa hlômphe batho ba bagolo?

Ha ke tsebe ke ka baka lang. Ke ka baka la bofša, ka hore ha ba na molaô. E, bafša ha ba na molaô.

Molaô o ilê kae?

O têng, marê ha ba o tshêtse; molaô o têng ha ba o tshêtse. Ka hore o tswala ngwana, bja ka hê o na le bana, ba se kê ba ho tlhômpha bja ka rona malôba ha re tlhômpha bôrrarona. Ka hore rona re nê re šapša ka moretlwa ka hore rona hê re tswalwa bôrrarona ba nê ba nna khôrông kwa. E re hê o tsoha ka mô hae e bô o ya kwa khôrông bôrrahô ba ntsê ba le têng, e seng ka mô lapêng le ho mmahô ni. Enê o krea molaô kwa. Ha o sa utlwe wa ôtlwa. Bjanong ka tšêno ba bafša ba, ba nna le mmabô ka mô hae ka mô. Ha o bô o re ke a mmoledisa (mmahê o re) o tshwênya ngwana ô! Enê ke ka mô ba se nang

molaô / ...

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

molaô. Ngwana o nê a nna kô bannêng kwa khôrông, ngwanamoši-mane, e seng wa mosetsana. Wa mosetsana o nna le mmahê; ngwanamošimane o nna le rrahê kwa khôrông, ka seharona Sesotho. E seng sefša sê. Sefša ke hore ba nna le mmabô ka mô malapêng. Ka seharona Sesotho monna ha tsoha mô lapêng o ya kwa. Ngwanamošimane ha a tsoha o ya kwa, o nna le rrahê kwa. Ja, ha a nnê a sa batle sa mmahê. Ha a sa utlwe, o a šapiwa. Dikhômo ha a di bolêlla o bolêlla le tsôna le dipudi le dinku. O ya kwa madisông; o tshwêre bohôbjana, bohôbê ka tšhitswana. O ya kwa nahêng a sa bolotsoha. O tla ba a boa ntšiboana ha le pshirima, ha a hôrôsa dikhômo mahae. Le hôna ha a hôrôha o hôrôhêla hôna kwa. O hôrôhêla kwa khôrông, ha a hôrôhêle kwa lapêng. O tla fitlhêla dikhamêlô di le têng di tshwêrwe di le kô sakêng, tsê tlilêng ho hama.

Ka jêno ba nyala bjang?

Ba êtsang?

Ba nyala ka mokgwa ofe?

Ba nyala Sekhowa. Ha ba nyale bja ka Sesotho sa bôrrê.

Ba ya go Kômôsasa?

Sesotho sa bôrrê ho nê ho ntshiwa dikhômo. Wêna o ntsê o se têng, lesogana, o le kô sekhowêng, o ntsê o bêrêka. Ho tla ntshiwa dikhômô di isiwa kwa ha bô ô, ho tsaa khaitsêdi ya ô. Wêna ha o tlhaha, o tla utlwa ho twe: mosadi o têng ka mo hae ka mô! Ke Sesotho e le hore ke rrangwane, ke rrakhadi - ngwana wa rrangwane le wa rrakhadi. Wêna ha o tlhaha o a šupêtswa, ba re mosadi o ka mô hae. Bjalê bafša ha ba ryalo ni. O a tloha o tlola thaba êo, o batla mosadi ka kwa, yêna ka nnôši. Hao re ha ke mmatle ngwana ôla o mmatlang môla, o re: sê ke se ratilêng ke a se rata! Ênê ke ho itaola. O tlola melaô ya rrahê le mmahê. Bjanong-hê malôba re nê re se bjana rona ni. O nô o re o nê o tsaa, ha ke batle ôla ke batla ôla, o bô a dumêla, o tla tsaa wa malomahô, wa rrakhadiahô. Ba re ngwana wa rrangwane, nnyalê, dikhômo di boêlê sakêng, e se kê di a tswa ka mô hae ka mô. Di nê di pôtônoha di se kê di a tswa ka khôrô.

Mekgwa yôna yê ga ba sa e tseba na?

Ba kae? Ba bafša ba? Ba e utlwa ka hore ba tswalwa bjanong. Le ha o ba bolêlla ba ka se ba o utlwa. O ira thatô ya hahê yê e ratwang ke yêna. Ke ka mô ke reng ha ba na molaô, ha ba utlwe molâo. Molaô wôna o têng. Ha ba utlwe molâo. Sê o se ba bolêllang ba ka se ba se utlwa.

Kopô, kapô lekeišeng lê lekana lêna ho ka ba le ba ka na ba utlwa molaô, ba le lesome kapô ba lesome le metsô ê metlhano, ba ba utlwêllang melaô ya batswadi ba bôna. Ba bantšhi ba ôtla bôrra-bôna našego ka tšêno.

---

VERTALING KWENA TEKS

Ek is by Ramokoka gebore. Ek het daar groot geword. Ek het daar weggetrek en na Makapanstat toe gegaan. Ek het toe by Makapanstat gebly. Toe is ek 'n persoon van Makapanstat. Toe word ek regeer deur Hammanskraal. Ek het toe in 1922 by Makapanstat weggegaan en hier na Pretoria toe gekom. Sedert ek hier weg is, is ek 'n inwoner van Pretoria, van hier in die lokasie. Sedert ek in 1940 uit Marabastad weg is, 1941 (bedoel ek), het ek hier na die lokasie toe gekom, hier na Atteridgeville toe. Ek het toe hier in Pretoria gebly. Ek het werk gekry hier in Pretoria, by Marshall en Kie., in 1922. Ek het by Marshall en Kie. gewerk. Ek het 12 jaar gewerk, ek bedoel 22 jaar, by Marshall en Kie. Nou, ek was maar altyd swak terwyl ek hier was en ek het toe siek geword. Ek was gedurig siek en het tweekeer hospitaal toe gegaan en uit die werk geraak weens siekte, weens swakte. Daarom sien jy my hier in die

© University of Pretoria

lokasie / ...

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

lokasie sonder werk. Dis weens die siekte. Nou bly ek net hier tuis; ek het geen werk nie want ek sit net weens die siekte en die swakte en die ouderdom.

Het jy kinders?

Ek het kinders.

Onderhou hulle jou?

Nee, hulle onderhou my. Die kinders onderhou my. Nou sit ek maar altyd hier op die aarde (en doen niks).

Het die mense in die lokasie vooruitgegaan?

Na die busse toe?

Nee, in hulle lewenswyse.

Ja! Dit sou ek nie weet nie, of hulle vooruitgaan of nie vooruitgaan nie. Want die gedagte van 'n mens sal jy nie ken nie. Jy ken my gedagtes nie en ek ken jou gedagtes nie.

Maar is die kinders net soos dié van julle dae?

Die van vroeër of dié (van vandag)?

Die kinders.

Die kinders? Wat sê jy doen hulle?

Is hulle soos julle (van vanmelewe)?

Nee! Hulle is nie soos ons van vanmelewe nie. Dié van vandag aard nie na ons oumense nie. Hulle handel volgens ander maniere van hul eie, moderne maniere. Hulle weet nie hoe om oumense te respekteer nie. Ek, toe ek gebore is, my vader, ook die vriend van my vader was my vader, en die jonger broer van my vader was my oom; my moeder en die vriendin van my moeder was ook my moeder, en die jonger suster van my moeder was my tante! En nou julle jonges, julle sê nie so nie.

Wat doen hulle?

Julle trou; julle sê daar is iets anders, die <u>ditôpisi</u>.

<u>Ditôpisi</u>? Wat is <u>ditôpisi</u>?

Ek weet nie; dis net bekend aan die wat met die grondboontjies kom. Dit beteken hulle het geen respek nie, hulle respekteer jou nie. Hulle sien nie dat jy 'n oumens is nie.

Hoekom eer hulle nie meer die oumense nie?

Ek weet nie hoekom dit is nie. Dis weens die nuwigheid want hulle het geen wet nie. Ja, die jonges het geen wet nie.

Waar is die wet dan heen?

Dis wel teenwoordig maar hulle bewaar dit nie; die wet is daar, hulle hou hulle nie daaraan nie. Want jy verwek 'n kind, en as jy kinders het dan respekteer hulle jou nie soos ons gister ons vaders geëer het nie. Want ons is geslaan met 'n kruisbes(lat) want toe ons gebore is, het ons vaders by die <u>khoro</u> (vergaderplek van die mans) gesit. Dit wil sê as jy by die huis opgestaan het, het jy na die <u>khoro</u> gegaan terwyl jou vader-hulle daar was; jy het nie na die werf toe nie, na jou ma toe gegaan nie. Daar (by die <u>khoro</u>) het jy die wet ontvang. As jy nie hoor nie, word jy geslaan. Nou, vandag bly hierdie jonges met hulle moeders daar by die huis. As jy sê jy praat met hom (die kind), (sê sy ma) jy pla die kind! En daarom het hulle geen wet. 'n Kind het by die mans in die <u>khoro</u> gebly, 'n seunskind, nie 'n meisiekind nie. 'n Meisiekind bly saam met haar ma; 'n seunskind bly saam met sy pa by die <u>khoro</u> volgens <u>Sotho</u>-gebruik. Dis nie hierdie nuwigheid nie. Die nuwigheid is dat hulle (die seuns) saam met hulle moeder in die werf bly. Volgens ons <u>Sotho</u>-gebruike gaan 'n man daarheen (na die <u>khoro</u>) as hy opstaan in die werf. 'n Seunskind gaan soontoe as hy opstaan, en sit met sy pa daar. Ja, hy soek nie gedurigdeur die aangeleenthede van sy moeder nie. As hy nie luister nie, word hy geslaan. As hy oor beeste praat, praat hy oor hulle en bokke en skape. Hy gaan daar na die weiveld toe; hy het 'n bietjie pap, pap in 'n blikkie. Hy gaan baie vroeg veld toe. Hy sal saans terugkeer as die son ondergaan, as hy die beeste huis toe bring.

© University of Pretoria

En / ...

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



En wanneer hy die beeste huis toe bring, bring hy hulle daarnatoe (khoro toe). Hy bring hulle terug khoro toe, hy bring hulle nie werf toe nie. Hy sal die emmers wat na die kraal toe gedra is, die emmers wat melkery toe gekom het, daar kry.

Hoe trou hulle vandag?

Wat doen hulle?

Op watter manier trou hulle?

Hulle trou volgens Europese gebruik. Hulle trou nie volgens die gebruik van ons vaders-hulle nie.

Gaan hulle na die Kommissaris?

Volgens die Sotho-gebruike van ons vaders is beeste betaal. Jy, die jongman, is nie tuis nie, jy is daar by die Blankes, jy is besig om te werk. Daar sal beeste geneem word na dié een (die meisie) se ouerhuis om die suster (niggie) van die een (die jongman) te neem. Jy, as jy verskyn, sal jy hoor dat gesê word: die vrou is hier, daar in die hut daar! Dis Sotho-gebruik, d.w.s. dis oom, dis tante -- die kind van oom en van tante. Wanneer jy verskyn, word jy gewys en hulle sê die vrou is hier by die huis. Nou, die jonges sê nie so nie. Hy (die seun) gaan weg en steek daardie berg oor en soek 'n vrou daar, hy self. As jy (die vader) sê ek wil nie daardie kind hê wat jy daar wil hê nie, sê hy: Dit wat ek wil hê, wil ek hê. Dis om vir jouself te besluit! Hy verontagsaam die wette van sy vader en moeder. Nouwel, vroeër was ons nie so nie. Wanneer jy trou, het jy gesê ek wil nie daardie een hê nie, ek wil daardie een hê (d.w.s. die oom of die tante se dogter), totdat jy tot 'n ooreenkoms geraak, en jy die dogter van jou oom of jou tante neem. Hulle sê: Kind van my oom, trou met my sodat die beeste terugkeer na die beeskraal, sodat hulle nie hier van die huis af kan weggaan nie. Hulle het in 'n sirkel beweeg en nie uit die kraalhek gegaan nie.

Ken hulle hierdie gewoontes nie meer nie?

Waar is hulle (wat die gewoontes ken)? Hierdie jonges? Hulle verneem daarvan want hulle word vandag gebore. Al vertel jy hulle daarvan, sal hulle dit nie aanvaar nie. Hy volg sy eie begeertes waarvan hy hou. Dis daarom dat ek sê hulle het geen wet nie, hulle luister nie na die wet nie. Die wet is wel daar. Hulle luister nie na die wet nie. Dit wat jy hulle vertel, sal hulle nie na luister nie.

In 'n lokasie so groot soos hierdie een, kan daar miskien 'n paar wees wat die wet gehoorsaam, 10 tot 15, wat die wil van hul ouers gehoorsaam. Deesdae slaan baie hulle vaders snags.

© University of Pretoria BYLAE C / ...

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

## BYLAE C

### VOORBEELDE VAN DIE STRAATTAAL WAT SEUNS ONDER MEKAAR PRAAT

(1) A monna o a mmakatsa wêna. Keng o interested le sôna? Ha nke kê ho bôna koa ghrauntêng, keng na? Wêna ha o mpotse selô ka memêtšh. A o itseng ka mmêtšh wêna?

Aowa, monna esu. Sontaga ke nê ke le kwa ghrauntêng, ha ka o bôna ni. Wêna o nô o tshanoka mmêtšh ô bjang, monna? Diblêkdžêks di nê di tshanoka le Dimêthôdists. Hukômô o nô sa tla?

Oammakatsa. Hukompotse hore kenê ketshanoka bjang?

Mmêtšh o ilê wa nkgatlha hampe. Ghrounti e bê e tlêtse packed up, packed up. Dighrounti di tlêtse dispêkteitars tsa Diblêkdžêks, di khosa. Ka moka ha ôna o nô o sa utlwa ka ga mmêtšh ôna.

Aowa, ha nke ka utlwêlla ka ôna ni. Bjanong a kô mpotsê ka hore bôlô ha e monate ni?

Bôlô hê fana, a o itse selô wêna ni. Ha o nyaka bôlô o tlê; ho tla tshanoka Dirôngstan ôrô Dimutilis ôrô Diblêkdžêks. Ke tla ho bitsa, sani (sonny). Hê ho na le mmêtšh wa utlwa, ke tla ho bitsa Saterdaga, ke tlatla.

Go lokilê ke tla tla hê o mpitsa, mara nna ke a bêrêka. Ke tla ho botsa ka sekolô, man! Kô diskôlô ba agilê pila, man! Le ditšhi-dititšhêrê di a nkhatlha. O kreilê bana ba thabilê ênê ka pleitaimi ba re tlisêtsa sôpô le marôthô ênê ke nna ke ba êmisa laini pila, ke ba fê sôpô. O kreilê e le hore ke thabilê, man, mara fêla e re ke ka kwa pelê hore sekolô se bjang.

Aowa man, tšêo ha di nkhatlhe, man. Sôntaga, man, o tla tla ghrountê, man. Wêna, man, ha dži, o a mmakatsa, man. Le kwa sekolông bôlô yê ba e tshanokang ha se bôlô ni. O tlê kô grounting o tlê bôna samtaim (sometime) ore (hore) di dira bjang Dimêthôdist.

Nna ke khatlhwa ke makhowa ha tshanoka. O ilê wa bôna Diôlblêks (All Blacks) tse di tlilêng mô? Ba tshanoka bôlô ba tswê ba a šiana, ba fitlha kô lainêng, ba bea bôlô mô fatshe. Bôna ba nkhatlha, man. Enê hôna ba apêre pila.

Mara ke a makala. Mara hukôm lena le hê le sa apare hê le tshanoka? O a bôna sani (sonny), raghbi (rugby), nna ha ke rate. Hê nke bê re le makhowa re tshanoka raghbi byalo ka makhowa. Ka bê e le smat (smart). O ilê wa lebêlla Basotho ba tshanoka? Yêsis, man! Motho wa hôna o a ho wusa, ênê ô mong o ho raha ka bômo, yu se? (you see?) Nou dari ding heis ni ôrait ni' Enê futbôl (football) iz bêst san! (is best son!)

Wêna ha o rate tšê tša makgowa tšê.

(2) Mara wêna hukômpotsê! Mô Pretôria le tšiwa ke bodutu. Lena le dirang? Nna ke itulêla kô tôrôpông ke bêrêka.

Ka Satardag, yu se (you see), agter re tla sekolông re tlô stadi (study) re kgopêla tšhêlêtê kô hae, re tšea bêsê re ya baiskopông. Baiskopô ke selô sê monate, sani (sonny), you see! Fêla e senya ka gore e na le ditsôtsi da!

Darem, ditsôtsi ha di a loka. Jy weet annerdag, annerdag re tswa baiskopông, yêyê! Ba re thibêlla mô tselêng, ba re tshwara ba re sêtšha (search), ba re sêtšha, ba re tseêla tšhêlêtê ya rona. Darie dag, monna, ê! Ke ême slêgê ke se na sa ka. Bai lak (by luck) vir my ba tsea tuensiks (2/6) yê ke nêng ke e filwê ke mai ên. Annerdag ke ba bône ba le tu (two), ôfkôs (of course) ba sa tshwara, man.

(3) / ...

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



(3) O tla re mô tôrôpông ba phela monate. Ha ba phele monate ni. Mosehare motho ba tla krea a tshwêrwe ke tlala, ba nyaka ho ya tôrôpông, ba tshwênya bana ba sekolô, ba kgopêla tšhêlêtê.

Fang kêtane e ilê kae e se kê e ba swara ka gore ke selô sê se swarago batho.

A na o sa ntsê o bolêla ka ha fang kêtane?

O a e tseba yôna?

Tsatsi lê leng ba tibisa ô mong, fang kêtane, môno.

O a hopola, sekati?

Ke mmône ke ntsê ke bêrêka mô kating ya mmisisi. Ke ntsê ke bêrêka ke bêrêka e re hore pelê mmisisi a mphelê kôfi le marôthô. Bjanong ke bêrêka kating ke bône ô mongwê a šiana a tshela difênsê. E bilê dirozes tsa mô fênsêng a di rôba. Ka makala hore o ya hokae?

O nê a tibisitswê ke bômang?

Fang Kêtane!

O itse na hore o na irilêng?

Ka mô tôrôpông o na tsamaya motho ôla, a bôna mmisisi o tshwêre spatši, banna. O tla mô morahô hahê. Rona re a tsamaya ha re na taba, yêna o re sêtse matahô, yêna a tsamaya moraha rona. Ra makala ha a re bône ha konsêtreiti nie o bê o lebêlêtse mmisisi. O bê a re ke ithuta ho tshwara spatše kantêng nkôpô o mo sêtse morahô, o mo lebêlêtse. Ho mmôna hôna, o a mmôna o a mo tibisa.

---

VERTALING VAN STRAATTAAL

(1) Jy verbaas my, kêrel. Waarin is jy dan geïnteresseerd?

Waarom het ek jou dan nie by die grounds gesien nie?

Jy vertel my dan niks van die match nie! Wat weet jy van die match?

Nee, ou maat, Sondag was ek by die grounds en ek het jou nie gesien nie. Wat se soort match het jy dan gespeel, kêrel? Die Black Jacks het dan teen die Methodists gespeel? Hoekom het jy nie gekom nie.

Jy verbaas my. Hoekom vertel jy my dan nie hoe ek gespeel het nie.

Die match het my baie aangestaan. Die ground was vol gepak. Die grounds was vol van die Black Jacks se spectators wat geskree het. Hulle was so baie dat jy niks van die match kon gewaar nie.

Nee, ek het niks daarvan verstaan nie. Vertel my nou of die bôl dan nie lekker speel nie.

Die bôl, ai tog! Jy weet niks. As jy die bôl wil hê, moet jy kom. Die rongstan of die Mutuals of die Black Jacks gaan speel. Ek sal jou roep, ou seun! Jy hoor nê, as daar 'n match is, sal ek jou Saterdag roep, ek sal (seker) kom.

Goed, ek sal kom as jy my roep, maar ek werk. Ek sal jou van die skool vertel, man. Daar by die skool bly hulle te lekker, man. Ook hou ek baie van die teachers. Jy kry die kinders is bly en playtime bring hulle vir ons sop en brood, en ek laat hulle dan mooi in 'n ry staan en gee hulle sop. Jy kry my dat ek bly is man, maar net ek kan eers later uitvind hoe die skool is (?).

Nee, man, daarvan hou ek nie, man. Sondag, man, sal jy na die grounds toe kom, man. Jy, kêrel, nee wat, jy verbaas my. Ook is die bôl wat hulle by die skool speel nie 'n bôl nie. Jy moet na die grounds toe kom en 'n bietjie kom kyk hoe die Methodists maak.

Ek hou van die witmense as hulle speel. Het jy die All Blacks wat hiernatoe gekom het, gesien? Hulle speel bôl en jaag mekaar en by die line kom hulle en sit hulle die bôl neer. Van hulle hou ek, man. En hulle is nog mooi aangetrek ook.

© University of Pretoria

Maar / ...

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Maar ek wonder. Hoekom trek julle nie ook mooi aan nie as julle speel nie. Jy sien, van rugby, ou seun, van rugby hou ek. As ons witmense was, sou ons soos hulle speel. Dit sou smart wees. Het jy al ooit gekyk as die Basotho speel? Yeslike man! 'n Kêrel daar pootjie jou sommer en 'n ander skop jou aspres, you see! Nou darie ding is nie ôlraait nie! En football is best, son!

Jy hou nie van witmense se gewoontes nie?

(2) Maar hoe vertel jy my dan! Hier in Pretoria word julle deur niksdoen opgevreet. Wat doen julle? Ek bly alleen in die dorp en werk.

Saterdag, you see, agter ons uit die skool kom, sal ons study en dan vra ons geld by die huis en vat die bus en gaan bioscope toe. Die bioscope is 'n lekker ding, sonny, you see! Ek hou net nie daarvan dat die tsotsi's daar is nie.

Die tsotsi's is darem nie goed nie. Jy weet anderdag het ons uit die bioscope gekom! Ag tog! Hulle keer ons in die pad voor en vang ons en search ons, en search ons en vat ons geld. Daardie dag het dit maar sleg met my gegaan. By luck vir my het hulle net two-and-six gevat wat ek deur my ma gegee is. Die anderdag het ek twee van hulle gesien en of course het hulle my nie gevang nie.

(3) Jy sou dink die tsotsi's bly lekker in die dorp. Hulle bly nie lekker nie. Bedags kry 'n mens hulle dat hulle honger is, en dan wil hulle dorp toe gaan en hulle pla die skoolkinders en vra geld.

Waar is die Vang-kettang[1] dan heen dat hy hulle nie vang nie, want dis tog 'n ding wat mense vang.

Praat jy dan nog oor die Vang-kettang?

Ken jy hom?

Op die anderdag het die Vang-kettang nog iemand gejaag.

Onthou jy nog, man?

Ek het hom gesien toe ek nog besig was om in die miesies se tuin te werk. Ek was nog besig om te werk want die miesies het my so pas koffie en brood gegee. Nou werk ek in die tuin en sien iemand hardloop en die fence oorspring en die rose van die fence breek. Toe wonder ek waar hy heen gaan.

Wie het hom agternagesit?

Vang-kettang!

Weet jy wat hy gedoen het?

Die vent het in die dorp geloop en 'n miesies met 'n handsak sien loop. Hy loop agter haar aan. Ons loop en het niks daarmee te doen nie maar hy volg kort agter ons. Ons het gewonder of hy ons dan nie sien nie maar hy concentrate nie, want hy kyk na die miesies. Toe hy nou dink hy leer om 'n handsak te gryp was die cop kort agter hom en kyk na hom. Hy sien hom en sit hom agterna.

BYLAE D / ...

1) Vangwa; die poliesman sê: "Vang die ketting" as die gearresteerde moet inklim.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

## BYLAE D

### GEGEWENS OOR 30 TAALPROEFPERSONE

| No. | Ouderdom | Jare woonagtig in Pta. | Standerd geslaag | Geboorteplek | Taalherkoms van Vader | Taalherkoms van Moeder |
|---|---|---|---|---|---|---|
| 1. | 65 | 7 | --- | Burgersdorp | Thembu | Fingo |
| 2. | 35 | 35 | 8 | Pretoria | Tlokwa | Tlokwa |
| 3. | 30 | 7 | 8 | Potgietersrust | Nrebele | Nrebele |
| 4. | 30 | 10 | 10 | Transkei | S.Sotho | S.Sotho |
| 5. | 60 | 34 | Pol. | Pietersburg | Moletsi | Moletsi |
| 6. | 20 | 10 | 10 | Olifantsfontein | Pedi | Kgatla |
| 7. | 20 | 9 | 10 | Pretoria | Pedi | Pedi |
| 8. | 19 | 10 | 10 | De Wildt | Kgatla Mm. | Kgatla Mm. |
| 9. | 70 | 36 | 4 | Jacobsdal | Rolong | Rolong |
| 10. | 18 | 18 | 7 | Pretoria M. | ? | ? |
| 11. | 20 | 18 | 6 | Belfast | Swazi-Zulu | Afr.huist. |
| 12. | 70 | 30 | -- | Ramokokstat | Kwena | Kwena |
| 13. | 42 | 42 | TOD | Pretoria | Kgatla | Kwena |
| 14. | 58 | 37 | -- | Mochudi | Kgatla Kg. | Kgatla Kg. |
| 15. | 52 | 36 | -- | Potchefstroom | Rolong | Rolong |
| 16. | 40 | 27 | -- | Saulspoort | Kgatla Kg. | Kgatla Kg. |
| 17. | 19 | 19 | 8 | Pretoria M. | Pedi | Pedi |
| 18. | 19 | 19 | 8 | Pretoria | Rolong | Rolong |
| 19. | 20 | 2 | 8 | Pietersburg | Matlala | Matlala |
| 20. | 66 | 40 | -- | Oudtshoorn | S.Sotho | Kleurling |
| 21. | 45 | 13 | 5 | Viljoenskroon | Rolong | Hurutshe |
| 22. | 19 | 19 | 5 | Pretoria M. | Sjangaan | Kwena |
| 23. | 16 | 16 | 5 | Pretoria M. | Kleurling | Kgatla |
| 24. | 19 | 10 | 8 | Rustenburg | Kwena | Kwena |
| 25. | 18 | 12 | 8 | Makapanstat | Kgatla Ms. | Kgatla Ms. |
| 26. | 18 | 3 | 8 | Brits | Kgatla Mm. | Kgatla Mm. |
| 27. | 19 | 19 | 8 | Pretoria M. | Pedi | Pedi |
| 28. | 46 | 36 | Pol. | Mohale | Kgatla Mt. | Kgatla Mt. |
| 29. | 55 | 5 | -- | Rhodesië | Swazi | Swazi |
| 30. | 59 | 16 | -- | Hammanskraal | Kgatla Ms. | Kgatla Ms. |

Afkortings: M. Marabastat; Mm. Mmakau; Kg. Kgafela; Ms. Mosetlha;
Mt. Motšha; Pol. Lokasie-polisie.

Getalle en persentasies:

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| Beide ouers: | Kgatla | 7 | 23.4% | |
| | Kwena | 2 | 6.6 | |
| | Rolong | 3 | 10.0 | |
| ouers Kgatla-Kwena | | 1 | 3.3 | |
| ouers Rolong-Hurutshe | | 1 | 3.3 | |
| | | 14 | 46.6% | Tswana |
| Beide ouers: | Pedi | 3 | 10.0 | |
| | Tlokwa | 1 | 3.3 | |
| | Nrebele | 1 | 3.3 | |
| | Moletsi | 1 | 3.3 | |
| | Matlala | 1 | 3.3 | |
| | | 7 | 23.2% | |
| Beide ouers Suid-Sotho | | 1 | 3.4% | Suid-Sotho |
| Ouers Tswana-Noordsotho | | 1 | 3.4% | gemengd Sotho |
| | TOTAAL | 23 | 76.6% | Sotho |
| Nguni | 3 (1 Afr.) | | 10.0 | |
| Gemengd | 3 | | 10.0 | |
| Onbekend | 1 | | 3.4 | |
| | 7 | | 23.4% | |

Almal is <u>Sotho</u>-sprekend buiten 1 Afrikaanssprekend, 1 Afrikaans en <u>Sotho</u>-sprekend; 1 <u>Xhosa</u>-sprekend.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

## BYLAE E

## SINNE OM DIE TAAL VAN ATTERIDGEVILLE TE ILLUSTREER

Die sinne is geneem uit antwoorde verstrek deur proefpersone 13, 22 en 27 respektiewelik (vgl. bylae D). Daar sal gemerk word dat daar slegs 'n vae eenvormigheid deurskemer en dat die taal van die ouers en van die skool merkbaar is. Dis inderdaad "gemengde Sotho"!

(1) This is a nice country but it is full of stones.
13. Ke fatshe lê lepila fêla le na le mafika amantsi.
22. Ke lefatshe lê lepila, le na le matlapa a mantšhi.
27. Ke lefase lê monate, le na le mafika a mantšhi.

(2) The sick girl will be doctored with good medicine.
13. Mosetsana ô lwalang o tla fôdiswa ka ditlhare tsê di lokilêng.
22. Monyana wa go lwala o tla alafa ka ditlhare tsa go loka.
27. Mosetsana ô a lwalago o tla alafiwa ka ditlhare tsê di lokilêng.

(3) Who will speak to me?
13. Ke mang ô tlang go bolêla le nna?
22. Ke mang ô tla bolêla le nna?
27. Ke mang a tla bolêlang le nna?

(4) Here is the woman you are looking for.
13. Mosadi yô o mmatlang asu.
22. Asu mosadi o ntsê o mmatla.
27. Ašu mosadi o bê o mo nyaka.

(5) Here is the watermelon which the teacher will eat today.
13. Legapu asele lê titšhêrê a tlang go ledža ka džêno.
22. Asele legapu lê tla tšiwa ke moriti ka tšêno.
27. Legapu lê titšhêrê a tla le džang ka džêno asele.

(6) Don't walk slowly like a sluggard.
13. Se tsamayê bonya byalo ka motlapa.
22. Se tsamayê o ikêtlilê bya ka motho ô motlapa.
27. O s(e) kê wa sepela byalê ka motlapa.

(7) It is very hot today; the grass will dry up.
13. Go bollô ka džêno, byayi bo tla ômêlla.
22. Go fisa thata ka tšêno, mabyaye a tla ôma.
27. Go fisa thata ka džêno, mabyayi a tla ôma.

(8) The road is bad on the other side of the river.
13. Tsela ga e pila ntlhêla ga noka.
22. Tsela ha ya loka ka ntlhê ga noka.
27. Tsela ga ya loka mošôla ga noka.

(9) I have one axe, buy me another.
13. Ke na le selêpê sê le seng, nthêkêle sê sengwê.
22. Ke na le selêpê sê le seng, nthêkêle sê sengwê.
27. Ke tshwêre selêpê sê setee, nthêkêlê sê sengwê.

(10) The chair on which I sit is a new one.
13. Setulô sê a se ntšêng ke sê sefša.
22. Setulô sê a ntseng mo go sôna ke sê sefša.
27. Setulô sa dutšêng mô sôna ke sê sefša.

(11) Put the mealies you have taken down.
13. Baya mmôpu yô o o tsêreng mô fatshe.
22. Baa mmopo ô o tsêrêng fa fatshe.
27. Bea mmidi ô o tsêreng mô fase.

(12) / ...

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

(12) The cleverness of the thiefs is well known.
13. Botlhale ba magôdu bo a tsebêga.
22. Botlhale ba legôdu bo itsitswê.
27. Bohlale bya magôdu bo sêtse bo tsebiwa.

(13) We have not yet seen so many people together.
13. Ga ese re bône batho ba bantsi ba kôpane.
22. Re se re bône batho ba batšhi ba tlhakane.
27. Ašenkê re bône batho ba batšhi byalê ba tlhakane.

(14) He showed us a white feather and two black ones.
13. O nê a re bôntsha lefofa lê lešwêu le a mabêdi a matsho.
22. Na re bôntsha lefofa lê letshwêu le a mabêdi a mantsho.
27. O bê a re bôntšha lefofa lê lešwêu le a mabêdi a mantshu.

(15) The porridge is burnt.
13. Bogôbê bo fšilê.
22. Bogôbê bo fšelê.
27. Bogôbê bo fšelê.

(16) Sweep the dirty place quickly.
13. Fiêla felô fa go ditšhila ka pela.
22. O fyêla plêkê ê ditshila ê ka pela.
27. O fêla plêkê ê maswêu ka pela.

(17) Although he lives near our home we do not know him.
13. Le gê a nna gaufi le ga etsho ga re mo itse.
22. La nna gaufi le ntlo ya getsho ha ke mo itse.
27. Le gê a nna mô thokô ga rena a re mo tsebe.

(18) We all like to drink cold water.
13. Ba bôtlhê re rata go nwa mêtsi a botšididi.
22. Re rata ba bôtlhê go nwa mêtsi a tšididi.
27. Ba bôtlhê re rata go nwa mêtsi a tônyang.

(19) Come nearer! I will not hit you.
13. Atamêla! Nka se kê ka go itaya.
22. Etla haufsana! Nka se go itêa.
27. Batamêla! Nka se go bêthê.

(20) Turn left, not right!
13. Boêla (thêla) molêma, e seng ntšêng!
22. Boêla ka mô letsôgông la mmôhôtlhô, e seng ka mô la ntša.
27. Retogêla ka molangêlê, e seng la ntša.

Let op hoe 27 wat sterk Pedi-invloed toon Pedi- en Tswana-klanke met mekaar verwissel (hl-tlh). By 13 word beide itse en tseba aangetref. By 22 wissel g/h weer. Die laaste sin is 'n voorbeeld van 'n ongewone en mindergebruiklike soort sin en toon 'n wye uiteenlopendheid en geen tekens van standaardisering nie.


---

PTA.DUPL.CO.

© University of Pretoria

# ATTERIDGEVILLE ..................... 1952
# BLOKVERDELING EN BUURTES

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA




© University of Pretoria